# AGENDA

VIR DIE

## NEGENDE VERGADERING

VAN DIE

# ALGEMENE SINODE

VAN DIE

## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

**in Pretoria**

**Dinsdag 11 - Donderdag 20 Oktober 1994**

Kopiereg op hierdie boek (in geheel of gedeeltelik) word voorbehou en geen publikasie hiervan of aanhaling hieruit mag gemaak word voordat die Algemene Sinode daaroor besluit het nie.

# AGENDA

VIR DIE

## NEGENDE VERGADERING

VAN DIE

# ALGEMENE SINODE

VAN DIE

## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

**in Pretoria**

**Dinsdag 11 - Donderdag 20 Oktober 1994**

Kopiereg op hierdie boek (in geheel of gedeeltelik) word voorbehou en geen publikasie hiervan of aanhaling hieruit mag gemaak word voordat die Algemene Sinode daaroor besluit het nie.

# VOORWOORD

Niemand wat die Ned Geref Kerk ken, kan met reg beweer dat dié kerk staties is of die pas markeer nie. Daar is steeds beweging en vordering. So is die vrou in die afgelope klompie jare tot die besondere ampte toegelaat. Kerk en Samelewing 1986 en Kerk en Samelewing 1990 het die lig gesien. Tentmakerbediening het sy verskyning gemaak en groot verstellings is aan die beroepstelsel aangebring. Indringende gesprekke is met verteenwoordigers van talle kerke gevoer. Daar is nagedink en beraadslaag oor geskikte maniere waarop eenheid met die ander lidkerke van die NG Kerkfamilie uitgedruk kan word.

Heelwat van die nadenke en Skrifondersoek wat die afgelope vier jaar in die kerk plaasgevind het, het neerslag gevind in die verskillende verslae wat DV voor die Algemene Sinode van 1994 sal dien. Hoewel die kerklike masjinerie soms stadig beweeg, is daar voortgang - en, soos uit al die verslae blyk, die ernstige strewe om aan die Woord van die Here gehoorsaam te wees.

Die Algemene Sinode sal vanjaar besluite oor etlike uiters belangrike sake moet neem. Die tema van die beoogde Broederlike Onderhoud tydens die sitting (waaraan afgevaardigde susters ook sal kan deelneem!), "Uitdagings van die Nuwe Suid-Afrika vir die Ned Geref Kerk", sal waarskynlik die toon aangee vir die bespreking en besluitneming van die vergadering.

Aan al die afgevaardigdes: hartlik welkom by die negende vergadering van die Algemene Sinode! Mag hierdie byeenkoms vir al die aanwesiges 'n egte geloofservaring wees en waarlik tot eer van ons Here strek.

Dit sal goed wees as afgevaardigdes, waar moontlik, 'n Bybel, Psalm- en Gesangboek, Jeugsangbundel 2, Sing-Onder-Mekaar en die jongste uitgawe van die Kerkorde met hulle sal saambring.

Dit was 'n voorreg om betrokke te wees by die samestelling van hierdie Agendaboek. Aan ds Cassie Carstens (Skriba, Moderamen Noord-Transvaal), mev Isabel Venter en mev Leola Dekker baie dankie vir die harde werk om 'n meesterkopie van die Agenda op rekenaar voor te berei. Ons dank ook aan die NG Sendingpers vir keurige drukwerk.

Mag ons ná 20 Oktober 1994 kan sê: "Die Heilige Gees en ons het besluit ..."!

Frits Gaum
Skriba van die Algemene Sinode (1990)

# INHOUDSOPGAWE


Lys van afgevaardigdes . . . . . . . . 2

## A. VERSLAE VAN PERMANENTE KOMMISSIES

A.1.1 Algemene Kommissie vir die Agenda (Eerste verslag) . . . . . . . . 5

A.2 Algemene Sinodale Kommissie . . . . . . . . 14

A.3 Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake . . . . . . . . 62

A.4 Kommissie vir Bybelverklaring en Bybelvertaling . . . . . . . . 102

A.5 Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding . . . . . . . . 106

A.6 Algemene Jeugkommissie . . . . . . . . 126

A.7 Algemene Regskommissie . . . . . . . . 154

A.8 Algemene Kommissie vir Argief . . . . . . . . 172

A.9 Algemene Komitee Vrouediens . . . . . . . . 184

A.10 Algemene Kommissie vir Kerklike Media . . . . . . . . 192

A.11 Algemene Kommissie vir Fondse . . . . . . . . 201

A.12 Algemene Kommissie vir Sending en Evangelisasie . . . . . . . . 214

A.13 Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid . . . . . . . . 245

A.14.1 Hugenote-Kollege . . . . . . . . 271

A.14.2 Ad hoc-kommissie: Hugenote-Kollege . . . . . . . . 274

A.15 Algemene Kommissie vir Gemeentebediening . . . . . . . . 275

A.16 Psalmkommissie . . . . . . . . 318

## B. BESKRYWINGSPUNTE . . . . . . . . 320

# LYS VAN AFGEVAARDIGDES

**Let wel: Hierdie lys word vóór die konstituering van die Sinode op die eerste dag deur die skriba van elke sinode verbeter of aangevul. Die konstituering geskied dan aan die hand van die verbeterde en getekende lys wat as geloofsbrief dien.**

## SINODE VAN WES-KAAPLAND

| Primarii: Predikante | Sekundi |
|---|---|
| Ds J van der Westhuyzen | Ds WJ Cilliers |
| Ds HAH van den Heever | Ds G van H Rauch |
| Ds MM Coetzee | Dr CF le R Stodart |
| Ds DR Pepler | Ds AA Meintjes |
| Ds AD Lückhoff | Ds JIR van Niekerk |
| Ds JP Botes | Ds JA Visagie |
| Ds K Delport | Ds MM du Toit |
| Ds NE Louw | Ds RJ Blignaut |
| Dr JJ Hattingh | Ds SW Viljoen |
| Ds MH Coetzee | Ds AC Goosen |
| Ds NJ Burden | Ds SG Engelbrecht |
| Ds SW van Wyk | Ds CH Steenkamp |
| Ds GSM Enslin | Ds AF Louw |
| Ds JJ Smit | Ds JM Venter |
| Dr CW Burger | |
| Dr MDJ Smith | |
| Dr EJ van der Walt | |
| Ds JU Theron | |
| Ds S McCarthy | |
| Dr JDP Ferreira | |

| Primarii: Ouderlinge | Sekundi |
|---|---|
| Oudl (prof) P Coertzen | Oudl (ds) FS Marincowitz |
| Oudl (dr) FM Gaum | Oudl (ds) JH Mostert |
| Oudl (ds) PR de Villiers | Oudl (ds) AL Smit |
| Oudl (ds) CS Roberts | Oudl AJ de Klerk |
| Oudl P de Kock | Oudl (ds) AW vdW Smit |
| Oudl JJ Oberholster | Oudl (ds) AJ van Zijl |
| Oudl (ds) MR Heyns | Oudl GJ Lombard |
| Oudl WJ Nel | Oudl PM Snyman |
| Oudl TL Conradie | Oudl EJ Lourens |
| Oudl (ds) MAV van der Merwe | Oudl PJ de Wet |
| Oudl JG Visser | Oudl FJ Joubert |
| Oudl JH Kotzé | Oudl A Moelich |
| Oudl MP du Preez | Oudl BW Lategan |
| Oudl (dr) JJ Sieberhagen | Oudl RM Rootman |
| Oudl SE Dippenaar | Oudl P v R Uys |
| Oudl (dr) DW de Villiers | Oudl WC Esterhuizen |
| Oudl (prof) HJB Combrink | Diak WR Nieuwoudt |
| Oudl (dr) E Smit | Oudl JJ Saville |
| Oudl (ds) JJ Marais | |
| Oudl MHG Truter | |

## SINODE OOS-KAAPLAND

| Primarii: Predikante | Sekundi |
|---|---|
| Ds P Jordaan | Ds MC Steyn |
| Dr S du Toit | Ds OJ Fourie |
| Ds F Fourie | Ds FP du T Gertenbach |
| Ds DS Conradie | |
| Ds FS de Jager | Dr AF van der Merwe |
| Ds CJ Crause | Ds SR Liebenberg |
| Ds JA Coetzee | Ds JH Theron |
| Ds C Koch | Dr AS Erasmus |
| Ds FS Vivier | Ds D Gerber |
| Ds BJJ van Rensburg | |
| Ds GF Botha | Ds JPJ van Rensburg |
| Ds DB Pienaar | |
| Ds HW Crouse | Ds MH Langenhoven |
| Ds JD Prinsl | Ds JJ Naudeoo |
| Ds DP vdB Enderstein | Ds WFA Lötter |
| Ds NA Louw | Ds DS Conradie |
| Ds JA duP Esterhuyse | Ds H van Lill |

| Primarii: Ouderlinge | Sekundi |
|---|---|
| Oudl (dr) LAPA Munnik | Oudl (ds) PL Louw |
| Oudl (prof) J Cilliers | |
| Oudl WF Jurgens | |
| Oudl (prof) SJ Schoeman | |
| Oudl WJC Bezuidenhout | Oudl (prof) MJ Prins |
| Oudl ML Pienaar | Oudl WD Reed |
| Oudl JH Moolman | Oudl HN Schoeman |
| Oudl JM Vorster | |
| Oudl FB van Zyl | Oudl (dr) JAC Visagie |
| Oudl JM Ferreira | Oudl N Strydom |
| Oudl CN Clark | Oudl JJ Ellis |
| Oudl (ds) FJ Mostert | Oudl A Knoetze |
| Oudl DE Scheepers | Oudl M Engelbrecht |
| Oudl CJ Botha | |
| Oudl AH Coetzee | |
| Oudl MC Smit | Oudl PG Anker |
| Oudl PI Geyer | Oudl AA du Preez |

## SINODE NOORD-KAAPLAND

| Primarii: Predikante | Sekundi |
|---|---|
| Ds H Roberts | Ds ADP de Villiers |
| Ds JGF Roelofse | Ds JJ Laas |
| Ds JJ Vogel | Ds UP Malherbe |
| Ds HO Bekker | Ds JJ Lamprecht |
| Dr DL van Niekerk | Ds PJ Conradie |
| Ds SW Albertyn | Ds GSM Enslin |
| Ds NJ Bonthuys | Ds JG Pansegrouw |
| Ds PL Louw | Ds C Steenkamp |
| Ds J Oosthuizen | Ds A Celliers |
| Dr GA van der Merwe | Ds JC Coetzee |
| Ds BP de Wet | Ds TE Smit |
| Ds FP Avenant | Dr NJG van der Westhuizen |
| Ds CS du Plessis | |
| Ds JPL Mostert | |
| Ds JP Maree | |
| Ds LM Basson | |
| Ds AP Cilliers | |
| Ds AC van Wyk | |
| Ds GP Barnard | |
| Ds GA Oberholzer | |

| Primarii: Ouderlinge | Sekundi |
|---|---|
| Oudl DFH de Klerk | Oudl JJJ van Rensburg |
| Oudl IM Kluge | Oudl H Visser |
| Oudl JC Kruger | Oudl (mev) RH de Witt |
| Oudl (prop) MVDS Loubser | Oudl JA van der Merwe |
| Oudl TWF Potgieter | Oudl CJH Harmse |
| Oudl AJ van Wyk | Oudl J Scholtemeijer |
| Oudl CJG Wolhuter | Oudl (mev) F Swanepoel |
| Oudl DG Cilliers | Oudl CJ Nieuwoudt |
| Oudl DJ Viviers | Oudl LJ Mostert |
| Oudl PHS Burger | Oudl F du Preez |
| Oudl JM Laubscher | Oudl WL van Wyk |
| Oudl J Visser | Oudl JJ Pearson |
| Oudl JW Maass | Oudl HA Visser |
| Oudl AA Visser | |
| Oudl (mev) BJS Wessels | |
| Oudl MP de Jager | |
| Oudl PL Bruwer | |
| Oudl AJH Pieterse | |
| Oudl DJ Liebenberg | |
| Oudl GFG Rheeder | |

## SINODE VAN NATAL

| Primarii: Predikante | Sekundi |
|---|---|
| Ds SJ Blom | Ds JJ Barnard |
| Ds TE Carpenter | Ds JL Boshoff |
| Ds MCE Dames | Ds DS Botha |
| Ds TIJ de Wet | Ds FJ Brits |
| Ds RF Erasmus | Ds G Kemp |
| Ds G Kok | Ds PJ Lourens |
| Ds LW Meyer | Ds PJ Roelofse |
| Ds C Mitchell | Ds CR Scheepers |
| Ds JR Murray | Ds LG Schoeman |
| Ds SJJ Niemand | Ds N Schreuder |
| Ds MW Pienaar | Ds SWP Scott |
| Ds JL du P Raath | Ds JA Swanepoel |
| Ds PJ Raath | Ds P Taljaard |
| Ds JH Spies | Ds WJC van Beek |
| Ds F Steenkamp | Ds HJ Vorster |
| Ds AD Theron | |
| Ds HJ van den Heever | |
| Ds CJ van der Westhuizen | |
| Ds BJ van Dyk | |
| Ds GJ van Jaarsveld | |

| Primarii: Ouderlinge | Sekundi |
|---|---|
| Oudl FJL Boshoff | Oudl (mev) DM Koller |
| Oudl HC Botha | Oudl A Lathleiff |
| Oudl JJR Buys | Oudl GC Liebenberg |
| Oudl A Cloete | Oudl MN van der Bank |
| Oudl HJ de Beer | Oudl MP van Niekerk |
| Oudl WH Fourie | |
| Oudl HJ Groenewald | |
| Oudl PW Haupt | |
| Diak (mev) J Klaus | |
| Oudl JP Mostert | |
| Oudl FDJ Robberts | |
| Oudl ACJE Schmidt | |
| Oudl (mev) EH Smit | |
| Oudl GP van Zuydam | |
| Oudl DS Viljoen | |
| Oudl FM Vorster | |
| Oudl PH Wessels | |
| Oudl (ds) JH Wildenboer | |
| Oudl (mev) JE Windell | |
| Oudl GH Wolmarans | |

## SINODE OVS

| Primarii: Predikante | Sekundi |
|---|---|
| Dr THN Sadler | |
| Ds JHJ Oosthuizen | |
| Ds AJ Koenig | Ds PJ Taljaard |
| Ds M le Roux | Ds GDJ Potgieter |
| Ds SE Schoonees | Ds CL van der Merwe |
| Dr LTI Herman | Ds H Kotzé |
| Dr FJ du Toit | Ds GJJ Jonker |
| Ds JJ Louw | Dr J Faasen |
| Ds BNA Wiese | Ds KN Lehmkuhl |
| Ds DJB Kleynhans | |
| Ds AJ Scherrer | Ds JJ Ainslie |
| Dr PJ van Jaarsveld | Ds JJ Fourie |
| Ds TJ Lessing | Ds MJ de V Delport |
| Dr MC Strydom | |
| Ds FE van der Merwe | |
| Ds OJ Lessing | |
| Ds JAV Knipe | |
| Dr GPV le Roux | |
| Ds JJM Raubenheimer | |
| Ds H van Niekerk | |

| Ouderlinge: Primarii | Sekundi |
|---|---|
| Oudl (prof) PC Potgieter | |
| Oudl JA Kruger | Oudl JM Kotzé |
| Oudl JBJ Haasbroek | Oudl CH Forreira |
| Oudl HJ Britz | Oudl JD du Plessis |
| Oudl AJB Grobbelaar | Oudl MJ Rossouw |
| Oudl HJ Smith | Oudl DC van Zyl |
| Oudl JI de Villiers | Oudl JB de Kock |
| Oudl (dr) SJ Eloff | Oudl JGHFP Ebersohn |
| Oudl (prof) PJ Strauss | Oudl (ds) JA Smit |
| Oudl CJ Haylett | |
| Oudl HS Kok | Oudl JP Marais |
| Oudl (prof) PC Keulder | |
| Oudl (prof) SD Snyman | |
| Oudl (ds) PB Botha | |
| Oudl WJ Herbst | |
| Oudl (prof) WJ Richards | |
| Oudl (prof) AA Odendaal | |
| Oudl (prof) EPJ Kleynhans | |
| Oudl (ds) NW Basson | |
| Oudl (prof) JS Kellerman | |

## WES-TRANSVAAL

| Primarii: Predikante | Sekundi |
|---|---|
| Ds SF Kotzé | |
| Ds CR de Wet | |
| Ds JJ Pretorius | |
| Ds JM Wolmarans | |
| Dr FPJ Knouwds | |
| Ds PJ Erasmus | |
| Ds NMS Bezuidenhout | |
| Ds AJ Mocke | |
| Ds JvW du Plessis | |
| Ds JPA Brink | |
| Ds M van de Wall | |
| Ds PG de Kock | Ds NWJ van Rensburg |
| Ds H Retief | |
| Dr HS Grobler | |
| Dr JB Mostert | Ds FT Krestchmer |
| Ds JB Haasbroek | |
| Dr AJB Rawlins | |
| Dr DA Scholtz | |
| Ds SJ Cloete | |
| Ds JJ Wessels | |

| Primarii: Ouderlinge | Sekundus |
|---|---|
| Oudl HS Theron | |
| Oudl TJ van den Berg | |
| Oudl H Albertyn | |
| Oudl FJ Badenhorst | |
| Oudl PF Fourie | |
| Oudl NC Scribante | |
| Oudl PM Bester | |
| Oudl DF Welgemoed | |
| Oudl WS Conradie | |
| Oudl RC Lindeque | |
| Oudl JF Bredenkamp | |
| Oudl (dr) DD Rosslee | |
| Oudl GJLH Otto | |
| Oudl JG Vosloo | |
| Oudl GJC Wessels | |
| Oudl SJ Kemp | Oudl J Nel |
| Oudl JI Roux | |
| Oudl FS Malan | |
| Oudl (dr) RC Lindeque | |
| Oudl D van Eeden | |

## NOORD-TRANSVAAL

| Primarii: Predikante | Sekundi |
|---|---|
| Ds AJ Barnard | |
| Ds APS Beetge | |
| Ds NJ Behr | Ds JJ Grobler |
| Dr MC Botha | Ds JJ Pienaar |
| Ds JC Carstens | Dr PJ Raubenheimer |
| Dr DW de Villiers | Ds C Nel |
| Ds DSR du Toit | Dr AGS Gous |
| Dr PR du Toit | Dr G Meistre |
| Ds JJ Gerber | Ds GA Cruywagen |
| Dr J Greyvensteyn | Dr SF van Huyssteen |
| Ds MJ Lazenby | Ds PJ Smit |
| Dr PJC Loots | Ds JW Kok |
| Dr W Nicol | Ds JF Mouton |
| Ds JC Erasmus | Ds LN Boshoff |
| Dr JGM Richter | Dr CP Krüger |
| Ds M Smuts | Ds AJ de Clerk |
| Ds PSHF Strümpfer | Ds A Roux |
| Ds AC Swanepoel | Ds GJC Venter |
| Dr AS van Niekerk | Ds AduP Horn |
| Dr WPJ van Wyk | |

| Primarii: Ouderlinge | Sekundi |
|---|---|
| Oudl (brig) DJ Coetzee | Oudl SI Cronjé |
| Oudl (ds) CH Badenhorst | Oudl GB Marais |
| Oudl DW Steyn | Oudl DJR Hattingh |
| Oudl (prof) JC Müller | Oudl D Hildebrand |
| Oudl (prof) JA Heyns | Oudl AM Eagar |
| Oudl GH Ehlers | Oudl JdeV Joubert |
| Oudl WR Hartmann | Oudl AJ Louw |
| Oudl (prof) W Vosloo | Oudl AJ McDonald |
| Oudl JC Logan | Oudl JC Beukes |
| Oudl (dr) M Nel | Oudl CH Jacobs |
| Oudl (dr) GJ Cloete | Oudl W Fourie |
| Oudl (prof) CHF Ohlhoff | Oudl BP Lawrence |
| Oudl JH Schoeman | Oudl JDV Terblanche |
| Oudl (dr) WJ Botha | Oudl W Lindeboom |
| Oudl WP Steyn | Oudl CS Nel |
| Oudl (prof) AC Barnard | Oudl FT Saaiman |
| Oudl (ds) GJ Koen | Oudl LD Nell |
| Oudl DJ van den Berg | Oudl JW Peens |
| Oudl (prop) N Bezuidenhout | Oudl HP Vorster |
| Oudl JC Avenant | Oudl JF van Staden |

## SUID-TRANSVAAL

| Primarii: Predikante | Sekundi |
|---|---|
| Ds WC Goosen | |
| Ds SP du Toit | |
| Dr CJJ Stegmann | |
| Dr JHH du Toit | |
| Ds SS Terblanche | Dr MH Kunneke |
| Dr PJSG du Plessis | Ds JC Gouws |
| | Ds A Driescher |
| Dr SM van Vuuren | Ds DSM Bredenkamp |
| | Ds GMH Loubser |
| Ds PM Strydom | Ds DJ O'Reilly |
| | Ds DH Davel |
| Ds C Rautenbach | Ds JJ Mey |
| | Ds WJ du Plessis |
| Ds JH Windell | Ds CC Myburgh |
| | Ds JJ Jacobs |
| Ds GS Mostert | Ds GJ Loots |
| | Ds LP Steenkamp |
| Ds GJ Oosthuizen | Ds M Joubert |
| Ds B van Zijl | Ds AG Scheepers |
| | Ds B Coetzee |
| Ds AM van Wyk | Ds LNJ de Jager |
| | Ds HL van der Nest |
| Ds JC Symington | Dr CJ Hugo |
| Ds JS Krige | Ds J Bekker |
| Dr WJ Bruwer | Dr RJ de Beer |
| Ds CvH Brand | |
| Ds JAC Badenhorst | Ds HJS Gouws |
| | Ds JJ Verster |
| Ds JJ van Zyl | Ds CF van Zyl |
| | Ds B Nel |

| Primarii: Ouderlinge | Sekundi |
|---|---|
| Oudl JM Buitendag | |
| Oudl KJH Serfontein | |
| Oudl HG Brink | |
| Oudl JFF van Niekerk | |
| Oudl CR du Plessis | |
| Oudl (ds) HJ Geyer | Oudl EJ Esterhuizen |
| | Oudl MH Jonker |
| Oudl HD Visser | Oudl AH Nel |
| Oudl RR van der Merwe | B Groenewald |
| Oudl AP Vorster | Oudl (mev) CM Nöthling |
| Oudl DJ Pieterse | Oudl SJM Boshoff |
| Oudl OJ Eksteen | Oudl (dr) RS Steyn |
| | Oudl A Erlank |
| Oudl GJD Lourens | |
| Oudl LE Botha | Oudl SJ Pretorius |
| Oudl (ds) LA Kriek | Oudl DH Opperman |
| | Oudl CF Harmse |
| Oudl (dr) SJ Roux | Oudl D Mc Gee |
| | Oudl JA Vorster |
| Oudl PJ van der Merwe | Oudl (ds) BJJ van Rensburg |
| Oudl PP Muller | Oudl JSF van Heerden |
| Oudl SJ Steyn | |
| Oudl CP Malan | Oudl DWJ Augustyn |
| | Oudl JJ Smit |
| Oudl HPIS Visagie | Oudl EE Grobler |

## OOS-TRANSVAAL

| Primarii: Predikante | Sekundi |
|---|---|
| Ds F Swanepoel | Dr LK Louw |
| Ds PL Bezuidenhout | Dr HJ van den Berg |
| Ds GH Reinecke | Dr DJ Dreyer |
| Ds GJS Doyer | Ds JH Wandrag |
| Ds JH Ernst | Ds JW de Wet |
| Dr J van Schalkwyk | Ds AF Louw |
| Ds ANE Louw | Ds S Marais |
| Ds WJ Nortjé | Ds RM Smit |
| Ds WL Durandt | Ds WIC Liebenberg |
| Ds A Botha | Ds JH Fourie |
| Ds GA van der Westhuizen | Ds RAP van Niekerk |
| Ds D Botha | Ds BL van Wyk |
| Ds HF Grobler | |
| Dr CJJ Froneman | |
| Dr JH Bisschoff | |
| Ds PG von Wielligh | |
| Ds HJ van der Schyff | |
| Ds HP Human | |
| Ds JP Buckle | |
| Ds J van S Momsen | |

| Primarii: Ouderlinge | Sekundi |
|---|---|
| Oudl (prof) PGJ Meiring | Oudl JF Cillie |
| Oudl (prof) A König | Oudl M Muller |
| Oudl (ds) JJ Keyter | Oudl W Raath |
| Oudl HC Weich | Oudl BF Smit |
| Oudl AC van Schalkwyk | Oudl (mev) H Brunette |
| Oudl JF Becker | Oudl AJ Raubenheimer |
| Oudl PH Coetzee | Oudl PJ van Huyssteen |
| Oudl HD Strydom | Oudl PJ van der Merwe |
| Oudl TGK Theron | Oudl PE Louw |
| Oudl (dr) JP Theron | Oudl JM Grobler |
| Oudl IJ van der Merwe | Oudl JJ Maré |
| Oudl (prof) UMM Howell | Oudl CRW Louw |
| Oudl (prof) WA Landman | Oudl DS van der Merwe |
| Oudl HW Roos | Oudl JJ Benade |
| Oudl FJN van Niekerk | Oudl LJ Nel |
| Oudl G van Maarleveld | Oudl PG Degenaar |
| Oudl AP Oosthuizen | |
| Oudl CF Herbst | |
| Oudl RP van Rooyen | |
| Oudl TP Bezuidenhoud | |

## SINODE VAN NAMIBIë

| Predikante: Primarii | Sekundi |
|---|---|
| Ds GP Davids | Ds LCJ Coetzer |
| Ds HW de Jager | Ds SH Jonker |
| Ds AJ de Klerk | Ds HZM Oosthuizen |
| Ds SJ Louw | Ds SJ Schoeman |
| Ds JHG Maritz | Ds D van Huyssteen |
| Dr AF Nel | |
| Ds HES Pretorius | |
| Ds JF Serfontein | |
| Ds HJ van Zyl | |
| Ds FW Neser | |

| Ouderlinge: Primarii | Sekundi |
|---|---|
| Oudl (dr) GL Buys | |
| Oudl CH Basson | Oudl AH Mentz |
| Oudl FJ Coetzee | Oudl JH Nieuwoudt |
| Oudl JS Kotze | Oudl CH Smit |
| Oudl AH Mentz | Oudl (ds) JM Swanepoel |
| Oudl IAC van Niekerk | |
| Oudl CJ van Tonder | |
| Oudl RP van Wyk | |
| Oudl JP de Koning | |
| Oudl AJ Davids | |

## SINODE VAN MIDDE-AFRIKA

| Primarii: Predikante | Sekundi |
|---|---|
| Ds AS van Dyk | Ds GA Breytenbach |
| Ds PFJ van Vuuren | Ds JG Haasbroek |
| Ds MG Willemse | Ds BH Pieterse |
| | Ds WS Boshoff |
| | Ds AC du Plessis |
| | Ds V Keyter |
| | Ds PF Ligthart |
| | Ds MJD Beukes |

| Primarii: Ouderlinge | Sekundi |
|---|---|
| Oudl ZF Joubert | Oudl SJ Viljoen |
| Oudl HL Liebenberg | Oudl PJ Scheepers |
| Oudl HL Viljoen | Oudl IA van Niekerk |
| | Oudl IWC McGregor |
| | Oudl PE Oosthuizen |
| | Oudl GJ Oberholzer |
| | Oudl PB Brits |
| | Oudl D Müller |

**Verteenwoordigers van Teologiese Fakulteite:**

**Stellenbosch:** Prof HJB Combrink

**Pretoria:** Prof WS Prinsloo

**Bloemfontein:** Dr JJ van Rensburg

# A.1.1 ALGEMENE KOMMISSIE VIR DIE AGENDA (EERSTE VERSLAG)

Geagte voorsitter, broers en susters in die Here!

Hartlik welkom by die negende vergadering van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk! U kommissie doen graag soos volg verslag:

## 1. PLEK EN DATUM VAN SINODE

1.1 In ooreenstemming met die roterende reëling wat geld sedert die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962, is dit die beurt van die Sinode van Noord-Transvaal om die Algemene Sinode in Pretoria te ontvang.

1.2 Die Algemene Sinodale Kommissie het die datum van die Algemene Sinode bepaal vir DV 11 tot 20 Oktober 1994.

## 2. AFGEVAARDIGDES

2.1 Die name van die afgevaardigde predikante, ouderlinge en diakens (met sekundi waar beskikbaar) verskyn in die lys van afgevaardigdes voor in hierdie Agenda.

2.2 In ooreenstemming met die Reglement van Orde 1.2 berus hierdie lys op gesamentlike geloofsbriewe wat deur die skribas van sinodes op die voorgeskrewe tyd ingedien is.

2.3 Die wysiging van hierdie lys sal deur die skriba van die vorige Algemene Sinode tydens die konstituering voorgedra word. Alle wysigings moet hom skriftelik en onderteken deur die skriba van die betrokke sinode, bereik voor 10:00 op 11 Oktober 1994: Reglement van Orde, 1.2

## 3. AANBEVELINGS VAN ALGEMENE KOMMISSIE VIR DIE AGENDA

Die reëlings wat volg, word as **aanbevelings** aan die Algemene Sinode voorgelê.

## 4. OPENING EN KONSTITUERING

4.1 Die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is en wat die opening en konstituering van die Algemene Sinode moet waarneem, is **ds DS Conradie** van Despatch-Eendrag, Oos-Kaapland. (Vgl Reglement van Orde 1.1). (Sekundus: dr SM van Vuuren, Witfield, Suid-Transvaal.)

4.2 Hy is deur die Kommissie vir die Agenda versoek om op 11 Oktober 1994 om 10:30 die volgende te doen:

4.2.1 Skriflesing en gebed

4.2.2 Samesang

4.2.3 Konstituering deur voorlegging van name van afgevaardigdes (vgl 2.2 en 2.3 hierbo, Reglement van Orde 1.3 en Art 38).

4.2.4 Verwelkoming van afgevaardigdes en ander aanwesiges.

4.2.5 Voorlees van Art 39 aan afgevaardigdes.

4.2.6 Vasstelling dat stemopnemers en stembriewe gereed is.

4.2.7 Reëling van verkiesing van moderator.

4.2.8 Sorg dat algemene reëlings getref word (deur skriba van vorige Algemene Sinode en skriba van vorige Noord-Transvaalse Sinode).

4.2.9 Terwyl die stemme getel word, word geskrewe groeteboodskappe formeel in ontvangs geneem (kyk punt 12.3.2 hieronder) en word verteenwoordigers van die volgende kerke aan die woord gestel om hulle groeteboodskappe oor te dra:

* Verenigende Geref Kerk in Suider-Afrika
* Reformed Church in Africa
* Ned Herv Kerk van Afrika
* Geref Kerke in Suid-Afrika
* Presbyterian Church of Southern Africa.

4.2.10 Begin met behandeling van die Eerste Verslag van Algemene Kommissie vir die Agenda.

4.2.11 Aankondiging van die naam van die nuwe moderator en gelukwensing.

4.2.12 Oorhandiging van voorsitterstoel aan die nuwe moderator.

## 5. SITTINGSTYE

Die volgende sittingstye word aanbeveel:

Eerste sittingsdag: Opening om 10:30. (Verder soos ander sittingsdae).

Ander dae:

08:30 - 13:00 (met teepouse 10:30 - 11:00)
14:00 - 18:00 (met teepouse 15:45 - 16:15)
19:00 - 21:30 (soos bepaal deur Skema van Werksaamhede of die Moderatuur)

Let wel: Middag- en aandetes word in die Sinodale Sentrum bedien en daarom word net 'n uur eettyd in die middag en aand toegelaat. (Kyk pt 7.8 hieronder.)

# 6. VERLOF EN PERSONEELVERANDERINGS

### 6.1 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode keur die volgende beskrywingspunt van die Sinode van Noord-Transvaal (B.2.13) goed: "Elke sinode tref self reëlings ten opsigte van die verlof van sy afgevaardigdes."**

### 6.2 PRAKTIESE REëLINGS

6.2.1 Elke sinode se skriba hanteer die gewone verlofaansoeke van sy afgevaardigdes. Die betrokke sinode kan ook iemand anders vir hierdie doel aanwys.

6.2.2. Die betrokke skriba moet alle personeelveranderings aan die Notulekommissie deurgee, vir plasing in die notule.

6.2.3 Slegs uitsonderlike verlofgevalle word aan die Notulekommissie deurgegee vir vermelding in die notule.

6.2.4 Stemtellers moet toesien dat die kworum van die vergadering nie in gedrang kom nie.

# 7. ANDER REëLINGS

### 7.1 VERBLYF

Blokbesprekings kon by twee Pretoriase hotelle gedoen word. Skribas van sinodes was verantwoordelik vir reëlings in dié verband met die kantoor van die Transvaalse Saakgelastigde.

### 7.2 VERVOER

Groepe wat per vliegtuig kom, reis met die lughawebussie tot in Pretoria waar hulle by die terminus deur personeellede van die twee hotelle waar blokbesprekings geplaas is, afgehaal word.

### 7.3 REGISTRASIE

Registrasie van afgevaardigdes vind op 11 Oktober 1994 vanaf 08:30 in die voorportaal van die Sinodale Sentrum plaas. Afgevaardigdes sal naamkaartjies ontvang wat hulle deurgaans as toegangs- en identiteitskaartjies moet dra. Na registrasie kan afgevaardigdes na hulle sitplekke gaan waar hulle handsaklêers, met inligtingstukke en skryfbenodigdhede daarin, hulle sal inwag. Damespersoneel sal behulpsaam wees met die plekaanwysings.

### 7.4 SITPLEK

7.4.1 Sitplekke is alfabeties ingedeel volgens die van van die afgevaardigde predikant. Langs hom sit 'n ouderling/diaken wat volgens die lys wat deur die skriba verskaf is, in volgorde geplaas is. Die sitplekke word op 'n kaart aangedui wat op die eerste dag aan elke afgevaardigde by aankoms voorsien word.

7.4.2 Indien 'n sekundus na die verskyning van die Agenda opgeroep word, neem hy sy sitplek in op die naam van die primarius wat hy vervang.

7.4.3 Die name van die afgevaardigdes word in die rekenaar van die sinodale saal gevoer. **Daarom is dit dringend noodsaaklik dat elke afgevaardigde op sy aangeduide plek moet sit.**

### 7.5 MIKROFONE

Elke sitplek is voorsien van 'n mikrofoon. As 'n lid van die vergadering 'n spreekbeurt wil hê, moet hy die rooi knoppie druk.

### 7.6 PARKERING

Daar is ongelukkig net 'n aantal toegekende parkeerplekke by die Sinodale Sentrum beskikbaar. Op die eerste dag van die sitting sal vasgestel word watter behoefte daar aan nog parkeerplek bestaan, en, indien moontlik, sal reëlings dienooreenkomstig getref word.

### 7.7 DIENSTAFEL, BANKDIENS

7.7.1 Die Kommissie vir die Agenda het met dank die aanbod van Lux Verbi aanvaar om 'n dienstafel in te rig en te beman. Hier kan afgevaardigdes boodskappe ontvang en stuur en algemene inligting, posdienste en reisinligting verkry.

7.7.2 Volkskas-Bank verskaf op spesifieke dae bankdienste op die tweede vloer, blok C van die Sinodale Sentrum.

### 7.8 ETES EN VERVERSINGS

7.8.1 Middag- en aandetes word in die voorportaal (twee vlakke) van die Sinodale Sentrum bedien. Die koste hiervan word deur die onderskeie sinodes gedra en afgevaardigdes sal dus nie op sinodekoste elders kan gaan eet nie. Aan besoekers word die geleentheid gebied om kaartjies vir die etes te koop.

7.8.2 Borge is gevind vir die ververings wat saam met die oggendtee aangebied word.

### 7.9 UITSTALLINGS

Aansoeke is van die volgende instansies ontvang om uitstallings van hulle werksaamhede en produkte by die Algemene Sinode te hou:

Algemene Bedieningsfonds
Bybelkor
Mema-Media
Lux Verbi
Christelike Uitgewersmaatskappy

Die Kommissie vir die Agenda het dié aansoeke goedgekeur. Die Saakgelastigde se kantoor tref direk reëlings met die uitstallers. Geen ander boeke, pamflette, artikels, ware, ensovoorts mag op enige plek in die Sinodale Sentrum in verband met die Sinode verhandel word nie, behalwe met vooraf goedkeuring van die Moderatuur.

### 7.10 MEDIESE DIENSTE

Enige persoon wat dringend mediese hulp nodig het, kan navraag doen by die ontvangslokaal of by die beveiligingspersoneel in die hoofingangsportaal.

### 7.11 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode keur die reëlings soos uitgeengesit in 4,5,6 en 7 goed**

## 8. AGENDABOEK

8.1 Kwotasies is van twee drukperse aangevra vir die druk van die Agendaboek. Dié van NG Sendingpers in Bloemfontein was die goedkoopste en is aanvaar.

8.2 Heelwat koste is bespaar deurdat die Agendaboek in die Sinodale Sentrum, Pretoria, op rekenaar voorberei en in "meester"-vorm aan die drukker verskaf is.

8.3 Volgens besluit van die vorige Algemene Sinode word die koste van die Agenda- en Handelingeboeke deur gemeentes gedra. Rekeninge word egter aan sinodes gestuur wat die geld self by gemeentes moet insamel of op hulle eie wyse verkry.

8.4 In ooreenstemming met die Reglement van Orde 3.1.6 is Agendaboeke aan "alle diensdoende predikante van die Ned Geref Kerk, sowel as amptenare en ander tersake instansies" gestuur. Gemeentes is weer versoek om ten minste een ekstra eksemplaar van die Agenda te bestel.

8.5 Alle navrae in verband met die Agenda moet gerig word aan die Skriba, Posbus 2406, Pretoria 0001. Telefoon (012) 322 2881.

8.6 Daar is 'n embargo op die gebruikmaking van die inhoud van die Agendaboek. Dit mag nie in die media gebruik of aangehaal word nie voordat die Algemene Sinode oor die betrokke punt 'n besluit geneem het.

8.7 Die Agenda sal tydens die sinodesitting as gelese beskou word. Die moderator word versoek om sover as moontlik die nommers en opskrifte van alle hoofpunte te noem sodat afgevaardigdes kan volg, maar **net aanbevelings** (in vet letters gedruk) word aan die Algemene Sinode voorgelê vir behandeling en besluitneming. Alle ander sake is vir kennisname tensy die Sinode uitdruklik oor 'n bepaalde punt 'n besluit neem.

8.8 Elke leraar-afgevaardigde ontvang in sy saklêer 'n eksemplaar van die "ACTS of the Reformed Ecumenical Council, Athens 1992".

## 9. KOMMISSIES TYDENS DIE ALGEMENE SINODE

Die volgende "sinodekommissies" en "tydelike kommissies" wat tydens die sitting moet funksioneer, word aanbeveel.

### 9.1 SINODEKOMMISSIES EN -FUNKSIONARISSE

#### 9.1.1 Notulekommissie

Die Kommissie vir die Agenda het die volgende persone (sommige is afgevaardigdes* na die Algemene Sinode en sommige nie) benoem om in die Notulekommissie te dien:

Ds JC Carstens (Skriba Moderamen Noord-Transvaal)*
Ds JJ Gerber (Villieria)*
Ds JH Voges (Lynnwood)
Ds WJH de Koker (Lynnwood)
Ds PA Malherbe (Erasmia)
Ds DB de Vos (Sesmylspruit)
Ds CE Bredell (Waverley)
Dr SF van Huyssteen (Montana)
Ds GJC Venter (Suidoos-Pretoria)
Ds JH Fourie (Pretoria-Faerie Glen)
Ds AJ Joubert (Eldoraigne)
Ds JJ Grobler (Overkruin)
Ds GJ Oosthuizen (Tuinrand)

**Sameroeper:** Ds JC Carstens

**Vergaderplek:** Voor by Notuletafel

Die Notulekommissie is in oorleg met die Skribaat verantwoordelik vir die noukeurige notulering van die verrigtinge van die Algemene Sinode.

Die notule word daagliks aan die Sinode voorgelê. Nadat dit uitgedeel is, kan skriftelike kommentaar en verbeterings aan die aangewese lid van die Notulekommissie gegee word. Die Notulekommissie werk dit in en lê dit, waar toepaslik, aan die Sinode voor by die behandeling van die notule.

#### 9.1.2 Skakelkommissie

Ds JJ Smit
Ds F Swanepoel
Dr FM Gaum
Prof PGJ Meiring
Dr MC Botha

**Sameroeper:** Ds JJ Smit

**Vergaderplek:** Kommissiekamer 4 (Vlak 1C)

Dié kommissie dien as skakel met die media.

#### 9.1.3 Aankondigingskommissie

Ds NJ Behr
Ds JJ Grobler

Spesiale sitplekke word vir hulle aangewys.

#### 9.1.4 Kommissie vir die Herderlike Brief

Die amptelike verteenwoordigers van die teologiese fakulteite.

**Sameroeper:** Verteenwoordiger van die Teologiese Fakulteit van UP.

**9.1.5 Stemopnemers**

Nadat die sitplekreëlings gefinaliseer is, sal 'n lys van stemopnemers van elke blok opgestel word. Hierdie lys word in die lêer van afgevaardigdes geplaas.

**Sameroeper:** Ds GJC Venter (Sek: ds NJ Behr)

**Vergaderplek:** Kommissiekamer 3 (Vlak 1C)

**9.1.6 Sangmeesters en orreliste**

Sangmeesters: Oudl (prof) AC Barnard, ds JC Carstens, oudl (ds) HJ Geyer.
Orreliste: Mev Dorothy Badenhorst, ds JC Carstens, dr MC Botha.

**9.1.7 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode keur 9.1.1 tot 9.1.6 goed.**

**9.2 TYDELIKE KOMMISSIES**

**9.2.1 Samestelling en taak**

9.2.1.1 Die Reglement van Orde bepaal dat tydelike kommissies, behalwe waar anders voorgeskryf, deur die Kommissie vir die Agenda aangewys word en reeds voor die aanvang van die Sinode met hulle werksaamhede mag begin. (5.1)

9.2.1.2 Predikante/amptenare in diens van die sinodes en van die Algemene Sinode, het sitting met adviserende stem in die betrokke tydelike kommissies, mits hulle magtiging verkry het van die kommissie in wie se diens hulle staan. (Reglement van Orde, 5.3).

9.2.1.3 Amptenare/predikante in Algemene Sinode diens wat afgevaardigdes na die Algemene Sinode is, het 'n keurstem in hulle betrokke tydelike kommissie. (Reglement van Orde, 5.4).

9.2.1.4 Tydelike kommissies behandel beskrywingspunte wat na hulle verwys is en dien die Algemene Sinode met aanbevelings. Insenders van beskrywingspunte mag die betrokke punt by die tydelike kommissie persoonlik toelig. Tydelike kommissies maak nie aanbevelings oor die verslae van permanente kommissies nie, tensy daar 'n beskrywingspunt oor dieselfde saak is wat nuwe aspekte na vore bring, of wanneer 'n saak deur die Sinode na hulle verwys is. Tydelike kommissies moet sover moontlik uit lede van die ooreenstemmende permanente kommissies bestaan. (Reglement van Orde, 5.5 - 5.8)

9.2.1.5 Die Kommissie vir die Agenda het die moderature/dagbesture van die verskillende sinodes gevra om die name van afgevaardigdes wat in die verskillende tydelike kommissies kan dien, aan hom te stuur. In die lig daarvan word die volgende tydelike kommissies vir goedkeuring by die Algemene Sinode aanbeveel.

**9.2.2 Personeel van tydelike kommissies**

**9.2.2.1 Kommissie vir kommissies**

Die assessor van die Algemene Sinode.
Die assessors van die elf sinodes.
Die skribas van die aftredende "permanente" algemene sinodale kommissies.

**Vergaderplek:** Kommissiekamer 5 (Vlak 1C)

**Sameroeper:** Die assessor van die Algemene Sinode

**9.2.2.2 Algemene en Ekumeniese Sake**

Wes-Kaap: Ds J van der Westhuyzen, dr CW Burger, oudl (dr) FM Gaum
Oos-Kaap: Ds F Fourie, ds JA du P Esterhuyse, oudl (ds) FJ Mostert
Noord-Kaap: Oudl MVDS Loubser, ds BP de Wet, oudl IM Laubscher
Natal: Ds LW Meyer, oudl (prof) L Boshoff, ds HJ van den Heever
OVS: Oudl (prof) PC Potgieter, oudl (dr) SJ Eloff, oudl (prof) SD Snyman
Wes-Tvl: Ds JPA Brink, ds JB Haasbroek, oudl (dr) DD Rosslee
Noord-Tvl: Dr PR du Toit, dr W Nicol, oudl DW Steyn
Suid-Tvl: Dr WJ Bruwer, oudl (ds) HJ Geyer, ds AM van Wyk
Oos-Tvl: Ds GH Reinecke, ds F Swanepoel, oudl (prof) PGJ Meiring
Namibië: Ds GP Davids, ds FW Neser, oudl AH Mentz
SMA: Ds F Maritz (waarnemer)

**Sameroeper:** Oudl (prof) PC Potgieter

**Vergaderplek:** Kommissiekamer 5 (Vlak 1C)

**9.2.2.3 Diens van Barmhartigheid**

Wes-Kaap: Ds DR Pepler, oudl (ds) CS Roberts
Oos-Kaap: Ds DB Pienaar, oudl (dr) LAPA Munnik
Noord-Kaap: Ds FP Avenant, oudl HO Bekker
Natal: Ds JL du P Raath, diak (mev) L Klaus
OVS: Oudl (ds) PB Botha, ds JJM Raubenheimer
Wes-Tvl: Ds M van de Wall, oudl (dr) RC Lindeque
Noord-Tvl: Dr DW de Villiers, oudl (prof) JC Müller
Suid-Tvl: Ds WC Goosen, dr PJSG du Plessis
Oos-Tvl: Ds J van S Momsen, oudl HW Roos
Namibië: Ds AJ de Klerk, oudl IAC van Niekerk
SMA: Oudl ZF Joubert
Sinodale amptenare: Dr DF Theron (en ander)

**Sameroeper:** Ds AJ de Klerk

**Vergaderplek:** Sinodesaal (regs bo: oos)

**9.2.2.4 Fondse**

Wes-Kaap: Ds NJ Burden, ds GSM Enslin
Oos-Kaap: Ds FS Vivier, oudl (prof) SJ Schoeman
Noord-Kaap: Oudl JC Kruger, ds J Oosthuizen
Natal: Ds F Steenkamp, ds TE Carpenter
OVS: Ds AJ Scherrer, oudl JI de Villiers
Wes-Tvl: Dr JB Mostert, (ds JNJ van Rensburg as waarnemer)
Noord-Tvl: Ds PSHF Strümpfer, ds AC Swanepoel
Suid-Tvl: Ds SS Terblanche, ds GS Mostert
Oos-Tvl: Ds HJ van der Schyff, oudl RP van Rooyen

Namibië: Ds HJ van Zyl, oudl CJ van Tonder
SMA: Ds F Maritz
Saakgelastigdes

**Sameroeper:** Ds PSHF Strümpfer

**Vergaderplek:** Sinodesaal (middel agter: suid)

**9.2.2.5 Gemeentebediening en Erediens**

Wes-Kaap: Ds SW van Wyk, oudl (ds) MAV van der Merwe, oudl (prof) DW de Villiers
Oos-Kaap: Ds GF Botha, ds DP vd B Enderstein, oudl CN Clark
Noord-Kaap: Ds H Roberts, ds SW Albertyn, oudl PL Bruwer
Natal: Ds TIJ de Wet, oudl (ds) JH Wildenboer, oudl A Schmidt
OVS: Ds M le Roux, oudl (prof) JS Kellerman, dr PJ van Jaarsveld
Wes-Tvl: Ds NMS Bezuidenhout, oudl JT van den Berg, (dr M van Tonder as waarnemer)
Noord-Tvl: Ds M Smuts, oudl (prof) W Vosloo, oudl (prof) AC Barnard
Suid-Tvl: Dr JHH du Toit, ds B van Zijl, ds JC Symington
Oos-Tvl: Ds GJS Doyer, dr JH Bisschoff, oudl (ds) PH Coetzee
Namibië: Ds FJ Serfontein, ds JHG Maritz, oudl JS Kotze
SMA: Ds MG Willemse
Sinodale amptenare: Ds GC Olivier (en ander)

**Sameroeper:** Oudl (prof) JS Kellerman

**Vergaderplek:** Kommissiekamer 3 (vlak 1C)

**9.2.2.6 Jeug**

Wes-Kaap: Dr EJ van der Walt, oudl (ds) MR Heyns
Oos-Kaap: Ds C Koch, ds JD Prinsloo
Noord-Kaap: Dr DL van Niekerk, ds LM Basson
Natal: Ds PJ Raath, ds SJJ Niemand
OVS: Dr GPV le Roux, oudl (prof) PC Keulder
Wes-Tvl: Ds AJ Mocke, (dr JHG Gous as waarnemer)
Noord-Tvl: Dr WPJ van Wyk, ds JC Carstens
Suid-Tvl: Ds C Rautenbach, ds JAC Badenhorst
Oos-Tvl: Ds JP Buckle, oudl (prof) WA Landman
Namibië: Ds HES Pretorius, oudl RP van Wyk
SMA: Oudl HL Liebenberg

Sinodale Amptenare: Dr LC Dressel, dr EJ Hay (en ander)

**Sameroeper:** Dr WPJ van Wyk

**Vergaderplek:** Jeugkantoor (Vlak 5C)

**9.2.2.7 Leer en Aktuele Sake**

Wes-Kaap: Dr MDJ Smith, oudl (prof) HJB Combrink
Noord-Kaap: Ds PL Louw, dr GA van der Merwe
Oos-Kaap: Ds P Jordaan, oudl (prof) J Cilliers
Natal: Ds JH Spies, dr C Mitchell
OVS: Ds H van Niekerk, oudl (prof) AA Odendaal
Wes-Tvl: Dr DA Scholtz, oudl SJ Kemp
Noord-Tvl: Oudl (prof) JA Heyns, ds NJ Behr
Suid-Tvl: Dr SM van Vuuren, oudl (ds) LA Kriek
Oos-Tvl: Ds JH Ernst, oudl (prof) A König
Namibië: Dr AF Nel, oudl AJ Davids
SMA: Ds AS van Dyk
Sinodale Amptenare: Dr WJ Botha (en ander)

**Sameroeper:** Oudl (prof) JA Heyns

**Vergaderplek:** Kommissiekamer 6 (Vlak 2C)

**9.2.2.8 Regte**

Wes-Kaap: Ds K Delport, oudl (prof) P Coertzen
Oos-Kaap: Dr S du Toit, oudl WF Jurgens
Noord-Kaap: Ds JJ Vogel, oudl IM Kluge
Natal: Ds JR Murray, oudl FM Vorster
OVS: Dr THN Sadler, oudl (prof) PJ Strauss
Wes-Tvl: Dr HS Grobler
Noord-Tvl: Oudl (ds) GJ Koen, dr MC Botha
Suid-Tvl: Dr CJJ Stegmann, ds JH Windell
Oos-Tvl: Ds PL Bezuidenhout, ds JH Ernst, (oudl AC van Schalkwyk as waarnemer)
Namibië: Ds HW de Jager, oudl (dr) GL Buys
SMA: Ds PFJ van Vuuren

**Sameroeper:** Dr THN Sadler

**Vergaderplek:** Kommissiekamer 2 (Vlak 1C)

**9.2.2.9 Sending en Evangelisasie**

Wes-Kaap: Oudl (dr) JJ Sieberhagen, dr JJ Hattingh
Oos-Kaap: Ds DS Conradie, oudl FB van Zyl
Noord-Kaap: Ds AC van Wyk, oudl AJ van Wyk
Natal: Ds MCE Dames, oudl (prof) JP Mostert
OVS: Ds SE Schoonees, oudl (ds) NW Basson
Wes-Tvl: Ds JvW du Plessis, oudl JG Vosloo
Noord-Tvl: Dr JGM Richter, oudl (dr) M Nel
Suid-Tvl: Ds SP du Toit, ds CvH Brand
Oos-Tvl: Ds ANE Louw, oudl (dr) JP Theron
Namibië: Ds SJ Louw, oudl JP de Koning
SMA: Oudl HL Viljoen
Sinodale Amptenare: Ds PW de Wet (en ander)

**Sameroeper:** Ds JvW du Plessis

**Vergaderplek:** Sinodesaal (links bo: wes)

**9.2.2.10 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode keur 9.2.2.2 - 9.2.2.9 goed.**

**9.2.3 Vooraf-vergaderings van Tydelike Kommissies**

Die Kommissie vir die Agenda beveel aan dat die tydelike kommissies wat baie sake het om te behandel, op Maandag 10 Oktober en selfs vanaf Vrydag 7 Oktober, vergader. Sameroepers moet in oorleg met die skriba van die Kommissie vir die Agenda hulle kommissies oproep. Sommige tydelike kommissies hoef nie vooraf bymekaar te kom nie en kan hulle werk tydens die sinodesitting afhandel.

**9.2.4 Funksionering van Tydelike Kommissie**

9.2.4.1 Sodra 'n tydelike kommissie 'n redelike deel van sy agenda afgehandel het, word die betrokke deel van sy verslag aan die Notulekommissie oorhandig wat dit nasien ter wille van die regte vorm en numerering en wat sorg vir die tik en duplisering daarvan. Proefleeswerk word deur die Notulekommissie en die skriba van die tydelike kommissie gedoen.

9.2.4.2 Die verslae van tydelike kommissies kry dieselfde nommer as die verslag van die "permanente" kommissie, met 'n C vooraan, byvoorbeeld C.4. Indien daar meer as een verslag van die betrokke tydelike kommissie is, word dit C.4.1, C.4.2, ensovoorts.

9.2.4.3 Tydelike kommissies moet die beskrywingspunt of punte uit 'n verslag waaroor dit gaan, duidelik aandui en, indien hulle dit aanbeveel, in hulle aanbeveling die volledige besluit wat deur die Sinode geneem moet word, weergee, sodat dit woordeliks in die Handelinge van die Algemene Sinode opgeneem kan word.

## 10. SKEMA VAN WERKSAAMHEDE

10.1 Die Skema van Werksaamhede soos op bl 12 en 13 voorgestel, word by die Algemene Sinode as rooster vir die sitting aanbeveel.

### 10.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode keur die voorgestelde Skema van Werksaamhede goed.**

## 11. OPMERKINGS OOR DIE FUNKSIONERING VAN DIE SINODE

### 11.1 UITDEEL VAN STUKKE, BOODSKAPPE EN ORDELIKE ONDERLINGE KOMMUNIKASIE

11.1.1 'n Aantal dames is aangewys om hiermee behulpsaam te wees.

11.1.2 Geen stuk mag uitgedeel of enige opname van die verrigtinge gemaak word sonder die toestemming van die voorsitter of skriba van die Kommissie vir die Agenda voor die aanvang van die sitting, of van die Moderatuur daarna nie.

### 11.2 SITTINGSREG MET ADVISERENDE STEM

Aan die predikante in algemene sinodale en in sinodale diens, sowel as aan skribas van permanente kommissies en amptenare van soortgelyke status wat mede-verantwoordelikheid dra vir verslae wat voor die Algemene Sinode dien (en wat nie afgevaardigdes na die Algemene Sinode is nie), word reg van sitting met adviserende stem verleen slegs wanneer daardie verslae en sake wat hulle werk raak, behandel word.

### 11.3 SAKE WAT OP MEER AS EEN PLEK IN DIE AGENDA VOORKOM

Die Reglement van Orde bepaal (3.3) dat die skriba van die Kommissie vir die Agenda aantekeninge moet maak van sake wat op meer as een plek in die Agenda voorkom en die aantekeninge tot beskikking van die voorsitter van die Algemene Sinode moet stel.

### 11.4 GELDIGHEID VAN BESLUITE

**AANBEVEEL dat besluite van die Algemene Sinode geldig is sodra dit geneem is.**

## 12. BESONDERE GELEENTHEDE GEDURENDE DIE SINODESITTING

### 12.1 OPENINGSREDE

Die Kommissie vir die Agenda beveel aan dat die openingsrede van die Algemene Sinode op Dinsdagaand, 11 Oktober 1994 om 19:00 waargeneem word deur die moderator van die Algemene Sinode van 1990, oudl **(prof) PC Potgieter.**

### 12.2 BROEDERLIKE ONDERHOUD

Die Kommissie vir die Agenda beveel aan dat 'n broederlike onderhoud op Woensdagaand 12 Oktober 1994 om 19:00 gehou word en dat **oudl (prof) JA Heyns** as inleier optree oor die onderwerp: "Uitdagings van die Nuwe Suid-Afrika vir die Ned Geref Kerk".

### 12.3 NAGMAAL

Die Kommissie vir die Agenda het die uitnodiging van die kerkraad van die gemeente **Universiteitsoord** aanvaar dat die afgevaardigdes na die Algemene Sinode saam met die gemeente die heilige nagmaal vier op Sondagoggend 16 Oktober 1994 om 09:30. Die nuwe moderator van die Algemene Sinode sal DV as prediker optree.

### 12.4 SANGFEES

Sinodegangers word uitgenooi na 'n Sangfees "Loof en sing en roem - pryslied vir die troue Verbondsgod" op 16 Oktober 1994 om 18:30 in die gemeente **Overkruin**. Dit word gereël deur die Sinodale Kommissie vir die Erediens, Noord-Transvaal, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Koorvereniging.

### 12.5 VROUEDAG

Die Algemene Komitee van die Vrouediens se verslag word Saterdagoggend behandel. Lede van dié komitee en die vroue van afgevaardigdes na die Algemene Sinode word uitgenooi om Vrydagoggend 14 Oktober 1994 om 10:00 saam met die adjunkpresidentsvrou, mev Marike de Klerk, in Overvaal tee te drink.

### 12.6 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode keur 12.1, 12.2 en 12.3 goed en bedank die organiseerders van 12.4 en 12.5.**

## 13. OGGENDBIDURE, GROETEBOODSKAPPE, WAARNEMERS, SPREEKBEURTE

### 13.1 OGGENDBIDURE

Die Kommissie vir die Agenda beveel aan dat daar op elke sittingsdag van 08:30 tot 08:45 samesang sal wees, en van 08:45 tot 09:00 'n biduur bestaande uit Skriflesing en geleentheid vir gebed.

Die volgende ouderlinge word gevra om die bidure op die betrokke dae te lei:

Woensdag 12 Oktober: Oudl (dr) E Smit (Wes-Kaap)
Donderdag 13 Oktober: Oudl IM Kluge (Noord-Kaap)
Vrydag 14 Oktober: Oudl CJ van Tonder (Namibië)
Saterdag 15 Oktober: Oudl WJ Herbst (Vrystaat)
Maandag 17 Oktober: Oudl DW Steyn (Noord-Transvaal)
Dinsdag 18 Oktober: Oudl HL Viljoen (Midde-Afrika)
Woensdag 19 Oktober: Oudl IJ Roux (Wes-Transvaal)
Donderdag 20 Oktober: Oudl (prof) WA Landman (Oos-Transvaal)

### 13.2 GROETEBOODSKAPPE

13.2.1 Verteenwoordigers van die volgende kerke is uitgenooi om mondelinge groeteboodskappe oor te dra:

Verenigende Geref Kerk in Suid-Afrika
Reformed Church in Africa
Ned Herv Kerk van Afrika
Geref Kerke in Suid-Afrika
Presbyterian Church of Southern Africa

13.2.2 Die volgende kerke is genooi om skriftelike groeteboodskappe te stuur wat in die lêers van afgevaardigdes geplaas en in die Handelinge opgeneem word:

**Binnelands:**

Church of England in Southern Africa
Church of the Province in Southern Africa
Evangeliese Lutherse Kerk in Suidelike Afrika
Vrye Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
Methodist Church

**Buitelands**

Gereformeerde Kerk in Nederland
Gereformeerde Kerke Vrygemaak, Nederland
Christelike Gereformeerde Kerk
Schweizerischer Evangelischer Kirchenbund
Evangeliesche Kirchen in Deutschland
Reformed Church in Japan
Reformed Church in Australia
Reformed Church in New Zealand
Free Church of Scotland
Christian Reformed Churches in North America
Evangeliese Gereformeerde Kerk in Frankryk.

### 13.3 WAARNEMERS

Die Kommissie vir die Agenda beveel aan dat een waarnemer elk van die Verenigende Geref Kerk, die Reformed Church in Africa, die Ned Herv Kerk van Afrika en die Geref Kerke in Suid-Afrika uitgenooi word om die volle sitting van die Algemene Sinode by te woon.

### 13.4 SPREEKBEURTE

Die Kommissie vir die Agenda beveel aan dat, afgesien van die oordra van groeteboodskappe in 13.2.1 genoem, spreekbeurte tydens die sitting net aan die lede van die Algemene Sinode en sinodale amptenare toegestaan word.

### 13.5 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode keur 13.2 - 13.4 goed**

## 14. AFSLUITING VAN SINODE

Die afsluiting van die Sinode word bepaal vir nie later nie as **18:00 op Donderdag 20 Oktober 1994**. Afgevaardigdes word versoek om hulle reisreëlings dienooreenkomstig te tref.

## 15. HANDELINGE VAN DIE SINODE

Die Handelinge van die Algemene Sinode behoort, vanweë rekenaargebruik, redelik kort na die sitting in boekvorm beskikbaar te wees.

## 16. PERSONEEL

Die Kommissie vir die Agenda is saamgestel soos Reglement van Orde 3.1 bepaal, en het bestaan uit:

**Moderatuur, Algemene Sinode 1990:**

Oudl (prof) PC Potgieter (voorsitter), oudl (prof) JA Heyns, dr THN Sadler en dr FM Gaum (skriba).

**Moderatuur, Sinode van Noord-Transvaal 1993:**

Ds PSHF Strümpfer, ds M Smuts, oudl (ds) GJ Koen, ds JC Carstens en dr MC Botha.

**Saakgelastigde, Ned Geref Kerk van Transvaal:**

Dr JWJ Viljoen.

**Adviserend van die Saakgelastigde se kantoor:**

Mnr AJ Cornelius, mnr TF Rossouw, mnr HBK Maritz.

Die Algemene Kommissie vir die Agenda het vier keer vergader. Daar word DV 'n tweede verslag op Dinsdag 11 Oktober 1994 aan die Sinode voorgelê.

Mag die Here die Algemene Sinode van 1994 ryklik seën!

PC POTGIETER (Voorsitter)
FM GAUM (Skriba)
Namens Algemene Kommissie vir die Agenda

# SKEMA VAN WERKSAAMHEDE, ALGEMENE SINODE 1994

| MAANDAG 10 OKTOBER | DINSDAG 11 OKTOBER | WOENSDAG 12 OKTOBER |
|---|---|---|
| Tydelike kommissies vergader, indien hulle deur 'n sameroeper opgeroep word, vanaf 10:00 op die plekke soos aangedui in hierdie agenda.<br><br>Tydelike Regskommissie vergader reeds vanaf Vrydag 7 Oktober 1994 soos gereël. | 08:30 Afgevaardigdes meld aan by registrasietoonbank.<br>Tee/koffie word bedien.<br><br>10:30 Opening deur oudste leraar met langste diens<br>* Konstituering<br>* Verkiesing van moderator<br>* Groeteboodskappe<br>* Verkiesing van res van moderatuur terwyl die verslag van KOMMISSIE VIR AGENDA behandel word.<br>* Voorlegging van laatstukke deur uittredende skriba<br>* Verslag:<br>ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE<br><br>19:00<br>* Openingsrede: Oudl (prof) PC Potgieter<br>* Tydelike kommissies vergader | 08:30 Samesang<br>08:45 Biduur<br><br>09:00 Verslag:<br>ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE (vervolg)<br><br>Verslag:<br>ALGEMENE KOMMISSIE VIR LEER EN AKTUELE SAKE<br><br>19:00<br>Broederlike onderhoud:<br>"Uitdagings van die Nuwe Suid-Afrika vir die Ned Geref Kerk"<br>Inleier: Oudl (prof) JA Heyns |
| **DONDERDAG 13 OKTOBER** | **VRYDAG 14 OKTOBER** | **SATERDAG 15 OKTOBER** |
| 08:30 Samesang<br>08:45 Biduur<br>09:00<br>* Verslag:<br>ALGEMENE KOMMISSIE VIR LEER EN AKTUELE SAKE (vervolg)<br>* Verslag: Tydelike Kommissie vir Leer en Aktuele Sake<br><br>* Verslag:<br>KOMMISSIE VIR BYBELVERTALING EN BYBELVERKLARING<br><br>* Verslag:<br>ALGEMENE KOMMISSIE VIR TEOLOGIESE OPLEIDING<br><br>* Verslag: Tydelike Regskommissie i/s laatstukke | 08:30 Samesang<br>08:45 Biduur<br>09:00<br>* Verslag:<br>ALGEMENE JEUGKOMMISSIE<br>* Verslag: Tydelike Jeugkommissie<br><br>* Verslag:<br>ALGEMENE REGSKOMMISSIE<br>* Verslag: Tydelike Regskommissie<br><br>* Verslag:<br>ALGEMENE ARGIEFKOMMISSIE<br><br>* Tydelike kommissies vergader soos nodig<br><br>(Uitstappie eggenotes van afgevaardigdes: 10:00) | 08:30 Samesang<br>08:45 Biduur<br>09:00<br>* Verslag:<br>ALGEMENE KOMITEE VROUEDIENS<br><br>* Verslag:<br>ALGEMENE KOMMISSIE VIR KERKLIKE MEDIA<br><br>* Verslag:<br>ALGEMENE KOMMISSIE VIR FONDSE |

| SONDAG 16 OKTOBER | MAANDAG 17 OKTOBER | DINSDAG 18 OKTOBER |
| --- | --- | --- |
| * Alle afgevaardigdes woon NAGMAALSVIERING van die gemeente Universiteitsoord om 09:30 by.<br>Prediker: Nuwe moderator<br><br>* Aand: SANGFEES, Overkruin-gemeente om 18:30 | 08:30 Samesang<br>08:45 Biduur<br>09:00<br>Verslag:<br>ALGEMENE KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE<br><br>* Verslag: Tydelike Kommissie vir Sending en Evangelisasie<br><br>* Verslag: Tydelike Kommissie vir Algemene en Ekumeniese Sake | 08:30 Samesang<br>08:45 Biduur<br>09:00<br>Verslag:<br>ALGEMENE KOMMISSIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID<br><br>* Verslag: Tydelike Kommissie vir Diens van Barmhartigheid<br><br>* Verslag:<br>HUGENOTE-KOLLEGE<br>* Verslag: Ad hoc-kommissie oor Hugenote-Kollege<br><br>* Verslag:<br>ALGEMENE KOMMISSIE VIR FONDSE (vervolg)<br>* Eerste verslag: Tydelike Kommissie vir Fondse |

| WOENSDAG 19 OKTOBER | DONDERDAG 20 OKTOBER |
| --- | --- |
| 08:30 Samesang<br>08:45 Biduur<br>09:00<br>* Verslag:<br>ALGEMENE KOMMISSIE VIR GEMEENTEBEDIENING<br>(Ingesluit: Verslag SUBKOMMISSIE VIR DIE EREDIENS)<br><br>* Verslag: Tydelike Kommissie vir Gemeentebediening en Erediens<br><br>* Verslag: PSALMKOMMISSIE | 08:30 Samesang<br>08:45 Biduur<br>09:00<br>* Verkiesing van ouderlinge vir Algemene Sinodale Kommissie<br><br>* Verslag: Kommissie vir Kommissies<br><br>* Verslae van Tydelike Kommissies (vervolg)<br>* Tweede verslag: Fondse<br>* Herderlike brief<br>* Onafgehandelde verslae en sake<br><br>18:00 AFSLUITING |

# A.2 ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE

Geagte broer voorsitter, broers en susters,

U kommissie doen graag soos volg verslag:

## 1. OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE VAN 1990 AAN DIE ASK

### 1.1 GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN DIE LAASTE SITTINGSDAG, ALGEMENE SINODE 1990.

**1.1.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Notule van die laaste sitting word deur die Notulekommissie geredigeer en deur die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie goedgekeur en onderteken." (Hand AS 1990, bl 718)

1.1.2 Die Dagbestuur het aan dié opdrag uitvoering gegee.

### 1.2 TOEKOMS VAN DIE FEDERALE RAAD

**1.2.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Federale Raad word as 'n forum vir gesprek oor gemeenskaplike sake behou as uitdrukking van 'n federale band tussen die NG Kerke binne en buite die RSA en dra dit op aan die ASK om na oorleg met die lidkerke die nodige wysigings vir 'n meer doeltreffende funksionering van die Federale Raad in werking te stel." (Hand AS 1990, bl 540)

1.2.2 Die Federale Raad het in 1991 'n konsep-model aanvaar wat vir kommentaar aan lidkerke gestuur is. Die Uitvoerende Komitee van die Federale Raad het opdrag gekry om dit in die lig van die kommentaar verder uit te werk en aan die Federale Raad voor te lê vir finale oorweging. Die konsep-model is in 'n mate geskoei op die gedagtes vervat in die ASK se model vir eenheid in die NG Kerkfamilie met 'n "United Synod" as oorkoepelende sinode vir al die binne- en buitelandse lede van die NG Kerkfamilie. Die Federale Raad sou in Augustus 1994 weer vergader om die saak te bespreek.

### 1.3 OORAANBOD VAN PROPONENTE EN ALGEMENE BEDIENINGSFONDS

**1.3.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode versoek die ASK om slegs vir solank dit nodig is, voort te gaan met die Algemene Bedieningsfonds." (Hand AS 1990, 4.4.10, bl 540)

1.3.2 Die ASK het die hantering van die Algemene Bedieningsfonds oorgedra aan die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening, en die AKG sal volledig oor die stand van sake aan die Algemene Sinode verslag doen.

**1.3.2.1 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode keur dit goed dat die hantering van die Algemene Bedieningsfonds deur die ASK oorgedra is aan die AKG, aangesien dit 'n saak is wat op die terrein van laasgenoemde kommissie lê.**

### 1.4 SKAKELING MET GEREF KERKE IN SA EN NED HERV KERK VAN AFRIKA

**1.4.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode versoek die ASK om benewens die TKK ook ander weë te vind waardeur skakeling en eenheidsbelewing met die Geref Kerke in Suid-Afrika en die Ned Herv Kerk van Afrika gesamentlik en afsonderlik gerealiseer kan word". (Hand AS 1990, 3.19.5.9, bl 544)

1.4.2 'n Informele skakelgroep waarin verteenwoordigers van die Ned Geref Kerk, die Geref Kerke in Suid-Afrika en die Ned Herv Kerk van Afrika dien, het tot stand gekom en by verskeie geleenthede oor sake van gemeenskaplike belang beraadslaag - soos byvoorbeeld oor die sg "Draft declaration on the responsibilities of religious people" wat die gemoedere in 'n stadium gaande gehad het en waarop die skakelgroep kommentaar gelewer en 'n verklaring uitgereik het, soos ook oor die toename van geweld in Suid-Afrika. Pogings om aan die skakelgroep 'n vaster struktuur te gee, het nie geslaag nie. Die gedagte is geopper dat aan die Tussenkerklike Kommissie 'n wyer opdrag en mandaat gegee moet word wat kan meebring dat dié liggaam vir meer skakeling en eenheidsbelewing in die kerke benut kan word. Ook hiervan het tot dusver niks gekom nie.

### 1.5 KERKLIKE ALLIANSIE VAN SUID-AFRIKA (KASA)

**1.5.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Dit word goedgekeur dat die ASK 'n persoon aanwys om as waarnemer in die Raad van KASA te dien". (Hand AS 1990, 8.3.10.2, bl 552)

1.5.2 Dr P Rossouw is as waarnemer in die Raad van KASA benoem. Dié organisasie het intussen van die toneel verdwyn.

### 1.6 BERAAD VAN GEREFORMEERD/PROTESTANTSE SUIDER-AFRIKAANSE KERKE

**1.6.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Dit word aan die ASK opgedra om die volgende Sinode te adviseer oor die wenslikheid en die aard van 'n Gereformeerd/Protestantse Suider-Afrikaanse Beraad van Kerke". (Hand AS 1990, 8.3.12.2, bl 552)

**1.6.2** Die Ned Geref Kerk se ekumeniese verhoudings het in die afgelope vier jaar veral vanweë talle bilaterale gesprekke aansienlik uitgebrei, en die veranderde situasie het meegebring dat die wenslikheid vir 'n Beraad van Kerke soos die Algemene Sinode dit in 1990 in gedagte gehad het, na die oordeel van die ASK nie meer bestaan nie.

**1.6.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit om hom nie nou te beywer vir die stigting van 'n Gereformeerd/Protestantse Suider-Afrikaanse Beraad van Kerke nie.**

## 1.7 GESAMENTLIKE AFVAARDIGING MET ANDER KERKE

**1.7.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode beskou dit as gewens dat met die owerheid oor brandende vraagstukke deur gesamentlike afvaardigings met ander kerke gesprek gevoer word". (Hand AS 1990, 10.2.2, bl 552)

**1.7.2** Die Dagbestuur van die ASK het by 'n paar geleenthede probeer om saam met afvaardigings van ander kerke die owerheid oor brandende vraagstukke te nader, maar om verskillende redes het dit nooit gebeur nie. Daar is wel 'n paar keer oor sulke sake (soos die voortslepende geweld in die land en die politieke onrus) gesamentlike verklarings met die Ned Herv Kerk van Afrika, die Geref Kerke in SA en die Apostoliese Geloofsending uitgereik, wat ook onder die owerheid se aandag gebring is.

## 1.8 NEW AGE-BEWEGING

**1.8.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om die New Age-beweging op wetenskaplike wyse te ondersoek sodat inligting en voorligting aan lidmate voorsien kan word. Die Algemene Sinode besluit dat die verslag so spoedig moontlik aan die ASK voorgelê word en vir verspreiding beskikbaar gestel word". (Hand AS 1990, 5.6.2.1 en 5.6.2.2, bl 556)

**1.8.2** AKLAS sal oor hierdie saak direk aan die Algemene Sinode verslag doen.

## 1.9 SERKOS

**1.9.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode dra dit aan AKLAS op om opnuut die verhouding tussen die Ned Geref Kerk en Serkos te ondersoek en daaroor verslag te doen aan die ASK." (Hand AS 1990, 5.8, bl 556)

**1.9.2** AKLAS sal oor hierdie saak direk aan die Algemene Sinode verslag doen.

## 1.10 VROU IN DIE AMP

**1.10.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Regskommissie op om aandag te gee aan die moontlike kerkregtelike en praktiese knelpunte ten opsigte van toelating van die vrou in die amp van predikant en ouderling met verslag aan die ASK." (Hand AS 1990, 6.2.4.9.3, bl 563)

**1.10.2** Die ARK het oor hierdie saak aan die ASK verslag gedoen en die volgende sake is goedgekeur:

"1. Uitdienstreding by verplasing/diensbeëindiging van haar man.

Indien die man van 'n vrou wat as predikant in 'n gemeente diens doen, verplaas word, of sy dienste beëindig word en dit meebring dat sy demissie moet ontvang, word haar dienste in 'n gemeente beëindig sonder verlies van status.

"2. Kraamverlof

'n Vrou in die amp as predikant is geregtig op kraamverlof met volle traktement en toelaes vir 'n tydperk wat vier weke voor die verwagte datum van haar bevalling begin en agt weke na die datum van haar bevalling eindig.

"3. Vergoeding

3.1 Alle vergoeding is in ooreenstemming met dié van manlike predikante, tensy anders ooreengekom.

3.2 Waar 'n vrou in die tentmakerbediening staan, ontvang sy voordele soos in die ooreenkoms aangegaan."

## 1.11 SIGBAARMAKING VAN MEERDERE KERK-EENHEID

**1.11.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode dra dit aan die ASK op om langs die weg van studie en gesprek met die belanghebbendes strukture uit te werk vir die beoogde een kerkverband (van die Familie van Ned Geref Kerke) en aan die eersvolgende Algemene Sinode te rapporteer. Die Algemene Sinode versoek die ASK om in sy studie rekening te hou met regmatige vorms van verskeidenheid ten opsigte van taal, kultuur, liturgie en bedieningsbehoeftes." (Hand AS 1990, 3 en 4, bl 608)

**1.11.2** Die ASK het die afgelope vier jaar baie en indringende aandag aan hierdie saak gegee.

**1.11.2.1** Op versoek van die Moderature van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika, het die ASK kommentaar gelewer op die volgende dokumente van die (toe te stigte) Verenigende Geref Kerk (VGK): die

"Beginselverklaring", die konsep-Kerkorde van die Verenigende Geref Kerk, en die kerkmodel van dié kerk. Die kommentaar is aan die Moderatuur van die Verenigende Geref Kerk gestuur. Die VGK-stukke en die ASK-kommentaar word as bylaes ter insae aan hierdie verslag geheg. (Beginselverklaring van die afgevaardigdes van die NGKA en die NGSK as Bylae ASK-1; Kommentaar van die Ned Geref Kerk op die Beginselverklaring as Bylae ASK-2; Konsep-Kerkorde vir een kerk as Bylae ASK-3; Kommentaar op en evaluering van die Kerkorde van die VGK as Bylae ASK-4; Model vir kerkeenheid soos aanvaar en voorgestel deur die NGSK en die NGKA as Bylae ASK-5; Kommentaar op die eenheidsmodel van die VGK en 'n vergelyking daarvan met dié van die Ned Geref Kerk as Bylae ASK-6.)

**1.11.2.2** 'n Subkomitee van die Dagbestuur het oor 'n lang tydperk gewerk aan 'n "model" vir kerkeenheid, voorlopige gesprekke is met belanghebbendes gevoer, en die ASK het in November 1992 die volgende **"Riglyne vir 'n model van een kerkverband vir die NG Kerkfamilie"** goedgekeur:

"1. Lidmaatskap van die huidige gemeentes van die Familie van NG Kerke is oop vir alle gelowiges wat die belydenis van die betrokke gemeente aanvaar. Dit beteken dat lidmate oor en weer by gemeentes van die ander kerke kan inskakel.

"2. Gemeentes, ringe en sinodes binne die Familie van Ned Geref Kerke kan na behoorlike ooreenkoms, inskakel by gemeentes, ringe en sinodes van ander kerke en word dan volledig deel van daardie kerk.

"3. Kerkrade, ringe, sinodes en algemene sinodes wat dit so verkies, gaan voort om te funksioneer soos dit tans die geval is, met behoud van huidige name, kerkordes, bepalinge en reglemente.

"4. Strukture vir samewerking tussen gemeentes, kerkrade, ringe en sinodes moet tot stand gebring word sonder om die kerkregtelike posisie van kerkvergaderings in die gedrang te bring.

"5. Evangeliedienaars is oor en weer beroepbaar.

"6. As uitdrukking van die een kerkverband, word 'n verenigde sinode vir die Ned Geref Kerk, die Ned Geref Sendingkerk, die Ned Geref Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa voorgestel waar daar oor sake van gemeenskaplike belang op 'n basis van konsensus besluite geneem kan word.

"7. Hierdie sinode word saamgestel uit al die bestaande sinodes van die vier kerke in 6 genoem, volgens 'n stelsel van proporsionele verteenwoordiging. (Opmerking: Die naam van genoemde sinode is nog onseker, aangesien 'Algemene Sinode' nie gebruik kan word nie omdat daar vir die voorsienbare toekoms wel ook nog Algemene Sinodes van die betrokke kerke sal wees, en 'Nasionale Sinode' onpresies is vanweë die feit dat twee van die 'bestaande sinodes' (Namibië en Midde-Afrika) buite die RSA se nasionale grense lê.)

"8. Die bestaande Algemene Sinodes (van die Ned Geref Kerk en van die Ned Geref Kerk in Afrika) besluit self of en wanneer hulle wil ontbind.

"9. As saambindende liggaam vir al die lede van die NG Kerkfamilie (binne- en buitelands) kan gedink word in terme van 'n Bond van Ned Geref Kerke.

"10. Namate die groeiproses na groter sigbaarmaking van kerkeenheid vorder, kan verdere aandag aan bykomende strukture gegee word. Sake soos die belydenisskrifte, juridiese probleme, ensovoorts sal deurlopend moet aandag kry."

In gesprekke van die ASK met die Moderature van die NG Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa, is bogenoemde riglyne nie baie gunstig ontvang nie, en die voorsitters van eersgenoemde twee kerke se Moderature het dit teenoor die openbare pers afgemaak as "neo-apartheid". Verdere samesprekings oor die saak is na Oktober 1993 vir eers gestaak tot na afloop van die verenigingsinode van die NG Kerk in Afrika en die NG Sendingkerk.

**1.11.3 AANBEVELING**

**1.11.3.1 Die Algemene Sinode besluit dat die "Riglyne vir 'n model vir een verband in die NG Kerkfamilie" na sinodes, ringe en kerkrade vir kommentaar gestuur word.**

**1.11.3.2 Die Algemene Sinode gee aan die ASK opdrag om die ingekome kommentaar te evalueer en samesprekings voort te sit ten einde so spoedig moontlik die ideaal van een kerkverband tussen die Familie van Ned Geref Kerke werklikheid te laat word.**

## 1.12 LOFPRYSING EN JEUGBYEENKOMSTE

**1.12.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode stel 'n ad hoc-kommissie saam uit lede van die AJK, AKLAS, AKAE en AKE om 'n studie te maak met praktiese riglyne oor 'lofprysing'. Die AJK word as sameroeper aangewys.

"Die ad hoc-kommissie moet aandag gee aan die volgende sake:

1. Die teologiese begronding van lofprysing.

2. Die plek van lofprysing binne en buite die erediens.

3. Riglyne met die oog op die praktiese inkleding van die lofprysingsbyeenkoms.

4. Lofprysing as deel van die omvattende en gedifferensieerde gemeentebediening.

"Aangesien hierdie 'n spoedeisende saak is, doen die ad hoc-kommissie verslag aan die ASK wat na bevind van sake mag handel." (Hand AS 1990: 610: 3.17.1)

**1.12.2** Hoewel die Algemene Sinode van 1990 dit as 'n "spoedeisende saak" beskou het, kon dit ongelukkig nie gou en goed afgehandel word nie. Meningsverskil het

telkens meegebring dat die ad hoc-kommissie se verslag na hom terugverwys is, en dit is pas eers vanjaar gefinaliseer en aan die kerk beskikbaar gestel. Dit is verkrygbaar by die NG Kerkjeugboekhandel, Posbus 396, Bloemfontein, 9300. Die AJK het intussen ook besluit om 'n eie kort brosjure oor die saak, pertinent op die jeug gerig, te laat opstel en te publiseer. Dit is in oorleg met die ASK gedoen.

## 1.13 KOSTE VAN SINODESITTINGS

**1.13.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die koste-aspek van sinodesittings word vir ondersoek na die Algemene Kommissie vir Fondse verwys. Die bevindings en aanbevelings word aan die ASK voorgelê. Die ASK kry volmag om die aangeleentheid af te handel en in werking te stel." (Hand AS 1990, bl 634)

**1.13.2** Die AKF doen oor hierdie saak direk aan die Algemene Sinode verslag.

## 1.14 STILWORD EN MEDITASIE

**1.14.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Om by die ASK aan te beveel om by die reëlings van die volgende Algemene Sinode voldoende tyd tydens sittings in te ruim vir afsondering, stilword en meditasie met die oog op geestelike verdieping en Godgewilde besluitneming" (Hand AS 1990: bl 635).

**1.14.2** Die Kommissie vir die Agenda doen oor hierdie saak aan die Algemene Sinode verslag.

## 1.15 REKENARISERING VAN NOTULERING EN KERKORDELIKE DRUKWERK

**1.15.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"... om die Skriba te versoek om in oorleg met die ARK en die AKF ondersoek in te stel na rekenarisering van notulering en kerkordelike drukwerk van die Algemene Sinode, en die ASK met voorstelle in dié verband te dien met volmag om daaroor te beslis." (Hand AS 1990: bl 636)

**1.15.2** Die saak het aandag geniet en die notulering is gerekenariseer. "Kerkordelike drukwerk" sal ook in die toekoms gerekenariseer word.

## 1.16 VERMINDERING VAN SINODALE POSTE

**1.16.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"By die ontstaan van vakatures in reeds bestaande poste vir predikante in algemene sinodale diens ... en die kommissie bevind dat hy sonder die dienste van 'n predikant in algemene sinodale diens kan funksioneer, tref hy die nodige maatreëls en rapporteer so aan die ASK. Indien die kommissie bevind dat 'n eie (of gedeelde) pos vir 'n predikant in algemene sinodale diens tog noodsaaklik is, word vertoë aan die ASK voorgelê ..." (Hand AS 1990: bl 637: 5.2).

**1.16.2** In gevalle waar vakatures in bestaande poste vir predikante in sinodale diens die afgelope vier jaar ontstaan het (dit het gebeur in die geval van die predikante in Algemene Sinodale diens vir ekumene en inligting, diens van barmhartigheid, ampsbediening en evangelisasie en sending), het die betrokke kommissies en die ASK volgens die voorgeskrewe reëls te werk gegaan en is poste, waar dit kon, verminder en gerasionaliseer.

## 1.17 DIE KERK EN SY SAKE-ONDERNEMINGS

**1.17.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"dat die Algemene Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie opdrag ontvang om ernstig te besin oor die prinsipiële regverdiging vir die voortbestaan van die NG Sendinguitgewers en die NG Sendingpers wat selfstandige sakeondernemings is, as newedienste van die Christelike Lektuurfonds. AKSE word versoek om tussentyds verslag te doen aan die ASK met finale verslag aan die Algemene Sinode van 1994." (Hand AS 1990: bl 638: 4.1.14.4.5).

**1.17.2** AKSE doen oor hierdie saak direk aan die Algemene Sinode verslag.

## 1.18 ARTIKEL 21-MAATSKAPPY

**1.18.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Opdrag word aan die Algemene Jeugkommissie (AJK) gegee om in samewerking met die Algemene Kommissie vir Kerklike Media (AKKM) ondersoek in te stel na die omskakeling van die NG Kerkjeugboekhandel in 'n Artikel 21-maatskappy met die oog op die voorsiening van kategesemateriaal en ander jeugpublikasies. Die AJK word versoek om tussentyds verslag te doen aan die ASK met finale verslag aan die Algemene Sinode van 1994." (Hand AS 1990: bl 638: 4.1.14.4.7).

**1.18.2** Die AJK doen direk oor hierdie saak aan die Algemene Sinode verslag.

## 1.19 RISIKOFAKTOR

**1.19.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die risikofaktor vir die kerk, kerkraad, ring, sinode en Algemene Sinode asook die kerk se utiliteitsmaatskappye en beheerrade, word na die Algemene Regskommissie verwys vir studie en moontlik regsadvies met verslag aan die ASK; afhangende van die aard van die advies aan die ASK, word sinodes in verband met die regsmening adviserend ingelig om hulle sake in orde te kry." (Hand AS 1990: bl 638: 4.1.14.4.9-10).

**1.19.2** Die ARK doen oor hierdie saak direk aan die Algemene Sinode verslag.

## 1.20 MILITêRE DIENSWEIERING

**1.20.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode verwys hierdie beskrywingspunt (insake militêre diensweiering - Agenda, AS 1990, B 3.2.2, bl 426) na die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake vir studie en rapport aan die ASK." (Hand AS 1990: bl 663: 2.2.1).

**1.20.2** Die baie vloeibare situasie wat die afgelope vier jaar rondom diensplig ontstaan het, het meegebring dat AKLAS nie hieroor aan die ASK gerapporteer het nie, maar dit direk aan die Algemene Sinode sal doen.

## 1.21 BRIEF VAN SINODE VAN PHORORO

**1.21.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode verwys die brief wat ter vergadering van die Sinode van Phororo ontvang is, na die ASK met volmag." (Hand AS 1990: bl 664)

**1.21.2** Die ASK het besluit "dat die Skriba die skrywe moet erken en **Kerk en Samelewing 1990** aan die Scriba Synodi van Phororo moet stuur. Paragraaf 250 moet by name onder hulle aandag gebring word. Die Sinode van Phororo moet aangemoedig word om met hulle eie Algemene Sinodale Kommissie in gesprek te tree oor hulle standpunt." Aan hierdie besluit is uitvoering gegee.

## 1.22 AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

**1.22.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode dra dit aan die ASK op om voort te gaan om by wyse van korrespondensie en gesprekke steeds die saak van die Ned Geref Kerk teenoor die APK duidelik te stel en om die beste verhouding in die gespanne omstandighede te verkry." (Hand AS 1990: bl 665: 4.7.8.2)

**1.22.2** Die Dagbestuur van die ASK het etlike samesprekings met die APK-leiding gevoer en ernstig probeer om "die beste verhouding in die gespanne omstandighede te verkry". Daarin is in 'n groot mate geslaag.

## 1.23 "SO GLO ONS... 'N EIETYDSE GELOOFS-VERANTWOORDING"

**1.23.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode aanvaar die voorgestelde wysiginge en verwys die dokument vir versorging (bv taalkundig en eksegeties) na die ASK, met volmag." (Hand AS 1990: bl 665: 8.2)

**1.23.2** Hierdie opdrag is uitgevoer en "So glo ons ..." is as 'n netjiese boekie deur Hugenote-Uitgewers, Wellington, gepubliseer. 20 554 kopieë is sedert die publikasiedatum versprei. 'n Derde druk het onlangs verskyn.

## 1.24 ONDERSOEK STAATSBELEID

**1.24.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid om die huidige staatsbeleid ten opsigte van bepaalde diensvelde te ondersoek en aan die ASK verslag te doen. Die Algemene Sinode gee aan die ASK opdrag om die ondersoek te evalueer en verdere rasionalisering te implementeer." (Hand AS 1990: bl 500, 677: 20.2)

**1.24.2 Werkswyse**

Die motivering vir die opdrag was oënskynlik die verwagting dat daar 'n vermindering in staatfinansiering sal wees en dat dienste dan dienooreenkomstig gerasionaliseer moet word.

Intussen het die AKDB en SKDB's kommentaar op verskeie werksdokumente van die staat gelewer en in taakgroepe van die staat gedien ten einde die wyse van staatsfinasiering aan bepaalde kriteria te koppel. Hierdie kriteria is tans in werking en alle dienste van die kerk gaan voort soos in die verlede.

Met die nuwe regering aan bewind, is daar nog nie 'n duidelike tendens waar te neem oor die mate waarin die staatsfinansiering gaan verminder en watter diensvelde geraak sal word nie.

**1.24.3 Bevinding**

Die AKDB en ASK is tans nie in 'n posisie om in terme van rasionalisering 'n beoordeling te maak nie. Voorts lê die wyse van die voortsetting van die kerk se dienste op gemeente-, rings- en sinodale vlak en is die ASK nie by magte om namens gemeentes, ringe en sinodes rasionalisering te implementeer nie.

**1.24.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode verwys die finansiering van dienste en die staat se bydrae tot hierdie finansiering, na gemeentes, ringe en sinodes en stap as Algemene Sinode van die saak af, aangesien dit nie op die weg van die Algemene Sinode lê om hieroor te besluit nie.**

## 1.25 ONDERHANDELINGSKONSULTANT

**1.25.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Dit word aan die ASK opgedra om die volgende werkswyse ernstig te oorweeg: dat die dienste van 'n onderhandelingskonsultant bekom word om as fasiliteerder op te tree by gesprekvoering tussen die Moderature van die NG Kerkfamilie; dat op hierdie metode besluit word in oorleg met genoemde moderature; dat die koste-aspek aan die Algemene Kommissie vir Fondse voorgelê word." (Hand AS 1990, bl 678)

**1.25.2** Hierdie moontlikheid is oorweeg, maar nie aanvaar nie.

## 1.26 REKENARISERING DOOP- EN LIDMAAT-REGISTER

**1.26.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"... om dit aan die Algemene Kommissie vir die Argief op te dra om verdere ondersoek te doen en die werklike behoefte in verband met die rekenarisering van doop- en lidmaatregister, en moontlik eenvormige spesifikasies met die oog op standaardisering vir sodanige rekenarisering, op te stel. 'n Begroting vir hierdie ondersoek moet eers aan die Algemene Kommissie vir Fondse voorgelê word met die oog op voorsiening van die benodigde fondse. Na afhandeling van die ondersoek moet aan die ASK verslag gedoen word." (Hand AS 1990: bl 682: 6.2.2)

**1.26.2** Die Algemene Kommissie vir die Argief sal oor hierdie saak direk aan die Algemene Sinode verslag doen.

## 1.27 SLEGS EEN REGISTER

**1.27.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kommissie vir die Argief om ondersoek in te stel na 'n ontwerp van een register vir doop- en belydende lidmate waarin duidelike onderskeiding tussen doop- en belydende lidmate getref kan word en om verslag te doen aan die ASK wat magtiging verkry om dit, indien goedgekeur, te implementeer." (Hand AS 1990: bl 683: 6.3.2.2)

**1.27.2** Die Algemene Kommissie vir die Argief sal hieroor direk aan die Algemene Sinode verslag doen.

## 1.28 CAMPUS CRUSADE FOR CHRIST

**1.28.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die brief van Campus Crusade for Christ word na die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie verwys om die ASK te adviseer in verband met 'n antwoord. Die ASK handel met volmag." (Hand AS 1990: bl 684: 5.1)

**1.28.2** Die brief het die indringende aandag van sowel die AKG as die ASK geniet. Uiteindelik het die ASK besluit:

**1.28.2.1** dat, hoewel die CCC vanweë sy beleid om vir soveel kerke as moontlik aanvaarbaar te wees, 'n skrale belydenisgrondslag het, die CCC wel 'n vrye vereniging met 'n positief-Christelike grondslag is;

**1.28.2.2** vanweë die feit dat dit in die beleid en bedieningstyl van die CCC aan 'n gereformeerde spiritualiteit ontbreek, dit nie wenslik vir kerkrade is om CCC uit te nooi om in gemeentes op te tree nie (Die Kerkorde art 16.4);

**1.28.2.3** om die standpunt van die Algemene Sinode (Hand 1986: bl 602 - 603) te herbevestig dat dit die kerk se onvervreembare reg is om sy eie lidmate te bearbei. Die dringende beroep van die Algemene Sinode aan CCC om hierdie reg te eerbiedig, word herhaal, en hy word gevra om nie langer as "aanvullende diens aan die kerk" die geestelike versorging van lidmate van die Ned Geref Kerk vir sy rekening te neem nie;

**1.28.2.4** om kerkrade ernstig te versoek om van die kerk se eie toerustingsprogramme gebruik te maak en ten opsigte van optredes van CCC in die lig van die besluite van die Algemene Sinode te handel.

**1.28.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode onderskryf die standpunt van die ASK oor Campus Crusade for Christ en maak dit in die kerk bekend.**

## 1.29 PRE-ADVIES BY BEROEPE

**1.29.1** Die Algemene Sinode het besluite oor pre-advies by beroepe geneem en dit na die Algemene Regskommissie verwys met verslag aan die ASK. (Hand AS 1990 bl 693: 6.13.4.2 - 6.13.4.9)

**1.29.2** Die ARK en ASK het aan hierdie saak aandag gegee en dit afgehandel.

## 1.30 VERLIES VAN STATUS

**1.30.1** Die Algemene Sinode het besluite oor die verlies van status van predikante en proponente geneem en dit na die Algemene Regskommissie verwys met verslag aan die ASK en met volmag om af te handel. (Hand AS 1990: bl 696: 8.1.1 - 8.1.7)

**1.30.2** Die ARK en ASK het aan hierdie saak aandag gegee en dit afgehandel.

## 1.31 EIE HUISE VAN LERAARS BUITE GEMEENTEGRENSE

**1.31.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die aangeleentheid van eie huise van leraars buite hulle gemeentegrense word na die Algemene Regskommissie verwys vir studie en rapport aan die ASK/Algemene Sinode." (Hand AS 1990: bl 699: 9.4.2)

**1.31.2** Die ARK doen hieroor verslag aan die Algemene Sinode.

## 1.32 AMPSBEDIENING VAN LERAARS

**1.32.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening kry opdrag om die bevindinge van Kerkspieël III ten opsigte van predikante en predikantsvroue verder te ondersoek en veral aandag te gee aan die opdrag van die Sinode van 1986 'om 'n studie te loods oor die rolverwagtinge, verantwoordelikhede en taak van die predikantsvrou' (Hand AS 1986, bl 697). Verslag moet so gou moontlik aan die ASK gedoen word vir verdere optrede indien nodig." (Hand AS 1990, bl 703)

1.32.2 Die AKG doen hieroor direk verslag aan die Algemene Sinode.

## 1.33 VREDESKONGRES

### 1.33.1 Die Algemene Sinode het besluit:

"Die Algemene Sinode dra dit aan die ASK op om oorweging te skenk aan die organisering van 'n vredeskongres op interdissiplinêre en ekumeniese basis. Dit kan daartoe bydra om Christene in te lig oor en saam te snoer in 'n gesindheid van vrede en die wil om in elke opsig die saak van vrede te dien." (Hand AS 1990: bl 710: 1.2.2.6)

1.33.2 Die Moderature van die binnelandse lede van die NG Kerkfamilie het in Desember 1993 'n geslaagde konferensie oor geweld in Pretoria gehou, by watter geleentheid kerkleiers, politici van verskeie partye, regs- en geregslui opgetree het. Die konferensie het die volgende standpuntstelling aanvaar wat in die kerklike en openbare media gepubliseer is:

"1. Die kerk van Jesus Christus het 'n boodskap wat bokant die partypolitiek en sy verskille uitgaan. Dit is 'n boodskap van bekering, verlossing, versoening en vrede. Die kerk moet dié boodskap in die praktyk laat vorm kry deur sy woorde en dade.

2. Die kerke van die NG Familie erken dat hulle lidmate in die verlede te maklik by geweld betrokke was - hetsy strukturele of rewolusionêre geweld - en dat dit ook die beeld van die kerke as boodskappers van vrede aangetas het. Die kerke besef dat die onverdraagsaamheid en wantroue wat soms by hulle aanwesig was, nie gehelp het om 'n klimaat van vrede in Suid-Afrika te skep nie, en dat die verdeeldheid in hulle eie geledere hulle taak om versoening te verkondig, bemoeilik het.

3. Die kerke beklemtoon dat dit die kerk se roeping is om deur sy boodskap van versoening op grond van die plaasvervangende soendood van Christus, in die samelewing 'n gees te kweek waarin geweld nie vatplek kan kry nie, en verbind hulle daartoe om in die toekoms doelgerig hieraan te werk.

4. Die kerke is van oortuiging dat die kerk as sodanig nie aktief aan geweld mag meedoen nie, en roep hulle lidmate op om, sover dit van hulle afhang, nie by geweld betrokke te raak nie. Dit is onaanvaarbaar dat lidmate wat Sondae in die erediens is, gedurende die week met geweldspraatjies en geweldsdade vorendag kom.

5. Die kerke is van mening dat die kerk die Skrif se boodskap aangaande 'n regverdige gemeenskap in duidelike taal moet verkondig, maar is daarvan oortuig dat die kerk as sodanig nie 'n partypolitieke funksie het nie. Die lidmate van die kerk het egter die verantwoordelikheid om as burgers van die land op 'n Christelik-verantwoordbare wyse aan die partypolitiek deel te neem.

6. Die kerke oorweeg dit om in die toekoms 'n gesamentlike vredesprogram in Suid-Afrika van stapel te stuur, en wil die klem in die Jaar van die Gesin ook laat val op geregtigheid en vrede in ons hele samelewing.

7. Die kerke wil die slagoffers van geweld in ons land met woord en daad onderskraag.

8. Die mening is by die konferensie uitgespreek dat die Goldstone-kommissie ondersoek kan instel na die moontlikheid en implikasies van gesamentlike beheer oor al die gewapende magte, veiligheidsmagte, para-militêre magte en selfverdedigingseenhede."

## 1.34 VULLING VAKATURES: PREDIKANTE IN ALGEMENE SINODALE DIENS

### 1.34.1 Die Algemene Sinode het besluit:

"Die Algemene Sinode versoek die ASK om hierdie skrywe (van die Sinode van Wes-Transvaal oor die vulling van vakatures in poste vir predikante in algemene sinodale diens) in gedagte te hou wanneer hy in die toekoms aan hierdie saak aandag moet gee." (Hand AS 1990 bl 712: 2.2.2)

1.34.2 Die ASK het die versoek in gedagte gehou (vgl ook 2.16).

## 1.35 TENTMAKERBEDIENING

### 1.35.1 Die Algemene Sinode het besluit:

"Die Algemene Regskommissie kry opdrag om saam met die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening riglyne vir die implementering van die tentmakerbediening voor te berei vir voorlegging aan die ASK om met volmag af te handel." (Hand AS 1990, bl 714)

1.35.2 Hierdie opdrag is uitgevoer en afgehandel.

## 1.36 TEOLOGIESE STUDENTE EN LEGITIMASIE

### 1.36.1 Die Algemene Sinode het besluit:

"Die hele aangeleentheid ten opsigte van die weerhouding van legitimasie wanneer teologiese studente verder studeer, word na die Algemene Regskommissie verwys. Nadat oorleg gepleeg is met die Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding, word die ooreenkoms wat bereik is, wat as 'n tussentydse reëling kan geld, vir goedkeuring aan die ASK voorgelê." (Hand AS 1990, bl 718)

1.36.2 AKTO doen oor hierdie saak direk aan die Algemene Sinode verslag.

# 2. ANDER SAKE WAT DIE AANDAG VAN DIE ASK GENIET HET

## 2.1 DIE RUSTENBURGSE KERKEBERAAD

Die konferensie van nagenoeg 100 kerke in Suid-Afrika, waaronder die Ned Geref Kerk, wat in November 1990 by Rustenburg gehou is - en daarna as die Rustenburgse Kerkeberaad bekend geword het - het groot woelinge in die kerk veroorsaak. Tydens dié beraad het prof WD Jonker, wat nie 'n amptelike afgevaardigde van die Ned Geref Kerk na die beraad was nie maar 'n genooide spreker, persoonlik en "plaasvervangend namens die Ned Geref Kerk en die Afrikaners as geheel" skuldbelydenis oor apartheid gedoen. Die amptelike afgevaardigdes van die Ned Geref Kerk, prof PC Potgieter, dr DJ Hattingh, dr P Rossouw en dr FM Gaum, het hulle daarna met die belydenis wat prof Jonker ten opsigte van die Ned Geref Kerk en apartheid gedoen het, vereenselwig omdat dit, het hulle verklaar, ooreenstem met wat die Algemene Sinode in Oktober 1990 oor apartheid besluit het.

Die vier Moderature van die Transvaalse sinodes het hierna daarop aangedring dat 'n spoedige vergadering van die ASK gehou word "om die aangeleentheid rondom die Kerkeberaad op Rustenburg te bespreek ten einde duidelike leiding aan die kerk te gee." Dié vergadering het op 4 Desember 1990 plaasgevind. In 'n verklaring wat daarna uitgereik is, het die ASK onder andere verklaar:

"* Die ASK volstaan met die besluite van die Algemene Sinode soos vervat in **Kerk en Samelewing 1990** en doen 'n ernstige beroep op lidmate en kerkrade om dit in samehang met mekaar te verstaan.

* Die skuldbelydenis van prof WD Jonker moet gesien en beoordeel word teen die agtergrond van die besluite van die Algemene Sinode.

* Prof Jonker was nie 'n amptelike afgevaardigde van die Ned Geref Kerk nie, maar is deur die reëlingskomitee van die Kerkeberaad as spreker genooi. Dit het hom vrygestaan om in sy persoonlike hoedanigheid 'n skuldbelydenis oor apartheid te doen. Hy het egter nie 'n opdrag gehad om dit namens die Ned Geref Kerk te doen nie.

* In sy belydenis oor apartheid, het prof Jonker hom op die besluite van die Algemene Sinode beroep, ofskoon hy nie die hele verband van die Sinode se besluite vermeld het nie.

* Die ASK oordeel dat die afvaardiging van die Ned Geref Kerk tydens die Kerkeberaad by die besluite van die Algemene Sinode gebly het toe hulle verklaar het dat prof Jonker hom, vir sy skuldbelydenis oor apartheid, beroep het op die besluite van die Algemene Sinode, hoewel ook die afvaardiging nie die hele verband van die Sinode se besluite vermeld het nie. Dit kon by lidmate verwarring veroorsaak het.

* Die ASK neem kennis van die Deklarasie van Rustenburg en onderskryf die voorbehoude van die afvaardiging van die Ned Geref Kerk in 'n persverklaring dat hy die Deklarasie ondersteun in die mate wat dit ooreenstem met die besluite wat die Algemene Sinode oor die betrokke sake geneem het."

## 2.2 DIE "VOORTSETTINGSKOMITEE"

Op 1 Desember 1990 het daar 'n massavergadering in Pretoria plaasgevind by watter geleentheid ds JE Potgieter, prof PJ Kleynhans en dr AP Treurnicht opgetree het en sterk standpunt ingeneem het teen die besluite van die Algemene Sinode oor apartheid en die "belydenis van Rustenburg". Die ASK het besluit dat hy die "Voortsettingskomitee" wat by dié massavergadering aangewys is, sou ontmoet as die komitee daarvoor sou vra.

In die jare wat gevolg het, het die ASK en sy Dagbestuur dikwels en lang samesprekings met die Voortsettingskomitee gevoer sonder dat tot 'n aanvaarbare vergelyk gekom kon word. Uiteindelik het die ASK ingestem dat die Voortsettingskomitee 'n stuk van beperkte lengte kan opstel, dat dit as bylae tot die ASK-verslag in die Agenda van die Algemene Sinode van 1994 opgeneem word, en dat die Sinode besluit hoe hy die bylae wil hanteer. Die Voortsettingskomitee se memorandum is as Bylae ASK-7 aan hierdie verslag geheg.

### 2.2.1 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode neem die "Voortsettingskomitee" se memorandum (Bylae ASK- 7) in behandeling.**

## 2.3 DIE AFRIKAANSE GEREFORMEERDE BOND (AGB)

Soos met die Voortsettingskomitee, is meermale deur die ASK en die Dagbestuur lang samesprekings met die AGB gevoer ten einde te probeer om rustigheid in die kerk te bring en onduidelikhede wat oor **Kerk en Samelewing. 1990** bestaan het, op te klaar. Daar kon nie oor kernsake eenstemmigheid bereik word nie, en uiteindelik is 'n soortgelyke reëling as met die Voortsettingskomitee getref. Die ASK het ingestem dat die AGB 'n stuk van beperkte lengte kon opstel, dat dit as bylae tot die ASK-verslag in die Agenda van die Algemene Sinode van 1994 opgeneem word, en dat die Sinode besluit hoe hy die bylae wil hanteer. Die AGB se memorandum is as Bylae ASK-8 aan hierdie verslag geheg.

### 2.3.1 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode neem die AGB se memorandum (Bylae ASK-8) in behandeling.**

## 2.4 SKAKELING MET DIE OWERHEID EN POLITIEKE ORGANISASIES

### 2.4.1 GESPREKKE

Die ASK-Subkommissie vir Skakeling met die Owerheid (wat uit die hele Dagbestuur bestaan het) het in die afgelope vier jaar dikwels met die owerheid en politieke organisasies geskakel. Die verskillende organisasies is op die hoogte gebring met die Ned Geref Kerk se siening van onder meer politieke modelle en van die owerheid, soos vervat in **Kerk en Samelewing 1990**, par 274 - 302. Aandag is ook gegee aan die politieke beleidstandpunte van die verskillende groepe en 'n poging is aange-

wend om dit saam met die betrokkenes aan die eise van die Skrif te toets. Met die voortslepende geweld in Suid-Afrika - en die eskalasie daarvan en dreigemente van burgeroorlog - het die Dagbestuur alle pogings aangewend om 'n bemiddelende rol te speel.

Deur die jare is etlike gesprekke met mnr FW de Klerk, mnr Nelson Mandela, wyle dr AP Treurnicht, dr Ferdi Hartzenberg, genl Constand Viljoen, dr Mangosuthu Buthelezi, mnr Eugene Terre'Blanche en van hulle senior partygenote gevoer. Daar was ook pastorale gesprekke met Parlementslede wat lidmate van die Ned Geref Kerk is. Die Dagbestuur het meestal die indruk gekry dat sy bemoeienis waardeer word, en glo dat dit ook vrugte afgewerp het.

#### 2.4.2 REFERENDUM 1992

Daar was in 1992 van verskillende kante druk dat die Ned Geref Kerk hom tydens die Referendum van daardie jaar ten gunste van 'n "ja-" of 'n "nee"-stem moes uitspreek. Die ASK het egter geoordeel dat die vraag waaroor gestem moes word, 'n partypolitieke leier direk betrek het, en dat dit nie op die weg van die kerk lê om lidmate te adviseer om na die een of ander kant te stem nie.

#### 2.4.3 VERKIESING 1994

'n Versoek dat ampsdraers van die Ned Geref Kerk betrokke moet raak by die monitering van die Algemene Verkiesing in 1994, is deur die ASK van die hand gewys omdat die verkiesing uiteraard polities omstrede was en die kerk nie daarby betrokke kon raak nie. Daar is ook geoordeel dat die Ned Geref Kerk nie amptelik by 'n "opvoeding tot demokrasie"-program betrek kon word nie, maar dat lidmate as burgers van die land aangemoedig moes om aan sulke programme deel te neem. 'n Herderlike Brief is voor die verkiesing deur die ASK aan gemeentes gestuur met die versoek dat dit van die preekstoel af voorgelees word.

#### 2.4.4 BELASTING OP KERKLIKE EIENDOM

In 'n stadium was daar sprake dat belasting op kerklike eiendom gehef sou word, en dit het onder sowat alle kerke vir heelwat onrustigheid gesorg. Afvaardigings van kerke, wat verteenwoordigers van die Ned Geef Kerk ingesluit het, het met die betrokke ministers beraadslaag, en uiteindelik is aan die ASK gerapporteer dat vir die huidige afgesien is van wetgewing wat belasting op kerklike eiendom moontlik sou maak. Die voorsitter van die Algemene Kommissie vir Fondse, ds PSHF Strümpfer - wat ook lid van die ASK is - is versoek om 'n oog in die seil te hou en het die ASK ingelig gehou oor nuwe verwikkelings.

#### 2.5 BIDDAE

Daar was dikwels versoeke dat die ASK biddae moet uitroep - vir reën, vir vrede, vir 'n "goeie" afloop van die verkiesing. By verskeie geleenthede het die ASK of die Dagbestuur gehoor gegee aan sulke versoeke, en meermale ook saam met ander kerke 'n oproep tot gebed en verootmoediging tot die mense van ons land gerig.

## 2.6 AANSLUITING VAN SWAZILAND REFORMED CHURCH BY NED GEREF KERK

Voelers is in 'n stadium van die kant van die Swaziland Reformed Church uitgesteek om by die Ned Geref Kerk aan te sluit nadat die SRC deur die NG Kerk in Afrika uitgestoot is. Die SRC het egter met heelwat probleme te kampe gekry en sy voorlopige aansoek teruggetrek.

## 2.7 HERSIENING VAN PSALMS

Verslae oor die vordering met die nuwe Psalmberyming het van tyd tot tyd voor die ASK gedien. Nadat die Geref Kerke in Suid-Afrika in 1990 besluit het om nie langer saam te werk nie, het hulle Algemene Sinode gelukkig in 1994 besluit om die samewerking voort te sit - en in die paar jaar tussen-in het lidmate van die Geref Kerke as waarnemers die vergaderings van die Psalmberymings-kommissie bygewoon sodat hulle nie tred verloor het met die verloop van sake nie. Vooraanstaande Afrikaanse digters en musici is by die beryming betrokke, en daar kan met verwagting uitgesien word na die voltooiing van die werk binne die volgende paar jaar.

## 2.8 BELEID EN STRATEGIE TEN OPSIGTE VAN GODSDIENSUITSENDINGS

#### 2.8.1 SAUK

Die Ned Geref Kerk se kerkvergaderings het oor die jare dikwels besluite geneem waarin groot dank teenoor die openbare uitsaaier, die SAUK, uitgespreek is vir die baie uitsaaityd wat oor die radio en die televisie aan die godsdiens gegee is. Hierdie waardering bestaan steeds.

Omstandighede is aan die verander. Die Godsdiens-uitsaaibeleid van die SAUK word deur die SAUK-Raad hersien en in die lig van die veranderde situasie, ook ten opsigte van die SAUK-Raad, sal dit waarskynlik anders lyk as wat tans die geval is. In die formulering van dié beleid word kerke en godsdiensgroepe se menings en kommentaar ook verkry. Die nuwe beleid word, na verneem word, in Januarie 1995 in werking gestel.

In die verlede het die SAUK gebruik gemaak van "gespreksgroepe", waarin verteenwoordigers van verskil-lende kerke sitting gehad en die SAUK oor gods-diensuitsendings geadviseer het. Vier verteenwoordigers van die Ned Geref Kerk in Transvaal, OVS, Natal en Kaapland was lede van dié gespreksgroepe. Hierdie gespreksgroepe het in feite opgehou bestaan en is omskep in 'n Godsdiensuitsaaiforum. Dié Forum het as lede verteenwoordigers van alle godsdienste in die land, en nie net die openbare uitsaaier nie, maar ook private uitsaaiers is daarby betrokke.

Die lid wat die Noord-Transvaalse Sinode as Transvaalse verteenwoordiger in die Afrikaanse gespreksgroep van die SAUK benoem het, dr PJC Loots, is in die Godsdiensuitsaaiforum gekoöpteer.

**2.8.2 AANBEVELINGS**

**2.8.2.1 Die Algemene Sinode spreek waardering teenoor die SAUK uit vir die goeie uitsaaityd wat hy as openbare uitsaaier tot hiertoe aan godsdiens beskikbaar gestel het (vgl ook Bibliathon '91 en Bibliathon '94) en vra dat dit sal voortduur.**

**2.8.2.2 Die Algemene Sinode wens prof PC Potgieter hartlik geluk met sy aanstelling in die Raad van die SAUK, en bid hom wysheid toe om sy verantwoordelikhede daar tot eer van die Here en heil van die kerk na te kom.**

**2.8.2.3 Die Algemene Sinode besluit dat die Ned Geref Kerk se verteenwoordiger in die Godsdiensuitsaaiforum (of die liggaam wat in die plek daarvan tot stand kom) gereeld aan die Algemene Kommissie vir Kerklike Media (AKKM) verslag moet doen oor die Forum se doen en late.**

**2.8.2.4 Die Algemene Sinode besluit dat die AKKM in die toekoms verteenwoordigers van die Ned Geref Kerk in uitsaailiggame wat daarvoor vra en waar die Ned Geref Kerk se teenwoordigheid wenslik is (soos die SAUK, Radiokansel en Christen-Netwerk) moet benoem.**

**2.8.3 RADIOKANSEL**

Die verslag en aanbevelings van die ASK se verteenwoordiger in Radiokansel se Direksie is as Bylae ASK-9 aan hierdie verslag geheg.

**2.8.3.1 AANBEVELINGS**

**2.8.3.1.1 Die Algemene Sinode bedank Radiokansel vir die ruim geleentheid wat aan leraars en lidmate van die Ned Geref Kerk gegee word om die evangelie oor die radio uit te dra.**

**2.8.3.1.2 Die Algemene Sinode bid die direksie en personeel van Radiokansel die seën van die Here toe en versoek gemeentes om gereeld vir Radiokansel te bid.**

**2.8.3.1.2 Die Algemene Sinode versoek Radiokansel om 'n lid van die Algemene Kommissie vir Kerklike Media in sy direksie te benoem.**

**2.8.4 CHRISTEN-NETWERK TV (CNW TV)**

Die verslag en aanbevelings van die ASK se verteenwoordiger in Christen-Netwerk TV se Teologiese Beleidsraad is as Bylae ASK-10 aan hierdie verslag geheg.

**2.8.4.1 AANBEVELINGS**

**2.8.4.1.1 Die Algemene Sinode spreek waardering uit vir die inisiatief wat uit ons kring aan die dag gelê is met die stigting van Christen-Netwerk TV en die verkryging van die steun en samewerking van 'n groot aantal kerke, en moedig lidmate aan om CNW TV te ondersteun.**

**2.8.4.1.2 Die Sinode is dankbaar dat die evangelie nou ook oor die senders van M-Net uitgesaai word en spreek sy waardering daarvoor teenoor M-Net uit.**

## 2.9 VERSLAG: SUBKOMMISSIE VIR KAPELAANSDIENSTE

**2.9.1 PERSONEEL**

Die lede van die Subkomissie is ds F Swanepoel (voorsitter), ds PSHF Strümpfer, dr THN Sadler, ds RP Jordaan (SAW), ds ED Botha (SAP) en ds JJF Bezuidenhout (DKD).

**2.9.2 OOREENKOMSTE**

In opdrag van die Algemene Sinode is die ooreenkomste met die onderskeie departemente deeglik hersien (Hand AS 1990, 1.47.2, bl 513). Na voorlegging aan die ARK is die ooreenkomste deur die Dagbestuur van die ASK gefinaliseer en onderteken.

**2.9.2.1 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode gee volmag aan die ASK om die ooreenkomste tussen kerk en staat met betrekking tot kapelane na die eis van omstandighede te hersien.**

**2.9.3 NAME VIR GROSLYS VIR DIE BEROEPING VAN KAPELANE**

Dit was die gebruik om 'n lys van name van leraars wat geskik geag is vir 'n kapelaanspos, op te stel. Name is deur kommissies deurgestuur en is onder andere deur die Aktuarius gekeur. Die ASK se Subkommissie vir Kapelaansdienste het gevra dat dié reëling moet verval, en tans is alle gelegitimeerdes beroepbaar as kapelane.

**2.9.4 SALARISSE**

Vanweë sekere verwikkelinge in staatsdepartemente het daar dispariteit ontstaan tussen die vergoeding van 'n kapelaan en 'n leraar. Die ASK het die Subkommissie en die Algemene Kommissie vir Fondse versoek om deurlopend die vergoedingspakkette van gemeenteleraars en kapelane te vergelyk en met die betrokke owerhede te onderhandel as daar dispariteit sou ontstaan.

**2.9.5 MISSIE**

Die Subkommissie het sy missie soos volg geformuleer:

* 1 Tree koördinerend op tussen die kerk en die kapelaansdienste van die verskillende magte/dienste en die kapelaansdienste onderling.

* 2 Onderhandel met die kapelaansdienste om toe te sien dat kapelane van die kerk binne die voorskrifte van die Belydenisskrifte, Kerkorde en Bepalinge, asook die beleid van die kerk, optree.

* 3 Behartig die belange van die kapelane by al die betrokke instansies.

* 4 Streef daarna dat alle lidmate van die kerk onder beheer van die onderskeie magte/dienste toegespitste gemeentelike bediening ontvang.

* 5 Hou die kerk ingelig oor die werksaamhede van die kapelaansdienste in die onderskeie magte/dienste.

**2.9.6 KAPELAAN BY NASIONALE INTELLIGENSIEDIENS**

Nadat ds Dürr Botha 'n beroep aanvaar het as polisiekapelaan, is dr JA Laubscher in 1993 as kapelaan van Nasionale Intelligensiediens benoem. Dit is gedoen in ooreenstemming met die besluite van die Algemene Sinode van 1990 (Hand AS 1990, 9.5.2.1 - 9.5.2.2, bl 542).

**2.9.7 RAAD VIR CHRISTELIKE KAPELAANSDIENSTE**

'n Pragtige ontwikkeling by die Suid-Afrikaanse Weermag was die stigting van die Raad vir Christelike Kapelaansdienste. Die grondwet van die Raad is deur meer as dertig meewerkende kerke aanvaar. Ds Pierre Jordaan, die Kapelaan-generaal van die SAW, wat die saak geïnisieer het, is ook as die eerste voorsitter verkies. Die Ned Geref Kerk is deur ds Freek Swanepoel verteenwoordig. Tans word die moontlikheid ondersoek dat verteenwoordigers van die kapelaansdienste van die SA Polisie en Korrektiewe Dienste ook in die Raad sitting kan neem.

**2.9.7.1 AANBEVELINGS**

*** 1 Die Raad vir Christelike Kapelaansdienste word deur die Algemene Sinode ryke seën toegebid.**

*** 2 Die Algemene Sinode benoem die Subkommissie vir Kapelaansdienste se voorsitter (prim) en die ondervoorsitter (sek) as verteenwoordigers van die Ned Geref Kerk in die Raad vir Christelike Kapelaansdienste.**

**2.9.8 SAMESTELLING**

Die Subkommissie bestaan tans uit vyf lede deur die ASK benoem, en die Kapelaan-generaal.

**2.9.8.1 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit om die kapelaan by die Nasionale Intelligensiediens in die Subkommissie vir Kapelaansdienste te benoem indien hy 'n lidmaat van die Ned Geref Kerk is.**

**2.9.9 VERSLAG VAN DIE KAPELAANSDIENSTE**

**2.9.9.1** Departement van Korrektiewe Dienste

**2.9.9.2** SA Polisie

**2.9.9.3** SA Weermag

**2.9.9.4** Nasionale Intelligensiediens

In die lig van die veranderende situasie ten opsigte van kapelaansdienste, word die verslae as laatstukke aan die Algemene Sinode voorgelê.

**2.9.9.5 AANBEVELING**

**2.9.9.5.1 Dank en gelukwense**

**Die Algemene Sinode betuig sy dank en waardering teenoor die volgende leraars wat as Kapelaans-generaal gedien het en erken hulle aandeel aan die uitbreiding van God se koninkryk deur die onderskeie kapelaansdienste:**

*** FJ Ollewagen, Departement Korrektiewe Dienste: 1978-1993**
*** FJ van Eeden, SA Polisie: 1991-1993.**
*** RP Jordaan, SA Weermag: 1990-1994**

**2.9.9.5.2 Die Algemene Sinode betuig sy opregte dank teenoor die SA Weermag, die SA Polisie en die Departement van Korrektiewe Dienste, waarbinne die kapelaansdienste funksioneer, vir hulle samewerking en ondersteuning oor baie jare.**

**2.9.9.5.3 Die volgende leraars wat tans as hoofde van die onderskeie kapelaansdienste optree, word die Here se seën toegebid:**

*** JJF Bezuidenhout, Direkteur Godsdienssorg, Departement van Korrektiewe Dienste**
*** JHJ de Witt, Kapelaan-generaal, SA Nasionale Weermag**
*** ED Botha, wn Hoofkapelaan, SA Polisiediens**

## 2.10 VERSLAG: SUBKOMMISSIE VIR INLIGTING EN EKUMENE

Die Kommissie vir Inligting en Ekumene dien as subkommissie van die ASK. Lede van die Dagbestuur van die ASK dien in die kommissie. Daar is gereeld verslag gegee aan die ASK, wat die deurgee van inligting na buite betref, sowel as die aanknoop en handhawing van ekumeniese betrekkinge.

Oor die werk van die afgelope vier jaar word soos volg verslag gedoen:

**2.10.1 PERSONEEL**

Lede van die Dagbestuur van die ASK dien in die Subkommissie.

Dr Pierre Rossouw, wat sedert 1980 as predikant in Algemene Sinodale Diens met opdrag Inligting en Ekumeniese Betrekkinge die kerk gedien het, het teen die einde van 1991 geëmeriteer. Hy het uitmuntende diens gelewer en talle inisiatiewe waarvan die vrugte nou nog gepluk word, geneem.

Sedert 1 Januarie 1992 behartig prof PGJ Meiring, op 'n deeltydse basis, die verantwoordelikheid van die kantoor vir Inligting en Ekumene. Volgens ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria, mag prof Meiring veertig persent van sy tyd in diens van die Algemene Sinode gebruik.

**2.10.1.1 AANBEVELINGS**

**2.10.1.1.1 Die Algemene Sinode besluit om sy dank en hoë waardering teenoor dr Pierre Rossouw uit te spreek vir sy getroue, gespesialiseerde en toegewyde diens in belang van die Ned Geref Kerk en sy ekumeniese verhoudinge. Dr en mev Rossouw word 'n geseënde en aangename rustyd toegewens.**

**2.10.1.1.2 Dank word teenoor die Universiteit van Pretoria uitgespreek vir die reëling wat ten opsigte van die dienste van prof PGJ Meiring getref is.**

**2.10.2 INLIGTING**

Inligting oor die Ned Geref kerk is op die volgende maniere versprei:

**2.10.2.1 Opdrag van die Algemene Sinode**

Die versameling en verskaffing van inligting is vir die Ned Geref Kerk van wesenlike belang. Die Algemene Sinode se Kommissie vir Inligting en Ekumene dra in dié verband 'n dubbele verantwoordelikheid om inligting na binne en na buite te kanaliseer. Aan die een kant is dit nodig dat inligting van wat op breeër kerklike terrein gedoen en gesê word, aan die Ned Geref Kerk deurgegee word. Aan die ander kant is dit net so nodig om inligting van alles wat binne die Ned Geref Kerk gebeur, na buite uit te dra. Die inligtingsaksie van die kerk geskied op talle maniere: die ontvang van besoekers, beantwoording van navrae, media-skakeling, hulp aan studente, optredes by talle vergaderings, 'n dokumentasiediens, die publikasie van die kwartaalblad DRC News, asook die verspreiding van 'n aantal belangrike publikasies vanuit die Ned Geref Kerk.

**2.10.2.2 Besoekers**

Die kantoor vir Inligting en Ekumene ontvang gereeld 'n groot aantal besoekers vanuit die binneland sowel as die buiteland. In die besoekersboek van die kantoor staan die name van persone wat die afgelope twee jaar aangemeld het: kerklike amptenare, ekumeniese leiers, ambassadeurs, akademici, studente, joernaliste, politici, en nog vele meer. Uit die groot totaal van 348 besoekers het die meerderheid uit die buiteland gekom, uit 'n groot verskeidenheid van lande: Duitsland, Nederland, Engeland, Ierland, Skotland, Noorweë, Swede, Denemarke, Finland, Pole, Hongarye, Tsjeggo-Slowakye, Roemenië, Rusland (verskeie republieke), Frankryk, Italië, Spanje, Switserland, Israel, die Verenigde State van Amerika, Kanada, Chili, Australië, Sri Lanka, Indië, asook van Afrika-lande soos Namibië, Zimbabwe, Zambië, Botswana, Swaziland, Lesotho, Mosambiek, Malawi, Zaire, Nigerië. Talle binnelandse gaste het die kantoor ook besoek, dikwels om inligting oor die Ned Geref Kerk te bekom, advies te vra of om skakeling met die kerk te vind.

**2.10.2.3 Beantwoording van navrae**

Per telegram, faks en veral oor die pos word heelwat navrae oor 'n wye verskeidenheid sake ontvang én hanteer. Soms lewer die navrae verrassende resultate op. In 1993 het die kantoor, byvoorbeeld, op versoek van twee Skotse predikante 'n omvattende verslag van die optrede van die Ned Geref Kerk op sosio-politieke terrein in ons land saamgestel. Die verslag is deur die twee predikante na die sinode van die Kerk van Skotland geneem, met die gevolg dat 'n sterk veroordelende voorstel voor die sinode, met 'n positiewe en bemoedigende besluit vervang is.

**2.10.2.4 Joernaliste, koerante en die media**

Met joernaliste en ander media-mense probeer die kantoor goeie verhoudings handhaaf. Inligting word verskaf en skakelwerk word gedoen. Ook dié werk lewer dikwels goeie resultate op in die vorm van artikels, berigte, radio- en televisieprogramme waarin aandag vir die werk van die Ned Geref Kerk gevra word.

**2.10.2.5 Studente**

Van tyd tot tyd meld studente uit die binne- én buiteland aan wat hulp met die skryf van skripsies, verhandelinge of navorsingsprojekte benodig. Ons help graag.

**2.10.2.6 Uitnodigings om op te tree**

Dr Rossouw, en later prof Meiring, het talle uitnodigings aanvaar om voor gehore, tydens kongresse of konferensies inligting oor te dra. Geleenthede om tydens besoeke in die buiteland informasie te verskaf was daar ook in Athene, tydens die vergadering van die Gereformeerde Ekumeniese Raad (1992), asook in Nederland tydens die sitting van die ICRC (1993). Gedurende Januarie 1993 is prof Meiring genooi om 'n referaat te lewer tydens 'n colloquium in die Senaat in Parys, oor: "Verhoudings tussen Frankryk en 'n veranderende Suid-Afrika".

**2.10.2.7 DRC News**

Heelwat aandag is aan die rasionalisering en opdatering van die adreslys van die DRC News, die Engelse inligtingsblad van die Ned Geref Kerk, gegee. Die blad verskyn vier maal per jaar en gee 'n oorsig van die werksaamhede van die kerk, stel die kerk se standpunt oor relevante sake, en publiseer interessante dokumente van die Ned Geref Kerk.

**2.10.2.8 Dokumentasiediens**

In samewerking met AKLAS en met die Instituut vir Sendingwetenskaplike en Ekumeniese Navorsing (ISWEN) aan die Universiteit van Pretoria, word koerantberigte, dokumente, verslae en artikels oor talle sake wat die kerk raak, sowel as 'n uitvoerige bibliografie oor ekumeniese sake, bewaar en beskikbaar gestel.

**2.10.2.9 Ander publikasies**

'n Aantal belangrike publikasies vanuit die Ned Geref Kerk is aan ander kerke en organisasies gestuur. Die brosjure **Church and Society 1990** het veral gunstige reaksie van kerke uit talle lande ontlok, uit Europa, Amerika, Afrika en die Ooste. Die Geref Kerk in Japan het dit selfs in Japannees vertaal. Uitgebreide kommentaar is van die Evangeliese Kerk in Duitsland en die Gereformeerde Kerke in Nederland ontvang. Ook die inligtingsbrosjure van die kerk, **DRC Information Booklet**, die eietydse geloofsverantwoording, **So glo ek**, sowel as **Ecumenical Panorama** is met belangstelling en dank deur talle kerke en kerkleiers ontvang.

# 3. EKUMENE

## 3.1 BEKENDSTELLING VAN DIE EKUMENIESE BELEID

Die ekumeniese beleid wat deur die Algemene Sinode, Bloemfontein 1990, goedgekeur is, kon die afgelope vier jaar in die praktyk uitgetoets word. Daar kan gerapporteer word dat die beleid slaag, dat dit die weg waarlangs die kerk met talle ander kerke verhoudings kan aanknoop, duidelik uitgestippel het.

Of alle ekumeniese kommissies op sinode-, rings- en gemeentevlak optimaal funksioneer, bly egter 'n vraag. Om die kerk veral op plaaslike vlak te probeer inspireer en ook toe te rus vir sy ekumeniese verantwoordelikheid, is verskeie aksies geloods:

* Op 21 September 1992 is 'n geslaagde werkswinkel oor die ekumeniese beleid van die Ned Geref Kerk by die Universiteit van Pretoria aangebied. Die werkswinkel, wat gesamentlik deur die Subkommissie vir Ekumene en die Teologiese Fakulteit Pretoria aangebied is, het as tema gehad: "Die Ned Geref Kerk en ander kerke: hoe maak ons?" Ongeveer 150 persone wat sinodale, rings - en gemeentelike ekumeniese kommissies verteenwoordig het, het uit alle dele van die land gekom. Tydens die konferensie is die behoefte aan 'n omvattende ekumeniese handleiding vir die Ned Geref Kerk sterk beklemtoon.

* Juis om bogenoemde behoefte op te vang, het 'n aantal dosente aan die Teologiese Fakulteit, Pretoria, met groot ywer aan die werk gespring. Die omvattende handleiding **"Een liggaam, baie lede. Die Kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-Afrika"** (onder redaksie van Dionne Crafford en Gustav Gous), 'n boek met 497 bladsye, beantwoord aan 'n groot behoefte. Positiewe kommentaar is ook van ander kerke ontvang. 'n Grootskaalse aksie om die boek in die geledere van die Ned Geref Kerk bekend te stel, is aan die gang. Daar is egter nog 'n behoefte aan 'n kort, bondige handleiding wat deur plaaslike gemeentelike kommissies vir ekumene gebruik kan word.

* In 'n hele aantal artikels in boeke, tydskrifte en koerante, is die noodsaaklikheid van ekumeniese verhoudings beklemtoon én die Ned Geref Kerk se beleid in dié verband verduidelik.

* Die ekumeniese beleid van die Ned Geref Kerk het die afgelope tyd as onderwerp van 'n aantal akademiese skripsies en doktorale proefskrifte gedien. Die ekumeniese kantoor het graag sy medewerking verleen.

#### 3.1.1 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit om die gebruik van die handleiding "Een liggaam, baie lede" sterk by gemeentes, ringe en sinodes aan te beveel.**

## 3.2 BINNELANDSE EKUMENE

Wat kerklike verhoudings in die binneland betref, het baie deure die afgelope jare vir ons kerk oopgegaan. In uitvoering van die ekumeniese beleid van ons kerk, is daar die afgelope vier jaar aan die volgende aandag gegee:

### 3.2.1 TUSSENKERKLIKE KOMMISSIE VAN DIE DRIE AFRIKAANSE KERKE

* Die TKK waarin verteenwoordigers van die Ned Geref Kerk tesame met dié van die Ned Herv Kerk in Afrika en die Geref Kerke in Suid-Afrika dien, het die afgelope vier jaar reëlmatig vergader - soms gesamentlik en soms bilateraal.

* Die ekumeniese beleid van die Ned Geref Kerk asook die besluite van die Algemene Sinode van Bloemfontein (1990) is voor die TKK gelê. (Hand AS 1990: bl 543: 3.19.5.9)

* Die erns waarmee die Ned Geref Kerk Kerkeenheid tussen die drie kerke bejeën en die teleurstelling wat daar by ons leef omdat daar nog nie ver genoeg gevorder is op die pad van strukturele eenheid nie, is deeglik onder die aandag van die TKK gebring. Die TKK het onderneem om die sake wat deur die Ned Geref Kerk geopper is, op die agenda van die TKK te hou. Ook die Ned Herv Kerk en die Geref Kerke het die kans gebruik om, na hulle onderskeie sinodes afgehandel is, mededelings wat al drie kerke raak, te doen.

- Aan heelwat sake is die afgelope vier jaar aandag gegee:

- Evaluering van die werk van die TKK: Vorder ons op die pad na eenheid?

- Praktiese en historiese faktore wat die proses van eenheid beïnvloed.

- Wat die belydenisskrifte oor eenheid sê: standpunte van die drie kerke.

- Moontlike verskille in Skrifbeskouing.

- Samewerking op grondvlak.

* Daar moet egter met teleurstelling gemeld word dat daar nie so ver met die gesprekke gevorder is dat daar aan die versoek van die Algemene Sinode "dat daar reeds by die volgende Algemene Sinode met daadwerklike voorstelle gekom moet word" (Hand 1990: bl 543: 3.19.5.9.7) gehoor gegee kon word nie.

* Aan die versoek van die Sinode "om benewens die TKK ook ander weë te vind waardeur skakeling en eenheidsbelewing met die Geref Kerke in Suid-Afrika en die Ned Herv Kerk in Afrika gesamentlik en afsonderlik gerealiseer kan word" (Hand 1990: bl 543: 3.19.5.9.11) kon wel uitvoering gegee word.

#### 3.2.1.1 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit om die TKK te versoek om nie net leerstellige en ander sake wat met die verhouding tussen die drie**

**Afrikaanse kerke te make het, op sy agenda te plaas nie, maar ook ander sake van gemeenskaplike belang, wat goedskiks deur die drie kerke saam behandel kan word.**

## 3.3 BILATERALE GESPREKKE; GROETEBOODSKAPPE

Die afgelope vier jaar is daar talle interessante bilaterale gesprekke met verteenwoordigers van die volgende kerke in ons land gevoer: Presbiteriaanse Kerk, Congregational Kerk, Anglikaanse Kerk, Church of England in South Africa, Metodiste-Kerk, Lutherse Kerk, die Calvyn-Protestantse Kerk, die Afrikaanse Protestantse Kerk, die Vrye Gereformeerde Kerk, die Rhema Bible Church, Hatfield Baptist Church, die Apostoliese Geloofsending, die Rooms-Katolieke Kerk en die Grieks-Ortodokse Kerk. Sommige van die gesprekke het op 'n ad hoc-basis plaasgevind, ander vind op 'n gereelde basis plaas, waartydens 'n reeks belangrike sake - ook leerstellige sake - deurlopend aandag geniet.

Die afgelope vier jaar is die Ned Geref Kerk genooi om by die opening van die sinodes of konferensies van 'n hele aantal kerke teenwoordig te wees en om groeteboodskappe te bring. Die warm, hartlike verhouding wat daar tussen die Ned Geref Kerk en die meeste kerke in ons land bestaan, kon op dié wyse verstewig word.

Die afgelope vier jaar is daar op verskillende maniere met 'n aantal binnelandse ekumeniese liggame geskakel:

### 3.3.1 EVANGELICAL FELLOWSHIP OF SOUTH AFRICA

Hierdie liggaam bestaan uit 19 kerke en 25 sendingorganisasies wat daarna streef om eenheid onder evangelies-gesinde gelowiges uit te bou, om saam die waarheid van die evangelie in alle sfere van die samelewing uit te dra. EFSA het sterk bande met die Association of Evangelicals of Africa, en met die World Evangelical Fellowship. Samesprekings is by 'n paar geleenthede met die sekretaris van EFSA gehou. Die Ned Geref Kerk het ook uitnodigings aanvaar om die jaarlikse konferensies van EFSA as gaste by te woon.

### 3.3.2 THE ECUMENICAL FOUNDATION OF SOUTHERN AFRICA

Drie jaar gelede is die Ecumenical Foundation, wat by die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Wes-Kaap gehuisves is, met finansiële hulp vanuit Duitsland gestig. Die Ecumenical Foundation het hom die afgelope tyd veral op die gebied van ontwikkeling en bestryding van armoede begewe. Twee simposia, in die Kaap (1992) en in Johannesburg (1993), is gehou, waarheen die Ned Geref Kerk ook uitgenooi is.

### 3.3.3 DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE

Die Algemene Sinode van 1990 het besluit om vir waarnemerstatus aansoek te doen. Die Dagbestuur van die SARK het, na gesprekke met die Ned Geref Kerk, besluit om dit aan te beveel. Tydens die jaarlikse konferensie van 1991 is die vergadering veral deur stemme uit die NG Kerk in Afrika en NG Sendingkerk oorreed om dit nie toe te staan nie. Tydens die 1992- en 1993-konferensies het die Ned Geref Kerk die saak nie verder gevoer nie. Die algemene gevoel was dat, namate die verhoudings binne die NG Kerkfamilie verbeter en die proses van kerkeenheid vorder, meer duidelikheid oor lidmaatskap van die SARK verkry sal word. Op persoonlike, informele, vlak is die verhouding tussen die SARK en die Ned Geref Kerk baie goed. Raadpleging en samewerking, waar moontlik, is aan die orde van die dag.

Intussen word daar binne die geledere van die SARK ernstig nagedink oor die huidige struktuur, missie en optrede van die organisasie. 'n Spesiale taakgroep is gevorm wat reeds vér gevorder het met sy werk. Die SARK het topswaar geword. 'n Veel kleiner sentrale organisasie met sterker streeksorganisasies - wat elk soveel kerke as moontlik moet probeer inskakel - word in die vooruitsig gestel. Daar word ook dringende vrae oor die projekte en programme van die verlede gevra. Nuwe projekte word oorweeg. Die hoop is deur meer as een amptenaar van die SARK uitgespreek dat dit vir talle kerke wat nog nie amptelik by die SARK kon inskakel nie - die Rooms-Katolieke Kerk, die Ned Geref Kerk en talle Evangeliese en Pinksterkerke - in die toekoms makliker sal wees om saam te werk.

Met die oog op ontwikkelinge binne die SARK en ook binne die Ned Geref Kerkfamilie, kon die ASK nie vroeër vanjaar al 'n aanbeveling aan die Algemene Sinode ten opsigte van waarnemerstatus by die SARK formuleer nie. 'n Aanbeveling met die nodige motivering sal as laatstuk by die Algemene Sinode ingedien word.

#### 3.3.3.1 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode neem die laatstuk in verband met die Ned Geref Kerk se aansoek om waarnemerstatus by die SARK in behandeling.**

## 3.4 KERKLIKE ALLIANSIE VAN SUID-AFRIKA

KASA is in Junie 1988 in Johannesburg gestig, met die hoofdoel om binne die Suid- Afrikaanse situasie die stem van die kerk van Christus duidelik hoorbaar te maak. Die Algemene Sinode van 1990 het besluit om 'n persoon aan te wys om as waarnemer in die Raad van KASA te dien. Intussen het die organisasie opgehou om te funksioneer. (Sien 2.5)

## 3.5 'N BERAAD VAN GEREFORMEERD/PROTESTANTSE KERKE IN SUIDER-AFRIKA

Die Sinode van 1990 het dit aan die ASK opgedra om die Sinode van 1994 met advies te dien oor die wenslikheid en aard van 'n Beraad van Gereformeerde/Protestante Kerke in Suider-Afrika. (Sien ook 1.6)

## 3.6 SUIDER-AFRIKAANSE BOND VAN GEREFORMEERDE KERKE

Die SABGK, die Suider-Afrikaanse afdeling van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, het tussen 1991 en 1994 'n aantal kere vergader om die posisie van die Ned Geref Kerk na die opskorting van die kerk se lidmaatskap te Ottawa (1982) te bespreek. Informele gesprekke met die bestuur van die SABGK is ook gevoer. (Sien ook 2.10.3.8.6)

## 3.7 INTERKERKLIKE BYEENKOMSTE EN PROJEKTE

Die afgelope jare was die Ned Geref Kerk dikwels genooi om deel te hê aan interkerklike byeenkomste en konsultasies, sowel as aan 'n aantal ekumeniese projekte. Die belangrikste van dié byeenkomste en projekte was die volgende:

### 3.7.1 "VISION '94"

'n Belangrike byeenkoms waaraan verteenwoordigers van 40 kerke en organisasies deelgeneem het, is die "Vision '94"-byeenkoms in Johannesburg. Die konferensie is saamgeroep na aanleiding van talle oproepe wat deur kerkleiers en politici gedurende 1993 gemaak is, dat 'n geleentheid geskep behoort te word waartydens Christene opnuut kan besin oor wat dit beteken om "sout" en "lig" in ons tyd, in ons besondere omstandighede, te wees. Prof PGJ Meiring was in die reëlingskomitee benoem. Prof PC Potgieter het aan die program deelgeneem en dr J Botha en ds F Swanepoel het elk een dag lank die konferensie bygewoon. Dit was 'n goeie byeenkoms, wat vir die deelnemers baie beteken het. Die konferensie se visie van hoop sal gedurende die volgende maande aan die breër kerklike gemeenskap in ons land deurgegee word.

### 3.7.2 POGINGS TOT BEMIDDELING

Die afgelope twee jaar was daar telkens oproepe van die kant van die breër kerklike gemeenskap in ons land dat die Ned Geref Kerk moet meedoen aan pogings tot bemiddeling tussen botsende politieke groepe, vakbondorganisasies, ensovoorts. Sommige van die pogings het inderdaad baie goeie vrugte afgewerp. Verslag oor dié optredes is gereeld aan die ASK gedoen.

## 3.8 BUITELANDSE EKUMENE

### 3.8.1 SKAKELING MET BAIE KERKE WêRELDWYD

Die afgelope vier jaar is daar met talle kerke in baie lande kontak onderhou. Soms was die kontak intensief en oor 'n lang tydperk, ander kere weer deur besoeke oor en weer. Met sommige kerke was die kontak veral deur korrespondensie.

Na jare het die gesprek tussen die Ned Geref Kerk en die Gereformeerde Kerke, Nederland, weer op gang gekom. Tydens 'n besoek wat proff Potgieter en Meiring aan Nederland gebring het (om die vergadering van die International Conference of Reformed Churches (ICRC) in Zwolle by te woon, 1 - 9 September 1993) kon 'n vrugbare gesprek met die Moderamen van die GKN plaasvind.

Ook met verteenwoordigers van die Gereformeerde Kerke (Vrygemaak) en die Christelike Gereformeerde Kerke is ontmoetings gereël. 'n Jaar tevore, op pad terug van die GER in Athene (Junie 1992), het die Ned Geref Kerk-afvaardiging 'n besoek aan die Katolieke Sekretariaat vir Ekumene (Vatikaan, Rome) gebring.

Afgesien van die buitelandse kerke met wie ons via die Federale Raad kontak het, is hetsy deur formele gesprekke, besoeke oor en weer, of korrespondensie met die volgende kerke geskakel: United Reformed Church in England; Baptist Union of Great Britain; Free Church of Scotland; Church of Scotland; Gereformeerde Kerke, Nederland; Gereformeerde Kerke (Vrygemaak) Nederland; Christelike Gereformeerde Kerk, Nederland; Evangelische Kirche Duitsland; Morawiese Kerk, Duitsland; Evangeliese Kerk, Oostenryk; Evangeliese Metodiste Kerk, Italië; Rooms-Katolieke Kerk; Evangeliese Prebiteriaanse Kerk, Portugal; Onafhanklike Evangeliese Kerk, Frankryk; Die Gereformeerde Kerk, Frankryk; Die Switserse Evangeliese Kerk; Die Lutherse Kerk, Finland; Kerk van Swede; Die Lutherse Kerk, Noorweë; Die Hongaarse Gereformeerde Kerk, Roemenië; Ortodokse Kerk, Georgië (Rusland); Ortodokse Kerk, Finland; Christian Reformed Church in North America; Orthodox Presbyterian Church of North America; Reformed Church in Canada; Reformed Church, Argentina; United Church in Australia; Reformed Church of Australia; Dutch Reformed Church, Sri Lanka; Church of Christ, Filippyne; Metodiste-Kerk, Noord-Indië; Kerk van Noord-Indië; Presbyterian Church in Taiwan; Kiribati Protestant Church; Reformed Church in Japan; Presbyterian Church in Korea; Methodist Church - Zambia; United Church in Zambia; Evangeliese Lutherse Kerk, Tanzanië; Reformed Church of East Africa; Reformed Church in Zaire; Christian Reformed Church in Zaire; Die Eglise Reforméé Confessante au Zaire; Dutch Reformed Church in Zaire; Eglise Protestante, Algerië.

### 3.8.2 EKUMENIESE LIGGAME IN AFRIKA

Twee ekumeniese liggame is vir die Ned Geref Kerk van belang:

#### 3.8.2.1 Die Association of Evangelicals in Africa (AEA)

Hierdie organisasie doen baie goeie werk om evangelies-gesinde kerke saam te snoer. Die Algemene Kommisie vir Sending en Evangelisasie onderhou noue bande met die AEA. Die Algemene Sekretaris, dr T Adeyemo, besoek ons land van tyd tot tyd en het reeds by verskeie geleenthede groepe predikante en studente toegespreek.

#### 3.8.2.2 Die All Africa Conference of Churches (AACC)

In 1991 het 'n groep dosente van die Ned Geref Kerk se teologiese fakulteite in Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein die hoofkantoor van die AACC in Nairobi besoek. 'n Vrugbare, weeklange werkswinkel met 'n groep teoloë vanuit die hele Afrika het die Ned Geref Kerk se teoloë die kans gegee om talle nuwe insigte te verkry en kontakte te smee. Die besoek is deur die Instituut vir Kontekstuele Hermeneutiek aan die Universiteit van Stellenbosch gereël.

Prof PC Potgieter het 'n uitnodiging ontvang om die vergadering van die AACC in Harare by te woon (Oktober 1993). Tot ons groot teleurstelling is die uitnodiging as gevolg van besware vanuit 'n onbekende bron 'n paar weke voor die byeenkoms teruggetrek.

### 3.8.3 DIE GEREFORMEEDE EKUMENIESE RAAD (GER)

Vir die Ned Geref Kerk beteken sy lidmaatskap van die GER veel. Sedert 1946 toe drie Gereformeerde kerke besluit het om die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in die lewe te roep, het die organisasie tot 'n ekumeniese liggaam gegroei wat - al is dit een van die kleineres - goed ses miljoen lidmate verteenwoordig.

#### 3.8.3.1 Athene 1992

Ongeveer honderd afgevaardigdes uit 'n dertigtal kerke vanuit Europa, Amerika, Afrika, Asië en Oseanië het die vierjaarlikse algemene vergadering van die GER in Athene bygewoon. Van hulle was 55 stemhebbende lede, die res adviseurs, sprekers, waarnemers en besoekers. Onder die Suid-Afrikaanse afvaardigings was dié van die Ned Geref Kerk, die NG Kerk in Afrika, die RCA (wat tydens die vergadering weer hertoegelaat is nadat die RCA agt jaar gelede hulle eie lidmaatskap opgeskort het) asook twee sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (die sinodes Soutpansberg en Middellande). Die NG Sendingkerk, wat hom aan die GER onttrek het, was afwesig.

Die afgevaardigdes van die Ned Geref Kerk het uit die volgende lede bestaan: proff PC Potgieter, JA Heyns, PGJ Meiring, dr THN Sadler (almal stemhebbend) asook proff DA du Toit en HC van Zyl (adviserend). In die Moderamen (wat na afloop van die vergadering as Interimkomitee bly voortbestaan) is die volgende persone verkies: ds Henk de Waard (Australië), ds Foston Sakala (Zambië), dr John Hulst (VSA), ds Charles Jansz (Sri Lanka) en prof Piet Meiring (RSA). Die sittingsduur is onder meer op grond van die versoek van die Algemene Sinode van 1990 (Hand AS 1990, bl 551) verkort.

Die GER het vir die eerste keer onder die nuwe naam waarop tydens die Harare-vergadering (1988) besluit is, vergader: Die Gereformeerde Ekumeniese Raad (nie meer Sinode nie). Aan 'n hele aantal sake is aandag gegee:

*** 1 Die lidmaatskap van die Gereformeerde Kerke, Nederland**

Reeds by die vergaderings van die GER in Nimes (1980), Chicago (1984) en Harare (1988), is sekere standpunte van die GKN - veral ten opsigte van hulle Skrifbeskouing, hermeneutiese kwessies en homoseksualisme - sterk veroordeel. Die GKN het nie gehoor gegee aan die versoek van Harare om sy standpunte oor dié sake te herroep nie, wat die Athene-vergadering voor die keuse gestel het: moes die GKN se lidmaatskap beëindig of opgeskort word? Een praktiese probleem was dat die konstitusie van die GER nie voorsiening gemaak het vir die opskorting van die lidmaatskap van 'n lidkerk nie.

Na 'n lang en dikwels pynlike debat is besluit om die lidmaatskap van die GKN te handhaaf, en dit aan die Interimkomitee op te dra om 'n moontlike konstitusiewysiging wat wel vir die opskorting van lidmaatskap voorsiening maak, voor te berei.

*** 2 Die Belydenis van Belhar**

Alhoewel die meerderheid van die afgevaardigdes van mening was dat Belhar as een van die belydenisskrifte van die GER aanvaar moes word, kon die tweederde-meerderheid wat vir 'n konstitusiewysiging nodig was, nie verkry word nie.

*** 3 Rassisme, apartheid en die Ned Geref Kerk**

Dit was te verwagte dat rasseverhoudings in Suid-Afrika na die besluite van die Algemene Sinode 1990 en die politieke ontwikkeling in ons land, sedert Februarie 1990, hoog op die agenda sou staan. Die voorstelle wat uiteindelik voor die vergadering gedien het, het verassend min teenkanting uitgelok. Die Ned Geref Kerk-afgevaardigdes kon, met die besluite van die Sinode van 1990 agter hulle, met vrymoedigheid vir die besluite stem.

*** 4 Spesiale projekte**

Die GER gee deurlopend aandag aan 'n hele aantal spesiale projekte, op teologiese sowel as op praktiese terreine. 'n Hele aantal bruikbare studiestukke en boeke het reeds onder die vaandel van die GER die lig gesien. 'n Studiestuk oor **Hermeneutics and Ethics** waaraan proff Danie du Toit (US) en Dirkie Smith (UWK) meegehelp het, sowel as 'n gids oor **Sexuality, Marriage and Family Life**, asook 'n boek oor **Facing the Challenge of Secularism** wat spesiaal met die oog op Athene geskryf is, het heelwat aandag gekry. Ook die sendingbeleid van die GER, diakonale projekte wat deur die GER en sy lidkerke onderneem word, radiowerk, jeugwerk, ensovoorts, het onder die vergrootglas gekom.

*** 5 Beskrywingspunt, ASK**

Tydens die vergadering in Athene het 'n beskrywingspunt wat deur die ASK deurgestuur is, gedien, waarin gevra is dat die GER "die uniekheid van Jesus Christus as enigste Redder en die Christelike geloof as die enigste ware godsdiens van redding en versoening tussen God en mens ondubbelsinnig moet betuig."

Die GER het positief gereageer en drie besluite in dié verband geneem (Acts, bl 74, 83):

* Die GER bevestig dat die uniekheid van Christus duidelik in die Belydenis van die GER (Basis of the REC, Art II) uitgespel word.

* Die GER oordeel dat die "Statement on Mission" nog sterker gestel moet word, deur 'n ekstra paragraaf by te voeg:

"Despite the fact that the unique character of the Christain faith is questioned in some circles, the church testifies clearly to the uniqueness of Christ. He is the only

Mediator between God and the human race (I Timothy 2:5, John 14:6). Jesus is therefore not to be regarded as one religious teacher among many, but as the One who alone is to be trusted and worshipped. He is the unique Savior of the world."

* Die GER het besluit om 'n komitee te benoem om 'n studiedokument op te stel waarin die uniekheid van Christus duidelik gestel word, en waarin kennis geneem word van die gedagterigtings van 'n anonieme Christendom en sinkretisme.

**3.8.3.2 Grand Rapids 1996**

Die volgende vergadering van die GER sal DV in Grand Rapids (VSA) plaasvind. Dit sal 'n heuglike byeenkoms wees wanneer die GER sy halfeeu sal vier.

**3.8.3.3 Interimkomitee, Pretoria (1993) en Geneve (1994)**

Die Interimkomitee van die GER het gedurende Mei 1993 in die Sinodale Sentrum, Pretoria, vergader. Aan heelwat sake kon aandag gegee word. 'n Vrugbare gesprek is met die Dagbestuur van die ASK gevoer. Ook met ander kerke in ons land is samesprekings gereël. Tydens 'n besoek aan Oos-Transvaal kon onder meer die sendinguitreiking van die Ned Geref Kerk onder Mosambiekse vlugtelinge op die grens tussen die Krugerwildtuin en Mosambiek besigtig word.

Die volgende vergadering van die Interimkomitee vind in Junie vanjaar in Geneve plaas. Op pad na Switserland sal prof Meiring, saam met ds F Sakala van Zambië, besoeke aan lidkerke in Oos-Afrika bring.

**3.8.3.4 AANBEVELING**

**Die Sinode besluit om sy lidmaatskap van die Gerefomeerde Ekumeniese Raad te kontinueer en om 'n afvaardiging van hoogstens ses persone na die 1996-vergadering (te Grand Rapids) te stuur.**

**3.8.4 INTERNATIONAL CONFERENCE OF REFORMED CHURCHES (ICRC)**

Die ICRC het vanaf 1 tot 10 September 1993 te Zwolle (Nederland) vergader. Proff PC Potgieter en PGJ Meiring het die vergadering as waarnemers bygewoon. Dit was die derde byeenkoms van die ICRC wat nou ongeveer tien jaar bestaan en wat veral deur die inisiatief van die Gereformeerde Kerke, Nederland (Vrygemaak) en die Free Church of Scotland tot stand gekom het. Onder die 15 lidkerke tel veral kerke wat hulle nie (meer) tuis voel in die GER nie, asook ander meer fundamentalistiese kerke uit Skotland, Ierland, die VSA en ander wêrelddele. Sommige van die kerke (die Vrygemaakte Geref Kerke, die Christelike Gereformeerde Kerk, die Presbiteriaanse Kerk in Korea) is redelik groot, ander is maar baie klein met slegs 'n paar duisend lidmate.

Die agenda het hoofsaaklik vier aspekte gedek: rapporte, bekendstelling van die onderskeie kerke, geleentheid om mekaar te leer ken, en teologiese voordragte.

Die waarnemers van die Ned Geref Kerk het tot die oortuiging gekom dat, hoewel ons waardering het vir die verbondenheid van die ICRC-kerke aan die Gereformeerde leer en tradisie, die ICRC nie werklik 'n ekumeniese liggaam genoem kan word nie. Die vergadering is veel meer 'n werkswinkel van eendersdenkendes, wat min behoefte aan kontak met mense wat nie presies binne hulle definisie van Gereformeerd pas nie, openbaar. Die Ned Geref Kerk sou om verskeie redes - veral omdat ons lid van die GER is en boonop vroue tot die ampte toegelaat het - ook nie vir volle lidmaatskap kwalifiseer nie.

**3.8.4.1 AANBEVELING**

**Die Sinode besluit om nie aansoek te doen om lidmaatskap van die ICRC nie, maar om wel per korrespondensie op die hoogte met die werk van die ICRC te bly.**

**3.8.5 DIE WêRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE (WBGK)**

Die oudste Protestantse ekumeniese liggaam, die WBGK, is reeds in die vorige eeu gestig. In 1875 het afgevaardigdes van 21 Presbiteriaanse en Gereformeerde kerke in Londen besluit om 'n "Alliance of Reformed Churches holding the Presbyterian System" in die lewe te roep. Die amptelike stigting het in Julie 1877 te Edinburgh (Skotland) plaasgevind. Veral gedurende die 20ste eeu het die organisasie vinnig gegroei - onder meer deur die feit dat Kongregasionalistiese kerke mettertyd ook hulle pad na die liggaam gevind het. Vandag bestaan die WBGK, wat sy naam in 1970 na die "World Alliance of Reformed Churches" verander het, uit meer as 160 kerke. Dertien van dié kerke is in Suider-Afrika, en vorm saam 'n streekliggaam, die Suid-Afrikaanse Bond van Gereformeerde Kerke. Die huidige algemene sekretaris is dr Milan Opencensky, 'n Tsjeggiese predikant. Die hoofkantoor is in Genéve, Switserland.

Die Ned Geref Kerk is jare lank reeds by die WBGK betrokke. Die Kaapse Kerk het reeds in 1876 besluit om deel te wees van die organisasie, terwyl die Transvaalse en Natalse Sinodes mettertyd dié voorbeeld gevolg het. Ook die Ned Herv Kerk van Afrika was tot 1982 lid. Na dié eenwording van die Ned Geref Kerk (1962) het die Algemene Sinode in 1966 besluit om lid van die WBGK te word.

Sedert die jare sewentig moes die Ned Geref Kerk en die Ned Herv Kerk dikwels swaar kritiek weens hulle rassebeleid - veral die teologiese begronding van apartheid - vanuit die kring van lidkerke van die WBGK verduur. In 1982, by die Ottawa-vergadering van die WBGK is die drastiese stap geneem om die lidmaatskap van die twee kerke op te skort en is daar, wat die veroordeling van apartheid betref, op 'n "status confessionis" besluit - apartheid, is gesê, is 'n saak waaroor dit nie moontlik is om te verskil, sonder dat die integriteit van ons gemeenskaplike Gereformeerde belydenis op die spel geplaas word nie. As die twee Afrikaanse kerke wel aan drie vereistes sou voldoen, sou hulle lidmaatskap "met warmte" herstel word. Die drie vereistes van Ottawa was:

1. Die toelating van swart Christene tot eredienste en nagmaalsvierings;
2. daadwerklike hulp aan mense wat as gevolg van die onreg van apartheid ly;
3. die verwerping van apartheid op kerklike en politieke terreine.

Die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk was ontsteld oor die opskorting van lidmaatskap en het in 1986 die verbreking van bande met die WBGK oorweeg - maar kon nie die vereiste twee-derde meerderheid vir so 'n besluit kry nie. Die Algemene Sinode het egter wel besluit om sy nuwe beleidstuk **Kerk en Samelewing 1986** aan die WBGK te stuur en ontwikkelinge af te wag.

By die volgende volvergadering van die WBGK te Seoul (1989) is besluit om nie die opskorting van die Ned Geref Kerk se lidmaatskap op te hef nie. Kerk en Samelewing 1986 was nie voldoende bewys daarvan dat die Ned Geref Kerk hom op 'n nuwe weg begeef het nie. Die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk het 'n jaar later (1990) sy teleurstelling met die besluit van Seoul geboekstaaf. Die Algemene Sinode het besluit om die nuwe uitgawe van **Kerk en Samelewing 1990** aan die WBGK deur te stuur en om, wat lidmaatskap betref, steeds 'n afwagtende houding in te neem.

Die Ned Geref Kerk is in Maart 1992 genooi om 'n konferensie van die Suider-Afrikaanse Bond van Geref Kerke (streekliggaam van die WBGK) in Johannesburg by te woon, waar die Ned Geref Kerk se lidmaatskap opnuut onder die loep sou kom. Die Ned Geref Kerk se afvaardiging het bestaan uit prof PC Potgieter, prof JA Heyns, dr FM Gaum en prof PGJ Meiring. Na 'n deeglike bespreking van die eise wat in 1982 deur Ottawa gestel is, het die Ned Geref Kerk-afvaardiging die volgende verklaring uitgereik:

"RESPONSE BY THE DELEGATION

1. We appreciate the fact that the Executive as well as some member churches of WARC devoted themselves to a thorough study of the DRC's policy document on Church and Society. We have carefully taken note of the critique levelled against the document on many issues and shall bring it to the serious attention of our General Synod.

2. We recognise that, in view of changing circumstances as well as of criticisms received, the policy document will probably have to be rewritten in the future. We, however, hope that this exercise will not be undertaken by the DRC on its own, but as a joint venture of the DRC family.

**OTTAWA**

1. Ottawa 1982 declared that the DRC will be restored to full privileges of membership of the WARC if "Black Christians are no longer excluded from church services, especially from Holy Communion".

We can give the consultation the assurance that the DRC is an open church and that congregations that, for whatever reason, fail to open their doors to whoever applies for membership, or as a visitor enters a service of worship, or wants to take part in Holy Communion, does that in contravention of the DRC's stated policy. For so long as the DRC is still a separate church, it will be an open church; when we are a unified church with the other churches of the DRC family, this will naturally be no issue of importance any longer.

2. Ottawa 1982 asked from the DRC "concrete support in word and deed to those who suffer under the system of apartheid ('separate development')".

2.1 The DRC has acknowledged that apartheid, as it was theologically justified and supported by the DRC, has largely contributed to a situation of unequal, unjust distribution of economic resources, which has led to the serious descrepancy in income, standard of living, unequal education and training between White and Black. The DRC has above all, compassion for the poverty and suffering of large numbers of people in our country and declares that it is prepared to co-operate in an ecclesiastical way in attempts to relieve the present need.

2.2 The per annum expenditure of the DRC for subsidising the ministry of the other members of the DRC family, rose from R17 405 397 (1986) to R22 743 429 (1990) to approximately R26 280 000 (1992).

2.3 There has been a notable willingness within the Family of Dutch Reformed Churches to work together in addressing especially the enormous poverty and unemployment in SA. An assignment of the 1982 Synod of the DRC, to strive towards a mutual Diaconate across its own borders, seems to be suddenly viable. A Declaration of Intent was accepted and signed by the delegates of the DRC, the DRMC, the DRCA and the RCA, and from this fact follows that the Diaconates of the Churches will unite. Accordingly, it is agreed that such a Diaconate will have two components, namely (a) Service of Mercy, and (b) Service of Righteousness. The term "Service of Mercy", refers to the organised welfare services, and the term "Service of Righteousness" (justice) refers to the initiation of community empowerment which will focus on primary social, economic, health and educational programmes.

2.4 The DRC will take serious note of the outcome of the research conducted by the DRCA, "The DRCA and its Community", and will take concrete steps as soon as possible to discuss this research with the DRCA.

2.5 The DRC is willing to build a real and meaningful relationship between the congregations of the DRC on the one hand and the DRCA, DRMC and RCA on the other hand, to overcome injustices and serious discrepancies which have been imposed on the people of SA.

2.6 Many congregations of the DRC throughout SA are involved in the creating of informal settlements and they are busy helping the people to escape from their "poverty culture" by means of food and clothing and even legal assistance. The consulting rooms of the social workers of the DRC are open to all people in need.

A lot of effort goes into the training of volunteers in the initiating of community development.

**2.7** It is the task and the calling of the Church to activate reconciliation and atonement on micro as well as macro level between the struggling parties in the country. This is the reason why members of the DRC are working together in an interdenominational initiative called Empowering for Reconciliation and Justice (ERJ)

**3.** Ottawa 1982 requested from the DRC "unequivocal Synodical resolutions which reject apartheid and commit the church to dismantling the system in both church and politics".

In our view, the General Synod of the DRC did just that when it declared that racism is a grievious sin, that apartheid is an oppressive system and must be rejected as sinful, and that all forms of discrimination and suppression of peoples are to be condemned (Bloemfontein 1990).

With regard to the question whether the situation of apartheid constitutes as "status confessionis" in the sense that "in this issue the confession of Jesus Christ is at stake", it must be acknowledged that there exists a difference of opinion between the interpretation of the DRC (and the Reformed Ecumenical Council) and the WARC regarding this matter. It will, however, remain on the agenda in our discussions with other members of the DRC family.

The DRC is committed to the dismantling of the system of apartheid in both church and politics. In our frequent discussions with political leaders we are candid about it and we have handed our General Synod's "Declaration of Christian Principles" to, amongst others, Pres FW de Klerk, and had talks with Mr N Mandela and Dr M Buthelezi. In the "Decalaration" it is stated "that laws (in a 'new South Africa') will not be discriminatory on the grounds of race, colour, sex, culture or religion"

**CHURCH UNITY**

Lastly, we want to assure this Consultation that the DRC is committed to the unity of the DRC family. We agree with the statement that this is the acid test whether the DRC has finally distanced itself from the racism of apartheid and we are willing to be part of this process. The meeting of the four General Synodical Commissions at Bloemfontein a fortnight ago was arranged with this in mind and we hope that the next meeting of the four Synodical Commissions in six months' time will be much more fruitful. Meanwhile we assure the DRCA and the DRMC of our prayers and good wishes on their process of unification.

We hope that these answers will satisfy the Consultation that there has indeed been in the DRC's attitude towards issues like apartheid a "fundamental shift" over the past years (as Dr Beyers Naude put it yesterday), and that it will be possible for the WARC to restore this Church as a full member of the Alliance."

Die ASK het by sy vergadering van Februarie 1993 homself met die verklaring vereenselwig. Die hoop is gekoester dat die verklaring die lug gesuiwer het en dat daar, wanneer die Uitvoerende Komitee van die WBGK in Julie 1993 in Stockholm (Swede) sou vergader, 'n positiewe besluit sou val. Dit het egter nie gebeur nie. Sekere positiewe ontwikkelinge binne die Ned Geref Kerk is wel met dankbaarheid opgemerk, vordering sedert 1982 het wel plaasgevind. Maar die vordering was nog nie genoeg nie; die Uitvoerende Komitee was nog nie oortuig daarvan dat die Ned Geref Kerk se verwerping van apartheid in teorie en praktyk onherroeplik en finaal was nie. Die Ned Geref Kerk sou hom ook met die "Status confessionis" van Ottawa moes vereenselwig. (Sien bylae ASK-11)

Heelwat briefwisseling het intussen gevolg waarin die Ned Geref Kerk aan die een kant sy ernstige teleurstelling met die besluit uitgespreek het en waarin, aan die ander kant, dr Opocensky die optrede van die Uitvoerende Komitee verduidelik het. Dat die WBGK graag die gesprek met die Ned Geref Kerk wil bly voortsit, blyk uit die briewe en uit persoonlike gesprekke met dr Opocensky.

Na 'n diepgaande diskussie oor die verloop van sake, het die ASK tydens sy vergadering in Maart 1994 besluit om die volgende aanbevelings aan die sinode voor te lê:

**3.8.5.1 AANBEVELINGS**

**3.8.5.1.1 Die Algemene Sinode onderskryf die "Response" van die Ned Geref Kerk se afvaardiging na die konferensie van die Suider-Afrikaanse Bond van Geref Kerke in Johannesburg, Maart 1992, waarmee die ASK hom ook vereenselwig het;**

**3.8.5.1.2 die Algemene Sinode besluit dat ekumeniese betrekkinge vir hom van die allergrootste belang is en dat hy alles in sy vermoë sal doen om bestaande betrekkinge te handhaaf en nuwes aan te knoop, maar verklaar -**

*** 1 dat hy diep ongelukkig voel met die optrede van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK) die afgelope jare wat die indruk wek dat die integriteit van die Ned Geref Kerk nie ernstig opgeneem word nie;**

*** 2 dat hy in alle beskeidenheid oordeel dat hy genoeg gedoen het sodat sy geskorste lidmaatskap van die WBGK opgehef kan word;**

*** 3 dat die Ned Geref Kerk na twaalf jaar se pogings om weer volledig lid van die WBGK te word, nie langer tevrede kan bly met 'n geskorste lidmaatskap nie;**

*** 4 dat die Ned Geref Kerk derhalwe uit die WBGK tree tensy daar tydens die vergadering van die Uitvoerende Raad van die WBGK in Julie 1995 'n herstel van status plaasvind;**

*** 5 dat, indien die moontlikheid in *4 hierbo 'n werklikheid word, die Ned Geref Kerk steeds met groot verlange uitsien na die dag wanneer hy 'n uitnodiging tot volle lidmaatskap van die WBGK ontvang.**

**3.8.6 DIE WêRELDRAAD VAN KERKE**

Die Ned Geref Kerk is sedert 1961, toe bande met die Wêreldraad van Kerke (WRK) gebreek is, nie meer lid van dié organisasie nie. As gevolg van talle faktore - besluite en aksies wat deur die WRK die afgelope jare geneem is én standpunte wat op teologiese gebied, onder andere dialoog met ander godsdienste, gestel is - sal die Ned Geref Kerk dit waarskynlik nie gou oorweeg om lid te word nie. Tog pas dit ons om op die hoogte te bly met ontwikkeling binne die grootste Protestantse ekumeniese wêreldliggaam.

Die afgelope jare was daar op informele wyse kontak tussen die Ned Geref Kerk en die WRK. Publikasies van die WRK is ontvang. Inligting oor die Ned Geref Kerk is beskikbaar gestel. Die DRC News word onder meer na die WRK gestuur. Die nuwe Algemene Sekretaris van die WRK, dr Konrad Raiser, het kort na sy ampsaanvaarding in 1993 'n besoek aan die Sinodale Sentrum gebring. Met die onlangsgehoue vergadering van die Sentrale Komitee van die Wêreldraad van Kerke te Midrand (20 - 28 Januarie 1994) is 'n vriendelike uitnodiging aan verteenwoordigers van die Ned Geref Kerk gerig om die byeenkoms as gaste by te woon. Tydens 'n onderhoud wat prof Meiring en ds Frans Maritz met dr Raiser gevoer het, het hy beklemtoon dat, alhoewel die Ned Geref Kerk nie 'n lid van die organisasie is nie, navorsers, studente en besoekers uit dié kerk te alle tye welkom by die WRK se kantore in Geneve sal wees. Indien die WRK deur sy komitees of personeel die Ned Geref Kerk van diens kan wees - of meehelp om kerklike verhoudings in die land te normaliseer - bied hulle dit graag aan.

## 4. PERSONEEL

Die personeel van die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) was die afgelope termyn soos volg (die name van persone wat in dié tyd af- of uitgetree het of oorlede is, word tussen hakies aangedui):

**MODERATUUR**

Prof PC Potgieter (voorsitter), prof JA Heyns (ondervoorsitter), dr THN Sadler (aktuarius), dr FM Gaum (skriba).

**VERKOSE OUDERLINGE**

Oudl (dr) WJ Botha, oudl (prof) AC Barnard, oudl HSJ Schoeman, oudl (genl) CL Viljoen, (oudl (prof) PB van der Watt).

**VERTEENWOORDIGERS VAN SINODES**

**Wes-Kaap:** Ds J van der Westhuyzen, prof P Coertzen, (dr DJ Hattingh, wyle ds TE Lombard). **Oos-Kaap:** Ds P Jordaan, dr JB Greeff (ds WJ le Roux). **Noord-Kaap:** Ds JGF Roelofse, ds H Roberts, (ds GFJ van Rensburg, ds JJ Vogel). **Oranje-Vrystaat:** Ds JHJ Oosthuizen, dr JJ van Rensburg (ds JE Lombaard). **Natal:** Ds LW Meyer, ds JR Murray, (ds TE Carpenter). **Wes-Transvaal:** dr HS Grobler, ds JvW du Plessis. **Noord-Transvaal:** ds PSHF Strümpfer, ds M Smuts jr, (ds C Colyn). **Suid-Transvaal:** dr WJ Bruwer, ds WC Goosen (ds GJ Erasmus). **Oos-Transvaal:** ds F Swanepoel, ds PL Bezuidenhout, (ds NJ Mostert). **Namibië:** ds AJ de Klerk, ds C Marais. **Midde-Afrika:** ds AS van Dyk, ds F Maritz.

**ADVISEREND:** Prof PGJ Meiring, (dr P Rossouw), ds PW de Wet, dr DF Theron, (dr MM Nieuwoudt), dr LC Dressel, dr EJ Hay, dr AM Hofmeyr.

**DIE DAGBESTUUR HET BESTAAN UIT:** Prof PC Potgieter, prof JA Heyns, dr THN Sadler, dr FM Gaum, ds F Swanepoel, ds J van der Westhuyzen, dr WJ Bruwer, (dr DJ Hattingh, ds GJ Erasmus), prof PGJ Meiring (dr P Rossouw).

Ds TE Lombard is tydens sy dienstyd in die ASK skielik oorlede.

Mag die Here die Algemene Sinode van 1994 ryklik seën!

PC POTGIETER Voorsitter: ASK
FM GAUM Skriba: ASK

# BYLAE ASK-1: BEGINSELVERKLARING VAN DIE AFVAARDIGINGS VAN DIE NG KERK IN AFRIKA EN DIE NG SENDINGKERK

## 1. OOR KERKEENHEID (Belydenis van Belhar 1986: punt 2: Hand NGSK 1986: bl 722)

### 1.1 Kerkvereniging

1.1.1 Die twee afvaardigings verklaar dit as hulle gemeenskaplike oortuiging dat die Bybelse leer oor die eenheid van die kerk en die gereformeerde opvatting oor die sigbare eenheid van die kerk gestalte moét vind in een enkele NG Kerkverband. Dit beteken dat die bestaande institute sal moet verenig in 'n enkele instituut, georganiseer volgens gereformeerde kerkreg en kerkverband. Rasse-oorwegings sal geen rol speel in die kerkregtelike inrigting van hierdie kerk nie. Taal- en kulturele verskille soos alle ander verskillende bedieningsbehoeftes mag nie hierdie eenheid van die kerk aantas nie, maar sal langs die gewone gereformeerde weë hanteer word en sal dien tot die onderlinge verryking binne die een enkele sigbare kerk.

1.1.2 Die twee afvaardigings verbind hulle gevolglik om hierdie proses tot eenwording aan die gang te sit en moedig alle strewes binne die kerk van die NG Kerkfamilie aan wat dié uiteindelike eenheid kan voorberei en dien.

1.1.3 Die twee afvaardigings bely gesamentlik hulle skuld aan die wyse waarop die twee Kerke toegelaat het dat daar 'n gebrek aan sigbare eenheid oor die jare heen binne die NG Kerkfamilie gegroei het en steeds bestaan.

## 2. OOR VERSOENING (Belydenis van Belhar 1986: punt 3: Hand NGSK 1986: bl 723)

2.1 Die twee afvaardigings verklaar dit as hulle hartlike oortuiging dat die styl van die kerk se optrede steeds dié van versoening, vrede en liefde behoort te wees. Die kerk is immers die unieke nuwe skepping van God, mense wat deur Christus se bloed met God en met mekaar versoen is en nou vrede het.

2.2 Die twee afvaardigings is daarby oortuig dat egte, geleefde versoening tussen die Christene van ons land ook nuwe lewensmoontlikhede sal bring in ons gepolariseerde samelewing, omdat mense wat tans van mekaar vervreem is en mekaar wantrou, vrees en selfs haat, dan mekaar sal leer vertrou, liefhê en dien.

2.3 Die twee afvaardigings bely dat God se Woord en Gees in staat is om mense so met mekaar te versoen ten spyte van alle natuurlike verskille tussen hulle en betreur dit dat hierdie versoening oor jare heen in ons land deur die gedwonge skeiding van apartheid en afsonderlike ontwikkeling bemoeilik en selfs menslik onmoontlik gemaak is.

2.4 Die twee afvaardigings is diep onder die indruk daarvan dat versoening nie die toesmeer van geskilpunte en die goedpraat van wat verkeerd is, beteken nie. Ons verklaar daarom dat 'n goedkoop versoening in ons land, wat sou neerkom op goeie gesindhede alleen en die eensydige geduldige verduring van onreg, sonder dat die onreg afgetakel word, nie die pad van Christelike versoening is nie.

2.5 Die twee afvaardigings is diep bewus daarvan dat 'n proses van ware versoening vir ons almal veel pyn sal meebring, en onder andere ook die aftakeling sal inhou van denk-, kerklike en samelewingstrukture wat oor baie jare heen gegroei het, maar is oortuig dat dit die eis van die evangelie vir ons almal is en verklaar daarom hulle bereidheid om dit saam met mekaar op hierdie weg te waag.

## 3. OOR GEREGTIGHEID (Belydenis van Belhar: 1986: punt 4: Hand NGSK 1986: bl 724)

3.1 Die twee afvaardigings bely dit as hulle oortuiging dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg.

3.2 Die twee afvaardigings herbevestig die verklaarde oortuigings van albei kerke dat die politieke-maatskaplike beleid en die bestel wat daardeur geskep is in ons land, bekend as apartheid (of watter ander benaming in die loop van die tyd daaraan gegee word: afsonderlike ontwikkeling, eie sake, ensovoorts), sonde is waardeur mense veronreg en hulle menswaardigheid aangetas word; dat dit daarom die beginsel van geregtigheid en naasteliefde verkrag; asook dat alle pogings om as sodanige politiek-maatskaplike beleid openlik of bedektelik of Bybelse gronde te regverdig, kettery is wat die Christelike godsdiens ongeloofwaardig maak.

3.3 Die twee afvaardigings verklaar dit as hulle gemeenskaplike oortuiging dat die Godgegewe waardigheid van die mens gerespekteer moet word; dat, ter wille van geregtigheid, die handhawing van menseregte daarom dringend in ons land nagestreef moet word, verkieslik in die vorm van 'n afdwingbare regskode wat die regte van ook die weerlose beskerm.

3.4 Die twee afvaardigings spreek hulle diepe besorgdheid uit oor die huidige spiraal van geweld in ons land; oor die strukturele onreg en geweld wat oor baie jare heen 'n ernstige aantasting van die menslike waardigheid is; oor die feit dat verreweg die meeste burgers van die land uitgesluit is van normale, ordelike,

politieke deelname, sodat by baie die gevoel groei dat geweldlose weerstand teen onreg al by herhaling ontgin is en tevergeefs gelyk het; oor die groot getalle aanhoudings om politieke redes en sonder verhoor insluitend die aanhouding van kinders, oor die feit dat die meerderheid van die bevolking in ons land nie vryelik kan deelneem aan die politieke debat nie, oor die talle voorvalle en gerugte van voorvalle van sowel rewolusionêre as onderdrukkende geweld in ons land; oor die gees van militarisme en gewelddadigheid in ons samelewing; oor die wyse waarop die leuen verkondig en die waarheid onderdruk word deur persbeheer, weerhouding van inligting, propaganda en die subtiele ideologiese indoktrinasie van die bevolking.

**3.5** Die twee afvaardigings bid saam om 'n spoedige ware vrede, gebou op geregtigheid; en roep alle lidmate op om ewe-eens daarvoor te bid en te werk.

Februarie 1993

# BYLAE ASK-2: ASK-KOMMENTAAR OP DIE BEGINSELVERKLARING VAN DIE NG KERK IN AFRIKA EN DIE NG SENDINGKERK

## 1. INLEIDING

Voordat in meer besonderhede op die Beginselverklaring gereageer word, die volgende algemene opmerkings:

**1.1** Die dokument is klaarblyklik opgestel in reaksie op apartheid en sy nalatenskap en is 'n verdere kommentaar op die Belhar-belydenis onder soortgelyke opskrifte: kerkeenheid (kerkvereniging), versoening en geregtigheid.

**1.2** Indien reaksie op apartheid die hoofrede vir 'n strewe na eenheid sou wees, sou dit neerkom op 'n ernstige verskraling van die Bybelse beginsels onderliggend aan die eise tot kerkeenheid, soos dit duidelik uiteengesit word onder andere in Joh 17, 1 Kor 12, 13 en Ef 4.

**1.3** Die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) stem in hoofsaak saam met wat in die Beginselverklaring oor die kwessie van apartheid gesê word, soos ook uiteengesit in die Belhar-belydenis, as 'n belangrike oorsaak van ons verdeeldheid. Met dit gesê, moet ons egter nou aandag gee aan die ontwikkelende post-apartheid-situasie en aan die oproep nie net tot restitusie nie, maar die ewe belangrike saak om te vergewe. Sowel ware restitusie as vergifnis is Christelike beginsels wat net verkry kan word deur die genadige inwerking van die Heilige Gees.

## 2. KERKVERENIGING

Soos in **Kerk en Samelewing 1990** gesê, aanvaar die ASK dit "as 'n saak van die grootste erns en in ooreenstemming met die gereformeerde sinodaal-presbiteriale opvatting van kerkverband, om aan die NG Kerkfamilie se wesenlike eenheid 'n vollediger sigbare uitdrukking te gee" (par 235). Ons glo dat die ASK met sy riglyne vir 'n model vir eenheid in die NG Kerkfamilie aangedui het in watter rigting daar na sy mening gewerk moet word: daar moet 'n dinamiese groeiproses aan die gang kom met oop strukture waardeur eenheid doelgerig bevorder kan word. Die kerke in ons Familie behoort 'n openheid ten opsigte van mekaar se behoeftes en omstandighede te openbaar en met begrip en liefde die pad verder saam te loop.

## 3. VERSOENING

Ons kan ons met die inhoud van hierdie paragraaf vereenselwig. As ons dissipels van Christus is, moet ons ons met mekaar versoen en uitstyg bo die gedurige beskuldigings en teenbeskuldigings. Hierdie paragraaf in die Beginselsverklaring dui in die rigting van die wedersydse liefde, hulpbetoning en respek wat ons so dringend nodig het.

Die ASK aanvaar die stelling in die Beginselverklaring dat apartheid, soos dit in ons land toegepas is, versoening tussen ons bemoeilik het.

## 4. GEREGTIGHEID

Die stelling in die Beginselverklaring dat God "in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg," sluit aan by **Kerk en Samelewing 1990**, par 149: "God is by uitnemendheid die Een wat vir die saak van die noodlydende en verontregte intree" en waarin God se volk (die kerk) opgeroep word om sy voorbeeld te volg. Hiermee word ander mense as noodlydendes natuurlik nie uitgesluit nie - in 'n baie besondere sin tree God immers vir die saak van al sy kinders in, wat hulle omstandighede ook al is. God is in Christus die Saligmaker van almal wat hulle vertroue in Hom stel.

Ons het 'n probleem met die woord "kettery" soos gebruik in par 3.2 van die Beginselverklaring. Tydens die streekbyeenkoms van die Wêreldbond van Geref Kerke in Johannesburg in Februarie 1993 is nadruklik te kenne gegee dat "kettery" in hierdie verband in sy klassieke betekenis verstaan moet word, bedoelende dat diegene wat apartheid openlik of bedektelik op Bybelse gronde probeer regverdig, kettery pleeg en ook hulle saligheid daardeur in die gedrang bring. Ons deel nie hierdie siening nie, maar aanvaar dat "enige poging van 'n kerk om so 'n sisteem (dit wil sê apartheid soos hy in die praktyk vorm aangeneem het) Bybels-eties te verdedig, as 'n ernstige dwaling beskou moet word, dit wil sê in stryd is met die Bybel" (**Kerk en Samelewing 1990**, par 285).

Wat in die Beginselverklaring oor respek vir die Godgegewe waardigheid van die mens en die handhawing van menseregte gesê word, kan die ASK onderskryf - vgl par 184 - 205 van **Kerk en Samelewing 1990**. Die strekking van par 3.4 kan ook onderskryf word, maar is gedeeltelik reeds deur die geskiedenis van die afgelope paar jaar agterhaal.

## 5. SLOTSOM

As die NG Kerkfamilie van mekaar "perfekte" belydenis, restitusie en vergifnis vereis voordat ons mekaar se bona fides wil aanvaar en nader aan kerkeenheid wil kom, sal ons daardie kerkeenheid waarskynlik nooit sien nie. Dit is tyd dat ons mekaar aanvaar as eerlikbedoelende broers en susters in die Here, dat ons die verlede agter ons moet laat en Rom 13:8, 12 op ons van toepassing moet maak: "Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê ... Die nag is byna verby; dit is amper dag ... Laat ons die wapens van die lig opneem."

# BYLAE ASK-3:
# KONSEP-KERKORDE VIR EEN KERK (NGSK EN NGKA)

## ARTIKEL 1

### DIE KERK

Die kerk van Jesus Christus is die gemeenskap van gelowiges wat deur die Woord van God en deur sy Gees byeengeroep word. Die byeengeroepenes wat die "Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" vorm, is deel van hierdie Kerk van Christus. Saam met al die ander kerke wat Christus bely, is hy deur God afgesonder, as eiendomsvolk van God wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat uit die duisternis roep tot die wonderbare lig, as 'n nuwe skepping wat in hierdie lig lewe soos Hy in die lig is.

## ARTIKEL 2

### DIE BELYDENIS VAN DIE KERK

Die "Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees wat Hom in Jesus Christus geopenbaar het. Hy glo dat die Bybel die Woord van God en die volkome betroubare getuie van hierdie openbaring is en aanvaar dat daar in bepaalde tye en in ooreenstemming met die Woord van God belydenisse ontstaan het wat die geloof van die Kerk van Christus vertolk.

Die "Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" aanvaar die ekumeniese belydenisse, te wete die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Belydenisse van Nicea en Athanasius, kragtens sy eie oorsprong glo die Kerk ook dat die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls suiwer uitdrukking aan sy geloof gee soos dit deur die geskiedenis aan hom oorgelewer is; die Kerk aanvaar verder die Belydenis van Belhar soos wat dit tans van hom in die Suider-Afrikaanse situasie vereis word.

Die "Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" aanvaar dat sy taak van belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en 'n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte, of die wysiging van bestaande belydenisskrifte.

## ARTIKEL 3

### LIDMAATSKAP VAN DIE KERK

Die geloof in Jesus Christus is die enigste voorwaarde vir lidmaatskap van die "Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika".

Aansluiting by hierdie Kerk deur persone van buite geskied deur 'n belydenis van geloof in teenwoordigheid van die gemeente.

Gedoopte kinders van belydende lidmate behoort kragtens die verbond van genade aan die kerk. Sodanige lidmate sal hulle lidmaatskap van die kerk bevestig deur die belydenis van hulle geloof in teenwoordigheid van die gemeente.

## ARTIKEL 4

### DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE GEMEENTE

Die gemeente vorm 'n gemeenskap van gelowiges op 'n bepaalde plek om God, mekaar en die wêreld te dien.

Die diens van God het betrekking op die totale lewe van die gemeente en sluit daarom ook die diens aan mekaar en aan die wêreld in. Hierdie diens van God vind sy kern in die samekomste van die gemeente rondom die Woord van God en die sakramente. Daar word God aanbid, sy lof verkondig, geluister na sy Woord, die sakramente bedien en alle nood voor God gebring om die gelowiges op te bou in hulle geloof en voor te berei vir hulle dienswerk aan mekaar en aan die wêreld.

Die gelowiges aanvaar onderling verantwoordelikheid vir mekaar in hulle geestelike en liggaamlike behoeftes. Die gemeente leef as 'n huisgesin van God waarin almal onlosmaaklik tot mekaar verbind is en in mekaar se vreugde en smart deel. Die een ag die ander hoër as homself en niemand sien slegs om na sy eie behoeftes nie, maar ook na dié van die ander. Sodoende dra hulle mekaar se laste en gee uitvoering aan die weg van Christus.

Die gemeente se diens aan die mensheid en die wêreld bestaan daarin om God se versoenende en bevrydende handelinge in en vir die wêreld te verkondig; om die liefde van Christus in die wêreld uit te leef; om die mensheid op te roep tot versoening met God en tot onderlinge versoening en vrede; om God wat op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte is, na te volg deur mense in enige vorm van lyding en nood by te staan en te getuig en te stry teen enige vorm van ongeregtigheid; om die regering en die owerhede op te roep om al die inwoners van die land te dien deur geregtigheid te laat geskied en ongeregtigheid te bekamp; om te getuig teenoor alle maghebbers, bevoorregtes en instansies wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.

## ARTIKEL 5

### DIE DIENSTE IN DIE GEMEENTE

Met die oog op die gemeente se diens aan God, onderlinge diens en diens aan die wêreld sal die gemeente bepaalde dienste in stand hou en sorg dra dat die hele gemeente met inagneming van die verskei-

denheid van gawes hierby ingeskakel word. Na gelang van sy eie omstandighede sal die gemeente die aard en die omvang van hierdie dienste bepaal, maar in elke geval sal die volgende dienste aanwesig wees:

* die erediens as die openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap waar die Woord van God en die sakramente van die doop en die nagmaal bedien, gebid, gesing en offergawes gebring word soos deur elke gemeente bepaal, maar met inagneming van die wyse waarop dit in ander gemeentes gedoen word, sodat ten alle tye gelowiges uit gemeentes onderling vrymoedig tot wedersydse bywoning sal behou.

* bo en behalwe die lering deur die Woord tydens die erediens, die onderrig in die Woord van God en die leer van die Kerk aan alle dooplidmate en ander persone wat openbare belydenis van geloof wil aflê en die voortgaande onderrig aan alle belydende lidmate op 'n wyse soos deur elke gemeente na gelang van eie omstandighede bepaal;

* as onderlinge en gesamentlike sorg vir mekaar, geestelik sowel as liggaamlik;

* die getuienisaksie wat op 'n georganiseerde wyse uitdrukking gee aan die gemeente se verantwoordelikheid om die Evangelie te verkondig aan die wêreld en die mensdom waarbinne hy leef.

* die diens aan alle noodlydendes en behoeftiges met wie die gemeente in aanraking kom.

## ARTIKEL 6

### DIE AMPTE IN DIE GEMEENTE

Ten einde die doeltreffendheid van die gemeente se dienswerk te verhoog, kan lidmate afgesonder word om, na gelang van die geestesgawes waaroor hulle beskik en die roeping daartoe wat hulle van Godsweë ontvang het, op 'n spesiale wyse diensbaar te wees in een of meer van die gemeente se dienste. Sodanige lidmate neem amptelik die leiding in die dienste waarvoor hulle afgesonder is. Die ampte van lerende en regerende ouderlinge en van diakens kan vir hierdie doeleindes aangewend word. Die ontwikkeling van ander ampte met die oog op die besondere omstandighede van die gemeente of gemeentes moet steeds in ag geneem word.

Alhoewel die amp van lerende ouderling of bedienaar van die Woord sy basis vind in die dienswerk binne die gemeente en die persone deur die gemeente self daartoe afgesonder word, stel hierdie amp sodanige vereistes dat spesiale toerusting vir en opleiding tot die amp noodsaaklik is. Hierdie toerusting en opleiding is die gesamentlike verantwoordelikheid van al die gemeentes aangesien die dienswerk van 'n bedienaar van die Woord nie beperk word tot die gemeente wat hom of haar daartoe afgesonder het nie, maar ook gebruik kan word in ander gemeentes wat hulle daartoe roep.

Aangesien die ampsdraers diens lewer in en aan die gemeente, besluit die gemeente self wie hierdie ampte moet vervul.

## ARTIKEL 7

### DIE REGERING VAN DIE GEMEENTE

Jesus Christus regeer die gemeente deur sy ampte . Omdat die amp van die gelowige die grondslag van alle ander ampte vorm, kies die gemeente self uit eie geledere van belydende lidmate ouderlinge en diakens om 'n kerkraad te vorm. Aan hierdie kerkraad word die regering, opsig en die tug oor die gemeente en die leiding ten opsigte van die verskillende dienswerke in die gemeente toevertrou.

Deur die kerkraad word:

* alle sake behandel wat die erediens, die onderrig, die gesamentlike sorg, die getuienisaksie en die diens van die gemeente raak;

* tug uitgeoefen oor lidmate van die gemeente, maar uitgesonder diegene wat in die ampte staan;

* prosedures en reëls vasgestel vir werksaamhede aan hom toevertrou.

Die kerkraad het die reg om 'n vergadering van die gemeente byeen te roep op 'n wyse soos deur elke gemeente bepaal.

## ARTIKEL 8

### DIE VERBAND TUSSEN DIE GEMEENTES

As uitdrukking van die eenheid van die kerk, kom die gemeentes, kragtens die bevel van Christus om mekaar te dien, in kerkvergaderings saam by wyse van verteenwoordiging soos deur elkeen van hierdie vergaderings bepaal, met die oog op gesamentlike beraadslaging oor sake wat al die gemeentes raak. In hierdie vergadering word die verband tussen die gemeentes sigbaar tot uitdrukking gebring. Twee sodanige vergaderings kan onderskei word: die ring en die sinode. Na gelang van omstandighede kan die sinodes 'n nouer of breër karakter aanneem. Binne die "Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" sal daar 'n algemene sinode en gebiedsinodes wees.

## ARTIKEL 9

### DIE RING

Verteenwoordigers van gemeentes kom as ring byeen op tye en op 'n wyse soos deur die verteenwoordigers bepaal. By hierdie vergadering word:

* beraadslaag oor gesamentlike optrede met die oog op die verantwoordelikheid van die gemeentes teenoor mekaar en teenoor die gemeenskap en samelewing waarbinne die gemeentes hulle bevind;

* beraadslaag oor die maniere waarop die gemeentes geestelik en materieel toegerus kan word met die oog op die gesamentlike dienswerk;

* verslag gedoen oor die wyse waarop aan die gemeentes se verantwoordelikhede uitvoering gegee is;

* tugsake in behandeling geneem met betrekking tot bedienaars van die Woord en diegene wat in 'n verkose amp staan;

* die stigting en ontbinding van gemeentes en die reëling van gemeentelike grense in behandeling geneem;

* sake hanteer wat in verband staan met die beroeping en emeritering van leraars;

* prosedures en reëls vasstel vir die werksaamhede aan hom toevertrou.

Die ressort van die ring word deur die gebiedsinode bepaal.

## ARTIKEL 10

### DIE GEBIEDSINODE

Die verteenwoordigers van gemeentes kom as gebiedsinode byeen op tye en op 'n wyse soos deur die gebiedsinode bepaal. By hierdie vergadering word:

* beraadslaag oor gesamentlike optrede deur die gemeentes met die oog op die werksaamhede wat nie deur die ringsverband behartig kan word nie;

* aandag gegee aan die besondere nood en behoeftes van gemeentes wat nie binne ringsverband hanteer kan word nie;

* prosedures en reëls vasgestel vir die werksaamhede aan hom toevertrou;

* ander sake wat deur die ringe na die gebiedsinode verwys is, in behandeling geneem;

Die ressort van die gebiedsinode word deur die algemene sinode bepaal.

## ARTIKEL 11

### DIE ALGEMENE SINODE

Verteenwoordigers van gebiedsinodes kom as algemene sinode byeen op tye en op 'n wyse soos deur die algemene sinode bepaal. By hierdie vergadering word alle sake in behandeling geneem wat betrekking het op:

* die belydenis van die kerk met dien verstande dat enige verandering aan die belydenis alleen kan geskied op voorwaarde dat twee-derdes van al die gemeentes ten gunste daarvan besluit het;

* die Kerkorde met dien verstande dat enige verandering of aanvulling van die Kerkorde alleen kan geskied op voorwaarde dat twee-derdes van die gebiedsinodes die verandering goedgekeur en die algemene sinode met 'n twee-derde meerderheid ten gunste daarvan besluit het;

* die formuliere wat by eredienste gebruik word;

* opleiding van bedienaars van die Woord;

* die ekumeniese betrekkinge met ander Christelike kerke binne of buite die gebied wat deur die algemene sinode verteenwoordig word, die kerk se diens aan die getuienis teenoor die wêreldgemeenskap;

* prosedures en reëls vir werksaamhede aan hom toevertrou;

* sake wat deur die gebiedsinodes na die algemene sinode verwys is.

## ARTIKEL 12

### DIE KERK SE VERHOUDINGE

Die "Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" is deel van 'n samelewing waarin hy as instelling naas ander instellings en gemeenskapstrukture soos die staat, die skool, die nywerheid en vele ander leef en werk. Vir sover die regsordeninge wat in die samelewing geld nie in stryd is met die Woord van God nie, leef hy in ooreenstemming daarmee. Terselfdertyd eis die "Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika" dat sy onvervreembare reg tot vryheid in die beoefening van sy godsdiens en die inrigting van sy instituut kragtens sy eie belydenis deur die owerhede erken sal word.

# BYLAE ASK-4:
# ASK-KOMMENTAAR OP EN EVALUERING VAN DIE KERKORDE VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK (VGK)

**1.** Die kerkorde van die VGK moet gelees word teen die historiese agtergrond van die ontstaan daarvan naamlik die kerklike apartheid binne die Familie van NG Kerke en die besluit van twee van daardie kerke om tot eenwording oor te gaan. Gesien in die lig van jarelange kerklike onderskrywing van apartheid, is deur die twee betrokke kerke geoordeel dat daar 'n "status confessionis" ontstaan het. Dit het verder gelei tot die totstandkoming van 'n besondere belydenisskrif, die Belharbelydenis, waarin dit spesifiek gaan oor die eenheid van die kerk binne die Suid-Afrikaanse konteks. Teen dié agtergrond gesien is dit begryplik dat die Kerkorde onder bespreking net soveel 'n belydenisstuk is as wat dit eg en suiwer net 'n kerkorde is.

**2.** 'n Kerkorde het 'n duidelike belydenisgrondslag. "Het gebouw van de orde en het recht der kerk moet opgetrokken worden op den bodem der confessie" (Bouwman). Tog is daar ook weer 'n wesenlike verskil tussen die doel en inhoud van 'n belydenisskrif en 'n kerkorde. In 'n belydenisskrif gaan dit om die inhoud (quod) van die geloof van die kerk, maar 'n kerkorde is die middel (modus quo) om die bediening van die Woord en die sleutelmag te begelei. In 'n kerkorde word die kerk nie bely nie, maar word die lewe van die kerk georden. Soos hieronder verder sal blyk is daar in die Kerkorde van die VGK in 'n groot mate 'n vervloeiing van belydenis en kerkorde.

**3.** Art 1 behels 'n belydenis van die kerk, maar is die kerkbegrip wat daarin na vore kom enigsins bedenklik. As in die tweede sin gesê word dat die VGK "deel" van die kerk is, sal dit vir baie mense die klank van die kollegialisme dra. In die res van die artikel word bely dat die VGK een van vele kerke is - wat ook problematies is, want in erkende kerkordes (Gereformeerd en andersins) word uitgegaan van die universele kerk van Christus, en van daaruit word die lewe van die kerk dan georden.

**4.** In art 2 word nie net die belydenisskrifte van die kerk vasgestel nie (wat in orde is), maar die artikel is op sigself ook 'n belydenis. Die doel daarvan is klaarblyklik om die aanvaarding van die Belharbelydenis te regverdig en om terselfdertyd die moontlikheid oop te hou vir verdere toekomstige belydenisontwikkeling met die belydenisskrifte as basis.

**5.** Art 3 behels 'n belydenis oor die saak (quod) van die lidmaatskap van die kerk, dat dit net deur die geloof bepaal word (en nie deur ander oorweginge byvoorbeeld ras en kleur nie). In die tweede helfte van die artikel gaan dit oor die modus quo van lidmaatskap.

**6.** Art 4 is in sy geheel 'n belydenis oor die ontstaansgrond en verantwoordelikheid van die gemeente. Dit kan vergelyk word met arts 27 en 28 van die NGB en Sondag 21 van die HK.

**7.** In arts 4-7 word die gemeente geneem as uitgangspunt vir die ordening van die kerk. Dit doen vreemd aan, want in Gereformeerde kerkordes is dit gebruiklik om die universele kerk van Christus as uitgangspunt te neem, en dat die ampte, die vergaderings, die arbeid en die tug dan as aparte hoofstukke aan die orde kom. Daar is geen klaarblyklike rede waarom in die Kerkorde van die VGK 'n omgekeerde metode van kerkordening gevolg is nie.

**8.** Die woord "dienste" word in art 5 in 'n ander betekenis gebruik as in meeste Gereformeerde kerkordes. In art 1 van die DKO is "dienste" gelyk aan ampte in die kerk. In art 5 van die VGK se Kerkorde word onder "dienste" verstaan die verskillende arbeidsterreine van die kerk, wat in ander kerkordes eers in hoofstuk 3 of 4 behandel word.

**9.** In arts 6-7 word gehandel oor die "ampte" waarvoor lidmate afgesonder kan word om diensbaar te wees in die dienste (arbeidsterreine) van die gemeente. Drie ampte word onderskei, naamlik dié van die lerende en regerende ouderlinge en diaken, maar dan word daar ook gewag gemaak van "ander ampte", waarvan daar blykbaar 'n veelheid kan wees en wat ook nie spesifiek verwys na die een amp van die gelowige nie. Dit bring ampsbegrip na vore wat vreemd is aan die Gereformeerde kerkreg. Alhoewel in art 7 die regering van Christus uitdruklik bely word, skep arts 6 en 7 die indruk van 'n gedemokratiseerde ampsbegrip. Die ampte kom op uit die gemeente, die gemeente besluit oor die hoeveelheid daarvan en die regering word deur die gemeente aan die kerkraad "toevertrou".

**10.** In art 6 word die opleiding van bedienaars van die Woord die gesamentlike verantwoordelikheid van al die gemeentes, en in art 11 word bepaal dat dit 'n taak van die Algemene Sinode is. (In die NG Kerk bepaal die Algemene Sinode wel die beleid, maar die opleiding van leraars val op die terrein van die sinodes.)

**11.** Art 8 se opskrif is "Die verband tussen die gemeentes", maar handel eintlik oor kerkvergaderings. Die artikel is ietwat lomp geformuleer. Eers word twee vergaderings onderskei naamlik die ring en die sinode, maar dan word bygevoeg dat daar ook 'n Algemene Sinode en Gebiedsinode kan wees. Dis moeilik om te begryp wat bedoel word met die sin: "Na gelang van omstandighede kan die Sinodes 'n nouer en breër karakter aanneem".

**12.** In arts 9 - 11 word die bevoegdheid van die ring, Gebiedsinodes en Algemene Sinode omskryf. Uit die inleidingsinne van die artikels word afgelei dat die verskillende kerkvergaderings hulle eie bepalings moet opstel vir die samestelling, konstituering en funksionering van die vergaderings.

**13.** In art 11 word buitengewone swaar beperkinge geplaas op die wysiging van die Belydenis en die Kerkorde. Die Belydenis kan alleen gewysig word indien "twee-derdes van al die gemeentes" dit goedkeur. Prakties beteken dit dat daar telkens op gemeentevergaderings oor voorgestelde wysiginge gestem sal moet word voordat dit deurgevoer kan word. Daar is ietwat van 'n teenstrydigheid tussen art 2 van die Kerkorde wat die moontlikheid vir belydenisontwikkeling uitdruklik bepaal, en die streng beperking wat deur art 11 op belydeniswysiging gelê word. Die Kerkorde kan alleen gewysig word indien twee-derdes van die Gebiedsinodes en ook die Algemene Sinode met 'n twee-derde meerderheidstem daartoe besluit het. Prakties beteken dit dat daar telkens 'n hele paar jaar sal verloop voordat enige wysiging in die Kerkorde aangebring sal kan word.

**14.** Art 12 is eintlik nie 'n kerkordende artikel nie, maar handel oor die posisie van die kerk in die samelewing en teenoor die staatsowerheid (vgl art 36 NGB).

**15.** Die Kerkorde is baie kort - dit bestaan uit slegs 12 artikels. Word dit gestroop van al die dogmatiese (belydenis-) uitsprake wat daarin voorkom, is dit wat oorbly en wat werklik kerkordelik van aard is, nog korter. Om daarvan 'n kerkorde te maak waarop gewerk kan word vir die regering van die kerk, sal dit aangevul moet word deur heelwat bepalinge en reglemente deur die verskillende kerkvergaderinge. As Kerkorde is dit waarskynlik bedoel slegs as 'n "basiese akkoord vir kerkvereniging", en aan daardie doel kan dit weldeeglik beantwoord. Om dit vir al die kerke binne die familie van NG Kerke aanvaarbaar te maak, sal daar heelwat aan geskaaf en verander moet word.

# BYLAE ASK-5: DIE MODEL VIR KERKEENHEID SOOS AANVAAR EN VOORGESTEL DEUR DIE NG SENDINGKERK EN NG KERK IN AFRIKA

## 1. DIE EENHEIDSMODEL IN ENKELE WOORDE

Die eenheidskerk word gevestig deur sinodebesluite van die deelnemende afsonderlike kerke, kragtens hulle kerkordelike bevoegdhede en kragtens 'n nuwe eenvoudige kerkorde [1]. Alle bestaande gemeentes van die deelnemende kerke word gemeentes van die Eenheidskerk [2]. Alle gemeentes word geografies in ringe ingedeel [3], en die ringe vorm geografiese gebiedsinodes [4]. Die Eenheidskerk vorm saam onder een naam één Algemene Sinode kragtens die een kerkorde waarin die gemeenskaplike belydenis vasgelê is.

Hierdie bogenoemde kerkeenheidsmodel is ontwikkel met inagneming van die volgende beginsels of riglyne wat daaraan onderliggend is:

## 2. DIE NAAM

Daar is besluit dat die naam van die eenheidskerk sal wees: Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. [5] "Gereformeerde" dui aan dat die kerk kragtens sy historiese oorsprong en innerlike oortuiging ongetwyfeld 'n gereformeerde karakter dra [6]. "Verenig- ende" dui op 'n voortgaande proses van groeiende eenheid wat na binne en buite gerig is [7]. "Suider-Afrika" dui daarop dat die NG Familie buite die grense van Suid-Afrika nie uit die oog verloor is nie [8].

## 3. BOU OP DIE BESTAANDE

'n Verdere riglyn is dat daar so nou as moontlik vanuit die bestaande strukture en in aansluiting by die bestaande strukture [9] aan die eenheid gebou word binne die eenheidstruktuur wat as beginpunt gevestig word. Die gedagte was dat die eenheid maklik en eenvoudig moes wees, sonder om nuwe of revolusionêre strukture of veranderings aan die bestaande kerklike vergaderings (kerkraad, ring, sinode) en ampte aan te bring. Niks moes die eenheid bemoeilik nie. Ons wou nie dat die aandag van die eenheid afgelei word deur vreemde of onbekende aanpassings wat die eenheid in die weg kon staan nie [10]. Daarom is besluit om die bestaande gebiedsinodes se ligging as riglyn te neem en om die bestaande plaaslike gemeentes se grense en integriteit te handhaaf vir die nuwe kerk [11]. Dit sou maklik en eenvoudig wees. Hierdie model kan met die minste ontwrigting geïmplementeer word.

## 4. ALLE GEMEENTES BESTAAN OOP NA MEKAAR

Alle gemeentes moet oop vir mekaar wees sodat lidmate vrymoediglik sou kan inskakel by welke gemeente hulle ook al wil, volgens normale kerklike ordereëlings, maar waarin ras, taal of historiese oorsprong geen dwingende faktor is nie [12]. Alle leraars sal oor en weer beroepbaar wees. Hierdie beginsels, wat van die moeilikste struikelblokke kon wees, is reeds deur al vier die betrokke kerke aanvaar.

## 5. VAN BO AF OF VAN ONDER AF

Die model van die NGSK en NGKA vermy die probleme wat kan ontstaan wanneer gewerk word met 'n van-bo-af-model: waar die Sinode per besluit alles afdwing en selfs die gemeentes se samestelling bepaal, of 'n van-onder-af-model: waar die eenheid oorgelaat word aan die gesindhede en inisiatief van kerkrade met die moontlikheid dat óf niks gebeur nie, óf kerkrade deur hulle houding effektief 'n veto kan uitoefen op die groei en ontwikkeling van die eenheid.

Die model van die NGSK-NGKA probeer juis die hele kerklike struktuur betrek van sinodale besluite af tot by kerkraadsinisiatiewe. Daarom word die eenheid bo alle twyfel bevestig deurdat die Sinode 'n eenheidstruktuur daarstel, maar die aard en ontwikkeling van die eenheid op kerkraads- en gemeentevlak word nie dwingend van bo af bepaal nie. Dit word aan gemeentes en kerkrade oorgelaat om binne die ruimte van die nuwe kerkorde en die eenheidstruktuur en met die belydenisse as rigsnoer self, na behoefte na mekaar toe te groei [13].

Waar byvoorbeeld meer as een gemeente in dieselfde geografiese gebied val, staan dit hierdie gemeentes vry om hulle onderlinge sake en samestelling te reël volgens plaaslike behoeftes, deur byvoorbeeld ooreenkomste met mekaar aan te gaan, een gemeente te vorm of watter ander reëlings ook al te tref, solank dit in volle vryheid en sonder dwang van enige aard kan geskied [14].

Die een groot beginsel wat hierby, in ooreenstemming met die Kerkorde, gehandhaaf word, is dat daar net een lidmaatskap van een kerk sal wees en dat die geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde vir lidmaatskap is [15].

Hier is ruimte vir soepele beweeglikheid, eie inisiatief en die vindingryke toepassing van beginsels. Kerkrade kan besluit om gemeentes by mekaar te laat inskakel, kan self besluit oor taalgebruik, liturgieë en gesangeboeke, of oor gemeentelike strukture wat die spesiale omstandighede en behoeftes op plaaslike vlak kan aanspreek. Dit is

moontlik dat hieruit interessante herrangskikkings en verbintenisse tussen gemeentes of wyke uit die oorspronklike kerke kan groei [16].

Dit hou juis sterk verband met die gereformeerde beginsels dat die gemeente volledig kerk is [17] en dat die kerkverband nie sake moet hanteer wat deur die gemeentes self gedoen kan word nie. Vanselfsprekend sal ringe, waar gemeentes van die kerk saam vergader, 'n belangrike rol speel in die stimulering van en toesig oor die groeiproses binne die riglyne van die kerkorde.

So word die kerkeenheid vir niemand 'n bedreiging nie, maar word dit 'n geleentheid tot onderlinge diens en liefdesbetoning [18]. Die gelade saak van taal en kulturele tradisie word ook ontlaai omdat dit 'n saak word wat die kerkraad op die gemeentevlak die beste kan hanteer.

## 6. EENVOUDIGE KERKORDE

'n Eenvoudige kerkorde is opgestel wat die heel basiese gereformeerde beginsels van kerkwees verwoord het, beginsels wat ons met mekaar deel en wat bo alle twyfel was [19]. Op hierdie eenvoudige "grondwet" kan die eenheidskerk verder ontwikkel deur binne die grense van die beginsels, sy bepalinge uit te werk met inagneming van die tradisies waaruit die kerke gegroei het en die bestaande bepalinge wat oor baie jare ontwikkel het [20].

Hierdeur word die geleentheid geskep om nie voor die tyd in besonderhede vas te val nie, maar om groei en ontwikkeling vir die nuwe kerk toe te laat. Die ruimte is dus deur die kerkorde geskep, 'n ruimte wat die kerk in 'n groeiproses kan invul.

In die kerkorde wat bepaal dat die Algemene Sinode 'n beleidsinode sal wees met die minimum administrasie en uitvoerende werksaamhede. Die Algemene Sinode bepaal self sy eie reëls en bepalinge [21]. Die Gebiedsinodes kry baie meer die karakter van 'n werkende-uitvoerende sinode en bepaal self sy eie reëls en bepalinge binne die ruimte van die kerkorde [22].

Die werksaamhede, bevoegdhede en bestuur van die kerk word afgewentel sodat die ringe uitgebreide werksaamhede en bevoegdhede kry en binne die ruimte van die kerkorde ook sy eie reëls en bepalinge vaslê [23].

## 7. HANTEER PROBLEME EN EENHEIDS-VERBAND

Dit bring ons ook by die volgende beginsel en dit was om, in plaas daarvan om vooraf aan allerlei praktiese probleme of struikelblokke aandag te gee en dit op te los, voorgestel is dat ons eers in gehoorsaamheid aan die duidelike Bybelse beginsel die eenheid vestig, aanvaar en beleef. Dan kan ons in verbondenheid aan mekaar saam in eenheid die probleme aanpak. So meen ons sal ons na mekaar groei en in waardering en verantwoording vir mekaar ons gesamentlike probleme hanteer.

As voorbeeld kan ons een van die mees omstrede probleme noem, naamlik die groot gaping in salaris-strukture van die kerke. As ons eers hierdie saak van ekonomiese ongelykheid vooraf wou oplos, voordat ons tot eenheid kom, sou die eenheid baie jare, indien nie permanent nie, vertraag word.

Daarteenoor, as ons ons verbondenheid met en verantwoordelikheid vir mekaar as uitgangspunt aanvaar, dan word dit 'n gesamentlike probleem wat in gebondenheid en in eenheid opgelos word [24].

## 8. EERLIKHEID EN OPENHEID

'n Belangrike beginsel wat in hierdie model toegepas was, was om in eerlikheid en openheid deurgaans die kerke op hoogte te hou om sodoende die lidmate ingelig te hou en met ons op die eenheidspad saam te neem. Daarom is veel moeite gedoen aan terugrapportering (en toetsing) na kerkrade van die model en veral die voorgestelde kerkorde [25].

## VERWYSINGS


1. Handelinge NGSK 1990 81.1 p 712

2. Handelinge NGSK 1990 Verslag aan kerkrade punt 6.1 p 46

3. a.w. punt 7 p 46

4. a.w. punt 8 punt 4.6

5. a.w. Konsep-Kerkorde Artikel 1 p 38; a.w. verslag aan kerkrade punt 14 p 49

6. a.w. punt 5.1 p 45

7. a.w. punt 1 en 2 p 43 - 44 en punt 14 p 49

8. a.w. punt 12 p 49 en punt 14 p 49

9. a.w. Verslag Kerkeenheidsgesprek punt 6.10.4 p 33

10. a.w.. Verslag aan kerkrade punt 2 p 44

11. a.w. punt 6.1 p 46

12. a.w. punt 6.2 p 46

13. a.w. Verslag kerkeenheidsgesprek punt 6.10.5 p 33; Verslag van kerkrade punt 2 p 44

14. a.w. punt 6.2 p 46; Belydenis van Belhar punt 2: "dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie;"

15. Handelinge NGSK 1990 Konsep-Kerkorde Artikel 3 p 39; a.w. Verslag aan kerkrade p 6.3 p 46; Belydenis van Belhar punt 2: "dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk."

16. Belydenis van Belhar punt 2: "dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees, ... daarin dat ons skuldig is om onsself tot nut en saligheid en mekaar gewillig en met vreugde te gee."

17. Handelinge NGSK 1990. Verslag kerkeenheidsgesprek punt 6.10.2 p 33; a.w. Verslag aan kerkrade punt 5.3 p 45.

18. Belydenis van Belhar punt 2: "dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God."

19. Handelinge NGSK 1990. Verslag aan kerkrade punt 5.1 p 45

20. a.w. punt 5.3 p 45

21. a.w. Konsep-Kerkorde Artikel 11 p 42

22. a.w. Artikel 10 p 42. a.w. Verslag aan kerkrade punt 9 p 47

23. a.w. Konsep-kerkorde Artikel 9 p 41

24. a.w. Verslag aan kerkrade punt 12 p 48

25. a.w. Verslag van kerkeenheidsverslag punt 7 p 34: a.w. Verslag aan kerkrade punt 3.4 en 5 p 44 - 45

# BYLAE ASK-6: ASK-KOMMENTAAR OP DIE EENHEIDSMODEL VAN DIE VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK (VGK) EN 'N VERGELYKING DAARVAN MET Dié VAN DIE ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE VAN DIE NED GEREF KERK

**1.** Die model van die VGK is gerig op die totstandkoming van 'n eenheidskerk, met een naam, belydenis en kerkorde.

**2.** Die voorgestelde naam vir die eenheidskerk is "Die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika". Die woord "verenigende" in die naam skep die indruk dat dit maar net 'n voorlopige naam is, en dat sodra die verenigingsproses (ook met die ander twee kerke van die NG Kerkfamilie) afgeloop is, die naam dan seker sal moet verander. Dit is onwenslik, omdat die verandering van 'n kerk se naam 'n baie duur aangeleentheid is, dink maar aan al die transportaktes en kontrakte waarop naamsveranderinge aangebring sal moet word.

**3.** Vir die NG Kerk en sy gemeentes (en lidmate) sal dit traumaties wees om sy histories geworde naam prys te gee. Baie van die gemeentes en lidmate van die twee kerke wat die VGK wil vorm, voel waarskynlik ook so.

**4.** Die belydenis skep 'n volgende probleem. In die eenheidsmodel van die VGK word gewag gemaak van die "nuwe eenvoudige kerkorde" wat ontwerp is om die eenheidsproses te fasiliteer. In dié Kerkorde word die Belharbelydenis genoem as een van die belydenisskrifte van die VGK. Dit skep 'n probleem vir die NG Kerk en die RCA om deel te word van die eenheidsproses, tensy ooreengekom kan word dat die aanvaarding van die belydenis nie as 'n sine qua non vir vereniging gesien hoef te word nie.

**5.** Die Kerkorde van die VGK is baie kort en bondig, is bedoel om slegs te dien as 'n "basiese akkoord vir vereniging", en dan word gesê (in par 6 van die model) dat ringe, sinodes en die Algemene Sinode hulle eie reëls en bepalings kan opstel. Dit kan praktiese probleme skep in die funksionering van die kerk. Aan die ander kant, indien dit sou beteken dat die NG Kerk, indien hy die verkorte Kerkorde as basis vir vereniging aanvaar, ook nog sy eie kerkorde en bepalinge tot op groot hoogte kan behou, kan dit help om nader aan mekaar te kom.

**6.** Die eenheidsmodel van die VGK kom met dié van die NG Kerk ooreen wat die behoud en voortbestaan van bestaande gemeentes aanbetref. Die gemeentes kan self besluit oor taalgebruik, liturgieë, gesangboeke en gemeentelike strukture. Die bepaling dat die gemeentes oop staan om na mekaar toe te groei, kom wesenlik ooreen met die besluit oor oop lidmaatskap van die NG Kerk.

**7.** Die verskil kom egter daarin dat volgens die model van die VGK al die gemeentes van die verenigende kerke dadelik gemeentes van die eenheidskerk word. Verder is daar ook gesamentlike meerdere vergaderinge vanaf rings- tot op Algemene Sinodale vlak as manifestering van die eenheid van die kerk. Volgens die model van die NG Kerk is daar 'n openheid van lidmaatskap en strukture, wat ewe-eens die moontlikheid skep vir na mekaar toe te groei, maar dan verder met handhawing van die onderskeie kerkvergaderinge tot op die vlak van die Algemene Sinode, met dan 'n "verenigde sinode" wat die eenheid van die kerk sigbaar manifesteer.

**8.** Die grootste beginselverskil tussen die twee modelle (en benaderings) is dat die NG Kerk deurgaans rekening hou met probleme op die weg na eenheid, wat eers uitgestryk moet word voordat volle eenheid bereik kan word. By die VGK is die eenheidsmodel voorop gestel (par 7), en word uitdruklik gesê dat probleme wat daar wel is, nie die verwesenliking van die eenheid in die weg moet staan of vertraag nie. Ongetwyfeld het die VGK 'n meer prinsipiële standpunt. Die vraag is net of 'n standpunt wat al die probleme uitstel tot na die vereniging, wel ware eenheid sal meebring en of dit nie groter verdeeldheid tot gevolg sal hê nie.

# BYLAE ASK-7: MEMORANDUM VAN 'DIE VOORTSETTINGSKOMITEE'

* Hierdie memorandum word weergegee presies soos dit van die Voortsettingskomitee ontvang is.

## 1. INLEIDING:

In Die Kerkbode van 7/08/1993 beklemtoon Prof Pieter Potgieter, moderator van die Algemene Sinode van 1990, 'n belangrike waarheid. In sy artikel "Elke saak het twee kante" skryf hy onder andere: "... **Onewewigtigheid kan skrikwekkende gevolge hê**, veral as dit voorkom by mense wat in 'n magsposisie verkeer. ....... Dit is belangrik om te onthou: elke saak het twee kante. Soms is dit natuurlik so dat die een kant reg en die ander kant daarvan verkeerd is. Maar baie meer dikwels is dit so dat nie alles aan die een kant reg is en alles aan die ander kant verkeerd is nie. Daarom beteken 'n gebalanseerde oordeel dat 'n mens aandag sal gee aan beide standpunte wat gestel word. **In die regswêreld is daar 'n bekende reël wat lui: "Audi et alteram partem: luister ook na die ander kant."**

**In hierdie memorandum pleit ons as VK namens baie bekommerde lidmate** van die Ned Geref Kerk (NG Kerk) by die Algemene Sinode dat daar **mbt Kerk en Samelewing 1990 (KS-90) met groter erns "na die ander kant" geluister sal word.** Dit is inderdaad waar dat "onewewigtigheid skrikwekkende gevolge kan hê" ook in die kerk. Vir die NG Kerk het die onewewigtige formulerings in KS-90 trouens reeds die afgelope paar jaar groot pyn, onenigheid en verliese veroorsaak.
Vele predikante, kerkraadslede en lidmate kan die eensydige en onewewigtige standpuntinname van die Sinodes van 1986 en 1990 nie aanvaar nie. Die kardinale afwyking van vroeëre besluite, en dit in navolging van politieke veranderinge, het die indruk gelaat dat die Sinode polities gedienstig geraak het. Verder, die opvallende wyse waarop een politieke model, naamlik apartheid (afsonderlike ontwikkeling), uitgelig en op onewewigtige wyse as sonde gedefinieer is, het gemeentelede, en selfs gemeentes langs politieke lyne verdeel en verskeur. Die diepgrypende verdeeldheid wat op hierdie aksies van die Sinode gevolg het, het die verkondiging van die Bybelse eenheid in Christus en sy koninkryk grootliks bemoeilik en in sommige gevalle selfs belemmer. Die eensydige besluite is ook 'n struikelblok in gemeentes om die Goddelike opdrag om die evangelie aan alle nasies te verkondig ten volle uit te voer. Hierdie besluite rakende apartheid en die gees waarin dit die wêreld ingedra is, het die lig van die evangelie onder 'n donker wolk geplaas. Die kerk sal ernstig daaroor moet besin om vervreemding onder lidmate te bekamp.

Daar het oorweldigende protes en kritiek teen die Sinode se onewewigtige kwalifisering van apartheid voorgekom. Die gevolglike eensydige veroordeling van apartheid op grond van die euwels wat eweneens by ander politieke stelsels en modelle voorkom, het die kritiek verder verskerp. Hierbenewens is daar die afgelope vier jaar uit verskeie kringe **ook grondige kritiek gelewer teen die teologiese fundering asook die Skrifhantering van KS-86 en KS-90. Voorbeelde** van sulke probleme wat reeds elders aangetoon is, is KS- 90 se **gebrek aan Trinitariese fundering** (Kerk en samelewing - 'n Wesenskou, prof FJM Potgieter), **die Barthiaanse invloed** op die teologie van KS-90 (Referaat van prof Sybrand Strauss), die **vreemde siening van kerkeenheid** wat grootliks ooreenstem met die dwalinge van die Christelike Instituut asook die nuwe manier van Skrifhantering ("The New Direction in South African Dutch Reformed Theology - Anabaptist or Reformed?" Mark R Kreitzer). Wanneer ons na hierdie en vele ander teologiese besware kyk **dan sidder ons om daaraan te dink dat die besluite oor apartheid blykbaar slegs simptomaties is van 'n veel groter probleem nl die van 'n totale paradigmaverskuiwing binne die teologie van die NG Kerk** -- 'n wegbeweeg vanaf die Gereformeerde teologie na die modedenke van ons tyd.

Aangesien die opdrag wat ons as VK van die lidmate ontvang het hoofsaaklik handel oor die kerk se eensydige veroordeling van een bepaalde politieke model, beperk ons die memorandum verder tot hierdie probleem.

## 2. AGTERGROND EN AANLOOP TOT DIE PROBLEEM

### 2.1 BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE

**2.1.1 Algemene Sinode 1974-1982.**
In die jaar 1974 word 'n studiestuk met die titel **"Ras, volk, nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif"** deur die Algemene Sinode bespreek en aanvaar. Par 49.6 handel oor **"Eiesoortige Ontwikkeling"** en lui soos volg : " 'n Staatkundige stelsel wat gebou is op **eiesoortige ontwikkeling by verskillende bevolkingsgroepe kan in die lig van die Skrif prinsipieel verantwoord word.** Hierin moet egter altyd die gebod tot naasteliefde gestel word as die etiese norm vir die reëling van gesonde volkereverhoudinge".
In 1982 besluit die sinode op aanbeveling van die Breë Moderatuur om die beleidstuk "indringend in die lig van die Skrif " **te hersien** (Hand 1982: bl 97, 118).

**2.1.2 Algemene Sinode 1986-1990.**
In 1986 lê die aangewese kommissie **'n totaal nuwe dokument** getiteld: "Kerk en Samelewing - 'n Getuienis van die NG Kerk" (KS- 86) vir goedkeuring aan die Algemene Sinode voor (Hand 649-660). **Hierdie dokument wat reeds in 1986 in druk verskyn, ontlok uit die staanspoor oor 'n wye front protes in die geledere van die NG Kerk. Dit is waarskynlik die mees omvattende protes wat nog ooit in die NG Kerk gehoor is!** Die sinode het die kritiek klaarblyklik verwag. Voortgesette besinning oor KS-86 word as opdrag gegee aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake met die versoek "om ook inkomende kommentaar te evalueer en aan die volgende sinode te rapporteer" (Hand p 649). Daarby onderneem die Sinode om voort te gaan **om elke politieke model aan die eise van liefde, geregtigheid en menswaardigheid te toets.**

Verskeie lidmate en gemeentes reageer onmiddellik met beswaarskrifte na die verskillende streeksinodes. Wat die verwarring en ontevredenheid onder lidmate nog verder laat toeneem, is die feit dat veral die besluite oor die Kerk en politieke modelle **aan die een kant so dubbelsinnig geformuleer is, en aan die ander kant so onvolledig, onjuis en teenstrydig met ander staande besluite van die sinode is, dat welbekende kerkleiers en lede van die ASK dit in die openbaar verskillend interpreteer.** Dit lei tot **die totstandkoming van die Afrikaanse Protestantse Kerk,** waar duisende beswaarde lidmate van die NG Kerk nou 'n nuwe geestelike tuiste vind. Dit bring swaar verliese vir die NG Kerk en dompel baie leraars en gemeentes in 'n groot krisis (sien punt 4).

Ten spyte daarvan dat daar so 'n groot verdeeldheid in die kerk bestaan oor die aanvaarding van hierdie dokument (KS-90) as beleidstuk vir die hele kerk, is dit nogtans in Engels en Duits vertaal en die wêreld ingestuur. Die indruk is verder geskep dat die wêreld daardeur oortuig sal word dat die NGK 'n nuwe manier van Skrifuitleg aanvaar het. Die indruk is verder geskep dat die vroeëre beleidstuk **"Ras, Volk, Nasie en Volkereverhoudinge in die Lig van die Skrif"** as't ware nie meer vir die NGK bestaan nie.

Tydens die **Algemene Sinode van 1990 gaan die sinode net eenvoudig verder in sy navolging van die tydsgees.** 'n Hersiene weergawe van Kerk en Samelewing word aanvaar. Van die vernaamste wysiginge wat aangebring word is dat daar 'n aansienlike uitbreiding is van die afdeling wat oor die NG Kerk en politieke modelle handel. In hierdie uitgebreide afdeling word enige moontlikheid van regverdige apartheid buite rekening gelaat. In 1974 en 1982 word apartheid beoordeel as 'n politieke model wat op sekere voorwaardes wel regverdig en Bybels-verantwoordbaar is. In 1986 word nog (op 'n vae wyse) gepoog om positiewe sowel as negatiewe gesigspunte oor die beleid van afsonderlike ontwikkeling (apartheid) na vore te bring. In 1990 word 'n sondige, onregverdige apartheid gedefinieer en summier verwerp asof dit die enigste vorm van apartheid (afsonderlike ontwikkeling) is, wat in Suid-Afrika toegepas is. Verder is die indruk gewek dat die kerk vroeër hierdie verwerplike apartheid goedgekeur het en derhalwe aan die wêreld 'n skuldbelydenis verskuldig is. Die optrede van die voorstaanders van hierdie afwykende standpunte het ook die indruk gewek dat hulle van mening is dat die lidmate deur die massamedia vir die veranderinge voorberei is. Sommige lidmate sou verwag het dat die sinode apartheid sal veroordeel. Sodoende is daar aan die nuwe politieke ideologie 'n nuwe ondersteunende ideologie gegee. Lidmate kan dit aanvaar en glo, komende van die Algemene Sinode. Die kerk se eie beleidstuk "Ras, Volk, Nasie en Volkereverhoudinge in die Lig van die Skrif" word sodoende as 'n "ernstige dwaling" verwerp as synde "in stryd met die Skrif". So het die Sinode sy eie geloofwaardigheid in die gedrang gebring.

Nou is die kerk se eie beleidstuk **"Ras, volk, nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif"** skielik "'n ernstige dwaling" wat "in stryd met die Bybel" is (KS-90 par 284-285). Van agter gesien, wil dit voorkom asof die prosedure wat in die hele aangeleentheid gevolg is, AKLAS in die posisie gestel het om **die NG Kerk in die rigting van 'n bepaalde politieke beskouing te stuur.**

**Maar:**

* Nog steeds het daar **geen wetenskaplike studie oor apartheid** of selfs 'n wetenskaplike definisie van apartheid voor die sinode gedien op grond waarvan hulle die nuwe standpunt kon inneem nie.
* Nog steeds het daar ook **geen teologiese studiestuk** voor die sinode gedien op grond waarvan die NG Kerk nou skielik 'n nuwe wyse van Skrifinterpretasie aanvaar het nie.
* **Nog steeds is die opdrag van 1982 om Ras,Volk en Nasie te hersien nie uitgevoer nie. RVN is doodeenvoudig opsy gesit as 'n ernstige dwaling sonder om enige teologiese redes te gee waarom dit dan kwansuis 'n dwaling sou wees.**

Skynbaar was die 1990-Sinode **nie bewus van die duidelike onderskeid wat die NG Kerk nog al die jare gemaak het tussen verskillende soorte apartheid nie.**

Geen wonder dat ook na die 1990-Sinode daar nog groter verwarring ontstaan het en dat daar weer eens 'n groot aantal leraars en lidmate was wat besluit het om **'n ander geestelike tuiste** buite die NG Kerk te gaan soek nie.

**2.2 DIE RUSTENBURG-KERKEBERAAD.**

**By die Rustenburg-Kerkeberaad is nogeens seker gemaak dat die wêreld sal besef dat die NGK se nuwe Skrifuitleg nou ooreenstem met die verkondiging van die anti-apartheidsprofete. Die indruk is selfs geskep dat die NGK nie slegs met die anti-apartheidsstandpunte akkoord gaan nie, maar selfs vir hulle in die bresse tree. Daar word vir hulle stryd voorspraak gemaak.**

**2.2.1 Die Beraad.**

Dit is vandag algemeen bekend watter droewige en tragiese gevolge die Kerkeberaad wat op 5-9 November 1990 te Rustenburg gehou is, vir die NG Kerk ingehou het. In sy Kersboodskap van 1989 het die Staatspresident, mnr FW de Klerk, alle kerke genooi "om deel te neem aan die onderhandelingsproses". In Die Kerkbode van 12 Januarie 1990 spreek die voorsitter van die ASK , prof Johan Heyns, sy dank uit vir die geleentheid wat aan die kerke gegee word om 'n bydrae te lewer en voeg dan by: "Daar is geen twyfel dat die NG Kerk sy volle samewerking sal gee nie." (Kerkbode 12 Jan 1990). Hierdie ingrypende onderneming word gegee voordat enige Sinode van die NG Kerk, of enige vergadering van die ASK amptelik hieroor geraadpleeg kon word.

By die Algemene Sinode van 1990 word 'n kerkeberaad in die vooruitsig gestel waarvan die Algemene Sinode slegs kennis geneem het (Hand 466, 554). Op die beraad wat hoofsaaklik "om die sosio-politieke vraagstukke van SA wentel" **is die NG Kerk tog amptelik teenwoordig sonder dat die Algemene Sinode enige opdrag daartoe gegee het.**

**2.2.2 Skuldbelydenis namens die NG Kerk en die Afrikanervolk.**

**Die spanning in die NG Kerk wat op daardie stadium reeds onhoudbaar hoog was, word verder verhoog toe prof WD Jonker wat een van die sprekers was, heeltemal ongevraagd**

**homself die reg toe-eien om namens die NG Kerk en namens die Afrikanervolk die volgende skuldbelydenis te doen oor die sonde van apartheid:** "I confess before you and before the Lord, not only my own sin and guilt, and my personal responsibility for the political, social, economical and structural wrongs that have been done to many of you and the results of which you and our whole country are still suffering from, but **vicariously I dare also to do that in the name of the NGK** of which I am a member and for the Afrikaans people as a whole. **I have the liberty to do just that, because the NGK at its latest synod has declared apartheid a sin and confessed its own guilt of negligence in not warning against it and distancing itself from it long ago.**" (Understanding the Church situation: Obstacles to a united witness. National Church Leaders Conference, Rustenburg, 5-9 Nov. 90. Unpublished.)

**2.2.3 Die "Afvaardiging" van NG Kerk onderskryf dit namens die kerk.**

Asof prof Jonker se skuldbelydenis nie oortuigend genoeg was nie, reik die "afvaardiging" van die NGK by die Beraad **'n verklaring uit waarin prof Jonker in sy vertolking van die Sinode se besluite oor apartheid gelyk gegee en ondersteun word.** Die verklaring wat die ASK later uitreik om gemoedere in die kerk te probeer kalmeer verander niks aan die feite van die saak nie. (Verklaring van die ASK, 4 Des 1990.)

**2.2.4 Die "Afvaardiging" van die NG Kerk onderskryf ook die Rustenburg Deklarasie.**

In hierdie deklarasie **word die eensydige en onewewigtig-gekwalifiseerde apartheid weer eens verwerp, nie net as sonde nie maar saam met die koor sing hulle ook "Nou bely ons ..... en erken ons ketterse aandeel in die beleid van apartheid....... Ons veroordeel apartheid in sy opset** (oorsprong), **sy toepassing en sy gevolge as 'n euwele beleid"** (Die volledige teks van die Rustenburgdeklarasie bl 5) . Verder **verbind die afvaardiging hulself ook om 'n "....nie-rassige en nie-seksistiese Suid-Afrika daar te stel."** (bl 10) en vir "die instelling van **'n demokratiese verkiesingsproses** gebaseer op die **beginsel van een mens een stem op 'n gemeenskaplike kieserslys in 'n veelparty-demokrasie binne 'n unitêre staat."** (ibid bl 11) asook vir die **"teruggee van alle grond aan die oorspronklike eienaars** wat ter wille van hervestiging onteien is" en vir **"regstellende aksies"** (ibid bl 14-15). Al hierdie dinge wat suiwer op politieke vlak lê, word deur ons kerk se afvaardiging onderskrywe op grond van die kerk se nuwe Skrifuitleg in KS-86 en KS-90.

Die blote feit dat die **Rustenburgberaad op inisiatief van die Staatspresident FW de Klerk** plaasgevind het, en dat na afloop daarvan aan hom verslag gedoen is, het vir baie kerklidmate die vermoede bevestig dat die kerk langs hierdie weg dienstig gemaak is aan die staat vir deurvoering van sy politieke beleid van "hervorming". Tot vandag toe verkeer die lidmate nog steeds in die duister oor met watter voorbehoude die afvaardiging die deklarasie onderskryf het. Met hierdie verklaring het die NG Kerk vir die Wêreldraad van Kerke aanvaarbaar geword. Hiermee het ons begin meedoen aan hulle programme en is die pad oop om weer lid van die WRK te word. Sodoende verkry die evangelie van die Koninkryk van God 'n ondergeskikte posisie teenoor politieke aktiwiteite.

## 3. PROBLEME MET DIE SINODE SE ON-EWEWIGTIGE VEROORDELING VAN APARTHEID

**3.1 Die uitspraak van die sinode oor apartheid berus nie op enige deeglike wetenskaplike studie van apartheid as politieke model nie.** Daar is ook geen studie gemaak oor die implikasies wat enige ander alternatiewe stelsel sou inhou vir reg en geregtigheid teenoor alle volke in SA nie.

**3.2 Die sinode het nou 'n radikale nuwe Skrifbeskouing en Skrifuitleg aanvaar. Dit blyk daaruit dat KS-90 se belydenis, wat sekere kardinale Bybelse beginsels betref, lynreg ingaan teen dit wat die kerk in "Ras, Volk, Nasie en Volkereverhoudinge in die Lig van die Skrif" bely het. Die verskuiwing in Skrifbeskouing en Skrifinterpretasie is gemaak sonder om aan die lidmate uit te wys waarom die vroeëre metode van Skrifuitleg dan volgens die Sinode verkeerd was. 'n Deeglike teologiese verslag ontbreek om die hermeneutiese "dwalinge" van die vroeëre Sinodes , wat in hul belydenisstukke neerslag gevind het, uit te wys. Hierdie versuim plaas KS-90 onder verdenking.**

**3.3 Blykbaar ignoreer KS-90 doelbewus belangrike onderskeidings wat die NG Kerk nog altyd mbt die begrip "apartheid" gemaak het.** Gevolglik word daar in KS-90 net so simplisties en onwetenskaplik oor apartheid uitsprake gegee soos wat die anti-apart- heidsprofete al die jare gedoen het. Terwyl 'n reeks van sondes aan apartheid toegedig word om sodoende die stelsel in sy geheel te veroordeel, word die sondes van die anti-apartheidspartye verswyg. Die sinode sou presies dieselfde sondes kon opnoem om die politieke stelsel wat die anti-apartheidsgroepe bepleit as 'n sondige stelsel te ontmasker. Ook die sondes van diegene wat die voordele van apartheid geniet het, word nie genoem nie. Onder die geledere van diegene wat apartheid moes toepas was daar wel mense wat van die stelsel misbruik gemaak het. Die teenstanders van apartheid het egter sodanig volhard met valse voorstellings en uittarting van die owerheid dat daar soms teen hulle opgetree moes word. Soms was wanbestuur en korrupsie by diegene wat tot selfstandigheid gelei is, die oorsaak van baie ellende onder hul eie volksgenote. Al hierdie faktore word nou verswyg om slegs een groot sondebok aan te wys nl Apartheid.

Verder verswyg KS-90 ewe simplisties die baie voordele wat apartheid gebied het: byvoorbeeld demokratiese stemreg wat al die volke van Suid-Afrika onder die stelsel ontvang het; die geleenthede vir volksleiers om in belang van hul eie volke en lande die regering te behartig; die ervaring om hul eie lande ekonomies te ontwikkel; die reg om onderwys en kultuur volgens eie aard en behoeftes te bedryf; die baie vryhede en verantwoordelikhede wat met onafhanklikheid gepaard gaan.

Sonder om al hierdie aspekte van apartheid in ag te neem, is daar vir KS-90 se uitsprake mbt apartheid geen wetenskaplike begronding nie. Dit wek die indruk van 'n propagandastuk eerder as 'n belydenisstuk.

In KS-90 word geen onderskeid gemaak tussen die **horisontale apartheid**, wat nog as erfstuk van die koloniale tydperk **gemik was op blatante oorheersing en onderdrukking**, en die **vertikale apartheid wat reeds op die teenoorgestelde gemik is ni die voorsiening vir elke volk in SA om vry, onafhanklik en selfstandig te ontwikkel. 'n Belangrike kenmerk van die horisontale apartheid was dat die vloer van die blankes die plafon van die swartes was. Hierdie beleid van onderdrukking het nog nooit die goedkeuring of seën van die NG Kerk geniet nie. Hierteenoor het baie Christen-Afrikaners juis die politieke beleid van afsonderlike ontwikkeling bevorder wat berus op vertikale apartheid waar elke volk in SA juis beskerm word teen onderdrukking en oorheersing deur ander volkere. In hierdie apartheid is daar geen plafon vir enige volk nie ... elkeen kry die geleentheid om sy volle potensiaal te ontwikkel wat hy van God ontvang het.** Hierdie vorm van "apartheid" het in politieke, kerklike en wetenskaplike kringe **al hoe meer bekend gestaan as afsonderlike ontwikkeling of selfbeskikking of eiesoortige ontwikkeling.** Hierdie terminologie word dan doelbewus in die latere kerklike taal gebruik (RVN1974 en 1982) **om dit te onderskei van die horisontale apartheid wat op die gedagte van voogdyskap en selfs hoogmoed of rassisme gebaseer is. Die NG Kerk het in die verlede telkens eersgenoemde vorm van apartheid (horisontale apartheid) afgewys, maar die tweede vorm van "apartheid" (vertikale apartheid of afsonderlike ontwikkeling) is verskeie kere deur die kerk aan die beginsels van God se Woord getoets en bevind dat dit waarskynlik die mees regverdige en vreedsame oplossing bied vir alle volkere in SA, en dat dit ook die Bybelse toets van liefde en geregtigheid deurstaan.**

Bogenoemde standpunt word bevestig deur 'n eerlike objektiewe studie van alle tersaaklike besluite wat die NG Kerk sedert die laat veertiger jare geneem het rondom volkere en rasseverhoudinge in SA. 'n Goeie voorbeeld hiervan vind ons in die **sendingbeleid van 1947**: "Die beleid van voogdyskap soos tans beoefen, **moet geleidelik oorgaan in 'n beleid van volkome selfstandigheid en selfbestemming vir die Kleurling en Naturel in sy eie samelewing, skool en werk."** (Sendingbeleid van die NG Kerk 1947).

Tydens die kerklike kongres wat in **1950 in Bloemfontein** gehou is word reeds in die eerste paragraaf van die eerste referaat onomwonde verklaar: **"Ook vir die verhouding tussen die verskillende rassegroepe in ons samelewing kan en moet die Evangelie met al sy toepassings die enigste blywende oplossing bied."** (Die Naturellle Vraagstuk, Referate gelewer op die kerklike kongres, Bloemfontein, 4-6 April 1950, bl 5)

Op hierdie kongres word besluit dat die kerk die regering sal **versoek om weg te beweeg van die ou koloniale benadering tot naturelle-onderwys**, waar onderwys slegs die voorreg van 'n klein groepie naturelle was, en waar dit hoofsaaklik uit barmhartigheid deur kerkskole hanteer is, en die bantoe dan ook die voorreg van moedertaalonderrig ontneem is. Die owerheid word versoek om die volle verantwoordelikheid te aanvaar vir die daarstelling van skole en universiteite vir naturelle-onderwys met dieselfde voorreg wat in blanke skole reeds beproef is nl die voorreg van moedertaalonderrig.

Tov afsonderlike ontwikkeling (vertikale apartheid) kry ons ook die volgende bevinding en besluit van die kongres van 1950: **"Die beleid van aparte ontwikkeling word aanvaar as die gesonde grondslag waarop sowel blankes as Bantoe gelukkig kan saamlewe sonder dat die belange van die een in botsing kom met die belange van die ander en sonder dat die een die ontwikkeling van die ander as 'n gevaar of bedreiging vir homself sal aanvoel."**

Ook die **Algemene Sinode van 1982 spreek hom baie duidelik en ondubbelsinnig uit teen rassisme en die meerder- waardigheid van een volk oor 'n ander (dus teen horisontale apartheid)**: "... aangesien die gebod tot naasteliefde wat ook in geregtigheid tot uiting kom (RVN13.9), die etiese norm vir die reëling van volkereverhoudings is (RVN 13.8) **verwerp die Algemene Sinode alle rassisme as onskriftuurlik, as sonde ..., aangesien dit sommige volke as meerderwaardig en ander as minderwaardig beskou en behandel."**

**Hierteenoor word vertikale apartheid (afsonderlike ontwikkeling) in dieselfde beleidstuk van die kerk bevind as prinsipieel verantwoordbaar in die lig van die Skrif. " 'n Staatkundige stelsel wat gebou is op eiesoortige ontwikkeling by verskillende bevolkingsgroepe kan in die lig van die Skrif prinsipieël verantwoord word.** Hierin moet egter altyd die gebod van naasteliefde gestel word as etiese norm vir die reëling van gesonde volkereverhoudinge" (RVN 49.6). So het die NG Kerk al die jare duidelik onderskei.

**3.4 Om te beweer dat par 284-285 van KS-90 wel sou spesifiseer watter soort apartheid nou sonde is, is nie waar nie.** Daardie kenmerke sou 'n mens ook op enige ander politieke model kon toepas. KS-90 het skynbaar gepoog om die wêreldopinie tevrede te stel en het sodoende nie die taal van die kerk gebruik nie, maar die taal van die anti-apartheidsprofete wat nog altyd kwaadwilliglik geweier het om die radikale verskil tussen apartheid en afsonderlike ontwikkeling te erken. Is dit hoekom KS so vinnig **in die twee wêreldtale** nl Engels en in Duits vertaal en op groot skaal versprei is?

**3.5 Die sinode het ongetwyfeld nie daarop ag geslaan dat die sonde primêr nie in 'n stelsel lê nie, maar in die mens in en agter die stelsel.** Die onbekeerde mens kan en sal van enige politieke stelsel 'n gruwel maak. As die sinode enige ander politieke stelsel in die wêreld sou ondersoek, sal hy ongetwyfeld dieselfde sondes wat vandag uitsluitlik aan apartheid toegedig word, ook by die mense in daardie stelsel vind.

**3.6 Indien die sinode sou voortgaan om soos in die verlede 'n ewewigtige standpunt tov apartheid te handhaaf deur te onderskei tussen 'n regverdige en 'n onregverdige toepassing van apartheid (afsonderlike ontwikkeling), 'n Bybels-verantwoordbare en 'n sondige apartheid, of apartheid en afsonderlike ontwikkeling, dan sou dit nie die anti-apartheidsprofete tevrede stel nie.** Die kerk sou nie in dieselfde koor kon sing as die revolusionêre teoloë in die Rustenburgdeklarasie nie. Dit sou ook nie die regering van die dag help om verkiesings en referendums te wen nie, **maar dit sou die NG Kerk spaar van kerkskeuring en van groot verliese.** Dit sou ook meer in lyn wees met die beginsels en eise van die Skrif tov waarheid, geregtigheid, vrede, geloof en liefde. Die kerk sou dan nader aan die Bybelse opdrag kom om die evangelie van verlossing in Jesus Christus te verkondig.

## 4. REAKSIE VANUIT DIE KERK

Weer eens kan ons aansluit by prof Potgieter se woorde: **"Onewewigtigheid kan skrikwekkende gevolge hê, veral as dit voorkom by mense wat in 'n magsposisie verkeer". Die ongelukkigheid en protes van lidmate en kerkrade oor KS-90 duur alreeds 8 jaar voort**, en nog steeds is dit nie die einde nie. **Enkele voorbeelde van die ongekende protes teen KS-90 is:**

**4.1 Grootskaalse instroming van beswaarskrifte na kerklike vergaderings.** Sedert 1986 het alreeds honderde beswaarskrifte van lidmate en kerkrade ingestroom nie net na streeksinodes nie, maar ook na die AKLAS en ASK. Die ASK rapporteer self soos volg: "Besware en kommentaar op Kerk en Samelewing het onmiddellik na die sinode op 'n aansienlike skaal begin inkom." (Agenda 1990 p 20).

**4.2 Stigting van komitees en organisasies om die saak te probeer regstel**

**4.2.1 Reeds** op 26 Nov 1986 het 'n komitee wat aangewys is deur lidmate wat probleme het met KS, lede van die dagbestuur van die ASK ontmoet om beswaar te maak. Daar is van toe af al verskeie kere met die ASK onderhandel oor wyses waarop die krisis ontlont kan word, maar tevergeefs.

**4.2.2 Verskyning van Geloof en Protes.** Hierin sit beswaardes hulle besware teen KS-86 uiteen.

**4.2.3 Stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk.** Op 27 Junie 1987 roep die voortsettingskomitee die beswaardes byeen in die Skilpadsaal in Pretoria. Daar word gerapporteer van die onsuksesvolle onderhandelings met die ASK, en 'n groot groep van die beswaardes teenwoordig **besluit om 'n nuwe kerk te stig nl "Die Afrikaanse Protestantse Kerk"** (APK). Volgens statistiek van Julie 1993 bestaan die APK reeds uit 238 gemeentes met 135 predikante en 50 000 lidmate. Verreweg die meeste lidmate van die APK is lidmate wat die NG Kerk verlaat het agv besluite en standpunte van die Algemene Sinode.

**4.2.4 Stigting van die Afrikaanse Gereformeerde Bond (AGB).** Heelwat van die lidmate wat in die Skilpadsaal teenwoordig was, het besluit om nog eers te kyk of die saak nie binne die kerk reggestel kan word nie. Uit hulle geledere word die AGB gestig op 20 Julie 1987 in die sinodale sentrum in Pretoria. (Aanvanklik staan hulle bekend as die Ned Geref Bond). Ook vanuit hulle geledere verskyn daar verskeie publikasies en is daar verskeie gesprekke gevoer met die ASK.

**4.2.5 Noodroep Studiegroep.** Op versoek van vele lidmate word 'n studiegroep gestig met die doel om 'n teologiese gesprek binne in die kerk aan die gang te sit rondom probleme waaroor lidmate beswaard voel. Onder leiding van 12 predikante van die kerk verskyn die pamflet "'n Noodroep, die damwal breek." Hierin word die probleme kernagtig opgesom.

**4.2.6 Vele Publikasies verskyn met ernstige krete van protes.** Voorbeelde hiervan is: Geloof en Protes(VK), die Protesskrif (APK), Quo Vadis (ds V Loggenberg), Die NG Kerk en Apartheid (dr AP Treurnicht), The New Direction in South African Dutch Reformed Theology-Anabaptist or Reformed ... A Theological and Philosophical Analysis of Church and Society 1990 (MR Kreitzer), Die Waarheid Struikel (MC Adendorff), Kerk en Samelewing (prof S Strauss), Kerk en Samelewing 'n wesenskou (prof FJM Potgieter), 'n Noodroep die Damwal breek (Noodroep Studiegroep), Die Laaste woorde van prof FJM Potgieter aan sy kerk (Die tweede VK), Steunpunte vir verwarde lidmate (dr J A Greyling), Moeder ek klaag u aan (dr J Gerber)

**4.2.7 Kerkrade weerhou hul Sinodale bydraes.** Verskeie kerkrade het so ernstig oor die saak gevoel dat daar besluit is om tydelik hul sinodale bydraes terug te hou as teken van protes.

**4.2.8 Die Kerkraad van De Deur.** Tot groot skade en skande vir die NG Kerk sal die hartseer geskiedenis van die gemeente van De Deur vir altyd deel bly van die hartseer resultaat van die onewewigtige besluite van die Algemene Sinode in KS-90, en ook van die kerk se onvermoë om hierdie saak op 'n kerklike wyse op te los. **Na twee draaie in die wêreldse hof, behou die NG Kerk die geboue van De Deur, maar hy verloor die lidmate van De Deur, hy behou die kansel van De Deur, maar hy verloor die predikant van De Deur, hy behou die sleutel van De Deur maar hy verloor die koster van De Deur, hy behou die orrel van De Deur, maar hy verloor die orreliste van De Deur.**

**4.2.9 Byeenkoms van ontevrede lidmate in Pretoria.** Grootskaalse ontevredenheid oor KS-90 asook die gebeure by Rustenburgberaad lei tot 'n byeenkoms van ontevrede lidmate van die NG Kerk op 1 Des 1990 in Pretoria. Die aanwesiges distansieer hulle openlik van die optrede en belydenis van prof Jonker asook van die afvaardiging van die NG Kerk. Ten spyte van sterk gevoelens van sommige ontevrede lidmate, word hulle tydens hierdie byeenkoms versoek om nie uit protes teen die sinode en teen Rustenburgberaad hul bydraes aan hul onderskeie gemeentes te staak nie. Gemeentes word ook afgeraai om op hierdie stadium hul verband met hul ring, sinode en algemene sinode te verbreek. Almal word daar gevra om steeds die koninklike weg te volg deur eers hul vrae, twyfel en besware via 'n voortsettingskommissie met die ASK te bespreek en om sodoende 'n oplossing te probeer vind. Daarop is toe besluit om 'n klein voortsettingskommissie (VK) te benoem om langs kerklike weë die saak so spoedig as moontlik te hanteer, terwyl 'n ernstige beroep ook op lidmate gedoen is om nie die kerk te verlaat voordat ons die saak billik en behoorlik met die ASK kon bespreek om sodoende 'n oplossing te vind nie.

Op 4 Desember 1990 word 'n eerste onderhoud met die ASK gevoer, waarna verskeie gesprekke volg. Korrespondensie is gevoer, memoranda is opgestel en aan die ASK voorgelê. **Dit alles was egter sonder enige noemenswaardige vordering of enige bevredigende antwoorde.** Aangesien die tyd vir verdere gesprek begin uitloop het, het die ASK aan die VK die vergunning gegee om hierdie memorandum op te stel wat die ASK dan in sy verslag aan die Algemene Sinode sal opneem. Hiervoor is ons as VK die ASK opreg dankbaar.

**In nederigheid wil ons die Algemene Sinode baie dringend daarop wys dat die probleem rondom hierdie saak nog nie opgelos is nie. Daar is nog baie lidmate wat geduldig sit en wag om te sien of die Sinode van 1994 bereid sal wees om sy eensydige en onewewigtige besluite te hersien en sodoende die kerk se geloofwaardigheid te herstel.** Die VK wil nie graag sien dat die NG Kerk oor hierdie saak verdere verliese, onmin en skade ly nie.

Die VK vertrou van harte dat die Algemene Sinode die saak in 'n ernstige lig sal beskou en deur 'n positiewe besluit die hande van die VK sal sterk wanneer die VK na afloop van die sitting aan die ongelukkige lidmate moet terug rapporteer en leiding moet gee hoedanig die optrede vorentoe moet wees

Die VK bid die Algemene Sinode die rykste seën van die Here op sy verdere werksaamhede toe.

## 5. AANBEVELINGS

**5.1 Die Algemene Sinode neem kennis van punt 1-4 in die voorafgaande memorandum.**

**5.2 Die Algemene Sinode spreek sy begrip en sy kommer uit oor die ongelukkigheid, verwarring en twyfel wat na 4 jaar nog steeds in die gemoed van baie lidmate bestaan oor die besluit van die 90-sinode ivm "apartheid" en verseker die lidmate dat die Algemene Sinode graag die nodige aandag op 'n verantwoordelike wyse aan die saak sal gee.**

**5.3 Die Algemene Sinode besluit om sy standpunt oor "apartheid" soos in KS-90 hoofstuk 5.2 , "Die NG Kerk en Politieke Modelle", uiteengesit, in hersiening te neem. Die Sinode gee opdrag om in die lig van die Skrif, die kritiek, besware en korrespondensie oor die betrokke paragrawe deeglik te bestudeer en die lidmate ook daaromtrent in te lig in 'n verslag wat die ASK sal uitreik.**

**5.4 Die Algemene Sinode gee opdrag dat die besluit van die Sinode van 1986 (KS-86 par 309) en herhaal is by die Sinode van 1990 (KS-90 par 75) nou die nodige aandag kry en uitgevoer word. Dit lui soos volg: "Die kerk sal dus nie politieke modelle aan die owerheid mag voorskryf nie, maar kragtens sy profetiese funksie sal die kerk voortgaan om elke bestaande en voorgestelde politieke model aan die Bybelse beginsels en norme te toets."**

**5.5 Die Algemene Sinode besluit om hom duidelik uit te spreek oor die vraag of hy nog by "Ras, Volk, Nasie en Volkereverhoudinge in die lig van die Skrif", par 4.96 staan soos by die Algemene Sinode 1974 besluit is. Dit lui soos volg: "'n Staatkundige stelsel wat gebou is op eiesoortige ontwikkeling by verskillende bevolkingsgroepe kan in die lig van die Skrif prinsipieël verantwoord word. Hiermee moet egter altyd die gebod van naasteliefde gestel word as die etiese norm vir die reëling van gesonde volkereverhoudinge." Die Sinode besluit om sy antwoord so spoedig as moontlik op 'n gemotiveerde wyse aan die kerk beskikbaar te stel.**

**5.6 Die Algemene Sinode spreek hom uit teen die uitreiking van verkarings namens die kerk deur afgevaardigdes na kerkeberade.**

Namens die Voortsettingskomitee
Ds JE Potgieter
Dr AP Treurnicht (Intussen reeds oorlede)
Prof EPJ Kleynhans
Dr AJ van Wyk
Dr JA Greyling
Ds LLE De Lange
Ds T Danzfuss

# BYLAE ASK-8: VOORLEGGING VAN AFRIKAANSE GEREFORMEERDE BOND (AGB)

* Hierdie voorlegging word weergegee presies soos dit van die AGB ontvang is.

## 1. UITNODIGING

Die AGB reageer hiermee op 'n uitnodiging gedateer 8 Maart 1993 wat soos volg lui:
"Die Algemene Sinodale Kommissie het besluit dat die Afrikaanse Gereformeerde Bond 'n kort stuk kan opstel wat as bylae tot die ASK-verslag voor die Algemene Sinode 1994 sal dien waarin 'n versoek dat Kerk en Samelewing 1990 hersien en verander word, gemotiveer word."

## 2. ONDERNEMING VAN AFVAARDIGING NA WêRELDBOND VAN GEREFORMEERDE KERKE (WBGK) 1993-03-05

**("Response of the Dutch Reformed Church at die WARC Consultaton - 1993-03-05")**

Hierin lees ons reeds die onderneming van die afvaardiging wat soos volg lui:

"We recognise that, in view of changing circumstances as well as criticisms received, the policy document will probably have to be rewritten in the future. We, however, hope that this exercise will not be undertaken by the DRC on its own, but as a joint venture of the DRC- family".

Voorop staan hierin dat veranderde omstandighede en kritiek die hersiening van KS noodsaaklik gemaak het en dat dit 'n gesamentlike poging met die ander lede van die NG Kerkfamilie moet wees. Hieroor het ons reeds vooraf enkele vrae:

**2.1** Dit is reeds op sigself 'n erkenning van die gebreke van KS, o.a. dat dit nie werklik op die Skrif en belydenis gefundeer is nie en na eis van omstandighede en kritiek van buite voortdurend hersien en verander moet word, veral om die ekumeniese liggame en die NGK- familie te pas en te bevredig. Waarom is daar dan soveel druk op predikante en kerkrade uitgeoefen om KS toe te pas en wel as besluite van die Algemene Sinode wat onder leiding van die Heilige Gees geneem is op grond van nuwe lig en 'n beter verstaan van die Bybel?

**2.2** As dit nou 'n gesamentlike poging met die ander lede van die NGK-familie moet word, wie se beleidsdokument gaan dit wees en wie almal sal daarmee gedreig en verplig word om dit uit te voer? Hoe ver wil die NG Kerk nou nog op hierdie pad voortgaan d.w.s op die pad van die begeerde eenheid en akkommodasie om wie almal te vrede te stel? Ons voorsien alleen meer en groter probleme op hierdie weg.

**2.3** Die afvaardiging het reeds aan die WBGK namens die Algemene Sinode (op grond van KS) allerlei ondernemings gegee dat "apartheid" finaal as sonde verwerp is, dat ons verbind is om apartheid en sy gevolge finaal te vernietig, dat ons onherroeplik op pad is na "eenheid" ensomeer, nou is ons vraag:

Watter sin kan dit vir die AGB hê om 'n motivering te gee DAT en HOE KS hersien moet word? Is dit nie oëverblindery net om te kan sê dat die beswaarde en ongelukkige lidmate ook 'n geleentheid gehad het om insette te lewer nie?

**2.4** Gegewe bogenoemde modus operandi voel ons dat die gevaar van Mt 12:43-45 (Luk 11:24-26) bewaarheid kan word wat betref KS naamlik dat die een bose gees moontlik vervang kan word met sewe en dat die laaste van KS erger kan wees as die eerste - indien die Algemene Sinode voortgaan met sy voetvallery voor die ekumene, wêreldkerke en ander kerke hier te lande wat deurdrenk is met die Neo-Marxistiese bevrydingsteologie, teologie van die revolusie, kontekstuele teologie en andere wat onder 'n kleed van vroomheid en 'n skyn van heiligheid besig is om die evangelie van Jesus Christus (as enigste Middelaar en Verlosser) te ondermyn. Wil die Algemene Sinode op hierdie pad voortgaan om die NGK verder en verder te politiseer en in pas te bring met hierdie dwaalrigtings of gaan die NG Kerk halt roep en omdraai op hierdie verkeerde pad? Dit word tog seker vir ons almal al duideliker dat ons midde in 'n Marxistiese revolusie op politieke en staatkundige terrein is en dat daar van hervorming op Bybelse gronde geen sprake is nie. Moet die NG Kerk homself nie liewers op grond van Skrif en belydenis anti-revolusionêr rig teen hierdie hele goddelose en God-lose proses nie? Vir ons is die antwoord duidelik in die Skrif gegee:
"Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie ..." (1 Kor 6:14 - 7:1)
Hierdie waarskuwings en beloftes is ook vir ons. (1 Kor 7:1)

## 3. WAT VRA DIE AGB VAN DIE ALGEMENE SINODE?

Die AGB vra hoegenaamd nie 'n hersiening van Kerk en Samelewing in bogenoemde gees nie, maar ons vra op grond van ons grondslag, doel en oortuigings (soos in ons Grondwet) kortliks die volgende:

### 3.1 HERSIENING VAN UITGANGSPUNTE EN STANDPUNTE VAN DIE ALGEMENE SINODE OP GROND VAN SKRIF EN BELYDENIS:

Dit is seker nie te veel gevra van 'n gereformeerde kerk nie! Waar die apostel Paulus in Efesiërs 4 oor EENHEID handel, gee hy in vers 15 die volgende kernuitspraak:

"Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe."
As u nou miskien met die Pilatusvraag na vore kom: "Wat is waarheid?" dan sê Jesus self vir u:
"Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur my nie". (Joh 14:6)

"Kerk en Samelewing" wat graag tuis wil wees in die kringe van die Ekumene en die Bevrydingsteologie het 'n heillose weg ingeslaan waar die evangelie van Jesus Christus as enigste Middelaar, Verlosser en Here op die spel geplaas word. Ons moet onverwyld terugkeer na die grondpilare van die Reformatoriese verlossingsleer nl. dat die sondaar op grond van Christus se versoening aan die kruis uit genade gered word, deur geloof alleen en tot eer van God alleen (Ef 2:8-10) volgens die leer van die heilige Skrif alleen. (2 Tim 3:16- 17; 2 Pet 1:23; 1 Tes 2:13)

Is dit te veel gevra van 'n gereformeerde kerk?

**3.2 WATTER UITGANGSPUNTE?**

Gesien die agtergrond waarteen KS ontstaan het nl. as hersiening van "Ras, Volk en Nasie" en die nuwe politieke bedeling sowel as die geweldige druk van buitelandse kerke en ekumeniese liggame op die NG Kerk, spreek dit vanself dat 'n buite-Bybelse geesteskIimaat meer invloed uitgeoefen het as wat goed was. Dit het 'n politieke en sosiale bekering en wending tot gevolg gehad by sommige teoloë en akademici. 'n Nuwe geestesdryfkrag het op die harte beslag gelê en daar is met 'n nuwe bril na die Bybel gegaan. Historiese en sosiale faktore het 'n paradigma-verskuiwing by NGK teoloë laat plaasvind met as gevolg 'n blywende spanning tussen die vroeëre uitgangspunte van 'n Bybelse grondmotief (van skepping, sondeval, verlossing en herskepping) en die nuwe paradigma en grondmotief van die humanistiese liberalisme (die vryheidsideaal, bevrydingsteologie, medemenslikheid en menseregte van SK).

Baie insiggewend in hierdie verband is die intreerede van prof PJ Strauss (Teol Fak UOVS): "Op die Tweesprong? Die NG Kerk oor die tema "Kerk en Samelewing" in die Kerkorde en KS 1990". Hy toon onder andere duidelik aan dat die Kerkorde en KS 1990 nie in ooreenstemming met mekaar is nie en die NG Kerk op 'n tweesprong laat beland. Daar is duidelik twee gedagtelyne in die twee dokumente:

(a) In die Kerkorde - die Neo-Calvinistiese tradisie en

(b) In KS 'n wending na die Barthiaanse natuur/genademotief.

By eersgenoemde was daar nog 'n moontlikheid tot verchristeliking van die samelewing, terwyl by laasgenoemde hierdie reformatoriese weg verlaat is en dit meer gaan oor die verkerkliking van die samelewing. Dit moet as 'n verlies aangemerk word en 'n terugkeer na die gedagtelyn van ons kerkorde, word as 'n vereiste gestel.

**3.3 TERUGKEER TOT SKRIF EN BELYDENIS**

Vrae rondom Skrifgesag en Skrifuitleg staan tans in die branding - ook in die Ned Geref Kerk. Dit is meer as nodig dat die Algemene Sinode aandag moet gee aan leerdwalings by akademici en predikante van die Ned Geref Kerk. Met leerdwalings word bedoel dat die Skrifgesag ondermyn word en afgewyk word van die Drie Formuliere van Eenheid. As voorbeeld wil ons hier verwys na die Artikel van Joan van Zyl in De Kat, Maart 1993 (bl 72 - 76) onder die opskrif: **"WAT LIDMATE NIE HOOR NIE"**. Dit word hierin eksplisiet gesê dat hedendaagse beskouinge 'n vraagteken plaas oor die Bybel as die Woord van God (bl 73). Hierdie artikel wemel van die name van NG teoloë en die vraag is: wat gaan die Algemene Sinode in hierdie verband doen om leertug in ons kerk te handhaaf?

Ons verwys in hierdie selfde verband na 'n artikel in Die Bondgetuie Jrg 4, Sept 1992 Nr 1 en 2: "Moeder, Ik klaag u aan" - Dr JM Gerber, waarin breedvoerig ingegaan word op die gevare wat die suiwer leer van die Ned Geref Kerk bedreig. Ons het ook reeds kennis geneem van die studiestuk van CF Heiberg: "Verantwoordelike kritiek ..." Okt 1992 (bls 5 - 13) asook van die indringende kritiek op Kerk en Samelewing 1990 van prof FJM Potgieter: Kerk en Samelewing - 'n Wesenskou (1990)

Wat stel ons dan in hierdie verband voor?

Ons stel voor dat die Algemene Sinode in die lig van al hierdie kritiek weer indringend aandag sal skenk aan die studiestuk: **Skrifgebruik en Skrifgesag** (Alg Sinode 1986 bl 592- 594) en dit in brosjurevorm as besluit van die Sinode sal publiseer en gebruik.

Ons stel verder voor dat Artikels 2-7 van die NGB as uitgangspunt in hierdie verband geneem sal word ten einde die Alg Sinode se standpunt in ooreenstemming met ons belydenis te bring.

**3.4 VERANTWOORDE SAMELEWINGSLEER**

In die lig van die Bybelse grondmotief sowel as artikel 2 (NGB) sou 'n hersiening van die KS moes begin met 'n uitgewerkte samelewingsleer waarin duidelik onderskei moet word tussen die onderskeie samehangende samelewingsverbande. Dit sal ons help om duidelik te onderskei tussen die kerk as samelewingsverband en die ander soos die gesin, die staat, die skool, die bedryf en kultuurorganisasies, verenigings en maatskapsverbande. Die roepingstaak van die kerk ten opsigte van elke ander samelewingsverband of maatskapsverhouding moet voorts in die lig van die Skrif aangedui word. Dit kan ook help om 'n duidelike visie op die Koninkryk van God te ontwikkel en ons laat insien dat elke lewensverband binne die Koninkryk van God geroepe is om 'n eiesoortige gestalte van die Koninkryk daar te stel. Dan word die weg geopen tot 'n verchristeliking van die samelewing en Christelike kultuurbou as teenvoeter teen sekularisme.

Langs hierdie weg kan afgereken word met die verskraalde openbaringsbegrip sowel as met die soteriologiese verskraling van die openbaringsbegrip wat by

BARTH c.s aangetref word. In die lig van die verskeidenheid WOORD-GESTALTES waarop onder andere JA Heyns gewys het, kan 'n pragtige Koninkryksvisie ontwikkel word.

(JA Heyns - Die Kerk, bls 4-27; JM Gerber - Die Staat: Sy Taak en Roeping Ongepubl. MA -Verh bls 299-308; JH Olthuis - The Word of God and Biblical Authority I.B.C. Studiestuk F1 no 101 April 1976 bls 10 ev.; FG Immink - Schepping, Natuur en Openbaring - Theologia Reformata Jrg 19 Des. 1986 bls 267-382).

JH Olthuis beklemtoon dit tereg dat die Woord van God nie net aan die Kerkinstituut gegee is nie, maar aan elke gelowige binne elke lewensverband.

SU Zuidema (Communication and Confrontation, 1972 bls 51) beklemtoon die roeping van die Kerk in hierdie verband as hy sê:

"The Church is here in the first place, as a gracious act of God in Christ, to make this clear to its members by the light of God's Word, and to hold this before them in all ecclesiastical exercising of office. This is an essentail part of the Church's pastorate."

### 3.5 WARE KERKWEES

Die Algemene Sinode is reeds bewus van kritiek van uit AGB kringe wat betref die kerkbegrip van KS. Daar is hiervolgens 'n oorbeklemtoning van die eenheid: enersyds ten koste van die ander wesenseienskappe (katolisiteit, heiligheid, universaliteit) en andersyds ten koste van die kenmerke van ware kerkwees (bediening van Woord, sakramente en tug op grond van Gods Woord). Hierdie eenheidsdrywery is baie duidelik onder aanvuring van die ekumene en die NG Kerkfamilie in SA. Prof FJM Potgieter het aangedui dat dit ook te wyte is aan die totale negering van die leer van die Triniteit in KS wat in ootmoed as hermeneutiese sleutel gebruik moet word om die Skrif vir ons te ontsluit. (Kerk en Samelewing - 'n Wesenskou 1990, Stellenbosch bls 51). Is dit nie waarom onder andere

- KS relevante Skrifgedeeltes wat op die Triniteit betrekking het soos Mt 28:19 en 2 Kor 13:13 verbygegaan het nie?

- KS gedeeltes wat die verskeidenheid in die skepping (en regering van God) soos Gen 10, 11:1-9; Dt 32:8; Hand 17:25-28 relativeer en wegverklaar (KS 104-108) in soverre dit die legitieme verskeidenheid ook in kerkgestaltes raak?

- KS gevolglik ook nie kan insien dat God se werke in skepping, onderhouding en regering ewegoed is as sy werke van verlossing en herskepping nie?

Die AGB is van oortuiging dat daar by 'n eventuele hersiening van KS van die NGB Art 27- 29 uitgegaan moet word en dat die klem gelê moet word op WARE KERKWEES in reformatoriese sin (Art 29) (Vgl ook Die Bondgetuie - Jrg 4, Sept 1992 - "Moeder, ik klaag u aan" bls 7-13; 25-28) Die gevare van 'n valse eenheidstrewe (die ekumenisme), strukturalisme (oordrewe klem op strukture waarin eenheid sigbaar gestalte moet kry) en verpolitisering van die Kerk kan op dié wyse bekamp word. Dit moet vir ons veel meer en veel eerder gaan om sover moontlik ware en suiwere Kerk van Christus te wees as om EEN te wil wees met kerke wat nie die waarheid van die Bybel onbevlek en suiwer probeer handhaaf nie. As 'n kerk 'n ander leer verkondig en nie hou by die gesonde leer van ons Here Jesus Christus en by die leer van ons godsdiens nie (1 Tim 6:3) moet ons kerk hom van sulke kerke afkeer en by ons gereformeerde leer bly (1 Tim 3:5(b); 14-17; 4:5). Ons is van oortuiging dat die planting van ware, eiesoortige (inheemse), selfstandige, selfuitbreidende gereformeerde belydeniskerke vir onderskeie inheemse volkere en kultuurgroepe op baie goeie Skrifgefundeerde sendingbeginsels berus en nog steeds nagestreef behoort te word. Dit behoort baie deeglik in ag geneem word wanneer aan 'n eenheidsmodel vir die NG Kerkfamilie gewerk word. Die behoud van eie identiteit en 'n eiesoortige kultuurgestalte hoef nie in die weg te staan van samewerkingsverbande tussen kerke van dieselfde belydenisgrondslag nie, maar dieselfde belydenisgrondslag hoef ook nie noodwendig een organisasie of struktuur te vereis nie. Ons eenheid is ten diepste in Christus soos afgeteken en beseël deur die heilige Doop en die heilige Nagmaal. Dit kan alleen 'n ware eenheid wees as dit 'n eenheid in die WAARHEID van die evangelie is. 'n Eenheid buite die waarheid is 'n dwaling. Dan is dit 'n eenheid in die ryk van die duisternis (van die anti-chris en valse profeet).

### 3.6 SINODOKRASIE

Daar was reeds baie klagte oor die weg wat die Algemene Sinode met KS (1986, 1990) gegaan het nl om deur middel van 'n permanente kommissie (AKLAS) 'n beleidstuk van die sensitiewe aard van KS op te stel, dit by die Algemene Sinode te laat goedkeur en daarna dit na die sinodes en kerkrade "af te wentel". Die gereformeerde weg is in die eerste plek volledig andersom nl dat sake wat vir plaaslike kerke 'n behoefte en probleem is langs die weg van beskrywingspunte na die kerkverband gaan en eers in die tweede plek weer terugkom na plaaslike kerke. Hierdie verkeerde weg het die indruk van 'n sinodokratiese en burokratiese dwangsisteem van kollegialistiese aard by baie lidmate en predikante gewek en versterk. Dit het die NG Kerk baie duur te staan gekom en behoort nie weer te gebeur nie.

### 3.7 ANDER LEWENSVERBANDE

Die huwelik, gesin, staat, skool, bedryf e.a. lewensverbande het in die RSA werklik in 'n krisis (van die sekularisme) gekom. Die AGB dring by die Alg. Sinode ernstig daarop aan om hieraan aandag te gee. Terwyl die beginsel van vryheid in eie bevoegdheid by al die lewensverbande erken en gehandhaaf moet word, moet die tipiese en eiesoortige roeping en taak van die Ned Geref Kerk ten opsigte van elke ander lewensverband helder en duidelik, op grond van die Bybel, in die lig gestel word. Die Algemene Sinode behoort verder beginselsriglyne neer te lê vir die verchristeliking van al hierdie lewensverbande en besondere aandag te skenk aan die Christelike kultuur- of volkseie skool.

Die proses van politisering wat in die NG Kerk begin is (rondom kerkeenheid en ekumene) behoort beëindig te word. Geen verskoning kan gevind word vir die veroordeling van een politieke beleid, (die van afsonderlike ontwikkeling) terwyl 'n Neo-Marxistiese integrasiebeleid wat met sosiale en staatkundige rewolusie gepaard gaan, oogluikend aanvaar word en geweld, werkloosheid en verarming in sy ergste vorm voortduur nie. Ten opsigte van die staatkundige ontwikkeling in SA kan die kerk hom alleen oor die beginsel van geregtigheid, waarheid en menswaardigheid uitspreek en behoort hy die internasionale reg van volke tot selfbeskikking te aanvaar. In solidariteit met die Afrikanervolk sou die NG Kerk ten minste ook sy reg op staatkundige selfbeskikking en die beskerming van sy kulturele identiteit beklemtoon. Met inagneming van Mat 7:12 moet die besonderhede uitgewerk word, maar dit is nie die kerk se taak nie.

### 3.8 KERK EN KONINKRYK

Die verhouding: Kerk en koninkryk moet duidelik uitgespel word in die lig van die gebed van die Here en die 10 Gebooie soos verklaar deur die Derde Deel van die Heidelbergse Kategismus. Dit is tog waarop die gehoorsaamheid en dankbaarheidslewe van die burgers van Gods koninkryk neerkom. Die vraag na die tipiese taak van elke lewensverband ten opsigte van die Koninkryk van God moet hierin aan die orde kom byvoorbeeld hoe 'n tipiese staatlike belydenis in die lig van artiel 36 van die NGB moet lyk, hoe 'n Christelike huisgesin in 'n christelike skool daar moet uitsien, ensomeer. Hier lê 'n enorme taak, wat feitlik nog geen aandag ontvang het nie, en wat van wesenlike belang vir die uitbou van 'n Christelike beskawing en 'n Christelike kultuur hier te lande, kan wees. Die doel daarmee moet wees om die ryk van die anti-chris ten gronde te rig en positief te bou aan die Koninkryk van God. Dan kan 'n nuwe "Kerk en Samelewing" moontlik ook weer sin maak in en vir die NG Kerk!

## 4. VOORSTEL

In die lig van bostaande beredenering van die Sinodale beleidstuk, Kerk en Samelewing 1990, stel die AGB voor dat die Algemene Sinode van Oktober 1994 soos volg besluit:

**4.1 Die Algemene Sinode erken die noodsaaklikheid dat die beleidstuk, Kerk en Samelewing 1990, in sy geheel heroorweeg en herskrywe moet word. (Vgl response of the D.R.C. at the WARC Consultation 1993-03-05).**

**4.2 Die Algemene Sinode wys 'n werksgroep aan waarop ook verteenwoordigers van die liggame wat van binne die kerk teen die beleidstuk beswaar gemaak het, verteenwoordig sal wees.**

**4.3 Totdat die nuwe verslag deur die (moontlik buitengewone) Algemene Sinode goedgekeur kan word, sal die kerk gelei word deur die algemene riglyne van die Skrif, die kerk se Belydenisskrifte en die Kerkorde.**

LEDE VAN DIE AGB

SEPTEMBER 1993

# BYLAE ASK-9: VERSLAG VAN VERTEENWOORDIGER VAN DIE ASK IN DIREKSIE VAN RADIOKANSEL

Dit was vir my 'n voorreg om die afgelope vier jaar in die direksie te dien. Nie alleen was dit 'n tydperk van groot veranderinge nie, maar ook 'n tydperk waarin beplanning en strategie van die uiterste belang was.

Ek doen soos volg verslag:

## 1. MISSIE

Radiokansel het 'n duidelike missie geformuleer wat soos volg lui:

Radiokansel is 'n onafhanklike, Christelike radio-organisasie wat tot eer van God die evangelie van Jesus Christus in verskillende tale in Suid-Afrika uitsaai, met die doel om ongelowiges vir Christus te wen en gelowiges in hulle geloof op te bou.

Aanvullend tot die radio-uitsendings word ook ondersteuningsaksies soos berading, literatuur en kassetverspreiding onderneem.

## 2. VERKLARING VAN GELOOF

Aangesien Radiokansel transkerklik funksioneer, was dit nodig om 'n Verklaring van Geloof te formuleer. Alle uitsaaiers moet dié verklaring aanvaar en alle uitsendings moet aan hierdie verklaring van geloof getrou wees.

## 3. UITSAAIBELEID

'n Duidelike uitsaaibeleid is geformuleer.

## 4. FM 2000

Radiokansel saai ses uur per dag op FM 2000 uit. Volgens die jongste navorsing luister ongeveer 600 000 mense per dag na die uitsendings van Radiokansel op FM. Dit beteken dat Radiokansel uit die 28 radiostasies in Suid-Afrika tans die 10de grootste is.

## 5. AM 657

Sedert 1 November 1992 saai Radiokansel ook op AM 657 uit. Tans word daar tien uur per dag uitgesaai.

Dit beteken dat daar 16 uur per dag in totaal uitgesaai word.

Die AM-uitsendings kan snags tot diep in Afrika gehoor word en reaksie word ontvang uit Zaïre, Zambië, Zimbabwe, Mosambiek, Namibië, Botswana en Swaziland.

## 6. TAALBELEID

Die tydsindeling is tans in hoofsaak soos volg: een derde Afrikaans, een derde Engels en een derde Afrikatale.

Daar word benewens Afrikaans en Engels in nege Afrika-tale uitgesaai. Verder is daar ook vanaf 1 April 1994 een program per week in Grieks, Portugees, Duits en Nederlands.

## 7. FINANSIES

Die finansiële toestand van Radiokansel is gesond danksy 'n voortdurende styging in bydraes en streng finansiële dissipline.

As in ag geneem word dat Radiokansel 160 vaste personeellede plus 135 vryskutwerkers het wat betaal moet word, en dat die organisasie volledig van donasies afhanklik is, kan die Here se seënende hand oor Radiokansel gesien word.

## 8. DIE NED GEREF KERK EN RADIOKANSEL

Alhoewel Radiokansel 'n transkerklike organisasie is, bied dit aan die Ned Geref Kerk bykans onbeperkte moontlikhede. Die volgende kan genoem word:

**8.1** Leraars van die Ned Geref Kerk kry geleentheid om sonder enige koste vir die kerk die Woord oor die radio te verkondig.

**8.2** Die Ned Geref Kerk kan hom van harte vereenselwig met Radiokansel se Verklaring van Geloof.

**8.3** Lidmate van die Ned Geref Kerk kry geleentheid om deur middel van Radiokansel in hulle geloof opgebou te word en geestelik versterk te word deur gereeld na die uitsendings te luister.

**8.4** Die gemeentes het in Radiokansel 'n hulparm om hulle werksaamhede, wat wyer as die plaaslike vlak strek, bekend te stel en op dié wyse die Koninkryk van God te help bou.

**8.5** Lidmate kry die geleentheid om oor die radio te getuig oor die groot dade van God in hulle lewens.

**8.6** Radiokansel bereik mense wat die kerk nie bereik nie en baie van hulle word in ons gemeentes ingeskakel.

PS STRÜMPFER (ASK-VERTEENWOORDIGER)

# BYLAE ASK-10: VERSLAG VAN ASK-VERTEENWOORDIGER IN TEOLOGIESE BELEIDSRAAD VAN CHRISTEN-NETWERK TV (CNW TV)

## 1. STIGTING

Christen-Netwerk TV (CNW TV) is in 1991 op inisiatief van die Tydskriftemaatskappy van die Ned Geref Kerk saam met dertien ander kerke van refomatoriese oortuiging tot stand gebring. Sy doel is om deur middel van die elektroniese media Christene toe te rus en te aktiveer om hulle Christenskap in ons land en in ons tyd uit te leef, en hy staan in diens van die kerke wat hom tot stand gebring het. Sy uitsending "is in ooreenstemming met die leer van die Bybel as die onfeilbare Woord van God en staan in die tradisie van die Kerkhervorming van die sestiende eeu", soos sy teologiese beleid lui.

Kommer oor die toekoms van godsdiensuitsendings met 'n gereformeerde inslag, veral op die gebied van televisie in Suid-Afrika, en drastiese veranderings in die uitsaaibedeling in ons land, het meegebring dat die Tydskriftemaatskappy die stigting van CNW TV geïnisieer het toe niemand anders na vore gekom het om dit te doen nie. Die feit dat dertien ander hoofstroomkerke in die land bereid was om hulle met hierdie inisiatief te identifiseer, moet as 'n besondere ekumeniese deurbraak beskou word. Die ekumeniese kantoor van die Ned Geref Kerk het 'n belangrike rol gespeel in die byeenbring van die meewerkende kerke.

## 2. BEHEER

### 2.1 Direksie

CNW TV is 'n Artikel 21-maatskappy en die direksie bestaan uit dr FM Gaum (voorsitter), biskop JA Mattheus, mnre JP Joubert en A van Niekerk (bestuurende direkteur). Terwyl CNW TV as 'n selfstandige maatskappy funksioneer, het die Tydskriftemaatskppy 'n stigtersaandeel wat hom nie finansieel of andersins aanspreeklik maak vir die wel en wee van CNW TV nie, maar verteenwoordiging in die Direksie meebring.

### 2.2 Teologiese Beleidsraad

Die Teologiese Beleidsraad van CNW TV, bestaande uit amptelike verteenwoordigers van die meewerkende kerke, is verantwoordelik vir die keuring en kontrolering van die programinhoud. Die uiters belangrike taak om toe te sien dat die inhoud van programme vir die meewerkende kerke aanvaarbaar is, berus dus by die kerke via hulle verteenwoordigers en nie by buitepersone of -instansies nie. Hier word uitgegaan van die standpunt dat die verkondiging van die Woord van God die kerk se verantwoordelikheid is en dat CNW TV aan die kerke 'n kanaal beskikbaar stel om te help dat dié werk ook deur middel van televisie gedoen kan word.

Die Algemene Sinodale Kommissie het vir prof PGJ Meiring as verteenwoordiger in die Teologiese Beleidsraad benoem. Die ander kerke wat amptelike verteenwoordigers in hierdie Raad het, is die Lutheran Communion in SA, die Presbyterian Church in SA, die Church of the Province, die Church of England in SA, die Reformed Church in Africa, NG Sendingkerk en NG Kerk in Afrika (nou die Verenigende Gereformeerde Kerk), Geref Kerke in SA, Methodist Church, Baptist Church, Ned Herv Kerk van Afrika, Congregational Church of SA en die Evangelical Lutheran Church in Southern Africa.

## 3. UITSENDINGS

CNW TV saai tans Sondae tusen 17:00 en 18:00 op M-Net se gemeenskapsdienskanaal uit. Die uitsendings is "oop" en kan dus deur M-Net-intekenaars gesien word sowel as deur nie-intekenaars binne die seinontvangsgebied van M-Net. M-Net het op verskillende maniere besondere welwillendheid teenoor CNW TV geopenbaar om hierdie uitsendings moontlik te maak. Uitsendings het in Januarie 1993 'n aanvang geneem en vind sedertdien ononderbroke plaas.

Onderhandelings word met die SAUK gevoer om ook uitsendings op die openbare uitsaaier se kanale moontlik te maak. In dié verband is die toekomstige godsdiensuitsaaibeleid van die SAUK, waaraan by die skryf van hierdie verslag nog druk gewerk word, van groot belang. Dit sal bepaal of die huidige wanverhouding in godsdienstelevisie-uitsendings, waardeur vyf keer soveel buitelandse as binnelandse produksies uitgesaai word, sal voortduur.

## 4. BEFONDSING

CNW TV verkry sy fondse uit advertensies, borge en donasies.

PGJ MEIRING (ASK-VERTEENWOORDIGER)

# BYLAE ASK-11:
# THE WARC CONSULTATION IN SOUTH AFRICA AN EVALUATION OF ITS RESULTS, BY DIE OFFICERS MEETING IN PRETORIA

The Ottawa General Council, held in 1982, declared that the apartheid situation in South Africa constitutes a status confessionis for our churches. Consequently, it suspended the (then) two white South African member churches, the Dutch Reformed Church (DRC) and the Nederduitse Hervormde Kerk (NHK), from the privileges of membership in the WARC. Soon after Ottawa, the NHK left the Alliance. The consultation of March 1993 had as its aim to discuss with the moderature of the DRC whether, now, this church may be restored to the full privileges of membership, as well as to discover its stand with respect to the uniting process in the DRC family in South Africa (Cf WARC Executive Committee. Minutes '92, p.14, nr 125f). Both issues are closely connected to each other.

The Ottawa General Council specified three requirements for the DRC's restoration to the full privileges of membership, it could happen when the following changes occurred:

a) Christians are no longer excluded from church services, especially from Holy Communion.

b) Concrete support in word and deed is given to those who suffer under the system of apartheid ("separate development").

c) Unequivocal synod resolutions are made which reject apartheid and commit the church to dismantling this system in both church and politics. (Cf. Ottawa 1982. Preceedings of the 21 st General Council of the WARC, Resolution on Racism and South Africa, p.179).

The consultation was held March 3-5, 1993, in Johanneburg, South Africa. Participants were the moderatures of the four DRC family churches (DRC, Dutch Reformed Mission Church, Dutch Reformed Church in Africa, Reformed Church in Africa), as well as representatives of SAARC member churches. Participants on behalf of WARC were (most of) the officers, three Executive Committee members and the Executive staff.

The consultation had been prepared by sending to the DRC a series of questions on which the three requirements, mentioned by the Ottawa General Council, had been specified. The DRC was asked to send a response to these questions in order to indicate whether it now meets the requirements; and it did so. At the end of the Consultation however, in the light of the discussions that had been held, the DRC presented another response.

In our evalutation, we concentrated mainly on the second response, as this reflects the most up-to-date position of the DRC. We would like to make the following points.

1. It seems clear to us that the DRC has not yet met the three requirements

a) The exclusion of Black Christians from DRC church services may be "in contravention of the DRC stated policy". There are still, however, congregations that fail to open their doors "to whoever applies for membership or as a visitor enters a service of worhsip". So far, it has not yet been made clear what specific action the DRC Synod is taking with reference to such congregations. Satisfactory clarity on this issue was not given in the context of the consultation either.

b) The concrete support in word and deed to those who suffer under the system of apartheid, as requested by Ottawa, includes more than only diaconal activities. It should include also public protest, in word and deed, against the ramaining structures of apartheid (among then the homelands policy). As long as these structures are allowed to persist, human rights will continue to be violated. It is noteworthy that, so far, the DRC has failed to take action here.

c) "Unequivocal Synod resolutions ... which reject apartheid and commit the church to dismantling this system" still have not been made, Declarations like those quoted or mentioned by the DRC always have to be interpreted (according to the DRC itself) in the light of the DRC policy document, **Church and Society** (revised in 1990) in which only the effects of apartheid are rejected, not apartheid per se. The DRC still has not accepted that the situation of apartheid constitutes a status confessionis.

2. Nevertheless, we see in the DRC's present position a significant shift, compared to its 1982 position.

a) The DRC has now abandoned its former theological justification of apartheid. In **Church and Society** it explicitly states that forced separation and division of peoples cannot be considered as a biblical imperative because "Scripture is not a manual from which fixed political models (such as that of apartheid) can be deduced." It admits that its own former position (in which it stated, or at least allowed as opinion, that apartheid indeed is a biblical imperative) was an "error".

b) The DRC now assures us that it is "committed to the unity of the DRC family". In former statements, the DRC brought forward its own union model (that of a federation

of churches) instead of joining the unification process started by two of the DRC's sister churches, the Dutch Reformed Mission Church (DRMC, coloured) and the Dutch Reformed Church in Africa (DRCA, black), heading for a united non-racial church. For the first time, now, the DRC has affirmed a commitment to the unity of the DRC family in a way which indicates its willingness to join the DRMC-DRCA unification process. The DRC's (second) response states: "We agree with the statement that this is the 'acid test' whether the DRC has finally distanced itself from the racism of apartheid and we are willing to take part in this process." (It deserves our attention that in this last quotation the DRC speaks about distancing itself "from the racism of apartheid", not from apartheid as such.)

As we said above, the issue of rejection of apartheid and the issue of unification are closely interrelated. This is so because the unification process, started by DRMC and DRCA, presupposes the acceptance, by both churches, of the "Belhar Confession" as one of their confessional statements. This "Confession", accepted in its definitive form by the Synod of the DRMC in 1986 and by the Synod of the DRCA in 1990, teaches clearly:

"a) that confessing the unity of the church means rejecting any doctrine which absolutises natural diversity of people (art 2);

b) that the message of reconciliation in and through Jesus Christ is in contradiction to any doctrine which (even in the name of the gospel) sanctions the forced separation of people on the grounds of race and colour (art 3);

c) that in a world full of injustice God is in a special way the God of the destitute, the poor and the wronged; that He brings justice to the oppressed; and that He calls his Church to follow Him in this, and that therefore any ideology which would legitimate forms of injustice and even any doctrine which is unwilling to resist such an ideology in the name of the gospel, should be rejected (art 4)"

In other words, the Belhar Confession, written in response to the situation of apartheid, is the adequate confession to meet the status confessionis. A uniting Church for which the Belhar Confession will be one of the confessional statements will be a non-racial Church per se.

If the DRC cannot accept the Belhar confession, then one must question whether apartheid has been fully abandoned.

4. The responses and statements which, in the context of the consultation, have been issued by die DRC moderatures, need confirmation by the Synodical Commission of the Church, as well as by its General Synod. It will be extremely important, to see what happens in the several meetings which will follow:

a) the next meeting of the General Synodical Commissions of the four DRC family churches;

b) the combined DRMC-DRCA Synod meeting in April 1994, in which, hopefully, the uniting Church will be born, as an open Church committed to a continuing process of church union in which the DRC and RCA are invite to join;

c) the DRC's General Synod meeting in October 1994, which will finally decide on the DRC's real involvement in the unification process.

5. Participants in the Consultation from churches other than the DRC felt that genuine engagement on the part of the DRC in the unification process begun by the DRCA-DRMC would be the best context in which the DRC could come towards full compliance with the conditions of Ottawa.

6. The Consultation expressed its desire that WARC continue to accompany the unification process.

## RECOMMENDATIONS TO THE EXECUTIVE COMMITTEE

**A.**

That the following be communicated to the DRC family:

1. WARC welcomes the factor that the DRC has repudiated its theological justification of apartheid.

2. WARC notes the expressed desire of the DRC to participate in the unification process which has started between the DRCA and DRMC. The DRC participation in the process should not be an obstacle to the initial plan for unification of the DRCA and DRMC as scheduled. We would welcome the RCA also joining in the unification process.

3. The decision of the DRC to accept the invitation of the two sister churches is seen as a positive step and a necessary prerequisite for the clarification of a number of issues relating to the conditions laid down by die General Council in Ottawa 1982 for the restoration of DRC membership privileges.

4. It is expected that, in the framework of the unification process, the DRC together with the other churches participating in that process will further work out the solutions to the following questions which so far have not been dealt with satisfactorily.

a) The DRC still fails to condemn apartheid unequivocally in all its forms. It is essential to renounce the idea of "honest and noble" motives, of "positive results" or of a better system of apartheid. The apartheid which is to be rejected should not be limited to the DRC's description of apartheid in the document **Church and Society** (1986 and 1990) and in 2.1 of the DRC responce to the March 1993 WARC Consultation.

b) The support of victims of apartheid in word and deed cannot be given only through charitable and diaconal measures. The explosive situation in the townships, squatter camps and dependent and allegedly "independent" homelands, requires bold structural changes

in society which the DRC should actively help to bring about. It is required that the DRC condemn all apartheid laws (especially the Land Act and the Citizenship Act) and actively work for appropriate ways of restitution and for dismantling the policy of separate ethnic homelands. To say that these homelands are sovereign states equals a refusal to deal seriously with the problem.

c) The DRC has the financial and political potential to impose its "federal model" of unity. WARC requires the DRC to renounce such temptation and in the spirit of repentance to join sincerely the discussions about structural unity in the DRC family and beyond. The DRC should seriously consider the possibility of accepting the Confession of Belhar as one of its confessional statements. During the proses of unification the DRC should refrain from undercutting it by accepting congregations and presbyteries into membership in the DRC of other churches engaged in this process.

d) Theological justification of apartheid is not only a theological error but a heresy. The system of apartheid and its theological rationale have compelled the declaration of status confessionis at Ottawa. The consequences of the status confessionis declaration cannot be revoked unless there are signs of continuing change and of genuine repentance on the part of the DRC.

e) It would be a healing event for the entire society of South Africa if the DRC would publicly confess its guilt and ask all victims of apartheid for forgiveness. The DRC should recognize that it has failed in its prophetic ministry by suggesting that apartheid as such was a theologically and moraly acceptable system.

5. WARC expects a report from the DRC General Synod in 1994 explaining the DRC progress towards meeting the requirements of Ottawa.

6. WARC reaffirms its readiness to participate in the process of unification and in new developments after the Consultation in Johannesburg (March 3-5, 1993) by accompanying the WARC member churches in Southern Africa pastorally and otherwise.

**B.**

That the Executivce committee resolve:

1. An accompanying (monitoring) group will be appointed. The following people will be invited to serve as a part of this group: Dr B Naudé, Dr J Durand, two persons from churches not belonging to the DRC family, and the Coordinator of SAARC. The task of the group is as follows:

a. to keep the WARC office informed about the important developments in South Africa, especially in the four member churches of the DRC family;

b. to participate as observers in all important church meetings and report to the WARC;

c. to alert the WARC if an important meeting is scheduled;

d. the members of the monitoring group should be in touch with each other and recommend the next steps;

e. to monitor what the DRC says in its meetings and in public, what it says to the government, what it does or does not do.

2. An important part of WARC's accompaniment will be to cooperate in organizing workshops to facilitate the unification process and the continuing education on important issues. In collaboration with SAARC the first workshop should be convened within the next 4-6 months on the theme "Christian political responsibility" (church-state relationship).

3. The General Secretary will communicate to the DRC that WARC is willing to offer pastoral care in the ensuing process.

4. Timetable:

In October 1993 the General Synodical Committees of four churches will meet and discuss the unification process. The results of this meeting will be reported to WARC.

In April 1994 hopefully two chuchers will create a fully integrated Uniting Church.

In October 1994 the DRC General Synod will deal with the results of the Consultation in Johannesburg and the unification process of the DRC family.

Only after the DRC General Synod reports, following its 1994 General Synod, to the WARC, will the WARC Executice Committee be in a position to review church relations in South Africa.

## DECISIONS TAKEN BY THE WARC EXECUTIVE COMMITTEE, STOCKHOLM, JULY 1993

**At its annual meeting in Stockholm (July 19 - 30, 1993) the WARC Executive Committee received the report of the Officers on the WARC Consultation in Johannesburg (March 3-5, 1993). The Executive Committee assessed the results of the meeting and resolved to communicate the following concerns to the DRC family:**

1. WARC welcomes the fact that the DRC has repudiated its theological justification of apartheid.

2. WARC notes the expressed desire of the DRC to participate in the unification process which has started between the DRCA and DRMC. The DRC participation in the process should not be an obstacle to the initial plan for unification of the DRCA and DRMC as scheduled. We would welcome the RCA also joining in the unification process.

3. The decision of the DRC to accept the invitation of the two sister churches is seen as a positive step and a necessary prerequisite for the clarification of a number of issues relating to the conditions laid down by the General Council in Ottawa 1982 for the restoration of DRC membership privileges.

4. It is expected that, in the framework of the unification process, the DRC together with the other churches participating in that process will further work out the solutions to the following questions which so far have not been dealt with satisfactorily.

a. The DRC still fails to condemn apartheid unequivocally in all its forms. It is essential to renounce the idea of "honest and noble" motives, of "positive results" or of a better system of apartheid. The apartheid which is to be rejected should not be limited to the DRC's description of apartheid in the document **Church and Society** (1986 and 1990) and in 2.1 of the DRC response to the March 1993 WARC consultation.

b. The support of victims of apartheid in word and deed cannot be given only through charitable and diaconical measures. The explosive situation in the townships, squatter camps and dependent and allegedly "independent" homelands requires bold structural changes in society which the DRC should actively help to bring about. It is required that the DRC condemn all apartheid laws (especially the Land Act and the Citizenship Act) and actively work for appropriate ways of restitution and for dismantling the policy of separate ethnic homelands. To say that these homelands are sovereign states equals a refusal to deal seriously with the problem.

c. The DRC has the financial and political potential to impose its "federal model" of unity. WARC requires the DRC to renounce such temptation and in the spirit of repentance to join sincerely the discussions about structural unity in die DRC family and beyond. The DRC should seriously consider the possibility of accepting the Confession of Belhar as one of its confessional statements. During the process of unification the DRC should refrain from undercutting it by accepting congregations and presbyteries into membership in the DRC of other churches engaged in this process.

d. Theological justification of apartheid is not only a theological error but a heresy. The system of apartheid and its theological rationale have compelled the declaration of status confessionis at Ottawa. The consequences of the status confessionis declaration cannot be revoked unless there are signs of continuing change and of genuine repentance on the part of the DRC.

e. It would be a healing event for the entire society of South Africa if the DRC would publicly confess its guilt and ask all victums of apartheid for forgiveness. The DRC should recognize that it has failed in its prophetic ministry by suggesting that apartheid as such was a theologically and morally acceptable system.

5. WARC expects a report from the DRC Generel Synod in 1994 explaining the DRC progress towards meeting the requirements of Ottawa.

6. WARC reaffirms its readiness to participate in the process of unification and in new developments after the consultation in Johannesburg (March 3-5, 1993) by accompanying the WARC member churches in Southern Africa pastorally and otherwise.

# A.3 ALGEMENE KOMMISSIE VIR LEER EN AKTUELE SAKE

## A. INLEIDING

Ingrypende veranderinge het die afgelope vier jaar in die land plaasgevind. Byna alles verander. Uiteraard bestaan die gevaar altyd dat die kerk ook deur allerlei vreemde strominge meegesleur kan word. Bewus van hierdie gevaar, het die Kommissie deurgaans getrag om die kerk se beleid en standpunte nougeset volgens die norme van God se Woord te rig. Hiermee volg die verslag wat na die Kommissie se oordeel volgens Bybelse riglyne en onder leiding van die Heilige Gees saamgestel is.

## B. INHOUDSOPGAWE


**ALGEMENE WERKSAAMHEDE**

Diverse aangeleenthede
Aborsie
Benoemingsproses van die SAUK-Raad
Dobbelary en loterye
Doop van persone wat pas tot geloof in Jesus Christus gekom het
ERJ
Gebede by Kodesa
Herverdeling van Grond
Is God nog in beheer?
Kerk en samelewing
Opdragte aan Kommissies
Serkos
World council on religion and peace: declaration on religious rights and responsibilities
Ned Geref Kerk en ander kerke en groepe

**OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE VAN 1990**

Drankadvertensies
Epiloog van Dordt
Finansiële instandhouding van die gemeente en die erediens
Die Godsbeskouing van Islam en die Jode
Hemelvaartdag
Indeks van besluite oor Leer en Aktuele Sake
Kapelaansdiens
Kinders aan die nagmaaltafel
Lidmaatskap
Lofprysing
Militêre diensweiering
Moraliteitskrisis
Nagmaal: geslote of oop
"New Age Movement"
Spesiale biddae
Verandering van gesindhede in Suid-Afrika
Verbondsbeskouing en doop
Verhoogde werklading wanneer poste bevries word
Vredestaak van die kerk


## C. PERSONEEL

Die Kommissie het die afgelope vier jaar uit die volgende lede bestaan:

Prof JA Heyns (Voorsitter)
Prof DE de Villiers
Dr DJ Dreyer
Mev A du Toit
Prof DA du Toit
Dr JJ van Rensburg
Prof WD Jonker
Prof PC Potgieter
Dr DA Scholtz
Dr MDJ Smith
Prof SA Strauss
Prof PF Theron
Prof CJ Wethmar
Dr WJ Botha (Skriba)

Dr CW du Toit het in die Kommissie gedien. Aan die einde van 1993 het hy egter sy sinodale gebied verlaat en sy sitting in die Kommissie het verval.

Die **dagbestuur** het bestaan uit proff JA Heyns (voorsitter), PC Potgieter, DA du Toit en dr WJ Botha (skriba).

## D. VERGADERINGS

Die Kommissie het twee keer vergader. Aangesien dagbestuurslede dikwels vir ander sake in Pretoria was, kon die dagbestuur heelwat werk, sonder verdere koste, afhandel.

## E. ALGEMENE WERKSAAMHEDE

### 1. DIVERSE AANGELEENTHEDE

Hierdie Kommissie moes die afgelope vier jaar aandag verleen aan 'n verskeidenheid sake. Die spektrum oor die gebied van Leer en Aktuele Sake is wyd. Daar kan nie in besonderhede oor alles verslag gelewer word nie. Diverse aangeleenthede wat gedurende hierdie tydperk 'n mindere of meerdere mate van die Kommissie se aandag geverg het, en net vir kennisname genoem word, is onder meer die volgende:

Afrikaanse Gereformeerde Bond
Afrikaanse Protestantse Kerk
Afrikaner-Broederbond
Apostoliese Geloofsending
Appèlraad oor Publikasies
Bekering
Belhar-belydenis
Boedha-beeld: Bronkhorstspruit
Christene vir die Waarheid (CFT)
Dans
Doodstraf
Doop en herdoop
Drankgebruik en drankmisbruik

Drankwet
Dwelmmiddels
Egskeiding en hertrou
Ekumene: ontmoeting met verteenwoordigers van ander kerke op die terrein van Leer en Aktuele Sake.
Evolusie
Geloofsgenesing
Genadedood
Gesinsbeplanning
Geweld
Godsdiens: misbruik deur politici
Halaal-teken
Hondewedrenne
Huweliksgeluk en huweliksongeluk
Islam
Karate
Kerk en Samelewing
Kommunisme
Kultuur
Kuns
Lokvinkstelsel
Mediageweld: invloed op kinders
Mediese etiek
Menseregte
M Net
Musiek (hele spektrum)
Naby Jesus: Bybelkorkursus
NGB Art 36: interpretasie
Openbare vakansiedae
Perdewedrenne
Petisie: beweerde rolprent oor Jesus Christus se sedelike lewe
Pornografie
Radiokansel
Regstellende aksie
Rhema Kerk
Rolprente en Videos
Rooms-Katolieke Kerk
Roudiens: mnr Chris Hani
SA Regskommissie: kommentaar op wetgewing
Satanisme
Simbole: invloed op die mens
Skrifgesag
Sondagheiliging
Surrogaat-moederskap
"The last temptation of Christ"
Uitsaaiklagtes: kommissie vir
Verassing: muur van herinnering om na verassing die oorskot van afgestorwenes op kerkterrein weg te lê
Vermaaklikhede: evaluering
Vigs
Vrou in die amp
Vrymesselary
Wêreldbiddag vir vroue
Woord in Aksie

## 2. ABORSIE

Stemme het die afgelope tyd opgegaan ten gunste van aborsie op aanvraag. Aborsie het selfs 'n politieke speelbal geword. Onderstaande standpunt, soos deur die Algemene Sinode van 1982 besluit, is opnuut aan die media en politici verskaf:

Die Sinode bevind, in die lig van die Skrifgegewens en die stand van wetenskaplike gegewens, dat aborsie ontoelaatbaar is. In die hoogs uitsonderlike gevalle van volkome onafwendbaarheid, bly dit nog steeds 'n saak wat nie volgens God se geopenbaarde wil is nie en daarom slegs met diepe worsteling, skuldbelydenis, pyn en onder felle protes aanvaar kan word. (Handelinge, Algemene Sinode 1982:1242)

## 3. BENOEMINGSPROSES VAN DIE SAUK-RAAD

Volgens 'n kennisgewing in die openbare pers, is instansies uitgenooi om advies te verleen in verband met die prosedure vir die benoeming van lede van die SAUK-Raad. Die Kommissie was bekommerd dat Christelike kerke nie voldoende verteenwoordig sou word nie, veral omdat die kennisgewing tussen Kersfees en Nuwejaar (1992) verskyn het. 'n Subkommissie het dringend in hierdie tyd vergader. 'n Regsgeleerde, wat 'n lojale en aktiewe lidmaat van die kerk is en op die hoogte van media-wetgewing wêreldwyd is, het die kommissie bygestaan om vertoë tot die SAUK te rig. Die Kommissie is dankbaar dat die moderator van die Algemene Sinode van 1990 in die SAUK-Raad benoem is.

## 4. DOBBELARY EN LOTERYE

Die aanbevelings van die Howard-Kommissie in verband met lotery, dobbelary, casinos, hondewedrenne ens, het die kommissie verontrus. 'n Persverklaring is vrygestel om die kerk se standpunt in die openbaar bekend te maak. Briewe is aan die owerheid gerig met die pleidooi om nie die aanbevelings van die Howard-Kommissie te aanvaar nie. Die briewe is opgevolg deur verskeie persoonlike onderhoude met Ministers en senior amptenare van die betrokke staatsdepartemente. (Byvoorbeeld Wet en Orde, Gesondheid en Welsyn, Binnelandse Sake).

## 5. DOOP VAN PERSONE WAT PAS TOT GELOOF IN JESUS CHRISTUS GEKOM HET

### 5.1 AGTERGROND

Die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake het navrae ontvang oor die moontlikheid om persone wat waarlik tot bekering gekom het, onmiddellik te doop nadat sodanige persone hulle geloof in Jesus Christus met oortuiging bely het. Die gedagte is dan dat verdere kategese daarna volg om die persoon as lidmaat toe te rus. Volgens sommige, is dit veral persone uit die Oosterse kultuur wat onmiddellik na bekering behoefte aan die doopsakrament het. Die Kommissie het tydens sy laaste vergadering die aangeleentheid bespreek en bevind dat dit nie 'n eenvoudige saak is nie.

### 5.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om die onmiddellike doop van persone wat pas tot geloof in Jesus Christus gekom het, in oorleg met die AKSE en AJK te bestudeer en aan die ASK verslag te lewer.**

## 6. ERJ (EMPOWERING FOR RECONCILIATION WITH JUSTICE)

'n Tussenkerklike organisasie (ERJ) wend die afgelope 4 jaar pogings aan om die geweld in die RSA te laat afneem en versoening tussen strydende partye te bewerkstellig. Talle kerke is in hierdie liggaam verteenwoordig.

Werkswinkels en opleidingskursusse word landwyd deur fasiliteerders aangebied om leiers te skool in onderhandeling, bemiddeling en vredesinisiatiewe. Benewens die feit dat prof PC Potgieter 'n beskermheer van die organisasie is, is die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake sonder koste vir die kerk deur sy skriba betrokke by die werksaamhede van ERJ.

## 7. GEBEDE BY KODESA

7.1 Gebede by Kodesa en ander soortgelyke byeenkomste het uit die staanspoor probleme geskep. Daar was meningsverskil of die kerk so 'n geleentheid tot getuienis moet benut en of die kerk hom moet onttrek. Nadat die saak breedvoerig gedebatteer is, en ook van die ander Afrikaanse kerke en die Teologiese Fakulteite geraadpleeg is, het die Kommissie die volgende riglyn verskaf:

7.1.1 Die ideale reëling sou wees dat voor die betrokke geleentheid tyd ingeruim word vir elke geloofsgroep om elkeen op 'n afsonderlike plek 'n gebedsgeleentheid te hou. Hierdie ideaal sou waarskynlik nie altyd prakties haalbaar wees nie.

7.1.2 'n Tydperk van **stilte** kan ingeruim word. Dit bied aan teenwoordiges die geleentheid om 'n stil gebed te doen.

7.1.3 Die uitspreek van 'n Christelike gebed by geleentheid waar verteenwoordigers van ander godsdienste ook gebede doen, kan nie in beginsel afgewys word nie. Uit Christelike gesigspunt mag die gebedsgeleentheid egter nie die karakter dra van 'n gesamentlike intergeloof-godsdiensoefening waar Christene erkenning gee aan enige ander God as die Drieenige God wat Homself en sy heilsbedoelinge met die mens in die Heilige Skrif openbaar nie. By die bedoelde gebedsgeleenthede moet die aankondiging duidelik wees dat die verteenwoordiger van 'n bepaalde geloof die geleentheid kry om daardie aanwesiges wat tot dié geloof behoort, in die gebed te lei. Onder geen omstandighede mag hierdie gebede misbruik word om ander godsdienste in diskrediet te bring of om eie partypolitieke doeleindes te dien nie.

Wanneer 'n Christelike gebed onder sulke omstandighede gedoen word, moet die betrokke voorganger hom daarvan vergewis dat die eie aard van die Christelike gebed tot sy reg kom.

### 7.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit dat bestaande riglyn gevolg kan word wanneer persone versoek word om op te tree by geleenthede waar verteenwoordigers van ander godsdienste ook deelneem.**

## 8. HERVERDELING VAN GROND

8.1 Ten tye van die samestelling van hierdie verslag het lede van die SARK (Wes-Kaap) die Kommissie ontmoet in verband met grond in die RSA wat aan die NG Kerke behoort. Die Kommissie het besef dat hierdie 'n aktuele en baie sensitiewe saak is, en het daarom die dagbestuur van die ASK geraadpleeg voordat inligting verskaf is.

### 8.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om die vraagstuk van die herverdeling van grond te hanteer en, indien nodig, met die ASK oorleg te pleeg.**

## 9. IS GOD NOG IN BEHEER?

'n Ernstige polemiek het tussen lidmate en teoloë ontstaan oor die vraag of God nog in beheer van alles op aarde en dus ook van alles in hierdie land is. Omdat teenstellende uitsprake uit verskeie oorde gehoor is, en veral lidmate daardeur verwar is, het die ASK die Kommissie versoek om 'n standpunt te formuleer. Namens die dagbestuur het 'n artikel van die voorsitter, prof JA Heyns, op 11 Desember 1992 in **Die Kerkbode** verskyn. Dit kom daarop neer dat "ek sy teenwoordigheid in my vreugde en ook in my droefheid bely en ervaar en my met vertroue aan sy leiding oorgee."

## 10. KERK EN SAMELEWING

Die Kommissie het na die Algemene Sinode van 1990 vanaf enkele instansies en persone kommentaar op Kerk en Samelewing ontvang. Aangesien daar nie in hierdie stadium 'n opdrag is om Kerk en Samelewing volledig te hersien nie, word die kommentaar bewaar sodat dit geraadpleeg kan word indien 'n soortgelyke beleidsdokument weer saamgestel moet word.

## 11. OPDRAGTE AAN KOMMISSIES

### 11.1 AGTERGROND

**11.1.1 Opdragte van die Algemene Sinode**
Tydens die jaarvergadering van die Kommissie is bespreking gevoer oor die aard van opdragte wat soms "van die vloer af" na hierdie en ander kommissies deurgestuur word. Die ervaring is dat die sinvolheid van sommige opdragte bevraagteken kan word. Hierdie saak is breedvoerig bespreek en die volgende riglyne is neergelê:

**11.1.2 Keuring van opdragte**
Om te verseker dat slegs noodsaaklike en verantwoorde opdragte aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake gegee word, word die volgende voorgestel:

11.1.2.1 Voorstellers van opdragte behoort eers by die predikant in diens van die Algemene Sinode vir Leer en Aktuele Sake vas te stel of daar enigsins **behoefte** aan dergelike opdragte bestaan. Voorstellers moet verkieslik vóór die Algemene Sinode die nodige navrae doen.

11.1.2.2 'n Voorstel vir 'n bepaalde opdrag aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake mag slegs gedoen word as dit vergesel word van 'n skriftelike **motivering** vir die opdrag.

**11.1.2.3** Die Tydelike Kommissie vir Leer en Aktuele Sake moet al die opdragte wat tydens die sitting van die Algemene Sinode ontvang word, **krities sif** en die Algemene Sinode bedien met 'n voorstel oor watter opdragte voorrang verdien en watter goedskiks nagelaat kan word.

**11.1.2.4** Die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake behoort voor elke sitting van die Algemene Sinode 'n aantal **onderwerpe te identifiseer** wat dringende aandag verdien. Die onderwerpe kan as voorstelle vir opdragte van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake aan die Algemene Sinode voorgelê word.

**11.1.2.5** Hierdie en moontlik ander voorwaardes behoort vir alle opdragte aan kommissies van die Algemene Sinode gestel te word.

### 11.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode dra dit aan die Kommissie vir Algemene Sake op om in te gaan op die hele kwessie van opdragte wat tydens die sinodesitting aan kommissies toegeken word.**

## 12. SERKOS

Die Kommissie het op 25 Maart 1994 'n skrywe van Serkos ontvang. Daarin word die Ned Geref Kerk meegedeel dat Serkos besluit het om 'n Art 21-maatskappy te word. Die implikasie is dat nie meer kerklike verteenwoordigers nie maar benoemde direkteure die Serkos-Raad sal vorm.

## 13. WORLD COUNCIL ON RELIGION AND PEACE: DECLARATION ON RELIGIOUS RIGHTS AND RESPONSIBILITIES

Hierdie organisasie het 'n dokument opgestel wat namens godsdienstige groepe oorhandig sou word aan diegene wat die nuwe grondwet moes formuleer.

Die Kommissie is deur die ASK versoek om kommentaar op die dokumente te lewer. Nadat ernstige beswaar - ook uit ander oorde - aangeteken is, is die dokument aansienlik gewysig.

## 14. DIE NED GEREF KERK EN ANDER CHRISTELIKE KERKE EN GROEPE

### 14.1 OPDRAG

**14.1.1** Die ASK het die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake versoek om aandag aan die volgende beskrywingspunt te verleen:

"Die Algemene Sinode word versoek om die maatstawwe vir die bepaling van die standpunte van die Ned Geref Kerk ten opsigte van ander kerke en afwykende rigtings op 'n eenvormige basis te plaas sodat die volgende teenstrydighede uitgeskakel kan word:

**14.1.1.1** Die Apostoliese Geloofsending word 'n status gegee wat verskil van die Volle Evangelie Kerk en ander Pinkstergroepe. Volgens die Algemene Sinode (1990) is die AGS nou 'n groep wat in hoofsaak die Protestantse beginsels huldig, maar die Volle Evangelie Kerk en ander Pinkstergroepe is groepe wat nie die Protestantse beginsels huldig nie. Volgens hierdie verskil moet die lidmate van die Pinkstergroepe eers katkiseer en weer openbare belydenis van geloof aflê voor hulle in die Ned Geref Kerk opgeneem kan word. Vir die AGS is dit as uitsondering van al die Pinkstergroepe nie meer nodig nie.

**14.1.1.2** In punt 1.3 van die standpunt van die Algemene Sinode (hierdie punt verwys na die Agenda, Algemene Sinode 1990:23) word daar 'n duidelike onderskeid gemaak tussen die Baptist Church of Southern Africa, in onderskeiding van die Hatfield Baptiste. Volgens die onderskeid van die Sinode is eersgenoemde 'n kerk wat in hoofsaak die Protestantse beginsels huldig, maar die Hatfield Baptiste word aangedui as 'n wederdopersekte. Hiervolgens word die wederdopersektes nie erken as kerke wat in hoofsaak die Protestantse beginsels huldig nie, maar volgens besluit van die Sinode is die AGS wel 'n groep onder 1.3.

Die AGS is ook 'n groep wat sonder skroom die wederdoop voorstaan en beoefen. Die AGS het ook geen verandering in sy standpunt oor die wederdoop gemaak nie. Tog word hulle nou uitgesonder bo die wederdoopsektes en 'n status anders as die Pinkstergroepe gegee.

**14.1.1.3** Die verandering in die status van die AGS in die standpuntstelling van die Algemene Sinode is soveel onduideliker indien in ag geneem word dat daar geen verandering van die AGS was wat die besluit kan motiveer nie. Hulle het geen verandering aan hulle belydenis aangebring nie en hulle beoefen steeds al die praktyke eie aan die "wederdoopsektes" soos deur die Algemene Sinode aangedui. Hierdie verandering in status is gebaseer op 'n willekeurige seleksie wat die beginsels vir onderskeid soos aangedui in 1.3 en 1.4. ("Kerke wat in hoofsaak die Protestantse beginsels huldig" en "Kerke wat nie die Protestantse beginsels huldig nie") willekeurig en relatief maak. Dit kan nie deur die kerk in die praktyk as beginselsaak gehandhaaf word nie, omdat niemand in die kerk weet wat die beginsels in die onderskeid is nie - dit is as gevolg van die onderskeid wat die stuk maak tussen die AGS en die Volle Evangelie Kerk en ander Pinkstergroepe en wederdoopsektes.

**14.1.1.4** Die kernprobleme waaruit die willekeurigheid spruit is dat daar in die standpunt oor die erkenning van ander kerke met twee maatstawwe gemeet word om die erkenning van ander kerke te bepaal en te erken. In 1.3 en punt 2 word gewerk met die maatstaf van "Protestantse beginsels". Laasgenoemde is nie meer 'n kerklike beginsel soos die belydenisse nie, maar 'n akademies-filosofiese onderskeid. Dit is hierdie nuwe maatstaf van "beginsels" in plaas van "belydenisse" wat aan die hele standpunt-inname van die Algemene Sinode oor ander kerke 'n willekeurigheid gee wat maak dat die seleksie van een Pinkstergroep bo ander Pinkstergroepe moontlik is. Indien daar net by die kerklike belydenisse as maatstaf gebly is, sou die willekeurigheid nie deel van die standpunt gewees het nie".

Tot sover die beskrywingspunt met sy motivering.

**14.1.2** Die Ring van Louis Trichardt het hierdie beskrywingspunt aan die Sinode van Noord-Transvaal voorgelê met die versoek om dit deur te stuur na die Algemene Sinode. Die Sinode van Noord-Transvaal besluit om dit na die ASK te stuur met die versoek dat hierdie aangeleentheid indringend ondersoek word sodat die Algemene Sinode van 1994 met 'n verslag en aanbevelings gedien kan word (Handelinge: Sinode Noord-Transvaal 1993:263).

**14.1.3** Die betrokke beskrywingspunt raak die besluit van die Algemene Sinode oor die standpunt van die Ned Geref Kerk teenoor ander kerke en afwykende rigtings. (Agenda 1990:23, pt 3 en Handelinge 1990:631, pt 6).

**14.1.4** Die beskrywingspunt van die betrokke ring raak veral **twee sake** in die besluit van die Algemene Sinode:

**14.1.4.1** Dat die Algemene Sinode nie volgens 'n eenvormige basis in sy beoordeling van ander kerke en groepe te werk gegaan het nie, dat die besluit teenstrydighede bevat, en dat daarom versoek word dat die Sinode 'n meer verantwoorde en konsekwente benadering moet volg.

**14.1.4.2** Dat die AGS as pinksterkerk uitgelig is en in 'n kategorie van erkende kerke geplaas is, terwyl ander pinksterkerke en charismatiese groepe in 'n ander kategorie geplaas word. Verskeie argumente word aangevoer om aan te toon dat dit 'n willekeurige en relatiewe seleksie is en dat hierdie besluit nie geregverdig kan word nie.

**14.1.5** Wat die betrokke beskrywingspunt vra, word hieronder gebied.

### 14.2 BASIS VIR DIE VERHOUDING TOT ANDER CHRISTELIKE KERKE EN ANDER GODSDIENSTIGE GROEPE

**14.2.1** In die bepaling van die Ned Geref Kerk se verhouding tot en houding teenoor ander kerke en godsdienstige groepe, is dit nie hyself wat beslis oor wie "erkende" en "nie-erkende" kerke is nie, maar hy spreek slegs nederig na wat Christus as die Here en Hoof van sy kerk vir sy kerk bepaal het. Hoe Hyself oor elke kerk oordeel, is in die Bybel aangegee. Daarom is die primêre maatstaf en basis vir die beoordeling van ander kerke en groepe : die Woord van God - dit is dié norm, die **norma normans**. Alle verdere norme moet hieraan getoets word en is hieraan ondergeskik.

**14.2.2** Hoe 'n betrokke kerk die Bybel verstaan, die hoofsaak van die boodskap van die Bybel interpreteer en dit toepas op die lewe, staan uitgedruk in die kerk se belydenisskrif(te). Dit is die leer van die Bybel soos die kerk dit verstaan en amptelik onderskryf.

**14.2.2.1** Die grondslag van die Ned Geref Kerk is:

*1 Die drie ekumeniese belydenisskrifte - dit deel die Ned Geref Kerk met die meeste ander Christelike kerke.

*2 Die nadere uitwerking van die leer van die Bybel vind ons in die "Drie Formuliere van Eenheid". Dit is die eiendomlike van ons kerk en ons deel dit saam met 'n aantal Gereformeerde kerke. Hierdie belydenisgrondslag is vir ons ondergeskik aan die Bybel, dié riglyn vir die beoordeling van ons verhouding tot ander kerke en groepe. Dit is die afgeleide norm - die **norma normata.**

*3 Dit moet steeds aan die Bybel getoets word. Die Ned Geref Kerk onderskryf hierdie belydenisskrifte en ag hom daardeur gebonde.

**14.2.2.2** Ten opsigte van die belydenis as maatstaf geld verder:

*1 Die vraag hoe die belydenis gesien en hanteer word, of 'n betrokke kerk dit inderdaad onderskryf en homself daardeur gebind ag.

*2 Dit is nie genoeg dat iemand wel in 'n stadium die belydenis in die verlede onderskryf het nie. Die vraag is of hy dit tans nog onderskryf.

*3 Ewe-min is dit genoeg dat die belydenis slegs op papier staan, dit moet ook die lewe en handel bepaal, die leer moet konkreet word in die Godvrugtige lewe.

**14.2.3** Hoewel ondergeskik aan die Skrif en die belydenis, moet ook die betrokke kerkorde, wat die leef- en werkreëls is vir die kerk, saam met die Skrif en die belydenis dien as maatstaf. Immers, die belydenis vind sy uitdrukking en konkretisering in die kerkorde. Waar die kerkorde uitgelaat word by die beoordeling, verhinder dit dat tot 'n beter verstaan van 'n betrokke kerk gekom word.

**14.2.4** Vanuit die belydenis en binne die raam van die kerkorde, is die erediens van die betrokke kerk 'n vierde been van die maatstaf vir die beoordeling van die verhouding tot ander kerke en groepe. Soos 'n kerk bely, so aanbid hy ook, so rig hy sy erediens in:
* Die verkondiging van die Woord.
* Die verstaan en wyse van bediening van die sakramente.
* Die aanbidding van die Here - deur woord en lied.
* Die viering van die heil.
* Die onderlinge gemeenskap.

**14.2.5** Die eise van die Skrif vir die kerk, die belydenis en die kerkorde, asook die erediens, mond uit in die konkrete lewe: die lewe voor die aangesig van God, die lewe saam met andere:
* Die lewe in gehoorsaamheid aan God - hier kom ook die funksionering van die kerklike tug ter sprake
* Die diens in omvattende sin; diens aan God, diens aan sy saak, diens aan die medegelowige, diens aan die medemens.
* Die getuienis van die heil in Christus, getuienis van die leer van die Bybel, en dit deur:
- woord en daad
- oral op elke gebied van die lewe
- spontaan en georganiseerd.

Dus die basis, die gesamentlike kriteria vir die houding teenoor ander Christelike kerke en godsdienstige groepe moet wees:

**Die wil van Jesus Christus soos in die Bybel weergegee, verklaar en saamgevat in die belydenis, uitgedruk in die kerkorde, gepraktiseer in die erediens en uitgeleef en voorgeleef: in die Christelike lewenswandel, die omvattende diens en die effektiewe getuienis.**

14.2.6 Die **hoofsaaklik Protestantse beginsels** as 'n aparte kriterium, los van die belydenis, kerkorde, erediens en lewe, kan nie gehandhaaf word nie. Dit is te vaag en willekeurig. Immers, die "Protestantse beginsels" is opgeneem in die belydenisskrifte en kerkorde, en funksioneer in die erediens en in die konkrete lewe.

**14.3 DIE TOEPASSING VAN BOGENOEMDE KRITERIA IN DIE VERHOUDING TEENOOR ANDER CHRISTELIKE KERKE EN GODSDIENSTIGE GROEPE**

14.3.1 Tot dusver het die Ned Geref Kerk gewerk met kategorieë. Die ander Christelike kerke en godsdienstige groepe is in bepaalde kategorieë ingedeel, wat bepaal het hoedanig teenoor hierdie kerke opgetree moes word.

14.3.2 Die besware teen hierdie werkswyse:

14.3.2.1 Dit is onbarmhartig om kerke en groepe in so 'n streng skema in te deel, sonder dat hulle in die saak geken is.

14.3.2.2 Sommige kerke en groepe pas in meer as een kategorie. Ander weer pas moeilik in enige kategorie.

14.3.2.3 Kerke en godsdienstige groepe is nie staties nie en is gedurig besig om te verander.

14.3.2.4 Sekere kerke word gekenmerk deur 'n patroon van wyduiteenlopende "modaliteite" wat almal onder een struktuur gehuisves word. Dus bestaan daar nie dieselfde opvattinge by die onderskeie lidmate nie.

14.3.2.5 Verder openbaar die onderskeie gemeentes van 'n bepaalde kerk nie almal dieselfde geestelike ingesteldheid en geestelike peil nie.

14.3.2.6 Alle lidmate van 'n bepaalde kerk kan nie maar gelykgestel word nie, want daar is grade van geestelike lewe - "nie alles is Israel wat as Israel aangebied word nie".

14.3.2.7 Waar daarvan uitgegaan word dat almal van 'n bepaalde kerk dieselfde sou wees, werk dit pastorale laksheid en ongevoeligheid in die hand, want mense word sonder meer in kategorieë ingedeel en daarvolgens gehanteer.

14.3.2.8 Daarom word hier afgesien van die ou gebruik van indeling in kategorieë.

14.3.3 Die groot lyne van die Christendom:

14.3.3.1 In plaas van kategorieë waarin elke kerk en groep presies in 'n skema ingedeel word, word eerder uitgegaan van die **groot lyne** soos die **Christendom** langs die weg van die geskiedenis ontvou het en wat algemeen erken word:

*1 Gereformeerde kerke (in Suid-Afrika en in die buiteland)
*2 Protestantse kerke (byvoorbeeld die Lutherse, Anglikaanse, en ander kerke)
*3 Die Rooms-Katolieke Kerk
*4 Oosterse Ortodokse kerke (daar is 27 kerke)
*5 Ander kerkgroepe
*6 Sektes en sinkretistiese groepe.

14.3.4 Toepassing van die bogenoemde kriteria in die verhouding tot die genoemde groot groeperinge in die Christendom:

14.3.4.1 In elke geval waar sprake is van die verhouding tot, die samewerking met en erkenning van ander kerke of groepe, word die graad daarvan bepaal deur die belydenis, kerkorde, erediens en siening van die Christelike lewenswandel van die betrokke kerk of groep.

14.3.4.2 In **elke geval** waar iemand uit 'n ander kerk of groep na 'n gemeente van die Ned Geref Kerk wil **oorkom**, moet 'n **deeglike pastorale gesprek** gehou word oor alle aspekte van die **leer en lewe** van so iemand en oor **sy motiewe** vir die oorkom.

14.3.4.3 Erkenning van die doop

*1 By die eerste vier groepe van kerke word die doop erken.
*2 Ten opsigte van die doop by die vyfde groepering, ook die erkenning van die doop mits dit:
- geskied in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees
- met water bedien word
- bedien word deur 'n persoon wat afgesonder is vir die bediening van die Woord en sakramente.
*3 Ten opsigte van die laaste groep word die doop nie erken nie (behalwe waar die doop plaasgevind het by 'n kerk waarvan die Ned Geref Kerk die doop erken).

14.3.4.4 Toelating tot lidmaatskap

*1 Ten opsigte van persone wat uit die eerste twee groepe kerke na 'n gemeente van die Ned Geref Kerk wil oorkom, word in die pastorale gesprek gelet op punte van verskil in leer en lewe, sodat so iemand die leer van die kerk heelhartig kan onderskryf.
*2 Wat persone uit kerke uit groepe 3-5 betref, word naas die pastorale gesprek, ook gedeeltelike of volledige onderrig vereis, met 'n belydenis van geloof voor 'n kommissie van die kerkraad of voor die gemeente.
*3 Persone uit die laaste groep wat wil oorkom:
- 'n deeglike kategese,
- openbare belydenis van geloof.

14.3.4.5 Verlening van kerklike voorregte sonder oordrag van lidmaatskap

*1 Die bediening van die doop op skriftelike verlof van die betrokke kerkraad of instansie - die eerste vier groepe. Dit geld ook kerke uit die vyfde groep, behalwe by die kerke wat die verbondsdoop verwerp.

*2 Deelname aan die nagmaal na vooraf aanmelding by die leraar of 'n ouderling, en wanneer so iemand

vrymoedigheid tot die gebruik van die nagmaal in die eie gemeente het - dit geld slegs die eerste twee groepe, en die vyfde groep na 'n pastorale gesprek.

**14.4 ALGEMENE BELEID**

**14.4.1** Die Ned Geref Kerk sal alles doen om op 'n verantwoordelike wyse, sonder prysgawe van die eie standpunt, saam met ander Christelike kerke te werk, 'n gemeenskaplike boodskap uit te dra, en saam te stry vir die behoud van die Christelike lewensbeginsels.

Die graad en wyse van samewerking sal in elke geval bepaal word deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkorde, erediens en siening van die Christelike lewenswandel van die betrokke kerk.

**14.4.2** Die kerk verbind hom opnuut om langs al die erkende weë die afgedwaaldes van die kerk, die kerkvervreemdes, kerklos lidmate op te soek en met groot lankmoedigheid te bearbei om hulle weer vir Christus en sy kerk terug te wen.

**14.4.3** Met groot eerlikheid in die erkenning van die eie swakhede en foute, wil die kerk met groot verdraagsaamheid met kerke en gelowiges wat op kleiner punte of ook op kardinale punte afwyk van die Ned Geref Kerk, skakel om die verskille te probeer oplos.

**14.4.4** Die kerk wy hom opnuut tot die taak om uit te reik na ongelowiges, kerklose mense, aanhangers en sektes, na mense vasgevang in dwaling, na sinkretistiese en ander groepe, om hulle op te soek, hulle te bearbei en sover moontlik vir Christus en sy kerk te wen.

**14.4.5** Leraars en kerkrade word opgeroep om waaksaam te wees vir die talle bedreiginge van lidmate op die gebied van die leer en die lewe; om teen hierdie bedreiginge op gepaste wyse te waarsku; om lidmate toe te rus om hierdie bedreiginge af te slaan, en hulle toe te rus om konsekwent en sistematies sodanige mense te probeer terugwen.

**14.5 AANBEVELINGS**

**14.5.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die versoek van die Sinode van Noord- Transvaal aan die ASK.**

**14.5.2 Die Algemene Sinode keur bostaande stuk goed om deur die kerk as riglyn gebruik te word.**

**14.5.3 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om 'n kort en saaklike uiteensetting te gee van die verskillende kerke en groepe, sodat leraars en kerkrade dit kan gebruik in die bepaling van die verhouding tot en die hantering van persone wat na gemeentes van die Ned Geref Kerk wil oorkom.**

# F. OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE 1990

## 15. DRANKADVERTENSIES

**15.1 OPDRAG**

Die Sinode verwys die besluit in verband met die advertering van sterk drank op televisie na die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake. (Handelinge, Algemene Sinode 1990:664)

**15.2 DIE WESE VAN DIE ADVERTENSIEBEDRYF**

Sonder om 'n uitvoerige uiteensetting te gee, behoort die volgende algemene aspekte in 'n etiese beoordeling van drankadvertensies op TV ter sprake te kom.

**15.2.1** Die **behoefte van die publiek** is vir die advertensiebedryf van deurslaggewende belang.

**15.2.2 Kulturele en omgewingsfaktore** speel 'n belangrike rol in die bepaling van die aard en aanslag van die advertensies ten einde die maksimum motivering tot die aankoop van die betrokke produk te bewerkstellig.

**15.2.3** Veel is oor die **subliminale benutting** van advertensies geskryf. Terwyl die gevaar van psigagogie (psigiese indoktrinasie) nie geïgnoreer mag word nie en om opsigtelike Christelik-etiese redes afgewys moet word, blyk baie van die bewerings in hierdie verband ongegrond te wees.

**15.3 VOOR- EN NADELE VAN DIE ADVERTENSIEWESE**

Hoewel die advertensiebedryf vanuit finansiële oorwegings 'n belangrike rol in die ekonomie van die land speel (byvoorbeeld die gesonde stimulering van handelsomset, gesonde kompetisie van produkte en besigheidsbedrywe, borgskappe, ensovoorts), bestaan die gevaar dat die advertensiebedryf een of meer van die Christelik-etiese norme wat uit die dekaloog (tien gebooie) gepositiveer word (Heyns 1982:166; 182-187), kan oorskry. Wanneer dit gebeur, moet sodanige advertensies afgekeur word. Die volgende norme sal in hierdie verband van toepassing wees:

**15.3.1** Advertensies wat 'n bepaalde saak of produk as die alfa en omega van alles aanbied en so aan verabsolutering (verafgoding) skuldig word of wat die publiek tot optrede aanspoor wat met die wil van God teenstrydig is. Ons dink hier byvoorbeeld aan advertensies wat brassery of dronkenskap aanmoedig met die belofte dat die betrokke produk die lewer weer die volgende oggend sal regdokter (oortreding van die eerste gebod; vergelyk Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 34; Heyns 1970:120).

**15.3.2** Advertensies wat God op so 'n wyse ter sprake bring dat daardeur 'n karikatuur van die Wese van God gemaak word of advertensies wat van die mens as beeld van God 'n vertekening maak (oortreding van die tweede gebod; vergelyk Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 35; Heyns 1970:134).

**15.3.3** Advertensies wat op enige wyse die heilige Naam van God direk of indirek belaster of sy Naam ydellik gebruik (oortreding van die derde gebod; vergelyk Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 36).

**15.3.4** Advertensies wat die heiliging van die dag van die Here aantas deur tot optrede aan te moedig wat met die gees van die dag teenstrydig is en die openbare erediens daardeur in gedrang bring. Hier word gedink aan advertensies van winkels en supermarkte wat spesiale aanbiedinge en pryse adverteer ten einde mense op Sondae tydens eredienstye daarheen te lok (oortreding van die vierde gebod; vergelyk Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 38; Heyns 1970:155-159).

**15.3.5** Advertensies wat op enige wyse die gesag ondermyn en tot onwettige of onordelike optrede sou aanmoedig (oortreding van die vyfde gebod; vergelyk Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 39).

**15.3.6** Advertensies wat die gesondheid van mense kan ondermyn en eindelik tot die dood kan lei (Heyns 1970:188). Hier is sprekende voorbeelde die advertensie van sigarette (Heyns 1982:484) wat met reg op TV verbode is, sowel as advertensies van vinnige motors wat die spoedgrens met tot 100 kilometers per uur kan oorskry (oortreding van die sesde gebod; vergelyk Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 40).

**15.3.7** Advertensies wat die heiligheid van die huwelik aantas deur tot promiskuïteit aan te moedig of wat die heiligheid van die seksualiteit vir die huwelik in gedrag bring deur buite-huwelikse geslagtelike verkeer te adverteer of as lokmiddel vir 'n advertensie te gebruik. In hierdie verband is dit ontstellend hoeveel advertensies duidelik ondertone van seksualiteit het en die seksuele as 'n lokmiddel gebruik (oortreding van die sewende gebod; vergelyk Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 41).

**15.3.8** Advertensies wat valse verwagtings skep wat onmoontlik is om te realiseer, sowel as advertensies wat tot gierigheid of verkwisting aanmoedig (oortreding van die agtste gebod; vergelyk Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 42; Heyns 1970:222).

**15.3.9** Advertensies wat valse bewerings oor die kwaliteite of vermoëns van die produk maak of op enige wyse die waarheid geweld aandoen. Dit geld nie alleen ten opsigte van bewerings wat in die betrokke advertensie gemaak is nie, maar veral ook belangrike inligting wat ter wille van die verkoop van die produk verswyg word (die sogenaamde **reservatio mentalis**). 'n Sprekende voorbeeld in hierdie verband is 'n sekere advertensie van 'n lae alkoholinhoudelike bier wat die indruk skep dat gerehabiliteerde alkoliste (wat op die sogenaamde "waterkar" is), nie hoef te huiwer om die betrokke bier te drink nie. Dit is 'n oortreding van die negende gebod (vergelyk Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 43).

**15.3.10** Advertensies wat op 'n onaanvaarbare wyse tot begeerlikheid aanleiding gee. Hier moet egter met omsigtigheid geoordeel word. Nie alle begeerte is verkeerd nie. Indien 'n TV-kyker byvoorbeeld dors is en 'n betrokke koeldrank of drank word geadverteer en die advertensie wek by die kyker 'n begeerte na die geadverteerde produk, kan die advertensie nie daarom veroordeel word nie. Dan sou feitlik alle advertensies veroordeel moes word omdat alle advertensies basies die behoefte stimuleer om die produk te koop. Nee, hier gaan dit om advertensies wat die produk so aanbied asof die kyker nie daarsonder kan of durf klaarkom nie, of wat die kyker wil oortuig dat hy nie "in" is as hy die produk nie gebruik nie of wat beloftes van finansiële ondersteuning bied om die persoon se begeerte tot die daad van aankope te laat oorgaan terwyl die persoon dalk die produk hoegenaamd nie kan bekostig nie (oortreding van die tiende gebode; vergelyk Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 44).

### 15.4 BEOORDELING VAN DRANKADVERTENSIES OP TV

Aangesien die Christelike etiek die beginsels van die dekaloog as normering vir ons gedrag sowel as die maatstaf vir beoordeling van optrede gebruik, sal drankadvertensies soos alle ander advertensies volgens hierdie beginsels alleen beoordeel moet word. Dit impliseer die volgende:

**15.4.1** Daar moet gewaak word om nie met veronderstelde beginsels 'n beoordeling te maak wat nie die toets van geldigheid kan deurstaan nie.

**15.4.1.1** So word daar soms beweer dat drankadvertensies die swakheid van die alkoholis uitbuit en tot struikeling kan lei. Indien dit egter 'n geldige argument is, sal alle drankwinkels verbied moet word. (Hulle moet tog met advertensieborde aandui waar hulle winkels geleë is. Ook dit sou die swakkeling tot struikeling kon lei). Verder sal dit impliseer dat koeldrank of sjokolade ook nie geadverteer mag word nie, omdat dit die diabeet se selfbeheersing op 'n onbillike wyse sou toets en by hom 'n begeerte na soetigheid sou stimuleer en so sy lewe in gevaar sou stel indien hy daaraan sou toegee.

**15.4.1.2** Daar word ook veronderstel dat drankadvertensies mense tot die gebruik van drank sal aanmoedig. Navorsing het egter getoon dat drankadvertensies as sodanig nie 'n persoon tot drank dryf nie. Dit beïnvloed hom hoogstens om die betrokke handelsmerk aan te koop.

**15.4.1.3** Teen inkonsekwente optrede moet ook gewaarsku word. Wie beswaar maak teen drankadvertensies op TV maar geen beswaar teen drankadvertensies in bioskope, tydskrifte, koerante en oor die radio het nie, tree inkonsekwent op. Wie teen sommige soorte drank beswaar het (byvoorbeeld brandewyn) maar nie teen ander (byvoorbeeld wyn) nie, is eweneens inkonsekwent. So ook is dit oneerlik om teen drankadvertensies op TV te wees, maar om dan 'n restaurant op te soek wat adverteer dat hy sterk drank bedien.

**15.4.2** Die enigste norm vir 'n Christelik-etiese beoordeling van drankadvertensies op TV (radio, tydskrifte, koerante) is die beginsels van die tien geboole. Daarom kan drankadvertensies nie **per se** veroordeel word nie. Elke advertensie sal afsonderlik en op 'n **ad hoc**-basis volgens die normering van die dekaloog beoordeel moet word. In soverre enige aspek van enige advertensie enige beginsel van die dekaloog oortree, sal dit op Christelik-etiese gronde afgekeur moet word.

**15.5 AANBEVELINGS**

**15.5.1 Die Algemene Sinode aanvaar bostaande beoordeling as prinsipiële riglyn ten opsigte van die advertensiewese.**

**15.5.2 Aangesien advertensies die gevaar loop om deur subtiele manipulasie bestaande behoeftes en angste van mense uit te buit en so kunsmatige behoeftes te skep, doen die Sinode 'n ernstige beroep op lidmate om drankadvertensies krities te bejeën.**

**15.5.3 Die Algemene Sinode versoek alle lidmate wat as bemarkers of verbruikers met die advertensiewese in aanraking kom, om elke advertensie in die lig van 'n omvattende Christelike lewens- en wêreldbeskouing te beoordeel.**

**15.5.4 Die Algemene Sinode wys adverteerders daarop dat lidmate negatief oordeel oor en in verset kom teen advertensies wat met die oortuigings van die Christelike geloof strydig is.**

**15.5.5 Die Algemene Sinode roep lidmate op om, wanneer nodig, teen bepaalde advertensies by die verskaffer van die produk asook die medium waarin die produk geadverteer word (bv die betrokke koerant, TV, radiosender, ens) beswaar aan te teken. Besware teen die inhoud of trant van drankadvertensies kan aan die Gesagsvereniging vir Reklamestandaarde, Posbus 41555, Craighall, 2024 gerig word.**

**Bronneverwysings**

Heyns, JA 1970. **Die nuwe mens onderweg.** Kaapstad: Tafelberg.
Heyns, JA 1982. **Teologiese Etiek.** Pretoria: NG Kerkboekhandel.

## 16. EPILOOG VAN DORDT

### 16.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode verwys beskrywingspunte B5.2 en B5.6 na die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake vir ondersoek en verslag aan die volgende Sinode. (Handelinge, Algemene Sinode 1990:495)

Die betrokke beskrywingspunte lui soos volg:

**16.1.1** Die Sinode versoek die Algemene Sinode om toe te sien dat die epiloog van die Dordtse Leerreëls in 'n volgende uitgawe van Die Kerkboek saam met die Drie Formuliere van Eenheid gedruk word.

**16.1.2** Die Sinode versoek die Algemene Sinode om dringend ondersoek in te stel na die wenslikheid daarvan dat die epiloog (besluit) van die Dordtse Leerreëls gevoeg word by die teks van hierdie belydenisskrif wat amptelik in die Ned Geref Kerk funksioneer. Die Algemene Sinode ondersoek ook die historiese omstandighede en die motiveringe wat aanleiding gegee het tot die weglating van die epiloog van die Dordtse Leerreëls by sovele kerke en die implikasies hiervan vir 'n moontlike terugplasing van die epiloog tot die belydenisskrif.

### 16.2 AGTERGROND

Soos dit uit die aangehaalde beskrywingspunte blyk, is daar 'n epiloog of "Besluit" aan die einde van die Dordtse Leerreëls wat nie by die Afrikaanse vertaling van hierdie belydenisskrif verskyn nie.

Die Sinode van Dordtrecht van 1618/19, waar die Dordtse Leerreëls as derde belydenisskrif vir die Gereformeerde Kerke in Nederland aanvaar is, het baie duidelik hierdie epiloog as 'n deel van die teks van die belydenisskrif gesien. Die handtekeninge van die lede van die Sinode, wat daarmee hulle instemming met die inhoud van die geskrif betuig het, verskyn in die Acta van die Sinode telkens aan die einde van elke hoofstuk daarvan. By die laaste hoofstuk word die epiloog as 'n onderdeel van die hoofstuk behandel en die handtekeninge is aan die einde daarvan geplaas.

In die verlede het die teks van die Dordtse Leerreëls relatief min bekendheid geniet. In die sogenaamde Statenvertaling van die Bybel asook in die Psalm- en Gesangboek is die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, 'n aantal gebede en die liturgiese formuliere opgeneem; die Dordtse Leerreëls het daarenteen steeds ontbreek. Tydens die sewentiende en agtiende eeu was dit slegs as afsonderlike publikasie of as deel van die Acta van die Sinode van Dordtrecht beskikbaar en skynbaar het slegs belangstellende teoloë deur die ingewikkelde sinskonstruksies geworstel om met die inhoud daarvan bekend te word.

Tydens die vorige eeu is verskeie uitgawes van die Gereformeerde belydenisskrifte deur leraars van die Nederlandse Hervormde Kerk asook die Afgeskeie Gereformeerde Kerke in Nederland versorg. In al hierdie uitgawes is die **volledige teks** van die Dordtse Leerreëls - die epiloog ingesluit - **opgeneem.**

Abraham Kuyper het talle uitgawes van die Formuliere van Enigheid versorg. Die eerste uitgawe van 1883 het basies dieselfde teks as vorige Nederlandse uitgawes bevat. **In latere uitgawes** het hy egter 'n weergawe met meer **moderne Nederlands** die lig laat sien en daarin is die epiloog om 'n **onbekende rede weggelaat.**

Moontlike redes vir die stap is die volgende:

* Daar is miskien gevoel dat dit nie deel van die **belydenisskrif** is nie, aangesien dit nie in dieselfde vorm as die res van die geskrif gegiet is nie.

* Moontlik is gereken dat dit slegs as 'n **tipe naskrif** tot die belydenisskrif gesien kan word wat slegs die inhoud van hierdie geloofsimbool by leraars en kerke aanbeveel.

* Dit kon moontlik as 'n blote **stigtelike slot** aangesien gewees het.

In 'n **uitgawe van die belydenisskrifte** wat in **1896** deur **ds SJ du Toit** van die Paarl versorg is, is Kuyper se teks gebruik - ook sonder die epiloog.

Toe die Sinode van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika in 1863 sy **eie uitgawe van sy belydenisskrifte en liturgiese formuliere** laat uitgee het, het die kommissie wat

daarvoor verantwoordelik was, dr PE Faure, dr SP Heyns en oudl PA Brand, die voorbeeld van ouere uitgawes gevolg en die **epiloog van die Dordtse Leerreëls daarin opgeneem.** 'n Herdruk van 1907 het dit ook in gehad. Dit is vermeldenswaardig dat hulle 'n origens verminkte teks van die Dordtse Leerreëls uitgegee het, aangesien die gedeeltes van elke hoofstuk, waarin die Remonstrante se idees verwerp is, uitgelaat is. Hierdie verminkte teks is in 1876 ook in 'n Engelse vertaling op las van die Sinode in Kaapstad uitgegee.

Bogenoemde formulierboek was tot in 1936 by die Ned Geref Kerk in gebruik totdat die eerste Afrikaanse vertaling van die formuliere en belydenisskrifte die lig gesien het. Vir die belydenisskrifte is die uitgawe van Kuyper as basis van die vertaling geneem. Om hierdie rede lewe die Ned Geref Kerk sedert 1936 sonder die epiloog van die Dordtse Leerreëls.

In Nederland handhaaf die Hervormde Kerk tot vandag toe nog die onverkorte teks van die leerreëls - die epiloog ingesluit.

Op grond van die voorafgaande kan mens die volgende gevolgtrekkings maak:

* Die Sinode van Dordtrecht van 1618/19 het die epiloog tot die Dordtse Leerreëls as 'n deel van hierdie belydenisskrif beskou.

* Die weglating van die epiloog van die Dordtse Leerreëls is nie die gevolg van een of ander sinodale besluit nie. Dit is toe te skryf aan Abraham Kuyper wat dit om 'n onbekende rede weggelaat het in sy latere uitgawes van die belydenisskrifte en die Afrikaanse vertalers wat sy voorbeeld nagevolg het.

* Die epiloog van die Dordtse Leerreëls is voor 1936 deur die Ned Geref Kerk as deel van hierdie belydenisskrif aanvaar.

### 16.3 DIE TEKS VAN DIE EPILOOG

Tot op hede was daar al twee Afrikaanse vertalings van die belydenisskrifte wat amptelik deur die Drie Afrikaanse Kerke gebruik is; by albei ontbreek die epiloog. Wyle dr C van der Waal van Pretoria het in 1973 in sy kommentaar op die Dordtse Leerreëls sy eie vertaling van die epiloog gegee. Dit is ongelukkig 'n taamlike lomp vertaling.

Die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het in 1988 besluit om die **Besluit** aan die einde van die Leerreëls terug te plaas en so het dit in hierdie kerkverband se Psalmboek (waarin die belydenisskrifte opgeneem is) verskyn. Dit is 'n heel leesbare vertaling wat die ellelange sinne van die oorspronklike Nederlandse weergawe in korter stukkies opgedeel het. Die vertaling is soos volg:

### 16.4 VERTALING VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE

*** BESLUIT**

Die voorgaande is dan die duidelike, eenvoudige en openhartige verklaring van die regsinnige leer aangaande die Vyf Artikels waaroor in Nederland veskil van mening is. Tegelykertyd is dit die verwerping van die dwalinge waardeur die Nederlandse kerke 'n tyd lank in beroering was. Die Sinode oordeel dat hierdie uiteensetting en verwerping uit die Woord van God geneem is en met die belydenisse van die Gereformeerde Kerke ooreenstem. Hieruit blyk dit duidelik dat mense vir wie dit allermins betaamlik was, in stryd met alle waarheid, eerlikheid en liefde die volk die volgende wou wysmaak:

Dat hierdie leer 'n oorkussing van die duiwel en die sondige natuur en 'n vesting vir die Satan is, waaruit hy vir alle mense hinderlae opstel, die meeste verwond en baie met pyle of van wanhoop of van sorgeloosheid dodelik tref;

dat hierdie leer God tot outeur van die sonde, 'n onregverdige, 'n tiran en 'n huigelaar maak en dat dit niks anders as die herleefde leer van die Stoïsyne, Manigeërs, Libertyne en Moslems is nie;

dat hierdie leer die mense sorgloos maak en dat hulle hulle daardeur verbeel dat, op watter wyse hulle ook al leef, dit nie die saligheid van die uitverkorenes verhinder nie en dat hulle gevolglik sonder kommer allerhande afskuwelike sondes kan doen;

dat dit die verworpenes nie tot saligheid strek nie, selfs al sou hulle inderdaad ook al die werke van die gelowiges verrig;

dat volgens hierdie leer God enkel en alleen deur sy wilsbesluit en sonder oorweging of inagneming van enige sonde van enigiemand die grootste deel van die wêreld vir die ewige verderf voorbeskik en geskep het;

dat net soos die verkiesing die fontein en oorsaak van die geloof en van die goeie werke is, die verwerping ook so die oorsaak van die ongeloof en goddeloosheid is;

dat baie onskuldige kinders van gelowiges van die moederbors weggeruk en op wreedaardige wyse in die hel gegooi word, sonder dat die bloed van Christus of hulle doop of die gebede van die kerk by hulle doop vir hulle tot voordeel kan wees.

En watter baie ander soortgelyke bewerings is daar nie wat die Gereformeerde Kerke nie alleen nie aanvaar nie maar ook van ganser harte verfoei!

Daarom doen hierdie Sinode van Dordtrecht in die Naam van die Here 'n beroep op almal wat die Naam van ons Verlosser Jesus Christus gelowig aanroep, om die geloof van die Gereformeerde Kerke nie te beoordeel op grond van hier en daar saamgeraapte lasteringe of op grond van persoonlike uitsprake van verskeie ouer of jonger leraars nie. Hierdie uitsprake word dikwels slegs met kwade bedoelings aangehaal of vermink en tot 'n verkeerde betekenis verdraai. Hulle moet eerder op grond van die openbare belydenisse van genoemde Gereformeerde Kerke oordeel en op grond van hierdie uiteensetting van die regsinnige leer wat met algemene instemming van almal saam en van elke lid van die hele Sinode afsonderlik vasgestel is.

Vervolgens vermaan die Sinode hierdie lasteraars ernstig dat hulle moet besef watter swaar oordeel van God hulle oor hulleself bring as hulle teen soveel kerke en teen die belydenisse van soveel kerke valse getuienis gee, die gewetens van die swakkeres in beroering bring en naarstiglik streef om by baie mense die gemeenskap van die gelowiges verdag te maak.

Ten slotte doen hierdie Sinode 'n beroep op alle mededienaars in die evangelie van Christus om hulle in die behandeling van hierdie leer in die skole en in die kerke vroom en gelowig te gedra. Hulle moet hierdie leer sowel mondeling as skriftelik tot eer van die Naam van God, tot heiligmaking van die lewe en tot troos van die verslae harte uitlê. Hulle moet in ooreenstemming met die Skrif nie alleen na die reël van die geloof dink nie maar ook praat. Eindelik moet hulle hulle weerhou van alle uitsprake wat die voorgeskrewe perke van die ware strekking van die Heilige Skrif oorskry. Sulke uitsprake kan aan die skaamtelose dwaalleraars 'n gegronde rede gee om die leer van die Gereformeerde Kerke sleg te maak of te belaster.

Mag die Seun van God, Jesus Christus, wat aan die regterhand van die Vader sit en aan die mense gawes gee, ons in die waarheid heilig. Mag Hy hulle wat dwaal, tot die waarheid lei en die lasteraars van die gesonde leer die mond snoer. Mag Hy die getroue dienaars van sy Woord die Gees van wysheid en onderskeiding gee, sodat al hulle uitsprake tot eer van God en tot opbouing van die hoorders mag strek. Amen.

Hierdie Besluit is deur die Sinode van Dordtrecht van 1618/19 by die belydenisskrif gevoeg ten einde sekere misverstande en wanvoorstellings van die uitverkiesingsleer, onder andere die fatalisme, af te wys. Hierdie Besluit is vanweë 'n onbekende rede in vorige uitgawes van die Afrikaanse vertaling van die Belydenisskrifte weggelaat. Die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk van 1994 het besluit om dit weer terug te plaas.

#### 16.5 AANBEVELINGS

**16.5.1 Die Algemene Sinode besluit dat die "Besluit" aan die einde van die Dordtse Leerreëls by alle nuwe uitgawes van die Formuliere van Eenheid opgeneem moet word.**

**16.5.2 Die Algemene Sinode aanvaar die vertaling van die "Besluit" van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en dra dit aan die ASK op om oor die kopiereg daarvan te onderhandel.**

**16.5.3 Die Algemene Sinode stel die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die ander lede van die familie van Ned Geref Kerke in kennis van hierdie besluit.**

## 17. FINANSIëLE INSTANDHOUDING VAN DIE GEMEENTE EN DIE EREDIENS

#### 17.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode dra dit aan die AKDB en AKLAS op om vir die Algemene Sinode van 1994 'n advies uit te werk waarvolgens die finansiële instandhouding van die gemeente en erediens as opdrag en verantwoordelikheid van die kerkraad volgens 'n doeltreffende organisasie binne die kerkstrukture in die gemeente nagekom kan word. (Handelinge, Algemene Sinode 1990:667).

#### 17.2 WERKWYSE

In oorleg met die AKDB is ooreengekom dat die AKDB oor hierdie saak aan die Sinode verslag lewer.

## 18. DIE GODSBESKOUING VAN ISLAM EN DIE JODE

#### 18.1 OPDRAG

Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake vir studie en verslag aan die volgende sinode. (Handelinge, Algemene Sinode 1990:680)

Die beskrywingspunt lui soos volg:
Die Sinode van Suid-Transvaal versoek die Algemene Sinode om deur sy Kommissie vir Leer en Aktuele Sake 'n studie te maak van die Godsbeskouing van die Islam en die Joodse godsdiens as hulp vir gelowige Christene in hulle getuienistaak teenoor die Moslem en die Jode, om hulle te begelei tot die regte interpretasie van die Ou Testament as getuienis van die Messias Jesus Christus. (Agenda, Algemene Sinode 1990:430).

#### 18.2 INLEIDING

Die beskouing oor God lê aan die hart van elke godsdiens. Wat 'n mens glo van God, bepaal die kerninhoud van jou geloof en bepaal uiteindelik wie en wat jy is. 'n Mens se Godsbeskouing bepaal jou morele- en kultuur- waardes en vorm ook die kern van elke volk se lewens- en wêreldbeskouing.

Van al die godsdienste in die wêreld is die drie monoteïstiese godsdienste se beskouing oor die een Skeppergod, wat alles onderhou, die naaste aan mekaar. Tog is daar radikale verskille tussen die Christelike trinitariese Godsbeskouing en die unitariese, absolute monoteïsme van die Jode en Moslems. Dit beïnvloed grootliks die aard en karakter van die drie godsdienste.

Histories was dit onder Israel dat 'n absolute etiese monoteïsme na vore getree het en neerslag gevind het in die Ou Testament. Dit was iets totaal nuut in die geskiedenis van die mensdom. Te midde van die veelgodedom van die nasies rondom en in skerp teenstelling met die monisme van godsdienste wat in een onpersoonlike kosmiese beginsel geglo het, het Israel een persoonlike Skeppergod bely wat ook God is van die ganse heelal. Hiertoe is hulle gebring deur die openbaring, ervaring en verklaring van Jahweh se handelinge in die geskiedenis.

#### 18.3 DIE GODSBESKOUING VAN ISRAEL

**18.3.1 God is ewig**

Talle Psalms maak melding van die feit dat God van ewigheid tot in ewigheid die een ongeskape en onveranderlike God is.

#### 18.3.2 God is een persoonlike wese

Die hart van Israel se geloofsbelydenis asook die latere Judaïsme is die Shema in Deut 6:4: "Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here". Hy is nie 'n naamlose, onpersoonlike kosmiese beginsel nie, maar 'n persoon wat by name geken word. Hy is JHWH wat die God is van Abraham, Isak en Jakob en wat 'n verbond met sy volk oprig. Hy het Hom in sy goedheid aan sy volk openbaar, maar bly tog die ondeurgrondelike wat 'n mens nie van aangesig tot aangesig mag aanskou nie! God se eenheid staan teenoor die veelgodedom van die nasies. Die één God, gee één wet, versamel één volk en onderhou die één wêreld wat aan Hom behoort.

#### 18.3.3 God is skepper en onderhouer

Gen 1:1 begin met die woorde: "In die begin het God die hemel en die aarde geskep". Hy is volkome verhewe bo die skepping en daarom nie deel daarvan nie. God is ewig, die skepping is verganklik. Sy volk, die volkere en die ganse skepping moet Hom loof want Hy hou alles in sy hand.

#### 18.3.4 God is die heilige verbondsgod

Hy is nie 'n veraf God nie want Hy tree in 'n verbondsverhouding met sy volk. Hy woon in hulle midde - is teenwoordig in die tempel. Hy tree op in die geskiedenis soos duidelik bewys in die verhaal van die uittog. Hy is 'n God van liefde en barmhartigheid en bemoei Hom veral met die swakkes en hulpeloses.

God is heilig en verwag gehoorsaamheid van die mens. Hy haat die sonde en gee een universele wet wat deur almal gehoorsaam moet word.

#### 18.3.5 God is bevryder en verlosser

God verlos sy volk uit die slawehuis van Egipte. Hy bevry egter ook die armes, die blindes en die gevangenes. Hy bevry mense van sonde, selfsug, haat, hoogmoed, geweld en alles wat die ware menswees aan bande lê.

In die latere profete (vgl Jesaja 43:53) is daar verwysings na die Kneg van die Here in Wie God naby aan sy volk sou kom en Wie volkome vrede en voorspoed sou bring. Hy sou God se lig weerkaats na die nasies en sy verlossing wees tot aan die eindes van die aarde (Jes 49:6).

By Daniël is daar die Seun van die Mens wat God sou bekendmaak aan die mense. So ontstaan 'n Messiasverwagting - van een wat sou kom as Immanuel. Hy sou God op 'n besondere manier in sy volkomenheid bekendmaak en verteenwoordig onder die mense.

### 18.4 DIE ONTSTAAN VAN DIE CHRISTELIKE GODSBESKOUING

Die Christelike Godsbeskouing bou direk voort op dié van die Ou Testament. Die Christene het alles bely wat die Ou Testament van JHWH getuig het. Die besondere van die Christelike beskouing lê egter in die ontdekking dat Jesus van Nasaret die Here is, die Seun van die lewende God. In Hom het die volheid van God gewoon en is God ten volle openbaar. In Hom het die geheimenis wat deur die eeue lank bedek gebly het, openbaar geword (Ef 3:2-9). In Hom het die heil van God sigbaar geword en die Koninkryk van God 'n werklikheid. Deel van die geheimenis is dat Christus nie net die Verlosser van die Jode is nie, maar van al die nasies. Dit is 'n blye tyding en seënryke boodskap vir die Jode en vir al die nasies (Kol 1:29v.).

Die geregtigheid van God waarvan die wet en profete reeds getuig het, is openbaar gemaak in die koms van Jesus Christus (Rom 3:21) deur Wie se soendood dit moontlik geword het vir Jode en heidene om deur die geloof in Hom gered te word.

Daarby het Jesus die Trooster aan die kerk na sy hemelvaart belowe (Joh 16:7). Hierdie belofte is vervul deur die uitstorting van die Heilige Gees.

Op grond van hierdie heilsgebeure wat in die geskiedenis geopenbaar en deur die dissipels beleef is, het die Christelike triniteitsleer beslag gekry deur die getuienis van die apostels. Dit beteken dat God Homself aan die wêreld gegee het deur die soenoffer van die Seun en dat Hy in die harte van gelowiges woon deur sy alomteenwoordige Gees.

### 18.5 DIE GROOT MISVERSTAND VAN DIE ISLAMITIESE GODSBESKOUING

Mohammed wat as jong kameeldrywer met die Jodedom in aanraking was, ontdek die waarheid van die eenheid van God en begin skerp reageer teen die Arabiese veelgodedom van sy tyd. Hy verkondig Allah as die enigste ware Skeppergod en verwerp die afgodediens as 'n gruwel. Wat Moses dus vir die Israeliete beteken het, beteken hy vir die Arabiere.

Die kern van die godsdiens van Islam draai om die leer van die eenheid van Allah (Tawhid). Mohammed gryp volledig terug op die Joodse Godsbeskouing. God is skepper en onderhouer, algenoegsaam, ewig en alomteenwoordig. Hy is die begin en finale doel van alles. Elke aspek van Islam hou verband met die leer van God se eenheid. Daarvan word die eenheid van die menslike lewe, van die Muslim-gemeenskap (die Ummah) en van die ganse skepping afgelei. God het een universele wet (Shariah) aan die ganse mensdom gegee. Die mens het net een doel en dit is om aan God onderworpe en gehoorsaam te wees. Mens, natuur en heelal is muslim (onderworpe aan God se wil).

God het sy wil in die Quran bekend gemaak. Daarom moet die heilige boek as God se volmaakte openbaring gerespekteer en gehoorsaam word.

God is transendent maar tog verantwoordelik vir alles wat plaasvind in die wêreld. God is met alles en almal, maar is nie die somtotaal van alles soos in die monisme nie. Hy gee sin en betekenis aan alles wat bestaan.

Mohammed, wat ook met Christene in aanraking was, het ongelukkig die Christelike verkondiging totaal misverstaan. Dit moet daaraan toegeskryf word dat hy in aanraking was met afwykende monofisitiese sektes wat in die Arabiese woestyn 'n kluisenaarsbestaan gevoer het. Dit veroorsaak dat Mohammed die Drie-eenheidsleer verkeerd begryp het. Hy het Jesus slegs leer ken as profeet maar nie as Seun van God nie. Hy leer: "Allah is een - Hy verwek nie" (Sura 112:1). "En sê nie Drie-enige nie. Maar staak dit. Dit is vir julle beter. Allah is 'n enkele God" (Sura 4:171). Hulle wat sê "Allah is die derde van die drie, is ongelowig. Die Messias, die Seun van Maria, was slegs 'n boodskapper" (Sura 5:73). Die Quran verwerp dus uitdruklik die Drie-eenheid. Dit berus egter op 'n misverstand. Mohammed het gedink die Christelike Drie-eenheid bestaan uit God, die Vader, Maria en Jesus. Die misverstand het ook te make met die feit dat "gees" in Arabies 'n vroulike woord is.

Mohammed aanvaar die maagdelike geboorte en wonderwerke van Jesus. Hy is Messias, boodskapper van Allah en dienaar. Tog verwerp hy die kruisdood van Jesus ten sterkste. Sura 4:157 leer: "Hulle het hom beslis nie doodgemaak nie; nee Allah het Hom in sy aanwesigheid verhewe".

Van die Gees praat die Quran weinig en op plekke word Hy met engele of die aartsengel Gabriël vereenselwig.

Hierdie fatale misverstand lei daartoe dat Islam die rykdom van die Drie-eenheidsleer ontbeer. Vir hulle is dit 'n afskuwelike veelgodery. Daarmee het hulle die hart van God se verlossingsevangelie verloor en sy inwoning in gelowiges prysgegee.

**18.6 GETUIENIS TEENOOR JODE EN MOSLEMS**

Die Godsbeskouing van Jode en Moslems lê baie naby aan mekaar. Hoewel hulle 'n geloof in die een persoonlike Skeppergod bely, ken hulle Hom nie in sy volle verlossingsgenade nie en is hulle nog steeds ver van Hom af. Christus het immers gesê: "Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie" (Joh 14:6). Waar beide Christus as Messias en Verlosser verwerp, is dit duidelik dat ons in die ontmoeting en gesprek met hierdie godsdienste veral sal moet konsentreer op die persoon van Christus en op die werk van die Heilige Gees wat geloof in Christus in mense se harte werk. Gelowiges wat aan hierdie gesprek wil deelneem, sal aan twee vereistes moet beantwoord. Eerstens sal hulle 'n goeie kennis moet hê oor wat Jode en Moslems van God, Christus en die Heilige Gees sê. Hiervoor sal hulle besondere skoling moet ontvang. Tweedens sal gelowiges in hulle voorbeeld, lewenswandel en gesindhede moet toon dat Christus 'n lewende werklikheid in hulle lewens is. Getuienis oor Hom sonder 'n lewe vir Hom sal nie help om mense na geloof in Hom te lei nie.

**18.7 GEVOLGTREKKINGE**

**18.7.1** God openbaar Homself in sy algemene openbaring aan alle mense (Rom 1:18vv; Rom 2:14ev). Kragtens die verduistering van die sonde verteken alle mense egter dié openbaring van God.

**18.7.2** Kragtens God se besondere openbaring in Christus Jesus, aanbid Christene uit genade die enigste ware God: die drieënige God, Vader, Seun en Heilige Gees.

**18.7.3** Jode en Moslems is wel met die enige God besig, omdat Hy met hulle besig is. Maar omdat hulle nie in en deur Christus na Hom kom nie, moet daar gesê word dat hulle Hom nie op die ware manier aanbid nie.

**18.8 AANBEVELINGS**

**18.8.1 Die Algemene Sinode aanvaar die verslag as riglyn ten opsigte van die Godsbeskouing van Christene, Jode en Moslems.**

**18.8.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om voort te gaan met die studie oor die Godsbeskouing van Christene, Jode en Moslems.**

**18.8.3 Die Algemene Sinode besef dat die problematiek van hierdie gekompliseerde vraagstuk diepsinnige teologiese besinning vereis en versoek die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om die oog in die seil te hou en advies te gee wanneer omstandighede in hierdie land vereis dat die kerk onder bepaalde omstandighede sy getuienis moet lewer.**

## 19. HEMELVAARTDAG

**19.1 OPDRAG**

Die volgende beskrywingspunte is deur die Algemene Sinode (1990) na AKLAS verwys:

**19.1.1** Die Sinode (Wes-Kaap) besluit om die volgende beskrywingspunt aan die Algemene Sinode deur te stuur:
Om sy standpunt oor feesdae in heroorweging te neem;
om met die owerheid te onderhandel oor die moontlikheid om Hemelvaartdag as vakansiedag af te skaf;
om 'n beroep op gemeentes te doen om Hemelvaartdag as feesdag in stand te hou deur die Pinksterbyeenkomste op Donderdagaand met Hemelvaartfees te begin (Agenda, Algemene Sinode 1990:434).

**19.1.2** Van die Moderatuur van Noord-Transvaal is die volgende laat beskrywingspunt ontvang:
Die Algemene Sinode word versoek om hom uit te spreek oor die status van Hemelvaartdag en, indien nodig, met die owerheid in gesprek te tree sodat ook hierdie dag statutêr bepaal word as 'n Christelike feesdag, naas Kersdag en Goeie Vrydag. (Handelinge, Algemene Sinode 1990: 472)

**19.2 AGTERGROND**

Beide beskrywingspunte is waarskynlik na aanleiding van die bespreking oor Spesiale Feesdae (Agenda, Algemene Sinode 1986:58-59). Hier is die volgende standpunt herbevestig: "Die standpunt van die Breë Moderatuur is dat amptelike kerklike feesdae sover moontlik onaangetas moet bly" (Verw. A/34/79).

Die opvallende is dat die twee beskrywingspunte eintlik presies die teenoorgestelde bepleit.

**19.3 PRINSIPIEEL**

Die Christelike siening van die mens leer in die eerste plek dat die mens as 'n eenheid van liggaam, siel en gees gesien moet word. Vir elk van die aspekte van menswees moet ruimte geskep word, sodat die mens waarlik mens kan wees soos God dit bedoel het. Die kerklike bediening moet leiding gee in die bevrediging van die geestelik-godsdienstige behoeftes van die mens.

Verder moet die mens nie net as 'n indiwiduele wese of 'n sosiale wese gesien word nie. Indiwidue met gemeenskaplike belange groepeer saam om aan hulle behoeftes te voldoen. Die Christelike kerk het as sodanig, as 'n unieke groep van mense, eie behoeftes waaraan aandag gegee moet word. Die besondere heilsgebeure van Christus se geboorte, kruisiging, opstanding, hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees is hier van deurslaggewende belang.

Spesiale feesdae moet rekening hou met die ekonomiese werklikhede van 'n samelewing en nie ongesonde arbeidspraktyke aanmoedig wat lei tot 'n verlies aan inkomste, maatskaplike uitwasse soos ledigheid, dronkenskap en gesinsverbrokkeling nie. Spesiale feesdae waarop wel ooreengekom is, moet sover as moontlik sinvol gespasieer wees deur die jaar.

Die feesdag moet werklik 'n feestelike karakter dra. Die spesifieke saak waarvoor die dag afgestaan word, moet gemeenskaplik op 'n feestelike wyse gevier word.

### 19.4 HEMELVAARTDAG

Die kerklike herdenking van die dag kan na die tweede eeu na Christus teruggevoer word. Die eerste amptelike vermelding kom uit die derde eeu (Constitutiones Apostolicae). Die dag word aan Clemens Romanus toegeskryf. Die vyftig dae tussen Paasfees en Pinksterfees word as vreugdedae herdenk waarop selfs daagliks die nagmaal gevier is. Die veertigste dag, Hemelvaart, is dan as 'n besondere vreugdedag gevier. Hierdie gebruik is deur die Roomse Kerk deur die middeleeue in stand gehou. Die Hervormers van die 16e eeu het nie veel erg aan die kerklike feesdae gehad nie. Die Sinode van Dordrecht (1578) het net Sondag as kerklike feesdag bepleit. Die Sinode van Dordrecht (1618-19) het Hemelvaart erken as 'n opsionele kerklike feesdag naas Kersfees, Paasfees en Pinksterfees. Op Hemelvaartdag was dit dan die gebruik om 'n kerkdiens te hou en die heilsgebeurtenis feestelik te vier.

Die sakraal-kerklike karakter van die dae het in die moderne tyd nie aan die proses van sekularisasie ontkom nie. Gelowiges worstel opnuut met die vraag of hierdie proses nie juis meegebring het dat die kerklik-godsdienstige feesdae hulle feestelike karakter ingeboet het en so hulle besondere betekenis verloor het nie.

As Christelike feesdag waarop een van die sentrale heilsgebeure, naamlik die hemelvaart van Christus, herdenk word, is hierdie dag as Christelike feesdag ononderhandelbaar. Die vraag is egter of die feit dat Hemelvaartdag 'n openbare vakansiedag is, die karakter en inhoud van die dag bevorder of benadeel. Vir baie jare was Hemelvaartdag in elk geval 'n gewone werksdag en die heilsgebeure is die aand feestelik gevier.

As na die huidige viering van Hemelvaart gekyk word, word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die feestelike karakter van die dag in die kerklike geledere nie na wense tot sy reg kom nie. Hemelvaartdag is vir die meerderheid mense gewoon 'n vakansiedag wat as deel van 'n langnaweek gesien en ervaar word. Verder het dit ook 'n nadelige invloed op die ander belangrike godsdienstige vieringe rondom Pinkster in die geledere van die Ned Geref Kerk. Ter wille van die behoud van die geestelike aard van die dag kan die kerk as 'n getuienis van dit waarin hy glo, nie verder aandring op Hemelvaartdag as 'n openbare vakansiedag nie.

### 19.5 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode besluit:**

**19.5.1 Daar bestaan geen uitdruklike Bybelse gronde vir die handhawing van Hemelvaartdag as 'n openbare vakansiedag nie. Nogtans beskou die Sinode die historiese gebruik in Christelike lande om die dag as 'n vry dag te sien om die heilsgebeure feestelik te vier, as 'n belangrike Christelike getuienis in die openbare lewe.**

**19.5.2 Die Algemene Sinode roep gemeentes op om die heilsgebeure van Hemelvaart op 'n feestelike wyse te vier en moedig lidmate aan om daaraan deel te neem.**

## 20. INDEKS VAN BESLUITE OOR LEER EN AKTUELE SAKE

### 20.1 OPDRAG

Die Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om 'n gekoördineerde indeks van alle besluite van die Algemene Sinode oor leer en aktuele sake op te stel.

Die Sinode versoek die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om uittreksels uit die notules van al die Sinodale Kommissies vir Leer en Aktuele Sake, na ontvangs, aan al laasgenoemde Kommissies vir inligting deur te stuur. (Handelinge, Algemene Sinode 1990:680).

### 20.2 WERKWYSE

Daar bestaan nou 'n gerekenariseerde indeks van besluite van die Algemene Sinode oor Leer en Aktuele Sake. Enige persoon of instansie wat verslae of besluite van die Algemene Sinode oor Leer en Aktuele Sake benodig, kan met die Predikant in Sinodale Diens in verbinding tree.

Die skakeling met Kommissies van Leer en Aktuele Sake van die sinodes vind gereeld plaas. Sodoende word werksaamhede gekoördineer, onnodige duplisering uitgeskakel en die kragte, kennis en insig van kommissielede effektief benut.

## 21. KAPELAANSDIENS

### 21.1 OPDRAG

**21.1.1** Die Sinode besluit om in die lig van bogenoemde (hier word verwys na beweerde probleme wat dienspligkapelane in die weermag ondervind het) dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op te

dra om op alle tersaaklike aspekte rondom die ander kapelaansdienste ook verslag te lewer. Dit sluit onder andere in:

*1 Die profetiese getuienis binne die betrokke veiligheidsdienste.

*2 Die hiërargie in die magte.

**21.1.2** Die Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om die ooreenkoms tussen kerk en staat met betrekking tot die posisie van kapelane opnuut te ondersoek en teologies te beoordeel met rapport en aanbeveling aan die volgende Sinode. (Handelinge, Algemene Sinode 1990:550, pt 4).

**21.2 INLEIDING**

Ten tye van die samestelling van hierdie verslag, was daar nog onsekerheid oor sekere aspekte wat betrekking het op die toekoms van die kapelaansdiens. Die Kommissie het aanvaar dat moontlike veranderinge na afloop van die verkiesing kan plaasvind. Hierdie verslag is dus geformuleer op grond van die omstandighede voor die algemene verkiesing van 1994.

**21.3 HISTORIESE AGTERGROND**

**21.3.1** Reeds in 1938 is met die Departement van Verdediging onderhandel oor die beroep van 'n veldprediker. Die konsepooreenkoms is deur die Minister van Verdediging goedgekeur op 18 Julie 1938, maar dit het daar doodgeloop. In 1940 is 'n militêre gemeente op Voortrekkerhoogte deur die Transvaalse Sinode gestig. Ds AGO Coertse is toe met 'n spesiale ooreenkoms beroep. Hierdie ooreenkoms is sedert 1948 toegepas vir die beroep van alle veldpredikers. Na 'n lang reeks onderhandelinge is deur die Minister van Verdediging 'n konsepooreenkoms vir die beroep van alle veldpredikers aan die vier moderature voorgelê, en dit is later deur die sinodes bekragtig. (Agenda, Algemene Sinode 1962:129)

**21.3.2** Die Algemene Sinode het vervolgens die ooreenkoms bekragtig en aangevul (Handelinge, Algemene Sinode 1962:249) Die ooreenkoms het onder andere bepaal dat:
* Die kerkraad 'n veldprediker beroep uit 'n groslys van 3 name;
* die Departement stel die veldprediker aan met offisiersrang;
* die veldprediker word medeleraar in die beroepende gemeente;
* die Departement "vind" sy besoldiging;
* die veldprediker is onderhewig aan kerklike opsig en militêre dissipline;
* die Departement kan die veldprediker tydelik verplaas.

**21.3.3** By dieselfde sinode word "die aangeleenthede in verband met kapelane" aan die Breë Moderatuur opgedra. (Handelinge, Algemene Sinode 1962:255). Die Breë Moderatuur het 'n sub-kommissie aangewys om dit te hanteer.

**21.3.4** In 1966 is die eerste ooreenkoms tussen die kerk en die Polisiedepartement (Minister van Justisie) goedgekeur (Agenda, Algemene Sinode 1966:493).

**21.3.5** In 1970 is die eerste ooreenkoms tussen die kerk en die Departement van Gevangenisse "insake die aanstelling van 'n Direkteur van Geestelike dienste sowel as ander vol- en deeltydse geestelike werkers" (Agenda, Algemene Sinode 1970:49) goedgekeur.

**21.3.6** Hierdie ooreenkomste asook verslae van die onderskeie kapelaansdienste is telkens in die verslag van die Breë Moderatuur aan die Algemene Sinode voorgelê.

**21.3.7** Die kommissie wat die sake tans hanteer heet die Subkommissie vir Kapelaansdienste. Sedert 1974 het die Kapelaan-Generaal (Hoofkapelaan) van die onderskeie dienste in adviserende hoedanigheid sitting verkry.

**21.3.8** Die Breë Moderatuur en tans die ASK hanteer spoedeisende sake, byvoorbeeld die leraarspos oor geestelike bearbeiding van lede van die Nasionale Intelligensiediens (Handelinge, Algemene Sinode 1990:542, pt 9.5).

**21.3.9** Hieruit kan afgelei word dat die ooreenkomste tot stand gekom het met die wedersydse skakeling en goedkeuring van die kerk en die staat en dat die Algemene Sinode op die hoogte gehou is van alle verwikkelings. Die huidige praktyk is ook nêrens as gevolg van enige Skrifbeginsel afgewys nie.

**21.4 SITUASIE SOOS OP 1 MAART 1994**

**21.4.1 Weermag**

Die Kapelaansdiens van die SA Weermag is 'n ondersteuningsdiens wat direk onder die Hoof van die SA Weermag ressorteer. Die Kpln-genl is lid van die Verdediging-Bevelsraad asook die -Stafraad van die Weermagsdeel.

Op kommandementsvlak is die kapelaan deel van die bestuurskader en op eenheidsvlak is die kapelaan deel van die ordergroep.

Elke kapelaan in die SA Weermag is aan 'n gemeente binne wie se grense die eenheid val, gebonde. Dit wil sê geen kapelaan kan as kapelaan dien sonder om aan 'n gemeente gebonde te wees nie.

Elke kapelaan het die opdrag om hom tot sy primêre taak, naamlik die godsdienstige versorging van sy lidmate, te bepaal. Verder tree hy op as 'n skakel tussen lidmate van ander kerke en hulle predikante.

Behalwe vir die 12 stafoffisiere, dra al die kapelane 'n unieke kapelaanskenteken.

Die gewone offisiersrang wat die dienspligkapelane gedra het, is reeds drie jaar gelede afgeskaf. Die kapelane wat militêre range dra (bg 12) doen dit met die oog op die uitoefening van die professionele lynfunksie.

Binne kapelaansverband is alle kapelane egter gelyk.

**21.4.2 Korrektiewe dienste**

**21.4.2.1 Taak**

Die missie van die Direktoraat Godsdienssorg is **om Godsdienssorg aan personeel en persone onder die beheer van die Departement van Korrektiewe Dienste te lewer in vennootskap met kerke/gelowe en ander rolspelers.**

Kapelane is bestuurders van godsdienssorgprogramme en het ook 'n pastorale verantwoordelikheid ten opsigte van personeel en hulle afhanklikes, gevangenes, korrektiewe toesiggevalle en parolees.

**21.4.2.2 Plek**

Die dra van militêre rangkentekens deur kapelane in die Departement is uitfasseer en slegs een kapelaan wat voor die uitfassering van rangtekens as streekkapelaan dit gedra het, dra nog die rangkentekens.

Die pos van Kapelaan-generaal (rang van generaal-majoor) is verander na Direkteur Godsdienssorg (met protokol-status van brigadier) en gevul deur 'n predikant van die Ned Geref Kerk. Daar is slegs een Ned Geref Kerk-kapelaan in die een pos van Adjunk-Direkteur Kapelaanstafdienste by die Hoofkwartier.

Twaalf uit negentien van die ander kapelane in die streke is van die Ned Geref Kerk en is as streekkapelane verbonde aan die kantore van die streekkommissarisse en bedien elkeen 'n kapelaansarea.

**21.4.2.3 Wyse van beroeping**

Die wyse van beroeping vind plaas volgens die ooreenkoms tussen die Departement en die kerk. Dit geld ook ten opsigte van die oorplasing van 'n kapelaan.

**21.4.2.4 Plaaslike gemeente**

Kapelane is medeleraars van die gemeente binne wie se grense hulle woonagtig is of waar die gevangenis ressorteer en waar hulle kantore is. In samewerking met kerkrade word die verantwoordelikhede van die kapelane in die gemeente ten opsigte van die gemeente bepaal.

In twee gevalle moes die koppeling aan ander gemeentes gedoen word vanweë 'n ongeneëntheid van die kerkrade van die plaaslike gemeente om kapelane te beroep.

**21.4.3 Polisie**

**21.4.3.1 Departementele beleid van die kapelaansdienste**

Vanweë die lewensgevaar en ingrypende morele, geestelike en liggaamlike lewenseise wat daagliks aan lede van die SA Polisie in die uitvoering van hulle dienste gestel word, stel die SA Polisie kapelane in sy diens aan.

**21.4.3.2 Die organisasie van die kapelaansdienste**

Die Kapelaansdienste vorm deel van 'n deel van Menslike Hulpbronbestuur, maar die Hoof: Kapelaans-dienste handhaaf 'n oop kommunikasiekanaal met die Kommissaris van die SA Polisie.

Die Kommissaris kan na gelang die behoeftes in die Mag, en op aanbeveling van die Hoof: Kapelaansdienste, 'n persoon van enige erkende kerk as 'n kapelaan benoem, op voorwaarde dat die kerk daarom aansoek gedoen het en onder die voorwaardes van hierdie Staande Order.

Die aanstelling van kapelane en die organisasie en beheer van die kapelaansdiens in die SA Polisie word deur 'n senior kapelaan, bekend as **die Hoof: Kapelaans-dienste**, behartig.

**21.4.3.3 Die aanstelling van kapelane**

Kapelane word met die uitsluitlike goedkeuring van die Hoof: Kapelaansdienste in oorleg met die kerklike owerheid waaraan die kapelaan behoort, deur die SA Polisie aangestel en besoldig.

**21.4.3.4 Die drag van kapelane**

Die drag van kapelane word deur die Hoof: Kapelaans-dienste, in oorleg met die Kommissaris van die SA Polisie, neergelê.

Die kapelaan se besondere amp as geestelike vereis dat hy deur die dra van dieselfde uniform hom ten volle met die SA Polisie identifiseer.

**21.4.3.5 Funksies van die Kapelaansdiens**

**21.4.3.5.1 Departementeel**

Die kapelaan is 'n bedienaar van die Goddelike Woord in die gespesialiseerde bedieningsomgewing van die SA Polisie. Met inagneming van elke lid se vryheid van geloof/godsdiens, versorg en bedien hy alle lede geestelik ongeag ras, kerkverband of geloof. Die kapelaan is 'n deelnemer aan die bestuur en beplanning van die werksaamhede van die SA Polisie en staan in 'n noue verhouding met die bestuur op alle vlakke, en het direkte toegang tot alle bevelvoerders.

**21.4.3.5.2 Kerklike funksies van die kapelaan**

Benewens die voorafgaande funksies in polisieverband, is die kapelaan ook, om 'n geordende predikant te bly, verantwoordelik vir sekere beperkte diens aan die kerk/gemeente waaraan hy verbonde is.

Hierdie funksies word vooraf per ooreenkoms met die bepaalde plaaslike kerk/gemeente gereël, ten einde die diens van kapelane aan die SA Polisie as werkgewer te beskerm.

**21.5 HERSIENING VAN OOREENKOMSTE**

Die ASK het volgens die besluit van die Algemene Sinode (Handelinge, Algemene Sinode 1990:715) die ooreenkomste hersien en sover moontlik eenvormig en gelykluidend geformuleer. Die ooreenkomste is toe deur die kerk en die staat aanvaar en onderteken (1993/94). Die kapelaan ontvang by sy beroep 'n aangepaste beroepsbrief en indien hy die beroep aanvaar, teken hy die ooreenkoms met die Departement.

**21.6 BEOORDELING VAN DIE OOREENKOMSTE**

**21.6.1** Die Kerk van Christus het die unieke roeping om die Woord van God aan alle mense te verkondig. Verder het die kerk 'n onvervreembare verantwoordelikheid om sy lidmate geestelik te versorg. So is die kerk dan ook genoodsaak om voorsiening te maak vir die bediening van groot groepe lidmate soos studente, gevangenes, dienspligtiges ens en het kategoriale bediening sy beslag gekry. Daarmee is erkenning gegee aan die feit dat konsentrasies van lidmate volgens hulle behoeftes en situasie gespesialiseerde aandag vra en 'n eiesoortige en toepaslike bedieningspatroon regverdig. Die gebruik van kapelane het dus ontstaan omdat die kerk in die behoeftes van lidmate, wat in 'n besonder of buitengewone situasie verkeer, beter wou voorsien.

**21.6.2** Dit is vir die kerk noodsaaklik dat die inwendige roeping van die leraar opgevolg word met die uitwendige roeping deur 'n kerkraad. So word die kapelaan dan ook in die meeste gevalle kerklik beroep en bevestig deur 'n kerkraad van 'n bepaalde gemeente. Omdat die werksterrein van die kapelaan egter oorvleuel met dié van 'n staatsdepartement, moet die verhouding tussen kerk en staat duidelik omskryf word. Sodoende het die **ooreenkoms** tussen kerk en staat ontstaan waarin wedersydse regte en pligte uitgespel word. Die doel van die **ooreenkoms** is om te verseker dat staat en kerk hulle eiesoortige Godgegewe roeping nakom. Dit is dus korrek dat die leraar se taak via die kerklike beroepsbrief en die ooreenkoms bepaal word.

**21.6.3** Die kapelaan word, soos in die Kerkorde bepaal, deur 'n kerkraad uit 'n groslys beroep. Dit is egter die samestelling van die groslys wat bevraagteken word. Slegs drie name word na oorleg met die staat en die kerkraad voorgelê. Dié optrede word genoodsaak deur die gespesialiseerde ampswerk wat verrig moet word. En alhoewel alle gelegitimeerdes in beginsel as kapelaan beroepbaar is, moet die vraag gevra word of hierdie persoon bekwaam is vir die andersoortige werk en ook of hy sal inpas in die milieu van die staatsdepartement. Daar moet dus keuring plaasvind.

Die staat vereis dat alle moontlike kapelane volgens hulle sekerheidsbepalings geskik verklaar moet word. Keuring van kandidate is 'n noodsaaklike en algemene gebruik wat ook in die geval van 'n kapelaan sinvol is. Dit staan immers die beroepe kapelaan vry om vir die beroep en aanstelling te bedank. Hierdie wyse van beroeping veronderstel dus wel dat die kerkraad 'n keuse uitbring, alhoewel dan uit 'n groslys van drie persone. Om groter tevredenheid by die beroepende kerkraad te weeg te bring, kan die groslys vergroot word na 5 of 6 name.

**21.6.4** Indien die voorafgaande aanvaar word, skep die verplasing van kapelane 'n probleem. Dan word slegs een naam aan 'n kerkraad voorgelê vir 'n "ja" of "nee" stem. Die wesenlike van beroeping, naamlik die keuse van een naam uit 'n groslys, vind nie plaas nie. Hierdie reëling hou wel die kapelaan verbonde aan 'n gemeente en gee aan die kapelaansdienste 'n oplossing wanneer groot groepe lidmate verskuif word. Om groter tevredenheid te bring, kan dit oorweeg word dat kapelane wat een maal as kapelaan beroep is en dit aanvaar het, daarna verplaas kan word en op 'n ander wyse met 'n gemeente geskakel kan word. Die kapelaan by die Nasionale Intelligensie word tans so aangestel.

**21.6.5** Die staat voorsien tans die lewensonderhoud van 'n kapelaan omdat hy sy diens binne die werksterrein van 'n staatsdepartement lewer. Dit het ontstaan as gevolg van die verantwoordelikheid van die staat om in die geestelike behoeftes van gevangenes, dienspligtiges, ens te voorsien. Soos wat daar belastinggeld aangewend word vir liggaamlike behoeftes, sport en ontspanning, kan dit ook aangewend word vir geestelike versorging. Die kerk kan egter nooit sy eie verantwoordelikheid ontduik nie en bly primêr verantwoordelik vir die lewensonderhoud van sy predikante. Die kerk sal gereed moet wees om in die toekoms hiervoor 'n groter bydrae te lewer. Hierdie voorsiening deur die staat moet natuurlik onvoorwaardelik wees ten opsigte van die inhoud en aard van die geestelike versorging. Op geen wyse mag die boodskap van die Woord gebind word deur eise van die staat nie.

**21.6.6** Dit is vir die staat belangrik dat die kapelaan by sy rangstruktuur inskakel en sy uniform dra. Dié reëling gee aan die kerk die voorreg tot inspraak en bediening tot op die hoogste vlak en hou sekerlik groot voordeel in vir die geestelike versorging van lidmate. Die hiërargie in die magte skep egter ook probleme. Die feit dat die kapelaan 'n rang dra, kan meebring dat 'n lidmaat minder geneë voel om met hom oor sy geestelike nood te praat. Vir vele word die Bybelse beginsel van die gelykwaardigheid van gelowiges en evangeliedienaars daardeur aangetas. Die beswaar is veral deur diensplinkapelane geopper. Die gevaar van hiërargie as gevolg van range moet erken word, maar die teendeel word meesal in die kapelaansdienste bewys, naamlik dat die kapelaan vir meerderes en minderes toeganklik is.

Die feit van 'n kantoor met stafoffisiere word vir die organisering van die omvangryke dienste noodsaaklik geag. Al hierdie kapelane verrig steeds ampswerk in gemeentes.

Die dra van 'n uniform hang saam met rang. Die feit dat die kapelaan hom daarmee identifiseer met die spesifieke mag wat hy beklee, het positiewe en negatiewe gevolge. So kan dit vir die gevangene 'n bedreiging wees en hom van sy vrymoedigheid ontneem. Dit moet ook erken word dat die kapelaansdienste die twee sake met groot sensitiwiteit hanteer. Dit is belangrik om te onthou dat nóg rang nóg die uniform vir die kerk noodsaaklik is en dat die kerk nie daarop aandring nie. Die eiesoortige rang van kapelane in die SA Weermag is 'n stap in die regte rigting asook die bepaling dat kapelane in die SA Polisie uniform kan dra "waar dit vir sy dienslewering noodsaaklik geag word."

**21.6.7** 'n Beswaar wat dikwels geopper word, is dat die kapelaan nie sy profetiese getuienis binne die betrokke diens kan handhaaf nie. Sake soos rang, uniform, die militêre klimaat, vergoeding deur die staat, ens sou dan meebring dat die evangeliedienaar nie meer vry is om sy taak volgens die eise van die Skrif te volvoer nie. Hy word 'n dienaar van die staat en hierdie verbintenis besoedel sy boodskap en pastorale diens. Hy word dan 'n spreekbuis van die staat en is nie meer die profeet

van die Here nie. Hierdie gevaar moet erken word. Daarom het die kerk die verantwoordelikheid om sy unieke opdrag en taak in die ooreenkoms met die staat te verskans. Verder moet die soort optrede voortdurend deur die kerk gemoniteer en getoets word. Hierdie optrede deur die onderskeie kapelaansdienste kan verseker dat hulle die vertroue van die kerk geniet. Indien dit wel duidelik word dat die staat die stem van die kerk wil stilmaak, of die kerk vir sy eie doeleindes wil gebruik en die wyse van versorging wil bepaal, sal die kerk genoodsaak wees om sy ooreenkoms op te skort en ander weë te soek om sy taak uit te voer.

In die huidige ooreenkomste word die kerk se taak om sy roeping te vervul, soos volg verskans:
* bediening - volgens die leer, tradisies en gebruik van die kerk
* kapelaan word deur 'n kerkraad beroep
* die Kapelaan-generaal sien toe dat die kapelaan sy bediening waarneem ooreenkomstig die gebruike van die kerk
* die kapelaan werk onder toesig van kerkraad, ring en sinode
* die kapelaansdienste verskaf oriënteringskursusse vir die bediening.

**21.6.8** Samevattend kan gesê word dat die inhoud van die ooreenkomste en die wyse van bediening grootliks bepaal word deur die geestelike ingesteldheid van die staat. 'n Neutrale staat kan sekerlik ander eise stel vir geestelike sorg. Dit moet ook aanvaar word dat ander godsdienste ook op sekere voordele sal aanspraak maak. Dit alles kan die bediening deur kapelane radikaal beïnvloed. In dié verband moet die stigting van die Raad vir Christelike Kapelaansdiens (SAW) tussen meer as 20 Christelike kerke verwelkom en ondersteun word.

### 21.7 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode versoek die ASK se Subkommissie vir Kapelaansdienste om hom op die hoogte te hou van verwikkelinge in die verskillende kapelaansdienste, en om die ASK na gelang van omstandighede te adviseer.**

## 22. KINDERS AAN DIE NAGMAALTAFEL

### 22.1 OPDRAG

Die Sinode besluit om die aangeleentheid van die kinderkommunie na die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake te verwys vir studie en om in oorleg met die AJK en AKE voorstelle aan die volgende Sinode te doen (Handelinge, Algemene Sinode 1990:620).

### 22.2 AKTUALITEIT

Die tradisionele gebruik in Reformatoriese kerke om dooplidmate eers na die aflegging van openbare belydenis toegang tot die nagmaal te verleen, word tans bevraagteken. Verskillende kerke binne hierdie tradisie laat deesdae ook jonger kinders toe om die nagmaal te gebruik. Binne GER-kringe word die afgelope jare ernstig oor die saak besin. Reeds vanaf 1986 verskyn hierdie aangeleentheid op die Agenda van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk (Agenda, 1978; Handelinge, Algemene Sinode 1986:618). Ook by die Algemene Sinode van 1990 het 'n verslag gedien van die Kommissie vir Vernuwing in die Erediens, waarin kinderkommunie bepleit word (Agenda, Algemene Sinode 1990:208).

### 22.3 DIE BEGRIP "KINDERKOMMUNIE"

Die begrip "kinderkommunie" word op verskillende wyses gebruik. Soms dui dit op deelname aan die nagmaal deur jong kinders wat vooraf 'n eenvoudiger belydenis van geloof afgelê het as die belydenis wat van volwasse lidmate verwag word. In hierdie sin het ook die Hervorming die kinderkommunie beoefen. Soms word dit ook gebruik vir deelname van kinders sonder voorafgaande belydenis van geloof. Wat hierdie tweede gebruik van die begrip betref, kan nog weer onderskeid gemaak word tussen die deelname deur jong kinders wat reeds enigsins 'n begrip het van die betekenis van die nagmaal en suigelingkommunie wat bekend was in die vroeë kerk en die Middeleeue en tans nog beoefen word in die Oosterse kerk.

### 22.4 DIE NUWE TESTAMENT EN KINDERKOMMUNIE

Verwysings na die wyse waarop die nagmaal gevier is, is besonder karig in die Nuwe Testament. Behalwe die berigte in die evangelies oor die instelling van die nagmaal, is dit eintlik net 1 Kor 10:14-22 en 11:17-34 wat na aanleiding van wanpraktyke in die gemeente, meer uitvoerig hierby stilstaan.

Nêrens is daar sprake van enige beperking met betrekking tot die ouderdom van die deelgenote aan die dis van die Here nie. Sommige is wel van mening dat Paulus se waarskuwing teen 'n ongepaste deelname aan die nagmaal per implikasie kinders uitsluit. Hierdie interpretasie is egter uiters aanvegbaar. Later kom ons hierop terug.

Soos in die geval van die kinderdoop, is daar geen uitdruklike voorbeeld van kinderkommunie (of vrouekommunie!) in die Nuwe Testament nie. Dit word nóg beveel, nóg aanbeveel, nóg verbied. Soos in die geval van die kinderdoop, sal ook ten opsigte van die kinderkommunie teologiese argumentering en pastorale motivering die deurslag moet gee.

### 22.5 DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS EN KINDERKOMMUNIE

Op die vraag (Sondag 30, Vr 81): "Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?", antwoord die Kategismus: "Hulle wat vanweë hul sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en dié wat begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en dié wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself".

Hierdie antwoord veronderstel kennis van die betekenis van die nagmaal, maar om daaruit af te lei dat dit jonger kinders diskwalifiseer, sou sekerlik 'n oorspanning wees

van die bedoeling. Klaarblyklik het die Kategismus volwassenes in gedagte. Kinders kom hoegenaamd nie binne die gesigsveld nie. Dit sou in elk geval 'n fatale misverstand wees om te reken dat jou **Insig** in die volle betekenis van die nagmaal dien as kwalifikasie daarvoor. Die strekking van die antwoord is veeleer dat juis diegene wat geen verdienste het waarop aanspraak gemaak kan word nie, "kwalifiseer" vir die nagmaal. Wat ons na die sakrament bring, is net maar ons groot armoede (Calvyn).

## 22.6 ENKELE HISTORIESE PERSPEKTIEWE

Nie die geskiedenis nie, maar die boodskap van die Bybel word binne die gereformeerde tradisie as normatief beskou. Dit geld selfs die kerkgeskiedenis binne die Nuwe-Testamentiese periode. Niemand sal op grond van die feit dat Timoteus gedoop én besny is (Hand 16:13) die besnydenis vandag nog as verpligtend beskou nie. Paulus self is bereid om Timoteus te besny, maar weier dit in die geval van Titus (Gal 2:3). Nie wettisisme nie, maar pastorale besorgdheid bepaal sy optrede. Hierdie soepelheid is die resultaat van die besef dat die letter op sigself doodmaak, terwyl die Gees lewend maak (2 Kor 3:6). Ook wat die viering van die nagmaal betref, is dit onmoontlik om die gebruike in die Nuwe Testament vandag sonder meer na te boots. Aangesien God sy Gees aan die kerk gegee het, is dit egter leersaam en selfs noodsaaklik om kennis te neem van die wyse waarop deur die eeue omgegaan is met die problematiek van die kinderkommunie. Dit mag ons help om eietyds en kreatief gestalte te gee aan die nagmaalsviering.

## 22.7 DOOP EN NAGMAAL

Oor die wyse waarop mense in die Nuwe-Testamentiese periode toegelaat is tot die nagmaal, bestaan verskil van mening. Terwyl sommige oortuig is dat die doop 'n voorvereiste was vir toelating tot die nagmaal, bestaan volgens ander die moontlikheid dat ook ongedooptes die nagmaal gebruik het. Aangesien nêrens in die Nuwe Testament uitdruklik die doop as voorwaarde gestel word nie, gaan daar ook vandag stemme op dat ongedoopte kinders (bv uit die anabaptistiese tradisie) tot die nagmaal toegelaat moet word. In die Didaché (begin 2e eeu) word ongedooptes ernstig gewaarsku om hulle van die nagmaal te onthou, maar die waarskuwing mag juis 'n aanduiding wees dat die onthouding in die voorafgaande periode nie vanselfsprekend was nie. In die daaropvolgende periode was dit egter beslis die gevestigde gebruik dat slegs gedooptes die nagmaal mag vier.

Dat alle gedooptes dan ook inderdaad die nagmaal mag gebruik, was tot ten minste die 13e eeu vanselfsprekend. Die nagmaal het deel gevorm van die inwyding tot die kerk en was die afsluiting en die hoogtepunt daarvan.

Die suigelingdoop het ook suigelingkommunie tot gevolg gehad. Duidelike aanwysings van beide gebruike stam uit die 3e eeu. Anders as in die Ooste waar kinderkommunie tans nog plaasvind, het dit in die Weste verdwyn. Met die ontwikkeling van die transsubstansiasieleer is die nagmaal later aan al hoe minder lidmate bedien en is dit ook al hoe meer van die kinders onthou.

Die 4e Lateraanse Konsilie het 'n jaarlikse verpligte kommunie voorgeskryf vir almal wat die jare van onderskeiding (anni discretionis) bereik het. Sommige meen dat hierdie besluit die kommunie van jong kinders uitsluit, maar ander wys daarop dat as gevolg van die afname in die gereelde gebruik van die nagmaal, hierdie bepaling 'n jaarlikse verpligting daartoe, maar geen verbod bevat nie. Uit 'n dokument van die begin 15e eeu blyk dat suigelingkommunie tot in daardie stadium nog in Utrecht voorgekom het. Die priester sou sy wysvinger in die wyn doop en drie maal in die mond van die suigeling steek.

## 22.8 BELYDENIS EN NAGMAAL

Hoewel gedooptes in die vroeë kerk vanselfsprekend toegang tot die nagmaal gehad het, moet in gedagte gehou word dat toegang tot die doop van volwassenes voorafgegaan is deur kategetiese onderrig wat in die 3e eeu tot 3 jaar geduur het. Daaruit blyk hoe ingrypend die oorgang van die heidendom na die Christendom beskou is. Hierdie uitgerekte kategese staan in skrille kontras met die praktyk in die boek Handelinge. Op Pinksterdag word na Petrus se preek 3 000 mense gedoop (Hand 2:41). Dieselfde spoedige doop tref jy aan na die verkondiging van die evangelie in Samaria (Hand 8).

Nadat die kinderdoop algemeen geword het, het die oorspronklike doel van die kategetiese onderrig as voorbereiding tot die doop verval, met die gevolg dat dit verdwyn het. Wanneer die evangelie aan die Germane verkondig word, leef die kategese weer op.

Na mate die gebruik van suigeling- en kinderkommunie verdwyn het, het die sakrament van die bieg en die konfirmasie ingeskuif tussen doop en nagmaal. Die Reformasie wys hierdie twee sakramente af, maar plaas die kategese en geloofsbelydenis wat oorspronklik toegang tot die doop verleen het, tussen doop en nagmaal. Voortaan sal binne die kerke van die Reformasie geloofsbelydenis 'n voorvereiste wees vir die ontvangs van die nagmaal.

Uiteraard het die klem op die belydenis die deelname van heel jong kinders aan die nagmaal uitgesluit. Tog is kinderkommunie in al die groot sentra van die Reformasie beoefen hoewel die toelatingsleeftyd verskil het en meestal nie formeel voorgeskryf is nie. In Genève was dit waarskynlik in die omgewing van 11 of 12 jaar.

## 22.9 DIE AARD VAN DIE BELYDENIS

As teenvoeter teen die beskuldiging van die Anabaptiste dat die kinderdoop naam-Christene kweek, ontvang die belydenisaflegging (konfirmasie) 'n besonder swaar aksent by Bucer. Die subjektiwisme en indiwidualisme waardeur die Nadere Reformasie, die Piëtisme en die Aufklärung gekenmerk word, het meegebring dat Bucer meer invloed op die latere ontwikkeling gehad het as Luther en Calvyn. By Spener word die openbare geloofsbelydenis 'n belydenis van die persoonlike

bekering. Die klem op die subjektiewe geloof (fides qua), bring mee dat die ouderdom waarop toelating tot die nagmaal plaasvind, neig om verhoog te word. Die Rooms-Katolieke objektiwisme daarenteen openbaar die teenoorgestelde tendens, naamlik om die toelating te vervroeg. In 1910 word deur middel van 'n pouslike dekreet die leeftyd vasgestel op "ongeveer die sewende jaar".

Aan beide die gevare van objektiwisme en subjektiwisme word in Calvyn se geloofs- en belydenisbeskouing ontkom. Anders as by Bucer bely die jong lidmaat nie sy persoonlike geloof nie, maar die kind bely die geloof van die kerk. Nie die subjektiewe geloofsakte (fides qua) nie, maar die objektiewe geloofsinhoud (fides quae) word beklemtoon. Uiteraard word eersgenoemde nie as onbelangrik beskou nie, maar sonder die geloofsinhoud is die geloofsakte leeg. Oor die innerlike van die mens kan die kerk in elk geval nie oordeel nie. Die kind voeg hom/haar wel bewustelik in die geloofsgemeenskap van die kerk.

Die beskuldiging dat die belydenisondersoek in Genéve intellektualisties sou wees, is die vrug van die skeiding tussen die objektiewe kennis en die subjektiewe vertroue wat stam uit 'n latere tydperk. Inderdaad is volgens Calvyn se beroemde definisie die geloof 'n "vaste en sekere kennis van Gods welwillendheid jeens ons, wat gegrond is op die waarheid van sy genadige belofte in Christus", maar hierdie kennis dra 'n eksistensiële karakter en sluit derhalwe reeds die vertroue in.Terselfdertyd bring die aksent op geloof as kennis mee, dat die genade nie misties-sakramentalisties verstaan word nie, maar as 'n toesegging wat in die beloftes van die Woord na ons kom.

## 22.10 ENKELE TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE

### 22.10.1 Woord en sakrament

Indien die hegte band tussen Woord en sakrament losgelaat word, is die resultaat enersyds intellektualisme en andersyds sakramentalisme.

Die Reformasie verstaan die Woord nie bloot as 'n bron van betroubare informasie oor skepping en verlossing nie, maar die primêre funksie van die Woord bestaan daarin dat dit deur die Heilige Gees, die heil wat daarin verkondig word, terselfdertyd skenk. Die Woord kom na ons as vonnis en vryspraak. Die Woord veroordeel en vergeef. Nie asof die Woord op sigself oor enige magiese krag beskik nie, maar God self kom in die Woord aan die woord. Die Woord is meer as informasie; dit is proklamasie van die heil van die Koninkryk. Die Woord is meer as mededeling oor die heil; dit is mededeling van die heil. Met die belofte-karakter van die Woord word bedoel dat die ewige lewe aan ons toegesê word. Volgens Calvyn druppel onder die evangelieverkondiging saam met die stem van die prediker, die heilige bloed van Christus op ons neer en staan die paradys voor ons oop.

Die feit dat volgens die Reformasie die Woord primêr en die sakrament sekondêr is, beteken nie dat laasgenoemde as onbelangrik beskou word nie, want die inhoud van die sakrament is dieselfde belofte wat in die Woord aan ons toegesê word. Volgens Calvyn het die sakrament geen ander funksie as die Woord nie. Dit verleen geen bykomstige sakramentele genade nie, maar bevestig die belofte, soos 'n trouring (pand) die beloftewoord van die bruidegom aan die bruid verseël (Art 33 NGB). Deur middel van die sakrament waarborg God sy belofte met 'n eed (Heb 6:17).

As "sigbare Woord" is die sakrament 'n spesifieke modus van Woordverkondiging. Dit maak nie God se onfeilbare Woord vaster nie, maar God gee dit in sy goedheid om ons weifelende geloof in sy beloftewoord vaster te maak. Waar die belofte toegesê word, en deur die geloof toegeëien word, mag die sakrament ontvang word. Dit geld sowel die kind as die volwassene. Waar die belofte egter ontken of geminag word, is die Woord en die sakrament sonder enige heilsbetekenis, maar dien inteendeel tot oordeel. Hoe sal ons immers ontkom as ons so 'n groot saligheid verontagsaam? (Heb 2:3).

### 22.10.2 Twee sakramente

Die beloftes van die evangelie is vir die gelowiges en hulle kinders (Hand 2:39). Derhalwe het die Reformasie met gloed die kinderdoop verdedig en die kinderkommunie beoefen. Tog is dit opvallend, dat anders as in die geval van die kinderdoop, hulle in die geval van die kinderkommunie soveel klem plaas op kategese en begrip. Beide sakramente het immers dieselfde inhoud, naamlik die beloftes van die Woord.

Hoewel nie ten opsigte van **inhoud** nie, is daar tog verskil van **aard** tussen die twee sakramente. Beide is heilsmiddele waardeur die redding aan ons toegesê word en sodoende dien dit tot versterking van ons weifelende geloof. Maar terwyl die doop die sakramentele **inlywing** is in die genadeverbond, is die nagmaal die sakrament van die **inblywing** in die verbond. Daarom is die doop eenmalig en die nagmaal meermalig. Die eenmalige deurtog deur die Rooi See dien vir Paulus as 'n tipe van die doop (1 Kor 10:4), terwyl die herhaalde manna uit die hemel en water uit die rots wat (volgens rabbynse tradisie) "met hulle saamgegaan het" (1 Kor 10:4), dien as tipe van die nagmaal. Die nagmaal begelei die gelowige deur die aardse woestynreis en staan in diens van ons geestelike oorlewing. Die Reformatoriese gebruik om die nagmaal te koppel aan geestelike onderrig maak derhalwe goeie sin, veral indien in gedagte gehou word dat anders as tans, die kategese nie net plaasgevind het voor die eerste nagmaal nie, maar voor elke nagmaal. Deur die tweede sakrament verseker God ons immers van sy onafgebroke milddadigheid (Calvyn).

### 22.10.3 Die tweesydigheid van die sakrament

Behalwe dat die sakrament 'n heilsmiddel is in die hand van God waardeur Hy sy genade aan ons toesê, praat Calvyn ook nog van 'n "tweede gebruik" van die sakrament, naamlik as 'n middel waardeur die gelowiges hulle geloof bely.

Nou is dit van die allergrootste belang dat laasgenoemde gebruik reg verstaan sal word. Calvyn verwyt juis die Dopers dat hulle van die tweede gebruik die eerste en selfs die enigste maak. Wat God doen is egter primêr.

Daaraan ontleen ook die tweede gebruik sy betekenis. Juis omdat God in die sakrament sy genade skenk, is die ontvangs daarvan 'n geloofsbelydenis. Wie die geloof losmaak van die gawe, is beide die geloof en die gawe kwyt. Waar die gawe in die geloof ontvang word, word die nagmaal gevier tot Christus se gedagtenis en dien die brood en die beker tot verkondiging van sy dood (1 Kor 11:25v.).

Die tweede gebruik van die sakrament het enersyds geen selfstandige betekenis los van die eerste gebruik wat God daarvan maak nie, maar andersyds het die sakramente geen selfstandige magiese werking los van God se heilstoesegging wat daarin tot ons kom nie. Derhalwe is geloof in Gods belofte noodsaaklik. Waar die sakramente in die geloof ontvang word, word dit 'n belydenis nie van die geloof waarmee dit ontvang word nie, maar van die genade wat dit ontvang. Die geloof maak die tekens nie tot genadetekens nie, want selfs al word dit nie in die geloof ontvang nie, is en bly dit 'n toesegging van Gods genade. Ook waar 'n suigeling die sakrament ontvang al kan hy/sy nog nie bewustelik glo nie, verander dit niks aan die integriteit van God se belofte nie. Sodra die leeftyd van onderskeiding egter bereik word, word afwesigheid van geloof dieselfde as verwerping van die genade. Ook dan nog bly die sakrament 'n genadewoord, maar aangesien dit nie magies outomaties werk nie, dien die genadetekens dan nie tot heil nie, maar tot onheil. Insig in die betekenis van die sakrament is derhalwe noodsaaklik vir die persoon wat die leeftyd van onderskeiding bereik het.

#### 22.10.4 Onwaardige gebruik

Hoewel klein kindertjies nog nie die genade wat in die Woord en die sakrament aan hulle toegesê word, bewustelik kan ontvang nie, kan hulle dit uiteraard ook nog nie verwerp nie. Die onwaardige gebruik van die nagmaal waarteen Paulus in 1 Kor 11 waarsku, is klaarblyklik teen volwassenes gemik.

Die verskynsel dat mense bang is om 'n oordeel oor hulleself te eet en te drink, maar nie dieselfde vrees koester om 'n oordeel oor hulleself te hoor nie, is klaarblyklik 'n simptoom van 'n foutiewe siening ten opsigte van die relasie tussen Woord en sakrament. Die sakrament het immers geen ander inhoud as die belofte van die Woord nie en eersgenoemde is ook nie heiliger en derhalwe gevaarliker as laasgenoemde nie.

Daar moet ook duidelik onderskei word tussen 'n onwaardige gebruik van die nagmaal en onwaardige gebruikers van die nagmaal. Christus het tydens sy lewe op aarde nie gehuiwer om saam met tollenaars en sondaars te eet nie. Die waardige Fariseërs het dit uiters onwaardig gevind. Calvyn se opmerking, naamlik dat ons onwaardigheid die enigste "waardigheid" is waarmee ons tot die nagmaal kom, is ter sake.

Dit is dan ook opvallend dat Paulus, ten spyte van ernstige misstande in die gemeente van Korinte, niemand die nagmaal verbied nie. Sy waarskuwing is nie gerig teen personе nie, maar teen die wyse waarop die nagmaal gevier word. Die gemeente vier die nagmaal op 'n "onvanpaste wyse" en sondig sodoende teen die liggaam en die bloed van Christus (1 Kor 11:27). Uit die verband is duidelik dat hulle sonde teen die gekruisigde liggaam van Christus (**corpus crucifixum**), verband hou met hulle sonde teen die gemeenskap van die gemeente as liggaam van Christus (**corpus mysticum**), want party ly honger terwyl ander te veel drink (vs 21). Indien jong kinders wat tog ook deel uitmaak van die liggaam van Christus die nagmaal geweier word, kan die vraag gestel word of dit nie ook neerkom op 'n onvanpaste wyse van viering van die dood van die Here nie. Sou Jesus wat (letterlik) kwaad word wanneer mense kindertjies verhinder om na Hom te kom (Mark 10:14), dit aanvaarbaar vind dat hulle uitgesluit word van die nagmaal? Die Koninkryk van God waarvan ons reeds 'n voorsmaak beleef aan die dis van die Here, is tog juis vir mense soos hulle (Luk 18:16).

#### 22.10.5 Die nagmaal as gemeenskapsmaal

Die beswaar wat soms teen kinderkommunie geopper word - dat Paulus met betrekking tot die nagmaal praat van gedenk, glo en onderskeiding van die liggaam van Christus terwyl jong kinders nog nie daartoe in staat is nie, - verraai die Protestantse neiging tot indiwidualisme. Dit is dieselfde argument wat ook teen die kinderdoop gebruik word, naamlik dat suigelinge nog nie kan glo nie. Wie egter vanuit die verbondsgemeenskap dink, het hiermee geen probleem nie.

Hoewel verskillende Ou-Testamentiese motiewe saamkom in die viering van die nagmaal, kan daaroor geen twyfel bestaan nie dat die Ou-Testamentiese offermaaltye (onder andere die Paasmaaltyd) die agtergrond vorm waarteen hierdie sakrament verstaan moet word. Ook in die Ou Testament kon hierdie verbondsfeeste op 'n ongepaste wyse gevier word wat die oordeel van God kon meebring (Eks 12:19; 2 Kron 30:17-20; 1 Sam 2:29-34), maar dit het nie meegebring dat die kinders hiervan uitgesluit is nie. Hierdie feeste het juis 'n uiters belangrike funksie vervul in die verbondsopvoeding van die kinders. Sekerlik is die nagmaal geen reglynige voortsetting van hierdie feeste nie (net so min as wat die doop sonder meer gelykgestel kan word met die besnydenis), maar dit is die vervulling daarvan. Die verlossing wat daardeur afgebeeld is, kry in Christus sy diepste inhoud.

Binne die korporatiewe denke van die Bybel, word die enkeling altyd as deel van die geheel gesien. Vanuit 'n indiwidualistiese denkklimaat is uitsprake soos 1 Kor 7:14 totaal onbegryplik: "Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die gelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God". Die gedenk, verkondig en onderskeiding van die liggaam van Christus waarvan Paulus praat, moet derhalwe ook nie indiwidualisties verstaan word nie, maar hierdie "tweede gebruik" van die sakrament vind gemeenskaplik plaas. Die enkeling word gedra deur die gemeenskap.

### 22.11 ENKELE PASTORALE OORWEGINGS

**22.11.1** Dit is baie moeilik en waarskynlik selfs onmoontlik om 'n ouderdom vas te stel waarop die gebruik van die nagmaal sinvol sal wees vir 'n jong kind. Dit is net so moeilik as die vraag van wanneer af die bywoning van die erediens en verkondiging van die Woord van enige betekenis is in die lewe van 'n kleuter. Hieroor kan die kerk moeilik oordeel. Die keuse behoort in beide gevalle

oorgelaat te word aan die oordeel van die ouers in die nouste samewerking met die kerkraad. Hulle is die beste in staat om te besluit wanneer dit sinvol (en sindelik) kan gebeur. Uit die vorige punt volg in elk geval dat niemand hoef te vrees dat dit te vroeg sal gebeur nie. In die algemeen kan gesê word dat wanneer die kind oud genoeg is om te begryp dat Christus gesterf het sodat ons kan lewe, die ouderdom bereik is om sinvol nagmaal te kan vier. In ons belydenisskrifte word daar nêrens 'n ouderdomsvereiste vir die toelating tot die nagmaal gestel nie (NGB Art 35 en Heidelbergse Kategismus, Sondag 30).

22.11.2 Aangesien die nagmaal 'n uiters waardevolle funksie kan vervul in die opvoeding van die verbondskinders, is dit noodsaaklik dat die huidige gebruik om eers nadat kinders op 'n later leeftyd openbare belydenis van geloof afgelê het, hulle tot die nagmaal toe te laat, laat vaar word. Juis die nagmaal kan daartoe dien dat ook die troosryke betekenis van die doop, naamlik dat die dopeling volledig deel is van die verbondsgemeenskap en daarom deel in al die beloftes van die evangelie, beter verstaan word. Die groot afstand wat tans tussen die doop en die eerste gebruik van die nagmaal bestaan, bring mee dat geeneen van die sakramente die pastorale funksie vervul wat dit vir Luther en Calvyn gehad het nie. Dit speel waarskynlik ook 'n rol in die feit dat soveel van ons lidmate 'n probleem het met die kinderdoop.

22.11.3 Die vorige punt bring mee dat die toelating tot die gebruik van die nagmaal ontkoppel word van 'n latere aflegging van belydenis op 'n vasgestelde ouderdom. Die huidige gebruik skep die indruk dat 'n mens moet kwalifiseer vir die nagmaal. Die ontkoppeling beteken nie dat die kategese nie steeds 'n uiters belangrike rol te vervul het in die opvoeding van die kinders om die nagmaal op 'n sinvolle wyse te gebruik nie. Sowel die onderrig van die ouers as die amptelike kerklike kategese en prediking het in hierdie verband 'n belangrike taak om te vervul.

22.11.4 Ons het gesien dat die nagmaal gegee is met die oog op die geestelike stryd van die gelowiges op die kerk se woestynreis na die beloofde land (1 Kor 10; Hebr 3,4). Niemand sal tog wil beweer dat kinders nie ook hierdie stryd ken nie. Dit geld in besonder die puberteitsjare, maar sekerlik ook dikwels kinders op 'n veel jonger leeftyd. Waarom sal die kerk nie hierdie genademiddel wat God vir sy kerk in hierdie stryd gegee het ook benut in die geval van die jong kinders nie?

### 22.12 AANBEVELINGS

**22.12.1 Die Algemene Sinode besluit dat 'n gedoopte kind wat bely dat Christus vir hom of haar gesterf het, sodat hy of sy kan lewe, tot die gebruik van die nagmaal toegelaat word.**

**22.12.2 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op ouers en kerkrade om die kinders te onderrig in die troosryke en geloofsversterkende betekenis van die doop en die nagmaal.**

**22.12.3 Die Algemene Sinode dra dit aan die AJK, ARK en AKG (Erediens) op om die praktiese implikasies hiervan uit te werk.**

**22.12.4 Genoemde kommissies rapporteer aan die volgende Algemene Sinode.**

## 23. LIDMAATSKAP

### 23.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode besluit dat aanbeveling 4.1.2.5 terugverwys word na AKG om in oorleg met ARK en AKLAS die Sinode in 1994 te dien met 'n voorstel in hierdie verband.

Die aanbevelings lui soos volg:

23.1.1 Die Algemene Sinode besluit dat oordrag van lidmaatskap binne die Ned Geref Kerk vanaf 1 April 1992 slegs by wyse van attestaat sal geskied en wel so dat lidmate op grond van 'n attestaat by 'n nuwe gemeente waarheen hulle verhuis aansoek om lidmaatskap moet doen.

23.1.2 Sinodes word versoek om hulle besluite en bepalinge in die verband in ooreenstemming met hierdie beginselbesluit te bring en wel so dat gemeentes die grootste mate van ruimte het om dit volgens eie omstandighede en bedieningstrukture toe te pas volgens die riglyne in punt 4.1.2.4 (Handelinge, Algemene Sinode 1990:701).

### 23.2 WERKWYSE

Die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening lewer verslag aan die Sinode.

## 24. LOFPRYSING

### 24.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode stel 'n ad hoc-kommissie saam uit lede van die AJK, AKLAS, AKAE en AKE om 'n studie te maak met praktiese riglyne oor die "lofpryse". Die AJK word as sameroeper aangewys.

Die Kommissie gee aandag aan die volgende sake:
* Die teologiese begronding van lofprysing.
* Die plek van lofprysing binne en buite die erediens.
* Riglyne met die oog op die praktiese inkleding van die lofprysingsbyeenkoms.
* Lofprysing as deel van die omvattende en gedifferensieerde gemeentebediening.

Aangesien hierdie 'n spoedeisende saak is, doen die ad hoc-kommissie verslag aan die ASK wat na bevind van sake mag handel.

### 24.2 WERKWYSE

Bostaande kommissies het die uitvoering van hierdie opdrag met groot erns aangepak. 'n Omvattende verslag is opgestel. Die ASK het ook 'n verkorte verslag goedgekeur. Afskrifte is by die kantoor vir Leer en Aktuele Sake beskikbaar.

Die opdrag is dus uitgevoer.

## 25. MILITêRE DIENSWEIERING

### 25.1 OPDRAG

Die Sinode besluit om hierdie beskrywingspunt na die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake te verwys vir studie en rapport aan die ASK. (Handelinge, Algemene Sinode 1990:663).

Die beskrywingspunt lui soos volg:

Die Sinode (Wes-Kaapland) besluit om die verslag oor "Die standpunt van die Ned Geref Kerk oor militêre diensweiering" aan die Algemene Sinode deur te stuur as motivering vir die volgende beskrywingspunt:

Die Ned Geref Kerk herroep vorige amptelike standpunte oor militêre diensweiering wat in stryd is met die standpunte in hierdie verslag (dit is in 'n verslag van Wes-Kaapland) vervat.

Die Ned Geref Kerk versoek die Regering om die Wysigingswet op Verdediging van 1983 so te wysig dat:

As godsdiensbeswaardes moet totale pasifiste wat om godsdienstige redes teen alle oorloë is, asook selektiewe of situatiewe pasifiste wat om godsdienstige redes meen dat 'n bepaalde militêre stryd onregverdig is en dit daarom in stryd met hulle gewete ag om militêre diens te doen, geklassifiseer word.

Dat die bereidheid al dan nie, van 'n militêre diensweieraar om die langer periode van alternatiewe diensplig te deurloop, as belangrike kriterium moet geld by die Raad van Godsdiensbeswaardes se poging om vas te stel of sy militêre diensweiering werklik vir hom 'n gewetensaak is.

'n Verslag wat voor die Sinode van Wes-Kaap gedien het is beskikbaar in die lêer van die Skriba en sal aan die Tydelike Kommissie vir Leer en Aktuele Sake beskikbaar gestel word sowel as aan afgevaardigdes wat daarom vra.

### 25.2 BEVINDING

Die situasie in Suid-Afrika, wat aanleiding gegee het tot die weiering van militêre diensplig, het totaal verander.

### 25.3 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode besluit:**

**25.3.1 om die problematiek aangaande die klassifikasie van Godsdiensbeswaardes nie nou te behandel nie, maar later daarop terug te kom wanneer die omstandighede dit noodsaak;**

**25.3.2 om die Regering nie nou te versoek om die Wysigingswet op Verdediging van 1983 te wysig nie.**

## 26. MORALITEITSKRISIS

### 26.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode ondersteun die optrede wat beplan word om die moraliteitskrisis aan te spreek.

Die Algemene Sinode is verontrus oor die huidige sekulariseringsproses en doen 'n dringende beroep op ouers en die onderwysowerhede om by kinders Christelike lewenswaardes aan te kweek sodat hulle korrekte keuses kan uitoefen wanneer hulle met twyfelagtige verskynsels gekonfronteer word.

Die Algemene Sinode versoek die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om deur die beskikbare kanale die owerheid by hierdie saak te betrek. (Handelinge, Algemene Sinode 1990:558).

### 26.2 WERKWYSE

Na afloop van die vorige sinodesitting, het die Kommissie die ander twee Afrikaanse kerke betrek en 'n konferensie in verband met die moraliteitskrisis gereël. Die ongeveer 440 afgevaardigdes het 'n getuienis opgestel wat by die kantoor vir Leer en Aktuele Sake beskikbaar is. Hierdie nasionale konferensie is opgevolg met streeks-, rings- en gemeentekonferensies waar die moraliteitskrisis bespreek is. Daarbenewens het Hugenote-Uitgewers die lesings verwerk in 'n populêre publikasie wat by wyksgeleenthede, vroue- en jeuggroepe gebruik kan word. Die titel: **Reg en Verkeerd - hoe om as Christene standpunt in te neem.**

Voortvloeiend uit die konferensie is daar oor sekere sake met owerheids- en ander instansies beraadslaag. Die opdrag is dus uitgevoer.

## 27. NAGMAAL: GESLOTE OF OOP

### 27.1 OPDRAG

Die Sinode van Noord-Transvaal het soos volg besluit:

Die Sinode versoek die Algemene Sinode om die teologiese en gereformeerde beginsels in verband met die toegang tot die nagmaal (dit wil sê "oop" of "toe" kommunie) te verwys na die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake met die oog op 'n deeglike studiestuk en om daaruit leiding te gee aan die kerk, veral weens die jarelange verwarring wat hieroor in die kerk was (Agenda, Algemene Sinode 1990:428).

Die Algemene Sinode verwys die beskrywingspunt na die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake vir rapport aan die volgende sinode (Handelinge, Algemene Sinode 1990: 487 en 679).

Die saak van oop of geslote nagmaal word na AKLAS verwys vir 'n deurtastende ondersoek, wat prinsipieel en prakties moet wees (Agenda, Algemene Sinode 1990: 432; Handelinge, Algemene Sinode 1990:494 en 623).

### 27.2 DIE HUIDIGE STAND VAN DIE VRAAGSTUK

In een van die opdragte tot hierdie ondersoek word verwys na die jarelange verwarring wat daar oor die kwessie van die oop of geslote nagmaal in die Ned Geref Kerk heers. Wie noukeurig die besluite nagaan wat die afgelope dertig jaar deur die Algemene Sinode oor die aangeleentheid geneem is, kan nie anders as om saam te

stem dat daar tog 'n sekere mate van verwarring geheers het en nog steeds heers nie. Besluite wat geneem en begrippe wat gebruik is, was nie altyd ondubbelsinnig duidelik nie. Daarby het opeenvolgende sinodes besluite geneem waarvan die een die ander weerspreek het.

In 1966 besluit die Sinode soos volg: "Die Sinode vestig die aandag van kerkrade op hulle belangrike taak om alles in hulle vermoë te doen om die heiligheid van die nagmaal te beskerm. Besoekers van ander gemeentes en lidmate van ander Protestantse kerke moet hulle vooraf by die kerkraad van die gemeente waarin hulle die sakrament wil gebruik, aanmeld om verlof te ontvang". In 1970 word hierdie besluit aangepas en wel op 'n tweevoudige wyse. In eerste instansie word die ander Protestantse kerke van wie die lidmate tot nagmaalsgebruik in 'n Ned Geref gemeente toegelaat kan word, nader omskryf as **erkende** Protestantse kerke. Dit was egter veral die tweede aanpassing wat in die voortgaande worsteling met die kwessie van die toegang tot die nagmaal die aandag getrek het. Hierdie tweede aanpassing het daarin bestaan dat besoekers nie alleen op grond van aanmelding by die leraar of ouderling toegelaat kon word tot die nagmaal nie, maar ook slegs op grond van 'n uitnodiging wat namens die kerkraad vanaf die kansel uitgespreek word (Handelinge, Algemene Sinode 1970:827).

Hierdie besluit van 1970 was nie duidelik nie. Word daarmee ope of geslote kommunie bedoel? Die Algemene Sinode van 1974 (Handelinge, Algemene Sinode 1974:489) was van oordeel dat die 1970-besluit in feite sowel die ope as geslote kommunie toelaat.

Dit word as 'n onhoudbare situasie ervaar en daarom word die volgende aanbeveling aanvaar: "Die aandag van kerkrade word gevestig op hul belangrike taak om alles in hulle vermoë te doen om die heiligheid van die nagmaal te beskerm. Van besoekers van ander gemeentes en lidmate van ander erkende Protestantse kerke word verwag om hulle vooraf aan te meld by die kerkraad van die gemeente waarin hulle die sakrament wil gebruik om verlof daartoe te ontvang".

By die Algemene Sinode van 1978 word hierdie posisie herbevestig (Handelinge, Algemene Sinode 1978:922). Maar hierteen word juis beswaar aangeteken in 'n beskrywingspunt van die Wes-Kaapse Sinode wat by die Algemene Sinode van 1986 aanvaar word. Die aanvaarding van hierdie beskrywingspunt hou in dat die Sinode sy besluit van 1970 wat hierbo woordeliks vermeld is, weer in ere herstel. Daarmee word dus gesê dat 'n besoekerslidmaat wat nie in die geleentheid is om vooraf by die predikant of ouderling verlof te kry nie, slegs deur algemene uitnodiging namens die kerkraad vanaf die kansel wel toegang tot die nagmaal kan verkry. Die rede wat in die betrokke beskrywingspunt vir hierdie prosedure aangegee is, is dat die aanmeldingsplig nie alleen vir gelowiges dikwels 'n verleentheid skep nie, maar dat dit in gemeentes waar groot getalle besoekers kom, ook prakties onuitvoerbaar is (Agenda, Algemene Sinode 1986:500; Handelinge, Algemene Sinode 1986:628-629).

Die herbevestiging van die 1970-besluit in 1986 het in 1990 weer 'n versoek om na die 1966-, 1974- en 1978-posisie terug te keer, uitgelok (Agenda, Algemene Sinode 1990:432 en Handelinge, Algemene Sinode 1990:494 en 623). Die Sinode verwys hierdie aangeleentheid waaroor, soos geblyk het, oor die jare heen nog nie tot 'n afdoende en finale beslissing gekom kon word nie, vir 'n deurtastende ondersoek na die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake. Dit is hierdie opdrag wat hierbo beskryf is.

### 27.3 DIE TERMINOLOGIE WAT GEBRUIK WORD

Die probleem waarom dit hier gaan, is dié van die ope of geslote kommunie. In die besinning daaroor soos so pas weergegee, is die konnotasie wat aan hierdie terme geheg word, nie heeltemal duidelik nie. Onder geslote kommunie word verstaan 'n nagmaalsviering waartoe 'n mens alleen toegang kan kry op grond van die toestemming van die kerkraad van 'n bepaalde gemeente. Maar dit op sigself maak die nagmaal nog nie heeltemal geslote in die sin van beperk tot die lidmate van 'n bepaalde gemeente nie. Lidmate van ander Ned Geref gemeentes en selfs lidmate van ander erkende Protestantse kerke kan toestemming verkry om as gaste aan die nagmaalsviering deel te neem.

Onder ope kommunie is in die besinning van die Algemene Sinode verstaan 'n nagmaalsviering waarby 'n mens welkom is sonder dat direkte toestemming van die ontvangende gemeente nodig is. Maar daarmee is nie gesê dat geen toegangsvoorwaardes vir deelname aan die nagmaal gestel word nie. Soos geblyk het, word daar wel deeglik 'n voorwaarde gestel. En dit is dat so 'n nagmaalsgas die reg en vrymoedigheid tot nagmaalsviering in sy of haar eie gemeente moet hê. Die implisiete toestemming van die gas se tuiskerkraad word dus veronderstel.

Die voorstelling van 'n oop nagmaal soos dit pas gegee is, verskil aansienlik van die openheid soos dit in die nuwere akademies-teologiese literatuur beskryf word. Hier dui oop nagmaal naamlik op 'n viering van die maaltyd van die Here waarvoor heeltemal geen voorwaardes gestel word nie. Dit beteken dat van 'n nagmaalsganger nie eers verwag word om gedoop te wees of om belydenis van geloof af te gelê het nie.

In die lig van die feit dat die terme oop en geslote nagmaal verskillende gebruiksmoontlikhede het en kan hê, is dit aangewese om die volgende terminologiese reëling te tref. Van oop nagmaal in die sin dat daar heeltemal geen toelatingsvereistes voor gestel word nie, ook nie doop of belydenis van geloof nie, sou as totale oop nagmaal gepraat kon word. Oop nagmaal in die sin dat behalwe lidmate van 'n bepaalde gemeente ook lidmate van ander gemeentes van dieselfde kerkverband asook lidmate van ander konfessioneel verwante kerke in daardie gemeente toegang tot die maal van die Here het sonder dat 'n eksplisiete ondersoek na hulle leer en lewe ingestel word en alleen met die stelling van die voorwaarde dat hulle in hulle eie gemeentes die reg en vrymoedigheid tot nagmaalsdeelname het, kan as beperkte oop nagmaal beskryf word. Geslote nagmaal is 'n viering wat beperk word tot lidmate van een gemeente.

## 27.4 DIE HEILIGHEID VAN DIE NAGMAAL

Wie die geskiedenis van die besinning in die Ned Geref Kerk oor die kwessie van die ope en geslote nagmaal bestudeer, stel vas dat die gegewe wat telkens weer ter sprake kom, die heiligheid van die nagmaal is. In hierdie verband kom daar in die besluite van 1966 en 1974 'n gelykluidende formulering voor: "Kerkrade moet alles in hulle vermoë doen om die heiligheid van die nagmaal te beskerm".

Om vas te stel hoe om die heiligheid van die nagmaal te beskerm, moet eers nagegaan word hoe hierdie heiligheid in die gedrang kan kom. In hierdie verband is daar steeds weer na 1 Kor 11 verwys waar daar sprake is van 'n onwaardige wyse waarop daar van die brood geëet en van die beker van die Here gedrink word. Dat hierdie 'n saak van die diepste erns is, hang vir die Gereformeerde tradisie daarmee saam dat Christus nie slegs simbolies nie maar op grond van die werking van die Heilige Gees werklik in die nagmaal teenwoordig is. As dit waar is, beteken dit dat ook die ongelowige nagmaalgebruiker voor die lewende Christus te staan kom.

Ten einde die objektiwiteit van die nagmaalsgawe aan te wys en om die erns van 'n ongelowige nagmaalsgebruik te beklemtoon, het die Lutherse teologie in hierdie verband die leer van die **manducatio indignorum** ontwikkel. Hiervolgens is Christus substansieel in die nagmaal teenwoordig sodat die onwaardige nagmaalsgebruiker fisies met Christus in aanraking kom. Hierdie aanraking dien die mens nie tot heil nie, maar tot gerig. Die Gereformeerdes kon hierdie Lutherse leer nooit aanvaar nie. Hulle het die aanraking met Christus in die nagmaal as 'n geestelike en nie as 'n fisiese gebeure nie, gesien. Daarom kan die Nederlandse Geloofsbelydenis sê dat Christus die geestelike lewe van die gelowiges voed en onderhou wanneer Hy geëet, dit wil sê deur die geloof geestelik toegeëien en ontvang word (Art 35).

Daarmee is nou egter nie gesê dat die Gereformeerde teologie die gerigsmotief in verband met die onwaardige gebruik van die nagmaal prysgegee het nie. Daarvoor het die besinning oor 1 Kor 11 waarop reeds gewys is in hierdie teologie, 'n te belangrike rol gespeel. Daarom is steeds geoordeel dat die nagmaal 'n ingrypende aangeleentheid is en dat 'n mens op die regte wyse daaraan moet deelneem. Wie op 'n ongepaste wyse die nagmaal gebruik, bring nie alleen 'n oordeel oor homself nie, maar, volgens die Heidelbergse Kategismus, word so ook die toorn van God oor die hele gemeente opgewek (antwoord 82).

Dit was veral ook Calvyn wat na aanleiding van sy uitleg van 1 Kor 11 die gerigsmotief in verband met die nagmaal beklemtoon het. Hy doen dit egter nie op die substansialistiese wyse waarop dit in die Lutherse tradisie gedoen word nie. In sy kommentaar op 1 Kor 11:27 verwys hy na diegene wat meen dat Petrus in die eerste nagmaal niks meer as Judas ontvang het nie. Hy beklemtoon dan dat dit onmoontlik is om Christus van die Heilige Gees los te maak. 'n Mens kan die liggaam van Christus nie buite die werking van die Heilige Gees en dus buite die geloof om ontvang nie. Weliswaar word die liggaam en bloed van Christus ook aan die onwaardige nagmaalsganger aangebied, maar waar die geloof ontbreek, word slegs die elemente van die nagmaal ontvang en nie die waarheid daarvan nie. Dat slegs die elemente, die brood en die wyn ontvang word, is volgens Calvyn geen onskuldige saak nie. Die onwaardige nagmaalsganger staan skuldig voor die liggaam en bloed van die Here. In die 1536-uigawe van sy **Institusie** het Calvyn hierdie werklikheid verwoord met die stelling dat die misbruik van die sakrament verderf meebring en vir die ongelowige verander in 'n skadelike gif vir sy gestel. Die onwaardige nagmaalsganger staan skuldig teenoor dit wat op grond van die instelling van Christus deur die nagmaal verkondig en bevestig word. Waar Calvyn juis lynreg staan teenoor alle spiritualisme in die sakramentsleer, sal dit duidelik wees dat juis hier die ongeloof op 'n besondere wyse konkreet en werklik word.

Vir 'n goeie begrip van waar dit hier presies om gaan, is dit belangrik om te verstaan waarom die Calvinisties-Gereformeerde denke wegbeweeg het van die Lutherse **manducatio indignorum**-leer. Soos reeds gesê, was die bedoeling nie om die erns van die onwaardige nagmaalsgebruik af te swak nie. Die bedoeling was om te beklemtoon dat die oordeel daaroor nie slegs op die substansiële vlak van die nagmaalselement afspeel nie. Die verhouding tussen teken en betekende saak staan in verband met die persoonlike teenwoordigheid van Christus in die nagmaal en met die verhouding tussen die nagmaalsganger en die persoonlik teenwoordige Christus. Dit is hierdie persoonlike verhouding wat in die gedrang kom deur die onwaardigheid van die nagmaalsganger.

Maar wat word nou met hierdie onwaardigheid bedoel? Die onwaardige gebruik van die nagmaal waarvan in 1 Kor 11 sprake is, het betrekking op 'n lewenswyse wat die gemeenskap tussen lidmate van die gemeente verbreek. En in die klassieke Gereformeerde nagmaalsformulier word die verwysing na 1 Kor 11 dan in verband gebring met 'n lang lys van sondes waardeur die verhouding met God en die medemens in die gedrang gebring word.

Wie egter van voorneme is om in dankbaarheid en opregtheid voor God en in liefde en eensgesindheid met sy naaste te lewe, word deur die nagmaalsformulier as waardige tafelgenote van Christus beskou.

Beteken dit dat 'n mens waardigheid tot nagmaalsdeelname self kan verdien? Die nagmaalsformulier sê dat dit nie die geval is nie. Die waardige tafelgenoot is dié persoon wat van sy eie onwaardigheid bewus is, wat homself daarom mishaag en voor God verootmoedig en wat daarom sy lewe buite homself in Christus soek.

## 27.5 KERKLIKE TOESIG BY DIE NAGMAAL

Die strewe daarna om die heiligheid van die nagmaal te beskerm, het van meet af aan in die Gereformeerde kerke gelei tot die nadruk op 'n deeglike voorbereiding met die oog op die maal van die Here. Calvyn self het beklemtoon dat daar naas persoonlike selfondersoek

ook amptelike kerklike kontrole moet wees. Met hierdie doel voor oë het hy die bieg vervang met die opsig en tug wat die ouderling by wyse van huisbesoek moes uitvoer. Sedertdien sou die kerklike toesig ten opsigte van die nagmaal in die Gereformeerde tradisie gehandhaaf bly. En dit is in verband hiermee dat die vraag of die nagmaal geslote of oop moet wees, tans ook nog steeds van belang is. Die vrees bestaan naamlik dat wanneer lidmate van buite 'n bepaalde gemeente tot die maal van die Here toegelaat word, die betrokke gemeente se kerkraad nie hulle opsig-taak na behore kan uitvoer nie.

In die geval waar lidmate van ander denominasies verder ook tot die nagmaal in 'n bepaalde gemeente toegelaat word, kom daar nog 'n addisionele probleem na vore en dit is die vraag of gemeenskaplike deelname aan die nagmaal bloot die feit van 'n gemeenskaplike geloof (**fides qua creditur**) vereis en of dit afhanklik is van inhoudelike ooreenstemming in geloofsoortuiging (**fides quae creditur**). Wat die laasgenoemde geval betref, is daar nog die verdere vraag of daarmee die geloofsleer in al sy besonderhede bedoel word en of dit alleen om die hoofsake van die leer gaan. Strek dit byvoorbeeld tot by 'n spesifieke opvatting aangaande die teenwoordigheid van Christus in die nagmaal?

'n Antwoord op hierdie vrae sou moontlik kon help om 'n gegronde antwoord op die vraag in verband met die oop of geslote nagmaal te vind. Waar die geloof die ruimte is waarin die nagmaal gevier word, sou 'n saak daarvoor uitgemaak kon word dat kerklidmaatskap as toegangsweg tot die nagmaal geld. Maar wat word hier met kerklidmaatskap bedoel? Gaan dit om kerklidmaatskap in die algemeen of om die lidmaatskap van 'n bepaalde kerk?

Voordat 'n poging aangewend word om hierdie vraag te beantwoord, moet eers iets gesê word oor die wyse waarop die vraag na die toegangsvoorwaardes tot die nagmaal hanteer moet word. Die beslissende gesigspunt waarmee steeds rekening gehou moet word, is dat dit hier gaan om die maaltyd van Christus soos dit deur die kerk as liggaam van Christus gevier behoort te word. Daarom kan dit ook nie anders as om 'n sekere verbystering op te roep dat daar in die geskiedenis van die kerk soveel stryd tussen kerke gevoer is oor die sakrament wat by uitnemendheid met die gemeenskap van gelowiges verband hou nie.

Wie dit teen hierdie agtergrond wil waag om iets oor die toeganklikheid al dan nie van die maaltyd van die Here te sê, sal dit met die allergrootste omsigtigheid moet doen. Juis hier geld in 'n besondere mate dat hy wat staan, moet toesien dat hy nie val nie. Die enigste "waardigheid" by die toetrede tot die tafel van die Here is immers die wete van die eie onwaardigheid. Hier mag dus nie in die gesindheid van 'n hovaardige eksklusiwisme gepraat word nie.

En voorts mag nie uit die oog verloor word dat dit in die nagmaal in eerste instansie om die diepe vreugde van die gemeenskap met Christus gaan nie. Daarom sou 'n mens oor die toetrede tot die nagmaal ook eerder positief as negatief moet praat. Sou dit nie gepas wees om eerder te vra wie almal **ingesluit** kan word eerder as om na te gaan wie almal uitgesluit moet word nie? En as uitsluiting ter sprake kom, kan dit nie anders as met verslaenheid en bewoënheid geskied nie. Dit geld sowel waar van onwaardigheid sprake is as waar kerklike leerverskille 'n gemeenskaplike deelname aan die nagmaal in die weg staan. Juis in laasgenoemde geval sal die Nuwe-Testamentiese gegewe dat net soos daar één geloof en één doop is, daar ook slegs één maal van die Heer is, die kerk voor 'n blywende opdrag stel. Waar nagmaalsgemeenskap tussen kerke nie moontlik is nie, staan die betrokke kerke voor die opgawe om die verhinderende faktore uit die weg te probeer ruim.

Wanneer ons nou terugkeer na die vraagkompleks van geloof, kerklidmaatskap en nagmaal, sou gesê moet word dat die geloof as daad en die geloof as inhoud nie van mekaar losgemaak kan word nie - al moet hulle wel deeglik van mekaar onderskei word. Dit sou dan impliseer dat waar ingrypende leerverskille tussen kerke bestaan, lidmate van die een kerk beswaarlik nagmaalsgasvryheid by die ander sou kon aanvaar of ontvang. Interkommunie sou in elk geval in so 'n situasie nie aangewese wees nie. Waar dit slegs een of enkele individuele lidmate van die hier bedoelde kerk betref wat toevallig op besoek in die ander gemeente is en wat die reg en vrymoedigheid tot nagmaalsgebruik in die eie gemeente het, sou die keuse tot nagmaalsgebruik aan die gewete van so 'n besoeker oorgelaat kon word. Die hantering van die prediking en die formulier by die nagmaalsbediening moet van so 'n aard wees dat moontlike besoekers geen twyfel kan hê oor hoe die nagmaal in die betrokke gemeente verstaan word nie.

Waar individuele besoekers, wat die reg en vrymoedigheid tot nagmaalsgebruik in hulle eie gemeente het, afkomstig is uit ander gemeentes wat tot dieselfde, kerkverband behoort as die gemeente wat besoek word of uit ander erkende Protestantse kerke kom, sou hulle as nagmaalsgaste verwelkom kon word. In laasgenoemde geval sou interkommunie na behoorlike oorleg ook moontlik kon wees.

Dit is nie maklik om te bepaal hoe groot of hoe klein die leerverskille tussen kerke moet wees voordat nagmaalsgemeenskap tussen hulle moontlik is nie. Dit is eintlik ook nie 'n saak wat kasuïsties in reëls vasgelê kan word nie. Die aangewese weg is dat kerke met mekaar in gesprek bly en steeds poog om die weg na mekaar te vind.

Intussen is dit ook belangrik dat kerke hulle eie lidmate steeds inlei in die betekenis en belangrikheid van die nagmaal en hoe dit geraak word deur die verhoudinge tot ander kerke. Dit is ook hulle verantwoordelikheid om hulle lidmate te begelei in hulle vermoë om verantwoordelik te kan besluit of hulle as besoekers aan die nagmaal in 'n ander gemeente kan deelneem of nie. Eerder as om die nagmaal te omring met 'n raamwerk van negatiewe reëls en regulasies, is dit beter om te bly soek na wat die maal van die Here konkreet vir elke kerk inhou in sy verhouding tot ander kerke. 'n Strakke regulering van die nagmaal sou in stryd wees met die feestelike karakter daarvan.

Alhoewel dit waar is dat in die nagmaal dit nie in eerste instansie gaan om die vergestalting van 'n bepaalde leer oor die nagmaal nie, maar dat die nagmaalsleer sekondêr 'n poging is om te verstaan wat Christus sy kerk in die maal van die Here geskenk het, sou 'n ingrypende verskil in die nagmaalsleer tog 'n aanduiding wees dat kerke gesamentlik moet ondersoek of dit ter wille van die integriteit van die nagmaalsviering nie van belang is dat hulle individuele lidmate hulle wedersyds van nagmaal in mekaar se kerke onthou totdat die kerke leerstellig die weg na mekaar beter gevind het nie.

In die lig van die verantwoordelikheid wat gemeentes en hulle kerkrade het om oor die suiwerheid van die bediening en gebruik van die nagmaal te waak, sou kerke in sowel denominasionele as ekumeniese verband dit by hulle lidmate kon inskerp dat dit tot 'n verantwoorde styl behoort om, as dit moontlik is, by die kerkraad van die gemeente waar die nagmaal as gas gebruik word, aan te meld en toelating te versoek.

**27.6 AANBEVELINGS:**

**Die Algemene Sinode besluit soos volg:**

**27.6.1 In gemeentes van die Ned Geref Kerk mag besoekers uit sowel ander gemeentes as uit ander erkende Protestantse kerke die nagmaal gebruik op voorwaarde dat hulle toegang en vrymoedigheid daartoe in hulle eie gemeentes het.**

**27.6.2 In ekumeniese verhoudinge op sowel gemeentelike as sinodale vlak word wedersydse toeganklikheid al dan nie van die betrokke kerke bespreek en dienooreenkomstige gedragswyses bepaal.**

**27.6.3 Lidmate moet voortdurend ingelig word aangaande die sin van die nagmaal en die implikasies wat dit het vir die wyse waarop 'n mens as nagmaalsgas in ander gemeentes en kerke optree. Hierdie inligting kan verskaf word deur die prediking, die inkleding van die liturgie en die kategese.**

**27.6.4 Die volgende sou as moontlike voorbeeld kon dien van 'n uitnodiging tot deelname aan die nagmaal: "Aangesien die kerk van Christus meer omvattend is as slegs hierdie gemeente, word elkeen van u wat u persoonlike verlossing in Jesus Christus gevind het, uitgenooi om deel te neem aan hierdie nagmaalsfees. Wie egter die genadewerk van God minag en tog deelneem, eet en drink 'n oordeel oor hulleself."**

## 28. "NEW AGE MOVEMENT"

### 28.1 OPDRAG

**28.1.1** Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om die New Age Beweging op wetenskaplike wyse te ondersoek sodat inligting en voorligting aan lidmate voorsien kan word.

**28.1.2** Die Algemene Sinode besluit dat die verslag so spoedig moontlik vir goedkeuring aan die ASK voorgelê word en vir verspreiding beskikbaar gestel word. (Handelinge, Algemene Sinode 1990:556).

### 28.2 WERKWYSE

Die Kommissie het 'n wetenskaplik-gefundeerde verslag, wat vir die bevatlikheid van lidmate geskik is, opgestel. Die verslag is aan die ASK deurgestuur.

## 29. SPESIALE BIDDAE

**29.1** Die blote klank van die woord "spesiaal" - in die kerklike sin van die woord - val vreemd op 'n gereformeerde oor. Tradisioneel is daar onder gereformeerdes ook min ruimte vir allerlei spesiale aksies in die kerk omdat dit dikwels tot 'n onderwaardering van die gereelde dienste én 'n bestendige toewyding aan God neig. Tog is 'n bepaalde soort spesiale of algemene biddag nie vreemd aan die gereformeerde tradisie nie.

### 29.2 HISTORIESE OORSIG

#### 29.2.1 Calvyn oor tye van vas en bid

Reeds Calvyn is van oordeel dat hy by die wet, die profete en die vroeë kerk aansluit as hy in sy Institusie stel dat kerklike voorgangers die gelowiges in tye van nood kan oproep om gesamentlik te vas (deur minder voedsel as gewoonlik te gebruik) en openbare gebede te doen. Volgens die Hervormer van Genevé moet hierdie dade van openbare verootmoediging ook gepaard gaan met die regte gesindheid. Dit pas in situasies van pes, oorlog en hongersnood of wanneer gewigtige kerklike besluite geneem of 'n predikant beroep moet word. Vir voorbeelde verwys hy onder meer na Handelinge 13:3 en 14:23.

Calvyn beskou vas egter as waardeloos as dit nie gepaard gaan met selfmishaging, ware verootmoediging en opregte droefheid oor sonde nie. Skynvroomheid, die gedagte dat vas vir jou iets by God verdien of dat dit een of ander uitnemende godsdienstige plig is, wys hy af.

#### 29.2.2 Ou gereformeerde kerkordes

Die Konvent van Wezel van 1568 en die Sinode van Dordrecht van 1578 sluit hulle by hierdie gedagtelyn van Calvyn aan. So bepaal laasgenoemde in artikel 74 van sy handelinge dat vas- en biddae in tye van "openbare ellendigheden" soos met pes, oorlog en sware vervolging van die kerke, ingestel kan word. Indien moontlik, moet die samewerking van die staatsowerheid hierin gesoek word, omdat hierdie dae juis nie op "zondagen" moet val nie. Die gemeente moet op sulke dae saamkom en hom van die gewone voedsel en dagaktiwiteite onthou deur tot die aand toe met vas, gebede, prediking, die lees van die Bybel en ander "heilige oefeningen" in boetvaardigheid en geloof besig te wees.

Op dieselfde tradisielyn bepaal die bekende Dordtse Kerkorde van 1619 in artikel 66 dat die kerke die owerheid in tye van "algemene Zwarighede" (waaronder dieselfde voorbeelde as die by die Sinode van 1578 gelys word) kan versoek om openbare vas- en biddae uit te roep. By beide sinodes skemer die moontlikheid van 'n bevriende owerheid dus deur.

#### 29.2.3 Gereformeerdes in twintigste eeu

Hoewel in gewysigde vorm, word spesiale dae van verootmoediging ook onder gereformeerdes in die twintigste eeu aangetref. In 'n wysiging van artikel 66 van die Dordtse Kerkorde besluit die Sinode van Utrecht van die Gereformeerde Kerke in Nederland in 1905 om die gedagte aan die medewerking van die owerheid en vas (wat in hierdie stadium in onbruik by gereformeerdes geraak het) weg te laat. Die Generale Sinode sal ook telkens 'n klassis aanwys om die spesiale dag van verootmoediging en gebed - in tye waarin die druk oral in die gemeentes gevoel word - te bepaal. Of so 'n dag ook op 'n ander dag as 'n Sondag mag val, word egter nie gesê nie.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, deur middel van die Sinode van 1916, neem hierdie gewysigde bepaling van die Dordtse Kerkorde in artikel 66 van sy kerkorde oor. Sedert 1964 word die kwessie van 'n "biddag" egter vervang met "'n dag van verootmoediging en gebed".

**29.2.4 Ned Geref Kerk**

Die verskynsel van spesiale, algemene biddae of dae van verootmoediging in die gereformeerde tradisie, tref ons ook in die Ned Geref Kerk aan. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is die besluit van die Vrystaatse Sinode van 1865 waarin Sondag 28 Mei van daardie jaar as "een Biddag" afgesonder word. Dit word gedoen met die oog op die "moeijelijken en kommervollen toestand", aldus die Sinode, waarin die Vrystaat as gevolg van die moontlikheid van 'n oorlog met die Basoetoe, verkeer.

Spesiale biddae sit hulle ook voort ná die vorming van die algemene sinodale verband in 1962. Opvallend is die feit dat die teologiese en godsdienstige meriete daarvan nêrens in agendas en handelinge van die Algemene Sinode behandel word nie, en dat die saak ook nie in **Die Kerkbode** opgeneem is nie. Dit wil dus voorkom asof spesiale of algemene biddae in die Ned Geref Kerk 'n wyd aanvaarde en nie-omstrede saak is. Die Breë Moderatuur van 1974-1978 maak wel die opmerking dat sulke dae deel van 'n voortdurende verootmoediging voor God moet wees.

**29.3 GODSDIENSTIGE EN TEOLOGIESE OORWEGINGS**

**29.3.1 Begronding**

Die Bybel gee nie aan ons 'n uitgewerkte standpunt oor spesiale of algemene biddae of dae van verootmoediging met die oog op spesifieke instansies of sake nie. Tog wil dit voorkom asof die saak (vergelyk byvoorbeeld Num 21, Rigters 3:9, 15 en die Skrifgedeeltes by Calvyn) wel in die Skrif voorkom. Trouens, verootmoediging en gebed met die oog op besondere omstandighede, is nie vreemd aan die verbondsvolk van die Ou Testament sowel as die eerste gemeentes in die Nuwe Testament nie. Hierdie toedrag van sake, gekoppel aan 'n Bybelsverantwoorde standpunt oor die verhouding tussen God en mens, lei tot die volgende uitgangspunte by die vasstelling van spesiale algemene biddae in die Ned Geref Kerk. Hierdie uitgangspunte sluit ook aan by die hantering van die saak in die geskiedenis van die gereformeerde kerke soos hierbo uiteengesit.

**29.3.2 Riglyne vir spesiale algemene biddae vir sake en instansies**

**29.3.2.1** Spesiale biddae mag nie 'n aksie wees waardeur ons God probeer manipuleer nie. Dit moet deel wees van 'n daaglikse en hartgrondige verootmoediging voor die Here. Natuurlik kan ons hier ook biddend vra. Dit moet egter sonder enige sweempie van ons kant wees dat ons geregtig is op dit wat ons vra. Juis Calvyn behandel hierdie saak in samehang met die kerklike tug wat op sy beurt moet lei tot 'n sondebesef en bestendige verootmoediging voor God.

**29.3.2.2** Spesiale biddae as dae van verootmoediging en gebed met die oog op spesifieke sake of instansies, mag nie die konsentrasie op die gereelde gemeentelike aanbidding op Sondae verminder nie. Dit mag ook nie beskou word as die eintlike of enigste plek waar ons regtig bid en by God pleit nie. Soos met Kersdag, Goeie Vrydag en Hemelvaartdag, is dit bykomstig tot die gereelde godsdiensoefeninge in die gemeente.

**29.3.2.3** In gevalle van nood, moet dit in spesiale biddae soos bepaal deur die Algemene Sinode of die Algemene Sinodale Kommissie of enige ander sinodale instansie in die Ned Geref Kerk wat daartoe gemagtig is, gaan om algemene nood wat algemeen of redelik algemeen in die gemeentes ervaar word. As iets bykomstigs aan die normale bedrywighede in die gemeentes, moet dit egter ook spaarsamig gebruik word. So nie, veroorsaak dit juis 'n onderwaardering van laasgenoemde, omdat verootmoediging en nood op 'n gereelde basis na spesiale dae verplaas word.

**29.3.2.4** Spesiale biddae vir instansies moet ook gerig wees op instansies wat al die gemeentes of ten minste 'n groot deel van die gemeentes raak. Daarby moet die prinsipiële vraag of daar by 'n spesiale geleentheid vir hierdie instansies gebid moet word, bevestigend deur verreweg die meeste gemeentes beantwoord kan word. Instansies in die Ned Geref Kerk wat sulke biddae vasstel of oproepe daartoe laat uitgaan, moet dus 'n "redelike" konsensus onder gemeentes of kerkrade oor die meriete van die saak - soos vasstelbaar op sinodale vergaderings - kan voorsien.

**29.3.2.5** Omdat verootmoediging voor God ten diepste 'n saak van geloof is, moet die inisiatief vir hierdie soort dae, soos in die geskiedenis van die gereformeerde kerke, van die kerk uitgaan. Dit is die kerk wat die vinger op die pols van die geestelike lewe van die gelowige moet hê en wat daarom moet kan oordeel of hierdie dae nie misbruik word nie. Dit is ook die onvervreembare taak van die kerk om sy lidmate op te roep tot verootmoediging en die gemeenskaplike gebed. So 'n oproep van die staatsowerheid kan die kerk wys op sekere behoeftes, maar dit is die taak van die kerk om te bepaal of die saak nie in die normale gang van sy sake hanteer word of desnoods hanteer moet word nie.

**29.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode aanvaar die riglyne hierbo as uitgangspunt vir die Ned Geref Kerk in die bepaling van spesiale algemene biddae vir sake of instansies.**

## 30. VERANDERING VAN GESINDHEDE IN SUID-AFRIKA

### 30.1 OPDRAG

In die lig van die vredestaak van die kerk dra die Sinode dit op aan die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om:

'n Studie te maak van die ontstaan en oordrag van vooroordeel, negatiewe houdings en persepsies wat belemmerend inwerk op goeie verhoudinge in Suid-Afrika.

Riglyne aan te dui waarvolgens die kerk vanuit die Bybelse versoeningsboodskap op 'n praktiese wyse kan meewerk aan die afbreek van negatiewe houdings en die opbou van 'n nuwe gesindheid van aanvaarding en versoening; en met die oog hierop ook gebruik te maak van bevindinge van toepaslike vakwetenskappe. (Handelinge, Algemene Sinode 1990:710)

### 30.2 AGTERGROND

Bogenoemde opdrag van die Algemene Sinode spruit voort uit die verslag oor die vredestaak van die kerk wat in 1990 voor die Sinode gedien het. In die verslag word onder meer gewys op die verantwoordelikheid van die kerk om negatiewe houdings en gesindhede teen te werk:

"Die kerk moet in staat wees om profeties kritiek te lewer teen houdings, optredes, maatreëls en wette wat belemmerend inwerk op die bevordering van vrede in die gemeenskap. Sake soos rasse-vooroordeel, diskriminasie teenoor andere op grond van ras en kleur, die koestering van onbillike en negatiewe stereotipe beelde van diegene uit ander groepe in die samelewing, die weiering om aan andere hulle regmatige en gelyke aandeel in die samelewing te gun, die selfsugtige najaag van eie belange ten koste van dié van andere en dergelike meer, moet aan die kaak gestel word." (Agenda, Algemene Sinode 1990:92).

Dit hou ook verband met die opdrag van die Sinode aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om 'n voortgaande studie te maak van die wyse waarop die kerk op 'n konkrete wyse sy vredestaak in ons land kan verrig (Handelinge, Algemene Sinode 1990:492).

Dit is 'n algemeen aanvaarde feit dat die werklikhede van die Suid-Afrikaanse verhoudingsproblematiek buitenge- woon kompleks is. Reeds in 1980 het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing die gebied van tussengroepverhoudinge in 'n prioriteitsbepaling as die belangrikste probleemveld vir navorsing geïdentifiseer.

Een van die grootste knelpunte wat aan die wortel van die verhoudingsproblematiek lê, is die negatiewe houdings en gesindhede wat tussen mense (groepe) bestaan. Daar word toenemend tot die besef gekom dat 'n diepgrypende houdings- en gesindheidsverandering een van die voorvereistes is vir die vreedsame saambestaan van die verskillende groepe in Suid-Afrika. 'n Politieke oplossing sal slegs die begin van die oplossing wees, nie die einde daarvan nie. Die groot toets lê op die vlak van persoonlike verhoudinge. In hierdie verband vereis negatiewe houdings en gesindhede in die algemeen, en vooroordeel in die besonder, dringende aandag.

### 30.3 DIE ONTSTAAN VAN VOOROORDEEL EN NEGATIEWE HOUDINGE, EN DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE KERK IN DIé VERBAND

**Vooroordeel** kan beskrywe word as 'n negatiewe houding teenoor ander groepé en individue wat op gebrekkige inligting en breë veralgemening berus en wat ten spyte van korrektiewe inligting moeilik gewysig word.

Vooroordeel berus op **stereotipes**, dit wil sê op oorvereenvoudigde, eensydige en relatief onbuigbare opinies van ander groepe of individue. **Etniese vooroordeel** dui op 'n negatiewe houding teenoor persone van 'n ander bevolkingsgroep bloot op grond daarvan dat hulle tot die bepaalde groep behoort. **Attribusie-vooroordeel** beskrywe die gedrag van ander groepe in terme van trekke (veralgemenende eienskappe). Vooroordeel en **kategorisering** gaan dus hand aan hand. Aangesien houdings gedrag beïnvloed en selfs bepaal, loop vooroordeel in die praktyk dikwels uit op **diskriminasie**.

Die verskynsel van vooroordeel in Suid-Afrika hang ten nouste saam met die hoë mate van gesegmenteerdheid wat die samelewing kenmerk. Die geskiedenis van stryd om sosiale en politieke mag het die kategorisering van die gemeenskap in terme van **binnegroepe** ("ons") en **buitegroepe** ("hulle") versterk. Die sosiale behoefte aan affiliasie met ander persone met gemeenskaplike belange bied die ruimte vir identifikasie met die binnegroep, en terselfdertyd die teelaarde vir antagonisme teenoor groepe wat as buitegroepe geïdentifiseer word.

Binne groepsverband word die **sosiale identiteit** van die individu versterk. Groeplede ken aan hulself die tipiese eienskappe van die groep as geheel toe, terwyl lede van buitegroepe op dieselfde wyse as ongedifferensieerd beskou word. Gedrag teenoor buitegroeplede word dus meer homogeen, terwyl individualiserende eienskappe oor die hoof gesien word. Hiermee gepaard gaan die beskouing dat die binnegroep se waardes en standaarde universeel geldend en intrinsiek waar is. Binnegroeplede sien hulself gevolglik as superieur, en lede van die buitegroep as minderwaardig.

Binne hierdie sosiale konteks word negatiewe houdings maklik aangeleer en oorgedra. In dié verband speel die **huisgesin** 'n belangrike rol. Die gesin skep die klimaat waarbinne die kind vooroordele tot 'n lewenstyl ontwikkel. Reeds op vroeë ouderdom word vooroordeel deur die sosialiseringsproses op die kind oorgedra. Hierdie aangeleerde vooroordele berus selde op die kind se eie ervaringe. In die reël is die ouers die belangrikste sosialiseringsagente, dikwels onbewustelik.

Vooroordeel is een van die belangrikste faktore wat tussen-groepkonflik in stand hou. Deur 'n voortgaande proses van sosialisering word negatiewe gevoelens en selfs haat teenoor buitegroeplede gestimuleer. Dié negatiewe ingesteldheid word verder versterk deur die neiging om die buitegroep se gedrag waar te neem as in

ooreenstemming met die negatiewe verwagtinge wat van hulle gekoester word. Die verskynsel dat binnegroeplede 'n hoë mate van konsensus toon met betrekking tot die negatiewe persepsies van die buitegroep, maak dit moeilik om tussen die ware en valse voorstellings te onderskei.

## 30.4 DIE KONTAKHIPOTESE

Die **kontakhipotese** berus op die aanname dat 'n toename in kontak tussengroepverhoudinge verbeter.

Verskeie redes word deur sosiaal-wetenskaplikes aangegee waarom kontak tussen lede van verskillende groepe noodsaaklik is vir houdingsverandering. Toenemende kontak lei tot die ontdekking dat daar meer ooreenkomste en gemeenskaplike oortuigings bestaan as wat aanvanklik vermoed word. Kontak en blootstelling aan mekaar skep die geleentheid waardeur positiewe gevoelens en houdings kan ontwikkel en stereotipes afgebreek kan word.

Die kontakhipotese staan of val egter met **wat daar tydens kontak gebeur**. Nie alle kontak verbeter verhoudinge nie. Daar is 'n tipe kontak wat verhoudinge nie verbeter nie, maar verder vertroebel, wat vooroordeel nie afbreek nie, maar versterk. Dit geld byvoorbeeld vir 'n kontaksituasie wat as onaangenaam, gespanne of gedwonge beleef word. Navorsing toon dat oppervlakkige kontak wat selfs teen 'n hoë frekwensie plaasvind, óf geen uitwerking op groepsverhoudinge het nie, óf 'n toename in vooroordeel teweeg bring.

Nie alle persone is ontvanklik vir 'n houdingsverandering in die kontaksituasie nie. Die **intensiteit** van 'n persoon se vooroordeel speel 'n belangrike rol. 'n Hoogs bevooroordeelde persoon wantrou die kontaksituasie, en probeer dit so ver moontlik vermy. Wanneer kontak wel plaasvind, word dit gebruik om oorspronklike houdings te bevestig. Veral die outoritêre persoonlikheidstipe toon weinig bereidheid tot houdingsverandering.

Dit is noodsaaklik om rekening te hou met bepaalde **vereistes** waaraan tussengroepkontak moet voldoen ten einde houdingsverandering teweeg te bring.

### 30.4.1 Gelyke status-kontak

Gelyke status binne die kontaksituasie is van wesenlike belang sodat beide groepe 'n aandeel in die uitkoms van die kontaksituasie en 'n gelyke geleentheid vir deelname aan besluitneming kan hê. Indien dit nie die geval is nie, is die kans goed dat een van die groepe die kontak as eensydig of selfs paternalisties mag ervaar. Wanneer die kontaksituasie statusverskille tussen groeplede beklemtoon, kan dit lei tot gebrekkige kommunikasie, die bevestiging van stereotipes en 'n toename in vooroordeel.

### 30.4.2 Gemeenskaplike doelstellings

**Samewerking** met die oog op die bereiking van gemeenskaplike doelstellings is 'n belangrike voorwaarde vir geslaagde tussengroepkontak. In dié verband is dit noodsaaklik om oorkoepelende gemeenskaplike doelstellings te identifiseer.

Oorkoepelende gemeenskaplike doelstellings is doelstellings wat deur beide binne- en buitegroepe nagestreef word, maar wat alleen bereik kan word deur samewerking en die erkenning van wedersydse interafhanklikheid. Die afwesigheid van gemeenskaplike doelstellings kan meebring dat die kontaksituasie bestaande groepkonflik versterk. Wanneer groepe suksesvol saamwerk, word vooroordele afgebreek en selfs vriendskappe gevorm.

### 30.4.3 Omvattende interaksie

Samewerking met die oog op gemeenskaplike doelstellings lewer beperkte resultate indien positiewe interaksie nie ook uitkring na ander kontaksituasies nie. Selfs indien die poging tot samewerking suksesvol was in 'n spesifieke kontaksituasie, mag die positiewe uitwerking daarvan spoedig vervaag as dit nie in ander situasies versterk word nie. Daarby is die frekwensie van kontak belangrik. Wanneer kontak te sporadies plaasvind, kan dit weinig blywende houdingsverandering teweeg bring.

Benewens die **frekwensie** van kontak, is ook die **intensiteit** daarvan belangrik. Oppervlakkige kontak kan beswaarlik bestaande houdings verander. In die algemeen is navorsers dit eens dat houdingsverandering die beste gedien word wanneer kontak uitloop op persoonlike verhoudinge en selfs vriendskappe. Dit verklaar waarom persone wat oor 'n lang tydperk in komitees, klubs en kerklike kringe aan gelykestatus-kontak blootgestel word, beduidend minder bevooroordeel is.

### 30.4.4 Die algemene sosiale klimaat

Kontak in 'n gunstige sosiale klimaat bevorder houdingsverandering. Die positiewe ingesteldheid van erkende leiersfigure speel 'n belangrike rol om 'n positiewe sosiale klimaat te skep. Ondersteuning vir tussengroepkontak deur sosiale norme, gemeenskapsleiers en gesagsfigure verhoog die effektiwiteit daarvan in 'n groot mate. Gedwonge kontak, daarenteen, is kontraproduktief.

## 30.5 DIE TAAK VAN DIE KERK

Dit spreek vanself dat die kerk 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van die verbetering van tussengroepverhoudinge. Die kerk is immers die draer en verkondiger van die boodskap van versoening. Die kerk moet profeties kritiek lewer teen houdings en optrede wat belemmerend inwerk op die bevordering van vrede in die gemeenskap. Dit sluit ook vooroordeel en die koestering van onbillike en stereotipe beelde van mense uit ander groepe in.

Die kerk moet trouens in hierdie verband ook hand in eie boesem steek. Navorsing het getoon dat godsdienstige groepe se etniese vooroordeel nie noemenswaardig minder is as dié van nie-godsdienstige groepe nie. Baie kerklidmate kom selde of ooit in kontaksituasies met lede van ander groepe.

Daar is verskeie maniere waarop die kerk kan meehelp om negatiewe houdings en gesindhede af te breek, en aan 'n positiewe gesindheid van aanvaarding en versoening in die samelewing kan bou.

**30.5.1 Die kerk moet deur die prediking wys op die liefdesgebod en die Godgegewe waardigheid van alle mense**

Vooroordeel gaan hand aan hand met 'n bepaalde mensbeskouing. Dit moet aanvaar word dat ook in die Suid-Afrikaanse samelewing standpunte gehuldig word wat die menswaardigheid van (sekere) ander mense bevraagteken en selfs openlik ontken. Onstellende voorbeelde hiervan het in die jongste tyd onder die aandag gekom. (Vergelyk in dié verband die verslag oor die Brits-Israel Beweging, Agenda, Algemene Sinode 1990:95-100).

Dit is daarom noodsaaklik dat die kerk op die menswaardigheid van alle mense moet wys. Die Bybel beskou die ganse menslike geslag as 'n eenheid. Ook buite die kring van die genadeverbond bly die mens skepsel en beelddraer van God. Hierdie Godverleende waardigheid van elke mens impliseer dat teenoor alle mense opgetree moet word soos dit 'n **mens** teenoor 'n **medemens**, dit wil sê een beelddraer van God teenoor ander beelddraers van God, betaam. (KS: 96-97; 174-176).

Die noodsaaklikheid van die beoefening van naasteliefde, as die hart van God se wil vir medemenslike optrede, staan in die middelpunt van die kerk se boodskap vir alle groepverhoudings. Daarom is negatiewe houdings, vooroordeel en rassisme 'n sonde waarteen die kerk profeties moet waarsku. Geen ras of volk is inherent meerderwaardig of minderwaardig nie. (KS: 110-115).

Die feit dat negatiewe houdings en gesindhede reeds in 'n vroeë stadium by die kind gekweek word, beklemtoon die noodsaaklikheid van voorligting aan die **jeug**. Die kerk sal groter erns daarmee moet maak om jongmense meer bewus te maak van die konsekwensies van die liefdesgebod vir medemenslike verhoudinge, en van die belangrikheid van positiewe houdings en gesindhede teenoor ander mense. In die lig daarvan dat die grondslag vir medemenslike verhoudinge in die **huisgesin** gelê word, sal in hierdie verband ook aan ouers leiding gegee moet word.

**30.5.2 Die kerk (gemeente) moet self 'n lewende voorbeeld van 'n versoende gemeenskap wees**

Die kerk het nie alleen die verantwoordelikheid om deur die prediking mense op te roep om hulle met God te laat versoen en in vrede met mekaar te leef nie, maar moet ook sélf as nuwe gemeenskap die versoening in 'n gebroke wêreld voorleef en verder dra. As versoende gemeenskap is die gemeente daartoe verbind om nie alleen tekens van die koninkryk in die samelewing op te rig nie, maar dit ook self te wees. Die kerk behoort vir almal 'n voorbeeld te wees dat die Heilige Gees houdings verander en gesindhede totaal nuut maak. Die kerk moet besef dat kragtens sy eenheid in Christus alle gelowiges en alle groepe gelowiges mekaar nodig het, en mekaar moet versorg en dien ter wille van die opbou en groei van die kerk van Christus.

Dit beteken dat die **styl** van die kerk se optrede steeds dié van versoening, vrede en liefde sal wees. Dit geld uiteraard vir alle lidmate. Alleen so kan die kerk werklik 'n geloofwaardige wegwyser na God se voleinding, 'n venster na God se komende nuwe wêreld wees (KS: 68-72).

Die verantwoordelikheid van die **individuele** gelowige kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die geloofwaardigheid van die kerk en van die boodskap wat hy verkondig, word deur die samelewing in 'n groot mate gemeet aan die optrede van die lidmate op die persoonlike ontmoetingsvlak. Lidmate moet daarom opgeskerp word om nie te berus in die situasie van antagonisme, agterdog en onvrede nie, maar hulle voortdurend te beywer vir beter gesindhede en verhoudinge.

**30.5.3 Die kerk moet op die plaaslike vlak kontaksituasies skep**

Dit is noodsaaklik dat op gemeentelike vlak oor die grense van die verskillende gemeenskappe uitgereik word om groter begrip tussen mense te bewerkstellig. Ook wat kerklike kontaksituasies betref, moet rekening gehou word met die reeds vermelde voorvereistes vir geslaagde tussengroepkontak.

Vroeër is daarop gewys dat **gelyke status-kontak** 'n voorvereiste is vir die afbreek van vooroordeel. 'n Paternalistiese houding, byvoorbeeld, moet deurgaans vermy word. Die kerk bied die ideale geleentheid waar mense mekaar op grond van hulle eenheid in Christus in 'n gelyke status-situasie kan ontmoet. Die gegewe geestelike eenheid in Christus bied die prinsipiële grondslag vir wedersydse aanvaarding.

Die kerk (kerkverband) bied ook 'n ideale geleentheid waar mense saamgesnoer kan word rondom **gemeenskaplike doelstellings**. Die blote bymekaar bring van lede van verskillende kerklike groepe, selfs met die beste bedoelings, bewerkstellig nie positiewe houdingsverandering nie. Inteendeel, die afwesigheid van wedersyds aanvaarde gemeenskaplike doelstellings kan verhoudinge negatief beïnvloed. Sinvolle samewerking, daarenteen, bevorder verhoudinge. In die praktyk beteken dit dat terreine van samewerking geïdentifiseer moet word en bepaalde projekte of aksies gesamentlik aangepak moet word.

Kerklike kontaksituasies skep 'n gunstige geleentheid vir die ontwikkeling van persoonlike verhoudinge en **vriendskappe**.

Dit is belangrik dat kerklike leiers - leraar, kerkraadslede en ander - **positief** ingestel sal wees met betrekking tot kontaksituasies. Waar lidmate aanvoel dat die leiers in die gemeente in hierdie verband negatief ingestel is, sal die **gunstige sosiale klimaat** wat nodig is vir houdingsverandering, ontbreek.

**30.5.4 Die kerk moet, met inagneming van die grense van sy eie bevoegdheid, ywer vir beter verhoudinge op alle terreine van die samelewing**

Waar die kerk hom in 'n plaaslike gemeenskap bevind waar verhoudinge vasgeloop het, of waar geen inisiatiewe vir versoening bestaan nie, sal weë ondersoek moet word om kontak te bewerkstellig en gesprekke

op gang te kry tussen verteenwoordigers van ander samelewingsverbande. Die kerk mag weliswaar nie die taak van ander samelewingsverbande oorneem nie, maar kan binne die grense van sy eie bevoegdheid beter verhoudinge inisieer.

Dit is veral die verantwoordelikheid van belydende lidmate om binne die samelewingsverband waar hulle beweeg, die inisiatief te neem met die oog op verbetering van verhoudinge en gesindhede. Langs hierdie weg kan die kerk deur die amp van die gelowige 'n groot bydrae lewer om mense en groepe rondom knelpunte, maar ook rondom gemeenskaplike doelstellings, byeen te bring. Waar die geleentheid hom voordoen, kan die kerk leiding gee ten opsigte van die basiese vereistes vir geslaagde tussengroep-kontak.

Die voorafgaande bespreking beklemtoon die feit dat die bevordering van gesindhede en tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika geen maklike taak is nie. Dit is daarby ook 'n langtermyntaak. Die kerk het hierin 'n leidende rol te speel.

### 30.6 AANBEVELINGS

**30.6.1 Die Algemene Sinode aanvaar die studiestuk oor vooroordeel en negatiewe houdings in die Suid-Afrikaanse samelewing as riglyn vir optrede en doen 'n beroep op lidmate om op die persoonlike ontmoetingsvlak die inisiatief te neem met die oog op die verbetering van verhoudinge en gesindhede.**

**30.6.2 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op kerkrade en ringe om aan die hand van die studiestuk weë te ondersoek waardeur op die plaaslike vlak op 'n praktiese manier meegewerk kan word aan die afbreek van negatiewe houdings en die opbou van 'n nuwe gesindheid van aanvaarding en versoening.**

## 31. VERBONDSBESKOUING EN DOOP

### 31.1 OPDRAG

Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om 'n studie te maak van die Ned Geref Kerk se doop- en verbondsbeskouing om as riglyn vir predikante en lidmate te dien. (Handelinge, Algemene Sinode 1990:665).

### 31.2 BELYDENISSKRIFTE

**31.2.1** Die Ned Geref Kerk se doop- en verbondsbeskouing word duidelik in sy amptelike belydenisskrifte uiteengesit. Ten minste die volgende punte is hier ter sake:

Nederlandse Geloofsbelydenis art 34
Heidelbergse Kategismus Vr 74
Dordtse Leerreëls hf 1 par 17

**31.2.2** Dit is nie duidelik of die opdrag impliseer dat die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake hierdie konfessionele uitsprake van 'n verklaring moet voorsien nie. Dit is ook moeilik om te oordeel hoe uitvoerig en volledig so 'n studiestuk behoort te wees. Normaalweg word hierdie tema in die teologiese opleiding behartig. Daar bestaan ook betroubare kommentare op die belydenisskrifte en talle ander geskrifte oor dié leerstukke.

### 31.3 BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die Algemene Sinode het hom reeds herhaaldelik oor die kwessie van grootdoop en herdoop uitgespreek. Gerieflikheidshalwe word hulle hier weergegee:

Die Algemene Sinode (Handelinge 1982:1103, vgl.: 458 en 752) het soos volg besluit:

Die Sinode volstaan met die volgende besluite wat deur die Sinode van 1978 insake grootdoop en herdoop geneem is.

#### 31.3.1 Algemene Sinode 1978

**31.3.1.1** Die Sinode verklaar dat die leer van die grootdoop as enigste korrekte doop en herdoop van lidmate van die kerk, 'n dwaling ten opsigte van die leer is, wat nie deur die kerk geduld kan word nie.

**31.3.1.2** Die Sinode is daarvan bewus dat baie lidmate deur misleiding tot hulle opvattings oor die grootdoop en herdoop kom, en dring daarom by kerkrade daarop aan om met groot sorg, liefde en geduld met sulke lidmate om te gaan, ten einde hulle van hulle afwyking in die leer terug te bring. (Agenda, Algemene Sinode 1978:226, punt 2.25.1.2)

**31.3.1.3** Die Sinode oordeel dat dit kerkregtelik verkeerd is om die lidmaatskap van sulke lidmate eenvoudig vervalle te verklaar. Daar moet met sulke lidmate gehandel word volgens die prosedure van die kerklike tug, tensy hulle hulself aan die gemeenskap van die kerk onttrek en hulle lidmaatskap formeel opsê. (Agenda, Algemene Sinode 1978:226, punt 2.25.1.3)

**31.3.1.4** Die Sinode oordeel dat die tug teen sulke lidmate aanvanklik nie verder as vermaning, en by volharding daarin, nie verder as die onthouding van die nagmaal behoort te gaan nie, omdat dit hier kan gaan om 'n dwaling binne die Christenskap wat nie noodwendig beteken dat die dwalende geen deel aan Christus en sy ryk het nie. Wanneer daar egter volhard word in die dwaling en dit blyk dat daar sprake is van hardnekkige verset teen die gesag van die kerk of van 'n aantasting van die leer van die regverdiging deur die geloof alleen, moet die tug tot sy konsekwensie deurgevoer word. (Agenda, Algemene Sinode 1978:226, punt 2.15.1.5)

**31.3.1.5** Die Sinode oordeel dat daar teenoor ampsdraers wat in hierdie opsig dwaal, strenger opgetree moet word as teenoor ander lede van die gemeente, en dat hulle in elk geval uit die amp geskors moet word, tot tyd en wyl daar berou is en hulle hulself betroubaar betoon het in die verdediging van die gesonde leer. (Agenda, Algemene Sinode 1978:226, punt 2.25.1.5)

Veral wanneer hierdie besluite saam met die verslag van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (Handelinge 1978:310-2) gelees word, behoort daar geen onduidelikheid oor die toepassing van die beleid te wees nie.

Die enigste onsekerheid wat moontlik by kerkrade kan ontstaan, hou verband met die vierde punt hierbo (31.3.1.4). Kan so 'n lidmaat uiteindelik afgesny word van die gemeente met gebruikmaking van die bestaande formulier vir die afsnyding?

Hieroor is by die Algemene Sinode (1982) lank gedebatteer en uiteindelik is die volgende duidelike besluite geneem (Handelinge, Algemene Sinode 1982: 1242-4):

**31.3.2 Algemene Sinode 1982**

**31.3.2.1** Die Sinode oordeel dat daar geen gegronde rede is vir die daarstelling van 'n alternatiewe formulier vir afsnyding van die gemeente naas die bestaande formulier vir die afsnyding nie. (Handelinge, Algemene Sinode 1982:1242).

**31.3.2.2** Wanneer afsnyding oorweeg word, moet kerkrade hulleself daarvan vergewis dat die uitsprake in die formulier ten volle van toepassing is. (Handelinge, Algemene Sinode 1982:1242).

**31.3.2.3** Beroep op leraars in verband met doop. Omdat die problematiek van herdoop een van die grootste redes van verwarring en kerkverlating by lidmate is, word:

**31.3.2.3.1** Leraars opgeroep om toenemend 'n indringende studie van die verbond en die doop te maak en die resultate duidelik deur te gee aan gemeentes in prediking en persoonlike pastorale sorg;

**31.3.2.3.2** leraars versoek om veral by doopkategese besondere moeite te doen om duidelik en heldere verbondspastoraat te beoefen;

**31.3.2.3.3** om moeite te doen om 'n eiendomlike pastoraat te ontwerp en toe te pas ten opsigte van diegene wat hul laat herdoop het, en hulle terug te lei na die kerk. (Handelinge, Algemene Sinode 1982:1244).

**31.4 BESKIKBARE PUBLIKASIES**

Talle publikasies het oor hierdie onderwerp verskyn. Die Kommissie noem die volgende:

Barnard, AC 1984. **Ek is gedoop.** NG Kerkboekhandel, Pretoria.
Burger, CW; Müller BA en Smit DJ, 1983. **Riglyne vir doopprediking.** NG Kerk Uitgewers, Kaapstad.
Bybelkorkursus. 1986. **Dank God, ek is gedoop!** Wellington.
Bybelkorkursus 1983. **Verbond vir altyd.** Wellington.
Floor, L 1983. **Die heilige doop in die Nuwe Testament.** Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
König, A 1986. **Die doop as kinderdoop én grootdoop.** NG Kerkboekhandel, Pretoria.
Potgieter, PC 1977. **Wat moet ek van die doop weet?** NG Kerk Uitgewers, Kaapstad.
Van't Spijker, W e.a., 1983. **Rondom de doopvont.** De Groot Goudriaan, Kampen.

**31.5 AANBEVELINGS**

**31.5.1 Die Algemene Sinode herbevestig die gereformeerde geloofsoortuiging aangaande die genadeverbond en die kinderdoop soos verwoord in sy belydenis (NGB art 34, HK Vr 74, DL hf 1 par 17).**

**31.5.2 Die Algemene Sinode bring opnuut sy besluite insake herdoop en grootdoop onder die aandag van leraars en kerkrade (Handelinge, Algemene Sinode 1982:1103, 1232-44).**

## 32. VERHOOGDE WERKLADING WANNEER POSTE BEVRIES WORD

**32.1 OPDRAG**

Die Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om die problematiek te ondersoek van werkgewers wat poste vries en dus meer werk op die skouers van minder personeel laai. Die nadeel wat hierdie praktyk moontlik vir die huislike, huweliks- en kerklike lewe inhou, vereis 'n ondersoek (Handelinge, Algemene Sinode 1990:681).

**32.2 HERHAAL DIE GESKIEDENIS HOMSELF?**

Die feit dat die Sinode dit nodig gevind het om 'n ondersoek soos hierdie te loods, dui daarop dat daar ongetwyfeld reeds aanduidings van onregverdige praktyke van rasionalisering bestaan. Natuurlik is die onbillike behandeling van werknemers deur werkgewers nie uniek nie. 'n Mens hoef maar net aan die geweldige wanpraktyke te dink wat tydens en na die Industriële Revolusie soveel fisiese en geestelike nagevolge vir die arbeiders ingehou het (Van Rensburg 1979:222-228).

Dit was juis Karl Marx wat die term "surpluswaarde" gebruik het om daarmee aan te dui dat die arbeiders ekstra arbeid teen dieselfde of verminderde vergoeding moes verrig. Die praktyk van die verkryging van "surpluswaarde" het volgens Marx alle morele en fisiese grense oorskry. Dit was Marx se oortuiging dat die "surpluswaarde" die kapitaliste in staat gestel het om hulle wins ten koste van die arbeiders te vergroot (Acton 1967:91). Aspekte soos die vervreemding van die arbeider van sy arbeid, sy mede-arbeiders, sy werkgewers, sy samelewingsverbande (soos huwelik en gesin), het onder die spervuur van Marx se kritiek gekom (Marx, K 1971:17). Daarbenewens het die lengte van die werksdag die probleem van die uitbuiting van die arbeiders verder onderstreep (Marx, K 1906:206;215; 256-258).

Dit val onmiddellik op watter ooreenkoms daar tussen die probleme van destyds en die huidige arbeidersproblematiek is. Die verskil is net dat die kerk van destyds nie juis teen die verontregting beswaar aangeteken het nie (Heyns 1967:118-119). Dit mag ten alle koste nie van die kerk vandag waar wees nie!

**32.3 PROBLEMATIEK**

Indien die opdrag van die Sinode 'n empiriese studie sou vereis, sou dit 'n byna onmoontlike opdrag wees om elke besigheidsfirma of industrie in die land se besluite en praktyk van rasionalisering te ondersoek, ten einde te bepaal of, en indien wel, watter persentasie van onbillike behandeling van werknemers in die proses van rasionalisering voorkom. Die uitgangspunt van die

ondersoek is dus veel eerder om vanuit die vertrekpunt van die Christelike arbeidsetiek sekere norme vir die beoordeling van die proses en praktyk van rasionalisering neer te lê.

### 32.4 CHRISTELIKE ARBEIDSETIEK

Dit sou nie moontlik en ook nie paslik wees om hier 'n volledige uiteensetting van die Christelike arbeidsetiek weer te gee nie. Dit is immers elders gedoen (byvoorbeeld Heyns 1986:250-276; Van Andel 1965). Enkele kontoere word egter getrek ten einde daardie norme te identifiseer wat in die beoordeling van die problematiek ter sake sal wees.

**32.4.1** Hoewel die Heilige Skrif nie 'n volledige arbeidsetiek bevat nie (die Bybel is immers nie 'n wetenskaplike handboek nie), is daar tog wel sekere uitsprake wat teologies-eties gesistematiseer en in norme vir arbeidsverhoudinge en -vraagstukke gepositiveer kan word (Heyns 1982:182-183). Dit behels onder andere die volgende:

**32.4.1.1** Arbeid is 'n gawe en roeping van God aan die mens waardeur hy sy opdrag kan uitvoer om as verteenwoordiger van God oor die skepping te heers en dit te onderwerp (die sogenaamde "kultuuropdrag" van Gen 1:26-28). Dit het beteken dat die mens as arbeidende wese in 'n bepaalde verhouding tot God, sy naaste, die huwelik, die natuur en die kultuur gestaan het. (Heyns 1974:79-128; Heyns 1986:255-257). In die arbeid sou die mens sy Skepper kon verheerlik, homself skeppend tot volwassenheid kon laat groei, sy naaste as mede-arbeider kon ontdek en dien en die natuur tot 'n leefruimte kon omvorm (Orsmond 1993:129).

**32.4.1.2** Arbeid het dus nie as straf op die sondeval gevolg nie, maar die skeppingsordening van arbeid is wel deur die straf op die sondeval fundamenteel aangetas. Die mens moes op 'n pynlike wyse ontdek dat al die bepaalde verhoudings waarin hy homself as arbeider bevind het, deur sy ongehoorsaamheid versteur is. Hy het sy arbeid nie meer as gawe van God ervaar nie, maar as straf. Die arbeid, wat hy in die sweet van sy aangesig sou moes verrig om aan die lewe te bly (Gen 3:17-19), sou sy verhouding met sy naaste, sy huwelik, sy gesin, die natuur en die kultuur versteur (Heyns 1986:262-264).

**32.4.1.3** Die koms van Jesus Christus het egter die koninkryk van God naby laat kom (Matt 3:1; 4:17). Dit het beteken dat elke duimbreedte van hierdie wêreld onder die heerskappy van sy koningskap val, ook die wêreld van arbeid en industrie. Daarom is die samelewing in die algemeen en die arbeidsterrein in die besonder op gehoorsaamheid in die koninkryk van God afgestem. Daarom ook sal die wet van God (liefde tot God; liefde en geregtigheid tot die naaste) die norm wees waarvolgens 'n etiese beoordeling van arbeid en industrie moet geskied (Heyns 1986:38-62; Smit 1984:30-33).

Hoewel die sondeval dus die vreugdevolle arbeid na moeitevolle arbeid verander het, moet ook in gedagte gehou word dat Jesus Christus se versoenende arbeid in die wêreld weer die arbeider en sy arbeid kom herskep het. Daarom kan die arbeider sy arbeid vreugdevol verrig terwyl hy met verlange uitsien na die wederkoms van die Seun van die mens (Van Andel 1965:28). Dan word 'n nuwe era van arbeid ingelui wat finaal van alle moeite en gebreke bevry sal wees: volledige diens aan God (1 Kor 15:28)!

**32.4.2** Die arbeider het bepaalde regte.

**32.4.2.1** In beginsel is die arbeider daarop geregtig om te kan werk. As arbeid 'n skeppingsordening en roeping is, behoort elke mens die Godgegewe "reg" op arbeid te hê (Smit 1984:32; Kerk en Samelewing 1990:28). In die praktyk blyk dit egter dat die reg tot arbeid in verhouding staan tot die aard van die arbeid wat die arbeider in staat is om te lewer en die beskikbaarheid van werksgeleenthede in daardie betrokke arbeidsfeer (die vraag- en aanbod-beginsel). Iemand wat dus werkloos is omdat hy homself nie as arbeider bekwaam het nie, het geen "reg" op bepaalde arbeid nie. So kan iemand wat afbetaal word omdat hy nie sy arbeidsopdrag met bekwaamheid, ywer en getrouheid uitgevoer het nie, nie op sy "reg" tot arbeid aanspraak maak nie. Sonder om die saak vooruit te loop, sal op grond van voorafgaande ook gekonkludeer moet word dat die arbeider nie op sy "reg" tot arbeid by 'n bepaalde werkgewer aanspraak kan maak as die betrokke werkgewer hom om billike redes nie langer in diens kan hou nie. Wat daardie billike redes behels, behoort deel van die positivering van 'n Christelike arbeidsetiek te wees.

**32.4.2.2** Die arbeider is op 'n billike loon geregtig (Luk 10:7; 1 Tim 5:18). Dit impliseer dat die loon in verhouding tot die aard en omvang van die arbeid moet wees. Uit die aard van die saak sal die tydsduur van die arbeid (die lengte van 'n werksdag) ook hier ter sprake kan kom, hoewel dit ook volledig by die begrensing van die arbeid bespreek word.

**32.4.2.3** Hy is daarop geregtig om as mens in elke opsig menswaardig en billik behandel te word (Luk 6:31). Aangesien persoonsbehandeling die fundamentele beginsel is waarvolgens alle handelinge eties beoordeel word (Heyns 1986:1-2), sal die optrede van die werkgewer teenoor sy werknemer sodanig moet wees dat die arbeider nie in sy verhouding tot God, sy huwelik, sy geestelike en liggaamlike welsyn en sy lewenskwaliteit benadeel word nie (vergelyk in hierdie verband die verhouding van Filémon en Onesimus, Orsmond 1993:133). Die arbeider het immers ook die reg op 'n huwelik- en gesinslewe (Kerk en Samelewing 1990:28).

**32.4.2.4** Omdat God ook 'n grens vir die arbeid daargestel het (Eks 20:8-11), is arbeidsrus 'n plig en 'n reg (Heyns 1986:274). Terwyl daar as gevolg van die proses van industrialisasie en ander oorwegings 'n tydperk was waar die arbeidstyd verkort kon word sodat die **homo laborans** ook meer **homo ludens** kon word (Van Andel 1965:13-25), is die probleem tans dat die proses van rasionalisering juis tot gevolg kan hê dat die arbeiders wat na die rasionalisering oorbly, die werkslading van die afbetaaldes moet oorneem. Ten einde hulle daartoe in staat te stel, is 'n groter werksinset nodig, nie alleen ten opsigte van werkskwaliteit en intensiteit nie, maar ook ten opsigte van die tydsduur van die arbeid (van 'n agt-uur-

werksdag na 'n twaalf-uur-werksdag en in sommige gevalle selfs van 'n ses-dag-werksweek na 'n sewe-dag-werksweek!). En die arbeider, wat maar te dankbaar is dat hy nog sy werk het, "aanvaar" die situasie en lewer 'n groter inset uit vrees dat as hy dit nie doen nie, hy die volgende slagoffer van rasionalisering sal wees. Natuurlik kan dit nie sonder nadelige gevolge vir die arbeider se fisiese, psigiese, religieuse en sosiaal-maatskaplike welsyn plaasvind nie. Waar dit gebeur, moet tot die gevolgtrekking gekom word dat die etiese norm van billike persoonsbehartiging oortree word.

Dit is egter nie ondenkbaar nie dat die arbeiders wat so 'n ekstra werkslading dra, met meer vergoeding omgehaal word om so 'n onmenslike werkslas gelate te aanvaar. Sommige gryp selfs gretig na die geleentheid om "oortyd" te werk, ten einde finansiële voordeel daaruit te trek, terwyl die huwelik, gesins- en kerklike lewe daardeur skade ly. Dan is dit nie meer godsdiens wat opium van die volk is nie (Marx), maar materialisme, iets wat radikaal deur die Skrif afgewys word (Matt 6:19-24).

**32.4.3** Die arbeider het egter ook bepaalde pligte. Die regte veronderstel inderdaad 'n teenprestasie wat vir die Christen-arbeider inhou dat hy sy arbeid so sal uitvoer dat hy dit tot die eer van God doen. Immers, die Christenwerker is ook 'n verantwoordelike werker (Smit 1984:35). Dit sou onder andere die volgende kon behels:

**32.4.3.1** Die arbeider moet 'n bepaalde kwaliteit in sy arbeid handhaaf en die diens aan sy werkgewer lewer soos wat in die dienskontrak veronderstel en waartoe ooreengekom is.

**32.4.3.2** Hieruit volg noodwendig dat die arbeider getrou, betroubaar en lojaal ten opsigte van sy arbeid en teenoor sy werkgewer moet wees.

**32.4.3.3** Ook mag van die arbeider verwag word om met sy mede-arbeiders in 'n span saam te werk en so teenoor hulle op te tree dat die spangees en -vermoë van die werknemers tot voordeel van die werkgewer(s) kan wees. Immers, ook die arbeider moet sy naaste op 'n liefdevolle en billike wyse behandel.

## 32.5 BEGRIP VIR CHRISTELIKE NORME

Vir die kerk en die teologie is bogenoemde beginsels redelik eenvoudig en algemeen aanvaarbaar. Die vraag is egter of die industriële wêreld wel hierdie boodskap van die kerk ten opsigte van 'n Christelike arbeidsetiek opgevang het en of dit enigsins in die ongenaakbare wêreld van besigheid en industrie 'n neerslag vind. Van Andel (1965:11-12) waarsku juis teen 'n "versmalde ethos" waarin die gedagte van arbeid as Goddelike roeping besig is om te vervaag. En Smit (1984:31) sê tereg dat die grootste nood van die wêreld en industrie is dat God nie meer as koning aanvaar word nie. Hy vervolg op die aangehaalde plek: "Ook dit moet die industrie-mens hoor ten einde tot homself, sy menswees en sy Godbedoelde bestemming te kom."

Dit is egter geen eenvoudige taak om teologies-etiese norme so te vertaal dat dit ook vir die industriële mens (werkgewer en werknemer) toeganklik is nie. Daarom sal die kerk hierdie boodskap moet verklaar en vertolk, "hy sal die hermeneutiese proses moet deurvoer tot by die mens in die industrie en die Woord daar funksioneel en saaklik laat betekenis kry..." (Smit 1984:28).

## 32.6 SEKULêRE ARBEIDSETIEK EN -BETREKKINGE

Voordat 'n beoordeling van die praktyk van rasionalisering gemaak kan word, sal inderdaad ook van die industriële arbeidsetiek kennis geneem moet word. Hier word kortweg op die volgende gewys:

**32.6.1** Die besluitnemingsproses oor en die toekenning van billike lone word deur verskeie faktore beïnvloed, byvoorbeeld om groter wins aan aandeelhouers beskikbaar te stel, beter masjinerie aan te koop of teen koste kundige advies of hulp vir 'n beter produksie/produk te fasiliteer (Bendix 1992:94). Wanneer die arbeiders egter oordeel dat voorkeur aan hoër lone gegee moet word, kan konflikterende belange tot openlike konflik tussen werkgewer en werknemer en selfs tot rasionalisering lei.

**32.6.2** In die onderhandelingsproses om so 'n konflik by te lê, moet die benadering wees om 'n wen/wen-oplossing te vind, al sou dit beteken dat beide iets sal moet prysgee (Bendix 1992:105).

**32.6.3** Dit word algemeen aanvaar dat werknemers nie sonder konsultasie in 'n rasionaliseringsproses afgedank behoort te word nie (Le Roux en Landman 1992:2). Een van die redes hiervoor is dat die werknemer betrokke die geleentheid moet hê om die werkgewer te probeer oortuig dat rasionalisering nie die enigste uitweg is nie en dat ander maatreëls (byvoorbeeld verminderde salarisse) die werkgewer se ekonomiese motiveringe tot rasionalisering sou kon ondervang (Chaedle, e.a. 1993:19).

Daarbenewens behoort die rasionaliseringsproses volgens voorafopgestelde beleid en objektiewe beginsels te geskied en nie bloot op willekeurige basis nie (Bendix 1992:282; Salamon 1987:548). Trouens, dit kan vir die werkgewer groot probleme skep indien die maatskappy kort na die opstel van 'n beleid van rasionalisering begin om werknemers af te betaal (Eggert 1991:13).

So 'n beleid behels onder andere dat die nodige inligting aan die werknemers of hulle belangegroep (die vakbonde) deurgegee behoort te word (Bendix 1992:302; Salamon 1987:549). Verder behoort die vermoëns en kwalifikasies van die werknemers, die diensjare, ouderdom en gesinsomstandighede in aanmerking geneem te word (Bendix 1992:304).

**32.6.4** Volgens die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO) is dit noodsaaklik dat rasionalisering nie sonder meer as eerste uitweg gekies sal word nie, maar dat alles in die vermoë van die werkgewer gedoen behoort te word om rasionalisering te voorkom (Bendix 1982:307). Daar behoort oorweging geskenk te word aan die moontlikheid om te rasionaliseer deur poste wat op 'n natuurlike wyse vakant raak, nie te vul nie. 'n Verdere opsie kan wees dat die arbeiders bereid is om 'n verminderde salaris te aanvaar ten einde rasionalisering te vermy. So 'n

vermindering kan egter nie eensydig op die werknemers afgedwing word nie. Nog 'n moontlikheid is dat sommige werknemers hulle bereid verklaar om met vervroegde pensioen af te tree. Salamon (1987:538-539) noem ook die interessante moontlikheid dat verkorting van arbeidstyd 'n merkbare opsie kan wees om rasionalisering te voorkom,, hoewel daar nog weinig aanduiding is dat hierdie opsie deur werknemers aanvaar word. Nog 'n opsie kan wees om oortyd-fasiliteite in te kort of op te skort sodat meer werksgeleentheid beskikbaar kan wees (Eggert 1991:10).

Slegs waar hierdie alternatiewe in werking gestel is en rasionalisering steeds onafwendbaar is, kan dit as laaste uitweg aanvaar word. Dan is daar egter bepaalde maatreëls wat met die proses gepaard behoort te gaan. Bendix (1982:304-312) se lys van maatreëls word op enkele punte aangevul en behels die volgende:

* behoorlike beplanning. Soms word rasionalisering deur spoedige heraanstellings of nuwe aanstellings opgevolg omdat dit geblyk het dat die werkslading na rasionalisering te groot is
* beperking van verlengde arbeidstyd ("oortyd")
* skoling en heropleiding van die oorblywende arbeiders
* inter-departementele verplasings om die werkslas te verlig (Le Roux en Landman 1992:8)
* konsultasie met persone wat afbetaal gaan word en met hulle onderskeie werkersunies (Le Roux en Landman 1992:4; Salamon 1987:549)
* verspreiding van die rasionalisering oor 'n tydperk
* minimalisering van die effek van rasionalisering op arbeiders (vergelyk ook Le Roux en Landman 1992:4)
* bedinging van rasionaliseringspakette
* wyse van kennisgewing aan die betrokkenes
* nasorg
* die onderneming tot her-indiensneming wanneer moontlik
* ondersteuning en hulpverlening aan afbetaaldes om elders werk te kry (Le Roux en Landman 1992:2).

**32.6.5** Arbeid en arbeidstyd (verkorting of verlenging van werksure) is 'n wesenlike deel van onderhandeling met die oog op die verkryging van billike en menswaardige werksomstandighede (Salamon 1987:276-277;282). Hoewel werksure van 72 uur per week teen ses dae per week in 1914 die algemene tendens was, het die algemeen-aanvaarde gemiddelde werksure sedert 1965 tot 40 uur per week en teen vyf dae per week verminder. Sedert 1980 was daar verdere druk om die werksure na 35 uur per week en teen 4 of 4,5 dae per week te verminder (Salamon 1987:290). Hierdie statistieke dui enersyds op die gevaar dat arbeiders al hoe **minder** wil werk, 'n faktor wat ook die onwilligheid tot billike bykomende arbeidsverantwoordelikheid na rasionalisering kan beïnvloed. Andersyds kan dit ook geïnterpreteer word as aanduiding dat oormatige en onbillike verlenging van werkstyd 'n onaanvaarbare praktyk is wat teen die draad van arbeidsetiek- en wetgewing ingaan.

## 32.7 KONKLUSIES

**32.7.1** Die Skrif-gefundeerde beginsel dat die arbeider sekere onvervreembare (mense) regte het, word deur arbeidswetgewing erken. In 'n hofuitspraak in Engeland het die regter verklaar: "...a worker of long standing is now recognised as having an accrued right in his job..." (soos aangehaal deur Le Roux en Landman 1992:11).

**32.7.2** Uit voorafgaande kan afgelei word dat industriële wetgewing 'n humanitêre besorgdheid oor die welsyn van die werknemer in die algemeen openbaar (Levy 1992:144-145). Onbillike arbeidspraktyke kan in 'n industriële hof hanteer word (Levy 1992:146). Die beoogde wetgewing vir huiswerkers (in die Staatskoerant nr 14494 van 24 Desember 1992 gepubliseer) maak byvoorbeeld daarvoor voorsiening dat 'n huiswerker nie verlengde werkstyd mag verrig wat 26 dae per jaar en 4 uur per week oorskry nie (Cheadle e.a. 1993:97). Tog blyk dit dat arbeidswetgewing nie direkte uitsprake oor die werksverpligtinge en regte van die werknemers, wat na 'n proses van rasionalisering oorbly, maak nie. Hierdie leemte is eweneens in die meeste gevalle ook in die rasionaliseringsbeleid van werkgewers aanwysbaar. Feitlik die hele inhoud van rasionaliseringsbeleid konsentreer op die afbetaalde persone, terwyl die oorgeblewenes se werksverpligtinge en omstandighede nie nader omskryf word nie.

**32.7.3** Wanneer die Christelik-etiese norme van persoonsbehartiging in die spel geplaas word, spreek dit vanself dat enige praktyk van rasionalisering wat die afbetaaldes op 'n onbillike wyse hanteer (Le Roux en Landman 1992:7) of die gevolg het dat van oorblywende werknemers meer as hulle billike arbeidslading verwag word, veroordeel behoort te word. Immers, dan ervaar die arbeider nie sy arbeid as roeping nie, maar as las.

**32.7.4** Waar plaaslike gemeentes van sodanige praktyke bewus word, behoort skakeling met die betrokke werkgewersinstansies onmiddellik plaas te vind. Die kerk durf nie sy profetiese taak op die terrein van die arbeidsetiek versaak nie. Gesprek en onderhandeling moet egter die strategiese benadering wees en nie konfrontasie en stryd nie. Die doel van so 'n gesprek sal veral moet wees om die korrekte inligting te bekom. Dit blyk naamlik dat 'n verskeidenheid van faktore 'n rol kan speel, byvoorbeeld dat werkgewers soms bereid is om iemand tydens 'n rasionaliseringsproses na 'n ander afdeling oor te plaas, maar dat die persoon weier of onwillig is om vir 'n nuwe werksopdrag opgelei te word (Eggert 1991:121). Sonder hierdie inligting kan die kerk maklik 'n verleentheid skep deur te veroordeel en verhoudinge tussen kerk en industrie te vertroebel.

**32.7.5** Indien pogings van die kerk om 'n billike dispensasie vir werknemers in 'n rasionaliseringsituasie te beding, onsuksesvol is, behoort die **pastor loci** die betrokke werknemers te adviseer om van beskikbare hulpbronne soos vakbonde, nywerheidsrade, die Departement van Mannekrag of arbeidskonsultante gebruik te maak ten einde 'n billike skikking te bewerkstellig (Levy 1992:124-125).

**Literatuurlys**

Acton, H B 1972. **What Marx really said.** New York: Schocken Books
Bendix, S 1992. **Industrial Relations in South Africa.** Cape Town: Juta & Co, Ltd.
Cheadle, H; Le Roux, PAK; Thompson, C en van Niekerk, A 1993. **Current Labour Law 1993.** Wetton: Juta & Co, Ltd.
Eggert, M 1991. **Outplacement.** A guide to management and delivery. Devon: Short Run Press Ltd.
Heyns, J A 1967. **Denkers deur die eeue.** Elsiesrivier: Tafelberg Uitgewers.
Heyns, J A 1974. **Die Mens.** Bloemfontein: Sacum Beperk.
Heyns, J A 1982. **Teologiese Etiek** (1) Pretoria: NG Kerkboekhandel.
Heyns, JA 1986. **Teologiese Etiek** (2/1). Pretoria: NG Kerkboekhandel.
Le Roux, PAK en Landman, AA 1992. **The Retrenchment Guidelines.** In: Contemporary Labour Law, 2(1).
Levy, A 1992. **Rights at work.** A guide for employees. Kenwyn: Juta & Co. Ltd.
Marx, K 1906. **Das Kapital.** Engelse vertaling deur S Moore en E Eveling; New York: The Modern Library.
Marx, K 1971. **Economy, Class and Social Revolution.** Redaksioneel versorg deur A Z Jordan. London: Michael Joseph.
Orsmond, E 1993. **Die Nuwe Testament en Arbeidsverhoudinge.** In: NGTT 34(2), Junie 1993 (bls 128-134).
Salamon, M 1987. **Industrial Relations.** Theory and Practice. New York: Prentice Hall.
Smit, J H 1984. **Die wet van God in die industrie.** Referaat gelewer by die opening van die Fakulteit Teologie (UOVS) te Bloemfontein, 1-2 Februarie 1984.
Van Andel, C P 1965. **Ethiek van arbeid en rust.** Nijkerk: G F Callenbach.
Van Rensburg, J J 1979. **Die herwaardering van revolusie in die moderne teologiese sosiale etiek.** Stellenbosch: Ongepubliseerde doktorale proefskrif.
Kerk en Samelewing 1990. 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk. Bloemfontein: Pro Christo.

**32.8 AANBEVELINGS**

**32.8.1 Die Algemene Sinode wil alle werknemers daaraan herinner dat arbeid 'n reg, 'n voorreg en 'n roeping is wat ons van God ontvang het en dat elkeen sy arbeid met Christelike toewyding en tot verheerliking van God (1 Kor 10:31) behoort te verrig.**

**32.8.2 Die Algemene Sinode wil egter ook alle arbeiders daartoe oproep om nie die arbeid of materiële vergoeding te verafgod en dit ten koste van geestelike waardes soos geloof, huwelik, gesin en gesondheid na te jaag nie.**

**32.8.3 Die Algemene Sinode het begrip vir die feit dat talle werkgewers vanweë ekonomiese oorwegings noodmaatreëls moet tref en dat hierdie noodmaatreëls soms noodwendig en onafwendbaar rasionalisering vereis.**

**32.8.4 Die Algemene Sinode wil sy waardering teenoor alle werkgewers uitspreek wat in die proses van rasionalisering op billike en menswaardige wyse teenoor hulle betrokke werknemers in hierdie verband optree.**

**32.8.5 Die Algemene Sinode wil egter ook sy diepe besorgdheid uitspreek oor aanduidings dat arbeiders onder groot en onmenslike druk geplaas word om die arbeidslas van afbetaaldes oor te neem sonder om die werk te herstruktureer, te verminder of te verander, met noodwendige ernstige fisiese, psigiese, religieuse en sosiomaatskaplike nagevolge.**

**32.8.6 Die Algemene Sinode doen 'n dringende beroep op alle werkgewers om in alle opsigte volgens streng etiese kodes tydens 'n noodsaaklike rasionalisering op te tree en nie basiese beginsels ten opsigte van rasionalisering en billike werksomstandighede vir die oorblywende werkerskorps in gedrang te bring nie.**

**32.8.7 Die Algemene Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat daar met die oog op 'n nuwe arbeidsbedeling in Suid-Afrika oorweging gegee behoort te word aan die uitbreiding van bestaande wetgewing wat minimumvereistes vir billike werksomstandighede (byvoorbeeld die wet op basiese diensvoorwaardes) vasstel, sodat ook die regte van die oorblywende werknemers ná 'n rasionaliseringsaksie verskans sal kan word. Daarom versoek die Algemene Sinode die Departement van Mannekrag of ander aangewese instansie(s) om die leiding in hierdie verband te neem.**

**32.8.8 Die Algemene Sinode roep alle leraars en kerkraadslede op om besondere pastorale aandag en versorging aan die werkgewende en werknemende lidmate te verleen ten einde die nodige geestelike troos en steun tydens 'n proses van rasionalisering te bied.**

**32.8.9 Die Algemene Sinode roep sy lidmate op tot voorbidding, dat die Hemelse Vader vir ons land 'n tydperk van ekonomiese voorspoed mag skenk, sodat meer arbeidsgeleenthede geskep kan word en armoede en hongersnood effektief bestry kan word.**

## 33. DIE VREDESTAAK VAN DIE KERK

**33.1 OPDRAG**

Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake op om 'n voortgaande studie te maak van die wyse waarop die kerk op 'n konkrete wyse sy vredestaak in ons land kan verrig. (Handelinge, Algemene Sinode 1990:492)

**33.2 AGTERGROND**

Die Algemene Sinode het in 1990 aan die hand van 'n studiestuk, "Die Vredestaak van die kerk in Suid-Afrika," ernstig besin oor die Bybelse riglyne vir vrede, die oorsake van geweld in Suid-Afrika, en die bydrae wat die kerk kan lewer in belang van versoening en vrede.

Die Sinode het geoordeel dat die geweldsituasie kompleks is, en dat dit toegeskryf moet word aan die samespel van 'n verskeidenheid faktore. Die Sinode het dit aan streeksinodes, ringe, kerkrade en lidmate opgedra om as 'n saak van prioriteit erns te maak met die evangelie van versoening, sensitief te wees vir die belange en standpunte van ander, en om te ywer vir die beëindiging van geweld. As besondere taak en roeping van die kerk is uitgelig: die verkondiging van die

Bybelse vredesboodskap in sy volle omvang, profetiese kritiek teen alle onreg in die samelewing, die uitleef van die boodskap van vrede deur self 'n voorbeeld van vrede en versoening te wees en volgehoue voorbidding vir die owerheid en alle politieke partye en organisasies.

**33.3 DIE VOORTGESETTE VREDESTAAK VAN DIE KERK**

**33.3.1** Die kerk moet voortgaan om sy vredestaak te verrig deur voortdurend in sy prediking en pastoraat die Bybelse norme vir **lewensheiliging** te beklemtoon. Dit sluit onder meer in:

**33.3.1.1** Die voortdurende herinnering daaraan dat die Bybel van die gelowiges vra om **in die praktyk** die liefdesgebod te gehoorsaam, soos dit uitgespel word in die paranetiese dele van die Nuwe Testament (Rom 12-15:13; 1 Kor 12:12-13:13; Gal 5:16-6:18; Ef 4:17-32; Fil 2:1-17; Kol 3:1-4:1 ens);

**33.3.1.2** om hierdie riglyne in die **konkrete situasie** van ons land en sy omstandighede toe te pas en konkreet te maak, sodat dit nie maar vae en algemene klanke bly nie, maar die gemeentelede konfronteer met die praktiese lewensinstelling en optrede wat die Here van hulle vra.

**33.3.2** Die kerk kan hierdie verkondigingstaak alleen betekenisvol verrig as hy die gevaar besef van die wyse waarop Christene deur die eeue altyd weer die duidelike Bybelse opdrag om vrede te soek, in situasies van politieke konflik vergeet het en hulle deur die algemene gees van patriotisme, nasionalisme en die verabsolutering van die eie volk of groep laat oormeester het. Dan tree 'n totaal ander soort moraliteit as die Bybelse na vore. Die verdediging en handhawing van die eie word tot die hoogste gebod in die lig waarvan alle gebooie van die liefde verbleek en opgeskort word. Die kruis van Christus en die vrug van die Gees het geen plek in hierdie soort moraliteit nie. As dit nie heeltemal vergeet word nie, word hoogstens daarvan kennis geneem op die vlak van die mini-moraal of die liefde vir die eie mense.

Maar Christus self het gesê dat dié soort moraliteit in die lig van die koninkryk van God onaanvaarbaar is. Hy vra vyandsliefde van sy dissipels (Mat 5:38-48) en het self vir ons gesterf toe ons nog vyande van God en sondaars was (Rom 5:6-10). Christene moet leer om soos Christus te wees. Hulle moet hulle vyande liefhê, leer om die minste te wees, liewer onreg ervaar as om onreg te doen en bereid wees om die ander wang te draai (Mat 5:38-42). Dit is waar dat daar in die geskiedenis teoloë was wat dié soort moraliteit van die Bergrede as ongeskik vir die politieke etiek beskou het (vgl bv die Lutherse tweeryke-leer soos dit deur sommige verstaan is), maar die gebod van God mag in ons situasie nie opgeskort word met 'n beroep op die "regte" van die "volk" asof die verdediging van die eie-belang en die eie voordeel ten koste van andere op hierdie wyse geregverdig kan word nie.

**33.3.3** In aansluiting by die voorafgaande moet daarop gewys word dat die kerk die moed moet hê om die burgerlike godsdiens ("civil religion") waarmee volke en heersers deur die geskiedenis heen hulle nasionale belang en militêre stryd gemotiveer het, as heidens en onchristelik te ontmasker. Daaronder word verstaan dat volke en politieke gemeenskappe van oudsher behoefte gehad het aan 'n religieuse simboliese integrasie en mitiese selfbevestiging. Dit dien daartoe om die volk of politieke gemeenskap ideologies tot 'n eenheid saam te snoer en religieus te motiveer tot absolute lojaliteit aan volk en staat. Daarom het die antieke heidense state almal hulle staatsgode gehad. Lojaliteit teenoor die staatsgode was politieke plig, en lojaliteit aan volk en staat het 'n religieuse sanksie ontvang. God word opgeëis as die Beskermer van die volks- of staatsideale. Hoewel hierdie verskynsel van huis uit heidens is (soos blyk uit die vervolging van Christene in die Romeinse ryk), het die Christenheid sedert Konstantyn binne die dampkring van die burgerlike religieusiteit beland. Dit kon soveel makliker gebeur waar volke hulleself, soos dikwels die geval was, met die Israel van die Ou Testament vereenselwig het. Daarom is feitlik alle oorloë in die geskiedenis van die Christelike Weste gemotiveer met 'n beroep op God en oorlogspropaganda is gebaseer op die gedagte dat die oorlog noodsaaklik is vir die saak van God. Wat meer is, die kerke het meestal die wapens van die eie land geseën en geen betekenisvolle rol in die bewaring van vrede gespeel nie.

Die Afrikanervolk het dit aan die lyf ondervind en pynlik ervaar dat die Britse Ryk met sy imperialisme dit nie ontsien het om ter wille van materiële voordele en die uitbreiding van sy mag "for God and country" onreg aan swakker volke te pleeg nie. In kerke en katedrale in Engeland is daar lyste van soldate wat volgens die inskripsies vir God en hulle land in alle dele van die wêreld gesterf het - ook in Suid-Afrika. Die vraag is wat die woordjie "God" in hierdie verband beteken, waar almal tog weet dat dit in dié oorloë om die Engelse politieke en ekonomiese belange gegaan het. Die hele geskiedenis is egter vol voorbeelde van hierdie oer-heidense vereenselwiging van God met die eie-belang of volksbelang. In hierdie soort godsdiens speel Christus en die kruis geen rol nie. Die God van die "civil religion" is die Voorsienigheid of die God van die geskiedenis of die God van die vaders, nie die drie-enige God van die Bybel nie. Die geskiedenis van die volk en sy militêre oorwinnings van die verlede word tot 'n openbaringsbron waaruit die wil van God afgelees word. In terme wat aan die Ou Testament ontleen is, word oor die verhouding tussen God en die eie volk gepraat, asof God die God van die volk is.

Die ergste voorbeeld van religieuse volksverheerliking in die moderne tyd was die wyse waarop die Deutsche Christen in Nazi-Duitsland God vir die Duitse volk en die Ariese ras opgeëis het. Die gees daarvan kom nog steeds voor by groepe wat van tyd tot tyd in verskillende land na vore tree. Sosiologiese studies het egter aangetoon dat "civil religion" 'n verskynsel is wat in ander vorms in alle moderne state voorkom, soos byvoorbeeld in die Verenigde State van Amerika, waar die politiek volgens liberale beginsels gestruktureer is en in teorie volkome skeiding tussen die sekulêre staat en die kerk bestaan, maar waar die kulturele en religieuse waardes tog so in mekaar vervloei is, dat daar sprake is van 'n kultuurgodsdiens wat die hele lewe met sy middestands-

waardes integreer. Nasionale feeste het 'n religieuse karakter, politieke sprekers hanteer graag religieuse terme ens. Daar is selfs diegene wat Amerika 'n Christelike land sou wil noem. Volgens sosioloë gaan dit egter dikwels eerder om die kultus van die Amerikanisme as om die saak van Christus. Ook sekulêre state het klaarblyklik 'n behoefte aan 'n religieus-bepaalde ideologie wat die kohesie van die staat dien. Ateïstiese ideologieë het in Kommunistiese lande die religieuse rol vervul wat die "civil religion" in Westerse state beklee.

Die verskynsel van burgerlike godsdiens is ook nie vreemd aan Suid-Afrika nie. Ook Suid- Afrika het 'n geskiedenis van vereenselwiging van godsdienstige geloof en politieke ideale. Christene moet leer om te onderskei na watter God verwys word as daar in politieke taal vroom terme gebruik word. Politiek en godsdiens kan maklik op 'n manier verbind word wat ideologiese trekke aanneem en met Gods openbaring in Christus niks meer te make het nie. Daar is sommige Afrikaners wat die geskiedenis van die Afrikanervolk op 'n wyse interpreteer wat van God die volksgod van die Afrikaners maak. Die oorwinning by Bloedrivier word dan as 'n soort openbaringsgebeure voorgestel. Die Afrikanervolk en die Bybelse Israel word dan maklik in-een geskuif, asof God Hom aan die Afrikanervolk verbind het op dieselfde wyse as eertyds aan Israel. Dan word godsdiens en volksbelang vermeng. Daar is egter ook by ander bevolkingsgroepe in die land sterk tekens van 'n opkomende burgerlike godsdiens. In bepaalde voms van politieke teologie is 'n religieuse onderbou aan die revolusionêre stryd in Suid-Afrika gegee wat die politieke ideale van die armes en onderdruktes direk met die saak van God verbind. Dit bring 'n onontwarbare verstrengeling van religieuse en politieke motiewe mee. Oral waar God vir die politieke saak van die volk opgeëis word, word oorlog en geweld religieus gesanksioneer. Dit kan meebring dat die Naam van God geveg, onderdruk en vernietig word.

Die kerke in ons land het alle rede om oor hierdie soort verskynsels diep besorg te wees. Daar is geen groter fanatisme as religieus-geïnspireerde fanatisme nie. Die kerke moet duidelik teen hierdie soort denke waarsku, omdat dit lynreg teen die Skrif ingaan. Alle kerke in die land moet hulleself ondersoek of hulle nie op een of ander manier die burgerlike godsdiens stimuleer of sanksioneer nie. Die kerke is daartoe geroepe om deur die kritiese verkondiging van die evangelie van verlossing mense te help om Christus as die Here oor die ganse lewe te erken, ook op die terrein van die politiek, en om hulle lewe en optrede nie te laat beheers deur hulle instinkte en natuurlike lojaliteite nie, maar deur die Gees van God. Volksliefde is 'n verlengstuk van selfliefde en staan daarom onder die krisis van die gebod om die **naaste** lief te hê "soos jouself". Patriotisme en volksliefde wat nie onder die teken van die kruis van Christus staan nie, is gevaarlik en vir die gemeente van Christus verwerplik.

**33.3.4** Die kerk moet dit te alle tye duidelik maak dat hy homself nie met 'n bepaalde politieke beleid of model identifiseer nie, maar biddend en vermanend alle leiers en besluitnemende vergaderings in tye van politieke oorgang wil begelei en wil aanspoor tot die soek van die hoogste vorm van politieke geregtigheid. Die vrede van almal kan alleen gedien word langs die weg van geregtigheid teenoor almal.

Teoreties sal al die partye en groepe in die land dit oor die soeke na geregtigheid eens wees, maar hulle sal, elkeen vanuit sy eie belang en gesigshoek, in die praktyk verskillend oordeel oor wat dit konkreet behels. Die kerk het tot taak om alle partye en groepe daartoe op te roep om elkeen nie net aan sy eie belang te dink nie, maar ook aan dié van die ander (Fil 2:4). Die eie belang mag wel bevorder word, maar nooit ten koste van die belange van andere nie. Die persepsie van wat eie-belang is, moet ook die toets van die Skrif kan deurstaan.

Die vredestaak van die kerk bestaan in groot mate daarin dat die kerk die gewete van die verskillende belangegroepe in die land moet wees. Dit kan alleen gebeur, as die kerk sy vreemdheid as volk van God te midde van die veelheid van natuurlike volkere bly bewaar, en homself nie op sodanige wyse met een volk identifiseer, dat sy katolieke karakter daardeur in gedrang kom nie.

Die belangrikste bydrae wat die kerk tot vrede in die land kan lewer, is om 'n harts- en gesindheidsverandering by mense te help bevorder, sodat hulle daartoe bevry kan word om menslik met mekaar om te gaan. Die medemens moet as mens gesien word, nie as vyand of 'n bedreiging net omdat hy/sy tot 'n ander volk behoort nie. Die kerk se boodskap van versoening met God beteken minstens dat ander mense as mense aanvaar en gerespekteer moet word. In 'n situasie van konflik is dit dikwels 'n onpopulêre boodskap. Die kerk het egter geen ander keuse nie as om dit aan almal voor te hou in vertroue op die werking van die Gees wat in staat is om oorwinning te gee oor alle haat, vyandskap en bitterheid.

**33.3.5** Die bewering word gemaak dat die meerderheid Suid-Afrikaners vrede begeer, maar dat slegs 'n minderheid hulle daadwerklik vir vrede beywer. Indien dit waar is, ontstaan die vraag waarom alle vredeliewende mense nie ook aktiewe vredemakers is nie.

Een rede is waarskynlik dat baie mense die geweld in die land nie werklik aan eie lyf ervaar nie. Ten spyte van die daaglikse berigte van oproer en onrus, is daar talle dorpe en woonbuurte waar mense steeds relatiewe vrede en veiligheid beleef. Daarom word vredesinisiatiewe in die eie gemeenskap nie noodsaaklik geag nie.

'n Tweede rede waarom nie meer mense aktiewe vredemakers is nie, spruit uit 'n gebrekkige begrip van wat vrede werklik is. Die fout word gemaak om vrede gelyk te stel met die afwesigheid van oorlog of geweld. Mense aanvaar te maklik dat daar vrede in 'n bepaalde gemeenskap is, terwyl dit meermale eerder 'n geval is dat strydende partye nog nie werklik tot 'n gesprek gekom het oor knelpunte in die onderlinge verhoudinge nie. Die wanopvatting bestaan ook by mense dat dit hoofsaaklik die politici se taak is om vrede te bewerkstellig, en dat die individuele landsburger nie veel daartoe kan bydra nie.

Die Bybel sien vrede nie as maar net die afwesigheid van

oorlog of geweld nie. Ware vrede is die resultaat van versoening. Vrede met God is alleen moontlik op grond van die versoening wat Jesus Christus aan die kruis bewerkstellig het. Ook tussen mense onderling is vrede die vrug van versoening en wedersydse aanvaarding.

Veral belangrik in die verhouding tot God en medemens, is die band tussen vrede en geregtigheid. In sy visie van 'n herstelde land sê die Psalmdigter: "Geregtigheid en vrede sal mekaar omhels" (Ps 85:11). Soos liefde en reg, gaan ook vrede en reg hand aan hand. Soos wat die liefde vir 'n medemens geloofwaardig word in die doen van wat reg is teenoor hom of haar, is ook ware vrede alleen moontlik waar geregtigheid woon. Blywende vrede kan nie op onreg gebou word nie. Daar kan nie werklik vrede in die huwelik of huisgesin of in die samelewing wees solank mense aanhou om mekaar te verontreg nie. Mense kan daarom kwalik 'n beter bydrae vir vrede lewer as om te ywer vir die verwydering van onreg in alle verhoudinge.

Dit is veral belangrik dat die plaaslike gemeentes hieraan meer aandag moet gee. Die kerk vervul nie sy vredestaak deur maar net mooiklinkende besluite te neem nie. Die kerk is vredemaker wanneer hierdie dinge in die plaaslike gemeente beslag kry.

Gemeentes behoort in hierdie verband die inisiatief te neem deur in Bybelstudie- en in gespreksgroepe aandag te gee aan die vraag hoe die kerk sy vredesrol in die bepaalde plaaslike gemeenskap kan vervul. Ook moet daar gemeentelik oor die grense van die verskillende gemeenskappe uitgereik word om groter begrip vir mekaar se leefwêreld, behoeftes en verwagtinge te ontwikkel. Veral sal die kerk in sy diens van barmhartigheid bereid moet wees om grense oor te steek en liefde te bewys aan slagoffers van geweld en ontwrigting.

**33.4 AANBEVELINGS**

**33.4.1 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op alle leraars om in hulle verkondigingswerk die roeping tot lewensheiliging en gehoorsaamheid aan die liefdesgebod in die konkrete situasie van ons land op hierdie tydstip op 'n duidelike en praktiese wyse op die hart van gemeentelede te bind.**

**33.4.2 Die Algemene Sinode doen 'n ernstige beroep op alle Christene in die land om bewus te word van die gevare van 'n burgerlike godsdiens, om te leef vanuit die evangelie van Gods genade in Christus Jesus, en om gehoorsaam te word aan die gebod tot naasteliefde en geregtigheid teenoor alle mense.**

**33.4.3 Die Algemene Sinode doen 'n ernstige beroep op alle lidmate van die kerk om in geen opsig toe te gee aan vorms van politieke denke wat die eie volk of belange verabsoluteer ten koste van ander mense en hulle belange nie.**

**33.4.4 Die Algemene Sinode spoor kerkrade en lidmate van die kerk daartoe aan om konkreet betrokke te raak by vredesaksies wat die gesindhede tussen die verskillende bevolkingsgroepe in die land kan verbeter en die gevaar van verwoestende geweld kan bekamp.**

PROF JA HEYNS (Voorsitter)
DR WJ BOTHA (Skriba)

# A.4 KOMMISSIE VIR BYBELVERKLARING EN BYBELVERTALING

Broer voorsitter en lede van die Algemene Sinode,

U kommissie het die eer en voorreg om soos volg verslag te doen van sy werksaamhede vir die tydperk 1990-1994.

## 1. BYBELVERKLARING

### 1.1 NUWE TESTAMENT

Met die uitsondering van Matteus is al die dele van die Nuwe Testament reeds verklaar en gepubliseer.

1.1.1 Sedert ons vorige verslag was die vordering soos volg:

1.1.1.1 Reeds verskyn (almal herdrukke):

Die Evangelie volgens Lukas: EP Groenewald
Die Brief aan die Efesiërs: JH Roberts
Die Brief aan die Filippense en Die Brief aan Filemon: Jac J Müller (verwerk en hersien: EP Groenewald)
Die Brief aan die Kolossense: IJ du Plessis

1.1.1.2 Die eerste Engelse kommentaar in ons reeks: The letter to the Ephesians: JH Roberts.

1.1.1.3 In voorbereiding as herdrukke:

Die Evangelie volgens Markus: EP Groenewald
Die Evangelie volgens Johannes (klaar getik): EP Groenewald
Die Brief aan die Romeine: WD Jonker (beperkte oplaag)
1 en 2 Korintiërs: EP Groenewald
Die Pastorale Briewe: EP Groenewald
Die Briewe van Petrus en Judas: EP Groenewald
Die Briewe aan Johannes: PJ du Plessis (beperkte oplaag)

### 1.2 OU TESTAMENT

1.2.1 Ons verslag kom op die volgende neer:

1.2.1.1 Oor die publikasie van die boeke Rut (WS Prinsloo) en Amos (A Krüger) is in ons vorige verslag rekenskap gegee.

1.2.1.2 In die interim het die volgende bande verskyn:

Psalms 101-119; 120-150 (2 bande): JJ Burden
Die Boek Prediker: IJJ Spangenberg
Die Boek Joël: WS Prinsloo
Die Boek Haggai: PA Verhoef
Die Boek Daniël: JL Helberg

1.2.1.3 In voorbereiding:

In die Nuwe-Testamentiese reeks word die uitstaande band oor die Evangelie volgens Matteus deur HJB Combrink bewerk.

'n Aantal deskundige medewerkers is aan die werk om die res van die Ou Testament te verklaar. Ongelukkig kan die Uitgewers om finansiële redes nie meer as twee Bybelboeke per jaar publiseer nie. Onderstaande lys word uiteraard van tyd tot tyd aangepas en gewysig:

| | |
|---|---|
| Genesis: | J Cook |
| Eksodus: | H Bosman |
| Levitikus: | JP Oberholzer |
| Numeri: | nog toe te wys |
| Deuteronomium: | MHO Kloppers |
| Josua: | DN Pienaar |
| Rigters: | JH Coetzee |
| 1 en 2 Samuel: | AH van Zyl |
| 1 en 2 Konings: | FE Deist |
| 1 en 2 Kronieke: | HJ Dreyer |
| Esra/Nehemia: | HJ Dreyer |
| Ester: | W Claassen |
| Job: | H Viviers |
| Psalms: | WS Prinsloo |
| Spreuke: | PJ Nel |
| Hooglied: | DSR du Toit |
| Jesaja: | HAJ Kruger |
| Jeremia: | SD Snyman |
| Klaagliedere: | SJPK Riekert |
| Esegiël: | JH le Roux |
| Hosea: | W Vosloo |
| Obadja: | H Bosman |
| Jona: | JH Potgieter |
| Nahum: | PA Verhoef |
| Sefanja: | PJ Nel |
| Sagaria: | F du T Laubscher |
| Maleagi: | MAV van der Merwe |

### 1.3 AANBEVELINGS

**1.3.1 Die Sinode spreek waardering uit oor die vordering wat met die bewerking en publikasie van die betrokke kommentare gemaak is.**

**1.3.2 Die Sinode betuig dank teenoor die bewerkers van die kommentare en die NG Kerk-uitgewers vir die professionele wyse waarop die verskillende bande versorg is.**

## 2. BYBELVERTALING

2.1 Die werksaamhede van die kommissie op hierdie terrein is beperk. Tog dien die kommissie as skakel tussen die Algemene Sinode en die Bybelgenootskap wat betref die vertaling van die Bybel in Afrikaans.

2.2 Die kommissie vestig die Sinode se aandag op die volgende:

2.2.1 Statistiek van die verspreiding van die Afrikaanse uitgawes van die Bybel:

2.2.1.1 Die 1983-uitgawe: Vanaf 1989 tot 1993 is gemiddeld 122 931 eksemplare van die volledige Bybel per jaar verkoop.

2.2.1.2 Die 1933/1985-uitgawe: Vanaf 1989-1993 is gemiddeld 47 568 eksemplare van die uitgawe per jaar verkoop. Daaruit blyk dat die 1933/1985-uitgawes tans nog ongeveer 'n derde van alle verkope van Afrikaanse Bybels per jaar uitmaak.

2.2.2 Herformulerings

Sedert die verskyning van die nuwe Afrikaanse vertaling in 1983 het hierdie Bybel reeds 11 uitgawes in verskillende formate beleef.

Die eindredaksie het dit sedertdien nodig gevind om na versigtige en baie deeglike oorweging sekere herformulerings goed te keur wat tydens daaropvolgende herdrukke in die gepubliseerde teks aangebring is.

Die 11de uitgawe, tweede druk (1992) bevat al die herformulerings tot op datum.

Geen verdere herformulerings word in die nabye toekoms oorweeg nie aangesien die lys herformulerings afgesluit is. Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika stel hierdie lys van herformulerings in 'n afsonderlike publikasie beskikbaar. Die publikasie is vrylik beskikbaar by alle takke van die Bybelgenootskap.

2.2.3 Nuwe projek: 'n Verwysingsuitgawe van die nuwe Afrikaanse vertaling.

In onderskeiding van twee ander "Studiebybels" naamlik die **Verklarende Bybel** (1989, Lux Verbi), **Die Bybel verklaar** (uittreksel van **Verklarende Bybel**, 1993, Lux Verbi) en **Die Bybel in Praktyk** (1993, Christelike Uitgewersmaatskappy), is die fokus van die **NAV-Verwysingsbybel**, wat tans deur die Bybelgenootskap bewerk en uitgegee word, en hopelik binnekort sal verskyn, op 'n volledige en gesofistikeerde verwysingsisteem.

Dit is belangrik om daarop te let dat die **NAV-Verwysingsbybel** die enigste is wat deur die Bybelgenootskap uitgegee word. Dit het in hierdie geval die belangrike implikasie dat die publikasie nie "dogmatiese of leerstellige" aantekeninge bevat nie (Wet op die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Art 3.2). Dit voorsien bloot kruisverwysings en inligting op grond waarvan die leser self afleidings kan maak.

**2.3 AANBEVELINGS**

**2.3.1 Die Sinode betuig waardering vir die groot en geseënde werk wat die Bybelgenootskap in die vertaling en verspreiding van die Bybel verrig.**

**2.3.2 Die Sinode is dankbaar dat die proses van herformulerings ten opsigte van die NAV (1983-uitgawe) nou afgehandel is.**

**2.3.3 Die Sinode spreek waardering uit vir die geslaagde onderneming om deur middel van Bibliathon 1991 en 1994 die nodige fondse vir die verspreiding van die Bybel te verkry.**

**2.3.4 Die Sinode betuig dank vir die groot werk wat ds S Boshoff as uittredende hoofsekretaris verrig het, en seënwense word aan dr D Tolmie as nuwe hoofsekretaris oorgedra.**

**2.3.5 Die Sinode gee simpatieke aandag aan die versoek vir 'n Bybel vir die dowes (Bylae 4.1)**

## 3. ALGEMENE SAKE

**3.1 FINANSIES**

**3.1.1 AANBEVELING**

**Die Sinode maak voorsiening in die begroting vir die werksaamhede van die kommissie. Dit sluit die bywoning van vergaderings in - wat tot die minimum beperk word. Die werksaamhede word sover moontlik per pos afgehandel.**

**3.2 PERSONEEL**

**3.2.1 AANBEVELINGS**

**3.2.1.1 Ter wille van kontinuïteit in die werksaamhede van die kommissie, word die huidige personeel (met die uitsondering van die voorsitter, asook prof JL de Villiers, wat graag in hierdie stadium wil uittree) vir die volgende termyn behou. As nuwe lid in die plek van prof PA Verhoef word prof JPJ Olivier van Stellenbosch benoem.**

**3.2.1.2 Die Sinode betuig sy waardering teenoor proff PA Verhoef en JL de Villiers vir lang termyne van waardevolle werk wat hulle gedoen het. Prof Verhoef se bydrae as voorsitter word in die besonder vermeld.**

Met hoogagting en die toebidding van die seën van die Here.

PA VERHOEF (Voorsitter)
JA DU RAND (Skriba)
HJB COMBRINK
JL DE VILLIERS
AB DU TOIT
MHO KLOPPERS
WS PRINSLOO

# BYLAE 4.1: 'N BYBELVERTALING VIR DOWES

**Het u geweet? Dowes kan nie die Bybel lees nie!**

Baie mense sê hulle verstaan nie die Bybel nie. Hulle verstaan die woorde, maar dit is die boodskap wat vir hulle moeilik is. By dowes is die probleem baie groter, want hulle verstaan nie die woorde en die taal waarin die Bybel geskryf is nie. Dit is vir hulle glad nie moontlik, of uiters moeilik om die meeste soorte literatuur te verstaan wat vir horende mense geskryf is. Daarom kan hulle nie die Bybel lees nie.

**Hulle het 'n verstaan-probleem**

Daar is tans 4 gemeentes vir dowes in ons land, asook 'n hele paar groepe van dowes wat vanweë hulle taal-gestremdheid afsonderlik kerk hou. Hulle kan nie by horende gemeentes inskakel nie en die rede is nie in die eerste plek omdat hulle die prediker nie kan hoor nie. As hulle gehoorgestremdheid die enigste probleem was, kon daar net eenvouding 'n tolk vir alle dowes voorsien word, om die preek in gebaretaal visueel oor te dra. Maar dan sal die meeste dowes nog steeds die preek nie kan verstaan nie, want die groot probleem is dat dowes die **woordgebruik** van 'n gewone prediker nie **verstaan** nie. Hulle kan nie die taal van die gemiddelde horende volg nie. Dowes het dus 'n groot taalprobleem.

**Waarom het dowes 'n taalprobleem?**

**Babas wat nie kan hoor nie, kan nie taal aanleer op die gewone manier nie**

Mense wat in 'n later stadium in hulle lewe doof word, het gelukkig reeds 'n taalagtergrond omdat hulle as kinders kon hoor hoe ander mense praat. Dowe kinders het ongelukkig hierdie belangrike eerste paar jaar waarin hulle taal moes ontwikkel, in stilte deurgebring. Die optimale tydperk vir die aanleer van taalstrukture is verlore na 6-jarige ouderdom. En dowes se taal-agterstand wat dan reeds baie groot is, word elke dag nog groter. Op 3-jarige ouderdom is dowes se woordeskat minder as 10% van dié van die gemiddelde horende kind. Wat taalstrukture betref, is die agterstand nog groter, en dit het onder andere tot gevolg dat minder as 3% van ons dowes tot dusvêr St 10 geslaag het. By ander groepe is dit nog laer.

**Dowes het 'n eie visuele taal**

Dowes het 'n eie taal wat hulle praat, met 'n heel unieke grammatika en woordeskat. Hulle woorde bestaan uit 'n kombinasie van visuele tekens en gesigsuitdrukkings, wat hulle op 'n 3-dimensionele wyse sonder geluid oordra. Hulle kommunikeer gelyktydig met hulle hande, lyf en gesig, en hoef nie woorde een vir een na mekaar te sê, soos horende mense nie. Vir mense wat dit nie geleer het van kleins af nie, is dit amper onmoontlik om hierdie taal aan te leer. Maar dit is nog baie moeiliker vir dowes wat so praat, om horendes se taalreëls en spraakgewoontes te bemeester. Daarom het die dowes ernstige probleme met die taal en woordgebruik van die Bybelvertaling vir horendes.

**Die dowes vra vir 'n Bybel in hulle eie taal**

In die gemeentes vir dowes het ons lidmate nie 'n Bybel nie. Dit is ons eie verbondskinders, van wie baie gelowig is. Daar is ook geen ander verstaanbare vertaling of geestelike boeke wat hulle kan lees nie. Hulle het 'n groot begeerte om die Woord van God te lees, maar daar is geen vertaling vir dowes nie. Vir die eredienste en bidure moet die leraars elke week die groot verantwoordelikheid op hulle self neem om 'n vertaling te maak vir hulle lidmate. Hierdie "vertalings" is natuurlik nie almal dieselfde nie. Daarom vra ons dowe lidmate reeds vir jare lank: **"Asseblief, gee vir ons 'n Bybel in ons eie taal"**.

**Die Bybelgenootskap van SA**

'n Bybel kan nie vertaal en uitgegee word deur enige persoon of groep mense nie. Dit is die taak van die Bybelgenootskap. Ons het reeds etlike gesprekke met hulle gehad, en hulle besef nie net die nood van die dowes nie, maar hulle het ons ook met groot simpatie bygestaan in ons pogings om die Woord van God verstaanbaar te maak vir dowes. Hulle het ons aangeraai om via ons kerk se Algemene Sinode, en ander kerke, met 'n amptelike versoek na hulle te kom vir 'n Bybelvertaling vir dowes.

**Voorbereidende werk**

Ons het intussen aan die werk gespring en op verskeie vergaderings waar al die predikante van die gemeentes vir dowes in ons land verteenwoordig was, die behoefte ondersoek, en die beginsel van 'n Bybelvertaling vir dowes goedgekeur. Vanuit hierdie vergaderings is ook opdrag gegee om verder te gaan met voorbereidende werk vir so 'n vertaling. Die Nasionale Raad vir Dowes asook ons kerk se Instituut vir Dowes ondersteun hierdie projek. In samewerking met van die skole vir dowes, het ons werkswinkels gehou om die beginsels te bespreek. Daarna het ons 'n werkstuk voltooi oor vertalings-beginsels wat gebruik sal word vir so 'n vertaling vir dowes (dit is beskikbaar op aanvraag).

**Vertaalwerk**

Die Bybelgenootskap sal in hulle vertalingswerk onder andere kundiges vanuit die dowe wêreld moet kry as taaladviseurs, en die vertalingsbeginsels moet gebruik as riglyn. Tog sou dit nog steeds moeilik wees vir hulle om self die Bybelteks in die idioom van dowes te vertaal. Daarom het ons reeds begin met 'n voorlopige vertaling, wat kan dien as 'n voorstel by die Bybelgenootskap se vertalingskommissie. Ons het reeds die Bybelboeke Markus, Handelinge en 1 Petrus vir hierdie doel voltooi.

**Engelse Bybel vir dowes**

Daar is 'n pragtige Bybelvertaling vir Engelssprekende dowes wat in Amerika gedoen is en wat uitstekend daarin slaag om die verstaanprobleme wat dowes met skrif het, te vermy. Die titel daarvan is: The Holy Bible, English version for the Deaf, en dit is 'n goeie voorbeeld

vir wat ons in Afrikaans beoog. 'n Baie belangrike ontwikkeling van hierdie vertaling, is dat die eenvoudiger taalvlak dit ook baie populêr gemaak het by baie horende Bybellesers, in so 'n mate, dat dieselfde vertaling vir dowes ook vir horende lesers uitgegee word onder 'n ander titel, nl The Bible, Easy-to-Read Version. Die vertaling vir dowes wat ons beoog, behoort dus ook baie ander groepe leergestremde en taalgestremde kinders te help om die Bybel te kan lees, in 'n eenvoudiger idioom, wat moeilike taalgebruik vermy.

**Nie 'n parafrase**

Die Woord van God is die gesaghebbende bron van ons heil. 'n Vertaler mag dit nooit op sy manier interpreteer, en dit as Gods Woord aanbied nie, want ander interpretasies sal verskil daarvan. Dit sal die gevolg hê dat die gesag van Gods Woord relatief begin word. Omdat dowes nie 'n ander alternatief het wat hulle kan lees nie, moet hierdie Bybelvertaling beslis nie 'n parafrase wees nie. Dowe lesers moet dit kan lees, en sonder twyfel weet: Dit is die Woord van God. Hierdie vertaling moet die oorspronklike Grieks en Hebreeus in die beste moontlike taal vir die dowes weergee. Die reeks: Translator's Handbooks, van die United Bible Societies, help baie in hierdie verband.

**VERSOEK**

Ons versoek al die sinodes, kommissies, en alle betrokke instansies, asook die ander Afrikaanse kerke om:

1. Hierdie behoefte te erken
2. Voorbidding te doen vir taalgestremde mense en vir hierdie projek, en
3. 'n Versoek te rig tot die Bybelgenootskap van SA om so 'n vertaling vir dowes te maak.

Mag hierdie projek en die uiteindelike vertaling, daarin slaag om meer mense se oë oop te maak vir die groot genade van God, wat Hy aan ons geopenbaar het deur sy Seun, die lewende Woord, na ons te stuur. Mag meer mense deur die lees van Gods Woord, die ewige lewe as gawe ontvang!

# A.5 ALGEMENE KOMMISSIE VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

Geagte voorsitter, broers en susters

U kommissie rapporteer soos volg:

## 1. SAMESTELLING

Die kommissie bestaan uit die voorsitter en skriba van elk van die drie kuratoria, en die dekane van die teologiese fakulteite. Die personeel was vanjaar soos volg:

| | |
|---|---|
| Stellenbosch: | Ds J v d Westhuyzen (Voorsitter) |
| | Dr M D J Smith (Skriba) |
| | Prof H J B Combrink |
| Pretoria: | Ds F Swanepoel |
| | Ds G J C Venter |
| | Prof W S Prinsloo |
| Bloemfontein: | Ds L M Erasmus |
| | Ds J A V Knipe |
| | Prof P C Potgieter |

## 2. OPDRAG

### 2.1 Reglement 16

Die opdrag van die Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding (AKTO) word soos volg deur reglement 16 (1990) bepaal:

**2.1.1** Die kommissie bespreek sake van gemeenskaplike belang vir die onderskeie teologiese fakulteite soos deur die Algemene Sinode en/of deur die kuratoria na hom verwys en doen aanbevelings aan die onderskeie kuratoria.

**2.1.2** Elke kuratorium behou sy selfstandigheid soos deur sy sinode bepaal en lewer verslag aan die betrokke sinode.

**2.1.3** Die onderskeie kuratoria dien hulle verslae met die oog op die voorlegging van een samevattende verslag aan die Algemene Sinode by die Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding in. Hierdie samevattende verslag mag redaksionele en formele veranderinge in die verslae van kuratoria aanbring, maar mag dit nie inhoudelik wysig nie.

### 2.2 Opdrag van die ASK

Benewens enkele ander opdragte van die vorige Algemene Sinode, het die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) AKTO versoek om as 'n saak van dringendheid 'n omvattende studie te doen oor verskeie aspekte rakende die toekoms van teologiese opleiding.

## 3. VERGADERINGS

Die kommissie het jaarliks vergader, om die beurt by elk van die teologiese inrigtings.

## 4. VERSLAG OOR TEOLOGIESE OPLEIDING: DIE PROBLEEM VAN OORVLEUELING

**4.1** By die 1991-vergadering van AKTO is die probleem geopper dat dieselfde saak soms op die agenda van verskillende sinodale kommissies verskyn. In die verslag van die Kuratoria (tans AKTO) sowel as AKLAS aan die Sinode van 1990 het onder meer voorstelle gedien rakende die aanbod van proponente, die keuring van teologiese studente, voortgesette teologiese opleiding, die vikariaat, ens. (Agenda Alg Sin bl 395-396 en 407-416). Dit blyk dat hierdie probleem, wat in 'n mate onvermydelik is, die beste hanteer kan word deurdat die Kommissie vir die Agenda dit as 'n opdrag aan 'n tydelike kommissie gee om tydens die sinode alle oorvleuelende beskrywingspunte te koördineer.

### 4.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit om dit aan 'n tydelike kommissie op te dra om tydens die sinode alle oorvleuelende voorstelle en beskrywingspunte rakende teologiese opleiding te koördineer.**

## 5. DIE VIKARIAAT

**5.1** Die Algemene Sinode (1990) het dit aan AKTO opgedra om 'n studie te maak van die vikariaat (praktykopleiding) met die oog op verslag aan hierdie sinode. Uit die besinning oor die aangeleentheid het dit geblyk dat die onderskeie kuratoria/fakulteite dit noodsaaklik ag dat teorie en praktyk in die teologiese opleiding geïntegreer moet word, maar dat nie eenstemmigheid bereik is oor die vraag of die vikariaat tydens of na die huidige sesjarige kursus moet plaasvind nie. Veral vanweë die proses van herkurrikulering by die drie fakulteite was dit nie moontlik om in 'n vroeër stadium uitsluitsel oor die saak te kry nie. AKTO het besluit om die hele aangeleentheid rakende die vikariaat na die drie dekane te verwys met die oog op 'n eenvormige standpunt.

### 5.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat dit vanweë die lang proses van herkurrikulering by die drie teologiese fakulteite nie moontlik was om die besinning oor die vikariaat volledig af te handel nie, en versoek AKTO om by die volgende sinode hieroor verslag te doen.**

## 6. LEGITIMASIE: STUDENTE WAT VERDER STUDEER

6.1 Die Algemene Regskommissie het AKTO om 'n standpunt genader oor die moontlike weerhouding van legitimasie aan studente wat na afloop van hulle teologiese kursus verder studeer. Die mening van die kuratoria/fakulteite in hierdie verband is ingewin. Geeneen van die drie teologiese inrigtings was ten gunste van die weerhouding van legitimasie nie, aangesien baie studente verder studeer juis terwyl hulle vir 'n beroep wag.

**6.2 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit om die huidige reëling te behou dat teologiese studente aan die einde van hulle kursus gelegitimeer word, ook al sou hulle daarna verder studeer.**

## 7. TOEKOMS VAN TEOLOGIESE OPLEIDING

7.1 Die toekoms van teologiese opleiding het in die lig van die veranderende situasie in die land deurlopend die aandag van AKTO en die onderskeie kuratoria geniet.

Die ASK het gedurende November 1993 'n besluit geneem waarvolgens AKTO versoek word om aan die hand van 'n aantal vrae 'n studie te maak van die toekoms van die Ned Geref Kerk se teologiese opleiding.

In opvolging van hierdie besluit, het die Dagbestuur van die ASK aanbeveel dat die drie oud-rektore van die betrokke universiteite waar die Ned Geref Kerk se teologiese fakulteite is, in AKTO gekoöpteer word, te wete proff Mike de Vries (US), Danie Joubert (UP) en Wynand Mouton (UOVS).

'n Vergadering van AKTO, tesame met proff Mike de Vries en Wynand Mouton, het op 4 Maart 1994 plaasgevind. Prof Danie Joubert kon as gevolg van gesondheidsprobleme nie die vergadering bywoon nie.

**7.2 Die antwoord van AKTO op die vrae ten opsigte van Teologiese Opleiding soos deur die ASK geformuleer**

**7.2.1 Wat is die huidige situasie wat betref studentegetalle en die voorsiening van doserende personeel?**

| | | |
|---|---|---|
| Stellenbosch | BA I | 17 |
| | BA II | 24 |
| | BA III | <u>24</u> |
| | | 65 |
| | BTh I | 18 |
| | BTh II | 28 |
| | BTh III | <u>28</u> |
| | | 74 |
| Spesiale studente | BTh | 2 |
| | MTh | 94 |
| | DTh | 54 |
| Aantal dosente: | 14 1/3 | |
| Pretoria | BA I | 17 |
| | BA II | 33 |
| | BA III | <u>35</u> |
| | | 85 |
| | BD I | 45 |
| | BD II | 32 |
| | BD III | <u>27</u> |
| | | 104 |
| | MDiv | 63 |
| | DD | 155 |
| Aantal dosente: | 14 | |
| Bloemfontein: | BA I | 18 |
| | BA II | 7 |
| | BA III | <u>14</u> |
| | | 39 |
| | BTh I | 15 |
| | BTh II | 13 |
| | BTh III | <u>16</u> |
| | | 44 |
| | MTh | 70 |
| | DTh | 36 |
| Aantal dosente: | 17 | |

Hoewel die aantal teologiese studente by die onderskeie fakulteite 'n afname toon, is daar by al die fakulteite 'n skerp toename in nagraadse studente.

**7.2.2 Wat is die verwagte toekomstige behoefte van die Ned Geref Kerk aan predikante (met inagneming van demografiese faktore)?**

Volgens projeksies op grond van Kerkspieël-navorsing, Kerkjaarboek-gegewens, die aktuariële berekeninge van die Pensioenfondse en die bevolkingsensusstatistieke, bied die volgende syfers 'n aanduiding van die verwagte behoefte aan predikante:

| | mees pessimistiese verwagting | mees optimistiese verwagting | waarskyn-like |
|---|---|---|---|
| 1995 | 27 | 66 | 47 |
| 1997 | 28 | 146 | 87 |
| 2000 | 32 | 174 | 103 |

Hierdie syfers het slegs betrekking op die Ned Geref Kerk se eie behoeftes na binne, en reflekteer nie die behoeftes van die Ned Geref Kerk-familie of die haas onberekenbare sendinggeleenthede na buite nie.

Die opleidingsverdeling tussen die drie teologiese fakulteite, wat ook saamhang met demografiese faktore, is soos volg:

| | |
|---|---|
| UP | 47% |
| US | 37% |
| UOVS | 16% |

**7.2.3 Wat is die behoefte aan teologiese opleiding?**

Die Ned Geref Kerk het lank reeds die noodsaaklikheid van 'n eie teologiese opleiding vir sy predikante uitgeklaar. Die belangrikheid hiervan hoef nie beredeneer te word nie.

**7.2.4 Die wenslikheid en implikasies van teologiese opleiding aan 'n seminarie**

AKTO is daarvan oortuig dat teologiese opleiding verkieslik aan 'n universiteit moet geskied. Die teologie dra naas 'n kerklike ook 'n wetenskaplike karakter. Die universiteit bied al die moontlikhede vir interaksie met ander wetenskaplike dissiplines, asook met regionale, nasionale en internasionale navorsingsgemeenskappe.

Deur die beoefening van teologie aan 'n universiteit ontvang die waarheidsaard en waarheidsrelevansie van die evangelie veel wyer erkenning as wanneer dit slegs binne die ruimte van die kerk ter sprake kom. Solank 'n bepaalde universiteit aan die teologie ruimte bied om sy eie aard uit te leef, moet die kerk meewerk om dit in hierdie konteks te laat beoefen.

Indien dit sou gebeur dat die teologie teen sy wil uit 'n universiteit gedwing word, kan dit wel sinvol in 'n kerklike seminarie beoefen word. Dit behoort egter slegs as 'n laaste opsie oorweeg te word.

Benewens bogenoemde prinsipiële oorweging, sal teologiese opleiding aan 'n seminarie aansienlike koste-implikasies vir die kerk meebring.

**7.2.5 Wat is die verwagte scenario ten opsigte van die toekomstige teologiese opleiding in Suid-Afrika met betrekking tot**

**7.2.5.1 die Ned Geref Kerk se verhouding met die Familie van NG Kerke?**

Al drie fakulteite is daarop ingestel en ook daarvoor gerat om groter diens te lewer wat die teologiese opleiding binne die NG Kerk-familie betref. Noue samewerking vind byvoorbeeld plaas tussen Stellenbosch en UWK ten opsigte van herkurrikulering, beplanning van kursusse en gesamentlike aanbieding van blokkursusse.

**7.2.5.2 die Ned Geref Kerk se verhouding tot die twee Afrikaanse susterkerke?**

Hoewel nouer samewerking in hierdie verband moontlik is, kan 'n werklik geïntegreerde teologiese opleiding moeilik voorsien word indien die kerke self nie nader aan mekaar beweeg nie.

**7.2.5.3 die Ned Geref Kerk se verhouding tot ander kerke?**

Al drie teologiese fakulteite is in die proses van onderhandeling met die oog op samewerkingsooreenkomste met ander denominasies.

**7.2.5.4 die Ned Geref Kerk se verhouding tot die staat ten opsigte van die beheer en befondsing van teologiese opleiding?**

Dit is onseker wat die standpunt van 'n nuwe owerheid ten opsigte van die beheer en befondsing van teologiese opleiding sal wees. Dit kan aanvaar word dat teologie steeds by universiteite aangebied sal word en dat die kerke inspraak daarin sal hê. Die huidige stelsel van staatsubsidie sal moeilik behoue kan bly in gevalle waar een denominasie eksklusiewe beheer oor sy teologiese opleiding wil behou. Wat presies die aard van die kerk se inspraak sal wees, kan nie in hierdie stadium met sekerheid gesê word nie. Tans bestaan in die geval van al drie teologiese fakulteite bepaalde kontraktuele ooreenkomste tussen kerk en universiteit.

**7.3 Drie moontlike scenarios, in voorkeurorde, ten opsigte van teologiese opleiding in die toekoms**

**7.3.1 Eerste scenario: die drie teologiese fakulteite behou min of meer hulle huidige posisie, maar met groter diensbaarheid aan ander denominasies**

Hierdie reëling, met die onderstaande riglyne, gee uitdrukking aan AKTO se huidige standpunt ten opsigte van teologiese opleiding.

**Riglyne vir teologiese opleiding**

**7.3.1.1** Opleiding van ons predikante moet aan teologiese fakulteite plaasvind en 'n eie seminarium word nie in hierdie stadium oorweeg nie.

**7.3.1.2** Die kerk wil sy beheer oor sy eie teologiese opleiding behou ten opsigte van:

*1 Kurrikulum-bepaling

*2 Konfessionele grondslag

*3 Inspraak by die aanstelling van en toesig oor dosente

*4 Toelating en toesig oor studente

**7.3.1.3** Die moontlikheid word egter voorsien dat waar verbreding van teologiese opleiding aan die drie bestaande fakulteite in 'n veranderende situasie plaasvind, ander kerke inspraak mag verkry.

**7.3.1.4** Waar rasionalisering nodig word, moet dit primêr binne elkeen van die bestaande fakulteite plaasvind met inagneming van die moontlikheid van skakeling en samewerking tussen die fakulteite.

**7.3.1.5** Die opleiding van Ned Geref Kerk-predikante moet sover moontlik wat kurrikulum betref, eenvormig en gekoördineerd plaasvind.

**7.3.2 Tweede scenario: die huidige beheer van die kerk oor sy eie teologiese opleiding aan die onderskeie universiteite, word ingrypend ingekort**

**Riglyne**

**7.3.2.1** Teologiese opleiding moet aan universiteite plaasvind;

**7.3.2.2** Teologiese opleiding sal toeganklik wees vir alle denominasies;

7.3.2.3 Die kerk behou hom die reg voor om kerklike dosente te benoem in vakdissiplines wat hy nodig ag, desnoods op eie koste.

**7.3.3 Derde scenario: 'n eie seminarie as laaste opsie in geval teologiese opleiding nie meer op 'n bevredigende wyse aan 'n universiteit kan geskied nie.**

**7.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode aanvaar die riglyne vir teologiese opleiding soos deur AKTO voorgelê, afhangende van die keuse wat in die toekoms in dié verband mag realiseer.**

## 8. VERSLAE VAN KURATORIA

Die verslae van die drie Kuratoria word as bylaes tot die verslag aangeheg.

## 9. OORAANBOD VAN PROPONENTE

9.1 Kerkspieël III (1990:77) het bevind dat die "ooraanbod" van proponente jaarliks met 20 tot 40 kan toeneem. In daardie stadium (Oktober 1990) het reeds ongeveer 110 proponente uit vorige jare op beroepe gewag. Die huidige "ooraanbod" kan op ongeveer 180 gestel word. 'n Aansienlike aantal proponente beklee tydelike poste in gemeentes, terwyl verskeie ook verder studeer. Daar is ook gevalle waar proponente noodgedwonge ander betrekkings beklee.

**9.2 AANBEVELINGS**

**9.2.1 Die Algemene Sinode verseker proponente wat reeds vir 'n korter of langer tyd tevergeefs op 'n beroep wag, van sy meegevoel en voorbidding.**

**9.2.2 Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes om, waar enigsins moontlik, bedieningsgeleenthede vir proponente te skep.**

## 10. REGELEMENTSWYSIGINGE

**10.1 AANBEVELING**

**In die lig van die nuwe gradestruktuur van die Teologiese Fakulteit, Stellenbosch, keur die Algemene Sinode die volgende wysiging in die Reglement vir die reëling van die Opleiding en Legitimasie van Evangeliedienaars goed: punt 4.1.2.2.2 word gewysig om te lui: "Teologiese Studies III en/of Bybelkunde III of 'n gelykwaardige kwalifikasie."**

## 11. VOORTGESETTE TEOLOGIESE OPLEIDING

Die Algemene Sinode (1990) het AKTO versoek om aan SKG's leiding te gee en hulle op te skerp om op deurlopende basis kursusse op sinodale en ringsvlak aan te bied ten einde predikante toe te rus met die oog op persoonlikheidsgroei, kommunikasievaardighede, konflikhantering en bestuurstyl. AKTO het die drie sentra vir VTO versoek om in hulle kursuspakette met hierdie besluit rekening te hou, en het dit ook onder die aandag van die verskillende SKG's gebring.

## 12. SIELKUNDIGE EVALUERING VAN TEOLOGIESE STUDENTE

Met die oog op groter eenvormigheid in die sielkundige evaluering en begeleiding van teologiese studente aan die drie fakulteite, het AKTO die onderskeie kliniese sielkundiges wat by die toetsing van studente betrokke is, versoek om oorweging te skenk aan 'n eenvormige toetsbattery. Daar is besluit om voortaan van die 16-PF en die PHSF as standaardtoetsbattery gebruik te maak. 'n Aantal riglyne is ook aanvaar met die oog op eenvormige persoonlikheidsgroeiprogramme.

Met dank

Voorsitter: DS J VAN DER WESTHUYZEN
Skriba: DR M D J SMITH

# A.5: BYLAE 1
# KURATORIUM, TEOLOGIESE KWEEKSKOOL, STELLENBOSCH

Geagte voorsitter en lede van die vergadering

Die Kuratorium van die Teologiese Kweekskool, Stellenbosch, doen graag soos volg verslag van sy werksaamhede sedert die vorige sitting van die Sinode.

## 1. SAMESTELLING EN WERKSAAMHEDE

### 1.1 Kuratorium

Die Kuratorium is saamgestel soos deur die Kerkorde en betrokke bepalinge vereis. Daar is gereeld, gewoonlik twee keer per jaar, vergader. Die lede van die Kuratorium is:

| | |
|---|---|
| Wes-Kaap | Ds J van der Westhuyzen (Voorsitter) |
| | Dr FM Gaum |
| | Prof P Coertzen |
| | Dr JJ Hattingh |
| | Ds CJ Lamprecht |
| | Ds JP Gavera |
| | Dr CW Burger |
| | Ds MP Sahd |
| | Prof PA Verhoef |
| | Dr MDJ Smith (Skriba) |
| Oos-Kaap | Ds PL Louw |
| Noord-Kaap | Ds AJ Lacock |
| OVS | Prof DN Pienaar |
| Wes-Tvl | Dr DA Scholtz |
| Suid-Tvl | Dr WJ Bruwer |
| Noord-Tvl | Dr PR du Toit |
| Oos-Tvl | Dr J van Schalkwyk |
| Natal | Ds JH Spies |
| Namibië | Ds AJ de Klerk |

Prof H J B Combrink (Dekaan)
Dr H D du Toit (Kliniese Sielkundige - adviserend)
Prof D Cloete (Dekaan, Teologiese Skool, Wes-Kaap - adviserend)

### 1.2 Begeleidingskommissie

Die Begeleidingskommissie, bestaande uit 'n aantal leraars in en rondom Stellenbosch, vergader vier keer per jaar. Die werkswyse van die kommissie is so gestruktureer dat elke student vir die duur van die studiejare aan 'n leraar-voog toegewys word, wat in die reël ook sy/haar plaaslike leraar is. Die kliniese sielkundige, dr Hennie du Toit, vervul 'n belangrike funksie ten opsigte van die keuring en begeleiding van studente. Afgesien van hulp aan individuele studente, bied hy ook kursusse met die oog op persoonlikheidsgroei aan. Spesiale melding moet gemaak word van die groot waarde van die dissipelskapgroepe waarby studente ingedeel word en waarin die dosente as voogde leiding neem.

### 1.3 Eksamenkommissie

Die Eksamenkommissie, saamgestel uit kundige lede in elkeen van die onderskeie vakgebiede, het jaarliks sy verantwoordelikhede nagekom kragtens sy opdrag. Volgens die nuwe riglyne vir die kommissie soos deur die Kuratorium goedgekeur, val die klem in die ondersoek tydens die proponentseksamen op die bedieningsvaardigheid van die kandidate, hulle persoonlike godsvrug en gehegtheid aan die Skrif en die leer van die kerk. In teenstelling met vorige jare toe die klas in die geheel ondervra is, geskied die ontmoeting tans in kleingroepverband. Die meer persoonlike aard van hierdie kleingroepgesprekke, asook die klem wat benewens akademiese paraatheid op bedieningsvaar- digheid val, word deur kommissielede sowel as die studente baie sinvol beleef

## 2. DOSENTE

Gedurende 1992 is prof FJM Potgieter, wat vir drie dekades hoogleraar aan die Kweekskool was, na 'n kort siekbed oorlede. Ons eer sy nagedagtenis.

### 2.1 Vakatures

Die dosentekorps het die afgelope 4 jaar enkele wysiginge ondergaan.

Prof DH Odendaal van die Departement Ou Testament het op 27 Julie 1990 tragies in 'n motorongeluk omgekom, en in sy plek het prof HL Bosman op 1 April 1991 diens aanvaar.

Prof WD Jonker van die Departement Dogmatologie het aan die einde van Junie 1992 sy emeritaat aanvaar, en prof DJ Smit van UWK (Teologiese Skool van die NG Sendingkerk) is van die begin van 1994 aangestel in een derde van 'n professoraat in die Departement Dogmatologie.

Prof J du Preez van die Departement Sendingwetenskap het aan die einde van Desember 1992 emeritaat aanvaar. Professore Jonker en Du Preez het na hulle emeritaat voortgegaan om op versoek van die Universiteit met lesings en begeleiding van doktorale studente behulpsaam te wees. Prof Du Preez se pos is nog nie gevul nie, terwyl dr CM Pauw vanaf begin 1994 as professor in die Departement Sendingwetenskap aangewys is.

Prof BA Müller van die Departement Diakoniologie het aangedui dat hy aan die einde van 1994 sy emeritaat gaan aanvaar. Die vakature sal na verwagting tydens die vergadering van die Kuratorium in November gevul word.

**2.2 Huidige dosente** (insluitende die dosente van Godsdienskunde wat kragtens Kuratoriumbesluit geakkre-

diteerde lede van die onderskeie departemente is)

| | |
|---|---|
| Ou Testament | Prof HL Bosman<br>Prof JPJ Olivier |
| Nuwe Testament | Prof HJB Combrink<br>Dr BA du Toit<br>Prof BC Lategan (Godsdienskunde, Dekaan Fakulteit Lettere en Wysbegeerte)<br>Dr J Botha (Godsdienskunde) |
| Ekklesiologie | Prof E Brown<br>Prof P Coertzen |
| Dogmatologie | Prof PF Theron<br>Prof DA du Toit<br>Prof DJ Smit (UWK) 1/3<br>Prof J Kinghorn (Godsdienskunde) |
| Diakoniologie | Prof BA Müller<br>Prof DJ Louw<br>Dr JMG Prins<br>Dr HJ Hendriks |
| Sendingwetenskap | Prof CM Pauw |

**2.3 Dekaan**

Prof HJB Combrink volg prof BA Müller as dekaan op vanaf November 1991 tot Desember 1994. Die dekaan vir die volgende termyn word later in 1994 aangewys.

**2.4 Werksaamhede**

Die akademiese jaar begin normaalweg met 'n openingsdiens Sondagaand in die Moederkerk, gevolg deur 'n Teologiese Dag in die HB Thom-teater. Die volgende temas is aan die orde gestel:
1991: Die eenheid van die kerk - verskillende modelle
1992: Spiritualiteit en diens
1993: Die Jeugbediening van die kerk
1994: Verdeling van rykdom in die lig van die Skrif

## 3. STUDENTE

**3.1 Studente-statistiek**

Sedert die Sinode van 1990 sien die statistiek soos volg daar uit:

| | | 1991 | 1992 | 1993 | 1994 |
|---|---|---|---|---|---|
| BA (met Teologiese vakke) | I | 27 | 29 | 24 | 17 |
| | II | 35 | 25 | 29 | 24 |
| | III | 23 | 21 | 20 | 24 |
| | Spes | 1 | 0 | 2 | 2 |
| | **Totaal** | **86** | **75** | **75** | **67** |
| BTh | I | 24 | 27 | 27 | 18 |
| | II | 24 | 24 | 27 | 28 |
| | III | 27 | 24 | 23 | 28 |
| | **Totaal** | **75** | **75** | **77** | **74** |
| MTh | | 95 | 81 | 79 | 94 |
| DTh | | 80 | 69 | 64 | 54 |

Grade toegeken gedurende 1993 tot Maart 1994:
BTh: 22; MTh: 12; DTh: 7.

**3.2 Studente-aangeleenthede**

**3.2.1 Bond van Oudstudente van die Kweekskool**

Tydens die Teologiese Dag van 1992 is die Bond van Oudstudente van die Kweekskool gestig met dr Clifford Heys as eerste voorsitter en die Skriba van die Kuratorium (ds E Lombard) as die sekretaris. Na die heengaan van ds Lombard is dr MDJ Smith, die nuwe Skriba, die sekretaris.

**3.2.2 Voogdosente**

Alle studente wat gekeur is met die oog op die bediening, ontmoet weekliks onder leiding van 'n voogdosent in die dissipelskapperiode met die oog op persoonlike en geestelike begeleiding. Hierdie persoonlike band met 'n betrokke dosente word deur die studiejare heen behou.

**3.2.3 Studenteverteenwoordigers**

Sedert 1993 het verteenwoordigers van die studente sitting in die Dosenteraad en Fakulteitsraad Teologie, asook bepaalde komitees van die Fakulteitsraad, soos byvoorbeeld die Studenteoorlegkomitee. Daar bestaan werklik goeie en sinvolle kommunikasie tussen studente en dosente. Die Teologiese Seminarium - Studenteraad (TSSR) se aktiwiteite is in die afgelope jare ingrypend gerasionaliseer, met goeie gevolg. Kommunikasie van die studente onderling asook na buite is deesdae die TSSR se eerste prioriteit.

3.2.4 Nagraadse seminare word in alle departemente aangebied, hoewel die wyse en frekwensie van aanbieding verskil van departement tot departement.

## 4. BEURSFONDS

4.1 Die Kuratorium is dankbaar dat hy oor 'n redelike sterk beursfonds beskik waaruit aansienlike beurs/lenings aan studente beskikbaar gestel kan word. Die grootste gedeelte van die finansiële hulp word in die vorm van lenings aan studente toegeken, waarvan die helfte as 'n beurs afgeskryf word wanneer die student in 'n gemeente bevestig word. Ongeveer R600 000 is die afgelope vier jaar jaarliks in die vorm van beurs/lenings uitbetaal.

Verskeie faktore, soos onder meer dat proponente wat nie beroepe ontvang nie probleme ondervind om hulle delgingsverpligtinge na te kom, plaas groter druk op die beursfonds. Daarbenewens is daar 'n toenemende behoefte aan finansiële hulp aan nagraadse en buitelandse studente. Dit is dus dringend noodsaaklik dat kerkrade en individuele lidmate die beursfonds maksimaal sal steun.

**4.2 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes en lidmate vir hulle bydraes tot die teologiese beursfonds, en doen 'n beroep op voortgesette ondersteuning in die toekoms.**

## 5. VOORTGESETTE OPLEIDING VAN PREDIKANTE

**5.1 Beheer**

Die Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing funksioneer onder beheer van 'n Universitêre Beheerkomitee wat soos volg saamgestel is: die Dekaan van die Fakulteit Teologie (voorsitter), die Direkteur: BUVTON, die Skriba van die Kuratorium, die Hoof van die Departement Diakoniologie, een verteenwoordiger van elke departement wat nie andersinds verteenwoordig is nie, asook prof J Cawood (Fakulteit Opvoedkunde) en prof DJ Smit (UWK).

**5.2 Personeel**

Die Direkteurspos word deeltyds gevul deur ds MAV van der Merwe, PSD: Gemeentebediening. Die koppeling van die 2 poste is baie sinvol en effektief. Hierdeur word die nodige kerklike skakeling en samewerking tussen die NG kerk in SA, die NG Sendingkerk en NG Kerk in Afrika bereik. Mev J Batt is as sekretaresse vanaf Februarie 1993 in die plek van mev AS King aangestel. Dr CW Burger, leraar van die Studentekerk, Stellenbosch, is met ingang 1 September 1993 as deeltydse navorser van BUVTON aangestel.

**5.3 Volledige personeel-behoefte**

Sedert die ontstaan van BUVTON is die volgende personeelbehoeftes geïdentifiseer: kursusontwerp en -onderrig; navorsing; gemeente-konsultasie; spreekkamer. Ongelukkig ontbreek die fondse nog om aan al hierdie aspekte voldoende aandag te bestee.

**5.4 Aktiwiteite**

Formele kursusse vir predikante word jaarliks oor onderwerpe soos die volgende aangebied: Visiebou; Strategiese teologiese beplanning (STB); Die lewe voor God; Leierskap en spanwerk; Mediaprediking; Prediking in 'n tyd van verandering; Konflikhantering; Gesinsbediening; Huweliksverryking; Erediens en Liturgie; Strategie vir verandering.

Benewens bogenoemde formele kursusse word die volgende seminare ook vir predikante aangebied: EE III gespreksgroep; Service Evangelism; Seminaar vir predikante wat met STB besig is; Seminaar vir predikante van die NGSK ten opsigte van die toepassing van spanwerk-beginsels; werkseminaar oor persoonlike kerkvisitasie.

Deelname deur predikante van die NG Sendingkerk het baie toegeneem, terwyl predikante van die Evangeliese Lutherse Kerk, die Lutherse Kerk (sg Kaapse Kerk) en die Morawiese Kerk ook een maal ingeskakel het.

Kursusse word nie net op Stellenbosch aangebied nie, maar ook in Oos-Kaapland, Noord-Kaapland en elders op versoek van ringe.

**5.5 BUVTON-Navorsingsgroep**

Die eerste publikasie van hierdie navorsingsgroep het in Desember 1992 verskyn as Gemeentes Vertel onder redaksie van HJ Hendriks. Daar word hard gewerk aan 'n reeks publikasies waarvan verskeie manuskripte voltooiing nader.

**5.6 Verpligte voortgesette opleiding na sesjarige kursus**

In hierdie verband moet die volgende knelpunte uitgewys word:

**5.6.1** Dit is nie alleen hierdie groep predikante wat voortgesette opleiding benodig nie. Soms het leraars met 'n sewejarige opleiding wat reeds lank in die bediening staan in die lig van die snel veranderende omstandighede en eise van die bediening, voortgesette opleiding net so dringend nodig.

**5.6.2** Die Algemene Sinode se besluit in verband met verpligte voortgesette teologiese opleiding kan moeilik uitgevoer word vanweë koste en verlof verbonde aan hierdie opleiding.

**5.6.3** Dit is blykbaar tot dusver nog onmoontlik om die besluit af te dwing. Die enigste oplossing is moontlik dat ringe die bevoegdheid ontvang om toe te sien dat predikante voortgesette opleiding ondergaan.

## 6. VERHOUDING TOT DIE PLAASLIKE UNIVERSITEIT

**6.1 Eksterne evaluering**

As deel van die Universiteit se beleid oor eksterne evaluering van onderrig en eksaminering van voorgraadse kursusse, word alle departemente op rotasiebasis onderwerp aan eweknie-evaluering deur 2 of 3 vakgenote van ander universiteite wat enkele dae in die departement deurbring en insae het in kurrikula, vraestelle, werkskemas, handboeke en alle verdere ter saaklike inligting, asook onderhoude met lede van die departement, asssistente en studente kan voer, ten einde 'n behoorlike beeld van die akademiese standaard van die departement te kan vorm.

**6.2 Nuwe MTh**

Die Departement Diakoniologie bied (benewens die MTh in Kliniese Pastoraat en een in Bedieningspraktyk) vanaf 1994 ook 'n MTh in Jeugbediening aan.

**6.3 Vernuwing in onderrig**

Daar is in die afgelope jare voortdurend oor die beste moontlike wyse van aanbieding van die kursusse besin. Dit het daartoe gelei dat wegbeweeg is van die tradisionele patroon waarin daar elke dag lesings deur feitlik elke departement aan die studente gegee is. Tans

word in die BTh-jare grotendeels van blokkursusse gebruik gemaak wat groter selfwerksaamheid van die studente tot gevolg het. Een dag per week word nog vir deurlopende kontakgeleenthede gereserveer met die oog op byvoorbeeld noodsaaklike inoefening van eksegetiese en homiletiese vaardighede.

**6.4 Strategiese beplanning en voorgestelde nuwe gradestruktuur**

**6.4.1** Die Senaat en Raad van die Universiteit van Stellenbosch het gedurende 1993 die voorgestelde nuwe gradestruktuur goedgekeur, en dit is vir goedkeuring voorgelê aan die Departement van Nasionale Opvoeding.

**6.4.2** Die vernaamste redes vir die oorweging van 'n vierjarige **BTh-graad** as eerste, loopbaangerigte graad, wat dan opgevolg kan word deur 'n driejarige **BD-graad** wat, volgens die BA/BComm, LLB-model, in twee jaar voltooi kan word deur studente wat reeds oor die vierjarige BTh-graad beskik, is:

**6.4.2.1** Die akademiese behoeftes van die Fakulteit Teologie, soos geformuleer in beraadslagings (veral oor herkurrikulering) oor die afgelope tien jaar. Uit hierdie beraadslagings het geblyk dat die huidige graadstruktuur van 'n BA met Teologiese Vakke (3 jaar), gevolg deur 'n BTh (3 jaar), selfs met die oog op die behoeftes van die Fakulteit se bestaande kliënte (hoofsaaklik die Ned Geref Kerk) verbeter kan word, en dat 'n eerste, vierjarige BTh-graad ten opsigte hiervan na 'n meer funksionele opsie lyk. Die wenslikheid van 'n veranderde graadstruktuur word nog sterker indien die behoeftes van ander (as die Fakulteit se tradisionele) kliënte in ag geneem word (sien ook 7.4.2.3). Daar bestaan 'n daadwerklike behoefte aan 'n eerste B-graad in Teologie wat 'n afgeronde, professionele opleiding vir voornemende predikante in verskillende Christelike kerke kan bied, maar wat studente ook genoegsaam akademies vorm met die oog op nagraadse studie in die Teologie.

**6.4.2.2** Die behoefte om Stellenbosch se graadstruktuur aan te pas by die meer algemene patroon van teologie-opleiding in die res van Suid-Afrika in die algemeen, en die Wes-Kaap in die besonder. Hier blyk dit dat die patroon al hoe meer is om af te sien van die praktyk dat eerste grade in die Teologie in werklikheid gevorderde grade is (met die gepaardgaande anomalie dat "nagraadse" studie in die Teologie eers 'n aanvang kan neem nadat studente **reeds twee grade** moes verwerf het). Die nuwe patroon bring Teologie- studie en -grade ook **meer** (hoewel nie **volkome** nie) in lyn met die algemene praktyk van graad-opleiding aan Suid-Afrikaanse universiteite.

**6.4.2.3** Die behoefte wat daar bestaan aan so 'n eerste, vierjarige professioneel- vormende graad in die geledere van (ander as ons tradisionele) potensiële kliënte (hoofsaaklik kerke) wat slegs 'n vierjarige graadopleiding vir hulle predikante vereis. Marknavorsing oor hierdie aangeleentheid in die Wes-Kaap het dit bevestig.

**6.4.2.4** Die voorstel vir 'n **BD-graad** as 'n gevorderde, driejarige graad in die Teologie (wat twee jaar na verwerwing van die vierjarige BTh-graad behaal kan word, soos hierbo voorgestel) spruit voort uit die behoeftes van sekere kerke (met name die Fakulteit se huidige hoofkliënt, nl die Ned Geref Kerk) aan 'n sesjarige, eerder as vierjarige, opleiding vir hulle predikante. Die gevorderde karakter van die graad bring mee dat bepaalde vereistes om toelating, bv taalvaardigheid in die grondtale van die Bybel, vir hierdie graad gestel sal word.

**6.4.3. Oorwegings tydens besinning en beplanning**

**6.4.3.1** Daar behoort voortaan 'n mate van rasionalisasie van teologiese vakke en vakgroepe plaas te vind. Ou en Nuwe Testament gaan byvoorbeeld voortaan op 'n veel meer geïntegreerde basis aangebied word, en die Fakulteit het reeds besluit dat die drie vakgroepe (Bibliologie; Sistematiese en Historiese Teologie; en Diakoniologie en Sendingwetenskap) minstens een keer per semester moet vergader met verslag aan die Fakulteitsraad.

**6.4.3.2** Ernstige pogings is aangewend om die beplanning van toekomstige B-graadstrukture op 'n **geïntegreerde** eerder as 'n **dissiplinêre** grondslag te laat plaasvind. Dit beteken dat bestaande departementele en dissiplinêre grense nie die uitgangspunt vorm nie. Die Leitmotiv vir die beplanning is die opleidingsvereistes waaraan 'n student na vier jaar teologie-studie behoort te voldoen. Profiele van die vereistes waaraan Teologieafgestudeerdes idealiter na vier en ses jaar onderskeidelik behoort te voldoen, is opgestel.

**6.4.3.3 Profiel van die afgestudeerde student**

**6.4.3.3.1** Die volgende ideale profiel van 'n teologiese student na voltooiing van sy/haar professionele opleiding in die teologie is aanvaar.

**6.4.3.3.2 Algemene ideale**

*1 Die student vertoon 'n persoonlikheid wat gekenmerk word deur 'n ewewig van kennis, vaardighede, waardes, geestelike volwassenheid en 'n Christelike lewenstyl.

*2 Die student aanvaar die gesag van die Bybel, en is in staat om daardie gesag wetenskaplik-krities te verantwoord. Die student is in staat om die Bybel reg te gebruik, en bedryf 'n volledig Skrifgeoriënteerde teologie.

*3 Die student beoefen teologie in die hart van die kerk. Hy/sy leef mee met die plaaslike kerk, die kerklike verband en die kerk in ekumeniese verband. In sy/haar verstaan van die getuienistaak van die kerk is die student verbind tot 'n wêreldwye, missionêre gerigtheid en 'n koninkryksgerigte wêreldbetrokkenheid. Die student hou ook deeglik rekening met die eise wat sy/haar onmiddellike sosiaal-historiese konteks aan bg getuienistaak stel.

*4 Die student handhaaf 'n solidêr-kritiese ingesteldheid teenoor die status quo in die kerk en in die openbare lewe. Die student vertoon 'n sterk ontwikkelde probleembewussyn ten opsigte van die eise van die praktyk.

*5 Die student openbaar 'n vermoë om probleme op 'n wetenskaplike wyse aan te pak. Die student is vertroud met onlangse ontwikkelinge in die filosofie en metodologie van die menswetenskappe, en die relevansie van lg vir die wetenskaplike beoefening van die teologie. Hy/sy is deeglik georiënteer aan die vier vernaamste probleemvelde van die teologie, nl die literêre, historiese, sistematiese en die praktiese probleemvelde.

*6 Die student het die vermoë ontwikkel om intelligent en krities te lees, te konseptualiseer, te formuleer en om akademiese probleme op 'n sistematiese en logiese wyse te bearbei.

*7 Die student bedryf teologie as 'n fundamenteel hermeneutiese opgawe. Hy/sy verstaan die hermeneutiese voorwaardes vir alle interpretasieprosesse, en beskik oor goed ontwikkelde interpretasievaardighede wat aangewend moet en kan word ten opsigte van teks en konteks.

*8 Die student beskik oor die vermoë om effektief met mense te kan kommunikeer. Hy/sy is deeglik vertroud met die besondere eise wat kommunikasie in prediking en pastoraat stel.

**6.4.3.3.3 Spesifieke ideale vir die BTh-afgestudeerde**

*1 Die student beskik oor 'n geïntegreerde geheelbeeld van die teologiese ensiklopedie, wat hom/haar genoegsaam voorberei het vir kerklike afronding met die oog op die bediening in verskillende denominasies.

*2 Die student is akademies genoegsaam voorberei om aan te meld vir nagraadse opleiding.

**6.4.3.3.4 Spesifieke ideale vir die BD-afgestudeerde**

*1 Die student is akademies en prakties genoegsaam voorberei vir 'n professionele bediening in kerke wat die BD-graad vereis.

*2 Die student is in staat om eksegese vanuit die grondtale van die Bybel te doen.

*3 Die student is verbind tot solidêr-kritiese teologiebeoefening en praktiese bediening binne die hermeneutiese raamwerk van die Gereformeerde Belydenisskrifte. Hy/sy verstaan die implikasies hiervan vir die teorie en praktyk van die teologie en die bediening.

6.4.3.4 Studente sal steeds aangemoedig word om, ter wille van hulle optimale akademiese vorming in die Teologie, vaardighede in die grondtale van die Bybel op te doen. Grieks II en Hebreeus II is nie 'n voorwaarde vir die verwerwing van die BTh-graad nie. Die voorgestelde struktuur van die BTh-graad maak dit wel vir studente moontlik om die ekwivalent van Grieks II en Hebreeus II deur die loop van die drie jaar te verwerf. Grieks II en Hebreeus II bly 'n vereiste vir toelating tot die BD-graad. Op nagraadse vlak sal departemente bepaalde vereistes vir toelating tot nagraadse studie in bepaalde vakrigtings stel.

6.4.3.5 Teologiese studie en -opleiding vereis vertroudheid met vakrigtings buite die Teologie self. Daarom maak die voorgestelde struktuur vir BTh en BD steeds voorsiening daarvoor dat studente hulself oriënteer aan ander menswetenskappe. In BTh word die verwerwing van 'n Lettere-vak (wat nie Grieks of Hebreeus hoef te wees nie) tot op derdejaarvlak, en twee Lettere-vakke tot op tweedejaarvlak as 'n vereiste gestel, terwyl in BD II vier krediete in nie-teologiese modules as vereiste gestel word.

6.4.3.6 Kursusse met 'n onomwonde prakties-teologiese fokus (soos pastoraat en homiletiek) kom nie in die eerste twee jaar van die voorgestelde BTh-graad aan die orde nie. Dit sluit nie die moontlikheid van 'n prakties-teologiese inset of toespitsing van ander kursusse in die eerste twee jaar uit nie. Praktiese Teologie vorm egter 'n besonder prominente deel van die voorgestelde BD-graadkursus.

6.4.3.7 In die beplanning van kursusinhoude is daar sover moontlik probeer om die inhoude konsentries uit te bou vanaf die eerste tot die vierde en die sesde jaar. Daar is ook probeer om stelselmatig te beweeg vanaf meer bekende/eenvoudige na onbekende/moeilike stof.

6.4.3.8 Die Fakulteit se Program vir Voortgesette Teologiese Opleiding gaan steeds voort, en sal uitgebou word om ook vir ander as die tradisionele kliënte voorsiening te maak. Materiaal wat nie by die inhoud van die formele graadstruktuur ingepas kan word nie, geniet in dié program veral aandag.

6.4.4 Ter wille van duidelikheid moet ook net weer daarop gewys word dat volgens die bepalinge van die Departement Nasionale Opvoeding dit tans net nie meer moontlik is om 'n driejarige eerste graad in die Teologie in te stel nie, selfs al is dit in bepaalde gevalle in die verlede toegestaan. Daarom is die enigste weg die vierjarige beroepsgerigte BTh as 'n eerste graad in die teologie soos dit tans reeds aan ses ander universiteite toegeken word.

6.4.5 Die voorgestelde nuwe struktuur behels dus 'n eerste vierjarige beroepsgerigte BTh, wat deur sowel Ned Geref Kerk-studente as studente wat moontlik aan ander denominasies behoort, geneem sou kon word. Studente wie se denominasie alleen 4 jaar teologie vereis, sou na die BTh tot die bediening of 'n afrondingsjaar in 'n eie seminarie kon toetree. Studente van die Ned Geref Kerk skryf na die BTh in vir die bestaande driejarige gevorderde BD-graad, maar wat na 'n vierjarige BTh in 2 jaar aan US voltooi sou kon word (soos LLB ook na bepaalde voorstudie in 2 jaar voltooi kan word). Ned Geref Kerk-studente se kursus duur dus nog steeds ses jaar soos tans, maar die ideaal van 'n geïntegreerde

kursus word nou net verder deurgevoer met die toekenning van die eerste graad in die teologie. Studente wat van UPE, UOVS, UP ens hulle studie in Stellenbosch sou wou voortsit, sal nog soos in die verlede na hulle driejarige BA-studie elders in Stellenbosch kan aansluit, maar dan as BD I-studente, en sodoende ook ses jaar studeer. Studente van Stellenbosch sou ook na die vierjarige BTh nog steeds na UP of UOVS kon gaan vir die laaste fase van hulle opleiding, soos tans. Grieks II en Hebreeus II bly nog steeds verpligtend met die oog op die BD soos tans. Op hierdie wyse kan die Fakulteit waarskynlik 'n breër diens lewer ook aan ander kliënte as in die verlede, maar ons is ook daarvan oortuig dat die gehalte van opleiding van studente van die Ned Geref Kerk hiermee werklik ten beste gedien word.

**6.4.6** Dit moet ook verder beklemtoon word dat die Fakulteit nie sy eie identiteit prysgee nie, maar juis in sy Missie eksplisiet sy identiteit geformuleer het. Die interessante is dat ander denominasies juis daarvoor die grootste begrip het, omdat dit vir hulleself ook van belang is.

**6.4.7** Soos bekend, het die Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding (AKTO) hierdie voorstelle in Februarie 1993 goedgekeur, terwyl dit ook in Februarie 1993 aan die ASK voorgelê is waar in beginsel die groenlig vir hierdie beplanning gegee is.

**6.4.8** Indien hierdie beplanning goedgekeur word, verwag ons dat die nuwe BTh vanaf 1995 ingestel sal word.

**6.4.9 Die duur van die onderrigprogram.**

**6.4.9.1 Baccalaureus in die Teologie (BTh):** 'n eerste, loopbaangerigte graad wat oor vier jaar strek.

**6.4.9.2 Baccalaureus in die Godgeleerdheid (BD):** 'n gevorderde Baccalaureusgraad wat oor drie jaar strek. Die driejarige BD-graad kan volgens die BA/BComm, LLB-model, in twee jaar voltooi word deur studente wat reeds oor die vierjarige BTh-graad beskik.

**6.4.10 Toelatingsvereistes**

**6.4.10.1 BTh**

Die Matrikulasiesertifikaat of 'n vrystellingsertifikaat van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad.

**6.4.10.2 BD**

Tot BDII word toegelaat studente wat in besit is van die die BTh-graad van hierdie Universiteit of van 'n ander Baccalaureusgraad in die Teologie wat die Senaat vir hierdie doel goedgekeur het, of wat op 'n ander wyse 'n standaard van bekwaamheid in hul bepaalde studierigting bereik het wat na die oordeel van die Senaat vir die doel toereikend is, met dien verstande dat hulle die Universiteitseksamens in die volgende vakke met welslae afgelê het:
Grieks II
Ou Nabye Oosterse Tale en Kulture II
of gelykwaardige kursusse wat deur die Fakulteit Teologie goedgekeur is.

**Opmerking: BDI** Die inhoud van hierdie kursus behels al die teologie-modules van die nuwe BTh-leerplan.

**6.4.11 Kurrikulum en sillabus**

**6.4.11.1 BTh**

BTh I

Letterevak A 178 (Byvoorbeeld Grieks) -
Letterevak B 178 (Byvoorbeeld Hebreeus) -
Letterevak C 178 (Keuse) -

Teologie: 'n Algemene oriënteringskursus
**Bibliologie 114: Inleiding tot die teologiese hermeneutiek.** 'n Algemeen teologies-hermeneutiese probleembewussyn word gekweek. Alle vakgroepe is hierby betrokke.
**Sistematiese Teologie 124:** Ensiklopedie, Openbaringsleer, Skrifgesag en 'n inleiding tot verskillende tipes teologie word behandel.
**Kerkgeskiedenis 154:** 'n Inleiding tot die kerk-, dogma- en sendinggeskiedenis.
**Bibliologie 144: Die teologiese wordingsgeskiedenis van die Bybel as kanon.** 'n Omvattende benadering tot die wording van die kanon wat die materiële, historiese en teologiese konteks insluit.

BTh II

Lettere A 274 (Byvoorbeeld Grieks)
Lettere B 274 (Byvoorbeeld Hebreeus)
Lettere C 278 (Keuse)
(Die bedoeling is dat in die geval van Grieks en Hebreeus die helfte van die tradisionele lading per week dwarsdeur die jaar aangebied word.)

**Teologie: Algemene oriënteringspunt: Die vroeë kerk en die Middeleeue**

**Kerkgeskiedenis 214:** Die kerk-, dogma- en sendinggeskiedenis van die Vroeë Kerk en die Middeleeue.
**Ou Testament 224: Skrifuitleg I.** Skrifuitleg van die Pentateug met spesiale aandag aan die uitleg binne die vroeë kerk en die Middeleeue.
**Nuwe Testament 244: Skrifuitleg II.** Skrifuitleg van die Sinoptiese Evangelies met spesiale aandag aan die uitleg binne die vroeë kerk en die Middeleeue.
**Sistematiese Teologie 254:** Godsleer, skeppingsleer, voorsienigheidsleer, antropologie, sondeleer.

BTh III

Lettere A 284 (Byvoorbeeld Grieks)
Lettere B 284 (Byvoorbeeld Hebreeus)
(Die bedoeling is dat in die geval van Grieks en Hebreeus die helfte van die tradisionele lading per week dwarsdeur die jaar aangebied word.)

**Teologie: Algemene oriënteringspunt: Die Reformasie en verder.**
**Kerkgeskiedenis 312:** Die kerkgeskiedenis vanaf die Reformasie tot en met die 19de eeu. Dit sluit algemene, vaderlandse en sendinggeskiedenis in.
**Bibliologie 324: Skrifuitleg.** Skrifuitleg in die Reformasie, met spesiale aandag aan die Profete en die Pauliniese briewe.

Missiologie 332: 'n Inleidende kursus in die missiologie en die godsdienswetenskap. Dit sluit 'n oriëntering ten opsigte van sekere nie-Christelike godsdienste in.
**Sistematiese Teologie 344:** Christologie, Soteriologie, Sakramentologie, Etiek.
**Diakoniologie 354: Prakties-teologiese ekklesiologie.** 'n Inleidende kursus ten opsigte van gemeentebou. Dit is 'n interdepartementele kursus.

BTh IV

Lettere A/B/C 378

Teologie: Algemene oriënteringspunt: Die 20ste eeu

**Sistematiese Teologie 414:** Ekklesiologie (vervolg), eskatologie en apologetiek.
**Diakoniologie 424:** Kommunikasie van die evangelie, Beginsels van Kommunikasie, Homiletiek, Kategese, Pastoraat.
**Kerkgeskiedenis 442:** Die kerk- en sendinggeskiedenis van die 20ste eeu; Die geskiedenis van kerkreg en kerkregering; Die ekumeniese beweging.
**Bibliologie 454: Skrifuitleg.** Moderne Skrifuitleg, met spesiale aandag aan die Liriese en Wysheidsliteratuur van die Ou Testament en die Johannese Geskrifte en Algemene Briewe van die Nuwe Testament.
**Missiologie 462:** Teorie en metodiek van Sending.

**6.4.11.2 BD**

BD I

Teologie 478: Die inhoud van hierdie kursus behels al die teologie-modules van die B.Th.-leerplan.

BD II

**Diakoniologie 514:**

Spiritualiteit: Die verskillende fasette van die gelowige se lewe voor God; Verskillende tipes spiritualiteit; Kenmerke van gereformeerde spiritualiteit.

Dit is 'n interdepartementele kursus.

**Bibliologie 578**

1. Die moderne hermeneutiese debat ten opsigte van die Ou Testament en Nuwe Testament.
2. Gevorderde eksegese van geselekteerde hoofstukke uit die Ou Testament en Nuwe Testament met behulp van die grondtale.
3. Hermeneutiek en prediking.

**Dogmatologie 578**

1. Gevorderde bespreking van dogmatiese loci. Capita selecta.
2. Etiese temas: Bio-etiek; Geregtigheid en menswaardigheid; Arbeid en eiendom; Kapitalisme en sosialisme.
3. Apologetiek: Bespreking van enkele apologete.

**Ekklesiologie 578**

1. Die geskiedenis van die Ned Geref Kerke
2. Kerkreg: Die teologie van gereformeerde kerkreg; 'n Kerkorde prinsipieel beskou en kerkordes van verskillende kerke; Die Kerkorde van die Ned Geref Kerk - 'n inleiding en die ampte.

**Sendingwetenskap 578**

Die Reglement vir Sending (Ned Geref Kerk-familie); 'n Omvattende sendingdefinisie; Modelle vir Kerkplanting; Evangelie en Kultuur; Kruis-kulturele kommunikasie; Eietydse missionêre dokumente.

**Diakoniologie 578**

Gevorderde en gespesialiseerde aspekte van Gemeentebou, Jeugsorg, Pastoraat en Homiletiek veral met betrekking tot die bedieningskonteks van die gereformeerde kerke in die huidige tydsgewrig.

**Sendingwetenskap 542**

Kontekstuele teologie: 'n Ondersoek na die wyse waarop die konteks hermeneuties funksioneer in die teologie van die 20ste eeu met besondere verwysing na die Afrikakonteks.

**Keusevak 574: Spesialisasie**

Die studente spesialiseer in een van die hoofrigtings in die Teologie.

**Diakoniologie 584: Praktykopleiding**

Die praktykopleiding konsentreer op die prakties-teologiese funksionering van die studente in hulle blootstelling aan gemeentelike bedieningsvelde.

**Nie-teologiese Kursusse met 'n totale gewig van 4 krediete**

Elke student volg nie-teologiese kursusse in 'n ander fakulteit wat aansluit by die spesialisasie-kursus.

WERKSWYSE: 'n Kombinasie van die vaste weeklikse periodes en 'n mini-blokstelsel word gevolg.

BD III

**Bibliologie 678**

Interafhanklikheid van eksegese en Ou Testament/Nuwe Testament Teologie.

**Dogmatologie 678**

Teologies-etiese temas; Capita selecta.
Die samehang tussen die God/mens-beskouing en die daaruitvloeiende oriëntasie t.o.v. die wêreld en praktiese lewensituasies. Dit is 'n interdepartementele kursus.

**Dogmatologie 688**

Polemiek: Die Christelike sekte as verskynsel, 'n oorsig oor die vernaamste Christelike sektes en die gesprek met Rome.

Simboliek: Die aard en teologie van die gereformeerde belydenisskrifte.

**Ekklesiologie 678**

1. Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis. Capita selecta
2. Kerkreg: kerklike vergaderings; Tug; Die arbeid van die kerk en betrekkinge van die kerk na buite; Gevallestudies van verskillende kerke met spesiale verwysing na die verskillende Ned Geref Kerke.

**Sendingwetenskap 678**

Ekumeniese sendingparadigmas
Dialoog in 'n situasie van godsdienstige pluralisme
Die onafhanklike swart kerke
Wêreldsending en die missionêre gemeente
'n Toegespitste studie van 'n ander godsdiens

**Diakoniologie 678**

Die student kies twee kursusse uit die volgende gevorderde kursusse: Gemeentebou, Jeugsorg, Pastoraat en Homiletiek. Gevallestudies uit die praktyk van die verskillende Ned Geref Kerke word behandel.

**Diakoniologie 684**

Praktykopleiding in krisisbediening.

**Keusevak 694: Spesialisasie en werkstuk**

Die student skryf 'n werkstuk onder leiding van 'n dosent in die spesialisasie-rigting wat in **Keusevak 574** gekies is.

**6.4.12 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode keur die voorgestelde nuwe gradestruktuur van die Teologiese Fakulteit, Universiteit Stellenbosch, goed.**

**6.5 Samewerking tussen Kerk en Universiteit**

Daar bestaan steeds die hartlikste samewerking tussen die Universiteit en die Kuratorium insake aangeleenthede rakende die Fakulteit Teologie. Die ter sake liggame van die Universiteit en die Rektoraat is voortdurend op die hoogte van sake gebring in verband met die proses van strategiese beplanning van die Fakulteit Teologie.

Die Kuratorium betuig sy waardering vir die besondere begrip, samewerking en hartlike ondersteuning wat steeds van die Universiteit ontvang word. Tekenend hiervan is die besondere belangstelling van die Universiteit by geleenthede soos die opening van die Fakulteit, legitimasie en ander funksies van die Fakulteit. In hierdie verband moet die vorige Rektor, prof MJ de Vries, en die huidige Rektor, prof AH van Wyk, pertinent vermeld word.

Met dank

Voorsitter: DS J VAN DER WESTHUYZEN
Skriba: DR M D J SMITH

# A.5: BYLAE 2
# KURATORIUM, TEOLOGIESE FAKULTEIT UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Broer voorsitter en broers

Trou aan die belydenis van die Teologiese Fakulteit: "Aan God al die eer" en binne die missie van die Universiteit van Pretoria "op weg na uitnemendheid" is die teologiese opleiding die afgelope 4 jaar hanteer.

Hiermee wens die Kuratorium om oor hierdie werksaamhede sedert die sinodesitting van 1990 verslag te doen.

## 1. SAMESTELLING

Die Kuratorium is tans soos volg saamgestel:

**Wes-Transvaal**
Dr HS Grobler
Ds M van der Wall
Dr M van Tonder
Dr JW Saunderson

**Noord-Transvaal**
Ds M Smuts
Ds JA van den Berg
Ds PSHF Strümpfer
Ds GJC Venter

**Suid-Transvaal**
Dr JHH du Toit
Dr AP van der Colf
Dr SM van Vuuren
Ds WT Badenhorst

**Oos-Transvaal**
Ds PL Bezuidenhout
Ds JH Fourie
Ds GH Reinecke
Ds F Swanepoel

**Dosenteraad**
Prof WS Prinsloo (Dekaan)

**Oranje-Vrystaat**
Dr F Burger

**Oos-Kaap**
Dr JB Greef

**Namibië**
Ds C Marais

**Wes-Kaap**
Dr MDJ Smith

**Noord-Kaap**
Ds JJ Vogel

**Natal**
Ds TE Carpenter

**Sinode Midde-Afrika**
Ds AS van Dyk

Die Dagbestuur is soos volg verkies:

Ds F Swanepoel (Voorsitter)
Dr HS Grobler (Ondervoorsitter)
Ds GJC Venter (Skriba)
Dr SM van Vuuren (addisionele lid)
Ds JA van den Berg (addisionele lid)
Prof WS Prinsloo (Dekaan)

## 2. VERGADERINGS

**2.1** Die Kuratorium het in die reses 4 maal vergader en wel op 15 November 1990, 14 November 1991, 19 November 1992 en 18 November 1993.

**2.2** Die Dagbestuur het dikwels en op 'n gereelde basis vergader.

## 3. EKSAMENKOMMISSIE

Die Eksamenkommissie is op 14 November 1991 deur die Kuratorium saamgestel en bestaan op die huidige tydstip uit die volgende persone:

**Ou Testament**
Ds DSR du Toit
Dr JB Greef
Ds MJP Grobler
Dr RJ de Beer

**Nuwe Testament**
Dr T Badenhorst
Dr SW Theron
Dr WC Coetzer

**Dogmatiek en Christelike Etiek**
Dr F Burger
Dr DJ Dreyer
Ds NMS Bezuidenhout
Ds T Carpenter

**Kerkgeskiedenis en Kerkreg**
Dr PR du Toit
Ds C Marais
Dr AJB Rawlins

**Godsdiens- en Sendingwetenskap**
Dr AM Hofmeyr
Ds CF Sieberhagen

**Praktiese Teologie**
Dr PJC Loots
Dr WPJ van Wyk
Ds JJ Vogel
Dr JH Bisschoff

Die Dagbestuur van die Eksamenkommissie bestaan uit die volgende lede:

Dr WPJ van Wyk (Voorsitter)
Dr SW Theron (Onder-voorsitter)
Dr PR du Toit (Skriba)

## 4. BEGELEIDINGSKOMMISSIE

Die begeleiding van die studente geniet steeds hoë prioriteit. In die ontwikkeling van die bedieningspotensiaal van die studente en in die vestiging van 'n bedieningsvaardigheid speel die Begeleidingskommissie 'n belangrike ondersteuningsrol.

Die kommissie bestaan tans uit 32 lede wat met besondere toewyding en bekwaamheid die studente begelei.

Met die uitgebreide ondersteuning van die sielkundige toetse vir die betrokke kommissie, tesame met toegewyde werk deur die kommissielede, is die werk van die Begeleidingskommissie 'n belangrike komponent in die vorming van die student op weg na die bediening.

## 5. KIESKOLLEGE

Die Kieskollege het die afgelope 4 jaar 2 keer vergader en wel op 16 November 1990 en 19 November 1993.

Die volgende dosente is beroep:

Dr HS Breytenbach - Praktiese Teologie
Prof DE de Villiers - Dogmatiek en Christelike Etiek.

# 6. DOSENTE

Die Dosentekorps het die afgelope 4 jaar enkele wysiginge ondergaan.

### 6.1 Vakatures

Die onderstaande dosente het uit diens van die Teologiese Fakulteit getree:

Prof HS Breytenbach - Bedank 1 Julie 1993
Prof JA Heyns - Emeriteer 31 Desember 1993

### 6.2 Huidige Dosente

6.2.1 Die volgende dosente is tans aan die Fakulteit verbonde:

| | |
|---|---|
| Ou Testament | Prof WS Prinsloo |
| | Prof JH le Roux |
| Nuwe Testament | Prof JG van der Watt |
| | Prof AB du Toit |
| Kerkgeskiedenis en Kerkreg | Prof CFA Borchardt |
| | Prof JW Hofmeyr |
| Dogmatiek en Etiek | Prof CJ Wethmar |
| | Prof DE de Villiers |
| Godsdiens- en Sendingwetenskap | Prof D Crafford |
| | Prof PGJ Meiring |
| Praktiese Teologie | Prof CJA Vos |
| | Prof JC Müller |
| Bybelkunde | Prof W Vosloo (Ou Testament) |
| | Prof SJ Joubert (Nuwe Testament) |

### 6.2.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode betuig waardering vir die ywer en toewyding waarmee die dosente die teologiese opleiding aan die Universiteit van Pretoria en die kerk in breë verband dien en bid hulle die seën van die Here toe.**

### 6.3 Dekaan

Prof WS Prinsloo is vanaf 1 Januarie 1994 as dekaan aangestel vir 'n verdere termyn van 3 jaar.

# 7. TEOLOGIESE STUDENTE

Die studentegetalle van die afgelope 4 jaar sien soos volg daaruit:

### 7.1 Proponente

Die getalleverspreiding ten opsigte van proponente wat die afgelope 4 jaar gelegitimeer is, is die volgende:

1990 - 59
1991 - 61
1992 - 47
1993 - 31

### 7.2 Studente

Die studentegetalle vir die afgelope 4 jaar is soos volg:

| Jaargang | 1991 | 1992 | 1993 | 1994 |
|---|---|---|---|---|
| BA 1 | 61 | 43 | 32 | 17 |
| BA 2 | 54 | 52 | 41 | 33 |
| BA 3 | 32 | 47 | 51 | 35 |
| Totaal | 147 | 142 | 124 | 85 |
| BD 1 | 42 | 29 | 38 | 45 |
| BD 2 | 56 | 41 | 25 | 32 |
| BD 3 | 58 | 57 | 43 | 27 |
| Totaal | 156 | 127 | 106 | 104 |
| Groot Totaal | 303 | 269 | 230 | 189 |
| M Div | 42 | 50 | 58 | 63 |
| DD | 123 | 116 | 122 | 155 |

| Studente | 1986 | 1990 | 1994 |
|---|---|---|---|
| Mans | 347 | 304 | 164 |
| Dames | 22 | 25 | 25 |

| Studente: 1994 | Voorgraads | BD |
|---|---|---|
| Mans | 70 | 94 |
| Dames | 15 | 10 |

| Studente | 1986 | 1990 | 1994 |
|---|---|---|---|
| BA I | 72 | 65 | 17 |
| BD I | 69 | 52 | 45 |

| Studiejare | 1986 | 1990 | 1994 |
|---|---|---|---|
| BA | 186 | 148 | 85 |
| BD | 143 | 181 | 104 |
| Nagraadse Diploma | 44 | 0 | 0 |
| | 373 | 329 | 189 |

Daar het die afgelope 4 jaar 'n merkbare daling in studentegetalle ingetree.

### 7.3 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode neem met waardering kennis van die studente wat hulle in hierdie moeilike tye aanmeld vir teologiese opleiding met die oog op toelating tot die bediening.**

#### 7.4 Teologiese Studente Opleidingsfonds

7.4.1 Inkomste

Die onderstaande tabel toon die bydraes (sinodale bydraes, vrywillige bydraes, donasies en bemakings) wat van die gemeentes (en lidmate) gedurende die betrokke jaar ontvang is:

| | |
|---|---|
| 1986 - R264 397,00 | 1990 - R220 387,00 |
| 1987 - R 69 876,00 | 1991 - R236 001,00 |
| 1988 - R181 948,00 | 1992 - R239 919,00 |
| 1989 - R257 056,00 | 1993 - R125 026,00 |

Hierdie fonds is hoofsaaklik deur sinodale begrotings en donasies versterk asook rentes op beleggings. Tans is die Fonds aangewese op eie bronne van inkomste.

7.4.2 Hulp aan studente uit hierdie fonds

| Jaartal | Bedrag uitbetaal | Aantal studente | Gemiddeld per student gehelp |
|---|---|---|---|
| 1986 | R330 746,00 | 290 | R1 140,00 |
| 1987 | R625 825,00 | 306 | R2 045,00 |
| 1988 | R639 440,00 | 319 | R2 005,00 |
| 1989 | R551 332,00 | 228 | R2 418,00 |
| 1990 | R562 500,00 | 225 | R2 500,00 |
| 1991 | R622 476,00 | 198 | R3 150,00 |
| 1992 | R610 297,00 | 170 | R3 600,00 |
| 1993 | R530 113,00 | 162 | R3 300,00 |

7.4.3 Hulp uit ander fondse

Die verskillende opleidingsfondse is die afgelope 4 jaar in die oorhoofse TSO-fonds gekonsolideer.

'n Paar studente het prestasiebeurse uit die MSB Kritzingerfonds ontvang. Die totaal was R17 375 (15 studente). Verder het 9 studente in totaal R9 750 uit die Joubertfonds ontvang.

Studiefondse kon dus in 1993 aan 186 studente hulp verleen en 'n bedrag van R557 238,00 is bestee.

#### 7.5 AANBEVELINGS

**7.5.1 In die lig van die hoë koste van teologiese studie, doen die Algemene Sinode 'n ernstige beroep op gemeentes en individuele lidmate om steeds ruim vir teologiese studiefondse by te dra.**

**7.5.2 Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor die Transvaalse sinodes vir die ruim en volgehoue voorsiening van fondse vir die teologiese opleiding.**

## 8. PREDIKANTEKURSUSSE

Die Kuratorium het in samewerking met die Dosenteraad jaarliks tydens die begin van die akademiese jaar 'n predikantekursus aangebied.

Die volgende temas is aangebied:

1991 Sending en eenheid binne die Ned Geref Kerkfamilie
1992 Die lewende God van die Bybel in 'n krisistyd soos hierdie
1993 Geweld
1994 'n Christelike lewenstyl in 'n gesekulariseerde (post-moderne) samelewing.

Die bywoning van die byeenkomste was bevredigend.

## 9. INSTITUUT VIR SENDINGWETENSKAPLIKE NAVORSING (ISWEN)

#### 9.1 Agtergrond

Die totstandkoming van ISWEN in 1979 was die gevolg van onderhandelinge en 'n skriftelike kontrak tussen die (destydse) Algemene Sinodale Sendingkommissie (ASSK) en die Universiteit van Pretoria.

Die Instituut, hoewel aan die Universiteit van Pretoria gesetel, is deur die Algemene Sinode vir diens aan die hele kerk se sendingaksie ingestel, en daarom dien in die Adviesraad ook verteenwoordigers van die Teologiese Fakulteite te Stellenbosch en Bloemfontein.

#### 9.2 Direkteur

Prof JJ (Dons) Kritzinger is vanaf 1981 navorser en sedert 1989 direkteur van ISWEN. Ooreenkomstig universiteitsbeleid neem hy ook deel aan die dosering van Sendingwetenskap, en word deur die Universiteit as derde dosent in die departement gereken.

#### 9.3 Verhouding ISWEN/Fakulteit

In die lig van die indeling van ISWEN by die Fakulteit, is dit dringend noodsaaklik dat die nodige reëlings getref word waardeur ISWEN onder die beheer van die Kuratorium geplaas word en dat prof Kritzinger as 'n volle personeellid van die Teologiese Fakulteit hanteer kan word. Die nodige reëlings daartoe moet indringende aandag van die Algemene Sinode ontvang.

## 10. SAMEWERKINGSOOREENKOMSTE

Die Fakulteit het die afgelope paar jaar reeds ver gevorder met onderhandelinge wat betref die aangaan van samewerkingsooreenkomste. Die model kom daarop neer dat die betrokke seminarium/kollege met wie 'n ooreenkoms aangegaan word, 'n BA (Teologie)-graad in samewerking met die Universiteit van Pretoria sal toeken. Die teologiese komponente van die graad word op die kampus van die betrokke kollege aangebied. Sodoende word die konfessionele identiteit en unieke behoeftes van die betrokke kollege/seminarium gewaarborg. Deur dié model wil die Fakulteit sy kundigheid gebruik om 'n diens aan die breër kerklike gemeenskap te lewer.

## 11. SENTRUM VIR VOORTGESETTE TEOLOGIESE OPLEIDING (SEVTO)

### 11.1 Beheer

Universitêre beheer word uitgeoefen deur 'n advieskomitee, bestaande uit: die vise-rektor; die direkteur: finansies (namens die Universiteit); die voorsitter van die Kuratorium en nog 'n predikant (namens die kerk); die dekaan en nog 'n dosent (namens die Teologiese Fakulteit); en die direkteur van Sevto.

Kerklike beheer word uitgeoefen deur die Teologiese Fakulteit en die Kuratorium.

### 11.2 Personeel

Die personeel bestaan uit:
'n deeltydse direkteur (prof W Vosloo); 'n deeltydse sekretaresse (mev MS Joubert) en 'n deeltydse assistent (prop Danie van Rensburg).

### 11.3 Kerklike samewerking

Die deeltydse direkteur dien (ampshalwe) in die Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening Noord-Transvaal en die Sinodale Kommissie vir Erediens Noord-Transvaal sodat noue koördinasie en samewerking kan plaasvind. Sesmaandelikse vergaderings word met verteenwoordigers van sowel die vier SKG's van Transvaal as die vier Transvaalse Komitees van die Vrouediens gevoer. Soos nodig, is daar van tyd tot tyd samesprekings met ander sinodale kommissies.

### 11.4 Aktiwiteite

Gedurende die afgelope vier jaar is gemiddeld 15 kursusse of simposia/seminare jaarliks aangebied. Die simposia/seminare het betrekking gehad op een of ander aktuele saak, soos byvoorbeeld die besluite van die Algemene Sinode in 1990, gemeentegrense, Sondagviering, en satanisme, Kursusse vir predikante bestaande uit drie hoofkursusse, te wete Gemeentebou, Pastorale Sorg en Prediking wat in 'n siklus van drie jaar (drie weke per jaar, versprei oor 'n jaar) aangebied word; en verskeie 2 tot 5 dag-kursusse. Verder is daar jaarlikse kursusse vir predikantsvroue en Vrouedienseidsters; kursusse vir lidmate oor aktuele onderwerpe en Bybelonderwerpe wat aan predikante vir gebruik in gemeentes beskikbaar gestel word. Daarbenewens word gemeentes in gemeentebou begelei en word hulp verleen by die opleiding van leraars van Onafhanklike Swart Kerke.

## 12. VERHOUDING MET UNIVERSITEIT

Die goeie verhouding tussen die Kuratorium en die Universiteit van Pretoria en by name die topbestuur van die Universiteit, is die afgelope jare verder uitgebou. Die Kuratorium betuig sy hoë waardering vir die gees en rigting waarin die Universiteit beweeg asook vir die hartlike samewerking, begrip en ondersteuning wat van die Universiteit ontvang is.

In die hantering en vulling van die vakatures is die behoeftes van die kerk volledig verreken. Binne die raamwerk van die missie van die Universiteit en van die Fakulteit is die eie behoeftes van die Fakulteit geakkommodeer.

## 13. KURATORIUM EN FAKULTEIT

Die skakeling tussen die Kuratorium en die Teologiese Fakulteit was gedurende die afgelope 4 jaar weereens besonder harlik en openhartig.

Die Dagbestuur het die dosente asook die departementshoofde op 'n gereelde basis vir samesprekings ontmoet.

## 14. KEURING VAN STUDENTE

Besondere aandag is aan die keuring van studente gegee op BA I sowel as BD I vlak.

Die Kuratorium bid die Sinode die Here se rykste seën toe op al die werksaamhede.

Voorsitter: DS F SWANEPOEL
Skriba: DS GJC VENTER

# A.5: BYLAE 3
# KURATORIUM, FAKULTEIT TEOLOGIE, UOVS

Geagte broer voorsitter en broers

Die Kuratorium wens soos volg verslag te doen:

## 1. SAMESTELLING EN WERKSAAMHEDE VAN DIE KURATORIUM

Die Kuratorium is saamgestel soos deur die Kerkorde en die betrokke bepalinge vereis en het gereeld vergader en deur sy Eksamenkommissie, Kieskollege en Begeleidingskommissies Fase I en II, met die nodige verslaggewing, alle sinodale opdragte aan hom en sy subkommissies toevertrou, behoorlik uitgevoer.

## 2. DOSENTE

### 2.1 Toetrede tot Raad van Dosente

Sedert die sinodesitting van 1990 het die volgende persone tot die Raad van Dosente toegetree:
Departement Sendingwetenskap : Dr P Verster (1992)
Departement Diakoniologie : Dr JJ van Rensburg (1994)

### 2.2 Aftrede en Bedankings van Dosente

Prof JH Smit van die Departement Sendingwetenskap het op 30 Junie 1993 geëmeriteer. Dr GB Roux van die Departement Diakoniologie het op 30 Junie 1993 bedank en prof PJ Rossouw van dieselfde departement op 30 September 1993.

### 2.3 Waarnemende Dekaan

Prof PC Potgieter was as gevolg van sy voorsitterskap van die Algemene Sinodale Kommissie vir korter of langer periodes nie op kantoor beskikbaar nie. Die Universiteits- owerhede het gevolglik toestemming verleen dat prof MHO Kloppers in afwesigheid van prof Potgieter as dekaan kon waarneem.

### 2.4 Werksaamhede

#### 2.4.1 Teologiese Dae

Teologiese Dae word jaarliks gehou om saam te val met die opening van die Fakulteit. Die temas wat behandel is, was onder andere :

* Die Verskuiwing in die Moraliteit
* Lofprysing in die Erediens
* Die Verantwoordelikheid van die Ned Geref Kerk in 'n Veranderende Suid-Afrika
* Kerk, Koninkryk en Finansies in moeilike ekonomiese tye

#### 2.4.2 Fakulteitslesings

Verskeie fakulteitslesings is jaarliks aangebied. Die studente het hierdie lesings baie positief beleef.

#### 2.4.3 Seminaardae

Seminaardae is jaarliks gedurende die eerste en tweede semester vir die verskillende klasgroepe aangebied. Die temas het aangesluit by werk wat in die verskillende dissiplines behandel is. Benewens die insette van dosente, was daar ook goeie deelname deur studente.

#### 2.4.4 Nie-formele onderwys

Die fakulteit het verskeie kursusse as voortgesette teologiese opleiding aangebied. Die nie-formele onderwysprogram van die Fakulteit geniet toenemende belangstelling van afgestudeerde predikante wat graag hulle teologiese kennis wil opskerp. Kursusse is op verskillende plekke binne en buite die OVS aangebied.

#### 2.4.5 Begeleiding en toesig

Studente is op persoonlike vlak begelei in die stelsel van voogdosente en -predikante, in samewerking met die Kuratorium. Gereelde ontmoetings tussen studente en hulle voogdosente werp goeie vrugte af. Die Kuratorium hou noulettend toesig oor die leer en lewe van studente. Daar vind ook gereelde skakeling plaas tussen die dekaan en die onderskeie klasleiers met die oog op akademiese en persoonlike vorming van studente, asook die identifisering van probleemareas.

#### 2.4.6 Nagraadse studie

Nagraadse studie op honneurs-, magister- en doktorale vlak is vir die Fakulteit 'n saak van hoë prioriteit. 'n Aansienlike getal proponente en predikante is tans vir nagraadse studie ingeskryf. Die MTh in Krisispastoraat moet veral vermeld word: Die aanvraag is hoër as wat daar voorsiening gemaak kan word.

#### 2.4.7 Navorsing

Benewens die normale voorbereiding van lesings, hou dosente uit al die verskillende departemente hulle intens besig met navorsing op die terrein van die teologie. Daar was 'n groot aantal navorsingsuitsette, onder andere in die vorm van tydskrifartikels, hoofstukke in boeke en referate. Dosente neem ook op 'n gereelde basis deel aan vakkongresse, nasionaal sowel as internasionaal.

#### 2.4.8 Personeelevaluering

Die dosente stel en handhaaf 'n hoë standaard. Aan akademiese eise word met onderskeiding voldoen, soos onder andere blyk uit die toepassing van 'n stelsel van personeelevaluering wat by die Fakulteit ingefaseer is. Daar is ook genoegsame eksterne getuienis dat studente wat hier afgestudeer het, die mas baie goed opkom in die bediening. Die curriculum word voortdurend onder die loep geneem om vas te stel of dit nog voldoen aan die vereistes wat tans professioneel gestel word.

Terselfdertyd word daar ook indringend aandag gegee aan 'n verbreding van die studieveld met die oog op voorsiening in 'n groter verskeidenheid van behoeftes ten opsigte van teologiese opleiding in ons land.

## 3. STUDENTE

### 3.1 Statistiek : Studentegetalle ten opsigte van 1993

#### 3.1.1 Voorgraadse vakke:

| | VAK | KODE | GETAL |
|---|---|---|---|
| 3.1.1.1 | Bybelkunde | BYB115 | 207 |
| | | BYB125 | 239 |
| | | BYB215 | 32 |
| | | BYB225 | 55 |
| | | BYB315 | 23 |
| | | BYB325 | 16 |

(Dié getalle sluit die SRO te Kimberley in)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1.2 | Teologie | TLG215 | 17 |
| | | TLG225 | 15 |
| | | TLG315 | 24 |
| | | TLG325 | 24 |

#### 3.1.2 Gevorderde graad:

| | |
|---|---|
| B TH I | 15 |
| B TH II | 16 |
| B TH III | 23 |

#### 3.1.3 Nagraadse Studie:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1.3.1 | Bybelkunde | Honneurs | 2 |
| | | Magister | 5 |
| | | Doktoraal | 1 |

3.1.3.2 Teologie

| | | | |
|---|---|---|---|
| Honneurs | 1 | Diakoniologie | |
| MA | 0 | | |
| M Th | 70 | Diakoniologie | 48 |
| | | Dogmatologie | 5 |
| | | Ekklesiologie | 10 |
| | | Nuwe Testament | 1 |
| | | Ou Testament | 3 |
| | | Sendingwetenskap | 3 |
| D Th | 36 | Diakoniologie | 15 |
| | | Dogmatologie | 4 |
| | | Ekklesiologie | 9 |
| | | Nuwe Testament | 2 |
| | | Ou Testament | 3 |
| | | Sendingwetenskap | 3 |
| Ph D | 12 | Diakoniologie | 11 |
| | | Nuwe Testament | 1 |

### 3.2 Aantal grade toegeken in 1993

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bybelkunde | : | Honneurs | 3 |
| | | MA | 2 |
| Diakoniologie | : | M Th | 17 |
| | | D Th | 1 |
| Ekklesiologie | : | M Th | 2 |
| Dogmatologie | : | D Th | 1 |
| Sendingwetenskap | : | M Th | 1 |

Die BTh-graad is aan 23 studente toegeken by die gradeplegtigheid van 1 Desember 1993.

### 3.3 Beurse en beurslenings

Uit die Beursfonds vir Teologiese Studie is toekennings ten bedrae van R282 400 vir 1993 gemaak en uit die Teologiese Studente-Ondersteuningsfonds R78 400. Die toekennings vir 1992 was R309 600 en R70 600 onderskeidelik. Daar is riglyne vir die toekenning van beurse en lenings deur die Sinodale Kerkkantoorkommissie opgestel en die toekennings vir 1994 het daarvolgens geskied. R332 000 is aan 55 studente uit die Beursfonds vir Teologiese Studie toegeken en R75 200 uit die Teologiese Studente-Ondersteuningsfonds aan 32 studente.

### 3.4 Studente-aangeleenthede

#### 3.4.1 Opsig en skakeling

Afgesien van enkele gevalle waar dissiplinêr teen studente opgetree moes word, kan met groot dankbaarheid getuig word dat die gedrag en getuienis van studente oor die algemeen goed is. Die meeste van ons studente dien as kerkraadslede en is aktief betrokke by die werksaamhede van hulle gemeentes en die jeugaksies.

Benewens die studente se betrokkenheid by kerklike aktiwiteite neem 'n groot getal studente leiding in die verenigingslewe van die universiteit en tree in baie opsigte op as leiers op die kampus.

Die verskillende jaargroepe is aan die sorg van bepaalde voogdosente en -predikante toevertrou. Die pastorale sorg aan die studente is met groot getrouheid uitgeoefen terwyl studente met allerlei persoonlikheidsprobleme na prof DJ Kotzé en dr GB Roux by EPOG aan die UOVS verwys is.

#### 3.4.2 Verenigings en werksaamhede

##### 3.4.2.1 Sola Gratia

Die Teologiese Studente-Vereniging, genoem Sola Gratia, beteken veel vir die studente. Die bestuur voer gereeld samesprekings met die dekaan.

#### 3.4.2.2 Gesindhede

Die onderlinge gesindhede onder studente is gesond en dié teenoor die dosente baie goed.

#### 3.4.2.3 Jaarblad

Die jaarblad, Die Fakkel, verskyn gereeld. Die blad word goed ontvang en ons is dankbaar vir die ondersteuning wat dit geniet.

#### 3.4.2.4 Diakonia

Die Diakonia is 'n vereniging wat vir die eggenotes en verloofdes van die teologiese studente daargestel is. Die eggenotes van die dosente doen in hierdie verband 'n groot werk.

#### 3.4.2.5 Praktykopleiding

Praktykopleiding behels die volgende :

#### 3.4.2.5.1 Hospitaalpastoraat

Met toestemming van die hospitaalowerheid en met die hulp en samewerking van die plaaslike hospitaalleraars is BTh III-studente in siekepastoraat opgelei.

#### 3.4.2.5.2 Werk onder alkoholiste

As deel van die toerusting van studente in Krisispastoraat word praktiese dienswerk by Aurora-Kliniek vir Alkoholiste van SANRA en Opstaan-Sentrum gedoen. Die BTh II en III-studente deurloop 'n intensiewe kursus in die hantering van die alkoholis.

#### 3.4.2.5.3 Huwelikspastoraat

Die BTh III-studente deurloop 'n kursus in huweliksvoorbereiding, -verryking en -pastoraat.

#### 3.4.2.5.4 Praktiese werk in gemeentes

Die BTh II-studente ondergaan gedurende Augustus hulle praktyk-opleiding in die gemeentes. Drie weke van die tydperk word in 'n Ned Geref gemeente en een week in 'n sendinggemeente deurgebring. Oor die algemeen is die terugvoering baie positief.

### 3.5 Omvang van Gemeentewerk en Vergoeding van Studente

Volgens besluit van die Kuratorium mag deeltydse gemeentehulp deur BTh-studente gedurende die akademiese jaar nie 60 uur per maand oorskry nie en is 'n finansiële vergoeding van ten minste R10,00 per uur goedgekeur. Die dosente evalueer die studente se gemeentewerk gereeld en sien toe dat hulle die goedgekeurde aantal ure nie oorskry nie.

## 4. BEKENDSTELLING VAN FAKULTEIT

'n Video is gemaak om op die wyse die Fakulteit aan die breër kerklike publiek en in die besonder hoërskole bekend te stel.

## 5. VERBREDING VAN CURRICULUM

Verteenwoordigers van verskillende kerkgenootskappe het op 27 April 1992 tydens 'n ete-geleentheid vergader. Die verbreding van die curriculum is by dié geleentheid bespreek. Die reaksie op die aanbieding was baie positief. Biskop Stanage van die Church of the Province het versoek dat die priesters van die Anglikaanse Kerk aan die Fakulteit opgelei word. Die eerste studente het hulle vanjaar vir opleiding aangemeld.

## 6. "NEED"-PROGRAM

'n "Need"-program word aangebied vir studente wat nie meteens toelating tot die universiteit kan kry nie, of om agterstande van studente met 'n ontoereikende onderrigagtergrond reg te stel. Hierdie studente skryf in vir 'n eenjaar oorbruggingskursus in Geesteswetenskappe en/of Sosiale Wetenskappe en/of Teologie by 'n tegniese kollege in Bloemfontein of Kimberley. 'n Tipiese oorbruggingsjaar sluit byvoorbeeld in : Teologie I, Engels I en/of Sosiologie I, sowel as persoonlike en leerontwikkeling.

## 7. TEOLOGIESE OPLEIDING NGKA

Die teologiese opleiding te Witsieshoek vind tot 1996 as deel van die Universiteit van die Noorde plaas. Die Streeksinode Phororo van die NGKA is die Fakulteit goedgesind en die moontlikheid om die teologiese opleiding te Witsieshoek mettertyd by die Fakulteit in te skakel, is nie uitgesluit nie.

## 8. KONTAK MET ANDER TEOLOGIESE OPLEIDINGSENTRA

Persoonlike kontak is gemaak met verskillende teologiese opleidingsentra in Afrika deurdat van die dosente van die Fakulteit die betrokke sentra besoek het. Van die sentra wat besoek is, is NETS (Windhoek), REKATLE (Mosambiek), MORIA (Lesotho), RCC (Caprivi) en JUSTO MWALE (Lusaka).

## 9. SIELKUNDIGE EVALUERING

Die vroeë identifisering, begeleiding en, indien nodig, verdere hantering van studente wat persoonlikheidsontwikkeling behoef, word as noodsaaklik geag. BA (Teologie) studente word gevolglik gedurende hulle eerste en derde jaar geëvalueer by wyse van psigometriese toetse.

## 10. FINANSIëLE VERPLIGTING

Volgens die Ooreenkoms aangegaan met die Universiteit van die Oranje-Vrystaat is die Ned Geref Kerk in die Oranje-Vrystaat verantwoordelik vir 30% van die salaris en toelaes van die dosente van die Fakulteit Teologie, UOVS.

Hierdie finansiële verpligting het vir 1992 R450 200 en R714 453 vir 1993 bedra. Die bedrag vir Pastorale Terapie was R55 677 en R96 549 vir 1992 en 1993 onderskeidelik.

## 11. VERHOUDING TOT DIE PLAASLIKE UNIVERSITEIT

Die Kuratorium het op sy vergaderings voortdurend met groot dank en waardering kennis geneem van die pragtige gees van samewerking en begrip wat daar heers tussen die Universiteit met sy topbestuur, die Rektor, Vise-Rektore, Registrateurs en ander personeel en die Fakulteit Teologie.

Hiermee vertrou die Kuratorium van die Fakulteit Teologie UOVS dat hy sy taak en opdrag na wense vervul en uitgevoer het.

DS LM ERASMUS (Voorsitter)
DS JAV KNIPE (Skriba)

# A.6 ALGEMENE JEUGKOMMISSIE

Die verslag word onder die volgende hoofde gedoen:

1. ALGEMEEN
2. AFDELING: DOOPLIDMATE
3. AFDELING: JONG BELYDENDE LIDMATE
4. AFDELING: OPVOEDING EN ONDERWYS
5. ADMINISTRASIE EN FONDSE
6. PERSONEEL

## 1. ALGEMEEN

### 1.1 OPDRAGTE VAN DIE SINODE VAN 1990

#### 1.1.1 AKSIE VOLUIT VIR CHRISTUS

**1.1.1.1 Opdrag van Sinode (615-616:5.5)**
"Die Algemene Sinode besluit dat deur middel van 'n vyfjaarplan toegespitste aandag aan die jeug gegee word, en dra dit aan die AJK op om die plan van aksie te loods. Die Algemene Sinode versoek sinodes, ringe en gemeentes om heelhartig aan hierdie program mee te werk."

**1.1.1.2 Uitvoering**
Deur middel van wetenskaplike navorsing is die volgende fokusareas waaraan besondere aandag deurlopend gegee moet word, deur die AJK uitgewys:


* Leraars
* Kategese
* Gesin
* Leierstoerusting
* Kerkjeugaksies

Hoogtepunte van die program is:

1991: Voorligting aan SJK's en sinodes en verkenning van gemeentelike jeugbediening.
1992: Leraars asook toerusting en gebed.
1993: Kategese en opleiding van jeugleiers.
1994: Gesinsjaar en Kerkjeugaksies.
1995: Die aksie vind sy hoogtepunt in 1995 met onder andere saamtrekke, sang- en musiekfeeste en projekte met die tema "Voluit met die Goeie Nuus."

Besonderhede van die Aksie is voortdurend aan Sinodale Jeugkommissies deurgegee.

Die volgende embleem is vir die Aksie ontwerp:




#### 1.1.2 GESINSBEDIENING

**1.1.2.1 Opdrag van Sinode (673, vergelyk 605, 615:29.1)**
"Die Algemene Sinode besluit om aan die hand van die program (Bylae C) deel te neem aan die Nasionale Gesinsprogram en dra dit aan die AKDB en AJK op om die SKDB's en SJK's te begelei sodat die sinodes van 1991 die gepaste besluite sal kan neem."

**1.1.2.2 Werkwyse**
Die AJK en AKDB het mettertyd besef dat die AKG, AKSE, AKV en Bybelkor ook betrek moet word by die projek. 'n Ad hoc-kommissie vir Gesinsbediening is gevorm met verteenwoordigers van al die bogenoemde kommissies.

Sowel die verskillende kommissies van die Nederduitse Gereformeerde Kerk as die staat het 1994 as Gesinsjaar verklaar. Dit beklemtoon hoe belangrik beide die gesin ag.

Die gesinsprogram van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, met "**'n Gelukkige gesin**" as tema, konsentreer op:

Die gee van voorligting:
- kommunikasie en konflikhantering
- ouerleiding
- gesin en godsdiens
- verryking
- motivering
- interaksie
- gesinsbeplanning en ander

Aksies word beplan soos:
- gespreksgeleenthede
- konferensies
- prediking
- pastorale gesprekke
- wyksbyeenkomste
- kampe
- literatuurverspreiding
- die media

Die program fokus op vernuwing en die herstel van gesinsverhoudings. Die volgende kwartaaltemas is voorgestel:
1e kwartaal: 'n Gelukkige gesin - verhouding tot God
2e kwartaal: 'n Gelukkige gesin - verhouding as man en vrou
3e kwartaal: 'n Gelukkige gesin - verhouding as ouer en kind
4e kwartaal: 'n Gelukkige gesin - verhouding tot samelewing

Elke tema kan in subtemas verdeel word en so aangebied word om die behoeftes van 'n spesifieke teikengroep aan te spreek, bv ouers, enkelouers, kinders, tieners, jonggetroudes, ens. Ringe en gemeentes besluit self oor subtemas.

Skakelpersone is in sinodes en ringe geïdentifiseer om die program te loods. 'n Pakket met die nodige inligting

is as wenke voorsien. Samewerking met kundige persone in 'n gemeenskap is aanbeveel.

Die ideaal is om 'n gesinsbedieningsprogram te begin wat sal voortduur, sodat soveel as moontlik gesinne aan God se doel sal beantwoord.

So 'n gesin
- verheerlik God
- leef gelukkig
- is 'n hegte gemeenskap
- gee liefde
- dien ander
- is getuies vir Jesus.

'n Treffende embleem is ontwerp vir die Gesinsjaar:




**1.1.2.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode versoek gemeentes om voortdurend aandag aan die gesinsbediening te gee sodat gesinslede gesamentlik en afsonderlik sal meewerk aan 'n gelukkige gesinslewe.**

**1.1.3 JEUGSANGBUNDEL 2**

**1.1.3.1 Opdrag van Sinode** (615 : onder 5.1)
"Die Algemene Sinode
1. erken een amptelike sangbundel vir gebruik in die erediens en versoek sinodes om toe te sien dat dit getrou gebruik word;
2. aanvaar dat daar 'n behoefte bestaan, veral by die jeug, aan meer eietydse liedere, en dra dit aan die twee kommissies Jeug en Erediens op om op 'n verantwoordelike wyse vir hierdie behoefte voorsiening te maak;
3. aanvaar dat liederebundels, wat so mag ontstaan, redelik tydgebonde sal wees en versoek derhalwe dat dit in goedkoop formaat aangebied sal word;
4. gee volmag aan die betrokke twee kommissies om onverwyld aan die saak aandag te gee;
5. verwag dat by 'n hersiening van die amptelike sangbundel liedere wat hulleself as 'getoets' bewys het, in die hersiene bundel opgeneem sal word."

**1.1.3.2 Werkwyse**
1. Die volgende persone het in die ad hoc-kommissie gedien:
* namens die AJK: ds J van der Westhuyzen (ondervoorsitter), ds JC Carstens, ds AR Hanekom, dr LC Dressel (skriba) en mev E Badenhorst;
* namens die Subkommissie Erediens van die AKG: prof AC Barnard (voorsitter), ds JF Serfontein, dr WML Strydom, prof CJA Vos en dr WPJ van Wyk;
* Adviseurs: prof PJ Roodt, dr GC Olivier, prof PJ Naudé en mnr B van Rooyen.
2. 'n Spesiale oproep is landwyd gedoen vir liedere wat moontlik opgeneem kan word. Talle liedere is ontvang, maar ongelukkig was daar baie min bruikbare nuwe skeppinge. Verskeie bundels is tydens 'n werkwinkel deurgewerk met die oog op veral moderne liedere. Uiteindelik is 66 liedere gekeur vir opname in die bundel; hiervan is 32 uit die eerste Jeugsangbundel. Dit bring mee dat, saam met die 19 liedere wat in SING ONDER MEKAAR opgeneem is, ongeveer die helfte van die liedere in Jeugsangbundel 1 nou bly voortbestaan in goedgekeurde bundels.
3. Die bundel is bedoel vir gebruik in die erediens en by alle kerklike en godsdienstige byeenkomste. Kitaargrepe is voorsien, asook aanduidings vir gebruik van ander instrumente. 'n Doelmatige begeleiersboek is voorberei, gerig op instrumentale harmonisasie. Verder is ook demonstrasiekassette, waaraan twee professionele groepe saamgewerk het, voorberei.
4. Voorwaardes vir opnames deur kunstenaars en kore is by die Algemene Jeugkommissie verkrygbaar. Die AJK beklemtoon die noodsaaklikheid van die nakoming van alle reëlings ten opsigte van kopiereg en reprografiese regte. Die Algemene Jeugkommissie is nie van voorneme om transparante van die melodieë of tekste te laat maak nie en kan ook nie toestemming gee om dit te doen nie.
5. Die kopiereg, wat met groot koste van kopiereghouers van dwarsoor die wêreld bekom is, sluit nie die voorsiening vir transparante in nie en is beperk tot die gedrukte boek alleen. Die Afrikaanse teks kan wel afgedruk en gebruik word vir programme en transparante.
6. Jeugsangbundel 2 is op 7 September 1993 amptelik in Pretoria in gebruik geneem. Tot op datum was daar reeds 3 herdrukke met 'n totale oplaag van 280 000.
7. 'n Meganisme behoort geskep te word om nuwe skeppinge te keur en vir die kerk beskikbaar te stel. Hierdie liedere kan moontlik in losbladformaat versprei of in Die Voorligter afgedruk word. Die kerk moet waak teen allerlei bundeltjies met ongekeurde liedere. Die kerk is dankbaar vir nuwe skeppinge, maar dan moet dit, vir gebruik in die kerk, voldoen aan gestelde standaarde ten opsigte van teologie, liriek en melodie.

**1.1.3.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode**

**1. spreek dank uit oor die verskyning van Jeugsangbundel 2 en doen 'n beroep op al die gemeentes om dit met ywer te gebruik;**

**2. doen 'n beroep op lidmate wat oor die gawes van digkuns en komposisie beskik om steeds nuwe skeppinge vir die jeug daar te stel wat getoets kan word vir gebruik in die erediens en by kerklike byeenkomste;**

**3. gee opdrag aan die Algemene Jeugkommissie om, in samewerking met die Eredienskommissie, voort te gaan met die ontvangs en keuring van nuwe skeppinge vir die jeug en om 'n doelmatige meganisme te skep waarvolgens hierdie nuwe liedere tot beskikking van die kerk gestel kan word.**

### 1.1.4 SEKULARISME

#### 1.1.4.1 Opdrag van Sinode (609:2.10)

"Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AJK om intensiewe aandag te gee aan die bestudering van die sekularisasieproses, die invloed daarvan op die jeug en moontlike bekamping daarvan.

In so 'n ondersoek kan aandag gegee word aan:
* hulpverkryging van alle moontlike instansies om die proses te vertraag en teen te werk,
* maatreëls om die dooplidmate en jong belydende lidmate vir die kerk en koninkryk te behou,
* uitreiking na diegene wat meegesleur word en "ontkerk" word, sodat hulle teruggebring kan word na die kudde van Christus."

#### 1.1.4.2 Werkwyse

Die AJK het met die AKG, AKSE, AKDB, AKLAS en AKV geskakel. 'n Werksbyeenkoms is gereël om saam met verteenwoordigers van hierdie kommissies sekularisme te bespreek.
Die resultaat van die ondersoek word hieronder weergegee.

**1. BESTUDERING VAN DIE SEKULARISASIEPROSES**
Die volgende aspekte het aandag geniet:

* Definisie
* Bronne
* Tendense
* Oorsake
* Omvang ten opsige van:
- Gesin
- Kerk
- Skool
- Samelewing

**2. WERKMETODE**

2.1 Verskeie beskikbare bronne is nagevors.

2.2 'n Werkwinkel is gehou waaraan die AJK (sameroeper), AKG, AKSE, AKLAS, AKDB, AKV en deskundiges meegewerk het.

**3. DEFINISIE**
Vir die doel van hierdie verslag is die volgende definisie van sekularisme as uitgangspunt gekies:

**Sekularisme is 'n lewens- en wêreldbeskouing waarin afskeid geneem word van die lewende God as werklikheid en van alle Bybelse begronde norme en waardes.**

**Begripsontleding**
Sekularisme en sekularisasie moet onderskei word al word hulle van dieselfde Latynse woord, **saeculum**, afgelei.

**Sekularisasie** is 'n historiese proses waarin die mens "mondig" geword het en wat gelei het tot talle veranderings in die samelewing en 'n meer positiewe evaluering van die wêreld.

Sekularisasie het 'n **positiewe** sy in die opsig dat die mens bevry word van animisme en kerklike verknegting om self op verantwoordelike wyse beslissings te kan neem.

Sekularisasie in sy **negatiewe** vorm verloop in 'n lewenshouding wat in ateïsme wortel met geen plek vir die drie-enige God, sy Woord en sy wonderdade nie, hoewel die mens weer allerlei afgode begin dien en in sy eie vermoë glo. Hierdie mens wil vry wees van die Bybelse gesag, norme en waardes of enige ander bindinge. Hy leef vir die hier en nou. Dit word **sekularisme** genoem.

Sekularisme is die lewensbeskouing wat God uitskakel en op die tydelike en verganklike konsentreer.

**4. TENDENSE, OORSAKE EN OMVANG VAN SEKULARISME**

**4.1 ALGEMENE TENDENSE**
Sekularisme manifesteer hom onder andere in die volgende openbaringswyse:

4.1.1 Ontkerstening van die lewe.
4.1.2 Materialisme.
4.1.3 Gesagsverwerping deur die mens wat outonoom geword het.
4.1.4 Normverlies, normverwarring en normrelativering wat uitmond in 'n gebrekkige waardesisteem.
4.1.5 Individualisme en selfgerigtheid.
4.1.6 Ontvlugting in onder andere dwelmmisbruik en selfmoordpogings.
4.1.7 Gebrek aan 'n Bybelse eskatologiese perspektief.

**4.2 BESONDERE TENDENSE IN GESIN EN KERK**

**4.2.1 Die gesin**
Die gesin is blootgestel aan 'n snelveranderende samelewing wat sekularisme bevorder deur onder meer 'n gebrekkige waardesisteem.

Sekularisme het 'n baie groot invloed op die gesin, aangesien daar in 'n geweldige groot persentasie huise geen Bybel, godsdiens of kerk meer is nie. Jongmense het in baie gevalle hulle vertroue in hulle ouers verloor. Baie ouers is nie meer 'n model vir die kinders nie. Ouers soek self na 'n dieper gesag. Waar daar egter 'n gesonde gesagsverhouding bestaan, maak dit 'n groot verskil. Sekularisme kan egter nie net aan die deur van die ouers gelê word nie, aangesien hulle ook produkte daarvan is.

Die huweliksverbintenis word vervang deur pseudo-huwelike soos saamwoon en "huwelike" van homoseksueles, lesbiërs, ens. Egskeiding en gevolglike enkel-

ouergesinne het 'n baie groot invloed op persoonlikheidsontwikkeling van die kind.

**4.2.2 Die kerk**

* 1 Dit wil voorkom asof die Ned Geref Kerk stadig maar seker sy invloed op die tiener in die stad prysgee (Tienerondersoek, 1987). Die kerk is blykbaar besig om die geloofstryd in die stad te verloor. 21% van die tieners het aangedui dat hulle oorweeg om die Ned Geref Kerk te verlaat en by ander kerkgroepe aan te sluit.

* 2 Jongmense beweer in die Tienerondersoek dat die warmte van die gemeentes nie na wense is nie. Een uit elke drie het gesê hulle beleef nie warmte nie. Ongeveer 24% dui aan dat koinonia ontbreek terwyl 35% onseker was.

* 3 Gebed, Bybelstudie en erediensbywoning word verwaarloos.

**4.2.3 Die skool**

Daar is baie om voor dankbaar te wees op skolevlak in ons land. In die buiteland dui tendense aan dat sekularisme 'n wesentlike invloed op die onderwys gehad het.

Daar moet gesorg word dat hierdie tendense, wat in die buiteland ervaar word, teengewerk kan word in ons land.

Die tendense is onder meer:
* 1 Kinders wat in 'n morele vakuum grootword, as gevolg van die feit dat daar in die VSA geen godsdiens op skool is nie.
* 2 Kinders weet nie meer wat die Bybel leer nie. Mense het geen morele grense nie. Kinders word voortdurend deur liberalistiese onderwys gebombardeer.
* 3 'n Gebrek aan dissipline.
* 4 Bybelonderwys en Bybelonderrig word nie op 'n effektiewe wyse aan die kind/leerling/katkisant gebring nie.

**4.3 ANDER FAKTORE**

Ander bydraende faktore is die wetenskaplike ontdekkings waardeur die mens die gevoel van outonomiteit en van mag gekry het. Die mens plaas sy vertroue veel meer op die tegniek as op God.

Prof Hentie Boshoff van Potchefstroom dui die volgende invloede wat die bodem vir sekularisme kan voorberei, aan:

* 1 Daar word al meer in 'n oop gemeenskap inbeweeg.
* 2 'n Groot verskeidenheid van groeperinge ontstaan.
* 3 Minder sosiale konformering as gevolg van 'n sterk neiging tot individualisme.
* 4 'n Groter verskeidenheid van waardesisteme.
* 5 Omvangryke struktuurveranderinge met die gevolglike onsekerheid en uitsigloosheid wat op sy beurt die verstandhouding van waardesisteme bemoeilik.

**4.4 OMVANG VAN SEKULARISME**

**4.4.1 Buiteland**

Tydens 'n studietoer deur jeugpredikante in 1989 is aangedui:
* 1 Dat daar 'n duidelike afname in die bereiking van tieners deur die kerke is.
* 2 In Holland het baie tieners na die ouderdom van 12 jaar opgehou om kerk toe te gaan.
* 3 Die "Sunday School" is in baie gevalle slegs 'n instrument waardeur die nie-kerklikes geëvangeliseer word. So byvoorbeeld is die Sondagskool in Holland dikwels bloot gerig op die randkerklikes.
* 4 'n Ondersoek in die VSA het aangetoon dat slegs 30% van die jeug nog enigsins aan kerklike bedrywighede deelneem. Volgens 'n Kanadese opname gaan slegs 23% nog kerk toe. 50% van die jeug sê dat hulle nou minder betrokke by kerksake is as toe hulle jonger was.
* 5 In baie kerke word belydenisskrifte vermy en slegs op 'n vrysinnige verstaan van die Bybel gekonsentreer, omdat hulle met die jeug van 'n gesekulariseerde gemeenskap werk.

**4.4.2 In Suid-Afrika**

Volgens die Tienerondersoek is 86% van die tieners tevrede om deel van die Ned Geref Kerk te wees. 'n Persentasie van 83% is gelukkig in hulle eie gemeentes en hulle is ook aktief betrokke. 65% van die tieners woon 3-4 eredienste in 'n siklus van 4 Sondae by.

Altesaam 70% van die tieners woon al 4 die kategesebyeenkomste in 'n siklus van 4 Sondae by. 80% van die kinders dui ook aan dat hulle weet wat reg en verkeerd is vanweë die kategese.

Hierdie gegewens bewys dat sekularisme in die RSA nog nie so 'n groot inbreuk op die jeug se kerklike meelewing gemaak het nie.

Ten spyte van die positiewe beeld ten opsigte van die jeug hier te lande, is daar tog ontstellende voortekens dat die jeug reeds nie meer ontkom aan die invloed van sekularisme soos dit hom in die buiteland manifesteer nie.

Hieronder tel die volgende:
* 5% ervaar die lewe as sinloos.
* Vir 14% is hulle eie lewe sonder doel.
* Vir 18% is die toekoms so duister dat hulle eendag liewer nie kinders wil hê nie.

**5. OPLOSSINGS**

**5.1 INLEIDING**

Sekularisme raak alle terreine van die lewe. Die verhouding met die drie-enige God moet herstel word. Gelowiges behoort op elke lewensterrein hulle Christelike geloof uit te leef en so die golf van sekularisme teë te werk.

Dit sou onrealisties wees om nie die Here te dank vir die feit dat sekularisme nog nie so 'n groot inbreuk op die jeug se kerklike meelewing gemaak het nie.

**5.2 DIE GESIN**

**5.2.1** Die Ned Geref Kerk beywer hom om voor die jaar 2 000 sekularisme in die gesin teen te werk deur 'n doelgerigte en gekoördineerde aksie in elke gemeente daar te stel:
* 1 Deur die verhouding met die drie-enige God te herstel en te verdiep.
* 2 Die gesin as geloofs-, liefdes- en diensgemeenskap uit te bou.
* 3 Die vestiging van Christelike beginsels en bevordering van Bybelse waardes en norme.
* 4 Om die gesinslede toe te rus om as burgers van die koninkryk van God op elke lewensterrein te leef en sekularisme teen te werk.

**5.2.2** In aansluiting by die Gesinsjaarprojek (1994) en ander bestaande programme, behoort die volgende sake onder meer doelgerig aandag te geniet:
* 1 Die herwaardering van die huwelik en gesin as 'n instelling van God en 'n onmisbare bousteen van die samelewing.
* 2 Die kweek van 'n gesin wat leef vanuit die beginsels van die Bybel deur middel van:
* Huisgodsdiens
* Persoonlike stiltetyd
* Bybelstudie
* Kerkbesoek
* 3 Versterking van gesinsverhoudings (kommunikasie, tyd, rolverdelings, krisishantering, indaba, kampe, konferensies, ens).
* 4 Vestiging en uitbouing van gekoördineerde gesinsbedieningsprogramme in elke gemeente, byvoorbeeld huweliksvoorbereiding- en verrykingskursusse, konferensies, kampe, ens.
* 5 Om die gesinslede aan te moedig om aktief betrokke te raak by dienslewering en getuienislewering in die gemeenskap.
* 6 Die koppeling van gesinne aan mekaar en aan 'n breër geloofsgemeenskap (ook ekumenies).
* 7 Daadwerklike aandag aan die vorming van Christelike rolmodelle vir kinders. Die kerk spits sy bediening toe op ouervoorligting. Voorligting aan almal wat met die jeug werk - ook met die oog op die kleiner kind - is noodsaaklik. Veral waar ouers nie 'n Christelike voorbeeld stel nie, moet die kerk help om Christelike rolmodelle te help vorm.

**5.3 DIE KERK**

**5.3.1 Jeug-vriendelik wees**
Van primêre belang is dat elke gemeente, getrou aan die jeugbeleid, die bediening aan die jeug as 'n integrale deel van die gemeente se werksaamhede sal hanteer. Dit beteken dat die leraar, die kerkraad, die Vrouediens en ander aksies 'n hoë pro rata-deel van hulle tyd, aandag en fondse aan die jeug behoort te bestee. Sodoende kan die Ned Geref Kerk deur die jeug as jeugvriendelik ervaar word. Die gevaartekens kan dan soveel makliker onderskep word.

**5.3.2 Daaglikse toewyding**
Die persoonlike toewyding aan Jesus Christus die Here deur elke lidmaat is van die allerhoogste belang vir die welsyn van die kerk. Ten grondslag hiervan lê 'n daaglikse persoonlike stiltetyd. Die kerk moet ernstig probeer om persoonlike Bybelstudie, gebed en huisgodsdiens stewig te laat posvat as 'n lewenstyl by ons kinders en huisgesinne.

**5.3.3 Ontsag vir God**

**5.3.3.1 Tydsgees**
Die sterk klem wat in die moderne tyd op menseregte val en die gees van oordrewe humanisme, bring mee dat die jeug hulle eerbied en liefde vir God en die vrees vir die sondestraf van God afskaal. Die wyse waarop sommige predikante die leer van die genadeverbond verkondig, kan meebring dat tienerlidmate die leer van genade so verstaan dat hulle hulle eie persoonlike verantwoordelikheid vir geloofskeuses ignoreer en passiewe lidmate word.

**5.3.3.2 Stappe vir voorkoming**
* 1 In die bediening aan die jeug moet daar sterker klem op die gelowige se persoonlike verantwoordelikheid gelê word.
* 2 Die kategese en die prosedure vir toelating en vrywillige aanmelding tot belydenisaflegging is uitnemende geleenthede om die individuele verantwoordelikhede en geloofsoorgawe van die lidmaat te laat konkretiseer. Die prosedure vir belydenisaflegging behoort dus verbeter te word om hiervoor voorsiening te maak.

**5.3.4 Koinonia**
Veel meer aandag aan die bevordering van groepsgebondenheid en die belewing van warmte sal in die jeugbediening gegee moet word. Die kategete, jeugleiers en gemeentekomitees behoort meer geskool te word in die metodes om in 'n groep warmte en samehorigheid te skep. Sang kan hierin 'n groot rol speel.

**5.3.5 Sang**
Deur al die eeue is sang 'n belangrike element van aanbidding. In die moderne tyd het sang en musiek 'n besonder hoë appèl op die jeug. Daarom mag die jeug nie van die kerksang vervreem raak nie. Leraars van die Ned Geref Kerk en die orreliste sal daadwerklike stappe moet doen om die sang in die erediens ook in die smaak van die tieners te laat val.

**5.3.6 Erediens**

**5.3.6.1 Statistiek**
Volgens die Tienerondersoek is die dominee se taalgebruik vir 25% van die tieners te moeilik. Minder as 30% van die tieners verstaan sonder meer wat die dominees in hulle preke probeer sê. Tieners voel ook dat die slegte, ten koste van die goeie, in die prediking oorbeklemtoon word.

**5.3.6.2 Stappe**
* 1 Predikante behoort dus ernstig ondersoek na die taalgebruik, trefkrag en inhoud van hulle prediking te doen. Gemeentelede wat 'n eerlike openhartige mening kan gee, behoort hierby betrek te word. Die nodige aanpassings behoort dan gereeld gemaak te word.

* 2 Die jeug het 'n baie sterk behoefte aan tienergerigte en kindvriendelike eredienste.
* 3 'n Groot aantal lidmate vind die charismatiese godsdiens aantreklik. Die kerk sal dus al meer **op die lidmaat en sy behoeftes** - veral affektiewe behoeftes - moet fokus om te verhoed dat hy lidmate verloor.
* 4 Die kerk (en prediking) sal die praktiese implikasies van Christenskap al meer moet uitspel. Ons is dikwels so bekommerd oor **leersuiwerheid**, dat ons van **leefsuiwerheid** vergeet. Die praktiese implikasies van byvoorbeeld die liefdesgebod sal al meer uitgespel moet word.

**5.3.7 Pastoraat**
Die kerk en veral die besondere ampte sal naas die aandag aan die groep al meer aandag aan die individu moet gee. Ons is baie keer so geneig om soveel klem aan die opbou van die gemeente te gee dat ons nie altyd by die individu in sy deurmekaar lewe, in sy soeke na sekerheid uitkom nie. Persoonlike aandag aan die jeug, ook tydens huisbesoek, vereis ernstige aandag.

**5.3.8 Kategese**
Die Bybelse opdrag aan die kerk om te sorg vir die onderrig van sy jeug, mag nie afgeskeep word nie of aan die verbondshuisgesin alleen oorgelaat word nie. Volgens die Tienerondersoek beoordeel die meerderheid tieners in die Ned Geref Kerk die huidige manier van kategese as bevredigend en aanvaarbaar. Hierdie kosbare geleentheid wat aan die Ned Geref Kerk gegee word, moet verder uitgebou word deur meer gebruik te maak van hedendaagse wetenskaplike onderrigmetodes. Kategete moet op 'n deurlopende basis toegerus word om naas die kognitiewe ook die konatiewe en affektiewe aspek van onderrig te bemeester. Die positiewe belewing van die kategese kan beter benut word om die tieners te motiveer tot nouer inskakeling by die jeugaksies en diensprogramme.

**5.4 DIE SKOOL**

**5.4.1 Christen-onderwysers**
Die kerk beywer hom om die mees geskikte Christen-onderwysers voor die klas geplaas te kry. Dit impliseer die volgende:
* 1 om leerlinge en studente vir die onderwys te werf deur
- prediking,
- die oordra van roepingsbewustheid by leerlinge deur onder andere gebruik te maak van Christen-onderwysers om moontlike onderwyskandidate te kan identifiseer,
- beïnvloeding deur ouers,
- beïnvloeding deur onderwysers,
- beïnvloeding deur departementshoofde en skoolhoofde,
- keuringskomitee van opleidingsinstansie,
- kerklike betrokkenheid deur AJK, SJK en KJK;
* 2 om gedurende die opleiding van onderwysstudente te beding dat die studente
- professioneel toegerus word om elke vak vanuit Christelike beginsels aan te bied;
- voorberei word om die Christelike beginsels, norme en waardes sinvol uit te leef;
- toegerus word om deur hulle leierskap toereikende leiding aan leerlinge te kan gee;
* 3 om onderwysers voordurend indiensopleiding te gee om hulle taak in verband met die lewensbeskoulike in die klaskamer doelmatig uit te voer (bv deur Bybelstudiegroepe onder onderwysers, ens);
* 4 om saam met ouers en onderwysers te beding dat die amptelike standpunt van die kerk ten opsigte van Christelike onderwys voortdurend die nodige aandag sal kry.

**5.4.2 Ouers**
Die kerk bewyer hom om die ouer op grond van sy verbondsverantwoordelikheid toe te rus om
* 1 reeds in die voorskoolse fase sy kind volgens die Christelike beginsels op te voed,
* 2 aktief betrokke te wees in alle sake rakende die skool sodat die skool, naas die Christelike kennisoordrag, ook aan die kind 'n breër opvoeding van Christelike waardes en norme en die kultuureie kan gee.

**5.4.3 Plaasvervangende ouers en onderwysers**
Die kerk beywer hom om aan alle plaasvervangende ouers en onderwysers (bv dagmoeders, persone verbonde aan nasorgsentrums en speelgroepe) toepaslike toerusting te gee sodat die Christelike waardes ook in hierdie sentra aan die kinders oorgedra kan word.

**5.4.4 Onderwysvoorsiening**
* 1 Die kerk beding voortdurend vir die vestiging van Christelik- lewensbeskoulik-gerigte onderwysinstansies, byvoorbeeld bewaarskole, studiesentra, preprimêre, primêre en sekondêre skole en tersiêre inrigtings.
* 2 Die kerk beywer hom om die ouer voortdurend toe te rus ten einde die regte keuse te maak ten opsigte van die geskikste skool vir sy kind.
* 3 Die kerk beding saam met die ouers om die mees geskikte kurrikulum vir hulle kinders in die skool te verkry en sodoende te verseker dat Christelike onderwys vir die kind 'n werklikheid bly.

**5.4.5 Gesamentlike, magtige aksie**
Die kerk aanvaar sekularisme as 'n uitdaging wat bestry moet word. Dit is 'n geleentheid om die krag van die evangelie te bewys.

Om die hele kerk bewus te maak van die subtiele gevare van sekularisme en om 'n kragdadige gesamentlike veldtog teen sekularisme te loods, behoort die Algemene Sinode 'n bepaalde jaar te identifiseer waartydens 'n groot aksie teen die bekamping van sekularisme geloods word.

**1.1.4.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit:**
**1. om die bekamping van sekularisme as fokus vir 1997 te identifiseer sodat die kerk en gesin koninkryksgerig sal lewe;**

**2. om die sinodes, ringe en kerkrade te versoek om die studiestuk oor sekularisme te bestudeer en saam te werk in die bestryding van sekularisme;**
**3. om 'n ad hoc-kommissie te benoem wat die veldtog sal loods, bestaande uit een verteenwoordiger uit die AJK (Sameroeper), AKG, AKSE, AKLAS, AKDB, AKV en Bybelkor;**
**4. om Bybelkor te versoek om 'n kort bevatlike studie oor sekularisme en hoe om dit te oorwin, te publiseer.**

#### 1.1.5 ARTIKEL 21-MAATSKAPPY

##### 1.1.5.1 Opdrag van Sinode (638:4.1.14.4.7)

Die Algemene Sinode "gee opdrag aan die Algemene Jeugkommissie (AJK) om in samewerking met die Algemene Kommissie vir Kerklike Media ondersoek in te stel na die omskakeling van die NG Kerk-Jeugboekhandel in 'n Artikel 21-maatskappy met die oog op die voorsiening van kategesemateriaal en ander jeugpublikasies. Die AJK word versoek om tussentyds verslag te doen aan die Algemene Sinodale Kommissie met finale verslag aan die Algemene Sinode van 1994."

##### 1.1.5.2 Werkwyse

Die AJK het die moontlikheid van 'n Artikel 21-maatskappy deeglik bestudeer. Die saak is ook met die AKKM bespreek. Die omskakeling na 'n Artikel 21-maatskappy sal onder meer finansiële implikasies hê. Die AJK se finansiële posisie is baie gesond en hou geen finansiële gevaar vir die Algemene Sinode in nie. Die verskaffing van kategesemateriaal en ander jeugpublikasies word op 'n verantwoordelike wyse en met die nodige deskundige advies hanteer. Dit word so goedkoop as moontlik aan die kerk voorsien. Die saak kan net so voortgaan.

##### 1.1.5.3 AANBEVELINGS

**1. Die Algemene Sinode besluit dat die N G Kerk-Jeugboekhandel nie omgeskakel word na 'n Artikel 21-maatskappy nie.**
**2. Die Algemene Sinode besluit dat die AJK voortgaan om die kategesemateriaal en jeugpublikasies so goedkoop as moontlik aan die kerk te voorsien.**

#### 1.1.6 VROUEDIENS

##### 1.1.6.1 Werkwyse

Die Vrouediens is op talle terreine op jeugvlak betrokke. Die betrokkenheid van die AKV by die AJK is noodsaaklik. Daar is wedersydse skakeling en verslaglewering.

##### 1.1.6.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode betuig sy hoogste dank aan die vroue van ons kerk wat deur middel van die Vrouediens 'n onontbeerlike rol in die verskillende jeugaksies van ons kerk speel. Hulle hulp en bystand op morele, praktiese en finansiële vlak van die jeugbediening word raakgesien en waardeer.**

## 1.2 ADVIES TOV JEUGBEDIENING (AJK-REGLEMENT 3.1)

#### 1.2.1 DIENSJAAR VIR CHRISTUS

Die Algemene Jeugkommissie is verteenwoordig in die Beheerraad van die Sentrum vir Jeugbediening aan die Hugenote-Kollege. Die opleiding van jeugwerkers en jongmense vir die Diensjaar vir Christus word met belangstelling gevolg. Die inskrywings vir die Diensjaar-projek het jaarliks toegeneem. In 1993 was daar 180 studente opgelei en 330 in 1994.

Die wenslikheid dat al die Diensjaarspanne op Wellington opgelei moet word, is deur die Beheerraad van die SJB bespreek, maar om praktiese redes blyk desentralisasie op die huidige die enigste antwoord te wees. Daar is in 1994 op drie verskillende plekke opleiding aangebied.

| | | |
|---|---|---|
| 1. Inter-kultureel | : | Hawekwa-jeugterrein |
| 2. Hoërskole | : | Kleinmond |
| 3. Hoër- en Laerskole | : | Pienaarsrivier-jeugkampterrein, Pretoria |

In 1993 was inter-kulturele spanne werksaam in die Transkei, Malawi en België.

Die SJB het toestemming gekry om een van die Kollege se geboue, Kromhout, as kantore te gebruik. Die AJK het 'n bedrag hiervoor as lening bewillig.

Verskeie Sinodale Jeugkommissies beplan om in samewerking met die Sentrum vir Jeugbediening van spanne gebruik te maak as deel van die Aksie Voluit vir Christus-projek in 1995. Aan die hand van die tema: "Voluit met die Goeie Nuus" sal persone toegerus word om te getuig en daadwerklik daartoe oorgaan. Bybelkor het 'n kursus hiervoor gereedgemaak.

#### 1.2.2 ACSV

**1.2.2.1** Die ACSV het hulle grondwet gewysig. Die AJK en ACSV het gesprekke gehad oor sommige van die wysigings. Die ooreenkoms tussen die AJK en ACSV, wat in 1986 deur die Algemene Sinode goedgekeur is, is opnuut bespreek. Die gewysigde ooreenkoms is deur die AJK aanvaar en word aan die Algemene Sinode voorgelê. Die AJK word in die Hoofbestuur van die ACSV verteenwoordig deur dr EJ Hay.

##### 1.2.2.2 Riglyne vir samewerking

<u>Riglyne vir samewerking tussen die Ned Geref Kerk en die ACSV</u>

**1. Algemene riglyne**

**1.1 Kerkregtelik**
Die samesprekings, samewerking en indien moontlik koördinasie word kerkregtelik aan Art 70 van die Kerkorde gekoppel.

**1.2 Uitgangspunt**
Die eer van God, die belange van die koninkryk van God en sy kerk moet altyd voorop staan en steeds die primêre basis vorm van en in alle samewerking.

**1.3 Belange van die Ned Geref Kerk**
Die Kerkorde en die Jeugbeleid van die Ned Geref Kerk moet steeds in ag geneem word en die kerk se jeugwerk moet die hoogste prioriteit geniet.

**1.4 Belange van die ACSV**
Met inagneming van die belange van die kerk moet die Grondwet van die ACSV steeds in ag geneem word.

**1.5 Wedersydse instemming**
Samewerking word oorweeg met die veronderstelling dat albei "partye" met welwillendheid daartoe instem.

**1.6 Inisiatief**
Versoeke tot moontlike samewerking kan óf deur die Kerk óf deur die ACSV voorgelê word.

**1.7 Besluitneming deur kerklike vergaderings**
Binne die raamwerk van die beleid en besluite van meerdere vergaderings besluit elke kerklike vergadering hoe hy die beleid en besluite implementeer.

**1.8 Praktiese reëlings**
Elke kerklike vergadering tref sy eie praktiese reëlings in die lig van die beleid soos hierbo gestel in oorleg met die ooreenstemmende bestuursliggame van die ACSV. Ook die betrokke bestuursliggaam van die ACSV tref sy praktiese reëlings in oorleg met die ooreenstemmende kerklike vergaderings.

**1.9 Onderhandelingskommissie**
Die Dagbestuur-AJK en Dagbestuur van die Hoofbestuur van die ACSV sal as Onderhandelingskommissie toekomstige onderhandelings oor beleidsake hanteer met verslag aan die AJK en Hoofbestuur van die ACSV.

**1.10 Oor-en-weer verteenwoordiging**
Solank die behoefte en noodsaaklikheid vir samewerking bestaan, kan oor-en-weer verteenwoordiging op ooreenstemmende liggame oorweeg word binne die Kerkorde en die Grondwet van die ACSV.

**2. Kampe**

2.1 Vir die ACSV word die ruimte erken om binne sy opdrag kampe te organiseer.

2.2 Daar moet gewaak word teen botsings en oorvleueling tussen kerklike kampe en dié van die ACSV.

2.3 Die voorlegging en beplanningsroosters behoort betyds te geskied om botsings uit te skakel.

2.4 In die programme behoort steeds erkenning gegee en aangesluit te word by die kategetiese onderrig van die kerk.

2.5 'n Memorandum wat die beginsels vir die inhoudelike stof van die programme van kerklike kampe uitspel, is opgestel.

**3. Vakansie- en stranddienswerk**

3.1 Vakansieoordbediening lê primêr op die terrein van die plaaslike gemeente.

3.2 Die kerk kan van die ACSV in dié opsig gebruik maak. Die ACSV word dan beskou as 'n middel in die hand van die kerkraad en reël en hou kampe in opdrag en onder toesig en leiding van die kerkraad. Die ACSV reël dus al sy kampe in oorleg met, in samewerking met en onder toesig van kerkrade.

**4. Opleiding van jeugleiers**
Die opleiding van jeugleiers by die ACSV bly toegespits op toerusting en op die funksionering van die ACSV se jeugleiers.

**5. Sang**
Die ACSV onderneem om daarna te strewe dat die sang by ACSV-byeenkomste nie vreemd aan die gereformeerde beginsels sal wees nie.

**6. Takke van die ACSV**

6.1 Die ACSV sal slegs 'n werksaamheid by 'n bepaalde skool begin in noue oorleg met die plaaslike gemeente(s) van die Ned Geref Kerk wat binne die bedieningsgebied van die skool is, ten einde te verseker dat dit tot bevrediging van beide partye gedoen word.

6.2 Die ACSV sal nie poog om by enige laerskool waar die JKJA reeds 'n staanplek op die kampus gekry het, 'n werksaamheid van die ACSV te begin nie.

6.3 Indien die ACSV 'n tak in 'n bepaalde laerskool het en die kerk sou in enige latere stadium verlof kry om op skoolvlak 'n aksie te begin, sal die ACSV hom van die skool onttrek.

**1.2.2.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode keur die Riglyne vir Samewerking tussen die Ned Geref Kerk en die ACSV goed.**

## 1.3 NAVORSING, BEPLANNING, INLIGTING EN VOORLIGTING (AJK-REGLEMENT 3.2)

**1.3.1 JEUGKONFERENSIES VAN DIE GEREFORMEERDE EKUMENIESE RAAD**
In April 1991 is 'n GER-streekkonferensie vir Afrika by Achterbergh, Krugersdorp, gehou. Die tema van die konferensie was "Challenges for the youth and youth work at the turn of the century". Die AJK was nou betrokke by die reëlings. Verskeie persone uit Afrika het die konferensie bygewoon. Die AJK en SJK's het aan die konferensie meegewerk.

Die AJK en etlike SJK's het elk twee verteenwoordigers na die GER-Jeugkonferensie in Athene in Mei 1992 gestuur. Die verteenwoordigers van die Ned Geref Kerk het 'n wesentlike rol vervul in die konferensie. Die besluite van die GER is deeglik deur die AJK hanteer.

'n Verdere GER-Jeugkonferensie word vir Junie 1994 te Gaberone vir die Afrikastreek met die tema "Youth in Africa : is there a future?" gereël. Dit word deur twee lede van die AJK en verskeie lede van SJK's en jongmense bygewoon. Dr LC Dressel, een van die jeugkonsultante van die GER se jeugkomitee, is weer eens skriba van die Reëlingskomitee.

Die bywoning van die konferensies en die betrokkenheid by die GER is waardevol met die oog op kontak, insette wat gemaak word en informasie wat ingewin word.

#### 1.3.2 SAMESPREKINGS MET DIE AFRIKAANSE SUSTERKERKE

Jaarliks word samesprekings gevoer met verteenwoordigers van die jeugkommissies van die Ned Herv Kerk en Geref Kerke. Waardevolle inligting word uitgeruil. Sake waaraan aandag gegee is, is onder meer Aksie Voluit vir Christus, die Gesinsjaar, publikasies en die nuwe onderwysbedeling.

#### 1.3.3 SAMESPREKINGS MET DIE NGKA EN NGSK

Die AJK van die Ned Geref Kerk en die Sinodale Jeugkommissies van die NGKA en NGSK het gesprek gevoer. Met die NGKA is voorheen gereeld gesprek gevoer. Vir die eerste keer is daarin geslaag om die NGSK ook te betrek. Die bedoeling was om inligting oor jeugwerk uit te ruil, maar daar is veral oor kerkeenheid gepraat. Die bande is versterk en verdere gesprekke word in die vooruitsig gestel.

# 2. DOOPLIDMATE

## 2.1 PRIORITEITSAANDAG NODIG

Die kerklike bediening van ons dooplidmate is 'n omvattende bediening. Die teikengroep is ons kinders vanaf geboorte tot by hulle belydenisaflegging van geloof. Die ouers en die kerk het elk 'n eie taak en roeping om die dooplidmate te vorm en te begelei. Deur middel van Woordbediening, pastorale aandag en veral deur sy kategetiese onderrig en inoefeningsaksies moet die kerk hieraan aandag gee.

Aan die Algemene Jeugkommissie het die kerk in die besonder die missie gegee om, behalwe die ander jeugwerk, hierdie dooplidmaatbediening van die kerk te bevorder, te koördineer en moontlik te maak deur voorsiening van eenvormige onderrigmateriaal en hulpmiddels aan gemeentes.

Ons kerk is nie alleen in 'n baie bevoorregte posisie dat die AJK oor die jare die middele opgebou het om hierdie voorsiening te kan doen nie, maar dat ons ook, selfs in vergelyking met ou gevestigde oorsese kerke, 'n stelsel het wat in baie opsigte baie verder gevorder het.

## 2.2 STATISTIESE GEGEWENS

#### 2.2.1 Volgens die Jaarboek is die getalle soos volg:

| | **Jaarboek 1991** | **Jaarboek 1992** | **Jaarboek 1993** | **Jaarboek 1994** |
|---|---|---|---|---|
| Belydende lidmate | 946 971 | 955 794 | 944 829 | 936 508 |
| Dooplidmate | 410 371 | 403 180 | 392 519 | 374 358 |
| Totale lidmate | 1 357 342 | 1 358 974 | 1 337 348 | 1 310 866 |
| Persentasie dooplidmate | 30,23% | 29,67% | 29,35% | 28,55% |
| Gedoop | 23 672 | 22 891 | 22 564 | 21 084 |
| Belydenis | 28 023 | 25 601 | 26 427 | 25 622 |

#### 2.2.2 Volgens die sensusgegewens is die getalle soos volg:

| | 1981 | 1985 | 1989 | 1993 |
|---|---|---|---|---|
| Belydende lidmate | 912 380 | 957 720 | 920 274 | 917 247 |
| Dooplidmate | 459 804 | 468 578 | 407 239 | 370 060 |
| Ongedoop | 22 533 | 21 164 | 12 552 | 13 109 |
| Totaal | 1 394 717 | 1 449 462 | 1 340 065 | 1 300 416 |
| Persentasie dooplidmate (ongedoop ingesluit) | 34,58% | 33,79% | 31,33% | 29,47% |

Dit blyk dus dat, hoewel die dooplidmaatgetalle afneem, die dooplidmate nog steeds byna in die verhouding van 1:2 teenoor die belydende lidmate is.

#### 2.2.3 Ontleding van dooplidmaatgetalle volgens sensus-1993

| Totale aantal dooplidmate (ongedoopte kinders ingesluit) | | | |
|---|---|---|---|
| | Getal | % van totaal | % van kategese |
| Kleuterkategese | 17 232 | 4,50% | 6,57% |
| Junior kategese | 129 621 | 33,83% | 49,39% |
| Senior kategese | 91 968 | 24,00% | 35,04% |
| Belydenisklas | 23 624 | 6,17% | 9,00% |
| Totaal | 262 445 | 68,50% | 100,00% |

**2.2.4 Betrokkenheid by kerkjeugaksies volgens sensus**
Die gemiddelde aantal kinders per gemeente in die kerkjeugaksies is volgens die sensusgegewens:

| | JKJA | SKJA |
|---|---|---|
| 1981 | 28,18 | 18,66 |
| 1985 | 37,55 | 26,19 |
| 1989 | 43,74 | 25,35 |
| 1993 | 35,98 | 21,68 |

## 2.3 OPDRAGTE VAN DIE SINODE 1990

### 2.3.1 VIGS

**2.3.1.1 Opdrag van Sinode (556:5.9)**
"Aangesien die mens se gedragspatrone veral tydens die jeugjare vasgelê word, word ouers opgeroep om hulle kinders volledig in te lig in verband met riskante seksuele optrede wat tot besmetting met die vigsvirus kan lei. Die uitvoering hiervan word na die AJK verwys."

**2.3.1.2 Werkwyse**
Die AJK het besluit om sy gratis pamflet "Vigs - Hoe om dit te voorkom" in massas onder die aandag van jongmense en ouers te bring.

**2.3.1.3 AANBEVELING**
**Die optrede van die AJK word goedgekeur.**

### 2.3.2 STUDIE OOR DOOP- EN VERBONDSBESKOUING

**2.3.2.1 Opdrag van Sinode (665:8)**
Die Algemene Sinode het dit aan AKLAS opgedra om 'n studie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se doop- en verbondsbeskouing te maak om as riglyn vir predikante en lidmate te dien.

**2.3.2.2 Werkwyse**
Die AJK het versoek om aan die studie van AKLAS mee te werk met die oog op die insette wat vanaf die AJK noodsaaklik is; dr LC Dressel is hiervoor benoem. Die studiekommissie het nie vergader nie.

### 2.3.3 UITREIK NA ANDER

**2.3.3.1 Opdrag van Sinode (609:2.3.14.5)**
"Die Algemene Sinode dra dit aan die AJK op om meer aandag daaraan te gee dat nie net die "bewaring van die kerk" as doel gesien word in die kategese nie, maar ook die "vermeerdering van die kerk". Met ander woorde dat die kerk in die toekoms al meer in sy kategese ook sal uitreik na randkerklikes, buitekerklikes en anderkerklikes."

**2.3.3.2 Werkwyse**
Die AJK gee by die herskryf van die kategeseboeke hieraan aandag. Die kategeseboek vir st 8 (bv les 1 en les 19) en st 9 raak hierdie saak spesifiek aan.

Bely en lewe 2, die kategeseboek vir volwassenes, wat so pas verskyn het, se doel is onder meer om randkerklikes, buitekerklikes en anderkerklikes voor te berei om belydenis van geloof af te lê.

**2.3.3.3 AANBEVELING**
**Die optrede van die AJK word goedgekeur.**

### 2.3.4 TIENERONDERSOEK

**2.3.4.1 Opdrag van Sinode (604:2.1.4)**
Die Tienerondersoek is in 1987 gedoen en die resultaat daarvan is verwerk deur prof RP de la Rey (Pretoria) in "Die Tienerondersoek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: 'n Gedragswetenskaplike benadering" wat in 1992 verskyn het.

Die Algemene Sinode het in 1990 besluit:
"1. Die Algemene Sinode versoek die AJK om die resultate van die ondersoek so gou doenlik aan die kerk en ander belangstellendes beskikbaar te stel.
2. Die Algemene Sinode dra dit aan die AJK op om in die lig van die bevindings van die ondersoek die nodige beleidsaanpassings in die tienerbediening van die kerk aan die volgende Algemene Sinode voor te lê."

**2.3.4.2 Werkwyse**
Die AJK het die resultaat van die Tienerondersoek in korter brosjures onder die aandag van sinodale jeugkommissies gebring. Oor tienerpartytjies is 'n brosjure versprei, 'n memorandum is opgestel en 'n artikel is in Die Voorligter gepubliseer.

Die Tienerondersoekkommissie het die resultaat van die ondersoek in programme verwerk en dit aan die sinodale jeugkommissies deurgegee. Die programme kan in die vorm van 'n werkwikel aangebied word met ouers, kategete, tieners en leraars.

Die resultaat van die ondersoek is in ag geneem met die herskryf van die kategeseboeke. Dit is ook aan die Kategesevernuwingskommissie deurgegee.

**2.3.4.3 Bevinding**
Geen voorstelle oor beleidsaanpassings was nodig nie.

**2.3.4.4 AANBEVELING**
**Die optrede van die AJK word goedgekeur.**

### 2.3.5 BEGIN JOU DAG MET GOD

**2.3.5.1 Opdrag van Sinode (606:232)**
Die Algemene Sinode het in 1990 ouers aangemoedig om saam met hulle kinders die Bybelleesboek "Begin jou dag met God" by huisgodsdiens te gebruik. Terselfdertyd is gemeentes aangemoedig om die boeke getrou in te skakel as deel van die kategetiese onderrig.

Die Sinode het verder besluit:
"Die Algemene Sinode versoek die AJK om ondersoek te doen in watter mate die ideaal van Bybelstudie tydens stiltetyd twee maal per dag deur kategesekinders en huisgodsdiens deur die gesin in die praktyk bereik word, en die resultate in ag te neem by 'n geïntegreerde Bybelleesprogram by die kategese."

**2.3.5.2 Werkwyse**
Die AJK het 'n empiriese ondersoek oorweeg. In verskeie sinodale gebiede en ringe is ondersoeke onderneem. Die slotsom was dat kinders geleer moet word om die Bybel sistematies deur te lees. Die ouers en kategete speel 'n sleutelrol in hierdie verband.

Die Skrifgedeeltes in die kategeseboeke is bedoel vir Bybelstudie en persoonlike stiltetyd as deel van die voorbereiding vir die kategeseles. Dit gebeur gewoonlik saans. In die oggend word die Bybel sistematies oor vyf jaar deurgelees aan die hand van "Begin jou dag met God". Die ideaal is om beter Bybelkennis by die kinders te bevorder en om hulle te help om gereeld in die oggend en aand stiltetyd te hou.

Die AJK het 'n brief aan alle gemeentes gestuur om die stelsel opnuut te verduidelik en samewerking te vra.

**2.3.5.3 Bevinding**
Die besluit van die Algemene Sinode om die boek nie as deel van 'n pakket (saam met die kategeseboeke) te verkoop nie, het die verkope drasties laat afneem.

**2.3.5.4 AANBEVELING**
**Die optrede van die AJK word goedgekeur.**

### 2.3.6 KATEGESEMATERIAAL IN ENGELS

**2.3.6.1 Opdragte van Sinode (606:2.3.4 en 705:10.2)**
1. "Die Sinode versoek die AJK om ons kerk se kategesemateriaal in Engels op te stel."

2. "Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKAE en die gemeentes vir andertaliges, om te werk in die rigting van die voorsiening van eie kategeseboeke vir gemeentes van andertaliges. Die uiteindelike manuskripte word ook aan die AJK voorgelê vir kommentaar."

**2.3.6.2 Werkwyse**
Die AJK het die AKG versoek om by die konferensie vir andertalige gemeentes te onderhandel dat hierdie gemeentes en die Sinode van Midde-Afrika die projek vir kategeseboeke in Engels gesamentlik sal aanpak.

Die Sinodale Jeugkommissie van SMA het die saak egter as spoedeisend beskou en begin met die vertaling van die kategeseboeke. Die AJK het die boeke laat bind en aan die gemeentes beskikbaar gestel. Verskeie jaargroepe se boeke is reeds in Engels beskikbaar.

**2.3.6.3 AANBEVELING**
**Die optrede van die AJK word goedgekeur.**

### 2.3.7 KATEGESEBOEK VIR VOLWASSENES

**2.3.7.1 Opdrag van Sinode (606:2.3.4)**
"Die Sinode gee opdrag aan die AJK om 'n kort, maklik verstaanbare leerboek vir volwassenes wat lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wil word, op te stel."

**2.3.7.2 Werkwyse**
Die AJK het aan dr LC Dressel opdrag gegee om die kategeseleerboek vir volwassenes te skryf. "So glo ons, 'n eietydse geloofsverantwoording" is as basis geneem vir vier-en-twintig studies met Bybelstudie en besprekingsvrae in groepe. Die titel van die boek wat in 1994 verskyn het, is "Bely en lewe 2".

**2.3.7.3 AANBEVELING**
**Die optrede van die AJK word goedgekeur.**

### 2.3.8 KATEGESE VIR GEESTESGESTREMDE KINDERS

**2.3.8.1 Opdrag van Sinode (606:2.3.10)**
"In die lig van die dringende behoefte wat lank reeds bestaan, dra die Algemene Sinode dit aan die AJK op om erns te maak met kategesemateriaal vir kinders van spesiale skole en dit so gou moontlik uit te gee."

**2.3.8.2 Werkwyse**
Aangesien hierdie kinders op 'n spesiale manier onderrig moet word, word van kleurskyfies gebruik gemaak. Die feit dat die oplaag baie klein is, omdat die skole wat daarvan gebruik maak min is en slegs enkele gemeentes dit aankoop, maak hierdie 'n baie duur projek.

Mev Alta Marais, wat self hoof was van 'n skool vir verstandelik gestremde kinders, het die boeke geskryf. Hierdie kosbare Bybelonderrig-handboeke word vir groeplesse aanbeveel.

Deel 1 fokus op die Vader: **God vir ons** en Deel 2 op die Seun: **God met ons**. Deel 3 handel hoofsaaklik oor die die werking van die Heilige Gees: **God in ons** en kan met groot vrug gebruik word om hierdie kinders en jongmense voor te berei vir belydenisaflegging van geloof.

Deel 1 is ook in Engels beskikbaar: God speaks to me - Part 1.

**2.3.8.3 AANBEVELING**
**Die optrede van die AJK word goedgekeur.**

### 2.3.9 KATEGESEVERNUWING

**2.3.9.1 Opdrag van Sinode (606:2.3.12)**
"Die Algemene Sinode besluit dat kategesevernuwing 'n deurlopende saak in elke gemeente, ring en sinode behoort te wees, in ooreenstemming met die gereformeerde 'semper reformandum'- beginsel. Binne die reeds bepaalde beleid van die kerk, moet elke gemeente daarna streef om sy eie kategese steeds nuut, lewendig, vrugbaar en aktief te laat verloop en te waak teen enige verstarring, ontsporing, pligversuim en verskralings. 'n Lewende kategese lei tot en is 'n teken van 'n lewende kerk.

Die Algemene Sinode versoek sinodes om, indien nuwe insigte of praktyke na vore kom, nie daarmee te eksperimenteer nie, maar dit aan die betrokke kommissie, die Algemene Jeugkommissie, voor te lê wat die opdrag het om die nodige beleidsaanpassings aan die Algemene Sinode voor te lê."

**2.3.9.2 Werkwyse**
Die Algemene Jeugkommissie het hierdie besluit en ook die besluite van die Sinode van Noord-Kaapland van 1991 na sy Kategesevenuwingskommissie verwys. 'n Verteenwoordiger van elke teologiese fakulteit en van verskeie sinodes dien in die kommissie.

Die AJK het 'n besprekingsdokument oor kategesevernuwing aan die sinodes, ringe en gemeentes gestuur. Die terugrapport is deeglik in berekening gebring met die oog op kategesevernuwing.

'n Kort samevatting van die Kategesevernuwings-kommissie se rapport aan die AJK word aan die Algemene Sinode voorgelê.

**KATEGESEVERNUWING**

**1. INLEIDING**

Die Ned Geref Kerk kan die Here nooit genoeg dankbaar wees nie vir 'n uitstekende en doeltreffende kategesestelsel wat oor die jare onder leiding van die Heilige Gees ontwikkel het.

Daar het ook 'n verskynsel na vore getree dat groepe op verskillende plekke spontaan begin besin het oor hoe kategese (nog beter) tot sy reg kan kom. Sommige wil toesien dat die bestaande stelsel net waarlik ten beste benut word en ander wil graag heelwat veranderings aan die bestaande stelsel aanbring.

Die Algemene Jeugkommissie het 'n kommissie benoem om aan kategesevernuwing aandag te gee. Verskeie memoranda en studiestukke is reeds behandel.

**2. WAAROM KATEGESEVERNUWING?**

2.1 Tot betreklik onlangs was die meer kognitief gerigte benadering van die kategese nie as problematies ervaar nie, omdat dit gekanaliseer kon word in die bedding van 'n affektiewe geloofsvorming wat die kind in sy gesin en sameleweing kon ervaar. In ons dag het 'n grootskaalse erosie van hierdie bedding plaasgevind. Die jeug word groot in 'n samelewing waar die breë geloofsonderbou in die gemeente, huisgesin en skool al hoe swakker word. Daarom word die meer kognitiewe benadering as problematies ervaar. 'n Groot behoefte bestaan dus dat daar meer klem op die konatiewe en affektiewe geplaas moet word.

2.2 In die wyse van geloofsvorming het daar 'n wysiging plaasgevind. Waar die jeug vroeër godsdienstige waardes op grond van die gesag van die kerk en ouer geslag aanvaar het, word vandag op meer subjektiewe wyse keuses gemaak. Die jeug bevraag- teken sake baie meer en vorm hulle oortuigings op hulle eie.

2.3 Daar is vandag 'n groter verskeidenheid tussen gemeentes (en binne gemeentes) en dit bring mee dat daar 'n verskeidenheid in benaderings tov kategese kan wees.

**3. UITGANGSPUNTE**

3.1 Die vernuwing van die kategese van die gemeente begin by die vernuwing van die gemeente.

3.2 Kategese is deel van die totale proses van geloofsvorming van die verbondskind. Met geloofs-vorming word bedoel die totale proses waardeur die kind daartoe kom om die Here te ken, lief te hê en te dien. Dit sluit dus alle persone, invloede en prosesse in wat bewustelik of onbewustelik daarby betrokke is of betrek word.

3.3 Geloofsvorming vind primêr in die gesin en geloofsgemeenskap plaas. Dit is die fondament waarop die kategese moet voortbou.

3.4 Kategese is deel van die kerk se geloofsonderrig. Alhoewel die kategese in belydenisaflegging 'n afsluiting vind, word die lidmaat deur sy hele lewe betrek in die kerklike onderrig.

3.5 Kategese is die sistematiese toerusting van die kind in sy geloofsgroei op die basis van die belydenis van die kerk. So word ook die suiwer leer van die kerk oorgedra en gehandhaaf.

3.6 Die kategese moet 'n holistiese benadering tot die kind hê, dit beteken die handhawing van die eenheid van kognitiewe, affektiewe en konatiewe dimensies. Kate-gese staan volledig binne die sisteem van die gemeente.

3.7 Kategese is gerig op 'n verbintenis met Christus en sy kerk.
Dit impliseer:
* Die omgang met die Woord.
* Persoonlike geloofsoortuiging.
* Kennis van die leer van die Ned Geref Kerk.
* Volhardende geloofslewe.

3.8 Die formele (kerklike) kategese loop tans uit op die openbare belydenis van die geloof. Dit impliseer:
* 1 Die geloofsvorming word nie afgesluit by die openbare belydenis van geloof nie. Geloofsvorming is 'n deurlopende lewenslange proses.
* 2 Die openbare belydenis kry sy betekenis vanuit 'n daaglikse en deurleefde belydenis wat berus op die omgang met die Woord.

## 4. SAKE VIR DEURLOPENDE VERNUWING IN DIE KATEGESE

### 4.1 Die rol van die ouer

4.1.1 Gesinsbediening en programme om die ouers te help toerus om hulle verbondsverantwoordelikhede teenoor hulle kinders te kan nakom, moet 'n hoë prioriteit in elke gemeente geniet.

4.1.2 Pogings om 'n nouer verband tussen ouer en gesin en die kategese te lê, moet daadwerklik aangewend word.

### 4.2 Die rol van die gemeente

4.2.1 Die kind is 'n lidmaat van die gemeente en kan nie maar na die kategese en die jeugaksies "verwys" word nie, maar moet sy regmatige plek in die lewe van die gemeente kry. Die gemeente het as verbondsgemeenskap ook 'n besondere verantwoordelikheid ten opsigte van die geloofsvorming van sy dooplidmate. Elke kerkraad sal nuut moet dink oor die implikasies wat die gemeente as die liggaam van Christus ten opsigte van die dooplidmate inhou.

4.2.2 Met bogenoemde hang saam dat die implikasies van die dialogiese bedieningstyl ten opsigte van die benadering tot die jeug deurdink moet word. Dit hou onder andere in dat die jeug nie net as ontvanger teenoor die volwassenes staan nie, maar dat die rolle ook omgekeer word.

4.2.3 Groter erns moet met die inter-generatiewe aard van die gemeente gemaak word. Dit is nie net die jeug wat die volwassenes nodig het nie, maar die volwassenes het ook die jeug nodig.

4.2.4 Van die allergrootste belang is dat die jeug ook as indiwidue benader sal word en dat daar 'n persoonlike betrokkenheid van ander rolmodelle as die ouer sal wees.

4.2.5 Afgesien van die implementering van 'n gesinsbediening, sal elke kerkraad ook daarna moet streef om veral kinders wat uit 'n agtergrond van verbondsverwaarlosing kom, in 'n "geloofsekologie" in te skakel.

### 4.3 Die kategeet

4.3.1 In die kategese is die kategeet die primêre faktor wat die sukses van die kategese kan bepaal. Daar behoort dus op 'n deurlopende basis aandag gegee te word aan die kategeet se vorming en toerusting.

4.3.2 Die toerusting moet naas die vorming van die kategeet se eie geestelike lewe, veral gerig wees op sy vermoë om 'n persoonlike verhouding met die katkisante in sy groep te bou. Dit is binne die konteks van so 'n verhouding dat geloofsonderrig kan plaasvind. Dit sal 'n betrokkenheid by katkisante vereis wat buite die tyd van die formele kategesebyeenkoms realiseer.

4.3.3 Kategese moet die vaardigheid ontwikkel om geloofsonderrig nie bloot as die kognitiewe oordrag van kennisinhoude te benader nie, maar as 'n proses wat op holistiese wyse geskied. In soverre as wat die formele onderrigsituasie dit moontlik maak, moet ook aan die affektiewe en konatiewe aspekte van geloofsoordrag aandag gegee word.

4.3.4 Die huidige kategesemateriaal is reeds opgestel met die oog op die deelname van die katkisant in groepsverband. Tog blyk dit dat die kategese in baie gevalle nog langs die weg van 'n monoloog verloop. Die hantering van 'n groep vereis spesifieke vaardighede wat aangeleer kan word en aangeleer moet word.

4.3.5 In die kategese gaan dit primêr om die katkisant se omgang met die Woord van God. Dit vereis dat die kategeet as voorganger die nodige vaardighede van Bybelhantering moet hê.

4.3.6 Die hermeneutiese aspek in Skrifhantering is van basiese belang. Dit stel besondere eise aan die kategeet. Kinders verskil en daar word al meer van 'n pluriforme in plaas van 'n homogene gemeenskap gepraat. Omtrent geen twee gemeentes is eenders nie. Geen handboek kan dus volledig voorsien in die behoefte om die evangelie te laat grondvat in die leefwêreld van elke groep katkisante nie.

4.3.7 Die kategeet sal alleen na behore kan funksioneer as die kategetiese werk as 'n saak van hoë prioriteit gesien word. Dit beteken dat die kategeet bewus moet wees van die eise wat aan hom gestel word. Veral die predikant sal 'n belangrike rol moet speel om 'n nuwe "kultuur" van kategeet-wees te laat posvat. Dit sal waarskynlik in die meeste gevalle beteken dat die kategeet nie ook nog met ander gemeentelike verantwoordelikhede belas moet word nie.

## 5. TOEKOMSTIGE VERNUWING

In die lig van die ondersoek tot dusver, is die kommissie van mening dat daar in 'n mindere of meerdere mate 'n herstrukturering van die kategese sal moet plaasvind. In hierdie verband sal met die volgende rekening gehou moet word.

5.1 Die kategese is tans (nog) 'n kontakgeleentheid wat die kerk met 80% of meer van sy skoolgaande dooplidmate het. Daar bestaan nog 'n sekere tradisie ten opsigte van die bywoning van die kategese. Dit kan egter betwyfel word of hierdie tradisie nog baie lank sal voortbestaan. Dit is dus noodsaaklik dat hierdie kontakgeleentheid so ingerig sal word dat die dooplidmaat dit nie bloot op grond van eksterne redes, soos die plig wat deur ouers opgelê word, sal bywoon nie.

5.2 Daar sal uiters versigtig te werk gegaan moet word sodat die tradisie van kinders wat op 'n Sondag na die kategese gaan, nie deur die kerk self tot niet gemaak word nie. Die feit dat die tradisie wel nog in 'n groot mate bestaan, moet benut word om van die kategese meer as net 'n tradisie te maak.

5.3 Die belangrikste kontak wat 'n groot getal dooplidmate met die oordrag van die evangelie het, bestaan tans in hulle bywoning van die kategese. Waar hierdie geleentheid hoofsaaklik bestee word aan die meer kognitief gerigte oordrag van kennisinhoude, beteken dit dus dat hulle 'n baie eensydige kennismaking met die evangelie beleef. As die gemeentebediening nie daarin slaag om sulke kinders aan 'n breër spektrum van kontak met die evangelie bloot te stel nie, kan die kategese nie maar met hierdie katkisante voortgaan asof alles in orde is nie. Daar sal dus ernstig gesoek moet word na maniere waarop die kategese-geleentheid ingespan kan word in die proses om hierdie kinders in 'n "geloofsekologie" te betrek. Dit sal beteken dat die gemeente op veel meer gekoördineerde en individueelgerigte wyse die kategese en gemeentebediening moet bedryf.

5.4 Terwyl die kategese tans oor 'n tydperk van 10 jaar met 'n redelik eensydige onderrigmetode met die katkisant besig is, sal daar waarskynlik weë gesoek moet word waarlangs die benadering meer holisties kan plaasvind. Dit sal onder andere beteken dat
* 1 daar 'n aansienlike reduksie in leerstof plaasvind,
* 2 maniere van omgang met die Skrif benut sal word waarin daar meer geleentheid vir die affektiewe en konatiewe leer sal wees, en
* 3 die leerplan minder rigied sal wees en daar veel meer beweegruimte vir die persoon van die kategeet sal wees.

5.5 Omdat die bedoeling van die kategese primêr die onderrig in die leer van die kerk is, mag die leerinhoud nie verskraal word nie. Dit moet, sy dit dan op 'n ander manier van aanbieding, nog steeds tot sy reg kom.

5.6 In die lig van die groot belang van die kategese vir die kerk in sy geheel ten opsigte van die opbou van die kerk, die deurgee van die suiwer leer aan die jong geslag en die eenheid van die kerk, is dit noodsaaklik dat die vasstelling van die basiese leerinhoude en die goedkeuring van die basiese materiaal deur die Algemene Sinode geskied.

#### 2.3.9.3 AANBEVELINGS

**1. Die Algemene Sinode neem kennis van die vorderingsverslag oor kategesevernuwing.**

**2. Die Algemene Sinode versoek SJK's, ringe en gemeentes om die verslag deeglik te bespreek en die resultaat van die gesprek met aanbevelings aan die AJK voor te lê.**

**3. Die Algemene Sinode dra dit aan die AJK op om die vernuwing van die kategese soos vervat in die verslag te implementeer.**

### 2.3.10 TERM KATEGESE

#### 2.3.10.1 Opdrag van Sinode (608:2.3.14)

"Aangesien terme soos 'Sondagskool', 'aanneming', 'voorstelling' ensovoorts hardnekkig voortleef, heelwaarskynlik omdat dit uit gewoonte en onnadenkend gebruik word, dra die Algemene Sinode dit aan die AJK op om weer eens duidelike motivering aan die kerk te gee waarom 'kategese' prinsipieel die keuse vir 'n naam vir ons onderrig as kerk is, en waarom die ander terme uit gereformeerde beginsels afgewys word."

#### 2.3.10.2 Bevinding

In 'n aantal sinodes is daar weerstand teen die sogenaamde "skoolsheid" van die kategese. Kategese is nie skool op Sondag nie. Dit is veel meer as dit. Die AJK het duidelik die verskil en ooreenkomste tussen die skoolsheid en kategese uitgespel in die Handleiding vir Jeugbediening, boekie 6: "Onderrig". Die verskillende Bybelse terme word bespreek en duidelik uitgewys dat die onderrig nie net gaan oor blote verstandskennis nie. Dit het te doen met die totale mens : sy wil, gevoel, emosie en verstand. Die mens moet God ken, liefhê en dien. Dit impliseer 'n oorgawe aan God, geloof in Jesus Christus en gehoorsame navolging.

Die kategese is tog ook 'n formele onderrigsituasie waar formele oordrag van nuwe kennis, insig en ervaring plaasvind. Hoewel dit dialogies en informeel kan wees verskil dit tog van die kerkjeugaksie en Bybelstudie. (Vergelyk die besluit van die Algemene Sinode van 1990 in dié verband: Handelinge, bladsy 608.)

Na die tyd van die apostels het die Christelike kerk hierdie Bybelse woord "kategese" gekies as aanduiding van die kerk se amptelike onderrigwerk.

Ten opsigte van die terme "aanneming" en "voorstelling" kan slegs gemeld word dat die term "openbare belydenis van geloof" in die kategesepublikasies en Handboek vir die Erediens gebruik word. Die oorblyfsels van die eersgenoemde terme is besig om stelselmatig te verdwyn. Ernstige teologiese besware kan teen die gebruik van hierdie terme ingebring word as dit nodig is.

Die AJK het ook aan die naam "kategese-onderhoof" aandag gegee. Die naam skep die indruk dat die kategese skools is. Die naam is vervang met "leierkategeet" wat ook meer ooreenstem met "leierouderling" en "leierdiaken".

Oor die posisie van die dominee as "hoof" van die kategese word opnuut besin.

#### 2.3.10.3 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit dat die bewoording: "Die dominee is hoof van die kategeseskool" in die beroepsbrief geskrap word, sonder om die verantwoordelikheid wat die dominee in die lig van Artikel 9 ten opsigte van die kategese het, te laat verval.**

### 2.3.11 'N BELYDENISKERK

#### 2.3.11.1 Opdrag van Sinode (608:2.3.14)

"Die Algemene Sinode dra dit aan die AJK op om in die kategese steeds te verseker dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n belydeniskerk is wat sy belydenis ken en nie 'n 'belydeniskerk' word waarvan die lidmate nie eers meer weet wat die inhoud van die belydenisskrifte is nie. Hoewel die belydenisskrifte nie op die voet hoef gevolg te word nie, moet die wesenlike inhoud daarvan steeds aan ons kinders geleer word as die wyse waarop ons die Skrif verstaan."

**2.3.11.2 Bevinding**

Die gevaar bestaan dat die belydenisskrifte op die agtergrond geskuif word as gevolg van die tendens om kategeseklasse in Bybelstudiegeleenthede te omskep. Die Woord bly sentraal maar die belydenisskrifte mag nie verwaarloos word nie. Die feit dat dit voorkom asof al hoe minder kategismuspreke gepreek word, kan hierdie gebrek aan kennis van die belydenisskrifte nog verder laat toeneem.

Die kategeseleerplan is so opgestel dat die belydenisskrifte deeglik verreken is. Die AJK gee as deel van die kategesevernuwingsprogram en die hersiening van die kategeseboeke doelbewus aan hierdie saak aandag.

**2.3.11.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode herhaal sy opdrag aan die AJK om steeds toe te sien dat die belydenisskrifte in die kategese die nodige aandag kry.**

**2.3.12 KINDERKOMMUNIE**

**2.3.12.1 Opdrag van Sinode (620:2.4)**

Die AJK het in 1990 gerapporteer dat hy 'n studie oor kinderkommunie gemaak het (Agenda, bl 174). Die Ad hoc- kommissie vir die Vernuwing van die Erediens met die oog op die kind het ook hieraan aandag gegee (Agenda, bl 208).

Die Algemene Sinode het besluit "om die aangeleentheid van die kinderkommunie na AKLAS te verwys vir studie en om in oorleg met die AJK en AKE voorstelle aan die volgende Sinode te doen."

**2.3.12.2 Werkwyse**

Die AJK het sedert 1991 met AKLAS gekorrespondeer oor die studie. AKLAS se konsepverslag oor die studie het die AJK eers vroeg in 1994 bereik. Daar kon dus nie 'n deeglike studie van die saak van die AJK se kant gemaak word nie en standpunt kon dus nie ingeneem word nie.

Drie lede van die AJK het die vergadering van die Ad hoc-kommissie van AKLAS op 3 Februarie 1994 bygewoon.

Die AJK het ook 'n ad hoc-kommissie benoem om aan die implikasies van kindernagmaal op die jeugbediening aandag te gee.

Die AJK kon nie die konsepverslag bestudeer nie omdat hy reeds van 21-23 Februarie 1994 vergader het.

By die vergadering het die AJK ook 'n verslag gehad oor 'n ondersoek wat gedoen is oor die praktiese aspekte van die invoering van en die ervaring met die kinders aan die Nagmaalstafel. Die ondersoek is gedoen by die Evangelische Kirche in Deutschland en die Gereformeerde Kerk in Nederland, wat onderskeidelik in 1980 en 1976 kinders tot die Nagmaal toegelaat het.

**2.3.12.3 Bevinding**

Die AJK vestig die aandag van die Algemene Sinode daarop dat 'n beginselbesluit om kinders tot die Nagmaal toe te laat, gepaard moet gaan met duidelike besluite en reëlings oor die volgende sake:

**1. Gereedheid van gemeentes**

Dit behoort slegs in gemeentes ingevoer te word wat daarvoor gereed is. Daarom behoort die plaaslike kerkraad die finale besluit daaroor te neem. Die nodige inligtingsmateriaal sal hiervoor gegee moet word.

**2. Leiding en voorligting**

Goeie leiding en voorligting moet op 'n beplande en deurlopende basis aan ouers en ook aan die kinders gegee word. Die nodige materiaal sal in hierdie verband voorsien moet word.

**3. Gesamentlike betrokkenheid van ouers en kinders**

Deurgaans sal die aksent gelê moet word op die gesamentlike betrokkenheid van ouers en kinders. Geen aparte kindernagmaalsviering behoort plaas te vind nie.

**4. Kind deel van gemeentebediening**

Aangesien die kind by deelname aan die Nagmaal dit veral sterk beleef dat hy aan die gemeente behoort, sal die invoering van die kindernagmaal gepaard moet gaan met pogings om dieselfde ervaring oor die hele spektrum van die gemeente se lewe en werk aan die kind te kommunikeer.

**5. Toelatingsvereistes**

Die Sinode moet besluit oor die minimum vereistes al dan nie vir die toelating van kinders tot die Nagmaal, byvoorbeeld die minimum ouderdom van die kinders en 'n eenvoudige belydenis.

**6. Liturgie**

Die Nagmaalsliturgie behoort aangepas te word om met die bevatlikheid van die kinders rekening te hou sodat die gemeenskapskarakter en feeskarakter ook vir hulle op die voorgrond kan tree.

**7. Kategeseboeke**

Die inhoud van die kategeseboeke sal dienooreenkomstig aangepas moet word.

**8. Aflegging van geloofsbelydenis**

Daar sal standpunt ingeneem moet word oor die betekenis, plek en handhawing van die belydenis-aflegging.

**9. Opsig en tug**

Die rol en die plek van die opsig en tug sal dienooreenkomstig aangepas moet word.

Die AJK het bogenoemde inligting aan AKLAS deurgegee om in ag te neem by hulle bespreking en finale aanbeveling aan die Algemene Sinode.

In die lig van bogenoemde, beveel die AJK by die Algemene Sinode aan om nie kinders tot die Nagmaal toe laat voordat die nodige voorbereidings deur die Sinode daarvoor getref is nie.

**2.3.12.4 AANBEVELING**
**Indien die Algemene Sinode sou besluit om kinders tot die Nagmaal toe te laat, word dit nie geïmplementeer voordat die nodige voorbereidings oor onder andere bogenoemde sake deur die Algemene Sinode getref is nie.**

**2.3.13 KATEGESE EN GEESTELIKE VERSORGING VAN DOWES**

**2.3.13.1 Opdrag van Sinode (672:27.2)**
"Die Algemene Sinode neem kennis van die behoefte aan geskikte kategetiese handboeke en hulpmiddels om geestelike versorging aan die dowes te gee. Hy verwys BYLAE B - AS 1990 - 27.2 na die AKDB en AJK met die opdrag om in soverre fondse en mannekrag beskikbaar gestel kan word, aan die hand van die versoeke en suggesties in die memorandum na die beste van hul vermoë hieraan uitvoering te gee."

**2.3.13.2 Werkwyse**
Die AJK en AKDB het 'n ad hoc-kommissie benoem om aandag te gee aan die voorsiening van kategeseboeke vir dowes. Sodanige hulpmiddels vir dowes is wêreldwyd 'n leemte. Die Ned Geref Kerk is hierin besig om baanbrekerswerk te doen.

Die projek vorder goed. Werkwinkels, wat onder meer saamgestel is uit leraars en onderwysers, stel die lesse en hulpmiddels op. Die boeke word netjies deur 'n rekenaar geset en daarna gebind. Ds Schalk Viljoen en die personeel van die Instituut vir Dowes in Worcester speel 'n leidende en onmisbare rol in hierdie projek. Die kostes word deur die AKDB en AJK gedeel. Die boekies word deur die NG Kerk-Jeugboekhandel versprei. Van die boekies vir kleuters en die junior kategese is reeds beskikbaar.

**2.3.13.3 AANBEVELING**
**Die optrede van die AJK word goedgekeur.**

**2.3.14 SERTIFIKAAT VIR FINALEJAARS IN BELYDENISKLAS**

**2.3.14.1 Opdrag van Sinode (615:2.84.2)**
"Die Sinode versoek die AJK om 'n besondere sertifikaat te ontwerp vir katkisante wat hulle katkisasie en finalejaar in die belydenisklas voltooi het. Hierdie sertifikaat moet dan deur middel van die NG Kerk-Jeugboekhandel aan gemeentes, wat daarvan gebruik wil maak, beskikbaar gestel word."

**2.3.14.2 Werkwyse**
Die "Bewys van voltooiing van belydeniskategese" is opgestel en word reeds deur talle gemeentes gebruik.

**2.3.14.3 AANBEVELING**
**Die optrede van die AJK word goedgekeur.**

## 2.4 ADVIES T.O.V. DOOPLIDMAATBEDIENING (AJK-REGLEMENT 3.1)

**2.4.1 PROSEDURE VIR TOELATING TOT BELYDENIS-AFLEGGING**

**2.4.1.1 Bevinding**
Die Algemene Jeugkommissie het in 1990 die Algemene Sinode versoek om die prosedure vir die toelating tot belydenisaflegging aan te pas. Die Sinode het van die aanbevelings kennis geneem.

Die SJK van Wes-Kaapland het versoek dat die AJK weer hierdie saak in 1994 aan die Algemene Sinode voorlê.

Uit die navorsingsresultate van die Tienerondersoek van die NG Kerk: 'n Gedragswetenskaplike benadering, opgestel deur prof RP de la Rey van die Universiteit van Pretoria, word daar tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

"In NG kerkkringe heers daar kommer oor die baie tieners en jong volwassenes wat na die openbare aflegging van die geloofsbelydenis vinnig uit die kerk verdwyn" (bladsy 193).

Die gegewens van die kerksensus dui aan dat die swakste kerkbywoning van die jeug onder die 18 tot 29-jariges is, dit wil sê na belydenisaflegging. Die beste kerkbywoning van die jeug kom voor in die ouderdomsgroep 14 tot 17 jaar. Hieruit kan afgelei word dat daar 'n goeie kerklike meelewing tot net na belydenisaflegging is. Daarna verswak dit drasties. Dit is 'n onrusbarende tendens.

Hierdie negatiewe gegewens vereis dat stappe gedoen word om dit te verbeter. Een van die noodsaaklike stappe is om die prosedure vir toelating tot belydenis-aflegging te verander.

Die praktyk om 'n enkele datum vir toelating tot belydenisaflegging te hê, het die groot nadeel dat dit 'n drukgang skep vir die leraar en die kinders in die belydenisklas. Dit kan lei tot vals belydenisse en onrype lidmate.

In baie gevalle word 'n belydenis in woorde as voldoende aanvaar en word daar nie genoegsaam gelet op die getuienis wat die katkisant deur sy alledaagse lewe uitleef nie. Die meeste katkisante is slim genoeg om te weet wat die mondelinge getuienis is wat die dominee verlang. Die daadgetuienis van 'n katkisant behoort meer aandag by die ondersoek tot toelating tot belydenisaflegging te kry.

Die voorgestelde prosedure is nie die finale oplossing nie. Knelpunte sal nog voorkom. Gemeentes wat hierdie voorgestelde prosedure toegepas het, getuig van die positiewe resultate wat dit opgelewer het.

Die prosedure is nie wettiese voorskrifte nie, maar slegs riglyne wat volgens plaaslike omstandighede aangepas kan word.

**2.4.1.2 Riglyne vir die prosedure**

**1. Formele belydenisklas-onderrig**
Die formele onderrig in die belydenisklas word, soos tans, in die st 9-skooljaar gedoen. Aan die einde van die betrokke jaar of vroeg in die volgende jaar, kan dit afgehandel word. Hierdie voltooiing van die formele kategese kan gepaard gaan met 'n funksie waarheen die ouers en kerkraadslede uitgenooi word. Die sertifikaat wat die AJK hiervoor beskikbaar stel, kan ook hier uitgedeel word.

**2. Dienslewering**
In die st 10-skooljaar word van die katkisante verwag en geleentheid gegee om op eie inisiatief verdere getuienis te lewer van hulle geloof in Jesus Christus en hulle dienslewering in die kerk, veral in die eie gemeente.

**3. Finale toelating**
Na 'n tydperk ('n kwartaal) wat deur die kerkraad bepaal word, kan katkisante wat graag belydenis wil aflê, hulle aanmeld waarna hulle verkieslik individueel voor 'n kommissie van die kerkraad verskyn om getuienis van hulle geloof en diensbaarheid te lewer. Indien die kommissie tevrede is, word toelating tot belydenis-aflegging gegee.

Geleentheid tot belydenisaflegging word verkieslik voor die Nagmaalvierings gegee.

**4. Kommissie van ondersoek**
Die kommissie van die kerkraad behoort die leraar en waar moontlik die wyksouderling in te sluit. 'n Skriftelike aanbeveling van die wyksouderling word ook aanbeveel. Dit is wenslik dat die ouers ook teenwoordig is.

Katkisante wat op skool nie normaalweg vorder nie of wat vroeë skoolverlaters is, word op 'n ad hoc-basis hanteer.

**2.4.1.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode beveel by gemeentes aan dat hulle die riglyne vir die aangepaste prosedure vir die aflê van geloofsbelydenis beproef en aan die AJK kommentaar daaroor gee met die oog op die nodige aanpassings.**

**2.4.2 KINDEREVANGELISASIE EN KINDERBEDIENING**

**2.4.2.1 Bevinding**
* 1 Kinderevangelisasie is tans in die kollig. Talle persone het opleiding in kinderevangelisasie in die buiteland ontvang - veral by Child Evangelism Fellowship. Ander woon kursusse by in die Strand en Witrivier. Die Algemene Jeugkommissie is genader om hieroor leiding te gee.

* 2 Daar moet duidelik onderskei word tussen **kinderbediening** en **kinderevangelisasie**.

* Kinderbediening is die normale omvattende jeugbediening in 'n gemeente. Dit sluit die kategese, jeugaksies, huisbesoek, jeugbidure (en -biddae), wyksbyeenkomste, kampe en ander spesiale projekte in. Hierdie arbeid is grootliks verbondsbediening aan die dooplidmate en lei hulle tot belydenis van geloof.

* Kinderevangelisasie is die bring van die evangelie aan kerkvreemde, kerklos- en heidense kinders. Die doel is grootliks om die kinders tot geloof in die drie-enige God te bring en by 'n gemeente in te skakel.

* 3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is al vir baie jare met albei fasette besig. Die kinderbediening is gestruktureer in die Junior Kategese en die Junior Kerkjeugaksie. Hierdie werk is na binne en na buite gerig. Vroeër het die Junior Kerkjeugaksie bekend gestaan as die Kindersendingkrans - met 'n groot klem op die uitreiking na buite.

Die sendingvisie kry baie aandag by die JKJA maar die klem behoort gelê te word op die verantwoordelikheid van die kinders vir hulle maatjies wat nie Christene is nie.

Die Algemene Jeugkommissie het dus geoordeel dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk 'n infrastruktuur het vir kinderbediening en dat daar nie 'n behoefte is aan 'n organisasie van buite nie.

* 4 Daar kan by die kinderevangelisasiebewegings geleer word. Die hulpmiddels wat gebruik word om die boodskap oor te dra, kan deur die kerk benut word.

In die opleiding van kategete en JKJA-leidsters behoort die plek en rol van hulpmiddels bv die visualisering van lesinhoude, hersieningspeletjies en aanleer van liedjies aandag te kry.

Verder behoort die klem op die pastorale gesprek met kinders nog meer aandag te geniet in die opleiding van kategete en JKJA-leidsters.

Die AJK beklemtoon weer eens dat deeglike opleiding noodsaaklik is vir alle lidmate wat met kinders werk.

* 5 Die AJK het ondersoek gedoen na die Kinderevangelisasiebediening (KEB): Strand, Aksie Alfa: Strand, Jeugbediening en Kinderevangelisasie Opleidingsinstituut (KEO): Witrivier, om sinodes leiding te gee oor die bedieninge.

Die AJK het kennis geneem dat Aksie Alfa, KEB en KEO spesialis-organisasies is ten opsigte van kinder-evangelisasie en nie teen die kerk wil werk nie. Hulle wil graag tot diens wees vir die kerk (vgl. KEB se pamflet "CEF serves the church").

Die opleiding van KEO is van hoogstaande gehalte en gemeentelede kan met vrymoedigheid daaraan deelneem. Die visie van KEO om die kinders van Afrika te evangeliseer is betekenisvol.

Dr W P J van Wyk is in die Beheerraad van KEO benoem met die oog op nouer skakeling tussen die kerk en KEO.

* 6 Die AJK het ook aandag gegee aan die benuttingsmoontlikhede van persone wat vir kinder-evangelisasie opgelei is.

Die Sentrum vir Jeugbediening van die Hugenote-Kollege lei ook persone op vir kinderevangelisasie as deel van die Diensjaar-vir-Christus-projek.

**2.4.2.2 AANBEVELINGS**

1. **Die Algemene Sinode betuig sy waardering vir die oplewing in kinderevangelisasie en kinderbediening.**
2. **Die Algemene Sinode versoek lidmate wat in kinderevangelisasie opgelei is om hulle dienste ook in ringe en gemeentes beskikbaar te stel.**
3. **Die Algemene Sinode versoek ringe en gemeentes om opgeleide lidmate in kinderevangelisasie te ondersteun met die oog op dienslewering binne sowel as buite die gemeentes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.**
4. **Die Algemene Sinode versoek die AJK om noue kontak met die KEO, KEB en Aksie Alfa te behou met die oog op leiding aan sinodes, ringe en gemeentes.**
5. **Die Algemene Sinode verklaar dit as ideaal dat die volledige toerusting van jeugwerkers en leraars met die oog op kinderevangelisasie en kinderbediening deur die kerk se eie opleidingsinstansies behartig sal word.**
6. **Waar aanvullende opleiding benodig word, kan gebruik gemaak word van KEO en KEB.**

**2.4.3 JUNIOR KERKJEUGAKSIE**

'n Advieskomitee vir die Junior Kerkjeugaksie vergader op Algemene Sinode-vlak wanneer nodig. Hierdie komitee het onder meer aandag gegee aan die lesse vir die JKJA. Die volledige reeks word hersien en bygewerk.

Die leidsters doen baie moeite en die Junior Kerkjeugaksie funksioneer baie goed.

Groot bedrae geld word ingesamel aan die hand van rings- en sinodale projekte.

**2.4.4 SENIOR KERKJEUGAKSIE**

Die Senior Kerkjeugaksie vervul in 'n groot behoefte. 'n Advieskomitee vergader soos nodig om wenke en advies te bespreek. Die Algemene Jeugkommissie se Handleiding vir Jeugbediening is van onskatbare waarde vir die funksionering van die SKJA. Programsketse word ook deur die AJK voorsien.

Geen algemene konferensie is op landswye vlak sedert die vorige Sinode georganiseer nie.

In die vyfjaarplan Aksie Voluit vir Christus is in 1992 onder andere gefokus op die Senior KJA. 'n Leierskursus is deur die AJK opgestel en beskikbaar gestel.

## 2.5 NAVORSING, BEPLANNING, INLIGTING EN VOORLIGTING TEN OPSIGTE VAN DOOPLIDMAATBEDIENING (AJK-REGLEMENT 3.2)

**2.5.1 FUNKSIONERING VAN DIE KATEGESE**

Die "Eenvormige reëls vir die kategeseskole van die Nederduitse Gereformeerde Kerk" is vervang met die "Besluite van die Algemene Sinode en Algemene Jeugkommissie vir die kategese in die Nederduitse Gereformeerde Kerk".

Hierdie pamflet gee die nodige wenke en riglyne vir die doeltreffende funksionering van die kategese.

**2.5.2 KLEUTERKATEGESE**

Die nuwe handleiding vir kleuterkategese, "Ek is Syne", is saam met deskundiges opgestel. Die boek bevat wenke en hulpmiddels vir dertig ontmoetings. Dit vervang die vorige boeke vir die vier- en vyfjariges.

**2.5.3 BELY EN LEWE 1**

Die nuwe kategeseboek vir die belydenisklas, "Bely en lewe 1", word in 1995 in gebruik geneem. Na 'n situasie-analise en navraag by leraars is die temas geïdentifiseer en 'n leerplan saamgestel. Die boek bevat 46 lesse. Daar is 19 basislesse. Die ander lesse is keuselesse. Dominees en hulle katkisante stel dus self 'n jaarprogram op en besluit watter lesse hulle gaan deurwerk. Groepgesprek vorm 'n wesentlike deel van die ontmoeting.

Katkisante moet deeglik voorberei en elke aand Bybelstudie doen om sinvol te kan deelneem aan die kategese. Volledige verwysings word gegee van die lesse wat in die vorige jaargroepe oor 'n bepaalde onderwerp behandel is. Die verwysings na die belydenisskrifte word ook aangedui.

**2.5.4 ALTERNATIEWE GESINSDIENSTE**

**2.5.4.1 Huidige reëling**

Die SJK van Wes-Kaapland het die AJK versoek om weer te besin oor die aanbieding van "kinderkerk."

Die besluit van die Algemene Sinode wat hieroor handel, bepaal die volgende (Handelinge 1986: 616):

"Waar dit in bepaalde gevalle nodig blyk te wees kan gemeentes dit oorweeg om die kleuters in 'n aparte lokaal te akkommodeer tydens die erediens waar hulle versorg en besig gehou kan word deur vrywilligers met aktiwiteite soos sang en Bybelverhale. Die Algemene Sinode herbevestig sy standpunt dat aparte eredienste vir kinders nie aan te beveel is nie."

Hiervolgens word aparte eredienste onder geen omstandighede aanbeveel nie. Die kleuters, dit wil sê voorskoolse kinders, moet slegs besig gehou word met aktiwiteite en Bybelverhale.

Die absoluutheid en onbuigbaarheid van hierdie standpunt is nie in ooreenstemming met die sterk argumente wat daar vir afsonderlike eredienste vir kinders is nie. Die besluit van die Sinode hieroor is telkens met 'n klein meerderheidstem geneem. 'n Meer buigsame beleid sal meer in ooreenstemming met die geldende argumente wees.

**2.5.4.2 Bevinding**

Die Sinodebesluit is nie in pas met die tendense in die praktyk nie. Opnames het bewys dat daar die afgelope tien jaar 'n redelike toename was van gemeentes wat afsonderlike eredienste wat op die kinders gerig is, reël.

Vir gemeentes met kerkgeboue waar die lidmate nie in een erediens geakkommodeer kan word nie, bied die hou van twee eredienste, waarvan een gerig is op die kinders, 'n geseënde en praktiese oplossing.

Daar kan geen kerkregtelike beswaar ingebring word teen gemeentes wat twee eredienste in twee verskillende lokale hou nie, solank al die vereistes vir 'n erediens nagekom word. Waar een van sulke eredienste meer op die kinders gerig is en lidmate dus 'n keuse het, kan hulle dan saam met hulle kinders so 'n erediens bywoon. Dit ondervang die ernstigste besware teen afsonderlike kinderdienste. Hiervoor moet die Sinodebesluit tog voorsiening maak.

Moderne tendense vereis dat die nodige aanpassings betyds gemaak moet word. 'n Absolute rigiede standpunt in 'n omstrede saak kan kontra-produktief wees. Hierdie voorstel gee aan gemeentes die geleentheid om proefnemings te kan maak en die nodige evaluerings te doen vir die effektiefste bediening in plaaslike omstandighede. Die huidige reëlings is dat geen proefneming toegelaat mag word nie.

Die AJK gee deurentyd aandag aan leiding ten opsigte van kind- en jeugvriendelike eredienste.

**2.5.4.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit dat**

**1. na gelang van plaaslike omstandighede, kerkrade alternatiewe eredienste, gerig op gesinne met klein kinders, mag hou;**

**2. al die elemente van die erediens na gelang van die bevatlikheid van die kinders hierin aandag moet kry;**

**3. die ampte sigbaar betrokke moet wees;**

**4. die dienste nie ten koste van genoegsame tyd vir effektiewe kategese sal wees nie.**

# 3. JONG BELYDENDE LIDMATE

## 3.1 STATISTIESE GEGEWENS

Die gemiddelde aantal jongmense per gemeente wat by die BKJA betrokke is, is volgens die sensusgegewens:

| | |
|---|---|
| 1981 | 9,28 |
| 1985 | 8,71 |
| 1989 | 12,37 |
| 1993 | 11,20 |

In sommige sinodale gebiede is daar 'n styging in die getal in vergelyking met 1989. Ander sinodale gebiede toon weer 'n afname.

Statistieke oor die aantal jong belydende lidmate wat nog op skool is, studeer en werk, was nog nie beskikbaar gewees toe die verslag opgestel is nie.

### 3.2 OPDRAGTE VAN DIE SINODE 1990

#### 3.2.1 HUWELIKSVOORBEREIDING

**3.2.1.1 Opdrag van Sinode (706:11.4)**

"Die Algemene Sinode is besorgd oor die groot aantal egskeidings in ons land. In die lig hiervan beskou die Sinode die pastorale sorg en begeleiding van mense met betrekking tot die huwelik van die allergrootste belang. Die Sinode is van oortuiging dat hierdie begeleiding reeds voor die huweliksbevestiging moet begin sodat alle fasette rondom die huwelik onder aandag kan kom.

Die Sinode beskou dus die volgende fasette met betrekking tot die huwelikspastoraat as van noodsaaklike belang:

1. Begeleiding omtrent die keuse van 'n lewensmaat.
2. Die huweliksvoorbereidingskursus vir voornemende egpare.
3. 'n Huweliksverrykingsprogram vir getroude pare.

In verband met voorgenoemde besluit die Sinode soos volg:

1. Vir die implementering hiervan, beveel die Sinode by alle gemeentes aan dat hulle volgens behoefte van plaaslike omstandighede so 'n omvattende program in die gemeente op vaste grondslag sal aanbied.
2. Die Sinode versoek ook **die betrokke kommissies** van die Sinode wat met hierdie sake werk, om so gou moontlik die nodige programme en kursusse in hierdie verband voor te berei en in die kerk beskikbaar te stel.
3. Die Sinode wil dit aan die drie teologiese inrigtings vir oorweging voorlê, of dit nie vir die Departement van Praktiese Teologie moontlik sal wees om sodanige program van begeleiding in verband met die huwelikspastoraat in hulle curriculum in te werk vir die toerusting van studente nie."

**3.2.1.2 Uitvoering**

Die AJK het 'n Kursus vir Huweliksvoorbereiding deur 'n aantal kundiges laat opstel. Met die oog op die Gesinsjaar is die kursus gratis aan elke Sinodale Jeugkommissie beskikbaar gestel om aan belangstellende predikante en jeugleiers, wat die kursus wil aanbied, te gee. 'n Aantal van die kursusse is ook by die AJK beskikbaar vir persone wat dit graag wil bestel. Die koste aan die projek is uit bestaande fondse van die AJK gedek.

**3.2.1.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode keur die optrede van die AJK ten opsigte van die Kursus in Huweliksvoorbereiding goed.**

#### 3.2.2 LOFPRYSING

**3.2.2.1 Opdrag van Sinode (610:3.17)**

"1. Die Algemene Sinode stel 'n ad hoc-kommissie saam uit lede van die AJK, AKLAS, AKAE en AKE om 'n studie te maak met praktiese riglyne oor die 'lofprysing'. Die AJK word as sameroeper aangewys.
2. Die kommissie gee aandag aan die volgende sake:
2.1 Die teologiese begronding van lofprysing.
2.2 Die plek van lofprysing binne en buite die erediens.
2.3 Riglyne met die oog op die praktiese inkleding van die lofprysingsbyeenkoms.
2.4 Lofprysing as deel van die omvattende en gedifferensieerde gemeentebediening.
3. Aangesien hierdie 'n spoedeisende saak is, doen die ad hoc-kommissie verslag aan die ASK wat na bevind van sake mag handel."

**3.2.2.2 Werkwyse**

Die AJK het as sameroeper opgetree en die ad hoc-kommissie het die studie gedoen. Die verslag, sowel as 'n verkorte verslag, is aan die ASK voorgelê wat op sy beurt aan die Algemene Sinode verslag doen.

**3.2.2.3 Bevinding**

Die AJK vind dit jammer dat hierdie saak so onnodig gesloer het, aangesien die AJK dit juis as "spoedeisend" beskou het. Die AJK het dit ook nodig geag om uiteindelik 'n "populêre" weergawe van die verslag, spesifiek gerig op die jeug, op te stel; dit is deur die ASK in Maart 1994 goedgekeur en word gratis aan gemeentes beskikbaar gestel. 'n Meer volledige weergawe is ook op versoek van die ASK deur die AJK gepubliseer.

**3.2.3 STUDENTEBEDIENING : KATEGORIALE BEDIENING**

**3.2.3.1 Opdrag van Sinode (610:3.18)**

"Die Algemene Sinode versoek die AJK om die implikasies van kategoriale bediening van studente te ondersoek en die resultate so gou moontlik aan die AKAE(AKG) deur te gee vir hul ondersoek oor gemeentegrense."

**3.2.3.2 Werkwyse**

Die saak is deeglik bestudeer en 'n voorstel is na die AKG en ARK deurgestuur.

**3.2.3.3 Bevinding**

Die ARK het laat blyk dat hulle nie, in die lig van die huidige stand van sake, die voorstel kan steun nie en dat die AJK die saak self aan die Algemene Sinode moet voorlê. Ten spyte van die reëling dat die AKG aan gemeentegrense aandag gee, beskou die AJK hierdie saak as so belangrik dat hy in elk geval 'n aparte aanbeveling aan die Algemene Sinode wil voorlê.

**3.2.3.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode keur die volgende reëling ten opsigte van kategoriale bediening van studente goed:**

**Studentebediening verg dat ruimte in Die Kerkorde en bepalings gemaak word dat gemeentes volgens eie behoefte een of albei van die volgende kan kies:**

**1. Geografies-kategoriale grense van 'n gemeente (met die oog op 'n duidelik omskrewe verantwoordelikheidsgebied vir bediening).**
**2. Volle lidmaatskap aan persone buite bepaalde grense van die gemeente indien so 'n lidmaat daarvoor aansoek doen volgens die volgende prosedure;**
**2.1 die lidmaat wat sy volle lidmaatskap in 'n ander gemeente wil uitoefen, doen skriftelik by sy kerkraad aansoek met motivering van die redes vir sy aansoek;**
**2.2 indien die kerkraad dit goedkeur, versoek die kerkraad die ander kerkraad deur middel van 'n brief en insluiting van 'n afskrif van die lidmaat se brief, om die lidmaat onder sy sorg te neem;**
**2.3 indien die ander kerkraad dit ook goedkeur, word die lidmaat se bewys van lidmaatskap oorgeplaas en word die lidmaat per brief daarvan in kennis gestel;**
**2.4 daarna berus die verantwoordelikheid by die lidmaat om hom by die gemeente in wie se sorg hy geplaas is, aan te meld;**
**2.5 van al sodanige gevalle word skriftelik aan die ring/ringe waarin beide kerkrade val, kennis gegee;**
**2.6 hierdie is nie grenswysiging nie, maar ordelike vergunning aan bepaalde lidmate.**

## 3.3 ADVIES TEN OPSIGTE VAN JEUGBEDIENING (AJK-REGLEMENT 3.1)

**3.3.1 STUDENTEBEDIENING**

**3.3.1.1 Jaarlikse konferensies**

Die AJK ondersteun en subsidieer die jaarlikse studenteleraars-konferensies waar 'n verskeidenheid temas aangespreek en praktiese gemeente-ervaring uitgeruil word. Die AJK beskou dit as noodsaaklik dat die bedieningservaring tussen hierdie groep gespesialiseerde gemeentes uitkring. 'n Uitnodiging om dit by te woon, word ook gerig aan leraars wat ander homogene jeuggroepe bedien, byvoorbeeld in die NG Kerk-familie, susterkerke en die kapelane van opleidingskolleges van die SAW, SAP en verpleegsters.

'n Jaarlikse studenteleierskonferensie word deur 'n plaaslike studentegemeente gereël. Die AJK ondersteun en subsidieer ook hierdie konferensie. Die daarstelling van Bybelstudiemateriaal bly hoog op die prioriteitslys. Die bestaande 29 gidse in die Bybelkorreeks is onontbeerlik om juis vir die plaaslike verskeidenheid te voorsien.

**3.3.1.2 Bedieningsriglyne**

Studentelidmate word al hoe meer gespesialiseerd bedien in homogene studentegemeentes. Die volgende bedieningsbeginsels is geldend:

1. Die fokus bly op die individuele student en elkeen word as besoekpunt bedien.
2. Die klem op die Woord is kenmerkend, met Bybelstudiegroepe as die omvattendste aksie in elke gemeente.
3. Onderlinge koinonia word gebou as die atmosfeer waarbinne verandering en groei ten beste plaasvind.
4. Leraars fokus veral op toerusting van lidmate (persoonlik groei, ampsvorming en diensvaardighede) as een van die kritiese suksesfaktore.
5. Diens en veral uitreikaksies beleef tans 'n besondere ontploffing in studentegeledere. 'n Groot getal studente antwoord jaarliks die roeping om die evangelie uit te dra en kan dit in hulle redelik onverbonde lewensfase makliker doen, selfs vir 'n jaar of meer voltyds as Diensjaar vir Christus.
6. Die bediening moet buigbaar wees wat uiterlike vormgewing betref om effektief die veranderende jongmens te bereik, byvoorbeeld 'n baie informele gemeentestyl, sang en ampswerk. Tog besef studentekerkrade steeds die groot roeping dat 'n studentegemeente 'n "deurgangsgemeente" is wat leiersvorming doen om die kerk in die breë te dien. Lidmate word dus so bedien dat hulle eerste ervaring as selfstandige lidmate 'n goeie basisvorm met hoë standaarde wat vir daaropvolgende gemeentes tot voordeel kan wees.

**3.3.1.3 Toekomstige uitdagings**

Die vinnige veranderende landsituasie maak dit moeilik om ver vooruit te beplan. Tog kan die volgende as uitdagings voorsien word:

1. Multi-kulturaliteit as konteks en stylbepaler en studentebediening.

2. Die taak om die uitreikaksies te fokus op die belangrikste take en areas vir God se koninkryk binne- en buitelands.
3. Die handhawing van effektiewe bediening met meer beperkte finansiële middele.
4. Bediening van meer opleidingsgroepe as die tradisionele universiteite, kolleges, technikons en beskermingsdienste.

## 3.4 NAVORSING, BEPLANNING, INLIGTING EN VOORLIGTING (AJK- REGLEMENT 3.2)

### 3.4.1 KAMPAKSIES

#### 3.4.1.1 Behoefte

Die AJK is besig met ondersoek na die aanbieding en beter benutting van kampe en staptoere. In Augustus 1994 word DV 'n werkwinkel met verteenwoordigers vanuit al die sinodes gehou, waartydens gedagtes uitgeruil en beplanning, meer spesifiek gerig op skoolverlaterskampe, gedoen sal word.

#### 3.4.1.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode keur die optrede van die AJK goed en versoek dat die resultaat van die ondersoek na die sinodes, ringe en gemeentes deurgestuur word.**

### 3.4.2 VAKANSIEOORDBEDIENING

Die AJK het met die ACSV geskakel oor nouer samewerking ten opsigte van vakansieoordbediening, veral in verband met die sake soos toerusting, handleidings wat gebruik word, samewerking in sinodale verband en finansiële hulp. Die SJK's is versoek om, indien die behoefte daar is, met die ACSV te skakel oor raakpunte met betrekking tot vakansieoordbediening.

### 3.4.3 OPLEIDING VOLTYDSE JEUGWERKERS

Daar bestaan 'n skakelkommissie tussen die AJK en die Sentrum vir Jeugbediening (Wellington) sodat die AJK ten volle op die hoogte is met die werksaamhede van die Sentrum. Die AJK help ook finansieel om die kostes aan die Sentrum te help dek. 'n Volledige verslag in verband met die Sentrum vir Jeugbediening word deur die Hugenote-Kollege aan die Algemene Sinode voorgelê.

### 3.4.4 BKJA ALGEMENE KONFERENSIE 1992

'n Algemene Konferensie vir die belydende kerkjeug is vanaf 1-3 Mei 1992 te Maselspoort, Bloemfontein, gehou met as tema: **Christenwees 'n fees!** Die doel van die konferensie was om aan die jongmense die geleentheid te gee om mekaar te inspireer en by mekaar te leer hoe om Christenwees in die praktyk uit te leef. Met hierdie inspirasie en kennis moes die jongmense teruggaan om hulle plaaslike BKJA verder uit te bou. Ongelukkig het slegs 225 jongmense die geleentheid benut.

### 3.4.5 JEUGPROFIEL: MEETINSTRUMENT

Die AJK het 'n meetinstrument ten opsigte van die jeugprofiel in die gemeente opgestel en na al die SJK's deurgestuur vir verdere verspreiding na die ringe en gemeentes.

### 3.4.6 WERKWINKEL GEESTELIKE MUSIEK

Die AJK het inisiatief geneem in die beplanning en aanbieding van 'n Werkwinkel insake geestelike Musiek vanaf 31 Mei - 2 Junie 1991 te Potchefstroom. Jongmense, musici en leraars vanuit verskeie sinodale gebiede is saamgetrek om te besin oor die geestelike sang en musiek soos veral deur die jongmens van ons dag bedryf. Die AJK het by die SJK's aanbeveel om in samewerking met die plaaslike sinodale kommissie wat erediensske hanteer, 'n musiekkonferensie op voetspoor van die werkwinkel te Potchefstroom te reël.

# 4. OPVOEDING EN ONDERWYS

## 4.1 ONDERWYSKUNDIGES

4.1.1 Behalwe die lede van die AJK wat in die Subkommissie vir Opvoeding en Onderwys (SOO) dien, is onderwyskundiges gekoöpteer om in die SOO en AJK te dien naamlik

* prof C G de Vries (Stellenbosch)
* dr J M Jooste (Pretoria)
* dr J A van Niekerk (Kroonstad)

Met die huidige rasionalisering deur die AJK gaan daar voortaan slegs een onderwyskundige in die SOO en AJK dien.

### 4.1.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode betuig sy opregte dank en waardering teenoor die onderwyskundiges wat hulle kundigheid deur die jare op 'n onbaatsugtige wyse ten dienste van die kerk stel.**

## 4.2 OPDRAG VAN DIE SINODE 1990

### 4.2.1 BYBELONDERRIG EN BYBELKUNDE

#### 4.2.1.1 Opdrag van Sinode (611:4.7)

"Die Algemene Sinode dra dit op aan die AJK om die plek, funksie, inhoud en noodsaak van Bybelkunde, Bybelonderrig en die lewensbeskoulike fasette in die skoolkurrikulum in 'n nuwe onderwysbeleid te ondersoek met die oog op inspraak en bedinging daarvan met die onderwysowerhede."

#### 4.2.1.2 Werkswyse

Die Subkommissie vir Opvoeding en Onderwys het saam met onderwyskundiges 'n deeglike studie van die saak gemaak en verskeie memoranda het die lig gesien.

Die volgende persverklaring is op 12 Maart 1991 uitgereik:

> Die Algemene Jeugkommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het daarvan kennis geneem dat die plek van Bybelonderrig as selfstandige vak in die breë skoolkurrikulum tans onder oorweging is en dat die voortbestaan van Bybelkunde ook in gedrang gekom het.
>
> In hierdie verband wys die Jeugkommissie van die Algemene Sinode daarop dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk nog altyd die plek van Bybelonderrig

as selfstandige vak in die skoolkurrikulum ondersteun het en dat hy hom beywer het vir die instelling van Bybelkunde as akademiese vak.

Die Algemene Sinode het tydens sy sitting in 1990, sy steun vir die huidige hantering deur die volgende twee besluite bevestig:

1. Die Algemene Sinode versoek die staat om opnuut die versekering te gee dat die Woord van God steeds 'n sentrale plek in die onderwys sal geniet, dat die onderwys Christelik en kultuurgedifferensieerd sal bly.

2. Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die owerheid vir die huidige onderwysstelsel waarin Bybelonderrig 'n verpligte vak vir alle kinders van st 2 tot 10 is en vir die ruimte vir alle kinders om Bybelkunde as 'n keusevak vir eksamendoeleindes te kan kies.

Die Algemene Jeugkommissie neem daarvan kennis dat 'n finale besluit oor die voortbestaan van Bybelkunde en die plek van Bybelonderrig in die breë kurrikulum nog nie geneem is nie en versoek die owerheid daarom ernstig dat hy kennis neem van bogenoemde besluite en dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk eers geken sal word, voordat 'n finale besluit geneem word.

Aan die hand van sy studie en die persverklaring wat uitgereik is, het die SOO in 1991 besoeke afgelê by

* mnr PJ Clase, Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie Volksraad;
* mnr JDV Terblanche, Superintendent-generaal van Onderwys, Administrasie Volksraad;
* dr HJS Stone, Superintendent-generaal van Onderwys, Administrasie Volksraad;
* mnr LA Pienaar, Minister van Nasionale Opvoeding;
* mnr PG Marais, Minister van Onderwys en Kultuur, Administrasie Volksraad.

**4.2.1.3 Bevinding**
Uit die studie en samesprekings het die volgende duidelik geword:

* 1 Religieuse onderrig sal deel uitmaak van 'n bepaalde groepering van vakke. 'n Gemeenskap sou 'n keuse kon uitoefen ten opsigte van watter religie hulle in hulle skool wil laat onderrig. Bybelkunde sal steeds deel van 'n vakpakket wat leerlinge kan neem, uitmaak.

* 2 Die skool kan net die verbondsverpligtinge van die ouer ondersteun, maar nooit oorneem nie.

* 3 Die moontlikheid bestaan dat in sommige vakke slegs 'n raamwerkkurrikulum gegee word wat dan verder deur die ouergemeenskap van 'n spesifieke skool gevul kan word.

Tydens die werkwinkel oor "'n Nuwe onderwysbedeling - die kerk se antwoord" wat in Februarie 1993 gehou is, is die volgende besluit geneem:

"In die Christelike skool moet Bybelonderrig aangebied word. Dit vorm die basis waaruit die ander lewens-opvoedingsvakke gesien moet word."

Die jongste inligting waaroor die SOO beskik, is:

1. Die voorgestelde kernonderrigprogram vir Bybel-onderrig word reeds deur al die departemente toegepas en geïmplementeer.

2. Aanbevelings ten opsigte van die kernonderrigprogram is gemaak ten einde Bybelonderrig meer sinvol te maak binne die Lewensopvoedingsprogram.

3. Bybelonderrig het 'n besondere rol te vervul in die Lewensopvoedingsprogram in die verwerwing van lewensvaardighede.

4. In die geheel gesien, hang die kernonderrigprogram vir Bybelonderrig ten nouste saam met dit wat die Lewensopvoedingsprogram wil wees.

5. Lewensopvoeding bestaan uit die volgende komponente: Bybelonderrig; Burgerskap-opvoeding; Kunste-opvoeding; Loopbaanoriëntering; Persoonsop-voeding; Liggaamlike Opvoeding. Die doel met die Lewensopvoedingsprogram is om die nie-eksamenvakke in 'n sambreelprogram te koördineer, maar dat elke vak outonoom sal funksioneer.

Die kerk het intussen ook kennis geneem van die Independent Forum for Religion in Public Education se standpunt (gedateer 28 Februarie 1994) waarin Bybelkunde bepleit word as 'n opsionele eksamenvak op sekondêre skoolvlak. Bybelkunde word een van ses of meer vakke waarin die verskillende godsdienste bestudeer word. Godsdiensonderrig word bepleit as 'n eksamenvak vir alle skooljare waarin
1. kinders hulle eie godsdiens kan bestudeer op 'n nie-proselietmakende en nie-kategetiese wyse
2. kinders bewus gemaak word van ander religieë en tradisies van mede Suid-Afrikaners
3. dit wat vir die lewenservaring van die leerlinge relevant is en met lewensvraagstukke verband hou, aangebied word.

Dit is duidelik dat die toekoms van Bybelonderrig kommer wek. Indien Bybelonderrig getermineer sou word, sou dit baie moeilik weer ingestel kon word.

**4.2.1.4 AANBEVELINGS**

**1. Die Algemene Sinode herbevestig die noodsaak van Bybelonderrig as onderbou van 'n opvoedingsprogram aan sy verbondskinders en versoek die AJK om steeds daarvoor te beding.**

**2. Die Algemene Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat Bybelkunde as eksamenvak bly voortbestaan en as toelatings-vereiste vir bepaalde studierigtings moet bly.**

## 4.3 TOEKOMS VAN ONDERWYS

In die lig van die veranderende situasie is die volgende sake van wesenlike belang en verdien die aandag van die Sinode:

### 4.3.1 BEDINGING VIR CHRISTELIKE ONDERWYS

**4.3.1.1 Bevinding**

Oor baie jare het die kerk beding vir Christelike en kultuurgerigte onderwys aan sy verbondskinders. By die skryf van hierdie verslag is die toekoms van Christelike en kultuurgerigte onderwys in die nuwe Suid-Afrika in die weegskaal. Ingrypende veranderinge vind tans plaas.

Die kerk sal veral deur die Algemene Jeugkommissie en in besonder die Subkommissie vir Opvoeding en Onderwys alles in die stryd moet werp en voortdurend beding om te verseker dat ouers die reg sal hê om hulle kinders in skole met 'n Christelike en kultuurgerigte grondslag te laat opvoed. Om dit te bewerkstellig, sal die kerk moet besin en beplan en gereelde kontak met die onderwysowerhede moet hê.

**4.3.1.2 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode versoek die staat om ruimte te skep vir die skole met 'n Christelike en kultuurgerigte grondslag waarin die Woord van God steeds 'n sentrale plek sal geniet.**

### 4.3.2 BEPALINGS VAN DIE GRONDWET WAT DIE ONDERWYS DIREK OF INDIREK RAAK

**4.3.2.1 Akte van Fundamentele Regte**

Artikel 14, wat handel oor "Godsdiens, geloof en opinie", bepaal onder meer dat godsdiensbeoefening in staat of staatsondersteunde instellings kan geskied mits sodanige godsdiensbeoefening op 'n billike grondslag geskied en die bywoning daarvan vry en vrywillig is.

Artikel 32 handel pertinent oor die onderwys en bepaal onder meer dat waar dit uitvoerbaar is, onderwysinstellings gebaseer op 'n gemeenskaplike kultuur, taal of godsdiens tot stand kan kom met dien verstande dat daar geen diskriminasie op grond van ras of geloof sal wees nie.

**4.3.2.2 Oorgangsbepalings**

1. Die nasionale regering, en waar van toepassing, die provinsiale regerings, verander nie die regte, bevoegdhede en werksaamhede van beheerliggame, bestuursliggame of soortgelyke owerhede van:

* departementele primêre en sekondêre skole;
* staatsondersteunde primêre en sekondêre skole; en
* universiteite en technikons

kragtens wette wat onmiddellik voor die inwerkingstreding van hierdie Grondwet bestaan het nie, tensy 'n ooreenkoms wat voortvloei uit bona fide-onderhandeling, met daardie liggame bereik is en redelike kennis van enige voorgestelde verandering gegee is. (Artikel 247)

2. Die verantwoordelike regering moet fondse aan departementele, gemeenskapsbeheerde en staatsondersteunde primêre en sekondêre skole op 'n billike grondslag voorsien. (Artikel 247)

**4.3.2.3 Verantwoordelikhede van onderskele owerheidsinstellings**

1. Die Sentrale Vlak

1.1 Die sentrale regering is verantwoordelik vir aangeleenthede insake universiteits- en technikonopleiding.

1.2 Die sentrale regering kan beheer oor skole-onderwys in provinsies verkry oor sake wat:

* 1 nie doeltreffend deur provinsiale wetgewing gereël kan word nie;

* 2 gereël en gekoördineer moet word om eenvormige norme en standaarde wat algemeen geldend is, te verseker;

* 3 in die onderskeie provinsies op gelyke wyse hanteer behoort te word. (Artikel 126)

2. Die provinsiale vlak

Die Provinsiale Wetgewer het konkurrente bevoegdheid met die Parlement om wette vir die provinsie te maak oor opvoeding op alle vlakke, met die uitsluiting van universiteits- en technikonopvoeding.

3. Die plaaslike owerheidsvlak

'n Plaaslike regering moet, in die mate wat enige toepaslike wet bepaal, voorsiening maak dat alle persone wat binne sy regsgebied woonagtig is, toegang het tot onder meer opvoeding, mits sodanige diens op 'n handhaafbare wyse verskaf kan word en finansieel en fisies uitvoerbaar is. (Artikel 175)

### 4.3.3 BELANGRIKHEID VAN STREEKREGERINGS

**4.3.3.1 Bevinding**

Dit blyk dat streekregerings in die toekoms daartoe aanleiding sal gee dat belangrike insette ten opsigte van die onderwys op plaaslike vlak gemaak gaan word. Bedinging vir die doelstellings wat die kerk vir die onderwys aan sy verbondskinders nastreef, sal dus op streek- en plaaslike vlak gedoen moet word. Hierin kan 'n organisasie van die drie Susterkerke, soos die Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys (IKOO), op plaaslike vlak saam met die kerke van die Ned Geref Kerkfamilie 'n deurslaggewende rol speel.

**4.3.3.2 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode beklemtoon die belangrikheid daarvan dat die plaaslike gemeenskap deur sinodes, ringe en kerkrade toegerus moet word om op streeks- en plaaslike vlak met die nodige kundigheid op te tree om vir Christelike godsdiens in skole te beding. 'n Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys op plaaslike vlak saam met die kerke van die Ned Geref Kerkfamilie kan hierin 'n beduidende rol speel.**

### 4.3.4 STAPPE TER REALISERING VAN CHRISTELIKE ONDERWYS

**4.3.4.1 Werkwinkel oor Christelike onderwys**

'n Werkwinkel oor "Die nuwe onderwysbedeling - die kerk se antwoord" is van 12 tot 13 Februarie 1993 te Pretoria gehou. Onderwyskundiges is genooi om referate te lewer. Die program het soos volg daaruit gesien:

1. Die kerk se standpunt oor Christelike onderwys - Prof JA Heyns, Assessor, Algemene Sinodale Kommissie, Ned Geref Kerk.

2. Die veranderende situasie in die onderwys - Dr HJS Stone, Superintendent-generaal van Onderwys, DOK.

3. Die grondwetlike scenario ten opsigte van die Onderwys - Adv JG Prinsloo, Adjunk-direkteur, Federale Onderwysraad.

4. Die kerk se strategie ten opsigte van die grondwetlike scenario - Prof JM Potgieter, Departement Privaatreg, Regsfakulteit, Unisa.

5. Moontlike toekomstige onderwyspatrone - Ds JJ Keyter, Voorsitter, Subkommissie Opvoeding en Onderwys.

6. Die kerk se rol binne toekomstige onderwyspatrone - Ds JJ Keyter, Voorsitter, Subkommissie Opvoeding en Onderwys.

7. Die rolspelers in die toekoms van die onderwys - Prof JL Beckmann, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria.

8. Die kerk se taak ten opsigte van die rolspelers in die onderwys - Prof CG de Vries, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Stellenbosch.

In die besprekings is daar indringend gekyk na die huidige knelpunte en watter antwoorde die kerk kan bied om te verseker dat onderwys ook in 'n nuwe onderwysbedeling Christelik sal bly.

Nie minder nie as 40 besluite is geneem waarin die standpunt van die Nederduitse Gereformeerde Kerk verwoord word, oor die bedinging vir Christelike onderwys, die verskillende skooltipes, toerusting van ouers en onderwysers en onderwysersopleiding.

Hierdie besluite is aan die ter sake onderwysinstansies vir verdere aandag deurgegee.

#### 4.3.4.2 Onderwyskongres

Die veranderende situasie ten opsigte van lands- en streekregerings het dit noodsaaklik gemaak dat opnuut besin sal word oor die plek en funksie van Christelike onderwys in die nuwe staatsbedeling. Op inisiatief van die Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys (IKOO) die Federasie van Afrikaanse Ouerverenigings (FAO), en die Vereniging vir Christelike Onderwys (VCHO), is geskakel met ander rolspelers wat hierby belang het.

'n Studiekommissie is saamgestel om in besonder aandag te gee aan die vraag hoedat die ruimte wat vir Christelike onderwys geskep word, ten beste benut kan word. Die bevindinge van die studiekommissie word aan 'n kongres vir bespreking voorgelê, waarna aan sinodes, ringe, gemeentes en ouers leiding gegee word in belang van Christelike onderwys.

#### 4.3.4.3 Bedinging vir Christelike onderwys deur verskele kerke

Dit het noodsaaklik geword dat al die Christelike kerke in die RSA ook gesamentlik vir Christelike onderwys beding. 'n Versoek om so 'n gesamentlike strategie te beplan, is tot die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) gerig. Die ASK het die versoek gesteun en die SOO versoek om sodanige gesprek te reël.

'n Gesprek met alle Christelike kerke en ander instansies met die oog op die bevordering van Christelike onderwys en die uitbou van vennootskappe, word tans beplan.

#### 4.3.4.4 Toerelkende staatsubsidiëring vir onderwys

Dit is die verklaarde beleid van die kerk om nie private kerkskole te stig nie. Indien die onderwys egter so sal ontwikkel dat die beleidstandpunte van die Nederduitse Gereformeerde Kerk ten opsigte van die onderwys nie meer in die staat- of staatsondersteunde skole verreken kan word nie, sal die kerk geen ander opsie hê as om private Christelike skole te oorweeg nie.

#### 4.3.4.5 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode versoek die owerheid om private kerkskole, indien dit vir die kerk deel sou word van die antwoord op die onderwysvraagstuk, so te hanteer dat toereikende staatsubsidiëring toegestaan word sodat elke ouer wat dit verkies, in die posisie sal wees om vir sy kind Christelike onderwys te verseker.**

## 4.4 TOERUSTING VAN OUERS

#### 4.4.1 KURSUS OOR OUERLEIDING

'n Kursus vir ouers oor gesag en dissipline is gereed gemaak. Die kursus is in A4-vorm in 'n lêer beskikbaar gestel aan SJK's, vroueaksies, ouerverenigings, ensovoorts.

#### 4.4.2 KURSUS OOR GESLAGSOPVOEDING

Saam met Bybelkor het 'n kursus, "ABC vir ouers", oor die ouer se algemene geslagsopvoeding aan sy kind, die lig gesien. Opvolgkursusse oor geslagsopvoeding volgens spesifieke ouderdomsgroepe het ook reeds verskyn.

## 4.5 WAARDERING VIR ONDERWYSKORPS

#### 4.5.1 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode spreek sy hoë waardering uit teenoor die groot aantal Christen-onderwysleiers, -dosente en - onderwysers wat die onderwys onbaatsugtig dien en daarmee hulle Christenskap daadwerklik in die onderwys uitleef.**

## 4.6 SATANISME

Die noodsaak vir meer inligting oor die probleem van Satanisme word allerweë besef. Die Subkommissie vir

Opvoeding en Onderwys het kundiges versoek om 'n brosjure in die taal van die tiener voor te berei wat aan hom die basiese inligting gee en op die gevare wys. 'n Gratis brosjure is beskikbaar by die N G Kerk-Jeugboekhandel, Bloemfontein.

## 4.7 VERSLAG VAN DIE INTERKERKLIKE KOMMISSIE VIR OPVOEDING EN ONDERWYS (IKOO)

### 4.7.1 SAMESTELLING

Die IKOO bestaan uit verteenwoordigers van die drie Afrikaanse Susterkerke. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk word verteenwoordig deur die Subkommissie vir Opvoeding en Onderwys van die AJK asook 'n verteenwoordiger van elke sinode. Hierdie is 'n besparing aangesien elke sinode voorheen deur twee lede verteenwoordig is. Die gebruik het ontstaan dat die lede van die AJK en die afgevaardigdes van die sinodes 'n gesamentlike vergadering voor die vergadering van die IKOO hou, sodat al die verteenwoordigers van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, sover moontlik, uit een mond by die IKOO-vergadering kan praat.

Melding moet hier gemaak word van die hartlike samewerking tussen die drie Susterkerke op hierdie gebied. Navorsing word tans gedoen oor die positiewe invloed van die IKOO op die onderwys.

### 4.7.2 BEDINGING IN BELANG VAN CHRISTELIKE ONDERWYS

#### 4.7.2.1 Kommentaar op die Onderwysvernuwingstrategie-dokument

Die dokument is deeglik bestudeer en die IKOO se kommentaar is aan die Departement van Nasionale Opvoeding gestuur. Die hooftrekke van die kommentaar was:

* 1 Die onduidelikheid in die gebruik van sekere begrippe is uitgewys.

* 2 Ruimte vir die lewensbeskoulike aangeleenthede moet te alle tye binne die formele onderwysstruktuur gelaat word vir diegene wat dit verkies - sonder finansiële benadeling.

* 3 Behalwe die derde vlak van bestuur (plaaslik) moet die ouer en ouerverenigings se plek en betekenis op eerste en tweede vlak duideliker uitgespel word.

* 4 Dit is duidelik dat die afwenteling van gesag na die plaaslike gemeenskap groot verantwoordelikheid vir die kerk inhou.

#### 4.7.2.2 Onderhoude met onderwysowerhede

Die Dagbestuur van die IKOO het onderhoude gevoer met

* mnr PG Marais, Minister van die Departement Onderwys en Kultuur, Administrasie:Volksraad, en
* dr EH Davies, Hoof Onderwyskoördineringsdiens.

Uit die gesprekke het veral die volgende na vore gekom:

* 1 Nasionale Onderwys en Opleidingsforum (NOOF).
Die IKOO se afvaardiging het dit sterk onderstreep dat die Afrikaanse kerke se belang in die onderwys 'n gevestigde belang is wat ten alle koste beskerm moet word betreffende die Christelike, kultuureie- en moedertaalbeginsels. Daarom is dit vir die IKOO belangrik om verteenwoordiging in die NOOF te probeer kry.

* 2 Die toekoms van onderwys.
Die persone met wie gesprek gevoer is, het dit beklemtoon dat dit vir hulle steeds 'n hoë prioriteit is dat die Christelike, kultuurgerigte en moedertaal- onderwys ook in 'n nuwe bedeling sal bly voortbestaan vir almal wat dit sou verlang.

#### 4.7.2.3 Inskakeling by Nasionale Onderwys- en Opleidingsforum (NOOF)

Die IKOO het aansoek gedoen om toelating tot NOOF te kry en het die stigtingsvergadering bygewoon. Hierop het NOOF die IKOO versoek om 'n motivering vir lidmaatskap te gee. Die motivering is op 13 Julie 1993 aan die NOOF gestuur. Op 18 Januarie 1994 is 'n faks ontvang om te sê dat die aansoek afgewys is.

Die IKOO gee verdere aandag aan die saak

#### 4.7.2.4 Onderhoude met Tersiêre Onderwysinrigtings

Hoewel ouerinspraak in tersiêre onderwys veel moeiliker is as in pre-tersiêre onderwys, is dit vir die verbondsouer baie belangrik om ook hier deur sy inspraak te verseker dat die tersiêre onderwys nie vreemd is aan die opvoeding wat in die ouerhuis plaasvind nie.

Onderhoude is tot dusver met die rektore en personeel van die Universiteit van Pretoria, Randse Afrikaanse Universiteit, die Technikon Pretoria en die Onderwyskollege Pretoria gevoer.

Die afvaardiging van die IKOO is by al hierdie onderhoude hartlik ontvang. Die versekering is gegee dat hierdie instansies 'n hoë premie op die gees en rigting van die opvoeding plaas wat aan die kerk ruimte bied vir sinvolle insette.

#### 4.7.2.5 Onderhoude met Tegniese Inrigtings

Gesprekke is gevoer met verteenwoordigers van die Federasie van Tegniese Kolleges (FEDTEK) en die Vereniging van Tegniese Kollegehoofde (VTKH) in belang van Christelike Onderwys in die onderrigprogram van tegniese kolleges.

### 4.7.3 ONDERWYSERS UIT DIENS GESTEL

**4.7.3.1** Die IKOO het besin oor die posisie van die onderwyser in die moeilike omstandighede wat tans ondervind word, met besondere aandag aan die jong onderwyser wat nie werk kry nie, en diegene wat uit diens gestel is.

Daar is besluit om die volgende mosie aan al die amptelike mondstukke (blaaie/tydskrifte) van die onderwysprofessie asook dié van die Afrikaanse kerke te stuur, naamlik:

* 1 Die IKOO is diep bewus is van
- die benarde posisie van baie onderwysers wat vanweë rasionalisasie uit diens gestel is;
- die moeilike omstandighede waaronder onderwysers daagliks voortgaan om hulle onderrig- en opvoedingstaak te verrig.

* 2 Die IKOO spreek sy opregte dank en waardering uit vir die korrekte en professionele wyse waarop ons onderwysers volhard in die uitvoering van hulle roeping om die jeug van die kerk en die volk tot Christelike volwassenheid te begelei.

* 3 Die IKOO roep sy ledekerke en meewerkende sinodes op om vir die ganse onderwyserskorps volhardend en voortdurend ernstige voorbidding te doen.

#### 4.7.3.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode betuig sy opregte meegevoel met talle onderwysers wat weens die moeilike finansiële omstandighede uit diens gestel moes word en verseker hulle van sy voorbidding en ondersteuning.**

#### 4.7.4 PREPRIMêRE ONDERWYS

4.7.4.1 Die IKOO het bewus geword van die onsekere toekoms van preprimêre skole in die lig van die feit dat daar in baie onderwysdepartemente geen finansiële voorsiening meer vir preprimêre onderwys is nie.

Die IKOO is van oortuiging dat private instansies tot groot mate in die toekoms die verantwoordelikheid vir preprimêre skole sal moet oorneem. Die kerk het hierin 'n baie belangrike rol om te speel.

Ten einde in hierdie behoefte te voorsien, het die IKOO kundiges versoek om 'n inligtingstuk op te stel met wenke oor hoe te werk gegaan kan word om 'n preprimêre skool te stig. 'n Inligtingstuk oor die belangrikheid van pre-primêre onderwys het ook die lig gesien. Die inligtingstukke is aan alle SJK's gestuur.

#### 4.7.4.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode beklemtoon die belangrikheid van preprimêre onderwys en dra dit aan die sinodes, ringe en kerkrade op om voortdurend daarvoor te beding.**

#### 4.7.5 CHRISTELIKE VAKONDERRIG

4.7.5.1 Die volgende is die standpunte van die IKOO:

* 1 In die lig van die sleutelrol van die Christenonderwyser in die aanbieding van Christelike vakonderrig, moet die kerk nougeset aandag gee aan die werwing, keuring, toerusting en begeleiding van Christenonderwysers.

* 2 Die onderwys moet ruimte laat vir die Christelike karakter in die gees en rigting sowel as die struktuur van onderwysvoorsiening.

* 3 Skrifmatige kurrikulering moet neerslag vind in elke sillabus en handboek.

#### 4.7.5.2 AANBEVELING

**1. Die Algemene Sinode spreek hom uit ten gunste van die voortgang van Christelike vakonderrig.**
**2. Om te verseker dat Christelike vakonderrig in die onderwys aan sy verbondskinders tot sy reg kom, versoek die Algemene Sinode die kerk om voort te gaan met die werwing en ondersteuning van Christenonderwysers.**

#### 4.7.6 INTERKERKLIKE HANDBOEKKOMMISSIE (IKHK)

Die IKOO het besluit dat die IKHK wat vir baie jare bestaan het en toe getermineer is, weer in die lewe geroep moet word. Die onsekerheid in verband met die toekoms van Christelike onderwys in die RSA bring die behoefte weer sterk na vore dat handboeke of handleidings geskryf word om onderwysers toe te rus en te help om Christelike vakonderrig te bevorder.

#### 4.7.7 DAGMOEDERSORG

Die IKOO het besin oor die belangrikheid van dagmoedersorg en soos volg besluit:

* 1 Die IKOO onderskryf die noodsaak dat dag- en koshuismoeders met die nodige opvoedingsvaardigheid toegerus moet wees.
* 2 Die IKOO skep op alle moontlike maniere 'n klimaat waarin die nood en behoefte aan opleiding van dag- en koshuismoeders onder aandag van die gemeenskap gebring word. Hiertoe kan die plaaslike IKOO 'n belangrike funksie vervul.
* 3 Die IKOO stel saam met die Technikon 'n kurrikulum op.
* 4 Die IKOO spreek die wens uit dat daar 'n professionele vereniging vir dagmoeders gestig word.

#### 4.7.8 FORUM VAN CHRISTELIKE KERKE

Die IKOO het besluit om onverwyld 'n forum van Christelike kerke tot stand te bring met die doel om die Christelike beginsels in die onderwys, opvoeding en opleiding van die jeug uit te bou en te bevorder.

# 5. ADMINISTRASIE EN FONDSE

## 5.1 OPDRAG VAN SINODE (1962 263; 1982: 1092:3.4.1).

Met die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 is aan die Algemene Sondagskoolkommissie opgedra:

"Die bestuur en toesig oor die Sondagskoolboekhandel, drukpers en -eiendomme asook die administrasie en beheer van die fondse aan hom toevertrou". (Handelinge bladsy 263, Artikel 4; vergelyk bladsy 188, Artikel 4 punt 4 en 5). Hierdie opdrag is deur die Sinodes van 1966 en 1978 herbevestig.

Die Sinode van 1982 het die administrasie en beheer van die fondse van die AJK aan die AJK toevertrou.
(Handelinge bladsy 1092, punt 3.4.1)

## 5.2 WERKWYSE

### 5.2.1 Fondse

Fondse word geadministreer ooreenkomstig 'n goedgefundeerde finansiële beleid en volledige finansiële

verslag word jaarliks aan die Algemene Kommissie vir Fondse gelewer. Met groot dankbaarheid kan hier gerapporteer word dat 'n gesonde groeikoers elke jaar gehandhaaf is en dat die delging van alle uitgawes, insluitende die volledige bekostiging van twee Predikante in Algemene Sinodale Diens, sedert ds DJ Viljoen se uittrede in April 1991, uit eie fondse die Algemene Sinode jaarliks 'n bedrag in die orde van R800 000 bespaar.

Die finansiële sake word deur die Sakebestuurder onder toesig van die Dagbestuur hanteer. Verskeie deskundiges op verskillende terreine bedien die Dagbestuur met advies op 'n ad hoc-basis. Die Dagbestuur behartig die administrasie van die NG Kerk-Jeugboekhandel, die Sondagskoolgebou, beleggings en die uitgee van jeugpublikasies en kategesemateriaal, waarvoor 'n voltydse Publikasiebeampte aangestel is, met groot welslae.

**5.2.2 Die N G Kerk-Jeugboekhandel**
Die N G Kerk-Jeugboekhandel is ook 'n buro vir voorsiening van kategese- en jeugmateriaal, versprei alle kategetiese materiaal asook alle benodigdhede van die Kerkjeugaksies en ander jeugpublikasies landwyd. Om gemeentes tegemoet te kom in die moeilike ekonomiese klimaat, is besluit om 'n korting van 15% op alle kategetiese benodigdhede toe te staan. Dit het in 1992/1993 R404 061 beloop en sal in die huidige finansiële jaar ongeveer dieselfde wees.

Kantore, winkels en parkering word verhuur en die huurinkomste, wat aan eskalasie onderhewig is, dien as verskansing teen inflasie. Die insinking in die ekonomie het egter ook hierdie inkomstebron nadelig beïnvloed deurdat persele leeg gestaan het.

**5.2.3 Bybelkor**
'n Rentevrye lening van R110 458,52 is aan Bybelkor toegestaan vir die kursus "Kategeet vir Christus". Om die verkope van die kursus te bevorder, is in samewerking met Bybelkor 'n korting van 30% aan gemeentes aangebied. Die AJK se aandeel van 15% het tot op datum R60 190,60 beloop.

**5.2.4 Subsidie NGKA**
By wyse van subsidie op kategeseboeke en reiskoste na die GER-Jeugkonferensie in Athene is aan die NGKA R8 000 oorbetaal. 'n Verdere jaarlikse toekenning van R3 000 moet nog oorbetaal word.

**5.2.5 Studiebeurse**
Die AJK gee jaarliks tot vier studiebeurse van R2 000 elk aan nagraadse studente in jeugwerk.

**5.2.6 Die Voorligter**
Die volgende skenkings is aan die Tydskrifte Maatskappy gemaak met die oog op die jeugafdeling van die blad: 1990/1991 R50 000; 1991/1992 R57 500; 1992/1993 R57 000; 1993/1994 R60 000: 'n totaal van R244 500.

**5.9.7 Sentrum vir Jeugbediening: Hugenote-Kollege**
Skenkings ter waarde van R55 000 is reeds aan hierdie inrigting gegee. Hierbenewens is 'n lening van R50 000 toegestaan. Die lening word gedelg teen R1 500 per maand.

**5.9.8 Mema**
In April 1991 is 'n lening van R80 000 toegestaan met die oog op die aankoop van apparaat vir die vervaardiging van videomateriaal vir godsdienstige uitsendings.

**5.2.9 ACSV**
'n Bedrag van R30 000 is reeds geskenk met die oog op opleidingsmateriaal vir vakansieoordbediening.

**5.2.10 Andrew Murray-Prysfonds**
Die AJK dra jaarliks R500 tot hierdie fonds by.

**5.9.11 Studietrust**
Uit die Sendingfonds is die rente-opbrengs van R8 500 aan hierdie opvoedkundige trust geskenk.

**5.2.12 Gratis lektuur**
Die AJK spandeer sowat R1 400 per jaar aan die druk en verspreiding van gratis lektuur in die vorm van traktaatjies oor 'n wye reeks onderwerpe.

# 6. PERSONEEL

## 6.1 HUIDIGE PERSONEEL
Die personeel by die jongste vergadering van die AJK was:

WES-KAAPLAND: Dr EJ van der Walt, ds MR Heyns (PSD); NOORD-KAAPLAND: Dr DL van Niekerk, ds FJ Marais; OOS-KAAPLAND: Di OJ Fourie, FPduT Gertenbach; NATAL: Di PJ Raath, PF de Jager (PSD); ORANJE-VRYSTAAT: Dr GPV le Roux, ds JA Smit (PSD); WES-TRANSVAAL: Dr JHG Gous, ds JJ Louw; NOORD-TRANSVAAL: Dr WPJ van Wyk (Voorsitter), ds J C Carstens (Ondervoorsitter); SUID-TRANSVAAL: Di PES Smith, GC Olivier (PSD); OOS-TRANSVAAL: Di JP Buckle, JJ Keyter (PSD); NAMIBIë: Di JF Serfontein, JA Theron; MIDDE-AFRIKA: Di WS Boshoff, AC du Plessis; NAMENS TEOLOGIESE FAKULTEITE: Dr JMG Prins, prof JC Müller, dr JJ van Rensburg; NAMENS BKJA: Mnr DLH le Roux; NAMENS JKJA: Mev P Brand; NAMENS VROUEDIENS: Mev H Oosthuizen; BYBELKOR: Ds WJ Botha; HUGENOTE-KOLLEGE: Ds D Kitching; KAPELAAN-GENERAAL SAW: Ds RP Jordaan; KAPELAAN-GENERAAL SAP: Vakant; VERTEENWOORDIGER SAKD: Ds PW van Deventer; VERTEENWOORDIGER ACSV: Ds CJ Carstens; OPVOEDKUNDIGES: Prof CG de Vries, drr JM Jooste, JA van Niekerk; PREDIKANTE IN ALGEMENE SINODALE DIENS: Drr LC Dressel (Skriba), EJ Hay; SAKEBESTUURDER: Mnr EJ Schmidt (adviserend); PUBLIKASIEBEAMPTE: Mev H Erasmus (adviserend).

**6.2 PERSONEELVERMINDERING**

Die Algemene Jeugkommissie het besin oor moontlike personeelvermindering. Die moontlikheid is ondersoek om al drie teologiese fakulteite deur slegs een verteenwoordiger te laat verteenwoordig. Die AJK het na deeglike besinning besluit om nie nou so 'n aanbeveling te maak nie. Die een verteenwoordiger elk van die kapelaansdienste is bespreek en daar is besluit om die kapelane op eie koste slegs uit te nooi na die vergadering toe indien daar sake is wat hulle raak. Die vergunning om drie deskundiges vir elke subkommissie te koöpteer sal in die toekoms so gereël word dat die verteenwoordigers van die S- en BKJA verval en slegs een verteenwoordiger vir Opvoeding en Onderwys benoem word.

**6.3 AANBEVELING**

**Die reglement vir die AJK (punt 2.7) word so gewysig dat een verteenwoordiger elk van die kapelaansdienste verval.**

DR W P J VAN WYK (Voorsitter)
DR L C DRESSEL (Skriba)

# A.7 ALGEMENE REGSKOMMISSIE

Geagte broer voorsitter, broers en susters

U kommissie doen graag soos volg verslag

## 1. PERSONEEL

Die Algemene Regskommissie het op 25 Oktober 1990 gekonstitueer. Lede wat oorlede is of uitgetree het, word ook hieronder aangetoon:

### 1.1 AKTUARII

Algemene Sinode: Dr THN Sadler
Wes-Kaapland: Ds TE Lombard, vervang deur prof P Coertzen (1992)
Oos-Kaapland: Ds WJ le Roux, vervang deur dr S du Toit (1992)
Noord-Kaapland: Ds MH Heyns, vervang deur ds W Jordaan (1992) en ds JJ Vogel (1993)
Oranje-Vrystaat: Dr THN Sadler, vervang deur dr JJ van Rensburg (1992)
Natal: Ds JR Murray
Noord-Transvaal: Prof dr AC Barnard, vervang deur ds GJ Koen (1992)
Suid-Transvaal: Dr WJ Bruwer, vervang deur dr CJJ Stegman (1993)
Wes-Transvaal: Ds CP Willemse, vervang deur dr DA Scholtz (1992)
Oos-Transvaal: Ds PL Bezuidenhout
Midde-Afrika: Ds PFJ van Vuuren
Namibië: Dr GL Buys

### 1.2 PERSONEEL TEOLOGIESE FAKULTEITE

Prof P Coertzen (Stellenbosch)
Prof dr JW Hofmeyr (Pretoria)
Prof dr PJ Strauss (Bloemfontein)

### 1.3 DAGBESTUUR

Voorsitter: Dr THN Sadler
Ondervoorsitter: Dr WJ Bruwer, vervang deur prof dr P Coertzen (1993)
Skriba: Ds PL Bezuidenhout

Prof dr P Coertzen is op 3 Maart 1993 tot ondervoorsitter verkies

Ds TE Lombard is tydens sy dienstyd in die Algemene Regskommissie skielik oorlede

## 2. OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE VAN 1990 AAN DIE ALGEMENE REGSKOMMISSIE

### 2.1 EIE HUISE VAN LERAARS BUITE GEMEENTEGRENSE

**2.1.1 Die Algemene Sinode het besluit**

"Die Algemene Sinode verwys die aangeleentheid van eie huise van leraars buite hulle gemeentegrense na die Algemene Regskommissie vir studie en rapport aan die ASK/Algemene Sinode." (Handelinge Algemene Sinode 1990, 9.4.2 bladsy 699).

**2.1.2 Die geldende besluit is**

"Kerkregtelik behoort elke predikant binne die grense van sy gemeente te woon. Waar 'n pastorie of perseel vir 'n pastorie onbekombaar is of alleen ten duurste bekombaar is, mag 'n kerkraad aansoek doen by die ring om toestemming te verleen vir die voorsiening van 'n pastorie buite die betrokke gemeentegrense op voorwaarde dat dit alleen geld -

* vir gemeentes wat bewys dat daar geen ander redelike huisvesting vir die leraar en sy gesin binne die gemeentegrense gevind kan word nie;
* vir militêre gemeentes waar die betrokke pastorie/perseel deur die staat aangekoop is of deur die militêre owerheid gehuur word;
* in die geval van polisie-kapelane waar die betrokke pastorie/perseel deur die staat aangekoop is of gelewer word;
* as 'n tydelike vergunning wat van tyd tot tyd hersien word." (Handelinge Algemene Sinode 1974 bladsy 669 punt 40.B.7.41).

**2.1.3 AANBEVELING**

**2.1.3.1 Die Algemene Sinode besluit om te volstaan met die besluit wat betref 'n pastorie buite die gemeentegrense.**

**2.1.3.2 Die Algemene Sinode besluit dat die besluit ook van toepassing is op 'n eie huis van 'n predikant.**

### 2.2 SAMESTELLING ALGEMENE SINODE

**2.2.1 Die Algemene Sinode het besluit dat:**

"Die Algemene Sinode gee aan die Algemene Regskommissie opdrag om 'n studie van Kerkorde Artikel 38 en 35.7 te doen oor die beginsel van verteenwoordiging in die Algemene Sinode." (Handelinge Algemene Sinode 1990, 4 bladsy 633).

**2.2.2 Uitgangspunt**

As uitgangspunt vir die studie is die volgende definisie ten opsigte van die Algemene Sinode aanvaar:

"Die Algemene Sinode is die kerkregtelike uitdrukking van die verband tussen alle Ned Geref gemeentes en word saamgestel soos bepaal in Artikel 38 van die Kerkorde."

Die definisie beteken nie dat elke gemeente in die Algemene Sinode verteenwoordig moet wees nie. By die ring is nóg die hele gemeente, nóg die hele kerkraad verteenwoordig. Tog is dit "naburige gemeen- tes (wat) onderling gegroepeer (word) tot ringe" (Art 29). Kragtens die toetrede tot die kerkverband verbind die gemeentes hulleself tot besluite van die kerkverband, selfs al is die gemeente of selfs 'n verteenwoordiger van die gemeente nie in die meerdere kerkvergadering verteenwoordig nie. In baie ander gereformeerde kerke waar die sogenaamde "getrapte" afvaardiging (kerkraad na ring, ring na sinode, sinode na algemene sinode) gebruik word, is gemeentes dikwels nie eers deur 'n eie verteenwoordiger in die sinode verteenwoordig nie, maar is tog kragtens die wese van die kerkverband aan die besluit gebonde. By ons geld dit alleen waar sinodes kragtens Artikel 38.1 na die Algemene Sinode afvaardig.

#### 2.2.3 Proporsionele afvaardiging

Die gedagte waarvolgens die grootte van die sinode die hoeveelheid afgevaardigdes bepaal, is vreemd aan die Gereformeerde kerkreg. Die beginsel dat 'n groter kerk nie oor 'n kleiner kerk heers nie, staan deur die eeue vas. Daarom moet die gedagte van die hand gewys word.

#### 2.2.4 Sinodes vaardig af na Algemene Sinode

Die gelyke verteenwoordiging van sinodes moet gehandhaaf word. Op watter wyse 'n sinode besluit om sy getal afgevaardigdes aan te wys, is egter sy eie besluit. Dit lê nie op die terrein van die Algemene Sinode om hieroor enige voorskrifte aan sinodes voor te skryf nie. Dit bly egter afgevaardigdes van die betrokke sinode al sou 'n sinode besluit om sy afgevaardigdes ringgewys saam te stel.

#### 2.2.5 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit om Artikels 35.7 en 38 onveranderd te laat.**

## 2.3 OUDERLING AS SEKUNDUS VIR LERAAR BY MEERDERE VERGADERINGS

#### 2.3.1 Die Algemene Sinode het besluit

"Die beskrywingspunt word na die Algemene Regskommissie verwys vir studie en rapport aan die volgende Algemene Sinode." (Handelinge Algemene Sinode 1990, 1.20, bladsy 713).

#### 2.3.2 Die beskrywingspunt B17.1.20 het gelui

"Die Sinode van Wes-Transvaal versoek die Algemene Sinode om 'n nuwe Artikel 30.3 in die Kerkorde in te voeg wat lui: "Vir elke leraar word daar 'n sekundus uit die ouderlinge aangewys, indien 'n sinode só sou besluit". Die bestaande 30.3 word 30.4.

'n Nuwe Artikel 33.3 in die Kerkorde in te voeg wat lui: "Vir elke leraar of leraarspos word daar 'n sekundus uit die ouderlinge aangewys, indien 'n sinode só sou besluit". Die bestaande Artikel 33.3 en 33.4 word 33.4 en 33.5 respektiewelik.

#### Motivering

1. Meerdere vergaderinge is 'n regeervergadering van kerkrade, wat saamgestel word uit afgevaardigde ampsdraers van kerkrade; daarom behoort 'n tweede (regeer-) ouderling na die meerdere vergadering te gaan by ontstentenis van die bedienaar van die Woord.

2. Histories is daar presedente daarvoor. Die Kaapse Wette en Bepalings het vanaf 1842 lank bepaal dat vakante gemeentes deur twee ouderlinge verteenwoordig kon word. Die GKN maak sedert 1959 daarvoor voorsiening. H Bouwman is van oordeel dat 'n ouderling na die klassis kan gaan indien die leraar nie kan gaan nie of die gemeente vakant is "omdat de classisvergaderingen zijn vergaderingen van kerken..." (Agenda Algemene Sinode 1990 bladsy 439).

#### 2.3.3 Bevindinge

Uit die studiestukke deur die ARK hanteer, is tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie beskrywingspunt in beginsel aanvaarbaar is. Dit blyk egter ook dat daar aan die hele kwessie van afvaardiging na meerdere vergaderings in die Ned Geref Kerk soveel aspekte of kante verbonde is, dat 'n meer omvattende studie nodig is.

#### 2.3.4 AANBEVELING

**2.3.4.1 Die Algemene Sinode verwys die saak van afvaardiging na meerdere vergaderings na die ARK vir studie en rapport aan die Algemene Sinode van 1998.**

**2.3.4.2 Die studie soos reeds gedoen in verband met die ouderling as sekundus vir die leraar by meerdere vergaderings, moet hierby in ag geneem word.**

## 2.4 VERSKANSING VAN VERANDERING VAN DIE KERKORDE

#### 2.4.1 Die Algemene Sinode het besluit

"Die beskywingspunt word na die ARK verwys vir studie en rapport aan die volgende Algemene Sinode." (Handelinge Algemene Sinode 1990, 1.31 bladsy 714).

#### 2.4.2 Beskrywingspunt B17.1.31 het gelui

"Die Sinode versoek die Tydelike Regskommissie om die Sinode te adviseer oor die verskansing van die belydenis in die Kerkorde. Aandag moet veral aan die KO Artikel 44.2 gegee word.

Motivering: Tans word slegs Artikel 44.1 verskans. Die verskansing is egter vervat in artikels wat self met gewone twee derde-meerderheid herroep mag word en daarmee sou die verskansing tot niet gemaak kan word. Dit is dus nodig dat die artikels waarin die verskansing voorkom, self verskans moet word." (Agenda, Algemene Sinode 1990 bladsy 440).

#### 2.4.3 Beredenering

**2.4.3.1** Artikel 44.1 lui: "Die wysiging van die belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n twee derde-meerderheid ten gunste daarvan besluit het."

**2.4.3.2** Artikel 44.2 lui: "Die Algemene Sinode mag, met uitsondering van Artikel 44.1, die Kerkorde wysig of aanvul met 'n twee derde-meerderheidstem."

**2.4.3.3** Artikel 44.1 beskryf die prosedure wat gevolg moet word indien die Belydenis gewysig wil word. Wysiging of aanvulling van die Belydenis is verskans, aangesien die Algemene Sinode nie deur 'n gewone of twee derde-meerderheidsbesluit die Belydenis kan wysig nie.

**2.4.3.4** Artikel 44.2 bepaal die prosedure wat gevolg moet word indien die Kerkorde gewysig wil word. Die Algemene Sinode kan alle artikels, met uitsondering van Artikel 44.1, met 'n twee derde-meerderheidstem wysig of aanvul. Dit is dus nie moontlik vir die Algemene Sinode om verskansing van die Belydenis wat in Artikel 44.1 ingebou is, te verander deur bloot 'n wysiging van Artikel 44.1 deur 'n twee derde-meerderheidstem ingevolge Artikel 44.2 aan te vra nie. Die bevoegdheid van die Algemene Sinode word beperk deur die woord "met uitsondering van".

**2.4.3.5** Artikel 44.1 kan nie verder verskans word as wat hy tans in homself en in Artikel 44.2 verskans is nie.

**2.4.3.6** Enige poging om die belydenis te wysig anders as wat in die verskanste Artikel 44.1 bepaal word, sal dus ongeldig wees.

**2.4.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode volstaan met die formulering van Artikels 44.1 en 44.2.**

## 2.5 DIE GESAG VAN DIE ALGEMENE SINODE OM BESLUITE SOOS IN "KERK EN SAMELEWING" TE KAN NEEM

**2.5.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"B3.1.30 en B17.4 word na die Algemene Regskommissie verwys vir die studie en rapport aan die volgende Algemene Sinode." (Handelinge Algemene Sinode 1990 1.46, bladsy 715).

**2.5.2 Beskrywingspunt B3.1.30 van die Sinode van Namibië het gelui:**

"1. In die lig van Presbiteriaal-Sinodale vorm van kerkregering kan een instituut met een Sinode nie die ganse Christelike kerk omvat nie. Voetius verklaar: "'n Sinode is 'n samekoms van plaaslike kerke". Die sleutelmag is naamlik aan die ouderlinge van die plaaslike kerk gegee (Matt 16:19, 18:18, Joh 20:23). Die reg van elke plaaslike kerk om met gesag mee te spreek mag hom, soos met die totstandkoming van 'n Synodus Contracta, nie ontneem word nie. Die aantal Sinodes waarop elke plaaslike kerkraad sittingsreg het, moet namate die kerk uitbrei, steeds vermeerder word.

By sodanige Sinodes berus die finale gesag om bindende besluite te neem. Oordrag van gesag lê in hierdie geval die grondslag van kerkskeuring. Na gelang die plaaslike kerke vermenigvuldig kom die beginsel van verteenwoordiging in gedrang. Voetius wys daarop dat 'n ekumeniese Sinode in eintlike sin nooit gehou is nie. Die Federale Raad van Kerke wat alle Sinodes in dieselfde verband kan adviseer, ten einde eenheid te bevorder, is dus die aangewese struktuur in ons geval.

2. Die Algemene Sinode word versoek om weer oor die kerkregtelike posisie van die Synodus Contracta te besin, sodat dit tot groter mate kan beantwoord aan die kerkregtelike vereistes vir besluitneming tot bevrediging van die plaaslike kerke." (Agenda Algemene Sinode 1990 bladsy 425).

**2.5.3 Beredenering**

**2.5.3.1** In hierdie beskrywingspunt word die gesag van die Algemene Sinode om bindende besluite (vir die Ned Geref Kerk in sy geheel) soos in die dokument "Kerk en Samelewing" te kan neem, bevraagteken. Die argument lui dat die "plaaslike kerk" in die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel met die eintlike gesag beklee is en dat slegs daardie sinodes waarop al die kerke of gemeentes binne 'n bepaalde kerkverband verteenwoordig is, oor "finale gesag" beskik om bindende besluite te neem. Volgens die beskrywingspunt moet die Algemene Sinode as **synodus contracta** hiervan uitgesluit word omdat nie alle gemeentes in die Ned Geref Kerkverband hierop verteenwoordig is nie.

Vir 'n behoorlike perspektief of hierdie beskrywingspunt is dit allereers nodig om die vraag te beantwoord wat 'n sinode is.

**2.5.3.2 Wat is 'n sinode en dus die Algemene Sinode?**

Kerkverband is die verband van meer as een volledige kerk of gemeente. Gevolglik is sinodes as meerdere vergaderings byeenkomste van meer as een gemeente deur middel van hulle afgevaardigdes. Die "meerdere" dui dus op meer as een gemeente en nie op 'n hoër gesag as byvoorbeeld die van die ring of die kerkraad nie. In die woorde van die Ned Geref Kerkorde 1990, Artikel 20: "Hierdie vergaderinge (kerkraad, ring, ensovoorts) het, elkeen na sy eie aard, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle verleen." In aansluiting hierby is 'n eie terrein of begrensde bevoegdheidsfeer vir die ring, sinode en Algemene Sinode as meerdere vergaderings in die Ned Geref Kerk geïdentifiseer (NG Kerkorde 1990 Artikel 20, 31, 35, 43).

Wat die Algemene Sinode aanbetref, is een van die terreine waarop hy tans volgens die Kerkorde moet beweeg, die bepaling van "beleid in sake van gemeenskaplike belang van sinodes." Getuienisse soos "Kerk en Samelewing" - 1990", wat dieselfde soort sake aansny as voorgangers soos "Ras, Volk en Nasie 1966" (in opdrag van die Algemene Sinode van 1962 en 1974), sou hieronder tuisgebring kan word. Trouens, dit is opmerklik dat die betrokke Algemene Sinodes (1966, 1974, 1986, 1990) dit ook so geïnterpreteer het en dat die

gesag of bevoegdheid van hierdie Sinodes om hieroor besluite te kan neem, voor 1986 nooit ernstig bevraagteken is nie.

**2.5.3.3 Aard van die gesag van die Algemene Sinode**

Die vraag ontstaan nou wat die aard van die gesag van die Algemene Sinode as **synodus contracta** is.

Die Sinode van Namibië stel die binding van sinodebesluite afhanklik van die instemming van die verteenwoordigers van die kerkrade en van die kerkrade self. Kerklike gesag is op hierdie standpunt per definisie kerkraadsgesag - gesetel in die "ouderlinge van plaaslike kerk", om die Namibiese beskrywingspunt direk aan te haal. So word die gemeente of kerkraad tussen Christus as Hoof en eintlike gesagdraer in die kerk en meerdere vergaderings ingeskuif.

Teenoor hierdie standpunt met sy verabsoluting van die gesag van die gemeente staan die Christokratiese standpunt. Volgens die Christokrasie is meerdere vergaderings en dus die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk op hulle eie terreine bedienaars van Christus en Christus alleen. Anders gestel, dit gaan hier heel eerstens om die gelding van God se wil en sy Woord waaruit Christus se heerskappy as Hoof van die kerk duidelik sal blyk. Meerdere vergaderings opereer dus met 'n van-Christus-verleende-gesag en nie met 'n van-die-gemeente-verleende-gesag nie.

Die beginsel dat gemeentes as komplete kerke 'n kerkverband en daarmee meerdere vergaderings as regeervergaderings konstitueer, neem niks weg van die feit dat Christus Hoof en Bron van alle kerklike gesag is nie. Kerkvergaderings buig in heel eerste en mees beslissende plek voor God in Christus van Wie hulle mandaat om te handel ontvang en aan Wie hulle hulle legitimiteit ontleen. Gemeentes en kerkrade moet dus aldus buig onder wettige en Skrifgetroue sinodebesluite, nie omdat hulle dit demokraties goedkeur nie, maar omdat dit die bediening van die gesag van Christus behels.

Kerkraadsgesag kan nie Christusgesag by meerdere vergaderings vervang nie, omdat dit self 'n van Christus verleende bevoegdheid is en geen eintlike of oorspronklike gesag in homself omdra nie. Kerkrade, soos meerdere vergaderings, moet in hulle regeertaak eenvoudig die gesag of Hoofskap van Christus bedien.

Alle ouderlinge of kerkraadslede kan egter nie in meerdere vergaderings as vergaderings van kerke of gemeentes deur hulle verteenwoordigers dien nie. Dit sou die meeste vergaderings te groot en nie-geskik vir behoorlike kerklike oorleg en oorreding (as die wyse van die kerk) maak. Om dieselfde rede kan alle gemeentes binne groot kerkverbande ook nie in alle sinodes verteenwoordig wees nie. Hierdie toedrag van sake, asook die feit dat 'n beperkte aantal afgevaardigdes (en nie byvoorbeeld alle kerkraadslede nie) vanuit die gemeentes bowendien die gesamentlike werk van die gemeentes in meerdere vergaderings doen, het daartoe gelei dat die meeste gereformeerde kerke in die wêreld tans van die sogenaamde trapsgewyse manier van afvaardiging gebruik maak. Dit geskied normaalweg op die basis dat kerkrade 'n gelyke aantal na ringe of klassisse, ringe 'n gelyke aantal na algemene of generale sinodes afvaardig. Die werk van die meerdere vergaderings word dus nog steeds in 'n beperkte getal afgevaardigdes gekonsentreer, hoewel hulle minder is as wanneer elke gemeente byvoorbeeld na die sinode afvaardig.

Dat ringe en sinodes by die trapsgewyse manier van afvaardiging die plasingreg van die kerkrade of gemeentes oorneem, beteken dus nie dat kerkrade van hulle gesag ontneem of dat wettigheid van meerdere vergaderings wat so saamgestel word, verswak word nie. Waarteen hier wel gewaak moet word, is dat bv sinodes so klein word, dat 'n klein groepie, sonder die breër kontrole vanuit die Woord wat op 'n groter vergadering moontlik is, sy stempel in sekere sake op 'n kerkverband afdruk.

Die trapsgewyse manier van afvaardiging na die Algemene Sinode as synodus contracta bring dus nie sy bevoegdheid in gedrang om oor sake wat die Ned Geref Kerk in sy breë verband raak, standpunt in te neem nie. Daarby moet dit opgemerk word dat standpunte soos vervat in die dokument "Kerk en Samelewing - 1990" nóg die status van die belydenis, nóg die van die Kerkorde in die Ned Geref Kerk behoort te geniet. Anders as laasgenoemde twee (NG Kerkorde Art 44) kan hierdie dokument deur 'n gewone sinodebesluit (dus met 'n gewone meerderheid) gewysig word. "Kerk en Samelewing - 1990" is dus niks meer of niks minder nie as die uitsprake van een van die regeervergaderings - die regeervergadering in sy breedste verband - van die Ned Geref Kerk.

**2.5.3.4 AANBEVELING**

**Die beskrywingspunt van die Sinode van Namibië word verwerp.**

## 2.6 INSPRAAK VAN KERKRADE, RINGE EN SINODES IN DIE BESLUITNEMINGSPROSES VAN DIE ALGEMENE SINODE

**2.6.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"B17.4 (en B3.1.30) word na die Algemene Regskommissie verwys vir studie en rapport aan die volgende Algemene Sinode." (Handelinge Algemene Sinode 1990, 1.46, bl 715).

**2.6.2 Beskrywingspunt van die Sinode van die Oranje-Vrystaat B17.4 het gelui:**

"Die sinode versoek die Algemene Regskommissie om die Algemene Sinode te adviseer oor die rol wat kerkrade, ringe en sinodes kerkregtelik behoort te hê in die hele besluitnemingsproses van die kerk, met die oog op meerdere inspraak en groter konsensus by toekomstige beleidsformulering." (Agenda Algemene Sinode 1990 bl 442).

**2.6.3 Beredenering**

Inspraak van mindere kerkvergaderings by die besluitnemingsproses van die Algemene Sinode is in beginsel nie 'n probleem nie. Immers, net soos wat hierdie

Sinode deur middel van 'n kommissie met 'n bepaalde opdrag inligting en advies oor 'n bepaalde saak kan inwin, net so kan hy mindere kerkvergaderings om advies vra.

Inspraak is egter iets anders as medeseggenskap. In die geval van laasgenoemde sal medeseggenskap van kerkrade, ringe en sinodes aan besluite van die Algemene Sinode hierdie liggaam van sy bevoegdheid ontneem om bindende besluite te neem wat op sy terrein lê.

Of mindere vergaderings, in allé standpuntformulerings van die Algemene Sinode, inspraak behoort te hê, moet egter bevraagteken word. Behalwe dat so iets baie lomp en tydrowend sou wees, het hierdie mindere vergaderings die geleentheid tot gravamina of beskrywingspunte by die Algemene Sinode. Sinodes vaardig bowendien af na die Algemene Sinode.

#### 2.6.4 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode besluit:**

**2.6.4.1 Die sake soos genoem in Art 43 van die Kerkorde (beleid in sake van gemeenskaplike belang, die vasstelling van die Bybelvertaling ensovoorts) behoort tot die besluitnemingsbevoegdheid van die Algemene Sinode.**

**2.6.4.2 Indien die Algemene Sinode egter vermoed dat sekere besluite of standpunte moontlik tot groot verdeeldheid onder kerklidmate kan lei, staan dit hom vry om voor finale besluitneming, die advies van mindere kerkvergaderinge in te win ten einde groter konsensus oor die betrokke sake in die Ned Geref Kerkverband as geheel te kry. In finale instansie is dit egter die Sinode se eie oortuiging in die lig van God se wil wat die deurslag moet gee. Dit gaan steeds om die Christokrasie - ook by die mees omstrede kwessies.**

## 2.7 OOREENKOMSTE MET ALGEMENE SINODE

#### 2.7.1 Die Algemene Sinode het besluit

"Die Algemene Sinode versoek die Algemene Regskommissie om in oorleg met die drie Kapelaans-generaal die drie ooreenkomste tussen die Algemene Sinode en die SA Weermag, die SA Polisie en die SA Gevangenisdiens, waarin die aanstelling van kapelane vir geestelike bearbeiding gereël word, opnuut te bestudeer, te hersien waar nodig en 'n aanbeveling aan die volgende Algemene Sinode te doen." (Handelinge Algemene Sinode 1990, 1.47.2 bl 715).

#### 2.7.2 Die ASK het egter besluit

Dat die drie ooreenkomste met die SAW, die SAP en die SAG eers deur die Kapelaanskommissie hersien moet word, daarna die aandag van die ASK moet geniet en uiteindelik vir finalisering na die Algemene Regskommissie moet gaan. (Notule ASK 12, 13 Maart 1991, 12.2 bl 96).

#### 2.7.3 Rapport

Die Kapelaanskommissie het die ooreenkomste hanteer, die ARK het dit onder oë gehad en die ASK het dit goedgekeur en dit is onderteken.

## 2.8 OOR EN WEER BEROEPBAARHEID VAN EVANGELIEBEDIENAARS BINNE DIE FAMILIE VAN DIE NED GEREF KERK

#### 2.8.1 Die Algemene Sinode het besluit:

**2.8.1.1** "Die Sinode vervang par 254 van Kerk en Samelewing met die volgende woorde: "Die Ned Geref Kerk erken die opleiding, legitimasie en oor en weer beroepbaarheid van evangeliedienaars binne die Familie van Ned Geref Kerke." (Handeling Algemene Sinode 1990, bl 707, T3.3, 1.2.3).

#### 2.8.1.2 Opleiding en Teologiese studies

"Die Algemene Sinode besluit dat, met betrekking tot paragraaf 254 van Kerk en Samelewing, rekening gehou moet word met die volgende praktiese aangeleenthede ten opsigte van die opleiding en teologiese studies waaroor daar met elke lid van die Familie van NG Kerke ooreengekom word:

* die keuring en pastorale begeleiding van studente;
* die gelykwaardigheid ten opsigte van die akademiese standaarde van die opleiding;
* die opleiding in ooreenstemming met die belydenis van die kerk;
* die geleentheid om ontbrekende vakke aan te vul;
* ander sake van praktiese belang."

#### 2.8.1.3 Beroepbaarheid en die Belharbelydenis

"Die Algemene Sinode besluit dat predikante en proponente van die Familie van die Ned Geref Kerke wat die Belharbelydenis onderteken het, opnuut moet verklaar dat die drie Formuliere van Eenheid as die enigste belydenisgrondslag van die Ned Geref Kerk aanvaar word (KO Artikel 1 en 5) alvorens hulle in 'n gemeente van die Ned Geref Kerk bevestig kan word."

#### 2.8.1.4 Opname van lidmate uit die familie van Ned Geref Kerke

"Die Algemene Sinode besluit dat, wat die opname van lidmate uit die Familie van Ned Geref Kerke betref, behoort kerkrade in die oorweging van sulke aansoeke 'n deeglike gesprek met sodanige persone te voer oor die Formuliere van Eenheid as die enigste belydenisgrondslag van die Ned Geref Kerk." (Algemene Sinode 1990 bl 707).

**2.8.2** Die ARK is gevra om leiding te gee oor die vraag hoe bindend Kerkorde Art 5 en 6 en Reglemente 3 en 4 is in die lig van die feit dat in sommige kerke binne die Familie van NG Kerke evangeliste wat nie oor die nodige teologiese opleiding beskik nie, toegelaat is as volwaardige bedienaars van die Woord.

#### 2.8.3 Ter sake aspekte

Aspekte wat ter sake is, is die volgende:

* Die kerkregtelike feit van vier Ned Geref Kerkverbande as die agtergrond waarteen die bestaande besluite van die Algemene Sinode verstaan moet word

* Die gesag van die onderskeie Kerkordes en Reglemente ten opsigte van opleiding, legitimasie en oor en weer beroepbaarheid in die vier Ned Geref Kerkverbande asook die verbandhoudende sinodebesluite

* Opleiding en legitimasie

* Die rol van ringe

**2.8.4 Beredenering**

**2.8.4.1 Vier kerkverbande**

Die kerkregtelike feit van vier Ned Geref Kerkverbande is ter sake in die beantwoording van die gestelde vrae.

Kerkregtelik gesproke is 'n kerkverband die kerkregtelike eenheid wat in en tussen gemeentes op grondslag van 'n bepaalde belydenis en kerklike orde bestaan. 'n Ned Geref gemeente kom as 'n kerkregtelike eenheid van gelowiges op 'n bepaalde plek tot stand omdat al die betrokke gelowiges hulle op grondslag van 'n bepaalde belydenis en kerklike orde saamvoeg in 'n kerkregterlike eenheid. 'n Ned Geref ringsverband, sinodale en Algemene Sinodale verband kom tot stand omdat gemeentes in verskillende grade van samevoeging hulle op grondslag van belydenis en kerklike orde saamvoeg in mindere en meerdere kerkregtelike eenhede. Die belydenisgrondslag en kerklike orde vir die totale Ned Geref Kerkverband word deur die Algemene Sinode bepaal. Geen gemeente wat homself Ned Geref wil noem, kan die naam vir homself toeëien tensy hy die belydenisgrondslag en kerklike orde van die Ned Geref Kerk aanvaar nie. Soos wat die NG Kerk 'n eie kerkverband met belydenisgrondslag en kerklike orde is, so is die NG Kerk in Afrika, die NG Sendingkerk, die Reformed Church in Africa en alle ander NG Kerke eie kerkverbande. In die meeste van die gevalle is die belydenisgrondslag van die NG Kerke presies dieselfde, hoewel die NG Sendingkerk sy belydenisgrondslag met die belydenis van Belhar uitgebrei het. Die kerklike orde van die onderskeie NG Kerke verskil egter. Op grondslag van sy belydenis en kerklike orde bestaan elkeen van die NG Kerke as 'n eie kerkverband.

As 'n kerkverband het elke gestalte van die verband (gemeentes, ringe, sinodes en die algemene sinode) bepaalde regte, verpligtinge en bevoegdhede wat hy kan en moet uitoefen en wat ook as sodanig in die betrokke kerkverband erken en eerbiedig moet word. Wie die regte, verpligtinge en bevoegdhede nie wil eerbiedig nie, kan uiteindelik met prysgawe van alle regte, verpligtinge en bevoegdhede uit die kerkverband losgemaak word.

**2.8.4.2 Die gesag van die kerkorde, reglement en besluite van 'n kerkverband**

Die uitdrukking van die kerklike orde wat binne 'n kerkverband bestaan, vind gesistematiseerde neerslag in die Kerkorde en gepaardgaande reglement (indien dit nodig geag word) van die betrokke kerkverband. Hierdie dokumente behoort teologies verantwoord te wees om op die beste wyse in 'n bepaalde tyd uitdrukking te gee aan die heerskappy van Christus deur sy Woord en Gees oor sy Kerk. Hierdie dokumente is bindend vir die hele kerkverband (vgl KO Art 23) en bevat normaalweg onder meer die reëlings in die kerkverband vir teologiese opleiding, die vereistes vir die bediening van leraars, reëls oor beroeping ensovoorts. So staan dit die NG Sendingkerk as kerkverband vry om te bepaal dat, as 'n persoon binne daardie verband wil dien as leraar, hy onder meer die belydenis van Belhar moet onderteken. Net so kan die NG Kerk besluit dat sy leraars die Drie Formuliere van Eenheid moet onderteken. Hierdie reëlings saam met al die ander van die Kerkorde is bindend binne die betrokke kerkverband. Dit beteken dat Art 5 en 6 van ons Kerkorde en reglement 3 en 4 met betrekking tot die opleiding, toelating en status van die leraars van die NG Kerk (vgl onder meer Art 4) bindend is vir enige persoon wat as leraar wil dien binne die NG Kerkverband. Benewens die bindende krag van die Kerkorde en gepaardgaande reglemente binne 'n kerkverband, is daar ook gepaardgaande sinodebesluite wat verband kan hou met sekere artikels en bepalings. Sodanige besluite van kerkvergaderinge moet natuurlik altyd binne die bevoegdheid van die betrokke kerkvergadering wees en mag ook nie in stryd wees met die Kerkorde of die betrokke reglement nie. 'n Algemene Sinode kan met ander woorde nie deur 'n besluit van hom die werking van 'n Kerkorde-artikel of reglement van die Algemene Sinode opskort of ter syde stel voor die betrokke artikels en bepalings nie eers verander is nie. In die lig van die vraag wat gestel is oor die gesag van Kerkorde Art 5 en 6 en Reglemente 3 en 4 na aanleiding van die besluit van die oor en weer beroepbaarheid van leraars binne die Familie van die Ned Geref Kerk, blyk dit dus dat binne die Ned Geref Kerkverband sy kerkordelike reëlings nog altyd geld vir enige persoon wat 'n gemeente wil dien in die NG Kerk of 'n pos in die kerkverband wil beklee. Hierdie siening word bevestig deur die feit dat die Algemene Sinode ook die verdere besluite geneem het oor die praktiese aangeleenthede waarmee rekening gehou moet word in die uitvoering van paragraaf 254 van Kerk en Samelewing.

**2.8.4.3 Opleiding en legitimasie**

Die vereistes vir die teologiese opleiding van iemand ten einde gelegitimeer te kan word binne 'n bepaalde kerkverband, word deur die betrokke kerkverband in samewerking met 'n bepaalde opleidingsinrigting bepaal. Die opleidingsinrigting voldoen dan aan die vereistes vir teologiese opleiding wat deur die betrokke kerkverband gestel word.

Legitimasie van 'n persoon binne 'n kerkverband beteken dat die betrokke kerkverband formeel erken dat die persoon voldoen aan die vereistes wat die kerkverband stel vir iemand om beroepbaar te wees as 'n leraar in die kerkverband en dat die kerkverband die betrokke persoon legitimeer, met ander woorde kerkregtelik geskik verklaar om beroepbaar te mag wees in die kerkverband.

Toegepas op die besluit oor die erkenning deur die NG Kerk van die opleiding en legitimasie van die Familie van

NG Kerke beteken dit dat die NG Kerk daardie opleiding en daardie legitimasie van die NG Kerkfamilie erken wat voldoen aan die vereistes wat die NG Kerkverband stel vir leraars wat in die NG Kerkverband wil dien. 'n Leraar of proponent wat dus sy/haar opleiding aan een van die opleidingsinrigtings van die Familie van NG Kerke gehad het en wat deur een van die lede van die Familie van NG Kerke gelegitimeer is en wat voldoen aan die vereistes wat die NG Kerk vir sy leraars stel, is dus sonder meer beroepbaar binne die NG Kerk. Voldoen 'n persoon nie aan die gestelde vereistes nie sal hy/sy die nodige aanvullende kwalifikasies moet verkry ten einde beroep te kan word na 'n NG gemeente of na 'n pos in die kerkverband.

**2.8.4.4 Die rol van die ring**

Dis baie duidelik dat die instansies wat sal moet bepaal of daar voldoen word aan die vereistes vir leraars van die NG Kerk, die ring is. 'n Ring is immers die liggaam wat in elke geval, deur sy ringkommissie, 'n beroep moet goedkeur. Die ring sal elke keer moet toesien dat by die goedkeuring van 'n beroep daar nie net aan die formele vereistes voldoen is nie maar dat die betrokkene inderdaad ook kwalifiseer om as leraar binne die NG Kerk te mag dien.

**2.8.5 Gevolgtrekking**

As die Algemene Sinode van 1990 besluit het dat hy die opleiding, legitimasie en oor en weer beroepbaarheid van die ander lede van die Familie van NG Kerke erken, skort hy nie daarmee sy eie reëlings op sodat 'n ander persoon met 'n mindere opleiding as wat die NG Kerk vir sy leraars vereis nou predikante kan word in die NG Kerk nie. Die vereistes van die NG Kerk staan, maar as iemand uit een van die ander NG Kerke sy gelykwaardige opleiding, wat ook as sodanig erken word, aan 'n opleidingsinrigting van een van die ander NG Kerke ontvang het, sal die NG Kerk dit erken en nie addisionele opleiding verwag nie. As 'n persoon se opleiding egter nie gelykwaardig is aan die vereistes wat die NG Kerk vir sy leraars stel nie, kan so 'n persoon uit die aard van die saak nie sonder meer beroepbaar wees in die NG Kerk nie. Die erkenning van legitimasie moet op dieselfde wyse verstaan word. Nie enige persoon in die ander kerkverbande se legitimasie word sonder meer erken nie. Dit gaan om daardie gelegitimeerdes van ander kerkverbande wat voldoen aan die vereistes van leraar wat deur die NG Kerk vir sy leraars gestel is.

Dieselfde geld wat betref die oor en weer beroepbaarheid van leraars. Ook hier geld dit dat leraars beroepbaar en uiteindelik bevestigbaar is in die NG Kerk. 'n Leraar uit bv die NG Sendingkerk wat voldoen aan die opleidings- en legitimasievereistes van die NG Kerk sou bv beroep kon word na 'n NG gemeente, maar as so 'n persoon sou weier om slegs die Drie Formuliere van Eenheid te onderteken as belydenisgrondslag, sou die betrokke ring nie toestemming kon verleen tot sy bevestiging binne die NG Kerkverband nie. In die hele proses van die toepassing van die besluite oor die erkenning van opleiding en legitimasie en die oor en weer beroepbaarheid binne die Familie van NG Kerke het ringe dus 'n bepaalde verantwoordelikheid wat hulle moet nakom in die goedkeuring van beroepe.

Hierdie tipe reëling word bv ook by die NG Sendingkerk aangetref. Hulle erken die opleiding en legitimasie van die NG Kerk en leraars van die NG Kerk is by hulle beroepbaar, maar voordat 'n beroepene bevestig kan word, moet hy/sy eers die Belhar-belydenis onderteken.

**2.8.6 AANBEVELINGS**

**2.8.6.1 Die Algemene Sinode besluit dat Kerkorde Artikels 5 en 6, reglemente 3 en 4 en verbandhoudende besluite van die Algemene Sinode oor die opleiding, legitimasie en bevoegdheid van leraars in die NG Kerk geld vir die NG Kerkverband en is as sodanig ook bepalend vir die interpretasie van die besluit van die Algemene Sinode oor die erkenning van die opleiding en legitimasie van die ander lede van die NG Kerkfamilie asook die besluit oor die oor-en-weer-beroepbaarheid van leraars binne die Familie van NG Kerke.**

**2.8.6.2 Die Algemene Sinode gee aan ringe opdrag om toe te sien dat by die goedkeuring van beroepe uit die NG Kerkfamilie daar aan die vereistes van die NG Kerk vir opleiding en legitimasie voldoen word.**

## 2.9 PROPONENTE WAT NA LEGITIMASIE MEDIES ONGESKIK RAAK

**2.9.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode verwys die saak na die Algemene Regskommissie om in oorleg met die Algemene Kommissie vir Fondse 'n standpunt te formuleer vir voorlegging aan die ASK." (Handelinge Algemene Sinode 1990, 4 bl 631).

**2.9.2 Probleem en agtergrond**

Die probleem wat hier ter sprake is, is die kerkregterlike posisie van 'n proponent wat gelegitimeer is, maar wat voor 'n beroep ontvang word, medies ongeskik raak vir die bediening.

**2.9.3 Beredenering**

**2.9.3.1** 'n Proponent is 'n persoon wat van die kerkverband die vergunning verkry het om beroepbaar te wees. Ten einde in die eerste plek beroepbaar verklaar te word, is daar van die kandidaat 'n mediese sertifikaat vereis (vgl Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars Art 5.1.3.2 Kerkordeboek 1990, bl 35). Slegs indien so 'n mediese sertifikaat hom geskik verklaar sou die betrokkene beroepbaar verklaar, kon word.

Indien 'n proponent se mediese geskiktheid vir die bediening sou verander behoort hy hom aan te meld by die liggaam wat hom beroepbaar verklaar het, in ons geval die ARK.

Hierdie liggaam moet dan in die lig van omstandighede 'n besluit kan neem oor die voortgesette proponentstatus van die betrokkene. Die ARK sou bv kon besluit dat die betrokkene nie verder beroepbaar is nie of dat die proponentskap tydelik opgehef word totdat 'n mediese sertifikaat ingedien word waarin verklaar word dat die betrokkene weer eens geskik is om te mag proponeer. Tans beskik die ARK nie oor hierdie bevoegdheid nie.

2.9.3.2 Ter sake is ook die feit dat enige proponent onder die opsig staan van die ring waar hy hom bevind. Sodanige ring oefen opsig oor die proponent uit en sal ook aanbevelings moet kan maak oor die geskiktheid van 'n proponent vir die bediening.

2.9.3.3 Enige proponent is, net soos enige teologiese student, voor sy ordening en bevestiging self verantwoordelik vir sy mediese kostes en pensioenvoorsiening. Die kerkverband het dus nie 'n kerkregtelike verpligting in hierdie opsig nie.

**2.9.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit:**

**2.9.4.1 'n Persoon hou op om proponent te wees indien hy sodanig medies ongeskik raak dat hy na oordeel van die ARK nie meer in staat is om die vereistes wat Kerkorde Artikel 9 aan die amp stel, na te kom nie.**

**2.9.4.2 'n Proponent wat medies ongeskik raak moet hom tot die ARK wend wat dan, in die lig van omstandighede, 'n besluit moet neem oor die voortsetting van die betrokkene se proponentstatus.**

**2.9.4.3 Alvorens 'n proponent se beroep deur 'n ring goedgekeur word, moet 'n mediese sertifikaat, indien versoek deur die ring, op 'n voorgeskrewe vorm, soos vereis deur die kuratoria, ten opsigte van goeie gesondheid voorgelê word.**

**2.9.4.4 Indien dit blyk dat die persoon ernstige gesondheidsprobleme het, word daar nie goedkeuring van die beroep verleen nie, voordat daar nie met die Trustees van die Pensioenfonds oorleg gepleeg is nie.**

**2.9.4.5 Dat sinodes dit onder die aandag van ringe moet bring dat hulle kennis van proponente wat medies ongeskik raak, onder die aandag van die ARK moet bring.**

## 2.10 VERDERE STUDIE VAN TEOLOGIESE STUDENTE EN LEGITIMASIE

**2.10.1 Die Algemene Sinode het besluit**

"Die Sinode besluit om die hele aangeleentheid ten opsigte van die weerhouding van legitimasie wanneer teologiese studente verder studeer, na die ARK te verwys. Nadat oorleg gepleeg is met AKTO, word die ooreenkoms wat bereik is, wat as 'n tussentydse reëling kan geld, vir goedkeuring aan die ASK voorgelê." (Handelinge Algemene Sinode 1990, 3, Bl 718).

2.10.2 Die ARK het 'n studiestuk in die verband hanteer maar dit geïnkorporeer in die voorgestelde Reglement vir die reëling van die "bevoegdheid van predikante en proponente". (Kyk punt 2.18 in hierdie verslag).

## 2.11 SITTINGSREG VAN 'N OUDERLING WAT PREDIKANTSTATUS VERKRY HET

**2.11.1 Die Algemene Sinode het besluit.**

"Die Sinode besluit om die vraag van sittingsreg na aanleiding van die situasie wat rondom ds G Kumm ontstaan het, na die Algemene Regskommissie te verwys vir studie en verslag." (Handelinge Algemene Sinode 1990, Bl 535).

**2.11.2 Agtergrond vir die besluit**

Broeder G Kumm is na die Algemene Sinode afgevaardig as ouderling om die Sinode van Noord-Kaapland te verteenwoordig. By die konstituering van die Algemene Sinode neem hy egter aanvanklik nie-amptelike sitting - bl 525, Handelinge 1990. Die Sinode besluit: "Die saak word verwys na die Tydelike Regskommissie vir 'n beslissing of hy na verkryging van predikantstatus en bevestiging in 'n gemeente nog steeds as ouderling-afgevaardigde sitting mag neem."

Die Tydelike Regskommissie beveel aan dat die Sinode volgens Art 45.2 van die Kerkorde besluit om aan ds G Kumm sittingsreg te gee. Hierdie aanbeveling word goedgekeur. (Handelinge, p 535)

**2.11.3 Die vraagstuk**

Die vraag wat in die eerste plek beantwoord moet word, is of iemand wat as ouderling in 'n plaaslike sinode sitting gehad het en as ouderling na die Algemene Sinode afgevaardig is en intussen predikantstatus verkry het, in die Algemene Sinode sittingsreg kan hê as ouderling. Hiermee saam hang egter die hele kwessie van die samestelling van en afvaardiging na die Algemene Sinode. Wie mag afgevaardig word en wie besluit daaroor?

**2.11.4 Beredenering**

Die Algemene Sinode het wel aan ds Kumm sittingsreg verleen, maar dan ingevolge Art 45.2 wat lui: "Die Algemene Sinode mag artikels van die Kerkorde met die uitsondering van Art 44.1, met 'n twee derde meerderheidstem óf opskort óf daarvan vrystelling verleen." Dit was dus duidelik 'n ad hoc - reëling. Die artikels wat per implikasie hier opgeskort is, is Art 38.1: "Die Algemene Sinode word saamgestel uit 20 predikante en 20 ouderlinge/diakens as afgevaardigdes van elkeen van die sinodes." Noord-Kaapland het in werklikheid 21 predikante gehad, maar een het as ouderling sitting geneem.

Die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode berus by elke sinode - Art 35.7. Dieselfde artikel bepaal dat die afgevaardigdes uit die lede van die sinode aangewys moet word.

Hoewel elke sinode die bevoegdheid het om sy eie afvaardiging aan te wys, moet hy dit doen met inagneming van Art 38.1. Die doel van hierdie artikel is nie net om die getal afgevaardigdes te beperk nie, maar ook om 'n balans te handhaaf tussen die getal predikante enersyds en die getal ouderlinge/diakens aan die ander kant.

Die Algemene Sinode moes by vorige geleentheid beslis oor die vraag of ouderlinge wie se dienstermyn in die kerkraad sedert sinodesitting verstryk het, wel na die Algemene Sinode afgevaardig kan word. Die volgende standpunt is goedgekeur:

1. "Die betrokke sinode vaardig af.
2. Die sinode se daad kan nie ter syde gestel word nie.
3. Indien dit blyk dat 'n afgevaardigde nie meer die sinode kan verteenwoordig nie, as gevolg van dood, kerkverlating, vertrek uit die sinodale gebied, onder tug staan ens, word die sekundus opgeroep. Dit beteken ook dat die nie-dienende ouderlinge afgevaardigdes kan wees."

In Art 38.1 word die afvaardiging na die Algemene Sinode dan ook tot predikante en ouderlinge/diakens, beperk en boonop word die getalle gespesifiseer. Die sinode wat afvaardig, moet dus met inagneming van hierdie bepaling sy afvaardiging saamstel. Hy kan nie eensydig besluit om van hierdie voorskrif afstand te doen nie.

**2.11.5 Gevolgtrekking**

In die onderhawige geval van ds Kumm geld dan die volgende: Hy was ten tye van die Noord-Kaaplandse sinodesitting as ouderling afgevaardig om 'n gemeente te verteenwoordig. Na die sinodesitting word hy as predikant bevestig in 'n gemeente. Die Sinode van Noord-Kaapland vaardig 'n maksimum van 20 predikante en 20 ouderlinge/diakens na die Algemene Sinode af as verteenwoordigers van die gemeentes binne sy gebied. Hoewel die broeder in 'n stadium ouderling was en as sodanige lid van die sinode hom nou as ouderling afvaardig, word daar nie aan die bedoeling van Art 38.1 voldoen nie.

**2.11.6 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit dat 'n persoon wat as ouderling na 'n sinode afgevaardig was en daarna predikantstatus verkry het, nie as ouderling-afgevaardigde sittingsreg in die Algemene Sinode kan hê nie.**

## 2.12 PASTORALE BESOEKE EN VERSLAGLEWERING VAN KAPELANE

**2.12.1 Die Algemene Sinode het besluit**

"5. Die Sinode versoek die ARK verder om aan die volgende aspekte aandag te gee:

5.1 Die oorvleueling van werk in die gewone gemeentes byvoorbeeld ten opsigte van pastorale besoeke en maatskaplike dienslewering.

5.2 Die wysing van verslaglewering aan die Algemene Sinode wat insluit: by welke kommissie word die verslag gelewer, lengte, bevoegdheid om voorstelle in te dien, ens." (Handelinge Algemene Sinode 1990 bl 550)

**2.12.2 Verslag**

Die ARK het aan die saak aandag gegee en is van mening

* 1 dat oorvleueling van werk in gemeentes nie 'n wesentlike probleem is as die nodige skakeling plaasvind nie;

* 2 dat verslaggewing via bestaande kommissies byvoorbeeld gemeentebediening kan geskied. Die Kapelaanskommissie as subkommissie hanteer relevante sake en lewer aan die ASK verslag. Die ASK doen aan die Algemene Sinode verslag.

## 2.13 RISIKOFAKTOR

**2.13.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die risikofaktor vir die kerk, kerkraad, ring, sinode en Algemene Sinode asook die kerk se utiliteitsmaatskappy en beheerrade, word na die Algemene Regskommissie verwys vir studie en moontlike regsadvies met verslag aan die Algemene Sinodale Kommissie; afhangende van die aard van die advies aan die Algemene Sinodale Kommissie, word sinodes in verband met die regsmening adviserend ingelig om hulle sake in orde te kry." (Handelinge Algemene Sinode 1990, 9, bl 63)

**2.13.2 Uitvoering**

Na raadpleging van regslui is tot die volgende konklusie gekom:

Volgens die huidige scenario wil dit voorkom asof die kerk en sy onderskeie organe wel beskerming geniet met die gebruik van utiliteitsmaatskappye. Die voordele van gemelde maatskappye kan in 'n nuwe bedeling egter maklik verdwyn of afgewater word, en daar word derhalwe voorgestel dat die kerk se regsadviseurs die aangeleentheid ondersoek met die oog daarop om in die nuwe Suid-Afrika steeds die kerk en sy belange ten beste te beskerm.

**2.13.3 AANBEVELING**

**2.13.3.1 Die Algemene Sinode besluit om sy opdrag van 1990 ten opsigte van utiliteitsmaatskappye aan die ARK te herhaal.**

**2.13.3.2 Die risikofaktor ten opsigte van kerkrade, ringe, sinodes en Algemene Sinodes word beperk/beskerm deur die Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse (Regl 21)**

## 2.14 TUGREGLEMENT: ART 1.10.5

**2.14.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

"Die Algemene Sinode versoek die Algemene Regskommissie om aandag te gee aan Artikel 1.10.5 van die Tugregelement, met die oog daarop dat, enersyds, die betrokke regsbeginsel nie prysgegee word nie, maar andersyds, dat die kworum van die vergadering nie in die gevaar gestel word nie."

2.14.2 Die ARK het die saak beredeneer.

**2.14.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit om te volstaan met die bewoording van Art 1.10.5 van die Tugreglement aangesien die kworum van die vergadering wat na suiwering oorbly in Art 1.10.3 van die Tugreglement bepaal word.**

## 2.15 INTERPRETASIE VAN ART 35.7

**2.15.1 Die Algemene Sinode het besluit:**

* 1 "Die Algemene Sinode dra dit aan die ARK op 'n studie te maak ten opsigte van die afvaardiging na meerdere vergaderings en veral om die aangeleentheid duidelik te formuleer." (Algemene Sinode 1990:699 Pt 9.6.3).

* 2 "Die Sinode besluit om B17.1.23 na die ARK te verwys indien Pt 9.6.3 goedgekeur word." (Algemene Sinode 1990: 699 T17.5 Pt 12).

* 3 B17.1.23 lui: "Die Sinode (Wes-Tvl) versoek die Algemene Sinode om die woorde "uit sy lede" in Art 35.7 te skrap." (Agenda Algemene Sinode 1990 bl 439)

**2.15.2 Beredenering**

Art 35.7 bedoel dat die sinodes uit die lede wat die sinodevergadering bywoon die nodige afgevaardigdes aanwys om deel te vorm van die Algemene Sinode. Aangesien dit moontlik is dat kerkraadslede se dienstermyn al verstryk het wanneer die Algemene Sinode plaasvind, val die klem in die artikel op die afvaardiging en nie op die amp van die afgevaardigde tydens die vergadering van die Algemene Sinode nie. Dit sal teen die bedoeling van die Kerkorde wees om daarop aan te dring dat die afgevaardigdes "dienende" kerkraadslede moet wees ten tye van die Algemene Sinode.

**2.15.3 Formulering van Art 35.7**

In die verband van die prosedure van afvaardiging waarin Art 35.7 staan, beteken dit presies wat daar staan en kan die formulering bly soos dit is: "die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode uit sy lede".

**2.15.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit dat Art 35.7 nie gewysig word nie.**

## 2.16 GRONDE WAAROP REVISIE TOEGESTAAN WORD

**2.16.1 Die Algemene Sinode het besluit**

"Die Sinode gee aan die Algemene Regskommissie opdrag om die gronde waarop revisie van besluite toegestaan kan word, te bestudeer en aan die volgende Sinode verslag te doen." (Handelinge Algemene Sinode 1990, 1.6, bl 718)

**2.16.2 Beredenering**

Die agtergrond vir hierdie opdrag is daarin geleë dat daar met die loop van tyd ongelukkigheid ontwikkel het rondom die hantering van voorstelle van revisie en die moontlike dominerende rol wat die Tydelike Regskommissie in hierdie proses sou kon speel.

Die grond en die verpligting tot die in behandeling neem van 'n versoek tot revisie geld wanneer dit blyk dat daar by die neem van 'n aanvanklike besluit een of ander faset óf onvoldoende in oorweging geneem is óf selfs geheel buite rekening gelaat is.

**2.16.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit dat revisie toegestaan kan word indien oortuigend aangevoer word dat onder andere**

*** 1 In die bespreking van die saak waarom dit gaan in die vergadering aan sekere aspekte daarvan glad nie of nie voldoende aandag gegee is nie;**

*** 2 daar later inligting na vore gekom het wat hersiening van die besluit noodsaaklik maak.**

## 2.17 REëL VAN SPREEKBEURTE NA DIE VOORLEGGING VAN DIE TYDELIKE REGSKOMMISSIE IN TERME VAN BEP 4.3.3 VAN DIE REGLEMENT VAN ORDE

**2.17.1 Die Algemene Sinode het besluit**

"Die Sinode gee aan die ARK opdrag om aan te dui hoe deur die moderator (voorsitter) met bespreking (spreekbeurte) na die voorlegging van die Tydelike Regskommissie gehandel moet word sodat die Sinode voldoende inligting voor hom het om sinvol te oordeel." (Handelinge Algemene Sinode 1990, 1.6 bl 718).

**2.17.2 Beredenering**

Met betrekking tot prosedure is die riglyne van die Reglement van Orde van die Algemene Sinode baie duidelik: "Aanbevelings van 'n permanente of 'n tydelike kommissie word as voorstelle aan die vergadering beskou" (Bep 3.10). "By die behandeling van sake is elke lid op 'n spreekbeurt geregtig" (Bep 3.8). "Geen lid van die vergadering is geregtig op meer as een spreekbeurt oor dieselfde saak nie, behalwe met die verlof van die vergadering of om as voorsteller repliek te lewer" (Bep 3.9). "'n Voorstel of amendement wat reeds ter tafel is, mag nie sonder die verlof van die vergadering teruggetrek word nie" (Bep 3.12).

**2.17.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit dat die Tydelike Regskommissie 'n aanbeveling ter tafel lê nadat hy oor die gronde van revisie geoordeel het. Daarna hanteer die voorsitter die aanbeveling ingevolge die Reglement van Orde.**

## 2.18 REGLEMENT VIR DIE REëLING VAN DIE BEVOEGDHEID VAN PREDIKANTE EN PROPONENTE

**2.18.1** Na aanleiding van talle vrae wat rondom die verkryging en behoud van status opgeduik het, het die ARK besluit om die Reglement in sy geheel te hersien en lê hiermee 'n nuwe Reglement voor vir goedkeuring.

**2.18.2 AANBEVELING**

**2.18.2.1 Die Algemene Sinode besluit om die Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente goed te keur.**

**2.18.2.2 Die Algemene Sinode besluit dat die Reglement onmiddellik van krag is.**

**2.18.3 Inhoud van reglement**

## REGLEMENT VIR DIE REëLING VAN DIE BEVOEGDHEID VAN PREDIKANTE EN PROPONENTE

**1. ALGEMENE UITGANGSPUNTE**

**1.1** Daar moet by elke aspek van die reëling van die bevoegdheid (wat verpligtinge en regte insluit) van predikante en proponente daarvan uitgegaan word dat dit Christus is wat sy Kerk deur sy Woord en die Heilige Gees regeer en dat Hy dit doen deur persone wat Hy daartoe roep, toerus en in sy diens stel.

**1.2** Die bevoegdheid vir die uitvoering van die werk van die bedienaar van die Woord is nie geleë in bepaalde vermoëns of besondere kwaliteite, of 'n aparte geestelike stand wat beklee is met 'n blywende eer of mag en wat deur daad van ordening verkry word nie. Daar bestaan nie so iets soos 'n ampstatus wat aan die persoon kleef en aan hom sekere regte en bevoegdhede verleen sonder dat hy sy amp binne gemeentelike verband of kerkverband beklee nie.

**1.3** Iemand kan slegs predikant wees indien hy behoorlik beroep/benoem, approbasie verkry en bevestig is (KO Art 4). Die amp funksioneer binne gemeentelike verband of by uitsondering in die wyer kerkverband.

**1.4** Die taak van die bedienaar van die Woord word in Art 9 van die Kerkorde omskryf.

**2. DIE BEVOEGDHEID VAN PREDIKANTE**

**2.1** Vir die verkryging van die bevoegdheid van 'n predikant geld die volgende. Hy is iemand wat:

**2.1.1** die inwendige roeping van die Here ontvang het,

**2.1.2** die teologiese opleiding volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode deurloop het,

**2.1.3** aan 'n ondersoek ten opsigte van leer en lewe en die geskiktheid vir die bediening onderwerp is,

**2.1.4** gelegitimeer en beroepbaar gestel is,

**2.1.5** deur 'n gemeente of ander kerklike instansie beroep is en

**2.1.6** in die amp bevestig is.

**2.2** Elke predikant wat in 'n gemeente bevestig is, hetsy as voltydse predikant of as tentmaker, het die bevoegdheid om al die take wat Art 9 beskryf, te verrig.

**2.3** Aan persone wat beantwoord aan al die vereistes vir die amp van predikant, maar wat nie in die amp staan nie, aangesien hulle nie na 'n gemeente beroep en bevestig is nie, word die bevoegdheid van predikant verleen. Hulle is die volgende:

**2.3.1** Persone wat deur die kerkverband geroep is om as dosente studente aan die teologiese opleidingsentra van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op te lei;

**2.3.2** Predikante wat in diens van die kerkverband benoem is: hulle kan in diens van die ringe, sinodes of die Algemene Sinode wees.

**2.4** 'n Proponent wat vir enige van die poste wat onder 2.3.2 vermeld word, benoem word, bly 'n proponent.

**2.5** Emeriti wat ingevolge Art 14 uit diens getree het behou die bevoegdheid om predikant te wees.

**2.6** Die persone wat in 2.3 en 2.4 vermeld word, se bevoegdheid en pligte word beperk tot die ampdiens wat in Art 9.1 - 9.7 genoem word.

**3. DIE BEVOEGDHEID VAN PROPONENTE**

**3.1** 'n Proponent is iemand wat die vereiste teologiese opleiding gehad het, tot kandidaat vir die bediening van die Woord verklaar is, beskikbaar is om 'n beroep te ontvang, en wat bepaalde bevoegdhede in die Kerk het.

**3.2** 'n Proponent se bevoegdheid en pligte word tot die take wat in Art 9.1 en 9.3 - 9.7 genoem word, beperk.

**3.3** Proponentsbevoegdheid word na legitimasie verkry.

**3.4** Persone wat op grond van Art 11.2 en 13 opgehou het om predikant te wees, word weer proponente.

**4. VERANDERING VAN TOEGEKENDE BEVOEGDHEID VAN PREDIKANTE EN PROPONENTE**

Persone aan wie die Algemene Regskommissie 'n sekere bevoegdheid as predikant of proponent toegeken het (2.3), behou hierdie posisie, ook al sou die Algemene Sinode hierdie reglement wysig, mits die oorspronklike voorwaardes wat in hulle geval gegeld het, dieselfde bly.

Hulle moet jaarliks voor 31 Oktober by die Algemene Regskommissie aanmeld ten einde predikante/proponente te kan bly.

**5. VERLIES VAN BEVOEGDHEID**

**5.1** 'n Persoon hou op om predikant te wees indien hy:

**5.1.1** nie meer die werk soos in 2.2 en 2.3 omskryf, verrig nie;

**5.1.2** in 'n politieke bestuursliggaam dien of hom as kandidaat in 'n verkiesing vir enige vlak van die regering beskikbaar stel;

**5.1.3** hom deur woord of daad van 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente afskei;

**5.1.4** wanneer hy sy bedanking om ander redes as emeritaat in terme van Art 14 by die betrokke kerkvergadering of kommissie indien en dit aanvaar word (kyk ook punt 5.5);

**5.1.5** skriftelik aan die skriba van die Algemene Regskommissie kennis gee dat hy die amp van predikant neerlê, met kennisgewing aan die ring onder wie se opsig hy val;

**5.1.6** dit deur tughandeling verloor (Art 64.4.4).

**5.2** 'n Persoon hou op om proponent te wees indien hy:

**5.2.1** in 'n politieke bestuursliggaam dien of hom as kandidaat in 'n verkiesing vir enige vlak van regering beskikbaar stel;

**5.2.2** hom deur woord of daad van 'n Nederduitse Gereformeerde gemeente afskei;

**5.2.3** skriftelik aan die skriba van die Algemene Regskommissie kennis gee dat hy afstand doen van sy bevoegdheid as proponent;

**5.2.4** dit deur tughandeling verloor (Art 64.4.4).

**5.3** Proponente moet hulle jaarliks voor 31 Oktober by die Algemene Regskommissie aanmeld ten einde proponente te kan bly.

**5.4** Aangesien proponente onder die opsig en tug van die ring staan (Art 63.3), word dit van die ring verwag om op die hoogte te bly met die posisie van proponente wat onder sy opsig val.

**5.5** Wanneer persone ophou om predikant of proponente te wees, word die volgende prosedure gevolg:

**5.5.1** Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke kerkvergadering om die skriba van die Algemene Regskommissie van die verlies van bevoegdheid in kennis te stel.

**5.5.2** Iemand wat ophou om predikant of proponent te wees, moet sy akte van legitimasie aan die Algemene Regskommissie via die skriba van die ringkommissie terugbesorg.

**5.5.3** Die skriba van die Algemene Regskommissie gee in die amptelike blad van die Ned Geref Kerk kennis van elke persoon wat ophou om predikant of proponent te wees.

**6. HERTOELATING TOT DIE BEDIENING**

'n Eertydse predikant of proponent mag slegs langs die volgende weg weer gelegitimeer word:

**6.1** Hy moet skriftelik aansoek doen by die ring binne wie se gebied hy woon.

**6.2** Hierdie ring ondersoek die aangeleentheid met inagneming van Art 66.3. (66.3.3 nuut). In die geval van 'n eertydse predikant word die getuienis ingewin van al die kerkrade en ringe binne wie se gebied hy woonagtig was tydens en sedert hy sy bevoegdheid verloor het. Getuienis kan ook van kerkrade en ringe ingewin word waar hy woonagtig was voordat hy uit die bediening getree het. In die geval van 'n eertydse proponent word sover moontlik die getuienis ingewin van al die kerkrade en ringe binne wie se gebied hy woonagtig was voordat en nadat hy opgehou het om proponent te wees.

**6.3** Die ring voorsien die sinode/sinodale kommissie (moderamen as daar nie 'n sinodale kommissie is nie) binne wie se gebied die ring val, van al die tersaaklike stukke, 'n verslag en aanbevelings.

**6.4** Die skriba van die sinode/sinodale kommissie (moderamen) stuur die dokumentasie en die verslag aan die aktuarius van die Algemene Sinode met die oog op sy advies.

**6.5** Indien die sinode/sinodale kommissie (moderamen) die aansoek goedkeur, word die applikant ingevolge Bepaling 5.2.1.4 van die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars ter vergadering ondersoek met inagneming van Art 66.3.2 tot 66.3.3 van die Kerkorde. Indien die uitslag positief is, word hy na die betrokke eksamenkommissie vir **colloquium doctum** verwys of in die geval van Art 66.3.3 (nuut) by die Algemene Sinode vir die herstel van ampsbevoegdheid aanbeveel.

**6.6** Indien die sinode/sinodale kommissie (moderamen) die aansoek weier, word dit met opgawe van redes aan die applikant skriftelik bekend gemaak. Teen die beslissing van die sinodale kommissie/moderamen mag die applikant by die sinode appèl aanteken of by 'n latere geleentheid 'n nuwe aansoek indien.

**6.7** Na bevredigende **colloquium doctum** by die eksamenkommissie, word die applikant by die Algemene Regskommissie vir legitimasie aanbeveel.

**6.8** Eertydse predikante wat weer gelegitimeer word, word proponente. Bevestiging in 'n gemeente na die aanname van 'n beroep geskied weer met oplegging van hande.

**7. HERTOELATING TOT DIE BEDIENING VAN PERSONE WAT IN ARTIKEL 66.3.3 EN 66.3.4 GENOEM WORD**

Waar 'n eertydse predikant of proponent in terme van Art 66.3.3 aansoek om hertoelating tot die bediening doen, word die volgende weg gevolg:

**7.1** Daar moet duidelike getuienis van berou en bekering wees, dat die kerklike tug tot sy reg gekom het en dat die hertoelating tot die bediening sonder skade vir die Ned Geref Kerk gedoen kan word. Die tydsverloop, rugbaarheid, algemene ontevredenheid en die getuienis van die kerk moet ook in aanmerking geneem word.

**7.2** Die geskiktheid vir die bediening moet 'n deurslaggewende rol speel.

**8. HERTOELATING TOT DIE BEDIENING VAN PERSONE WAT DIE NED GEREF KERK VERLAAT HET**

Iemand wat na 'n ander kerk of godsdienstige groep oorgegaan het en wens om weer tot die bediening in die Ned Geref Kerk toegelaat te word, moet dieselfde prosedure as in 6 volg. Die eksamenkommissie wat **colloquium doctum** afneem, moet vasstel of aanvullende opleiding vereis word, en indien wel, van watter aard dit moet wees. Indien daar aanvullende opleiding vereis word, word die persoon na die kuratorium van 'n teologiese fakulteit verwys. Na die voltooiing van die aanvullende opleiding, word hy langs die normale weg gelegitimeer.

**9. TOELATING TOT DIE BEDIENING VAN PREDIKANTE UIT ANDER KERKE**

'n Predikant van 'n ander kerk wat wens om tot die bediening in die Ned Geref Kerk toegelaat te word, wend hom tot die kuratorium en die eksamenkommissie van een van die teologiese fakulteite van die Ned Geref Kerk. Daar word bepaal watter aanvullende opleiding nodig is, indien enige. Na voltooiing daarvan kan die persoon op die normale wyse gelegitimeer word.

**10. VERTOë IN VERBAND MET AMPSBEVOEGDHEID**

10.1 Enige persoon wat ten opsigte van sy posisie as predikant of as proponent verontreg voel deur 'n beslissing van die Algemene Regskommissie, kan hom met voorlegging van nuwe gegewens, beroep op 'n volgende vergadering van die Algemene Regskommissie.

10.2 Iemand wat hom nog steeds verontreg voel na sy saak ten opsigte van die Algemene Regskommissie/Dagbestuur heroorweeg is, mag hom na die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Kommissie wend.

**2.18.4 AANBEVELINGS**

**Indien die "Reglement vir die reëling van bevoegdheid van predikante en proponente" goedgekeur word, word die volgende wysigings van Kerkorde-artikels vir goedkeuring voorgelê:**

**2.18.4.1 Artikel 11**

**Aangesien 'n predikant sy lewe lank aan die kerkdiens verbonde is, hou hy op om predikant te wees indien hy sy gemeente of werkkring in die kerkverband verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar. Hy kan egter vooraf van die Algemene Regskommissie verlof ontvang om sy bevoegdheid as proponent te behou. Sodanige behoud van die bevoegdheid kan alleen verleen word indien die betrekking wat hy aanvaar, 'n geestelike karakter dra en wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word.**

**2.18.4.2 Artikel 62**

**62.1 Alle dooplidmate en belydende lidmate van die gemeente val onder die opsig en tug van die kerkraad.**

**62.2 Alle ouderlinge, diakens en predikante - wat emeriti en proponente insluit - staan onder die opsig en tug van die ring.**

**2.18.4.3 Artikel 66**

**66.3.2 Legitimasie na verlies van bevoegdheid van 'n predikant of proponent vind plaas deur die Algemene Regskommissie na colloquium doctum op aanbeveling van die sinode/sinodale kommissie (of moderamen as daar nie 'n sinodale kommissie is nie) binne wie se gebied hy woon, na oorweging van die getuienis van die ring wat die aansoek om hertoelating hanteer.**

**2.18.4.4 Voeg Art 66.3.3 en Art 66.3.4 soos volg saam:**

**66.3.3 In die geval van afsetting deur tughandeling as gevolg van ergerlike sondes soos owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meineed, diefstal of na afsetting as gevolg van leerdwaling, mag toestemming tot legitimasie alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke instansies ontvang is, deur die Algemene Sinode in sitting oorweeg word.**

# 3. SAKE DEUR DIE ASK NA DIE ARK VERWYS

## 3.1 POSISIE VAN 'N PREDIKANT WAT DEUR 'N SINODE IN 'N MODERATUUR OF KOMMISSIE VERKIES OF BENOEM IS EN WIE SE LOCUS STANDI VERANDER.

3.1.1 Op aanbeveling van die ARK het die ASK besluit: Indien 'n predikant wat deur 'n gemeente na die sinode afgevaardig word en in die moderatuur verkies of in 'n kommissie benoem word, na die sinodesitting die gemeentelike bediening verlaat, verloor hy sy sittingsreg. (ASK 5/6 Nov 1991 bl 154)

3.1.2 Na bespreking deur die ARK op sy vergadering van 30 Januarie 1992 (Notule P3 Pt 19.1) besluit die ASK op 10 en 11 Maart 1992 die volgende:

* 1 'n Sinode is bevoeg om 'n besluit te neem wat die samestelling van sy eie kommissies bepaal.

* 2 Die hele aangeleentheid van die posisie van 'n predikant wat in 'n moderatuur of kommissie verkies of benoem is, en wie se locus standi verander, word verwys na die ARK vir prinsipiële besinning en verslag aan die volgende Algemene Sinode.

**3.1.3 AANBEVELING**

**3.1.3.1 Die Algemene Sinode handhaaf die gebruik in die Ned Geref Kerk dat, indien 'n predikant wat deur 'n gemeente na 'n sinode afgevaardig word in die moderatuur verkies of in 'n kommissie benoem word, na die sinodesitting die gemeentelike bediening verlaat, hy sy sittingsreg verloor.**

**3.1.3.2 Die Algemene Sinode erken egter ook die bevoegdheid van 'n sinode om 'n besluit te neem wat die samestelling van sy kommissies bepaal.**

## 3.2 SAMESTELLING EN BEVOEGDHEID VAN KERKLIKE VERGADERINGS

### 3.2.1 Die ASK het besluit

"Die model vir een kerkverband impliseer dat die Algemene Regskommissie opdrag kry om 'n behoorlike verslag op te stel in verband met die bevoegdhede en samestelling van die verskillende kerkvergaderings, asook wysiginge aan die Kerkorde, wat aan die Algemene Sinode van 1994 voorgelê kan word." (ASK Agenda 5/6 November 1991, 7.2.6 bl 43).

### 3.2.2 Verslag

3.2.2.1 Aangesien die ASK besluit het om 'n model vir een kerkverband eers aan die Algemene Sinode voor te lê vir goedkeuring, kan die ARK geen aanbevelings maak nie.

3.2.2.2 Die ARK is intussen besig om relevante kerkregtelike aspekte te bestudeer en aanbevelings voor te berei.

## 3.3 BYKOMENDE VEREISTE VIR COLLOQUIUM DOCTUM

### 3.3.1 Die ASK het besluit

"Die ASK-vergadering bespreek die versoek van die Moderamen van Noord-Transvaal dat 'n bykomende vereiste vir colloquium doctum gestel word, naamlik "bewys van onlangse sielkundige evaluering" en verwys dit na die ARK vir die aandag van die Algemene Sinode van 1994." (Notule ASK 12 Oktober 1993, 11.5 bl 89).

### 3.3.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit dat bewys van onlangse sielkundige evaluering as bykomende vereiste vir colloquium doctum gestel word.**

## 3.4 VERSKEIE ANDER SAKE IS DEUR DIE ARK HANTEER, AAN DIE ASK TERUG GERAPPORTEER EN DEUR DIE ASK GOEDGEKEUR

3.4.1 Tentmakerbediening

3.4.2 Tentmakerbedienaar en pensioenfonds

3.4.3 Konsep beroepsbrief vir tentmakers

3.4.4 Die beroepstelsel

3.4.5 Afvaardiging van tentmakers na meerdere vergaderings

3.4.6 Die vrou in die amp

3.4.7 Kraamverlof en vergoeding van vroulike predikante

3.4.8 Uitdienstreding van 'n vroulike predikant by verplasing/diensbeëindiging van haar man.

3.4.9 Sittingsreg van di HJ Linde en E Botha in die ASK.

Die ASK doen oor dié sake verslag

# 4. REGSTELLING VAN KERKORDE-ARTIKELS

### 4.1 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode keur goed dat die volgende Kerkorde-artikels reggestel word:**

**4.1.1 Art 27: vervang "moet" met "mag" in reël 3**

**4.1.2 Art 29: vervang "sinodes" in reël 4 met "sinode"**

# 5. WYSIGING VAN REGLEMENTE

### 5.1 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit om die volgende reglemente te wysig:**

**5.1.1 Regl 3 P31 Pt 3.1.1.1 Wysig "predikant- en proponentstatus" na "predikant- of proponentstatus".**

**5.1.2 Regl 3 P46 Pt 10.2 Vervang "sy vorige vrou" met "die vorige eggenoot/note" en "hy" in die 3de reël met "die aansoeker".**

**5.1.3 Regl 3 P46 Pt 10.3 Vervang "die man" met "die betrokke persoon".**

**5.1.4 Regl 17 P65 Pt 1.2.2 Voeg by na "vakansieverlof" die woorde "(lewensonderhoud en toelaes)".**

**5.1.5 Regl 17 P65 Pt 3.1.5 Voeg by na "langverlof" die woorde "(lewensonderhoud en toelaes)".**

**5.1.6 Regl 17 P65 Voeg by 'n nuwe bepaling:**

**2.1.3 'n Vrou in die amp as predikant is geregtig op kraamverlof met volle traktement en toelaes vir 'n tydperk wat vier weke voor die verwagte datum van haar bevalling begin en agt weke na die datum van haar bevalling eindig.**

**5.1.7 Voeg in na Pt 3.1.4 'n nuwe punt naamlik "Langverlof kan slegs in periodes van 30 dae of langer geneem word" Verander numerering dienooreenkomstig.**

**5.1.8 Regl 17 P66 Skrap 4.1.6 en 4.1.7**

**5.1.9 Regl 18 P68 Pt 4.1.3 Vervang "Hatfield Baptiste" met "Hatfield Christian Church/Centre".**

**5.1.10 Regl 18 P68 Pt 4.2.1 Vervang "Charismatiese Baptiste" met "onafhanklike Charismatiese kerke".**

# 6. WYSIGING: FUNKSIONELE BELEIDS-BESLUIT

### 6.1 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit om die volgende te wysig:**

**6.1.1 P90 Pt 4 Vervang KO Art 1,5 met KO Art 1 en 5**

# 7. VOORLEGGINGS DEUR DIE ARK

Die volgende sake word aan die Algemene Sinode voorgelê:

## 7.1 DIE DIENSTYDPERK VAN DIE AKTUARIUS VAN DIE ALGEMENE SINODE

### 7.1.1 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit dat die Aktuarius vir twee termyne van 4 jaar elk as aktuarius kan dien. Daarna is hy nie weer as aktuarius verkiesbaar nie.**

## 7.2 GRENSWYSIGING

### 7.2.1 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode besluit om die besluit van die Algemene Sinode 1982, 22.2 bl 1367 soos volg te wysig:**

**7.2.1.1 Wanneer met grenswysiginge - in die lig van Art 32 - tussen gemeentes van verskillende sinodale gebiede slegs 'n aantal lidmate betrokke is, moet die betrokke sinodes/sinodale kommissies/moderamens die grenswysiging goedkeur.**

**7.2.1.2 Grenswysiging hoef slegs deur die Algemene Sinode/ Algemene Sinodale Kommissie in behandeling geneem te word indien 'n gemeente(s) van sinodale gebied verander.**

## 7.3 HERSIENING VAN KERKORDE

7.3.1 Die Algemene Regskommissie vestig die aandag van die Algemene Sinode daarop dat hy voortdurend besig is met die hersiening van die Kerkorde. (Kyk Reglement van die Algemene Regskommissie, Punt 3.1).

### 7.3.2 AANBEVELINGS

**7.3.2.1 Die Algemene Sinode besluit om dit onder die aandag van alle kommissies van die Algemene Sinode te bring dat hulle voorstelle en wenke vir wysigings aan die Kerkorde aan die ARK mag deurgee vir oorweging.**

**7.3.2.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om kommissies, kerkrade en ringe uit te nooi om voorstelle en wenke vir wysiging aan die Kerkorde aan die ARK vir oorweging deur te gee.**

**7.3.2.3 Die Algemene Sinode besluit dat hierdie voorstelle en wenke die ARK voor die einde van 1996 moet bereik.**

## 7.4 BEROEPSTELSEL (Pt 11.1.1.2)

7.4.1 Die ARK rapporteer soos volg aan die Algemene Sinode:

7.4.1.1 Die besluit van die Algemene Sinode oor die beroepstelsel funksioneer na die mening van die ARK oor die algemeen goed in die praktyk.

7.4.1.2 Dit blyk egter dat daar sekere gebruike en handelinge na vore gekom het wat kommerwekkende nie-kerklike terminologie bevat, soos:

* 1 advertensies in plaas van bekendstelling
* 2 aansoeke in plaas van voorlegging van name
* 3 aanvra van sielkundige toetsing en ook onderhoudvoering

### 7.4.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit om op alle beroepende liggame van die Ned Geref Kerk te vra om hulle te weerhou van bewoordinge en praktyke wat afbreuk doen aan die geestelike aard van die beroepstelsel.**

## 7.5 BESLUIT TEN OPSIGTE VAN TENTMAKER-BEDIENING

**7.5.1 Die volgende besluit is deur die ASK geneem**

Vergoedingspakket (traktement, reiskoste, behuising, pensioenreëlings, mediese voorsiening, groepversekering, ongevalleversekering en verlofreëlings). 'n Tentmakerbedienaar skakel 100% in by die pensioen, mediese on groeplewensdekking of glad nie. Die besluitnemingsbevoegdheid hieroor berus by die trustees van die Sinodale Pensioenfonds. Die skriftelike ooreenkoms moet aan die trustees van die pensioenfonds voorgelê word.

### 7.5.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit om die besluit soos volg te wysig:**

**17.5.2.1 Skrap "of glad nie" en vervang met "tensy die tentmaker se ander werkgewer daarop aandring dat hy by hulle pensioenskema moet inskakel."**

**17.5.2.2 Vervang "100%" met "ten volle"**

## 7.6 PREDIKANTE/PROPONENTE BESKIKBAAR VIR ANDER KERKE

7.6.1 Van verskeie kante het die ARK versoeke in die verband gehad.

7.6.2 Die besluit van die Ring van Kaapstad word as verteenwoordigend aan die Sinode voorgelê naamlik:

"In die lig van die groeiende getal gemeentes wat nie meer hulle predikante kan onderhou nie en die groot getal werklose proponente:

1. Spreek die ring sy steun daarvoor uit dat proponente en predikante van die Ned Geref Kerk ook hulle roeping in ander kerke van die gereformeerde tradisie sal uitoefen - wanneer God hulle daarheen sou roep;

2. Versoek die ring die Algemene Regskommissie:

2.1 om die struikelblokke te identifiseer wat tot dusver verhoed het dat NG proponente en predikante vryelik vir 'n tyd in 'n ander kerke van die gereformeerde tradisie kon dien en dan later na die NG Kerk kan terugkeer;

2.2 om vir die betrokke sinodesittings aanbevelings voor te berei wat dit moontlik en redelik maklik sou maak vir NG proponente en predikante om vir 'n tydperk in 'n ander kerkgenootskap te werk en, indien die Here wil, na die NG Kerk terug te keer."

As toeligting net die volgende:

1. Die ring het die besluit geneem omdat (a) hy graag werklose predikante en proponente wou help maar ook omdat (b) hy van mening was dat die predikante en proponente van die NG Kerk teologies goed geskool is en dus 'n goeie bydrae sou kon lewer in ander kerke wat van hulle gebruik sou wou maak.

2. Die ring besef dat bogenoemde alreeds gebeur. Heelwat proponente is in die afgelope tyd as sendelinge deur geloofsendinge uitgestuur, met die seën van die NG Kerk. Dit kom ons egter voor dat daar nie so 'n duidelike pad terug na die NG Kerk is nie, sou so 'n persoon geroepe voel om terug te keer.

3. Die ring was egter ook daarvan bewus dat, in geval waar 'n proponent byvoorbeeld 'n beroop sou kry na die Presbiteriaanse Kerk, dit hom/haar onder 'n sielkundige stremming plaas. Die vrae wat pla (en baie verhoed om so 'n beroep te aanvaar) is: Sal ek na die NG Kerk kan terugkeer? Sal die NG Kerk dit as 'n verwerping van NG Kerk ervaar? Die ring het gevoel dat baie van hierdie stremming en valse skuldgevoel besweer sou kon word indien die kerkregtelike pad na ander kerke van die gereformeerde tradisie en terug na die NG Kerk meer gelyk gemaak sou word."

#### 7.6.3 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit dat predikante en proponente wat deur die NG Kerk gelegitimeer is en leraar wil word in 'n ander denominasie van gereformeerde belydenis, vooraf by die ARK aansoek kan doen om beroepbaar te bly binne die NG Kerk terwyl hy in die ander denominasie werk.**

### 7.7 WYSIGING REGLEMENT 3: KERKORDEBOEK ALGEMENE SINODE

7.7.1 Die ASK het die gewysigde gradestruktuur van die Universiteit van Stellenbosch se Fakulteit Teologie goedgekeur en na AKTO in oorleg met die ARK verwys.

7.7.2 AKTO doen verslag aan die Algemene Sinode

#### 7.7.3 AANBEVELINGS

**7.7.3.1 Die Algemene Sinode besluit dat AKTO die saak vir die wysiging van Reglement 3 hanteer.**

**7.7.3.2 Indien nodig, word die saak na die Tydelike Regskommissie verwys.**

### 7.8 REGSGELDIGHEID VAN GEDRUKTE NOTULES

7.8.1 Die Algemene Kommissie vir Argief het navraag gedoen oor die saak.

#### 7.8.2 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode besluit**

**7.8.2.1 Die regsgeldige notule van 'n vergadering is die notule wat deur die vergadering goedgekeur en deur die gemagtigdes onderteken is.**

**7.8.2.2 'n Gepubliseerde notule is slegs 'n prima facie bewys van wat op 'n vergadering besluit is totdat die teendeel uit die goedgekeurde notule bewys is.**

## 8. KONDONASIE

### 8.1 BEPALING 4.2.2 VAN DIE REGLEMENT VIR DIE REëLING VAN DIE OPLEIDING EN LEGITIMASIE VAN EVANGELIEDIENAARS.

#### 8.1.1 Agtergrond

8.1.1.1 Filiciano Mario Mahongo is deur die Sinode van Namibië met beperkte opdrag naamlik Boesmansending tot die predikdiens toegelaat.

8.1.1.2 In April 1990 het min of meer 4000 SAN (Boesmans) uit die Caprivi na Schmidtsdrift verhuis.

8.1.1.3 Op 18 Junie 1991 het hy aansoek gedoen op predikantstatus met beperkte toelating in die NG Kerk.

8.1.1.4 Die aansoek is deur die Sinode van Noord-Kaap gesteun.

8.1.1.5 Op 3 Maart 1993 het die ARK besluit:

* 1 'n Akte van Legitimasie met beperkte opdrag (werk onder Boesmans) moet deur die Skriba aan die Aktuarius van Noord-Kaapland gestuur word.

* 2 Rapport moet aan die Algemene Sinode gedoen word.

* 3 Kondonasie moet van die Algemene Sinode gevra word ten opsigte van Art 4.2.2 van Reglement 3 (Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars).

#### 8.1.1.6 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode kondoneer die optrede van die Algemene Regskommissie deurdat die ARK Bepaling 4.2.2 van die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars in die geval van ds FM Mahongo nie toegepas het nie.**

### 8.2 BEPALING 3.6 VAN DIE STATUSREGLEMENT

#### 8.2.1 Ter inligting

Bepaling 3.6 van die statusreglement bepaal dat studieverlof hoogstens tot 4 jaar toegestaan kan word. Die ARK het in 'n paar gevalle die studietyd met 'n jaar verleng.

#### 8.2.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit om die optrede van die ARK te kondoneer deurdat die studietyd van prop GJ Steyn, prop J Potgieter en prop JH Conradie in stryd met Bepaling 3.6 van die Statusreglement met nog een jaar verleng is.**

## 9. STATUSAANGELEENTHEDE

### 9.1 VERLIES VAN STATUS

Die volgende persone het hulle predikant/proponentstatus verloor.

1990

JF van Loggerenberg
JW van der Riet
LA Bouwer
DJ Malan *
HL Nieuwoudt

1991

| | |
|---|---|
| JJ Botha | JG van Staden * |
| HJ Smith * | MG Turck |
| CD Koen * | WF Rautenbach |
| AP Boshoff * | AJ Kok |
| JC Benade | JH Ellis |
| CT Jordaan | JN Smith |
| WT Claassen | C Theron |
| G Loots | HC Venter * |
| J Rosseau | EH Scheffler |
| JA Smit | FJ van der Merwe * |
| CT Jansen | SJ Saaiman |
| AJ Kok | BJ Janse van Rensburg |
| JJ Bosman | JS Swanepoel |
| PB Müller | CL Pieterse |
| CJ Vermaak | WA Pieters |
| IP du Preez * | S Heyns |
| WP van Niekerk | CF Fouché |
| EB Victor | CJ Fouché |
| JM Jooste | |

1992

| | |
|---|---|
| AL van Heerden * | JJ van Straaten |
| JA van Niekerk | JO Cloete |
| G Viljoen | JJ Boshoff |
| LPD Lombard | AF Conradie |
| PJ Nel | JA Venter |
| MC Swart | JM Jooste |
| JP Mostert | LPA Spies |
| AA Odendaal | GI Ellis |
| BJB Smit | RPG Schoeman |
| MJ Bekker | G Pretorius * |
| WA Saaiman | JA Botes * |
| SM Visser | JA Viljoen |
| J de Wet Brits | |

1993

| | |
|---|---|
| LJS Botes | HMO Heyneman |
| PF Huso | JA Olivier |
| CM Viljoen | GM Augustyn |
| PJ Botha | JH Coetzee |
| LJ Procter | J Punt |
| FA Swanepoel | WCS Swanepoel |
| AR Nel | PC Poley * |
| AJ van Zyl | JJ Keyser |
| EH Scheffler | L du Toit * |
| G Venter | PJB Engelbrecht * |
| PJL Olivier * | HJD de Vos |
| HS Breytenbach | HE von Wielligh * |
| H Claasen | DS Fourie |
| AM Saayman | JS Marais |
| CW Louw | PJ Rossouw |
| GB Roux | CA Nel |
| A-LS Rossouw | E Viljoen |
| FA Grobler * | |

1994

| | |
|---|---|
| J Stander | WT Claassen |
| JN de Klerk | HR Kotzé |
| AJ Combrink | |

* Na die APK

### 9.2 PREDIKANT/PROPONENTSTATUS HERSTEL NA COLLOQUIUM DOCTUM

| | |
|---|---|
| Ds DW Kruger | Ds TJ Botha |
| Prop JH Louw | Prop LC Kok |
| Prop DP Veldsman | Ds JR Nel |
| Prop D Beyers | Ds RG Butler |
| Ds JC Buys | Ds WJ Louw |
| Ds MJ Coetzee | Ds OR Olivier |
| Prop JT de Jongh van Arkel | Ds W Roets |
| Ds BP de Wet | Prop WL van der Merwe |
| Prop JG du Plessis | Prop JO Cloete |
| Dr J Grey | Ds BP Wolvaardt |
| Prop DH Janse van Rensburg | Ds JR Muller |
| Prop CT Jordaan | Prop AL van Niekerk |
| Ds AJ Kok | Ds BJ Janse van Rensburg |

| | |
|---|---|
| Ds J Schnetler | Prop JJ Botha |
| Ds CJ Steyn | Ds PB van der Watt |
| Prop PL Theron | Ds JJ Nieman |
| Ds WJ van Beek | Ds FJ Viljoen |
| Ds CF van der Berg | Ds IA Cronje |
| Ds JSF Wessels | |

## 9.3 PREDIKANTSTATUS IS AAN DIE VOLGENDE PERSONE VERLEEN

| | | |
|---|---|---|
| FJ Cillie | - | Jan Kriel Instituut |
| AJ Boshoff | - | Bybelgenootskap |
| GJ Koen | - | Radiokansel |
| JJ Krige | - | Bybelgenootskap |
| SJ Saaiman | - | Hugenote-Kollege |
| C Greyling | - | ACSV |
| JJ Crous | - | Tentmaker Sielkundige Suid-Transvaal/Predikant Sunward Park |
| JA Laubscher | - | NID |
| BP Fourie | - | Bybelgenootskap |
| JJ Sieberhagen | - | Instituut vir Dowes |
| WJ van Eeden | - | Ons Kinderhuis Bloemfontein |
| L Barkhuizen | - | Radiokansel |
| AC du Toit | - | Catherine Robson-Kinderhuis, Vereeniging |
| JJ van Eyssen | - | ACSV |
| ED Botha | - | NID nou SAP |

## 9.4 PROPONENTSTATUS IS AAN DIE VOLGENDE PERSONE VERLEEN

| | | |
|---|---|---|
| A Auret | - | OT Universiteit van die Noorde |
| CW du Toit | - | CB Powell Unisa |
| HAJ Kruger | - | OT Universiteit van Westville |
| HP Muller | - | Dept Godsdienskunde US |
| PJ Naude | - | Bybelkunde UPE |
| JJC Schulz | - | Geopende Deure |
| RH van Graan | - | SAUK |

### 9.5 STATUS DEUR DIE ARK HERSTEL NA VERTOë

Dr JH Coetzee
Prof EH Scheffler
Prof WT Claassen (1991)
Prop HMO Heyneman
Prop JA Olivier

Hiermee beskou die ARK sy taak as behoorlik afgehandel. Die vergadering word die seën van die Here toegebid.

DR THN SADLER (VOORSITTER)
DS PL BEZUIDENHOUT (SKRIBA)

# A.8 ALGEMENE KOMMISSIE VIR ARGIEF

## 1. OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE

### 1.1 ARGIEF- EN MUSEUMREGLEMENT

**1.1.1 Besluit** (Hand 1990, p 624, T17.3, pt 4):

"Die Algemene Sinode neem slegs van die Argief- en Museumreglement kennis. Die reglement word na die AAK terugverwys sodat dit wat wetlik as beleid van die Sinode bestempel kan word en dit wat op die Algemene Sinode se Kommissie vir Argief as reglement betrekking kan hê, uitgehaal en opnuut as beleid voor die volgende Algemene Sinode gelê kan word. Tot dan (1994) word die aanbevole reglement as aanbevole riglyne gebruik."

**1.1.2** Die AKA het in die reses ernstige aandag aan die bg opdrag gegee en tydens sy Dagbestuursvergadering en die AKA-vergadering, respektiewelik in Januarie en April 1994, die opdrag afgerond. 'n Kopie van die reglement wat op die AKA betrekking het én 'n kopie van die riglyne aan sinodes is aan die Algemene Regskommissie vir kommentaar voorgelê.

**1.1.3 AANBEVELING**

**1.1.3.1 Die Algemene Sinode aanvaar die Reglement vir die Algemene Kommissie vir Argief (Bylae 1).**

**1.1.3.2 Die Algemene Sinode besluit op die volgende argief- en museumbeleid:**

***1 In ooreenstemming met die karakter van die kerk het sy argief- en museumarbeid primêr 'n Skrifituurlik-teologiese grondslag. Daarom is dit eerstens op teologies-wetenskaplike én origens sekulêr-wetenskaplike diens ingestel.**

***2 Hierdie arbeid bou die geheue van die kerk uit en stel die kerk in staat om sy funksies op 'n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse voort te sit. Die bewaarplek huisves gevolglik ook dié skriftelike- en ander getuienisse wat hom teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm.**

***3 Die versameling, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal beteken die hantering van getuienisse oor die handelinge van God Drie-enig in en deur sy kerk in 'n bepaalde gebied.**

***4 In hierdie verband beteken argief- en museummateriaal die dokumente of alle ander materiaal wat inligting oor gemeentes, ringe, sinodes en hulle kommissies sowel as moontlike kerklike inrigtings binne hulle grense, bevat. Dit behels alle inligting deur alle middele oor die kerklike lewe in sy nouste en breedste verband binne 'n bepaalde gebied.**

***5 As sodanig staan die argiefbewaarplek en museum as 'n gesistematiseerde inligtingsbron in diens van die kerk en sy verskillende kennisvelde, met besondere klem op die teologie en meer bepaald die ekklesiologie. Dit dien uiteraard, vanweë sy ryke inligting, ook ander wetenskappe, beantwoord as akademiese instansie amptelike en akademiese navrae en gee, waar nodig, aan navorsers voorligting in die metodiek van navorsing en geskiedskrywing.**

**1.1.3.3 Die Algemene Sinode beveel die praktiese implementering van sy argief- en museumbeleid as 'n aanbeveling by sinodes aan (Bylae 2).**

### 1.2 ARGIEFHANDLEIDING

**1.2.1 Besluit** (Hand 1990, p 624, T17.3, pt 6):

"1. Die Algemene Sinode beveel die modules van die Hugenote-Kollege oor die kerklike argiefwese by alle kerklike argiefkommissies vir gebruik aan.

2. Die Algemene Sinode versoek die AKA om steeds 'n amptelike publikasie vir teologiese opleiding in die kerklike argief- en museumwetenskap as deel van die ekklesiologie te oorweeg en so spoedig moontlik te bemark".

**1.2.2** Die AKA het in die reses waarnemings gemaak oor die algemene benutting van die betrokke uitgawe van die Hugenote-Kollege se modules oor gemeentelike administrasie. Daarbenewens het dr CS Kotzé, argivaris vir Transvaal en Midde-Afrika, voorligtingstukke oor rekordbeheer opgestel.

Dit alles plus die riglyne van AKA self, dien as 'n belangrike aanloop tot die uiteindelike daarstelling van 'n argiefhandleiding soos waarna die Algemene Sinode verwys.

**1.2.3 AANBEVELINGS**

**1.2.3.1 Die Algemene Sinode aanvaar die aanbevole leesstof oor kerklike argief- en museumarbeid van AKA en die betrokke kommissies van sinodes as 'n tussentydse maatreël tot by die publisering van AKA se handleiding.**

**1.2.3.2 Die Algemene Sinode besluit dat sy argief- en museumbeleid en die praktiese implementering daarvan kan dien as 'n basis vir 'n afgeronde handleiding.**

### 1.3 REKENARISERING (KYK OOK 3.1)

**1.3.1** Wat die rekenarisering van dooplidmate- en lidmateregisters aanbetref, het die Algemene Sinode die volgende **besluit** geneem (Hand 1990, p 682, B12.6, pt 6.2.2) :

"Die Algemene Sinode besluit om dit aan die Algemene Kommissie vir Argief op te dra om verdere ondersoek te doen na die werklike behoefte in hierdie verband en moontlike eenvormige spesifikasies met die oog op standardisering vir sodanige rekenarisering op te stel. 'n Begroting vir hierdie ondersoek moet eers aan die

Algemene Kommissie vir Fondse voorgelê word met die oog op voorsiening van die benodigde fondse. Na afhandeling van die ondersoek moet aan die Algemene Sinodale Kommissie verslag gedoen word."

1.3.2 AKA en die meeste SKA'S het in die reses (1990 - 1994) ondersoek na die rekenarisering van kerklike registers ingestel. Trouens, rekenarisering is in meer as een sinodale gebied al 'n gevestigde praktyk en kopieë van registers kom van gemeentes in die vorm van rekenaaruitdrukke na sinodale argiefbewaarplekke. Navorsing tot dusver is dus binne die verskillende streeksinodes gedoen en die resultaat word deur AKA gemonitor. AKA sien die sinodale gebied van Noord-Transvaal as die proefgebied op grond waarvan AKA uiteindelik sal kan oordeel watter behoefte daar in die verband bestaan en in hoeverre eenvormigheid en standardisering moontlik is. Die SKA Transvaal en Midde-Afrika se Werkgroep vir Dokumentasie is tans aan die spits van die studie in Transvaal. Sinodale gebiede soos die OVS en Wes-Kaap is ook met navorsing en proefprogramme besig.

1.3.3 AKA vra dus vir die herhaling van die opdrag in 1990. Die studie het tot dusver geen finansiële implikasies vir die Algemene Sinode gehad nie en sal waarskynlik in die reses (1994 - 1998) ook nie hê nie.

#### 1.3.4 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit om sy opdrag van 1990 aan AKA ivm rekenarisering van dooplidmate- en lidmateregisters te herhaal. Die Algemene Sinode spreek sy dank uit oor die navorsing tot dusver én die vertroue dat die belangrikste daarvan in die reses afgehandel sal kan word en gemeentes spoedig leiding van AKA sal kan ontvang.**

### 1.4 EEN REGISTER VIR LIDMATE

Die Algemene Sinode (Hand 1990, p 683, pt 6.3.2.2) **besluit** oor die koördinering van kerklike registers soos volg:

1.4.1 "Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kommissie vir die Argief om ondersoek in te stel na 'n ontwerp van een register vir doop- en belydende lidmate waarin duidelike onderskeiding tussen doop- en belydende lidmate getref kan word en verslag te doen aan die Algemene Sinodale Kommissie wat magtiging verkry om, indien goedgekeur, dit te implementeer".

1.4.2 AKA vind die koördinering van die dooplidmate- en lidmateregister nie haalbaar nie:

1. Die register sal meer ingewikkeld en lomp wees;

2. die besonderhede van lidmate regverdig meer as een register;

3. 'n gebinde register vir argiefbewaring sal ongemaklik dik wees en moeilik hanteer, veral by kopiëring deur navorsers;

4. 'n gekoördineerde register sal ernstige finansiële implikasies hê, veral omdat talle gemeentes nog die ou argiefregister gebruik en nuwe registers gedruk sal moet word;

5. een register sal nuwe misverstande by gemeenteskribas skep.

#### 1.4.3 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit dat sinodes die status quo handhaaf by die reëling van die afsonderlike registrasie van dooplidmate en belydende lidmate.**

## 2. ADVIES AAN DIE ALGEMENE SINODE

### 2.1 TOEKOMS VAN ARGIVARISPOSTE

2.1.1 AKA staan baie sterk by sy oortuiging dat argivarisposte in die kerk moet kontinueer en dat by aanstellings van argivarisse net die kundigste persone oorweeg moet word. Dit is belangrik om die gehalte van kerklike argiefdienste op 'n hoë vlak te hou en selfs op te gradeer twv goeie administrasie binne die kerk en om aan behoeftes van die teologiese wetenskap te voldoen. AKA besluit gevolglik om die Algemene Sinode daarop te wys dat wanneer 'n begroting en rasionalisasie ter sprake is argiefdienste eintlik opgegradeer moet word, omdat dit besondere eise stel.

#### 2.1.2 AANBEVELING

**2.1.2.1 Die Algemene Sinode besluit dat dit in belang van kerklike administrasie én die teologiese wetenskap is om minstens die bestaande argivarisposte in die kerk te kontinueer.**

**2.1.2.2 Die Algemene Sinode besluit dat by die aanstelling van 'n kerkargivaris die argivaris kennisvaardig en vakkundig moet wees en die hoof van die kerkargiefbewaarplek waar hy diens moet doen.**

### 2.2 VERHOUDING KERKARGIEF/FAKULTEIT TEOLOGIE

2.2.1 AKA verbly hom oor 'n groeiende verhouding tussen die verskillende fakulteite van teologie (veral departemente van ekklesiologie) en kerklike argiefbewaarplekke in die land. Hierdie verhouding is vir AKA van belang én ook die Algemene Sinode (Hand 1990, p 624, pt 7).

#### 2.2.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit dat fakulteite van teologie, veral departemente van ekklesiologie, en die kerk se argiefbewaarplekke steeds moet werk aan 'n verhouding wat teologie en kerkargiefdienste sal opgradeer.**

### 2.3 REKORDBEHEER

2.3.1 Ter wille van groter orde in kerkargiefdienste en die opgradering van die administratiewe sy daarvan, besin AKA al 'n geruime tyd oor die belang van rekordbeheer tot op gemeentelike vlak en die kerkregtelike implikasies daarvan.

2.3.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit dat die AKA 'n standpunt oor die kerkregtelike en inligtingkundige implikasies van rekordbeheer in die kerk moet formuleer met verslag aan die ASK of die Algemene Sinode.**

## 2.4 HUWELIKSREGISTER

2.4.1 AKA benadruk weer eens dat die Algemene Sinode (Hand 1986, p 630, pt 6.1) 'n belangrike besluit ivm die registrasie van kerklike huwelike geneem het, nl: "Huwelike wat kerklik bevestig word, moet aangeteken word vir bewaring in die onderskeie argiewe van die sinodes van die Ned Geref Kerk".

2.4.2 Dit blyk dat slegs enkele sinodes hierdie besluit al begin implementeer het. Intussen gaan belangrike inligting oor kerklike huwelike verlore, ook omdat baie gemeentes nie meer aankondigings in die verband maak nie en aankondigingsboeke in die kerkargiefbewaarplek nie sulke inligting weerspieël nie.

Weliswaar bestaan die algemene versoek dat 'n kopie van die huweliksvorm (B1-30) in die kerkargiefbewaarplek geberg moet word, maar dit word in die meeste gevalle deur kerklike huweliksbevestigers geïgnoreer.

2.4.3 AKA handhaaf die siening dat 'n kerklike huwelik deel van 'n erediens is, onder toesig van die besondere ampte en gevolglik behoorlike registrasie verg.

AKA gee steeds ernstige aandag aan die opstel van 'n huweliksregister. Die sinodale gebiede van Wes-Kaap en die Vrystaat dien reeds as proefgebiede vir so 'n praktyk. In die Vrystaat is kerklike huweliksregistrasie reeds die afgelope tien jaar 'n vaste en geordende praktyk.

Dit bly ook 'n vraag hoe 'n huweliksvorm in 'n nuwe staatsbestel daaruit sal sien en watter benadering daar by die bevestiging en registrasie van huwelike sal wees.

2.4.4 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit op die behoorlike registrasie van kerklike huwelike en gekontroleerde argiefbewaring van die betrokke dokumente en versoek die AKA om leiding aan sinodes ivm 'n bevredigende huweliksregistrasievorm en die praktiese hantering daarvan te gee.**

## 2.5 BEGROTING 1995/96

2.5.1 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit op die volgende begroting vir die AKA vir 1995/96:**

| | | Uitgawes | | Inkomste (Algemene Sinode) |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Vergadering AKA en AKA-dagbestuur (Kaapstad) | | | |
| | **Vliegtuigkaartjies** | | | |
| | **AKA** | | | |
| | J'burg - K/std | R 1 480 | | |
| | Durban - K/std | R 1 480 | | |
| | Bfn - K/stad | R 1 230 | | |
| | Windh - K/std | R 1 600 | R 5 790 | |
| | **AKA-dagbestuur** | | | |
| | J'burg - K/std | R 1 480 | | |
| | Bfn - K/std | R 1 230 | R 2 710 | |
| | **Daggeld** | | | |
| | **AKA** | | | |
| | 4 persone x 2 dae @ R165 p/d | | R 1 320 | |
| | **AKA-dagbestuur** | | | |
| | 2 persone x 2 dae @ R165 p/d | | R 660 | |
| | **Reis per motor** (Huis/lugh:retoer) | | | |
| | 4 lede (AKA) | | R 580 | |
| | 2 lede (dagb) | | R 120 | |
| | | | R11 128 | |
| 2. | **Bloemfontein** | | | |
| | Tikwerk | R 1 400 | | |
| | Telefoon | R 400 | | |
| | Kantoorhuur | R 1 340 | | |
| | Skryfbehoeftes | R 680 | | |
| | Fotostate | R 550 | | |
| | Drukwerk | R 650 | R 5 020 | |
| 3. | **Kaapstad** | | | |
| | Personeel | R 7 700 | | |
| | Telefoon | R 325 | | |
| | Kantoorhuur | R 2 950 | | |
| | Bindwerk | R 630 | | |
| | Bindmateriaal | R 1 695 | R13 300 | R29 500 |

# 3. WERKSAAMHEDE

## 3.1 REKENARISERING (KYK OOK 1.3)

Alle kerkargiefbewaarplekke is besig met navorsing oor die beste benutting van die rekenaarwetenskap. Hoewel daar tans ernstige aandag aan die rekenarisering van kerklike registers gegee word en die beste manier om die inligting oor kerklidmate in die kerkargiefbewaarplekke te bewaar, gee AKA ook aandag aan omvattende ontsluiting deur die rekenaar.

AKA neem ook kennis van kundiges se navorsing op die terrein en benut dit graag. Van hulle rekenaarprogramme word reeds deur sinodes en gemeentes benut.

Daarbenewens ondersoek AKA ook die moontlikheid van die inskakeling van kerkargiefbewaarplekke by 'n databasis soos SABINET. Verslag sal ter gelegener tyd gedoen word.

### 3.2 PUBLIKASIE RE ADVIES OOR KERKORDE

AKA het die moontlikheid van so 'n publikasie in samewerking met die verskillende actuarii ernstig oorweeg, maar weens die finansiële implikasies die ideaal laat vaar.

AKA moedig egter actuarii aan om hulle adviese op rekenaar te plaas vir die moontlike wyer benutting in die kerk, veral by die totstandkoming van 'n rekenaarnetwerk, en in elk geval kopieë van hulle adviese by die argiefbewaarplekke in te handig.

### 3.3 ANDER SAKE

Verskeie ander sake is tans op die sakelys van AKA: die bepaling van die logiese bergplekke vir argivalia van sinodes; die bekendstelling van argiefsake; die bevordering van kerklike museums; die kerkregtelike vraag oor die registrasie van dooplidmate in koshuise; aanverwante wetenskaplike organisasies soos die Suid-Afrikaanse Vereniging van Argivarisse en die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van SA; die argiefbewaarplek van die Algemene Sinode; argivalia van kommissies van die Algemene Sinode; kursusse; veldwerk; rasionalisering; begrotings; die evaluering van argivarisposte; leiding aan kleiner argiefbewaarplekke soos in Pietermaritzburg en Windhoek edm.

## 4. ALGEMEEN

### 4.1 PERSONEEL VAN AKA

Die personeel van AKA het in hierdie afgelope reses verander. Behalwe die drie argivarisse in die drie groter kerkargiewe (ds A Strydom : Kaapstad, dr CS Kotzé : Pretoria, dr IL Ferreira : Bloemfontein) dien mev E Raath (Pietermaritzburg) en ds W Moore (Windhoek) ook in AKA. Hulle is onderskeidelik opvolgers van mev L Kriek en ds JA Theron. Ds Moore dien as sekunduslid omdat die Ned Geref Kerk in Namibië nie die pos van argivaris het nie. Hy is voorsitter van die plaaslike sinodale kommissie oa betrokke by argiefsake.

Dr CS Kotzé het ons vroeër vanjaar ontval. Daar word met groot waardering aan sy werk en toewyding gedink. Ons eer sy nagedagtenis.

DS A STRYDOM (Voorsitter)
DR CS KOTZE (Ondervoorsitter) - Intussen oorlede
DR IL FERREIRA (Skriba)

# BYLAE 1: REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE KOMMISSIE VIR ARGIEF

**1. NAAM**

Algemene Kommissie vir Argief (AKA)

**2. SAMESTELLING**

**2.1** Die argivarisse of persone belas met die argiewe van sinodes met die voorsitters van die betrokke sinodale kommissies as sekunduslede.

**2.2** Deskundiges beperk tot 'n maksimum van drie gekoöpteerde persone.

**3. OPDRAG**

Die kommissie

**3.1** adviseer die Algemene Sinode

**3.1.1** in verband met die argiefreglemente en handleidings vir die gebruik deur sinodes;

**3.1.2** met betrekking tot die publisering van belangrike historiese bronne en ander kerkhistoriese publikasies;

**3.2** sien toe dat die stukke van die Algemene Sinode en sy kommissies in die aangewese kerkargiefbewaarplek versorg en ontsluit word.

**4. KONSTITUERING EN VERGADERING**

**4.1** Die kommissie konstitueer en vergader hoogstens drie maal tussen twee vergaderings van die Algemene Sinode.

**4.2** By die konstituering word 'n dagbestuur saamgestel, bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter en skriba.

**4.3** Die kommissie benoem subkommissies volgens behoefte.

# BYLAE 2: ARGIEF- EN MUSEUMREGLEMENT VIR DIE NED GEREF KERK

## 1. ALGEMENE BEGINSELS

1.1 In ooreenstemming met die karakter van die kerk het sy argief- en museumarbeid primêr 'n Skriftuurlik-teologiese grondslag. Daarom is dit eerstens op teologies-wetenskaplike en origens sekulêr-wetenskaplike diens ingestel.

1.2 Hierdie arbeid bou die geheue van die kerk uit en stel die kerk in staat om sy funksies op 'n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse voort te sit. Die bewaarplek huisves gevolglik ook dié skriftelike en ander getuienisse wat hom teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm.

1.3 Die versameling, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal beteken die hantering van getuienisse oor die handelinge van God Drie-enig in en deur sy kerk in 'n bepaalde gebied.

1.4 In hierdie verband beteken argief- en museummateriaal die dokumente of alle ander materiaal wat inligting oor gemeentes, ringe, sinodes en hulle kommissies, sowel as moontlike kerklike inrigtings binne hulle grense, bevat. Dit behels alle inligting deur alle middele oor die kerklike lewe in sy nouste en breedste verband binne 'n bepaalde gebied.

1.5 As sodanig staan die argiefbewaarplek en museum as 'n gesistematiseerde inligtingsbron in diens van die kerk en sy verskillende kennisvelde, met besondere klem op die teologie en meer bepaald die ekklesiologie. Dit dien uiteraard, vanweë sy ryke inligting, ook ander wetenskappe, beantwoord as akademiese instansie amptelike en akademiese navrae en gee, waar nodig, aan navorsers voorligting in die metodiek van navorsing en geskiedskrywing.

## 2. PRAKTIESE IMPLEMENTERING

### 2.1 ALGEMEEN

Vir doelmatige argief- en museumdienste het kerkrade, ringe, sinodes en ander argief- en museumlewerende instansies die volgende verantwoordelikhede:

2.1.1 die voorsiening van verstaanbare, noukeurige en taalkundig goedversorgde en gedokumenteerde inligting, sowel as die gevraagde museummateriaal;

2.1.2 die gebruikmaking van netjiese en leesbare skrif in 'n ink wat nie maklik verbleik of uitgewis kan word nie;

2.1.3 goeie tikwerk met 'n helder swart tiklint;

2.1.4 goeie rekenaaruitdrukke met letterkwaliteit;

2.1.5 die gebruik van duursame papier, verkieslik van A4-formaat, 85 gram of meer per vk meter;

2.1.6 tik- of skryf- of druk- of kopieerwerk verkieslik op albei kante van die papier met 'n oop ruimte van ongeveer 3 cm aan weerskante van die teks;

2.1.7 die volledige datering, ondertekening en/of parafering en stempel van alle dokumente soos, wanneer en waar wetenskaplike en gemeenregtelike argiefbeginsels dit vereis;

2.1.8 die inagneming van die noodsaaklikheid van ruimtebesparing in die argief deur die stelselmatige vernietiging van efemere materiaal soos deur die verskillende sinodes of hulle betrokke kommissies bepaal;

2.1.9 die inlewering van argief- en museummateriaal by die betrokke sinodale bewaarplek onder die dekking van 'n behoorlike inventaris.

### 2.2 DIE KERKRAAD

Elke kerkraad benoem 'n argiefkommissie waarvan die skriba-kassier of skriba of saakgelastigde ampshalwe lid is en wat moet toesien dat:

2.2.1 die gemeente oor 'n doeltreffende en wetenskaplike argiefstelsel beskik, waarby ingesluit is 'n doelmatige lêersisteem, asook die nodige geriewe daarvoor;

2.2.2 daar aan al die kerklike, juridiese, argivaliese en museumkundige vereistes vir die betrokke materiaal en dienste voldoen word;

2.2.3 die handelinge van die kerkraad, sy kommissies, diensaksies en ander gemeentelike vergaderings in 'n behoorlike goed versorgde en argivalies aanvaarbare notuleboek of notulelêer aangeteken en die betrokke bylaes daarby gevoeg word;

2.2.4 museummateriaal versamel en versorg word;

2.2.5 dooplidmate-, lidmate- en huweliksregister op datum gehou en versorg word;

2.2.6 alle ander belangrike argiewe, bv konsistorieboeke, aankondigingboeke, duplikate van uitgaande briewe en die oorspronklike inkomende briewe, behoorlik versorg word;

2.2.7 regstellings, wysigings of versuimde inskrywings in die registers korrek aangebring word nadat die aansoeke met die nodige bewysstukke, deur die kerkraad en ring/ringskommissie goedgekeur is;

2.2.8 gemeentelike verslae volgens die kerklike bepalings opgestel en op die bestemde tyd aan die ring besorg word;

2.2.9 sorgvuldig gekontroleerde, gekorrigeerde, geparafeerde en ondertekende afskrifte van die dooplidmate en lidmateregisters en ook die oorspronklike kerklike

huweliksregister op bepaalde tye op voorgeskrewe blaaie aangebring en via die ring na die sinodale argiefbewaarplek gestuur word;

**2.2.10** alle argiefmateriaal en museummateriaal waartoe ooreengekom is, vir veilige bewaring, versorging en oordeelkundige gebruik deur navorsers aan die sinodale argiefbewaarplek toevertrou word;

**2.2.11** alle stukke wat deur die ring/ringskommissie vir verbetering/aanvulling/vervanging na gemeentes terugverwys is binne vier weke na die vergadering in die verlangde toestand aan die ringskriba besorg word;

**2.2.12** skriftelike en mondelinge oorkondes wat 'n bydrae kan lewer tot die getuienis van die handelinge van God in sy kerk, bewaar en aan die sinodale argiefbewaarplek besorg word.

## 2.3 RING

Die ring benoem 'n argiefkommissie, waarin die ringskriba ampshalwe sitting het, en wat moet toesien dat:

**2.3.1** die ring oor 'n doeltreffende en wetenskaplike argiefstelsel beskik waarby ingesluit is afskrifte van die ring se notule, stukke ivm die ring se administrasiefonds, ringskommissienotules en 'n doelmatige lêersisteem, asook die nodige geriewe daarvoor;

**2.3.2** daar aan al die kerklike, juridiese en argivaliese vereistes vir dokumentêre materiaal voldoen word, waarby die nasien van die afskrifte van dooplidmate- en lidmateregisters, wat voor elke ringsitting van die betrokke ringsgemeentes ontvang word, ingesluit word;

**2.3.3** binne twee maande na elke ringsitting die oorspronklike handelinge van die vergadering, asook alle bylaes en alle verslae en gemeentelike stukke wat voor die ring gedien het onder dekking van die voorgeskrewe inventarisvorm aan die betrokke sinodale argiefbewaarplek gestuur word;

**2.3.4** die notule en korrespondensie van alle ringskommissies, wat nie meer vir onmiddellike naslaan benodig word nie, aan die sinodale argiefbewaarplek gestuur word;

**2.3.5** alle stukke wat vir verbetering/aanvulling/vervanging terugverwys is, so gou moontlik na ontvangs en noukeurige kontrole deur die ringskommissie aan die betrokke argiefbewaarplek gestuur word;

**2.3.6** die ring/ringskommissie elke aansoek om regstelling/wysiging/laat inskrywing in 'n register noukeurig nagaan, alvorens dit goedgekeur en aan die betrokke argivaris gestuur word;

**2.3.7** alle argiefmateriaal, insluitende korrespondensie, van tyd tot tyd aan die betrokke argivaris gestuur word;

**2.3.8** die argiewe van die gasheergemeente by ringsittings nagegaan word;

**2.3.9** in samewerking met die sinodale argivaris aan kerkraadsargiefkommissies leiding gegee word met betrekking tot die ordening, instandhouding, bewaring en uitbouing van die gemeenteargief, die vernietiging van efemere stukke, die inlewering van gemeentelike argivalia by die sinodale argiefbewaarplek en alle ander verpligtinge;

**2.3.10** die ringskriba behoorlik ingelig is oor sy verpligtinge soos beliggaam in die argiefreglement;

**2.3.11** handtekeninge onder aan notules en verslae volledig is en 'n duidelike eenheid met die notule en verslae vorm;

**2.3.12** die oorspronklike verslae na die argiefbewaarplek gestuur word;

**2.3.13** volledige verduidelikings verstrek word waar verslae en ander dokumente nie volledig onderteken kon word nie;

**2.3.14** alle verslae by die ringskriba vir ordening en versending na die argiefbewaarplek ingelewer word;

**2.3.15** alle verslae en notules duidelike en volledige opskrifte het met vermelding van die naam van die betrokke sinodale gebied, ring, gemeente, kommissie, diensaksies edm en datum van vergadering en/of verslag;

**2.3.16** ringsnotules korrek en deurlopend genumereer word;

**2.3.17** ringstukke vir die argiefbewaarplek die volgorde van die inventaris gebruik;

**2.3.18** die nodige besonderhede oor die ring jaarliks aan die samesteller van die Jaarboek gestuur word;

**2.3.19** 'n besluiteregister tydens die ringsvergadering opgestel word;

**2.3.20** 'n indeks op ringsbesluite bygehou word.

## 2.4. DIE SINODE

### 2.4.1 Die Argiefkommissie

Die sinode benoem 'n argiefkommissie, waarvan die argivaris ampshalwe lid en skriba is. Die argiefkommissie en sy subkommissies het reg van koöpsie en is, aan die hand van sy eie omstandighede en behoeftes, belas met:

**2.4.1.1** die nodige advies aan die betrokke sinode vir die voorsiening van 'n doelmatige argiefbewaarplek en moontlike museumdiens en toereikende personeel;

**2.4.1.2** die nodige leiding aan die sinode insake die versameling, versorging, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal; en implementering en benutting van die rekenaar in die verband;

**2.4.1.3** reëlings om argief- en museummateriaal van kerkrade, ringe, sinodes, kerklike kommissies en

-inrigtings vir bewaring in die sinodale argiefbewaarplek te versamel en te bewaar;

2.4.1.4 die verkryging van belangrike teologiese (veral kerkhistoriese) geskrifte/publikasies vir die argiefbewaarplek, ook by wyse van afskrifte/afdrukke/ kopieë daarvan;

2.4.1.5 die toesig oor die werk van die argivaris, as uitvoerende beampte, én die argiefpersoneel;

2.4.1.6 die opstel van 'n verslag oor die werk in die argiefbewaarplek aan elke vergadering van die sinodale argiefkommissie, sinodale kommissie en sinode, plus 'n begroting van inkomstes en uitgawes aan die betrokke kommissies en sinode;

2.4.1.7 die finale beslissing oor die moontlike vernietiging van efemere stukke;

2.4.1.8 die oorweging en publiseer van belangrike kerkhistoriese en ander materiaal;

2.4.1.9 die opstel van 'n In Memoriamverslag indien die sinode dit verlang.

**2.4.2 Die argivaris**

Die sinode of betrokke sinodale kommissie benoem 'n argivaris wat:

2.4.2.1 as predikant in sinodale diens koördinerende en uitvoerende amptenaar in die argiefbewaarplek en museum, en verkieslik onderleg in die ekklesiologie, moet wees;

2.4.2.2 alle dienste op sy terrein op 'n deeglike en wetenskaplike wyse uitbou;

2.4.2.3 alle take ivm versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasies vervul, met die verantwoordelikheid of reg om:

*1 kerkrade, ringe, die sinode(s) en kerklike kommissies argief- en museumbewus te maak en op die inlewering van die betrokke materiaal by die betrokke sinodale argiefbewaarplek aan te dring;

*2 aan te dring op die vervanging en/of verbetering van argiefmateriaal wat nie aan die voorskrifte van hierdie reglement en/of aan die algemeen aanvaarde argiefvereistes voldoen nie;

*3 aanwinste sover moontlik skriftelik te erken;

*4 sover moontlik alle beskadigde stukke vakkundig te laat herstel;

*5 mettertyd alle argiefmateriaal volgens 'n aanvaarde beginsel te laat inbind;

*6 toe te sien dat alle bande, bundels, lêers en ander argiefstukke en museummateriaal stelselmatig genumereer en op inventaris geplaas word;

*7 toe te sien dat die nodige vindmiddels vir alle argiefstukke en museummateriaal opgestel word;

*8 teen nasoekgelde uittreksels uit argiefstukke te voorsien;

*9 volgens eie diskresie argiefstukke vir navorsing en/of kopiëring beskikbaar te stel en doeltreffende kontrole uit te oefen;

*10 leiding te gee met betrekking tot die metodiek van navorsing en kerkgeskiedskrywing;

*11 die noodsaaklikheid van die versigtige hantering van argiefstukke by navorsers tuis te bring;

*12 met diskresie toe te sien dat argief- en museummateriaal nie uit die argiefbewaarplek gaan nie;

*13 aan versoeke ivm kerkhistoriese publikasies - as diens aan die teologiese wetenskap en middel tot getuienis oor God se dade - binne 'n redelike tyd gevolg te gee.

2.4.2.4 Sinodes wat nie regstreeks by 'n fakulteit van teologie betrokke is nie, benoem 'n argivaris wat 'n vakkundige op die terrein van die argiefwetenskap moet wees en grondige kennis van die kerklike opset moet hê, maar nie 'n predikant hoef te wees nie.

2.4.2.5 Die argivaris word as predikant by die betrokke sinode(s) se pensioen- en mediese fonds ingeskakel. Nie-predikante wat argivarisse is, mag ook by pensioen- en mediese skemas ingeskakel word.

2.4.2.6 Hy lewer aan elke gewone vergadering van die sinodale argiefkommissie oor sy werk verslag.

2.4.2.7 Hy woon binne sy eie ressort sinodale vergaderinge met adviserende stem by.

2.4.2.8 Hy moet student op sy arbeidsterrein bly en die nodige indiensopleiding in sy departement behartig of reël en beheer.

2.4.2.9 Hy pas rekordbeheer binne die sinodale ressort(te), met inbegrip van beskikkingsmagtiging oor alle argivalia binne sy bedieningsgebied(e), toe.

2.4.2.10 Hy gee deur sporadiese besoeke of werkswinkels in die argiefbewaarplek aan predikante, die betrokke gemeentelike amptenare en kerkraadskommissies, buite of binne ringsverband, leiding met betrekking tot die kerklike argief- en museumwetenskap.

**2.4.3 Moderature, sinodale kommmissies en ander kerklike instansies**

2.4.3.1 Moderatuurslede, skribas van alle sinodale kommissies, sinodale amptenare wat verantwoordelikheid beklee by diensaksies, verenigings, inrigtings, institute, byeenkomste, maatskappye, trusts, pensioenfondse, skemas, kerkkantore, rade edm moet van tyd tot tyd ingevolge beskikkingsmagtiging en met eerbiediging van

die argiefvereistes soos in hierdie reglement gestel, alle argivalia en gevraagde museummateriaal by die argiefbewaarplek inlewer of daarmee handel soos onderling met die argivaris ooreengekom. Dit behels behoorlike ondertekende, geparafeerde, gedateerde en genumereerde agendas, notules en bylaes, stelselmatig en argivalies korrek geliasseerde korrespondensie, aktes, registers, finansiële stukke, alle stukke wat betrekking het op die interne funksionering en kronologie van werksaamhede, statistiek en gegewens, manuskripte, aantekeninge edm.

**2.4.3.2** Die skriba van 'n sinode én die aktuarius het die verantwoordelikheid om so gou moontlik na elke sinodale vergadering die gepubliseerde (of gefotokopieerde) agenda, notule en kerkorde aan elke sinodale argiefbewaarplek binne die Ned Geref kerkverband vir bewaring en navorsing te besorg. Waar sinodale bewaarplekke ontbrekende stukke aanvra, moet die skriba/aktuarius dadelik in die aanvraag voorsien.

# 3. REGISTERS - PAPIERWERK

### 3.1 ALGEMEEN

**3.1.1** Gegewens moet deeglik nagegaan word voordat 'n inskrywing in enige register gemaak word.

**3.1.2** Die name en vanne van persone en die name van gemeentes moet volledig en korrek verstrek word. Afkortings soos BFN vir Bloemfontein en PE vir Port Elizabeth, en populêr-gebruikte maar nie-amptelike name soos "Groote Kerk " vir Kaapstad en "Bosmanstraatkerk" vir Pretoria is ontoelaatbaar. Die korrekte name verskyn in die kerk se Jaarboek.

**3.1.3** Ten einde die juiste geboortedatum en die spelling van name vir inskrywing in die register te verseker, moet die ouer(s) by die aanmelding vir die doop die dokument toon wat by die registrasie van die kind se geboorte uitgereik is. Ongeregistreerde dooplidmate moet voor belydenisaflegging 'n doopseel inlewer.

**3.1.4** Datums word volgens die agtsyferstelsel en in die orde van die dag, maand, jaar geskryf, bv 3 April 1978 as 03.04.1978 en 15 November 1977 as 15.11.1977.

**3.1.5** Geen herhalingstekens soos "do" of "ditto" is toelaatbaar nie.

**3.1.6** Inskrywings geskied in alfabetiese orde. Vanne soos Van der Merwe en Van Rensburg kom onder die letter V, maar 'n van soos Janse(n) van Rensburg, waar die Janse(n) 'n deel van die van uitmaak en die betrokke persoon dit self so gebruik, kom onder J.

**3.1.7** Inskrywings moet genommer word.

**3.1.8** Ter wille van ruimtebesparing word daar normaalweg geen reël tussen twee inskrywings in die dooplidmate- of lidmateregister oopgelaat nie. Hoogstens mag daar tussen registrasies wat met verskillende letters van die alfabet begin, 'n reël oopgelaat word.

Om dieselfde rede begin die inskrywings van elke volgende nuwe jaar of termyn nie telkens op 'n nuwe bladsy nie, maar hulle word slegs deur die ooplaat van 'n reël, met of sonder die toevoeging van die jaartal, aangedui of geskei.

#### 3.1.9 Opmerkingskolom

**3.1.9.1** Inligting wat in die opmerkingskolom van die dooplidmateregister verstrek word, moet verklarend wees ten opsigte van buitengewone omstandighede wat die kerkregtelike posisie van die doopouers, dopeling of bedienaar van die doop raak, of wat op die wese en implikasie van die sakrament betrekking het.

Waar die vader of moeder bv nie 'n belydende lidmaat van 'n gemeente is nie, of om 'n ander rede nie by die doop teenwoordig is nie, moet die dooplidmateregister dit aandui dat die betrokke ouer nie die doopbelofte afgelê het nie. In so 'n geval word met die opmerking "vader/moeder lê alleen belofte af" volstaan.

Waar by 'n registerinskrywing addisionele inligting van nut kan wees, mag dit in die opmerkingskolom aangeteken word, selfs al maak die reglement nie spesifiek daarvoor voorsiening nie, hoewel die gestelde riglyn hierbo en in 3.1.9.2 eerbiedig moet word.

**3.1.9.2** As algemene reël geld dat niks vermeld mag word wat lasterlik is of 'n stigma dra nie. Opmerkings soos "buite-egtelik", "vader onbekend" of "enkelouer" is heeltemal ontoelaatbaar.

**3.1.9.3 Dooplidmateregister**
In die geval van iemand tydens belydenis gedoop, deur doopouers aangeneem of na ouderdom 7 gedoop, word slegs na die betrokke bepaling in die KO verwys.

**3.1.9.4 Lidmateregister**
Waar die kerkraad tevrede is dat 'n lidmaatsertifikaat onopspoorbaar is en die lidmaat 'n verklaring ingedien het, word in die opmerkingskolom aangeteken: "verklaring ingedien, kerkraadsbesluit .... (datum)".

#### 3.1.10 Wysiging en/of aanvulling

**3.1.10.1** Rektifikasie beteken om 'n fout in die register bv JOHANNIS tot JOHANNES of 20 April tot 21 April reg te stel.

Naamsverandering beteken om 'n bepaalde voornaam of van bv PETRUS deur HERMANUS of CONRADIE deur NIENABER, soos dikwels by aanneming gebeur, te vervang.

Versuimde registrasie moet reggestel word deur die aanbring van versuimde inligting in die betrokke registers.

**3.1.10.2** Aansoeke ivm rektifikasie word in tweevoud op die voorgeskrewe vorms en met die nodige bewysstukke/ stawende dokumente ingedien by die kerkraad van die gemeente waar die doop plaasgevind het, of in die geval van lidmaatskap, by die kerkraad van die gemeente waar die inskrywing versuim of foutief is of, wanneer die oorspronklike inskrywing nie opgespoor kan word nie, waar die lidmaat tans aangeteken is.

3.1.10.3 Ten opsigte van 'n regstelling en naamsverandering is die vereiste bewysstukke/ stawende dokumente oa 'n identiteitsdokument. Vir 'n versuimde inskrywing moet skriftelike verklarings verkry word van twee betroubare en ongesensureerde lidmate, doopouers uitgesluit, dat die betrokke persoon wel gedoop is of belydenis afgelê het, plus 'n doop- of lidmaatskapkaart/boekie of 'n foto van die gebeurtenis, indien beskikbaar.

'n Skriftelike verklaring deur die leraar wat die doop waargeneem het, vergesel van 'n afdruk van die betrokke bladsy in die doopkladboekie, kan in die geval van 'n versuimde doopinskrywing in plaas van bg verklaring ingelewer word. In die geval van versuimde lidmaatinskrywing is 'n verklaring deur die betrokke leraar plus die lidmaatkaart, in plaas van die verklarings, aanvaarbaar.

3.1.10.4 Nadat die kerkraad die aansoek in 'n wettig gekonstitueerde vergadering nagegaan en goedgekeur het, word dit én die bewysstukke met 'n aanbeveling na die ring/ringskommissie verwys, en na goedkeuring, een van die vorms na die betrokke kerkraad en die ander een, saam met die bewysstukke, by die argivaris ingedien.

3.1.10.5 Die skriba van die kerkraad bring die goedgekeurde wysiging in die oorspronklike register aan en die argivaris sien toe dat dit in die afskrifte in die sinodale argiefbewaarplek gebeur.

3.1.10.6 Geen skrapping in die register is toelaatbaar nie, maar die juiste besonderhede word met rooi (kyk pt 2.1.2) bo die foutiewe gegewens, wat in alle gevalle met rooi onderstreep word, ingeskryf. In die opmerkingskolom word daar, ook met rooi aangeteken: "Ringskommissie (naam) goedgekeur (datum)". Die amptenaar wat die wysiging aanbring, parafeer dit met vermelding van sy amp.

3.1.10.7 By versuimde registrasie word na goedkeuring die inskrywing in die register van die lopende jaar gedoen met die verduidelikende opmerking daarby ("vers. registrasie") asook 'n verwysingsnota in die register by die jaar waar die inskrywing moes plaasgevind het.

3.1.10.8 'n Skryffout wat in die lopende jaar begaan is of enige ander geval waar rektifikasie nodig is, moet direk reggestel en deur die skriba/registerhouer geparafeer word. In die afskrifte word die korrekte besonderhede dan sonder meer oorgeskryf.

## 3.2 DIE DOOPLIDMATEREGISTER

### 3.2.1 Voornaam en Van

3.2.1.1 Die dopeling word geregistreer onder die van soos dit op sy/haar identiteitsdokument verskyn.

3.2.1.2 Die dopeling se van word eerste ingeskryf en daarna die volledige voorname.

3.2.1.3 Slegs die moeder se nooiensvan word saam met haar volle voorname ingeskryf en nie haar getroude van nie, maar as haar nooiensvan en haar getroude van dieselfde is, word "geb" duidelikheidshalwe na haar van geskryf, bv "Dippenaar (geb Dippenaar)".

3.2.1.4 Alle voorname van ouers en dopelinge word voluit geskrywe.

### 3.2.2 Buite-egtelike kind

3.2.2.1 Die dopeling word langs die gewone weg geregistreer.

3.2.2.2 Slegs die nooiensvan en voornaam van die moeder word ingeskryf. Indien dit 'n weduwee of geskeide vrou is, word haar getroude van in hakies langsaan aangebring, bv "(nou Nel)". Die reël vir die vader se naam word oopgelaat.

### 3.2.3 Aangenome kind

3.2.3.1 Waar 'n dopeling voor die doopbediening aangeneem is, word die dopeling onder die van van die aannemende ouers ingeskryf, terwyl die name van die aannemende ouers voluit in die ouerkolom verskyn.

3.2.3.2 Indien die kind na die doopbediening aangeneem word en hy/sy dus 'n ander van kry, word die voorgeskrewe weg vir rektifikasie gevolg. Onder geen omstandighede mag die name van die oorspronklike ouer(s) geskrap word nie. In die opmerkingskolom word die nommer van die kerklike bepaling waarvolgens gehandel is, aangedui (kyk pt 3.2.5.2). Ter wille van die alfabetiese orde moet 'n verwysing in rooi van die nuwe van na die ou van in die betrokke register gemaak word, bv V D MERWE, JOHANNES kyk by JOOSTE, JOHANNES. By die uitreiking van 'n doopseel word die volle name van die aannemende ouers sonder meer ingevul.

### 3.2.4 Volwassenedoop

3.2.4.1 In die geval van 'n volwassene wat gedoop word, word die name van die ouers voluit geskryf.

3.2.4.2 Die doopinskrywing van 'n getroude vrou geskied onder haar nooiensvan met die huidige van tussen hakies, bv "(nou Nel)".

3.2.4.3 Indien die name van die ouers nie bekend is nie, word daar in die ouerkolom geskryf/getik "name nie beskikbaar nie".

3.2.4.4 Waar die volwassene by doop belydenis aflê, word in die opmerkingskolom aangeteken: "belydenisaflegging (datum)".

### 3.2.5 By hertroue

3.2.5.1 In die geval waar 'n weduwee of geskeide vrou weer trou en die kinders uit die vorige huwelik nog gedoop moet word, word die kinders geregistreer onder naam van die natuurlike (biologiese) vader, met die opmerking "oorlede op...." of "geskei op...." wat die geval mag wees, én die moeder se naam en nooiensvan.

3.2.5.2 Alleen indien die huidige vader langs geregtelike weë die kinders op sy naam laat oorplaas het, maw wettiglik aangeneem het, kan die kinders by die doop onder sy naam geregistreer word. In so 'n geval moet die dokumentêre bewys aan die betrokke kerkraad voorgelê word.

3.2.5.3 Indien so 'n aanneming eers na doop plaasvind, moet langs die voorgeskrewe weg aansoek om naamsverandering in die dooplidmateregister gedoen word (kyk pt 3.2.3.2).

**3.2.6 Doopgetuies**

3.2.6.1 Die inskrywing van die name van doopgetuies word ontmoedig omdat dit eintlik geen kerklike doel dien nie.

3.2.6.2 Minstens die eerste naam van die doopgetuie word voluit geskryf. Die nooiensvan van die vrou word ingeskryf met haar getroude van in hakies.

3.2.6.3 Die name van getuies wat as doopouers optree, kom voluit in die doopgetuiekolom. Dit gebeur egter slegs wanneer die ouers nie self die dopeling ten doop kan bring nie. Sulke gevalle moet hoogs uitsonderlik wees en deur die kerkraad goedgekeur word. Die name van die wettige ouers word normaalweg in die ouerkolom geskryf met die opmerking: "Doopgetuies lê belofte af, kerkraadsbesluit..... (datum)".

**3.2.7 Doop in 'n ander gemeente**

In die geval waar met toestemming van die plaaslike kerkraad die doop in 'n ander gemeente bedien word, registreer die skriba/saakgelastigde die doop normaalweg in die dooplidmateregister, maar reik gelyktydig 'n bewys van dooplidmaatskap uit wat aan die gemeente waar die dopeling woonagtig is, gestuur word vir registrasie in dié gemeente se dooplidmateregister. Die skriba/saakgelastigde wat die dooplidmaatskap oorplaas, skryf in die opmerkingskolom: "Dooplidmaatskap oorgeplaas na .... op ...(datum).

**3.2.8 Vertrek na 'n ander gemeente**

Wanneer 'n dooplidmaat met of sonder sy/haar ouers na 'n ander gemeente vertrek, reik die skriba 'n bewys van dooplidmaatskap uit wat in die nuwe gemeente ontvang, afgelees en in die dooplidmateregister ingeskryf word. Die geboortedatum en datum van doop en die naam van die leraar wat die doop waargeneem het, moet ook op die uitgereikte dooplidmaatskap verskyn.

**3.3 DIE LIDMATEREGISTER**

**3.3.1 Aflegging van Geloofsbelydenis**

3.3.1.1 Die datum van belydenisaflegging en die geboortedatum van die lidmaat word in die betrokke kolom ingeskryf. Wanneer die lidmaat na 'n ander gemeente vertrek, moet die geboortedatum op die uitgereikte attestaat/lidmaatbewys verskyn.

3.3.1.2 Wanneer 'n vrou belydenis aflê, word dit onder haar nooiensvan in die register aangeteken en die van behou sy deurgaans in lidmateregisters aan hoeveel gemeentes sy daarna ook al mag behoort en hoeveel male sy ook al mag trou. Dit kan alleen verander word as sy haar nooiensvan wettig laat verander en dan ook aansoek doen om rektifikasie in die lidmateregister. Waar 'n vrou uit 'n ander gemeente of kerk kom en haar getroude van verskyn op die lidmaatbewys/attestaat/verklaring, moet sy nogtans onder haar nooiensvan aangeteken word. Telkens word haar geldende getroude van in hakies bygevoeg, bv "(nou Odendaal)".

**3.3.2 Oorgekom/vertrek**

3.3.2.1 In die geval van 'n lidmaat wat by wyse van attestaat of lidmaatbewys uit 'n ander gemeente kom, word die naam van die betrokke gemeente in die regte kolom ingeskryf. Die datum waarop die naam van die lidmaat in die erediens afgelees word/op aankondigings verskyn, word in die register as datum van aankoms aangeteken.

3.3.2.2 In die geval van 'n vertrekkende lidmaat word die datum wanneer en die gemeente waarheen hy vertrek, in die betrokke kolom ingeskryf op die plek waar die naam oorspronklik in die register ingeskryf is.

3.3.2.3 Waar 'n persoon uit 'n ander kerk of sekte oorkom en na die voorgeskrewe prosedure lidmaat van die gemeente word, word die korrekte naam van die vorige kerk of sekte in die kolom VAN WAAR geskryf en in die opmerkingskolom die verwysing na die betrokke bepaling van die Kerkorde waarvolgens gehandel is en die datum van die kerkraadsbesluit aangeteken. Waar so 'n persoon belydenis van geloof moet aflê, kan dit 'n nuttige doel dien om ook die naam van die kerk of sekte van waar hy/sy kom in die opmerkingskolom aan te teken: "Van ......".

3.3.2.4 Waar 'n getroude vrou by wyse van attestaat of bewys van lidmaatskap oorkom, word haar name en nooiensvan soos dit op die attestaat/bewys van lidmaatskap voorkom, in die register geskryf. Waar 'n getroude vrou uit een van die susterskerke na 'n Ned Geref gemeente oorkom, word haar nooiensvan en name aangeteken soos dit op die ingelewerde sertifikaat verskyn. Die huidige van word tussen hakies geskryf.

3.3.2.5 Aangesien 'n predikant se akte van demissie ook sy attestaat is, word sy bevestigingsdatum as die datum van sy oorkoms aangeteken.

3.3.2.6 Wanneer 'n persoon te sterwe kom, moet dit teen sy/haar naam in die opmerkingskolom aangeteken word, met kennisgewing aan die sinodale argiefbewaarplek.

**3.3.3 Verlies lidmaatskap en herregistrasie**

3.3.3.1 Indien verlies van lidmaatskap gedurende die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word in die opmerkingskolom aangeteken: "Lidmaatskap verval, Kerkraadsbesluit .. (datum)".

**3.3.3.2** Indien verlies van lidmaatskap buite die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word dit by die oorspronklike inskrywing in die opmerkingskolom met verwysing na die kerkraadsnotule en datum aangeteken. Met vermelding van die naam, jaar van inskrywing en kerkraadsnotuledatum, word die saak per brief aan die argivaris oorgedra vir aantekening in die registerafskrif.

**3.3.3.3** As die naam van die kerk of sekte waarheen die persoon oorgegaan het, bekend is, moet dit ook in die opmerkingskolom aangeteken word.

**3.3.3.4** Wanneer so 'n persoon weer lidmaat word, sy dit by wyse van belydenisaflegging of oorkoms, word hy/sy met verwysing na die betrokke KO-artikel in die opmerkingskolom, opnuut ingeskryf.

**3.3.3.5** Waar 'n persoon 'n gemeente verlaat sonder om by 'n ander kerk of sekte aan te sluit, en dan weer na berou na die kerk terugkeer, moet hy/sy weer belydenis van geloof aflê en dit so in die register aangeteken word. By verlating word in die opmerkingskolom aangeteken: "Lidmaatskap verval".

**3.4 HUWELIKSREGISTER**

**3.4.1** In elke gemeente word die huwelike wat daar bevestig word in 'n huweliksregister aangeteken.

**3.4.2** Sulke registers word sover moontlik ook deur die kerkraad se argiefkommissie gekontroleer en kom jaarliks via die ring, net soos in die geval van ander registers, na die sinodale argiefbewaarplek.

**3.5 REGISTERAFSKRIFTE**

**3.5.1** Alle afskrifte moet 'n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike registerinskrywings wees. As 'n register egter gebrekkig aangelê is, beteken dit nie dat die gebreke in die afskrifte herhaal moet word nie. Die gegewens in die register moet maw in hulle korrekte vorm oorgeskryf of -getik word. Die argiefkommissie van die kerkraad moet die afskrifte nagaan:

**3.5.1.1** deur al die besonderhede in die dooplidmateregister met dié in die doopkladboek te vergelyk;

**3.5.1.2** deur die name in die lidmateregister met die attestate/ bewyse van lidmaatskap en die lys van name van persone wat belydenis afgelê het, te vergelyk;

**3.5.1.3** deur die teenblaaie van die lidmaatsertifikaatboek en attestaatboek met die lidmateregister te vergelyk;

**3.5.1.4** deur die besonderhede in die afskrifte noukeurig met die in die register te vergelyk.

Die parafering en handtekening van die kommissie beteken dat die afskrifte nagegaan, waar nodig gekorrigeer en uiteindelik as korrek gesertifiseer is. Alle wysigings moet ook geparafeer word.

**3.5.2** Op die voorblad verskyn slegs die naam van die gemeente en die tydperk waaroor die afskrifte strek. Die naam van die gemeente en die jaartal word verder op elke bladsy aangedui.

**3.5.3** Lê die binneblaaie soos 'n boek oop. Begin met die inskrywings op die agterkant van die eerste blad en gaan dan voort soos dit in die register voorkom. Nommer die bladsy so dat wanneer die "boek" oop lê, die registrasieruimte op elkeen van die twee velle dieselfde nommer kry.

**3.5.4** Daar mag geen bladsy tussenin oopgelaat word nie. Moet dus nie elke letter van die alfabet op 'n nuwe bladsy begin nie. Hoogstens mag daar tussen die name wat met verskillende letters van die alfabet begin, 'n reël oopgelaat word.

**3.5.5** Geen gewone regstelling mag bo-oor 'n skryffout van die registerhouer aangebring word nie. Die fout moet met rooi onderstreep en die regstelling in rooi daarbo ingeskryf word. Alle regstellings word geparafeer. **LW:** 'n Gewone regstelling of korreksie is geen wysiging of rektifikasie nie.

**3.5.6** Op die laaste bladsy van die afskrifte en net onder die laaste inskrywing sertifiseer die argiefkommissie van die kerkraad dat die afskrifte 'n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike register is. Elke binnebladsy word ook regs onder deur die kommissie klein en netjies geparafeer.

**3.5.7** Voltooide afskrifte moet nie opgerol of gevou word nie en word in 'n groot koevert aan die ring se argiefkommissie besorg.

**3.5.8** Die ringsargiefkommissie moet 'n maand of meer voor die ringsitting vergader om al die afskrifte na te gaan. Dan kan in gevalle waar dit nie in orde is nie, die afskrifte vir korreksie aan die kerkrade teruggestuur word sodat dit by die ringsvergadering reeds in orde is.

**3.5.9** Die kerkraadsargiefkommissie moet toesien dat alle stukkke wat deur die meerdere vergaderings vir verbetering/aanvulling/vervanging na hulle kerkraad terugverwys is, **binne vier weke** na afloop van die betrokke ringsvergadering in die verlangde toestand aan die ringskriba terugbesorg word.

**3.5.10** Waar die argief- en museummateriaal van die gasheergemeente by 'n ringsitting nagegaan word, moet die ringsargiefkommissie veral aan die volgende materiaal aandag gee: notules (kerkraad, -kommissies, gemeentelike aksies); verslae van kerkraadskommissies; dooplidmate- en lidmateregisters; attestate en lidmaatbewyse; teenblaaie van attestate/lidmaatbewyse en doopseels uitgereik; huweliksregisters; konsistorieboeke; kerkraadsregisters; aankondigingboeke; verlofregister; korrespondensie; liassering; foto's; plakboeke; fotoalbums; museumuitstallings edm.

## 4. REGISTERS-REKENAAR

**4.1** Wat rekenarisering betref, moet gemeentes die leiding van die Kommissie vir Argief (of betrokke kommissie) inwag.

# A.9 ALGEMENE KOMITEE VROUEDIENS

Broer voorsitter

Ons ag dit 'n voorreg om die volgende aan u voor te hou:

## 1. INLEIDING

1.1 U as afgevaardigdes na die Sinode verteenwoordig ook die ongeveer 429 475 vrouelidmate uit die 1 267 gemeentes van 159 ringe van die NG Kerk, en u is hier om namens ons die Here se leiding te soek, en oor Koninkrykswerk te besin.

1.2 Ons as gelowige vroue maak saam met u deel uit van die liggaam van Christus en funksioneer as 'n eenheid. Tog is daar 'n besondere uniekheid verbonde aan ons funksionering, alleen maar toe te skryf aan die eie aard en samestelling van die vrou.

1.3 Uit hierdie andersheid van die vrou, het die verskillende strukture ontwikkel waarvolgens die Vrouediens in die kerk funksioneer. Dit het ontstaan **uit die behoefte** om georganiseerd en volgens eie aard diens te lewer en op gemeentelike, rings- en sinodale vlak en wyer gemeenskap met gelowiges te beoefen.

1.4 Vandag is ons hier voor u met 'n nuwe AKV-Reglement en Riglyne vir die Vrouediens. Ons glo dat dit die behoeftes van die vrou op 'n nuwe wyse aanspreek.

Uit die nuwe visie in hierdie AKV-Reglement en Riglyne vir die Vrouediens, blyk die volgende:

1.4.1 Die Vrouediens is nie 'n vereniging met 'n selfstandige gesagstruktuur naas die kerk nie, maar wil slegs dien as struktuur vir die organisering van vrouelidmate met eiesoortige behoeftes, onder leiding van kerkraad, ring en sinode.

1.4.2 Die bestaansreg van die AKV word in die "OPDRAG" van die Reglement gedefinieer, en gee veral aandag aan Besinning, Studie, Stimulering en Skakeling.

1.4.3 Dit is en bly ons hoogste prioriteit om die vrywillige dienswerk van vrouelidmate so aan te pas, dat mans- en vrouelidmate SAAM in die kerk van die Here diensbaar kan wees.

## 2. SAMESTELLING EN VERGADERINGS

### 2.1 SAMESTELLING

2.1.1 Twee verteenwoordigers uit elke sinodale gebied, soos deur die betrokke Sinodale Komitees aangewys.

2.1.2 Die Aktuarius van die Algemene Sinode.

2.1.3 Een verteenwoordiger uit elke kommissie van die Algemene Sinode, waarin die Vrouediens verteenwoordig is.

### 2.2 VERGADERINGS

Die AKV vergader een keer per jaar.

## 3. BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE 1990

### 3.1 VROU IN DIE LERENDE AMP

#### 3.1.1 BESLUIT (Handelinge van Sinode bl.625 Punt 7.2.2)

Die Sinode dra dit aan die AKAE op om ondersoek in te stel hoe sodanige besluit (Die vrou in die lerende amp) die vrouewerk in sy huidige vorm sal raak. Die Sinode versoek die AKV om ook in hierdie kommissie te dien.

3.1.2 Na aanleiding van hierdie besluit, rapporteer die AKV dat ons nie genader is om in hierdie kommissie, wat sodanige ondersoek sou instel, te dien nie.

### 3.2 BENAMING: VROUEDIENS/VROUEAKSIE

#### 3.2.1 BESLUIT (Handelinge van die Sinode bl. 625 Punt 4.2)

Beskrywingspunt B12.4 word aanvaar in die sin dat kondonering aan Oos-Kaapland verleen word vir hulle optrede tot op hede, maar met die versoek dat die saak reggestel sal word voor die volgende vergadering van die Algemene Sinode.

3.2.2 Ons rapporteer graag dat Oos-Kaapland reeds oorgeskakel het en die eenvormige naam van Vrouediens tans gebruik.

#### 3.2.3 AANBEVELING

**Die Sinode neem met dank kennis daarvan dat Oos-Kaapland wel die saak reggestel het.**

## 4. DIENSWERK

By die bestudering van die Vrouediensverslae oor die afgelope vier jaar, kon 'n mens telkens die warm hartklop van die kerk duidelik voel. Die ryk geskakeerde en volbelaaide gemeentelike-, rings- en sinodale werksaamhede is duidelik in die verslae weerspieël. Ons gee aan u slegs baie kortliks enkele van die hooftrekke deur:

### 4.1 DIENSKOMITEES, BELANGEGROEPE EN DIE WYKSTELSEL

**4.1.1** Dienskomitees lewer in samewerking met kerkraads-, rings- en sinodale kommissies ywerig diens veral met betrekking tot die Jeug, Sending en Evangelisasie, Diens van Barmhartigheid en Gemeentebediening.

**4.1.2** In plattelandse gemeentes is die wykstelsel steeds 'n bron van krag, terwyl die blok of groepstelsel meestal in stedelike areas funksioneer.

**4.1.3** Belangegroepe bind enkelouers, weduwees en ander groepe op besondere wyse saam.

## 4.2 BYBELSTUDIEGROEPE

Volgens Bybelkor word ongeveer 66% van hulle Bybelstudiegidse deur vroue wat by Bybelstudiegroepe ingeskakel is, benut. Ons kan met groot dankbaarheid noem dat breed gesproke 70 000 vroue oor ons land heen by meer as 5 000 Bybelstudiegroepe betrokke is. Die geestelike seën en opbou daarvan in die lewens van ons vroue kan sekerlik nie oorskat word nie.

## 4.3 TOERUSTINGSGELEENTHEDE

**4.3.1** Sinodale gebiede bied op gemeentelike-, rings- en sinodale vlakke toerustingsgeleenthede op gereelde basis aan.

**4.3.2** Toerusting van predikantsvroue, kerkraadsvroue, Bybelstudieleidsters, wyksleidsters en ander groepe, geniet hoë prioriteit. Werksklasleidsters word ook spesiaal toegerus met die oog op die aanbieding van lees-, skryf- en vaardigheidsklasse.

**4.3.3** Huweliksverrykingskursusse word in samewerking met kerkrade aangebied, terwyl onderwerpe rondom kinderopvoeding, die gesinslewe, leer en aktuele sake en vele ander onderwerpe by talle toerustingsgeleenthede behandel en bespreek word.

**4.3.4** Daar is groot waardering vir SEVTO en BUVTON se toerustingskursusse wat deur talle vroue bygewoon word.

**4.3.5** Gemeentelike, Rings- en Sinodale Konferensies: Vrouekonferensies word meestal in groot getalle bygewoon en dien terselfdertyd as motiverings- en toerustingsgeleenthede.

# 5. PUBLIKASIES, STUDIESTUKKE EN KERKLIKE MEDIA

## 5.1 NUUSBRIEWE

Al die Sinodale Komitees het 'n kwartaalblad. 'n Indrukwekkende program van werksaamhede van die vroue word daarin weerspieël. Waardevolle inligting, wenke en die aanbieding van besondere programme word daarin weergegee.

## 5.2 KERKLIKE TYDSKRIFTE

Die Vrouediens werk mee met Die Kerkbode en Die Voorligter en vrouenuus word van tyd tot tyd deur Sinodale Komitees deurgestuur. Die AKV het ook 'n spesiale korrespondent in die verband benoem.

## 5.3 HANDLEIDING

Die Handleiding wat in 1981 deur die AKV opgestel is, en wat in 1985 sy derde herdruk beleef het, is tans so verouderd dat die AKV die verdere verspreiding daarvan gestaak het.

## 5.4 BOEKIE MET DAGSTUKKIES

Onder redaksie van die Sinodale Komitee van die OVS het die AKV gedurende 1992 'n pragtige boekie met dagstukkies die lig laat sien. Hierdie boekie word tans met groot vrug deur gemeentes gebruik.

## 5.5 KERKLIKE MEDIA

Die Vrouediens maak vryelik gebruik van MEMA bande en videos.

# 6. BEPLANNING EN SPESIALE TEMAS

Een van die besondere opdragte van die AKV is "Besinning, Studie, Stimulering en Skakeling". Die AKV gee dus jaarliks aan sinodale gebiede spesiale temas deur vir gebruik by vrouewerksaamhede. So byvoorbeeld, is daar alreeds op die AKV-vergadering van Januarie 1993 spesiale onderwerpe in verband met die nasionale Gesinsjaar deurgegee na elke Sinodale Komitee. Hierdie onderwerpe moes bestudeer en as programmateriaal verwerk word vir landswye gebruik deur die vroue in 1994.

Die landswye temas in gebruik vir die afgelope vier jaar was soos volg:

* 1991 Reik uit na mekaar.
* 1992 Die gesin toegerus vir die negentigs.
* 1993 Die Christenvrou paraat vir die toekoms.
* 1994 Nasionale Gesinsjaar - Christenvrou, koester jou gesin.

Hierdie temas is met vrug gebruik.


# 7. FINANSIES

Met die Algemene Sinode van 1990 was die totale inkomste van die Vrouediens ongeveer R34-miljoen. Gedurende die afgelope vier jaar is meer as R40-miljoen deur die Vrouediens ingesamel. Meer as die helfte van hierdie fondse is weer binne gemeentes aangewend vir skulddelging en ander projekte.
(Die syfers aangedui is nie volledig nie, aangesien sekere sinodale streke 'n nuwe werkspatroon volg).

Die volgende tabelle reflekteer die gegewens tot ons beskikking:

| | SENDING | DIENS van BARMHARTIGHEID | JEUG | GEMEENTE-BEDIENING | LEER EN AKTUEEL | GEMEENTELIKE BYDRAES EN ANDER |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1990 | 1 773 591 | 1 375 018 | 336 998 | 394 925 | 83 654 | 5 433 909 |
| 1991 | 1 809 648 | 1 672 087 | 383 791 | 515 403 | 74 578 | 7 012 085 |
| 1992 | 1 597 557 | 1 642 479 | 347 539 | 527 556 | 104 953 | 8 046 954 |
| 1993 | 897 727 | 2 309 213 | 295 383 | 270 109 | 100 263 | 2 956 409 |
| Totaal | 6 078 523 | 6 998 797 | 1 363 711 | 1 707 993 | 363 448 | 23 449 357 |
| | = 15,2% | = 17,5% | = 3,4% | = 4,3% | = ,91% | = 58,62% |

Ander administratiewe uitgawes = ,07%
Ruim bydraes is ook geskenk aan die Bedieningsfonds en Bybelverspreiding.




## 8. DIE AKV EN BESKERMINGSDIENSTE/ VEILIGHEIDSMAGTE

**8.1** Na die onttrekking van die Veiligheidsmagte uit die operasionele gebiede het die Vrouediens meestal steun gegee aan Koffiekamers van tuisbasisse. Die Voorligter word gratis voorsien aan koffiekamers, vir gebruik deur dienspligtiges.

**8.2** Tans word daar gekonsentreer op hulpverlening aan Stabiliseringseenhede en Beskermingsdienste. Sommige sinodale streke het as sinodale projek "Koekies aan gevangenes" aangepak.

## 9. FEDERALE VROUERAAD VOLKSBELANG (FVRV) EN DIE FAK-VROUERAAD

**9.1** As gevolg van finansiële probleme en rasionalisering, het die vier konstituerende liggame van die FVRV voorgestel dat die moontlikheid ondersoek moet word om as 'n vroue-arm van die FAK ingeskakel te word.

**9.2** Die FAK was gewillig vir so 'n inskakeling en by die FAK kongres gedurende Julie 1992, is die FVRV as Vroueraad van die FAK gekonstitueer.

**9.3** Omdat die Vroueraad 'n Christelike inslag het, wil hulle graag ook die insette en samewerking van die kerk en Christenvroue hê. Dit snoer terselfdertyd die kragte van vroue-organisasies saam om te stry vir die behoud van Christelike norme wat vir die kerk net so belangrik is as vir die volk. Uit die studies en besprekings wat alreeds gedoen is, word waardevolle inligting bekom, wat vir die werk van die Vrouediens ook van groot belang is.

**9.4** Die FAK-Vroueraad beywer hulself vir die heil van alle Afrikaners op geestelike, godsdienstige, morele en stoflike gebiede, met die Bybel as grondslag.

**9.5** Uit die doelstellings en werksaamhede van die Vroueraad blyk dit dus duidelik dat dit wel gaan om sake wat vir die kerk en die Vrouediens van groot belang is. Die kerk leef nie in isolasie nie en het 'n profetiese taak ten opsigte van al die lewensterreine.

**9.6** Die AKV is dus van mening dat dit wel sinvol is om as meewerkende liggaam met die FAK-Vroueraad saam te werk.

## 10. EKUMENIESE TAAK EN VOLKEREVERHOUDINGS

**10.1** Op gemeentelike, rings- en sinodale vlak poog verskeie sinodale komitees om ekumeniese betrekkinge met kerklike en ander vroue-organisasies op te bou.

**10.2** Die Wêreldbiddag vir Vroue word beskou as die grootste ekumeniese gebeurtenis in die land. Deur middel van plaaslike interkerklike komitees word waardevolle brûe van samewerking gebou en gesamentlike dienste lei tot groter onderlinge begrip en waardering onder kerke.

**10.3** Besondere aandag word geskenk aan die bevordering van beter volkere-verhoudinge. In verskeie sinodale gebiede reël die Vrouediens byeenkomste om die verskillende volksgroepe saam te bring. Veel is reeds in dié verband bereik.

## 11. REGLEMENT EN RIGLYNE VIR DIE VROUEDIENS

**11.1** Gedurende die afgelope vier jaar het die AKV intensief aandag gegee aan die funksionering van die Vrouediens in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Dit blyk dat daar in sekere sinodale gebiede afgewyk is van die bestaande Reglement vir die Vrouediens. Hieruit was dit duidelik dat aanpassings in die struktuur van die Vrouediens gemaak sal moet word.

**11.2** Gedurende 1990 is alle sinodale komitees van die Vrouediens gevra om 'n landswye ondersoek onder vrouelidmate te doen met betrekking tot die Vrouediens in sy huidige vorm. Uit hierdie ondersoek blyk dit duidelik dat die Vrouediens in die toekoms baie meer gemeentegerig sal moet wees.

**11.3** Op 'n AKV vergadering gehou op 22/23 Januarie 1991 is die funksionering van die Vrouediens in sy huidige vorm bespreek. Die volgende besluit is geneem:

**"Uit 'n indringende en landswye ondersoek wat gedurende 1990 met betrekking tot die Vrouediens gedoen is, is tot die gevolgtrekking gekom dat die Vrouediens wel moet bly voortbestaan op die vlakke van gemeente, ring, sinode en Algemene Sinode.**

**Die struktuur kan egter <u>eenvoudiger en meer soepel gemaak word om aan te pas by plaaslike omstandighede</u>."**

**11.4** Daar is besef dat die Algemene Sinode nie aan sinodes kan voorskryf hoe die Vrouediens in die verskillende sinodale streke georganiseer moet word nie. Die AKV het besluit om 'n Reglement op te stel wat ten doel het dat die AKV as 'n kommissie van die Algemene Sinode gekonstitueer sal word. Verder is Riglyne vir die Vrouediens opgestel om rigting te gee aan sinodes hoe hulle wel die Vrouediens op gemeentelike, rings- en sinodale vlak kan organiseer. Die bedoeling is juis om aan sinodes die vryheid te laat om self te besluit oor hoe die Vrouediens binne hulle eie sinodale gebied georganiseer kan word.

**11.5** Die goedgekeurde AKV Reglement en Riglyne vir die Vrouediens is na die ASK deurgestuur vir opname in die verslag aan die Algemene Sinode.

**11.6 AANBEVELINGS**

**11.6.1 Die Algemene Sinode keur dit goed dat die Vrouediens op Algemene Sinodale vlak as 'n kommissie van die Algemene Sinode gestruktureer word.**

**11.6.2 Die Algemene Sinode keur die voorgelegde Reglement vir die AKV en Riglyne vir die Vrouediens goed.**

**11.6.3 Die Sinode betuig sy hartlike dank aan lede van die AKV, die Aktuarius en aan Predikante in Algemene Sinodale Diens, vir hulle positiewe en belangrike bydrae gedurende die reses veral ook met betrekking tot die vernuwing van die struktuur van die Vrouediens.**

## 12. AMPSDRAERS

**12.1** Die AKV het die volgende ampsdraers aangewys:

**Voorsitter:** Mev Hugheen Oosthuizen (Wes-Transvaal)
**Onder-voorsitter:** Mev Sarie Sadler (OVS)
**Sekretaresse:** Mev Sally van de Wall (Wes-Transvaal)

**12.2** Die volgende persone en hulle sekundi is benoem in die kommissies van die Algemene Sinode:

**AKDB Prim.** Mev Mollie Kemp (Natal)
**Sek.** Mev Sally van de Wall (Wes-Transvaal)

**AKSE Prim.** Mev Sarie Sadler (OVS)
**Sek.** Mev Olivia du Toit (OVS)

**AKLAS Prim.** Mev Annatjie du Toit (Wes-Kaapland)
**Sek.** Mev Mariette Gertenbach (Oos-Kaapland)

**AJK Prim.** Mev Hugheen Oosthuizen (Wes-Transvaal)
**Sek.** Mev Mariana Vogel (Noord-Kaapland)

**AKG Prim.** Mev Ina van Coller (Suid-Transvaal)
**Sek.** Mev Suna Meyer (Natal)

**12.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode neem kennis en keur bogenoemde persone vir die betrokke kommissie goed.**

## 13. SLOT

Uit hierdie verslag blyk dit duidelik dat die diepste sin van waarlik Christin wees lê in getroue en volhardende betrokkenheid by die Koninkrykswerk van God. Die groot skare Christenvroue in ons kerk wat dit ontdek het, het 'n reuse aandeel gehad in die Vrouedienswerk soos weerspieël in hierdie verslag.

Ons bring hiermee al die eer, lof, dank en aanbidding aan ons Hemelse Vader, wat ons deur sy Heilige Gees daartoe geïnspireer het.

Die vergadering word die seën van die Here toegebid op al sy verrigtinge.

Geteken namens die Algemene Komitee van die Vrouediens:

Voorsitter: MEV HH OOSTHUIZEN
Sekretaresse: MEV S VAN DE WALL

# A.9: BYLAE 1
# REGLEMENT ALGEMENE KOMMISSIE VAN DIE VROUEDIENS

## 1. NAAM

ALGEMENE KOMMISSIE van die VROUEDIENS (AKV)

## 2. SAMESTELLING

**2.1** Twee verteenwoordigers van/namens elke sinode, verkieslik die voorsitter, ondervoorsitter of sekretaresse van die betrokke sinode se sinodale kommissie vir Vrouediens.

**2.2** Die aktuarius van die Algemene Sinode.

**2.3** 'n Verteenwoordiger uit elke kommissie van die Algemene Sinode waarin die Algemene Kommissie vir Vrouediens verteenwoordig is.

## 3. OPDRAG

Die AKV

**3.1** dra sorg dat vroue op die hoogte gehou word van die jongste tendense, behoeftes, probleme en moontlikhede ten opsigte van die vrou in die kerk;

**3.2** bied die geleentheid dat verteenwoordigers van die Vrouediens van die verskillende Sinodale Kommissies saam kan besin en van mekaar kan leer met die oog op die bevordering van praktiese dienswerk van die vroue in die Kerk;

**3.3** sorg vir gesonde skakeling met:

**3.3.1** die kommissies wat die verskillende diensterreine van die kerk bedien;

**3.3.2** die Vrouediens van die verskillende sinodes;

**3.3.3** ander vroue-organisasie op nasionale vlak;

**3.4** doen verslag aan en adviseer die Algemene Sinode in verband met die beleid wat gevolg moet word ten opsigte van Vrouediens;

**3.5** dra sorg vir navorsing, beplanning, inligting en voorligting ten opsigte van die arbeid aan en van die vrou in belang van die Koninkryk van God;

**3.6** benoem verteenwoordigers in die Bedieningskommissies van die Algemene Sinode.

## 4. KONSTITUERING EN VERGADERING

**4.1** Die kommissie konstitueer so gou moontlik na die vergadering van die Algemene Sinode en vergader daarna jaarliks.

**4.2** By die konstituering word 'n dagbestuur saamgestel bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter en sekretaresse.

**4.3** Die kommissie benoem subkommissies volgens behoefte.

# A.9: BYLAE 2
# RIGLYNE VIR DIE VROUEDIENS

1.1 Die basis vir hierdie riglyne is Artikel 55 van die Kerkorde en die Reglement vir die dienswerk van gelowiges.

1.2 Die doelstelling van die Vrouediens is om onder leiding en in opdrag van die kerkvergaderinge vrouelidmate te aktiveer om werksaam te wees tot opbou van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die Koninkryk van God.

1.3 Met die oog op die funksionering van die Vrouediens benoem/bekragtig kerkrade, ringe en sinodes kommissies vir die Vrouediens om in aansluiting en samewerking met mekaar die taak van die kerk in hierdie verband te behartig.

1.4 Elke kerkvergadering bepaal self die wyse waarop hierdie werksaamheid georganiseer word.

1.5 Die volgende leidrade kan deur kerkvergaderinge as riglyne gebruik word by die organisering van die Vrouediens.

**1.5.1 Gemeentelike Kommissie vir die Vrouediens (GKV)**

1.5.1.1 Samestelling

*1 Die GKV bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaresse en tesouriere en soveel addisionele lede as wat benodig word.

*2 Die kerkraad reël/bekragtig die verkiesing/aanwysing van die GKV.

1.5.1.2 Opdrag

*1 Die Gemeentelike Kommissie vir Vrouediens (GKV) organiseer die werksaamhede van die Vrouediens in die gemeente onder leiding van/onder toesig van die kerkraad.

*2 Ten einde die Vrouediens doeltreffend te organiseer, kan diensgroepe aangewys word.

*3 Ten einde nouer samewerking en skakeling met die verskillende kommissies van die kerkraad te bewerkstellig, kan verteenwoordigers van die Vrouediens aangewys word om in die kommissies van die kerkraad te dien.

*4 Die insameling en beheer oor finansies word gereël in ooreenstemming met die besluite van die betrokke kerkraad.

Die volgende riglyne **kan** gebruik word:

1. Die kassier van die kerkraad ontvang alle Vrouediensgelde en reik kwitansies uit. As die GKV geld aanvra, word dit van die kassier verkry.

2. Die hantering en besteding van alle fondse geskied met die medewete en goedkeuring van die kerkraad.

3. Die fondse deur die Vrouediens ingesamel, word onder die hoof "Vrouediens" in die boeke van die kerkraad opgeneem, maw die geld so ontvang word in die gemeentekas gestort.

4. Die Vrouediens hou nie afsonderlike boeke nie. Die GKV kan 'n analiseboek vir eie inligting ten opsigte van alle inkomste en betaling hou, maar dit vorm nie deel van die boekhouding van die kerkraad nie. Fondse van die Vrouediens word nie as 'n trustfonds beskou nie.

5. Teen die einde van die kerkjaar belê die GKV 'n vergadering waarop die besteding van fondse behandel word. Leiding in hierdie verband gaan uit van die plaaslike kerkraad, die betrokke ring, en die onderskeie sinodale kommissies. Die GKV lê die voorgenome besteding van hulle fondse, volgens hulle keuse, voor aan die kerkraad vir goedkeuring.

*5 Die GKV gee jaarliks aan die kerkraad 'n oorsig van sy werksaamhede en dien 'n begroting en 'n program vir die volgende jaar in. Kerkrade lewer aan die ring verslag van die Vrouediens.

1.5.1.3 Konstituering

In samewerking met, en goedkeuring van, die kerkraad, konstitueer die GKV en kies 'n dagbestuur: voorsitter, ondervoorsitter, sekretaresse en tesouriere, asook soveel addisionele lede as wat benodig word.

**1.5.2 Ringskommissie vir die Vrouediens (RKV)**

1.5.2.1 Samestelling

*1 Die RKV word deur die ring saamgestel/bekragtig.

*2 Elke kerkraad lê die name van 'n vrou/vroue (met sekundi) aan die ring voor.

1.5.2.2 Opdrag

*1 Die RKV gee leiding en inligting aan die gemeentelike Vrouediens.

*2 Die RKV reël van tyd tot tyd ringskonferensies.

*3 Die RKV doen jaarliks aan die ring verslag van sy werksaamhede en stuur aan die SKV 'n oorsig van die werksaamhede in die ringsgebied.

1.5.2.3 Konstituering en vergadering

*1 Die RKV konstitueer en kies 'n dagbestuur: voorsitter, ondervoorsitter en sekretaresse/tesouriere (met sekundi wat in volgorde opgeroep word). SKV-lede bly ipso facto lede van die RKV se dagbestuur.

*2 Die konstituering van die RKV kan jaarliks plaasvind of volgens sinodale reëling.

*3 Op versoek van die ring kan die RKV vroue aanwys om in die verskillende ringskommissies te dien, ten einde skakeling te bewerkstelling en belangstelling in ringswerksaamhede te bevorder.

*4 Die RKV vergader so dikwels soos nodig mag wees, maar ten minste een keer per jaar, om gesamentlike ringswerksaamhede te bespreek.

**1.5.3 Sinodale Kommissie vir die Vrouediens (SKV)**

1.5.3.1 Samestelling

*1 Die SKV word deur die sinode saamgestel/bekragtig.

*2 Elke ring lê op versoek van die RKV die name van 'n vrou/vroue, met sekundi, aan die sinode/sinodale kommissie/moderamen voor.

1.5.3.2 Opdrag

*1 Die SKV gee leiding en inligting aan die RKV en GKV.

*2 Die SKV reël sinodale konferensies

*3 Die SKV stel vanuit die ringsverslae 'n verslag van die werksaamhede van die Vrouediens op vir voorlegging aan die sinode/sinodale kommissie.

*4 Die SKV benoem twee lede (met sekundi) om te dien in die Algemene Kommissie vir Vrouediens.

1.5.3.3 Konstituering en vergadering

*1 Die SKV vergader een maal per jaar.

*2 Die SKV konstitueer en kies 'n dagbestuur: voorsitter, ondervoorsitter, sekretaresse, tesouriere en soveel addisionele lede as wat benodig word.

*3 Die lede van die SKV dien tot en met die volgende sinode.

*4 Die SKV kan sub-kommissies benoem.

*5 Ten einde nouer samewerking en skakeling met die verskillende kommissies van die sinode te bewerkstellig, kan die SKV verteenwoordigers aanwys in die verskillende bedieningskommissies van die sinode.

# A.10 ALGEMENE KOMMISSIE VIR KERKLIKE MEDIA

Geagte voorsitter en lede

U Kommissie doen graag oor die volgende sake aan u verslag:

## 1. DIE AKKM

### 1.1 SAMESTELLING

1.1.1 Die Algemene Kommissie vir Kerklike Media doen sy werk deur drie Artikel 21-maatskappye: Die Tydskriftemaatskappy van die Ned Geref Kerk, Bybelkor en Mema-Media. Hy dien self as ledevergaderings vir die drie maatskappye en wys direksies aan om die bestuur van die maatskappye te behartig.

1.1.2 Een lid uit elke sinodale gebied dien in die AKKM, tesame met die uitvoerende amptenare van die drie maatskappye. Daar is ook ruimte vir tot drie deskundiges, maar niemand is hier gekoöpteer nie, omdat deskundiges eerder op die bedryfsvlak as op die beheervlak ingespan word.

### 1.2 STRATEGIESE BEPLANNING

1.2.1 In die reses het verteenwoordigers van die AKKM, die drie maatskappye en ander kommissies en instansies wat op die terrein van die kerklike mediabediening werksaam is, by twee geleenthede 'n mediakonferensie gehou waartydens die strategiese beplanning van die kerklike mediabediening aandag gekry het.

1.2.2 Die Subkommissie vir Advies van die AKKM het ook twee keer in die reses vergader. In hierdie subkommissie dien verteenwoordigers van die AKKM en van ander kommissies en instansies wat by kerklike media betrokke is. Die belangrikste funksie van hierdie subkommissie is om onderlinge skakeling en koördinering te bevorder.

### 1.3 'N DUIDELIKE MISSIE

Tydens die jongste mediakonferensie is 'n missie vir die AKKM soos volg geformuleer:

1.3.1 Die AKKM koördineer die mediabediening van die Ned Geref Kerk en rig hom onder meer deur die werk van Bybelkor, Mema-Media en die Tydskriftemaatskappy tot die lidmate van die kerk sowel as tot ander Christene en nie-Christene in ons land en elders.

1.3.2 Die AKKM bring deur die mediabediening aan almal die evangelie in sy volle omvang en toegepas op al hulle lewensbehoeftes, met gebruikmaking van geskikte gedrukte en elektroniese media.

1.3.3 Die AKKM verseker dat hierdie bediening op 'n doeltreffende, ekonomiese en waar moontlik ekumeniese wyse plaasvind sodat die kerk van Christus opgebou, die koninkryk van God uitgebou en die Naam van die Here geëer word.

### 1.4 SINODES, RINGE EN DIE MEDIA

1.4.1 Die kerklike mediabediening word op die vlak van die sinodes hanteer deur 'n sinodale kommissie vir kerklike media of deur 'n ander kommissie wat die opdrag ontvang het om aan die media aandag te gee.

1.4.2 Op ringsvlak word die saak van die kerklike media behartig deur 'n "ringsverteenwoordiger vir kerklike media" wat deur die ring self aangewys word en wat as 'n "eenmanskommissie" funksioneer om die kerklike mediabediening in ringsverband te bevorder.

## 2. DIE TYDSKRIFTEMAATSKAPPY VAN DIE NED GEREF KERK

### 2.1 DIREKSIE

Die Direksie van die Tydskriftemaatskappy het sy termyn met die volgende personeel begin: ds GJ Erasmus (voorsitter), ds GJ Koen (ondervoorsitter), dr WJ van Zijl, ds F Swanepoel, ds JJ Smit en dr FM Gaum (hoofredakteur). Ds Koen het verlede jaar bedank en sy plek is nog nie gevul nie. Ds Swanepoel is tans die ondervoorsitter. Mnr A van Niekerk is die nie-stemhebbende sekretaris van die Direksie.

### 2.2 DIE KERKBODE

#### 2.2.1 Redaksioneel

Die Kerkbode, as amptelike blad van die Ned Geref Kerk, het sedert die vorige Algemene Sinode, soos in vorige termyne, saam met die kerk deur goeie én stormweer gevaar. Die gisting in die kerk oor die beleidstuk **Kerk en Samelewing 1990**, die naweë van die Rustenburgse Kerkberaad kort na die Algemene Sinode van 1990, die dramatiese politieke veranderings in Suid-Afrika die afgelope paar jaar, die stygende geweldspiraal, meningsverskil in die kerk oor kwessies soos die doop en ander leerkwessies en kerkeenheid - en noem maar op! - het vanselfsprekend in die kerk se koerant weerklank gevind. Die Kerkbode het van dit alles so goed as moontlik verslag gedoen, en het probeer om op 'n verantwoordelike wyse kommentaar te lewer, steeds getrou aan die Woord, die belydenisskrifte en die besluite van die Algemene Sinode.

Daar is in die afgelope termyn weer opnuut gekyk na die samestelling van Die Kerkbode. Die blad het dikker geword, en 'n begin is in samewerking met Bybelkor gemaak met gereelde rubrieke vir ouderlinge, diakens en kategete. Die Kerkbode as meningvormende, meningswisselende en standpuntstellende kerkkoerant neem al 145 jaar lank 'n unieke plek in ons kerk in en die huidige redaksie strewe daarna om die blad al hoe beter aan sy doel te laat beantwoord. Mev Delene Pienaar (senior), mej Adri-Louise van Renen en mej Rina Liebenberg dien tans as redaksionele assistente in die redaksie van Die Kerkbode. Ds Johan Smit en ds Hannes Burger is deeltydse redaksielede. In elke sinodale gebied is 'n

korrespondent aangewys wat verantwoordelik is vir nuus uit die betrokke streek.

Die Kerkbode het pas 'n deurbraak gemaak toe, na lange beraadslaging en geduldige onderhandeling, in Mei 1994 begin is om één uitgawe per maand as bylae in die drie Afrikaanse dagblaaie in Suid-Afrika (die koerante se totale oplaag is 270 000 per dag) in te voeg.

Die Kerkbode se ander drie uitgawes per maand word soos voorheen aan intekenaars gepos. Reëlings is getref sodat die bylae-uitgawe vir mense wat dit wil ontvang maar nie koerantlesers is nie, bekombaar is. Groot moeite word gedoen om in die beplanning van die bylae-uitgawe die blad aantreklik en toeganklik te maak vir 'n baie groter gehoor as waarby ons kerkblad nog ooit kon kom, en om ook as "brugbouer" tussen lidmate van verskillende Afrikaanse kerke te dien deurdat medewerkers van ander kerke gereeld bydraes vir die blad skryf.

Van die staanspoor af is gesorg dat dit duidelik in die bylae-uitgawe gestel word dat die feit dat Die Kerkbode as bylae in die Nasionale Pers se koerante verskyn, nie beteken dat die Ned Geref Kerk noodwendig saamstem met dié koerante se standpunte nie, net soos Nasionale Pers nie noodwendig die Ned Geref Kerk se siening oor sake deel nie. Die koerante word met groot dank as "voertuig" gebruik om die kerk se blad en sy boodskap een keer per maand wyd en syd uit te dra - 'n voorreg waarvoor vanselfsprekend betaal moet word - maar oor die redaksionele inhoud daarvan word deur niemand anders as Die Kerkbode se redaksie besluit nie. Die bylae-uitgawe word bekostig deur advertensies en donasies.

**2.2.2 Sirkulasie**

Die maandelikse bylae-uitgawe van Die Kerkbode het sy sirkulasie die hoogte laat inskiet. Die "gewone" uitgawes van die blad het in die jare 1990-1993 'n gemiddelde verspreidingsyfer van 13 629 per week gehad. Moeite is gedoen om deur 'n snelafleweringsdiens te sorg dat die blad vinnig uitkom by soveel as moontlik gemeentes wat groepbestellings plaas.

**2.2.3 Ringsbylaes**

Die Kerkbode probeer om aan plaaslike kerknuus aandag te gee deur gereeld ringsbylaes te laat verskyn waarin klem gelê word op wat op gemeentevlak gebeur. Daar is goeie belangstelling in hierdie bylaes en hartlike samewerking word van die meeste gemeentes gekry.

**2.2.4 Die Kerkbode-Kersfonds**

Die Kerkbode se Kersfonds het die afgelope paar jaar pragtige bedrae ingesamel: R62 251 (1990), R120 192 (1991), R102 675 (1992), R118 158 (1993). By twee geleenthede (1991 en 1992) is 'n deel van die ingesamelde geld aan die Algemene Bedieningsfonds oorbetaal. In ander gevalle is die hele bedrag onder die kinderhuise van die kerk verdeel om hulle te help om iets wat hulle anders nie kon bekostig nie, aan te koop en aan die kinders nog meer Kersvreugde te gee. Die Kerkbode se Kersfonds het 'n ver pad gekom sedert 1940 toe daarmee begin is en sestien pond agtien sjielings ingesamel is!

**2.2.5 AANBEVELINGS**

**2.2.5.1 Die Algemene Sinode vereenselwig hom met Die Kerkbode se strewe om 'n aktuele, prikkelende kerkkoerant te wees wat in die lig van die Woord van God menings help vorm en kerklike standpunte stel waardeur die kerk van die Here gedien en gebou kan word.**

**2.2.5.2 Die Algemene Sinode spreek waardering uit vir die insiggewende rubrieke gerig op ouderlinge, diakens en kategete in Die Kerkbode.**

**2.2.5.3 Die Algemene Sinode het hoë waardering vir die inisiatief wat daartoe gelei het dat een uitgawe van Die Kerkbode maandeliks as bylae in die Afrikaanse dagblaaie ingevoeg word en wat meebring dat honderdduisende koerantlesers die blad maandeliks onder oë kan kry. Die Sinode spreek dank uit teenoor die koerante wat hierdie reëling moontlik gemaak het en teenoor adverteerders en donateurs wat die bylae help bekostig. Die Sinode meen dat hierdie bylae ook 'n belangrike brugbouer tussen kerke kan wees deur die gebruikmaking van bydraes deur medewerkers uit ander kerke.**

**2.2.5.4 Die Algemene Sinode versoek meelewende lidmate om al die uitgawes van Die Kerkbode te lees, en doen 'n beroep op kerkrade om die blad voortdurend onder lidmate se aandag te bring en intekening daarop aktief te bevorder.**

**2.2.5.5 Die Algemene Sinode spreek waardering uit vir die goeie werk wat Die Kerkbode se Kersfonds al jare lank doen en vra lidmate om dié fonds elke jaar ruimhartig te ondersteun.**

**2.3 DIE VOORLIGTER**

**2.3.1 Redaksie**

Die Algemene Sinode van 1990 het besluit dat Die Sendingblad en Ons Jeug in Die Kerkbode en Die Voorligter opgeneem moet word en dat dié twee blaaie voortaan ook in die kerk se sending- en jeugbehoeftes moet help voorsien. In die afgelope vier jaar is ernstig probeer om aan hierdie opdrag uitvoering te gee en die gereelde sending- en jeug-bydraes en -rubrieke in Die Kerkbode en veral Die Voorligter het 'n wye leserskring bereik. Prof Piet Meiring, voorheen redakteur van Die Sendingblad, en dr Louis Dressel, voorheen redakteur van Ons Jeug, dien in die redaksies van beide Die Kerkbode en Die Voorligter.

'n Meningsopname oor die trefkrag van die jeugrubrieke in Die Voorligter wat in oorleg met die Algemene Jeugkommissie en die Departement Bedryfsielkunde van die Universiteit van Stellenbosch gedoen is, is pas voltooi en mededelings oor die resultate van die ondersoek sal aan die Sinode gemaak word.

Nadat mev Kato Strydom weens gesondheidsredes as assistent-redakteur van Die Voorligter moes bedank, het mej Adri-Louise van Renen by haar oorgeneem. Die Voorligter (soos Die Kerkbode en Die Jaarboek) se bladopmaak word nou deur die redaksie met die Tydskriftemaatskappy se eie rekenaartoerusting gedoen wat op die duur 'n aansienlike koste-besparing meebring.

Die Voorligter se kantoor in Pretoria word beman deur mevv Mariëtte du Toit (deeltydse redaksielid) en mev Isabel Venter (sekretaresse), terwyl die hoofredakteur en mej Van Renen die verdere versorging van die blad in Kaapstad behartig. Soos van sy eerste uitgawe af, word Die Voorligter in Johannesburg gedruk. Hedendaagse kommuniekasiemiddels maak dit moontlik om die uitgee van die blad op dié manier te behartig.

Die Voorligter verskyn deesdae gereeld as 'n 64-bladsy-tydskrif en van tyd tot tyd, as die advertensieinhoud dit toelaat, is hy 80 bladsye dik. Moeite word gedoen om van die blad 'n populêre Christelike gesinstydskrif te maak, 'n goeie alternatief vir die sensasie- en sekstydskrifte wat die mark oorstroom: "'n lig vir elke Christen". Heelwat aandag word gegee aan die voorkoms en tipografiese versorging van die blad.

**2.3.2 Sirkulasie**

Die individuele intekening op Die Voorligter het die afgelope paar jaar heelwat toegeneem, maar gemeentelike massaverspreiding het, onder meer as gevolg van die knellende ekonomiese omstandighede waarin baie gemeentes hulle bevind, afgeneem. Die gemiddelde sirkulasiesyfer vir 1990-1993 was 127 004 per maand. Dit is uiters jammer dat, as aan gemeentelike besparingsmaatreëls gedink word, die massabestelling van Die Voorligter gou in die slag bly. Sodoende word een van die belangrike maniere om lidmate geestelik te onderskraag en toe te rus, gekortwiek. Hoewel die intekengeld op Die Voorligter die afgelope paar jaar vanweë stygende druk- en versendingskoste heelwat gestyg het, is dit nog altyd die goedkoopste soortgelyke blad in die land.

**2.3.3 AANBEVELINGS**

**2.3.3.1 Die Algemene Sinode spreek sy waardering uit vir die voorkoms en aanbiedingswyse van Die Voorligter.**

**2.3.3.2 Die Algemene Sinode spreek sy opregte dank uit teenoor alle kerkrade wat deur middel van massa-intekening sorg dat soveel moontlik huisgesinne in hulle gemeentes 'n eksemplaar van Die Voorligter ontvang.**

**2.3.3.3 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op kerkrade wat dit nog nie doen nie, of wat vanweë finansiële oorwegings opgehou het om massagewys op Die Voorligter in te teken, om 'n weg te probeer vind om deur massabestellings Die Voorligter by lidmate uit te bring, aangesien die Sinode die beskikbaarstelling van hierdie blad aan ons lidmate, juis in hierdie tyd dat in ons land van 'n "moraliteitskrisis" sprake is, as 'n saak van hoë prioriteit beskou.**

**2.4 DIE JAARBOEK**

**2.4.1 Samestelling**

Mej Rina Liebenberg het by mev Soekie van Zyl en mej Aretha le Roux oorgeneem as samesteller van Die Jaarboek, en het in 1994 gesorg vir die eerste ten volle gerekenariseerde Jaarboek waarvan ook die setwerk en bladopmaak "tuisgemaak" is. In 'n meningsopname het Jaarboek-gebruikers besonder gunstig gereageer op vrae oor die huidige voorkoms en aanbiedingswyse van Die Jaarboek.

**2.4.2 Omvang**

Die inhoudsordening van Die Jaarboek het die afgelope jare naastenby dieselfde gebly. As gevolg van die feit dat sommige sinodes en ringe eers in Oktober van 'n bepaalde jaar vergader, is dit moeilik om 'n op-datum-Jaarboek voor die aanvang van die volgende kalenderjaar beskikbaar te stel, maar met vanjaar (1994) se sagteband-uitgawe het die redaksie en drukker dit tog reggekry.

**2.4.3 Oplaag**

Die oplaag was van 1990 tot 1993 gemiddeld 6 078 eksemplare per jaar en elke jaar is feitlik die hele oplaag uitverkoop.

**2.4.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode spreek sy tevredenheid uit oor die voorkoms van Die Jaarboek en waardeer die feit dat alle pogings aangewend word om die boek voor die aanvang van die betrokke kalenderjaar beskikbaar te stel.**

**2.5 CHRISTEN-NETWERK TV**

**2.5.1 Stigting**

Kommer oor die toekoms van godsdiens-televisie in ons land tesame met die ongehoorde toename in die uitsending van buitelandse godsdiensprogramme oor die kanale van die openbare uitsaaier - en die feit dat niemand anders in ons kerklike kring op 'n kritieke tydstip in staat of bereid was om in hierdie verband leiding te gee nie - het meegebring dat die Tydskriftemaatskappy die inisiatief geneem het en Christen-Netwerk TV (CNW TV) in 1992 saam met verteenwoordigers van dertien ander "hoofstroomkerke" van reformatoriese oortuiging gestig het. Die Tydskriftemaatskappy het 'n blywende stigtersbelang in CNW TV, maar is nie as maatskappy verantwoordelik vir die wel en wee van dié selfstandige Artikel 21-maatskappy nie. Die Tydskriftemaatskappy verkoop sekere administratiewe en ander dienste aan CNW TV en word daarvoor op 'n ooreengekome wyse vergoed.

Die feit dat hierdie inisiatief van die Ned Geref Kerk deur sowat al die hoofstroomkerke in die land aanvaar is en ondersteun word, kan ongetwyfeld as 'n besondere ekumeniese deurbraak beskou word. CNW TV gaan van die standpunt uit dat die kerke(e) self verantwoordelik moet wees vir die inhoud van elektroniese godsdiensuitsendings, en bereik dié doel in die praktyk deur die inhoudkeuring van programme in die hande van verteenwoordigers van die verskillende kerke te plaas. Prof Piet Meiring is deur die Algemene Sinodale Kommissie aangewys as verteenwoordiger in die Teologiese Beleidsraad van CNW TV. Dr Frits Gaum is die voorsitter van die Direksie van CNW TV, en mnr Anton van Niekerk die besturende direkteur daarvan.

Van Januarie 1993 af saai CNW TV elke Sondag op M-Net se gemeenskapsdienskanaal uit. Van die begin van 1994 af is dit "oop"-uitsendings en kan mense wat nie M-Net-intekenaars is nie, ook die programme wat tussen 17:00 en 18:00 op 'n Sondagmiddag uitgesaai word, ontvang as hulle binne M-Net se seinontvangsgebied woon. Daar bestaan ook die moontlikheid dat met die SAUK 'n geskikte reëling getref kan word en dat CNW TV (of 'n filiaal van hom) mettertyd oor die openbare uitsaaier se kanale sal begin uitsaai. Alles hang af van hoe die SAUK se godsdiensuitsaaibeleid in die toekoms daar gaan uitsien.

#### 2.5.2 AANBEVELINGS

**2.5.2.1 Die Algemene Sinode spreek waardering uit vir die inisiatief wat die Tydskriftemaatskappy aan die dag gelê het met die stigting van Christen-Netwerk TV.**

**2.5.2.2 Die Algemene Sinode spreek sy blydskap en dank uit dat daar nou ook Christelike godsdiensprogramme oor M-Net se kanale uitgesaai word.**

### 2.6 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

Die administrasie van die Tydskriftemaatskappy word in Kaapstad onder leiding van die sakebestuurder, mnr Anton van Niekerk, behartig. Die personeellede wat daarby betrokke is, lewer puik diens. Verbeterde kantoortoerusting stel hulle in staat om hulle werk flink en netjies te kan afhandel. Deeglike strategiese beplanning is in die afgelope vier jaar gedoen en 'n doeltreffende personeelontwikkelingsprogram in werking gestel.

#### 2.6.1 Geen sinodale subsidie

Die Algemene Sinode verleen sedert 1986 nie meer finansiële hulp by wyse van subsidie aan die Tydskriftemaatskappy nie. Danksy oordeelkundige finansiële bestuur, kon die Tydskriftemaatskappy sy boeke die afgelope vier jaar laat klop. Die Algemene Jeugkommissie gee met die oog op die jeugrubriek in Die Voorligter al geruime tyd jaarliks 'n gewaardeerde finansiële bydrae vir die kerklike tydskrifte.

#### 2.6.2 Stygende publikasiekoste

Die steeds stygende kostespiraal in die land het uiteraard ook sy implikasies vir die kerklike tydskrifte. Druk- en versendingskoste verhoog jaarliks met tot 20%. Die feit dat geprobeer word om goedversorgde publikasies teen die laags moontlike prys uit te gee, bring mee dat 'n volgehoue stryd gevoer word om publikasiekoste binne perke te hou.

#### 2.6.3 Verhoging van intekengeld

In die lig van die stygende koste, was die Direksie genoodsaak om die intekengeld op die kerklike tydskrifte gereeld te hersien. Ons kerk se tydskrifte kos nog altyd minder as ander vergelykbare publikasies.

#### 2.6.4 Advertensie-inkomste

Die advertensie-inkomste van die Tydskriftemaatskappy het die afgelope paar jaar aansienlik gestyg, en is tans een van ons belangrikste bronne van inkomste. As 'n tydskrif winsgewend wil wees, word aanvaar dat tot 50% van sy inhoud deur advertensies opgeneem moet word. Tans is die gemiddelde advertensie-inhoud van Die Kerkbode sowat 20% en dié van Die Voorligter 40%.

Dit bly steeds 'n moeilike saak vir 'n kerkblad om 'n billike deel van die "advertensie-koek" te kry, aangesien die mededinging fel is. Daarby kan die kerklike tydskrifte nie alle advertensies aanvaar nie, en spreek lesers gou kritiek uit as hulle nie van bepaalde advertensies hou nie. Na mnr Sporie van Rensburg se aftrede as advertensiebestuurder - 'n taak wat hy oor baie jare met groot eer verrig het - het sy opvolger, mnr Johann Raath, daarin geslaag om aan ons tydskrifte nog altyd 'n mooi deel van die "koek" te besorg - en daaroor is ons baie dankbaar.

#### 2.6.5 Bemarkingseenheid

Die gesamentlike bemarkingseenheid van die Tydskriftemaatskappy en Bybelkor wat in 1989 tot stand gekom het, funksioneer om 'n verskeidenheid van redes nie meer soos aanvanklik beoog is nie, maar daar is ook in hierdie verband goeie samewerking tussen dié instansies waar en wanneer dit nodig is.

#### 2.6.6 AANBEVELINGS

**2.6.6.1 Die Algemene Sinode spreek sy waardering uit vir die verantwoordelike wyse waarop die Tydskriftemaatskappy sy sake bestuur sonder geldelike hulp van die Sinode.**

**2.6.6.2 Die Algemene Sinode erken die Tydskriftemaatskappy se pogings om die intekengeld op die tydskrifte so laag as moontlik te hou.**

**2.6.6.3 Die Algemene Sinode spreek groot waardering uit teenoor adverteerders wat die kerk se tydskrifte ondersteun en die voortgesette publikasie daarvan help moontlik maak.**

**2.6.6.4 Die Algemene Sinode betuig sy hoë waardering teenoor die personeel van die Tydskriftemaatskappy wat in die afgelope vier jaar na jare van getroue diens afgetree het, en vermeld in besonder die name van mnr Sporie van Rensburg, mev Soekie van Zyl en mev Anita Smith wat oor dekades in diens van die Tydskriftemaatskappy was.**

**2.6.6.5 Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor die huidige personeel - in die redaksies, die administrasie en finansiële bestuur - wat met harde werk die skip aan die vaar hou.**

## 3. BYBELKOR

### 3.1 DIREKSIE

Die volgende persone dien in die Direksie van Bybelkor: prof PR van Dyk (voorsitter), ds GJ Erasmus (ondervoorsitter), ds JvW du Plessis, prof JS Kellerman, ds GJ Koen, ds JHJ Oosthuizen en ds HJ Linde (uitvoerende direkteur). Die alternatiewe direkteur, dr JA Victor, tree as sekretaris van die Direksie op.

**3.2 STRATEGIESE BESTUUR**

3.2.1 Bybelkor is die amptelike verskaffer van Bybelstudiegidse, skolingskursusse en uitreikmateriaal vir die Ned Geref Kerk. Die bestuurspan maak sover moontlik van die jongste bestuurstegnieke gebruik om te verseker dat Bybelkor sy werk so doeltreffend en so koste-effektief as moontlik verrig.

3.2.2 Bybelkor benut die dienste van 49 voltydse en deeltydse personeellede. Die organisasie-ontwikkelingsprogram wat vier jaar gelede ingevoer is, het die koördinering van die werk en die produktiwiteit van elke personeellid positief beïnvloed.

3.2.3 Bybelkor streef steeds daarna om op die voorpunt van die mark te bly met verbeeldingryke produkte wat in die belangrikste behoeftes voorsien. Ons streef ook daarna om elke geleentheid wat hom voordoen, effektief te benut om die boodskap van die Bybel uit te dra.

**3.3 PRODUKSIE**

3.3.1 Bybelkor se produksiedepartement staan onder leiding van ds WJ Botha. Daar verskyn jaarliks gemiddeld 24 nuwe gidse wat wissel van redelik omvangryke werke tot kleiner en goedkoper uitgawes.

3.3.2 'n Kykie na die groot verskeidenheid gidse wat by Bybelkor verskyn, bevestig dat die publikasies in baie verskillende behoeftes voorsien en met groot vrug in elke gemeente en deur elke gelowige gebruik kan word. Daar is vollengte-gidse vir persoonlike Bybelstudie, verskeie reekse vir groepbybelstudie en vir huisgodsdiens, daar is gidse vir ouers, seniors, vroue, kleuters, kinders, tieners en tienerkampe. Daar is reekse vir wyksbyeenkomste, gemeentebou en die toerusting van kategete. Daar is skolingskursusse vir ampsdraers en leiers. En daar is 'n groot verskeidenheid gidse vir tien verskillende taalgroepe in ons land en daarbuite.

3.3.3 Bybelkor se adviespaneel, wat uit kundiges op verskillende vakgebiede bestaan, lewer 'n waardevolle bydrae om te verseker dat die publikasies van Bybelkor aan hoogstaande teologiese en opvoedkundige vereistes voldoen en in die behoeftes van die teikenmark sal voorsien.

3.3.4 'n Belangrike kenmerk van Bybelkor se produksiedepartement is die openheid vir nuwe idees en die aanpasbaarheid by die veranderende behoeftes van die teikenmark. Ons doen baie moeite met mark- navorsing en gee aan verbruikers van ons produkte op verskillende maniere die geleentheid om wenke en versoeke deur te gee en inspraak te lewer in die produksieproses.

**3.3.5 AANBEVELINGS**

**3.3.5.1 Die Algemene Sinode spreek sy hoë waardering uit vir die aantreklike en aktuele Bybelstudiegidse en skolingsmateriaal wat by Bybelkor verskyn en doen 'n beroep op leraars, kerkrade en lidmate om ten spyte van moeilike ekonomiese omstandighede in groot getalle daarvan gebruik te maak.**

**3.3.5.2 Die Algemene Sinode betuig sy dank teenoor die lede van die adviespaneel van Bybelkor wat met groot sorg verseker dat Bybelkor se produkte Bybelgetrou is en aan hoë teologiese en opvoedkundige eise voldoen.**

**3.4 BEMARKING**

3.4.1 Die bemarkingspan staan onder die leiding van mnr Kosie Burger. Hulle maak hoofsaaklik van advertensies, pamflette, radioflitse, plakkate en posveldtogte gebruik om die verskillende gidse onder die aandag van leraars, gemeentes, boekwinkels, rekeninghouers en die breë publiek te bring.

3.4.2 'n Baie belangrike bemarkingskanaal is die meer as 1 100 skakelpersone in die verskillende gemeentes van verskeie kerke. Hierdie skakelpersone word ingelig gehou oor die beskikbaarheid en die gebruiksmoontlikhede van die verskillende gidse van Bybelkor. Hulle doen 'n belangrike werk om die leraars, kerkrade en lidmate in hulle gemeentes aan te moedig om van Bybelkor se materiaal gebruik te maak.

3.4.3 In ekonomiese omstandighede wat al hoe moeiliker word, moet steeds groter en duurder bemarkingsprojekte aangepak word om die bestaande markaandeel te behou en te vergroot. Daarom soek die bemarkingspan steeds na verbeeldingryke en koste-effektiewe metodes om die produkte van Bybelkor aan die man te bring. Gedurende die afgelope vier jaar is gemiddeld 340 000 eenhede per jaar versprei. Ons dank die Here dat daar so 'n groot behoefte aan Bybelstudiemateriaal by ons mense bestaan.

**3.4.4 AANBEVELINGS**

**3.4.4.1 Die Algemene Sinode moedig leraars, kerkrade en kerklike kommissies en instansies aan om die groot bate waaroor die kerk in Bybelkor se gidse beskik, na behore te benut en die verspreiding daarvan by elke geleentheid en op elke moontlike manier te help bevorder.**

**3.4.4.2 Die Algemene Sinode spreek sy waardering uit vir die werk wat die skakelpersone vir kerklike media in die gemeentes doen en versoek kerkrade om hulle waar moontlik in hulle taak by te staan.**

**3.5 STUDENTEDIENSTE**

3.5.1 Die dienste wat aan die "studente" gelewer word, word bestuur deur ds AJ van Wijk en sy departement. Elke jaar word ongeveer 15 000 sertifikate uitgereik aan mense wat die Bybelstudiekursusse suksesvol voltooi. Hiervan word 84% vir die veeltalige gidse uitgestuur. Dit is meer as 60 per werksdag.

3.5.2 'n Baie belangrike en unieke diens wat Bybelkor lewer, is die pastorale raadgewersdiens oor die pos. Jaarliks word ongeveer 5 000 persoonlike briewe met antwoorde op vrae en probleme in sewe verskillende tale uitgestuur. Dit is 'n effektiewe sendingaksie om mense met die evangelie van Christus te bereik.

### 3.6 ONTWIKKELING

**3.6.1** Bybelkor se ontwikkelingsdepartement staan onder leiding van ds Anné Verhoef. Hy en sy span slaag daarin om belangrike skakelwerk te doen, inligting te versprei en fondse vir Bybelkor se werk in te samel.

**3.6.2** By die sitting van die Algemene Sinode in 1986 is besluit om die geldelike ondersteuning van Bybelkor se werk deur die Sinode te begin uitfaseer. Bybelkor het toestemming ontvang om fondse in te samel om sy werk meer doeltreffend te kan doen. Ons nader normaalweg nie gemeentes vir geldelike ondersteuning nie. Ons klop aan by goedgesinde persone en instansies wat hulle hande vir die Here se werk oopmaak. Die bydraes wat ons ontvang, word hoofsaaklik gebruik om die gidse te subsidieer en binne die bereik van elkeen te bring, die pastorale raadgewersdiens in stand te hou en die evangelie deur middel van Bybelstudiegidse ver en wyd uit te dra.

#### 3.6.3 AANBEVELINGS

**3.6.3.1 Die Algemene Sinode spreek sy waardering uit vir die feit dat Bybelkor sy werk met groot verantwoordelikheid en sonder die geldelike ondersteuning van die kerk doen.**

**3.6.3.2 Die Algemene Sinode betuig sy dankbaarheid dat Bybelkor moeite doen om die pryse van sy gidse te subsidieer en dit binne die bereik van elke lidmaat te bring.**

### 3.7 FINANSIES

**3.7.1** Die finansies word bestuur deur dr JA Victor, die adjunk-uitvoerende direkteur. Bybelkor beskik oor 'n doelmatige rekenaarprogram wat in al ons behoeftes voorsien. Dit stel ons in staat om 'n akkurate, volledige en betydse diens aan ons kliënte te lewer en terselfdertyd lewensbelangrike bestuursinligting beskikbaar te hê.

**3.7.2** Die belangrikste bron van Bybelkor se inkomste is die verkope van sy produkte. In die jongste boekjaar maak dit 57,7% van die totaal uit. Die res word aangevul deur donasies ontvang en dienste gelewer.

### 3.8 ANDER WERK

**3.8.1** Omdat Bybelkor oor die infrastruktuur beskik, het hy gedurende die afgelope aantal jare by verwante werksaamhede betrokke geraak. Daarmee wil hy meer geleenthede benut om die evangelie van Jesus Christus uit te dra.

**3.8.2** Bybelkor is betrokke by sendingaksies in Indië en Sri Lanka. Deur sy geldelike ondersteuning word instansies in daardie lande in staat gestel om Bybelstudiegidse in inheemse tale te versprei en groot getalle mense tot geloof in Jesus Christus te help lei.

**3.8.3** Bybelkor werk met die Hugenote-Kollege saam om die Hugenote-Bybelinstituut te bedryf. Naskoolse opleiding in Bybelse vakke word per korrespondensie gedoen. Op die oomblik kan studente inskryf vir 'n tweejarige diplomakursus in Bybelkunde, 'n tweejarige diplomakursus in kerklike werk en 'n eenjarige seniordiplomakursus in Christelike etiek. Ons is ook besig om toepaslike kursusse in jeugbediening en sendingopleiding op te stel. Daar is tans amper 400 studente wat oor ons hele land en selfs in die buiteland aan die onderrig deelneem.

**3.8.4** Bybelkor werk met ander instansies saam om 'n interkerklike Bybelinstituut te bedryf wat op 'n lae akademiese vlak opleiding bied aan die leiers van onafhanklike inheemse kerke. Dit is 'n baie goeie geleentheid om die ware boodskap van die Bybel tuis te bring by mense wat elk 'n groep volgelinge het wat met die evangelie bereik kan word. Daar is tans 240 studente wat met hierdie driejarige kursus besig is.

#### 3.8.5 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode boekstaaf sy dank en waardering vir die harde werk wat die bestuurspan en operasionele personeel van Bybelkor doen om die belange van die Here se koninkryk op so 'n vrugbare akker met toewyding te dien.**

## 4. MEMA-MEDIA

### 4.1 INGRYPENDE VERANDERINGS

#### 4.1.1 Ingelyf by die AKKM

In 1990 het die Algemene Sinode besluit dat Mema onder die vleuels van die AKKM moes kom. Op hierdie manier sou die koördinering en die oorhoofse bestuur van die kerklike mediabediening bevorder word. Hierdie oorskakeling het glad verloop en die samewerking tussen Mema, Bybelkor en die Tydskriftemaatskappy het tot voordeel van almal vordering gemaak.

#### 4.1.2 Betrokkenheid by GNTV

In 1991 het Mema as produksiehuis betrokke geraak by die vervaardiging van televisieprogramme vir Goeie Nuus-TV. Heelwat uitgawes is aangegaan en personeel aangestel om te verseker dat Mema hierdie taak suksesvol sou kon uitvoer. Toe die uitsendings van GNTV na vyf maande in November 1991 skielik gestaak is, het Mema in vaarwaters beland. Dit het die Mema-kommissie genoodsaak om in Maart 1992 drastiese besluite te neem om Mema se voortbestaan te verseker.

#### 4.1.3 Verskuiwing na Wellington

**4.1.3.1** Die Mema-kommissie het gevra dat Bybelkor hierdie instansie onder sy vleuels neem. Mema het in die loop van 1992 na Wellington verskuif. Sy personeel en werksaamhede moes in die proses drasties ingekort word.

**4.1.3.2** Die effek van die finansiële probleme en die verskuiwing van Mema na Wellington was uiteindelik heelwat groter as wat verwag is. Dit het langer geneem om die momentum van Mema se val te keer en in 'n positiewe rigting te laat swaai. Ons is dankbaar om te kan rapporteer dat daardie keerpunt in Mei 1993 bereik is. Sedert daardie datum lewer Mema weer 'n flinke diens en is daar 'n verrassende groei te bespeur.

4.1.3.3 Hierdie reddingsaksie het geweldige eise aan die personeel en finansiële vermoëns van Bybelkor gestel. In die proses moes Bybelkor ongeveer 'n half miljoen rand van sy eie finansiële reserwes inploeg om Mema weer op die been te help. Ons is dankbaar dat Mema na 33 jaar van waardevolle diens kan voortgaan om sy werk in belang van die Here se koninkryk te doen.

**4.1.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode spreek sy innige dank teenoor die bestuur en personeel van Bybelkor uit vir die onbaatsugtige diens wat hulle gelewer het om Mema-Media in moeilike omstandighede onder hulle vleuels te neem en sy voortbestaan te verseker.**

**4.2 STRUKTUUR**

**4.2.1 Artikel 21-maatskappy**

Kort na Mema se aankoms in Wellington is hy (soos sy vennote in die geledere van die AKKM) as 'n Artikel 21-maatskappy geregistreer met die naam Mema-Media. (Daar was reeds 'n ander geregistreerde maatskappy in ons land met die naam Mema!) Die AKKM tree as ledevergadering van Mema-Media op.

**4.2.2 Direksie**

Die Direksie van Mema-Media bestaan uit dieselfde lede as dié van Bybelkor. In hierdie geval is ds JvW du Plessis die voorsitter en ds GJ Koen die ondervoorsitter.

**4.2.3 Bestuur en personeel**

Ds HJ Linde is die uitvoerende direkteur van Mema-Media en die res van die bestuurspan bestaan uit dr JA Victor (adjunk-uitvoerende direkteur en hoof van finansies), ds PJ Neethling (produksie), ds AJ Verhoef (ontwikkeling), mnr J Burger (bemarking) en mnr JJ Joubert (menslikehulpbron-bestuur).

4.2.4 Mema-Media beskik slegs oor vier "eie" personeellede - 'n klein produksiespan. Die res van die dienste (bestuur, administrasie, bemarking, ontwikkeling en menslikehulpbron-bestuur) word deur die personeel van Bybelkor gelewer.

**4.3 PRODUKSIE**

Met die verskuiwing van Mema na Wellington is die bestaande produkte deeglik gekeur en slegs produkte van hoogstaande gehalte vir voortgesette verspreiding aanvaar. Die produksiespan van Mema-Media sorg daarvoor dat aktuele en aantreklike nuwe produkte hulle verskyning maak wat in die behoeftes van die mark voorsien.

**4.3.1 Video's**

4.3.1.1 Daar is op die oomblik bykans 200 video's by Mema-Media beskikbaar. Die meeste daarvan is Mema-Media se eie produkte, maar daar is ook 'n groot verskeidenheid video's van ander vervaardigers in die katalogus. Hierdie video's is almal te koop en die meeste daarvan kan ook gehuur word.

4.3.1.2 Die video's handel oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe en is gerig op verskillende teikengroepe. Een van die heel nuutste produksies is 'n musiekvideo vir laerskoolkinders met die titel "Klankekalante". Hierdie treffer het opnuut bewys dat Mema-Media die boodskap van die Bybel op 'n kragtige en eietydse manier deur middel van die elektroniese media kan oordra.

**4.3.2 Klankkassette**

4.3.2.1 Mema-Media het tans amper 500 klankkassette vir gebruik beskikbaar. Omdat die kassette so goedkoop aangebied word, is dit net te koop.

4.3.2.2 Die klankkassette handel oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe en kan op verskillende maniere deur gelowiges gebruik word. 'n Baie belangrike deel daarvan is oordenkings en kort dienste in 'n groot verskeidenheid tale wat in ons land gepraat word. Werkgewers kan hiervan gebruik maak om die evangelie van Jesus Christus in die eie taal van sy werknemers aan hulle oor te dra.

4.3.2.3 Mema-Media het onlangs ook begin om as die alleenverspreider van programsnitte van Radiokansel op kasset op te tree.

**4.3.3 Skyfiereekse**

As 'n diens aan persone en instansies wat nie oor 'n videomasjien beskik nie, hou Mema-Media 126 gekeurde skyfiereekse met 'n klankbaan op kasset beskikbaar. Dit is veral geskik om in sendingaksies en by byeenkomste van kinders gebruik te word.

**4.3.4 Produksies vir ander instansies**

Mema-Media se produksiespan is baie goed toegerus om klank- en beeldprogramme vir ander instansies te vervaardig. In die jongste verlede is bekendstellings-video's, televisieprogramme en musiekkassette vir 'n verskeidenheid kliënte gemaak. Kerklike instansies word uitgenooi om van ons eie produksiespan se dienste gebruik te maak.

**4.3.5 AANBEVELINGS**

**4.3.5.1 Die Algemene Sinode spreek sy waardering uit vir die effektiewe wyse waarop die produksiespan van Mema-Media die boodskap van die Bybel deur die oudiovisuele media aan talle teikengroepe uitdra.**

**4.3.5.2 Die Algemene Sinode moedig leraars, kerkrade en lidmate aan om die video's en klankkassette van Mema-Media waar enigsins moontlik in die gemeentelike bediening te gebruik en te laat gebruik om sodoende die effektiwiteit van die gemeente se dienswerk te verhoog.**

**4.3.5.3 Die Algemene Sinode versoek die lidmate om die klankkassette van Mema-Media met boodskappe in verskillende tale in groot getalle te gebruik sodat die evangelie in interkulturele kontakte doeltreffend oorgedra kan word.**

**4.3.5.4 Die Algemene Sinode moedig kommissies en kerklike instansies aan om van Mema-Media se produksiespan gebruik te maak wanneer hulle beeld- en klankproduksies wil laat maak.**

#### 4.4 VERSPREIDING

##### 4.4.1 'n Merkwaardige herstel

Gedurende die 1992/93-boekjaar (die jaar van die verskuiwing) is 6 527 produkte versprei. Dit het in die 1993/94-boekjaar met 118,8% verbeter na 14 283 eenhede. As iets van hierdie groei gehandhaaf kan word (en ons glo dat dit sal gebeur) sal Mema-Media homself binnekort opnuut vestig as 'n instansie wat 'n belangrike bydrae lewer om die evangelie van Jesus Christus deur die elektroniese media uit te dra.

##### 4.4.2 Verspreidingspunte

Mema-Media het 'n verspreidingspunt by die Sending-pers-gebou in Bloemfontein en in die Sinodale Sentrum in Pretoria. Uit die hoofkantoor in Wellington word produkte landwyd oor die pos versprei. Elke gemeente en instansie wat van die elektroniese media gebruik wil maak, kan dit maklik en gou bekom.

##### 4.4.3 Mediasentrums

Gemeentes en instansies wat 'n mediasentrum op die been bring en by Mema-Media registreer, betaal 'n jaargeld van R285,00. Daarvoor ontvang hulle vyf van Mema-Media se eie video's van hulle eie keuse gratis elke jaar en kry hulle tot 30% korting op verdere aankope. Daar is op die oomblik 367 mediasentrums wat van hierdie voordele gebruik maak.

##### 4.4.4 Lede

Persone, gemeentes en organisasies wat as lede by Mema-Media aansluit, betaal R120,00 per jaar. Hiervoor ontvang hulle een video of vyf klankkassette gratis, tot 20% korting op die aankoop van produkte en 30% korting op huurgeld. Die ledetal staan tans op 253.

##### 4.4.5 AANBEVELINGS

**4.4.5.1 Die Algemene Sinode moedig elke gemeente aan om 'n mediasentrum te vestig en uit te bou sodat video's en klankkassette vryelik beskikbaar sal wees vir gebruik deur die lidmate en gemeentelike groepe.**

**4.4.5.2 Die Algemene Sinode versoek lidmate en kerklike liggame om as lede by Mema-Media aan te sluit, self die wesenlike voordele te benut en terselfdertyd die media-bediening van die kerk te ondersteun.**

#### 4.5 FINANSIES

4.5.1 Ongeveer 57% van Mema-Media se inkomste word op die oomblik deur verkope van produkte verkry. Die res kom van donasies van goedgesinde persone en instansies.

4.5.2 Mema-Media gaan tans nog gebuk onder 'n betreklik groot skuldelas uit die verlede. Wanneer daardie skuld betaal is, sal hierdie instansie weer volledig selfstandig kan funksioneer en sy werk op 'n doeltreffende wyse voortsit.

##### 4.5.3 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode betuig sy dank en waardering teenoor die bestuur en personeel van Mema-Media wat in 'n baie moeilike tyd met toewyding en opoffering dié belangrike werk in stand gehou en opnuut begin uitbou het.**

## 5. WYSIGING VAN DIE REGLEMENT VIR DIE AKKM

#### 5.1 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit dat die volgende artikels van die Reglement vir die Algemene Kommissie vir Kerklike Media (Reglement 13) soos volg gewysig word:**

**5.1.1 Art 2.2 Die hoofredakteur van kerklike tydskrifte en die uitvoerende direkteur van Bybel-Media (Bybelkor en Mema-Media);**

**5.1.2 Art 3.1 (nuut) koördineer die mediabediening van die Ned Geref Kerk en rig hom onder meer deur die werk van die Tydskriftemaatskappy en van Bybel-Media (Bybelkor en Mema-Media) tot die lidmate van die kerke sowel as tot ander Christene en nie-Christene in ons land en elders;**

**5.1.3 Art 3.2 (nuut) bring deur die mediabediening aan almal die evangelie in sy volle omvang en toegepas op al hulle lewensbehoeftes, met gebruikmaking van geskikte gedrukte en elektroniese media;**

**5.1.4 Art 3.3 (nuut) verseker dat hierdie bediening op 'n doeltreffende, ekonomiese en waar moontlik ekumeniese wyse plaasvind sodat die kerk van Christus opgebou, die koninkryk van God uitgebou en die Naam van die Here geëer word;**

**5.1.5 Art 3.4 (ou 3.1) kies in sy hoedanigheid as ledevergadering van die Tydskriftemaatskappy van die Ned Geref Kerk kragtens die statute die direkteure van die maatskappy;**

**5.1.6 Art 3.5 (ou 3.2) kies in sy hoedanigheid as ledevergadering van Bybel-Media (Bybelkor en Mema-Media) kragtens die statute die direkteure en die uitvoerende direkteur van die maatskappy;**

**5.1.7 Die ou Artikel 3.3 verval in sy geheel.**

**5.1.8 Art 3.6 (ou 3.4) Onveranderd.**

**5.1.9 Art 3.7 (ou 3.5) is as ledevergaderings deur die direksies van die voormelde maatskappye verantwoordelik vir die uitgee en beheer van die kerklike tydskrifte, Die Jaarboek, die Bybelstudiegidse en toerustingmateriaal van Bybelkor en die oudiovisuele media van Mema-Media en alle ander publikasies en media aan hom opgedra;**

**5.1.10 Art 3.8 (ou 3.6) beheer as ledevergaderings deur die direksies van die maatskappye die fondse aan hom toevertrou;**

**5.1.11 Art 3.9 (ou 3.7) benoem 'n subkommissie vir koör-dinering met die oog op die beplanning en koördinering van alle kerklike media;**

**5.1.12 Art 3.10 (ou 3.8) Onveranderd.**

**5.2 MOTIVERING**

**5.2.1** Die Direksies en Ledevergaderings van Bybelkor en Mema-Media beveel hiermee aan dat hierdie twee instansies struktureel en administratief een word onder die maatskappynaam Bybel-Media. Sowel Bybelkor as Mema-Media word dan bedryf as divisies van Bybel-Media. Albei name word steeds as handelsname gebruik waaronder produkte uitgegee en versprei word en al die ander werksaamhede bedryf word wat tans onder hierdie name plaasvind. Die Direksies en Ledevergaderings wil beklemtoon dat hierdie naamsverandering slegs administratief en struktureel van aard is. Die werksaamhede sal soos tans voortgesit word en die persone wat met hierdie twee instansies kontak het, sal nie noodwendig die verskil agterkom nie.

**5.2.2** Die rede vir die strukturele verandering is die feit dat die bedryf van twee verskillende maatskappye geweldig baie onnodige werk en kostes meebring. Die bestuur, die daaglikse werksaamhede en die rekeningkundige prosesse sal baie eenvoudiger, meer stroombelyn en koste-effektief gemaak kan word as die betrokke instansies as divisies van 'n enkele maatskappy bestuur en bedryf word.

**5.2.3** Die name Bybelkor en Mema-Media bestaan al vir baie jare in die kerk. Dit het groot bekendheid verwerf en boesem vertroue by die lidmate in. Die AKKM gee graag aan die Algemene Sinode die versekering dat hierdie name nie van die toneel gaan verdwyn nie, maar steeds gebruik sal word as vertroude handelsname waaronder hierdie media van die kerk uitgegee en versprei word.

## 6. WYSIGING VAN DIE REGLEMENT VIR DIE ASK

**6.1** Weens die onduidelike formulering van 2.1.4 van Reglement 2 het nie al die predikante in algemene sinodale diens wat deur die AKKM aangewys word, die geleentheid gehad om die vergaderings van die ASK in adviserende hoedanigheid by te woon nie.

**6.2 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit om 2.1.4 van Reglement 2 soos volg te wysig:**

**Art 2.1.4 predikante in algemene sinodale diens woon alle vergaderings in adviserende hoedanigheid by.**

F SWANEPOEL (Voorsitter)
HJ LINDE (Skriba)

# A.11 ALGEMENE KOMMISSIE VIR FONDSE

Geagte broer voorsitter en broers

Dit is vir die kommissie 'n voorreg om soos volg verslag te doen:

## 1. PERSONEEL

Die samestelling van die kommissie is gedurende die reses gewysig, soos amptelik benoem deur die onderskeie sinodes, ooreenkomstig die reglement. Dit was ook met leedwese dat kennis geneem is van die afsterwe van di TE Lombard (1992) en MJ Basson (1993). Oor baie jare het hulle die kommissie met kennis en onderskeiding gedien.

## 2. DAGBESTUUR

Die dagbestuur het aanvanklik uit vyf lede bestaan, maar na die heengaan van di TE Lombard en MJ Basson is besluit om die vakatures nie aan te vul nie.

## 3. FINANSIëLE TOESTAND VAN DIE KERK

Sinodale gebiede het gedurende die reses wisselende invloede van die politieke, ekonomiese en landbouwerklikhede in hulle finansiële posisie gehad. Terwyl sommige gemeentes totale finansiële agteruitgang beleef het, is andere geseën met positiewe groei. Meer as ooit het finansieel sterker gemeentes 'n helpende hand uit- gesteek na die nood van ander.

Ten spyte van hierdie hulpverlening was baie gemeentes en sinodes egter steeds genoodsaak om drastiese rasionalisering in te stel. Hieruit is die reëling van 'n tentmakerpos as gewilde "uitkoms" toegepas, terwyl baie vakante leraarsposte gekanselleer of gevries is. Ongelukkig is sommige kerkrade en sinodes ook gedwing om bestaande poste te termineer.

Die vertroue word egter uitgespreek dat na 1994 die politieke, landbou- en algemene ekonomiese toestande dermate sal stabiliseer dat die offervaardigheid van lidmate sal toeneem, sodat die kerk weer sy opbou- en uitboufunksie doelgerig sal kan vervul.

## 4. AMPSHUISE

### 4.1 Eiendomme in Garsfontein en Constantiapark, Pretoria

Die Algemene Sinode het oor twee ampshuise beskik vir besetting deur predikante in Algemene Sinodale diens. Vanweë praktiese oorwegings is die huise nooit deur die Predikante in Sinodale Diens betrek nie en is dit sedert die aankoop daarvan verhuur. Dit het die AKF genoodsaak om die pastorieë in Garsfontein en Constantiapark te verkoop, aangesien dit nie die bedoeling was dat die eiendomme permanent verhuur moet word nie. Die eiendomme is verkoop en die opbrengs is belê in die Behuisingsfonds.

### 4.2 Pastorie AKDB

Met die aanvaarding van die pos Predikant in Sinodale Diens AKDB deur dr DF Theron moes voorsiening gemaak word vir huisvesting.

'n Aanvanklike ooreenkoms tussen Oos-Transvaal en AKDB het tot gevolg gehad dat dr Theron in die pastorie van Oos-Transvaal in Monumentpark sou woon en die PSD-SKDB Oos-Transvaal in die pastorie van die Algemene Sinode in Brummeria. Hierdie ooreenkoms het spoedig ernstige praktiese probleme opgelewer.

Die AKF kon na onderhandelinge met die dagbestuur en Sinodale Kommissie van Oos-Transvaal daarin slaag om 'n "ruiltransaksie" te beding wat vir beide sinodes bepaalde voordele ingehou het, met die minimum addisionele koste vir die Algemene Sinode en ontwrigting van die inwoners.

### 4.3 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit:**
**Dank word uitgespreek teenoor die Sinodale Kommissie van Oos-Transvaal vir die wyse waarop die ruiltransaksie van pastorieë tussen Oos-Transvaal en die Algemene Sinode gefinaliseer kon word.**

## 5. BEGROTINGSKONTROLE

### 5.1 Begrotings

Konsepbegrotings is jaarliks van kommissies aangevra en waar nodig bespreek. Streng dissipline is toegepas in die finale samestelling van die begroting, sodat die verhouding tussen die vorige jaar se uitgawes en die begroting nie buite verband staan nie. Kommissies ontvang gereeld maandstate sodat hulle betyds kan kennis neem van die stand van fondse onder hulle beheer.

### 5.2 Finansiële state

Kommissies wat voordele uit die begroting ontvang, maar wie se administrasie nié deur die kantoor in Pretoria behartig word nie, moet jaarliks 'n geouditeerde finansiële staat indien. Hierdie state word deeglik nagegaan en waar nodig word aanbevelings gemaak vir implementering.

### 5.3 Samewerking van Kommissies

Dit kan met groot waardering betuig word dat al die kommissies van die Algemene Sinode met groot erns finansiële dissipline toegepas het. Geen uitgawes is aangegaan wat nie noodsaaklik is nie. Waar samewerkingsooreenkomste finansiële verligting kan inhou, is dit uitgevoer, dikwels met groot opoffering.

# 6. BEGROTING

## 6.1 Styging

Die totale bedrag wat van die sinodes gevorder is, het oor die afgelope vier jaar soos volg gewissel:

1991/92 - R1 550 829 styging + 13,01%
1992/93 - R1 696 764 styging + 9,41%
1993/94 - R1 700 000 styging + 0,19%
1994/95 - R1 700 000 styging + 0,00%

**6.2** Die AKF het besluit om die 1993/94 begroting vir die sinodes te beperk op R1 700 000. Aangesien die totale begroting egter R1 840 168 beloop het, is die balans (R140 168) uit die Stabilisasiefonds gefinansier. Vir die begroting van 1994/95 is die bedrag ook vasgepen op R1 700 000. Die balans van R273 088 word ewe eens uit die Stabilisasiefonds gefinansier. Die doel van die Stabilisasiefonds is juis om voorsiening te maak vir noodtoestande soos tans en om die begrotings te stabiliseer.

# 7. VROULIKE LERAARS

7.1 Nadat die Algemene Sinode die bevestiging van vroulike leraars goedgekeur het, het dit geblyk dat die vergoedingspakket vir sodanige persone sekere vrae onbeantwoord laat.

## 7.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit:**
**Voltydse vroulike leraars word vergoed op dieselfde skaal as manlike leraars, soos van tyd tot tyd vasgestel. Aanpassings ten opsigte van huisvesting, mediese skema, pensioenfonds, ensovoorts kan gemaak word waar nodig en nadat dit kontraktueel bepaal is.**

# 8. WêRELDWYE ONGEVALLEVERSEKERING

## 8.1 VRYWILLIGE ONGESKIKTHEIDSVERSEKERING BY VERSEKERINGSMAATSKAPPYE

### 8.1.1 Probleemstelling

Vrywillige Ongeskiktheidsversekering is 'n uitbetaling aan 'n kerkraad wat daarby ingeskakel is met die oog op 'n predikant wat beseer word of selfs te sterwe kom.

Aangesien kerkrade, wat wel uit die versekering voordele trek, dikwels vanweë die hoë koste wat hulleself in sulke gevalle het, die voordele aanwend vir uitgawes aangegaan aan die salaris, ensovoorts, van die leraar sowel as sy plaasvervangende hulp, ontstaan die vraag of die kerkrade dit nie direk na ontvangs daarvan aan die betrokke leraar of sy gesin moet oorbetaal nie. Kerkordelik word ook sekere voorskrifte neergelê wat die kerkraad moet uitvoer teenoor die familie van 'n leraar wat te sterwe kom. Die kerk het ook ruim voorsiening gemaak vir die verlies aan inkomste van 'n gesin by dood.

### 8.1.2 Gevolgtrekking

Die Algemene Sinode sou dus nie voorskriftelik kan wees ten opsigte van die aanwending van ongeskiktheidsversekering deur 'n kerkraad nie. Dit kan as redelik aanvaar word dat 'n kerkraad ongeskiktheids- versekering uitneem om hom te beskerm teen stygende uitgawes in geval van 'n ongeval by hulle leraar in diens.

### 8.1.3 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit:**
**8.1.3.1 Vrywillige Ongeskiktheidsversekering is in die eerste plek bedoel om kerkrade wat sodanige versekering uitneem, te beskerm teen groot addisionele uitgawes, vanweë langdurige afwesigheid of dood van 'n leraar as gevolg van 'n ongeluk.**

**8.1.3.2 Kerkrade wat deelhebbers is aan vrywillige ongeskiktheidsversekering besluit self, maar verkieslik in oorleg met die ring, of 'n bedrag aan 'n leraar, wat in 'n ongeluk beseer is, of aan die gesin van 'n leraar wat as gevolg van sy beserings te sterwe kom, uitbetaal sal word. Die koste van 'n kerkraad as gevolg van 'n ongeval geld as maatstaf.**

## 8.2 STATUTêRE ONGEVALLEVERSEKERING

### 8.2.1 Probleemstelling

Statutêre ongevalleversekering is ingevolge die nuwe Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (Wet nommer 130 van 1993) vanaf 1 Maart 1994 verpligtend vir alle werknemers van 'n werkgewer.

Versekering kan in terme van die Wet gereël word met die Ongevallekommissaris of, met goedkeuring van die Kommissaris, met 'n onafhanklike versekeraar.

Die vereiste is dat alle werknemers by die Kommissaris moet inskakel of alle werknemers by die onafhanklike versekeraar moet inskakel.

### 8.2.2 Beoordeling

By hierdie versekering is die werknemer die begunstigde en word bepaalde voordele aan hom uitbetaal in geval van ongeskiktheid as gevolg van 'n besering opgedoen in die uitvoering van sy pligte (of aan sy afhanklikes by sy afsterwe).

### 8.2.3 Gevolgtrekking

Statutêre ongevalleversekering moet in alle gevalle vir werknemers gereël word.

Werkgewers (byvoorbeeld gemeentes) kan die tariewe en voordele van die Ongevallekommissaris ingevolge die Wet vergelyk met dié van private versekeraars en in die lig daarvan besluit of daar by die Kommissaris aansoek gedoen moet word om privaat te verseker.

Hierdie besluit kan beïnvloed word deur plaaslike omstandighede (byvoorbeeld die beskikbaarheid van addisionele versekering soos in 8.1 bo genoem).

### 8.2.4 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit dat kerkrade in die lig van plaaslike omstandighede self besluit of:**

**8.2.4.1 statutêre ongevalleversekering ingevolge die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (Wet nommer 130 van 1993) met die Ongevallekommissaris gereël word;**

**8.2.4.2 met die goedkeuring van die Kommissaris met 'n private versekeraar gereël word.**

## 9. BEMAKINGS ONTVANG

Die volgende bemakings is gedurende die reses ontvang en op die fondse geplaas soos deur die testamente bepaal.

### 9.1 BEMAKING JH BOSMAN

'n Bedrag van R122 346,34 is uit die boedel van wyle JH Bosman oorbetaal aan die Algemene Sinode met die testamentêre bepaling dat dit vir sending aangewend word. 'n Pro rata-oorbetaling is tussen die verskillende sinodes en vir Sending Onder die Kommuniste gemaak.

### 9.2 BEMAKING AJS ROOS

'n Bedrag van R1 000,00 uit die boedel van wyle AJS Roos ontvang. Geen voorskrif bestaan oor die aanwending van die geld nie. Dit is deur die AKF op die Reserwefonds inbetaal.

### 9.3 BEMAKING SJ EN JD BUITENDACH

9.3.1 Die Ned Geref Kerk is as primêre begunstigde in die gesamentlike boedel van SJ en JD Buitendach (moeder en seun) benoem. Die nodige reëlings is getref om die belange van die kerk te verseker. 'n Dispuut oor die regsgeldigheid van die testament is tans hangende. Die kerk sal verplig wees om sy belange te beskerm indien oorgegaan word tot enige aksies, aangesien die tersaaklike klousule duidelik bepaal "aan die Nederduits Gereformeerde Kerk ter aanwending in hul eie diskresie tot voordeel van hulself, weeshuise en ouetehuise onder hulle beheer". Die Meester van die Hooggeregshof het reeds die testament in orde bevind en ABSA Trust as eksekuteurs goedgekeur.

Vanweë sekere regstegniese onduidelikhede is 'n regsmening oor die hele aangeleentheid aangevra. Hieruit blyk dit egter dat daar nie 'n redelike vooruitsig bestaan dat die Hof sal bevind dat die twee oorlede Buitendachs se boedels, soos aanvanklik aanvaar, saamgesmelt het nie. Dit sou beteken dat die twee oorledenes se boedels afsonderlik intestaat sal vererf.

Die advies hierop is dat die kerk die aansoek van die familie nie moet opponeer nie en dat daar by die uitspraak berus behoort te word. Die dagbestuur van die AKF het die volgende besluite oor die aangeleentheid geneem:

"Die dagbestuur van die Algemene Kommissie vir Fondse besluit dat:

1. regsadvies daarop dui dat dit nie bo redelike twyfel aanvaar kan word dat die kerk sal slaag in sy poging om boedelsamesmelting te bewys waar die bloedige handbeginsel bestaan nie;

2. die kerk daarteen moet waak om onnodige kostes aan te gaan met baie negatiewe publisiteit, terwyl kanse op sukses nie vanselfsprekend is nie;

3. die kerk kennis gee dat hy nie verder die aansoek van die eiser (familie van die oorledenes) aan die Hooggeregshof wil opponeer nie. Uitspraak van die Hooggeregshof word aanvaar;

4. indien die eiser in sy aansoek suksesvol is, word 'n rekonsiliasie van die administrasiekoste van die kerk gemaak en as eis teen die boedel ingestel;

5. alle kostes vir regsadvies uitbetaal word en dat aansoek by die Algemene Sinode gedoen word vir kondonasie."

### 9.3.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit dat geleentheid aan die AKF gebied word om ter vergadering 'n aanbeveling te doen in die lig van moontlike verdere verwikkelinge.**

### 9.4 BOEDEL WYLE MEV EM DU PREEZ

Uit die boedel van wyle EM du Preez is R2 000 ontvang vir die Algemene Kommissie vir Sending en Evangelisasie.

### 9.5 BOEDEL WYLE MEV EJ STANFORD

Wyle mev EJ Stanford het 'n bemaking nagelaat ten gunste van die Kommissie vir Sending en Evangelisasie. Sodra meer besonderhede ontvang word, sal gehandel word volgens die bepalinge van die testament.

## 10. KOSTESTRUKTUUR ALGEMENE SINODE

### 10.1 Opdrag

(Handelinge Algemene Sinode, 1990, bl. 634 pt.4.1.4.4 - Amendement pt. 2)

" Die koste-aspek van sinodesittings word vir ondersoek na die Algemene Kommissie vir Fondse verwys. Die bevindings en aanbevelings word aan die Algemene Sinodale Kommissie voorgelê. Die ASK kry volmag om die aangeleentheid af te handel en in werking te stel."

Die Algemene Kommissie vir Fondse het besluit om die saak te laat oorstaan tot na die vergadering van die Algemene Sinode. Uit die ondersoek het dit duidelik geblyk dat die status quo moeilik verander kan word en dat herstrukturering van vergaderinge nie wysiginge sonder meer behoef nie.

### 10.2 Beoordeling

Navraag is by die verskillende sinodes gedoen oor die sinodale uitgawes ná die vergadering in Bloemfontein, sowel as die verskillende pogings wat aangewend is om daadwerklike besparings te bewerkstellig.

### 10.3 Gevolgtrekking

Uit bogenoemde het dit duidelik geblyk dat 'n eenvormige beleid, vanweë geografiese omstandighede, nie maklik toegepas kan word nie. Wat vir een sinodale gebied 'n besparing kan bewerkstellig, byvoorbeeld blokbespreking op vliegtuie en in hotelle, kan nie in 'n ander sinode toegepas word nie vanweë eiesoortige omstandighede.

**10.4 Rasionalisering**

Die vraag kan gestel word of, soos aanbeveel in die verslag van die Rasionaliseringskommissie, een permanente vergaderplek (sê Pretoria) nie 'n besparing kan bewerkstellig wat die oorweging daarvan die moeite werd maak nie. Hierteen het die Algemene Sinode hom egter baie duidelik uitgespreek omdat aanvaar is dat koste nie noodwendig die belangrikste oorweging kan wees wanneer een sentrum as vergaderplek oorweeg word nie. Sentimente en ander sake wat 'n rol speel kan nie sonder meer geïgnoreer word nie.

**10.5 Verkleinde Sinode**

Besparing sou bewerk kon word wanneer besluit word dat die Algemene Sinode drasties verklein in sy samestelling. Hierdie beginsel is reeds deur die Algemene Sinode beredeneer en dit lyk tans of daar nie maklik tot hierdie stap oorgegaan sal word nie. Dit lê ook nie op die terrein van die Algemene Kommissie vir Fondse om hieroor beginselbesluite te neem nie. Die Algemene Kommissie vir Fondse het ook geen opdrag om dit spesifiek te ondersoek nie.

**10.6 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit**
**10.6.1 dat demografiese omstandighede dit nie wenslik maak nie om 'n eenvormige kostestruktuur te oorweeg vir implementering deur sinodes vir afgevaardigdes na die vergadering van die Algemene Sinode;**

**10.6.2. sinodes stel eie besparingsmaatreëls in om daarmee te handel soos wat dit prakties moontlik mag wees;**

**10.6.3. dat besparings, hoewel belangrik, nie noodwendig die belangrikste of enigste oorweging kan wees by die vasstelling van 'n vergaderplek vir die Algemene Sinode nie.**

## 11. RASIONALISERING KANTOOROPPERVLAKTES (ALGEMENE SINODE)

11.1 'n Ondersoek na onderbenutting van kantoorruimtes wat deur die kommissies van die Algemene Sinode in die Sinodale Sentrum, Pretoria opgeneem word, is gedoen. Deur middel van herbeplanning en in samewerking met die uitvoerende amptenare van kommissies kon 'n herrangskikking van die totale oppervlakte bewerkstellig word. Dit het die totale oppervlakte met 100,68m$^2$ verklein, asook noodsaaklike addisionele kantore geskep.

Die nuwe samestelling van kantoorruimte sien soos volg daaruit:

| KOMMISSIE | BESETTING 1992 | TOEKOMSTIGE BESETTING |
|---|---|---|
| AKDB | 167,19m$^2$ | 128,61m$^2$ |
| SOK | 81,97m$^2$ | 74,84m$^2$ |
| AKSE | 101,53m$^2$ | 85,32m$^2$ |
| AKLAS | 86,66m$^2$ | 65,48m$^2$ |
| AKG (50% sekr) | | 15,60m$^2$ |
| Alg Sinode | 118,50m$^2$ | 60,94m$^2$ |
| Moderator | | 24,38m$^2$ |
| AKKM | 78,22m$^2$ | 78,22m$^2$ |
| TOTAAL | 634,07m$^2$ | 533,39m$^2$ |

**11.2 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit**
**11.2.1 dat die kommissies en in besonder die predikante in Algemene Sinodale diens bedank word vir die positiewe gesindheid wat hulle openbaar het om met groot opoffering kantoorruimtes maksimaal te benut en afstand te doen van ruimtes wat deur herbeplanning as onderbenut beskou kan word;**

**11.2.2 dat die Algemene Kommissie vir Fondse, soos wat omstandighede mag verander, voortdurend aandag daaraan gee dat kantoorruimtes maksimaal benut word.**

## 12. INKOMSTEBELASTINGREëLINGS

12.1 Die AKF staan onder opdrag om van tyd tot tyd met die Kommissaris van Binnelandse Inkomste te skakel ten einde 'n eenvormige beleid vir leraars se aanslag op byvoordele te bepaal.

Heelparty aanvaarbare en beter reëlings is in dié verband beding wat deurgegee is aan sinodes.

**12.2 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit:**
**Die eenvormige beleid wat deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste neergelê word, is 'n interpretasie/uitleg van wetgewing. Leraars aanvaar hierdie beleid as eenvormige reëling waarvolgens belastingaanslae ingevul moet word.**

## 13. AANKOOP BELANG IN SINODALE SENTRUM PRETORIA

**13.1 Probleemstelling**

Die Sinodes van Noord- en Oos-Transvaal het besluit om die skuld van die Sinodale Sentrum, Pretoria af te los deur kapitaal daarin te belê. Aangesien die Algemene Sinode ook een van die huurders is, is hulle genooi om 'n belang in die Sentrum te bekom. Die wins voor rente het in 1992 R2 467 287 beloop en die rendement behoort in die toekoms 'n aansienlike groei te toon. Besetting beloop tussen 91% en 97% op langtermynhuur.

Op langtermyn behoort alle belanghebbendes aansienlik te bespaar aangesien die rentefaktor uitgeskakel is.

#### 13.2 Beoordeling

Die Algemene Kommissie vir Fondse het besluit om 'n belang van R1 miljoen in die Sentrum te verkry en dit te befonds uit die Reserwefonds en die Stabilisasiefonds, wat juis geskep is om drastiese uitgawes te kussing. Beide hierdie fondse word op die ope mark op verskillende wyses belê. Die belegging in die Sinodale Sentrum, Pretoria, is slegs een van die wyses waarop fondse van die kerk veilig belê kan word. Die verskil is egter dat die Algemene Sinode hom op hierdie wyse ook verskans teen huurkontrakte vir kantoorruimtes wat buite verhouding styg en waaroor hyself geen beheer het nie.

#### 13.3 Gevolgtrekking

Aangesien 'n belegging van hierdie aard voordele vir die Algemene Sinode inhou en dit vergelykbaar is met ander vorme van rendering, behoort die geleentheid tot voordeel van die Algemene Sinode aangewend te word.

Die Algemene Sinode kan die belegging te enige tyd te gelde maak, indien die fondse benodig word. Intussen bly dit die taak van die Algemene Kommissie vir Fondse om alle gelde van die Algemene Sinode vir korter of langer tye so gunstig as moontlik te belê.

#### 13.4 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit:**
**Die opneem van 'n belang van R1 miljoen in die Sinodale Sentrum, Pretoria, en die finansiering daarvan uit die Stabilisasiefonds en die Reserwefonds word goedgekeur.**

## 14. VERKORTE FINANSIëLE VERSLAG ALGEMENE SINODE: 1991/92 TOT 1993/94

#### 14.1 OPSOMMING VAN SINODALE UITGAWES

| Fondse | 1991/92 | 1992/93 | 1993/94 |
|---|---|---|---|
| 1. Argief | 16 160 | 20 315 | 25 570 |
| 2. Bybelvertaling | 3 900 | 4 290 | 4 290 |
| 3. AKG | 179 846 | 103 667 | 120 759 |
| 4. AKBD | 451 134 | 427 310 | 405 149 |
| 5. Ekumene | 121 830 | 251 230 | 289 765 |
| 6. AKTO | 5 847 | 7 195 | 9 550 |
| 7. AKSE | 290 020 | 258 145 | 337 055 |
| 8. H Kollege | 194 784 | 197 784 | 169 890 |
| 9. Jeug | 615 742 | 772 565 | 875 814 |
| 10. AKLAS | 189 466 | 207 495 | 235 825 |
| 11. Proefsangbundel | - | - | - |
| 12. Psalmberyming | 20 950 | 20 950 | 20 950 |
| 13. ARK | 16 430 | 23 250 | 42 290 |
| 14. Vrouediens | 25 810 | 15 000 | 15 700 |
| 15. Administrasie | 335 166 | 146 605 | 223 820 |
| 16. Behuising | 55 000 | - | 17 999 |
| 17. Reserwefonds | 10 650 | 70 000 | 1 000 |
| 18. Stabilisasiefonds | 16 000 | 16 500 | 1 000 |
| 19. Moderatuursfonds | 41 540 | 97 230 | 106 430 |
| 20. SOK | 134 691 | 322 950 | 296 055 |
| 21. Bedieningsfonds | 350 000 | 320 000 | 320 000 |
| 22. AKKM* | - | - | 10 030 |
| 22. Admin Heffing | 68 310 | 65 762 | 65 953 |
| TOTAAL | 3 143 276 | 3 348 243 | 3 658 344 |

*AKKM het geen uitgawes op rekening van die Algemene Sinode in 1991/92 en 1992/93 aangegaan nie.

## 15. GEDIFFERENSIEERDE TRAKTEMENTSKAAL LERAARS

#### 15.1 PROBLEEMSTELLING

Daar het, onder andere as gevolg van steeds verswakkkende ekonomiese toestande, uit verskillende oorde versoeke gekom vir die oorweging van 'n gedifferensieerde traktementskaal vir leraars.

Die saak is reeds deur die Algemene Komissie vir Fondse (AKF) in behandeling geneem en daar is op 23 Januarie 1991 soos volg deur die AKF besluit:

"7.8.3 Mediaanskaal met afwykings na bo en onder.

"Die AKF neem kennis daarvan dat die Algemene Sinode in 1982 besluit het dat 'n eenvormige basiese skaal gehandhaaf behoort te word (Agenda bl 325, Acta bl 1093). Die AKF besluit derhalwe dat 'n drastiese wysiging van hierdie besluit ewe-eens deur die Algemene Sinode geneem moet word. Daarom verwys die AKF die mediaanskaal met 'n onderste en boonste kwartiel na die Vergoedingspakket-kommissie vir verdere oorweging van die totale voor- en nadele van so 'n drievlak-salarisskaal met volledige verslag, motivering en moontlike aanbevelings vir voorlegging aan die volgende Algemene Sinode."

#### 15.2 BEOORDELING

#### 15.2.1 Inleiding

Ter wille van die Handves vir Fundamentele Regte word die kerk in hierdie ondersoek gelykgestel aan 'n onderneming wat leraars in diens neem om die geestelike missie van die kerk te volvoer. Hierin het die leraar ook die reg tot 'n regverdige en billike lewensonderhoud. (1 Kor 9:3,10,11).

**15.2.1.1** Volgens Gerber, Nel en Van Dyk (Mannekragbestuur, 1987, bl 424) behoort die primêre doelstelling van 'n vergoedingstruktuur te wees om "..billike en regverdige vergoeding aan elke werknemer te bied wat realisties verband hou met sy inset in die onderneming."

**15.2.1.2** Alhoewel dit implisiet tot die definisie is, word nie spesifiek daarna verwys dat billikheid en regverdigheid op beide die werknemer en die organisasie betrekking het nie.

'n Uiters belangrike faktor uit die oogpunt van die werkgewer, is die bekostigbaarheid van die vergoeding vir die onderneming.

**15.2.1.3** In moeilike ekonomiese tye neem bekostigbaarheid gewoonlik voorrang bo ander faktore omdat fondse beperk is en daar 'n ooraanbod van werknemers en 'n skaarste aan werkgeleenthede is.

Hieroor skryf die FSA-CONTACT vergoedingsinligtingsdiens in sy opname en projeksies ten opsigte van salarisverhogings (Maart 1993) soos volg:

"Markbewegings kan merkbaar verskil van bedryf tot bedryf, aangesien sommige bedrywe meer gevoelig is vir resessionêre ekonomiese toestande. **In die afsienbare toekoms sal bekostigbaarheid steeds die hoofoorweging wees wanneer verhogings toegestaan word.**"

**15.2.1.4** Druk om die instelling van 'n gedifferensieerde traktementskaal moet veral in die lig van bogenoemde gesien word.

**15.2.1.5** Tans is die volgende kerklike bepalings van toepassing op die vergoeding van predikante:

**15.2.1.5.1 Algemene Sinode Artikel 13.1**
(Kerkorde van die Ned Geref Kerk, 1990, p 4)

"Artikel 13

"13.1 Die gemeente, kerkverband of instansie in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, is verantwoordelik vir sy lewensonderhoud en in die geval van deeltydse bediening vir sy kontraktuele deel van die lewensonderhoud en toelaes.

"13.2 Indien 'n gemeente om finansiële redes nie meer 'n bedienaar van die Woord kan bekostig nie moet

"13.2.1 die kerkraad hom tot die ring wend;

"13.2.2 die ring die saak ondersoek en 'n oplossing vind;

"13.2.3 billike voorsiening word deur die ring in oorleg met die betrokke kerkraad en die betrokke leraar bepaal en in 'n skriftelike ooreenkoms tussen kerkraad en leraar vervat."

**15.2.1.5.2 Algemene Sinode Besluit 1982**
(Agenda 1982, p 325 - 326; Handelinge 1982, p 1093)

"4.4.5 Vergoeding aan predikante

"4.4.5.1 Predikante in Algemene Sinodale Diens

"4.4.5.1.1 Traktement
Predikante in diens van die Algemene Sinode ontvang traktement volgens die skaal vir leraars soos deur die Algemene Sinode bepaal.

"4.4.5.1.2 Toelaes
Predikante in diens van die Algemene Sinode ontvang toelaes soos deur die Algemene Sinode goedgekeur en in die reses deur die AKF aangepas.

"4.4.5.1.3 Koördinering
By die benoeming van 'n predikant in diens van die Algemene Sinode word die traktement en toelaes aan die AKF voorgelê ten einde eenvormigheid te verseker.

Afwykings van die goedgekeurde syfers kan alleen geskied met vooraf goedkeuring deur die AKF met deeglike motivering deur die betrokke kommissie.

"4.4.5.2 Alle predikante
Die Algemene Sinode

"4.4.5.2.1 aanvaar dit as sy beleid en verantwoordelikheid om van tyd tot tyd 'n eenvormige basiese traktementskaal vir predikante by sinodes aan te beveel;

"4.4.5.2.2 dra dit aan die AKF op om van tyd tot tyd te besin oor alle vergoedingsaspekte en die Algemene Sinode in dié verband te adviseer. Die AKF benoem 'n staande subkommissie om hom in hierdie verband te adviseer. Die AKF stuur sy besluite deur aan beide die Skriba en die Saakgelastigde van elke sinode;

"4.4.5.2.3 versoek die sinodes om dit as hulle beleid te aanvaar dat die Algemene Sinode oor 'n eenvormige traktementskaal met 'n bepaalde dag van implementering besluit en dat sinodes daarna ipso facto daarby hou;

"4.4.5.2.4 verwag dat sinodes, ringe en kerkrade hulle predikante volgens die goedgekeurde skaal sal besoldig en daardeur waak teen ongelyke behandeling;

"4.4.5.2.5 gee die volgende riglyne;

"4.4.5.2.5.1 By die vasstelling van die bepaalde traktementkerf vir 'n predikant moet vorige ondervinding in kerklike en buite-kerklike diens in aanmerking geneem word op die basis van ten minste een kerf vir elke twee jaar ondervinding.

"4.4.5.2.5.2 Vir 'n predikant wat na voltooiing van die gebruiklike teologiese kursus (sewe jaar akademiese vordering na matriek) voltyds met gevorderde teologiese of aanverwante studie voortgegaan het, erkenning verleen sal word vir die tydperk van onderbreking tot 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

"4.4.5.2.5.3 Vir proponente wat in diens tree, erkenning gegee word teen een kerf per jaar vir elke jaar verpligte militêre diens gedoen is - voor of na voltooiing van die teologiese studies.

"4.4.5.2.5.4 Vir alle predikante 'n bonus betaal behoort te word gelyk aan die traktement van een maand.

"4.4.5.2.5.5 Vir alle predikante die eerste diensjaar sal strek vanaf die datum van bevestiging tot aan die einde van die boekjaar in die volgende kalenderjaar.

"4.4.5.2.5.6 Beroepsbriewe behoort slegs te verwys na 'volgens die skaal van die Algemene Sinode' en konsulente behoort mee te werk by die vasstelling van die toepaslike kerf".

**15.2.2 Tentmakerbediening**

**15.2.2.1** Die Algemene Sinode het gedurende 1990 die beginsel van tentmakerbediening goedgekeur as 'n eerste stap om voorsiening te maak daarvoor dat leraarsdienste bekom kan word waar genoegsame fondse nie beskikbaar is vir die finansiering van 'n volledige leraarspos nie.

**15.2.2.2** In die praktyk is daar egter steeds situasies wat hierdie opsie vir gemeentes onbruikbaar maak. Veral op die platteland waar werkgeleenthede skaars is, is dit nie altyd werkbaar nie.

In vandag se ekonomiese klimaat is dit ook in die algemeen moeilik vir 'n proponent of predikant om ander werk te bekom.

15.2.2.3 Gevalle het na vore gekom waar 'n tentmaker sy volle 50% van die gemeente se werk vir sy rekening moet neem en net nie kan bykom nie. Sy gesondheid moet dan knak.

15.2.2.4 Die tentmaker-idee het sy voordele maar ook talle nadele veral indien dit oor baie jare sou gebeur dat die grootste getal leraars net deeltyds in gemeentes werk. Nie alleen kan die professie en bediening skade ly nie, maar dit mag enorme beïnvloeding hê ten opsigte van sinodale pensioenfondse en ander groepsvoordele.

15.2.2.5 Wat gebeur byvoorbeeld ook as die ander werkgewer by tye van die dominee vereis om lang ure en oor naweke oortyd te werk?

**15.2.3 Argumente vir 'n gedifferensieerde traktementskaal**

**15.2.3.1 Bekostigbaarheid**

Seker die sterkste argument vir 'n gedifferensieerde skaal in vandag se ekonomiese omstandighede is bekostigbaarheid.

In die kerk se opset betaal elke gemeente sy leraar(s) uit eie fondse. Die omstandighede van gemeentes kan drasties verskil en 'n eenvormige skaal kan nie ewe maklik deur alle gemeentes geakkommodeer word nie.

**15.2.3.2 Poswaarde en prestasie**

'n Tweede faktor wat as argument vir differensiëring kan dien, is die koppeling tussen inset en vergoeding, wat motivering kan beïnvloed.

Daar kan geredeneer word dat leraars nie almal dieselfde werklas hanteer nie en ook nie op dieselfde wyse nie. 'n Gemeente met 'n groter of kleiner lidmatetal, of met meer as een leraar, mag dus die behoefte voel om te onderskei tussen die vergoedingspakette van leraars.

15.2.3.3 Die huidige eenvormige traktementskaal laat nie ruimte vir die hantering van bogenoemde probleme nie.

**15.2.4 Argumente teen 'n gedifferensieerde traktementskaal**

**15.2.4.1 Ongelyke behandeling**

15.2.4.1.1 Die Algemene Sinode het sy besluit van 1982 onder andere soos volg geformuleer:

"(Die Algemene Sinode)
"4.4.5.2.4 verwag dat sinodes, ringe en kerkrade hulle predikante volgens die goedgekeurde skaal sal besoldig en daardeur **waak teen ongelyke behandeling;**"

15.2.4.1.2 Die basis vir hierdie benadering is waarkynlik die beroepbaarheid van leraars tussen gemeentes en die probleme wat kan ontstaan wanneer 'n leraar van gemeente verwissel en daar teenstrydighede in die vergoedingspakette van die betrokke gemeentes sou wees.

Dit is moontlik dat 'n leraar finansieel benadeel sou kon word in so 'n geval, ook met betrekking tot pensioenvoordele. (Soos onder bespreek.)

Die omgekeerde kan natuurlik ook waar wees en in sommige gevalle kan die leraar bevoordeel word.

15.2.4.1.3 Die leraar sal binne dieselfde gemeente goedskiks van een skaal na die ander geskuif kan word sonder beroep op appèl in die geval van 'n gedifferensieerde benadering sonder baie duidelike riglyne.

15.2.4.1.4 Verder is die argument ook al geopper dat ongelyke besoldiging daartoe kan lei dat gemeentes kan kompeteer vir die dienste van 'n spesifieke predikant.

**15.2.4.2 Invloed op pensioenvoordele**

15.2.4.2.1 Die moontlikheid van 'n gedifferensieerde traktementskaal is aan die Konsulterende Aktuaris genoem en hy voorsien 'n aantal (nie onoorkomelike) probleme hiermee, wat die pensioenvoordele van die Sinodale Pensioenfondse aanbetref.

15.2.4.2.2 Die belangrikste hiervan is dat pensioenvoordele nie meer op 'n eenvormige maksimumkerf van die traktementskaal plus diensbonus bereken sal kan word nie.

As die leraar vir 'n aansienlike tyd 'n sekere vergoeding verdien en dan skielik laer besoldig sou word kort voor aftrede, dood of ongeskiktheid, sal sy voordele minder wees as waarop hy werklik geregtig is.

15.2.4.2.3 Die omgekeerde kan ook gebeur. Dan sal die leraar se voordele meer wees en word die Fonds benadeel.

**15.2.4.3 Invloed op verlofuitbetaling**

Waar die leraar vir 'n relatief lang tydperk teen 'n hoër skaal besoldig word, en dan skielik laer besoldig sou word kort voor aftrede, dood of ongeskiktheid, sal die waarde van sy opgeloopte en langverlof teen die laer skaal bereken word vir uitbetaling.

Hy het genoemde verlof dan teen die hoër besoldiging verdien, maar word teen die laer besoldiging daarvoor vergoed.

**15.2.4.4 Leiding deur AKF ten opsigte van salarisadministrasie**

15.2.4.4.1 Tans voorsien die AKF jaarliks riglyne aan al die sinodes ten opsigte van: traktement-verhogings, reistoelaes, huistoelae en behuisings-rentesubsidie, gratis behuising, onthaaltoelaes, boeketoelaes en inkomstebelastingreëlings en toegewings wat met die Kommissaris van Binnelandse Inkomste beding is met betrekking tot die emolumente van leraars.

* 1 Salarisadministrasie vir saakgelastigdes/ kassiers by gemeentes word hierdeur vergemaklik.

Voorbeelde is gestandaardiseer en kan deur alle gemeentes gebruik word, byvoorbeeld ten opsigte van die belasbaarheid van gratis huisvesting en die gedeeltelike belasbaarheid van reistoelae.

* 2 Onderhandeling met die Kommissaris kan baie makliker gevoer word wanneer 'n eenvormige benadering tot die besoldiging van leraars gevolg word.

* 3 Die instel van gedifferensieerde traktementskale (afhangende van hoe drasties sulke skale van mekaar gaan verskil) kan die riglyne aansienlik meer ingewikkeld maak as wat tans die geval is. As daar byvoorbeeld met drie skale gewerk word, sal verduidelik moet word hoe tussen die skale beweeg kan word, hoe dit pensioenvoordele gaan raak, en so meer.

**15.2.5 Bespreking van argumente vir differensiëring**

**15.2.5.1 Bekostigbaarheid**

**15.2.5.1.1** Alhoewel differensiëring waarskynlik die maklikste manier is om bekostigbaarheid te bevorder, is dit nie noodwendig die enigste nie.

'n Moontlike alternatief is die behoud van 'n eenvormige traktementskaal en die subsidiëring van gemeentes wat nie die vermoë het om hulle leraar hiervolgens te besoldig nie.

Daar kan byvoorbeeld gedink word aan 'n sinodale traktementfonds waarvoor bygedra word volgens eweredige bydraes en waaruit gemeentes in verdienstelike gevalle gesubsidieer kan word. Die moontlikheid daarvan word egter beperk deur die fondseposisie van die kerk as geheel.

**15.2.5.1.2** Alternatiewelik (of gesamentlik met die benadering in 2.5.1.1) kan uitsonderingsbehoor oor weeg word.

In die geval van gemeentes wat kan bekostig om hulle predikant volgens die voorgestelde traktementskaal te besoldig, is daar nie 'n probleem nie.

Waar probleme in hierdie verband ontstaan, word slegs daardie gevalle hanteer in plaas daarvan om 'n stelsel te probeer ontwerp wat vir elke moontlike behoefte voorsiening maak.

Dit is nie noodwendig dat die ekonomie permanent swak gaan bly nie. Hierdie gevalle kan moontlik later weer by die bestaande stelsel ingeskakel word.

**15.2.5.1.3** Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Oktober 1990, bl 4 - 5) maak reeds in artikel 13.2 soos volg voorsiening vir uitsonderingsbestuur:

"13.2 Indien 'n gemeente om finansiële redes nie meer 'n bedienaar van die Woord kan bekostig nie, moet

"13.2.1 die kerkraad hom tot die ring wend;

"13.2.2 die ring die saak ondersoek en 'n oplossing vind;

"13.2.3 billike voorsiening word deur die ring in oorleg met die betrokke kerkraad en die betrokke leraar bepaal en in 'n skriftelike ooreenkoms tussen kerkraad en leraar vervat."

* 1 Die prosedure beskerm beide kontrakterende partye deurdat die ring bemiddelend optree.

* 2 Die ring kan kontroleer dat die gemeente werklik nie meer die aanbevole traktement kan bekostig nie.

* 3 'n Nuwe diensooreenkoms kom tot stand en die beroepsbrief waarin gespesifiseer is dat die leraar 'n traktement asook reistoelae ontvang teen nie minder nie as die aanbevole skaal van die Algemene Sinode, verval.

**15.2.5.2 Poswaarde en prestasie**

**15.2.5.2.1** Die meting van poswaarde en prestasie is bekend as van die moeilikste fasette van vergoedingsbestuur.

Normaalweg word onderskei tussen:

* 1 Posevaluering: Die vasstelling van vergoeding op grond van die posinhoud (met ander woorde die relatiewe waarde van die pos vir die organisasie en wat die organisasie kan bekostig om te betaal vir die pos); en

* 2 Meritering of prestasie-evaluering: Die toekenning van verhogings op grond van die individu se funksionering in die pos.

**15.2.5.2.2** As gekyk word na 'n gedifferensieerde traktementskaal, moet daar dus gevra word op watter gronde daar:

* 1 tussen predikantsposte onderskei gaan word; en

* 2 verskillende verhogings aan predikante in soortgelyke poste toegeken gaan word.

As daar nie riglyne bestaan waarvolgens hierdie onderskeiding gemaak word nie, sal dit beteken dat die vergoeding en verhogings van predikante op 'n gedifferensieerde skaal heeltemal arbitrêr vasgestel kan word.

**15.2.5.2.3** In groter organisasies word hierdie faset gewoonlik gekoppel aan 'n bestaande, gestandaardiseerde vergoedingsinligtingstelsel wat deur 'n groot aantal organisasies gebruik word en wat 'n basis bied vir die meting en vergelyking van poste. (Vir die Sinodale Kerkkantore in Transvaal en OVS byvoorbeeld die Peromnesstelsel wat gebruik word deur 400 organisasies wat ongeveer 2 miljoen werknemers verteenwoordig)

* 1 'n Pos word gemeet met behulp van die gestandaardiseerde metingskaal van Peromnes.

* 2 Daar word 'n interne vergoedingstruktuur vasgestel in terme van bekostigbaarheid en 'n salarisskaal word aan 'n posgraad gekoppel.

* 3 Daar word halfjaarliks landwye opnames deur die vergoedingsinligtingsdiens gemaak en markbewegings (verhogings per posgraad) word aan deelnemende organisasies deurgegee. Die inligting dien dan as riglyn vir die toekenning van verhogings per posgraad.

'n Metingsprosedure om die prestasie van die persoon in die pos te bepaal, stel die verspreiding van die riglyn-persentasie tussen individue vas.

* 4 Dit is duidelik 'n benadering waarbinne leraarsposte uiters moeilik geakkommodeer kan word, eerstens as gevolg van die uniekheid van die posinhoud en ook omdat die administrasie van so 'n stelsel relatief duur en gespesialiseerd is.

Dit staan seker enige gemeente vry om die poswaarde en insette van sy leraar te beoordeel.

Indien dit egter nie gekoppel kan word aan 'n vergoedingstelsel met riglyne oor die implikasies van so 'n oordeel nie, kan dit min praktiese waarde hê.

**15.2.5.2.4 Alternatiewe onderskeidingsmetodes**

***1 Grootte van gemeente**

Daar kan oorweeg word om gedifferensieerde skale te koppel aan die grootte van die gemeente.

Die volgende probleem kan hiermee voorsien word:

***2 Groter gemeentes funksioneer gewoonlik met behulp van medeleraarskappe**

Uit die gegewens in KERKSPIEëL III (p 67) blyk dit dat 59,1% van alle leraars in mede-leraarskappe betrokke was tot 1989.

'n Groter gemeente beteken dus nie per se 'n groter inset deur die predikant nie.

***3 Lidmate per predikant**

'n Ander moontlikheid is om skale te koppel aan die aantal lidmate wat deur 'n predikant bedien word.

Alhoewel dit 'n beter kriterium kan wees, kan hier moontlik ander probleme ontstaan.

*4 'n Insiggewende afleiding uit KERKSPIEëL III (bl 29) is dat daar 'n omgekeerde verhouding bestaan tussen dankoffer en lidmate per predikant. Daar word soos volg aangehaal:

"Dit is duidelik dat 'n kleiner aantal lidmate per predikant lei tot 'n hoër bydrae per lidmaat per jaar (Tabel 2.2.2.1)."

Volgens die syfers het in die hoogste kategorie (waarin lidmate meer as R300,00 per jaar bygedra het) 67,18% van gemeentes met die kleinste lidmaattal per predikant geval. 31,02% van die middelgroep en slegs 23,13% van gemeentes met die hoogste lidmaattal per predikant het in hierdie kategorie geval.

Wanneer bekostigbaarheid ter sprake kom, kan dus nie aanvaar word dat meer lidmate 'n groter inkomste gaan verseker nie. Die gemeente met meer lidmate per leraar kan dalk die minste bekostig om die leraar op die hoër skaal te besoldig.

* 5 Die alternatiewe onderskeidingsmetodes het ook die swakheid dat dit die kwantiteit binne 'n bepaalde pos aandui, maar nie die kwaliteit van insette van die bekleër in ag neem nie.

**15.2.6 Bespreking van argumente teen differensiëring**

**15.2.6.1 Ongelyke behandeling**

Die vraag of die vrees vir ongelyke behandeling 'n sterk argument is teen differensiëring, is waarskynlik minder finansieel as moreel.

**15.2.6.1.1** In die huidige arbeidsmark is dit nie buitengewoon dat organisasies van werknemers verwag om marginale of geen verhogings te aanvaar, of selfs vermindering in vergoedingspakkette nie.

Dit word gewoonlik gesien as 'n poging om werksgeleenthede te beveilig in die lig van fondse-tekorte.

**15.2.6.1.2** Indien elke gemeente as 'n organisasie gesien word met sy eie finansiële omstandighede, kan ongelyke behandeling waarskynlik nie onbepaald verhoed word nie. Dit kan egter beperk word tot werklike noodsituasies.

**15.2.6.2 Invloed op pensioenvoordele**

Volgens die Konsulterende Aktuaris is daar wel metodes om die administrasie van die pensioenfondse aan te pas by 'n gedifferensieerde traktementskaal.

**15.2.6.2.1 Aanpassing van dienstyd**

'n Moontlikheid is om die lid se dienstyd elke keer by verskuiwing (verandering in salaris) aan te pas in verhouding tot die vlak van traktementskaal waarop hy voorheen was en die vlak waarheen hy beweeg.

Dié benadering word gevolg by die Belhar-Pensioenfonds en werk volgens die Aktuaris oënskynlik goed.

Hy beveel dit egter as 'n laaste uitweg aan indien geen beter oplossing gevind kan word nie.

**15.2.6.2.2 Geldaankoopskema**

Die fondse kan ook na 'n sogenaamde geldaankoopskema omgeskakel word. Die bydraes deur en vir elke lid word in hierdie geval met rente geakkumuleer om aftreevoordele te voorsien.

Nadele verbonde aan hierdie benadering is:

* 1 dat dit uiters moeilik is om te beraam wat 'n lid se werklike aftreevoordele gaan beloop; en

* 2 relatiewe hoër aftreevoordele vir lede met lang diens gelewer, ten koste van lede met korter diens - 'n probleem wat juis deur die huidige fondse ondervang word.

**15.2.6.3 Belastingaftrekbaarheid van pensioenbydraes**

**15.2.6.3.1** 'n Bedrag ten opsigte van pensioenbydraes wat nie toegestaan word as aftrekking nie, kan wel oorgedra word na volgende belastingjare. (Inkomstebelastingwet 58 van 1962 soos gewysig, Art 11 k(ii)(bb)).

As die probleem egter van jaar tot jaar voortduur, kan die rekordhouding van sulke bedrae oor tydperke van twintig tot dertig jaar heelwat probleme vir die leraar oplewer.

**15.2.6.4 Leiding deur AKF ten opsigte van salarisadministrasie**

**15.2.6.4.1** Daar kan wel geredeneer word dat die leiding nie noodsaaklik is nie, veral as die beginsel van sterk differensiëring aanvaar word.

Elke gemeente sal dan in elk geval verantwoordelik wees om eie strukture te skep.

**15.2.6.4.2** As daar egter net enkele alternatiewe gebied word (byvoorbeeld soos in 2.7 onder bespreek) sal dit riglyne net baie meer ingewikkeld maak.

**15.2.6.4.3** Geoordeel aan die getal oproepe wat ontvang word nadat die riglyne jaarliks uitgestuur is, is daar tog 'n behoefte daaraan.

As daar heeltemal weggedoen word met die riglyne sal daar 'n baie groter verantwoordelikheid op die plaaslike saakgelastigde oorgaan om op die hoogte te kom en bly van statutêre veranderinge (byvoorbeeld inkomstebelastingadministrasie) en reëlings van die Kommissaris van Binnelandse Inkomste. (Die Kommissaris het byvoorbeeld in 1993 besluit om sekere toegewings met betrekking tot die aftrekbaarheid van uitgawes vir predikante wat 'n eie huis besit te herroep.)

**15.2.6.5 Invloed op verlofuitbetaling**

**15.2.6.5.1** Daar kan seker geredeneer word dat die probleem nie dikwels sal voorkom nie, omdat langverlof nie van een werkkring na 'n ander oorgedra kan word nie en 'n maksimum van 30 dae opgeloopte verlof by diensbeëindiging uitbetaalbaar is.

**15.2.6.5.2** Dit sal egter afhang van hoe differensiëring geïmplementeer word. As gemeentes sterk kan afwyk van bestaande riglyne, is daar ook 'n moontlikheid dat 'n leraar se vergoeding by dieselfde gemeente drasties gewysig kan word.

**15.2.7 Modelle vir differensiëring**

Differensiëring kan in die kerk se opset wissel van enkele alternatiewe, deur differensiëring op rings- of sinodevlak, tot by die punt waar elke gemeente 'n eie traktementskaal en toelaes kan ontwikkel en gebruik.

Vir die doeleindes van hierdie voorlegging sal slegs aandag gegee word aan die model wat deur die AKF oorweeg is en ander moontlikhede hieruit voortspruitend.

**15.2.7.1 Mediaanskaal**

Die AKF het in 'n stadium 'n mediaanskaal oorweeg met 'n boonste en onderste kwartiel vir implementering deur kerkrade wat meer of minder kan bekostig. Dit sou egter steeds perke op die hoogste en laagste bedrag plaas.

**15.2.7.1.1** Die mediaanskaal met afwykings na bo en onder, is in effek drie afsonderlike skale met 15 kerwe elk.

'n Model van die mediaanvergoeding met kwartiele gebaseer op die traktementskaal van 1990/91 sou so lyk (17% op kerf 1 tot 10% op kerf 15: 8% afwyking op kerfbedrag):

| Kerf | Huidige Skaal 1990/91 | Onderste kwartiel 7,6% - 1,2% | Onderste kwartiel Werklike Styging % | Mediaanskaal 17% - 10% | Mediaanskaal Werklike Styging % | Boonste kwartiel 26,4%-18,8% | Boonste kwartiel Werklike Styging |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 22200 | 23,880 | | 26,040 | | 28,080 | |
| 2 | 23880 | 25,560 | 15.1 | 27,840 | 25.4 | 30,000 | 35.1 |
| 3 | 25560 | 27,240 | 14.1 | 29,640 | 24.1 | 32,040 | 34.2 |
| 4 | 27240 | 28,920 | 13.1 | 31,440 | 23.0 | 33,960 | 32.9 |
| 5 | 28920 | 30,600 | 12.3 | 33,240 | 22.0 | 35,880 | 31.7 |
| 6 | 30600 | 32,280 | 11.6 | 35,040 | 21.2 | 37,800 | 30.7 |
| 7 | 32280 | 33,840 | 10.6 | 36,840 | 20.4 | 39,720 | 29.8 |
| 8 | 33960 | 35,400 | 9.7 | 38,520 | 19.3 | 41,640 | 29.0 |
| 9 | 36000 | 37,260 | 9.7 | 40,680 | 19.8 | 43,920 | 29.3 |
| 10 | 38040 | 39,360 | 9.3 | 42,840 | 19.0 | 46,200 | 28.3 |
| 11 | 40080 | 41,280 | 8.5 | 44,880 | 18.0 | 48,480 | 27.4 |
| 12 | 42120 | 43,200 | 7.8 | 46,920 | 17.1 | 50,760 | 26.6 |
| 13 | 44160 | 45,120 | 7.1 | 48,960 | 16.1 | 52,920 | 25.6 |
| 14 | 46200 | 46,920 | 6.3 | 51,000 | 15.5 | 55,080 | 24.7 |
| 15 | 48240 | 48,840 | 5.7 | 53,040 | 14.8 | 57,360 | 24.2 |
| Gemiddeld | | | 10.1 | | 19.7 | | 29.3 |

Omdat dit hier slegs gaan om die beginsel van die model, is die syfers gerieflikheidshalwe in die beredenering behou.

15.2.7.1.2 Sekere probleme met betrekking tot die implementering van die model in die praktyk word voorsien, byvoorbeeld:

* 1 Word die riglyne vir aanstelling op 'n kerf behou soos deur die Algemene Sinode neergelê?

Indien wel, word die gemeente beperk tot die drie alternatiewe wat vir daardie kerf gegee is.

Uit die syfers wat goedgekeur is vir 1991/92, blyk dit dat die gedagte was dat die "middelskaal" die normskaal sou wees. (Met ander woorde wat gebruik sou word as daar net een skaal sou wees.)

As kerf 15 as voorbeeld gebruik word, kan gesien word dat die keuse vir 'n gemeente wat wil bespaar, lê tussen 'n verhoging van R50,00 per maand (minimumskaal) of R400,00 per maand (middelskaal). Die gemeente sou dalk nie die R400,00 kon bekostig nie, maar sou na alle waarskynlikheid meer as R50,00 wou gee.

Indien die riglyne nie meer geld nie en enige kerf gekies kan word, word die drie skale eintlik een skaal met 45 kerwe en kan die traktement na willekeur verander word.

* 2 As die riglyne geld, kan 'n kerfverhoging vir 'n leraar wat byvoorbeeld volgens die middelskaal vergoed word, "verskuif" word na die minimum skaal?

Indien nie, dien die laer skaal eintlik geen doel in terme van besparing by salarisverhogings nie.

Indien wel, gaan die volgende kerf in die laer skaal die gemeente bind tot salarisvermindering of 'n onbeduidende verhoging.

In geval van 'n 5% algemene aanpassing sal kerf 15 van die minimum skaal R51 280 beloop. 'n Leraar op kerf 14 van die middelskaal wat dan op kerf 15 van die minimum skaal geplaas word, sal 'n verhoging van R280,00 per jaar of 0,5% ontvang.

15.2.7.1.3 Die vraag kan ook gevra word wat met die drie skale bereik word wat nie met die huidige een skaal bereik kan word nie.

Met besparing of bekostiging as uitgangspunt, is daar basies die volgende moontlikhede ter sprake:

* 1 'n Leraar wat reeds besoldig word kan:

* geen verhoging ontvang nie;
* 'n kleiner verhoging ontvang as wat die riglyn bepaal;
* 'n verlaging in salaris aanvaar.

* 2 'n Leraar kan op 'n laer kerf aangestel word as wat die riglyn voorskryf.

* 3 'n Verlaging in salaris en om geen verhoging toe te staan nie, kan heelwat eenvoudiger as met drie skale realiseer as die bestaande skaal behou word en daar nie by die riglyne vir plasing op 'n kerf gehou word wat tans neergelê is nie.

* 4 'n Kleiner verhoging en aanstelling op 'n laer kerf kan bereik word deur kleiner kerwe bo-aan kerf 1 by die skaal te voeg en die intervalle tussen bestaande kerwe te verander.

(Daar kan ook groter kerwe onder kerf 15 ingevoeg word as daar 'n behoefte aan hoër besoldiging is.)

**15.2.7.2 Byvoeging van kerwe aan die onderpunt van die skaal en verandering van intervalle**

Hierdie moontlikheid kan sommige van die probleme wat met die drie skale voorsien word, uitskakel. Dit skep egter ook probleme van sy eie.

15.2.7.2.1 Eerstens kan ervaring as kriterium vir aanstelling op 'n bepaalde kerf nie meer gebruik word nie, omdat die uitgangspunt is dat die gemeente 'n keuse moet uitoefen in die lig van hulle finansies. Die skaal sal 'n "oop" skaal moet wees waaruit die leraar en kerkraad dan op 'n aanstellingskerf binne die skaal ooreenkom.

15.2.7.2.2 Verhogings sal nie noodwendig volgens enkel kerwe toegeken hoef te word nie. Die gemeente wat 'n hoër verhoging wil toestaan, kan kerwe oorslaan. Die leraar en kerkraad sal in so geval op 'n verhoging moet ooreenkom.

In die praktyk kan dit beteken dat eintlik net die minimum aanstellingskerf nie onderhandelbaar is nie.

15.2.7.2.3 Hierdie benadering laat vir die gemeente heelwat ruimte in terme van bekostigbaarheid, maar voorsien weinig sekuriteit vir die leraar waar hy nie bereid gaan wees om sterk te beding vir sy vergoeding nie.

Dit kan lei tot die benadeling van die leraar deur die gebruik van sy vergoeding as 'n "maklike opsie" om te bespaar, waar daar eerder gekyk behoort te word na meer kreatiewe oplossings vir die probleem. (Byvoorbeeld deur die stimulering van dankofferbydraes en die meer doeltreffende insameling daarvan of beperking van ander administratiewe uitgawes deur middel van beter organisasie.)

15.2.7.2.4 Die groter getal kerwe in die skaal sal tot gevolg hê dat, waar slegs enkel kerwe as verhoging toegestaan word, 'n leraar baie langer gaan neem om die hoogste kerf te bereik.

15.2.7.2.5 In die eenvormige beroepsbrief sal die gedeeltes ten opsigte van traktement, diensbonus en reistoelae wat tans lees "...wat nie minder sal wees as die aanbevole skaal van die Algemene Sinode nie.", "...minstens soos aanbeveel deur die Algemene Sinode." en "...wat nie minder sal wees as die bedrag wat die Algemene Sinode aanbeveel nie..." vervang moet word met byvoorbeeld "...soos met die gemeente ooreengekom."

**15.3 GEVOLGTREKKING**

15.3.1 Die instel van 'n gedifferensieerde traktementskaal vir predikante blyk voor- en nadele te hê.

Die voordele word hoofsaaklik deur die werkgewer verkry deur 'n verligting van finansiële druk.

'n Indirekte voordeel vir die werknemer is die beveiliging en groter beskikbaarheid van werksgeleenthede.

15.3.2 Die nadele het groter betrekking op die werknemer in die vorm van moontlike swakker diensvoordele.

Die nadeel vir die werkgewer is meer indirek in die vorm van ingewikkelder administrasie en 'n groter verantwoordelikheid as gevolg van 'n gebrek aan duidelike riglyne.

15.3.3 Differensiëring kan in die kerk se opset enigiets beteken van afsonderlike vergoedingstrukture vir elke gemeente tot 'n geringe afwyking van die bestaande stelsel.

Indien die proses nie bestuur word en sekere riglyne gegee word nie, kan dit spontaan ontwikkel in die rigting van eie strukture vir elke gemeente.

15.3.4 Meer as een skaal of 'n aansienlik verlengde skaal kan as riglyn oorweeg word, maar 'n eenvoudiger oplossing kan wees om die bestaande skaal te behou en gemeentes wat werklik probleme het vry te stel van die riglyne ten opsigte van kerftoekennings vir aanstelling en verhogings wat tans deur die AKF neergelê word. (Die ring kan in so geval toesig neem oor die onderhandeling van 'n nuwe ooreenkoms.)

15.3.5 Om die praktiese voor- en nadele te oorweeg sal 'n baie duidelike beeld verkry moet word van die omvang van die behoefte aan differensiëring, streeksverskille in hierdie verband en die moontlikheid van verskillende hanteringswyses. (Die een sinode kan dalk oor die fondse beskik om 'n subsidieskema in te stel en dit verkies, 'n ander nie.)

Met die geografiese verspreiding en diverse omstandighede van gemeentes van die Ned Geref Kerk kan die oplossing vir een dalk bloot groter probleme vir die ander skep.

15.3.6 Die hantering van pensioenvoordele vir predikante sal ook eers die nodige aandag moet kry.

Tans word die leraar se pensioenbydrae steeds bereken op sy ouderdom wanneer sy salaris verlaag word.

Dit beteken dus dat sy inkomste verminder terwyl sy pensioenbydrae verhoog.

15.3.7 In die lig hiervan sal dit dalk loon om vir die interim 'n oplossing te probeer vind wat die mees kritieke behoeftes aanspreek, sonder om ingrypend aan die stelsel te verander.

15.3.7.1 Die stelsel kan behou word soos wat dit is, terwyl gemeentes toegelaat word om (onder toesig van die ring) die riglyne vir besoldiging te ignoreer waar daar geen ander moontlikheid is nie.

15.3.7.2 'n "Oop skaal" vir gebruik in die geval van aansoeke om noodadministrasie kan as riglyn aan gemeentes deurgegee word, om te verhoed dat nuwe ooreenkomste drasties afwyk van bestaande riglyne en dat daar tog 'n mate van struktuur behou word waarop later voortgebou kan word as die stelsel in geheel gewysig moet word.

Dit het ook die voordeel dat daar in die praktyk 'n infaseringsfase geskep word. Vir 'n tydperk gaan slegs 'n aantal gemeentes met werklik onhanteerbare probleme van die alternatief gebruik maak.

Die normale probleme wat met enige stelselwysiging gepaard gaan, kan dan op relatief kleiner skaal geïdentifiseer en uitgesorteer word. Sou dit later besluit word dat die stelsel wel verander moet word, is daar reeds heelwat inligting uit die praktyk beskikbaar.

15.3.8 Leraars behoort deeglik beskerming teen wanbesoldiging te geniet wanneer ringe hulle toesighoudende funksie na behore uitoefen. Die wet op regverdige arbeidspraktyke maak ewe-eens genoegsame voorsiening vir beroeping op enige ongeldige behandeling.

Die AKF doen jaarliks navorsing oor vergoeding met die oog op die predikante in Algemene Sinodale diens. Die reglemente vir die Algemene Kommissie vir Fondse maak voorsiening daarvoor dat die resultate van hierdie navorsing as advies beskikbaar is.

**15.4 AANBEVELING:**

**Die Algemene Sinode besluit**

**15.4.1 Die besluite van die Algemene Sinode 1982 aangaande die "vergoeding aan predikante", soos vervat in punt 15.2.1.5.2 van hierdie verslag en wat verwys na punte 4.4.5.2 tot 4.4.5.2.6 (Agenda 1982 p 325-326; Handelinge 1982, bl 1093) word herroep.**

**15.4.2 Die beginsel van gedifferensieerde vergoeding vir diens gelewer word goedgekeur.**

**15.4.3 Vergoeding van leraars word deur sinodes self vasgestel.**

**15.4.4 Sinodes mag gebruik maak van reglement 12 punt 3.5 wanneer hulle 'n vergoedingspakket oorweeg.**

**15.4.5 Reglement 12 punt 3.5 word soos volg gewysig: "Gee op versoek van sinodes advies in verband met die vergoedingspakket van leraars".**

**15.4.6 Die Trustees van pensioenfondse besluit oor die kontribusies wat aan die pensioenfonds betaal word.**

**15.4.7 Die sinodes word versoek om verwysings in beroepsbriewe dat leraars volgens Algemene Sinodale skaal vergoed word, te skrap.**

## 16. DAGGELDE TYDENS DIE ALGEMENE SINODE

Die Tydelike Kommissie vir Fondse sal 'n aanbeveling aan die vergadering voorlê.

## 17. FINANSIëLE ADMINISTRASIE

**17.1 Probleemstelling**

Deur die jare is die Saakgelastigde en die Ned Geref Kerk van Transvaal belas met die finansiële administrasie van die Algemene Sinode.

Die formule waarvolgens 'n vergoeding vir hierdie diens bereken is, is gebaseer op 'n administrasieheffing van 3,5% op sommige vasgestelde uitgawe-items op die begroting en 6% op beleggings. Dit het egter geblyk totaal ontoereikend te wees. Indien met hierdie ooreenkoms voortgegaan word, sou dit beteken dat Transvaal die Algemene Sinode met 'n addisionele bedrag subsidieer.

**17.2 Beoordeling**

Die Algemene Kommissie vir Fondse het besluit dat werklike kostes as basis van vergoeding vir dienste gelewer as meetbare faktor bereken moet word. Die vraag is dus watter dienste sou die Algemene Sinode moes inkoop om sy boekhouding en die administrasie van Fondse te behartig.

**17.3 Gevolgtrekking**

Die werklading van die omvang van die Algemene Sinode beteken dat die minimum behoeftes vir die instandhouding van die diens vereis sekere dienste wat 'n kostefaktor meebring. Indien dienste ingekoop sou word, sou die volgende kostefaktore as basis van berekening gebruik word: Rekenmeester, Tikster, Ouditkoste (Ekstern en Intern) Regsadvies, Rekenaarkoste, Salarisfokus en 'n klerk.

Werklike koste vir diens aan die Algemene Sinode deur hierdie behoeftefaktore behoort jaarliks verreken te word en op die begroting geplaas te word.

**17.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit:**

**17.4.1 Dank word betuig teenoor die Saakgelastigde en die Ned Geref Kerk van Transvaal vir die bekwame wyse waarop die finansiële administrasie van die Algemene Sinode gedoen word.**

**17.4.2 Jaarliks word begroot vir die werklike kostes van die administrasie wat namens die Algemene Sinode deur die Ned Geref Kerk van Transvaal gedoen word.**

**17.4.3 As uitgangspunt vir formuledoeleindes die Algemene Kommissie vir Fondse jaarliks die werklike kostes as administrasieheffing vasstel, gebasseer op die uitgawe-items van Rekenmeesterswerk, Tikster, Ouditkoste, Regshulp, Rekenaarkoste, Salarisfokus en Administratiewekoste.**

## 18. AFTREDE MNR GJJ DU TOIT

18.1 Mnr GJJ du Toit, Saakgelastigde van die Ned Geref Kerk van Transvaal, het op 1 April 1994 na 32 jaar diens aan die kerk afgetree. Hy het hom op die gebied van administrasie en finansies onderskei en het in hierdie verband waardevolle dienste aan die Algemene Sinode gelewer. Hy sal onthou word vir sy ywer vir die pensioenfondse van die kerk, sy innemende persoonlikheid, lojaliteit en liefde vir sy kerk.

**18.2 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit:**
**Mnr GJJ du Toit, voormalige Saakgelastigde van die Ned Geref Kerk van Transvaal, word hartlik bedank vir sy getroue en lojale dienste aan die Algemene Sinode. Hy word 'n aangename aftrede toegewens.**

Die Algemene Kommissie vir Fondse vertrou dat die werk wat gedoen is bevredigend afgehandel is.

PS STRüMPFER (Voorsitter)
AJ SCHERRER (Skriba)

# A.12 ALGEMENE KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE

## A. OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE

### 1. INTERKERKLIKE HULPVERLENING

**1.1 Opdrag**

**1.1.1** Die Algemene Sinode besluit:

"Interkerklike hulpverlening is 'n normale diakonia binne die liggaam van Christus maar mag nie sending vervang of verdring nie.

Kerkrade, ringe en sinodes moet kanale skep waardeur ooreenkomste vir interkerklike hulpverlening binne die familie van Ned Geref Kerke aangegaan kan word.

Sinodes behoort duidelike riglyne vir 'n beleid van interkerklike hulpverlening neer te lê.

Die kundigheid en ervaring van die sendingkommissie op die terrein behoort erken en gebruik te word."
(Hand AS 1990, bl 655/15.4.2)

**1.1.2** Die Algemene Sinode besluit

"dat interkerklike hulpverlening eintlik op die werksterrein van die AKDB geleë is en gevolglik hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die AKDB is;

dat in hierdie hulpverlening met die AKSE saamgewerk word;

om sinodes te versoek om hulle werk volgens hierdie riglyne te herverdeel."
(Hand AS 1990, bl 655/15.4.2)

**1.2 Werkswyse**

**1.2.1** AKSE het op sy eerste vergadering in 1991 kennis geneem dat verskeie SKSE's nie kans sien vir die implementering van besluit 1.1.2 hierbo van die Algemene Sinode nie.

**1.2.2** In gesprekke met verteenwoordigers van die AKDB het dit geblyk dat die AKDB ook probleme met die uitvoering van die besluit van die Algemene Sinode het.

**1.2.3** Na onderlinge oorlegpleging het die AKDB en AKSE besluit om te onderskei tussen "Interkerklike Hulpverlening" en "Diakonaat oor die kerkgrense heen".

**Interkerklike hulpbetoon** lê op die terrein van die onderskeie kerkvergaderinge en is veel wyer as die diens van barmhartigheid. Interkerklike hulpbetoon kan deur middel van skriftelike ooreenkomste/ondernemings geskied, bv ten opsigte van 'n leraarspos. Dit kan ook die terrein van sending, jeug, opleiding, ens. dek.

**Diakonaat oor kerkgrense heen** het te doen met barmhartigheidsaangeleenthede soos armoede, geregtigheid, sosiale verhoudinge, maatskaplike wantoestande, ens.

**1.2.4** Die AKDB en AKSE het toe besluit

**1.2.4.1** dat **interkerklike hulpverlening** voorlopig by AKSE bly;

**1.2.4.2** dat **diakonaat oor kerkgrense heen** by die AKDB tuisgebring word, en dat dit in die voorsienbare toekoms in oorleg met AKSE behartig sal word;

**1.2.4.3** dat die AKDB by die ASK sal rapporteer dat hy na deeglike besinning en in oorleg met AKSE probleme ondervind om die besluite van die Algemene Sinode in verband met Interkerklike Hulpverlening uit te voer;

**1.2.4.4** dat die ASK versoek word om aan die AKDB en AKSE opdrag te gee om die Algemene Sinode van 1994 te adviseer oor 'n uitvoerbare beleid ten opsigte van Interkerklike Hulpverlening.

**1.2.5** Die ASK het die versoek toegestaan en het so 'n opdrag gegee (Notule ASK 5 Nov. 1991, bl 155/9.2.3).

**1.2.6** Die Skakelkommissie van die AKDB en AKSE het op 15 September 1993 die volgende standpunte ingeneem, wat vervolgens deur die AKDB en AKSE goedgekeur is, en nou aan die Algemene Sinode vir goedkeuring voorgelê word.

**1.2.7 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit:**

**1.2.7.1 Interkerklike hulpverlening val primêr onder die sorg van die Kommissie vir Sending en Evangelisasie.**

Motivering

* Die opbou van jong kerke funksioneer vir 'n lang tyd as 'n verlengstuk van die sendingaksies waaruit die kerke gebore is. Daarom kan die verband tussen interkerklike hulpverlening en die sending nie skielik verbreek word nie.

* Die ondervinding en kennis van die kommissies vir sending en evangelisasie, gepaard met die vertroue wat hulle in die meeste gevalle van die kant van die jong kerke geniet, pleit hiervoor.

* Die feit dat steun aan die jong kerke 'n sterk sendingelement bevat omdat die opbou van die jonger kerke ook hulle eie sending- en evangelisasietaak ten goede kom, maak dit sinvol dat hierdie Kommissie vir interkerklike hulpverlening verantwoordelik bly.

**1.2.7.2 In die gesamentlike aksies van kerke geskied daar spontaan 'n stuk interkerklike hulpverlening waarby die**

**Kommissie vir Sending en Evangelisasie nie noodwendig betrokke is nie. Hier word gedink aan skakeling tussen Jeugkommissies en kommissies vir Diens van Barmhartigheid.**

**1.2.7.3 In die hantering van interkerklike hulpverlening moet sendingkommissies in gedagte hou dat hierdie aspek net 'n deel van hulle taak is. Die hooftaak bly steeds om te streef na die uitbou van die koninkryk van God in die wêreld. In die praktyk kan interkerklike hulpverlening goedskiks deur 'n subkommissie hanteer word. Waar die situasie dit noodsaak, kan die advies/hulp van die Kommissie vir Diens van Barmhartigheid of Skakelkommissies ingeroep word.**

**1.2.7.4 Waar interkerklike hulpverlening die subsidiëring van leraars- en evangelisteposte raak, of die oprigting van geboue, behoort formele ooreenkomste tussen die betrokke partye gesluit te word. Hier tree die sendingkommissies adviserend op.**

## 2. CHRISTELIKE PRIVAATSKOLE

### 2.1 Opdrag

"Die ASSK kry opdrag om ondersoek in te stel na die moontlikheid van die stigting van Christelike privaatskole en die inligting aan die SSK's beskikbaar te stel."
(Hand AS 1990, bl 656/17.3.1.3)

### 2.2 Uitvoering

Inligting is ingewin by die VCHO, die AJK en die IKOO, en daar is ook gekyk na die Wet op Nasionale Onderwysbeleid Nr 39 van 1967.

Verder is ook aan bykomende onderwysmodelle aandag gegee.

### 2.3 Gevolgtrekkings

AKSE het tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

2.3.1 Vanweë die vloeibare toestand in die onderwys tans, is dit nie moontlik om praktiese riglyne vir die stigting van Christelike privaatskole te gee nie.

2.3.2 Die Kommissie steun die standpunt van die AJK dat die kerk alleenlik skole in buitengewone omstandighede oprig, bv as die staat die onderwys verwaarloos, in sendingvelde of as die staat die Christelike godsdiens verloën.

2.3.3 Die kerk vra

2.3.3.1 dat daar in staats- of staatsondersteunde skole ruimte vir Christelike onderwys sal wees;

2.3.3.2 dat daar genoegsame staatsubsidie vir skole sal wees;

2.3.3.3 dat 'n hoë standaard in alle skole gehandhaaf word.

2.4 Ter uitvoering van die besluit van die Algemene Sinode is die memorandum met die ter saaklike inligting aan SKSE's beskikbaar gestel.

## 3. SAMEWERKING MET ANDER KERKE OP DIE SENDINGAKKER

### 3.1 Opdrag van die Algemene Sinode

"Met die oog op die onvoltooide sendingtaak (Kerk en Samelewing, par 241) en die koninkryksbenadering onderstreep die Algemene Sinode opnuut die duidelike opdrag van die Koning van die Koninkryk om die evangelie van verlossing te verkondig en die nood van mense te verlig. Vir die doel is die samewerking van kerke nodig om die omvangryke taak effektief aan te pak.

Die Algemene Sinode dra dit dus aan die Algemene Kommissie vir Sending en Evangelisasie op om koördinerend leiding te gee -

* sodat die familie van Ned Geref Kerke binnelands op sinodale, rings- en gemeentelike en selfs op individuele lidmate-vlak aandag aan die onvoltooide sendingtaak kan gee;

* sodat in breëre Afrika-verband die familie van Ned Geref Kerke saam met die susterskerke met onderlinge hulpverlening die evangelie in al sy konsekwensies kan verkondig en implementeer;

* sodat vanuit die perspektief van 'die hele wêreld' en 'alle mense' die kerke van Gereformeerde belydenis die buitelandse sending waar die deure nou oopgaan sal betree met groot geloof en toewyding."
(Hand AS 1990, bl 653/net na 6.3.2.3)

### 3.2 Werkswyse

AKSE het navraag by die indiener van die voorstel by die Algemene Sinode gedoen en het in antwoord daarop 'n deeglik uitgewerkte memorandum ontvang. AKSE het dit behandel, en het besluit om soos volg hieroor te rapporteer:

### 3.3 Bevindinge

#### 3.3.1 Samewerking: NG Kerkfamilie binnelands

3.3.1.1 Met die ondersoek na die Onvoltooide Sendingtaak wat ISWEN gedurende die tagtigerjare gedoen het, het hierdie saak pertinent onder die aandag van die sinodes gekom.

3.3.1.2 ISWEN is gevra om 'n ondersoek na die skynbare afname in sendingbelangstelling te doen. Die deeglike verslag hieroor is aan SKSE's beskikbaar gestel om daarmee na goeddunke te handel (in pt 4 word verder hieroor gehandel).

3.3.1.3 Daar bestaan skakelstrukture op sinodale, rings- en gemeentevlak. In die Wes-Kaap het daar een Kommissie vir Getuienisaksie met die NGK, NGSK, NGKA en die RCA tot stand gekom.

**3.3.1.4** AKSE het besluit dat oplossings gevind moet word vir die gebrekkige samewerking wat tans bestaan.

**3.3.1.5** Op sy vergadering van 1992 het AKSE ook besluit om ondersoek te doen na die moontlikheid om AKSE en die sendingkommissies van die ander lede van die Ned Geref Kerkfamilie te integreer deur reglementswysiging by al vier hierdie kerke.

**3.3.1.6** AKSE het hieraan uitvoering gegee deur

* die sendingkommissies van die ander kerke te nooi om elk 'n verteenwoordiger te stuur om die vergaderings van AKSE op koste van die betrokke kerk en in adviserende hoedanigheid by te woon;

* 'n gesamentlike konferensie oor "die missionêre gemeente" saam te beplan, waar oor die vereniging van die Ned Geref Kerkfamilie se strukture vir sending besin is;

Die volgende besluit is hier geneem wat deur AKSE goedgekeur is:

"Die konferensie wys 'n voortsettingskomitee aan wat na al die aspekte van die strukturele vereniging van die Ned Geref Kerkfamilie se getuienisfunksies moet kyk. Die komitee neem die feite voor die konferensie, die besprekinge wat hier gevoer is, die vordering wat hier gemaak word en die noodsaaklike feite wat nog ingewin moet word, in ag. Die komitee stel 'n riglyn op vir 'n samekoms van afgevaardigdes waar binnekort aan uitstaande knelpunte aandag gegee en op die vereniging van ons getuienisstrukture ooreengekom kan word."

* aangesien die proses van eenwording vir AKSE 'n hoë prioriteit is, SKSE's te versoek om nie alleen self ten nouste met die sendingkommissies van die sinodes van die ander kerke saam te werk nie, maar om die ringe en gemeentes te versoek om dit ook te doen.

**3.3.1.7 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit om, in die lig van die vorige Algemene Sinode se besluit oor groter sigbare eenheid van die Ned Geref Kerkfamilie, die besluit van AKSE rakende die vereniging van die sendingstrukture van die Ned Geref Kerkfamilie goed te keur en sodoende die sendingkommissies van die Ned Geref Kerkfamilie aan te moedig om so gou as moontlik tot die strukturele vereniging van hulle werksaamhede oor te gaan.**

**3.3.2 Samewerking NG Kerkfamilie: Afrika**

Goeie samewerking bestaan steeds tussen die betrokke sinodes van die NG Kerk en die kerke in Zimbabwe, Malawi, Zambië, Botswana, Namibië, Mosambiek en Swaziland waarmee hulle verband het. Die kerke het vrymoedigheid om hulle behoeftes aan werkers en finansies aan die sinodes voor te lê, wat dan na vermoë hulp verleen.

Bande met die kerke in Nigerië en Kenia word ook verstewig.

Die Federale Raad van NG Kerke vervul ook in hierdie samewerking 'n koördinerende funksie.

Die Algemene Sendingreglement bepaal die struktuur van die aksie.

**3.3.3 Ekumeniese samewerking op plaaslike vlak**

Sover moontlik moet ekumeniese samewerking tussen veral Protestantse kerke op plaaslike vlak aangemoedig word.

**3.3.4 Samewerking ten opsigte van Wêreldsending**

Die Algemene Sendingreglement gee riglyne vir die samewerking met ander kerke en sendingorganisasies.

Daar is verskeie sendelinge wat langs dié weg as sendelinge van die NG Kerk in diens van gekeurde sendingorganisasies op die terrein van wêreldsending besig is.

SAAWE verleen nuttige hulpdiens in die skakeling met sendingorganisasies met die oog op wêreldsending.

## 4. BETROKKENHEID VAN LIDMATE BY DIE SENDING

**4.1 Opdrag van die Sinode**

**4.1.1** "Die Algemene Sinode versoek sinodes, ringe en kerkrade om hulle steeds te beywer om soveel moontlik van die lidmate betrokke by die sending te kry.

**4.1.2** "Die Algemene Sinode neem kennis dat daar weens die Sendingjaar en sendingkongres 1988 van tyd tot tyd lidmate is wat hulle persoonlik aanbied asook gemeentes, ringe en sinodes wat in kerkverband besluit om betrokke te raak by wêreldsending.

**4.1.3** "Die Sinode versoek die AKSE om 'n studie te maak van verskillende moontlikhede (dws weë, middele en kanale) vir betrokkenheid van individuele lidmate asook die kerkverband by wêreldsending. Die AKSE word versoek om riglyne hieroor aan sinodes deur te stuur."

(Hand AS 1990, bl 653/8)

**4.2 Werkswyse**

**4.2.1** AKSE het inligting vir voornemende kort- en langtermynsendelinge in pamfletvorm gereed gemaak en aan SKSE's beskikbaar gestel.

**4.2.2** Dieselfde is gedoen ten opsigte van riglyne vir die betrokkenheid van lidmate en gemeentes en die kerkverband by Wêreldsending.

**4.2.3** AKSE het ook vir ISWEN gevra om navorsing te doen oor sendingbelangstelling in die Ned Geref Kerk: lyk dit net so, of is daar 'n daling in belangstelling in die sending?

Prof JJ Kritzinger het 'n deeglike stuk navorsing gedoen. Die resultate van die werk is aan SKSE's beskikbaar gestel.

**4.3 Gevolgtrekkings van die navorsing**

**4.3.1 Hoedanig is sendingbelangstelling in die Ned Geref Kerk?**

Die sendingbelangstelling is maar laag. Daar is wel nie 'n vergelykende maatstaf om dit aan te meet nie, maar die absolute maatstaf sou natuurlik die algemeen aanvaarde teologiese waarheid kon wees van "elke Christen is 'n sendeling". Mense wat selfs maar erken dat hulle nie entoesiasties oor sending is nie, bring mee dat die kerk nie op standaard is nie, maar meer nog: dit bring hulle eie Christenskap in die gedrang!

Ons kan ook nie help nie om die gevoel te hê dat die sendingbelangstelling in werklikheid selfs nog laer is as die persentasies wat uit hierdie opname na vore gekom het. As dit waar is dat feitlik almal aanvaar dat sending (onder andere) 'n Bybelse opdrag is, sal die respondente geneig wees om hulle sendinggevoel meer rooskleurig voor te hou as wat dit in werklikheid is. Indien dit wel gebeur het, baar die situasie nog meer kommer.

**4.3.2 Watter faktore beïnvloed sendingbelangstelling in die Ned Geref Kerk?**

Ons het aan die begin gemeld dat ons drie hipoteses wou toets. Ons het verwag dat (1) die geestelike stand van die lidmate, (2) die ingeligtheid van die lidmate, en (3) die politieke standpunte van die lidmate hulle houding oor die sending sou beïnvloed.

Daar is nie voldoende getuienis dat **sendinginligting** as sodanig mense se koppe draai nie. Inligting oor en begrip van die sending is sekerlik belangrik, en dit beteken baie vir sendingmense, maar dit speel waarskynlik nie so 'n sterk motiverende rol nie. Belangstelling in die sending, en 'n gebruikmaking van inligtingsbronne is waarskynlik eerder die **gevolg** van 'n vorige oortuiging as dat dit nie **oorsaak** van die sendingbelangstelling is.

Min twyfel kan egter daaroor bestaan dat 'n **oortuigde Christelike getuienis** die grondliggende faktor is wat iemand in 'n "sendingvriend" verander. Hoe meer 'n gelowige deelneem aan geestelike aktiwiteite, hoe groter word die oortuiging en deelname aan sending. Die gevolgtrekking kan nie ontkom word nie dat die sendingbetrokkenheid eintlik dié belangrikste maatstaf is van geestelike lewe in die gemeente.

Net so onrusbarend was die duidelike verbande wat tussen swak sendingbelangstelling en sekere **politieke benaderings** gevind is. Daar is 'n bepaalde mentaliteit by lidmate - wat sterk ooreenkomste met sekere politieke denkrigtings toon - wat hoog korreleer met 'n weerstand teen die sending. Dit gaan ook gepaard met 'n sekere onwilligheid om mense te aanvaar en oop vir ander te wees.

**4.3.3 Wat kan gedoen word om sendingbelangstelling in die Ned Geref Kerk te verhoog?**

'n Aantal aspekte van die bediening in die gemeente het sterk na vore gekom as terreine wat goeie gevolge kan hê. Nie een daarvan is werklik nuut nie, en geen van hierdie gevolgtrekkings kan waarskynlik as verrassings bestempel word nie, maar dit mag lonend wees om tog weer daarop klem te lê.

Die eerste is die gereelde **sendingprediking**. Daar was werklik 'n opvallende verskil tussen die reaksies van die lidmate komende uit gemeentes waar "gereeld" oor die sending gepreek word, en die ander waar dit net af en toe, of selfs nooit gebeur nie. Hierdie gereelde sendingprediking is natuurlik 'n refleksie van die oortuigings en entoesiasme van die predikant. Eintlik is daarmee weereens bewys dat dit die voorbeeld is wat trek, meer as die woorde wat wek.

Die **geestelike bedrywighede** in die gemeente is ook van die grootste belang. Geloofsekerheid lei gewoonlik tot meer gereelde kerkgang; dit lei dikwels ook tot inskakeling in Bybelstudiekringe; en sulke mense is veel meer sendinggemotiveerd en -betrokke. Werklike gemeentebou gaan gepaard met sendingbelangstelling! Dit is goed om te weet dat hierdie korrelasie baie duidelik is.

Dit is wanneer gebou word op sodanige fondamente dat **kontak** en **betrokkenheid** by uitreikaksies sy rol speel, en nie andersom nie. Daar is nie afdoende bewys dat dit die kontak met anderskleuriges as sodanig is wat 'n sendingywer opwek nie, al is daar 'n positiewe korrelasie. Wat wel duidelik blyk, is dat waar hierdie kontak nie plaasvind nie, dit gepaard gaan met swakker sendingbelangstelling. Baie moeite moet gedoen word om 'n meer evangeliese gesindheid van openheid teenoor ander mense by die lidmate aan te kweek. Die sensitiewe behandeling van die sake wat in Kerk en Samelewing uitgespel word, kan 'n groot bydrae lewer om hierdie openheid te bewerk.

4.3.4 AKSE wil graag 'n verdere punt hier byvoeg. Dit raak die **teologiese opleiding.**

AKSE het onder die indruk gekom van die gebrek aan 'n missionêre visie by vele gemeentes. Geweldige klem word gelê op vele aspekte wat die opbou raak sonder om in dieselfde mate ook die uitbou op die agenda te plaas. Die AKSE kan nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat dit ook, onder andere, te make het met die teologiese opleiding en vorming van predikante nie. 'n Doktorale verhandeling oor teologiese opleiding in hierdie verband maak dan ook die stelling dat teologiese opleiding sy missionêre visie en passie verloor het.

**4.3.5 AANBEVELINGS**

**4.3.5.1 Die Algemene Sinode besluit om sinodes te versoek om al die leraars in die kerk op te roep om nog meer gereeld in hulle prediking en voorbidding aandag te gee aan die sending en om die missionêre dimensie van elke erediens uit te bou en ook aan die gemeente te verduidelik. 'n Handige hulpmiddel in dié verband is prof Jannie du Preez se publikasie: Die Erediens en die Sending.**

**4.3.5.2 Die Algemene Sinode verwelkom die klem wat in die Ned Geref Kerk op die opbou van die gemeente gelê word, en wys daarop dat egte gemeentebou gepaard gaan met sendingbetrokkenheid.**

**4.3.5.3 Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding om deur middel van die Kuratoria die missionêre dimensie van die opleiding noukeurig te monitor. Kundiges kan hiervoor gekoöpteer word.**

## 5. VERSLAG OOR DIE EVANGELIEBEDIENING IN DIE ARBEIDSLEWE

### 5.1 Opdrag

Die Algemene Sinode van 1990 het die volgende besluit geneem (Hand AS 1990, bl 705/8.4):

"Die Algemene Kommissie vir Sending en Evangelisasie kry opdrag om 'n omvattende studie te doen oor die wese en taak van die kerk se bediening in die nywerheid".

5.2 Die AKSE het aan hierdie besluit uitvoering gegee deur die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN) te versoek om hierdie studie te onderneem en hom met 'n verslag te bedien.

Wat hier aangebied word, is 'n verkorte weergawe van 'n meer omvattende verslag.

**1. INLEIDENDE SAKE**

**1.1 Begripsbepalings**

**1.1.1 Terminologie gebruik vir die werk**

Verskillende terme is in die verlede deur die twee kommissies van die NG Kerk wat aan arbeidsake aandag gegee het, gebruik. Teen die meeste van hierdie terme kan besware ingebring word. Verderaan in die verslag sal dit duideliker word waarom die term "Arbeidsbediening" verkies word. (Sien aanbeveling 5.3.1)

**1.1.2 Arbeidslewe**

Dit is belangrik dat die arbeidswêreld in sy geheel onder die loep geneem moet word. Die arbeidslewe sluit nie alleen die sekondêre (fabriek)sektor in nie, maar ook die primêre (landbou en mynwese) sektor en die tersiêre (dienste)sektor.

Daarmee ondergaan die skopus van die tradisionele werksaamheid van die kerk wel 'n ingrypende verbreding. Die gevaar dat die gespesialiseerdheid van die vroeëre betrokkenheid kan vervaag, is wesenlik, maar prinsipieel kan die arbeidslewe nie vereng word na 'n enkele sektor nie. (Aanbeveling 5.3.2.)

**1.1.3 Teologie van arbeid**

Omdat mense in so 'n groot mate hulle identiteit vind in hulle arbeid, is daar 'n groot behoefte daaraan dat 'n gesonde teologie van arbeid in die kerk gehandhaaf sal word. Die volgende sou enkele aspekte daarvan wees.

Arbeid is 'n seën van God. Deur die voorreg van die arbeid word die mens God se medewerker. Wanneer die arbeid in die lig van God se Woord, en in afhanklikheid van Hom, verrig word, is daar nie sprake van minder- of meerderwaardige arbeid nie, want dan is arbeid diens aan God. Daarom lewer arbeid onder Gods seën 'n bydrae tot volledige menswees. Tog moet nie vergeet word nie dat die gawe van menswees 'n nog meer basiese seën is as die arbeid. Sou die arbeidsruimte - deur watter omstandighede ook al - vir die mens toegesluit word, beteken dit nog glad nie dat so 'n persoon se menswaardigheid weggeneem is nie.

Die arbeid is nie deur God vervloek nie. Die sonde se vloek tree in wanneer die arbeid aan God se heerskappy onttrek word. Dan word die arbeidswêreld 'n lydingsruimte waarbinne leed aangedoen word. Dit gebeur wanneer die sondige mens met sy arbeid vir God uitdaag, sy medemens ontmenslik, sy godgegewe omgewing verwoes... en homself demoniseer.

Die arbeid is dus 'n roeping, en die mens is aan God rentmeesterskap verskuldig. Dit bly 'n groot verantwoordelikheid, tesame met die voorreg. Daarom is die terrein van die arbeidsetiek besonder belangrik.

**1.1.4 Arbeidsetiek**

Die werksomgewing stel etiese vrae aan mense waarvoor hulle nie in die tradisionele lewensterrein van die kerk voorberei is nie. Die kerk is geroepe om kundig voorligting te gee aan sy mense in die werksplek, maar ook om etiese vrae aan die bedryf te stel. Daarom sal die kerk moet beskik oor kundige kommissies (persone) wat op hierdie terrein die leiding kan neem, sodat sowel die arbeidsleiers as die kerk hierdie sake prinsipieel en prakties kan deurwerk. (Aanbeveling 5.3.23)

**1.1.5 Ekklesiologie**

Telkens word melding gemaak van die taak van die kerk in die arbeidslewe. Wat word hier onder die begrip "kerk" verstaan?

In die eerste plek word hier 'n uitdaging gestel aan die kerk in die breë, die hele kerk, die ekumeniese kerk. Die arbeidswêreld is 'n ondeelbare terrein. Die kerk as geheel moet daarby betrokke wees. Die Gereformeerde uitgangspunt sal egter impliseer dat hier in finale instansie ook en veral aan die plaaslike kerk (gemeente) gedink word.

Is dit nou die kerk as instituut (soos hy georganiseer is in gemeentes, ringe en sinodes, met 'n bediening deur ampsdraers, kommissies en taakgroepe) of die kerk as organisme (in die persoon van die lidmate wat as

Christene nie-amptelik en nie-georganiseerd orals teenwoordig en werksaam is) wat hierdie verantwoordelikheid het? Beide gestaltes moet hier aanvullend gesien word. By die groot saak van die kerklike teenwoordigheid in die arbeidslewe, kan nie maar net volstaan word met 'n beroep op die Christene aldaar nie, net so min as wat die werk bloot amptelik en deur ampsdraers gedoen kan word. Albei elemente is noodsaaklik.

**1.1.6 Bediening**

Met die term "bediening" of "evangeliebediening" word uitdrukking gegee aan die gesindheid van diens wat uit die kerk se betrokkenheid spreek. Verder wil die evangeliebediening 'n omvattende benadering aandui, 'n bekommernis oor die totale welsyn van mense en hulle omgewing.

**1.1.7 Ekonomiese ideologieë**

Die arbeidslewe is die slagveld van ekonomiese ideologieë. Baie dikwels skaar die bestuur en die werkers hulle by teenoorstaande standpunte. Sekere teologiese benaderings gaan uit van die standpunt dat die kerk inderdaad ook moet kies... vir die werkers. Ons standpunt is dat daar nie vir of teen 'n bepaalde groep gekies moet word nie, maar weldeeglik vir die reg en teen onreg. Al is die oordeel oor wat reg en verkeerd is in die arbeidslewe nie altyd ewe maklik nie, mag die kerk nie daarvan wegskram om elke situasie deeglik vanuit die Woord te beoordeel en profeties aan te spreek nie. (Aanbeveling 5.3.6)

**1.1.8 Armoede en werkloosheid**

Daar kan nie oor die arbeidslewe gepraat word sonder om ook aan die verskynsel van werkloosheid, die aangrypende armoede en gepaardgaande ellende aandag te gee nie. Tog kan dit nie ook in hierdie verslag gebeur nie. (Aanbeveling 5.3.12)

**1.2 Handeling met die studie**

Die kommissie voel sterk dat die saak van die arbeidsbediening op alle vlakke in die kerk ernstige aandag moet geniet. Daarom word 'n paar aanbevelings oor sowel die vlak van bewusmaking as die uitvoering gedoen. (Aanbeveling 5.3.11)

Die motivering vir 'n betrokkenheid in die arbeidslewe, en die moontlike wyse van betrokkenheid, sal onder andere 'n belangrike klem in die toerusting van toekomstige evangeliedienaars moet ontvang. (Aanbeveling 5.3.22)

## 2. BEVINDINGE

### 2.1 Aandag aan die bediening in die arbeidswêreld

#### 2.1.1 Die uitgebreide arbeidswêreld

In die pre-industriële lewe was die huislike en werkslewe heeltemal geïntegreer. Hierin het die Industriële Rewolusie groot verandering gebring. Die woon- en werkslewe het twee wêrelde geword. Nie net die mens se werkslewe het verander nie, maar die werkende mens self ook. Homo economicus (die werkende, produserende mens) het tot stand gekom.

Daar word gesê dat die Industriële Rewolusie die eerste sekulêre kind van die Renaissance en Aufklärung was. Al die ander ontwikkelinge het óf in die kerk plaasgevind óf is grootliks deur die kerk beïnvloed, maar nie hierdie ekonomiese ontwikkelinge nie. Dit het die kerk agtergelaat.

Die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners is reeds afhanklik van die moderne arbeidslewe, selfs hulle wat in die diep platteland woon, maar die arbeidsmark deur die stelsel van trekarbeid betree het. Letterlik almal deel reeds die kontant-ekonomie. Tans (vroeg in 1994) is die ekonomie nog in die greep van die langste resessie in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Vir die afgelope paar jaar reeds is die reële groeikoers negatief, het die bruto volksproduk per capita afgeneem, kapitaal die land uitgevloei, terwyl die inflasiekoers in dubbelsyfers uitgedruk word. Terwyl sommige ekonome meen dat die opswaai reeds begin het, is ander daarvan oortuig dat die einde nog nie in sig is nie.

Die direkte gevolg van hierdie afswaai is verhoogde werkloosheid, vererger deur die hoë bevolkingsaanwas. In feitlik elke ekonomiese sektor word jaarliks werkgeleenthede ingeboet. Vooruitskattings dui daarop dat spoedig meer as die helfte van die potensiële werkers buite formele indiensneming gaan wees. 'n Groeikoers van nie minder nie as 10% per jaar sou nodig wees om die werkloosheid noemenswaardig te verminder. Natuurlik verhoog die werkloosheid van soveel broodwinners die lyding van talle meer. Vir ons doel, egter, is dit belangrik om daarop te let dat werkloosheid ook 'n dimensie van die arbeidslewe is. Die dreigende swaard van afdanking beïnvloed 'n persoon se hele lewe. (Aanbeveling 5.3.12.)

Wat die Suid-Afrikaanse arbeidswêreld verder kompliseer, is die feit dat ons hier nie te doene het met 'n kultureel homogene werkerskorps nie. Die swart en wit werkers se situasie verskil hemelsbreed. Van die swartmense word verwag om in een geslag die oorgang te maak van 'n tradisionele plattelandse kultuur na 'n moderne stedelike werksomgewing met sy eie ritme, wette en sedes. Hierdie werkers bring met hulle saam 'n totaal ander ervaring van die gemeenskap. Die deursurende effek van die politiek moet nie onderskat word nie. Gedurende die hele industriële periode in Suid-Afrika is daar teen die swart werkers gediskrimineer. Dit het tot gevolg gehad dat die swart werkers tot vandag toe hoofsaaklik in die laer vlakke van die bedrywe werk, met gevolglike laer inkomstes, mindere status, en minder sekuriteit. Dit is heeltemal verstaanbaar as hierdie werkers 'n basiese wrewel teen die

stelsel en die werksplek voel. Daarenteen is die blanke werkers nog altyd beskerm. Hierdie situasie vra vir botsings. Die diskriminasie het ook ingesluit die reël dat die normale kanale vir bedinging - die vakbonde - vir dekades lank vir nie-blanke werkers geslote was. Nou speel die vakbonde 'n rol wat hulle tradisionele terrein ver oorskry. 'n Ganse stel etiese vrae dring hulle aan die werker op.

Die werksplek het wêreldwyd verander. Daarvoor sorg die ongelooflik vinnige ontwikkelinge in die wêreld van die rekenaars. Vroeë aftredes word amper die reël, in baie gevalle nie heeltemal vrywillig nie. Die onrustigheid eie aan die bedryf, en aan die moderne gemeenskap, word nou toenemend deel van elke mens se lewe. As hierdie onsekerheid waar is van die werksplek op alle plekke, moet in die geval van die Suid-Afrikaanse konteks drie groot sake bygevoeg word wat die werkplek kompliseer: die ekonomiese afswaai (waarvan ons hierbo melding gemaak het), die proses van regstellende aksie wat nou ook in werking begin tree, en die Afrika-kultuur wat toenemend die ekonomie begin bepaal. Veral die blanke werkers begin nou aan hulle lyf voel die onsekerheid en "diskriminasie" wat vroeër vir die gekleurdes gereserveer was. (Aanbeveling 5.3.23)

Ons het reeds melding gemaak van die kategorie "trekarbeiders". Alhoewel instromingsbeheer reeds in 1986 opgehef is, is honderde duisende werkers nog nie in die posisie om vanaf hulle huise te werk nie. Talle woon nog in hostels en kampongs en gaan slegs sporadies huis toe. Al die maatskaplike en persoonlike leed wat dit tot gevolg het, en waarteen die kerke in die verlede geveg het, geld nog onverminderd. Hierdie bly 'n gewetensaak waarby die kerk betrokke moet bly. (Aanbeveling 5.3.13)

Twee ander kategorieë werkers kan hier in een asem genoem word. Tot in 1993 was huishulpe en plaaswerkers nog uitgesluit uit 'n bevredigende arbeidsbedeling. Alhoewel daar ernstige besware ingebring word teen die onveranderde toepassing van die arbeidswette op hierdie werkers, kan die kerk nie anders as om daarop aan te dring dat bevredigende beskermingsmaatreëls ook vir hierdie mense getref moet word nie. Hierdie werksplekke het die potensiaal om die model vir goeie verhoudinge te wees, maar word ongelukkig dikwels gekenmerk deur uitbuiting en ongeregtigheid. (Aanbeveling 5.3.14)

**2.1.2 Afwesigheid van die kerk**

Die kerk het in die pre-industriële tyd 'n bedieningstruktuur ontwikkel wat (tereg) op die woonplek ingestem was, aanvanklik plattelands, en mettertyd ook in die nuwe stede. Die (geografiese) proses van verstedeliking is ernstig geneem, maar dit kan betwyfel word of die gepaardgaande proses in die werksplek genoegsaam verreken is. Die kerk het bloot voortgegaan met sy bediening wat ingestem is op die woonplek. Terwyl die hoofstroom van die polsende lewe dus in die bedding van die arbeidslewe vloei, vang die kerk vis in die stil poeletjies van 'n systroompie (Cilliers). Die geïndustrialiseerde mens is deur die industrie buite bereik van die kerk geplaas, onbereikbaar (Boshoff), in 'n ander wêreld.

Die punt wat hier beredeneer word, is dat die "nuwe mens" wat deur die moderne wêreld geskep is, eerste in die werksplek sigbaar geword het, maar dat hierdie mens "die reuk van die werksplek" saamneem huis toe, vriende toe... en selfs kerk toe (Marais). Dit is nie net 'n geval dat die kerk die werksplek moet binnedring nie, maar ook die werkslewe. Hierdie oproep behels dus meer as net 'n geografiese aanpassing van die bediening, dit vereis ook 'n mentaliteitsverandering. (Aanbeveling 5.3.18)

**2.1.3 Teologiese uitgangspunte**

In die eerste plek sal van die standpunt uitgegaan moet word dat die kerk se werk basies koninkrykswerk is. Dit beteken dat die getuienis van die kerk omvattend moet wees in die horisontale en vertikale sin van die woord. Dit beteken vanselfsprekend dat die kerk ook 'n sosiale betrokkenheid sal moet hê. Vir sommige is die kerk se sosiale gerigtheid 'n verleentheid. Hulle voel dat dit die primêre werk van die kerk - die verkondiging van die evangelie - verdring. Aan die ander kant is daar hulle wat glo dat die getuienis van die kerk primêr in sosiale diens moet opgaan. Die gereformeerde uitgangspunt is egter dat die kerk op aarde die roeping het om op verskeie wyses tekens van die koninkryk van God op te rig.

Natuurlik sal die kerk se betrokkenheid kerklik moet wees, op 'n liefdevolle, dienende, 'n profetiese, maar nie voorskrywende manier nie. Die kerklikheid van die benadering sal verder inhou dat die kerk nie bloot instrument van belangegroepe sal word nie. Die diens van die kerk sal verder nie losgemaak mag word van die plaaslike gemeentes waaruit die kerk bestaan nie, en sal gebou moet word op die getuieniswerk van die lidmate. (Sien ook 2.2 en aanbeveling 5.3.3)

**2.1.4 Historiese modelle**

Die betrokkenheid van die kerk in die arbeidswêreld vertoon baie gesigte, wat gereflekteer word in die verskillende benaminge wat wêreldwyd vir die werk gegee is en in die verskeidenheid van werksmodelle wat gebruik word. (Weens gebrek aan spasie gaan ons hulle hier verby, maar daar is baie uit hierdie voorbeelde te leer.)

In Suid-Afrika is daar ook verskeie aksies waarna verwys kan word. Die NG Kerk werk amptelik met 'n wye spektrum ander kerke saam in die IKN (die Interkerklike Komitee vir Nywerheidsbediening), 'n soort oorkoepelende koördineringsliggaam. In Kaapstad en omgewing speel die NG Kerk 'n belangrike rol in EA (Evangeliebediening in die Arbeidslewe), 'n onderneming van verskeie kerke waarby die bediening aan die Seelui, Handel en Nywerheid asook Transnet ingesluit is.

Netso is daar in Natal, Port Elizabeth en Bloemfontein verskeie aksies.

Eerder as om hulle een vir een te bespreek, gebruik ons die Suid-Afrikaanse toneel om 'n paar alternatiewe benaderings te illustreer.

. Die konserwatief-evangeliese model

Tipies van hierdie model is dat die prediking van die evangelie aan die werkers (op die fabrieksvloer, in die hostelle, kampongs, ens) absolute en selfs eksklusiewe prioriteit geniet. Allerlei hulpmiddels word vir hierdie evangelisasiewerk aangewend. Gewoonlik werk hulle baie nou saam met die bestuur. Hierdie werk lewer oor die algemeen min blywende vrugte. Die terughoudendheid om aan die totale nood van die mense aandag te gee, en die persepsie dat dit 'n aksie vanaf bestuurskant is, ontneem uiteindelik die boodskappers van hulle geloofwaardigheid.

. Die "kapelaans-"model

Hierdie model is wêreldwyd in gebruik. Trouens, suksesvolle projekte het meestal voltydse werkkragte betrokke. In die Wes-Kaap doen 'n hele aantal mense, Ned Geref lidmate, voltyds diens in die hawe, vervoerdienste en ander maatskappye. In die Oos-Kaap is die Nywerheidsbediening ook baie aktief in fabrieke, met 'n hele aantal voltydse en deeltydse geestelike werkers. Die Suid-Transvaalse kantoor koördineer nog die groot werk binne Transnet, maar is tans besig om die bediening wyer uit te bou.

Die bediening van sulke godsdienswerkers of kapelane verg veel wysheid. Soos reeds aangedui, word daar dikwels op hulle druk uitgeoefen om vir een of ander groep in die werksplek kant te kies. Hoe om hierdie druk te weerstaan, sonder om beginselloos te wees, is 'n uitdaging wat nie vermy kan word nie.

. Die didaktiese model

Die IKN funksioneer sterk op hierdie vlak. Dit stimuleer nadenke in die kerke oor aktuele tendense in die arbeidslewe, en neem ook deel aan opleidingskursusse vir teologiese studente. Die NG Kerk tree tipies didakties op met sy periodieke kongresse oor Kerk en Arbeid. Dit is sonder twyfel 'n belangrike benadering, waar teorieë en praktyk uit die verskillende werksgebiede en -programme aan mekaar blootgestel en krities geëvalueer kan word.

. Die inkarnasie model

Die Franse werker-priesters is die vlagdraers van dié model wat die klem lê op teenwoordigheid in die werkplek. Die teenwoordigheid van miljoene kerklidmate is nog nie ten volle in die arbeidslewe benut nie. Die klem moet meer en meer val op 'n bediening in die bedryf, eerder as op 'n bediening aan die bedryf; die teenwoordigheid van die kerk in die arbeidswêreld moet die uitgangspunt wees.

. Die saak-gerigte benadering

Die meeste groepe word van tyd tot tyd gedwing om hierdie benadering te volg. 'n Bekende voorbeeld is trekarbeid. Die meeste kerke het dit oor die afgelope jare bestudeer en verwerp. Gebeurtenisse soos stakings of boikotte bring aktuele uitdagings; die kwessie van werkersregte lei tot studie; die uitsluiting van plaaswerkers uit die arbeidswette vra vir voorleggings en onderhandelinge, en so voorts. Die kwessie van armoede en werkloosheid hou die kerke besig. Sommige organisasies funksioneer feitlik uitsluitlik op so 'n ad hoc manier.

. Die omvattende, holistiese of koninkryksbenadering

Dit is seker die benadering wat op teologiese en missiologiese gronde aanbeveel kan word. Daarom streef ons na hierdie benadering wat die beste aspekte uit die ander genoemde modelle inkorporeer. Dit hou in 'n gelowige luister na God se wil, dit vra 'n daad-geloof, 'n intensiewe betrokkenheid by mense se omvattende nood, en doen dit met 'n eskatologiese perspektief. In die volgende paragraaf word dimensies hiervan uitgespel.

### 2.2 'n Voorgestelde benadering tot die bediening in die arbeidswêreld

'n Aantal dimensies van die voorgestelde benadering word nou onder vyf punte aangebied.

#### 2.2.1 Gereformeerd

'n Gesonde Gereformeerde benadering is nie eksklusief en uitsluitend nie, maar probeer vaste uitgangspunte daarstel, op grond waarvan ekumeniese samewerking kan geskied. Die volgende sou as kenmerkend van hierdie benadering beskou kon word:

* die soeke na die verheerliking van God as hoogste doel;
* die klem op die totale koningsheerskappy van Christus in die wêreld - ook in die arbeidslewe;
* die eerbied vir die kerk (in al sy gestaltes) as die Koning se diensbare liggaam op aarde, sy verteenwoordigers en getuies;
* die erkenning van die plaaslike kerk (gemeente) as die basiese gestalte van die kerk, binne die verband van ring en sinode;
* die standpunt dat die ampte van ouderling en diaken 'n belangrike rol in die funksionering van die kerk speel;
* die oortuiging dat die kerk in laaste instansie die lidmate is, en dat die bediening van die kerk in die wêreld berus op die getuienis en dienswerk van die gelowiges; en
* dat die bediening dus 'n totale bediening is, met die volle reikwydte van die evangelie, gerig tot die hele mens en die hele omgewing, waaruit dit ook al mag bestaan.

Die Gereformeerde benadering sou ook deur 'n bepaalde styl gekenmerk kon word. Dit sou beslis Bybels gefundeerd wou optree, met die koninklike, priesterlike en profetiese dimensies van die bediening in 'n gesonde balans. Natuurlik sou die gereformeerde benadering ook swak punte kon hê, wat egter met 'n ekumeniese openheid aangevul en gekorrigeer kan word.

Die verhouding tussen die kerkwêreld en die arbeidswêreld kan op verskillende maniere gesien word.

. In die eerste plek sou die kerk- en arbeidswêrelde as twee afsonderlike ruimtes beskou kon word, wat eintlik niks met mekaar te doen het nie. Daar heers twee verskillende stelle beginsels. Die kerk beskou die arbeidswêreld as 'n vreemde terrein waar hy nie inpas nie. Die bedryf, aan die ander kant, sien neer op die naïewe pretensies van die kerk. Die arme Christen-werkers pendel gevolglik tussen twee wêrelde en leef twee lewens. Hulle wat nog probeer om hulle Christenskap by die werk uit te leef, doen dit óf heel na binne gekeerd, óf so aggressief dat hulle meermale vyande vir die evangelie maak.

. Alternatiewelik word die arbeidswêreld as kerklike en religieuse ruimte gesien, wat deur die kerk in 'n sekere sin ingepalm moet word. Die kerk wil ook 'n sê hê in die werksplek, en dieselfde soort invloed uitoefen as in die woonwêreld. Pogings word dus aangewend om kragtige gemeentes in die werkswêreld op te bou... met min sukses.

. Die werklik Gereformeerde benadering, aan die ander kant, sou die arbeidswêreld as God se wêreld sien. Dit is dus 'n verdere terrein van die gemeentelike bediening. Die lidmate is dus beide bedryfsmense en getuies vir Christus. (Sien aanbeveling 5.3.3.)

**2.2.2 Ekumenies, gesamentlik**

Die betrokkenheid van die kerk in die arbeidslewe moet noodwendig en prinsipieel ekumenies wees. Daar is allerlei pragmatiese argumente wat vir hierdie standpunt aangevoer kan word. Maar belangriker is die prinsipiële argumente. Dit is belangrik dat die Christelike getuienis in die vreemde wêreld van die arbeid nie versnipper moet word nie. In die onrustige atmosfeer van die bedryf is dit nodig dat die essensiële geloofselemente sigbaar moet word. In die lewe buite die (voorstedelike) kerklike mure, word dit duidelik hoeveel van die elemente wat kerke verdeel in werklikheid relatief onbelangrik is. Die samewerking van Christene in die arbeidslewe sou 'n teken van hoop kon word vir die samelewing wat gebuk gaan onder die verdeeldheid in die kerk.

Die Algemene Sinode van 1990 het reeds bevestig dat hierdie bediening nie anders as ekumenies kan geskied nie (Hand AS 1990, bl 332/30.3.4, bl 660).

Dit moet herbevestig word, sonder om aan die teologiese uitgangspunt van die Gereformeerde benadering tekort te doen. (Aanbevelings 5.3.4 en 5.3.10)

**2.2.3 Nie-rassig**

Dit is feitlik nie nodig om dit te sê nie. As dit ooit sou moontlik wees, het die veranderde werksplek dit onmoontlik gemaak om die werkers in rasse-kategorieë te bedien. Ook die ideologiese agtergrond van rasse-skeiding het dit geheel en al onaanvaarbaar gemaak. (Aanbeveling 5.3.7)

**2.2.4 Omvattend**

Reeds meermale is daarop gewys dat die Gereformeerde siening van die bediening in die arbeidslewe behels dat dit so omvattend soos die evangelie - en die arbeidslewe self - sal wees. (Aanbevelings 5.3.5 en 5.3.15)

**2.2.5 Onafhanklik en regverdig**

Die ervaring van die meeste persone wat 'n bediening in die arbeidslewe het, dui daarop dat die kerk in die persoon van die godsdienswerker of predikant onaf-hanklik moet kan optree. Die persepsie moet vermy word dat die kerk óf aan die kant van die bestuur óf van die werkers is. So 'n onafhanklike posisie is baie moeilik om te handhaaf, maar dra uiteindelik goeie vrug.

Dit beteken nie dat die kerk nie sterk standpunte mag inneem nie, maar dit moet na alle kante toe kritiek en empatie insluit. Hoewel onpartydig, moet die kerk die kant kies van die reg teenoor onreg, liefde teenoor haat, en versoening teenoor verdeeldheid. (Aanbeveling 5.3.6)

**2.3 Strukturering vir 'n bediening in die arbeidswêreld**

Die kerk moet vir hierdie bediening gestruktureer word. Ons skematiseer dit deur eers te kyk na strukture in die werksplek, en daarna kyk ons na die kerklike strukture.

**2.3.1 In die werksplek**

In die eerste plek is die uitgangspunt dat die kerk wel in die arbeidslewe teenwoordig is, in die persoon van die Christene. Hierdie mense sal in die bedieningsuitdagings van die werksplek ingelei en begelei moet word, sodat hulle werklik God se verteenwoordigers (getuies) in die werkslewe kan wees. (Aanbeveling 5.3.16)

Al die modelle van arbeidsbediening wat die gewone gelowiges ernstig neem, maak melding van die belangrikheid van selvorming, kleingroepbediening. Hierdie mense het mekaar nodig. Al sou die kerk nie die groepe kon organiseer nie, moet die aanwending daarvan kragtig nagejaag word. (Aanbeveling 5.3.17)

Werklik effektiewe werk in die arbeidslewe sal op die lang duur nie kan plaasvind sonder dat werkkragte voltyds daarvoor afgesonder word nie.

Die kerk sal eenvoudig weë moet vind om mense aan te stel. Hierdie mense het 'n dubbele gerigtheid: enersyds moet die kerk van die veranderende uitdagings in die arbeidswêreld op hoogte gehou word, en andersyds kan hierdie spesialiste belangrike insette in die werkswêreld lewer. (Aanbevelings 5.3.8 en 5.3.9)

**2.3.2 In die kerk**

Lidmaattoerustingsprogramme is dus van die grootste belang in die kerk. Die klem moet egter val op die toerusting van lidmate om in die wêreld diens te lewer aan Christus en sy Koninkryk. Openbare lewenswaardes moet vir Christene aangekweek word. (Aanbeveling 5.3.19)

Die NG Kerk sal kommissies en/of taakgroepe moet daarstel om die leiding te neem in hierdie sy van sy bediening, waar dit nie reeds bestaan nie. Hierdie strukture sal nie alleen op sinodale vlak moet funksioneer nie, maar ook op rings- en gemeentevlak. (Aanbevelings 5.3.20 en 5.3.21)

**5.3 AANBEVELINGS**

**5.3.1 Die Algemene Sinode besluit om die benaming "Arbeidsbediening" vir die werksaamheid van die kerk op die terrein van die arbeid te gebruik.**

**5.3.2 Die Algemene Sinode besluit dat die arbeidsbediening die ganse terrein van die arbeidswêreld in die oog moet hou, en nie net enkele sektore van die bedryf nie.**

**5.3.3 Die Algemene Sinode beklemtoon dit dat die kerk in sy betrokkenheid in die arbeidslewe getrou moet bly aan die kenmerkende van die gesonde Gereformeerde tradisie, wat insluit die klem op die gemeente, die taak van die besondere ampte, en die mondige betrokkenheid van elke lidmaat in 'n omvattende getuienis.**

**5.3.4 Die Algemene Sinode herbevestig die praktiese en prinsipiële noodsaak om die evangeliebediening in die arbeidslewe ekumenies te onderneem.**

**5.3.5 Die Algemene Sinode herbeklemtoon dit dat die kerk se bediening in die arbeidslewe omvattend moet wees. Dit is nie voldoende om maar geleenthede te organiseer om die Woord te verkondig of saam te bid nie.**

**5.3.6 Die Algemene Sinode beklemtoon dit dat die kerk in sy betrokkenheid in die arbeidslewe steeds daarna moet strewe om die arbeidslewe profeties en priesterlik bewoë te begelei. Daarby kies die kerk vir reg en geregtigheid, ongeag die partye wat betrokke is. Hierdie benadering moet nie ter wille van toegang tot die arbeidswêreld prysgegee word nie. Die kerk kies dus om al die werkers oor die hele spektrum met die evangelie te bedien.**

**5.3.7 Die Algemene Sinode beklemtoon dit dat die betrokkenheid in die arbeidslewe nie op rasse-grondslag kan geskied nie. Dit sluit egter nie uit dat bepaalde bedieninge op sekere werkersgroepe toegespits kan word nie.**

**5.3.8 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die strukture wat reeds bestaan waardeur werkkragte voltyds fasiliterend en organiserend in verskillende sektore van die bedryf as geordende of nie-geordende werkers optree. Hierdie arbeidsbedieninge verdien die aktiewe ondersteuning van die kerk.**

**5.3.9 Die Algemene Sinode beveel aan dat die patroon van voltydse werkkragte orals waar dit haalbaar is, voortgesit word, afgesien van enige ander inisiatiewe wat gemeentes mag aanpak, en dat hulle deeglike opleiding vir hulle gespesialiseerde werk behoort te ontvang.**

**5.3.10 Die Algemene Sinode gaan voort om binne die raamwerk van die Interkerklike Komitee vir Nywerheidsbediening (IKN) (beter bekend as ICIM: Interdenominational Committee for Industrial Mission) met ander kerke saam te werk.**

**5.3.11 Die Algemene Sinode versoek die sinodes om, deur die betrokke sinodale- en ringskommissies, 'n reeks werksessies te reël waar die resultate van en die besluite oor die evangeliebediening in die arbeidslewe in wye kringe deurgepraat kan word.**

**5.3.12 Die Algemene Sinode beklemtoon dat die stryd teen werkloosheid en armoede sentraal moet staan in die kerk se bediening van die wêreld. Die kerk moet op 'n omvattende wyse betrokke bly by die soeke na die welsyn van die bevolking deur deel te neem aan aksies ter bestryding van werkloosheid en armoede.**

**5.3.13 Die Algemene Sinode herinner daaraan dat die verskynsel van trekarbeid nog aan die orde van die dag is. Al sou die voortsetting daarvan nie meer weens politieke redes wees nie, dwing ekonomiese noodsaak nog talle mense daartoe. Die kerk word opgeroep om die trekarbeiders by hulle werk- en woonplekke te bedien, maar ook mee te werk tot die uiteindelike uitskakeling van hierdie skadelike praktyk.**

**5.3.14 Die Algemene Sinode versoek die betrokke kommissies vir die Arbeidsbediening om 'n studie te maak van, en by te dra tot 'n gunstige arbeidsituasie vir die huishulpe en plaaswerkers.**

**5.3.15 Die Algemene Sinode wys daarop dat die roeping van die kerk in die arbeidslewe behels dat**

**5.3.15.1 gelowiges toegerus word om nie alleen die geloof te behou nie, maar om in die werksplek voluit as volgelinge van die Here Jesus Christus te leef;**
**5.3.15.2 'n verantwoorde standpunt oor arbeids- en ontwikkelingsaangeleenthede geformuleer en gepropageer word;**
**5.3.15.3 effektiewe invloed in belang van reg en geregtigheid uitgeoefen word;**
**5.3.15.4 'n versoenende rol in arbeidsgeskille gespeel word;**
**5.3.15.5 geestelike insette in opleidings- en orienterings-programme gebied word; en**
**5.3.15.6 die arbeidslewe as samelewingsstruktuur oor die algemeen krities begelei word.**

**5.3.16 Die Algemene Sinode gee erkenning aan die feit dat die primêre Christelike getuienis in die arbeidswêreld steeds gelewer sal moet word deur die gelowiges. Hiertoe moet hulle deur die kerk in staat gestel en toegerus word.**

**5.3.17 Die Algemene Sinode wys sinodes op die noodsaaklikheid dat gemeentes, nie alleen in die woonwêreld nie, maar ook (en veral) in die arbeidslewe die lidmate moet ondersteun deur die skepping van groepe vir Bybelstudie, getuienis en dienslewering.**

**5.3.18 Die Algemene Sinode beklemtoon die feit dat die kerk die roeping het om die koninkryk van God op alle lewensterreine te proklameer en doen daarom 'n ernstige beroep op al die sinodes om toe te sien dat lidmate, gemeentes en ringe met ywer die bediening in die arbeidslewe aanpak en begelei.**

**5.3.19 Die Algemene Sinode beklemtoon dit dat 'n lidmaatskolingsprogram in elke gemeente toegepas moet word, veral egter met die oog daarop om die lidmate te ondersteun in hulle getuie-wees in die arbeidslewe.**

**5.3.20 Die Algemene Sinode beklemtoon dit dat die saak van die Arbeidsbediening op die vlak van gemeente, ring en sinode gekoördineer en geïnisieer moet word deur kommissies of aksies wat daarvoor verantwoordelik gemaak word.**

**5.3.21 Die Algemene Sinode beveel aan dat waar daar nie spesifieke kommissies op sinodale vlak hiervoor bestaan nie, hierdie werk aan die SKSE's opgedra word, om dit in samewerking met SKG's, SKDB's en SJK's te onderneem, en dat op rings- en gemeentelike vlak aksies of subkomitees daarvoor in die lewe geroep word.**

**5.3.22 Die Algemene Sinode versoek die verskillende Kuratoria om aandag daaraan te gee dat**

**5.3.22.1 die saak van die kerk se bediening in die arbeidslewe toegespitste aandag in die opleiding van teologiese studente geniet, en**

**5.3.22.2 die verskele sentra vir voortgesette teologiese opleiding meewerk in die organiseer van werksessies en kursusse sodat die saak van die bediening in die arbeidslewe onder die aandag van die kerk kan bly.**

**5.3.23 Die Algemene Sinode dra dit op aan die kommissies wat vir die Arbeidsbediening verantwoordelik gemaak word om by wyse van voortgaande studie seker te maak dat die kerk op die hoogte bly van die veranderende arbeidswêreld ten einde kundig betrokke te kan bly.**

## 6. DIE CLF EN SY NEWEDIENSTE

### 6.1 Opdrag

"Die Algemene Kommissie vir Sending en Evangelisasie ontvang opdrag om ernstig te besin oor die prinsipiële regverdiging vir die voortbestaan van die NG Sendinguitgewers en die NG Sendingpers wat selfstandige ondernemings is, as newedienste van die Christelike Lektuurfonds. Die Algemene Kommissie vir Sending en Evangelisasie word versoek om tussentyds verslag te doen aan die Algemene Sinodale Kommissie met finale verslag aan die Algemene Sinode van 1994."

(Hand AS 1990, bl 638/4.1.14.4.5)

### 6.2 Uitvoering

Om die opdrag uit te voer is dit nodig om eers 'n kort oorsig oor die geskiedenis van die NG Sendingpers, die NG Sendinguitgewers, die CLF en die CLF-Beheerraad te gee.

#### 6.2.1 Die NG Sendingpers (NGSP)

Hierdie drukkery se bestaan dateer terug na 19 November 1948 toe 'n klein drukkery in die privaathandel aangekoop is deur die toentertydse Gesamentlike Kerkkantoorkommissie (GKK) van die NG Sendingkerke. Die rede vir hierdie aankoop was die nasleep van die Tweede Wêreldoorlog. Materiaal was nie te kry nie en om papier in te voer moes op 'n permitstelsel gewerk word en is daar slegs voorrade aan bestaande drukkerye voorsien. Hierdie drukkerye was nie bereid om voorkeur aan die kerk se werk te gee teenoor hulle eie publikasies wat deur die oorlog agter geraak het nie. Die gevolg was dat die NG Sendingkerke nie hulle drukwerk gedoen kon kry nie. Hierdie drukwerk het in daardie stadium hoofsaaklik bestaan uit die amptelike nuusblad van die kerke asook kategeseboeke, die Murray-kinderbybel en ander kerklike drukwerk.

Ongeveer dieselfde tyd en waarskynlik om dieselfde redes het die toentertydse Gefedereerde Sondagskoolkommissie ook 'n drukkery begin wat bekend sou staan as Die Sentrale Pers.

Van die begin af het die NG Sendingpers, benewens dit wat die Sendingkerke, soos hulle toe bekend was, van die drukkery verwag het, ook drukwerk vir die algemene publiek onderneem, aangesien dit 'n voorvereiste was om die drukkery se voortbestaan te verseker. Die inkomste uit hierdie drukwerk het ook tot 'n baie groot mate die kerklike drukwerk waarvoor daar 'n tekort aan fondse was, gesubsidieer. Hierdie beginsel van buite-drukwerk is ook gevolg deur Die Sentrale Pers en word vandag nog gevolg deur etlike kerkperse in Suid-Afrika waarvan ons bewus is.

##### 6.2.1.1 Oorname deur die Ned Geref Kerk

Voortvloeiend uit onderhandelings tussen die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in Afrika (NGKA) en die Ned Geref Kerk se Algemene Sinode van 1966 is die NG Sendingpers saam met NG Sendinguitgewers en die Christelike Lektuurfonds by wyse van 'n **kontrakooreenkoms** gedurende 1968 aan die Ned Geref Kerk oorgedra om deur middel van die ASSK, soos dit in die kontrak gestel is, "die genoemde newedienste ter voorsiening van Christelike Lektuur en tegniese hulpmiddels so ver dit in die CLF en die newedienste se vermoëns is, in stand te hou en volgens die behoefte uit te bou." Die posisie soos dit in daardie kontrak uiteengesit is, bestaan vandag steeds en die enigste verandering wat daar bygekom het, is dat die Sentrale Pers by die NG Sendingpers ingeskakel is.

##### 6.2.1.2 Oorname van Die Sentrale Pers

As gevolg van besluite geneem deur die 1966-Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk is Die Sentrale Pers by wyse van 'n koopkontrak in 1970 by die NG Sendingpers ingeskakel. Volgens hierdie kontrak sou die NG Sendingpers voortaan verantwoordelik wees vir al die drukwerk van die Algemene Jeugkommissie. Hierdie kontrak word vandag steeds tot groot voordeel van albei partye in stand gehou.

#### 6.2.1.3 Beheer van die NG Sendingpers

Die drukkery word beheer deur 'n kommissie wat aangewys word deur die Beheerraad van die Christelike Lektuurfonds en jaarlikse verslag saam met geouditeerde state word aan die Beheerraad sowel as aan AKSE voorgelê en ook aan die Fondsekommissie van die Algemene Sinode.

Die drukkery funksioneer onder 'n eie reglement waarin onder andere die regspersoonlikheid van die NG Sendingpers verskans is. In hierdie reglement is die nodige bepalinge aangebring wat sowel die CLF as die Ned Geref Kerk in die breëre sin vrywaar van enige finansiële verpligtinge wat vir die NG Sendingpers mag ontstaan. Die jaarlikse ouditering en gereelde verslag oor die werksaamhede van die drukkery sluit egter die moontlikheid uit dat sodanige verpligtinge vir die kerk kan ontstaan sonder dat dit betyds onder die aandag kom. Hierbenewens beskik die drukkery tans oor voldoende reserwes om suksesvolle voortsetting van sy taak te verseker.

Daar is by verskeie geleenthede breedvoerig ingegaan op die moontlike omskepping van die drukkery in 'n Artikel 21-maatskappy, maar hierdie ondersoeke het telkens uitgewys dat daar geen voordeel vir die drukkery of die kerk daarin lê nie.

### 6.2.2 NG Sendinguitgewers (NGSU)

Vir 'n hele aantal jare na die stigting van die NG Sendingpers het die drukkery as integrale deel van sy werk die drukwerk van die amptelike publikasies van die NG Sendingkerke gedoen onder die hoof "Eie Publikasies". 'n Uitgewery in die vorm waarin dit vandag bestaan, het toe nie bestaan nie en daar was ook geen aparte rekeninge in daardie stadium gehou nie.

Hierdie toedrag van sake het in 1958 verander toe daartoe oorgegaan is om 'n aparte publikasie-afdeling onder die naam NG Sendinguitgewers te stig. Hierdie afdeling sou verantwoordelik wees vir die verkrying en ontwikkeling van manuskripte, asook die publiseer en bemarking van lektuur vir die NG Sendingkerke.

Reeds van die begin af, soos tewens ook maar die toedrag van sake was terwyl die publikasies nog deur die NG Sendingpers behartig was, het finansies 'n groot rol gespeel en was daar voortdurend 'n tekort in hierdie lektuurverskaffingspoging van die NG Sendingkerke.

Dit was in besonder die geval met die publikasie van die amptelike orgaan van die kerke, Die Ligstraal. Van tyd tot tyd is insamelingsveldtogte gehou en in die vroeë vyftigs is 'n spesiale kollektant aangestel om £20 000 vir hierdie blad byeen te bring.

Stygende kostes en tekorte het meegebring dat hierdie bedrag redelik gou uitgeput was. Daarbenewens het die sterk groeiende Ned Geref Sendingkerke toenemende behoeftes ten opsigte van amptelike publikasies sowel as algemene lektuur gehad. Met die bestaande middele kon net nie daarin voorsien word nie en dit het duidelik geword dat iets drasties aan hierdie saak gedoen moes word.

Die gevolg was die stigting van die Christelike Lektuurfonds in 1958 deur die Gesamentlike Kerkkantoorkommissie van die Ned Geref Sendingkerke. Die doel van die fonds was uitsluitlik die daarstelling van Christelike lektuur. Die verskaffing van tegniese hulpmiddels ten opsigte van die persone wat nie kan lees nie, het later bygekom. 'n Aanvanklike fonds van R6 miljoen is in die vooruitsig gestel. Daardie mikpunt is in 1993 bereik.

Die NG Sendinguitgewers is vir die grootste deel van sy bestaan van die CLF afhanklik. Die jaarlikse tekorte wat meegebring word deur administratiewe en versprei-dingskostes ten opsigte van die lektuurverspreiding, word deur die CLF gedra.

In ooreenstemming met die ooreenkoms wat tussen die kerke aangegaan is, tree die NG Sendinguitgewers steeds op as amptelike publikasieliggaam vir die Algemene Sinode van die NG Kerk in Afrika. Kinderbybels, gesangboeke, kategeseboeke, diensboeke en soortgelyke materiaal word tans in die vyf vernaamste tale van die Republiek voorberei, gedruk en aan die kerk teen baie lae pryse beskikbaar gestel. Hierbenewens word elke jaar 'n groot aantal traktaatjies geskryf en gedruk (46 nuwes is in 1993 geskryf en 5 004 000 traktaatjies is in dié jaar gedruk). Daar is ook 'n voortgaande program waarvolgens algemene Christelike leesstof in 19 tale gepubliseer word. Die meeste van hierdie publikasies moet in die publikasiestadium gesubsidieer word vanweë die swak koopkrag van die teikenpubliek. Daar is dus geen sprake daarvan dat NG Sendinguitgewers as 'n onafhanklike en selfstandige sakeonderneming kan funksioneer nie.

### 6.2.3 Die Christelike Lektuurfonds

Soos reeds hierbo gesê, is hierdie fonds in 1958 in die lewe geroep. Hoewel die fonds gestig is deur die Gesamentlike Kerkkantoorkommissie van die NG Sendingkerke, was die bron vanwaar die geld sou kom, die lidmate van die Ned Geref Kerk. Dit het meegebring dat die verskillende sendingkommissies van die sinodes betrokke geraak het en dit het al gou duidelik geword dat hierdie fonds nie sommer net deur die Gesamentlike Kerkkantoorkommissie op 'n lukrake wyse hanteer kon word nie.

Samesprekings het daartoe gelei dat die fonds amptelik as 'n trustfonds onder sy eie reglement met regs-persoonlikheid gevestig, ingesamel en bestuur sou word

en die eerste vergadering van die Beheerraad van die CLF het plaasgevind op 19 November 1958. In hierdie raad het verteenwoordigers van die Gesament- like Kerkkantoorkommissie gedien tesame met 'n verteenwoordigers uit elk van die Sinodes van die Ned Geref Kerk.

Volgens die reglement van die fonds wat by daardie vergadering goedgekeur is, was die doel van die fonds "om weë en middele daar te stel om vir doeleindes van evangelisasie die verskaffing en verspreiding van Christelike Lektuur vir die nie-blankes van Afrika te bevorder". Hierdie doelstelling is later ietwat gewysig en het ook voorsiening gemaak vir die verskaffing van tegniese hulpmiddels. AKSE het in 1994 Art 4 van die Reglement gewysig om soos volg te lees: "Die CLF met sy dienste in Art 1 omskryf, se doel is om Christelike lektuur beskikbaar te stel aan die volke van Afrika en van die wêreld".

Teen 1966 is die insamelingsveldtogte op versoek van die verskillende sinodes afgesluit. Daarna is slegs voortgegaan om beloftes wat deur lidmate gemaak is, om oor 'n periode betaal te word, in te samel.

Toenemende eise teen die inkomste van die fonds aan die een kant en stygende inflasie aan die ander kant, het in die laat 1970's meegebring dat daar alreeds weer nie suksesvol aan al die eise voldoen kon word nie. By die Sinode van 1982 is besluit dat sinodes, ringe en gemeentes die fonds sal steun "indien moontlik met vooraf gestelde doelwitte". Daar is begin om met sinodes en gemeentes te onderhandel en 'n mate van sukses is bereik, maar dit het gou geblyk dat daar weer 'n omvangryke insamelingspoging geloods sou moes word en dit is gedoen in 1985 toe ds GH Oosthuizen as skakelbeampte aangestel is. Hierdie veldtog is tans, met toestemming van die verskillende sinodes, steeds aan die gang.

**6.3 Bestuur van die CLF en sy dienste**

Die CLF se beheerraad is die beheerliggaam waaronder ook die bestuur van die NG Sendingpers en NG Sendinguitgewers ressorteer. Aparte kommissies wat spesifiek met hierdie dienste te make het, rapporteer aan die Raad wat op sy beurt aan AKSE verslag doen.

Die Fonds en sy dienste is gevestig in 'n gebou wat aan die CLF behoort en word bestuur deur 'n geïntegreerde administrasie waar personeel gedeel word om die verskillende afdelings se werk te verrig. Tot en met die oorplasing van Mema na die Mediakommissie van die kerk, was ook Mema by die administrasie ingesluit.

**6.4 Prinsipiële oorwegings**

Daar moet nou gekyk word na die prinsipiële oorwegings vir die voortbestaan van die NG Sendingpers (NGSP) en die NG Sendinguitgewers (NGSU).

Die prinsipiële oorwegings wat ter sprake is, word gehaal uit die verslag van die Rasionaliseringskommissie aan die Algemene Sinode in 1990.

**6.4.1** Die roeping van die kerk is primêr op die terrein van die Woord- en daadverkondiging geleë.

Uit wat hierbo gesê is, is dit duidelik dat sowel die NGSP as die NGSU aan hierdie kriterium voldoen.

Wat die NGSP betref, word werk gedruk wat in diens van veral die verkondigingstaak van die kerk staan. Die drukwerk van algemene aard maak dit moontlik vir die NGSP om as 'n selfstandige onderneming te kan bestaan en kerklike drukwerk te subsidieer.

Oor die NGSU behoort daar nog minder onduidelikheid te bestaan. Die onderneming staan in direkte verband tot die verkondigingstaak van die kerk: daarvan getuig die meer as 5 miljoen traktaatjies wat in 1993 gedruk is, die Kinderbybels, gesangeboeke, kategeseboeke en diensboeke wat uitgegee word.

**6.4.2** Die sake moet nie 'n selfstandige doelstelling najaag of iets wees wat op ander maniere bereik kan word nie.

Wat die NGSP betref: die diens het ontstaan omdat die privaatsektor nie bepaalde dienste aan die kerk kon lewer nie. Die NGSP lewer tans nog dienste aan die kerk op 'n tydskedule wat nie deur algemene drukkerye nagekom sal kan word nie, en teen uiters redelike pryse. Daar bestaan ook geen waarborg dat die omstandighede wat oorspronklik tot die oprigting van die NGSP aanleiding gegee het, nie weer in die toekoms mag voorkom nie. Volgens alle aanduidings bestaan daar in Bloemfontein 'n goeie gesindheid tussen die onderskeie perse en word die besondere diens wat deur die NGSP aan die kerk gelewer word, waardeer.

Ook oor die NGSU kan daar geen twyfel bestaan nie. Ander uitgewers is op wins ingestel, terwyl die NGSU primêr diens lewer. Waar kategesemateriaal of gesangboeke by voorbeeld in Venda in klein getalle benodig word, word dit voorsien al is dit nie finansieel lonend nie.

Dit is dus duidelik dat daar geen prinsipiële oorwegings bestaan waarom die CLF en sy newedienste nie kan voortgaan nie.

**6.5 Die risikofaktor**

**6.5.1** Soos hierbo aangedui, is daar in die reglement van die NG Sendingpers bepalinge wat sowel die CLF as die NG Kerk vrywaar van enige finansiële verpligtinge wat vir die NGSP mag ontstaan.

**6.5.2** Die jaarlikse ouditering en gereelde verslag van die drukkery sluit egter die moontlikheid uit dat sodanige verpligtinge vir die kerk kan ontstaan sonder dat dit betyds onder die aandag kom. Die geouditeerde verslae van die CLF en sy newedienste word ook jaarliks aan die AKF voorgelê.

**6.5.3** Wat die omskepping van die NGSP in 'n Art 21-maatskappy betref: die Raad het weer in 1993 ondersoek na die moontlikheid ingestel. Sowel die prokureurs as die ouditeure van die CLF is egter van

oortuiging dat daar geen besondere voordele aan verbonde sal wees nie, eerder besliste nadele.

Die Raad het dus besluit om die status quo te handhaaf, maar tog die situasie voortdurend dop te hou vir 'n moontlike verandering as dit nodig sou word.

**6.6 Verpligting teenoor personeel**

In 'n tyd waarin groot werkloosheid heers en van die kerk positiewe inisiatiewe verwag word, is dit skaars denkbaar dat die kerk 'n onderneming wat aan 'n hele aantal mense werk verskaf, sou laat vaar. Die meerderheid van die personeel lewer oor baie jare getroue diens. Die kerk het 'n verantwoordelikheid teenoor hulle.

**6.7 Moet die NGSP en die NGSU na die AKKM oorgeplaas word?**

**6.7.1** Die AKKM beheer werk wat hoofsaaklik in diens van die **opbou** van die kerk staan. Die NGSP en NGSU lewer veral diens wat in verband met die **uitbou** van die kerk staan en en ook aan die NGKA.

Indien alles deur een liggaam beheer sou word, bestaan daar die gevaar dat al meer klem op die **opbou** en al minder op die **uitbou** kan val.

**6.7.2** Die NGSU werk op die veronderstelling dat 'n diens gelewer word, al is dit nie finansieel lonend nie. Die mark van die NGSU is meer dikwels 'n kerk met lidmate wat finansieel nie sterk is nie. Die AKKM het hoofsaaklik 'n ander mark. AKSE oordeel dat hy liewer sy verantwoordelikheid ten opsigte van die NGSP en die NGSU moet behou.

**6.7.3** Die AKKM beheer, soos dit tans is, die media in die kerk. Dit gee aan die AKKM baie mag. Dit is vir AKSE 'n vraag of dit wenslik is om die werk van die NGSP en die NGSU daarby te voeg.

**6.7.4** Die genoemde ondernemings, onder sorg van AKSE, werk goed. Is dit wenslik om aan 'n wenresep te torring?

**6.8 Gevolgtrekking**

**6.8.1** Uit die bostaande is dit duidelik dat die CLF en die genoemde newedienste interafhanklik van mekaar bestaan en as sodanig 'n besondere diens lewer binne die Sending- en Evangelisasieterreine van die NG Kerk-familie. Die voortsetting van hierdie werk, binne die raamwerk van die behoeftes en die beskikbare middele en honorering van die bestaande kontrakte, is dus noodsaaklik vir die NG Kerkfamilie en die instansies daarby betrokke.

**6.8.2** Hoewel die Beheerraad as instrument aangewys is vir die bestuur van sowel die CLF fonds as die NGSP en die NGSU, is die fonds in die lewe geroep ter ondersteuning van die dienste en nie andersom nie.

**6.8.3** Ingevolge die oorspronklike kontrakte tussen die twee algemene sinodes, is die Ned Geref Kerk gebonde aan die voortsetting van die dienste. Volgens huidige omstandighede en aanduidings is dit wel moontlik en ook uiters noodsaaklik. Die behoefte aan Christelike lektuur neem steeds toe.

In die jongste tyd word ook selfs die drukwerk van die sinodes van Malawi, Zambië en Zimbabwe in toenemende mate by die NG Sendingpers gedoen vanweë 'n verskeidenheid redes.

**6.8.4** Indien 'n situasie sou ontstaan waar die Ned Geref Kerk nie verder sy weg sou oopsien om die fonds en die dienste te bedryf nie, terwyl dit steeds suksesvol gedoen kan word, sou wel gevra kon word of die Ned Geref Kerk nie moreel verplig sou wees om hierdie sake aan die NGKA, die oorspronklike eienaar, oor te dra nie. Die NGKA het in 1994 deel van die Verenigende Gereformeerde Kerk geword.

**6.8.5** Wat die NGSP betref is daar ook nog die kontrakooreenkoms met die Algemene Jeugkommissie. Die jare sedert die oorname van Die Sentrale Pers het getoon dat die drukkery aan al die vereistes van die kontrak kon voldoen en steeds die gevraagde dienste voortsit. Daar moet melding gemaak word van die feit dat die NGSP jaarliks die benodigdhede vir die kerk se jeugwerk lewer op 'n tydskedule wat beslis nie deur algemene drukkerye nagekom sou kon word nie en dit lewer teen uiters redelike pryse. 'n Ondersoek wat ongeveer 'n jaar gelede in opdrag van die AJK onderneem is, het gegaan oor 'n periode van vyf jaar en het bevind dat toenames in pryse van die AJK se drukwerk heelwat onder die verbruikersprysindeks was, terwyl die drukkery self op die ope mark moet meeding ten opsigte van voorradepryse en lone.

**6.8.6** Dat die drukkery tot groot nut van die Ned Geref Kerk kan wees, is verder geïllustreer deur die druk en uitgee van Kerk en Samelewing na elk van die twee afgelope Algemene Sinodes asook die druk van agendas en handelinge van 'n aantal sinodes en die Algemene Sinode. Die pryse was uiters kompeterend en die diens tot volle bevrediging van die persone wat die drukwerk moes hanteer.

**6.8.7** Soos aangetoon, bestaan daar geen prinsipiële of ander redes waarom die CLF en sy newedienste nie onder die sorg van AKSE met dienslewering kan voortgaan nie.

**6.9 AANBEVELING**

**In die lig van**

**6.9.1 AKSE se strewe om in die diens wat hy lewer die saak van die Koninkryk die beste te dien,**

**6.9.2 die feit dat hierdie dienste ontstaan het omdat die privaatsektor nie aan die bepaalde eise van die kerk kon voldoen nie en u kommissie nie kan verseker dat dit in die toekoms nie weer die geval kan wees nie,**

**6.9.3 die dringende behoefte van die kerke in hulle sending- en evangelisasieaksies aan voldoende Christelike lektuur,**

**6.9.4 die bestaande kontrakte,**

**6.9.5 die besondere diens aan die AJK en die sinodes,**

**6.9.6 die feit dat hierdie dienste saam met die CLF voortgesit en uitgebou kan word sonder enige verpligtinge teenoor of risiko vir die Algemene Sinode of die sinodes, en**

**6.9.7 die feit dat daar geen prinsipiële redes bestaan waarom aan die status quo verander moet word nie,**

**besluit die Algemene Sinode dat voortgegaan word om aan die terme van die kontrakte uitvoering te gee en dat die status quo gehandhaaf word.**

# B. ADVIES AAN DIE ALGEMENE SINODE

## 7. SENDINGGENEESHERE

7.1 AKSE het aandag gegee aan die voorsiening van Christen-geneeshere aan voormalige sendinghospitale.

7.2 Hierdie hospitale word tans deur die betrokke owerhede bestuur. Hulle is dikwels ver van dorpe geleë en ondervind gevolglik dikwels 'n tekort aan geneeshere.

7.3 Die geleenthede tot Christelike dienslewering aan sulke hospitale is steeds groot, al word hulle nie meer deur die kerk bestuur nie.

7.4 Ongelukkig is die omstandighede by sommige van die hospitale sodanig dat geneeshere kan voel dat dit vir hulle moeilik sal wees om daar sinvolle diens te lewer.

7.5 AKSE het hierdie inligting aan SKSE's beskikbaar gestel, en het die volgende versoeke tot hulle gerig:

7.5.1 SKSE's word vriendelik versoek om die voorsiening van Christen-geneeshere aan eertydse sendinghospitale as 'n prioriteit te beskou.

7.5.2 SKSE's word versoek om alle toepaslike inligting aan voornemende sendinggeneeshere beskikbaar te stel en ook, waar moontlik, te help met die administrasie wat nodig is om in sodanige poste aangestel te word.

7.6 Die aandag van SKSE's is ook gevestig op die werk van die Christelike Geneeskundige Bond van SA, Posbus 36365, Menlopark 0102, wat, onder andere, help met die werf van Christen-medici vir sendingwerk.

## 8. DIAKONAAT: GELEENTHEDE VIR JONG-MENSE

'n Memorandum waarin aangedui word watter diensgeleenthede vir jongmense op hierdie terrein bestaan, watter toerustingsgeleenthede daar is en waar hulle om verdere inligting kan aanklop, is aan SKSE's beskikbaar gestel.

## 9. BEDIENING AAN ONAFHANKLIKE SWART KERKE

AKSE wil graag die aandag van die Sinode vestig op die groot uitdaging wat 'n bediening aan die Onafhanklike Swart Kerke tot die kerk rig.

**9.1 Die uitdaging**

Die geweldigde groei van Onafhanklike Swart Kerke in die afgelope vier dekades bring mee dat 'n bediening aan hulle 'n groter uitdaging geword het as die kerstening van aanhangers van tradisionele godsdienste. Minstens 32% van alle swart mense (8,5 miljoen) behoort aan Onafhanklike Kerke. Die aanhangers van die tradisionele godsdienste het gedaal na ongeveer 15% van die swart bevolking. Die feit is egter dat 'n bestendige stroom van hulle na Onafhanklike Kerke aangetrek word. Die groot sukses wat Onafhanklike Kerke met die inskakeling van Tradisionaliste het, bring 'n mens tot die konklusie dat 'n bediening van kerkopbou aan die Onafhanklike Kerke 'n verantwoordelike benutting van fondse en mannekrag sal wees. As Tradisionaliste in elk geval binne 'n dekade by Onafhanklike Kerke betrek gaan word, is die uitdaging vir die kerke met Westerse bande om besondere aandag te wy aan 'n bediening ten opsigte van Onafhanklike Kerke.

Daar bestaan nie presiese statistieke nie, maar 'n aanvaarbare skatting is dat 80% van die Suid-Afrikaanse bevolking aan Christelike denominasies behoort. Van hierdie getal behoort reeds 47% aan Onafhanklike Kerke. Dit maak van hulle verreweg die grootste Christelike blok in die land. Die Zion Christian Church met 1,2 miljoen aanhangers is reeds die derde grootste denominasie onder swart mense naas die Rooms-Katolieke (2 miljoen) en die Metodiste (1,6 miljoen).

**9.2 Waarom 'n bediening aan Onafhanklike Kerke?**

Daar is drie belangrike redes waarom 'n bediening aan dié kerke absoluut noodsaaklik is.

9.2.1 Omdat die Onafhanklike Kerke poog om die Christendom te laat aansluit by die tradisionele gebruike en kultuurelemente van swart mense, is die gevaar van sinkretisme groot. Dit beteken dat die twee godsdienste vermeng kan raak. In die proses kan belangrike elemente van die Christendom afgewater of negeer word terwyl elemente van die tradisionele godsdiens soos bv die geloof in magiese kragte en voorouergeeste in die kerk ingedra word. Die Kerke moet dus gehelp word om die evangelie in die kultuur van Afrika te laat inbed, sonder om afstand te doen van die Bybelse geloofswaarhede.

9.2.2 Nog 'n groter gevaar is dat die kerke post-Christelike bewegings kan word. Dit beteken dat hulle 'n swart profeet (soos bv Lekganyane) as 'n messias begin vereer. Die nuwe messias neem die plek van Christus in as verlosser en middelaar. Dan word dit 'n nuwe godsdiens met 'n nuwe verlosser. Die nageslagte sal ons geslag verwyt as ons nalaat om die evangelie duidelik aan swart mense te kommunikeer. Dit is wat met Islam gebeur het. Omdat Mohammed nie die evangelie

reg verstaan het nie, het hy Christus as Verlosser verloor en so het 'n nuwe godsdiens tot stand gekom. Ons moet ons met die Onafhanklike Kerke bemoei om te voorkom dat nuwe godsdienste gebore word met miljoene aanhangers waarvan Christus nie die verlosser is nie.

9.2.3 Die Kerke bereik daagliks miljoene mense. Elke Sondag preek duisende leraars en profete in klein groepies vir miljoene mense. Tog het hulle 'n baie oppervlakkige kennis van die Bybel. Baie van die bewegings kan nog nie as kerke getipeer word nie. Hulle is dikwels nog op pad as kerke in wording. Hulle moet gehelp word op die pad van ware kerk wees. Hulle moet egter so gehelp word dat hulle nie hulle inheemse karakter en hulle onafhanklike bestaanswyse hoef prys te gee nie.

**9.3 Hoe kan hulp verleen word?**

9.3.1 Die belangrikste terrein is hulp met die opleiding van hulle leraars en profete. Die leraars van Onafhanklike Kerke het maar gemiddeld 'n skoolopleiding van standerd vier. Baie min het enige Bybelonderrig ontvang. Daar is dus 'n dringende behoefte aan skoling, veral in hulle eie omgewings. Die leraars is tentmakers wat vir hulle eie onderhoud voorsien. Hulle kan dus meesal nie na opleidingsplekke gaan nie. Die opleiding moet na hulle gebring word.

9.3.2 Lidmate van die Ned Geref Kerk moet geskool word om met lede van die Sioniste en profetiese kerke te kan praat. Dit beteken dat hulle iets van die agtergrond en leer van die Kerke moet weet. Hulle moet bewus wees van tekortkominge sodat hulle juis daarop kan klem lê.

**9.4 Omsigtigheid nodig**

U Kommissie besef dat hierdie aangeleentheid met omsigtigheid hanteer moet word: 'n lae profiel moet gehandhaaf word en die motief moet steeds wees om hulp aan die Kerke te gee en nie om proseliete te maak nie.

9.5 Daar is veral drie instansies wat by hulp aan die Kerke betrokke is, en wat ondersteuning verdien:

9.5.1 Die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Onderwys (SEVTO) aan die Universiteit van Pretoria, in samewerking met die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing (ISWEN), werk saam met die Didache-Instituut by Hammanskraal om opleidingsgeleenthede daar te stel.

9.5.2 Die SKSE van die Oranje-Vrystaat is betrokke by die Timotheus-Instituut van Geopende Deure. Die Instituut het in 1993 reeds meer as 1000 studente gehad. Die kurrikula is deur die teologiese fakulteite van die UOVS en die PU vir CHO goedgekeur.

9.5.3 Die Nehemiah Bible Institute van Bybelkor is 'n aksie wat leiers van die Afrika Onafhanklike Kerke in staat stel om hulleself tuis op te lei. In Februarie 1994 het die studentetal op 222 gestaan en dit groei weekliks. Die eerste studente het einde April hulle driejaar-kursus voltooi.

9.6 AKSE is oortuig van die belangrikheid van hierdie saak en sal op die hoogte bly van wat in die verband gedoen word.

**9.7 AANBEVELING**

**9.7.1 Die Algemene Sinode vestig die aandag van sinodes op die belangrikheid van 'n bediening aan die Onafhanklike Kerke.**

**9.7.2 Die Algemene Sinode dra dit aan AKSE op om op die hoogte te bly van ontwikkelinge op hierdie terrein en inligting aan die sinodes beskikbaar te stel.**

## 10. SINODES: KRISIS IN SENDINGFINANSIERING

10.1 AKSE is aangegryp deur die krisis in sendingfinansiering in die Oos-Kaap wat tot gevolg gehad het dat dertien sendelinge nie meer betaal kon word nie.

10.2 In 'n brief in Die Kerkbode is predikante gevra om te oorweeg om een persent van hulle salaris maandeliks vir 'n jaar lank aan die SKSE van Oos-Kaapland te betaal.

'n Persoonlike brief, onderteken deur die Voorsitter en Skriba van AKSE, is ook aan elke leraar in die Ned Geref Kerk gestuur.

10.3 AKSE wil graag die probleem onder die aandag van die Algemene Sinode bring. Daar is, na verneem word, meer sinodes wat probleme ondervind om bestaande sendingposte in stand te hou. Van nuwe poste is daar by die meeste sinodes nie sprake nie.

10.4 Die langtermyn-oplossing lê langs die weg van groter offervaardigheid met betrekking tot die sending by gemeentes en lidmate, en 'n goeie balans tussen wat aan die opbou en die uitbou van die kerk bestee word. AKSE is bekommerd oor die oormatige klem wàt dikwels op die opbou van die gemeente val, terwyl die waarheid dat die gemeente daar is ter wille van die Koninkryk van God, verwaarloos word.

10.5 Die krisis van sendingposte - en ander poste - wat nie meer deur sinodes in stand gehou kan word nie - soos nou in Oos-Kaapland gebeur het - verg egter ook oplossings op die korttermyn.

10.6 AKSE wys daarop dat dit in die kerk onaanvaarbaar is om sendelinge - en predikante - "af te betaal". Christelike broederskap eis dat 'n ander oplossing gevind word, byvoorbeeld dat al die predikante 'n deel van hulle salaris prysgee, eerder as om sommige alles te laat verloor.

10.7 As een sinode swaar kry, behoort die kerkverband hulp te bied.

10.8 Die negatiewe effek op die getuienis van die kerk in die wêreld van die "afbetaal"- opsie hoef nie verder beredeneer te word nie.

**10.9 AANBEVELING**

**10.9.1 Die Algemene Sinode neem met leedwese kennis van die gebeure in die Sinode van Oos-Kaap ten opsigte van die uitdienstrede van sendelinge.**

**10.9.2 Die Algemene Sinode oordeel dat die kerkverband in so 'n geval hulp aan 'n sinode behoort te bied, en**

**10.9.3 die Algemene Sinode dra dit aan die AKF op om weë te ondersoek waarvolgens in sulke gevalle van krisis opgetree kan word.**

**10.9.4 Die Algemene Sinode is oortuig dat die Here van die kerk nooit sy kerk voor uitdagings sal stel waarvoor die middele nie in die kerk aanwesig is nie. Die Algemene Sinode vra sinodes om gemeentes te wys op die noodsaaklikheid dat 'n goeie balans tussen wat na binne en na buite bestee word, gehandhaaf word. Die gemeente bestaan ter wille van die koninkryk van God.**

# C. NAVORSING, BEPLANNING, INLIGTING EN VOORLIGTING

## 11. DIE PLEK VAN EVANGELISASIE

### 11.1 Agtergrond

Die besluit van die Algemene Sinode 1990 dat evangelisasie by sending gevoeg word, het nog vrae onbeantwoord gelaat. Wat word bedoel met evangelisasie, en is evangelisasie nou uitsluitlik die taak van die Kommissie vir Sending en Evangelisasie? As evangelisasie die hart van sending is, hoe verskil die verkondiging (kerugma) wat tog ook 'n wesenlike deel van gemeentebediening is?

### 11.2 Werkswyse

Hierdie vrae het AKSE daartoe gebring om die AKG te nooi om saam hieroor te besin. Verskillende memoranda is opgestel en oorweeg.

### 11.3 Bevinding

11.3.1 By die bestudering van talle standpunte en memoranda waarin die verhouding tussen sending/evangelisasie sowel as die verhouding tussen die AKSE/AKG aan die orde gestel is, het dit duidelik geword dat die kerk se bediening in beginsel **twee** gerigthede het, één op die kerk (na binne) en één op die wêreld (na buite).

Die **gemeentebediening** het met die bediening van die evangelie, in al sy dimensies, aan die gelowiges (gemeentelede) **binne** die kerk te make. Dit geskied langs die kanale van verkondiging, gemeenskap, diens en aanbidding.

Die **sending** het met die bediening aan die evangelie, ook in al sy dimensies, aan mense **buite** die kerk te make. Dit geskied ook langs die kanale van verkondiging, gemeenskap, diens en aanbidding.

11.3.2 Die element van **evangelisasie**, die punt waar mense van ongeloof tot 'n lewende geloof in Jesus Christus gelei word, maak die hart van die sending van die kerk uit. In die **gemeentebediening** is dit egter net so belangrik om mense "wat hulle eerste liefde verlaat het" terug te roep tot 'n lewende verhouding met Jesus Christus. Dit is dus nie verantwoord om evangelisasie net by een kommissie te plaas deur van 'n Kommissie vir Sending en Evangelisasie te praat nie.

11.3.3 Dat daar gedurig skakeling en oor en weer bevrugting tussen die twee aksies van gemeentediening en sending moet plaasvind, spreek vanself.

11.3.4 Daar moet dus onderskei word tussen die twee groot aksies van die kerk, nl gemeentebediening en sending. Waar daar reeds in sekere sinodes 'n oorkoepelende kommissie bestaan (bv Wes-Kaap se Kommissie vir Getuienisaksie) kan dit goedskiks beskou word as die twee belangrike opdragte van één oorkoepelende kommissie.

**11.3.5 AANBEVELING**

**11.3.5.1 Die Algemene Sinode aanvaar dat die element van evangelisasie, die punt waar mense van ongeloof tot 'n lewende geloof in Jesus Christus gelei word, die hart van die sending van die kerk uitmaak. In die gemeentebediening is dit egter net so belangrik om mense "wat hulle eerste liefde verlaat het" terug te roep tot 'n lewende verhouding met Jesus Christus.**

**11.3.5.2 Daarom besluit die Sinode om die standpuntstelling oor 'n gemeentebediening en sending te aanvaar, naamlik:**

**11.3.5.2.1 Die <u>gemeentebediening</u> het met die bediening van die evangelie in al sy dimensies aan die gelowiges (gemeentelede) binne die kerk te make. Dit geskied langs die kanale van verkondiging, gemeenskap, diens en aanbidding, en het ten doel om die gemeente op te bou en te begelei in sy getuienistaak in die wêreld.**

**11.3.5.2.2 Die <u>sending</u> het met die bediening van die evangelie in al sy dimensies aan mense buite die kerk te make. Dit geskied langs die kanale van verkondiging, gemeenskap, diens en aanbidding.**

**11.3.5.3 Die Sinode besluit verder om die naam van die Algemene Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie (AKSE) te verander na die ALGEMENE KOMMISSIE VIR SENDING.**

## 12. NOUER SAMEWERKING TUSSEN KOMMISSIES

### 12.1 Agtergrond

In hulle besinning oor die plek van evangelisasie het AKSE en die AKG besef dat daar ook ander probleem-areas is, ook in die verhouding tussen van die ander kommissies van die Algemene Sinode.

### 12.2 Probleme in die opdragte aan kommissies

Daar bestaan 'n hele paar probleme in die opdrag van die kommissies:

12.2.1 Die definisie van gemeentebediening. Die woord sluit eintlik alle gemeentelike bediening in, maar in die praktyk hou die AKG hom besig met fasette van gemeentebediening wat nie aan ander kommissies toegewys is nie.

12.2.2 Daar is verskeie bedieningsterreine wat meer as een van die kommissies van die Algemene Sinode raak:

* Die AJK het begin om ook die verbondsouer te bedien, maar is dit nie oorskryding op die terrein van gemeentebediening nie?

* Sending moet lidmate toerus om sinvol by sending betrokke te wees, maar toerusting hoort by lidmaat-toerusting wat deel van die AKG se taak is.

* Toerusting is AKG-opdrag, maar wat van diakens (AKDB) en kategete (AJK)?

* Siekesorg: is dit AKDB of AKG?

* Missionêre diakonaat: hoort dit by Sending of Diens van Barmhartigheid?

* Huweliksbegeleiding: AJK of AKG of AKDB?

* Opsig en tug: AKG of ARK?

* Evangelisasie is nie net die taak van die Sending nie, maar ook van die AKG en die AJK.

Dit het die twee kommissies daartoe gebring om te vra: wat is die funksie van kommissies, en hoe raak dit die gesamentlike bediening?

**12.3 Werkswyse**

'n Ad hoc-kommissie van AKSE en die AKG is benoem.

Namate die ad hoc-kommissie met sy werk gevorder het, het hy besef dat waarmee hy besig is, ook ander kommissies van die Sinode raak. Die kommissies is toe genader om die saak saam te bespreek. Verteenwoordigers van die Dagbestuur van die AJK en die AKDB is na twee vergaderings genooi, terwyl die AKLAS ook die tweede vergadering bygewoon het.

**12.4 Bevinding**

**12.4.1 Paradigmaverskuiwings**

'n Paradigmaverskuiwing is 'n verandering in mense se verwysingsraamwerk. Tans beleef ons in Suid-Afrika twee groot paradigmaskuiwe. Diepgrypende politieke veranderinge vind plaas. Die tweede paradigmaverskuiwing is die geleidelike skuif van die modernisme na die post-modernisme. Dit is onopsigtelik besig om ons samelewing radikaal te beïnvloed. As gevolg hiervan is dit gebiedend noodsaaklik dat die kerk in sy bedieningspraktyk, en in die teologiese teorie wat ten grondslag daarvan lê, hiermee moet rekening hou. Hierdie besinning raak die kerk in sy totale bediening en kan nie afsonderlik deur elke kommissie gedoen word nie.

Baie veralgemeen kan die paradigmaverskuiwing soos volg omskryf word:

12.4.1.1 Die modernisme het 'n universalistiese tendens gehad wat, byvoorbeeld, op ekonomiese gebied in die koöperatiewe beweging gestalte gekry het. Op kerklike gebied is die parallelle verskynsel 'n beklemtoning van die kerkverband. Inisiatief, beplanning en mag was daar gesetel terwyl gemeentes die beleid moes implementeer. Die verskillende kommissies van sinodale strukture kon dus vir hulle ooreenkomstige kommissies in rings- en gemeentelike verband leiding gee.

Die geweldige diversifikasie van die samelewing het, saam met 'n reeks ander faktore, daartoe gelei dat daar op die meeste gebiede gedesentraliseer word. Kleiner eenhede kan vinniger aanpas met meer direkte kommunikasie, betrokkenheid en eienaarskap. Op kerklike terrein het dit in die Westerse wêreld die implikasie dat die sentrum van die kerklike lewe in terme van inisiatief en beplanning terugbeweeg het na die plaaslike gemeente. Ons verkies, byvoorbeeld, vandag om liefs sendelinge aan gemeentes te koppel en nie aan 'n sinodale struktuur nie.

Niemand sal die wesenlike rol van die kerkverband ontken nie. Die rolverwagting en funksie van die kerkverband moet egter herdefinieer word. Aangesien 'n gemeente 'n volledige sisteem is waarin al die verskillende bedieninge met mekaar in verband staan, kan die kerkverband nie in losstaande en feitlik onafhanklike entiteite (kommissies) bly funksioneer nie. Die kerkverband kry nou 'n groter ondersteunende en koördinerende rol waarin hy met die totale gemeentelike bediening moet rekening hou. Rings- en sinodale strukture sal hiermee moet rekening hou en strukturele aanpassings maak.

12.4.1.2 Die veranderende politieke situasie en die inslag van sekularisasie asook die sekulêre staat, lei daartoe dat daar 'n groter samewerking tussen kerke op veral plaaslike vlak te bespeur word. Denominasionele verskille vervaag vir die gewone gelowige. Hy soek na 'n kerk wat na sy oordeel Bybelsgetrou is en wat in sy behoeftes voorsien.

Die kerk kan al hoe minder op 'n vriendelike staat en simpatieke en ondersteunende wetgewing reken. Ter wille van sy getuienis moet die kerk leer om sy eie diversiteit asook die pluraliteit van verskillende godsdienste te hanteer. Die plaaslike gemeentes asook die kerk in sy verband moet hieroor besin. Sodanige gekoördineerde besinning kan nie ad hoc in die huidige strukturele vorme (kommissies) op sinodale vlak effektief geskied nie.

**12.4.2 Finansiële oorwegings**

Die finansiële situasie, nie net van die kerk nie, maar ook oor die algemeen in die land, dwing die kerk om meer prinsipieel te kyk na sy funksionering.

**12.4.3 Beginsels of riglyne**

Te midde van die veranderende situasie is dit nodig om opnuut die beginsels of riglyne vas te stel wat gehandhaaf behoort te word.

12.4.3.1 As prinsipiële uitgangspunt geld die omvattende bediening van Jesus Christus in en deur sy kerk in die wêreld. Die bediening van die evangelie van Jesus Christus deur die gemeente is gerig op homself, ander kerke en die wêreld in diens van die koms van die koninkryk van God. Die strukture en organisasie van die kerk moet diensbaar wees aan die mees effektiewe funksionering van die gemeente van Christus.

12.4.3.2 Christus se hoofskap moet toenemend verwerklik word.

12.4.3.3 Die besef van die kerkverband moet die gevaar van independentisme besweer wat kan ontstaan wanneer die klem so sterk op die gemeente val. Die eenheid van die kerk moet gehandhaaf word. In die eenheidsoeke moet gestuur word tussen 'n eenvormigheidsdruk enersyds en ongesonde individualisme andersyds.

12.4.3.4 Die eenheid met die Ned Geref Kerkfamilie moet nagestreef en uitgebou word.

12.4.3.5 Die bediening van die gemeente is in sy wese een. Dit beteken dat kommissies nie los van mekaar kan werk nie: daar kan hoogstens stippellyne tussen hulle bestaan.

12.4.3.6 Die bediening vind gestalte in die modi van verkondiging, pastoraat, onderrig, erediens, getuienis, diakonaat en onderlinge gemeenskap.

12.4.3.7 Die bediening is die verantwoordelikheid van die hele gemeente en nie net van die besondere ampte nie.

**12.4.4 Gesamentlike strategie**

Dit is duidelik dat die kerk op 'n meer soepel wyse rekening moet hou met die eiesoortigheid van sinodes en gemeentes.

Die eise van die bedieningspraktyk vra dat daar minder kerkordelike voorskrifte sal wees en dat meer klem op die beginsels sal val. Gemeentes dra self die verantwoordelikheid vir hulle eie bestuur. Die eenheid van die kerk lê nie noodwendig in die eendersheid van bediening nie.

Die demografiese tendense maak dit noodsaaklik dat die breë riglyne in 'n gesamentlike strategie getrek word, en dat die benadering eerder 'n gedifferensieerde bedieningsbenadering sal wees as 'n benadering waar eendersheid nagestreef word.

**12.4.5 Net een kommissie, of nouer samewerking tussen kommissies?**

Die ad hoc-kommissie van AKSE en die AKG het tot die slotsom gekom dat, omdat dit in die Jeugwerk, Diens van Barmhartigheid, Gemeentebediening en Sendingarbeid om die bediening van Jesus Christus in en deur die gemeente in die wêreld gaan, die Algemene Sinode ten opsigte van hierdie sake deur een kommissie bedien behoort te word. Hierdie kommissie sou dan subkommissies volgens behoefte kon aanwys.

In die samesprekings met die verteenwoordigers van die ander kommissies was dit egter duidelik dat daar nie genoegsame konsensus bestaan om die aanbeveling van een kommissie voor die Algemene Sinode te lê nie.

Daar was egter wel konsensus dat die verskillende kommissies baie nouer behoort saam te werk. Die bestaande besluite van die Algemene Sinode (vgl KO 1990 bl 87) maak dit ook moontlik.

Een praktiese stap is dat verteenwoordigers van die kommissies ná die Algemene Sinode byeengeroep sal word om die opdragte van die Algemene Sinode te bespreek met die oog op samewerking en die uitskakeling van duplisering.

**12.5 AANBEVELINGS**

**12.5.1 Die Algemene Sinode vestig die aandag van al sy kommissies op die paradigmaverskuiwings wat in die Ned Geref Kerk en die konteks waarin hy bestaan, plaasvind en versoek hulle om in hulle beplanning hiermee rekening te hou, terwyl die beginsels soos in pt 12.4.3 gestel, steeds gehandhaaf word.**

**12.5.2 Die Algemene Sinode besluit dat daar noue samewerking tussen die onderskele kommissies moet wees, en versoek kommissies om steeds in hulle beplanning bedag te wees op die moontlikheid dat ander kommissies ook belang by bepaalde sake op hulle agenda kan hê.**

**12.5.3 Verteenwoordigers van die kommissies van die Algemene Sinode word versoek om kort na die verskyning van die Handelinge van die Sinode, bymekaar te kom om opdragte van die Algemene Sinode te bespreek met die oog op samewerking en koördinering. Die AJK tree as sameroeper op.**

**12.5.4 Die Algemene Sinode dra dit aan sy kommissies op om steeds te besin oor meer effektiewe wyses van funksionering en die Algemene Sinode van advies in dié verband te bedien.**

## 13. INLIGTINGSTUK

AKSE het die behoefte van lidmate raakgesien aan 'n handige boekie met inligting oor al die sendelinge van die Ned Geref Kerk. So 'n boekie onder die titel Vissers van Mense is in Desember 1993 gepubliseer. Dit kan as 'n gebedsgids gebruik word omdat daar by elke dag van die jaar inligting oor 'n bepaalde sendeling gegee word.

## 14. BEPLANNINGSBYEENKOMS

**14.1 Agtergrond**

Net na die vorige Algemene Sinode het AKSE 'n beplanningsbyeenkoms gehou waar, onder andere, 'n aantal fokusareas geïdentifiseer is. Hieraan is deurlopende aandag gegee en AKSE wil graag die volgende voor die Algemene Sinode lê:

**14.2 Bevindings**

**14.2.1 Beleid en Skrifturlike fundering**

**14.2.1.1** Besluit van die beplanningsbyeenkoms

"Die goeie beleid van AKSE moet verder uitgebou word en wel op so 'n wyse dat:

* moontlike verwarrende elemente opgeklaar word;
* die sterk Skriffundering beter benut word met die oog op die bemarking daarvan in die kerk."

**14.2.1.2 Benadering**

Rakende die beleid en Skriftuurlike fundering:

AKSE is van mening dat die uitvoering hiervan 'n bepaalde benadering vereis. In die verlede is daar hoofsaaklik "van bo", vanuit die sistematiese teologie en Algemene Sinode, gewerk (deduktiewe strategie). Om egter die wil van God vir die bedieningspraktyk van 'n bepaalde situasie (bv 'n spesifieke gemeente, ring, sinode) te leer ken, vereis dat daar ook "van onder" geluister moet word. Die nood of behoeftes moet op grondvlak vasgestel word (induktiewe strategie). 'n Meer gebalanseerde benadering is dus nodig. Hierdie benadering kom daarop neer dat daar in die proses van daadwerklike betrokkenheid by die werk van God (die Missio Dei), voortdurend reflekterend geluister word na Woord en werklikheid. Sodoende kan daar op 'n voortgaande basis aanpassings gemaak word aan beide teologiese teorie en bedieningspraktyk. Die kerk bly dan reformerend getrou aan sy Hoof en is effektief in sy diens.

**14.2.1.3 Doelstelling**

**Ons doelstelling** is om gemeentes te begelei dat lidmate die kerk se ware identiteit in die lig van die kontekstuele situasie waarin die land verkeer, uit die Woord sal ontdek. Die kern van hierdie identiteit is die feit dat die gemeente gerig is op die wêreld en sy nood. Die nood is die sondenood van verlorenheid en verval. Dit is ook 'n lewensnood: die nood van plakkers en hongeriges, die nood van samelewingstrukture wat op ekonomiese, sosiale, politieke, opvoedkundige en ekonomiese gebied die mens se bestaan en lewe bedreig.

In hierdie stukkende wêreld moet ons gemeentes begelei dat lidmate hulle ware identiteit ontdek as God se gestuurdes. Die volle omvang van die evangelieboodskap as goeie nuus, van 'n missionêre diakonaat wat beide sondenood en lewensnood help verlig, moet opnuut in ons gebore word.

**14.2.1.4 Strategie**

Die **strategie** wat ons in dié verband wil aanbeveel, is strategiese teologiese beplanning. In kort behels dit die volgende stappe:

*.1 Situasie-analise: versoek sinodes (ringe/gemeentes) om 'n kontekstuele analise te doen van die nood in hulle area. As God na die bepaalde sinodale (rings/gemeentelike) area kyk, wat sal Hom in daardie gebied ontstel? Sistematiseer bevindinge en rapporteer terug aan AKSE.

*.2 Teologiese analise: versoek sinodes (ringe/gemeentes) om na die Woord te gaan en te vra: wat leer die Woord vir ons in dié verband? Wat is die kerk en gelowiges se verantwoordelikheid? In 'n sekere sin is dit 'n gebeds- of luisterproses. Sistematiseer en rapporteer terug aan AKSE.

*.3 Beplanningsfase: In die lig van bogenoemde moet die Algemene Sinode, sinodes (ringe/gemeentes) oorgaan tot oorhoofse en gedesentraliseerde beplanning. Prioriteite, doelstellings en aksiestappe sal volg.

*.4 Implementering, opleiding en evaluering en die sikliese herhaling van die proses volg.

**14.2.2 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit om die benadering, die doelstelling en die strategie in 14.2.1.2 - 14.2.1.4 hierbo goed te keur en by sinodes vir implementering aan te beveel.**

## 15. ARTIKEL 53 VAN DIE KERKORDE

AKSE het weer gekyk na die bewoording van Art 53 van die Kerkorde. Dit blyk dat Art 53.2 en 53.3 nie 'n bevredigende beskrywing van die persone tot wie die kerk hom in sy sendingwerk rig, gee nie.

Art 53.2 en 3 lui tans soos volg:

"53.2 Die kerk rig hom deur middel van evangelisasie tot diegene wat vervreemd is van Christus, sy Woord en sy kerk en wat om die rede buite kerkverband geraak het ten einde hulle tot die gemeenskap met Christus en sy gemeente terug te bring.

53.3 Sending en Evangelisasie is die gerigtheid van die kerk na buite. Dit is die arbeid aan nie-gekerstendes en mense wat buite kerkverband geraak het."

**15.1 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit om Art 53.2 en 53.3 te vervang met 'n nuwe Art 53.2 wat soos volg lui:**

**"Deur sending bedien die kerk die evangelie in sy volle omvang aan alle nie-gekerstendes, ongelowiges, noodlydendes en diegene wat van Christus en sy kerk vervreemd geraak het."**

## 16. ALGEMENE SENDINGREGLEMENT

16.1 Punt 1.4 van die Algemene Sendingreglement moet dieselfde bewoording as art 53.2 van die Kerkorde hê.

Tans lui pt 1.4 soos volg:

"1.4 Sending en evangelisasie is die gerigtheid van die kerk na buite. Dit is die arbeid aan nie-gekerstendes en mense wat buite kerkverband geraak het."

**16.1.1 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit om pt 1.4 van die Algemene Sendingreglement te skrap en met die volgende te vervang:**

**"Deur sending bedien die kerk die evangelie in sy volle omvang aan alle nie-gekerstendes, ongelowiges, noodlydendes en diegene wat van Christus en sy kerk vervreemd geraak het."**

**16.2 Punt 2.5.1.3**

16.2.1 Dit gaan in hierdie punt oor sendingwerkers wat aansoek kan doen om behoud van proponentstatus. AKSE oordeel dat die woorde "ten bate van die Ned Geref Kerk geag word", nie heeltemal bevredigend is nie, en wil graag 'n verbetering voorstel. Die vereiste dat die werk 'n geestelike karakter dra, moet ook sonder byvoeging gestel word.

16.2.2 Die huidige bewoording van pt 2.5.1.3 is soos volg:

"2.5.1.3 Predikante en proponente van die Ned Geref Kerk wat 'n werk saam met ander kerke of organisasies wil aanvaar wat

* na die oordeel van die Algemene Regskommissie 'n geestelike karakter dra,
* met die verkondiging van die Woord in regstreekse verband staan en
* ten bate van die Ned Geref Kerk geag word, kan by die Algemene Regskommissie aansoek doen vir die behoud van proponentstatus.

Indien proponentstatus aan hulle toegeken word, moet hulle hulle elke twee jaar by die Algemene Regskommissie aanmeld en met opgawe van redes aansoek doen om verlenging van behoud van status."

**16.2.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit om pt 2.5.1.3 in die Algemene Sendingreglement met die volgende te vervang:**

**"Predikante en proponente van die Ned Geref Kerk wat 'n werk saam met ander instansies wil aanvaar wat**

* **'n geestelike karakter dra,**
* **met die verkondiging van die Woord in regstreekse verband staan, en**
* **die kerk en koninkryk in breë verband dien,**

**kan by die Algemene Regskommissie aansoek doen vir die behoud of toekenning van predikantstatus.**

**Waar proponentstatus toegeken is, moet sodanige proponente hulle elke twee jaar by die Algemene Regskommissie aanmeld en met opgawe van redes aansoek doen om verlenging van behoud van status."**

**16.3 Punt 2.6.3, 4 en 5**

16.3.1 Punte 2.6.4 en 2.6.5 het verouderd geraak. U Kommissie oordeel dat die saak van bedieningsbehoeftes binne die verband van taal en kultuur gedien kan word deur 'n byvoeging by pt 2.6.3.

16.3.2 Punte 2.6.3, 4 en 5 lui tans soos volg:

"2.6.3 Ter wille van meer doeltreffende Woordbediening is dit wenslik dat elkeen "in sy eie taal praat oor die groot dinge wat God gedoen het" (Hand 2:11). Daarom behoort daar ruimte te bestaan daarvoor dat Woordbediening en aanbidding kan geskied met inagneming van eiesoortige taal- en kultuuragtergrond en bedieningsbehoeftes.

2.6.4 Indien 'n bepaalde groep gelowiges dit mettertyd sou verlang en omstandighede dit regverdig, kan daar ruimte vir hulle geskep word om in eie gemeenteverband op te tree ooreenkomstig hul eie bedieningsbehoeftes binne die verband van eie taal en kultuur.

2.6.5 Eie gemeentevorming impliseer ook die moontlikheid van eie breër verbande van ringe en sinode. Hier sal faktore soos geografiese verwyderdheid, staatkundige bestel en die behoefte aan inkleding van die evangelie in inheemse gewaad, 'n rol speel. Voorop bly egter staan dat die eenheidsband sover moontlik behoue bly en steeds uitdrukking sal vind op die mees sinvolle en effektiewe wyse."

**16.3.3 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit om**

**16.3.3.1 die volgende woorde by pt 2.6.3 te voeg: "Dit kan verder lei tot 'n kategoriale gemeente binne dieselfde verband";**

**16.3.3.2 punte 2.6.4 en 2.6.5 te skrap.**

**16.4 Punte 2.7 en 2.8**

16.4.1 Punt 2.7 handel oor die Ned Geref Kerkfamilie en pt 2.8 oor gesamentlike sendingwerk. Die twee sake is egter nie duidelik uitmekaar gehou nie. Dit moet reggestel word. Verder moet Kerk en Samelewing pte 83 en 236 ook hier 'n neerslag vind.

Ten einde ruimte te bespaar word pt 2.7 en 2.8 nie weer hier herhaal nie.

**16.4.2 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode besluit om pte 2.7 en 2.8 van die Algemene Sendingreglement te skrap en met die volgende te vervang:**

**"2.7 Die Ned Geref Kerkfamilie**

**2.7.1 Die Ned Geref Kerk aanvaar dat die eenheid van die kerk 'n onmisbare toetssteen is vir die egtheid en geloofwaardigheid van die kerk se getuienis in die wêreld (vgl Kerk en Samelewing, par 83).**

**2.7.2 Daarom onderskryf die Ned Geref Kerk die ideaal van één kerkverband binne die Ned Geref Kerkfamilie (Kerk en Samelewing, par 236).**

**2.7.3 Met die oog op die opbou van die kerk tot getuienislewering in die wêreld, onderskryf die Ned Geref Kerk die beginsel van wederkerige hulp en bystand ten opsigte van behoeftes binne die hele Ned Geref Kerkfamilie.**

**2.7.4 Solank die hele Ned Geref Kerkfamilie nog nie in een kerkverband verenig is nie, geld die volgende ten opsigte van die wedersydse beskikbaarstelling van werkkragte binne die Ned Geref Kerkfamilie (vgl. huidige Reglement 2.8.3 tot 2.8.6)**

**2.7.4.1 Die Ned Geref Kerk kan bedienaars van die Woord vir ander lede beskikbaar te stel as hulle dit versoek. Hierdie leraars word in ooreenstemming met die kerkordes en bepalinge van die onderskele kerkverbande beroep en bevestig, of soos ooreengekom in die ooreenkomste tussen die betrokke sinodes.**

**2.7.4.2 Bedienaars van die Woord wat deur die Ned Geref Kerk beskikbaar gestel en beroep en bevestig is in 'n ander Ned Geref Kerkverband, se status en opsig en tug word bepaal deur die kerkorde van daardie ander kerkverband.**

**2.7.4.3 Die Ned Geref Kerk kan kundiges op die gebied van teologiese opleiding, jeugwerk, sending, evangelisasie, kerklike administrasie, diakonaat, ens., op versoek van 'n ander lid van die Ned Geref Kerkfamilie vir diens in daardie kerkverband sekondeer.**

**Hulle posisie met betrekking tot die strukture van die ander kerkverband word by wyse van onderlinge ooreenkoms gereël.**

**2.7.4.4 Ander sendingwerkkragte uit die Ned Geref Kerk wat volgens ooreenkoms dienswerk in 'n lidkerk van die Ned Geref Kerkfamilie verrig, word lidmate van die betrokke kerk. In 'n gebied waar nie 'n gemeente van die Ned Geref Kerkfamilie bestaan nie, bly hulle lidmate van die Ned Geref Kerk.**

**2.8 Gesamentlike Sendingwerk**

**2.8.1 Die Ned Geref Kerk aanvaar die beleid van gesamentlike sending. Indien hy sending wil onderneem in 'n gebied of land waar daar reeds 'n kerk uit die Ned Geref Kerkfamilie bestaan, word samewerking gesoek.**

**2.8.2 Indien die Ned Geref Kerk in 'n gebied of land werk waar daar nog nie 'n gemeente van een van die lidkerke van die Ned Geref Kerkfamilie is nie, kan die Ned Geref Kerk self of saam met ander lidkerke sendelinge beroep, bevestig en uitstuur.**

**2.8.3 Waar geleentheid tot gesamentlike sending hom voordoen, kan gesamentlike kommissies vir sending van die betrokke lidkerke van die Ned Geref Kerkfamilie in die lewe geroep word om verantwoordelikheid vir die werk te aanvaar.**

**2.8.4 Gesamentlike sending word gereël volgens onderlinge ooreenkoms tussen die betrokke kerklike liggame."**

## 17. DIE INSTITUUT VIR SENDINGWETENSKAPLIKE NAVORSING (ISWEN)

**17.1 Beheer**

ISWEN het in 1979 tot stand gekom op grond van besluite van die Algemene Sinodes van 1974 en 1978. Dit bestaan binne die Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap van die Teologiese Fakulteit (NG Kerk) aan die Universiteit van Pretoria en word beheer deur 'n Advieskomitee. In hierdie komitee dien twee lede benoem deur AKSE (as die instansie van die kerk wat met die Universiteit 'n ooreenkoms aangegaan het), asook 'n verteenwoordiger van die NG Kerk se Kommissie vir Inligting en Ekumene, en 'n verteenwoordiger elk van die Teologiese Fakulteite te Stellenbosch en Bloemfontein, laasgenoemdes om uitdrukking te gee aan die Algemene Sinodale besluit (1982) dat ISWEN die hele kerk op akademiese gebied dien.

**17.2 Personeel van ISWEN**

Prof JJ (Dons) Kritzinger is navorser en direkteur van ISWEN. Volgens die ooreenkoms tussen AKSE en UP is die kerk steeds verantwoordelik vir 30% van hierdie permanente pos. (Hierdie bedrag is proporsioneel verdeel tussen die deelnemende sinodes/SKSEs.) Ooreenkomstig universiteitsbeleid neem hy ook (op 'n beperkte skaal) deel aan die dosering van Sendingwetenskap.

Dr Johannie Cronjé het einde 1992 finaal uit diens van ISWEN getree. Die Universiteit het in Desember 1993 die Kanseliersmedalje aan dr Cronjé toegeken as eerbewys vir die jare van besondere diens aan die breër kerklike gemeenskap in Suid-Afrika en Zambië.

Sedert die (finale) aftrede van dr Johannie Cronjé beklee prop AGS (Gustav) Gous 'n deeltydse (16 uur per week) navorsingspos by ISWEN. (Hierdie deeltydse pos word gefinansier deur die Algemene Sinode se jaarlikse toekenning vir sending- en ekumeniese navorsing.)

**17.3 Werksaamhede van ISWEN**

**17.3.1 Databank**

Die eerste werksaamheid van ISWEN (oorgedra vanaf die "Sendingburo" van die ou ASSK) is steeds die versameling, berging en ontsluiting van relevante materiaal met die oog op die navorsingstaak van ISWEN en die kerk. Ongeveer 15 000 dokumente is ontsluit. Dit sluit in die volledige stel van Die Sendingblad, die Agendas en Notules van die vergaderings van die Algemene Sinode en ASSK/AKSE, 'n paar honderd skripsies en verhandelings, en duisende gepubliseerde en ongepubliseerde studiestukke, referate, artikels en ander dokumente. Die inhoud hiervan is mikro-ontsluit en rekenaarmatig op te spoor. Kommissies word aangespoor om

**17.3.1.1** in hulle studie hiervan gebruik te maak, en

17.3.1.2 tot die uitbou by te dra deur studiemateriaal beskikbaar te stel.

**17.3.2 Navorsing en publikasies**

Die navorsing van ISWEN is deels selfgedrewe, maar grootliks word die navorsing onderneem op versoek van kommissies van die kerk, of op grond van waargenome behoeftes. Jaarliks word uitvoerig aan die Adviesraad hiervan verslag gedoen. 'n Kort aanduiding word van die navorsing in die ses studievelde gegee:

**17.3.2.1 Navorsingsveld 1: Geskiedenis van die sending in Suider-Afrika**

Benewens die volledige sendinggeskiedenisse van die NG Kerk (Aan God die Dank I en II) het verskeie studies die lig gesien, soos prof Crafford se boek oor swart sendingpioniers, Trailblazers of the gospel.

**17.3.2.2 Navorsingsveld 2: Teologiese ontwikkelinge in Suider-Afrika**

'n Boek oor sendingmetodes (On being Witnesses), het pas by Orion Uitgewers verskyn. Oor die Onafhanklike Kerke word heelwat gedoen. Dr HL Pretorius se boek Ethiopia stretches out her hands unto God. Aspects of Transkeian Indigenous Churches, is in beperkte oplaag deur ISWEN gepubliseer.

**17.3.2.3 Navorsingsveld 3: Ekumene in Suider-Afrika**

Ekumeniese navorsing geniet baie aandag van prof Crafford en prop Gous. Eerstens is 'n boek saamgestel met die volledige ekumeniese besluite van die NG Kerk vanaf 1962 tot 1986, gesistematiseer vir maklike gebruik. Benewens verskeie artikels het die eerste handboek vir die bestudering van ekumene, een van ISWEN se mees omvattende projekte tot op datum, in 1993 verskyn: D Crafford en AGS Gous (reds): Een liggaam - baie lede. Die kerk se ekumeniese roeping wêreldwyd en in Suid-Afrika (Pretoria: Verba Vitae. 497pp). Daar word tans gewerk aan die saamstel van 'n leeslys van belangrike ekumeniese dokumente.

Die verwerking van statistiese en beskrywende gegewens oor die godsdienstige toneel in Suid- Afrika gaan steeds voort. In besonder word na ISWEN opgesien om leiding op hierdie terrein.

**17.3.2.4 Navorsingsveld 4: Ander godsdienste in Suider-Afrika**

Werk vorder aan die saamstel van 'n nuwe handboek vir die studie van Suid-Afrikaanse godsdienste. Die nadenke oor godsdiensvryheid en die toekomstige reëlings in Suid-Afrika is aktueel en geniet voortdurend aandag.

**17.3.2.5 Navorsingsveld 5: Die missionêre diakonaat**

Die terrein van ontwikkeling, in besonder die armoede-probleem, geniet ernstige aandag. ISWEN is op grond van sy navorsing oor Religie en Ontwikkeling ook betrokke by die Universiteit se Sentrum vir die Bestryding van Armoede.

Die bediening van die miljoene mense in die informele nedersettings van die land (die "plakkers") word 'n al dringender vraagstuk. Op versoek van die Sinode van Suid-Transvaal word in 1994 voorrang aan hierdie navorsing gegee.

**17.3.2.6 Navorsingsveld 6: Uitdagings vir die sending in Suider-Afrika**

Op grond van 'n versoek van die Algemene Sinode is 'n landswye opname oor Sendingbelangstelling in die NG Kerk gedoen. Die resultate was insiggewend, al was dit nie bemoedigend nie.

Die ekologiese probleem dring homself na vore. Prof Kritzinger werk aan 'n projek oor Die Kerk en die welsyn van die omgewing.

Op versoek van die Algemene Sinode is aandag gegee aan 'n breed opgesette navorsingsprogram oor Die wese en taak van die kerk se bediening in die werksplek. Nuwe klem moet hieraan gegee word.

**17.3.3 ISWEN-lesings**

Sedert 1990 vind ten minste jaarliks 'n openbare lesing oor 'n belanghebbende onderwerp plaas. Hierdie lesings is gepubliseer.

**17.3.4 ISWEN-Kommunikasie**

ISWEN-Kommunikasie, die tydskrif van ongeveer 40 bladsye, word in Junie en November uitgegee en versend aan ongeveer 350 kerklike en akademiese persone en instansies, tot in die buiteland. Die blad word benut om nuus oor en die belangrikste resultate van navorsingsprojekte deur te gee, asook ander prikkelende feite en mededelings. Dit het groot potensiaal.

**17.3.5 Referate en optredes**

Dit is sekerlik ook die bedoeling dat die kundigheid van die personeel benut moet word. Dit gebeur op 'n deurlopende basis.

**17.4 Naamsverandering**

In 1986 het die Algemene Sinode besluit dat Ekumeniese Navorsing tot die taak van ISWEN toegevoeg word. Dit is egter tot dusver nie in die naam van die Instituut gereflekteer nie. Daar is ook nie 'n standaard Engelse naam vir die Instituut nie. Die Advieskomitee het in Januarie 1994 goedgekeur dat die volgende name amptelik kan geld ('n saak wat net nog formeel deur die universitêre kanale moet gaan):
**Instituut vir Sendingwetenskaplike en Ekumeniese Navorsing (ISWEN)**
**Institute for Missiological and Ecumenical Research (IMER).**

**17.5 AANBEVELINGS**

**17.5.1 Die Algemene Sinode betuig sy dank en waardering teenoor ISWEN vir die belangrike diens wat hy aan die kerk lewer.**

**17.5.2 Die Algemene Sinode wys daarop dat die Instituut vir die hele kerk in die lewe geroep is, en moedig alle betrokke instansies aan om ruimskoots van ISWEN se dienste gebruik te maak.**

**17.6 Finansiering van ISWEN**

**17.6.1** AKSE en die Kuratorium van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria het bekommerd geraak oor die probleme wat ontstaan het met die vind van die 30% van die Direkteur se salaris waarvoor AKSE verantwoordelik is en wat AKSE van die SKSE's ontvang.

**17.6.2** Die Dagbestuur van die Kuratorium het die volgende memorandum opgestel waarmee AKSE akkoord gaan:

## MOTIVERING VIR EFFEKTIEWE VOORTGAANDE FUNKSIONERING VAN ISWEN

**1. Ontstaan**

ISWEN is in 1979 as 'n instituut, verbonde aan die Departement Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap van die Teologiese Fakulteit van die Ned Geref Kerk aan die Universiteit van Pretoria, gestig.

Die inisiatief vir die stigting van hierdie instituut het uitgegaan van die Departement Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap en die destydse Algemene Sinodale Sendingkommissie (ASSK).

In 1970 gee die Algemene Sinode opdrag aan die ASSK om die daarstelling van 'n Sendingbiblioteek en 'n Sendingburo te ondersoek en, in oorleg met die Breë Moderatuur, aan sy bevindings uitvoering te gee. Die Sendingburo het in 1974 tot stand gekom as deel van die ASSK-kantoor. Die personeel van die ASSK het wel materiaal versamel maar het nie tyd gehad vir die verwerking daarvan nie.

Gedurende 1977 nader die Departement Godsdienswetenskap en Sendingwetenskap aan UP die ASSK met die versoek om die Sendingburo na die Universiteit te verskuif en oor te skakel na 'n Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing.

Die ASSK het dit goedgekeur en in 1978 by die Algemene Sinode aanbeveel:

"Die Sinode erken die behoefte aan 'n Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing aan 'n universiteit, sowel as die daarstelling van 'n sendingdienssentrum wat in samewerking met die Jongkerke aan gesentraliseerde sendingpogings soos die koördinasie van industriële en stedelike sending, aanwending van massamedia, gemeenskapsdienste, werwing, skoling en kanalisering van sendingpersoneel, ens effektiewe aandag kan gee."

"Aan die te worde gestigte Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing word opgedra om die sendingsituasie steeds in oorweging te neem en die Kerk ten opsigte van nuwe behoeftes voor te lig."

Hierdie aanbevelings is nie goed- of afgekeur nie, maar die ASSK se versoek vir R5000 vir ISWEN is goedgekeur. Enersyds is waarskynlik aanvaar dat die nuwe reëling 'n voortsetting is van die opdrag om 'n sendingburo in die lewe te roep en andersyds is aanvaar dat die Algemene Sinode met die goedkeuring van die R5 000 die saak self goedgekeur het (Vgl. Acta 1982 p684-5 "Die Sinode het sy goedkeuring hieraan geheg deur R5 000 per jaar vir navorsing op die begroting van die ASSK in te sluit").

In 1986 **keur die Algemene Sinode** die beginsel **goed** dat ISWEN se funksies uitgebrei word tot navorsing oor die ekumene.

Die ooreenkoms met die Universiteit vir die stigting van ISWEN is dan ook deur die ASSK goedgekeur en onderteken. Hiervolgens sou die ASSK drie verteenwoordigers in die beheerraad van ISWEN benoem. (Later is dit verander na twee lede namens die ASSK en die Direkteur vir Ekumene van die Algemene Sinode).

**2. Beheer**

Die indruk word soms in verslae van die ASSK en die SSK's in Transvaal gewek dat ISWEN onder beheer van die Kuratorium van UP staan. Dit is nie korrek nie. Die Transvaalse Sinodes het net kennis geneem van die totstandkoming van ISWEN. Die voorsitter van die Kuratorium dien wel in die beheerraad, maar ISWEN doen nie aan die Kuratorium verslag nie en word nie deur die Kuratorium beheer nie.

**3. Finansiering van ISWEN**

Die Universiteit van Pretoria dra die grootste gedeelte van die koste verbonde aan ISWEN. Sedert 1978 betaal die Algemene Sinode jaarliks 'n toekenning aan ISWEN oor (destyds was dit R5000, vir 1994/95 is dit R22000). Hierdie bedrag is bedoel vir **navorsingshulp**. Sedert 1987 het die onderskeie Sinodale Kommissies vir Sending en Evangelisasie/Sinodes landswyd op versoek van die destydse ASSK begin bydra vir die pos van 'n voltydse navorser (tans die direkteur). Die ASSK het dan ook in 1986 'n ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria onderteken waarin die kerk (die Algemene Sinode) onder andere onderneem het:

"Die Kerk aanvaar aanspreeklikheid vir 30% van die uitgawes met betrekking tot die salaris en byvoordele verbonde aan die pos" (= die pos van die huidige direkteur) en

"Die Kerk onderneem om jaarliks voor of op 15 Junie en voor of op 15 Desember die verskuldigde bedrag ten

opsigte van die betrokke jaar in twee gelyke paaiemente aan die Universiteit oor te betaal."

**4. Betrokkenheid van die Algemene Sinode (en die Ned Geref Kerk) by ISWEN**

Benewens die aandeel wat die Algemene Sinode by die stigting van ISWEN gehad het, die verteenwoordigers in die beheerraad en die finansiële ondersteuning, moet ook gemeld word:

* Die grootste gedeelte van ISWEN se navorsing tot op datum is op versoek (in opdrag van?) van die ASSK/Algemene Sinode en verskeie SSK's (ook van buite Transvaal) gedoen. (Vgl bv Die Onvoltooide Sendingtaak).

* In 1982 besluit die Algemene Sinode:

"Die Algemene Sinode besluit dat ander Teologiese Fakulteite van die Ned Geref Kerk nie afsonderlike institute vir sendingwetenskaplike navorsing moet stig nie, maar dat sodanige navorsing deur ISWEN gekoördineer moet word." (Hand AS 1982 p1322)

Stellenbosch en Bloemfontein se fakulteite het toegestem en die Universiteit van Pretoria het dan ook aan die ander twee Teologiese Fakulteite van die kerk amptelike verteenwoordiging deur middel van een lid in die beheerraad van ISWEN toegestaan.

Die Algemene Sinode van 1986 besluit:

"Die Algemene Sinode keur die reëling van die ASSK goed dat 'n pos van voltydse Senior Navorser aan ISWEN ingestel word op die basis dat die Universiteit van Pretoria 70% van die koste verbonde aan die pos sal dra, en die ASSK die orige 30%, wat gevind word deur die vrywillige bydraes van die onderskeie Sendingkommissies." (Hand AS 1986, bl 481/47.4.3.3)

Dit is dus duidelik dat ISWEN 'n onderneming van die Algemene Sinode is en dat die hele kerk daarby belang het en daaruit voordeel trek.

**5. Personeel**

Aanvanklik was dr JM Cronjé die enigste personeellid. In 1981 het dr JJ Kritzinger op tydelike basis bygekom. In 1983 word prof D Crafford Direkteur van ISWEN. Op 1 Januarie 1986 word dr Kritzinger voltydse senior navorser en in 1989 direkteur en medeprofessor.

**6. Die huidige posisie**

Daar is tans drie knelpunte rondom ISWEN

* Die beleid van die Universiteit van Pretoria met betrekking tot institute het sodanige verander dat institute nie meer "as losstaande" entiteite aan departemente verbind is nie, maar as 'n integrale deel van die betrokke departement beskou word. ISWEN is dus nou deel van die Fakulteit maar die Kuratorium, wat kerklik vir die Fakulteit verantwoordelik is, het nie beheer oor ISWEN nie.

* Prof JJ Kritzinger se kerkregtelike posisie het moeilik geword omdat die Universiteit hom as dosent in die Departement Godsdiens en Sendingwetenskap beskou, maar hy is nie deur die Kuratorium beroep nie en hy staan eintlik nie onder toesig van die Kuratorium nie.

* Die oorbetaling van die bydrae afkomstig van die verskillende SKSE's/Sinodes skep probleme omdat dit nie altyd gereeld of betyds gedoen word nie. Dit skep vir die kerk 'n verleentheid teenoor die Universiteit.

Geen nuwe pos(te) word dus geskep en geen nuwe finansiële verpligtinge word aangegaan nie. Dit gaan om drie sake, naamlik:

* Om te sorg dat die beheer oor ISWEN op die regte plek tuis kom;

* om te sorg dat die kerk die finansiële verpligtinge wat reeds aangegaan is ordelik en gereeld nakom; en

* om professor JJ Kritzinger se kerkregtelike posisie reg te stel.

**17.7 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode**

**17.7.1 bevestig dat ISWEN 'n onderneming van die Algemene Sinode is en dat die hele kerk daarby belang het en daaruit voordeel trek;**

**17.7.2 aanvaar dat die beheer oor ISWEN deur die Kuratorium van die Teologiese Fakulteit Afdeling B aan die Universiteit van Pretoria uitgeoefen word;**

**17.7.3 gaan voort om verteenwoordigers in die beheerraad van ISWEN te benoem;**

**17.7.4 gaan voort om ISWEN finansieel te ondersteun;**

**17.7.5 gee aan die Algemene Kommissie vir Fondse opdrag om die bedrag wat die onderskeie sinodes in die verlede direk aan ISWEN oorbetaal het, vanaf 1995 by die begroting van die Algemene Sinode in te werk;**

**17.7.6 betaal die bydrae vir ISWEN aan die Teologiese Fakulteitsfonds van die Ned Geref Kerk van Transvaal oor;**

**17.7.7 heroorweeg sy bydrae wanneer die pos van direkteur vakant raak;**

**17.7.8 suspendeer bepaling 3 van die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars om die inskakeling van prof JJ Kritzinger by die Teologiese Fakulteit moontlik te maak;**

**17.7.9 gee aan AKSE opdrag om 'n ooreenkoms met die Transvaalse sinodes aan te gaan waarin die ooreenkoms van 1986 met die Universiteit van Pretoria vervat is en om die Universiteit daarvan in kennis te stel.**

## 18. SENDING ONDER KOMMUNISTE

### 18.1 VOORTGANG VAN DIE WERK

**18.1.1 Die Algemene Sinode van 1990** het ten opsigte van Sending onder Kommuniste besluit dat:

"3. Sending onder Kommuniste nie 'n werksaamheid van die Algemene Sinode kan wees nie. Die werksaamheid gaan voort totdat die pos vakant raak. Die sinodes binne wie se gebied die verskillende hawens is, aanvaar verantwoordelikheid vir die betrokke werk. Ten opsigte van die res van die werk, word die AKSE versoek om aan die volgende Algemene Sinode advies te gee ten opsigte van die vraag waarheen hierdie werk gekanaliseer kan word."
(Verslag Rasionaliseringskommissie pt 4.2.4.6, Hand AS 1990 bl 642.)

**18.1.2 Die tydperk 1990 tot 1994**

Die werk het die hele tyd in die teken van bogenoemde besluit gestaan. Daar was by die lidmate minder entoesiasme voor, en dit het moeiliker geword om die werk te bekostig. Hierdie omstandighede moet nogtans ook gesien word teen die agtergrond van die val van die Kommunisme in Oos-Europa en Afrika, die swak ekonomiese toestand, die onsekerheid in die land en die rand-dollar wisselkoers. Met die meeste werksaamhede kon voortgegaan word, al is die werk drasties afgeskaal.

### 18.2 STAND VAN DIE WERK TANS

**18.2.1 Hawewerk (BIBLIA)**

**18.2.1.1 Die verskillende hawens**

Die afgelope vier jaar het die werk op die hawens bestendig voortgegaan. Walvisbaai se kiosk is meer doelmatig omgebou. Daar is ook 'n ongekende toestroming van Russiese matrose: 17 200 in die jaar September 1992 tot September 1993. In Saldanhabaai is 'n nuwe kiosk. Die werkster slaag daarin om elke skip wat aandoen, te besoek.

Kaapstad het in 1993 die trauma gehad dat dit, onder andere, hulle gaste was wat die aand van 25 Julie in St James, Kenilworth, afgemaai is. Een van die werkers het die 140 Russe wat die diens bygewoon het, daarheen vergesel.

Vanweë finansiële probleme is die werk in Port Elizabeth en Oos-Londen afgeskaal. Die gesamentlike beheerkomitee is ook ontbind, en elke hawe het nou 'n vooggemeente: Hospitaal vir Port Elizabeth en Wesheuwels vir Oos-Londen. In Durban is 'n beskeie begin met hawewerk gemaak. In Richardsbaai, Mosselbaai en Houtbaai gaan die werk goed aan.

**18.2.1.2 Konferensies**

Daar is elke jaar 'n konferensie van al die hawewerkers gehou. In 1991 was dit in Pretoria, 1992 in Kaapstad, 1993 in Walvisbaai en 1994 in Oos-Londen. DV is 1995 s'n in Mosselbaai. Hierdie konferensies beteken vir die werkers en die beheerliggame veel wat onderlinge kontak betref.

**18.2.1.3 Gholfdag**

PORTNET hou vol met hulle jaarlikse Gholfdag wat in 1987 begin is. BIBLIA kry een-derde van die wins. Deur die jare het dit gegroei, nl 1987 R5 800, 1988 R16 700, 1989 R18 000, 1990 R20 000, 1991 R32 300, 1992 R35 060 plus 'n Olivetti rekenaar, 1993 R43 000, 1994 nog onbekend by skrywe van verslag.

**18.2.1.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode bedank PORTNET vir die toekennings wat die afgelope jare uit die wins van die Liefdadigheidsgholfdag aan BIBLIA gemaak is.**

### 18.3 RADIOWERK

**18.3.1 Transwêreld-Radio (TWR)**

Sedert September 1975 gebruik Sending onder Kommuniste hulle senders. Al die jare nog stuur hulle hulle rekeninge in Amerikaanse dollars. Deur die jare het die wisselkoers van die rand teenoor die dollar swakker geword. Daarby het TWR elke jaar sy tariewe effens verhoog. Gevolglik het dit al moeiliker geword om die programme te borg. 'n Paar jaar terug het TWR ingestem dat die borgskap tussen Sending onder Kommuniste, The Back to God Hour en TWR self verdeel word.

**18.3.1.1 Portugees**

Daar was twee Portugese programme op die lug, nl na Mosambiek en Angola. Aan die begin van 1993 het die AKSE besef dat albei nie langer aan die gang gehou kon word nie. Die borgskap vir die program na Angola is gestaak. 'n Jaar later het dit ook nodig geword om die borgskap vir die Portugese program na Mosambiek te beëindig. Sedert 25 Maart 1994 borg Sending onder Kommuniste dus geen Portugese programme meer nie.

**18.3.1.2 Frans**

Hierdie program is hoofsaaklik op Zaïre gerig. Dit is sedert Maart 1977 op die lug. Uit die program het 'n nuwe kerk ontstaan, die Belydende Gereformeerde Kerk in Zaïre. Dié kerk is 'n ankerplek vir die gelowiges in die onrustige tye wat daardie land tans beleef. Die borgskap van hierdie program beloop op die oomblik sowat R47 000 per jaar. Met dié program hou Sending onder Kommuniste nog vol.

**18.3.2 Radio FEBA**

Die program wat deur hierdie stasie op die Seychelle uitgesaai word, is Oos-Kaapland s'n. Dis ook in Frans, maar word veral op Madagaskar en die ander eilande

gemik. In die verlede het Sending onder Kommuniste vir Oos-Kaapland finansieel bietjie hiermee gehelp. Sedert die vorige Algemene Sinode was dit nog nie weer moontlik om hulp te gee nie.

**18.4 HULP AAN LYDENDE CHRISTENE**

Die hulp is sporadies gestuur soos wat bydraes daarvoor ingekom het. Tot dusver het die hulp byna alles vir Christene in Rusland en Roemenië gegaan. Twee spesifieke dinge is ook gedoen. Die eerste is dat aan Dimitri Makagon, die Rus wat in die St James-skietery altwee sy bene en sy één arm verloor het, 'n spesiale toekenning gemaak is. Die tweede is dat in Die Voorligter van Julie 1994 'n oproep geplaas is om die Hongaars-Gereformeerde gemeente Rogerius in Oradea, Roemenië, met hulle kerkbouprojek te help.

**18.5 VOORLIGTING**

Die boekie van dr Jan du Plessis, Kommunistiese Vrede of Christelike Stryd, het drie uitgawes en 'n oplaag van 35 000 beleef. By die skrywe van die verslag is daar nog sowat 390 boekies oor. 'n Nuwe uitgawe of herdruk word nie beplan nie. ISWEN is, wanneer moontlik, met 'n klein jaarlikse bydrae gehelp.

**18.6 UITFASERING VAN DIE WERK**

18.6.1 Die Algemene Sinode het besluit dat hy die werk nie verder voortsit wanneer die sekretarispos vakant raak nie. (Hand AS 1990, bl 642/4.2.4, besluit nr 3 [Kyk 18.1.1 hierbo].)

Soos dinge nou staan, behoort dit te gebeur vanaf Junie 1996, wanneer die huidige sekretaris die aftree-ouderdom bereik.

**18.6.2 AANBEVELINGS**

**18.6.2.1 Hawewerk**

**Die Algemene Sinode het reeds besluit dat die sinodes binne wie se gebied die verskillende hawens geleë is, verantwoordelikheid vir die betrokke werk aanvaar (kyk 18.1.1 bo). Die Algemene Sinode versoek die ander sinodes om ook by die werk op die hawens betrokke te raak, en wel soos volg:**

*** 1 Namibië is vir Walvisbaai verantwoordelik. By Wes-Transvaal en Suid-Transvaal word aanbeveel dat hulle vir Namibië met Walvisbaai help.**

*** 2 Wes-Kaapland is verantwoordelik vir Kaapstad, Saldanhabaai, Mosselbaai, en die vissershawens soos bv Houtbaai. Noord-Kaapland en Noord-Transvaal word versoek om Wes-Kaapland hiermee te help.**

*** 3 Oos-Kaapland werk in Port Elizabeth en Oos-Londen. Die Vrystaat word gevra om hulle te ondersteun.**

*** 4 Natal se hawewerk is in Richardsbaai en Durban. Hulp vir Natal word by Oos- Transvaal aanbeveel.**

**18.6.2.2 Radiowerk**

*** 1 Portugees na Mosambiek en Angola: die sinodes wat reeds na hierdie twee lande toe werk, word versoek om dié radioprogramme, indien moontlik, weer uit te saai, naamlik Wes-Kaapland, Noord-Kaapland, Wes-Transvaal, Noord-Transvaal, Suid- Transvaal, Oos-Transvaal, Namibië en Midde-Afrika.**

*** 2 Frans na veral Zaïre: die sinodes van Wes-Kaapland, Noord-Kaapland, die Oranje-Vrystaat, Wes-Transvaal, Noord-Transvaal, Suid-Transvaal en Oos-Transvaal word gevra om hiervoor verantwoordelikheid te neem.**

*** 3 Frans na die Eilande: dit is Oos-Kaapland se onderneming, maar by die Sinode van Natal word aanbeveel dat hulle Oos-Kaapland hiermee help.**

**18.6.2.3 Tasbare hulp aan lydende Christene**

**Die hulp wat tans aan Rusland en Roemenië verleen word, word aan die Algemene Komitee van die Vrouediens (AKV) ter oorweging gegee, asook om te dink aan Christene in ander kommunistiese of voormalige kommunistiese lande.**

**18.6.2.4 Fondse**

**Indien daar dan nadat al Sending onder Kommuniste se verpligtinge afgehandel is, nog fondse oor is, word dit pro rata tussen die SKSE's van die sinodes verdeel, met die oog op die voortsetting van die werk.**

## 19. WêRELDSENDING

**19.1 OORSIGTELIKHEID**

Hierdie kan hoogstens 'n oorsig wees. Die kommissie weet nie altyd waar in die wêreld ons lidmate werksaam is nie, en sommige van hulle verander van standplaas of kom terug huis toe sonder dat 'n mens daarvan bewus is.

**19.2 HONGKONG, MACAU EN CHINA**

Wes-Transvaal doen veral moeite in hierdie drie lande. 'n Baie vrugbare metode van werk is dat studentespanne uit Wes-Transvaal gereeld daar besoek aflê en met bv Bybelverspreiding help. Kontak met dr Jonathan Chao van die Chinese Church Research Center in Hongkong is steeds lewendig. Ds Kobus Fouché wat in Hongkong gewerk het, is vroeg in 1992 oorlede. Hy was aan die gemeente Ruyterwacht geskakel. Dr Thinus Benadé het in 1992 twee maande lank as gasdosent in Hongkong gaan klas gee. Douwe Semmelink werk ook in Hongkong.

**19.3 JAPAN**

Die Oranje-Vrystaat is al die jare nog daar betrokke. Hulle skakel veral met die Japan Plattelandse Sending en die kerk wat uit hulle werk gebore is, asook met die Gereformeerde Kerk in Japan. Neil en Peggy Verwey werk ook jare reeds daar vir die Japansending. Fransie Botes en Elmarie Jacobson is by hulle.

**19.4 TAIWAN**

Die gemeente Kenridge is daar betrokke. Hulle sendelinge is dr en mev Christie Dippenaar. Hy is tans dosent by die Presbiteriaanse Teologiese Seminarium, waar hy onder die vleuels van die Overseas Missionary Fellowship (OMF) werk.

**19.5 THAILAND**

Dr en mev Eddie Rose wat na jare in Thailand op George kom aftree het, is nou weer terug in Thailand! Mej Rya Coetzee werk ook nog daar. George het die drr Rose uitgestuur, maar Wes-Transvaal help hulle sowel as vir mej Coetzee.

**19.6 SRI LANKA**

Ook hier is Wes-Transvaal aktief bedrywig. In Maart 1993 het hulle hulle sendeling, ds Raj Thurairajah, aan die dood afgestaan. Sy vrou gaan met die werk aan. Ook hierheen stuur Wes-Transvaal studentespanne. In 1992 was die Ned Geref Kerk in Sri Lanka 350 jaar oud. 'n Stewige kontingent uit Wes-Transvaal het die feesvieringe bygewoon. Die voorsitter van AKSE was die toerleier, en dit is ook deur die twee PASD's van AKSE bygewoon. In Augustus 1993 het drr AM Hofmeyr en LC Dressel 'n maand lank as gasdosente Sri Lanka toe gegaan. Intussen was die moderator van die Ned Geref Kerk in Sri Lanka, ds Charles Jansz, ook vyf weke in Suid-Afrika. Mnr Pieter ter Haar is 'n lidmaat van ons kerk wat baie goeie werk onder dwelmverslaafdes in Sri Lanka doen. Benoni-Benjamin in Suid-Transvaal ondersteun hom.

**19.7 INDIë**

In Madras bestaan 'n tak van Bybelkor onder leiding van mnr Sam Selva Raj. In die afgelope twee jaar het ds JvW du Plessis en drr Hofmeyr en Dressel daar besoek afgelê. Madras klink na die groot suksesverhaal van Bybelkor. Hulle praat van 50 000 bekeerlinge per jaar en 93 000 navrae ná hulle 160 000 stukke uitgestuur het.

**19.8 DIE EILANDE**

Behalwe dat Oos-Kaapland by Radio FEBA betrokke is, help hulle ook met die opleiding van evangeliste op die eiland Reunion. Daar, sowel as op Madagaskar, die Comore en ander eilande, is heelwat van ons lidmate betrokke. Ds Dawie de Wet en gesin is op Mayotte.

**19.9 PORTUGAL EN SPANJE**

Ds PA Pienaar het geëmeriteer maar woon nog in Portugal. Ds Vitor Maia is in sy plek, en vir die gebied Porto is daar 'n teologiese student, Alvaro Azevedo, wat die werk doen. Dit gaan goed met die kerk, die Igreja Reformada em Portugal. Dit is Noord-Transvaal se sendingveld. Annette Theron van Villieria werk in Spanje vir OMS Internasionaal. Sy is nou met Sergio Roselle getroud.

**19.10 ANDER LANDE IN EUROPA**

Ds en mev Danie du Plessis is deur die Ned Geref Gemeente Ontdekkers-Noord uitgestuur. Hulle is verbonde aan die opleidingskool van die Kinder-evangelisasiebeweging in Kilchzimmer, **Switserland**, terwyl dr en mev Chris Steyn van Kempton Park en ds en mev JM Storm van Brakpan in **Nederland** werk. Jack Louw van Despatch-Dagbreek is in **Bulgarye** en Alet Barnard van Welkom en Peter en Brenche Loubser van Arconpark in **Oostenryk** en Henry van der Schyff van Burgerspark in **Kroasië**.

**19.11 DIE MIDDE-OOSTE**

In die **Midde-Ooste** werk prop Hannes van Wyk van Wellington, Frans en Mara Roelofse van Arcadia, prop Ettienne van Blerk van Newcastle, Gerrit en Sonja Brink van George-Bergsig en Despatch-Dagbreek, Dirk Opperman van Hospitaalpark en Alti van der Westhuizen van Worcester-Vallei. Nog vier persone is besig met voorbereiding om na die Midde-Ooste te gaan. Daar is ook 'n paar wat in **Israel** werk: Mintie Nel van Wellington, André Kruger van Meyerspark en René Rossouw van Wonderboom.

**19.12 SENDINGSKEPE**

'n Hele aantal jongmense werk op die sendingskip **Doulos** van Operasie Mobilisasie (OM): Annelie van Renen van Op-die-Berg, Stephan Smithdorff en Yolandi du Toit van Uitenhage-Noord, Winnie Koorts van Strand, Cecilia Kleynhans van Hendrina, Sarel du Plessis van Velddrif, Gerrit de Villiers van Somerset-Wes, Jacques de Bruin van Studentekerk, Stellenbosch, Heinrich Botha van Heidelberg en Sandra Biehler van Arcadia. Behalwe hulle is daar nog sewe ander wat in voorbereiding is vir hierdie werk. Liezel van der Merwe van Op-die-Berg is op die ander skip van OM, **Logos II**, terwyl nog een haar hiervoor voorberei.

**19.13 AFRIKA**

Ook op die vasteland van Afrika word nuwe velde betree: Lana Olivier van Seinheuwel en Siegfried van Wynberg werk in **Noord-Afrika**.

**19.14 NIEU-SEELAND**

Selfs in Nieu-Seeland is daar 'n sendeling uit die Ned Geref Kerk: George Booth van Oos- Londen-Noord.

**19.15 FRANKRYK**

Ds Roger van Dyk, die Suid-Afrikaner wat jare lank daar gewerk het, is oorlede. Sy weduwee, Jacqueline, sit die werk voort. Ds en mev JF Bloemhof is daar, asook mej Marieta Niemand, Eugene en Mauricette Coetzee en ander lidmate. Suid- en Oos-Transvaal is veral betrokke.

**19.16 BELGIë**

Noord-Kaapland handhaaf sy betrokkenheid by België. Ds en mev Robert Schmidt werk in Brussel.

**19.17 RUSLAND**

Prop en mev Hannes Furter werk in St Petersburg. Talle jongmense van ons kerk was al daar of is in spanne op pad daarheen. Sommige van hierdie spanne staan in verband met die Diensjaar vir Christus. Ander is van ander organisasies.

### 19.18 SUID-AMERIKA

In **Peru** werk Hendrik en Ronel Groenewald onder die vleuels van die Wycliffe-Bybelvertalers. Prop Hennie Kotzé van Worcester werk vir Wycliffe in **Argentinië**.

## 20. LANDE WAAR NED GEREF SENDELINGE WERKSAAM IS

Die volgende tabel gee 'n beeld van die lande waar die verskillende sinodes, of sendelinge uit die sinodale gebiede, betrokke is. Vanselfsprekend is elke sinode in sy eie gebied werksaam: dit word nie elke keer hier aangedui nie.

Die syfers gee die getal sendelinge aan - 'n egpaar tel twee - terwyl 'n kruisie aandui dat die betrokke sinode op 'n ander wyse as die stuur van sendelinge uit Suid-Afrika daar betrokke is.

| Land | W/K | O/K | N/K | Nat | OVS | W/T | N/T | S/T | O/T | Nam | SMA | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Totaal | 84 | 11 | 7 | 2 | 23 | 4 | 15 | 15 | 15 | - | - | 176 |
| Malawi | 38 | | | | | | | | | | | 38 |
| Zimbabwe | 12 | | | | | | | | | | | 12 |
| Zambië | | | | | 6 | | | | | | | 6 |
| Botswana | | | 7 | | | | | | | | | 7 |
| Mosambiek | 14 | 3 | | x | | | | | | | | 17 |
| Swaziland | | | | | | | | | 4 | | | 4 |
| Lesotho | | | | | 8 | | | | | | | 8 |
| Noord-Afrika | 1 | 1 | | | 1 | 1 | | | | | | 4 |
| Namibië | 2 | | | | 2x | | | | | | | 4 |
| Frankryk | | | | | | | 3 | 4 | 1 | | | 8 |
| België | | | | | | | | 2 | 2 | | | 4 |
| Nederland | | | | | | | | 4 | | | | 4 |
| Eilande | | x | | | | 2 | 1 | 1 | 4 | | | 8 |
| Portugal | | | | | | | 2 | | | | | 2 |
| Spanje | | | | | | | 1 | | | | | 1 |
| Switserland | | | | | | | | 2 | | | | 2 |
| Rusland | | 2 | | | | | 2 | | | | | 4 |
| Albanië | | 1 | | | | | | | | | | 1 |
| Oostenryk | | | | | 1 | | | 2 | | | | 3 |
| Kroasië | | | | | | | 1 | | | | | 1 |
| Boelgarye | | 1 | | | | | | | | | | 1 |
| Engeland | | | | | | | | | 2 | | | 2 |
| SriLanka | 1 | | | | | x | | | | | | 1 |
| Hongkong | | | | | x | x | 1 | | | | | 1 |
| Thailand | 2 | | | | | 1 | | | | | | 3 |
| Taiwan | 2 | | | | | x | | | | | | 2 |

| Land | W/K | O/K | N/K | Nat | OVS | W/T | N/T | S/T | O/T | Nam | SMA | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Sjina | | | | | x | | | | | | | |
| Japan | | | | | | 3 | | | | | | 3 |
| Midde-Ooste | 4 | | | | 1 | 1 | | 2 | | | | 8 |
| Israel | 1 | | | | | | | 1 | | 1 | | 3 |
| Argentinë | 1 | | | | | | | | | | | 1 |
| Nieu-Seeland | | 1 | | | | | | | | | 1 | |
| Doulos | 5 | 2 | | 1 | 1 | | 1 | | 1 | | | 11 |
| Logos II | 1 | | | | | | | | | | | 1 |

## 21. DIE CHRISTELIKE LEKTUURFONDS (CLF)

### 21.1 Skakelwerk en Insameling

Ds GH Oosthuizen wat vanaf 11 Februarie 1985 weer as skakelbeampte van die Christelike Lektuurfonds werksaam was nadat hy aan die einde van 1984 uit gemeentediens getree het, is op 6 Junie 1993 na 'n kort siekbed oorlede. U Kommissie dank die Here vir die lewe en werk van hierdie dienskneg oor 'n lang en geseënde dienstyd op vele terreine van sy kerk en vir die vrug op sy arbeid wat soveel vir die CLF en sy dienste beteken.

In die plek van ds Oosthuizen is ds DP Myburgh as skakelbeampte aangestel. Hy beklee die pos op voltydse basis en word bygestaan deur dr AM Dekker op deeltydse grondslag terwyl 'n hele aantal leraars op streeksvlak help met die hou van dienste in gemeentes.

Volgens verslae van die skakelbeampte blyk dit dat daar 'n toenemende besef by gemeentes, vroudienste en lidmate is van die belangrikheid van die Christelike Lektuurfonds en sy dienste vir die hele kerk op sendinggebied. 'n Groter mate van toeganklikheid tot gemeentes is merkbaar terwyl lidmate self positief reageer. Heelwat gemeentes nooi verteenwoordigers van die CLF vir 'n tweede en soms selfs vir 'n derde keer om die gemeente weer te besoek.

Vir 1994 is reeds al die verskillende verteenwoordigers se programme vol bespreek en etlike afsprake is reeds vir 1995 gemaak.

### 21.2 Finansieel

Oor die vier jaar tot aan die einde van 1993 is 'n bedrag van R1 878 313 aan donasies en kollektes ontvang van gemeentes, vrouedienste en ander instansies. Aan die einde van die 1993-boekjaar het die Fonds te staan gekom op R6 294 077.

Uit die inkomste van die Fonds is oor die vier jaar R1 778 630 beskikbaar gestel vir die daarstelling en verspreiding van Christelike lektuur. Toekennings is gemaak aan die kommissies vir Sending en Evangelisasie van al die sinodes van die Ned Geref Kerk asook aan die ander lede van die Ned Geref Kerkfamilie vir lektuurverspreiding in die RSA, Namibië, Bophuthatswana, Lesotho, Swaziland, Zimbabwe, Mosambiek, Malawi en Zambië.

Aan Pro Christo-Publikasies (NG Sendinguitgewers) is finansiële steun verskaf vir hulle groot taak om in die lektuurbehoeftes van die NGKA te voorsien in ooreenstemming met die kontrakte tussen daardie kerk en die Ned Geref Kerk. Skenkings is ook gemaak aan die NG Sendingkerk, Bybelkor en Mema.

Die behoeftes styg steeds en die aansoeke oorskry elke jaar die beskikbare bedrag met etlike honderde duisende rand. Dit is dus duidelik dat daar met hierdie belangrike werk binne die kerk voorgegaan sal moet word ten einde aan die behoeftes te voldoen.

### 21.3 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode neem met dank en waardering kennis van die belangrike werk wat die Christelike Lektuurfonds in die kerk se Sending en Evangelisasieaksie doen asook van die mooi reaksie wat daar van die kant van sinodes, kerkrade en gemeentes kom.**

### 21.4 NG Sendingpers

Die drukkery is toegerus om werk van hoë gehalte te lewer en feitlik enige tipe drukwerk kan onderneem word.

In die lig van die groot behoefte ten opsigte van Christelike lektuur het die drukkery oor die afgelope twee jaar toekennings van R100 000 per jaar aan Pro Christo-Publikasies gemaak vir die druk en beskikbaarstelling van gratis Christelike lektuur. 'n Jaarlikse toekenning van R5 000 word reeds vir baie jare lank aan Die Ligstraal gemaak en 'n soortgelyke bedrag is elke jaar aan Die Sendingblad geskenk tot en met die staking van die blad. By die afsluiting van Die Sendingblad se rekeninge na die staking van die blad is 'n toekenning van R22 875 gemaak ten opsigte van 'n bedrag wat nog verskuldig was vir drukwerk.

**21.5 Pro Christo-Publikasies (NG Sendinguitgewers)**

Hierdie afdeling gee praktiese uitvoering aan die besluite en doelstellinge van die CLF, naamlik om Christelike lektuur in die verskillende Afrikatale te voorsien.

Al die amptelike publikasies van die Ned Geref Kerk in Afrika word behartig asook 'n algemene program van Christelike publikasies vir gebruik deur die kerk in sy sending en ander aksies.

Lektuurkonferensies op sentrale plekke, in samewerking met plaaslike Kommissies vir Sending en Evangelisasie, word vir 1995 beplan.

# D. ALGEMEEN

## 22. ONDERSTEUNING VAN GEMEENTES VAN DIE RCA

Waar die ondersteuning van gemeentes van die RCA vroeër hoofsaaklik deur 'n gesamentlike fonds, die "Block Grant" genoem, plaasgevind het, is met die RCA ooreengekom dat direkte skakeling liewer tussen ondersteunende instansies en die afsonderlike gemeentes bewerkstellig moet word. Die proses is nou voltooi.

## 23. DURBAN-WESTVILLE-SALARISFONDS

Die rente op hierdie fonds word gebruik om die salaris van ds N Shunmugam, leraar van die gemeente Moriah en verantwoordelik vir die bearbeiding van die teologiese studente van die RCA, te betaal.

## 24. EMERITAAT: SKRIBA VAN AKSE

**24.1** Dr AM Hofmeyr wat vanaf 1 Januarie 1980 as PASD: Sending gewerk het, het op 10 Junie 1994 geëmeriteer.

**24.2** AKSE het besluit om in die lig van die heersende ekonomiese klimaat, die pos nie te vul nie.

**24.3** 'n Alternatiewe reëling is getref: dr Hofmeyr is versoek om vanaf 10.06.1994 aan te bly tot 10.12.1994. Na 10.12.1994 besluit AKSE of hy vir nog ses maande van dr Hofmeyr se dienste gebruik wil maak.

**24.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode bedank dr AM Hofmeyr vir die werk wat hy vir die 15½ jaar as PASD: Sending gedoen het.**

JvW DU PLESSIS (Voorsitter)
AM HOFMEYR (Skriba)

# A.13 ALGEMENE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Die Kommissie doen graag soos volg oor sy werksaamhede verslag:

## 1. INHOUDSOPGAWE

1. INHOUDSOPGAWE
2. HANTERING VAN DIE ALGEMENE SINODE 1990 SE OPDRAGTE
3. VERWISSELING VAN SEKRETARISSE
4. VERANDERDE WERKSWYSE VAN DIE AKDB
5. DIE TAAK VAN DIE AKDB EN SKDB'S IN 'N NUWE SUID-AFRIKA
6. ALKOHOL- EN DWELMAFHANKLIKHEIDSORG
7. BEJAARDESORG
8. BESTAANSBEVEILIGING
9. GESTREMDE- EN GESONDHEIDSORG
10. KINDER- EN GESINSORG
11. WETSOORTREDERSORG
12. SKAKELING
13. ADMINISTRATIEWE SAKE
14. REGSTEGNIESE SAKE
15. AKDB SAMESTELLING

## 2. HANTERING VAN DIE ALGEMENE SINODE 1990 SE OPDRAGTE

Alle opdragte van 1990 se Algemene Sinode is hanteer en kom onder die saakhoof waar dit tuishoort, ter sprake. Dit sal duidelik herkenbaar wees in die lig van die besluit van 1990 se Algemene Sinode oor die inkleding van verslaggewing aan die Algemene Sinode (Handelinge 1990 : 243 : 4.1.5.4). Waar nuwe sake vir oorweging aan die vergadering voorgelê word, sal die saak as opskrif dien, gevolg deur **Agtergrond** wat vir kennisname is en **Aanbeveling** wat voor die vergadering moet dien.

## 3. VERWISSELING VAN SEKRETARIS

### 3.1 Agtergrond

Dr MM Nieuwoudt het op 30 April 1992 sy emeritaat aanvaar, na elf jaar diens as sekretaris van die AKDB. In sy tyd het hy besonder moeite gedoen om die verbandstelling tussen AKDB en SKDB's te vestig en het op meer as een terrein die kerk in statutêre rade verteenwoordig. Sy sterk kerkregtelike en ekklesiologiese uitgangspunte het meegebring dat die AKDB se werksaamhede 'n suiwer kerklike karakter vertoon het.

Die infrastruktuur in die AKDB-kantoor is deur hom uitgebou. Hy was 'n harde werker wat homself nie gespaar het nie. Kenmerkend van hom was sy sterk standpunt-inname oor prinsipiële sake en vir hom was die eer van die Here en die kerk se welwese twee rigtingwysers in sy lewe. Dr Nieuwoudt se nederige en innemende geaardheid het hom 'n vriend van SKDB's gemaak en hy was iemand na wie daar opgesien kon word. Verskeie publikasies het uit sy pen gevloei.

Na sy uittrede het dr en mev Nieuwoudt hulle in die distrik van Lindley gevestig. Hier kan hy nou 'n lewenslange ideaal koester: om naby die natuur te wees as boer op kleinskaal.

Hy is op 1 Julie 1992 deur dr DF Theron opgevolg.

### 3.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode bedank dr MM Nieuwoudt vir sy harde en gewaardeerde werk in diens van die AKDB. Hy sal in die besonder onthou word vir die rol wat hy in die verbandstelling van SKDB's en die AKDB gespeel het, asook vir die deeglike administratiewe basis wat hy vir die AKDB-kantoor gelê het. Hy en sy eggenote word die Here se seën toegebid en 'n gelukkige aftrede toegewens.**

## 4. VERANDERDE WERKSWYSE VAN DIE AKDB

### 4.1 Die beginsel van deelnemende bestuur

Na die posaanvaarding deur dr DF Theron het die AKDB-Jaarvergadering op 30 Augustus 1992 besluit dat 'n strategiese studie gedoen moet word waartydens daar besin kan word oor die beginsel van deelnemende bestuur tussen die AKDB en SKDB's. Gedurende 1-3 September 1992 het al die Predikante in Sinodale Diens: Diens van Barmhartigheid tesame met ander lede van die AKDB en ook die Predikant in Algemene Sinodale Diens, by Die Herberg in Pretoria byeengekom. Onder leiding van ds WJ Botha, Predikant in Sinodale Diens: Diens van Barmhartigheid in die Oranje-Vrystaat, is 'n baie vrugbare beraad gehou en het 'n AKDB-Bestuursplan sy beslag gekry.

Die AKDB-Jaarvergadering van 8 Julie 1993 het die Bestuursplan goedgekeur.

### 4.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode betuig sy instemming met die beginsel van deelnemende bestuur wat deur die AKDB gevolg word.**

## 5. DIE TAAK VAN DIE AKDB EN SKDB'S IN DIE NUWE STAATKUNDIGE BEDELING

## 5.1 DIE POSISIE VAN NEGE SINODES IN NEGE PROVINSIES

### 5.1.1 Agtergrond

Met die verkiesing van die nuwe regering van nasionale eenheid het daar ook 'n nuwe federale bestel in Suid-Afrika tot stand gekom.

Op 31 Maart 1994 is die welsynsdepartemente geamalgameer met die destydse vier provinsies. Na die proklamasie van die nege provinsies is die welsyns-administrasie van die land na die nege provinsies afgewentel. Die Departement van Nasionale Welsyn en Bevolkingsontwikkeling het 'n baie toegespitste funksie, nl beleidsbepaling en befondsing van die nege provinsies se welsynsdienste aan die hand van goedgekeurde welsynsprogramme.

Met die koms van die nege provinsies het die rol van die nege SKDB's besonder belangrik geword. In terme van die federale bestel het provinsies toegedeelde magte wat voorheen op sentrale owerheidsvlak gesetel het.

Die provinsies is ook outonoom in die verwerkliking van die provinsies se welsynsdienste. Ofskoon oorhoofse riglyne bestaan, is elke provinsie se werkswyse sy eie prerogatief. Dit plaas groot druk op SKDB's, aangesien sommige SKDB's as geregistreerde welsynsorganisasies met meer as een en selfs drie provinsies se verordeninge, finansieringswyse en praktiese aangeleenthede rekening moet hou. Die feit dat sinodegrense tans nie saamval met provinsiale grense nie, plaas geweldige druk op die koördinerende en skakelingsfunksies van SKDB's. Aangesien SKDB's onderling met mekaar provinsiale werkswyses moet uitruil, is die onderlinge skakeling van SKDB's 'n hoë prioriteit. Die PASD moes homself ook op die hoogte bring van elke provinsie se werkswyses sodat daar aan SKDB's, wat met meer as een provinsie moet saamwerk, advies gegee kan word.

### 5.1.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Regskommissie op om te besin oor die wenslikheid dat sinodegrense met provinsiale grense saamval.**

## 5.2 STAATSFINANSIERING VAN KERKLIKE DIENSTE

### 5.2.1 Agtergrond

Die Algemene Sinode het in 1990 soos volg besluit (Handelinge 1990 : 669 : 11.3.5.4):

"Die Algemene Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat die sg 'vennootskapsbeleid' in die RSA verantwoord en gesond is. Die staat het 'n verantwoordelikheid en so ook die kerk. Die een mag die ander nie verdring nie maar 'n gesonde samewerkingsverhouding met behoud van elk se eiesoortige identiteit en verantwoordelikhede moet steeds nagestreef word. Dit is egter nodig om steeds daarop te wys dat die kerk nooit deur die staat bloot as 'n welsynsorganisasie soos die private geregistreerde organisasies gesien moet word nie. Daar is egter nie fout te vind met die subsidiëring van die kerk se dienste deur die staat nie".

### 5.2.2 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode**

**5.2.2.1 versoek die staat om steeds voort te gaan om die dienste wat die Ned Geref Kerk lewer, te finansier; en**

**5.2.2.2 dra dit aan elke sinode op om self te besin oor 'n vennootskapsbeleid met die staat binne provinsiale grense, aangesien die swaartepunt van staatsvennootskap met welsynsorganisasies nou op provinsiale vlak lê.**

# 6. ALKOHOL- EN DWELMAFHANKLIKHEIDSORG

## 6.1 CAD-REGLEMENT

### 6.1.1 Agtergrond

Die CAD-Reglement is gewysig om baie tekortkominge uit te skakel. Daar is groter soepelheid wat lidmaatskap van lede buite die Ned Geref Kerk betref, sonder dat die Ned Geref Kerk sy beheer verloor.

Die reglement is omskep in 'n riglyn wat daarop toegespits is om aan gemeentes, ringe en sinodes groter beweegruimte te gee sodat die CAD nie van bo na onder reguleer en beheer uitoefen nie.

Die riglynwysigings sal ook voortaan op versoek van die Nasionale Konferensie deur die AKDB hanteer word en hoef nie meer voor die Algemene Sinode vir beoordeling te dien nie.

### 6.1.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode betuig sy instemming dat die nuwe CAD-Riglyn groter beweegruimte aan sinodes en gemeentes verleen asook die reëling dat riglynwysigings voortaan deur die AKDB hanteer word en nie deur die Algemene Sinode nie.**

## 6.2 STRATEGIE VIR ALKOHOLISTESORG

### 6.2.1 Agtergrond

Tydens die Algemene Sinode van 1986 is die volgende besluit geneem (Handelinge 1986 : 668 : 24.1.1):

"Die NG Kerk sien alkoholisme en dwelmverslawing as 'n sondetoestand en siektetoestand wat behandelbaar is. Die kerk se behandelingsprogram behels voorkomingsaksies (soos inligting), multiprofessionele behandeling (soos inrigtings) en nasorg (bv CAD). Die kerk vind sy vertrekpunt in die Evangelie van Jesus Christus en beskou die verlossing in Jesus Christus en 'n lewenswandel tot eer van God as wesenlike elemente van die rehabilitasie van die verslaafde".

Aansluitend hierby is 'n Strategie vir Alkoholiste- en Dwelmafhanklikheidsorg deur die AKDB ontwikkel. Dit is deurgestuur na elke SKDB.

#### 6.2.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode bring sy besluit van 1986 weer onder gemeentes se aandag en moedig kerkrade aan om die Strategie vir Alkoholiste- en Dwelmafhanklikheidsorg by die onderskele SKDB's te bekom en in die gees daarvan te handel.**

### 6.3 TOENAME IN DWELMMISBRUIK IN SUID-AFRIKA

#### 6.3.1 Agtergrond

Sedert die verslapping van toegangsbeheer tussen Suid-Afrika en sy buurstate, het Suid-Afrika 'n groot deurgangsroete vir dwelms vanaf Afrika en die Ooste na Europa geword. Uiteraard het Suid-Afrika ook 'n teiken geword en daar is 'n bewese toename in dwelmmisbruik in Suid-Afrika. Dit is veral die hoërskoolkind met sy eksperimentele ingesteldheid wat toenemend 'n prooi word.

#### 6.3.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode doen 'n beroep op gemeentes om besondere klem te lê op die kweek van 'n gesonde leefwyse deur middel van die kategese en jeugaksies en die kerk se jongmense weerbaar te maak teen die dwelmaanslag wat op hulle geloods word.**

## 7. BEJAARDESORG

### 7.1 HOë LEWENSKOSTE VIR BEJAARDES

#### 7.1.1 Agtergrond

Die Algemene Sinode het in 1990 die volgende besluit geneem (Handelinge 1990 : 672 : 26.1.1):

"Die Algemene Sinode versoek kerkrade, ringe en SKDB's om 'n sensitiewe oor te verleen aan die probleme wat bejaardes ondervind deurdat die inflasiespiraal hulle lewenskoste hoër laat styg as wat hulle statiese pensioen rente-inkomstes kan bybring. Kerk- vergaderinge word versoek om met tuisversorgingspro- gramme en gemeenskapsdienste waarby DIENSSEN- TRA ingesluit is in hulle behoeftes te probeer voorsien".

Sedertdien het die grootskaalse werkloosheid die bejaardes ook baie nadelig getref. Waar bejaardes vroeër by kinders kon inwoon of onderhou is, het talle kinders hulle werk verloor en was daar 'n merkbare toename in bejaardes wat vir maatskaplike hulp aanklop.

Elke gemeente behoort sy eie volledige bejaardesorg-program vir die tuisgebonde bejaarde in die ge-meenskap te ontwikkel en die dienssentrum as 'n gespesialiseerde diens te sien waarby die gemeente dienste kan inkoop ten einde vir sy eie tuisgebonde bejaardes en die bejaardes in die algemeen te kan sorg. Kerke binne 'n bepaalde gemeenskap behoort saam te werk om na die gemeenskap se tuisgebonde bejaardes om te sien en sodoende duplisering van dienste uit te skakel.

#### 7.1.2 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode**

**7.1.2.1 doen 'n beroep op sy lidmate om vroegtydig en sorgvuldig vir aftrede te beplan sodat die bejaardes toenemend selfversorgend in die toekoms sal wees. Die onus rus eerstens op bejaardes om so ver moontlik vir hulleself te sorg;**

**7.1.2.2 doen 'n beroep op kinders en familielede van bejaardes om hulle Christelike roeping na te kom en waar enigsins moontlik na hulle ouers om te sien en hulle te versorg;**

**7.1.2.3 doen 'n dringende beroep op elke gemeente om 'n bejaardesorgprogram vir die tuisgebonde bejaardes in sy omgewing te skep in samewerking met bestaande diens-sentrums;**

**7.1.2.4 doen 'n beroep op sinodes om daarop te let dat al sy dienste aan bejaardes primêr op die behoeftige bejaardes fokus en dat die staat se finansiering nie verkeerdelik aangewend word om die welvarende bejaardes te subsidieer nie;**

**7.1.2.5 doen 'n beroep op gemeentes om in gemeen-skapsverband ten nouste met ander Christelike kerke saam te werk in die versorging van die gemeenskap se bejaardes en nie noodwendig 'n finansiële teenprestasie van die staat te wagte te wees nie; en**

**7.1.2.6 versoek die staat om toe te sien dat bejaardes se pensioene realisties in lyn met inflasie styg en om instansies wat by bejaardesorg in die gemeenskap betrokke is, waar moontlik, te finansier.**

### 7.2 AFTREDE VAN LERAARS

#### 7.2.1 Opdrag

In 1982 het die Algemene Sinode die volgende opdrag gegee (Handelinge 1982 : 1278 : 16):

"Die Sinode dra dit aan die AKDB op om ondersoek in te stel na die wenslikheid vir 'n kursus om predikante en ander ampsdraers 'n geruime tyd voordat hulle uit amptelike kerkdiens 'uittree' van inligting te voorsien wat hulle in staat sal stel om sinvolle beplanning vir daardie laaste jare te doen".

#### 7.2.2 Werkswyse

Hierdie opdrag is weer in 1990 by die Algemene Sinode herhaal. Die AKDB het vasgestel dat sedert 1982 daar 'n groot verskeidenheid leesstof en studiemateriaal oor hierdie onderwerp die lig gesien het. Dit is weliswaar nie uitsluitlik op leraars van toepassing nie, maar is net so bruikbaar vir leraars as vir enige ander voornemende aftredende.

**7.2.3 Bevinding**

Gevolglik is daar afgesien van die gedagte aan 'n spesifieke kursus vir leraars en ander ampsdraers, aangesien dit nie koste-effektief gaan wees nie.

**7.2.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode herroep sy besluit van 1982 nl dat 'n ondersoek gedoen word na die wenslikheid vir 'n kursus om predikante en ander ampsdraers 'n geruime tyd voordat hulle uit amptelike kerkdiens "uittree" van inligting te voorsien wat hulle in staat sal stel om sinvolle beplanning vir daardie laaste jare te doen.**

# 8. BESTAANSBEVEILIGING

## 8.1 LIDMAATBETROKKENHEID

**8.1.1 Opdrag**

Die Algemene Sinode het in 1990 die volgende besluite geneem (Handelinge 1990 : 670 : 15.1.1 - 15.1.2):

"15.1.1 Die Algemene Sinode doen 'n ernstige beroep op lidmate om tot so 'n mate persoonlike betrokkenheid by en ondersteuning aan die dienste binne hulle bereik te gee, dat die kerk se barmhartigheidsdienste deel van die betrokke gemeente se program van aksie sal wees.

15.1.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die AKDB en die AKAE op om toerustingsprogramme vir lidmate en ampte te voorsien vir persoonlike betrokkenheid by en deelname aan die barmhartigheidsdienste van die kerk".

**8.1.2 Werkswyse**

Die AKDB het pas ná die Algemene Sinode hom midde in die ergste resessie met tekens van ongekende werkloosheid en armoede bevind en hierdie opdrag begin uitvoer. 'n Beraad is in 1991 te Broederstroom gehou oor lidmaatbetrokkenheid. Die gedagte was om die beraadadviese as riglyne te neem vir die daarstel van toerustingsmateriaal in samewerking met die AKKM en AKSE.

Weens die knellende werkloosheid- en armoedevraagstuk wat rampspoedige afmetings aangeneem het, het die gemeentes, lidmate en kerklike aksies spontaan en op groot skaal by die armoede- en werkloosheidsvraagstuk betrokke geraak. Talle werkskeppingsprojekte is tans onder leiding van gemeentes in volle swang. Deurgangshuise vir werkloses is geskep deur van bestaande ongebruikte strukture in die gemeenskap gebruik te maak en basiese lewensvaardighede is aan mense deurgegee om die krisis van armoede en werkloosheid te kan hanteer. Twee leemtes is aanvanklik in mense se mondering geïdentifiseer, nl 'n gebrekkige verhouding met die Here en 'n gebrek aan lewensvaardighede. Die Here het hierdie krisis gebruik om lidmate betrokke te maak by ander in nood en die hele kwessie van lidmaatbetrokkenheid is deur dié situasie op 'n natuurlike wyse aangewakker.

**8.1.3 Bevinding**

Vir die huidige bestaan daar nie 'n behoefte aan 'n handleiding of toerustingsprogram met die oog op lidmaatbetrokkenheid nie, aangesien die situasie waarin die land verkeer, spontane lidmaatbetrokkenheid aangewakker het. Voorts word toenemend van lidmate as vrywilligers gebruik gemaak in die kerk se barmhartigheidsbediening, weens die afgeskaalde staatsfinansiering.

**8.1.4 AANBEVELINGS**

**Die Algemene Sinode**

**8.1.4.1 spreek sy waardering uit vir die spontane betrokkenheid van gemeentes en lidmate by mense in nood weens die grootskaalse werkloosheid en armoede wat in die land heers; en**

**8.1.4.2 doen 'n beroep op gemeentes om voort te gaan en voortdurend betrokke te bly by alle mense in nood.**

# 9. GESTREMDE EN GESONDHEIDSORG

## 9.1 KATEGESEHANDBOEK VIR DIE VERSTANDELIK ERG GESTREMDE

**9.1.1 Agtergrond**

Die Algemene Sinode het aan die AJK die volgende opdrag gegee (Handelinge 1990 : 606 : 2.3.10):

"In die lig van die dringende behoeftes wat lank reeds bestaan, dra die Algemene Sinode dit aan die AJK op om erns te maak met kategesemateriaal vir kinders van spesiale skole en dit so gou moontlik uit te gee".

Ofskoon dit 'n opdrag aan die AJK was, het die AKDB direkte belang daarby gehad en ook meegewerk. Die opdrag oor kategesemateriaal vir kinders in spesiale skole is nog nie uitgevoer nie.

Dit was met dankbaarheid dat verneem is dat, wat kategesemateriaal vir verstandelik erg gestremdes betref, die drie dele voltooi is en in die handel beskikbaar is met die titel "God praat met my". Die boeke is ook besonder geskik vir ongeletterde persone. Waar dit al meer die staat se beleid is om sover moontlik verstandelik gestremde kinders in die hoofstroom-onderwys te akkommodeer, sal sulke kinders ook toenemend in gemeentes se kategeseskole opgeneem word.

**9.1.2 AANBEVELINGS**

**Die Algemene Sinode**

**9.1.2.1 versoek gemeentes om na eie oordeel die kategesemateriaal "God praat met my" te benut - veral met die oog op verstandelik erg gestremdes, maar ook vir die ongeletterde persone; en**

**9.1.2.2 versoek die AKDB en die Algemene Jeugkommissie om dringend aandag te skenk aan kategesemateriaal vir kinders in spesiale skole.**

## 9.2 KATEGESEHANDBOEKE VIR DOWES

### 9.2.1 Opdrag

Die Algemene Sinode het in 1990 die volgende besluit geneem (Handelinge : 672 : 27.2.1):

"Die Algemene Sinode neem kennis van die behoefte aan geskikte kategetiese handboeke en hulpmiddels om geestelike versorging aan die dowe te gee. Hy verwys Bylae B - AS 1990 - 27.2 na die AKDB en AJK met die opdrag om, in soverre fondse- en mannekrag beskikbaar gestel kan word, aan die hand van die versoeke en suggesties in die memorandum na die beste van hulle vermoë hieraan uitvoering te gee".

### 9.2.2 Werkswyse

Die besluit is na die Gestremdesorgkomitee van die AKDB en 'n Ad hoc-komitee van die AJK verwys. Aanvanklik was daar verskil van mening oor die aanpak van die opdrag. Goeie vordering is egter gemaak en die twee handboeke is gereed vir goedkeuring. Met die skryf van hierdie verslag is die goedkeuring nog nie afgehandel nie, weens die onverwagse siekte van ds S W Viljoen van De La Bat-gemeente Worcester.

### 9.2.3 Bevinding

Die opdrag was uitvoerbaar en daar sal hopelik tydens die Algemene Sinode se sitting kennis gegee kan word oor die verwagte datum van verskyning.

### 9.2.4 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode doen 'n beroep op skole en gemeentes waar gehoorgestremdes godsdiensonderrig ontvang om die kategesehandboek vir gehoorgestremdes te benut.**

## 9.3 HANDLEIDING : SIEKESORG

### 9.3.1 Opdrag

Die Algemene Sinode van 1990 het die volgende besluit geneem (Handelinge 1990 : 674 : 30.1):

"Die Sinode dra dit aan die AKDB op om in oorleg met Bybelkor 'n praktiese handleiding/kursus vir siekesorg, sterwenshulp en troosbegeleiding vir lidmate daar te stel".

### 9.3.2 Werkswyse

Die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat is versoek om aan die opdrag aandag te gee en onder leiding van proff PJ Rossouw en MHO Kloppers is 'n uiters waardevolle handleiding geskryf en vir beoordeling aan Bybelkor voorgelê.

### 9.3.3 Bevinding

Bybelkor het die konsephandleiding aanvaarbaar gevind. 'n Rentevrye lening van R12 000 is deur die AKDB aan Bybelkor gemaak ten einde die drukkoste te dra. Die handleiding is gereed en 'n kopie sal tydens die Algemene Sinodesitting aan die moderator oorhandig word.

### 9.3.4 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode**

**9.3.4.1 versoek gemeentes om hierdie uiters bruikbare handleiding onder aandag van gemeentelede te bring vir die opleiding van werkers wat siekebesoek aan pasiënte in hospitale en tuis bring; en**

**9.3.4.2 verleen toestemming aan die voorsitter van die AKDB om die eerste eksemplaar amptelik aan die moderator van die Algemene Sinode te oorhandig.**

## 9.4 VERSOEK VIR 'N BYBELVERTALING VIR DIE DOWE

### 9.4.1 Agtergrond

Dit is moeilik vir 'n horende om die probleme te begryp wat die dowe het om al die begrippe in die Bybel, waarvan sommige heel elementêre begrippe is, te verstaan. Die Woorbediening aan die dowe word hierdeur nog verder bemoeilik.

'n Versoek is van die Instituut vir Dowes in Worcester deur die AKDB ontvang en word ook deur die AKDB ondersteun (kyk Verslag van die Algemene Kommissie vir Bybelvertaling en Bybelverklaring, 1994).

### 9.4.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kommissie vir Bybelvertaling en Bybelverklaring om in oorleg met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aandag te skenk aan die moontlikheid van 'n Bybelvertaling vir dowes.**

## 9.5 GESTREMDES IN DIE GEMEENSKAP

### 9.5.1 Agtergrond

Die Algemene Sinode van 1990 het soos volg besluit (Handelinge 1990 : 672 : 27.2.1):

"Die Sinode ag dit noodsaaklik dat gestremdes nouer by gemeentelike aktiwiteite betrek sal word. Dit word derhalwe aan sinodes opgedra om sorg te dra dat op gemeentevlak alles moontlik gedoen sal word om deur middel van fisiese toeganklikheid en gesindheid groter geleentheid aan gestremdes gebied sal word om die kerk met hulle gawes te dien".

Persone met gestremdhede in gemeentes het merkbaar toegeneem, veral weens die swak sosio-ekonomiese toestand van die land. Die situasie het in so 'n mate versleg dat gemeentes steeds aan 1990 se besluit herinner moet word. Die betrokkenheid by gemeentelike

aktiwiteite sluit meer in as net die bywoning van eredienste. Daar behoort daadwerklik ruimte geskep te word vir persone met gestremdhede om georganiseerd byeen te kom binne gemeenskapsverband. Hier kan die kerk 'n leidende rol speel deur as fasiliteerder saam met ander Christelike kerke vas te stel watter fasiliteite in 'n gemeenskap die mees toeganklike fasiliteit vir persone met gestremdhede is en hierdie mense te help om 'n aksie vir persone met gestremdhede op die been te bring. Dit is belangrik dat persone met gestremdhede self leiding sal neem en hulle eie aktiwiteite sal beplan en ontwikkel. Hierdie mense is baie sensitief vir die persepsie dat een of ander gestremdheid 'n persoon verstandelik vertraag en hulle wil self inisiatief neem bv deelname aan die internasionale dag vir gestremdes op 3 Desember elke jaar.

Voorts is daar 'n tendens dat ouers met kinders wat verstandelik erg gestremd is, sulke kinders doelbewus van die arbeidsmark weerhou ten einde die ongeskiktheidstoelaag van die kind te kan ontvang vir eie gewin. Die kerk moet kennis neem van hierdie tragiese misbruik van 'n verstandelik gestremde persoon en dit help voorkom.

#### 9.5.2 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode**

**9.5.2.1 doen opnuut 'n beroep op gemeentes om na persone met gestremdhede in hulle gemeenskap om te sien. Deur met ander Christelike kerke in die gemeenskap saam te werk, moet die gemeentes poog om 'n aksie vir persone met gestremdhede in elke gemeenskap te vestig en die inisiatief en leiding aan hulleself oor te laat; en**

**9.5.2.2 versoek gemeentes om bedag te wees op gesinne wat persone met gestremdhede van die arbeidsmark weerhou om sodoende voordeel uit die ongeskiktheidstoelaes te trek. Waar gemeentes van sulke gevalle weet, moet dit onder die plaaslike maatskaplike werker se aandag gebring word.**

## 9.6 ONVOLDOENDE BESKERMINGSWERKPLEKKE VIR PERSONE MET VERSTANDELIKE GESTREMDHEDE

#### 9.6.1 Agtergrond

Daar bestaan 'n ernstige probleem in die land dat kinders in skole vir verstandelik erg gestremdes bepaalde vaardighede aangeleer word, waarmee 'n beskeie bydrae tot die arbeidsmark gelewer kan word, maar as hulle die skole verlaat, is daar nie in die arbeidsmark vir hulle voorsiening gemaak nie en weens 'n gebrek aan toerekeningsvatbaarheid word hulle die prooi van uitbuiters, verval hulle in jeugmisdaad of bots met die gereg. Die staat erken dat hierdie probleem bestaan, maar 'n gebrek aan fondse maak dit onmoontlik om vir almal beskermingswerkplekke te skep. Op hierdie terrein behoort kerke in gemeenskappe hande te vat en, waar moontlik, sulke persone op georganiseerde wyse van beskermingswerkplekke te voorsien en sodoende hulle menswaardigheid en lewenskwaliteit te verhoog.

#### 9.6.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode versoek gemeentes om in noue samewerking met ander Christelike kerke en welsynsorganisasies in die gemeenskap toe te sien dat verstandelik erg gestremde persone nie ledig op die markplein sit nie, maar te poog om as kerke vir diesulkes beskermingswerkplekke te skep waar hulle sinvol hulle menswaardigheid kan uitleef.**

## 9.7 DIE KERK SE ROEPING EN TAAK TEN OPSIGTE VAN PRIMêRE GESONDHEIDSORG

#### 9.7.1 Agtergrond

Die maatskaplike funksionering van talle van die land se inwoners het in so 'n mate verlaag dat primêre maatskaplike sorg vir eers plek moes maak vir primêre gesondheidsorg.

Tradisioneel was die kerk in sy sendingaksies baie intens by primêre gesondheidsorg betrokke. Namate die blankes se lewensstandaard verhoog het, en mediese bystandsfondse vir bykans alle werkers vrylik beskikbaar was, het die kerk sy fokus op primêre gesondheidsorg verloor. Tans is dit landswyd 'n probleem in alle gemeenskappe.

Deskundiges op die terrein van gemeenskapsontwikkeling aanvaar allerweë dat die kerk 'n vennoot in 'n multidissiplinêre primêre gesondheidsprogram is. Die kerk het ook 'n taak om na die mediese nood van mense om te sien.

#### 9.7.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode stel dit as sy beleid dat primêre gesondheidsorg 'n wesenstaak van die kerk teenoor mense in nood is en roep gemeentes op om betrokke te raak by gesondheidsorg binne gemeenskapsverband.**

## 9.8 VIGS

#### 9.8.1 Agtergrond

Die Algemene Sinode van 1990 het verskeie besluite oor vigs geneem wat 'n paar tendense vertoon. Met die uitsondering van Besluit 5.9.5.3.4 wat ter vergadering ingedien en aanvaar is, is al die ander besluite gerig op **voorkoming** van die siekte en nie die **begeleiding** van die vigs-pasiënte nie.

Wanopvattings en 'n betreklik gebrekkige kennis van vigs as verskynsel het tot dusver die kerk se besluite oor sy roeping ten opsigte van hierdie epidemie wat tans die endemiese fase bereik, oorheers.

Dit is 'n mite dat vigs 'n siektetoestand is wat hoofsaaklik by homoseksueles voorkom. Trouens, die nuuste statistiek toon 'n drastiese afname van vigs by homoseksueles en dit word toenemend 'n siektetoestand wat die heteroseksuele gemeenskap binnedring.

Daar bestaan persepsies

(1) dat die siekte slegs weens seksuele losbandigheid versprei. Talle persone is voor die identifisering van vigs as verskynsel deur besmette bloed met die MI-virus geïnfekteer onder andere deur bloedoortap- pings en deur hulp aan 'n persoon op 'n ongelukstoneel te verleen sonder beskermde handskoene. Natuurlik speel seksuele losbandigheid 'n rol, maar dit is by verre nie die enigste oorsaak van die verspreiding nie; en

(2) dat die siekte by uitstek 'n siekte is wat by die bruin- en swartmense in die land floreer. Twee faktore bring mee dat die voorkoms nie dieselfde getalsterkte by alle bevolkingsgroepe reflekteer nie. Eerstens is die swart- en bruingemeenskappe by verre die grootste komponent van ons land se bevolking en sal syfers in hierdie gemeenskappe hoër wees. Voorts hang die verspreiding van vigs baie nou saam met swak sosio-ekonomiese omstandighede en die swart- en bruingemeenskappe is in hierdie opsig baie meer kwesbaar. Die grootste konsentrasie van vigs kom in Kwa Zulu - Natal en in die Wes-Kaap voor.

Die vrou is baie meer weerloos teen die besmetting met die MI-virus. Enersyds omdat daar nie in alle gemeenskappe waarde geheg word aan die regte van die vrou nie en omdat ander seksueel oordraagbare siektes (STD's) die vrou wat dit onder lede het, nog 'n makliker prooi van die MI-virus maak.

Die ernstigste mite is die wyse waarop die siekte oorgedra kan word. Gevolglik word persone wat 'n draer van die MI-virus is of 'n vigs-lyer is, vermy en alle fisiese kontak word as potensieel gevaarlik beskou. Dit belemmer die kerk se versorgingstaak en pastorale begeleiding ingrypend. Slegs 0,10% van die oordraging vind plaas by die versorging van vigs-pasiënte en dan is dit gewoonlik deur nalatigheid. 70% - 80% van die gevalle van oordrag vind deur seksuele kontak plaas wat nie noodwendig seksuele losbandigheid impliseer nie.

Die groot waarheid wat deurgegee moet word, is dat die besmetting met die MI-virus die enigste virusbesmetting is wat beslis voorkom kan word, maar tegelyk die enigste siektetoestand is waarvan niemand kan genees nie. Die kerk sal ook nie net by voorkoming kan vashaak en dink dit is sy enigste roeping nie. Die kerk sal daadwerklik by die begeleiding van veral die vigs-pasiënt betrokke moet raak.

Dit is voorts belangrik om te besef dat 'n persoon wat positief vir die MI-virus getoets is, nog vir jare 'n gesonde lewe kan lei en 'n nuttige bydrae in die samelewing kan lewer. Dit is eers as die persoon die vigs-fase ingaan, dat hy intensiewe sorg benodig.

Vir enige persoon wat die nuus ontvang dat hy MIV positief getoets is, is die trauma en skok sodanig dat berading dringend noodsaaklik is en daarvoor sal die kerk sy predikante en maatskaplike werkers moet oplei.

As dit by die begeleiding van die vigs-pasiënt kom, is institusionalisering buite die kwessie weens die groot getal van pasiënte wat binne die volgende vyf jaar aandag gaan vra. Tuisgebaseerde versorging met die regte kennis wat gesinne ontvang om na hulle eie gesinslede wat die siekte onder lede het, om te sien, is die enigste bekostigbare versorgingstrategie.

In sommige gevalle word 'n MIV-positiewe persoon of 'n vigs-lyer deur sy gesin verwerp en weë sal in gemeenteverband gevind moet word om hierdie verworpelinge met bewoënheid op te vang en met net soveel deernis te versorg as enige ander sieke in die gemeenskap.

**9.8.2 AANBEVELINGS**

**Die Algemene Sinode**

**9.8.2.1 herbevestig dat gemeentes en gemeentelede opgeroep word om met die grootste liefde en pastorale bewoënheid na persone wat MIV-positief getoets is en/of vigs-lyers is, uit te reik. Hierdie slagoffers word verseker van die ernstige voorbidding en liefdevolle pastorale begeleiding deur ampsdraers en gemeentelede. Predikante, kerkrade en lidmate word opgeroep om aandag aan hierdie persone te gee volgens die riglyne van die brosjure wat onder leiding van die AKDB voorberei en deur SKDB's geïmplementeer sal word;**

**9.8.2.2 dra dit aan die AKDB op om 'n brosjure op te stel waarin die Christelike standpunt oor vigs duidelik maar pastoraal gestel word. Hierin moet lidmate ook gelei word tot empatiese versorging en begeleiding van persone wat MIV-positief getoets is en/of reeds die vigs-fase betree het. Die AKDB word gevra om in die finalisering van die brosjure ook met AKLAS en die AJK oorleg te pleeg; en**

**9.8.2.3 versoek die onderskeie teologiese fakulteite en die Hugenote-Kollege om die curricula uit te brei sodat die begeleiding en versorging van die vigs-slagoffers beter aangespreek word. Die moontlikheid van beradingskursusse vir lidmate moet ook ernstig oorweeg word.**

# 10. KINDER- EN GESINSORG

## 10.1 MAATSKAPLIKEWERK-BERAAD

### 10.1.1 Agtergrond

Die AKDB het al die Direkteure Maatskaplikewerkdienste, Supervisors en Predikante in Sinodale Diens op 18-20 Augustus 1993 by 'n strategiese beraad betrek waartydens 'n bestuursplan vir die kerk se maatskaplikewerkdienste in die lig van die nuwe staatkundige bedeling ontwikkel is.

### 10.1.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode versoek die AKDB om voort te gaan om vir al die onderskeie werksaamhede van die kerk se barmhartigheidsbediening strategiese bestuursplanne in samewerking met die betrokke bestuurskorps te ontwikkel sodat die kerk sy dienste effektief in 'n nuwe bedeling kan voortsit.**

## 10.2 DIE DOOP VAN KINDERS IN PLEEGSORG EN IN KINDERHUISE

### 10.2.1 Agtergrond

Die Algemene Sinode het in 1990 die volgende besluite geneem en die besluite is deur die AKDB onderskryf (Handelinge 1990 : 560 : 6.6):

"6.6.5.1 Die Algemene Sinode verstaan die wet so dat hoewel individuele gevalle van pleegsorg- en kinderhuisplasing in 'n min of meer permanente reëling kan ontwikkel, dit nie die bedoeling van die Wet op Kindersorg is nie.

6.6.5.2 Die Algemene Sinode besluit dat vanweë die tydelike aard van 'n pleegsorgplasing, dit vir pleegouers onmoontlik is om die konsekwensies van die doopbelofte gestand te doen.

6.6.5.3 Die Algemene Sinode besluit dat, vanweë die unieke aard van kinderhuissorg (oa die verwisseling van huisouers en die ontbreek van 'n deurlopende persoonlike verantwoordelikheid van verbondsouers om die verbondsbelofte met betrekking tot die doop van 'n spesifieke kind te onderneem), 'n ongedoopte kinderhuiskind wie se kinderhuisplasing 'n min of meer permanente vorm aangeneem het, nie gedoop kan word nie. Die kinderhuis of die gemeente kan nie korporatief vir hierdie doel as pleegouers beskou word nie".

Die praktyk van permanensiebeplanning vir maatskaplike werk het in die afgelope aantal jare in werking getree. In substituutsorgplasing (pleegsorg en kinderhuis) word na ongeveer twee jaar deur 'n geakkrediteerde paneel na die gesinsituasie gekyk. Indien die prognose in terme van gesinsherstel baie swak blyk te wees, kan die paneel aanbeveel dat die substituutsorgplasing 'n meer permanente karakter moet aanneem.

In hierdie stadium begin pleegsorg/aanneming 'n permanente karakter aanneem ter wille van die bestendiging van die kind. Sodra 'n gesin wel die ideale proses van rekonstruksie kon deurloop, word kinders in pleegsorg en in kinderhuise na hulle ouerhuise teruggeplaas. Die praktyk leer egter dat 'n beduidende persentasie pleegsorggevalle en kinderhuiskinders nie weer na hulle herstelde biologiese gesinne kan terugkeer nie.

Naas hierdie kategorie is daar straatkinders, bona fide weeskinders, kinders uit egskeidings wat geen hoop op 'n eie biologiese ouerhuis sal hê nie, en in 'n toenemende mate weeskinders weens ouers wat aan vigs oorlede is.

In die lig van die veelvuldige aard van pleegsorg- en kinderhuisplasing, word die volgende memorandum, wat deur prof JC Müller van die Universiteit Pretoria se Teologiese Fakulteit opgestel is, aan die Algemene Sinode vir evaluering en besluitneming voorgelê:

**DIE DOOP VAN KINDERS IN PLEEGSORG**

Dit word nie as nodig geag om in hierdie memorandum 'n volledige uitgewerkte doopbeskouing te gee nie. Daar bestaan deeglike bronne in dié verband. Die ongepubliseerde studiestuk van die Pleegsorgkommissie van Suid-Transvaal word veral met dankbaarheid vermeld. Met die oog op hierdie tema word die volgende twee bronne beskou as kort samevattinge van die Ned Geref Kerk se verbonds- en doopbeskouing: Paragraaf 6.6.2 (bl 101) van die Handelinge van die Algemene Sinode 1990; die formulier vir die doop van kinders van gelowiges (Handboek vir die Erediens)

Op grond van die teologiese uitgangspunte in bogenoemde bronne weergegee, word die huidige reëling ten opsigte van die doop/nie-doop van kinders in pleegsorg en in kinderhuise weer eens onder die loep geneem.

1. **Die huidige reëling**

Die huidige reëling word weergegee in die besluit van die Algemene Sinode (Handelinge 1990 : 102):

1.1 Die Algemene Sinode verstaan die wet so dat, hoewel individuele gevalle van pleegsorg- en kinderhuisplasing in 'n min of meer permanente reëling kan ontwikkel, dit nie die bedoeling van die Wet op Kindersorg is nie.

1.2 Die Algemene Sinode besluit dat, vanweë die tydelike aard van 'n pleegsorgplasing, dit vir pleegouers onmoontlik is om die konsekwensies van die doopbelofte gestand te doen.

1.3 Die Algemene Sinode besluit dat, vanweë die unieke aard van kinderhuissorg (onder andere die verwisseling van huisouers en die ontbreek van 'n deurlopende persoonlike verantwoordelikheid van verbondsouers om die verbondsbelofte met betrekking tot die doop van 'n spesifieke kind te onderneem), 'n ongedoopte kinderhuiskind wie se kinderhuisplasing 'n min of meer permanente vorm aangeneem het, nie gedoop kan word nie. Die kinderhuis of die gemeente kan nie korporatief vir hierdie doel as pleegouer beskou word nie.

1.4 Die Algemene Sinode besluit dat so 'n ongedoopte kind langs die weg van kategese en volwasse doop lidmaat van die gemeente word.

2. **Bogenoemde besluite krities geëvalueer**

Alhoewel die goeie bedoelinge van die opstellers van die vorige verslag aan die Algemene Sinode gerespekteer word, asook die gesindheid van die Sinode self by die neem van hierdie besluite, is die besluite onhoudbaar in die lig van teologiese uitgangspunte. Dit word kortliks soos volg beredeneer:

2.1 Dit is duidelik dat die besluite gedra word deur 'n oormatige wettiese benadering en 'n vrees vir onrealistiese moontlikhede as gevolg van 'n nie-permanente pleegsorgreëling. Daarteenoor moet beklemtoon word dat, alhoewel die burgerlike ordening van die

gemeenskap die hantering van die kerklike gemeenskap beïnvloed, dit nie aanvaarbaar is om die kerklike gemeenskap bloot volgens burgerlike beginsels te organiseer nie. Die verbondsgemeenskap is 'n genadegemeenskap en mag nie vervlak tot die blote godsdienstige vormgewing van burgerlike werklikhede nie. Die vraag is daarom nie in die eerste plek wat die wetlike status van die pleegkind en pleegouers is nie, maar wat die werklikheid van die situasie is binne die geloofsgemeenskap. Wat is die praktiese situasie waarin Christen-pleegouers 'n pleegkind probeer grootmaak?

Die werklikheid is dat langtermynpleegsorg gewoonlik gereël word waar die prognose van die biologiese ouers swak is. Na 'n aanvanklike plasing van 2 jaar word so 'n kind dan in die pleegouer se sorg gelaat tot op die ouderdom van 18 jaar, met hernuwing van die pleegsorgbevel elke 2 jaar. Die praktiese situasie is van so 'n aard dat die pleegouers die totale verantwoordelikheid dra vir die opvoeding van die kind op 'n langtermyn-basis. Pleegsorg is dus nie finaal nie, maar in die praktyk gaan slegs ongeveer 5% van alle pleegkinders ooit weer terug na die biologiese ouers.

Dit is belangrik dat by die oorweging van hierdie saak die begrip "permanensie" nie verabsoluteer moet word nie. In praktyk is die pleegsorgplasing van 'n kind dikwels meer "permanent" as 'n groot persentasie huwelike wat kerklik bevestig word. Wat van belang is, is dat ons hier te make het met 'n langtermyn verbondskonteks wat tot stand kom deurdat die kerk op verantwoordelike wyse 'n kind wat in nood verkeer, aan verbondsouers toevertrou. Weens die omvang van die krisis waarin die kind verkeer en weens die intensiteit van verhoudinge onder hierdie omstandighede, word daar binne maande 'n pleegouer-kind-verhouding geskep wat permanente betekenis het. So 'n verhouding, selfs al is dit van relatief korte duur, hou aan om die pleegkind vir die res van sy/haar lewe te beïnvloed. Die doop van so 'n kindjie is die sakramentele bevestiging van 'n verbondsrealiteit wat tot stand gekom het. By die doop van 'n biologiese kind van verbondsouers is daar in elk geval ook geen versekering dat hierdie ouer-kind-verhouding permanent voortgesit sal word nie. Die verbondskonteks in die hede is van belang en die voorneme (belofte) van die ouers om vir die voorsienbare toekoms so 'n konteks te verskaf, is deurslaggewend.

Dus, nóg die bloedlyn, nóg die sekerheid van 'n permanente situasie, voorsien die gronde vir die kinderdoop. Die gronde is in God se genade wat ouers en kinders aan mekaar toevertrou en wat sy genade oor so 'n geloofsgemeenskap (die wyere geloofsgemeenskap van die gemeente en die engere geloofsgemeenskap van die gesin) met die sakrament bevestig. Dit het ongelooflike versterkende betekenis vir gelowige ouers. Die gelowige pleegouers wat soveel op die spel plaas om sekuriteit te verskaf aan 'n ontwrigte kind, het hierdie versterking soveel te meer nodig. En waar ons leer dat die sakramente die versterking van ons geloof ten doel het, is dit juis daardie ongelukkige kinders wat hierdie versterking die heel meeste nodig het. Die kerk mag nie aan pleegouers en -kinders hierdie genadeversterking ontsê op grond van burgerlike wette en valse "permanensie"-argumente nie.

2.2 Bogenoemde besluite weerspieël 'n mate van ongevoeligheid vir die godsdienstige ervaring van die pleegkind en die betekenis wat die doop vir so 'n kind kan hê. Natuurlik is dit waar dat die doop nie heilsnoodsaaklik is nie en dat 'n mens uit dié hoek sou kon vra waarom die hele saak dan so belangrik is. Die feit is egter dat die sakrament van die doop 'n akte van insluiting is. Vir alle gelowiges het dit dus groot pastorale betekenis. Dit is 'n stuk genade. Daardeur word die goedheid en ruimhartigheid van die Goeie Herder ervaar. Die pleegkind ervaar verwerping deur sy primêre versorgers (biologiese ouers), en is meestal ook skepties oor die betroubaarheid van die res van die samelewing. Dit is dringend nodig dat hy/sy nie dieselfde verwerping deur die kerk (die Goddelike moeder, volgens die metafoor van Calvyn) sal ervaar nie. Deur die doop onder gekontroleerde omstandighede aan hierdie ongelukkige kinders te bedien, word geen gevaar geskep dat die sakramente aan betekenis gaan inboet nie. Daar word egter 'n evangeliese hand van insluiting gereik na dié wat dit die meeste nodig het. So kom die diepste betekenis van die doop op 'n onvergelyklike wyse na vore. Sakramente is nie eerstens legalistiese nie, maar pastorale handelinge!

**10.2.2 AANBEVELINGS**

**10.2.2.1 Die Algemene Sinode besluit dat kinders in pleegsorg gedoop kan word en lê die volgende riglyne neer:**

*** 1 Die finale besluite berus by die betrokke kerkraad wat in alle gevalle moet waak teen die misbruik van die sakramente.**

*** 2 Waar die doop van 'n kindjie gewoonlik die resultaat is van die besluite van 'n ouer/s en 'n kerkraad, kom in die geval van 'n pleegkind ook ander instansies wat die pleegplasing bestuur, ter sprake. Daar kan eers tot die doop oorgegaan word nadat die kerkraad deur samesprekinge met pleegouers en die pleegsorginstansie homself daarvan vergewis het dat die betrokke pleegplasing na alle waarskynlikheid van 'n langtermyn aard is.**

**10.2.2.2 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKDB om voort te gaan met studie oor die moontlike doop van kinders in kinderhuissorg.**

## 10.3 INTERNASIONALE GESINSJAAR VAN DIE VERENIGDE NASIES

**10.3.1 Opdrag**

Die AKDB en AJK het in 1990 die volgende opdrag van die Algemene Sinode ontvang (Handelinge 1990 : 673 : 29.1.1):

"Die Algemene Sinode besluit om aan die hand van die program (Bylae C) deel te neem aan die Nasionale Gesinsprogram en dra dit aan die AKDB en AJK op om die SKDB's en SKJA's te begelei sodat die sinodes van 1991 die gepaste besluite sal kan neem".

#### 10.3.2 Werkswyse

Die AKDB en die AJK het spoedig tot die besef gekom dat die ander kommissies van die Algemene Sinode sowel as die Algemene Komitee vir die Vrouediens by die opstel van die program betrek moet word. Die AJK het in sy verslag volledig oor die finale program verslag gelewer en die Algemene Sinode word, wat die inhoudelike betref, na die AJK se verslag verwys.

Die AKDB is versoek om skakeling met die owerheid te bewerkstellig ten einde die kerk se gesinsjaarprogram onder aandag van die owerheid te bring en waar moontlik ook raakvlakke met die staat se gesinsjaarprogram te identifiseer.

Die staat en by name die destydse Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling het 'n span onder leiding van dr Eddie Harvey op die been gebring en besondere moeite gedoen om alle rolspelers te betrek. Die staat se gesinsprogram is versoenbaar met die program van die kerk ofskoon dit 'n redelike mate van godsdienstige neutraliteit handhaaf. 'n Spesiale geleentheid is geskep waar kerke kon byeenkom om programme te vergelyk en idees uit te ruil. Dit is duidelik dat die vroegtydige beplanning van die Ned Geref Kerk 'n baie afgeronde en goed-georganiseerde program tot gevolg gehad het wat uitstekend met die staat en ander kerke se programme vergelyk.

#### 10.3.3 Bevindinge

Die AKDB is tevrede dat die opdrag van die Algemene Sinode wat aan hom en die AJK gegee is, suksesvol afgehandel is en dat die onus nou op gemeentes berus om inhoud aan die jaar te gee.

Net soos die staat wat klem plaas op 1994 as die begin van 'n proses van gesinsbou, is die AKDB ook van oordeel dat hierdie nie net 'n aksie vir 1994 is nie. Die herstel van gesinne wat deur die sosio-, maatskaplike en politieke terugslae wat die land die afgelope jaar beleef het, erg ontwrig is, gaan van die kerk 'n groot inset vra in terme van gesinsherstel.

Die hoë waardering wat die staat vir die kerk se gesinsjaarprogram het, bevestig die waarde daarvan en gemeentes wat hierdie programme volg, gaan gesinne se funksionering positief beïnvloed.

#### 10.3.4 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode**

**10.3.4.1 doen 'n beroep op gemeentes om die gesinsjaar 1994 se programme as deurlopende riglyne te beskou wat in die toekoms deurlopende aandag behoort te ontvang;**

**10.3.4.2 stel dit opnuut as sy beleid dat gesinsherstel die ernstige aandag van gemeentes moet geniet omdat gesinne die hoekstene van enige samelewing is;**

**10.3.4.3 versoek gemeentes om met bewoënheid om te sien na gesinne wat weens werkloosheid en armoede ontwortel geraak het;**

**10.3.4.4 doen 'n beroep op gesinne om nie die waarde van 'n gesonde gesinslewe te onderskat nie. Waar daar dreigende egskeidings bestaan, word egpare ernstig opgeroep om vir professionele hulp en berading aan te klop en alles in die stryd te werp om hulle huwelike te red; en**

**10.3.4.5 versoek ouers om moeite te doen om 'n gesonde gesinsverhouding op te bou en om 'n Christelike opvoeding aan hulle kinders te gee, gepaardgaande met 'n gesonde lewensstyl.**

## 10.4 SURROGAATMOEDERSKAP

#### 10.4.1 Opdrag

Die Algemene Sinode het die volgende opdrag aan die AKDB tydens 1990 se sitting gegee (Handelinge 1990 : 674 : 29.3.1):

"Die Algemene Sinode dra dit aan die AKDB op om 'n indringende studie te laat onderneem na die Christelik-etiese, maatskaplike, sielkundige en ander implikasies van surrogaatmoederskap vir elke lid wat daarby betrokke is met besondere beklemtoning van wat die hele aangeleentheid en sy moontlike reperkussies later op die kind sal hê."

#### 10.4.2 Werkswyse

Die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat is versoek om 'n multidissiplinêre simposium oor die aangeleentheid te reël. Dit het op 2 en 3 Oktober 1991 te Bloemfontein plaasgevind en uitstekende referate vanuit die onderskeie dissiplines is deur prof MHO Kloppers redaksioneel versorg en in 'n bundel, **UV Teologiese Studies No 7**, saamgevat met die titel "Surrogaatmoederskap".

#### 10.4.3 Bevinding

Die AKDB het tot die bevinding gekom dat surrogaatmoederskap 'n hoogs ingewikkelde saak is met talle tentakels waarmee persone wat hierdie weg wil bewandel om aan hulle kinderloosheid te ontkom, nie voldoende rekening hou nie.

Die omvang van die referate is van so 'n aard dat dit nie billik teenoor die referente en die Algemene Sinode sou wees om dit te probeer verkort of saamvat nie. Om die volledige publikasie in die verslag te vervat, sou baie duur wees en die verslag van die AKDB onhanteerbaar maak.

#### 10.4.4 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode bring met dank teenoor prof MHO Kloppers en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat die publikasie UV Teologiese Studies No 7 met die titel "Surrogaatmoederskap" onder aandag van die kerklike publiek. Leraars wat egpare in hulle gemeentes het wat die opsie van surrogaatmoederskap oorweeg, word versoek om hierdie publikasie onder die egpare se aandag te bring en volgens die bevindinge van die publikasie die nodige berading te gee. Die publikasie kan bestel word by Pro Christo-publikasies, Posbus 19, Bloemfontein, 9300.**

# 11. WETSOORTREDERSORG

## 11.1 PASTORALE VERSORGING VAN VERHOORAFWAGTENDES

### 11.1.1 Opdrag

Die Algemene Sinode het in 1990 die volgende besluit (Handelinge 1990 : 675 : 31.1.1.1):

"Die Algemene Sinode dra dit aan die AKDB op om amptelik van die Minister van Wet en Orde 'n reëling te verkry dat verhoorafwagtendes in polisieselle pastoraal deur die leraar van sy kerk besoek mag word - al sou so 'n besoek in die persoonlike teenwoordigheid van die stasiebevelvoerder of sy gevolmagtigde moet geskied."

Hierdie opdrag spruit voort uit die standpunt van die Algemene Sinode wat soos volg verwoord is (Handelinge 1990 : 675 : 31.1.1.2):

"Die Algemene Sinode beklemtoon dit andermaal dat die naasbestaandes van lidmate wat in botsing met die wet is en gearresteer word, daadwerklik deur die plaaslike leraar en kerkraad geestelik en diakonaal versorg en onderskraag sal word."

### 11.1.2 Werkswyse

Die AKDB het die saak met die waarnemende Hoof : Kapelaansdienste van die Suid-Afrikaanse Polisie opgeneem. Hy het soos volg per skrywe gereageer:

"Persone wat in polisieselle aangehou word, is normaalweg diegene wat verdagtes in sake is.

Hulle aanhouding is gewoonlik van korte duur en het ten doel om die ondersoekbeampte geleentheid te bied vir ondervraging totdat die persoon aangekla word.

Nadat so 'n persoon aangekla is van 'n klagte, word hy voor 'n hof gebring en na 'n gevangenis oorgeplaas indien sy verdere aanhouding noodsaaklik is. (Die Strafproseswet bepaal dat 'n verdagte binne 48 uur na aanhouding aangekla moet word).

Wanneer persone, soos hierbo beskryf, aangehou word, is die Suid-Afrikaanse Polisie verantwoordelik vir hulle versorging en veiligheid. U sal begryp dat die ondersoek van die saak en die betrokke persoon se wetlike regte in die tydperk voorkeur geniet en daarom is daar ook spesifieke beleid ingestel ten opsigte van hierdie aspekte.

Dit sluit egter nie uit dat vriende en ook predikante diesulkes kan besoek nie. Die jongste beleid van die Suid-Afrikaanse Polisie is dat polisieselle nog meer transparant as tevore moet wees en 'n stelsel van lekebesoekers uit die gemeenskap is in werking gestel.

Predikante wat hierin belangstel, kan bloot by die plaaslike stasiebevelvoerder navraag doen en vir toestemming vra om 'n lidmaat te besoek. Dit is dus inderdaad vir predikante moontlik om hulle lidmate te besoek.

Ten opsigte van die enkele uitsonderings, waar 'n persoon byvoorbeeld in terme van spesifieke wetgewing langer aangehou word en nie besoek mag word nie, bestaan opdragte dat so 'n persoon deur 'n kapelaan geestelik versorg moet word."

### 11.1.3 Bevinding

Uit die beleidstelling van die waarnemende Hoof : Kapelaansdienste blyk dit dat die probleme van leraars om verhoorafwagtendes in polisieselle te besoek, deur die SAP in sy beleidstelling grootliks ondervang word. Slegs die kategorie verhoorafwagtendes wat in terme van spesifieke wetgewing langer aangehou word, mag nie deur die plaaslike leraar besoek word nie, maar word deur die kapelaansdiens van die Suid-Afrikaanse Polisie geestelik versorg.

Binne die nuwe staatkundige bedeling mag hierdie saak mettertyd dalk weer die aandag van die Algemene Sinode geniet. Tans lyk dit of die verhoorafwagtende wel sonder verhindering deur sy leraar besoek mag word.

Indien hierdie situasie drasties mag wysig, behoort die ASK se Kommissie vir Kapelaansdienste en die AKDB die mandaat van die Algemene Sinode te hê om namens die Ned Geref Kerk hieroor met die owerhede in gesprek te tree.

### 11.1.4 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode**

**11.1.4.1 spreek sy tevredenheid uit met die beleidstelling soos dit deur die waarnemende Hoof : Kapelaansdienste tydens die bewind van die vorige regering geformuleer is; en**

**11.1.4.2 verleen aan die ASK se Kommissie vir Kapelaansdienste en die AKDB die mandaat om, indien daar van hierdie beleid afgewyk word, dit met die owerheid namens die Ned Geref Kerk te mag opneem met onmiddellike verslag aan die ASK.**

## 11.2 GODSDIENSSORG IN GEVANGENISSE

### 11.2.1 Agtergrond

Die volgende twee veranderinge in die organisering van die Departement van Korrektiewe Dienste het 'n groot impak op die aard, omvang en gehalte van die godsdienssorg aan gevangenes meegebring:

Eerstens is die sessiefooi gedurende 1993 uitgefaseer en word die vrywilligers wat as godsdienswerkers deur die Departement van Korrektiewe Dienste aangestel is, slegs vir hulle amptelike reiskoste vergoed. Dit het oor 'n tydperk van 'n jaar 'n beduidende daling in die getal besoeke deur vrywillige godsdienswerkers teweeggebring.

Tweedens is daar ook integrasie in gevangenisse sedert 1993. Die destydse NGKA en NGSK het in 'n groot mate van Ned Geref Kerklidmate as godsdienswerkers gebruik gemaak. Na die totstandkoming van die Verenigende Gereformeerde Kerk moet die gesprek oor samewerking tussen die Ned Geref Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk ook hierdie saak hanteer. Een saak is baie duidelik en dit is dat die Ned Geref Kerk saam met ander kerke verantwoor- delikheid moet aanvaar vir godsdienssorg aan alle lidmate en alle ander in die gevangenis wat dit verlang. Hierdie taak kan in oorleg met ander kerke gesinkroniseer word. Die wesenlike roeping tot godsdienssorg kom met groter dringendheid as voorheen op die tafel van die kerk.

#### 11.2.2 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode**

**11.2.2.1 stel dit opnuut dat die Ned Geref Kerk as Kerk van Christus 'n onvervreembare roeping het om na die godsdienssorg van alle lidmate in die gevangenis om te sien. Waar moontlik, moet met ander kerke samewerking gesoek word ten opsigte van alle ander gevangenes wat godsdienssorg verlang sonder dat die Ned Geref Kerk hierdeur sy roeping tot godsdienssorg uit sy hande laat neem;**

**11.2.2.2 doen 'n dringende beroep op gemeentes om vrywilligers vir godsdienssorg in gevangenisse te werf en toe te rus. Die aksie van gemeentes moet uiteraard plaaslik gerig wees, maar waar gemeentes nie gevangenisse binne hulle grense het nie, kan hulp aan gemeentes met groot gevangeniskomplekse binne hulle grense aangebied word. Ringe word versoek om hierdie behoefte en werkkragte met mekaar in verband te bring; en**

**11.2.2.3 versoek die Departement van Korrektiewe Dienste om die herinstelling van die sessievergoeding aan godsdienswerkers dringend te oorweeg.**

## 11.3 KEURING VAN GODSDIENSWERKERS

#### 11.3.1 Agtergrond

In die verlede het die AKDB godsdienswerkers se keuring hanteer en die name aan die destydse Kapelaan-Generaal : Korrektiewe Dienste deurgegee.

Die werkswyse was onprakties en het 'n werksaamheid behels wat nie op die weg van die AKDB lê nie, maar by die plaaslike gemeente tuishoort.

Daar is met die destydse Kapelaan-Generaal formeel ooreengekom dat alle godsdienswerkers se keuring vanaf 1 Oktober 1993 deur die plaaslike kerkraad hanteer sal word.

#### 11.3.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode doen 'n beroep op kerkrade om elke aansoek om keuring van godsdienswerkers met groot erns te hanteer, aangesien die verkeerde aanstellings die kerk en die gevangenes kan benadeel.**

## 11.4 KORREKTIEWE TOESIG

#### 11.4.1 Agtergrond

Die staat het weens die aard van sommige oortredings en die hoë gevangenisbevolking in Suid-Afrika oorgegaan tot 'n alternatiewe vonnis, nl korrektiewe toesig. Minder ernstige oortreders word met hierdie vonnis in effek toegelaat om die bande met die gesin en werk in die gemeenskap te behou maar, is basies in huisarres onder toesig van 'n korrektiewe toesigbeampte.

Die AKDB het hom beywer dat gemeentes as verwysingspunte kan dien vir die benoeming van tydelike korrektiewe beamptes. Aanvanklik was daar administratiewe probleme, maar intussen het die Hoofdirekteur : Godsdienssorg van die Departement van Korrektiewe Dienste die reëling getref dat gemeentes tydelike korrektiewe beamptes mag benoem en 'n naamlys van sulke persone by die Gemeenskapskorreksieskantore van die Departement van Korrektiewe Dienste kan indien.

In vonnisoplegging kan die proefbeampte dan so 'n tydelike korrektiewe beampte van die gemeenskap waaruit die oortreder kom, aan die landdros voorhou vir bekragtiging. Langs dié weg word die band tussen die oortreder en die gemeente enersyds behou en andersyds skep dit 'n evangelisasiegeleentheid vir 'n gemeente wat op hierdie manier met 'n kerklose of kerklos-lidmaat kontak maak.

Die enigste taak wat nie deur die kerkraad en die gekeurde tydelike korrektiewe beamptes gedoen kan word nie, is die opstel van die proefbeampte se verslae vir evaluering deur die howe. Hier kan die Ned Geref Kerk se maatskaplike werker betrek word ten einde dié vakkundige diens te lewer.

#### 11.4.2 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode**

**11.4.2.1 moedig gemeentes aan om korrektiewe toesiglinge en hulle naasbestaandes te bearbei;**

**11.4.2.2 moedig gemeentes aan om lidmate te benoem as tydelike korrektiewe beamptes by die Departement van Korrektiewe Dienste; en**

**11.4.2.3 versoek SKDB's om toe te laat dat kerklike maatskaplike werkers kerkrade mag bystaan in die versorging van die persone onder korrektiewe toesig en hulle afhanklikes.**

## 11.5 SAP MAATSKAPLIKEWERKDIENSTE EN DIAKONALE TOESIG

#### 11.5.1 Opdrag

Die Algemene Sinode van 1990 het die volgende besluit (Handelinge 1990 : 543 :7):

"Die Algemene Sinode dra dit aan die AKDB en die Kommissie Kapelaansdienste op om toe te sien dat die maatskaplike versorging wat die SAP aan sy lede wat lidmate is van die Ned Geref Kerk gee, nie los van die kerk se diakonale dienste sal geskied nie. Die uitreiking moet gekoördineerd en in oorleg met mekaar en onder toesig van die ampte geskied."

#### 11.5.2 Werkswyse

Daar is met die SAP-Kapelaansdienste geskakel om oor die opdrag te onderhandel. Die SAP-Kapelaansdienste het meegedeel dat die SAP-Maatskaplikewerkdienste sedert 1989 'n selfstandige afdeling van die SAP is en dat daar geen skakeling tussen die SAP-Kapelaansdienste en die SAP-Maatskaplikewerkdienste is nie.

#### 11.5.3 Bevinding

Na oorleg met die voorsitter van die ASK se Kommissie vir Kapelaansdienste is geoordeel dat hierdie opdrag van die Algemene Sinode nie uitvoerbaar is nie. Die voortbestaan van die SAP-Kapelaansdienste en -Maatskaplikewerkdienste is tans in 'n proses van herstrukturering.

#### 11.5.4 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode aanvaar die bevinding dat die opdrag om met die SAP-Kapelaansdienste te onderhandel oor nouer skakeling tussen die kerk se diakonale versorging van sy SAP-lede en die dienste wat die SAP-Maatskaplikewerkdienste aan lidmate van die kerk lewer, nie uitvoerbaar is nie en dat daar vir die huidige van die saak afgestap word.**

# 12. SKAKELING

## 12.1 INTERKERKLIKE HULPVERLENING

#### 12.1.1 Opdrag

Die Algemene Sinode van 1990 het verskeie besluite oor interkerklike hulpverlening geneem. Een van die besluite is 'n opdrag wat aan die AKDB in samewerking met AKSE gegee is (Handelinge 1990 : 655 : 15.4.2):

"Die Algemene Sinode besluit

1. dat interkerklike hulpverlening eintlik op die werksterrein van die AKDB geleë is en gevolglik hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die AKDB is;

2. dat in hierdie hulpverlening met die AKSE saamgewerk word;

3. om sinodes te versoek om hulle werk volgens hierdie riglyne te herverdeel."

#### 12.1.2 Werkswyse

'n Ad hoc-komitee van beide kommissies het spoedig ná die Algemene Sinode vergader. Die besluite van hierdie komitee oor interkerklike hulpverlening is as aanbevelings in die verslag van AKSE aan die Algemene Sinode voorgehou en die AKDB verwys dus wat hierdie opdrag betref, die Algemene Sinode na die verslag van AKSE.

#### 12.1.3 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode hanteer die opdrag aan die AKDB en AKSE oor interkerklike hulpverlening by die punte in AKSE se verslag wat oor die saak handel.**

## 12.2 DIAKONAAT OOR KERKGRENSE HEEN

#### 12.2.1 Opdragte

Die Algemene Sinode van 1990 het verskeie opdragte oor die diakonaat oor kerkgrense heen aan die AKDB gegee (Handelinge 1990 : 671: 17.1, 18.1.1, 20.1):

"17.1 Die Algemene Sinode dra dit aan die AKDB op om navorsing te doen en aan die SKDB's begeleiding te bied oor hoe om in die snelveranderende Suid-Afrika betrokke te wees by maatskaplike ontwikkelinge van alle mense en te werk aan voorkomende aksies, om oorsaaklike situasies uit die weg geruim te kry en om evangeliese opheffings- en herstelwerk te doen."

"18.1.1 Die Algemene Sinode dra dit met volmag aan die AKDB en die ASSK op om aan die hand van die standpuntstelling en die Carnegie-Verslag II 'n program van aksie op te stel en te loods in die gees van die opdragte van 1982."

"20.1 Die Algemene Sinode dra dit aan die AKDB en ASSK gesamentlik op om opnuut alle pogings in werking te stel om 'n doeltreffende skakeling in die onderlinge hulp met barmhartigheidsdienste tussen die lede van die Ned Geref Kerkfamilie daargestel te kry - soos in 1982 gevisualiseer."

#### 12.2.2 Werkswyse

**12.2.2.1** Die eerste vergadering waarby die AKDB en AKSE die opdragte saam bespreek het, was 8 Maart 1991. Die ad hoc-komitee het bestaan uit prof D Crafford (voorsitter), drr AM Hofmeyr, MM Nieuwoudt (sekretaris), DF Theron en AH Botha.

Tydens die eerste vergadering is die volgende besluite geneem:

"1. Diakonaat oor Kerkgrense Heen het te doen met barmhartigheids-aangeleenthede soos armoede, geregtigheid, sosiale verhoudinge, maatskaplike wantoestande, ens.

2. Die 'Diakonaat oor Kerkgrense Heen' lê op die terrein van die Diens van Barmhartigheid en huisves ook die besluite oor 'Maatskaplike Betrokkenheid' en oor 'n 'Doeltreffende Skakelstruktuur'. Hieroor het die Algemene Sinode hom reeds in 1982 en 1986 uitgespreek deur middel van die inhoud wat hy gegee het aan die skakeling (1982, bl 1317) en die strukturering (reglement) daarvan (1986, bl 334, 533 en 667).

3. Die vergadering besluit dat 'n nuwe gesprek met die Ned Geref Kerkfamilie hieroor aangeknoop moet word oor hoe ons mekaar van diens kan wees.

3.1 'n Byeenkoms sal in 'n eiland-situasie geskied en onderlinge hulp sal op 'n gelyke basis gelewer word om die verteenwoordigers van al die kerke byeen te kry.

3.2 Die sakelys sal Maatskaplike Betrokkenheid, die Onafhanklike Ontwikkelingstrust, die Terugkerende Politieke uitgewekenes, Gemeenskapswerkers, Maatskaplike Werkers en die inhoud van die 1982-besluit (Notule, bl 1317) insluit.

3.3 'n Konsepbeleid oor hóé skakeling wat op Algemene Sinodale vlak deur die Algemene Sinode Ned Geref Kerk gevisualiseer is, op sinodale, rings- en kerkraadsvlak geïmplementeer kan word, moet aandag verkry (kommissie tot kommissies).

3.4 Die byeenkoms moet so gou moontlik - hopelik voor Augustus 1991 - geskied.

3.5 Die NGK, NGSK en NGKA word gevra om elk ses (6) verteenwoordigers te stuur en die RCA twee (2).

3.6 Die reëlings word aan drr AM Hofmeyr en MM Nieuwoudt opgedra.

3.7 Die Ad hoc-komitee moet bly voortbestaan totdat die samesprekinge en ontwikkelinge aantoon of 'n staande spesialiteitskomitee daarvoor nodig sal wees."

**12.2.2.2** Dr S G Pick van die NGSK is genader en hy het ingewillig om so 'n byeenkoms tussen die Ned Geref Kerkfamilie te organiseer.

'n Loodskomitee bestaande uit

NGSK - dr SG Pick en ds T Wessels
NGKA - di MM Maphoto en ECD Bruwer
NGK - prof D Crafford, drr MM Nieuwoudt, AM Hofmeyr, DF Theron en AH Botha

het op 23 Augustus 1991 by die Bybelhuis te Kemptonpark vergader. Ds N Shunmugan van die RCA het verskoning aangebied. Die Loodskomitee het ds MM Maphoto as voorsitter en dr SG Pick as sekretaris verkies. Die volgende besluite is by dié vergadering geneem:

"1. Die vergadering is van oordeel dat daar 'n behoefte bestaan aan onderlinge samewerking en hulpverlening tussen die onderskeie lede van die Ned Geref Kerkfamilie.

2. Dat 'n uitnodiging gerig sal word aan die verskillende lede van die Ned Geref Kerkfamilie om 'n beraad by te woon wat sal plaasvind op 18, 19 en 20 Maart 1992.

3. Die tema vir die beraad sal wees: 'Diakonaat in die Suid-Afrikaanse Konteks'.

4. Die onderskeie kerke mag tot op 'n maksimum 13 verteenwoordigers na die beraad stuur.

5. Elke kerk van die Ned Geref Kerkfamilie sal sy eie spreker aanwys wat tydens die beraad as inleier sal optree en 'n bydrae sal lewer oor die bepaalde tema. Tydens die beraad sal verteenwoordigers van die onderskeie kerke in 'n werkswinkel-situasie geleentheid gebied word om oor die betrokke tema te besin, mekaar te verryk en voorstelle te maak oor aksies en strategieë om onderlinge samewerking en hulpverlening daar te stel.

6. Intussen sal borge gevind word om die koste aan so 'n beraad te finansier.

7. Die vergadering benoem voorts die volgende persone wat as reëlingskomitee moet dien, te wete: drr SG Pick (sameroeper), MM Nieuwoudt en ds ECD Bruwer. Die Reëlingskomitee sal ook die plek van die beraad bepaal."

**12.2.2.3** Gencor het welwillend as borg vir 'n simposium van 23 lede en sekretariële hulp na vore gekom.

Die simposium was gehou op 18-20 Maart 1992 in die Magaliesbergse Konferensie-sentrum te Broederstroom. Die AKDB-verteenwoordigers was drr MM Nieuwoudt, DF Theron, AH Botha en ds CS Roberts.

As sprekers het opgetree: prof D Crafford (NGK), ds HR Botman (NGSK) en ds ECD Bruwer (NGKA).

Onder begeleiding van dr F Hölscher en mej K Momberg, as fasiliteerders van die konsultante-firma Louw du Toit, is volgens die groepdinamika-metode 'n visie geformuleer vir die Ned Geref Kerkfamilie wat soos volg geformuleer is:

"Ons visie is

* om in navolging van Jesus Christus
* as één vredesdiakonaat
* van 'n verenigende Ned Geref Kerkfamilie
* in samewerking met ander kerke en die gemeenskap
* die totale gebroke SA gemeenskap
* deur aksies van geregtigheid en barmhartigheid
* te transformeer".

So is daar ook besin oor welke **faktore** daar bestaan wat, enersyds, kan verhinder/verhoed dat die droom in vervulling kan gaan en, andersyds, welke faktore bestaan wat bevordelik kan wees vir die bereiking daarvan. Voordat daar egter tot die opstel van 'n **program van aksie** oorgegaan kon word, het die tyd uitgeloop. Die basiese is egter bereik: die vier kerke se verteenwoordigers het mekaar in so 'n mate van onderlinge vertroue gevind dat 'n **voortsettingskomitee** benoem is met as opdrag:

1. Visie-verheldering (begripsformulering)

2. Aksie-planne (hoe visie geïmplementeer moet word)

* Positiewe/negatiewe faktore
* Inventaris van suksesse (bestaande aksies)
* Beplanning van nuwe aksies (prioritisering van aksies in terme van positiewe/negatiewe faktore)

3. Opvolgbyeenkoms (3-5 Junie)

**12.2.2.4** Gencor is versoek om ook die tweede simposium te borg.

Dit dien terloops vermeld te word dat, waar die atmosfeer aanvanklik baie gespanne was en baie wantroue en vooroordele bestaan het, daar tog iets van 'n deurbraak plaasgevind het.

Op 10 April 1992 het die Voortsettingskomitee, bestaande uit

NGK - drr MM Nieuwoudt, AM Hofmeyr en DF Theron en ds DR Pepler
NGKA - ds ECD Bruwer en
NGSK - dr SG Pick

weer in die Bybelhuis in Kemptonpark vergader. Verskoning is aangeteken vir ds HR Botman (NGSK), ds K Moodley (RCA) en ds PJP de Beer (RCA).

By hierdie vergadering word dr DF Theron as sekretaris en dr SG Pick as voorsitter verkies. Die vergadering besluit dat die visie-verheldering deur die NGSK gedoen moes word en ds HR Botman word in besonder hiervoor afgesonder.

Voorts is die volgende besluit:

"Die vergadering besluit vervolgens om elke kerk te versoek om hulle bestaande aksies/programme op skrif te stel en om die raakpunte tussen die aksies van die verskillende kerke te identifiseer en met aanbevelings te kom hoe kerke oor grense heen met mekaar kan saamwerk.

Moontlike struktuur

Die vergadering het voorts besluit dat die verskillende kerke geleentheid moet kry om met voorstelle te kom oor 'n moontlike struktuur waarbinne die verskillende kerke kan saamwerk om die visie te bereik. Die verskillende voorstelle sal aan dr AM Hofmeyr voorgelê word voor die opvolgbyeenkoms. Dr Hofmeyr is versoek om die vergadering met alternatiewe te bedien.

Befondsing vir opvolgbyeenkoms

Dr MM Nieuwoudt is versoek om met Gencor te onderhandel vir befondsing vir die opvolgbyeenkoms vanaf 3 tot 5 Junie 1992."

**12.2.2.5** Tydens die opvolgberaad 27-29 Julie 1992 te Mamelodi-Dienssentrum van die destydse NGKA is ná deurdringende diskussie op die volgende Verklaring van Voorneme en Resolusie ooreengekom (soos op 21 en 22 Oktober 1992 deur die vier kerke se afvaardigings geredigeer):

**Verklaring van Voorneme**

Die beraad het as uitgangspunt geneem dat die betrokke kerke, die Ned Geref Kerk, die NG Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa, op algemene sinodale vlak reeds die ideaal van een kerkverband aanvaar het (sien sinode-besluite).

Hieruit vloei voort dat die diakonaat van die kerke sal verenig.

In uitvoering van die sinodale besluite van die kerke het die AKDB (Ned Geref Kerk), AKSE (Ned Geref Kerk), SKDD (NG Sendingkerk), ADSK (NGKA) en RCA byeengekom om oor die strukture vir een diakonaat van die een kerkverband te besin.

Tydens twee afsonderlike berade met alle rolspelers het die volgende beginsels na vore gekom:

1. Daar behoort slegs een diakonaat te wees.
2. Hierdie diakonaat is begrond in die navolging van Christus.
3. Die diakonaat sal uitdrukking moet gee aan ons gesamentlike roeping ten opsigte van die gebroke gemeenskap van SA.
4. Die diakonaat sal die gebroke gemeenskap aktiveer tot deelname en aktiewe transformasie.

In die vasstelling van die aard van die diakonaat is ooreengekom dat geen bestaande werksaamhede van die onderskeie kerke in die eenwording verlore mag gaan of die een in die ander mag opgaan nie. Derhalwe is ooreengekom dat sodanige diakonaat twee komponente sal hê, nl

(a) diens van barmhartigheid
(b) diens van geregtigheid

Met diens van barmhartigheid verstaan ons die georganiseerde welsynsdiens (maatskaplike werk, ander vakkundige dienste en inrigtingsorg). Onder diens van geregtigheid verstaan ons die instaatstellende gemeenskapsontwikkelingsdiens (community empowerment) wat gerig is op primêre, sosiale, ekonomiese, gesondheids- en opvoedingsprogramme. Beide komponente ontspring uit die gemeentelike, rings- en sinodale diakonaat.

Uit die eerste beraad wat op 18 - 20 Maart 1992 te Broederstroom gehou is, het die volgende visie na vore gekom:

Die vestiging en uitvoering van een enkele vredesdiakonaat van een verenigende (familie van) Ned Geref Kerk in navolging van Christus wat deur barmhartigheid en geregtigheid die gebroke konteks van SA aktief transformeer.

**12.2.2.6** Tydens die tweede beraad gehou op 27 - 29 Julie 1992 te Mamelodi is op sekere prosesse besluit wat nou aan die amptelike kerkvergaderings van die kerke voorgelê sal word alvorens verder gevorder kan word.

**Resolusie**

Tydens die tweede beraad gehou op 27 - 29 Julie 1992 te Mamelodi het ons ons tot die volgende prosesse verbind wat nodig is om die visie in 'n program en struktuur te omskep:

1. Kenmerke van die struktuur

Die struktuur moet prakties, bemarkbaar, bekostigbaar en implementeerbaar wees met die oog op verslaggewing aan die eersvolgende sinodes van die onderskeie kerke.

2. Twee prosesse

2.1 'n tussentydse proses wat gemeentesentries en "grass roots"-gerig is;

2.2 'n langtermyn proses wat by die volgende sinodes afgehandel kan word.

3. Program vir struktuurskepping op algemene sinodale vlak (AKDB, ADSK, SKDD en RCA)

In uitvoering van die visie moet die volgende proses vir struktuurskepping gevolg word deur 'n ad hoc-kommissie wat uit bostaande kommissies saamgestel is:

3.1 Konseptualisering - afgehandel teen laat 1992.

3.2 Reglementering - afgehandel teen einde 1992.

3.3 Toetsing van regsgeldigheid - afgehandel teen einde Maart 1993.

3.4 Rasionaliseringsprogram vir die samevoeging met tydskedule - afgehandel teen vroeg 1993.

3.5 Gesamentlike vergadering (AKDB, SKDD, ADSK) - afgehandel teen laat 1993 wat deur die onderskeie sinodes gefinaliseer moet word.

3.6 Verslag aan Algemene Sinode (een enkele verslag) - afgehandel teen laat 1993, wat deur die onderskeie sinodes gefinaliseer moet word.

4. Tussentydse proses

4.1 Op plaaslike vlak

Advies sal aan gemeentes deurgegee word oor die proses tot hiertoe gevolg en hulle sal aangemoedig word om die volgende te doen:

* Om dienste te deel.
* Om bronne te deel.
* Om nie-rassige strukture te bevorder.
* Om te luister na en aktief in te skakel by die werklike behoeftes soos deur die betrokke gemeenskappe self geïdentifiseer.

4.2 Ten opsigte van vakkundige dienste

Advies sal aan vakkundige dienste gegee word oor die prosesse tot hiertoe gevolg en hulle sal aangemoedig word om:

* vas te stel hoe vakkundige dienste kan "haak";
* te beraadslaag met eweknieë in die betrokke kerklike organisasies van deelnemende kerke;
* te luister na en in te skakel by die werklike behoeftes soos deur die betrokke gemeenskappe self geïdentifiseer.

4.3 Ten opsigte van diens van geregtigheid

Die SKDD en ADSK en een PSD van die Ned Geref Kerk onderneem om saam te werk aan die finalisering van die konsep, struktuur, ens van 'n gemeenskapsontwikkelingskomponent.

4.4 Ten opsigte van inrigtings

Advies sal aan inrigtings (kategoriaal) gegee word oor die proses tot hiertoe gevolg en hulle sal aangemoedig word om:

* vas te stel hoe inrigtings kan haak;
* te bepaal hoe die beginsels van een diakonaat hulle werksaamhede en struktuur sal raak.

4.5 Ten opsigte van samewerking met staatsdepartemente

Advies sal aan die betrokke staatsdepartemente gegee word oor die beginsels, prosesse en vooruitsigte soos die berade dit sien.

Die ondertekening (deur 'n verteenwoordiger van die NGK, NGKA, NGSK en RCA onderskeidelik) het geskied met die versoek dat hierdie simboliese daad van gesamentlike ondertekening en verbintenis tot verdere gesprek deur die onderskeie kerke se toepaslike kommissies beoordeel moet word.

**12.2.2.7** Tydens die vergadering van 17 Mei 1993 was die volgende lede teenwoordig:

NGSK - dr SG Pick (voorsitter) en ds L Appies
NGKA - ds SD Maluleke
RCA - ds PJP de Beer
NGK - drr AM Hofmeyr en DF Theron (sekretaris)

By hierdie vergadering is veral gekonsentreer op 'n konsepreglement wat die NGSK voorberei het. 'n Engelse vertaling is ook hiervan gemaak.

Die gees waarin die reglement geskryf is, was met die oog op die eenwording tussen die NGSK en NGKA, maar dat die twee kerke sou wou sien dat, indien kerkeenheid tussen al vier kerke werklikheid word, die NGK en RCA hulle ook sou kon identifiseer met so 'n reglement. Die tussentydse maatreëls sou wedersydse kontraktuele ooreenkomste behels wat die VGK aan die een kant en die NGK en RCA aan die ander kant in staat sou stel om aansluitend by die reglement, met die VGK te kon saamwerk.

Die tydsfaktor wat die te stigte VGK gedruk het, was dat alle stukke vir die eenwordingsinode voor einde Augustus 1993 die skribaat moes bereik. Die versoek was dat die NGK en RCA moet poog om 'n teologiese en kerkregtelike beoordeling van die reglement te maak. Die gedagte het toe ontstaan dat al vier die kerke se regskommissies mekaar op 28 Julie 1993 in Pretoria sou ontmoet om daar deeglik vanuit 'n kerkregtelike perspektief te kyk hoe haalbaar die reglement vir die huidige situasie is. Dit was ook die gevoel gewees dat die vier kerke se regskommissies eerder nou, vóór verslae na sinodes gaan, 'n in diepte gesprek sal voer oor die reglement sodat daar nie op sinodesittings onduidelikheid by die Algemene Regskommissie sal bestaan oor die reglement wat moontlik in sinodale verslae mag voorkom nie. Die volle dagbestuur van die Ned Geref Kerk se Algemene Regskommissie was teenwoordig en het 'n leidende rol gespeel en onder andere die uitgangspunt en kerkregtelike status van die konsepreglement geformuleer.

**NED GEREF KERKFAMILIE**

1. **Uitgangspunt**
1.1 Die ideaal van een Ned Geref Kerkverband is deur al 4 kerke, nl die Ned Geref Kerk, die NG Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa, aanvaar.

1.2 Wanneer die eenheid bereik is, sal daar een kommissie vir barmhartigheidsbediening wees.

1.3 Totdat een kerkverband daargestel is, word daar één Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en Geregtigheid binne die Ned Geref Kerkfamilie in SA gestig, nadat die onderskeie beleidmakende sinodes hierdie reglement goedgekeur het.

1.4 Die reglement maak voorsiening vir die realiteit dat daar op die oomblik nog vier kerkverbande is. Wanneer een Ned Geref Kerkverband tot stand gekom het, sal die hele situasie verander.

1.5 In die uitvoering van die roeping tot getuienis tree die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en Geregtigheid op as 'n eenheid en word daar 'n gesamentlike getuienis gelewer en gesamentlike aksies onderneem en met een stem gekommunikeer.

2. **Kerkregtelike status**

2.1 Die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en Geregtigheid is 'n kommissie wat uit die 4 lede van die Ned Geref Kerkfamilie in Suid-Afrika saamgestel word en lewer een verslag aan elk van die beleidmakende sinodes van die vier kerke.

2.2 Die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en Geregtigheid word saamgestel en funksioneer kragtens hierdie reglement wat deur die beleidmakende sinode van die familie goedgekeur is.

2.3 Tot tyd en wyl die ledekerke in een kerkverband verenig is, bly die verteenwoordigers van die ledekerke vir die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en Geregtigheid gebonde aan die besluite van hulle eie sinodes.

2.4 Totdat eenheid tussen die vier kerke bereik is, sal waar nodig, die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en Geregtigheid by wyse van ooreenkomste en tussentydse reëlings funksioneer met inagneming van die reglement.

**KONSEPREGLEMENT VIR DIE ALGEMENE KOMMISSIE VIR DIE DIENS VAN BARMHARTIGHEID EN GEREGTIGHEID**

1. **Naam**

Die naam van die kommissie is die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en Geregtigheid (AKDG) (hierna die kommissie genoem).

2. **Doel**

2.1 Om uitvoering te gee aan die roeping van die kerk van die Here Jesus Christus tot 'n omvattende diens van barmhartigheid en geregtigheid.

2.2 Om as kommissie hom te beywer vir een ongedeelde diens van die kerk van die Here Jesus Christus in hierdie wêreld.

2.3 Om uitdrukking te gee aan die opdrag van die drieënige God aan sy kerk/gemeente om mense in hulle nood by te staan deur 'n omvattende diens van barmhartigheid en geregtigheid met die oog op die Christelike transformasie van persone en gemeenskappe.

2.4 Om alle vertakkings van die diens van barmhartigheid en geregtigheid van die kerk, naamlik die georganiseerde barmhartigheidsdienste, die instaatstellende gemeenskaps-ontwikkelende dienste en die gemeentelike diakonieë, in te sluit.

3. **Opdragte en Bevoegdhede**

Die kommissie

3.1 adviseer die betrokke beleidmakende sinodes in verband met alle sake ten opsigte van beleid wat gevolg behoort te word in die diens van barmhartigheid en geregtigheid en adviseer die Ned Geref Kerkfamilie oor die strukturering van een diakonaat;

3.2 behartig as **koördinerende** liggaam alle sake wat na hom verwys is (soos vervat in die Verklaring van Voorneme en Resolusies);

3.3 **verteenwoordig** die betrokke kerke by sowel die staat as vrywillige welsynsorganisasies ten opsigte van die sake wat na hom verwys is en beywer hom om 'n gesonde verhouding tussen genoemde instansies te bewerkstellig, te bevorder en te bestendig;

3.4 verskaf aan die **verskillende kerklike funksies vir die diens van barmhartigheid en geregtigheid die nodige leiding** en, indien moontlik, 'n gedeelte van die **eksterne middele vir die lewering van nuwe of die uitbreiding** van bestaande barmhartigheids- en instaatstellende gemeenskapsontwikkelingsdienste;

3.5 stel 'n begroting van inkomste en uitgawe op en beheer die fondse aan hom toevertrou;

3.6 tref onderlinge reëlings vir die uitvoering van sy werksaamhede;

3.7 het die bevoegdheid om huishoudelike bepalings op te stel, mits dit nie in stryd is met sy eie reglement en die kerkorde van die betrokke kerke nie;

3.8 doen verslag aan die betrokke beleidmakende sinodes.

4. **Funksionering en samestelling**

Die kommissie funksioneer deur 'n algemene vergadering, dagbestuur en subkommissies.

4.1 **Die Algemene Vergadering** word saamgestel uit

4.1.1 hoogstens 3 lede met sekundi van die beleidmakende sinodes;

4.1.2 predikante in algemene sinodale diens in adviserende hoedanigheid;

4.2 Die kommissie benoem 'n **dagbestuur** van hoogstens drie lede.

4.3 Die kommissie benoem **subkommissies** soos benodig, solank dit binne sy begroting moontlik is.

5. **Vakatures**

Vakatures wat gedurende die sinodale reses mag ontstaan, word deur die betrokke kerk gevul.

6. **Fondse**

Die Dagbestuur hanteer alle finansiële sake met verslag aan die kommissie.

7. **Vergaderings**

7.1 Die kommissie vergader in die reël een keer elke jaar.

7.2 Die dagbestuur vergader soos nodig.

7.3 Die skribaat word hanteer deur 'n algemene sinodale ampsdraer deur die kommissie aangewys.

7.4 Die kommissie kies sy eie voorsitter en ondervoorsitter.

8. **Wysigingsklousule**

Die reglement kan op voorlegging van die kommissie gewysig word deur goedkeuring van al die betrokke beleidmakende sinodes.

#### 12.2.3 Bevinding

Die gesprek tussen die Ned Geref Kerkfamilie het vir die eerste keer sedert die gesprek in 1982 begin het, konkrete vordering gemaak en voornemes en werkswyses op skrif gestel en gereglementeer. Uiteraard sal die reglement in die geval van 'n moontlike eenwording tussen die VGK, die Ned Geref Kerk en die RCA 'n meer gestruktureerde karakter moet vertoon en sal van die sake wat in die Verklaring van Voorneme en Resolusie vervat is, gereglementeer moet word. Met die oog op die totstandkoming van die VGK sal die gesprek opnuut sy voortgang moet vind.

#### 12.2.4 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode aanvaar die Verklaring van Voorneme, die Resolusies en die Reglement vir die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en Geregtigheid as basis vir verdere gesprekvoering.**

## 12.3 CHRISTELIKE KERKLIKE WELSYNS- EN ONTWIKKELINGSNETWERK

#### 12.3.1 Agtergrond

Die Ned Geref Kerk, die Ned Herv Kerk van Afrika en die Apostoliese Geloofsending werk al baie jare op grondvlak ten nouste saam in die lewering van maatskaplike dienste. In die lig van die stáatregtelike bestel wat Suid-Afrika betree het, was daar eenparig geoordeel dat Christelike kerke wat by welsyn betrokke is in sy wydste sin byeengebring moet word om in 'n bepaalde alliansie met mekaar te tree sodat die Christelike kerke in Suid-Afrika uit een mond getuienis teenoor die owerheid oor welsynsaangeleenthede kan lewer. Hierdie byeenkomste van agttien hoofstroomkerke het uiteindelik gelei tot die stigting van die Christelike Kerklike Welsyns- en Ontwikkelingsnetwerk en sluit die Christelike kerke in sy wydste sin in.

Die belangstelling in hierdie netwerk is baie positief en die Christelike kerke sluit nog deurlopend by hierdie netwerk aan. Die netwerk wat in sy afkorting as CHRISNET bekend staan, kan ook as kerke eenstemmigheid bereik oor die vyf afgevaardigdes wat namens die Christelike kerke in Suid-Afrika op die Nasionale Welsyns, Maatskaplike Diens en Ontwikkelingsforum (Engels : National Welfare Social Service and Development Forum) sitting mag neem.

CHRISNET het 'n nasionale provinsiale en plaaslike struktuur. Die plaaslike kerke vorm 'n netwerk en binne 'n provinsie 'n provinsiale netwerk van kerke en vanuit hierdie provinsiale netwerke word verteenwoordigers verkies om op die nasionale uitvoerende komitee sitting te neem. Kerke met bewese nasionale belang in maatskaplike dienste benoem per geloofsbrief persone om namens die onderskeie kerke op die uitvoerende komitee sitting te neem. Die grondwet van CHRISNET en die AKDB se Predikant in Algemene Sinodale Diens se betrokkenheid by die stigting van CHRISNET het deurlopend die AKDB se Strategiese Komitee en die Dagbestuur se aandag geniet en goedkeuring weggedra.

#### 12.3.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat die Christelike kerke sover moontlik eenstemmig getuienis teenoor die owerheid sal lewer waar die kerk se rol in maatskaplike dienste ter sprake is. Gevolglik word sinodes en gemeentes aangemoedig om betrokke te bly by CHRISNET wat as netwerk tussen die Christelike kerke in Suid-Afrika hierdie eenstemmigheid fasiliteer.**

## 12.4 DIE NASIONALE WELSYNS, MAATSKAPLIKE DIENS EN ONTWIKKELINGSFORUM

#### 12.4.1 Agtergrond

Die Predikant in Algemene Sinodale Diens van die AKDB is as lid van die Welsynskakelkomitee in 'n loodskomitee benoem om te poog om 'n welsynsforum op die been te kry wat die formele en informele welsynsrolspelers sou saamsnoer.

Hierdie proses het bykans twee jaar geduur en uiteindelik uitgeloop op die konstituering van die Nasionale Welsyns, Maatskaplike Diens en Ontwikkelingsforum op 2-3 Julie 1994. Die AKDB het langs die weg as benoemde van CHRISNET sitting in die forum gekry en al die SKDB's het by die streeksforums sitting geneem. Die AKDB se Strategiese Komitee en Dagbestuur was deurlopend op hoogte van die proses gehou.

#### 12.4.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode spreek sy tevredenheid uit dat die AKDB weens sy lidmaatskap van die Forum die Ned Geref Kerk betrokke hou by die besluitnemingsprosesse oor 'n nuwe welsynsbedeling vir Suid-Afrika.**

## 12.5 DIE AKDB SE LIDMAATSKAP VAN DIE WELSYNSKAKELKOMITEE

#### 12.5.1 Agtergrond

Tydens 1990 se Algemene Sinode het die AKDB gerapporteer dat hy hom onttrek het aan die Welsynskakelkomitee. Die Welsynskakelkomitee is die oorlegplegende liggaam vir die nasionale rade wat die formele welsynsektor verteenwoordig. Die AKDB is een van die nasionale rade. Die grondwet van die Welsynskakelkomitee is intussen sodanig gewysig dat dit nie 'n drukgroep kan vorm nie en dat uitsprake nie namens nasionale rade gemaak kan word nie. Die AKDB het besluit om weer lidmaatskap op te neem en die PASD is tans ondervoorsitter van hierdie oorlegplegende liggaam.

#### 12.5.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode versoek die AKDB om sover dit moontlik is by nasionale strukture soos die Welsynskakelkomitee betrokke te bly ten einde te verseker dat die kerk sy getuienis kan lewer.**

## 12.6 SOSIAAL-ETIESE PROBLEME EN CARNEGIE II

#### 12.6.1 Opdrag

Die Algemene Sinode het in 1990 die volgende besluit geneem (Handelinge 1990 : 671 : 18.1.1):

"Die Algemene Sinode dra dit met volmag aan die AKDB en die ASSK op om aan die hand van die standpuntstelling en die Carnegie-Verslag II 'n program van aksie op te stel en te loods in die gees van die opdragte van 1982."

#### 12.6.2 Werkswyse

Hierdie opdrag is ten nouste met 'n ander opdrag van dieselfde Sinode hanteer (Handelinge 1990 : 671 : 20.1) nl:

"Die Algemene Sinode dra dit aan die AKDB en ASSK gesamentlik op om opnuut alle pogings in werking te stel om 'n doeltreffende skakeling in die onderlinge hulp met barmhartigheidsdienste tussen die lede van die Ned Geref Kerkfamilie daargestel te kry - soos in 1982 gevisualiseer."

Hierdie opdrag om 'n program van aksie in die lig van die Carnegie-Verslag II op te stel, is deeglik deur die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en Geregtigheid in ag geneem en op die sakelys geplaas. Ten einde by die uitvoering van onder andere hierdie opdrag te kom, moes die diakonaat oor kerkgrense heen eers gestruktureer word, soos onder punt 12.2 gerapporteer.

Bo en behalwe hierdie werkswyse is daar op spontane wyse deur gemeentes toegetree om die grootskaalse werkloosheid, armoede en huisloosheid aan te spreek. Hierdie aksies was omvangryk en het vanuit die hart van die gemeentes ontspring. Dit was verblydend dat gemeentes na alle mense in nood omgesien het en dat daar tans talle selfhelpprojekte, ook in plakkerskampe, aan die ontwikkel is.

#### 12.6.3 Bevinding

Die Algemene Sinode se opdrag is as proses steeds op die sakelys van die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en Geregtigheid en geniet die spontane en deurlopende aandag van gemeentes dwarsdeur die land.

#### 12.6.4 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode**

**12.6.4.1 versoek die AKDB om deurlopend toe te sien dat daar omvattend aandag aan die armoedevraagstuk van die land gegee word;**

**12.6.4.2 bedank gemeentes vir die spontane uitreiking na die agtergeblewe gemeenskappe en versoek gemeentes om steeds voort te gaan om mense in nood by te staan en toe te rus met lewensvaardighede ten einde 'n waardige bestaan as burgers van die land te voer; en**

**12.6.4.3 oordeel dat 'n program van aksie wat via die Algemene Sinode, sinodes en ringe sy weg na gemeentes moet vind met groot omsigtigheid oorweeg en geïmplementeer behoort te word, aangesien dit bestaande spontane aksies enersyds mag ontken en andersyds inhiberend op die selfstandigheid van gemeentes kan inwerk.**

## 12.7 DIE "HEROPBOU- EN ONTWIKKELINGSPROGRAM" VAN DIE REGERING

#### 12.7.1 Agtergrond

Die AKDB en SKDB's het deeglik kennis geneem van die regering se "Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP)". Tans is die program met die ter perse gaan van hierdie verslag in 'n proses om in 'n witskrif

omskep te word. Gevolglik is dit onmoontlik om in hierdie stadium sinvolle kommentaar te lewer oor die inhoud van die HOP.

**12.7.2 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode doen 'n beroep op sinodes en ringe om rekening te hou met die "Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP)" in die formulering van welsynsprogramme.**

## 12.8 KOMMUNIKASIE-STRATEGIE VAN DIE NED GEREF KERK SE BARMHARTIGHEIDS-BEDIENING

**12.8.1 Agtergrond**

Die Strategiese Komitee van die AKDB het moeite gedoen om 'n barmhartigheids-bedieningsbeleid te formuleer. Die uitgangspunt was Kerk en Samelewing en die beginsel wat deurgaans gehandhaaf was, is dat die kerk se barmhartigheidsbediening in die plaaslike gemeente setel. Slegs dit wat nie deur plaaslike gemeentes afsonderlik hanteer kan word nie, word ringsgewys en sinodegewys verder gedra en ondersteun.

Hierdie beleidsdokument word aan die Algemene Sinode vir beoordeling voorgelê:

**12.8.2 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode keur die konsepdokument vir die Barmhartigheidsbedieningsbeleid van die AKDB goed en versoek dat dit so wyd as moontlik onder die kerklike publiek se aandag kom. Dit moet ook tot beskikking wees van ander kerke en buitekerklike welsynsrolspelers.**

# KONSEPBARMHARTIGHEIDSBEDIEN-INGSBELEID VIR DIE NED GEREF KERK

## Hoofstuk I

## PRINSIPIëLE VERTREKPUNTE

**1.1 DIE BYBEL AS ENIGSTE MAATSTAF**

1.1.1 Die Skrif is die volkome en vir alle tye gesaghebbende openbaring van die Here. Die kerk het dus geen ander maatstaf waarmee hy sy barmhartigheidsbediening kan meet nie. Kerk en Samelewing (KES) par 13.

1.1.2 Gevolglik sal die Skrif steeds, in gebondenheid aan ons belydenisskrifte, deeglik en reg bestudeer moet word om vas te stel watter boodskap en roeping vanuit die Woord na ons toe kom en hoe ons dit in ons eie situasie moet toepas. (KES 14)

1.1.3 Geen ander norm, ook nie veranderende situasies, mag 'n beslissende woord bo of naas die Bybel spreek nie. Daar moet in elke nuwe situasie getrag word om die Skriftuurlike begronding opnuut te verstaan en sinvol vir elke tydvak te vertolk. (KES 15)

**1.2 DIE REDE VIR DIE KERK SE BETROKKENHEID BY DIE BARMHARTIGHEIDSBEDIENING IN DIE WêRELD**

**1.2.1 Die kerk as unieke skepping van God**

1.2.1.1 Die beoefening van die barmhartigheidsbediening behoort tot die wese van die kerk en is gegrond in God Drie-enig. God die Vader reik deur Jesus Christus uit tot die mens in nood en bring sy kerk as 'n nuwe diakonale gemeenskap tot stand. Die Heilige Gees sit hierdie bediening van Christus voort deur die kerk. (KES 51)

1.2.1.2 Die kerk het in sy barmhartigheidsbediening, anders as ander sekulêre welsynsorganisasies, 'n unieke aard waarmee gedurig rekening gehou moet word. Die barmhartigheidsbediening het sy oorsprong in die erediens en meer spesifiek die nagmaal. Die plaaslike gemeente is die gemeenskap waarbinne die mens in nood versorg moet word. Die besondere ampte, maar tegelyk ook die amp van die gelowige, is die beginpunt van die uitreiking na die mens in nood. Die ampte en gemeenskap van gelowiges werk ook ten nouste saam met die vakkundiges wat 'n gespesialiseerde diens vir die kerk aan die mens in nood lewer. Die einddoel is nie net die herstel van die mens in nood nie, maar sy tuiskoms in die gemeenskap van gelowiges, dws in die erediens. (Formulier Diakens; KES 52)

1.2.1.3 Die kerk staan ook in sy barmhartigheidsbediening in 'n viervoudige verhouding.

**1.2.1.3.1 Sy verhouding tot God**

Die kerk is in sy barmhartigheidsbediening voortdurend besig om God Drie-enig te verheerlik. Vanuit God se liefdevolle barmhartigheid vind die kerk sy inspirasie om gestalte te gee aan God se liefde vir die mensdom in nood. Elke liefdesdaad is 'n getuienis van God se allesomvattende liefde. Daarom kom alle eer die Here toe en mag die kerk nooit op sy eie werke roem nie.

**1.2.1.3.2 Sy verhouding tot homself**

Die kerk is voortdurend besig met die opbou van die gelowiges. In sy barmhartigheidsbediening is sy primêre fokus op die toerusting van lidmate om na mekaar en mense rondom hulle se belange om te sien. Voorts is die kerk ook organiserend besig om binne gemeenteverband die nodige strukture te skep waarbinne hy die lidmaat wat in nood verkeer, kan opvang, begelei en versorg. Hierdie versorging het 'n spontane maar ook 'n gestruktureerde karakter en behoort tot die wese van die gemeente.

**1.2.1.3.3 Sy verhouding tot die wêreld**

Die kerk is in diens van die Koninkryk van God en as sodanig voortdurend ook betrokke by die herstel van die gebroke wêreld. In hierdie opsig is die kerk se primêre roeping om sy profetiese stem te laat hoor en te protesteer teen alle vorme van onreg en die oproep tot die owerheid om die nodige infrastruktuur te skep om mense se lewenskwaliteit te handhaaf en uit te bou.

Om waarlik solidêr en lojaal binne 'n gemeenskap te kan wees, moet reg en geregtigheid in daardie gemeenskap gehandhaaf word. Geregtigheid betrek ook die struktuur van die menslike samelewing en impliseer dat elkeen ontvang waarop hy as lid van die samelewing geregtig is sodat hy sy Godgegewe roeping kan vervul. Daar is dus telkens sprake van die herstel van die gebroke orde in die gemeenskap. (KES 140)

Die kerk sal dus gedurig voor God moet vra wat reg is ten opsigte van alle fasette van die samelewing en alle onreg bestry. (KES 144)

Owerheidsbeleid, individue, groeps- en owerheidsoptrede sal telkens getoets moet word aan wat reg en billik voor God is. (KES 146)

Die kerk moet dus oor twee sake 'n profetiese woord spreek: oor die nood en ook die noodsaaklikheid om wat reg is teenoor almal te verkondig. (KES 155)

Net soos reg en geregtigheid, kan barmhartigheid nie van die liefde van Christus losgemaak word nie. Sy liefdevolle bewoënheid oor mense is die fontein waaruit Christelike barmhartigheid ontspring. Om aan 'n sorgbehoewende barmhartigheid te bewys, is om hom te omring en aan hom 'n daad van beskerming en bystand te verleen wat hom in staat stel om weer sy volwaardige plek in die gemeente en samelewing in te neem. Sodoende kan hy weer in die seëninge, die herstel en stabilisering van verhoudinge, die sjalom (vrede) wat God vir daardie gemeente en gemeenskap gee, deel kry. (KES 157)

Die barmhartigheidsbediening van die kerk moet by grense verby kyk en mense in nood bystaan. Die barmhartigheidsbediening kan 'n magtige brug tussen groepe wees omdat dit 'n onloënbare bewys van daadgeworde naasteliefde is. (KES 160)

Die kerk behoort dus voort te gaan om doeltreffender kanale en strukture vir 'n missionêre diakonaat en 'n barmhartigheids- en geregtigheidsbediening oor grense heen te ontwikkel. (KES 161)

Die gawes wat God aan die mens skenk, plaas hom onder die verantwoordelikheid en verpligting om dit tot eer van God te gebruik. Hy moet dus wat hy ontvang het, na die beste van sy vermoë gebruik om vir homself 'n selfstandige bestaan te skep en tegelyk mense in nood by te staan. (KES 182)

1.2.1.3.4 **Sy verhouding tot die toekoms**

Die kerk staan ook in sy barmhartigheidsbediening met sy gesig na die toekoms. Die kerk is geroep om onder alle omstandighede, ook in sy barmhartigheidsbediening, mense met hoop te vervul. Uit die kerk se barmhartigheidsbediening moet mense in nood 'n voorsmaak kry van dié dag wanneer God alles in almal sal wees, wanneer Hy alle trane sal afdroog en mense wat in Christus met Hom versoen is, in sy volheid sal laat deel.

Die kerk is dus ook in sy barmhartigheidsbediening besig om mense toekomsgerig te maak en hulle te wys op die Nuwe Jerusalem. Iets daarvan is besig om deur te breek in elke barmhartigheidsdaad van die kerk.

**1.3 DIE AARD VAN BETROKKENHEID**

Die kerk se barmhartigheidsbediening

* moet uitreik na alle mense en oor alle grense; (KES 58)

* moet alle strukture in die samelewing wat in stryd met die Skrif is en die mense se welsyn bedreig, bestry en daar moet positief gewerk word aan die skepping van 'n beter samelewing; (KES 59)

* moet op alle vlakke met alle owerhede saamwerk om te trag om die oorsake van nood te bestry; (KES 60)

* moet maatreëls tref vir die daarstelling van toepaslike versorgingsaksies; (KES 61)

* moet rekening hou met ander welsynsorganisasies se werksaamhede en, waar moontlik, sonder om sy identiteit as kerk van Jesus Christus prys te gee, met die ander welsynsorganisasies saamwerk.

1.4 **DIE KERK SE BARMHARTIGHEIDSBEDIENING SE VERTREKPUNT EN MISSIE**

1.4.1 **Vertrekpunt**

Die kerk se barmhartigheidsbediening begin en sentreer hoofsaaklik in en om die plaaslike gemeente met verslag aan die kerkraad.

Waar 'n plaaslike gemeente nie alleen 'n barmhartigheidsaksie kan bekostig en/of bestuur nie, kan dit binne ringsverband georganiseer word met verslag aan die ringsvergadering.

Waar ringe nie individueel in staat is om 'n barmhartigheidsdiens te bekostig en/of te bestuur nie, kan dit binne sinodale verband met verslag aan die sinode geskied.

Die Algemene Sinode is primêr met beleidmaking en koördinering besig en nie met bedryfsaktiwiteite nie.

1.4.2 **Missie**

Die kerk se barmhartigheidsbediening kan dus soos volg saamgevat word:

Die kerk se barmhartigheidsbediening is amptelike dienswerk wat:

* gefundeer word in die barmhartigheid van God Drie-enig;

* sy helderste uitdrukking en sy oorsprong vind in die ampsbediening van Jesus Christus;

* tot die ampsbediening van alle gelowiges, soos hulle

deur die Heilige Gees daartoe gesalf en begiftig word, behoort;

* deur die diakenamp, wat deur God daartoe verorden is, gerig, gelei en georganiseer moet word;

* die kerk se priesterlike versorging in al sy vorme van materiële, maatskaplike, psigo-sosiale, liggaamlike en geestelike bystand aan diegene in nood behels; en

* ten doel het om saam met en deur die Woordverkondiging te lei tot die ewige verlossing in Jesus Christus en die betere belewing van die gemeenskap van die heiliges tot eer van God.

## Hoofstuk 2

## DIE STRUKTUUR VAN DIE KERK SE BARMHARTIGHEIDSBEDIENING

### 2.1 DIE OMGEWING WAARIN DIE KERK SE BARMHARTIGHEIDSBEDIENING PLAASVIND

Die kerk se barmhartigheidsbediening vind nie in 'n lugleegte plaas nie.

Suid-Afrika het 'n unieke bevolkingsamestelling wat 'n verskeidenheid van groepe en volke en 'n verskeidenheid tale en kulture verteenwoordig. Binne hierdie situasie moet die Ned Geref Kerk sy barmhartigheidsbediening vergestalt.

Deur al die jare van sy bestaan het die Ned Geref Kerk binne die konteks van die historiese situasie met die Skrifopdrag van sy barmhartigheidsbediening geworstel.

Baie gebreke en tekortkominge in die volvoering van die barmhartigheidsbediening kan aangeteken word. Tog was dit altyddeur die kerk se opregte bedoeling gewees om gehoorsaam aan die Skrif te bly. In sy omgang met die Skrif en namate die sosio-ekonomiese situasie in die land verander het, het die kerk ook telkens Skrifgetroue aanpassings probeer maak.

Die feit dat die Ned Geref Kerk vandag die grootste enkele rolspeler binne die formele welsynswêreld in Suid-Afrika is, bevestig die erns waarmee die kerk sy barmhartigheidsbediening bejeën het.

Van die mees resente eksterne invloede op die kerk se barmhartigheidsbediening was onder andere die dramatiese staatkundige grondverskuiwing in Suid-Afrika. Gevestigde strukture en bestaande werkswyses het skielik dramaties verander en het vir drastiese hersiening van die wyse van die barmhartigheidsbediening gevra. Voorts het daar tegelykertyd 'n dringende soeke na eenheid binne die NG Kerkfamilie ontstaan wat uiteraard neerslag moes vind in die bestaande werkswyse.

Ten spyte van hierdie eksterne faktore, is die wese van die barmhartigheidsbediening nie in gedrang nie omdat dit op die Skrif gebaseer is. Dit is egter die wyse van die barmhartigheidsbediening wat vir verandering blootstaan.

Dit is belangrik om altyd in gedagte te hou dat die barmhartigheidsbediening van die kerk by die plaaslike gemeente sy vertrekpunt het en dat hierdie beleidsdokument deurentyd met die sentrale rol van die gemeente rekening hou.

### 2. DIE BEGINSEL WAARVOLGENS HULP VERLEEN WORD

Die kerk gaan van die veronderstelling uit dat **elke lidmaat** vir homself sorg dra. Waar omstandighede dit vir die lidmaat onmoontlik maak om menswaardig te leef, word op **die gesin** van die lidmaat 'n beroep gedoen om na die lidmaat in nood om te sien.

Indien die gesin ook nie by magte is om die nodige hulp te verleen nie, word **die lidmate** van **die gemeente** opgeroep om bystand te verleen.

Gemeentes kan op meer as een wyse met mekaar in verband tree.

'n Gemeente kan as **vooggemeente** vir 'n ander hulpbehoewende gemeente instaan en die nodige onderskraging bied. Twee of meer gemeentes kan **gesamentlike projekte** aanpak of verantwoordelikheid vir bepaalde barmhartigheidsbedieninge aanvaar. Gemeentes se gesamentlike aksies kan ook binne ringsverband as 'n **ringsaksie** gestalte kry.

Waar 'n werksaamheid van die kerk se barmhartigheidsbediening nie deur die onderskeie gemeentes binne ringsverband behartig kan word nie, **staan die sinode** met alle meewerkende ringe en gemeentes vir sulke omvangryke projekte in.

Die **kerkrade organiseer** die barmhartigheidsbediening binne gemeentegrense en benut ook, waar nodig, die kerk se vakkundige dienste en inrigtingsversorging.

Die **ringe en/of sinodes skep** die vakkundige dienste en inrigtings vir die versorging van persone wat nie binne gemeenteverband versorg kan word nie.

Die **sinodes besin en beplan** saam om sonder prysgawe van identiteit die kerk se gemeentelike, rings- en sinodale barmhartigheidsbediening te orden en te struktureer.

Die **algemene sinode formuleer die beleid** waarvolgens die kerk sy barmhartigheidsbediening kan volvoer.

### 2.3 DIE ONDERSKEIE ASPEKTE VAN DIE KERK SE BARMHARTIGHEIDSBEDIENING

#### 2.3.1 Die diakonaat

Naas die gelowiges se spontane uitreiking na alle mense in nood wat hulle pad kruis, is die kerk se **diakonale roeping** veelsydig.

Die gemeente organiseer sy diakonale taak sodanig dat dit uitloop op die vestiging van 'n **diakonale gemeente**.

As suurdeeg van die wêreld deursuur die diakonale gemeente die gemeenskap en omvorm dit tot 'n **diakonale gemeenskap.**

Ten einde hierdie deurwerking in die gemeenskap te bewerk, sal die Christelike kerke met mekaar skakel en in 'n **ekumeniese diakonaat** met mekaar saamwerk.

Die hoofdoel van die kerk se diakonaat is nie net die herstel van die mens in nood nie, maar om met hierdie daadverkondiging gestalte aan die Woordverkondiging te gee. Die kerk het altyd die heil en verlossing van die mens in gedagte en die kerklike diakonaat word in sy wydste sin **missionêre diakonaat.**

Weens die kerk se betrokkenheid by die wêreld, sal die kerk ook die ekologiese versteurings as saak van dringende erns moet hanteer. Die vernietiging en misbruik van die skepping en die mens se destruktiewe omgang met sy onmiddellike omgewing, vra dat die kerk ook erns sal maak met die verdere ontwikkeling van 'n **omgewingsdiakonaat.**

2.3.2 **Die kerk se vakkundige dienste**

Aangesien die mens in nood soms in sy verhoudings ontwrig is, en in sy fisiese, psigiese, ekonomiese, liggaamlike en geestelike funksionering gestrem is, sal die kerk ook waar nodig, sy eie vakkundige dienste aanwend in die herstel van die mens, of dienste wat beskikbaar is vir mense in nood, toeganklik maak, soos byvoorbeeld die kerk se maatskaplike vakkundige dienste.

2.3.3 **Die kerk se inrigtingsdienste**

Wanneer mense in so 'n mate ontwrig is dat die normale verkeer in die gemeenskap onmoontlik is, voorsien die kerk binne sy vermoë inrigtings waar persone met bepaalde behoeftes saam versorg word. Dit bly egter vir die kerk belangrik om te poog om mense so lank as moontlik deel van die gemeenskap te laat bly en die gemeente en gemeenskap te lei om sorg te dra vir mense wat nie soos ander onbelemmerd in 'n gemeenskap kan funksioneer nie.

2.3.4 **Die kerk se gemeenskapsbetrokkenheid**

Die kerk leef nie in isolasie nie. Gevolglik is die kerk ook nie net met homself of net met individue besig nie. Die kerk as die sout van die aarde deursout die gemeenskap met woord en daad.

Die barmhartigheidsbediening van die kerk is holisties in sy benadering en poog om die grondliggende probleme binne die gemeenskap wat lei tot die wanfunksionering van die individu, te hanteer. Die kerk is dus ten nouste by die gemeenskap betrokke en werk aktief mee aan gemeenskapsontwikkeling en gemeenskapsher- opbou.

2.3.5 **Die kerk in samewerking met ander rolspelers**

Die kerk maak nooit aanspraak op die alleenreg om nood in die gemeenskap en in mense se lewens te hanteer nie. Die bestaan van ander kerklike, Christelike en sekulêre welsynsorganisasies word erken en daarby word, waar moontlik, aansluiting gevind. Die samewerking met ander welsynsdienste in die gemeenskap vind egter altyd so plaas dat die kerk se unieke aard, sy beginsels en sy besondere identiteit nooit prysgegee of verwater hoef te word nie.

## Hoofstuk 3

## DIE PRAKTYK VAN DIE KERK SE BARMHARTIGHEIDSBEDIENING

### 3.1 DIE TWEELEDIGE KARAKTER VAN DIE KERK SE BARMHARTIGHEIDSBEDIENING

Die kerkraad se barmhartigheidsbediening is uitsluitlik gemeentegerig en word deur die kerkraad geïnisieer en beheer.

Sodra die kerklike barmhartigheidsbediening egter in terme van sy vakkundige dienste, inrigtingsorg en gemeenskapsdienste beoordeel word, vertoon die kerklike barmhartigheidsbediening 'n tweeledige karakter.

3.1.1 **Die barmhartigheidsbediening as kerklike werk**

Die kerklike kommissies wat die barmhartigheidsbediening organiseer, is en bly in eerste instansie 'n kerklike kommissie onderworpe aan die kerkordelike bepalings en reglemente. Dit is juis hierdie kerklike binding wat die kerklike barmhartigheidsbediening van ander welsynsorganisasies onderskei - ook van Christelike welsynsorganisasies. Die kerk se barmhartigheidsbediening is vanuit die kerk en met die oog op die roeping van die kerk in hierdie wêreld.

3.1.2 **Die kerk se barmhartigheidsbediening as welsynsorganisasie**

Ten einde die kerk in staat te stel om vakkundige begeleiding te bied, wetsuitvoering in gesinsorgdienste te hanteer en om inrigtingsorg te voorsien, moet die kerk op meer as een terrein as welsynsorganisasie registreer. In terme van die welsynswetgewing is elke SKDB 'n volwaardige welsynsorganisasie en RKDB's se CMR/KMD/KMR-kantore en inrigtings is takke van die SKDB. Gevolglik is elke SKDB as welsynsorganisasie geregistreer en is 'n fondsinsamelingsnommer aan elke SKDB en sy takkantore toegeken. Die SKDB's is dus naas die Kerkorde ook onderworpe aan die land se welsynswette.

Die AKDB is naas sy kerklike karakter as kommissie van die Algemene Sinode ook in terme van die welsynswette van die land geregistreer as 'n nasionale raad. Met hierdie dubbelslagtigheid van SKDB's en die AKDB moet telkens in die kerk rekening gehou word.

### 3.2 SAMEWERKING

3.2.1 **Samewerking binne die kerkverband**

Die Ned Geref Kerk se barmhartigheidsbediening is ook op samewerking met ander kerke se barmhartigheidsdienste gerig. Die kerk werk ten nouste saam met die NG Kerkfamilie. In die lig van hoe die gesprek oor een kerkverband verloop, sal hierdie samewerking ook telkens opnuut gedefinieer word. As tussentydse maatreël word gestreef na die totstandkoming van 'n tussenkerklike kommissie vir Barmhartigheid en Geregtigheid. So ook ekumeniese samewerking met ander Christelike kerke wat by georganiseerde barmhartigheidsdienste betrokke is.

3.2.2 **Samewerking met ander Christelike welsynsorganisasies**
Die kerk verleen naas kerklike samewerking voorkeur aan samewerking met welsynsorganisasies met 'n Christelike inslag. Kragtens die unieke aard van kerkwees, moet dit duidelik gestel word dat **Christelike** welsyn nie identies aan **kerklike** welsyn is nie. Die kerk se barmhartigheidsbediening kan dus nie sonder meer opgaan of oorgeneem word deur Christelike welsynsorganisasies nie. Dit sou die wese van die kerk aantas. Tog is daar talle raakvlakke vir samewerking sonder dat die kerk sy unieke karakter en identiteit hoef prys te gee.

3.2.3 **Samewerking met sekulêre welsynsorganisasies**

Ter wille van die eweredige verspreiding van dienste, is die kerk genoodsaak om ook met sekulêre welsynsorganisasies saam te werk. Hierdie samewerking is hoofsaaklik afgestem op die wedersydse benutting van fasilteite. Die kerk moet sy kerklike karakter uiteraard in sulke samewerkingsooreenkomste duidelik verskans en handhaaf.

3.2.4 **Samewerking met die staat**

Tradisioneel was die kerk se barmhartigheidsbediening so ineengevleg met die staat dat van 'n **vennootskapsverhouding** gepraat is. Wydweg het die vennootskap daarin bestaan dat die staat fasiliterend as die finansierder van dienste opgetree het en die kerk as diensleweringsinstansie die promotor was.

Namate die staat se finansieringstaak toenemend onder druk geplaas word en namate staatkundige veranderinge nuwe situasies skep, is die begrip "vennootskap" ook onder druk. Die logiese sou wees dat die verhouding staat/kerk in terme van **samewerking** beskryf moet word. In hierdie samewerking kan gesonde verhoudings gehandhaaf word, maar moet die finansiële afhanklikheid van die kerk teenoor die staat plek maak vir wedersydse respek vir elkeen se soewereiniteit binne eie kring.

3.2.5 **Samewerking op nasionale vlak**

Die kerk se samewerking op nasionale vlak geskied op twee terreine: skakeling met die sentrale owerheid insake welsynsaangeleenthede en skakeling met ander nasionale rade.

Hierdie skakeling handel oor beleidsaangeleenthede en wedersydse samewerking. Verskeie forums vir skakeling met die staat bestaan en word deur die AKDB benut. Eweneens is daar verskeie forums waar die kerk met ander nasionale rade skakel. In hierdie skakeling mag die kerk egter nooit sy beginsels prysgee ter wille van samewerking nie. Waar die kerk op al die onderskeie diensvelde beweeg, is sy skakeling met nasionale rade per diensveld uiteraard ook baie belangrik. Ook hier mag 'n nasionale raad van 'n bepaalde diensveld egter nooit voorskriftelik teenoor die kerk word of namens die kerk met die staat skakel nie. Hierdie reg van direkte toegang tot die staat is die onvervreembare reg van die kerk.

3.2.6 **Samewerking op streekvlak**

Met die afwenteling van gesag na streekregerings, word skakeling op streekvlak toenemend belangrik. SKDB's is besig om 'n netwerk van skakeling en samewerking in elke sinodale gebied met die staat en ander rolspelers op te bou.

3.2.7 **Samewerking op plaaslike vlak**

Die samewerking op plaaslike vlak bly die belangrikste samewerkingspunt. Hierdie vlak van samewerking is die stimulus vir samewerking op streeks- en nasionale vlak en nie andersom nie. Hier werk die kerk met alle relevante rolspelers ten nouste op voetsoolvlak saam en sal elke plaaslike gemeente se eie dinamiek en styl uiteindelik die unieke aard van plaaslike samewerking na vore laat kom.

Op plaaslike vlak word saamgewerk in die skepping van die nodige infrastruktuur vir die instandhouding van 'n gesonde gemeenskapslewe.

Dienste en fasiliteite word ná onderlinge oorlegpleging gedeel en gemeenskapsprojekte word saam beplan en uitgevoer. Ook op hierdie hoogs kritiese terrein moet die kerk se beginsels altyd ononderhandelbaar bly. Geen inhiberende inmenging van SKDB's of die AKDB mag die plaaslike gemeente se eie entoesiasme demp nie. SKDB's moet, waar plaaslike samewerking nie plaasvind nie, fasiliterend inspeel en die AKDB kan breë beleidsbesluite as advies deurgee. Dit bly egter die plaaslike gemeente se keuse oor die wyse van samewerking op plaaslike vlak.

3.3 **DIE FINANSIERING VAN DIE KERK SE BARMHARTIGHEIDSBEDIENING**

Aangesien die barmhartigheidsbediening tot die wese van die kerk behoort, is die **primêre bron** van finansiering van hierdie bediening die gemeentes. Deur die gemeentelike dankoffers word die barmhartigheidsbediening in stand gehou en waar situasies dit vereis, selfs uitgebrei om die mens in nood te kan lei tot herstel. Gevolglik moet gemeentelede ingelig word oor wat met hulle dankoffers vermag is, en moet nuwe behoeftes konkreet aan gemeentelede uitgespel word, sodat die lidmate biddend kan besin oor hulle roeping om vir nuwe behoeftes finansieel verantwoordelikheid te aanvaar.

**Fondse** wat **die gemeenskap** aan gemeentes beskikbaar stel, moet sonder voorwaardes gegee word en die wyse van fondsinsameling deur die gemeenskap moet vir die kerk Bybels-eties aanvaarbaar wees. Hierdie gemeenskapsfondse moet in belang van die betrokke gemeenskap aangewend word.

Fondse wat **die staat** bewillig, word aanvaar as deel van die staat se sosiale verantwoordelikheid. Die staat word nie deur die kerk voorgeskryf hoe hy die finansiële middele vir befondsing verkry nie. Die kerk is egter nie bereid om deur die staat befonds te word indien staatsfondse **openlik** en **direk** met lotery en dobbelary verband het nie. Die kerk verwag van die staat om by wyse van 'n **welsynsbegroting** toedelings te maak.

Ander **eksterne bronne** vir finansiering is vir die kerk aanvaarbaar, solank dit nie die kerk se gewete bind, of dat die kerk daardeur gemanipuleer word nie.

Die kerk wat met dankoffer-, gemeenskaps- en staatsgelde dienste lewer, moet te alle tye rekeningpligtig wees, behoorlike kontrole oor besteding moet plaasvind en die omgang met fondse moet te alle tye deursigtig wees.

### 4. SLOTOPMERKING

Die kerk se barmhartigheidsbediening is maar een van die kerk se werksterreine. Nietemin bly dit 'n baie aktuele en wesenlike werksterrein.

Waar nodig, kan die kerk se ander kommissies vir advies genader word ten einde die kerk in staat te stel om 'n barmhartigheidsbediening in stand te hou wat aan die eise van die tyd voldoen.

# 13. ADMINISTRATIEWE SAKE

## 13.1 DIE EENVORMIGE BENAMING VAN DIE NED GEREF KERK SE MAATSKAPLIKEWERK-DIENSTE

### 13.1.1 Agtergrond

Die tendens wat deur die loop van jare homself gevestig het, was om die name van die kerklike kommissies soos die SKDB's en AKDB te gebruik as daar met buite-instansies geskakel word. Voorts het elke sinode se dienspunte waar maatskaplikewerk-dienste gelewer word, ook ander benamings en afkortings ontwikkel soos wat elke sinode besluit het, bv CMR, KMR, KMD ens.

Ofskoon hierdie variasie op sinodale vlak prinsipieel normaal is, het daar tog ernstige kommunikasie-probleme na buite ontwikkel. Namate die kerk in sekulêre en statutêre kringe inbeweeg, was daar by die algemene publiek verwarring oor wat bv 'n SKDB of die AKDB is en wat die verskil tussen 'n CMR-, KMR- of KMD- kantoor is.

### 13.1.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode versoek sinodes om ter wille van eenvormigheid die benamings CMR, KMD, KMR en RDB te verander na NGK Maatskaplike Dienste/ DRC Social Services.**

# 14. REGSTEGNIESE SAKE

## 14.1 DIE HERSTEL VAN DIE DIAKENAMP

### 14.1.1 Opdrag

Die Algemene Sinode van 1990 het die volgende besluit geneem (Handelinge 1990 : 668 : 10.3.5):

"Die Algemene Sinode dra dit aan die AKDB op om aan die hand van die Dordtse Kerkorde (Artikels 25, 26 en 40) 'n riglyn vir die gemeentes oor die diakonie-organisasie (soos die diakonievergaderinge, diakoniefondse, aparte diakonieboekhouding, diakonieverantwoording aan die kerkraad, diakonie-aandeel in die gemeentelike sowel as die kerkverband se georganiseerde dienste van barmhartigheid) uit te werk en aan die volgende Algemene Sinode voor te lê."

Hierdie besluit en ander samehangende besluite het ook die AKDB se aandag geniet.

### 14.1.2 Werkswyse

Die saak is na die Teologiese Besinningskomitee van die AKDB verwys wat kennis geneem het van ander kommissies van die Algemene Sinode wat soortgelyke studies onderneem. Die AKDB het as deel van sy besinning 'n waardevolle studiestuk oor die herstel van die diakenamp ontvang (opgestel deur dr MM Nieuwoudt). Intussen is verneem van 'n ander omvattende studie (eksegeties en prakties-teologies) wat op die terrein van gemeentebediening onderneem word, en wat handel oor ampsfunksionering in die Ned Geref Kerk.

### 14.1.3 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode benoem 'n ad hoc-kommissie om die studie oor die herstel van die diakenamp verder te voer en so gou moontlik aan die ASK verslag te lewer.**

# 15. AKDB-SAMESTELLING

Die volgende persone vorm deel van die AKDB en amptenare van SKDB's:

| Sinode | Primarius | Sekundus | PSD |
|---|---|---|---|
| Wes-Kaapland | Ds DR Pepler | Ds HH Volgraaff | Ds WC van der Merwe |
| Oos-Kaapland | Ds JJ Naude | Ds DW Mouton | Ds CA Jordaan |
| Noord-Kaapland | Ds JS Marais | Ds PJ Nieman | Ds JGF Roelofse |
| Oranje-Vrystaat | Ds J Slabbert | Ds GJ Hugo | Ds WJ Botha |
| Natal | Ds JL du P Raath | Ds JJ Barnard | Ds RB van Aarde |
| Suid-Transvaal | Ds HJ Horn | Ds TM Snyman | Ds WH van Aswegen |
| Wes-Transvaal | Ds M van de Wall | Ds SWJ Mouton | Dr RC Lindeque |
| Noord-Transvaal | Ds PJ Smit | Dr DW de Villiers | Dr GJ Cloete |
| Oos-Transvaal | Ds AJ de Jongh | Dr E Kruger | Ds JG Liebenberg |
| Namibië | Ds AJ de Klerk | Ds HZM Oosthuizen | (Ds AJ de Klerk) |
| SMA | Mnr SJ Viljoen | Ds MJD Beukes | |

**OPLEIDING**

| | |
|---|---|
| Universiteit van Stellenbosch | Prof DJ Louw |
| Universiteit van Pretoria | Prof JC Müller |
| Universiteit van die Oranje-Vrystaat | Prof PJ Rossouw |
| Hugenote-Kollege | Prof PR van Dyk |
| **KORREKTIEWE DIENSTE** | Ds JJF Bezuidenhout |
| **VROUEDIENS** | Mev M Kemp (Prim)<br>Mev S van de Wall (Sek) |
| **GEKOöPTEERDE LEDE** | Prof MHO Kloppers<br>Dr JE Pieterse<br>Mnr LS de Kock |
| **PASD** | Dr DF Theron |

DS AJ DE KLERK (Voorsitter)
DR DF THERON (Skriba)

# A.14.1 HUGENOTE-KOLLEGE

Geagte voorsitter en broers

Die Raad van die Hugenote-Kollege rapporteer soos volg:

## 1. OPDRAG VAN DIE SINODE

### 1.1 RASIONALISERING

Die Algemene Sinode van 1990 het die voorstelle van die Rasionaliseringskommissie in verband met die Hugenote-Kollege na 'n ad hoc-kommissie, bestaande uit die lede van die engere Rasionaliseringskommissie, die Moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland en twee lede van die Raad van die Hugenote-Kollege verwys met die oog op verslag aan die volgende sitting van die Algemene Sinode. Die ad hoc-kommissie het besluit om aan te beveel dat die status quo ten opsigte van die Kollege gehandhaaf word.

#### 1.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit om die aanbeveling van die ad hoc-kommissie dat die status quo ten opsigte van die Hugenote-Kollege gehandhaaf word, te aanvaar.**

## 2. ADVIES AAN ALGEMENE SINODE

### 2.1 ALGEMEEN

Die Kollege is dankbaar dat hy kon voortgaan om deur middel van sy afgestudeerdes 'n waardevolle diens aan die kerk te lewer.

### 2.2 SAMESTELLING VAN KOLLEGERAAD

Met die opstel van hierdie verslag was die Kollegeraad soos volg saamgestel:

Dr JA Victor (Verteenwoordiger NG Kerkraad, Wellington) (Voorsitter)
Ds MR Heyns (Wes-Kaapland) (Ondervoorsitter)
Ds CS Roberts (Wes-Kaapland)
Ds DR Pepler (Wes-Kaapland)
Ds JH Koch (Wes-Kaapland)
Ds CA Jordaan (Oos-Kaapland)
Ds JGF Roelofse (Noord-Kaapland)
Ds WC van der Merwe (Natal)
Ds WJ Botha (Oranje-Vrystaat)
Dr RC Lindeque (Wes-Transvaal)
Dr GJ Cloete (Noord-Transvaal)
Ds JG Liebenberg (Oos-Transvaal)
Ds WN van Aswegen (Suid-Transvaal)
Ds AJ de Klerk (Namibië)
Dr AM Hofmeyr (AKSE)
Dr DF Theron (AKDB)
Dr LC Dressel (AJK)
Mev AM du Toit (Vrouediens)
Prof M Wiechers (Unisa)
Mnr MH Stockhoff (Unisa)
Prof JJ Burden (Unisa)
Prof FA Maritz (Unisa)
Dr SG Pick (gekoöpteer)
Prof PR van Dyk (Rektor)
Prof JP du T Furstenberg (Vise-rektor)

### 2.3 SKAKELING MET UNIVERSITEIT

2.3.1 Die samewerking met die Universiteit van Suid-Afrika in terme van die ooreenkoms tussen die Universiteit en die Kollege verloop steeds baie goed. Terwyl dit aan die een kant aansienlike finansiële voordele en akademiese prestige aan die Kollege bied, kry die Kollege voldoende ruimte om sy eie aksente te lê en sy Christelike karakter en uitgangspunte te handhaaf. Die Kollege baat ook ryklik by die bestuurservaring en by vele fasiliteite van die Universiteit.

#### 2.3.2 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode betuig sy dank en waardering teenoor die Universiteit van Suid-Afrika vir die wyse waarop die ooreenkoms tussen die Universiteit en die Kollege ten uitvoer gebring word.**

### 2.4 LEERGANGE EN STUDIERIGTINGS

#### 2.4.1 MAATSKAPLIKEWERKOPLEIDING

Die meerderheid van die studente van die Kollege was betrokke by Maatskaplikewerkopleiding (in 1994 was die getal by inskrywing 276 uit 'n totaal van 334 studente). Naas die basiese vierjarige graad/diploma wat aangebied word, is daar ook twee studente wat met magisterstudie besig is.

Praktikafasiliteite word oa deur die SKDB van Wes-Kaapland (tov voorgraadse studente) en vier opleidingseenhede in die sinodale gebiede van Oos-Kaap (Port Elizabeth), die Oranje-Vrystaat (Bloemfontein), Suid-Transvaal (Johannesburg) en die NG Sendingkerk (Ceres) verskaf. Die eenheid op Witbank (Oos-Transvaal) moes ongelukkig om finansiële redes gesluit word.

#### 2.4.2 JEUGWERKOPLEIDING

Hierdie afdeling van die Kollege is nou goed gevestig. Naas die voorgraadse studente is daar gereeld ander wat met die honneursgraad/gevorderde universiteitsdiploma en die magister-graad voortgaan. Die eerste doktorsgraad wat aan die Kollege verwerf is, is in hierdie afdeling behaal. Die praktika word by verskillende gemeentes en ander instansies gereël. Maatreëls ivm kerklike keuring en begeleiding is ingestel.

#### 2.4.3 SENDINGOPLEIDING

In die reses is daar begin met 'n volwaardige driejarige graad/diplomakursus in Sending, nadat deeglike ondersoek ingestel is. Die eerste drie studente het aan die einde van 1993 afstudeer. Daar is 'n klein maar konstante toevloei van studente tot die kursus.

#### 2.4.4 TAALVERWERWING

Die Kollege se Instituut vir Taal- en Kultuurverwerwing het etlike kursusse onder leiding van ds JM Louw van Swaziland (tans emeritus) aangebied.

#### 2.4.5 KURSUS VIR SAAKGELASTIGDES

Die tweejarige korrespondensiekursus vir gemeentelike saakgelastigdes wat deur ds HJ le Roux van Randpoort behartig is, moes weens gebrekkige inskrywings gestaak word. 'n Totaal van 13 persone het die diploma verwerf.

#### 2.4.6 HUGENOTE-BYBELINSTITUUT

Die kursusaanbiedinge van die Hugenote Bybelinstituut, 'n gesamentlike onderneming van die Hugenote-Kollege en Bybelkor, word stelselmatig uitgebrei ten einde oor 'n breë terrein akademies verantwoorde opleiding per korrespondensie aan te bied.

#### 2.4.7 NUWE PERSPEKTIEWE

Die Kollege ondersoek tans die moontlikheid om sy opleiding so in te klee dat koninkryksdiens op 'n breër terrein as dié van bepaalde beroepsrigtings gelewer kan word, sodat die beginsels van die koninkryk van God op meer terreine van die gemeenskapslewe ingedra kan word. Die moontlikheid van pre-professionele kursusse op bepaalde terreine word ook ondersoek. Ter wille van rasionalisering word aandag ook gegee aan moontlike samewerking met die Onderwyskollege Boland op Wellington.

#### 2.4.8 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode**

**2.4.8.1 spreek sy dank uit teenoor SKDB's, gemeentes en ander instansies wat 'n besondere bydrae tot die praktykopleiding van die Kollege maak;**

**2.4.8.2 versoek kerklike kommissies en instansies om kennis te neem van die Kollege se opleiding en die indiensneming van afgestudeerdes van die Kollege te ondersteun;**

**2.4.8.3 dra dit aan die ASK op om voorstelle van die Kollegeraad in verband met moontlike samewerking met die Onderwyskollege Boland in behandeling te neem.**

### 2.5 STUDENTE

#### 2.5.1 GETALLE

Die studentegetalle by die Kollege word op 'n bevredigende vlak van oor die 300 per jaar gehandhaaf.

#### 2.5.2 KEURING

Keuring van studente word op grond van akademiese vermoëns, godsdienstige lewe, motiewe, gesindhede en persoonlikheidstrekke toegepas. Rekening word ook gehou met beskikbare fasiliteite, soos klaskamerruimte en praktikafasiliteite.

#### 2.5.3 HERKOMS

Studente van die Kollege kom uit al vier die provinsies van die Republiek, asook uit Namibië. Afgestudeerdes gaan werk in al die bogenoemde gebiede.

#### 2.5.4 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode doen 'n beroep op sinodes en leraars van die Kerk om die opleiding wat die Kollege bied, onder die aandag van jongmense te bring en studie by die Kollege aan te beveel.**

### 2.6 GEMEENSKAPSDIENS

Die Hugenote Sentrum vir Gemeenskapsontwikkeling maak 'n belangrike bydrae tot diens aan die gemeenskap op Wellington en in die omgewing.

Die Sentrum vir Jeugbediening met sy jaarlikse Lenteskole en die Diensjaar vir Christus-projek het in 'n kort tyd vir hom 'n gewaardeerde plek in die kerk se jeugbediening ingeruim. Vir die Diensjaar vir Christusprojek is 320 jongmense in 1994 by drie sentra opgelei. Die Kollege voorsien die opleiding.

Die Kollege se Buro vir Voortgesette Onderrig is nog in sy beginstadium, maar die vooruitsig is reeds daar dat waardevolle diens deur middel van afstandsonderrig aan die diensdoende maatskaplike werkerskorps van die kerk se barmhartigheidsdienste en ook op ander terreine gelewer gaan word.

### 2.7 FINANSIES

**2.7.1** Die Kollege is baie dankbaar vir die jaarlikse bydrae van die Algemene Sinode en die simpatieke hantering van sy voorleggings deur die Algemene Kommissie vir Fondse.

**2.7.2** Gereelde ontleding van die Kollege se inkomstebronne toon dat die persentasie van die Kerk se bydraes 'n afwaartse kurwe volg. Dit bly egter vir die Kollege noodsaaklik om die finansiële band met die Algemene Sinode te behou.

**2.7.3** Uiteraard is daar tans onsekerheid oor staatsubsidie in die toekoms. Soos by ander universitêre inrigtings is dit ook vir die Kollege sy grootste enkele inkomstebron.

**2.7.4** Die Kollege se Departement Ontwikkeling is grootliks betrokke by donasiewerwing vir beurse en lenings aan studente en spesifieke projekte. Ons is dankbaar teenoor kerkrade en ander kerklike instansies wat hulle samewerking bied, en teenoor lidmate wat gewillig is om by te dra.

#### 2.7.5 AANBEVELINGS

**Die Algemene Sinode**

**2.7.5.1 spreek sy dank uit teenoor die staat en kerklike instansies vir geldelike bystand aan die Kollege;**

**2.7.5.2 doen 'n ernstige beroep op sinodes en kerklike instansies om die fondsinsamelingspogings van die Hugenote-Kollege te steun.**

## 2.8 PERSONEEL

**2.8.1** Die personeel van die Hugenote-Kollege is goed toegerus en gemotiveer met die oog op die uitvoering van hulle verpligtinge.

**2.8.2** Tydens die eerste drie jaar van die reses was daar min wisseling in personeel, maar in 1994 moet 'n aansienlike aantal nuwe aanstellings gemaak word, waaronder die volgende besondere vermelding verdien:

* Prof DE de Villiers is by die Teologiese Fakulteit, Afdeling B, aan die Universiteit van Pretoria aangestel. 'n Aanstelling in sy plek moet nog gemaak word.

* Ds WH van Niekerk, Direkteur van Ontwikkeling, het sy emeritaat aan die einde van April 1994 ontvang. Ds AF du Toit van Jacobsdal is in sy plek aangestel.

* Die rektor tree ook aan die begin van 1995 (DV) af. Die proses om 'n nuwe rektor te benoem, is reeds aan die gang.

DR JA VICTOR (VOORSITTER)
PROF PR VAN DYK (REKTOR)

# A.14.2 AD HOC-KOMMISSIE: HUGENOTE-KOLLEGE

Geagte voorsitter, broers en susters,

## 1. OPDRAG

### 1.1 DIE ALGEMENE SINODE VAN 1990 HET BESLUIT

"Die Algemene Sinode verwys alle aanbevelings van die Rasionaliseringskommissie wat die Hugenote-Kollege raak, na 'n ad hoc-kommissie wat bestaan uit die engere Rasionaliseringskommissie (of 'n kommissie deur die Algemene Sinode benoem), die Moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland en twee lede van die Raad van die Hugenote-Kollege om die aanbevelings te oorweeg en verslag aan die volgende sitting van die Algemene Sinode te doen" (Ordemosie, Hand AS 1990, bl 649).

### 1.2 VERDER IS BESLUIT

"Aangesien alle aanbevelings van die Rasionaliseringskommissie in verband met die Hugenote-Kollege na 'n ad hoc-kommissie verwys is vir heroorweging en rapport oor vier jaar, bly die status quo ten opsigte van die posisie van die Hugenote-Kollege vir die huidige outomaties behoue" (Hand AS 1990, 6.3, bl 677).

## 2. UITVOERING VAN OPDRAG

**2.1** Die Ad hoc-kommissie, op die voorgeskrewe wyse saamgestel, het die aanbevelings van die Rasionaliseringskommissie aan die Algemene Sinode van 1990 deeglik oorweeg. Dié aanbevelings lui:

"1. Die Algemene Sinode besluit dat die Hugenote-Kollege 'n werksaamheid van die Sinode van Wes-Kaapland sal wees, met 'n geskrewe ooreenkoms tussen die Algemene Sinode en die Sinode van Wes-Kaapland waarin onder andere die volgende gewaarborg word: Dat -

* die finansiële verantwoordelikheid ten opsigte van die Hugenote-Kollege, kragtens 'n aanvaarbare en goedgekeurde begroting, deur die Algemene Sinode gedra sal word;

* die toegang van die Hugenote-Kollege tot al die sinodes van die kerk met die oog op bekendstelling, studentewerwing, fondsinsameling en fasiliteite vir praktykopleiding van sy studente onaangetas sal bly voortbestaan;

* die Algemene Kommissie vir Fondse opdrag kry om in die opstel van die ooreenkoms waarna hierbo verwys is, inisiatief te neem;

* hierdie besluit geïmplimenteer word nie later nie as 1 April 1992" (Agenda AS 1990 4.2.14.4, bl 313).

**2.2** Die Ad hoc-kommissie het eenstemmigheid bereik dat sinodes moeilik verplig sal kan word om met hulle bydraes die Algemene Sinode in staat te stel om die finansiële verantwoordelikheid van die Hugenote-Kollege te dra indien die Kollege 'n werksaamheid van die Wes-Kaapse Sinode word.

**2.3** Die Ad hoc-kommissie het ook ag geslaan op die lang geskiedenis wat tot die huidige verhouding tussen die Algemene Sinode en die Hugenote-Kollege gelei het en gelet op ondernemings wat oor die loop van die jare gegee is.

**2.4** In die lig hiervan, het die Ad hoc-kommissie eenparig tot die slotsom gekom dat die status quo gehandhaaf moet word.

## 3. AANBEVELING

**Die Algemene Sinode besluit dat die Hugenote-Kollege 'n werksaamheid van die Algemene Sinode bly en dat die huidige reëling ten opsigte van finansiële bystand, gehandhaaf word.**

Met die hoop dat u kommissie sy taak na wense uitgevoer het:

J VAN DER WESTHUYZEN (Voorsitter)
FM GAUM (Skriba)

# A.15 ALGEMENE KOMMISSIE VIR GEMEENTEBEDIENING

Broer voorsitter, broers en susters,

U kommissie vir Gemeentebediening lê graag hierdie verslag van sy werksaamhede aan u voor.

## 1. GEMEENTEBEDIENING

### 1.1 Opdrag

Die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening verrig sy taak in ooreenstemming met die Kerkorde, Art 52

52.1 Die kerk rig hom deur middel van gemeentebediening tot die lidmate ten einde die gemeente op te bou tot vervulling van sy dienswerk.

52.2 Die kerk rig hom deur intensiewe gespesialiseerde gemeentebediening tot kerkvervreemdes wat formeel nog lidmate is ten einde hulle daadwerklik te bereik en hulle tot gemeenskap met Christus te bring.

### 1.2 Werkwyse

Die kommissie is saamgestel uit een verteenwoordiger elk van die elf sinodes, een verteenwoordiger elk van die drie Teologiese Fakulteite, predikante in Sinodale Diens met opdrag Gemeentebediening, verteenwoordigers van die Kapelaansdienste en die Algemene Komitee van die Vrouediens.

Die Eredienskommissie is 'n subkommissie van die AKG en die voorsitter en skriba van die subkommissie dien in die AKG.

Prof JS Kellerman is voorsitter, ds M Smuts is ondervoorsitter en ds GC Olivier is die skriba. Die volle kommissie het twee keer vergader en die dagbestuur meer dikwels.

### 1.3 Bevindinge

1.3.1 Hoewel daar op grond van finansiële en ander faktore druk op gemeentes geplaas word, blyk dit tog dat dit in die meeste gemeentes goed gaan met die gemeentebediening.

1.3.2 Die gemeentebediening het met twee sake te make: Die opbou van die gemeente tot vervulling van hulle dienswerk en die uitreik tot kerkvervreemdes om hulle tot gemeenskap met Christus te bring.

1.3.3 Die opbou van die gemeente behels oa die erediens, prediking, huisbesoek, wykswerk, Bybelstudie, gebedsgeleenthede, uitreik, omgeegroepe, vertroosting en hulp aan gemeentelede (en andere) waar nodig asook onderlinge vermaning. Dit word gedoen deur doelgerigte beplanning van en die gekoördineerde uitvoering van al die werksaamhede van die gemeente.

1.3.4 Toerusting van gelowiges met die oog op dienswerk vorm 'n baie belangrike taak van die kommissie, veral op sinodale, rings- en gemeentevlak. Lidmate word gehelp om geestelik te groei, hulle gawes te ontwikkel en vaardighede aan te leer.

1.3.5 Die huwelik en gesin is 'n belangrike fokusterrein.

1.3.6 Die kerk kan nooit tevrede wees met sy geestelike peil nie en daar is altyd ruimte vir verdere deelname in gebed en toewyding.

### 1.4 AANBEVELING

**Die Sinode roep alle lidmate op tot groter toewyding en deelname aan gebed sodat die Koninkryk van God in hierdie tyd uitgebou word.**

## 2. AMP EN AMPSWERK

### 2.1 Opdrag

Die Algemene Sinode het aan die AKG opdrag gegee om saam met die AKDB en ARK en die teologiese fakulteite 'n hersiening van artikels 9, 16 en 17 voor te berei vir die Algemene Sinode van 1994.

### 2.2 Werkwyse

Die AKG het 'n studiekommissie benoem, bestaande uit die verteenwoordigers van die AKG uit die Sinode van Wes-Kaap, om die saak te ondersoek en aanbevelings te maak.

Aangesien die uitgangspunt wat voorgelê is nie soseer 'n herformulering van Art 9, 16 en 17 meebring nie maar 'n nuwe benadering behels, word die volgende bevindinge voorgelê.

### 2.3 Bevindinge

#### 2.3.1 Uitgangspunt

Die hermeneutiese uitgangspunt wat in die verslag gevolg is, is tweërlei:

Eerstens: Die Bybel bevat basiese beginsels waarvolgens die kerk ingerig behoort te word. Daar word in hierdie verslag daarna gestreef om die beginsels ten opsigte van die amp (in besonder die predikantsamp) te verwoord.

Tweedens: Die Bybel verskaf nie 'n bloudruk waarvolgens die kerk vir alle tye ingerig moet word nie. Die Bybelse beginsels bly geldig, maar die vorm waarin die beginsel gestalte gegee en toegepas word, verander na gelang van omstandighede.

**2.3.2 Die Problematiek**

**2.3.2.1 Verwarrende en onduidelike begrippe en uitdrukkinge**

In die hedendaagse gesprek rondom ampte in die kerk blyk dit dat deel van die problematiek wat ervaar word, geleë is in verwarrende en onduidelike begrippe wat gebruik word.

Die begrip "amp" self word deur sommige as problematies ervaar. Vir party is dit heeltemaal aanvaarbaar terwyl ander die begrip "diens" verkies, veral omdat diens die begrip is wat in die Skrif gebruik word.

Ander begrippe en uitdrukkinge wat ook die debat oor die amp bemoeilik, is bv die onderskeid wat gemaak word tussen algemene amp en besondere amp, amp van gelowige en priesterskap van die gelowige, amptelike diens en spontane diens, amptelike diens en spesifieke dienste, georderde en ongeorderde dienste asook gewone ampte (leraar, ouderling en diaken) en buitengewone ampte (apostel, profeet en evangelis).

Laastens kan daar ook gewys word op onduidelikheid wat bestaan oor die betekenis van begrippe en sake soos roeping, gawe en diens, ampsbekleding en handoplegging, amp en charisma en ook die verhouding tussen hierdie begrippe en sake.

**2.3.2.2 Die bestaansreg van ampte word in mindere of meerdere mate bevraagteken.**

Die gesprek oor die vraag of ampte nog 'n bestaansreg het word meermale gemotiveer deur kerke en soeke na die beste vorm waarin hulle hulle kan organiseer ten einde die evangelie in die wêreld te verkondig en 'n gestalte te gee aan hulle diens van die Here. Die vraag word gevra of die klassieke ampte nog kan dien om die Christelike gemeenskap in die hedendaagse samelewing te bou?

Volgens ander weer moet dié massiewe blok wat ons "kerk" noem uit die weg geruim word omdat dit tussen die boodskap van Christus en die moderne mens te staan gekom het. Daarom moet daar ook weggedoen word met die groot amptelike strukture van die kerk. In die plek van een groot bymekaarkomplek van die gemeente moet daar eerder kleiner samekomste of huisgemeentes kom. Omdat die ampte eintlik maar net hefbome is van konserwatisme, bevoogding en hiërargie in die kerk en die moderne lidmate mondige mense is wat hulleself teenoor die ampte kan handhaaf, kan daar maar volgens diegene met die ampte weggedoen word.

**2.3.2.3 Botsende rolverwagtinge**

Een van die kernprobleme is die verwagting wat mense aan die ampte stel. Die verwagting van die gemeente ten opsigte van die amp van leraar, ouderling en diaken, verskil van die siening van die predikant daaroor. Die predikant beleef dit dat daar van hom/haar verwag word om dinge te doen wat buite sy/haar ampsomskrywing val en in werklikheid die taak van die ouderling, diaken en ander bedieninge behoort te wees. Dit bring mee dat die predikant nie die dinge kan doen wat hy/sy meen werklik tot hulle taak behoort nie. Al hierdie faktore het by sommige predikante al tot 'n rolverwarring gelei.

**2.3.2.4 Gesagskrisis**

Een van die grootste probleme waarmee die amp tans in die kerk te doen het, het te make met 'n sekularisering van die gesagsbegrip. Die status en gesag wat tradisioneel aan die Bybel as Woord van God en aan die ampte gegee is, bots met die gesagsopvatting van die moderne mense. Die moderne mens het sg mondig geword en handhaaf 'n demokratiese gesagsbegrip wat ten spyte van oënskynlike ooreenkomste tog wesenlik in stryd is met die Bybelse gesagsbegrip.

Dan is daar ook mense wat meen dat die wyse waarop die gesag van die ampte uitgeoefen word, in werklikheid strydig is met die dienskneggestalte wat die Skrif aan ampte toeskryf. Ampte is diens. Ampte behoort diens te lewer en moenie outoritêre gesagsfigure wees nie.

**2.3.2.5 Oorlading van spesifieke mense**

Dit word al hoe meer onmoontlik om van een persoon en een amp te verwag om al die take te verrig wat tans aan die amp van leraar of ouderling of diaken gekoppel is. Daar is in elkeen van hierdie ampte soveel fasette saamgebundel wat elkeen op sy beurt so 'n gespesialiseerde vaardigheid vereis, dat een persoon onmoontlik aan alles aandag kan gee.

**2.3.2.6 Funksionalisering van die amp**

Daar is mense wat die ampte bloot funksioneel benader. Die klem is op die diens wat gelewer moet word. Die diens is belangrik, nie deur wie dit gedoen word nie. Dit is dus nie noodsaaklik dat daar ampte moet wees nie.

**2.3.2.7 Gefikseerde opvattinge**

Een van die groot probleemareas in die huidige ampsteologie is 'n gefikseerde ampsbegrip en ampsfunksionering. Dit kom daarop neer dat daar met 'n bepaalde opvatting aangaande die ampte en hulle funksionering gewerk word sonder dat die opvatting en funksionering as sodanig aan teologiese kritiek onderwerp word. So kan dit gebeur dat 'n kerk in sy ampsopvatting verstar in 'n hiërargiese, of 'n burokratiese, of 'n sakramentalistiese ampsbegrip. Dit kan ook gebeur dat die leraarsamp verhef word tot die amp in die kerk ten koste van die ander ampte.

**2.3.2.8 Die amp en die bedieningspraktyk**

Daar word tans tot 'n groot mate net vir een uniforme bedieningsmodel voorsiening gemaak wat orals toegepas moet word. Die feit dat daar 'n verskeidenheid van gemeentetipes is wat gedifferensieerde bedieningspatrone vereis, word nie genoegsaam verreken in die huidige model vir die amp in die algemeen en die leraarsamp in die besonder nie.

**2.3.2.9 Die sielkundige en emosionele effek van bg aspekte van die proleemstelling op die persoon en gesig van die leraarsamp.**

Al die gemelde aspekte van die probleemstelling het 'n baie negatiewe uitwerking op die emosionele en gesinslewe van leraars. Dit plaas die leraar onder groot druk en lei in sommige gevalle tot 'n identiteitskrisis en die gevoel van onsekerheid en mislukking.

**2.3.2.10 'n Geroepene met 'n beroep**

Die predikant moet die beste maak van twee wêrelde. Hy/sy is 'n "geroepene" maar is terselfdertyd onderhewig aan al die fasette van 'n beroep net soos enige ander professionele persoon. Hy/sy is "gestuur", maar ook "gehuur".

**2.3.2.11 Slotsom**

Die problematiek wat in die bostaande paragrawe beskryf is, vra van beide kerk en teologie om voortdurend krities besig te wees met sy eie opvatting oor die amp en die wyse waarop dit in die praktyk funksioneer.

**2.3.3 Bybels-teologiese riglyne vir ampsdiens**

**2.3.3.1 Dit is God se werk**

*1 Die kerk is ten diepste die maaksel van God Drie-enig. Die kerk berus op sy uitverkiesing en sy raad en is gerig op die koms van sy koninkryk in die wêreld. Christus is die Hoof van die kerk. Hy is die Ampsdraer by uitnemendheid. Vgl pt 2.3.5.2 later. Hy regeer ook die kerk deur die Heilige Gees en die Woord en gebruik die dienste van mense om sy heerskappy te realiseer. Daarmee word die menslike kant van die kerk wat sosiologies verklaar kan word egter nie ontken nie.

*2 Die Here gee gawes aan lidmate vir die opbou van die gemeente asook vir toerusting van die gemeente vir die uitvoering van hulle roeping in die wêreld. Alle ampswerk/dienswerk word verrig vanuit die krag en genadige begeleiding en behoort in onderdanigheid aan Hom te geskied.

**2.3.3.2 God werk deur sy kerk/gemeente**

*1 Wanneer die Here mense uit die duisternis roep na sy wonderbare lig, skakel Hy hulle by sy gemeente in. Die gemeente is die liggaam van Christus. Binne die gemeenskap van die gemeente bou die Here sy kerk op.

*2 Die gemeente speel 'n onvervangbare rol in die handeling van God. Pogings om die waarde van die gemeente in 'n sogenaamde moderne situasie te minimaliseer, moet afgewys word.

*3 Die Here gee gawes aan lidmate en aan die gemeente as sodanig sodat die lidmate as deel van die gemeente opgebou kan word tot die volheid van God. Die ampte is deel van die gawes van God aan die gemeente en speel 'n belangrike rol in die Here se omgang met sy gemeente. Pogings om die rol van die ampte en ander gawes waardeur die Here die gemeente opbou, af te skryf, behoort ook afgewys te word.

Die vraag wat ons ons wel moet afvra, is of bepaalde vorme wat die ampsbediening deur 'n lang historiese proses aangeneem het, nog beantwoord aan die Bybelse doel. As daar gebreke is, moet die ampte nie sonder meer uitgefaseer word nie, maar moet die ampsbediening hervorm word. Vergelyk die slotparagraaf by pt 2.3.5.3 later.

**2.3.3.3 Onderskeiding van terme: gawe, dienste en ampte in die kerk**

*1 Die **genade** (charis) van God aan sy kerk lei tot 'n verskeidenheid van gawes aan gelowiges om sowel in die kerk as in sy koninkryk aan te wend. Paulus gebruik veral die twee woorde gawes (charismata) en dienste (diakonia) om hierdie saak te beskryf, maar daar is ook ander woorde soos kragte (energemata) en dienswerk (leitourgia), ens.

*2 **Gawes**: Die begrip gawe (charisma) het 'n baie ruim inhoud. Dit sluit alles in wat God nodig ag vir die opbou van die gemeente. Rom 12:6-8 noem gawes soos verkondiging van God se boodskap, diens, onderrig, bemoediging en leiding. Volgens Ef 4:11 gee die Here apostels, profete, evangeliste, herders en leraars as gawes. In 1 Kor 12 word nog kategorieë bygevoeg soos bv genesing en spreek in tale.

Uit al hierdie gebruike blyk dit dat die inhoud van charisma nie beperk mag word tot net besondere en buitengewone verskynsels soos bv die spreek in tale, genesing of toestande van ekstase nie. Hierdie verskynsels wat blykaar in Korinte hoog aangeskryf was en aldaar as die pneumatika (die gawes van die Gees) bekend gestaan het, word bv glad nie eers in Rom 12 en Ef 4 genoem nie. Charisma is per slot van rekening alles wat die Heilige Gees wil gebruik en ten dienste stel vir die toerusting van die gemeente (1 Kor 14:12) en sluit gawes in soos lering, vermaning, onderlinge diensbetoon, die doeltreffende bestuur en regering van die gemeentes.

Uit die gegewens oor die charisma blyk dit ook dat alle gawes nie gelyk is nie. In 1 Kor 12:28 (vgl ook Ef 4:11) word apostels, profete en leraars voorop gestel terwyl profesie volgens 1 Kor 14:1 dié gawe is wat nagejaag moet word.

Gawes mag egter nie oorbeklemtoon word nie. Dit gebeur wanneer gelowiges hulle aan hulle roeping onttrek op grond van die argument dat hulle nie die nodige gawes daartoe ontvang het nie. As God iemand roep tot diens, gee Hy ook die toerusting om die roeping uit te voer.

*3 **Diens**: Tiperend vir die wyse waarop die gawes in die gemeente funksioneer is die feit dat dit diens is wat gelewer word. Daarom kan daar ook van die charismata gepraat word as dienste in die kerk. Die doel van gawes is diens. (Vgl 1 Pet 4:10,11)

Die diens wat die gawes lewer, is afgestem op die opbou en die uitbou van die gemeente. Die diens kry gestalte in bedieninge.

*4 **Ampte:** Binne die totaliteit van gawes en dienste wat die Heilige Gees aan die kerk gee, is daar ook dié kategorie van gawes en dienste wat in die loop van die kerk se geskiedenis by sommige kerke bekend geraak het as ampte (Kerkorde Ned Geref Kerk 1990, Art 3). In ander kerke word daar van hierdie kategorie gepraat as die dienste in die kerk (Dordtse Kerkorde, art 4) terwyl nog ander dit geordende dienste noem in onderskeid van die ander dienste wat bestaan.

'n Werkbare onderskeid wat baie verwarring uit die weg kan ruim, blyk dié te wees van diens en ampsdiens. Ander onderskeide soos algemene en besondere diens sou ook gebruik kon word. Alhoewel die onderskeid diens/ampsdiens ook problematies kan wees, word dit in hierdie verslag tog gebruik.

Die verskil tussen ampsdiens en die ander dienste kan soos volg geformuleer word. Die ampsdiens het 'n besondere funksie ten opsigte van al die ander dienste en die gelowiges. Die funksie van die ampsdiens is om die dienswerk van al die ander dienste en die gelowiges te koördineer en algemene leiding daarvoor te gee. Hierdie funksie van die ampsdiens word in paragraaf 2.3.5.3 tot 2.3.5.4 verder uiteengesit.

Ampsdiens is deel van die Here se gawe aan die kerk. Dit dui daarop dat die gawes wat die Here gee nie net op spontante optrede van mense in die gemeente dui nie, maar dat daar ook 'n bepaalde struktuur en 'n bepaalde institusionalisering is waarbinne die dienswerk plaasvind.

'n Woord van vermaning is egter hier van pas. Die feit dat die ampsdiens 'n funksie ten opsigte van die ander dienste het, moenie aanleiding gee tot 'n paternalistiese houding en outokratiese optrede van die ampsdiens teenoor die ander dienste nie. Alle dienswerk, ook ampsdiens, word met 'n diensknegshouding verrig.

Die volgende is voorbeelde van diens en ampsdiens in die praktyk van die Ned Geref Kerk:

* Dienste: kategese, koorsang, evangelisasie- en barmhartigheidsprojekte.
* Ampsdienste: predikant, ouderling en diaken.

**2.3.4 Die verskeidenheid van gawes en dienste in die kerk**

*1 Uit die gegewens in Rom 12:6-8, 1 Kor 12:8-10 en 28-30, en Ef 4:11 blyk dit dat daar in die vroeë kerk 'n groot verskeidenheid van gawes en dienste voorgekom het. Dit is opvallend dat sommige hiervan op 'n spesifieke kategorie van persone dui, terwyl ander meer betrekking het op die verskillende kategorieë van diens wat gelewer moet word. Van al die gawes en dienste geld dit egter dat dit die volheid van die genade verteenwoordig wat Christus aan sy gemeente skenk.

*2 Die gawes wat op die kategorieë van persone dui, is apostels(1 Kor 12:28; Ef 4:11), profete (Rom 12:6; 1 Kor 12:10, 28; Ef 4:11), leraars (Rom 12:7; 1 Kor 12:28; Ef 4:11 herders en leraars), evangeliste (Ef 4:11; 1 Tim 4:5), opsigters (Fil 1:1; 1 Tim 3:2; Tit 1:7), presbiters (1 Tim 5:17,19; Tit 1:5), diakens (Fil 1:1; 1 Tim 3:8,12).

Dit wil voorkom of hierdie kategorieë van persone destyds die dienste gelewer het wat ons in pt 2.3.3.3 *4 as ampsdiens aangedui het.

Hierdie kategorieë van persone was egter nie rigiede onderskeidinge nie. Skynbaar het hulle oorvleuel. Herders, leraars, profete en evangeliste vertoon dieselfde trekke as die ouderlingsdiens. Ewe-eens praat die apostel Petrus van homself as 'n ouderling. Paulus praat van homself as apostel, prediker en leraar (1 Tim 2:7; 2 Tim 1:11), terwyl Timoteus wat 'n evangelis genoem word, in 1 Tim 4:13 opgeroep word om aan te hou met voorlees, vermaning en lering soos 'n ouderling.

*3 Na die vroeë kerk het daar 'n historiese ontwikkeling ten opsigte van die ampsdienste in die kerk gekom. Dit was egter nie 'n uniforme ontwikkeling nie. Die verskillende kerktradisies het verskillende stelsels van ampsdiens ontwikkel. Nogtans word daar by byna alle kerke variante vorme van 'n predikantsamp, ouderlingsamp en diakensamp aangetref.

*4 Die gawes ten opsigte van **katergorieë van diens** is diensbetoning (diakonia, Rom 12:7 en antilempseis 1 Kor 12:29), uitdeel, barmhartigheid bewys (Rom 12:8), leiding gee (Rom 12:8; 1 Kor 12:28), vermaning (Rom 12:8), woord van kennis (1 Kor 12:8), woord van wysheid (1 Kor 12:8), kragte (1 Kor 12:28 vgl ook 1 Kor 12:9, 1 Kor 13:2), genesing (1 Kor 12:9,28), glossolalie (1 Kor 12:10, 28), uitlê van spreek in tale (1 Kor 12:10,28), en onderskeiding van die geeste (1 Kor 12:10).

*5 Benewens die gemelde drie Skrifplekke word daar elders ook gepraat van onderwys gee in die Woord (Gal 6:6), leiding gee in die Here (1 Tess 5:12, 1 Tim 5:17), en vermaan (1 Tess 5:12)

*6 Uit 'n analise van die verskeidenheid van gawes en dienste blyk dit dat meer van die dienste by dieselfde persoon kan voorkom en dat die verskillende dienste ten nouste op mekaar betrekking het. So bv word die gawe van vermaning spesiaal onder die profetiese werksaamheid gereken, net soos wat 'n woord van kennis en 'n woord van wysheid ook in noue verband met profesie en leer staan (vgl 1 Kor 13:2, 14:6, Kol 1:28). Diensbetoon en barmhartigheid lê weer baie naby aan mekaar terwyl die diens van kragte, genesing, glossolalie en die uitleg van tale klaarblyklik sterk op mekaar aangewys is.

**2.3.5 Die aard van ampsdiens in die kerk**

**2.3.5.1 Die oorsprong van die ampsdiens**

*1 God het die ampsdiens ingestel. 1 Kor 12:28 praat van mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het; Ef 4:11 het dit oor die gawes van apostels, profete, evangeliste en herders en leraars wat Christus gegee het om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk. In Hand 20:28 sê Paulus vir die ouderlinge van Efese "Pas julleself op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het" en in 1 Pet 5:3 skryf Petrus aan die ouderlinge oor diegene "wat God aan julle toevertrou het".

Derhalwe kan ons nie saamstem met diegene wat beweer dat ampsdiens in die kerk nie op Bybelse grond berus nie, maar die resultaat is van 'n historiese ontwikkeling in die vroeë Christelike kerk. Volgens hierdie standpunt is dit volkome binne die bevoegdheid van 'n gemeente om ampsdiens in te stel en af te skaf na goeddunke en dat 'n kerk sonder ampsdiens eintlik 'n groter bewys van 'n Geesteskragtige kerk sou wees as 'n kerk met ampsdiens. Dit behoort ons af te wys.

*2 Ampsdiens kom ook voort uit die geledere van die gemeentelede. Hulle behoort ten nouste betrokke te wees by die identifisering en plasing van 'n medegemeentelid in 'n ampsdiens (vgl Hand 6:3; 6:5; 6:6; 13:3 en 14:23).

**2.3.5.2 Die fundering van die ampsdiens**

Die diepste fundering vir die funksie van ampte in die kerk is geleë in die werk van Jesus Christus self. Hy het die ampte van profeet, priester en koning in sy Persoon en in sy werk vervul. Hy is die Dienskneg wat tot die uiterste toe gedien het en wat nog steeds met die Vader en die Heilige Gees diensknegte van Hom roep en aanstel om diens te lewer ter wille van die diens van sy kudde. Die diens van Christus is daarom van fundamentele en beslissende betekenis vir die ganse diens en ampsdiens van sy kerk.

**2.3.5.3 Funksie van die ampsdiens**

Volgens Ef 4:12 was dit die taak van die apostels, profete, evangeliste en herders en leraars om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

Die woord wat in Ef 4:12 vir toerusting gebruik word, is katartismos. In die algemeen dui die woord iets aan waardeur iemand of iets in staat gestel word om te doen wat van so 'n iemand of iets verwag word. So word die woord bv gebruik om die uitrusting van skepe vir hulle vaart aan te dui of die oefening van 'n leër om slaggereed te wees.

Toegepas op die toerusting van die gelowiges deur die ampsdiens, soos aangedui in Ef 4:12, beteken dit dat dit die taak van die ampsdiens is om aan elke lid van die liggaam dié toerusting te verskaf wat nodig is sodat hy/sy kan voldoen aan dit wat van hom/haar verwag word op grond van die gawe wat hy/sy van Christus en die Heilige Gees ontvang het.

Ef 4:16 bied ook 'n besondere perspektief op die funksie van die ampsdiens.

In die 1983-Afrikaanse vertaling lees dié vers soos volg: "en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas bymekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie en so bou die liggaam homself op in liefde."

Dit wat in die Afrikaans vertaal is as "... en vorm saam 'n eenheid" is in die vertaling van die Nederlandse Bybelgenootskap vertaal as: "... en bijeengehouden door de dienst van al zijn geledingen." Die woord waarom dit gaan, is die Griekse woord "haphè" wat in Nederlands weergegee is met "door de dienst van al zij geledingen". In Afrikaans kan dit vertaal word met "gewrigte". Hierdie betekenis kom ongelukkig nie na vore in die 1983-Afrikaanse vertaling van "vorm saam 'n eenheid nie".

"Haphè" is 'n begrip uit die mediese wêreld van destyds wat nie net verbindingskakels tussen die verskillende liggaamsdele aangedui het nie, maar wat ook beskou is as toevoerroetes van voedsel na die verskillende liggaamsdele. Op grond van Ef 4:16 kan die funksie van ampsdiens in die kerk beskryf word as koördinerend (saambindend) en stimulerend (voedsel toevoerend). Die ampsdiens is daar om die verskillende liggaamsdele saam te bind tot 'n eenheid en te voorkom dat die verskillende charismata in 'n gemeente langs mekaar kan verbywerk en mekaar selfs kan teenwerk. Terselfdertyd is dit ook nodig dat die verskillende charismata in die gemeente voortdurend gestimuleer (gevoed) moet word. Die groei van die liggaam vind immers nie vanself plaas nie. Dit is die ampsdiens se taak om die nodige voedsel aan die gemeente te verskaf. Wanneer hulle daartoe in staat gestel, gestimuleer, gevoed word, sal elkeen van die lede van die liggaam sy funksie kan vervul en sal die liggaam van Christus homself opbou in liefde, sal hy na Christus die Hoof toe groei.

Benewens bogemelde algemene aanduiding van die taak van alle ampsdiens in die kerk, is daar ook nadere aanduidinge van die taak van elkeen van die onderskeie ampsdienste in die kerk. So blyk dit bv dat die taak van die ouderlinge in die Nuwe-Testamentiese tyd was

* om die beleid in die kerk te bepaal (Hand 15; 21:18vv);
* om die kudde van die Here op te pas, wat beteken het dat hulle die kudde moes voed en ook moes beskerm teen gevare wat hulle van buite en uit hulle eie geledere kon bedreig (Hand 20:28vv, 1 Pet 5:1-3)

* om die diens van voorbidding in die gemeente te verrig (Jak 5)
* om onderrig te gee en te preek (1 Tim 5:17; 1 Tim 3:2).

Die bogemelde funksie van ampsdiens hoort wesenlik tot die bestaan van die kerk van Christus, maar die vorm wat dit aanneem, **sou van tyd tot tyd na die eis van omstandighede kon verskil.** Dit is vir 'n gegewe kerk om onder sy bepaalde omstandighede die beste uitdrukkingsvorm te vind waarin die funksies wat Chrisuts aan die ampsdiens opgedra het, verrig kan word. Die gevaar bestaan dat 'n kerk die gestalte wat hy bedink het, gelykstel met die Skriftuurlike duiding as sodanig. Daarom moet die kerk ook altyd toelogies-krities ingestel wees teenoor die funksioneringsgestaltes wat bedink en geïmplementeer word vir sy tyd.

**2.3.5.4 Algemene kenmerke van ampsdiens in die kerk**

Alle dienste in die kerk, soos bv kategesediens, koorsangdiens, sendingdiens, barmhartigheidsdiens, voldoen elkeen op 'n unieke wyse aan die volgende kenmerke van diens. In die volgende paragrawe, egter, word dit net ten opsigte van die ampsdiens beskryf.

* 1 'n Diens naas ander dienste op grond van God se gawe

Die Here gee aan sy kerk en ook aan elke gelowige gawes (vgl Ef 4:7; 1 Kor 12:11; Rom 12:6). Van die gawes wat die Here aan sy kerk gee, is dié wat ons ampsdiens noem (vgl Ef 4:11). Ampsdiens, soos alle diens in die kerk, kan slegs behoortlik gelewer word op grond van die gawes wat Christus en die Heilige Gees gee.

* 2 'n Diens slegs in verband met die kerk

Ampsdiens, as 'n diens van gelowiges aan gelowiges, is 'n diens wat <u>in die reël slegs</u> ivm gelowiges in 'n gemeente- en kerkverband gelewer word. 'n Uitsondering is in die geval van die sendingsituasie waar 'n gemeente iemand uitstuur om 'n gemeente te gaan stig.

* 3 'n Diens vir die kerk

In die lig van die funksie van die ampsdiens soos hierbo uiteengesit, kan ampsdiens ook getipeer word as diens wat vir die kerk/die gelowiges verrig word om die gelowiges in staat te stel, te koördineer en te voed vir die diens wat hulle in die kerk en die koninkryk moet lewer.

* 4 'n Diens met 'n besondere funksie.

Hierbo is geskryf oor die besondere funksie van die ampsdiens in die kerk tw die toerusting, koördinering en voeding van die hele gemeente.

* 5 'n Diens met 'n besondere gesag

Ampsdiens impliseer die gesagvolle hantering van die sleutels van die hemelryk wat deur Christus aan die ampsdraers toevertrou is. Dit beteken dat die ampsdiens altyd met 'n gesagvolle opsigfunksie gepaard gaan. Daar moet verantwoordelikheid aanvaar word vir die groei van die gemeente na Christus terwyl hulle in liefde aan die waarheid vashou.

* 6 'n Diens deur roeping, bekwaammaking en toerusting

Die roeping kom van die Here deurdat Hy aan 'n gelowige gawes gee vir die diens wat Hy wil hê die gelowige moet verrig en deurdat hy die gelowige toerus en bekwaam maak om die diens te verig wat Hy wil hê dat hy moet verrig.

* 7 'n Diens deur identifisering en aanstelling (ordening/bevestiging)

Ten nouste verbonde met die roeping tot ampsdiens deur die Here, is egter ook die identifisering en aanstelling (bevestiging en ordening) van die persoon vir ampsdiens deur die gemeente en/of kerkverband. Gawes wat die Gees aan iemand skenk, laat as 't ware vanself daardie persoon na vore tree in die gemeente. Dit lei dan daartoe dat die gemeente die persoon as amptelike leier aanwys op grond van die gawes wat hy/sy ontvang het.

* 8 'n Diens saam met ander

Die gewone diens van gelowiges in die kerk en in die koninkryk kan ook individueel plaasvind. Ampsdiens in die kerk word egter nooit net deur 'n individu op sy eie verrig nie. Dit vind altyd plaas in samewerking met almal in die gemeente/kerkverband wat daartoe geroep, geïdentifiseer en aangestel is.

**2.3.6 Praktiese riglyne vir diens en ampsdiens**

**2.3.6.1** Alle dienste is God se instrument om sy Koninkryk in 'n bepaalde konteks te vestig. Die inhoud van die diens wat gelewer word, asook die wyse waarop dit behoort te geskied, word bepaal deur:

* Skrifbeginsels vir dienswerk;
* die geskiedenis van die kerklike tradisie;
* die konteks en behoeftes van die tyd.

Die tipe diens en die aantal bedieninge wat op 'n gegewe tydstip in 'n bepaalde konteks nodig is, word bepaal deur die vraag watter dienste nodig is vir die kerk om hulle roeping op daartdie tydstip te vervul.

**2.3.6.2** Die feit dat die konteks medebepalend is vir die vorm van dienswerk, **open die weg vir 'n verskeidenheid gestaltes** wat dieselfde basiese diens soos bv barmhartigheidsdiens, onderrig, diaken en ouderling in verskillende kontekste kan aanneem.

**2.3.6.3** Die huidige praktyk dat net persone in ampsdiens voor die gemeente bevestig word, is onhoudbaar. Dit verlaag die ander dienste tot 'n minder belangrike plek in die gemeente. Elke georganiseerde diens het 'n besondere funksie in die gemeente. Die erkenning daarvan behoort met 'n openbare in-diens-stelling in die gemeente gepaard te gaan.

**2.3.6.4** Elke ampsdiens behoort al die basiese funksies van ampsdiens te vervul, nl om gelowiges toe te rus om hulle diens te kan verrig, hulle daarvoor te versorg en te voed en hulle as liggaam van Christus te koördineer tot 'n eenheid.

**2.3.6.5** Daar behoort, met inagneming van pt 2.3.6.4, groter ruimte te wees vir differensiasie ten opsigte van ampsdiens volgens die behoeftes van 'n bepaalde gemeente. In 'n bepaalde situasie benodig 'n gemeente verskillende tipes predikante, ouderlinge en diakens. Spesifieke persone word afgesonder om spesifieke funksies te verrig. Byvoorbeeld:

* Predikante: Hulle kan spesialiseer in jeugwerk, administrasie, huweliksverryking, 'n spesifieke dienswerk soos evangelisasie ens.

* Ouderlinge: Daar kan wyksouderlinge wees om die lidmate in die wyk te versorg en op te bou. Daar kan ook diensouderlinge wees wat ten opsige van 'n spesifieke diensterrein soos die kategete, 'n evangelisasiespan ensovoorts, die versorging en ophou behartig.

* Diakens: Daar kan wyksdiakens wees. Daar kan ook diensdiakens wees vir spesifieke vorme van diens van barmhartigheid soos die CAD, 'n plakkerbediening, gesinsterapie, ensovoorts.

**2.4 AANBEVELINGS**

**2.4.1 Die Sinode onderskryf die beskrywing van die praktiese riglyne vir diens en ampsdiens soos vervat in pt 2.3.6 as deel van die kerk se voortgaande besinning hieroor.**

**2.4.2 Die Sinode versoek kerkrade om erns te maak met die gemelde riglyne.**

**2.4.3 Die Sinode versoek die AKG om programmateriaal vir gemeentes te skryf aan die hand waarvan gemeentes die gemelde riglyne sinvol in die gemeente kan bespreek.**

**2.4.4 Die Sinode versoek die AKG om riglyne op te stel vir die openbare byeenkoms vir die in-diens-stelling van alle georganiseerde dienste in die gemeente.**

## 3. DIE PREDIKANTSAMP

### 3.1 Opdrag

Die Sinode het dit aan die AKG opgedra om 'n studie van Artikels 9,16 en 17 te maak.

### 3.2 Werkwyse

Die saak is in samehang met punt 2 van hierdie verslag hanteer en die studiekommissie van Wes-Kaap het verslag gedoen.

### 3.3 Bevindinge

#### 3.3.1 'n Selfstandige diens of 'n ouderlingsdiens?

In hierdie verband is 1 Tim 5:17 vir die kommissie baie belangrik nl: "Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral dié wat arbei in woord en leer." Nuwere eksegese dui daarop dat die Griekse woord wat in die Afrikaans met eer vertaal is, naas die betekenis van "eer" en "eerbewys" ook die betekenis van "honorarium" het, dws eer wat 'n materiële vorm aanneem of te wel vergoeding vir die bekleding van 'n amp.

As hierdie laaste betekenis van "eer" op 1 Tim 5:17 toegepas word, gaan dit in hierdie vers nie maar om 'n eerbewys in die algemeen nie, maar spesifiek om 'n honorarium/materiële vergoeding wat aan ouderlinge betaal word.

Hierdie interpretasie van "eer" in 1 Tim 5:17 word versterk deur dit wat in vers 18 staan: "Want die Skrif sê: Jy mag 'n os wat dors nie muilband nie; en: Die arbeider is sy loon werd." Deur die "want" van vers 18 word daar 'n direkte band tussen verse 17 en 18 gelê. Vers 18 gee uit die Skrif, tw Deut 25:4 en Luk 10:7, die motivering vir dit wat in vers 17 gesê word. 1 Tim 5:17-18 bevestig dus die reg om lewensonderhoud vir hulle wat in diens staan van die verkondiging van die evangelie. Vgl ook 1 Kor 9:9-14

Volgens 1 Tim 5:17 behoort ouderlinge wat goed regeer (goeie leiding gee), veral dié wat arbei in woord (prediking) en in leer (onderrig), dubbele eer waardig geag te word. Dit gaan hier om 'n bepaalde kategorie ouderlinge. Die vraag is watter kategorie ouderlinge? Sommige verklaardes sien dit as dié ouderlinge wat preek en onderrig gee. Daar is dus sommige ouderlinge wat preek en onderrig gee terwyl ander ouderlinge dit nie doen nie. Dié ouderlinge wat preek en onderrig gee, dws voorgaan by die erediens en die kategese, moet dubbele eer of te wel 'n dubbele honorarium kry. Die ouderlinge wat die dubbele honorarium kry, word dan volgens hierdie verklaring van 1 Tim 5:17 die prototipe van wat ons ken as die predikant.

Ons hoof beswaar teen die verdeling van ouderlinge in twee kategorië van enersyds as dié wat regeer en andersyds dié wat preek en onderrig gee, is dat so 'n verklaring 1 Tim 5:17 in stryd bring met 1 Tim 3:2 en Titus 1:9. In 1 Tim 3:2 word van alle ouderlinge gesê dat hulle bekwaam moet wees om te onderrig en in Titus 1:9 word van elke ouderling vereis dat hy bekwaam moet wees om op grond van die gesonde leer te vermaan en teësprekers te weerlê. Hieruit kan afgelei word dat die taak om te onderrig en te preek 'n taak is wat aan alle ouderlinge opgedra word en nie net aan sommige nie.

Daar is 'n ander moontlike verklaring van 1 Tim 5:17. Die nadruk in hierdie vers moet nie op "woord en leer"/prediking en onderrig gelê word nie, maar op "arbei"/"hard werk". Die Griekse woord hier beteken eintlik "om moeite te doen", "om jou in te span", "om swaar werk te verrig". In 1 Tim 4:10 gebruik Paulus dieselfde woord om sy eie moeitevolle arbeid in die gemeente aan te dui. Dit gaan om werk wat die volle inset van iemand verg, werk waarin die persoon homself geheel en al moet gee, werk wat 'n volle dagtaak is. Paulus self het sodanig in die gemeente van Efese gewerk (vgl Hand 20:31). Die onderskeid van 1 Tim 5:17 is dus nie tussen ouderlinge wat preek en onderrig gee en ouderlinge wat dit nie doen nie en wat net regeer nie. Alle ouderlinge moet regeer (leiding gee) en alle ouderlinge moet preek en onderrig gee. Al verskil is dat sommige ouderlinge dit voltyds doen en ander dit net deeltyds doen. Vir sommige is dit "harde werk" in die sin van 'n heeltydse inset, terwyl dit vir ander net 'n deeltydse funksie is benewens die ander werk wat hulle doen.

Bg verklaring is 'n waarskynlike verduideliking van die uitdrukking "dubbele eer/honorarium". Ouderlinge wat hulle volle dagtaak verrig in die leiding, die verkondiging van die evangelie en in die onderrig van die gemeente, is daarom ook geregtig op 'n dubbele honorarium vir hulle lewensonderhoud.

#### 3.3.2 Gevolgtrekkinge

**3.3.2.1** Die predikantsamp as sodanig soos ons dit in die Ned Geref Kerk het, kry ons nie in die Skrif nie.

**3.3.2.2** Ons kry wel die ouderlingsamp in die Skrif wat klaarblyklik uit twee tipes ouderlinge bestaan het.

*1 Eerstens, deeltydse ouderlinge wat geroep is om leiding te gee in die gemeente, die gemeente te onderrig of te leer, hetsy deur prediking of op 'n ander manier, en die gemeente te versorg.

*2 Tweedens, is daar binne die geledere van die ouderlinge, dié ouderlinge wat bogemelde funksies as 'n voltydse bediening beoefen het.

3.3.2.3 Die predikantsamp het uit dié van die voltydse ouderling ontwikkel. Die predikant is egter nie 'n afsonderlike amp nie. Dit is maar net 'n ouderling wat sy/haar werk intensief en voltyds verrig.

3.3.2.4 'n Bepaalde interpretasie van 1 Tim 5:17 het in die verlede die kerk gelei tot 'n onderskeid in die taak van ouderlinge as sou sommige die taak gehad het om te preek en onderrig te gee, waaruit die predikantsamp dan sou ontwikkel het, terwyl die ander "gewone" ouderlinge die taak sou hê om net leiding te gee. Dit blyk dat hierdie interpretasie neerslag gevind het in die Kerkorde (1990) van die Ned Geref Kerk. Die kommissie is van mening dat so 'n onderskeid nie korrek is nie.

3.3.2.5 In die praktyk het die feit dat predikante beskou word as mense met 'n taak wat anders is as die van die ander "gewone" ouderlinge, gelei tot 'n besondere roeping anders as gewone ouderlinge, 'n besondere opleiding anders as gewone ouderlinge, 'n besondere bevestiging anders as gewone ouderlinge, 'n besondere beroeping anders as gewone ouderlinge, die vanselfsprekende toegang tot sekere meerdere vergaderinge anders as gewone ouderlinge, asook die alleenverrigting van take soos die "vry" bediening van die Woord, die bediening van die sakramente, die voorsitterskap van kerkraadsvergaderinge.

3.3.2.6 Die vraag is hoeveel van bg sake wel gehandhaaf kan word in terme van die intensiewe en voltydse funksie van die soort ouderlinge wat ons in ons Kerkorde (1990) Bedienaars van die Woord noem. Dit kan wees dat heelparty daarvan tog wel gehandhaaf kan word, maar dat ander aspekte nie so eksklusief aan hulle toegesê kan word nie.

3.3.2.7 Terselfdertyd is dit egter ook 'n vraag of daar nie 'n herwaardering van die "ander" (deeltydse) ouderlinge moet kom nie. Dit is meer in ooreenstemming met die Skrif dat dit die taak van alle ouderlinge is om die gemeente te lei, te onderrig (oa deur te preek) en te versorg. Daar moet weer gedink word oor die gebruik om ouderlinge te verbied om "vry" te preek.

**3.3.3 Die funksie van die predikantsdiens**

3.3.3.1 Die opdrag van die predikant is om saam met die ander ouderlinge, en voltyds, leiding te neem in die versorging en opbou van die gemeente. Die gemeente is die gebou/tempel van God en die liggaam van Christus en moet opgebou word om die werk te doen waartoe God sy gemeente in die wêreld stel sodat sy Koninkryk mag kom. Die predikant moet in alles wat hy/sy doen, die gemeente begelei en bou om hierdie roeping uit te voer.

3.3.3.2 Die predikant verrig hierdie opdrag as voltydse ouderling. Hy/sy het deur studie besondere toerusting ontvang om hierdie opdrag te volbring en word deur die gemeente as voltydse ouderling daarvoor afgesonder. In uitsonderlike gevalle kan hy/sy dit deur 'n tentmakerbediening doen.

3.3.3.3 Die predikant voer hierdie opdrag uit deur:

*1 Die mens wat hy/sy is en die voorbeeld wat hy/sy voorleef. Die dienskneggestalte staan voorop in die verlangde voorbeeld.

*2 Die begeleiding van prosesse wat die gemeente 'n visie gee van hulle roeping, hulle entoesiasme daarvoor opwek en hulle in staat stel om dit uit te voer.

*3 Die prediking van die Woord van God en die bediening van sakramente.

*4 Onderrig, herderlike sorg en vermaning, en

*5 die behartiging van die diens van die gebede.

3.3.3.4 Benewens bogenoemde primêre funksie van die predikant, gee die gemeente ook die opdrag aan die predikant om huwelike te bevestig en begrafnisse waar te neem.

3.3.3.5 Die funksies wat in pt 3.3.3.3 genoem word, is nie die taak van die predikant alleen nie, maar is die taak van alle ouderlinge. Die predikant vervul ook die taak van ouderling, maar as 'n eerste onder gelykes (primus inter pares) neem hy/sy leiding in die verband. Hierdie leiding sluit die toerusting van die ander ampsdienste in.

**3.4 AANBEVELINGS**

**3.4.1 Die Sinode onderskryf die beskrywing van die predikantsdiens as dié van 'n voltydse ouderling asook die gevolgtrekkings wat op grond daarvan gemaak is. (pt 3.3.1 en 3.3.2)**

**3.4.2 Die Sinode onderskryf die beskrywing van die funksie van die predikantsdiens. (pt 3.3.3)**

**3.4.3 Die Sinode versoek gemeentes om die gemelde beskrywing en funksie van die predikantsdiens te bestudeer en na deeglike bespreking in die gemeente te implementeer. Kerkrade word versoek om in die hantering hiervan geduld met die gevestigde persepsies van die lidmate ten opsigte van die predikant te hê.**

**3.4.4 Die Sinode versoek die AKG om programmateriaal op te stel vir gebruik in gemeentes.**

**3.4.5 Die Sinode versoek die AKG om in die lig van bogemelde besluite die ampsdiens van ouderling en diaken te hervalueer.**

**3.4.6 Die Sinode dra dit aan die AKG en ARK op om die herformulering van Art 9 in die Kerkorde te finaliseer.**

## 4. DIE PREDIKANT EN LEIERSKAP IN DIE GEMEENTE

**4.1 Opdrag**

Die studie oor die predikant en leierskap is 'n faset van die amp van die leraar (Art 9)

**4.2 Werkwyse**

Dit is ewe eens deur die studiekommissie oor die predikantsamp hanteer.

### 4.3 Bevindinge

#### 4.3.1 Beheerliggaam

Ten einde doeltreffend as gemeente te funksioneer, is dit nodig dat die dienste en ampsdienste in die gemeente georganiseer word. Met die oog hierop is daar 'n regeerliggaam in die gemeente wat ons die kerkraad noem.

#### 4.3.2 Funksie van die kerkraad

Die kerkraad se funksie is om die gemeente te lei tot volheid in Christus. Die kerkraad moet die gemente help om gemeente te wees. Om toe te sien dat die gemeente getrou bly aan die Here Jesus Christus, hou die kerkraad toesig oor die leer en lewe van die gelowiges. Dit sluit die volgende funksies in:

4.3.2.1 Vorming en instandhouding van die gemeentevisie.

4.3.2.2 Begeleiding van prosesse wat entoesiasme vir en verbintenis aan die gemeentevisie opwek en die gemeente in staat stel om dit uit te voer.

4.3.2.3 Die instandhouding van die erediens.

4.3.2.4 Die beplanning en organisering van die werk van die gemeente en die koördinering van die verskillende aktiwiteite.

4.3.2.5 Skoling en toerusting van dienswerkers en leierskapfunksies.

4.3.2.6 Sorg vir goeie wyksfunksionering en koinonia-strukture.

#### 4.3.3 Samestelling van die kerkraad

4.3.3.1 Die samestelling van die kerkraad is 'n ordereëling wat die kerk in die lig van die Skrif en in die lig van omstandighede telkens in die geskiedenis verander.

4.3.3.2 Die persone wat 'n leiersrol by die onderskeie diensterreine in die gemeente vervul, behoort in die kerkraad verteenwoordig te wees hetsy as ouderlinge of as diakens.

4.3.3.3 Die kerkraad hoef nie groot te wees nie. Al die bekleërs van 'n diens hoef dus nie in die kerkraad te dien nie. 'n Kerkraad van 20, byvoorbeeld, kan baie goed funksioneer.

4.3.3.4 Ander opsies soos verskillende soorte kerkrade wat in die gemeente funksioneer, en op 'n sentrale kerkraad verteenwoordig word, kan ook oorweeg word.

#### 4.3.4 Kollektiewe leierskap

4.3.4.1 Christus is die Hoof van die gemeente. Sy heerskappy moet tot uiting kom in en deur die leierskap wat die kerkraad bedryf.

4.3.4.2 Kollektiewe leierskap is die ideale vorm van leierskap om uitdrukking te gee aan Christus se heerskappy deur sy liggaam. In die kerkraad het verskillende persone verskillende leierskapfunksies. Saam dra elkeen by tot die funksionering van die kerkraad.

4.3.4.3 Om uitdrukking te gee aan kollektiewe leierskap, behoort verskillende persone in die kerkraad en kommissies spesifiek-gedefinieerde rolle te vervul. Vir goeie spanfunksionering beveel die literatuur in die bestuurwetenskappe aan dat elke leiersgroep of diens-groep 'n duidelike rolverdeling behoort te hê.

4.3.4.4 Die leraar behoort nie 'n een-man-leierskapsrol in die kerkraad te vervul nie. Geen leraar beskik oor die vaardigheid om al die gemelde leierskapsrolle alleen te vervul nie. Hy beskik oor gawes op grond waarvan hy/sy 'n sekere rol in die kerkraad/kommisie kan vervul. Die ander rolle moet deur ander persone vervul word. So kom die liggaamsmodel ook in leierskap en bestuur tot sy reg.

4.3.4.5 Hierdie spanbenadering behoort baie ongeregverdigde druk van die skouers van die leraars te verwyder. Baie van hulle word onder baie groot druk geplaas omdat daar van hulle verwag word om alleen as leier van die kerkraad op te tree en rolle te vervul waarvoor hy/sy nie in die wieg gelê is nie. As hy/sy net een leierskaprol regtig kan vervul, behoort hy/sy die geleentheid te kry om hom/haar in daardie betrokke rol uit te leef en gerus te wees dat die ander noodsaaklike rolle deur ander persone vervul word. Teologiese kundigheid is deel van 'n predikant se bydrae tot 'n groep.

#### 4.3.5 Die gevaar van demokratisering

4.3.5.1 In 'n demokratiese bestel berus die gesag by die volk. Die leiers verkry hulle gesag deur die instemming en ondersteuning van die bevolking.

4.3.5.2 Die oproep om die demokratisering van die samelewing is steeds besig om wêreldwyd momentum te kry. Die proses van demokratisering vind in alle samelewingsinstellings plaas - ook in die kerk. Kerklike strukture word krities bejeën vanuit die demokratiese ideaal. Daar is 'n oproep dat die kerkvolk ook in die kerk moet regeer.

##### 4.3.5.3 Demokrasie in die kerk

Demokratisering is 'n onding in die kerk as die finale norm vir waarheid in die meerderheidsopinie van 'n gemeente se lidmate gesetel raak. Die kerk is in wese nie demokrasie nie, maar 'n teokrasie - die gesag lê by God. Die heerskappy van God Drie-enig realiseer in die kerk deur die heerskappy van Christus.

Die norm vir waarheid is die Skrif en nie die meerderheidsopinie van die lidmate nie. As persone in ampsdiens deur die lidmate aangewys word op grond van populariteit en nie op grond van gawe nie, is dit ook verkeerd.

Desnieteenstaande is dit belangrik dat alle lidmate tot hulle reg moet kom in die gemeente. Dit beteken dat alle vorme van outokratiese en hiërargiese leierskap uitgeskakel moet word.

**4.3.5.4 Gevolgtrekkings:**

* 1 Lidmate behoort ten volle benut te word in die gemeente, sowel in die beplanningsprosesse as in die implementeringsprosesse. Hulle is ledemate van die liggaam van Christus en beskik oor gawes wat God gegee het om die gemeente mee te dien en te lei.

* 2 Prosesse behoort geskep te word om die insette van lidmate te bekom. Lidmate se insette is ook 'n belangrike faktor in die motivering van lidmate vir hulle dienswerk.

* 3 Waarheid word egter nie bepaal deur meerderheidsteun nie, maar deur 'n proses van Skrifondersoek deur die hele gemeente en deur die breë kerkverband. Aan die ander kant word waarheid ook nie bepaal deur Skrifondersoek deur 'n klein elite-groepie in die gemeente nie. Skrifondersoek om die wil van God oor 'n saak te bepaal, moet sover moontlik deur die hele gemeente gedoen word.

**4.4 AANBEVELINGS**

**4.4.1 Die Sinode onderskryf die beskrywing van die predikant en leierskap in die gemeente in pte 4.3.1 tot 4.3.5.4**

**4.4.2 Die Sinode versoek gemeentes om hierdie riglyne te bespreek en te implementeer.**

## 5. MEDELERAARSKAPPE

**5.1 Die opdrag van die vorige Algemene Sinode was soos volg: "Die AKAE kry opdrag om ondersoek te doen na die implikasies van medeleraarskappe vir die strukturering van die ampsbediening van leraars." (1990, bl 703, pt 5.8.3)**

**5.2 Werkwyse**

'n Studiekommissie van die AKG het die opdrag hanteer.

**5.3 Bevindinge**

**5.3.1** Die bevindinge is gegrond op die rapport in paragrawe 2 tot 4 van hierdie verslag.

**5.3.2 Differensiasie**

**5.3.2.1** Daar behoort voorsiening gemaak te word vir groter differensiasie deur medeleraars. Elke medeleraar kan in een of ander faset van die bediening spesialiseer en die hele gemeente in daardie opsig dien.

**5.3.2.2** Die wyse en bedieningsarea van spesialisasie word in elke geval deur die kerkraad bepaal in oorleg met al die medeleraars en met inagneming van elke predikant se gawes en talente, asook die behoeftes van die gemeente. Die predikant se gawes en talente is egter nie die finale norm nie, maar wel die behoeftes van die gemeente. 'n Predikant sou byvoorbeeld nie daarop kon aandring dat hy/sy net 'n gawe vir prediking of vir siekepastoraat het en gevolglik tot niks meer bereid is nie.

**5.3.2.3** Geen vaste riglyne ten opsigte van spesialisasie word gegee nie. Dit sou ongesond wees. Spesialisasie word deur die kerkraad in die lig van die plaaslike situasie gereël.

**5.3.3 Leierskap**

**5.3.3.1** Waar leierskap van die gemeente in die predikantsamp as sodanig setel, lei dit maklik tot konflik tussen medeleraars.

**5.3.3.2** Alle leraars word opgeroep om te alle tye te buig voor die oppergesag van Jesus Christus.

**5.3.3.3** Die beginsel van kollektiewe leierskap behoort in 'n gemeente te geld. Vgl die bespreking by pt 4.3.4 van hierdie verslag. Medeleraars vorm deel van 'n leierspan en vervul die spesifieke rolle en leieskapsfunksies wat vir elke lid van die leiersgroep uitgeklaar is.

**5.3.3.4** Medeleraars in 'n gemeente vorm ook 'n leierspan. Die beginsels vir kollektiewe leierskap geld ook ten opsigte van hulle.

**5.3.3.5** Spanbou-aktiwiteite waarby die medeleraars en die res van die leierspan van die gemeente betrokke is, behoort gereeld plaas te vind.

**5.4 AANBEVELINGS**

**5.4.1 Geskikte persoon as medeleraar**

**Die Sinode beveel dit by die gemeentes aan om by die beroeping van medeleraars moeite te doen om vas te stel of die genomineerdes in die volle sin van die woord spanmense is.**

**5.4.2 Pastorale begeleiding**

**Die Sinode gee opdrag aan die AKG om ondersoek te doen na maniere waarop deurlopende pastorale begeleiding aan predikante gegee kan word veral tov medeleraarskappe.**

**5.4.3 Teologiese opleiding**

**Die Sinode versoek AKTO om voorsiening te maak in die teologiese opleiding vir die toetsing en toerusting van teologiese studente vir medeleraarskap.**

## 6. WERKLADING VAN 'N PREDIKANT

**6.1 Opdrag**

Die opdrag van die vorige Algemene Sinode lui soos volg: "Die AKAE kry opdrag om ondersoek te doen na die bepaling van die optimale werklading vir predikante en om die Sinode in die verband te adviseer."

**6.2 Werkwyse**

Die opdrag is deur 'n studiekommissie ondersoek en die AKG het dit verder bespreek.

**6.3 Bevindinge**

6.3.1 Die aanvaarding deur die Algemene Sinode van die nuwe formulering van die predikantsamp sou groot implikasie hê vir die aantal lidmate wat 'n predikant kan hanteer. Die ondersoek sou derhalwe eers sinvol aangepak kan word nadat die Sinode 'n uitspraak oor die predikantsamp as sodanig gemaak het.

6.3.2 Die huidige aanbevole getal van 500 doop- en belydende lidmate as optimum en 'n maksimum van 700 doop- en belydende lidmate blyk nie die doeltreffendste te wees nie. Faktore soos die samestelling van die gemeente, aantal besoekpunte, bedieningsbehoeftes en styl van bediening behoort in aanmerking geneem te word.

6.3.3 Die AKG is oortuig dat 'n meer wetenskaplike ondersoek nodig is.

**6.4 AANBEVELINGS**

**6.4.1 Die Sinode herhaal die opdrag aan die AKG om 'n omvattende wetenskaplike ondersoek te doen na die bepaling van 'n optimale werklading vir predikante.**

**6.4.2 Die Sinode versoek gemeentes om in die tussentyd seker te maak dat hulle predikante realistiese werkladings het.**

**6.4.3 Die ampspraktyk van die predikant moet so gestruktureer word dat die predikant se verantwoordelikheid ten opsigte van sy eie huweliks- en gesinslewe nagekom kan word.**

## 7. OORAANBOD VAN PREDIKANTE

**7.1 Opdrag**

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKG om so spoedig moontlik aan sinodes leiding te gee oor pastorale en praktiese begeleiding van persone wat tans nog op beroepe wag. (Acta 1990, bl 701, pt 1.3.2)

**7.2 Werkwyse**

'n Studiekommissie van die AKG het dit hanteer.

**7.3 Bevindinge**

7.3.1 Die ooraanbod van predikante hang saam met die volgende faktore:

7.3.1.1 Die eenvormige salarisstruktuur van predikante, asook verpligte pensioen- en mediese bydraes. As daar ruimte sou wees vir onderhandeling oor salaris en reiskoste, sou meer proponente waarskynlik geakkommodeer kan word.

7.3.1.2 Die finansies van die gemeente. Daar is gemeentes wat 'n predikant of meer predikante sou kon onderhou as die lidmate getrou was in die gee van dankoffers. Dit kos per slot van sake net 100 lidmate wat elkeen R100,00 per maand dankoffer gee om 'n predikant te onderhou.

**7.4 AANBEVELINGS**

**7.4.1 Die Sinode versoek die AKF om die moontlikheid van onderhandeling oor salaris en reiskoste tussen gemeentes en proponente te ondersoek en aan die ASK vir afhandeling verslag te doen.**

**7.4.2 Die Sinode doen 'n beroep op lidmate om erns te maak met die gee van dankoffers sodat meer predikantsposte gevul kan word.**

**7.4.3 Die Sinode gee opdrag aan AKG om voort te gaan om wetenskaplike projeksies na die vraag en aanbod van predikante te doen.**

## 8. BEDIENINGSONTWIKKELING VAN PREDIKANTE

**8.1 Opdrag**

Die opdrag vir bedieningsverryking van predikante is deur die AKG bygevoeg by die studie oor die predikantsamp.

**8.2 Werkwyse**

Die studiekommissie het dit ondersoek

**8.3 Bevindinge**

8.3.1 Predikante moet gehelp word om 'n sinvolle bediening te ontwikkel. Die lang tye wat predikante tans in 'n gemeente bly, stel hoë eise aan gemeentes en predikante in die verband. Hulle bediening kan maklik in 'n groef verval en stagneer.

8.3.2 Snel veranderende omstandighede in gemeentes in die algemeen en die eise van die bediening in die besonder kan tot negatiewe ervarings en gevoelens by predikante aanleiding gee. Hulle moet gehelp word om met visie en entoesiasme die veranderings te hanteer, asook om uitbranding teen te werk.

**8.4 AANBEVELINGS**

**8.4.1 Predikante word aangemoedig om hulle bedieningsvaardighede uit te bou. Dit kan veral gebeur deur spesialisasie op een of meer bedieningsfasette en deur gespesialiseerde toerusting op daardie gebied.**

**8.4.2 Predikante word aangemoedig om die geleenthede vir voortgesette teologiese opleiding wat die onderskele teologiese fakulteite bied te benut vir noodsaaklike bedieningsontwikkeling.**

**8.4.3 Die Sinode versoek die sentra vir voortgesette teologiese opleiding om 'n konsultasiediens te ontwikkel wat kerkrade kan benut om saam met hulle leraars 'n bedieningsplan te ontwikkel.**

## 9. GEMEENTEBOU: EIE AARD VAN GEMEENTES

### 9.1 Opdrag

Die Algemene Sinode het die volgende opdragte gegee:

9.1.1 Die AKAE (AKG) kry opdrag om ondersoek te doen na die eiesoortige aard van verskillende tipe gemeentes, die implikasies daarvan vir die ampsbediening van leraars en die kerk se beleid in die verband. (Acta 1990, bl 701, 4.2.2.1)

9.1.2 Die AKAE (AKG) kry opdrag om ondersoek te doen na die implikasies wat die eiesoortige aard van elke gemeente vir die visitasie van die ring het. (Acta 1990, bl 701, 4.2.2.2)

### 9.2 Werkwyse

Die AKG het die ondersoek na 'n studiekommissie vir Gemeentebou verwys.

### 9.3 Bevindinge

#### 9.3.1 'n Saak wat aandag vra

*1 Alhoewel gemeente-wees sedert die kerk se ontstaan altyd 'n belangrike saak was, het daar in die afgelope dekade al meer besinning hieroor plaasgevind. Wie en wat die gemeente van Jesus Christus in wese is en hoe hy in die praktyk funksioneer, het skielik baie belangrik geword. Heelwaarskynlik het die proses van sekularisasie en die daarmee gepaardgaande ontkerstening van veral die Westerse samelewing die kerk genoop om opnuut na homself en sy rol en plek in die wêreld te kyk. Dit sou aan die een kant 'n moontlike rede wees. Die kerk is aan die ander kant tog die gemeente van Jesus Christus die Here wat as Hoof van sy kerk, dit nooit tot niet sal laat gaan nie. Die werking van die Gees van Christus moet seker ten diepste as die oorsaak en rede gesien word van 'n nuwe soeke na sinvolle kerkwees. Hy is immers die Een wat vernuwing bewerk.

*2 Binne die kerk het die ontwikkeling van die gemeentebou-konsep die strewe na ware gemeente-wees binne die wêreld begin verwoord. Uiteraard het dit gelei tot gemeentebou-teologieë wat verskillende aksente beklemtoon. Herwaarderings en evaluerings van strukture, die ampte, die erediens, die getuieniswerk van die kerk en ander sake het plaasgevind. Gemeentes het allerlei benaderings rondom hulle lewe en funksionering begin beproef in hulle strewe na sinvolheid en effektiwiteit. Nie alleen is daar klem op 'n na-binne-gerigtheid nie, maar word ook die na-buite-gerigtheid, die kerk se missionêre roeping, beklemtoon.

*3 Wanneer na die opbou van die gemeente in intensiewe en ekstensiewe perspektief gekyk word, speel kerkbegrip 'n belangrike rol. Hoedanig die kerkbegrip is, gaan bepaal hoe gemeentebou en gemeentewees daaruit sien. Vir 'n kerk met 'n gereformeerde belydenis is dit uit die aard van die saak belangrik om telkens homself in hierdie verband te toets. Die gevaar van 'n soort independentisme is nie uitgesluit nie. Maar belangrik is dit om daarop te let dat dit nie maar net 'n dogmaties-ekklesiologiese saak is nie. Kerkbegrip het ook 'n praktiese gestalte wat in gemeentebou en gemeente-wees nie geïgnoreer kan word nie. Die gemeente is immers nie 'n teoretiese verskynsel nie, maar 'n lewende organisme met 'n bestaan in hierdie werklikheid. Die gemeente beleef sy bestaan in 'n bepaalde tyd van die geskiedenis, op 'n bepaalde plek, teen 'n eie historiese agtergrond, binne 'n bepaalde kultuur en met 'n eie samestelling van lidmate. Hierdie en verskeie ander sake bring mee dat elke gemeente uniek is en 'n eie aard vertoon. Die gemeentes in die Bybel illustreer hierdie belangrikheid op duidelike wyse.

*4 Die probleem is egter dat gemeentes in hulle soeke na die vervulling van hulle roeping tot ware gemeente-wees, nie altyd hierdie belangrike sake in gedagte hou nie. Te maklik word bepaalde gemeentes waar dit skynbaar goed gaan, as bloudrukke vir "sukses" gesien en slaafs nagevolg. Dit kan tog nie en werk gewoonlik nie. Elke gemeente moet intensief na homself sowel as die wêreld, die milieu, waarin hy staan, kyk ten einde te bepaal hoe hy gemeente van Jesus Christus gaan wees. Paulus beklemtoon hierdie waarheid wanneer hy aan die onderskeie gemeentes skryf. Dieselfde gedagte kom ook in die briewe aan die sewe gemeentes in die Openbaringe van Johannes na vore. Elke gemeente is uniek en moet op 'n eiesoortige wyse bedien word.

#### 9.3.2 Teologiese vertrekpunt

* 1 Wanneer na gemeente-wees en gemeentebou gekyk word, moet altyd maar weer onthou word dat die eie aard en uniekheid van die gemeente ten diepste in sy wese lê. Die gemeente is nie maar net 'n toevallige sosiologiese samestelling en groepering van mense nie. Nee, dit is ontsaglik baie méér as dit. Die kategismus beskryf hierdie eie en unieke aard duidelik wanneer hy antwoord op die vraag na wat geglo word van die heilige, algemene en Christelike kerk: "Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente tot die ewige lewe uitverkies, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly."

* 2 Anders gestel: Die gemeente is God se gemeente met Jesus Christus as sy Hoof en met die Gees van God wat in hom woon.

* 3 Om dit te besef is vir elke gemeente van Christus van wesenlike belang. Daarom kan ons nie maar met die gemeente maak soos ons wil nie. Daarom kan ook nie op 'n willekeurige wyse met gemeente-wees en bediening ge-eksperimenteer word nie. Christus regeer sy gemeente deur sy Woord en Gees en elke gemeente moet derhalwe onder biddende opsien na God sy bestaan hier op aarde bedink en beleef.

**9.3.3 Gemeente bestaan uit mense**

Dat die gemeente uit mense bestaan, mag op die oog af as vanselfsprekend aanvaar word. So is dit dan ook. Maar dit is mense en elke mens is uniek, is anders as ander mense. Almal is natuurlik sondaars, maar binne die gemeente is daar tog 'n onderskeid. Die ware kerk bestaan uit geredde sondaars wat hulle tog weer op 'n ander manier uniek maak. Elke mens het sy eie verwysingsraamwerk, sy eie persoonlikheid en agtergrond, sy eie vermoëns en gawes of gebrek daaraan. Elkeen het ook 'n eie geestelik-godsdienstige verhaal en belewing. Kortom, mense verskil om hierdie en talle ander redes. Sulke mense vorm 'n gemeente vanweë die wonderbaarlike ingrypende en uitverkiesende genade van God. Hulle is, soos Paulus sê, God se eiendomsvolk wat Hy baie lief het. As sodanig moet die gemeente dan beskou en bedien word wanneer daar gesoek word na ware gemeente-wees. Gemeentes bestaan uit 'n ryke verskeidenheid van mense!

**9.3.4 'n Eie gemeenteprofiel**

Die unieke en eie aard van 'n gemeente word verder deur sy eie profiel verteenwoordig. Hierdie profiel word onder andere deur die volgende sake bepaal:

**9.3.4.1 Geografiese identiteit**

Gemeentes word dwarsdeur ons land gevind - vanaf die mees afgeleë plattelandse gebied tot in die hart van die stad. Kerkspieël III onderskei tussen klein-platteland, platteland, groot dorp, voorstedelik en woonstelle as tipiese kategorieë van gemeentes. Bo en behalwe hierdie onderskeidinge is dit ook waar dat bogenoemde kategorieë ook van streek tot streek sal verskil. 'n Bediening in die middestad gaan heelwat verskil van dié in die-klein-platteland.

**9.3.4.2 Demografiese identiteit**

Saam met die geografiese moet die demografiese gesien word. 'n Gemeente is selde redelik homogeen in samestelling. Wel is dit waar dat sosio-ekonomiese faktore 'n mate van homogeniteit meebring - dit hef egter diversiteit nie sonder meer op nie. Onderskeidinge wat hier gemaak moet word, is ouderdomsgroeperinge, opvoedkundige peil, beroepstratifikasie, sosio-ekonomiese samestelling, maatskaplike strukture soos huwelik en gesin.

Hierdie onderskeidinge impliseer dat, wanneer 'n bedieningstrategie en metodiek uitgewerk word, elke gemeente se unieke samestelling in berekening gebring moet word.

**9.3.4.3 Geloofsidentiteit**

Die gemeente is 'n Christelike geloofsgemeentskap wat impliseer dat wat hom tot 'n eenheid saambind, sy gemeenskaplike geloof in Jesus Christus as Here is. Hier gaan dit in die eerste plek om die objektiewe geloof, die geloof in God Drie-enig, asook die subjektiewe kant - mense wat glo. Wát ons glo en dát ons glo, onderskei ons van die ander. Wat die persoonlike geloofservaringsvlak van 'n gemeente is, gaan ook onderling verskil. Die mate wat geloofsvolwassenheid bereik is, moet in gedagte gehou word. Skrifinsig en verbondenheid aan die belydenis van die kerk is medebepalend tot die eie aard van 'n bepaalde gemeente.

**9.3.4.4 Historiese identiteit**

Elke gemeente het sy geskiedenis, sy storie. Dit verskil van dié van ander gemeentes. God werk immers nie oral dieselfde nie. In 'n bepaalde gemeente lê daar die spore van sy ingryping, sy werk van genade en liefde wat so 'n gemeente uniek maak. Maar dan is daar ook die gemeente se ontstaansgeskiedenis, die historiese verloop van sake, die invloed van predikante en gebeurlikhede. Dit het tot gevolg dat gemeentes binne dieselfde geografiese gebied met 'n min of meer gelykluidende demografiese samestelling hemelsbreed kan verskil. Om 'n gemeente sinvol te bedien, moet sy storie geken en verstaan word.

**9.3.4.5 Kerklik-godsdienstige identiteit**

Hoe die gemeente formeel daaruit sien, gaan ook onderling verskil, miskien nie op die oog af nie maar tog wel in een of ander mate. Strukture soos kerkrade, wyke, ensovoorts is min of meer darem gemeenskaplik binne die NG Kerk. Tog funksioneer elkeen anders, is daar kante en prosesse werksaam en het elk dus 'n eie identitiet. Ook die verband met die kerkverband kom hier ter sprake - die nakom van finansiële verpligtinge tot die sinode is 'n groot voorbeeld van hoe gemeentes kan verskil. Sommige weier, ander is traag, terwyl ander weer hulle verpligtinge sonder klagtes nakom.

**9.3.4.6 Kulturele identiteit**

Kulturele differensiasie lewer ook 'n bydrae tot die unieke aard van elke gemeente. Nie alleen is dit 'n saak van volkskulture nie, maar binne 'n volksgroep is daar tog ook wel nie net ooreenkomste nie, maar ook verskille. Taal, politieke sieninge, kulturele waardes, ensovoorts van lidmate dra by tot die eie aard van gemeentes.

**9.3.4.7 Bedieningsidentiteit**

*** 1 Invloed van die predikant**

Vanweë die groot invloed van die predikant op 'n gemeente, is daar ook 'n verskil van gemeente tot gemeente vanweë die eiesoortigheid van elk se bediening. Die geestelike en psigiese klimaat binne 'n gemeente word sterk deur hom beïnvloed en selfs bepaal. So sterk kan sy rol wees en so gering die rol van die gemeente dat dit maklik as 'n "dominee-kerk" beskryf kan word.

*** 2 Plek van die bedieningsfunksies**

In die gemeente vind daar verskillende bedieninge plaas. In die erediens word God aanbid en gedien (liturgiese funksie) sowel as die Woord verkondig (kerugmatiese funksie). In die kategese en algemene onderrig en toerusting van die lidmate het ons die didaktiese funksie.

Die onderlinge sorg beskryf die pastorale funksie. Wanneer lidmate op een of ander wyse met mekaar verkeer, het ons die koinoniale of gemeenskapsfunksie. Die dien en versorging van mekaar heet die diakonale funksie. In sy getuienis na buite beleef die gemeente sy getuienisfunksie. En wanneer hy met sy ordereëlings en die bestuur besig is, vervul die gemeente sy kubernetieë funksie. Bo en behalwe hierdie funksies is daar in gemeentes ook gawebedieninge. Hoe hierdie onderskeie funksies hanteer word, spel uiteindelik in elke gemeente sy eie unieke aard uit.

**9.3.5 Samevattend**

Gemeentes verskil van mekaar vanweë baie verskillende redes. Om reg te laat geskied aan hierdie eie unieke aard, moet gemeentes elkeen volgens sy eie behoeftes bearbei word. Gemeentes is soos mense nie stokke in blokke nie. God werk immers op sy eie manier anders met elke individu en daarom ook elke gemeente. Die werk in die gemeente kan net baat by so 'n benadering.

**9.4 AANBEVELINGS**

**9.4.1 Die Sinode erken dat elke gemeente 'n eie aard het.**

**9.4.2 Die Sinode moedig gemeentes aan om toenemend hierdie eie aard in hulle bedieningstyl en -model in ag te neem, sonder om hulle karakter as gereformeerde ("NG") kerk prys te gee.**

## 10. GEMEENTEGRENSE

### 10.1 Opdrag

Die Sinode het in 1990 besluit: "Die Algemene Sinode gee opdrag aan die AKAE (AKG) om 'n omvattende ondersoek te doen na die wenslikheid daarvan dat aanpassings gedoen word aan die huidige stelsel waarvolgens gemeentegrense gereël word."

### 10.2 Werkwyse

Die studiekommissie het die volgende bronne gebruik:

**10.2.1** Die gegewens in die verslag aan die Algemene Sinode 1990 (Agenda 1990: bl 394: 4.3)
**10.2.2** Stukke wat deur 'n studiekomitee van die OVS opgestel is.
**10.2.3** Die voorlegging van die Sinode van Noord-Transvaal

### 10.3 Bevindinge

**10.3.1 Herkoms van gemeentegrense**

**10.3.1.1** Ons kerkreg en gemeentestrukture gaan daarvan uit dat 'n lidmaat binne duidelike omskrewe geografiese grense woon en slegs daar sy kerklike regte en voorregte kan uitoefen. Hierdie reëling is so deel van ons gereformeerde tradisie dat die indruk kan bestaan dat dit 'n Bybelse herkoms het. Dit is egter nie so nie.

**10.3.1.2** Die stelsel van gemeentegrense (parogiale stelsel) word teruggevoer na die staatsadministrasie van die Romeine. Hulle het stede onderverdeel in parogieë. Daardeur is die administrasie en invordering van belasting vergemaklik.

**10.3.1.3** Toe die Christelike kerk na die bekering van Konstantyn staatskerk geword het, het die kerk heel gemaklik dieselfde parogie-indeling oorgeneem. Aan die hoof van 'n stad was 'n biskop en die bisdom is volgens die staat se parogieë ingedeel met 'n priester wat elkeen bedien. Dit het die voordeel gehad dat so 'n parogie deeglik bedien kon word en dat die priester deeglike sorg aan elke lidmaat kon gee.

**10.3.1.4** Later ontwikkel hierdie gerieflikheidsreëling in 'n parogiedwang. Lidmate mag slegs hulle voorregte binne die bepaalde parogie geniet en die priester word beperk tot die bediening van sy eie parogie.

**10.3.1.5** Die reformatore neem die stelsel by die Roomse Kerk oor en so word dit deel van die gereformeerde tradisie. Uiteindelik word ons kerkreg rondom lidmaatskap en die ordening van gemeentestrukture op dié lees geskoei.

**10.3.2 Gemeentegrense het voordele**

Alhoewel die parogiale stelsel nie op Skrifgronde aanspraak kan maak nie, beteken dit nie dat dit sleg is nie. (Trouens, die Skrif skryf geen bepaalde vorm van afgrensing van gemeentes voor nie.) Die parogie het baie groot voordele wat die kerk nie kan bekostig om prys te gee nie.

Die volgende voordele is waarskynlik die belangrikste:

**10.3.2.1** Die verantwoordelikheidsgebied van die kerkraad is duidelik afgegrens. Indien 'n lidmaat van die Ned Geref Kerk by enige adres intrek, is daar geen onduidelikheid oor watter gemeente en kerkraad verantwoordelik is vir die bediening van so 'n lidmaat nie. Selfs die roeping tot sending en diens van barmhartigheid is primêr dié van die gemeente binne wie se grense die arbeidsveld val.

**10.3.2.2** Die hele land word sistematies gedek. Daar is geen gebied wat "tussen gemeentes deur val" nie. Elke gemeente weet presies hoe sy verantwoordelikheidsgebied tussen hom en sy bure afgegrens is.

**10.3.2.3** Die stelsel bevorder goeie orde in die kerk

**10.3.2.4** In kerke wat nie parogiaal georden is nie, bestaan die gevaar dat lidmate hulle sterker aan die leraar bind as aan die gemeente. Die parogiale stelsel werk dit in 'n groot mate teë.

**10.3.2.5** Die kerkraad word gekies uit die gebied vir die mense van die gebied. Indeling van wyke is makliker en kerkraadslede kan moontlik beter sorg dra vir mense wat geografies omlyn is.

**10.3.2.6** Die bediening binne die verband van 'n parogie maak dit makliker om van vervreemding bewus te wees en daaraan aandag te gee. In 'n nie-parogiale stelsel kan mense makliker geruisloos verdwyn.

**10.3.2.7** Die parogie veroorsaak dat lidmate van die gemeente geografies nader aan mekaar is en daarom waarskynlik makliker tot 'n hegte eenheid saamgesnoer kan word. Dit kan ook die gevoel van "te behoort" by die gemeente versterk.

**10.3.3 Gemeentegrense het ook nadele.**

Gemeentegrense het nie net voordele nie. Sommige van die belangrikste nadele is die volgende:

**10.3.3.1** Dit bevorder die gevaar dat die kerk in 'n volkskerk kan ontaard. Lidmaatskap kan gaandeweg meer berus op die adres van 'n persoon, sy historiese belydenisaflegging van jare tevore en die feit dat die kerkraad van die gemeente 'n bewys van lidmaatskap vir hom aangevra het, sonder dat hy 'n bepaalde wilskeuse uitgeoefen het om lidmaat van die gemeente te wees. Dit het 'n nadelige effek op die lidmaat se verbintenis aan die gemeente, sy motivering om mee te leef en sy bereidheid om hom aan die gemeente se opsig te onderwerp.

**10.3.3.2** Dit gebeur dikwels dat middestadsgemeentes deur die arbeid mense wat vervreemd was, bereik, hulle kom tot bekering en word leidende kerkraadslede. Wanneer sulke mense dan van woonplek verander, trek hulle buite die grense van die gemeente. Die gemeente wat hulle verlaat, het dikwels 'n groot tekort aan kerkraadslede en kan nie bekostig om hulle te verloor nie en die lidmaat voel hom dikwels ontuis in die andersoortige nuwe voorstedelike gemeente. Parogiedwang maak dit egter haas onmoontlik om die situasie te beredder.

**10.3.3.3** Middestadsgemeentes ervaar al meer dat die tradisionele geografiese grense nie in die middestadsituasie werk nie. Gemeentes is geografies so klein en lidmate het soveel kerke om uit te kies, dat hulle gemaklik na die kerk van hulle keuse gaan. Die gemeente waar hulle eintlik hoort, kan hulle nie bedien nie en die gemeente wat hulle uit vrye keuse na toe gaan, mag hulle nie bedien nie.

**10.3.3.4** Dit gebeur al meer dat gemeentes nie identiese bedieningspatrone het nie - sonder om hulle wesenlike "NG karakter" prys te gee. Dit gebeur dikwels dat 'n lidmaat (bona fide) meer aanklank vind by 'n bepaalde bedieningspatroon en homself en sy gawes daar beter diensbaar sal kan maak. Vanweë parogiedwang is dit haas onmoontlik om daarvoor voorsiening te maak.

**10.3.3.5** By die afstig van gemeentes word grense dikwels getrek om te verseker dat albei gemeentes genoeg lidmate het om selfstandig te kan bestaan. Dit bring soms mee dat grense lidmate dwing om eredienste by te woon in 'n kerkgebou wat veel verder as dié van die bure is. Veral mense wat so op 'n grens woon, ervaar dikwels dat hulle veel meer deel van die gemeenskap met hulle bure in die ander gemeente is, as met hulle geografiese voorgeskrewe gemeente. Dit lei dikwels tot groot ongelukkigheid. Talle sulke lidmate leef 'onwettig' in die buurgemeente mee, maar mag nie behoorlik deel van die gemeente word nie.

**10.3.5 'n Oplossing?**

**10.3.5.1** Die AKG is daarvan oortuig dat dit nodig is om 'n reëling te tref waarin die **voordele van die parogie behou word en die nadele oorbrug word.** Dit is belangrik dat 'n kerkraad se verantwoordelikheidsgebied steeds in 'n parogie afgegrens moet word. Hy bly binne daardie grense verantwoordelik vir alle lidmate van die Ned Geref Kerk. Die geografiese begrensing van gemeentes bly dus die gangbare wyse waarop gemeentes gestruktureer word.

**10.3.5.2** Lidmaatskap van die gemeente word egter nie beperk tot persone binne die grense van die gemeente nie. Persone wat so verkies kan, met verlof van die kerkraad van die gemeente waar hulle woon, aansoek doen om lidmaatskap. Die voorwaarde is dat die twee betrokke kerkrade albei op so 'n wyse by die reëling betrokke sal wees dat daar geen onduidelikheid is oor wie uiteindelik vir die lidmaat verantwoordelikheid aanvaar nie. As die verlof van die kerkraad van die geografiese tuisgemeente vereis word, sal dit ook verhinder dat lidmate opsig of tughandelinge kan ontduik deur na 'n buurgemeente oor te gaan.

**10.3.5.3** Die gemeente wat die lidmaat van buite die grense ontvang, aanvaar volle verantwoordelikheid vir hom/haar.

**10.4 AANBEVELINGS**

Vervang. p. 490

**10.4.1 Die Sinode handhaaf die parogie as die normale wyse waarop gemeentes gestruktureer word.**

**10.4.2 Die Sinode erken dat daar bona fide redes kan wees waarom lidmate verkies om by 'n ander gemeente as die geografiese gemeente in te skakel en bepaal dat sulke uitsonderingsmaatreëls op 'n ordelike wyse moet geskied.**

**10.4.3 Die volgende dien as riglyn vir die ordelike oordrag van lidmaatskap oor gemeentegrense heen:**

**10.4.3.1 'n Lidmaat wat verkies om by 'n ander gemeente in te skakel, vra skriftelik verlof daartoe aan by die kerkraad van die gemeente waar hy woon.**

**10.4.3.2 Indien die kerkraad tevrede is met die bona fide van die versoek, gee hy skriftelik verlof aan die lidmaat om by 'n ander gemeente aansoek te doen om daar lidmaat te word.**

**10.4.3.3 Die lidmaat doen met voorlegging van die skriftelike verlof van sy gemeente, aansoek om lidmaatskap by die ander gemeente.**

**10.4.3.4 Die ander gemeente oorweeg die aansoek en vergewis hom van die lidmaat se motivering en bereidheid om volledig by die gemeente in te skakel en sy verantwoordelikhede as lidmaat na te kom, asook sy bereidheid om hom aan die opsig en tug van die gemeente te onderwerp. Die gemeente is nie verplig om so 'n aansoek te aanvaar nie.**

**10.4.3.5 Indien laasgenoemde kerkraad besluit om die lidmaat wel te aanvaar, stel hy die oorspronklike gemeente skriftelik daarvan in kennis dat hy die aansoek aanvaar het en dat hy, by ontvangs van die lidmaat se attestaat/bewys van lidmaatskap, volle verantwoordelikheid vir die lidmaat se versorging sal aanvaar.**

**10.4.4 Waar omstandighede dit vereis (soos bv in die middestad), en die bogenoemde reëlings nie toereikend is nie, mag 'n ring/ringe die grense tussen aangrensende gemeentes op hulle versoek ophef.**

## 11. LIDMAATTOERUSTING

### 11.1 Opdrag

Die AKG het die verantwoordelikheid vir deurlopende lidmaattoerusting.

### 11.2 Werkwyse

'n Studiekommissie van die AKG hanteer die saak.

### 11.3 Bevindinge

11.3.1 Toerusting word dikwels slegs op die verstandelike (kognitiewe) gerig, terwyl die wil en vaardigheid (konatiewe) en die emosionele (affektiewe) agterweë bly.

11.3.2 Bekende kursusse word as "tower-kursusse" uitgewys wat alle toerustingsprobleme moet oplos en dan slaag die aanbieding daarvan nie. Daardeur word 'n negatiewe houding by leraars en gemeentelede teenoor kursusse gekweek.

11.3.3 Toerusting van volwassenes het bepaalde probleme, oa tyd, vrees, vorige ervarings, motivering en so meer.

11.3.4 Toerusting vereis 'n bepaalde geestelike klimaat, onderlinge verhoudings, geloofsvolwassenheid, dissipelskap en diensgerigtheid.

11.3.5 Lidmate leer nie net wanneer feite oorgedra word nie. Die leersiklus is eers voltooi wannneer die lidmaat dit wat hy geleer het, kan implementeer.

11.3.6 Die toeruster moet in besondere sin 'n dienskneggestalte aanneem, as 'n "model" vir sy leerlinge optree en 'n verhouding van liefde tussen hom en sy leerlinge kweek. Paulus beveel dié leerstyl aan by Timoteus ( 1 Tim 4:11-16) en Titus (Titus 2:2-5)

### 11.4 AANBEVELINGS

**11.4.1 Die Algemene Sinode besluit dat die werkterrein van die toerusting van belydende lidmate by die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening tuishoort.**

**11.4.2 Die Sinode dra dit aan die AKG op om hom daarvoor te beywer dat hierdie belangrike werk op alle vlakke en terreine van die kerklike lewe op 'n sistematiese en deurlopende wyse aandag kry.**

**11.4.3 Die Sinode versoek die AKG om in samewerking met Bybelkor te verseker dat genoegsame en geskikte materiaal beskikbaar is vir gebruik in die toerusting van belydende lidmate.**

## 12. ANDERTALIGE GEMEENTES

### 12.1 Opdrag

Die AKG het 'n staande opdrag om aandag te gee aan die nie-Afrikaanssprekende gemeentes.

### 12.2 Werkwyse

Afgevaardigdes van al die nie-Afrikaanssprekende gemeentes hou jaarliks 'n konferensie en die voorsitter en skriba van die AKG woon dit by.

### 12.3 Bevindinge

12.3.1 Daar is tans 6 volwaardige Engelstalige gemeentes tw Andrew Murray in Johannesburg, Pretoria, Bloemfontein, Durban, Cape Peninsula Reformed Church en Harare. Die Engelstalige gemeente Goldfields (in die OVS Goudveld) het uit die kerkverband getree. In Windhoek, Secunda en Oos-Londen funksioneer Engelstalige wyke in die Afrikaanstalige gemeentes

12.3.2 'n Gemeente vir Nederlandsprekendes funksioneer in Pretoria.

12.3.3 Die totale getal belydende lidmate in die andertalige gemeentes is 1561 en het in die afgelope jaar met 6% toegeneem. Die dooplidmate het met 10,5% toegeneem na 663.

12.3.4 Portugeessprekende gemeentes bestaan in Vanderbijlpark, Pretoria, Johannesburg en Pomfret.

12.3.5 Tien leraars is voltyds besig met die andertalige bediening, asook vyf deeltydse leraars en twee geestelike werkers.

12.3.6 Die andertalige gemeentes ervaar probleme met sekere sake en het 'n aantal versoeke aan die AKG deurgestuur. Die versoeke wat die aandag van die Algemene Sinode vra, word in die volgende punte uiteengesit.

12.3.7 Verhouding tot sinodes en sinodale kommissies

12.3.7.1 Daar is met waardering kennis geneem van die Algemene Sinode se voortgesette ondersteuning van die nie-Afrikaanssprekende gemeentes oor baie jare, soos weergegee in die besluite en verteenwoordiging van die AKG in die vergadering.

12.3.7.2 Dit is met leedwese dat kennis geneem is dat die kommunikasie en samewerking tussen sommige gemeentes en sommige sinodale kommissies vir Gemeentebediening afgeneem het en in sommige gevalle afgebreek het.

12.3.7.3 Die AKG het dus die volgende gedoen:

* 1 Roep die sinodale kommissies vir Gemeentebediening op om in die moeilike tye nie die gemeentes in die steek te laat nie.

* 2 Versoek die sinodale kommissies vir Gemeentebediening om (deur predikante in sinodale diens, of ander verteenwoordigers) waar moontlik, die jaarlike konferensie van nie-Afrikaanssprekende gemeentes by te woon.

* 3 Doen 'n beroep op sinodale kommissies vir Sending en Evangelisasie om 'n strategie uit te werk waarvolgens die kerk in samewerking met die nie-Afrikaanse gemeentes 'n evangeliseringsaksie kan loods, veral waar die gemeentes 'n gebrekkige groei toon. 'n Beroep word gedoen op Afrikaanse gemeentes om werkers aan jong nie-Afrikaanse gemeentes beskikbaar te stel vir evangelisasie-uitreiking.

**12.3.8** Lidmate uit Afrikaanse gemeentes wat by Engelse gemeentes aansluit

**12.3.8.1** Daar is kennis geneem van 'n toenemende aantal Afrikaanssprekende persone wat aansoek doen om lidmaatskap van Engelssprekende gemeentes. Hierdie persone, van wie sommige kontak met die Engelse lewenswyse gehad het, en ander, vind dit moeilik om hulle godsdienstige oortuigings uit te leef in tradisionele Afrikaanssprekende gemeentes. Sommige voel meer tuis in die nie-Afrikaanssprekende gemeentes.

**12.3.8.2** Die AKG is oortuig dat hierdie saak nie negatief gesien moet word nie. Dit moet nie gesien word as 'n gerieflikheidsaak nie, maar veeleer as 'n weerspieëling van 'n groeiende diversifikasie tussen die Afrikaanssprekendes.

Dit sou kontra-produktief wees om sodanige persone te verhinder om lidmate van die Engelstalige kerk te word deur op rigiede wyse die beginsel van kulturele grense op te hou. Dit is die oortuiging van die kommissie dat indien sodanige lidmate verhinder word om lede van die Engelstalige gemeente te word, hulle nie na die Afrikaanstalige gemeente sal terugkeer nie, maar verlore sal wees vir die kerk.

**12.3.8.3** Aan die ander kant wil die AKG wys op baie Afrikaanssprekendes wat, nadat hulle 'n tydlank in die Engelstalige gemeente vertoef het, terugkeer na die Afrikaanstalige gemeentes.

**12.3.8.4** Die AKG is van oordeel:

* 1 Dat die Engelstalige gemeentes aanvaar word as die geestelike tuiste vir diegene in 12.3.8.1 genoem

* 2 Dat, as 'n ordelike reëling, die lede alleen aanvaar word in die Engelstalige gemeentes, indien hulle self die toestemming van hulle eie gemeente verkry het vir die oorplasing na die Engelstalige gemeente.

**12.3.9** Kerkregtelike posisie van die andertalige NG gemeentes

Tydens die hantering van sake het dit geblyk dat daar by sommige ringe/sinodale kommissies/sinodes verwarring bestaan oor die kekregtelike posisie van die andertalige Ned Geref gemeentes. Hierdie verwarring bestaan ten opsigte van:

**12.3.9.1** die moontlikheid dat hierdie gemeentes eensydig (dit wil sê sonder instemming) van die betrokke kerkraad ontbind kan word, in teenstelling met die bepalinge van die Kerkorde wat geld vir ander gemeentes van die Ned Geref Kerk;

**12.3.9.2** die gedagte - soos blykbaar deur sommige gekoester - dat hierdie gemeentes, anders as ander gemeentes van die Ned Geref Kerk, nie volledige gemeentes is nie;

**12.3.9.3** die opvatting dat hierdie gemeentes nie elk 'n regspersoon in eie reg is nie, en dat hulle bestaan en regte daarom eensydig (dit wil sê, sonder instemming van die kerkraad) opgehef kan word.

Die raad van die Algemene Regskommissie is dringend nodig om hierdie onsekerheid en die hieruit voorvloeiend verskille uit die weg te ruim.

**12.3.10** Bearbeiding in Engels

Die Engelsprekende gemeentes versoek Afrikaanssprekende gemeentes om Engelsprekende persone wat in hulle gemeentes woon, in Engels te bedien. Die persone kan moontlik om geografiese redes nie by die Engelssprekende gemeentes inskakel nie. Dit kan moontlik gedoen word deur die skepping van andertalige wyke in die gemeente.

**12.3.11** Daar is 'n behoefte aan 'n Engelse vertaling van die Kerkorde.

**12.3.12** Die Engelstalige gemeentes het 'n versoek gerig tot die AKG dat lidmate wat reeds belydenis van geloof afgelê het, toegelaat mag word om hulle geloof te herbevestig by 'n openbare erediens, met gebruikmaking van 'n formulier.

**12.4 AANBEVELINGS**

**12.4.1 Die Algemene Sinode roep alle sinodale kommissies vir Gemeentebediening op om in hierdie moeilike tye waar kommunikasie en samewerking tussen Engelstalige gemeentes en sinodale kommissies afgeneem het, die gemeentes nie in die steek te laat nie.**

**12.4.2 Die Algemene Sinode versoek die sinodale kommissies vir Gemeentebediening om deur predikante in sinodale diens (of ander verteenwoordigers) waar moontlik die jaarlikse konferensie van nie-Afrikaanssprekende gemeentes by te woon.**

**12.4.3 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op sinodale kommissies vir Sending en Evangelisasie om 'n strategie saam met Afrikaanssprekende gemeentes uit te werk om 'n evangeliseringsaksie te loods sodat nie-Afrikaanssprekende gemeentes 'n groei kan toon. Afrikaanssprekende gemeentes word opgeroep om werkkragte beskikbaar te stel vir die Evangelisasie-Uitreik.**

**12.4.4 Die Algemene Sinode aanvaar dat 'n aantal Afrikaanssprekende lidmate hulle agv persoonlike redes meer tuis voel in die Engelssprekende gemeente en aanvaar dat die Engelstalige gemeentes 'n geskikte tuiste vir diesulkes is, en dat so 'n reëling aanvaar word slegs as dié lidmate die toestemming van hulle eie kerkrade verkry het.**

**12.4.5 Die Algemene Sinode beklemtoon die feit dat andertalige gemeentes 'n gemeente in eie reg is, al is hulle lidmate min en al ontvang hulle hulp uit sinodale fondse, en doen 'n beroep op ringe, sinodale kommissies en sinodes om nie die andertalige gemeentes eensydig te ontbind nie.**

**12.4.6 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die Afrikaanssprekende gemeentes om Engelssprekende persone in Engels te bedien en hulle desnoods as 'n Engelssprekende wyk by die gemeente in te skakel.**

**12.4.7 Die Algemene Sinode gee verlof aan die AKG om die Kerkorde in Engels te vertaal sodra dit gereed is.**

**12.4.8 Die Algemene Sinode dra dit aan die AKG op om 'n studie te maak van die beginsel van Herbevestiging van Geloof en aan die volgende Sinode verslag te doen.**

## 13. NYWERHEIDSBEDIENING

### 13.1 Opdrag

Die AKG het deurlopend die opdrag gehad om Nywerheidbediening, veral dié gerig op Transnet, te hanteer.

### 13.2 Werkwyse

'n Subkommissie van die AKG was hiervoor verantwoordelik.

### 13.3 Bevindinge

13.3.1 Na afloop van die Sinode in 1990, by die rasionalisering van die Kommissie vir Sending en die Kommissie vir Ampsbediening en Evangelisasie, is ooreengekom dat Nywerheidbediening gerig op Transnet nie meer 'n werksaamheid van die AKG sal wees nie, maar wel van die AKSE.

13.3.2 Nywerheidbediening in die algemeen is ewe eens na die AKSE oorgedra.

13.3.3 Die AKG behou ter wille van skakeling een verteenwoordiger in die Breë Kommissie vir Nywerheidsbediening gerig op Transnet (BKNT).

13.3.4 Die AKG word in die Interkerklike Kommissie vir Nywerheidsbediening ook deur een lid verteenwoordig.

13.3.5 Wat Transnet betref, staan die lidmate wat daar werk in die eerste plek onder die bediening van die plaaslike gemeente. Toerusting van dié lidmate vind in die gemeente plaas en is gerig op die getuienis wat in die werksituasie gelewer moet word.

13.3.6 Die ou Spoorwegbediening het ontwikkel in 'n bediening in Transnet wat ekumenies aangepak sal moet word. Die BKNT sal dus 'n ekumeniese liggaam moet word. 'n Ad hoc-kommissie is tans besig met 'n studie om die BKNT tot 'n sinvolle ekumeniese bediening te begelei.

13.3.7 ISWEN is besig met 'n omvattende studie van Nywerheidbediening in die algemeen en sal aan AKSE verslag doen.

13.3.8 Die BKNT word dus nou 'n subkommissie van die AKSE en die ooreenstemmende kommissies van sinodes sal ook as subkommissies van die SKSE's funksioneer.

13.3.9 Die herstrukturering van die vorige Vervoerdienste na die huidige openbare maatskappy, Transnet, het die BKNT ingrypend geraak. Rasionalisasie van Transnet-personeel het meegebring dat die bydraers, wat die finansiële onderbou van die BKNT gevorm het, drasties verminder het. Dit het ernstige finansiële implikasies vir die toekomstige voortsetting van die werk van die BKNT. Verskeie BKNT-personeellede moes reeds diens verlaat as gevolg van 'n gebrek aan befondsing.

13.3.10 Die BKNT rig die volgende versoeke aan die Algemene Sinode ten opsigte van Nywerheidsbediening gerig op Transnet om:

*1. die begrip Nywerheidsbediening te vervang van Arbeidsbediening

*2. Arbeidsbediening doelmatig uit te brei na 'n wyer gebied as Transnet.

*3. toestemming te verleen dat Arbeidsbediening as 'n ekumeniese werksaamheid georganiseer word en daarin mee te werk.

*4. 'n beroep te doen op die verskillende sinodes om Arbeidsbediening te inisieer waar dit nog nie bestaan nie en dit verder te bevorder waar dit reeds bestaan.

*5. 'n laatstuk wat 'n uiteensetting gee van die modus operandi in ontvangs te neem.

### 13.4 AANBEVELINGS

**13.4.1 Die Algemene Sinode keur goed dat Nywerheidsbediening in die toekoms 'n werksaamheid van AKSE sal wees.**

**13.4.2 Die Algemene Sinode keur goed dat:**

**13.4.2.1 die begrip Nywerheidsbediening vervang word met Arbeidsbediening**

**13.4.2.2 Arbeidsbediening doelmatig uitgebrei word na 'n wyer gebied as Transnet.**

**13.4.2.3 toestemming verleen word dat Arbeidsbediening as 'n ekumeniese werksaamheid georganiseer word en daarin mee te werk.**

**13.4.2.4 'n beroep gedoen word op die verskillende sinodes om Arbeidsbediening te inisieer waar dit nog nie bestaan nie en dit verder te bevorder waar dit reeds bestaan.**

**13.4.2.5 'n laatstuk in ontvangs geneem word.**

## 14. KERKSPIEëL

### 14.1 Opdrag

Die Algemene Sinode het besluit dat 'n verdere wetenskaplike opname DV in 1993 onderneem sal word. (Acta 90, bl 700, 3.5.5.)

### 14.2 Werkwyse

Die AKG het 'n subkommissie vir Kerkspieël IV benoem bestaande uit di M Smuts, WJ Schoeman en GC Olivier wat die opname gedoen het.

### 14.3 Bevindinge

14.3.1 Die opname is op dieselfde wyse georganiseer as dié in 1989. Kommissies van die Algemene Sinode kon verdere vrae voorstel wat in die opname opgeneem is.

14.3.2 Vraelyste is opgestel vir saakgelastigdes, kerkraadslede en predikante, asook 'n wyksvraelys. Gemeentes kon soos die vorige keer hulle eie gegewens aanvra.

14.3.3 Die respons was ongeveer 86%.

14.3.4 Die koste is beraam op R100 000, maar by die skryf van die verslag is alle uitbetalings nog nie gedoen nie. Na verwagting sal die uiteindelike koste veel minder as die beraamde bedrag wees.

14.3.5 Verwerking en voorbereiding van die publikasie is op skedule en die finale verslag sal na verwagting teen die einde van Mei 1994 beskikbaar wees. Kerkspieël IV word deur die AKG-kantoor versprei.

14.3.6 Kerkspieël IV vorm 'n skakel in die reeks om nuttige vergelykings te tref.

### 14.4 AANBEVELINGS

**14.4.1 Die Algemene Sinode neem 'n laatstuk met enkele mededelings uit Kerkspieël IV in behandeling en laat ds M Smuts toe om enkele mededelings te doen.**

**14.4.2 Die Sinode besluit om in 1997 weer 'n wetenskaplike opname te maak**

## 15. DATABANK VAN PREDIKANTE

### 15.1 Opdrag

Die Algemene Sinode het dit aan die AKG opgedra om name en besonderhede van werklose gelegitimeerdes asook predikante wat weens omstandighede beroepbaar gestel moet word, in 'n register op te neem.

### 15.2 Werkwyse

Die AKG het 'n poging aangewend om alle predikante se besonderhede te bekom en op 'n rekenaar te plaas.

### 15.3 Bevindinge

15.3.1 Die rekords van 568 predikante en proponente is in die databank opgeneem.

15.3.2 Dit blyk dat die stelsel in die lig van die nuwe beroepstelsel nie meer nodig is nie aangesien daar in die afgelope twee jaar geen navraag na inligting van proponente en beroepbare leraars by die AKG gedoen is nie.

### 15.4 AANBEVELING

**Die Algemene Sinode staak die register van proponente en beroepbare proponente.**

## 16. ALGEMENE BEDIENINGSFONDS

### 16.1 Opdrag

Die Algemene Bedieningsfonds is aanvanklik as werksaamheid van die ASK gesien en die AKG-kantoor het die administrasie gedoen. Die ASK het in Maart 1992 besluit om alle beheer en administrasie van die fonds aan die AKG oor te dra.

### 16.2 Werkwyse

Die AKG het 'n subkommissie saamgestel, bestaande uit di GC Olivier, M Smuts en PSHF Strümpfer.

### 16.3. Bevindinge

16.3.1 Die insameling het in 1993 die R1-miljoen-kerf oorgesteek en 28 gemeentes is reeds uit die fonds gehelp om nuwe poste te skep. Die hulp aan 10 gemeentes is reeds afgehandel.

16.3.2 Van die oproep van die Algemene Sinode in 1990 dat elke gemeente R2,00 per lidmaat per jaar moet bydra, het min tereg gekom. Indien elke gemeente R2,00 per lidmaat per jaar bygedra het, sou 20 proponente per jaar in werk geplaas kon word.

16.3.3 Die situasie van werklose proponente vererger jaarliks aangesien die ooraanbod van proponente elke jaar met 20-40 groei. Daar is na raming meer as 200 proponente wat op beroepe wag. Die meeste van hulle het tydelike pastorale werk, of werk voltyds in 'n sekulêre beroep.

16.3.4 Die Kommissie vir die Algemene Bedieningfonds het intussen goedkeuring verleen aan 'n proponent, prop JV Cronje, om op 'n kommissiebasis geld vir die fonds in te samel.

16.3.5 Intussen kan proponente wat in finansiële nood raak, by die fonds aansoek doen om hulp.

16.3.6 Die AKG het die volgende onder die aandag van die voornemende studente gebring:

16.3.6.1 Dat persone wat geroepe voel om studie in die teologie te doen, ook bereid moet wees om laer verwagtinge van die bediening (ten opsigte van 'n pastorie, motor, ens) te koester.

16.3.6.2 Dat werk en hulp aan gemeentes ook as diens aan die kerk beskou moet word.

16.3.6.3 Dat studente in die toekoms hulleself moet voorberei dat hulle ook tentmakerbediening kan doen.

**16.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode doen weer eens 'n beroep op alle gemeentes om R2,00 per lidmaat per jaar tot die Algemene Bedieningsfonds te maak.**

## 17. HUWELIKSVERRYKING

**17.1 Opdrag**

Die Algemene Sinode versoek die betrokke kommissies van die Sinode wat met hierdie sake (huweliksverryking) werk, om so gou moontlik die nodige programme en kursusse voor te berei en aan die kerk beskikbaar te stel.

**17.2 Werkwyse**

Die AKG het 'n studiekommissie vir huweliksverryking benoem.

**17.3 Bevindinge**

17.3.1 Die AKG het saamgewerk met die ad hoc-kommissie vir Gesinsbediening en bring in dié verband die nuwe huweliksverrykingsmodule van die kerk se 1994-gesinsjaarpakket onder aandag van die Sinode. (Die kursus sluit ook 'n lys van ander bruikbare programme in).

17.3.2 Die AKG is van oordeel dat die benadering wat met die kursus gevolg is en waardeur huweliksverryking binne die raamwerk van 'n totale gesinsbedienning hanteer word, 'n belangrike winspunt van die betrokke kursus is.

17.3.3 Die AKG is wel van oordeel dat daar steeds voortgegaan moet word met die ontwikkeling en akkreditering van programme en materiaal vanuit die perspektief van 'n geïntegreerde gesinsbediening.

17.3.4 Die AKG beveel ook graag die verskeidenheid predikantekursusse in huweliks- en gesinsbediening, wat deur die verskillende teologiese fakulteite en hulle sentra vir voortgesette teologiese opleiding ontwikkel is, sterk aan.

17.3.5 Die AKG bring weer die fonds vir huweliksverryking van predikante-pare onder aandag van predikante. Die fonds kan ook aangewend word vir die verryking van predikantsgesinne. Sinodale kommissies vir Gemeentebediening kan vir hierdie toekennings by die AKG aansoek doen.

## 18. ROLVERWAGTINGS VAN DIE PREDIKANTSVROU

**18.1 Opdrag**

Die AKG kry opdrag om die bevindinge van Kerkspieël III ten opsigte van predikante en predikantsvroue verder te ondersoek en veral aandag te gee aan die opdrag van die Sinode van 1986 om 'n studie te loods oor die rolverwagtinge, verantwoordelikhede en taak van die predikantsvrou (Acta 1986, bl 697). Verslag moet so gou moontlik aan die ASK gedoen word vir verdere optrede indien nodig.

**18.2 Werkwyse**

Die opdrag is ongelukkig nie betyds deur die AKG raakgesien nie met die gevolg dat die opname nie gedoen is nie.

**18.3 Bevindinge**

'n Afsonderlike opname by lidmate oor hulle houding en verwagtinge teenoor predikante en predikantsvroue sal gemaak moet word. Dit kon nie in Kerkspieël IV opgeneem word nie, omdat Kerkspieël-vraelyste nie deur gemeentelede voltooi word nie. 'n Wetenskaplike steekproef van gemeentelede sal bepaal moet word vir so 'n opname.

**18.4 AANBEVELING**

**Die Sinode herhaal die opdrag aan die AKG.**

## 19. STILTE, MEDITASIE EN GEBED TYDENS SINODE

**19.1 Opdrag**

Die Sinode besluit om:

1. by die ASK aan te beveel om by die reëlings van die volgende Algemene Sinode voldoende tyd tydens sittings in te ruim vir afsondering, stilword en meditasie met die oog op geestelike verdieping en Godgewilde besluitneming;

2. by die sinodes van die Ned Geref Kerk aan te beveel om voldoende tyd/geleenthede te skep tydens sinodesitting, ringsittings, broederkringe en spesiale geleenthede vir afsondering, stilword en meditasie met die oog op geestelike verdieping en vrugbare bediening in die kerk. (Acta 1990, bl 635)

**19.2 Werkwyse**

Die AKG se dagbestuur het die saak hanteer nadat die skriba van die ASK so versoek het.

**19.3 Bevindinge**

Die AKG het reeds aanbevelings in verband met hierdie saak aan die Algemene Kommissie vir die Agenda deurgegee.

## 20. OMRUILING VAN STANDPLASE

**20.1. Opdrag**

Die versoek is van die AJK ontvang met die oog op 'n inset van AKG.

**20.2 Werkwyse**

Die AKG het die saak hanteer.

**20.3 Bevindinge**

**20.3.1** In die huidige situasie van min vakatures en baie predikante wat beskikbaar is, kry leraars nie die geleentheid om van gemeente te verander om sodoende met nuwe visie en entoesiasme in 'n ander gemeente te begin nie.

**20.3.2** Min leraars slaag daarin om na 'n lang dienstyd in 'n gemeente 'n nuwe dimensie in sy bediening te ontwikkel.

**20.3.3** Die AKG het verneem dat die saak deur die ARK hanteer is en per beskrywingspunt van die AJK voor die Sinode gebring gaan word.

## 21. OORPLASING VAN LIDMAATSKAP

**21.1 Opdrag**

Die Algemene Sinode het besluit dat die volgende aanbeveling terugverwys word na AKG om in oorleg met ARK en AKLAS die Sinode in 1994 te dien met 'n voorstel in hierdie verband: "Die Algemene Sinode besluit dat oordrag van lidmaatskap binne die Ned Geref Kerk vanaf 1 April 1992 slegs by wyse van attestaat sal geskied en wel so dat lidmate op grond van 'n attestaat by 'n nuwe gemeente waarheen hulle verhuis, aansoek om lidmaatskap moet doen."

**21.2 Werkwyse**

Die AKG het in gesprek met lede van AKLAS die saak hanteer.

**21.3 Bevindinge**

Die AKG het verneem dat AKLAS nie tot 'n finale standpunt kon kom nie en is oortuig dat die saak verdere besinning vra.

**21.4 AANBEVELING**

**Die AKG versoek dat die opdrag herhaal word.**

## 22. ANDER SAKE WAT DEUR AKG HANTEER IS

**22.1 Opdrag**

Die AKG doen op sy werksterrein sekere ondersoeke en tree op sonder dat die sake breedvoerig aan die Algemene Sinode voorgelê hoef te word.

**22.2 Werkwyse**

Die sake word hanteer deur die dagbestuur of studie- of subkommissies.

**22.3 Bevindinge**

Die sake wat hanteer is, is die volgende:

**22.3.1 Maatskappy vir Immigrasie**

Die AKG woon jaarliks die verslagvergadering van die MI by. Etlike ander kommissies van die Algemene Sinode en sinodes is ook teenwoordig. Die betrokkenheid spruit voort uit die era toe immigrante as objekte vir evangelisasie gesien is. Daar sal waarskynlik in die toekoms minder immigrasie na Suid-Afrika plaasvind. Die AKG oordeel dat net een persoon uit die kerk die vergadering hoef by te woon, en wel uit die ASK of die AKSE. Die AKG kan dus sy verteenwoordiging laat verval.

**22.3.2 Skakeling met AKSE**

Intensiewe skakeling met AKSE het in die afgelope 4 jaar plaasgevind, veral met die oog op die "oordrag" van evangelisasie. Die AKSE doen volledig verslag oor die verdeling van die werk van die kerk in 'n bediening na binne (Gemeentebediening) en 'n bediening na buite (Sendingbediening) Die AKG ondersteun dié standpunt.

**22.3.3 Campus Crusade for Christ**

Die antwoord van die Sinode, soos aan die AKG opgedra, is voorberei en aan die ASK voorsien.

**22.3.4 Reglement en Handleiding**

Die AKG sal, nadat die Sinode uitsluitsel gegee het oor die werksterreine van die kommissies vir Gemeentebediening en Sending, aandag gee aan sy reglement en 'n Handleiding vir Gemeentebediening vir kerkrade en die verskillende aksies opstel.

**22.3.5 Buitelandse Bediening**

Die Ned Geref Kerk is intensief betrokke by die bediening van Suid-Afrikaners in die buiteland en ondersteun die werk finansieël. Volgens ooreenkoms bemoei die AKG hom slegs met die beleidsaspekte van die werk en word die bediening deur die Sinode van Noord-Transvaal gereël. Bediening in die buiteland sal in die toekoms heelwat verander. 'n Raad vir Christelike Godsdienstige Bediening aan Christene in die buiteland is gestig - 'n Art 21-maatskappy. Die staat sal sy aandeel in die bediening waarskynlik inkort.

**22.3.6 Literatuurkommissie**

Die AKG het 'n subkommissie wat saam met die kerk se media-kommissie verantwoordelik is vir die opstelling van Pinksteronderwerpe en onderwerpe vir die Week van Gebed. Die AKG betaal aan die opstellers 'n honorarium.

Die literatuurkommissie sal in die toekoms met die volle steun van die AKG met die ander kerke in die Ned Geref Kerkfamilie onderhandel vir die opstel van reekse en riglyne gemeenskaplik vir al vier die kerke waar dieselfde Skrifgedeeltes aanbeveel sal word met ruimte vir differensiasie in toepassing in eiesoortige kontekste.

**22.3.7 Gesinsjaar 1994**

Die AKG het saam met AKDB, AJK, AKSE en die AKV deelgeneem aan die beplanning van die Gesinsjaarprogram 1994 asook aan die samestelling van die programpakket.

**22.3.8 Algemene Komitee vir Vrouediens.**

Die AKG-verteenwoordiger woon jaarliks die AKV-vergadering by en neem deel aan die bespreking oor gemeentebediening. Die AKG sal sodra uitsluitsel oor die werkterreine verkry is, programmateriaal opstel vir gebruik in die Vrouediens. Dienswerkprogramme en ook ander programme van die Vrouediens behoort met die gemeente se strategiese beplanning te integreer.

**22.3.9 Kapelaansdienste**

Die AKG-vergaderings word bygewoon deur die Hoofkapelane van die SAW, die SAP en die Korrektiewe Dienste. Die verteenwoordigers doen mededelings aan die vergadering.

**22.3.10 Bybelkor**

Daar is noue samewerking tussen Bybelkor en die AKG veral ten opsigte van die programme vir Lidmaat-toerusting. Die uitvoerende direkteur van Bybelkor is adviserend lid van die AKG en die AKG benoem ook 'n lid in die adviespaneel van Bybelkor.

**22.4 AANBEVELING**

**Die Algemene Sinode keur goed dat die AKG sy verteenwoordiging in MI termineer.**

## 23. SKRIBAAT VAN DIE AKG

**23.1 Opdrag**

Die AKG moet op sy vergadering uit eie geledere 'n skriba (deeltyds) aanwys.

**23.2 Werkwyse**

Sedert die Algemene Sinode van 1990 het ds GC Olivier hierdie taak deeltyds verrig.

**23.3 Bevindinge**

**23.3.1** Die AKG ervaar 'n probleem omdat die skribaat nie voltyds deur 'n predikant in Algemene Sinodale Diens hanteer word nie.

**23.3.2** Die werksterrein van die kommissie is so gespesialiseerd dat dit moeilik met 'n ander kommissie gedeel kan word.

**23.3.3** Die AKG is oortuig dat 'n deeltydse skriba nie inisiërend en stimulerend die kommissie kan lei nie. Studie van die werkterrein bly agterweë.

**23.3.4** Die Dagbestuur van die AKG is besig om met ander kommissies van die Algemene Sinode te onderhandel om die pos van skriba te deel.

**23.4 AANBEVELING**

**Die AKG kry opdrag om met ander kommissies te onderhandel oor 'n moontlike gesamentlike skribaat met verslag aan die ASK wat dit afhandel.**

## 24. EREDIENS

**24.1 Opdrag**

Die Algemene Sinode van die 1990 het besluit dat die Eredienskommissie 'n subkommissie van die AKG sal wees.

**24.2 Werkwyse**

Die subkommissie is afsonderlik deur die Sinode benoem en die voorsitters en skribas van die AKG en die Subkommissie vir Erediens het sitting oor en weer. Die subkommissie het drie keer vergader.

**24.3 Bevinding**

Die personeel van die Subkommissie vir Erediens is die volgende:

**24.3.1 Sinodale verteenwoordigers**

Prof BA Müller (Wes-Kaapland), dr BJ du Toit (Oos-Kaapland), ds PC Nienaber (Noord-Kaapland), ds JR Murray (Natal), prof JS Kellerman (Oranje-Vrystaat), dr JW Saunderson (Wes-Transvaal), dr PJC Loots (Noord-Transvaal), dr JHH du Toit (Suid-Transvaal), dr CJ Otto (Oos-Transvaal), ds JF Serfontein (Namibië), ds GA Breytenbach (Midde-Afrika).

**24.3.2 Deskundige lede op die gebied van die himnologie**

Prof AC Barnard en dr WML Strydom

**24.3.3 Verdere verteenwoordigers**

Ds GC Olivier (AKG) en prof JS Kellerman

Teologiese Fakulteite: Stellenbosch - prof BA Müller, Pretoria - prof CJA Vos, Bloemfontein - prof JS Kellerman

**24.3.4** Die verskillende sake wat deur die Subkommissie vir Erediens hanteer is, word in die volgende punte van die verslag, (punte 25-37) behandel met aanbevelings waar nodig.

## 25. INLIGTINGSTUKKE OOR DIE EREDIENS

**25.1 Opdrag**

Die Sinode gee opdrag aan die AKE om so gou as moontlik 'n goedkoop brosjure waarin inligtingstukke oor die erediens vervat is, beskikbaar te stel.

**25.2 Werkwyse**

Die verskillende beskikbare stukke is in oorweging geneem en die beste moontlikhede met die oog op 'n publikasie bekyk.

**25.3 Bevindinge**

**25.3.1** Prof JC Müller het reeds enkele van die studiestukke waarvoor hy verantwoordelik was, in sy publikasie **Die Erediens as Fees** opgeneem.

**25.3.2** Aangesien die meeste van die oorblywende stukke wat in aanmerking kom, deur prof AC Barnard opgestel is, is besluit om dit aan prof Barnard op te dra om 'n publikasie onder sy naam saam te stel. Die titel daarvan lui: **Prediking in die Kragveld van die Gees.**

**25.4 AANBEVELING**

**Die Sinode aanvaar publikasies van proff AC Barnard en JC Müller as belangrike bronne van besinning en inligting oor erediensake en versoek kerkrade om dit te versprei.**

## 26. FORMULIER VIR DIE DOOP VAN KINDERS

**26.1 Opdrag**

Die Algemene Sinode versoek die Algemene Kommissie vir die Erediens om weer te kyk na "Die Formulier vir die Doop van Kinders" en dit so te verwerk dat:

**26.1.1 dit net fokus op:**

**26.1.1.1** die doop van kinders (dws in kort die herkoms of oorsprong van die kinderdoop in die verbond van Abraham, die wonderlike inhoud daarvan - o.a. God wat die inisiatief neem, kinders was nog nooit uitgesluit uit die verbond van genade nie, dis 'n blywende of ewige verbond) en

**26.1.1.2** die ouers se verantwoordelikheid in hierdie opvoedingstaak.

**26.1.2** Die gedeeltes in die huidige formulier weg te laat waar daar eintlik verwys word na waarhede wat betrekking het op persone wat as volwassenes gedoop is.

**Nota:** Iets van die aanbiedingswyse van die pamflet van SKLAS van Suid-Transvaal "Is ek reg gedoop?" kan hier waarskynlik met vrug gebruik word.

**26.2 Werkwyse**

Die studie van die saak is na die Eredienskommissie van die OVS verwys. Daarna is die verslag van die OVS aan lede van die vergadering voorgelê vir kommentaar.

**26.3 Bevindinge**

**26.3.1** Die herkoms, inhoud en Goddelike inisiatief word voldoende in die huidige formulier verreken. 'n Verkorting sal kosbare waarhede verlore kan laat gaan.

**26.3.2** Die verantwoordelikheid van die ouers behoort by die doopgesprek aan die orde te kom.

**26.3.3** Die formulier word aan die hele gemeente voorgelees en daar moenie 'n onderskeid gemaak word tussen persone wat as volwassenes of as kinders gedoop is nie. Die kernwaarhede bly dieselfde.

**26.4 AANBEVELING**

**Die Sinode aanvaar nie die voorgestelde wysigings ten opsigte van die formulier vir die doop van kinders nie en volstaan met die huidige formulering.**

## 27. MEER SINVOLLE INRIGTING VAN DIE NAGMAALSDIENS

**27.1 Opdrag**

Die Sinode dra dit aan die AKE op om in die lig van die meer frekwente viering van die nagmaal, aanbevelings te doen oor 'n meer sinvolle inrigting van die nagmaalsdiens sodat dit korter kan wees en die feestelike betrokkenheid van die gemeente asook die verskeidenheid van die fasette van die nagmaal beter tot hulle reg kan kom.

**27.2 Werkwyse**

Die dagbestuur van die Subkommissie vir die Erediens het die saak hanteer.

**27.3 Bevindinge**

**27.3.1 Probleemstelling**

In 1982 het die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk die krag en betekenis van 'n gereelde viering van die nagmaal vir die versterking van die geloofslewe van die lidmate beklemtoon. Gemeentes is aangemoedig om dit meer gereeld te vier as kwartaalliks, mits dit op 'n verantwoordelike wyse geskied. 'n Beroep is op leraars en kerkrade gedoen om deur kategese, prediking en huisbesoek elke gemeente te lei om die betekenis en werking van die nagmaal beter te verstaan en te beleef. Hierdie besinning poog om verdere voortgang te gee aan die uitvoering van die 1982-besluit.

Tydens die Reformasie en opnuut in die 20ste eeu is die waarde en wenslikheid van 'n meer frekwente viering van die nagmaal besef. Die meer gereeldheid van die nagmaalsviering het allerlei implikasies vir die gemeentelike praktyk van die viering van die sakrament, ook spesifiek wat die Ned Geref Kerk betref. Die kerk as liggaam van die Here het die verantwoordelikheid om die maaltyd van die Here as opdrag op die mees sinvolle wyse moontlik te vier. Waar daar in Rooms-Katolieke kring in die 20ste eeu gesoek word na 'n herwaardering van die Woordbediening, sal die Reformatoriese kerke die maaltyd van die Here opnuut moet waardeer. Soveel vrae en nuwe insigte ten opsigte van die sakrament het in kerke dwarsdeur die wêreld veral in hierdie eeu na vore gekom vanweë 'n voortdurende besinning hieroor. Die onuitputlike rykdom van die genade en die misterie van God blyk ook hier. Hoewel hierdie besinning meer op die praktyk gerig is, moet daar eers 'n aantal teologiese uitgangspunte uitgelig word.

### 27.3.2 Enkele gesigspunte van die maaltyd van die Here

#### 27.3.2.1 Skriftuurlike herkoms

Die instellingswoorde van Jesus by die maaltyd van die Here moet in sy breër verband verstaan word. Enersyds moet die Ou-Testamentiese agtergrond in ag geneem word. Sedert Joachim Jeremias se standpuntinname dat die maaltyd van die Here by die pasgaviering sy beslag gekry het, het dit wye ondersteuning gevind. Jesus het by die instelling van die nagmaal Hom nie by alle momente van die paasmaaltyd aangesluit nie, bv nie by die moment van die paaslam nie. Daarom moet die maaltyd van die Here nie as 'n Christelike vorm van die paasmaaltyd gesien word nie. Die pasga is net een van die voorlopers van die nagmaal sodat die nagmaal geensins as "moderne pasga" getipeer kan word nie. Naas die verskeidenheid van Ou-Testamentiese motiewe moet ons ook op die aardse maalgemeenskap van Jesus met sy dissipels en met tollenaars en sondaars en die maaltye van Jesus na sy opstanding en die belangrike rol daarvan in die verstaan van die nagmaal in ag neem. Al is daar verband tussen die maaltye tydens Jesus se aardse lewe en die nagmaal, is die eintlike en spesifieke karakter van die maaltyd van die Here aan die laaste maaltyd van Jesus met sy dissipels ontleen.

#### 27.3.2.2 Verskillende perspektiewe

Die maaltyd van die Here kan vanuit verskillende perspektiewe bekyk word. Dit kan met 'n diamant vergelyk word wat 'n verskeidenheid van hoeke en fasette vertoon. 'n Tiental "noodsaaklike elemente in die nagmaalsviering" word in die handleiding by Die Kerkboek onderskei nl herdenking (anamnese), die teenwoordigheid van Christus, Christus met sy gawes, die ontmoeting met Christus, die verkondiging, gemeenskap (koinonia), danksegging, die verbond, die eskatologiese verwagting en die vreugdekarakter. Na jare se besinning het die Wêreldraad van Kerke 'n ekumeniese dokument in 1983 gepubliseer: **Baptism, Eucharist and Ministry**, waarin die betekenis van die eucharistie onder vyf opskrifte ter sprake kom, te wete danksegging, anamnese, invokasie, kommunie en koninkryksmaal. Dit is moeilik om 'n presiese samevatting te gee van al die fasette van die maaltyd van die Here en daar word met die enkele sistematiseringspogings volstaan.

#### 27.3.2.3 Die Reformatoriese herstel

In die Middeleeue veral het allerlei skewe groeisels ten opsigte van die maaltyd van die Here ontspruit, wat die oorspronklike bedoeling van die sakrament verdring het. Die Reformasie van die 16de eeu het begin om die nagmaal weer te suiwer en aan die gemeente terug te gee. Hoewel die nagmaal (mis) in die Rooms-Katolieke Kerk nog gereeld gevier is, het die gemeente meer 'n toeskouersrol gespeel en is daar met die dieptepunt van die deformasie van die kerk op hierdie terrein maar selde deur die gemeentelede aan die eucharistieviering deelgeneem. Onder die reformatore het daar in hulle suiweringspogings 'n sterk verskil van mening oor die sakrament bestaan en die nagmaal was 'n strydpunt. By die reformatore het 'n pluriformiteit in die wyse van die viering van die nagmaal na vore gekom.

#### 27.3.2.4 Twee brandpunte in die erediens

Uit die Skrifgegewens kan afgelei word dat die maaltyd van die Here gereeld op die eerste dag van die week gevier is. Die nagmaalsviering was ook in die vroeë kerk 'n integrale deel van die gemeentelike lewe. Dit blyk ook uit 1 Kor 11:17-22 en 11:34 waar die konteks waarbinne die apostel Paulus oor verkondiging deur die nagmaal praat, dié van Christelike mededeelsaamheid is. Hierdie mededeelsaamheid vorm 'n wesentlike deel van die boodskap wat van die nagmaalstafel af uitgaan. Die reformatore van die 16de eeu het in hulle liturgiese hervorming almal by die vroeë kerk aansluiting gesoek. Dit geld veral van Calvyn. Die eenheid van Woord- en nagmaalsbediening het by die reformatore grotendeels behoue gebly. Die verbreking hiervan het Calvyn as in stryd met die praktyk van die Nuwe Testament en die vroeë kerk beskou. Dit is in ooreenstemming met die reformatoriese teologie om die erediens te sien as 'n ellips met die bediening van die Woord en die maaltyd van die Here as twee brandpunte. Die prediking is as baie sentraal in die erediens beskou en wanneer die nagmaal gevier word, mag dit nie verskraal word nie.

Daarmee is ook die saak van die groter frekwensie van die maaltyd van die Here gestel. Dit was deel van die deformasie van die erediens ná die Reformasie dat die nagmaal in Nederland en Suid-Afrika meesal slegs vier keer per jaar gevier is. Hierdie gebruik is meer Zwingliaans as Calvinisties. Calvyn was lewenslank 'n pleitbesorger vir 'n frekwente nagmaalsviering. Die regte verstaan van die instelling, wese en bedoeling van die maaltyd van die Here is egter van wesentlike belang. In die verhoging van die frekwensie van die nagmaal sal met versigtigheid te werk gegaan moet word. 'n Groter frekwensie sonder die werking van die Heilige Gees bied geen waarborg vir die verdieping van die geestelike lewe nie en kan 'n veruitwendiging en sleur in die hand werk. Ook sal daar 'n omvattende toerustingprogram moet wees om die rykdom van die maaltyd van die Here en betekenis van die hele erediens aan die gemeente tuis te bring. Die herontdekking en herwaardering van die sakrament van die nagmaal en die Woordbediening kan 'n belangrike bydrae maak vir opbou van die kerk van Christus vir sy taak in die een en twintigste eeu.

#### 27.3.2.5 Die herontdekking van die rol en die betekenis van die maaltyd van die Here

Vanweë voortgaande teologiese besinning ten opsigte van die maaltyd van die Here, het daar in die Ned Geref Kerk 'n nuwe besef gekom van die sakrament as nie iets buitengewoons en insidenteels nie, maar as 'n element wat wesentlik tuishoort in die Sondagerediens. Enersyds vind ons in reformatoriese kring 'n groeiende besef van die belangrikheid van die nagmaal en andersyds 'n soeke na die regte en sinvolle gebruik van die sakrament. Daar kan tereg gepraat word van 'n herontdekking van die maaltyd van die Here in ons eeu. Die liturgiese beweging het ook 'n nagmaalsbeweging aan die gang gesit. Die gevaar bestaan dat in die bemoeiing met die nagmaal en veranderinge in die praktyk daar 'n nivellering en karakterverlies ten opsigte van die sakrament kan plaasvind. Daarom moet groot versigtigheid aan die dag gelê word en alles vermy word wat die nagmaal se Bybelse en belydenisinhoud verander of uithol.

**27.3.2.6 Die groter veelvuldigheid van die viering van die maaltyd van die Here het allerlei konsekwensies ten opsigte van die funksionering van die sakrament in die gemeentelike lewe**

* 1 Indien die maaltyd van die Here meer dikwels gevier word bv maandeliks of nog meer dikwels, kom die gebruik van 'n aparte voorbereidings- en dankseggingsdiens by die nagmaal in gedrang. Hierdie dienste kan nie teruggevoer word na die begintyd van die Reformasie nie, maar is afkomstig uit veral die liturgiese gebruike van die vlugtelinggemeente in Londen. Dié gebruike is in Nederland en Suid-Afrika oorgeneem. Op die Saterdag voor die nagmaal is 'n spesiale voorbereidingsdiens gehou. Daarby het die ouderlinge voor die nagmaalviering huisbesoek gedoen - soos die gebruik by Calvyn was.

Vanweë die siening van die Nadere Reformasie of Gereformeerde Piëtisme het daar mettertyd 'n sterk aksent op die voorbereidingsaspek gekom. Meer aandag is aan die nagmaalsganger en sy geestelike toestand (selfbeproewing) gegee as aan die nagmaal en die boodskap wat dit wil deurgee. Die nagmaal as objektiewe genademiddel waardeur Christus sy genade skenk en die geloof versterk, het in gedrang gekom.

Deeglike voorbereiding met die oog op deelname aan die nagmaalviering is noodsaaklik. Die Skrifwoord roep ons op dat elkeen homself eers moet ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink (1 Kor 11:28). Persoonlike selfondersoek is nodig, maar in die nagmaalsliturgie self word as gemeente saam voorbereiding gedoen om die maaltyd van die Here met vreugde te vier. In die nagmaalsdiens self vind die voorbereiding plaas deur die prediking, formulier, openbare skuldbelydenis, vryspraak, gebede, geloofsbelydenis en instellingswoorde. Waar die nagmaal meer gereeld gevier word, moet die voorbereiding ook gereeld plaasvind.

Danksegging moet ook as inherente deel van die viering van die nagmaal gesien word. Sedert die eerste eeue is die term eucharistie (danksegging) as benaming naas andere vir die nagmaal gebruik. In die bediening van die nagmaal moet dié aspek genoegsaam aandag kry en die nodige plek daarvoor in die liturgie ingeruim word. Die danksegging aan God vir sy genade en gawes blyk (ook volgens Calvyn) uit die deelname aan die nagmaal, maar verder ook uit 'n dankbare toewyding aan God deur diens en getuienis in en teenoor die wêreld.

Die hou van afsonderlike voorbereiding- en dankseggingsdienste kan beskou word as aanvullend ten opsigte van die selfondersoek en dankbaarheid in die nagmaalviering self. Dit kan aan die vryheid van die kerkrade oorgelaat word om die praktyk van die spesiale dienste te handhaaf. Die nagmaal behoort nie 'n abnormaal-aparte plek in die gemeentelike lewe in te neem nie, maar moet midde-in die Christelike lewe van die gelowiges funksioneer. Anders kan dit negatief inwerk op die meer gereelde viering van die maaltyd van die Here.

* 2 Die maaltyd van die Here word in aansluiting by die Reformasie opnuut in die 20ste eeu beklemtoon as van sentrale betekenis vir die Christelike erediens en lewe. Die gedoopte kinders is reeds deel van die gemeente en moet aktief kan deelneem aan die hele erediens. As gelowige verbondskinders het hulle deel aan Christus en al sy skatte en so ook deel aan die verbondsmaal. Wanneer kinders op 'n vroeë ouderdom blyke gee van geloof, 'n onderskeidingsvermoë aan die dag lê (1 Kor 11:27-32), en ook begeer om die nagmaal te ontvang, mag hulle nie as deelnemers uitgesluit word nie. Tot hierdie oortuiging het talle gereformeerde kerke wêreldwyd gekom en derhalwe is die kindernagmaal toegelaat.

Hieroor word 'n aparte studiestuk aan die Sinode voorgelê en daarom word hier nie verdere aandag daaraan gegee nie.

* 3 Die sinvolle en feestelike wyse van nagmaalviering vra ook opnuut aandag. Die Bybelse manier van die viering van die maaltyd van die Here verdien navolging maar kan nie in ons gemeentelike situasie presies so in praktyk gebring word nie - bv die nagmaal as deel van 'n volwaardige maaltyd (liefdesmaaltyd) in huise gevier soos in Korinte. Ook die viering in kleiner kring soos Christus en sy dissipels sal in die situasie van bv 'n kleiner gemeente die eenheid van die gemeente in gedrang kan bring. Vir die reformatore en met name Calvyn was die eenheid van die gemeente wat tot uitdrukking kom in die nagmaal - as gemeenskapsmaal - van groot belang. In die gereformeerde kerke is die beginsel toegepas dat die wyse van nagmaalsviering 'n "middelmatige" saak is, bv die manier waarop die brood en beker uitgedeel en ontvang word; of die brood gesuur of ongesuur is; en of die wyn wit of rooi is, word in die vryheid van die kerk gelaat. Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie, dat die reformatore en by name Calvyn sterk oortuigings oor die nagmaalspraktyk gehad het bv dat dit onvoldoende was om die nagmaal onder een teken te vier of dit slegs een maal per jaar te vier.

By die reformatore het 'n verskeidenheid van sieninge en praktyke voorgekom. By Luther en Bucer het die nagmaalsgangers na vore gestap en die elemente knielend ontvang; by Zwingli, Bullinger en Oekolampadius ea is dit sittend in die kerkbanke ontvang; en by Calvyn en in die Palts het hulle na die tafel gegaan en die elemente staande ontvang. Die gebruik om rondom tafels aan te sit om die nagmaal te ontvang is in die 16de eeu blykbaar deur doperse gemeentes in huise te Zollikon naby Zürich begin (1525). Later is die gebruik ook te Emden in Nederland in praktyk gebring. Die Nederlandse vlugtinggemeente in Londen het hierdie wyse van nagmaalsviering onder leiding van A Lasco en Micron sterk bepleit maar meesal nie bepaal watter manier van nagmaalsbediening gevolg moet word nie, solank dit tot stigting dien en nie in stryd met die Woord van God was nie.

* 4 By die reformatore is allerlei vermanings ten opsigte van die gebruik van die nagmaal in die liturgiese gebruike opgeneem. Die vermanings het teruggegaan en aangesluit by gebruike van voor die Reformasie. Die

inhoud daarvan het verander - van 'n beklemtoning van die regte werking na die regte gebruik en verstaan van die nagmaal. Die Ned Geref Kerk het die gebruik om van 'n formulier by die nagmaalsviering gebruik te maak, vanuit Nederland oorgeneem.

In die Ned Geref Kerk word tans twee nagmaalsformuliere gebruik. Naas die "klassieke" formulier is 'n tweede formulier in 1986 goedgekeur. Enkele probleemareas ten opsigte van die huidige formuliere bestaan, naamlik die lengte, didaktiese strekking, omvattendheid, te min variasiemoontlikhede, ens. Die gevolg is onder meer dat die feestelikheid en momentum van die viering van die nagmaal, asook die moontlikhede van 'n veelvuldiger viering, gestrem word.

'n Volgende kommissie sal die volgende opsies krities moet evalueer:

'n Paar korter formuliere kan eerstens saamgestel word wat net een of twee fasette van die nagmaal aansny en/of aansluit by die kerklike feesdag. Die formulier kan hersien en verkort word en desnoods in 'n meer dialogiese vorm gegiet word. Die Algemene Sinode (1986: bl 626) het gevra dat die moontlikheid van 'n hersiening van die nagmaalsformulier ondersoek word sodat die gemeente aktief daaraan kan deelneem. Om 'n formulier vir die nagmaalsviering te verander of te skep, bly egter 'n diepgrypende saak. Derdens kan variasie gesoek word deur alternatiewe formulerings bv ten opsigte van die instellingswoorde en lofverheffing. Die praktyk om slegs enkele van die "betekenisse" of fasette uit die formulier te lees, open die deur vir willekeur en 'n slordige omgang met die formulier. Die Algemene Sinode van 1990 het beklemtoon dat die hele nagmaalsformulier gelees moet word. Die nagmaal kan verder sonder die volledige formulier gevier word, bv wanneer die nagmaal meer dikwels as die gebruiklike vyf keer gevier word en by wyse van afwisseling slegs een van die instellingsberigte plus die selfondersoek van 1 Kor 11:27-32 gelees word. Hierdie besluit is 'n winspunt in die liturgiese ontwikkelinge van die Ned Geref Kerk. Daarmee word 'n maandelikse nagmaalviering (of nog meer dikwels) makliker haalbaar. Tegelyk kan die twee langer nagmaalsformuliere nog die funksie vervul om die gemeente by geleentheid op te voed tot die regte verstaan en belewing van die maaltyd van die Here. Die nagmaalsviering in konteks van die Katoliek-Gereformeerde diensorde met 'n heroriëntering aan die liturgie van die vroeë kerk, verdien sterk oorweging.

* 5 Die aanduiding dat die maaltyd van die Here op kerklike feesdae soos Kersfees, Pase en Pinkster gevier word, dateer al van voor die Reformasie. Die reformatore soos Zwingli, Bucer en Calvyn se uitsprake in dié verband het weerklink in die kerkordes en verskeie sinodebesluite van die Gereformeerde kerke in Nederland in die 16de, 17de eeu. In Nederland en Suid-Afrika het hierdie sterk tradisie later getaan. Waar daar nêrens in 'n reformatoriese liturgie 'n nagmaalsviering op Goeie Vrydag voorgekom het nie, het dit tog in die 19de eeu die praktyk begin word. Daar is oorwegings ten gunste van 'n Goeie Vrydag-nagmaal as deel van die fees waarmee die sterwe en offer van Christus herdenk word. Tog was die eerste dag van die week die weeklikse feesdag waarop die breking van die brood plaasgevind het (bv Hand 20:17). Die band tussen die dag van die Here en die maaltyd van die Here is wesentlik belangrik. Volgens die liturgie- geskiedenis van die Nederlandse kerke, asook in Suid-Afrika, het die nagmaal te veel in die sfeer gekom van 'n dodeherdenking en roustemming en het die nagmaal as vreugdefees van 'n opgestane en teenwoordige Heer nie genoegsaam tot sy reg gekom nie. Die vroeë kerk se nagmaalvierings was gekenmerk deur 'n jubelende blydskap (vgl Hand 2:48).

* 6 Verder is daar nie net 'n behoefte aan ekumeniese "Woord"-eredienste wat meer algemeen voorkom nie, maar ook aan ekumeniese nagmaalsvierings of interkerklike kommunie. Die sakrament van die nagmaal gee nie net uitdrukking aan 'n reeds bestaande eenheid onder gelowiges en in die kerk nie, maar skep, vermeerder en verdiep hulle liefde en eenheid vir mekaar. Interkommunie is egter 'n saak wat met groot omsigtigheid hanteer moet word sodat die saak van die Koninkryk en Kerk van Christus gedien kan word. Vanweë die kreatiewe funksie van die maaltyd van die Here ten opsigte van die eenheid van die kerk, sal egter nie van interkommunie weggeskram mag word nie. Wêreldwye besinning oor die loop van dekades ten opsigte van die maaltyd van die Here soos dit bv rondom die Lima-liturgie na vore gekom het, skep groter moontlikhede vir 'n duideliker eenheid in die kerk en vir gesamentlike nagmaalsvierings.

#### 27.3.3 Praktiese situasie

Wat die praktyk van die viering van die maaltyd van die Here betref, kyk ons eers na die werklike situasie van die frekwensie van die sakrament, veral in die Ned Geref Kerk.

Sedert die Reformasie het verskillende faktore daartoe meegewerk om 'n meer frekwente nagmaalsviering te verhoed. Die Kerkorde van die Ned Geref Kerk stel dit dat die nagmaal minstens vier keer per jaar gevier moet word. Dit wil voorkom of die gemeentes vir 'n lang tyd by hierdie minimum gebly het. Vanaf die sestigerjare van hierdie eeu is al meer stemme gehoor wat pleit vir 'n meer gereelde viering, soos dit die Bybelse bedoeling is.

Meer presiese inligting oor die frekwensie van die maaltyd van die Here het deur die kerksensus met 'n respons van 83% van die gemeentes van die NGK beskikbaar geraak. Dit blyk ten opsigte van 1988 dat 65,4% gemeentes vyf of meer keer per jaar die nagmaal gevier het. In drie sinodale gebiede was die persentasie gemeentes wat 'n groter frekwensie as 7 maal per jaar gehad het, hoër as 10%, naamlik Noord-Transvaal, Namibië en Midde-Afrika. Wat Suid-Transvaal betref, is van die 146 gemeentes in Suid-Transvaal 93 vraelyste terug ontvang. Hiervolgens het 13,8% van die gemeentes meer as 7 maal per jaar die maaltyd van die Here gevier. Die ondersoek dui aan dat die leraars van Suid-Transvaal redelik saamstem oor die wenslikheid van 'n meer gereelde nagmaalviering.

'n Belangrike beleidsbesluit is deur die Ned Geref Kerk in 1982 geneem: Die uitgangspunt behoort te wees wat die orde van diens betref, die "volledige diens waarin die nagmaal sy plek het en hiernaas oggend- en aanddienste waar die nagmaal ontbreek, en nie andersom nie". 'n Meerderheid gemeentes (62,1%) in Suid-Transvaal hou gereeld kategese op nagmaal - Sondae. Dit mag 'n aanduiding wees dat die nagmaal al meer as 'n normale gebeurtenis gesien word. Uit die ondersoek in Suid-Transvaal blyk dit dat 'n meer gereelde viering van die nagmaal op die Sondagoggend tot 'n beter bywoning daarvan lei. Die nagmaal word soms (29,5% in Suid-Transvaal) Sondagaande gevier.

Die effek van 'n meer frekwente viering van die maaltyd van die Here word vervolgens bekyk ten opsigte van 'n viertal aspekte van die viering van die maaltyd van die Here.

**27.3.3.1 Voorbereiding en danksegging**

Twee vrae kom in hierdie verband na vore. Word daar nog in die Ned Geref Kerk aparte voorbereidings- en dankseggingsdienste gehou in die lig van die groter frekwensie van die nagmaalsviering? Wat behels 'n aparte voorbereidings- en dankseggingsdiens presies?

Dit blyk dat die praktyk in hierdie verband die teoretiese besinning in sekere opsigte vooruitgeloop het. Gemeentelede het veral in die stede begin wegbly en "met hulle voete gestem" teen die gebruik om aparte voorbereidings- en dankseggingsdienste op sekere tye te hou, respektiewelik op Saterdagmiddag (of -aand) en Sondagaande. Ten opsigte van die ou gebruik het daar gevolglik 'n herbeplanning gekom en is in sommige gemeentes die dienste verskuif na die vorige Sondagoggend (71% van die gemeentes van die Ned Geref Kerk - volgens verslae aan die Algemene Sinode in 1986) wat die voorbereiding betref en daaropvolgende Sondag (34%) of die betrokke Sondagmiddag/aand (38%), wat die danksegging betref. Daar is gemeentes wat die danksegging in aansluiting by die nagmaalsdiens hou (15%) of 'n halfuur na die nagmaalsdiens (7%) - volgens die verslag aan die Algemene Sinode in 1986. Uit die resultate van die vraelyste in Suid-Transvaal kom dit na vore dat die frekwensie van die voorbereiding- en dankseggingsdienste in die gebied laer is as die viering self, met ander woorde gemeentes hou nie vir elke nagmaalsdiens 'n voorbereidings- of dankseggingsdiens nie.

Dit is nie duidelik wat die inkleding van voorbereidings- en dankseggingsdienste in die Ned Geref Kerk behels nie. Word die hele erediens gewy aan voorbereiding tot en danksegging vir die nagmaalsviering? Of sou 'n erediens waar in een of meer van die elemente van die erediens en/of aankondigings aandag aan voorbereiding en danksegging gegee word, ook kan deurgaan as voorbereidings- of dankseggingsdienste? Dit wil voorkom of laasgenoemde praktyk al meer die geval is waar dié besondere dienste nog van krag is.

Waar aparte voorbereidings- en dankseggingsdienste in gemeentes wegval, mag die voorbereiding en danksegging by die nagmaal enersyds nie verflou nie. Andersyds is dit die "dure plig" van gemeentes om die nagmaal meer as vyf keer per jaar te gebruik, sodat die verkondiging van die dood van Christus as basis van ons geloofsekerheid en die viering van die heil in sy volle implikasies deur 'n ootmoedige en dankbare gemeente in gedagte gehou kan word (Algemene Sinode 1986).

**27.3.3.2 Wyse van deelname en betrokkenheid van lidmate**

In die Ned Geref Kerk is die gebruik vir lange jare gevolg om die nagmaalsgangers voor in die kerk by tafels te laat aansit. Met 'n groter getal kommunikante is 'n hele paar sittings of sessies na mekaar hanteer. Dit sluit nou aan by die maaltydkarakter van die eerste nagmaal van Jesus met sy dissipels en bied 'n geleentheid vir 'n openlike geloofskeuse deur op te staan en aan die nagmaal deel te hê, asook beter toesig. Daar is ook faktore wat veral in groter gemeentes liturgies gesien minder sinvol is, bv 'n hele aantal sittings na mekaar waarby 'n deel van die gemeente grootliks toeskouers is. Die gemeenskapsgedagte word enersyds bevorder deur die tafelgenote, maar die verskillende groepe en sessies werk andersyds verdelend in. Die noodwendig langer eredienste is nadelig vir die frekwensie van die nagmaalsviering en ander elemente van die erediens soos die prediking word dikwels ingekort.

Sedert 1888 het die sittende nagmaalsviering in gebruik gekom toe ds JR Albertyn begin het om in Riversdal die nagmaalstafel om praktiese oorwegings "na die banke uit te brei". Die gebruik is tans oorwegend in die NGK om die gemeente in die banke te laat bly sit en 'n paar kerkraadslede en moontlik gemeentelede (soos bv jong lidmate wat pas belydenis van geloof afgelê het) voor by die nagmaalstafel te laat aansit. Die keuse om deel te neem deur die brood en wyn te neem, behels 'n minder liggaamlike betrokkenheid en geloofsdaad as by die eerste metode. Die belewing van die nagmaalsgemeenskap is ook minder sterk. Andersyds is dit liturgies meer sinvol as die eenheid van die gemeente sterker gesimboliseer word, veral as die nagmaalsgangers die elemente op een tydstip saam gebruik. Dit word moontlik gemaak deurdat klein bekertjies of kelkies gebruik word. Die veelvuldigheid van die nagmaalsviering met die sakrament as wesenlike deel van die erediens, is 'n belangrike beginsel en dit word meer haalbaar deur die tweede metode as korter wyse van nagmaalsviering.

Die derde wyse van deelname aan die nagmaalsviering is die staande kommunie. In sommige gemeentes word die gebruik gevolg dat gemeentelede opstaan en rondom die nagmaalstafel in kringe (indien nodig 'n wye kring en selfs twee of meer sirkels binne mekaar) gaan staan. Hierdie metode bevorder die moontlikheid van 'n meer daadwerklike liggaamlike betrokkenheid en geloofskeuse van lidmate. Die motief by die Pasgafees van gereed te wees en op reis te gaan na die Beloofde Land kom hier na vore. Hierdie metode is, nes die eerste, beter gepas in 'n kleiner gemeente en kerkgebou met 'n kleiner getal kommunikante.

Allerlei eksperimentele benaderings kom voor wat soms wesentlike beginsels van die nagmaalsviering aantas. Die gebruik om die elemente vooraf in die bank te

plaas, is strydig met die beginsel van die breking van die brood en die uitdeling daarvan deur die liturg namens die Gasheer van die maaltyd van die Here. Iets van die karakter van die maaltyd van die Here moet deur die handelinge van die nagmaal behoue bly. Die gebruikmaking van ongesuurde brood of klein broodjies waarvan nagmaalgangers stukke afbreek, kan higiëniese besware veroorsaak. Die brood mag nie alle klem kry nie. Ook moet nie vergeet word dat dit steeds tekens en seëls is wat van die offer van Christus vertel nie. Dit bly egter 'n middelmatige saak wat deur die plaaslike kerkraad hanteer kan word.

Die deelname en betrokkenheid van die gemeente by die nagmaalsviering kan op allerlei wyses verder uitgebou word, bv die nagmaalsformulier kan by geleentheid deur 'n ouderling/lidmaat voorgelees word; die inhoud van die formulier kan op verskillende maniere beter tuis gebring word, onder andere deur skriftelike aankondigings; gesinne kan meer pertinent die nagmaal saam vier deurdat 'n groter broodjie deur die vader van die gesin gebreek en aan die ander gesinslede uitgedeel word; as die brood en die wyn aan mekaar deurgegee word, kan bv gesê word: Die liggaam (bloed) van Christus vir jou sondes gebreek, asook: die bloed van Christus vir jou sondes gestort; naas wyn kan ook druiwesap bedien word ter wille van alkholverslaafdes; die Ons Vader behoort gereeld in die liturgie van die nagmaal benut te word; die nagmaalstafel self kan vergroot word om 'n groter getal nagmaalsgangers by die tafel moontlik te maak.

**27.3.3.3 Die viering van die nagmaal op die kerklike feesdae**

Alleen wat Goeie Vrydag betref is daar 'n beduidende persentasie gemeentes wat die nagmaal vier nl 57% (volgens die gegewens in die verslag van die Algemene Sinode van 1986). Die nagmaal is volgens die verslag ook op die ander feesdae gevier nl Kersfees 2%, Paassondag 7% en Pinkstersondag 19%. Die behoefte aan 'n verantwoorde variasie ten opsigte van die nagmaalsviering kan ten dele opgevang word deurdat dit by geleentheid van die kerklike feesdae vanuit 'n bepaalde tema belig word.

**27.3.3.4 Die nagmaalviering en die eenheid van die kerk**

Die viering van die nagmaal behoort uitdrukking te gee aan die belewing van die eenheid van gelowiges. Dit sou tot verryking van die ekumeniese beweging dien as interkerklike kommunie met 'n groter frekwensie plaasvind.

Interkerklike kommunie is iets wat nie veel deur die NGK in praktyk gebring word nie - in elk geval nie wat Suid-Transvaal betref nie. Volgens die opname in 1988/89 het 'n skrale 1,1% van die gemeentes met ander kerkgenootskappe interkommunie gehad.

27.3.4 Die belangrikheid van 'n meer gereelde viering van die maaltyd van die Here as voedingsmaal wat die geloof opbou en versterk, sal in die liturgiese opvoeding van die gemeentes 'n duideliker en sterker aksent moet kry.

27.3.5 Met die meer gereelde nagmaalsviering sal die viering so ingeklee moet word dat die Woorddiens nie verskraal word nie, al val die grootste klem in die erediens by geleentheid meer op die viering van die nagmaal.

27.3.6 Voorbereiding tot en danksegging na die viering van die nagmaal is wesenlike elemente van die nagmaalviering, maar behoort op 'n individuele basis, asook gesamentlik veral gedurende die nagmaaldiens self, plaas te vind.

27.3.7 Die meer gereelde nagmaalsviering vra na groter variasiemoontlikhede. Variasie in die nagmaalsviering kan onder meer bereik word deur die nagmaal op die verskillende kerklike feesdae te vier.

27.3.8 In die Ned Geref Kerk behoort nie een wyse van nagmaalviering gekanoniseer of as enigste moontlikheid gesien te word nie. Die staande kommunie en die aansit by tafels voor in die kerk is ook ter afwisseling moontlik, veral met 'n kleiner getal nagmaalsgangers.

27.3.9 By elke geleentheid waar die bediening van die nagmaal plaasvind, moet daar Woordbediening wees, dit wil sê Skriflesing en uitleg van die Woord.

**27.4 AANBEVELING**

**27.4.1 Die Sinode aanvaar die verslag oor die meer sinvolle inrigting van die nagmaalsdiens as riglyn.**

**27.4.2 Die Sinode dra dit aan die Eredienskommissie op om 'n studie te maak van die rol van ritueel en simboliek by die viering van die nagmaal.**

## 28. MEER NAGMAALSFORMULIERE

**28.1 Opdrag**

Die Sinode dra dit aan die AKE op om die moontlikheid te ondersoek om meer as een nagmaalsformulier (bv 3-4) op te stel. In sodanige formuliere kan verskillende fasette en betekenisse van die nagmaal behandel word. Hierdie onderskeie formuliere kan dan om die beurt by die onderskeie nagmaalsvieringe gebruik word.

**28.2 Werkwyse**

Die Subkommissie vir die Erediens het die studie na dr CJ Otto verwys en die verslag bespreek.

**28.3 Bevindinge**

Die wysiging van liturgiese formuliere en by uitstek die nagmaalsformuliere is 'n ingrypende saak en moet deur die kerk met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid hanteer word. In die besinning oor die saak is nog nie finaliteit bereik nie en verdere aandag word geverg.

**28.4 AANBEVELING**

**Die Sinode dra dit aan sy Eredienskommissie op om die wenslikheid van variasie ten opsigte van die nagmaalsformuliere te ondersoek en te rapporteer.**

## 29. HERSIENING: FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN HOOGLERAARS

### 29.1 Opdrag

Die Algemene Sinode versoek die AKE om by 'n heruitgawe van die Handboek vir die Erediens te sorg dat die Formulier vir die bevestiging van Hoogleraars en ander dosente in die Teologie hersien word sodat alle verwysings na "die ampte van Hoogleraar/Dosent" verval.

### 29.2 Werkwyse

Die saak is deur die Dagbestuur met die fakulteite opgeneem.

### 29.3 Bevindinge

Die herdruk van die Handboek vir die Erediens was reeds in 1991 nodig voordat die hersiening van die formulier beskikbaar was. Eers moes die kommissie uitsluitsel kry oor die vraag of kerklike dosente in die Teologiese vakgebiede beroep/bevestig of "in diens gestel" moet word.

Die kommissie het die ARK en teologiese fakulteite geraadpleeg, maar tot op datum nog nie inligting ontvang nie.

### 29.4 AANBEVELING

**Die Sinode versoek die Eredienskommissie van die AKG om in oorleg met die ARK te besin oor die beginsel of hoogleraars en ander dosente in die Teologie beroep en bevestig moet word of dan "in diens gestel" moet word. Indien nodig, word die formulier vir die bevestiging van hoogleraars hersien.**

## 30. SUID-AFRIKAANSE KOORVERENIGING (SAKV)

### 30.1 Opdrag

30.1.1 Die Sinode neem kennis van die bestaan van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging (SAKV) en ook van die SAKV se doelstelling om koorsang en koorleiding in al sy fasette te bevorder.

30.1.2 Gegewe die plek en betekenis van die kerkkoor in die erediens en die feit dat daar in die meeste gemeentes wel 'n kerkkoor is, gee die Sinode opdrag aan die AKE om die moontlikheid van nouer skakeling met die SAKV te ondersoek.

### 30.2 Werkwyse

'n Gesprek tussen lede van die SAKV en Eredienskommissie het plaasgevind.

### 30.3 Bevindinge

30.3.1 Die SAKV het 'n lidmaattal wat uit ongeveer 475 kore en koorleiers bestaan waarvan die meeste Afrikaanssprekend en lidmate van die Ned Geref Kerk is.

30.3.2 Deur die SAKV word kerksang en kerkmusiek in die algemeen bevorder, maar dit het ook 'n veel wyer skopus.

### 30.4 AANBEVELING

**Die Sinode besluit dat skakeling met die Suid-Afrikaanse Koorvereniging nie op 'n offisiële basis sal plaasvind nie. Op plaaslike vlak is daar veel ruimte vir skakeling.**

## 31. AANKONDIGINGS EN VOTUM

### 31.1 Opdrag

Die saak het via die Eredienskommissie van die Sinode van Namibië op die agenda van die Subkommissie gekom.

### 31.2 Werkwyse

Die verslag van Namibië is tesame met 'n verslag van Noord-Transvaal (opgestel deur prof AC Barnard) behandel en daar is besluit om dit in die verslag aan die Sinode op te neem.

### 31.3 Verslae

#### 31.3.1 Aankondigings rondom die Erediens

##### 31.3.1.1 Die probleem

* Elke gemeente het te make met die vraag oor aankondigings by die erediens. Dit word as onmisbaar geag, maar tegelykertyd as 'n probleem en selfs as frustrasie ervaar.
* Oral dreig die gevaar dat dit toeneem in aantal en dat die tyd daarvoor gebruik oneweredig groot is. Die kansel dreig om 'n gratis advertensiebord te word vir alles en nog wat.
* Die aankondigings word ervaar as 'n steuring in die opmars van die volk van God om sy Koning te ontmoet. Daar is 'n gereedmaking vir hierdie gebeure en die aankondigings trek die aandag af van die hoofsaak. Die aankondigings word ervaar as 'n vreemde bestanddeel, 'n "Fremdkörper", wat buite die dialogiese ontmoetingsgebeure van die erediens val.
* 'n Massa inligting word op 'n onverteerbare wyse aan die gemeente voorgehou, die meeste waarvan slegs vir sommiges bedoel is. Dit word beskou as 'n swaar belasting van die erediens.
* Mense twyfel oor die waarde van die aankondigings. Skynbaar word slegs 'n klein deeltjie daarvan onthou en ter harte geneem. Soveel mense skakel net af by die aankondigings.
* In die vorige eeu is die kansel gesien as die plek van openbare bekendmakinge van allerlei aard. Ook die staat het sekere bekendmakinge vereis.
* Die aankondigings word aan die een kant oninteressant en sonder entoesiasme aangebied. Aan die ander kant weer kan dit oorgedramatiseer word of opgeblaas word.

**31.3.1.2 Waar kom die gebruik van aankondigings vandaan?**

* Daar is baie min gegewens oor die gebruik van die aankondigings deur die kerk deur die eeue. Meestal is dit as bekend veronderstel.
* Die eerste vermelding van aankondigings in die erediens kry ons by Augustinus in sy **In Joh tract 12.** Hy skryf dat die biskoppe van die gemeente mededelings oor voorvalle in die kerklike lewe of oor beoogde maatreëls na die preek (en voor die gebed) doen.
* Die gebruik moes in die kerk voortbestaan het, maar ons vind uiters min gegewens daaroor.
* In die Middeleeuse preekdiens, die "pronaus", wat soms in en soms naas die liturgiese diens bestaan het in sekere dele van Europa, word meegedeel dat die aankondigings gedoen is in die diens, na die preek en voor die gebed om voorbidding - so byvoorbeeld in die Manuale Curatorum van JB Surgant (± 1500).
* In die Lutherse Kerke word die plek vir die aankondigings ingeruim in die diens, na die preek en voor die gebed om voorbidding. Die gedagte is deurgaans dat vir die persone en sake wat genoem word, gebid word.
* In die vlugtelingsgemeente van Londen (M Micron, De Christelijke ordinancien, 1554) word die aankondigings vermeld na die preek en voor die gebed om voorbidding. Hierdie gebruik is grootliks oorgeneem deur die vlugtelingsgemeente Frankental en vandaar het dit in Nederland ingeburger geraak.
* In die meeste Engelse kerke word die aankondigings gehou voor die preek.
* Die gebruik het ook ontstaan om die aankondigings te hou voor die votum, net na die binnekoms van die liturg en die ampsdraers.
* Daar is ook kerke wat bepaal dat die aankondigings gehou word na die seën, dus na die diens.
* Histories is die plek van aankondiginge hoofsaaklik:
- Voor die begin van die diens
- Na die preek en voor die gebed om voorbidding
- Na die diens, na die uitspreek van die seën.

**31.3.1.3 Die prinsipiële regverdiging van aankondiginge by die erediens**

* Die gemeente is 'n gemeenskap wat op 'n bepaalde plek saamlewe en saamwerk en dit moet sinvol georganiseer en begelei word anders verval dit in chaos. Daarom is dit nodig dat reëlmatig aan die gemeente voorgehou moet word wat die koers, die werkprogram, die belangrike vergaderings en besluite is wat in ag geneem moet word.
* Die erediens is die samekoms van die gemeente en hier moet die bekendmakinge geskied. Hier is die operasiebasis vir die werk, hier kom die eenheid van die gemeente tot uitdrukking, hier word die werkprogram bekend gemaak.
* Die groot belang van publisiteit en bekendstelling van sake (advertensie). Die belangrike sake waarvoor gewerk en gebid word, die node van mense, die groei van die koninkryk - dit alles moet steeds op 'n sinvolle wyse onder die aandag van die mense gebring word om dit bekend te maak, belangstelling daarvoor op te wek, en die mense in beweging te bring. Sonder publisiteit en advertensie sal ook die kerk se werk kwyn.
* Diegene wat beweer dat die aankondiginge geen plek by en in die erediens het nie, misken die feit van die bestaan van die gemeente in die konkrete wêreld, van die lewe en werk van egte mense in 'n konkrete samelewing.
- Die gemeente leef en werk nie slegs as siele nie.
- Hulle geloof in Christus moet in die konkrete lewe gestalte kry - daar is nie so iets as 'n tydlose geloof en 'n dosetiese bestaan nie (skynbare werklikheid).
- Dit is 'n verkeerde verstaan van feestelikheid van die erediens as die gebeure van die konkrete lewe van die gemeente nie ter sprake kom nie.
- Daar is nie slegs die allernouste wisselwerking tussen geloof en wyse van aanbidding nie (lex credendi, lex orandi), maar ewe-eens die allernouste wisselwerking tussen geloof en wyse van aanbidding, en die konkrete lewe van die gemeente (lex credendi, lex convivendi).
- Daar is 'n wisselwerking tussen die erediens en die lewe en stryd van elke dag.
- Die gelowiges kom uit die konkrete lewe met sy stryd en moeite en dit kan gestel word voor die aangesig van die Here en in die lig van sy Woord. Van die erediens gaan hulle weer terug na die gewone lewe en werk en moet wat ontvang is, daar gaan uitleef.
* Die gelowiges en die gemeente en die wêreld het konkrete node wat aandag vereis, soos siekte, dood ongelukke, armoede ensovoorts.
* Vir die gemeente moet die nodige en die regte ampsdraers gekies en bekend gestel word. Hulle is betrokke by die keuse en bid vir die persone.
* Die gemeente se leef- en werkprogram moet steeds voorgehou word. Daar is sake soos die tye van dienste, besondere dienste, gebeure, biddae, dwalinge wat in omloop is, groepsbyeenkomste, ensovoorts.
* Ons kan dus nie anders nie as om te konkludeer dat aankondiginge prinsipeel wel 'n plek het by die eredienste.
* Wie sou beweer dat hulle hier nie 'n plek het nie, maak die eredienste lewens- en werklikheidsvreemd. Sonder om die werkprogram van die gemeente by die erediens bekend te maak, sal die voorbidding vaag en algemeen word en sal ook die prediking sy aktualisering mis.
* Waar toegegee word dat aankondiginge 'n plek het by die erediens, moet tegelyk sterk daarteen gewaarsku word om allerlei dinge hier bekend te maak. Nie alle reëlings, en mededelings raak die erediens of die gemeente nie. Daar moet streng gekeur word sodat net die werklik belangrike en ter sake dinge aangekondig word.
* Verder hoef nie alles wat noodsaaklik geag word om aan te kondig vanaf die kansel op mondelinge wyse te geskied nie. Daar is ook ander effektiewe wyses waarop dit gedoen kan word, soos:
- In 'n gemeenteblad
- In 'n nuusbrief
- Deur 'n blad met inligting wat beskikbaar gestel word
- Op 'n kennisgewingbord in die portaal van die kerkgebou.

**31.3.1.4 Die plek van die aankondiginge by die erediens**

Hierbo is aangedui dat aankondiginge 'n legitieme plek het by die erediens onder sekere voorwaardes. Die groot vraag is nou waar moet dit by of in die erediens geskied. Die standpunt dat aankondiginge nie deel van die erediens is nie en dus nie tussen die begin van die diens (votum) en die einde van die diens (seën) mag plaasvind nie, word gehuldig.

Hier moet verder onderskei word tussen:

* 1 Die aankondiginge voor die diens. Dit is hoofsaaklik die posisie in die Ned Geref Kerk en die standpunt van verskeie liturge. Die argument is dat die aankondiginge gedoen moet word voordat die diens begin.

Hierteen moet gestel word dat die hele voorbereiding van die diens oploop tot die binnekoms van die kerkraad en al die oë is gerig op die leraar wat die diens moet laat begin, en nou word dit onderbreek deur allerlei sake. Sekere sake moet wel hier gestel word soos die bekendstelling van 'n ander leraar, die doel vir die insameling van die gawes, ensovoorts.

Die aankondiginge aan die **einde** van die diens, na die uitspreek van die seën. Dit geskied byvoorbeeld in die Ned Herv Kerk van Afrika, by radio- en televisiedienste, ensovoorts. Hier het dit die bedoeling om die gemeente met 'n opdrag die wêreld in te stuur. Aankondigings hier het egter 'n geweldige negatiewe uitwerking. Dit word as 'n antiklimaks ervaar. So maklik kan die effek van die diens hierdeur verswak word. HH Meulenbelt waarsku daarteen om nie die voëls van die hemel die saad te laat opeet nie.

* 2 Die aankondigings in die erediens. Hier kan ook verskillende posisies toegeken word aan die aankondiginge:

- Die oudste en mees algemene standpunt is dat die aankondiginge geplaas word na die preek en voor die gebed om voorbidding. Vir die regte soort aankondiging is daar veel voor te sê om dit hier te plaas. Nie alle aankondiginge kan hier geplaas word nie.

- Die aankondiginge in die diens, voor die preek. So word dit gedoen in The Book of Common Order en in The Directory of Public Worship. Vir hierdie standpunt is daar egter geen goeie regverdiging nie.

- Nog 'n variasie is om dit te plaas voor die uitspreek van die seën - so byvoorbeeld DJ Karres. Die bedoeling is dat so aan die gemeente sy taak in die wêreld aangegee word op dié punt dat die gemeente die erediens verlaat. Daar is wel argumente ten gunste van hierdie standpunt, maar dit word ewe-eens deur besware gedruk soos dat die gemeente duidelik geantwoord het op die prediking en op die ontmoeting met die Here deur gebed en lied en nou net wag op die seën om die wêreld in te gaan, en nou moet hulle eers weer sit en die aankondiginge aanhoor.

#### 31.3.1.5 Konklusie

Nadat die aankondiginge beperk is tot die wesentlike en dié wat op ander maniere gedoen kan word, ook uitgehaal is, is die beste plek vir die aankondiginge nog steeds voor die begin van die diens, maar met dien verstande dat die besondere sake waarvoor daar voorbidding gedoen moet word, na die preek en voor die dankgebed gestel behoort te word.

### 31.3.2 Votum

Deur die loop van die geskiedenis is verskillende liturgiese elemente beskou as die punt waar die eintlike erediens begin. Hulle was:

* die seëngroet
* die Skriflesing
* die introïtus
* die votum

#### 31.3.2.1 Waar begin die erediens?

Die Algemene Sinode van 1962 het in ooreenstemming met die Calvinistiese erfenis besluit dat die erediens met die votum begin. Die votum laat reeds by die begin van die erediens blyk dat alles wat daarop volg, van God afhang en op Hom gerig is. Deur die gebruik van die votum word ook duidelik gemaak dat die spesifieke vergadering 'n amptelike samekoms van die gemeente is en daarom as sodanig gekonstitueer word.

#### 31.3.2.2 Die begin van die erediens

Die erediens dra die karakter van 'n dialoog; God en die gemeente is in gesprek met mekaar. Rondom die begin van hierdie gesprek is daar 'n paar sake wat belangrik is.

* Die belydenis van die gemeente dat hulle in alles van die Here afhanklik is.
* Die inroeping van die hulp en die seën van die Here.
* Toewyding.
* Konstituering.
* 'n Atmosfeer van gebed en aanbidding.
* God self wat aan die Woord moet kom.

Al bogenoemde elemente moet aan die begin van die gesprek aan die orde kom en moet dus deur die votum verwoord word.

#### 31.3.2.3 Keuse van die votum

By die keuse van 'n votum moet behalwe die bogenoemde ook die volgende in gedagte gehou word:

* Die votum moet sover moontlik uit die Skrif kom.
* Die votum kan reeds 'n element bevat wat die rigting en gees van die spesifieke ontmoeting tussen God en sy gemeente aandui.
* Die ordelikheid van die erediens moet gehandhaaf word.
* Die gemeente moenie die votum net as 'n blote verklaring beleef nie, maar as 'n oproep om hulle by God Drie-enig te bepaal.
* Die gemeente moet die votum beleef as 'n ernstige aanroeping van God.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die votum met sorg gekies moet word.

#### 31.3.2.4 Variasies

Verskillende variasies op die gesproke Skrifteks is moontlik. Die belangrikste hiervan is die gesonge Woord. Die gemeente kan die votum sing. Gesang 310 en Gesang 311 sou hiervoor gebruik kon word. 'n Ander moontlikheid is dat die votum in verskillende dele verdeel

word wat deur die liturg en die gemeente in respons op mekaar gesê word.

Voorbeelde:
*1. V: Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.
G: Hy bly vir altyd getrou en laat nie die werke van sy hande vaar nie.
*2. V: Dit gaan goed met die mens vir wie U uitkies en laat naderkom om in u tempel te bly.
G: Laat ons die goeie dinge in u huis in oorvloed geniet, die goeie dinge in u heilige woning.

**31.3.2.5 Verskillende vota**

Die volgende Skriftekse kan afwisselend as vota gebruik word.

* "Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het" (Ps 124:8, die sg adjutorium).
* "Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy bly vir altyd getrou en laat nie die werk van sy hande vaar nie" (Ps. 124:8; Ps 146:6; Ps 138:8).
* "Dit gaan goed met die mens vir wie U uitkies en laat naderkom om in u tempel te bly. Laat ons die goeie dinge in u huis in oorvloed geniet, die goeie dinge in u heilige woning" (Ps 65:5).
* "Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper! Hy is ons God en ons is sy volk, sy kudde, sy skape, deur sy hand versorg" (Ps 95:6,7).
* "Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het" (Ps 121:1,2).
* "In die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees" (Trinitariese formule).
* "Ons begin hierdie diens, sit dit voort en sluit dit af in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees".
* "Uit U en deur U en tot U is alle dinge. Aan U behoort die heerlikheid tot in ewigheid!" (vgl. Rom 11:36).
* "Here, U is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige" (vgl Op. 1:8).
* "Ons hulp is in die Naam van God, ons Vader, deur Jesus Christus, wat gister en vandag dieselfde is en tot in ewigheid" (vgl. Heb. 13:8)
* "Hierdie erediens word gehou in die Naam van die Here wat gesê het waar twee of drie in sy Naam saamkom, Hy in hulle midde is" (vgl. Matt 18:20).

**31.4 AANBEVELINGS**

**31.4.1 Die Sinode aanvaar die verslag oor die aankondigings rondom die erediens (31.3.1 - 31.3.1.5) as riglyn.**

**31.4.2 Die Sinode aanvaar die verslag oor die votum (31.3.2 - 31.3.2.5) as riglyn.**

## 32. SKULDBELYDENIS EN GENADEVERKONDIGING IN DIE EREDIENS

**32.1 Opdrag**

Dié saak is nie deur die Sinode aan die Subkommissie vir Erediens opgedra nie. 'n Studiestuk van prof AC Barnard het egter onder die aandag van die subkommissie gekom.

**32.2 Werkwyse**

Die studiestuk van prof AC Barnard is beoordeel en dit is aanbeveel vir opname in die sinodeverslag.

**32.3 Bevindinge**

**32.3.1** Die saak van sonde en skuld en van sonde- en skuldbelydenis, en daarmee samehangend die verkondiging van God se vryspraak en die ervaring van die bevryding, kom steeds ter sprake in die lewe van die enkeling en die gesin, maar ook in die openbaar in die erediens.

Vandag is daar 'n kwynende besef van sonde en skuld en 'n teruglopende behoefte aan genade en vergifnis. Mense ly erg onder toegedekte skuld, onderdrukte skuldgevoelens en onherstelde verhoudings. Tog word die skuld moeilik erken en word daar nie maklik gesoek na vergifnis nie.

Sonde, skuld en skuldbelydenis, sowel as genade en genadeverkondiging, is sentrale Bybelse temas. Dit vereis vandag nuwe teologiese deurdenking en 'n nuwe en vars toepassing daarvan in die praktyk. Tegelyk is dit 'n roep om 'n lewende erediens van 'n lewende gemeente. Rondom hierdie belangrike saak van skuldbelydenis en genadeverkondiging in die erediens is daar nog te veel slordigheid en misverstand.

**32.3.2 Die ontstaan en ontwikkeling van skuldbelydenis en genadeverkondiging in die erediens**

Vir die verstaan van skuldbelydenis en genadeverkondiging moet ons kortliks die ontstaan en funksie hiervan nagaan.

**32.3.2.1 Die Nuwe Testament en die vroeë kerk**

* 1 Jesus gee aan sy dissipels en aan sy kerk die taak om in sy Naam die binding en ontbinding van sonde te verkondig (Mat 18; Joh 20).

Paulus skryf oor die noodsaaklikheid om sonde te vergeef en te behou. Hyself wys die weg tot ekskommunikasie van 'n sondaar, waar dit saam met die handelende gemeente gedoen word (1 Kor 5).

* 2 Daar is die dure plig en verantwoordelikheid om op mekaar ag te gee, mekaar reg te help en mekaar te vermaan. Daar is talle verwysings na die noodsaaklikheid van vergifnis in die daaglikse lewe van die gelowiges. Die belydenis van skuld en die gebed om vergifnis word verbind.

* 3 Jakobus skryf: "Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word" (5:16). Hierdie bely van die sondes "teenoor mekaar" is 'n aanduiding dat dit in die samekomste van die gemeente kan wees. Hoe dit gedoen word, word egter nie vermeld nie.

* 4 In die **Didache** (± 100 nC) word bepaal: "As julle op die Dag van die Here saamkom, breek die brood en dank, nadat julle julle oortredinge bely het, sodat julle offer rein kan wees" (did14:1).

Hier word 'n Sondagse belydenis vereis, maar geen aanduiding word gegee van hoe dit gedoen moet word nie. Blykbaar is hierdie voorbereiding 'n aangeleentheid van die enkeling in sy privaat lewe.

* 5 Paulus wys in **1 Kor 11** op die noodsaaklike selfondersoek van elkeen voor die deelname aan die nagmaal. Heelwaarskynlik was dit ook 'n privaat-aangeleentheid.

**32.3.3 Die opkoms van die privaat belydenis en vryspraak**

Die persoonlike bieg of die oorbieg is 'n belangrike tussenskakel vir die verstaan van die openbare skuldbelydenis en openbare genadeverkondiging.

Die privaatbieg hang veral saam met die opkoms van die kloosterwese teen die einde van die derde en begin vierde eeu. Hierdie vroomheid is gekenmerk deur 'n streng dissipline en toewyding, maar was sterk gekleur deur asketisme en mistisisme. Hier word 'n swaar aksent gelê op die doding van die vlees en alle sondige begeertes, op selfaanklaging en op boetedoening. Boete het minder te make met die skuld voor God en die soek na sy genade en het meer gegaan om vrees vir die gevolge van die oortreding, vir straf en veral vrees vir die dood. Al meer word die klem op die **skuldbelydenis** gelê, wat oor en oor gedoen moes word.

**32.3.4 Die bieg word 'n sakrament**

Vanaf die twaalfde eeu is die bieg beskou as 'n sakrament. Daar word 'n onderskeid gemaak tussen egte berou (**contritio**) en onegte berou (**attritio**). Die ontwikkeling gaan verder en so word vereis dat die belydenis van sonde nie net voor die Here gedoen moes word nie, maar ook voor die priester. Daar kom ook 'n onderskeiding tussen vergeeflike en onvergeeflike sondes.

Die bieg bestaan uit die volgende dele:
- **Contritio cordis** (opregte berou in die hart)
- **Confessio oris** (belydenis met die mond - voor die priester)
- **Statisfactio operis** (straf wat bestaan in die doen van goeie om weer goed te maak vir die verkeerde)
- Hierop volg die **absolusie** deur die priester in die indikatiewe of stellende vorm: **ego te absolvo ("Ek vergeef jou")**.

**32.3.5 Die ontwikkeling van die openbare skuldbelydenis en genadeverkondiging**

Die openbare skuldbelydenis en genadeverkondiging het in die laat middeleeue ontwikkel uit die liturgiese gebede ter voorbereiding van die priesters op die erediens, en uit die middeleeuse preekdiens, die **Pronaus**. Wat die eersgenoemde betref, het dit bestaan uit twee vorms:

*** 1 Die Akses (toegang - accessus)**

In die sakristie berei die priesters hulle voor op die gang na die altaar. Dit geskied deur 'n aantal gebede en ander voorbereidingshandelinge, veral deur die opsê van drie apologieë.

**Hierdie apologieë is die oervorm van alle latere skuldbelydenisse.**

Naas die apologieë as privaat voorbereidingsgebede van die geestelikes (klerus), verskyn sedert ± 1000 'n liturgies anders geordende voorbereiding. Dit bestaan uit Psalms, antifoon, die Kyrie en die Ons Vader asook 'n sewedelige voorbereidingsgebed. Hierdie liturgies opgeboude gebed word deur 'n veelheid van klerici gesê in hulle voorbereiding op die mis. Dit dra 'n privaat karakter.

*** 2 Die Trappegebed/Confiteor**

Die intogritus het in die Middeleeue sterk ontwikkel. Terwyl die klerus deur die kerk na die altaar loop het die koor in die Roomse Kerk die intog begelei; in die Frankiese Kerk het die klerus tydens die optog self die gebede opgesê. Dit gaan om die apologieë. Wanneer die prosessie die altaar bereik, word twee gebede opgesê. Hierby word enkele apologieë gevoeg. Reeds van omtrent die middel van die elfde eeu groei uit die apologieë 'n formele **Confiteor.**

Dit was 'n voorbereidingsgebed.

Daar kom 'n verandering deurdat die klerus nie meer aan die ingang van die kerk byeenkom nie, maar dat die sakristie nou geplaas word naas die altaar. Nou val die klem nie meer op die optog nie, maar op die altaar.

Aan die voet van die altaar bely die priester sy skuld en vra die assistente se voorspraak voor God. Die assistente spreek die **miseratur tui** (mag God Hom oor u ontferm) uit as 'n genadewens oor die priester. Hy beantwoord dit met 'n **amen.** Daarop spreek die assistente hulle skuldbelydenis uit, waarna die priester hulle 'n vryspraak toebid, die **indulgentium** (die genadewens). In albei gevalle is die vryspraak in die deprekatiewe, of optatiewe, of wensvorm.

*** 3 Die openbare skuldbelydenis in die Pronaus**

Die Confiteor was die voorbereidingsgeleentheid van die **klerus** op die erediens. Daar kom 'n ontwikkeling waar vir die **gemeente** 'n voorbereidingsgeleentheid op die erediens geskep is en wel in die volkstaal. Die ontwikkeling loop oor die laat Middeleeue preekdiens, die Pronaus, wat gehou is vanaf die kansel en wat sy plek gehad het tussen die voormis en die offermis.

In aansluiting by die algemene kerkgebed is verskeie kategetiese stukke gevoeg, soos die Credo, die Tien Gebooie. Hier is ook 'n algemene skuldbelydenis vir die gemeente gehou as voorbereiding vir die viering van die nagmaal.

Die reformatore bou hierdie skuldbelydenis uit tot 'n volwaardige openbare skuldbelydenis deur die

gemeente en laat daarop 'n algemene vryspraak of genade- verkondiging volg. Die reformatore het verskillende aksente gelê en het dit ook of aan die einde van die diens, soos by die Pronaus, geplaas.

Nadat die openbare skuldbelydenis en genadeverkondiging in die erediens vir 'n lang tyd in Nederland en in Suid-Afrika verwaarloos is, is dit die afgelope tyd weer ingevoer.

**32.3.6 Verootmoediging en skuldbelydenis in die erediens**

**32.3.6.1 Verootmoediging en skuldbelydenis begin by God**

* 1 Verootmoediging en skuldbelydenis begin nie by ons as mense en by ons inspanning nie. Dit begin by God, by sy genade en liefde, by die weg wat Hy aandui. Wat ons as mense doen, is die **antwoord** op wat God gedoen en gesê het, dit is om na Hom te kom wat eerste na ons gekom het, dit is die gesindheid wat volg op sy werking in ons harte.

* 2 God gee 'n weg aan waarlangs ons sonde en skuld, ook in die openbaar in die gemeente, weer goedgemaak kan word. Deur die hele Bybel en oplaas deur sy Seun, het Hy hierdie weg bekend en waar gemaak. Hierdie weg van vergifnis en versoening word deur die hele erediens, maar veral deur die elemente van skuldbelydenis en genadeverkondiging, uitgespel.

* 3 Agter die boodskap van versoening lê die barmhartigheid, liefde en genade van God Drie-enig. Hy laat dit aan ons verkondig, en ons mag daarvan lewe. God spreek die mens vry en wis sy skuld uit en maak alles nuut. Sentraal staan Jesus Christus, die Middelaar, met sy volbragte offer, wat magtig is om te reinig.

**32.3.6.2 Grondtrekke van die Bybelse leer van sonde en skuld**

* 1 In die Bybel word talle begrippe gebruik om die sonde en skuld na sy verskillende aspekte mee uit te druk.

* 2 Daar is die werklikheid van sonde, wat ons almal aankleef, ons almal bedreig en ons skuldig maak voor God.

* 3 Ons moet voluit die verantwoordelikheid van die mens vir sy sonde aanvaar, maar ook die oormag van die sonde oor die mens erken. Naas die dimensie van skuld is daar ook die dimensie van tragiek.

* 4 Die wese van sonde is die gebroke verhouding tot God en van daaruit ook die gebroke verhouding tot die medemens.

Verder geskied sonde deur dade, deur versuim, deur woorde, deur gedagtes, maar ook reeds deur die gesindheid van opstand en ongeloof.

Daar is persoonlike sondes en sondes saam met andere, bewuste en onbewuste sonde, opsetlike en onopsetlike sondes.

* 5 Sonde van die persoon, die bestaan as mens. Die mens doen nie slegs sonde nie, maar hy is sondig; hy het nie net skuld nie, maar is ook skuldig.

* 6 Sonde as die afwysing van God se genade. Hy bedoel ons redding en wil dat ons sy genade sal aanvaar. Wie hierdie genade verwerp, is in 'n besondere sin skuldig.

* 7 Alle sonde, klein en groot, maak ons skuldig voor God. Die gevolge van sommige sondes is erger as dié van andere.

* 8 Die sonde word tydelik en ewiglik gestraf.

**32.3.6.3 Sonde en skuld by die moderne mens**

Die sondebesef van die moderne mens bepaal die houding teenoor skuldbelydenis en genadeverkondiging.

* 1 'n Kwynende besef van sonde. Al meer mense voel en sê dat hulle geen sonde of skuld het nie. Verder word die sondigheid van sonde misken. Sonde word geag as onbenullig of gesien as swakheid en as mislukking.

* 2 Die wesensaard van sonde as 'n gebroke verhouding tot God en tot die medemens, word misken. Sonde word nie gesien as teen God, as teen sy wil en as teen sy verbond nie. Die aard van sonde word bepaal deur die mens self of deur andere.

Vir sy sonde voel die mens hom nie verantwoordelik teenoor God nie, maar hy neem self die verantwoordelikheid daarvoor.

Verder soek hy soms hulp en raad en wil spanninge verlig, maar hy soek nie vergifnis vir sy sonde van God nie.

* 3 Die eie sonde en skuld word afgeskuif of na ander mense of na die samelewing of na omstandighede of na die opvoeding of na die persoonlikheidsamestelling of na bo-individuele magte soos die okkulte, ea.

* 4 Die gevolg is dat die mens hom **nie as sondaar** sien nie, maar as 'n ongelukkige, as **'n slagoffer**.

* 5 Al word sonde en skuld misken en op baie maniere verdring, dit bly 'n negatiewe invloed uitoefen en kom veral na vore as:

- Ongedefinieerde skuldgevoelens
- Kollektiewe angs
- Depressie of ontvlugting
- 'n Negatiewe invloed op die lewe en dade van die enkeling en die gemeenskap.

**32.3.5.4 Sondekennis en sondedroefheid**

* 1 Egte kennis van sonde is nodig. Ons moet sonde ken na sy ware aard en dan as my sonde, as ons sonde leer ken.

* 2 Sondekennis lei tot droefheid en berou oor die sonde. Daar moet onderskei word tussen egte en onegte berou, hoewel die grense tussen die twee nie altyd skerp is nie. Die Bybel stel die eis van berou, maar dit is nie 'n voorwaarde in die sin dat dit 'n verdienste of prestasie van die mens is nie. Berou raak ons persoonlik en het altyd 'n dubbele gerigtheid:
- droefheid oor die sonde en 'n afkeer daarvan;
- 'n toekering na God en na sy genade.

* 3 Egte en valse skuldgevoelens word kenbaar waar ons onsself en ons lewens meet aan die norme van God. Egte gevoelens van skuld lei tot belydenis. Onegte skuldgevoelens kan verskillende vorms aanneem:

- 'n Mens voel skuldig, maar nie oor jou sonde voor God nie.
- Dit kan verdronge skuldgevoelens wees wat op allerlei vreemde wyses na vore kom.
- Gewetenskonflikte in neurotiese persone.
- Oordrewe skuldgevoelens.
- Die ingesteldheid van twyfelsug.

**32.3.6.5 Die wek van egte skuldgevoelens en 'n egte skuldbesef**

* 1 Nie elkeen wat sonde het, het 'n skuldgevoel daaroor nie. Daar is ook grade van diepte van skuldbesef.

* 2 Die pogings om in die erediens 'n skuldbewussyn te wek, is besaai met mynvelde:

- Die gevaar van 'n pligteleer.
- Die gevaar van vreesaanjaging.
- Die gevaar van emosionele manipulasie.
- Die gevaar van rituele afstomping.

* 3 Die wek van egte skuldgevoelens is die werk van God Drie-enig. In die teenwoordigheid van God word die mens bewus van sy sonde.

* 4 Die Here gebruik veral die middel van sy **geskrewe en gesproke Woord** om 'n mens bewus te maak van sy sonde. Dit geskied in die omgang met die Bybel.

Die hele Bybel, **die wet en die evangelie**, is die middel in God se hand om 'n besef van skuld te wek. Te veel word slegs die wet vir hierdie doel gebruik. Dit is 'n miskenning van die evangelie en lei selde tot die gewenste resultate.

Die Woord spreek ook in die gestalte van die prediking, van sang en musiek, van die gebed in verskillende vorms en deur die getuienis van gelowiges.

* 5 Elk op sy eie wyse is ook die sakramente van die doop en die nagmaal middels om skuldbewussyn wakker te maak.

* 6 Sowel die liturg deur sy arbeid, sy lewe en gesindheid, as die gemeente deur sy voorbeeld en houding, kan meewerk om die sonde as sonde voor God te besef en daaroor berou te hê.

**32.3.6.6 Openbare belydenis van sonde en skuld**

* 1 Wie die ware aard van sonde leer ken het, berou daaroor het, kan en wil dit bely, dit erken en daarmee breek. Skuldbelydenis is die antwoord van die mens op die heilshandeling en -woord van die Here.

* 2 Belydenis voor die Here. Dit is die weg wat God vir ons aangegee het om ons sonde en skuld voor Hom te bely. Dit kan gedoen word alleen, in 'n groep en ook in die erediens. Hierdie belydenis geskied in die hart of gemoed, maar dit kan ook duidelik geformuleer en uitgespreek word voor die Here.

Die sonde kan by die naam genoem word of 'n besondere sonde kan vermeld word, maar dit kan ook die belydenis wees van al die sonde, bewus of onbewus, sonder dat dit by die naam genoem word.

* 3 Belydenis saam met andere. Belydenis van sonde en skuld kan en moet ook saam met andere, saam met die gesin, saam met die groep en veral saam met die gemeente gedoen word.

Wat die gemeente in die erediens betref, bely almal saam. Dit geskied gesamentlik, korporatief. Elke individu sluit homself by hierdie gesamentlike belydenis in en weet homself daarby betrokke. Hier gaan dit om die gesamentlike en gemeenskaplike skuld voor God, maar ewe-eens om die persoonlike skuld.

* 4 Die belydenis van die skuld voor die Here beteken:

- Die skuld word persoonlik erken en bely. Dit geskied altyd in die eerste persoon enkelvoud en meervoud (ek/ons het gesondig, ek/ons is skuldig) Die skuld word nie meer ontken of op ander geplaas nie, maar daar word erken: so is ek, so is ons; ék/ons is skuldig en verdien die oordeel van God.

- Wie bely, gee God, sy Gees, sy Woord en sy oordeel gelyk dat hy sondig en skuldig is. Waar ek in God se teenwoordigheid gekonfronteer word met my woorde, dade en lewe, ja reeds deur my gesindheid, daar besef ek tot my beskaming dat hierdie onheilige, leed-brengende, versteurende en opstandige dinge gebeur het en dat dit my lewe is. Ek skrik daarvan dat my lewe so sleg is en dat ek telkens weer moet erken ek het weer en weer gesondig.

- Bely beteken om te erken, uit te spreek, die sonde in sy volle omvang voor God neer te lê.

- Wie sy sonde bely, het die eerlike voorneme om daarmee te breek en voortaan harder daarteen te stry.

* 5 Saam met die belydenis gaan ook die gebed, ja smeking, om vergifnis.

* 6 Skuldbelydenis en geloof hang saam. Wie sy skuld bely, werp hom in die uitgestrekte arms van die genadige God, met die geloof dat Hy vergeef en red.

**32.3.6.7 Waarom openbare skuldbelydenis in die erediens?**

* 1 Soms word aangevoer dat skuldbelydenis in die privaatlewe moet geskied sonder dat andere daarvan weet. Dit is waar, maar is nie tot die privaatlewe van die enkeling beperk nie. Waar dit in die erediens sou ontbreek, beteken dit 'n groot miskenning van die wese van die erediens.

* 2 Die volgende wesenskenmerke van die erediens bring mee dat die skuldbelydenis juis hier moet plaasvind:

- Dit is 'n samekoms van die volk van God met die God van die verbond en dit kan nie plaasvind as daar sonde tussen die volk en God bly staan nie.
- Die teenwoordigheid van Christus.
- Die ontmoeting tussen Christus en die gemeente.
- Die groot gesprek wat deur die hele erediens plaasvind, kan alleen geskied waar die skuld bely en weggeruim word.
- Die uitdeling van Christus se gawes.
- God se antwoord op die node van die gemeente, waarvan sonde en skuld die diepste en wesentlike nood is, word in die erediens bemiddel.

* 3 Al het ons vergifnis en verlossing ontvang, moet ons altyd weer ons sonde en skuld bely, want ons bly steeds sondig. Al is daar nie groot en growwe sondes wat mense raaksien nie, bly ons sondig en is ons sondig, al is ons geregverdig.

* 4 Skuldbelydenis hoort in die erediens omdat daar soveel mense is wat die besondere versekering behoef dat God inderdaad vergeef.

* 5 Die ware aard van die erediens as 'n vreugdevolle byeenkoms, kan alleen werklikheid word as ons bevry word van die sonde.

**32.3.6.8 Die wyse van openbare skuldbelydenis**

*** 1 By die heersende praktyk** van skuldbelydenis is dit:
- 'n suiwer woordgebeure: woorde word gelees, gespreek en gesing - die nie-verbale ontbreek;
- 'n swaar rasionele aanslag waar die aksent val op 'n koue, lerende, verklarende en rasionele atmosfeer. Die belangrike aspekte van viering, die emosionele en die wil word verwaarloos.

*** 2 Enkele riglyne**

- Gemeentebetrokkenheid
- Werklike deelname
- Deeglike beplanning
- Gesonde afwisseling

* 3 Vir die **wek van skuldbewussyn** kan uitsprake uit die Bybel, uit die evangelie en uit die wet, verskillende kombinasies van albei, asook gebed en sang, gebruik word.

* 4 **Verootmoediging en skuldbelydenis met woord en daad** kan gedoen word deur:

- Skuldbelydenis deur wisselspraak.
- Skuldbelydenis aan die hand van 'n voorbereide teks, gelei deur een of meer persone.
- Skuldbelydenis deur gebed en sang in verskillende vorms, en deur allerlei wyses van kombinasie.
- Simboliese handelinge wat belydenis van skuld uitbeeld.

**32.3.6.9 Die plek van skuldbelydenis in die erediens**

Daar is twee moontlike plekke in die erediens. Die een is aan die einde van die diens, na die preek. Die ander, waaraan voorkeur gegee moet word, is aan die begin van die diens, na die votum en lofsang. By geleentheid kan dit ook na die preek geplaas word, veral by boetepreke.

**32.3.7 Genade en genadeverkondiging in die erediens**

**32.3.7.1 Die teologiese vertrekpunt**

* 1 Genade en genadeverkondiging hang ten nouste saam met sonde, skuld, kennis van sonde en belydenis van sonde. By albei moet uitgegaan word van die Bybelse leer daaroor.
* 2 Daar is 'n uitweg uit die sonde en skuld wat ons aankleef en wat ook in die erediens ter sprake kom. God Drie-enig maak die nuwe begin en nie ons as mense nie.
* 3 Dit is 'n nuwe begin vir ons, telkens weer.

**32.3.7.2 Die wese van vryspraak of genadeverkondiging**

* 1 In die Ou en Nuwe Testament word verskillende begrippe gebruik, wat in die konteks van gebruik gesien, in verskillende toonaarde die groot saak van vergewing, vryspraak, afwassing van sonde, regverdiging, herstel, vernuwing, geregtigheid en reiniging aandui.
* 2 Dit is God wat vergeef op grond van die versoening deur Christus. Van begin tot einde is dit God se genade, sy geskenk aan ons.
* 3 In die bediening van hierdie versoening en vergifnis, gebruik God egter mense as sy instrumente, as sy mondstukke, as sy boodskappers.
* 4 Vergifnis beteken die herstel van die primêre verhouding tot God en van daaruit ook alle ander verhoudings.
* 5 Vergifnis gaan oor gemeenskaplike en persoonlike sondes.
* 6 Vryspraak in die Naam van die Here en op die weg wat Hy aangegee het, is die kern van die evangelie, die "evangelie in die evangelie".

**32.3.7.3 "Voorwaardes" vir die genadeverkondiging?**

* 1 Algemene genadeverkondiging veronderstel dat die gemeente sy sonde erken, daaroor berou het, dit bely en bereid is om daarmee te breek. Dit is egter nie seker of elkeen sy skuld bely en die vryspraak begeer nie. Hiermee hang saam dat, waar genadeverkondiging week in week uit verkondig word, dit maklik kan afslyt, goedkoop word en ontaard in 'n blote ritueel, en wat mense maklik immuun maak vir 'n egte skuldbesef.

* 2 Daarom word allerlei "voorwaardes" gestel by die algemene genadeverkondiging:

- In die nuwe ontwikkeling in die Roomse Kerk waar die moontlikheid bestaan om 'n algemene genadeverkondiging in die erediens te hou, word dit onderskei van die vryspraak in die bieg. In die bieg dra die vryspraak 'n sakramentele karakter, terwyl by die algemene genadeverkondiging dit geen sakramentele karakter het nie.

- In die verskillende gereformeerde kerke word die volgende "voorwaardes" gestel by die algemene genadeverkondiging:

- 'n ware berou
- 'n opregte geloof
- 'n toevlug neem na Jesus Christus as die enigste ware Verlosser.

Hieraan word toegevoeg die retensie of terughouding van diegene wat nie aan hierdie voorwaardes voldoen nie. Aan hulle word verkondig dat die oordeel van God op hulle rus solank hulle in hulle sondes volhard en hulle nie bekeer nie.

* 3 Bale duidelik moet gestel word dat hierdie voorwaardes nie beteken 'n verdienste of prestasie van die mens op grond waarvan hy die vryspraak verkry nie. Genade en genadeverkondiging is onvoorwaardelik, dit is 'n geskenk van God aan die mense.

"Voorwaardes" soos hierbo aangegee, is die leë hande, die berouvolle hart, die brandende gewete, die soekende gebed, as houding waarin die genade ontvang word. Dit alles is ook weer die werk van God Drie-enig.

**32.3.7.4 Genadeverkondiging: iets ekstra by prediking en pastoraat?**

* 1 Die genade in die rubriek genadeverkondiging aangebied, is **nie 'n ander soort genade nie**, dit bly dieselfde, maar dit word **op 'n ander wyse bedien.**

Ook is genade wat hier verkondig word, nie 'n byvoeging tot God se genade, 'n ekstra of 'n plus nie.

* 2 Genadeverkondiging in die erediens bly die één genade van God wat ook in die prediking en pastoraat geskied, dit word op 'n besondere wyse bedien:

- Vir die gemeente en vir die individu beteken dit iets stelligers, meer objektief en indringend as in die prediking.
- Dit gee meer vastigheid en sekerheid
- Daar geskied 'n besondere nadruk vanuit die evangelie sodat dit anders, feller, nog duideliker en skerper uitgespel word as in die prediking.
- Die dinamiek van die evangelie word skerper toegespits deur die ontsagwekkende belofte: "gaan, jou sonde is vergewe!"
- In die genadeverkondiging vind ons die uiterste konsentrasie van die evangelie, die evangelie in sy laaste direktheid, die besondere verdigting van die evangelie.
- Die betekenis kan nog verder verdiep word waar die verbale verkondiging verbind word met 'n nie-verbale verkondiging.

**32.3.7.5 Die vorm van die vryspraak in die erediens**

* 1 Die besondere vorm wat gebruik word vir genadeverkondiging druk 'n bepaalde teologiese siening van genade en van vryspraak uit.

* 2 Genadeverkondiging in die **deprekatiewe of optatiewe of smekende vorm** vind ons in die Oosterse Ortodokse Kerke, by die Confiteor in die Roomse mis en by H Zwingli. Dit is 'n **legitieme** Bybelse gebruik. Ons mag bid en smeek dat die Here ons of andere se sonde sal vergeef. Vir die vryspraak in die erediens is dit te swak. Dit laat die mense steeds met slegs 'n vae hoop op vergifnis.

* 3 Genadeverkondiging in die **indikatiewe of aantonende of stellende wyse**, word gebruik in die bieg en onlangs ook in die erediens. Die formule is: "Ek vergeef jou/julle". In die bieg het dit 'n sakramentele karakter, terwyl dit in die algemene vryspraak in die erediens ontbreek. Tog word dieselfde formule gebruik, maar dit word net sagter gestel. Parallel hiermee word in die nuwe **Missale Romanum** (1975) verskillende vorms vir die openbare skuldbelydenis aangegee en by elkeen volg die absolusie in die wensvorm.

M Bucer gebruik ook die vryspraak in die indikatiewe vorm. Dit wor ook aangetref in die **Book of Common Prayer** en in versagte vorm in **The Alternative Service Book** (1980).

Die indikatiewe vorm is aanvegbaar en berus op die geweldige aanspraak dat die kerk die mag het om sonde te vergeef en dat die priester die vergifnis outomaties verleen.

* 4 Die **predikatiewe vorm** - "ek sê aan u dat God u vergeef - nou, vandag" - dit lê vergifnis direk in die hande van mense.

* 5 Die **annunsiatiewe vorm** - "God het u vergeef" - ook dit is te sterk.

* 6 **Die ekshibitiewe of aanbiedingsvorm** - die vryspraak geskied as 'n aanbod van genade, met 'n beroep op die persone om die aanbod in die geloof aan te neem. Die formule lui: "God wil u sy vergewing skenk neem dit aan". Hierdie vorm het meriete, maar dit word te swak gestel sodat persone onseker bly oor vergifnis.

* 7 Die **deklaratiewe, proklamatiewe of verkondigende vorm.** Die boodskap van Christus se volle vryspraak as 'n geskenk, word verkondig en toegesê, met die gesag van Christus en met aandrang, en in die geloof in die magtige werking van die Heilige Gees. Dit geskied nie neutraal en in die algemeen nie, maar direk en persoonlik aan die konkrete mense hier en nou. Dit geskied met die voorwaardes soos hierbo aangedui en daarby saam ook die terughouding of retensie.

* 8 **Formule gebruik:**
"Aan elkeen wat
met ware berou
in opregte geloof
sy/haar toevlug neem tot Jesus Christus as die enigste Verlosser en Saligmaker,
verkondig ek in die Naam van Jesus Christus die vergifnis van sonde.
Maar aan elkeen wat die genade verwerp en hom/haar
nie bekeer nie
maar in die sonde volhard,
verkondig ek in die Naam van Jesus Christus die straf en oordeel van God, solank daar nie 'n verandering kom nie."

**32.3.7.6 Die wyse van inrigting van die genadeverkondiging**

* Saam met die **woordgebeure**, moet ook die nie-verbale tot sy reg kom.
* **Die praktiese inrigting van die genadeverkondiging**
- Dit moet goed beplan word
- Teologies moet dit suiwer wees
- Afwisseling en variasie moet die wagwoord wees
- Dit moet eg en lewensnaby wees omdat dit geloofsnaby is
- Die formule moet duidelik, korrek en gevarieerd wees
- Die genadeverkondiging deur 'n formule moet gepaard gaan met 'n gepaste lied en/of 'n gemeenskaplike gebed en/of gepaste Bybeltekste en/of 'n belydenis van geloof of 'n ander belydenis van die nuwe lewe en nuwe houding.
- 'n Loflied, of 'n lofprysing in wisselteks, kan dit afsluit.

**32.3.7.7 Die plek van die genadeverkondiging in die erediens**

* **1** Skuldbelydenis en genadeverkondiging hoort byeen. Aan die een kant moet daarteen gewaak word om die twee handelinge ineen te laat vloei, maar aan die ander kant weer om nie die genadeverkondiging los te maak van die skuldbelydenis nie.
* **2** Dit is reeds uitgemaak dat die skuldbelydenis by voorkeur aan die begin van die diens geplaas moet word, maar met die geleentheid om dit soms na die preek te hou. Die genadeverkondiging moet in aansluiting hierby ook aan die begin van die diens geplaas word, met die voorsiening dat dit ook soms na die preek kan geskied.

**32.3.8** Besinning oor skuldbelydenis en genadeverkondiging is tegelyk 'n roep tot vernuwing van die erediens en vernuwing van die kerk self.

**32.4 AANBEVELING**

**Die verslag oor skuldbelydenis en genadeverkondiging in die erediens word as riglyn aanvaar.**

## 33. LITURGIESE FORMULIERE

**33.1 Opdrag**

Die saak is nie 'n opdrag van die Sinode nie, maar talle vrae word gestel oor die gebruik van liturgiese formuliere.

**33.2 Werkwyse**

Die Subkommissie vir Erediens het dr CJ Otto versoek om 'n verslag op te stel.

**33.3 Bevindinge**

**33.3.1** Talle vrae kom na vore oor die huidige gebruik van die liturgiese formuliere tydens die eredienste. Allerlei oorwegings is hier van toepassing ten einde willekeurigheid teen te werk en 'n sinvolle kerklike praktyk na te streef.
**33.3.2** Erediens en formulier moet 'n eenheid vorm sodat die aspek van viering in die erediens tot sy reg kan kom.
**33.3.3** So ver moontlik moet remmende duplisering tussen die formulier en die res van die liturgie van die erediens vermy word.
**33.3.4** Die deeglike voorbereiding vir eredienste in die algemeen en eredienste waar formuliere gebruik word in die besonder, is van die allergrootste belang om enersyds sorg te dra dat elke element van die erediens nuut en lewend bly. Andersyds moet gewaak word teen willekeur wat as gevolg van 'n te groot mate van vryheid die erediens sou kon vervlak.
**33.3.5** Die formuliere mond uit in toepaslike vrae wat die diep geestelike saak van die formulier aanspreek en wat 'n verpligting vir die gemeente inhou. Daarom moet die vrae op so 'n wyse gestel en beantwoord word dat dit aan die gewig van die saak reg laat geskied.
**33.3.6** By die gebruik van die verkorte formuliere moet daarteen gewaak word om die klassieke formuliere en daarmee die ryk reformatoriese erfenis tot skade van ons erediens te verwaarloos.
**33.3.7** Verkorting van die formuliere kan nie aan die willekeur van predikante oorgelaat word nie. Die wysiging van formuliere is die taak van die Algemene Sinode. Die vergunning van die sinode gedurende die vorige eeu dat predikante volgens hulle eie oordeel die doopformulier mag verkort, het gelei tot 'n verminking van die formuliere en 'n verskraling van die verbondsmatige aspek van die doop.
**33.3.8** Die vergunning van die Algemene Sinode dat, waar daar meer as die gebruiklike vyf keer per jaar nagmaal gevier word, daar by wyse van afwisseling slegs een van die instellingsberigte tesame met die selfondersoek gelees hoef te word, moet ook in gedagte gehou word.
**33.3.9** Die betrokke formuliere moet in hulle huidige vorm behou en gelees word.
**33.3.10** Wat die nagmaalsformuliere betref, is dit sinvol dat in die betekenisse soos in die formulier vervat is - desnoods een of twee saam - in die prediking meer uitvoerig aandag sal ontvang.

**33.4 AANBEVELING**

**Die Sinode aanvaar die oorwegings 33.3.1 tot 33.3.10 as riglyne by die gebruik van liturgiese formuliere tydens eredienste.**

## 34. DIE SEëNGROET EN DIE SEëN IN DIE EREDIENS

**34.1 Opdrag**

Die Sinode het nie die saak aan die kommissie opgedra nie. Die kommissie wil egter graag die saak onder die aandag van die Sinode bring.

**34.2 Werkwyse**

Die Subkommissie het die saak hanteer

**34.3 Bevindinge**

**34.3.1** Die seëngroet wat op die votum volg, is 'n kombinasie van twee liturgiese elemente wat uniek is in die Nederlandse en Suid-Afrikaanse gereformeerde kerke.

Dis egter 'n baie sinvolle kombinasie omdat dit die twee kernelemente van die erediens aan mekaar verbind. In die votum word gesê dat die erediens teologies gekonstitueer word deur die aanroeping en aanbidding van God. In die seëngroet word gesê dat die hele erediens teologies sentreer in die belewing van die teenwoordigheid van die Drie-enige God met al sy gawes. Hier groet die predikant nie die gemeente nie; hier groet hy/sy as liturg die gemeente namens God. God groet hulle en sê daarin dat Hy as Drie-enige God met hulle is en al sy genadegawes aan sy gemeente toesê. Dit maak van die erediens teologies 'n charismatiese erediens waarin die charismata deur God uitgedeel word, sodat elkeen Hom nou met sy ontvange gawe in die erediens en daarbuite gaan dien. Daarom is die seëngroet 'n wesenlike en onmisbare deel van die erediens.

Wesenlik en onmisbaar, maar nie heiliger as ander liturgiese handelinge nie. Dit is nie so dat alleen 'n geordende predikant en byvoorbeeld nie 'n teologiese student dit amptelik mag toesê aan die gemeente nie. Dis 'n belangrike en baie sinvolle, maar 'n gewone liturgiese handeling wat nie 'n magiese krag het nie.

Wie mag preek in die Naam van die Here, mag ook die seëngroet doen in die Naam van die Here.

Die seëngroet is geen gebed nie, maar 'n amptelike toesegging. Dit kan met 'n opgehewe regterhand soos met 'n groet deur die liturg gedoen word en moet sekerlik met oop oë ontvang word. Die mees bekende is die trinitariese formule ("In die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees...") waaraan toegevoeg word dat die genade en vrede van God in die groet aan die gemeente toegesê word. Immers, in die ruimte van genade en vrede begin die erediens. Tekste soos Rom 1:7; 2 Tim 1:2; 2 Pet 1:2 en Openb 1:4-5 kan ook gebruik word waarop die gemeente met Amen behoort te antwoord.

**34.3.2** Die seën aan die einde is nie 'n afsluiting van die erediens nie, maar 'n amptelike uitsending vanuit die erediens van die gemeente na die wêreld waarin aan die erediens van die lewe gestalte gegee moet word in die week wat voorlê. Die seën is in 'n sin 'n aangrypende samevatting van alles wat in die erediens gebeur het, 'n soort konsentraat waarmee die aanbidders van God nou as sy geseëndes, sy begenadigdes, sy bekragtigdes in die gesin, staat, werk en samelewing ingestuur word. Peter Brunner noem dit 'n konsentraat van die Evangelie. Hulle gaan nie nou weg van sy aangesig nie, maar gaan uit voor sy aangesig en gaan leef voor sy aangesig as getuies. Seën en sending is ten nouste aan mekaar verbonde. Die seën is die diepste missionêre element in die liturgie. Frör noem dit 'n "pneumatologiese gebeure" wat aan elkeen wat glo persoonlik voltrek word. "Dit werk nie ex opere operato nie. 'n Gelowige mens moet dit met sy hele hart en wil ontvang; ongelowiges kan dit ook met veragting afwys." Tot hulle oordeel.

Net soos die seëngroet is dit nie gereserveer vir die bevestigde ampsdraer alleen nie. Dieselfde argumente daar geld ook vir die seën. Dit is geen magiese handeling van 'n ampsdraer nie, maar die proklamasie dat God se trou Hom bind aan al die beloftes van die erediens.

Dit is nie maar net 'n vrome wens nie: hier gebeur iets. In die seën word genade gegee; wie dit nie wil ontvang nie, bly onder die oordeel! Dit is ook nie 'n gebed nie. Dit is 'n proklamasie waarin die seën van God toegesê word aan, oorgebring en gelê word op die wagtende gemeente. Deur die seën word die genade, liefde en gemeenskap van die Drie-enige God saamgebundel en aangegee aan die verbondsgemeenskap. As ontvangers daarvan gaan hulle daaruit leef en dit met ander deel.

Daarom word dit begin met die woorde: verhef u harte tot God, ontvang die seën van die Here en gaan leef daaruit. Albei die hande van die liturg word opgehef na God met die uitspreek van die seën (Num 6:24-26 of 2 Kor 13:13). Die gemeente ontvang dit staande, met dankbare harte en met oop oë, gereed om na die wêreld uit te gaan. Hier kan ook van beurtsang gebruik gemaak word, soos byvoorbeeld in Psalm 134. By besondere geleenthede soos nagmaal, doop of gesinsdiens kan byvoorbeeld die verbondshoof aan die einde van die erediens die seën aan sy gesin toesê. Die gemeente sou (byvoorbeeld) kon reageer op die seëngroet en/of seën deur die respnsoriese uitspreek (of sing) van 'n gemeenskaplike "amen".

**34.4 AANBEVELING**

**Die Sinode aanvaar die verslag oor die seëngroet en seën (34.3.1-34.3.2) as riglyn.**

## 35. EISE AAN DIE PREDIKING IN ONS DAG

**35.1 Opdrag**

Die Subkommissie vir die Erediens van die AKG het geoordeel dat die saak so belangrik is dat 'n voorlegging aan die Sinode gedoen moet word.

**35.2 Werkwyse**

Die studie is onderneem deur proff BA Müller, JS Kellerman en CJA Vos.

**35.3 Bevindinge**

**35.3.1** Dis bykans onnodig om te sê dat die gekompliseerde, onoorsigtelike en pluriforme oorgangsituasie wat die kerk wêreldwyd, in besonder in Suid-Afrika, aan die einde van die 20ste eeu belewe, ingewikkelde en verwikkelde eise aan die evangeliebediening stel. Gelukkig dat hierdie situasie nie net probleme op die agenda van die kerk plaas nie; dit skep ook verrassende uitdagings en nuwe moontlikhede. Nie net vasgeloopte ou benaderings nie, maar ook boeiende nuwe aksente en metodes. **Daar is dus weliswaar probleme, maar dan as uitdagings wat nuwe benaderinge verg en daardeur tot vernuwing van die prediking kan dien.**

**35.3.2 Probleme as uitdagings vir die prediking**

35.3.2.1 In oorgangsituasies met gepaardgaande sosiale, politieke en godsdienstige verskuiwinge, voel mense al meer diep onseker en onveilig. Sosiale instellinge, tradisies, maar ook persoonlike veiligheid en versekering, raak wankelend. Dit geld ook van kerkmense en ook van kerklike tradisies. Die kerk wat so dikwels selfversekerd van homself, van sy boodskap was, raak dan skielik onseker. Al worstelend met die skuldlas van die verlede, voel baie predikers dat die kerk sy "reg om te praat" verloor het as gevolg van baie foute in sy eie benadering en vanweë die veranderinge rondom hom. Alles, die wese, die taak, die aanbieding én die werking van die preek, raak skielik onvas. Die volgende vrae dring hulleself op: kan die kerk nog met gesag, van bo af praat? Wat wil dit met die prediking bereik: wil dit oorreed, troos, vermaan, versterk; moet dit enkelinge bekeer of die gemeente opbou, en lei dit tot persoonlike geloof of wil dit 'n proses van verandering begelei, veral deur middel van 'n "publieke teologie"? Word daar nie té hoë verwagtinge aan die preek gestel nie: dat dit 'n magtige Woord is wat soos 'n hamer verpletter (Jer 23:29), soos 'n mes insny (Heb 4:12)? Probleme op die tafel, ja. Maar probleme wat die geleentheid bied om opnuut dan maar weer van die grond af teologies-vars oor die prediking na te dink en die vernuwing op 'n beter fondament te plaas - sodat vernuwing nie maar net restourasie, aanbousel, en aanplaksels is nie.

35.3.2.2 Deurdat die prediking in die tydperk van kerklike en homiletiese selftevredenheid so maklik die hele liturgie oorheers het, het die proklamatiewe, outoritêre en kognitiewe dikwels die rol van die ritueel, die affektiewe en die pastorale in die erediens verdring (vgl Denecke, Mitchell, Babin, Craddock). Die gevolg daarvan is dat die individuele respons op die preek die gemeentevormende doel van die erediens vervang het. Persoonlike toeëining en geloof word dan die maatstaf vir suksesvolle prediking. In 'n oorgangsituasie soek mense egter meer as individuele toeëiening van die geloof. Hulle soek na geborgenheid in 'n hegte gemeenskap; hulle soek dit veral in singewende tradisies, ritueel, gemeenskaplike stories, simboliese handelinge, ens. Dit is juis die wins. Deurdat die prediking in die nuwe era sy "outokrasie" moes prysgee, is dit weer geplaas in die nuwe dinamiese velde van kragtige kommunikasievennote, waardeur die prediking weer deel kan word van 'n omvattende en kragtige kommunikasieproses (vgl Lowry).

35.3.2.3 Die moderne kritiek op die eensydige kerugmatiese model en op die "outoritatiewe kommunikasiemodel", stel nuwe modelle van dialoog, interaksie en deelname tot beskikking van die prediking. Dit word veral duidelik op die terrein van die hermeneutiek. In die outoritêre fase het predikers eers na die beginsels van die uitleg van 'n teks gevra en daarna dit selfversekerd toegepas op die huidige situasie. In die toepassing was hulle meesal onbewus van die ideologiese kleur wat hulle aan die interpretasie gegee het. Die nuwe hermeneutiek van suspisie het hierdie ideologiese "gevangenskap" van die interpretasie helder aan die kaak gestel. Dit het daardeur predikers gewys op die gevaar van 'n privaat homiletiese praktyk en hulle gedwing om weer die gemeente, plaaslik en ekumenies in die verstaans-, in die maak- en in die leweringsproses van die preek te betrek. Die preek word deur Long et al meer gesien as die verantwoordelikheid van die gemeente.

35.3.2.4 Die predikers het in ons tyd toenemend ontdek dat hulle nie by die hoorders op die werklike sosiopolitieke grondvlak van hulle lewe uitkom nie; dat hulle eintlik nie weet hoe om uit te kom in besonder by daardie sosiopolitieke werklikhede wat mense se lewens vul, vereng, vergal, of smoor nie. In die situasie van oorgang word hierdie gebrekkige aandag aan sosiale en kerklike verskuiwinge op die grondvlak van die hoorder noodlottig (vgl Boshoff). Die vraag hoe ons die evangelie uitdruk, dring hom onontwykbaar na vore: is ons preekidioom teologies, abstrak en kulties of in terme van die mens se leefwêreld, hetsy in die spog- of in die plakkersbuurt?

35.3.2.5 Dit dui alles in die rigting van 'n fundamenteel-teologiese verskuiwing. "Doen" ons al ons teologie in 'n ivoortoring en vind ons op spitsvondige wyse allerlei eksistensiële toepassings en brûe in die preek - of word ons teologie gedoen as 'n publieke gesprek met die samelewing, die tyd, ens? Wat is die kerk, wat is sy identiteit, waarin lê sy geloofwaardigheid as sender van die boodskap? Dit is vrae waaraan die hele teologie en bediening aandag moet gee.

**35.3.3 Nuwe aksente skep nuwe moontlikhede vir die prediking**

35.3.3.1 Die hermeneutiese uitgangspunt van die nuwe teologie het verreikende én verrykende implikasies vir die bediening, in besonder vir die prediking. Prediking is immers in sy wese 'n intermediêre aktiwiteit wat op die snyvlak van God en gemeente, van Woord en werklikheid, van teks en konteks lê (Runia, Firet). Die hermeneutiek van interaksie wil via die teks God aan die woord laat kom in die wêreld van mense en wil mense via die preek 'n perspektief gee op die wêreld van God. So word God se perspektief op menslike realiteite, God se moontlikhede in menslike doodloopsituasies, openbaar. Daarom vra die prediking nie alleen dat teksanalise gedoen moet word nie, maar ook gemeente-analise en sosiale analise. Alleen in die interaksie tussen hierdie analises word tegelyk die Woord én die hoorder ernstig geneem.

35.3.3.2 Nuwe aksente in die uitleg van tekste, veral die klem op die ontdekking van die retoriese strategieë van die teks, open weer die weg om die teks self en sy werking ernstig te neem. Kenners soos Craddock, Long, Lowry help ons om meer induktief en retories in die preekmaakproses te werk. Die verdere aksent op die narratiewe struktuur van die openbaring help predikers om verbindingspunte te lê tussen die storie van God, die gemeente se "storie" en die stories van die omringende wêreld.

35.3.3.3 Onder die besef dat die sogenaamde teologie van revolusie uitgedien is, word vandag gepoog om tot 'n teologie van rekonstruksie te kom. Dit sal 'n teologie moet wees wat die geeste onderskei, die tekens van die tyd reg lees en wat tegelyk kreatief is, wat na die toekoms oop en gelaai met die hoop is. Dit sal in bale opsigte 'n publieke teologie moet wees, maar dan in besonder 'n lokale teologie. Immers, in 'n situasie van oorgang, kan mense alleen oorleef in klein, hegte gemeenskappe wat op plaaslike vlak funksioneer. Die prediking is een van die terreine waar so 'n lokale teologie ontwerp, geleer en beoefen moet word. So kan gemeentes, as deel van 'n ryk geskakeerde ekumeniese plaaslike geloofsge- meenskap, gehelp word om te oorlewe, weer oor te lewe, nuut te lewe. So kan dit instrumenteel word in die skepping van 'n meer humanitêre gemeenskap waarin burgerlike verantwoordelikheid hoë prioriteit moet verkry.

35.3.3.4 Dit sal nie net geleer moet word nie, maar ook gevier moet word met nuwe gemeenskaplike liedere, nuwe verbindende simbole, ens. Daarom kan die prediking nie van liturgie gespeen word nie. Daar word in hierdie samehang verder toenemend gevra na wat liturgies rekreatief is, na wat geniet kan word. Hierdie aksent op die innoverende, die genotvolle, die rekreatiewe, die verbindende, verdien al ons aandag in die totale liturgiese ontwerp van die bediening.

### 35.3.4 Suggesties vir vernuwing van die prediking

35.3.4.1 Predikers moet weer oortuig raak van die uitgangspunte van die prediking: dat daarin die lewende God aan die Woord gestel moet word; dat die beloftes van hierdie woord wat nuwe hoop vir ons situasie genereer, uitgespel moet word; dat hy in hierdie Woord tot so 'n geloof oproep wat aan die lewe in al sy gebrokenheid weer sin en vashouplek, hoop en 'n verbindende lewensperspektief gee; dat dit 'n geloof is wat gevoed en gedra word deur 'n dinamiese geloofsgemeenskap, gevorm rondom Woord en sakrament; dat dit die ewige lewe verkondig as die blywende drakrag in die hede met al sy wisselinge. En dan uiteindelik: dat menslike predikers nie 'n preek effektief kan maak nie; hulle kan alleen worstelend-uitleggend en -biddend die gemeente bring by die grens waar God self sy evangelie bekend maak vir 'n gemeente wat daarop wag.

35.3.4.2 Die prediking moet vandag gesien word as 'n belangrike onderdeel van die bediening, gerig op die formasie van die geloofsidentiteit van die gemeente as liggaam van Christus en as instrument van die Koninkryk in 'n samelewing in transito. Hierdie identiteit van die geloofsgemeenskap is lewensbelangrik in die hele transformasieproses. In die prediking moet hierdie geloofsidentiteit geartikuleer word, in die erediens gevier word en in die bedieningsgestaltes tot uitvoering gebring word. Die prediking moet daarom 'n deel wees van 'n teologiese totaalplan vir die bediening van die kerk op alle vlakke. Op plaaslike vlak word dit dringend noodsaaklik dat predikante saam met kerkrade sal besin oor die plek van die gemeenteprediking in so 'n totaalplan en oor die aandeel van die gemeente in die preekmaak- en preekleweringsproses. In 'n bale letterlike én werklike sin, moet die preek én die liturgie in 'n Gereformeerde kerk aan die gemeente teruggegee word en op die opbou van 'n gemeentelike identiteit gerig word.

35.3.4.3 Die kerk sal groter aandag moet gee aan die hermeneutiese aard van die prediking. Dit sal krities moet kyk na die bale maniere waarop die kerk in sy prediking die trefkrag van die teks versmal het, byvoorbeeld in die mottoprediking, in die moraliserende, spiritualiserende allegoriserende prediking. Dit sal voorts krities moet kyk na vorme van ideologiese verslawing in die prediking van die verlede en die versoekinge daartoe in die toekoms. Dit sal van daaruit erns moet maak met betrekking tot die hantering van die skuld en allerlei vorme van versuim in die verlede. Dit sal moet leer om ekumenies, uit die perspektief van ander na die teks te kyk. Eers dan sal dit kreatief met die teks kan omgaan: saam met die Christenheid in ons land moet die toekomsmoontlikhede, die hoop, die singewende droom van die evangelie kan raaklees, ontsluit, geaktikuleer en liturgievierend sy eie gemaak word.

35.3.4.4 Langs hierdie weg moet die gemeente as hoorder ernstig geneem word. Daarom is eksistensiële analises nie genoeg om te dien as die brûe waaroor die evangelie konkreet toegepas moet word nie. Wat ons nodig het, is ekklesiale sowel as sosiale analises wat die ontmoetingspunte vir die gesprek met die teks aandui (Lange). Ten diepste is dit in die prediking waar die sprekende God met al sy beloftes en die sugtende wêreld in al sy nood bymekaar uitkom.

35.3.4.5 Nuwe retoriese strategieë gemik op meer effektiewe kommunikasie in 'n postmoderne era, bied hulleself aan vir kreatiewe sowel as kritiese aanbieding van die evangelie. 'n Mens dink aan die verbeeldingryke wyse waarop vandag van die metafoor en veral van die verhaal gebruik gemaak word om die multidimensionele en meervoudige betekenis van die teks na vore te bring (vgl die werk van Long, Brueggemann en Lowry in dié verband). So word nuwe en oop "taalruimtes" en taalspele gevind waardeur die drome van die teks nuwe vergesigte open en so uitnooi tot nuwe denke en aksie. Tergelyk sal ons in die taalgebruik op die kansel 'n sensitiwiteit moet openbaar - die sensitiwiteit wat gebore word uit 'n heilige onderskeidingsvermoë (Fil 1:8ev): 'n sensitiwiteit vir situasies, vir woorde wat kan kwets, wat bose herinneringe kan oproep, wat kan getuig van onvolwassenheid, ens. Nie alleen wat predikers sê, gaan belangrik wees nie, maar hoe hulle dit sê; nie alleen is waarhede belangrik nie, maar taal deurdrenk van wysheid. Dit sal wees 'n taal wat die werklikhede hernoem, maar ook taal wat die swye "hernoem" (vgl Grierson).

35.3.4.6 Dit alles moet 'n diep geestelike preekmaak- en preekleweringsproses wees wat gebore is in die omgang met God, sy Woord, en met die ander gelowiges en met hulle woorde. Hier moet nie 'n vergeesteliking plaasvind nie, maar 'n "her-geesteliking" van die totale eredienslewe van die kerk. Gemeentes wat van so 'n prediking nuut begin lewe, sal 'n kragtige nuwe vulling gee aan die kulturele, openbare waardes van die samelewing. Hier behoort op 'n manier die

vraag van Maria tuis: hoe is so iets moontlik, hoe word so 'n preek uit gewone mense en in gewone gemeentes gebore (vgl Luk 1:34ev)? Die antwoord kom nog altyd van Bo: die krag van die Heilige Gees sal oor jou kom... Niks is vir God onmoontlik nie. Ook nie in die 21ste eeu nie! Op so 'n God moet in die prediking biddend gewag en met verwagting gebid word. In situasies van verandering bly gebed die brug na die hoop.

**35.4 AANBEVELING**

**Die Sinode aanvaar die verslag oor die eise aan die prediking en versoek leraars om dit te bestudeer en te implementeer.**

## 36. ANDER SAKE WAT DEUR DIE SUBKOMMISSIE VIR EREDIENS HANTEER IS

**36.1 Opdrag**

Die Subkommissie vir Erediens het sekere ondersoeke gedoen en tree op sonder dat die sake breedvoerig aan die Algemene Sinode voorgelê hoef te word.

**36.2 Werkwyse**

Die sake word hanteer deur die dagbestuur of studie- of subkommissies.

**36.3 Bevindinge**

Die sake wat hanteer is, is die volgende:

**36.3.1 Jeugsangbundel 2**

Die Jeugsangbundel 2 vir gebruik in die erediens en by jeugbyeenkomste het gedurende 1993 beskikbaar geraak. Dit is offisieel deur die ASK in ontvangs geneem en in die kerk bekendgestel. Die goed versorgde begeleiersboek het begin 1994 verskyn, asook luister-kassetbande van die bundel.

Namens die eredienskommissie het die volgende persone aan die totstandkoming van die bundel meegewerk; prof AC Barnard, ds JF Serfontein, dr WML Strydom, prof CJA Vos en dr WPJ van Wyk.

**36.3.2 Kinders aan die nagmaalstafel**

Die saak is na AKLAS verwys en om in oorleg met die AJK en AKE voorstelle aan die Sinode voor te lê. Proff CJA Vos en JS Kellerman is deur die Eredienskommissie in dié verband aangewys. Allerlei suggesties en aanbevelings is deur die eredienskommissie aan AKLAS voorgelê.

**36.3.3 Lofprysing**

Die Algemene Sinode het 'n ad hoc-kommissie uit lede van die AJK, AKLAS, AKSE en AKE saamgestel om 'n studie met praktiese riglyne oor lofprysing te maak. Prof AC Barnard en dr WML Strydom het die Eredienskommissie hierin verteenwoordig en eersgenoemde het as voorsitter van die betrokke kommissie opgetree. Die kommissie het 'n omvattende verslag opgestel en in verkorte vorm is dit deur die ASK aanvaar. 'n Versoek is aan die ASK voorgelê dat die verkorte verslag geredigeer en bekend gestel word.

Die volledige verslag van die beleid vir kerksang en kerkmusiek wat ook die inligting in verband met lofprysing weergee, is op aanvraag by die AKG-kantoor beskikbaar.

**36.3.4 Herdruk van die Handboek by die Erediens**

Die ou voorraad van die Handboek vir die Erediens was uitgeput en met die herdruk in 1991 is die nuwe goedgekeurde formulier vir volwasse doop en belydenisaflegging in die nuwe boek opgeneem.

Die formulier is ook as insetsel apart in druk beskikbaar sodat die vorige uitgawes van die Handboek nog bruikbaar kan wees.

**36.3.5 Suid-Afrikaanse KerkorrelisteverenigIng (SAKOV)**

Gesamentlike beplanning met instansies soos SAKOV dien tot bevordering van kerksang en -musiek ook in die NG Kerk. Dank en waardering vir die reuse werk wat SAKOV vir die opleiding en toerusting van kerkorreliste doen, kan nie onvermeld bly nie. Skakeling tussen die Sinode en SAKOV het die afgelope vier jaar veral deur 'n lid van die Eredienskommissie, dr WML Strydom, plaasgevind.

Strategiese beplanning ten opsigte van die kerkmusiek en -sang behoort in samewerking met die SAKOV aangepak te word. Orreliste, leraars, kerkrade, sangleiers en lidmate kan as lede by die SAKOV aansluit. Lede ontvang die hoë gehalte tydskrif **"Vir die Musiekleier"**.

Wedersydse verteenwoordiging op plaaslike vlak tussen die eredienskommissies en die SA Kerkorrelistevereniging word aanbeveel ter wille van die samewerking en koördinering.

**36.3.6 Formulier vir die bevestiging van 'n Jeugwerker**

Die Eredienskommissie is deur die AJK gevra om kommentaar te lewer op 'n voorgestelde formulier vir die "bevestiging" van 'n jeugwerker met handoplegging in diens van 'n bepaalde gemeente.

Die subkommissie is van oordeel dat jeugwerkers nie per formulier en met handoplegging in kerklike diens bevestig word nie, aangesien die jeugwerksapn as sodanig nie deel uitmaak van die besondere ampte in die kerk nie. Waar die jeugwerkerspan 'n belangrike funksie binne gemeentes vervul, sou 'n indiensstel- lingsooreenkoms goedskiks benut kan word. Dit kan in die gemeente voorgelees word waarna die jeugwerker 'n handdruk ontvang en seën op die arbeid toegebid word.

**36.4 AANBEVELING**

**Die Sinode beveel opnuut lidmaatskap van die SA Kerkorrelistevereniging by orreliste, leraars, kerkrade, sangleiers en gemeentelede aan.**

## 37. OPDRAGTE VIR STUDIE AAN DIE SUBKOMMISSIE VIR EREDIENS

**37.1 Opdrag**

Die subkommissie versoek die Algemene Sinode dat die volgende opdragte gegee word.

**37.2 Werkwyse**

Die Sinode dra dit aan die Subkommissie vir Erediens op.

**37.3 Sake vir opdrag**

**37.3.1 Nagmaalsformulier in die erediens**

Die vraag na die wenslikheid van 'n formulier naas die instellingswoorde in die Nagmaalsdiens roep verskillende antwoorde na vore. Die saak verdien deeglike ondersoek.

**37.3.2 Kerkliederebundel vir die hele Ned Geref Kerk**

Die andertalige gemeentes het by verskillende geleenthede gevra om van die Engelse kerkliedere in ons kerkliedbundels op te neem. So 'n bundel kan ook goed benut word by ekumeniese samekomste.

**37.3.3 Erediens en Diens van die Here op verskillende vlakke**

Die erediens is die diens van die Here op een vlak. Daar is ook ander vlakke waarop die Here gedien kan word, bv die binnekamer, in die huisgesin, in groepe in die gemeente en in die werksituasie. Die versoek behels 'n studie van die verhouding van die erediens op Sondae met die erediens van die lewe.

**37.3.4 Erediens as kern en wisselwerking tot die geheel van die kerklike werksaamhede.**

In die erediens is daar raakvlakke met die werksaamhede van die ander kommissies. Die werksaamhede van die kommissie word gevoed in die erediens en dit lei weer terug na die erediens.

**37.3.5 Die funksionering van eredienskommissies op plaaslike vlak.**

Daar is onsekerheid oor die funksionering van eredienskommissies, veral op gemeentevlak, en leiding aan kerkrade is dringend noodsaaklik.

**37.4 AANBEVELINGS**

**37.4.1 Die Sinode dra dit aan die Subkommissie vir die Erediens op om 'n studie te maak van die wenslikheid van 'n formulier naas die instellingswoorde by die nagmaalsdiens.**

**37.4.2 Die Sinode dra dit aan die Subkommissie vir die Erediens op om die wenslikheid om Engelstalige liedere in ons kerkliedbundels te laat opneem, te ondersoek.**

**37.4.3 Die Sinode versoek die Subkommissie vir die Erediens om 'n studie te maak van die erediens en diens van die Here op verskillende vlakke.**

**37.4.4 Die Sinode versoek die Subkommissie vir die Erediens om 'n studie oor die erediens as kern en wisselwerking tot die geheel van die kerklike werksaamhede te maak en aan die Sinode verslag te lewer.**

**37.4.5 Die Sinode dra dit aan die AKG op om te besin en verslag te lewer oor die funksionering van die eredienskommissies op plaaslike vlak.**

38. Die AKG vertrou dat hy hiermee volledig verslag van sy werksaamhede gedoen het en bid die Sinode die seën van die Here toe by die hantering van sy werksaamhede.

PROF JS KELLERMAN (Voorsitter)
DS GC OLIVIER (Skriba)

# A.16 PSALMKOMMISSIE

Die voorsitter en lede van die Sinode,

U kommissie doen hiermee graag soos volg verslag oor sy werk die afgelope vier jaar:

## 1. PERSONEEL

Die personeel van die kommissie het bestaan uit die volgende verteenwoordigers van die vier kerke wat saamwerk in hierdie saak:

### 1.1 Ned Geref Kerk

Proff GG Cillie, TT Cloete, T Gouws, R Pretorius, WS Prinsloo, PH Roodt, L Spies, AJJ Troskie, CJA Vos, AC Barnard, drr DJ Human, GC Olivier, GMT Prinsloo, WML Strydom, AP van der Colf, mnre HP van der Westhuizen, AA van Namen, H Pieterse.

### 1.2 Ned Herv Kerk

Proff G Boot, JPO Botha, APB Breytenbach, JH Koekemoer, drr LS Bezuidenhout, PB Boshoff, JH Breytenbach, di EC Kloppers, WP Prinsloo, mnr R Mathlener.

### 1.3 Gereformeerde Kerke

Sedert Maart 1994: Proff PW Buys, HF van Rooy, di AH Mulder, AS Smit, dr AGS Venter.

### 1.4 Ned Geref Sendingkerk

Ds RC Herholdt.

### 1.5 Dagbestuur

Voorsitter: Prof AC Barnard (Ned Geref Kerk)
Ondervoorsitter: Prof CJA Vos (Ned Geref Kerk)
Sekretaris: Ds WP Prinsloo (Ned Herv Kerk)
Addisionele lid: Ds AH Mulder (Geref Kerke)

## 2. SAMEWERKENDE KERKE

2.1 Die Gereformeerde Kerke se Nasionale Sinode het in 1990 besluit om nie meer met die Psalmhersiening mee te werk nie. Die verteenwoordigers van dié kerk het egter gevra of hulle kon aanbly in die kommissie op eie koste en onoffisieel kon meewerk. Die gesamentlike kommissie het geen beswaar daarteen gehad nie en die Ned Geref Kerk se kommissie het dit so aan die Algemene Sinodale Kommissie gerapporteer.

Die volgende Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke (van 1994) het eenparig besluit om weer saam te werk met die Psalmhersiening en hulle verteenwoordigers het offisieel by die werkvergadering van Maart 1994 teruggekeer.

2.2 Daar bestaan die beste onderlinge samewerking in die Kommissie en daar heers 'n baie aangename gees. Dit is des te meer te waardeer as in aanmerking geneem word dat dit kunstenaars en vakmanne uit verskillende vakgebiede is en daarby uit verskillende kerke kom.

## 3. WERKWYSE

3.1 Die beryming of omdigting geskied uit die beste grondteks de novo, dus nie 'n vertaling of verwerking van bestaande berymings nie, maar van nuuts af.

3.2 Ten opsigte van die beryming of omdigting word gekontroleer of dit wesentlik die inhoud en boodskap van die betrokke psalm weergee, of niks wesenliks weggelaat of bygevoeg word nie.

Verder word gelet op die duidelikheid en verstaanbaarheid van die teks, op die verantwoordelike strofe-indeling volgens die groot gedagtes van die psalms self, op die digtheid van segkrag, op die poëtiese kwaliteite en op die taalkundige suiwerheid.

Van die grootste belang is 'n goeie toon-verhouding. Op hierdie terrein word die meeste probleme ondervind.

3.3 Die eksegete lewer die struktuur, met hoofgedagtes van die betrokke psalm, asook die eksegese met die strekking van die boodskap aan die digter wat dit moet omdig.

'n Groot probleem is die sogenaamde vloekpsalms. Dit is moeilik om dit so te berym dat dit in die Christelike erediens gesing kan word. 'n Verdere probleem is die lang historiese psalms - moet alles net so berym word?

3.4 By elke beryming van die Psalmboek geld die vraag of die bestaande melodieë behou moet word. Die betrokke sinodes van die kerke het opdrag gegee dat ook gekyk moes word na die singbaarheid van die bestaande melodieë.

Die kommissie het besluit dat 68 bestaande melodieë behou moet word omdat hulle hulle waarde en singbaarheid bewys het. Dit verteenwoordig 84 psalms. Daar is verder besluit dat 68 bestaande melodieë moet verval omdat hulle nie werklik by die kerke ingang gevind het nie. Dit verteenwoordig 79 psalms.

3.5 Van tyd tot tyd word van die psalmtekste, waarvan die melodieë verval en wat finaal goedgekeur is, in die betrokke kerklike blaaie gepubliseer met die uitnodiging aan musici om geskikte melodieë daarvoor te komponeer.

3.6 Tans is dit noodsaaklik om drie keer per jaar te vergader vir werksessies om die groot aantal omdigtinge en voorgestelde melodieë te hanteer. Elke werksessie duur twee dae. Dan is daar ook groepe wat vir die werk byeenkom.

3.7 Die reëling van die Tussenkerklike Kommissie vir Psalmhersiening (TKKP) met die uitgewer (NG Kerk-Uitgewers) het groot voordele vir die werk meegebring.

Die uitgewer versorg die notule van die vergaderings en dupliseer dit vir al die lede. Verder dupliseer hy ook al die teks- en melodie-voorleggings vir al die lede van die kommissie, en versend dit ook. Dit geskied op koste van die uitgewer. Daardeur word die werklas op die skriba baie verlig, en dit bespaar groot koste vir die kerke.

3.8 Elke samewerkende kerk staan in vir die volgende koste:

* die reis- en verblyfkoste van sy eie verteenwoordigers;
* die koste verbonde aan die onderskeie werkgroepe;
* ander administratiewe koste.

3.9 Proefbundel(s)

Die kommissie het na ernstige oorweging en na raadpleging van die TKKP besluit om nie voort te gaan met die uitgee van proefbundels soos in vooruitsig gestel nie:

* Dit sal verwarring wek as daar proefbundels naas die Psalmboek bestaan.
* Daar word vir die finale publikasie steeds fyner verstellings ten opsigte van die teks, die melodie en die woord-toon-verhouding aangebring.
* Die werk vorder tans baie vinniger as wat aanvanklik gemeen is.
* Wanneer die Psalmboek gereed is vir publikasie, sal dit meebring dat ook die Gesangeboek en proefsang-bundels hierby opgeneem moet word en dit beteken reeds koste vir die lidmate.

## 4. VORDERING MET DIE WERK

4.1 In die vorige verslag het die kommissie genoem dat hy 'n tekort aan digters het wat die beryming vinniger kan doen. Tans het die posisie verander. Daar het 'n digter van formaat na vore getree in die persoon van prof TT Cloete wat werk van kwaliteit lewer. Hy produseer so vinnig dat die eksegete nie kan voorbly om aan hom die eksegese te lewer nie.

Daar is steeds ander digters wat berymings voorlê, soms in enorme groot getalle, maar die berymings wat bruikbaar is, is gering.

4.2 Die omdigting vorder vinnig. Die kommissie kan in drie werksessies byna nie ál die werk hanteer nie.

Daar is tans 54 psalmomdigtings wat finaal goedgekeur is, en ander wat aanvaar is maar nog afgerond moet word.

Dan is daar nog 'n hele aantal wat in verskillende grade van voorbereiding is.

4.3 Nuwe melodieë waarvan die melodieë verval. Op die tekste wat in die onderskeie kerkblaaie gepubliseer is, is 'n menigte voorleggings van melodieë ontvang. Slegs 'n gedeelte daarvan was egter bruikbaar.

## 5. AANBEVELINGS

**5.1 Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor:**

**5.1.1 Elkeen in die kommissie wat so onbaatsugtig sy talente wy aan hierdie werk en groot opofferings doen.**

**5.1.2 Die TKKP vir die werk in belang van Psalmhersiening en vir die reëling in verband met die uitgewer.**

**5.1.3 Die uitgewer vir sy groot aandeel in die daarstelling van die fasiliteite vir die totstandkoming van die nuwe Psalmboek.**

**5.2 Die Algemene Sinode doen 'n dringende beroep op kerkrade, leraars en orreliste om nie die sing van psalms te verwaarloos nie, maar dit met alles in hulle vermoë te bevorder.**

**5.3 Die Algemene Sinode herbenoem die huidige personeel van die Ned Geref Kerk in die Psalmkommissie, soos in 1.1 hierbo aangedui.**

**5.4 Die Algemene Sinode begroot weer vir die hersiening van die Psalmboek.**

Met toebidding van die seën van die Here

Verteenwoordigers van die Ned Geref Kerk:
AC BARNARD (Voorsitter)
AP VAN DER COLF (Skriba)

# BESKRYWINGSPUNTE

## B.2 ALGEMENE EN EKUMENIESE SAKE

### B.2.1 Register van besluite

Die Algemene Sinode dra dit aan sy skribaat op om 'n register van alle besluite, soos hulle in die notule voorkom, op te stel vir kerkrade, ringe, sinodes en kommissies en as 'n bylae in die Handelinge van die Algemene Sinode op te neem.

Motivering:

Dit is tans baie moeilik om te wete te kom wat die Algemene Sinode oor 'n sekere saak besluit het, aangesien mens eers die indeks aan die einde van die Handelinge moet raadpleeg en dan al die bladsye waar 'n sekere saak voorkom, moet opslaan. Die gevolg is dat baie van die Algemene Sinode se besluite nooit op gemeentevlak en elders bekend word nie en dus slegs op papier staan sonder om enige invloed uit te oefen. Met 'n sistematiese besluiteregister sal dit baie makliker wees om na te slaan wat die Algemene Sinode alles besluit het. Hierdie besluite behoort dus beter tot hulle reg te kom.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

### B.2.2 Media-uitsprake deur teoloë

Die Algemene Sinode besluit dat predikante en teoloë versoek word om in media-uitsprake die kerk se amptelike standpunt te stel eerder as om hulle persoonlike menings uit te spreek.

Motivering:

Dit het gebeur dat teoloë in optredes in die media gesê het hulle praat in hulle privaat hoedanigheid en nie namens die kerk nie. Sprekers behoort nie rond en bont te praat oor sake wat die kerk raak nie.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

### B.2.3 Biddag vir dowes

Die Algemene Sinode vra gemeentes om by geleentheid, en verkieslik op die eerste Sondag in September elke jaar wat die jaarlikse Week vir Dowes inlui, in gebed aandag te gee aan die behoeftes van die Instituut vir Dowes op Worcester, en aan dié van dowe mense in ons land.

Moderamen van Wes-Kaapland

### B.2.4 Registerafdrukke

Die Algemene Sinode word versoek om

1. goedkeuring te verleen dat registerafdrukke gerekenariseer mag word en per disket in die argief bewaar word;

2. te reël dat slegs die volgende inligting benodig word vir die registerafdrukke:

2.1 Dooplidmate: dopeling se van en voorname, ouers se vanne en voorname, geboortedatum, doopdatum/aankomsdatum, gemeente waarvandaan, opmerkings.

2.2 Belydende lidmate: lidmaat se van/nooiensvan en voorname, geboortedatum, belydenisafleggingsdatum/aankomsdatum in gemeente, gemeente waarvandaan, opmerkings.

Sinode van Noord-Transvaal

### B.2.5 Toekoms teologiese fakulteite

Oortuig dat omstandighede in die nabye toekoms so mag ontwikkel dat die Ned Geref Kerk nie meer toegelaat sal word of nie meer in staat sal wees om drie teologiese fakulteite te hê nie, versoek die Sinode van Noord-Transvaal die Algemene Sinode om in oorleg met die betrokke owerheidsinstansies betyds hieraan aandag te gee en vir moontlike alternatiewe te beplan.

Sinode van Noord-Transvaal

### B.2.6 Implikasies kapelaanspos

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om duidelik leiding te gee oor die implikasies vir gemeentes wat 'n kapelaanspos het of wil skep.

Sinode van Noord-Transvaal

### B.2.7 Dagbestuur van Algemene Sinodale Kommissie

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om die taak van die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie tot die minimum te beperk, dit duidelik af te baken en veral toe te sien dat die Dagbestuur nie namens die volle ASK verklarings uitreik nie.

Sinode van Noord-Transvaal

### B.2.8 Argief Algemene Sinode

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om sy argief vanaf Kaapstad na Pretoria oor te plaas.

Sinode van Noord-Transvaal

### B.2.9 Verskuiwing van die argief na Pretoria

Die Algemene Sinode besluit om sy argief vanaf Kaapstad na Pretoria oor te plaas.

Motivering:

Die meeste kommissies en amptenare van die Algemene Sinode is in Pretoria gehuisves, en dit vergemaklik hulle toegang tot dokumente.

Sinode van Wes-Transvaal

### B.2.10 Huweliksaantekeningregister

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om die besluit van Oktober 1986 insake

aantekening van huwelike wat kerklik bevestig word, te herroep.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.2.11 Deelname aan kerkeberade**

Die Sinode van Noord-Transvaal doen 'n dringende beroep op die Algemene Sinode om baie ernstig te besin oor die wenslikheid van amptelike deelname of verteenwoordiging by toekomstige "kerkeberade", soos by Rustenburg.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.2.12 Verlof aan afgevaardigdes**

Elke sinode tref self reëlings ten opsigte van die verlof van sy afgevaardigdes.

Motivering:

1. Elke sinode is verantwoordelik vir die reis- en verblyfkoste van sy afgevaardigdes; die sinode betaal uiteindelik die rekening.

2. Elke sinode behoort toesig te hou oor sy eie afvaardiging; dit kan nie oorgelaat word aan drie persone van die Verlofkommissie nie, veral nie as die sinode nie verteenwoordig is in die genoemde Verlofkommissie nie.

3. Reëlings behoort getref te word dat elke sinode die verlof van sy afgevaardigdes hanteer, en dat slegs uitsonderlike gevalle deurgegee word na 'n sentrale Verlofkommissie, vir vermelding in die notule (indien nodig).

Sinode van Noord-Transvaal

**B.2.13 Inligting van dringende belang**

Die Sinode van die OVS versoek die Algemene Sinode om inligting aangaande sake van dringende aktuele belang onmiddellik via Die Kerkbode aan alle leraars bekend te maak.

Motivering:

Die openbare pers is nie altyd in staat om kerklike besluite so deur te gee dat dit presies sê wat die Sinode besluit het nie. Indien dit in Die Kerkbode gepubliseer word, weet die kerk ook dat dit amptelik is.

Sinode van die OVS

**B.2.14 Ekumeniese betrokkenheid**

Die Sinode van die OVS verwys die Ned Geref Kerk se ekumeniese betrokkenheid by moontlike toekomstige kerklike berade na die Algemene Sinode om riglyne vir die amptelike afvaardiging se betrokkenheid en optrede neer te lê.

Motivering:

Die verskil van mening oor die belydenis by die Rustenburg-beraad het aanleiding tot die beskrywingspunt gegee.

Sinode van die OVS

**B.2.15 Tussenkerklike gesprek met die GKSA**

Die Sinode versoek die Algemene Sinode om die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te vra om die tussenkerklike sinodale gesprek tussen die GKSA en NGK te verbreed tot op gemeentelike vlak. As in die Skrif immers oor die kerk gepraat word, dan is dit by uitstek die plaaslike kerk/gemeente.

Sinode van Suid-Transvaal

**B.2.16 Inlywing van Esselenpark by Ring van Birchleigh**

Die Sinode keur die versoek dat die gemeente Esselenpark onder die Ring van Birchleigh moet ressorteer, goed.

Die Sinode van Suid-Transvaal versoek die Algemene Sinode om hierdie hergroepering van gemeentes kragtens Art 32 van die Kerkorde goed te keur.

Motivering:

Die gemeente Esselenpark het versoek om ingeskakel te word by die Ring van Birchleigh. Tans val dit in die gebied van die Ring van Lyttelton. Beide ringe het reeds toestemming daartoe gegee. Aangesien die twee ringe in verskillende sinodale gebiede val, kom dit neer op die hergroepering van sinodes.

Kerkorde Artikel 32 lui:

"... Die groepering kan deur die Algemene Sinode gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke sinode of sinodes."

Dit vereis dat beide die Sinode van Suid-Transvaal en die Sinode van Oos-Transvaal dit moet goedkeur en so 'n aanbeveling voor die Algemene Sinode moet lê. Die probleem is dat die Sinode van Oos-Transvaal eers weer in 1995 vergader. Die versoek sal dus voor die Sinodale Kommissie moet dien.

Sinode van Suid-Transvaal

**B.2.17 Lusaka deel van die Sinode van Midde-Afrika**

Die Algemene Sinode besluit dat die gemeente Lusaka wat tans in die Ring van Bloemfontein en binne die Sinode van die Oranje-Vrystaat val, vanaf 1 Januarie 1995 deel word van die Sinode van Midde-Afrika. Die skriba van die Algemene Sinode gee soos gebruiklik kennis hiervan in Die Kerkbode.

Motivering:

Met die ontstaan van die Sinode van Midde-Afrika het die gemeentes in Zambië (destyds Noord-Rhodesië) deel van die sinode uitgemaak. As gevolg van die politieke verwydering wat tussen Zambië en die destydse Suid-Rhodesië ontstaan het, is die Zambië-gemeentes, waarvan uiteindelik slegs Lusaka oorgebly het, uit historiese en sendingkundige oorwegings by die Sinode van die Oranje-Vrystaat ingedeel.

Tans het die situasie weer eens sodanig verander dat daar vrye verkeer tussen Zambië en Zimbabwe is, en kan Lusaka weer inskakel by die sinode waarby hy geografies

hoort. Die bedieningsopset van Lusaka het ook veel meer in gemeen met gemeentes in Zimbabwe, as met dié van die Oranje-Vrystaat.

Met 1 Januarie 1995 as aanvangsdatum gee dit genoeg tyd om die nodige praktiese reëlings te tref om die oorskakeling glad te laat verloop.

Sinodale Kommissie van Midde-Afrika

**B.2.18 Rasionalisering ten opsigte van teologiese opleidingsinrigtings**

Die Sinode van Noord-Kaapland versoek die Algemene Sinode om indringend te besin oor rasionalisering ten opsigte van die drie teologiese opleidingsinrigtings van die kerk.

Motivering:

Die hoë koste verbonde aan teologiese opleidingsinrigtings noodsaak rasionalisering.

Sinode van Noord-Kaapland

**B.2.19 Messiaanse tekste**

Die Algemene Sinode versoek die Bybelgenootskap van Suid-Afrika om by 'n volgende uitgawe of herdruk van die Nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel aan die klaarblyklike Christologiese betekenis van Messiaanse tekste, tipografiese uitdrukking te verleen - moontlik by wyse van voetnootverduidelikings.

Sinodale Kommissie van Wes-Kaapland

**B.2.20 Kapelaansaangeleenthede**

Die Algemene Sinode besluit om in oorleg met die kapelaansdienste van die SA Nasionale Weermag, SA Polisiediens en Departement vir Korrektiewe Dienste die moontlikheid te ondersoek om:

1. proponente wat hulle een jaar diensplig in die onderskeie Kapelaansdienste voltooi het, sover moontlik in diens te neem;

2. besondere aandag te gee aan die groot behoefte aan Burgermagkapelane deur proponente aan burgermageenhede op tydelike basis toe te wys.

Sinode van Wes-Kaapland

**B.2.21 Proporsionele verteenwoordiging by Algemene Sinode**

Die Algemene Sinode

1. besluit dat die verteenwoordiging van die sinodes in die Algemene Sinode in die toekoms proporsioneel tot die belydende lidmate in elke sinode bereken sal word;

2. betrek die kerk in sy geheel by besluitneming deur konsepverslae (wat enige sake bevat wat verdelend op die kerk kan inwerk) vooraf vir kommentaar aan ringsvergaderings voor te lê;

3. vra dat minderheidsverslae ook in sy agenda opgeneem word vir oorweging deur die vergadering.

Sinode van Wes-Kaapland

**B.2.22 Samestelling van die sinodes**

Die Algemene Sinode besluit om Art 33 van die Kerkorde soos volg te wysig:

33.1 Sinodes word op een van die volgende maniere saamgestel. Elke sinode besluit oor sy eie samestelling.

33.1.1 'n Gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens uit elke gemeente in die sinodale gebeid as afgevaardigdes van elke kerkraad. Die sinode besluit op die aantal afgevaardigdes per gemeente.

33.1.2 'n Gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens uit elke ring in die sinodale gebied. Die Sinode besluit op die wyse van afvaardiging en die aantal afgevaardigdes per ring.

Indien die Algemene Sinode bogenoemde wysiging goedkeur, word dit eers by die volgende vergadering na die eersvolgende gewone of buitengewone vergadering van elke sinode geïmplimenteer nadat elke sinode besluit het hoe hy die nuwe Artikel 33 wil implimenteer.

Sinodale Kommissie van Wes-Kaapland

## B.3 LEER EN AKTUELE SAKE

**B.3.1 Kinders by die nagmaal**

Die Algemene Sinode besluit dat verbondskinders voortaan ook deel aan die nagmaal mag hê.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.3.2 Politieke modelle**

Die Sinode van die OVS versoek die Algemene Sinode om dit aan AKLAS op te dra om enige toekomstige politieke model vir Suid-Afrika so spoedig moontlik aan die Heilige Skrif en die belydenisskrifte te toets, getrou aan die beginsels van Kerk en Samelewing en met rapport aan die volgende Algemene Sinode.

Motivering:

Dit sal die Kerk in staat stel om op 'n verantwoordelike en amptelike wyse leiding op staatkundige gebied te gee.

Sinode van die OVS

**B.3.3 Vrymesselary**

Die Sinode van Natal versoek die Algemene Sinode om sy besluit in verband met die Vrymesselary punt 4(2) bl 718 te herroep, aangesien hierdie punt verwarring veroorsaak.

Sinode van Natal

**B.3.4 Christusregering van die kerk**

Die Sinode van Noord-Kaapland verwys sy studiestuk "Die swaartepunt van die kerk" na die Algemene Sinode met die versoek: Die kerk besin selfkrities oor die praktiese implikasies van die Christusregering vir die kerk in al sy gestaltes.

**DIE SWAARTEPUNT VAN DIE KERK**

**1. Die kerk is een en katoliek**

Die kerk is een en in enige besinning oor die kerk moet hieraan vasgehou word.

**2. Die plaaslike gemeente mag nie teenoor die een kerk afgespeel word nie**

Die reformatore het in hulle kerkreg baie klem gelê op die plaaslike gemeente wat rondom Woord en sakramente vergader is. Daar, rondom die gepredikte Woord, word die gemeente as gemeente van Christus openbaar en is alle moontlike gesag wat die kerk kan dra, teenwoordig. Christus regeer immers daar deur sy Woord. Alle kerkreg moet daarop gemik wees om die plaaslike gemeente te bou en die prediking van die Woord in die plaaslike gemeente te dien. Hierdie klem op die plaaslike gemeente is geen bedreiging vir die sigbare, een kerk nie; ook gaan dit nie hier om individualisme nie. Die bedoeling is dat die kenmerke van die ware kerk rondom die bediening van Woord, sakramente en tug tot openbaring moet kom.

'n Uitvloeisel hiervan is dat dit primêr die taak van die plaaslike gemeente is om die Christusregering deur Woord en Gees te soek. En om dit te doen saam met die een kerk maar in die proses wat dit gebeur, sal die een kerk wys wees om te onthou dat die inrigting van die gemeente anders van aard as die van 'n kerklike vergadering is in die sin dat laasgenoemde nie die prediking van die evangelie as taak het nie.

**3. Die plaaslike gemeente het 'n besondere inrigting**

Behalwe die algemene amp van die gelowige, is daar drie besondere ampte waaraan Christus die dienswerk van die kerk toevertrou het: dié van die bedienaar van die Woord, dié van ouderling en dié van diaken. Hierdie drie ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei (KO art 3). Ongelukkig is die huidige toedrag van sake dat die ouderling- en diakenamp in 'n toestand van vervallenheid is. As gevolg hiervan ontstaan die situasie dat plaaslike ampsdraers onmondig staan teenoor die meerdere vergaderings en hulle kommissies. Dit gebeur ten spyte daarvan dat die swaartepunt van die kerk tog by die plaaslike gemeente en sy inrigting gesetel is.

**4. Het 'n verskuiwing van hierdie swaartepunt nie plaasgevind nie?**

'n Mens bemerk sodanige verskuiwing aan 'n sentraliseringstendens in die Ned Geref Kerk. Dit word duidelik in die verskynsel dat van sinodale kant af uitsluitsel gegee word insake die verstaan van die Woord. Dit is nie dat die een kerk nie moet meespreek nie, hy móét juis. Maar 'n sinode moet sy uitsprake in verband met die prediking van die Woord tot 'n absolute minimum beperk. Doen hy dit nie, is hy besig om 'n gesentraliseerde preekstoel vir die een kerk te bou, waarop die prediking van die evangelie sy gesag herlei van 'n hiërargiese vertolkingsinstansie, en onderwyl dit gebeur, trek die lidmate, die kerkvolk, hulle al hoe meer terug op die agterhoede en raak al hoe meer ongeërg ten opsigte van die "beleid" en "standpunt" van die kerk. Van die verantwoordelikheid van die gemeente, naamlik om self te ondersoek wat die Skrif sê, kom weinig tereg. Die teologiese wetenskap met sy abstraktiewe karakter waarborg al hoe meer die gesag van die Woord. Dit is minstens waar in terme van die persepsies van lidmate in die algemeen. Daarom bestaan daar 'n krisis in die verstaan van die Woord in sy koninkryksgerigtheid by die lidmate.

**5. Het 'n ander vulling van kerklike begrippe nie plaasgevind nie?**

Dis 'n vraag of 'n ander vulling van kerklike en kerkregtelike begrippe nie inderdaad plaasgevind het nie. Ons noem twee voorbeelde:

a) In die versaakliking van meerderheidsbesluite in terme waarvan die meerderheidstem in die reël prakties met die leiding van die Heilige Gees saamval;

b) die wyse waarop die profeties-kritiese lig op die politiek, die ekonomie, die kultuur ensovoorts nie meer in die eerste plek deur die kerkvolk gewerp word nie, maar deur die gesentraliserende hiërargiese vertolkingsinstansie. Vir die een kerk is dit - indien ons waarneming gefundeer blyk te wees - uiters gevaarlik. Na die kant van sy sinodale inrigting is dit vir die kerk gevaarlik om hom te veel uit te spreek - soseer so dat lopende kommentaar oor sake van die dag gelewer word. Die rede hiervoor is dat die kerk met sy sinodes en kommissies optree in die kragveld van die persepsie dat die sinodes en kommissies vanuit 'n magsbasis werk. Dit is vir hierdie sy van die kerk gevaarlik om hom direk met die politiek in te laat en in die proses diplomaties en strategies en takties te word. Dit sou getrouer aan die gereformeerde erfenis gewees het om hom op die gemeente te rig en selfkrities te vra waarom die gemeentelike lewe nie in ruimer mate lei tot Skrifgehoorsame lewensvorme in die Suid-Afrikaanse samelewing nie. Andersyds wek hierdie toedrag van sake die indruk dat God nie langer sy kerk deur die ampte regeer nie; Hy moet van sinodale kant af gehelp word om dit te doen.

**6. Die een kerk moet besef dat hy leef onder die oordeel van die koninkryk**

Die kerk van ons belydenis het die voleinding nie bereik nie. Die kerk word gedurig bedreig deur sy doodsvyande, te wete die duiwel, die sondige natuur van sy lede sowel van die wêreld. Daarom behoort die kerk sensitief te wees ten opsigte van sy eie feilbaarheid en sondigheid en daagliks die vergifnis van sondes en die vernuwing deur die Heilige Gees te soek. Daarom behoort die kerk oorversigtig te wees vir 'n triomfalistiese toetsing van politieke (en ander) modelle aan Skrifbeginsels terwyl hy sy lidmate wat politici, ekonome, regsgeleerdes, ensovoorts is, moet oproep om die wil van God te soek in die uitvoering van hulle roeping. Boonop veronderstel so 'n toetsing 'n groot onmondigheid by die lidmate wat politici, regsgeleerdes, ensovoorts is.

Die waarheid is dat die ekonomiese, politieke (en ander) lewe van elke dag nader aan die gemeentelike lewe sit.

**7. 'n Verdeling "geestelike"/"leke" is besig om hom te voltrek**

As gevolg van hierdie ontaardings word die Christelike regering deur Woord en Gees in die kerk nie meer voluit gedien nie. Lidmate ervaar hulle hoe langer hoe meer onbekwaam om saam te praat en as mondige koninkryksburgers self in hulle persoonlike omgang met die Bybel te verneem wat God wil in die tyd waarin ons leef met sy eiesoortige vraagstukke. Die omvang met die Skrif kry veelal die gerigtheid bloot op my eie verlossing en/of die verlossing van andere, dit wil sê 'n piëtistiese gerigtheid. Daar is 'n groterwordende vervreemding langs hierdie weg tussen lidmate en die predikantekorps in die Ned Geref Kerk. Hierdie vervreemding is 'n bydraende faktor in die predikante se identiteitskrisis. Dit veroorsaak op die lang duur dat die weg van die Woord belemmer word; dat die Woordverkondiging en -verstaan in 'n dieper krisis beland.

**8. In die lig van hierdie tendense versoek ons nou dat**

8.1 die Ned Geref Kerk meer ingrypende selfkritiek aan die dag lê as dit kom by die beginsel dat kerklike sake op 'n kerklike wyse behandel word;

8.2 die kerk dringend besin oor die omvang en implikasies van die tendense en gebreke wat genoem is;

8.3 die kerk hom in die praktyk op die beginsel setel dat die swaartepunt van die een kerk by die plaaslike gemeente geleë is en nie by meerdere vergaderings en hulle kommissies nie;

8.4 die kerk selfkrities oor die praktiese implikasies van die Christusregering vir die kerk in al sy gestaltes besin.

Sinode van Noord-Kaapland

**B.3.5 Samestelling**

Die Algemene Sinode besluit dat twee eksegete ook onder die lede van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake sal tel.

Sinode van Wes-Kaapland

**B.3.6 Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 4**

Die Algemene Sinode besluit om Artikel 4 van die Nederlandse Geloofsbelydenis te verander sodat dit lui: "Die dertien briewe van die apostel Paulus ... en die brief aan die Hebreërs."

Sinodale Kommissie van Wes-Kaapland

## B.6 JEUG

**B.6.1 Finansiële hulp vanaf Algemene Jeugkommissie**

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om aan die Algemene Jeugkommissie opdrag te gee om ondersoek te doen na die moontlikheid om van sy surplusfondse tot beskikking van die sinodes te stel met die oog op aanwending ten bate van jeugarbeid.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.6.2 Missionêre karakter in kategetiese leerplan**

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om die missionêre karakter van die kerk baie meer prominent in die kategetiese leerplan in te werk, onder andere in die hersiening van die handboeke en die materiaal vir toerusting van kategete.

Sinode van Noord-Transvaal

## B.7 REGTE

**B.7.1 KO Artikel 3**

Die Algemene Sinode besluit om Artikel 3 van die Kerkorde soos volg te wysig:

Artikel 3

3.1 Daar is drie besondere ampte, te wete leraar, ouderling en diaken.

3.2 Hierdie drie besondere ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en taak onderskei. By die uitoefening van sy roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie.

Motivering:

Daar is 'n oormaat van onnodige en niksseggende woorde en frases in die huidige artikel. Daar kom ook dogmatiese uitsprake voor wat in 'n geloofsbelydenis tuishoort - nie in 'n kerkorde nie.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.2 KO Artikel 4**

Die Algemene Sinode besluit om Artikel 4 van die Kerkorde soos volg te wysig:

Artikel 4

Iemand mag in 'n gemeente in een van hierdie ampte dien nadat hy op kerkordelike wyse beroep of verkies is en in die amp bevestig is.

Motivering:

Ampsdraers verrig nie hulle werk in die "Kerk van Christus" in die algemeen nie; dit is 'n kenmerk van die amp in die Nuwe Testament dat dit altyd binne gemeentelike verband funksioneer.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.3 KO Artikel 5.6**

Die Algemene Sinode skrap Artikel 5.6

Motivering:

Hierdie is bloot 'n verwysing na 'n Reglement en behoort nie 'n artikel te wees nie.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.4 KO Artikels 9, 16 en 17**

Die Algemene Sinode versoek die Tydelike Regskommissie om Artikels 9, 16 en 17 te herformuleer.

Motivering:

Die betrokke artikels bevat onvolledige lyste ten opsigte van die take van ampsdraers. Verder moet besin word of die Kerkorde die plek is vir pligstate. Die persoonlike ontwikkeling en geloofsgroei van ampsdraers kan ook aangespreek word.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.5 KO Artikel 10**

Die Sinode van Noord-Transvaal beveel by die Algemene Sinode aan dat die volgende interpretasie aan Artikel 10 gegee word:

Persone in diens van bepaalde organisasies, kommissies, dosente wat amptelik as sodanig uitgenooi word om die pos te verteenwoordig, kan gaan optree sonder om eers vooraf toestemming te kry.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.7.6 KO Artikel 13.2**

Die Algemene Sinode besluit om die volgende wysiginge aan KO Art 13.2 aan te bring:

1. Art 13.2.1 word vervang met: "die kerkraad kan hom tot die ring wend;"

2. Art 13.2.2 word vervang met: "die ring die saak ondersoek en 'n oplossing probeer vind;"
3. Art 13.2.3 word vervang met: "indien alle moontlikhede ondersoek is, die saak met die betrokke kerkraad en leraar bespreek is, en nog geen oplossing gevind kan word nie, kan die ring die band tussen leraar en gemeente losmaak indien daar, volgens die oordeel van die ring, billike voorsiening vir die leraar gemaak is.
4. Art. 13.2.4 word bygevoeg: "billike voorsiening (vgl Art 12.2) word deur die ring in oorleg met die betrokke kerkraad en betrokke leraar bepaal en in 'n skriftelike ooreenkoms tussen kerkraad en leraar vervat."

Motivering:

1. In die huidige bewoording mag dit lyk of die ring verplig is om die band los te maak.

2. In sommige gevalle word die artikel misbruik om van 'n leraar "ontslae te raak" eerder as om tugmaatreëls of Art 12 toe te pas.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.7 KO Artikel 14**

Die Algemene Sinode voeg die woorde "van die betrokke pensioenfonds se Reglement" in aan die einde van die eerste sin.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.8 KO Artikel 15**

Die Algemene Sinode verander Artikel 15 om soos volg te lui: Daar behoort 'n gereelde aftrede van ouderlinge en diakens te wees. Elke sinode bepaal die dienstermyn van ouderlinge en diakens.

Motivering:

Die beginsel behoort eerste gestel te word, en daarna die praktiese reëling.

Sinode van Wes-Transvaal

**B.7.9 KO Artikel 16**

Die Algemene Sinode brei Artikel 16 uit met die volgende:
die doen van siekebesoek in die gemeente;
die instandhouding van die erediens;
die administrasie van die gemeente se finansies en eiendomme saam met die diakens.

Motivering:

Dit is 'n vollediger omskrywing van wat die ouderling werklik doen.

Sinode van Wes-Transvaal

**B.7.10 KO Artikel 17**

Die Sinode versoek die Algemene Sinode om Art 17 so uit te brei: "Die amp van die diaken omvat verder die administrasie van die gemeente se finansies en eiendomme saam met die ouderlinge".

Sinode van Wes-Transvaal

**B.7.11 KO Artikel 19**

Die Algemene Sinode skrap die woorde "Die opsig oor".

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.12 KO Artikel 20**

Die Algemene Sinode skrap die woorde "na sy eie aard".

Motivering:

Dit is nie duidelik wat hierdie woorde beteken nie en die artikel is in elk geval duidelik sonder hierdie woorde.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.13 KO Artikel 22**

Die Algemene Sinode besluit om Artikel 22 van die Kerkorde soos volg te wysig:

Artikel 22

'n Meerdere vergadering hanteer slegs sake wat sy eie werksaamhede raak of deur 'n mindere vergadering daarheen verwys is.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.14 KO Artikel 25**

Die Algemene Sinode skrap die woorde "en die opdragte uitvoer".

Motivering:

Die sinode gee byvoorbeeld opdragte aan kommissies wat niks met die skriba te make het nie.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.15 KO Artikel 28**

1. Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om Kerkorde Artikel 28 sodanig aan te pas dat voorsiening gemaak word vir 'n wykskerkraad om, waar nodig in bepaalde gevalle, sy eie voorsitter te kies.

2. Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om die woord "ontstentenis" in KO Artikel 28.2 te vervang met die woord "afwesigheid".

Sinode van Noord-Transvaal

**B.7.16 KO Artikel 30 en 33**

Die Algemene Sinode verwys KO Artikels 30 en 33 na die Algemene Regskommissie vir studie in die lig van die vrae of dit:

1. Korrek is dat predikante "ampshalwe" na meerdere vergaderinge afgevaardig word, en

2. of alle gemeentes nie gelyke verteenwoordiging in meerdere vergaderings behoort te geniet nie in plaas van predikantsposte.

Motivering:

Die sinode word saamgestel deur afgevaardigdes van gemeentes en is nie in die eerste plek 'n vergadering van ampsdraers nie.

Sinode van Wes-Transvaal

**B.7.17 KO Artikel 33**

Die sinode van die OVS versoek die Algemene Sinode om Artikel 33 van die Kerkorde soos volg te wysig:

"3.1 Die sinode word saamgestel uit een leraar en een ouderling ..." (die leraar(s) word dus vervang met een leraar).

"3.2 As 'n gemeente meer as een predikant het, het die kerkraad die reg om nog een leraar en nog een ouderling/diaken ..." (Voeg dus in: nog een leraar).

Motivering:

Gemeentes met meer as een leraarspos vind dit soms finansieel moeilik om so 'n groot afvaardiging te stuur. Die uitgawes van die sinodes sal ook aansienlik verminder kan word.

Sinode van OVS

**B.7.18 KO Artikel 39**

Die Algemene Sinode besluit om Artikel 39 van die Kerkorde soos volg te wysig:

Artikel 39

Die Moderatuur van die Algemene Sinode bestaan uit 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter, 'n aktuarius en 'n skriba. By elke Algemene Sinode word twee ander lede van die vergadering onderskeidelik tot voorsitter en ondervoorsitter gekies. Die posisie van die voorsitter en ondervoorsitter funksioneer slegs vir die duur van die Algemene Sinode.

Motivering:

Die benamings "moderator" en "assessor" is weliswaar mooi Latynse terme uit die tyd van die Skotse dominees; dit het ongelukkig die betekenis van "aartsbiskop" of iets dergeliks verkry en behoort daarom te verdwyn. Die laaste sin is uit die Dordtse Kerkorde art XXXV oorgeneem.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.19 KO Artikel 41**

Die Algemene Sinode wysig hierdie artikel om soos volg te lees:

"Die voorsitter van die Algemene Sinodale Kommissie hanteer die konstituering van die vergadering en die verkiesing van 'n voorsitter."

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.20 KO Artikels 43.1.3 en 48.2**

Die Algemene Sinode vervang "Psalm en Gesangeboek" met "Liederebundel(s)".

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.21 KO Artikel 43.2**

1. Die Algemene Sinode skrap Artikel 43.2.2

Motivering:

Dit is 'n vae algemene artikel wat werklik nie veel sê nie.

2. Artikel 43.2.3

Die Algemene Sinode skrap die woorde "op sy terrein".

3. Artikel 43.2.4

Die Algemene Sinode vervang die woord "algemene" met "Ned Geref Kerk"

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.22 KO Artikel 48.1**

Die Algemene Sinode besluit om Artikel 48.1 van die Kerkorde soos volg te wysig:

48.1 Die erediens is, onder die genadige werking van die Heilige Gees, die openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die heiliges, en wel onder leiding van die besondere ampte en deur die bediening van die Woord, die bediening van die sakramente, die gebed, die kerklied en die insameling van die liefdegawes.

Motivering:

"Offergawes" word met "liefdegawes" vervang. Christene hoef nie meer offers te bring nie - dit is deur Christus se dood afgeskaf. Waar die woord "offergawe" wel in die Nuwe Testament voorkom, dui dit altyd op die offers van die Ou Testament, nie op die gawes wat Christene moet bring nie (vgl Rom 15:16, Efes 5:2 en Heb 9:9). Die woord "dankoffer" word weliswaar in 2 Kor 9:5 vir die gawes van gelowiges gebruik, maar dis 'n foutiewe vertaling. Die Griekse woord "eulogia" moet eerder vertaal word met "danklied" of "lofprysing".

Die woord "heilige" word geskrap omdat "sakrament" reeds "heilig" impliseer.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.23 KO Artikel 48.3**

Die Sinode van Noord-Kaapland versoek die Algemene Sinode om die volgende verandering in die Kerkorde aan te bring:

Ná Artikel 48.3.4 word 'n nuwe artikel 48.3.5 ingevoeg wat lui:

'n Ouderling met eerbare ontslag as leraar van 'n kerk met Gereformeerde belydenis.

Die huidige Artikel 48.3.5 word dan 48.3.6.

Probleem:

In art 48.3.5 word bepaal dat 'n ouderling 'n leesdiens mag waarneem in die erediens. Omdat die begrip "leesdiens" baie letterlik verstaan word as 'n diens waar 'n ouderling in die prediking voorgaan deur 'n voorbereide preek te lees, ontstaan die vraag of dit net werklik leesdienste moet wees. Veral as in ag geneem word dat die ouderling 'n opgeleide predikant is wat net nie meer aktief in die bediening staan nie.

Die beginsel

Die beginsel wat ons seker moet lei in die bepaling van hulle wat die eredienste moet lei, is: die Woord van God moet suiwer en so aktueel as moontlik gebring word. Om aan hierdie beginsel uitvoering te gee, het die kerk tot op hede besluit om die bedienaar van die Woord, onder toesig van die kerkraad, daarvoor af te sonder (art 48.3.1). Die motivering hiertoe is voor die hand liggend: dit is 'n gewigtige saak vir die kerk en daarvoor lei hy dan juis die bedienaar van die Woord op. Die vereiste vir die prediking wat deur die bedienaar van die Woord behartig moet word, is 'n goeie en verantwoorde verklaring en toepassing van die Woord (art 48.4) Dit is duidelik dat dit 'n gewigtige en verantwoordelike werk is wat met groot noukeurigheid en nougesetheid behartig moet word. Daarom die vaste en eksplisiete reëling wat die kerk tref vir die erediens. Hieruit is dit duidelik waarom die ouderling slegs 'n leesdiens wat deur 'n leraar geskryf is, mag gebruik.

Uitsonderings

Omdat genoemde reëling, ter uitvoering van die beginsel, nie altyd in die praktyk uitgevoer kan word nie, byvoorbeeld weens vakatures, ensovoorts gee die Kerkorde ordemaatreëls - art 48.3.2 tot 48.3.5. Hierdie maatreëls moet egter as uitsondering op die reël gesien word. Die ideaal bly nog altyd vir die kerk om die diens van die bedienaar van die Woord te gebruik vir die leiding van die erediens.

'n Verdere uitsondering

'n Verdere uitsondering op die reël ontstaan wanneer die ouderling wel 'n opgeleide bedienaar van die Woord is, maar om die een of ander gewigtige rede (sien art 11) nie meer in die amptelike diens van bedienaar van die Woord staan nie. Moet hy dan ook net 'n leesdiens waarneem, dit wil sê 'n preek wat deur 'n amptelike leraar geskryf is?

Dit is duidelik uit die beginsel hierbo genoem dat dit ook as 'n uitsondering op die reël hanteer kan word. Die volgende voorbehoude en ordemaatreëls moet net in aanmerking geneem word:

1. Die kerkraad moet die goedkeuring van die persoon tot die prediking en leiding van die erediens behartig, soos in KO Artikel 48.3.3 bepaal.

2. Uit die aard sal die (gewese) leraar een moet wees wat met eervolle ontslag die bediening verlaat het.

Voordeel van die aanvulling

Die voordeel van die aanvulling van die Kerkorde is dat die Woordbediening tog op hierdie wyse, sonder om suiwerheid in te boet, beter gedien word. Die voorwaarde bly egter die goedkeuring en toesig van die kerkraad.

Sinode van Noord-Kaapland

**B.7.24 KO Artikel 48.5**

Die Algemene Sinode besluit om Artikel 48.5 van die Kerkorde soos volg te wysig:

48.6 Daar moet ten minste twaalf maal per jaar en in volgorde, en dus uiteindelik al 52 Sondae, aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek word. Die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls moet ook deurentyd in die prediking aan die orde gestel word. Hiervan moet daar jaarliks aan die ring verslag gedoen word.

Motivering:

Die ou beproefde voorskrif dat die Kategismus ten minste twaalf maal per jaar in die prediking aan die orde moes kom, behoort teruggebring te word.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.25 KO Artikels 50 tot 56**

Die Algemene Sinode besluit om Artikels 50 tot 56 van die Kerkorde met die volgende te vervang:

Artikel 50

50.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk se arbeid ten opsigte van die diens van barmhartigheid, gemeente- bediening, jeugbediening, leer en aktuele sake, sending en evangelisasie en ander terreine word deur gemeentes onder leiding van die kerkraad onderneem.

50.2 Waar die omvang van die werk en ander omstandighede dit vereis, onderneem die gemeentes in kerkverband van ring, sinode en Algemene Sinode hierdie werksaamhede.

Motivering:

Dit is 'n artikel wat die bestaande artikels saamvoeg en duplisering uitskakel. Die werksaamhede van die verskeie kommissies word in reglemente uiteengesit.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.26 KO Artikel 58**

Die Algemene Sinode besluit om Artikel 58 van die Kerkorde soos volg te verander:

Artikel 58: Kerklike opsig word uitgeoefen en die tug word toegepas tot eer van God, tot heil van die kerk en tot behoud van die sondaar. Dit word volgens die voorskrifte van die Woord van God, die Kerkorde en die reglemente van die Algemene Sinode uitgevoer.

Motivering:
Groter leesbaarheid

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.27 KO Artikel 64**

Die Algemene Sinode besluit om in KO Art 64.3.2, 64.3.3, 64.4.2 en 64.4.3 die woorde "met verlies van die gebruik van die bondseëls" te vervang met "en die toepassing van sensuur".

Motivering:

1. Die term "verlies van die gebruik van bondseëls" word nie altyd as sensuur verstaan nie. (In die De Deur-saak is die indruk gewek dat die leraar volgens die Kerkorde wel in 'n ander Ned Geref gemeente as De Deur sy ampspligte sou kon uitoefen.)

2. In die KO Art 66.2 word die term "sensuur" en nie "verlies van bondseëls" nie, gebruik.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.28 KO Artikel 64.4.2**

Die Algemene Sinode besluit om Artikel 64.4.2 na die Algemene Regskommissie te verwys vir ondersoek.

Motivering:

Die gemeente word getug, want hulle moet bly betaal terwyl hulle geen diens kry nie. Die terugplasing van so 'n persoon in 'n gemeente is problematies.

Moderamen van Noord-Transvaal

**B.7.29 KO Artikel 64.4.3**

Die Algemene Sinode besluit om Artikel 64.4.3 ter vergadering te herformuleer sodat dit wel moontlik sal wees dat 'n evangeliedienaar wat ontslaan is uit die gemeente se diens en wat ook die gebruik van die bondseëls ontsê is, wel weer ná berou tot gebruik van die bondseëls toegelaat kan word, sonder dat dit noodwendig in daardie stadium ook beroepbaar- verklaring behels.

Moderamen van Noord-Transvaal

**B.7.30 KO Artikel 65.1**

Die Algemene Sinode voeg na Sinode by "Sinodale Kommissie" en dan 'n nuwe sin wat soos volg lees.: "Die appèl met die gronde van appèl moet binne 30 dae nadat van die besluit kennis geneem is, by die betrokke vergadering ingedien word."

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.31 Kerkorde Artikel 66**

1. KO Art 66.2

Die Algemene Sinode besluit om in KO Art 66.2 na die woord "afsetting" in te voeg: "na bewys van grondige berou".

Motivering:

Die indruk bestaan soms dat tugmaatreëls in gevolge KO Art 64.4.2 outomaties opgehef is as die tydperk deur die ring bepaal, afgeloop is.

2. KO Art 66.3.1

2.1 Die Algemene Sinode besluit om die woord "sensuur" voor die woord "skorsing" in KO Art 66.3.1 in te voeg.

Motivering:

Die huidige bewoording skep die indruk dat alle tugmaatreëls gelyktydig opgehef moet word. 'n Persoon wat ontslaan of afgesit is en nie weer as predikant wil dien nie, kan en hoef tog nie lewenslank onder sensuur te bly nie.

2.2 Die Algemene Sinode besluit om in KO Art 66.3.1 na die woord "vind" in te voeg: "na bewys van grondige berou".

Motivering:

Die indruk bestaan soms dat tugmaatreëls in gevolge KO Art 64.4.2 outomaties opgehef is as die tydperk deur die ring bepaal, afgeloop is.

3. KO Art 66.3.2 tot 66.3.4

3.1 Die Algemene Sinode besluit om in KO Art 66.3.2 tot 66.3.4 die woorde "Herstel in die amp" te vervang met: "Hertoelating tot die bediening".

Motivering:

Die amp kleef nie aan die persoon nie.

3.2 Die Algemene Sinode besluit om KO Art 66.3.2 tot 66.3.4 na Art 6 van die Kerkorde of na die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van Evangeliedienaars te verskuif.

Motivering:

Dit pas nie in Art 66 wat handel oor die opheffing van tug nie.
Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.32 KO Artikel 66.3.4**

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om Artikel 66.3.4 in die lig van die besluit van die Algemene Sinode 1990 in verband met egskeiding en hertrou te hersien.
Sinode van Noord-Transvaal

**B.7.33 KO Artikel 67**

Die Algemene Sinode besluit om Artikel 67 van die Kerkorde soos volg te wysig:

Artikel 67

67.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk onderwerp hom aan die gesag en wette van die staat, in soverre dit sy deelname aan die regsverkeer en die uitoefening van burgerlike regte betref en in soverre bogenoemde regsverkeer en burgerlike regte nie met die Woord van God in stryd is nie.

67.2 Skakeling met die staat:

67.2.1 Skakeling met die sentrale owerheid geskied deur die Algemene Sinodale Kommissie.

67.2.2 Skakeling met die plaaslike en/of provinsiale owerheid geskied deur die sinodes, ringe en gemeentes.
Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.34 KO Artikel 69**

Die Algemene Sinode besluit om Artikel 69 uit die Kerkorde te skrap en by die Reglement vir die Algemene Jeugkommissie in te voeg.

Motivering:

Hierdie artikel pas nie in 'n kerkorde nie, want dit sê niks oor die kerkregering nie. Dit pas eerder in 'n reglement of dit kan goedskiks ook as 'n aparte beleidsuitspraak behou word.
Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.35 Reglement van Orde**

1. Die Algemene Sinode skrap die woord "permanente" in die tweede sin by punt 6.1.

2. Die Algemene Sinode skrap die woorde "na raadpleging en aanbeveling van die Moderatuur" by punt 6.3.

Motivering:

Dit is nie duidelik hoe die Algemene Sinode in sitting die Moderatuur kan raadpleeg nie. Hoe die Moderatuur wat pas gekies is 'n aanbeveling kan doen, is ook nie duidelik nie - dit kan hoogstens die Kommissie vir die Agenda wees (Vergelyk punt 7.2). Feit is egter dat die Algemene Sinode self besluit watter spoedeisende stukke hy ter tafel wil neem.
Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.36 Reglement Algemene Sinodale Kommissie**

1. Die Algemene Sinode skrap pt 3.5 van hierdie Reglement. Punt 3.5 word as punt 3.7 by die Reglement van die Algemene Kommissie vir Fondse gevoeg.

2. Die Algemene Sinode vervang die woord "benoem" in punt 4.1, met die woord "kies".
Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.37 Reglement Opleiding en Legitimasie van evangeliebedienaars**

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek dat punte 6.1 en 6.2 van die Reglement vir die Reëling van die Opleiding en Legitimasie van Evangeliebedienaars verval.

Motivering:

Dit skep die indruk asof die geïntegreerde kursus minderwaardig is.
Sinode van Noord-Transvaal

**B.7.38 Reglement Opleiding en Legitimasie van evangeliedienaars**

1. Die Algemene Sinode verander die opskrif by punt 2 van die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars van "Die kieskollege" na "Beroeping en bevestiging van dosente".

2. Die Algemene Sinode verander die opskrif by punt 2.1 van die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van evangeliedienaars van "Samestelling" na "Samestelling van die Kieskollege".

Motivering:

Dit omskryf die inhoud duideliker.
Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.39 Reglement Opleiding en Legitimasie van evangeliebedienaars**

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om die volgende reëling ten opsigte van colloquium doctum in die Kerkorde op te neem:

Elke eksamenkommissie moet 'n voorgeskrewe bestek aan kandidate vir colloquium doctum voorsien, sodat die leergehegtheid en die kennisvaardigheid van die kandidate onder andere aan die hand daarvan getoets kan word.
Sinode van Noord-Transvaal

**B.7.40 Reglement Opleiding en legitimasie van evangeliebedienaars**

Dat 'n nuwe bepaling by die huidige vereistes vir Colloquium Doctum (vgl Kerkorde 1990 bl 35 pt 5.2.1) gevoeg word, nl: "bewys van onlangse sielkundige evaluering".

Moderamen van Noord-Transvaal

**B.7.41 Reglement Status van Predikante**

Die Algemene Sinode besluit dat aan eertydse bedienaars van die Woord wat predikantstatus verloor het, maar wat suksesvol aansoek gedoen het om die herstel van status, nie predikantstatus toe te ken nie, maar wel proponentstatus.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.7.42 Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van Evangeliedienaars**

1. Reglementswysiginge

1.1 Die Algemene Sinode vervang 2.1.2.2 van die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van Evangeliedienaars met die volgende:

2.1.2.2.1 Die Kuratorium is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van alle studente aan die betrokke Teologiese Fakulteit. Die Kuratorium word in hierdie taak bygestaan en geadviseer deur die raad van dosente en kan van 'n subkommissie(s) gebruik maak.

2.1.2.2.2 Saam met die raad van dosente hou die Kuratorium toesig oor die studente se akademiese vordering en hulle leer en lewe. Die Kuratorium kan 'n student tydelik of permanent in sy studie met die oog op toelating as bedienaar van die Woord stuit en enige ander dissiplinêre maatreëls wat die Kuratorium wenslik ag, teen hom instel. Die Kuratorium het die reg om klagtes teen 'n student(e) by die ring binne wie se gebied die betrokkene(s) woon, in te dien en om nadelige gerugte onder die aandag van die betrokke ring te bring.

Motivering:

Die bestaande formulering is lomp en onduidelik.

1.2 Die Algemene Sinode vervang 2.1.2.3.2 van die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van Evangeliedienaars met die volgende:

2.1.2.3.2 Die Kuratorium hou toesig oor die leer en lewe van die dosente in teologie en het die reg om klagtes teen dosente by die ring binne wie se gebied die betrokkene(s) woon, in te dien en om nadelige gerugte onder die aandag van die betrokke ring te bring.

Motivering:

* Met die wysiging van die Tugreglement in 1990 het die Kuratorium se reg om as klaer op te tree, verval.

* Die huidige bewoording is onduidelik omdat dit geïnterpreteer kan word asof die Kuratorium alle gerugte sonder onderskeid dadelik onder die aandag van die betrokke ring moet bring.

* Dit is vreemd aan die Kerkorde en reglemente en ongereformeerd dat die voorsitter van die ringskommissie as adres vir die indiening van gerugte genoem word.

1.3 Die Algemene Sinode vervang in 2.1.2.3.3 van die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van Evangeliedienaars die woord "ampspligte" met "opdrag".

Motivering:

Die woord "ampspligte" is nie baie duidelik nie.

1.4 Die Algemene Sinode skrap in 2.2.2.2 van die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van Evangeliedienaars die woorde na "Regskommissie".

Motivering:

Dit is onnodig.

1.5 Die Algemene Sinode vervang in 4.1.1.2.1 van die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van Evangeliedienaars die woorde "sy leraar" met "die leraar van die gmeente waar hy woon" en voeg na "meelewing" in: "deur die kerkraad van die gemeente waar hy woon."

1.6 Die Algemene Sinode vervang in 4.1.1.2.3 van die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van Evangeliedienaars die woorde "plaaslike kerkraad" met "die kerkraad van die gemeente waar die student woon".

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.43 Status van Predikante**

1. Die Algemene Sinode vervang in die Reglement vir die reëling van die status van predikante en proponente die woorde "herstel van status" met "hertoelating tot die bediening".

Motivering:

Die gedagte dat "status" 'n persoon aankleef is Rooms.

2. Die Algemene Sinode gee aan die Tydelike Regskommissie opdrag om aanbevelings aan die vergadering voor te lê waarin die posisie van leraars wat binne die Familie van Ned Geref Kerke oor en weer beroep word (vgl Kerk en Samelewing, paragraaf 255 en 256 en die Reglement vir die reëling van die opleiding en legitimasie van Evangeliedienaars, Bepaling 5.3.9) duidelik uitgespel word.

Motivering:

Die posisie van sodanige persone is tans onduidelik.

3. Die Algemene Sinode skrap Bepaling 9.2.8 van die Reglement vir die reëling van die status van predikante en proponente.

Motivering:
'n Persoon wat sy status verloor het, word weer tot die bediening toegelaat en nie in die amp herstel nie. Hy deurloop weer die gewone pad van toelating, word weer proponent en wanneer hy in 'n gemeente bevestig word, word hy weer 'n predikant.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.44 Sendingreglement**

"Die Algemene Sinode besluit om die laaste sin van pt 2.5.1.1 van die Algemene Sendingreglement te wysig deur die volgende woorde na "Kerkfamilie" in te voeg:

... en kerke waarmee die Ned Geref Kerk 'n bedienings/sekonderingsooreenkoms het ...

Die punt lees dan soos volg:

2.5.1 Status van hierdie gelegitimeerdes

Daar is drie kategorieë ten opsigte van hulle status, waarvolgens gelegitimeerdes gebruik kan word in die sending:

2.5.1.1 Evangeliedienaars van die Ned Geref Kerk wat in erkende kerke vir sendingwerk beroep en bevestig word. Omdat hulle status in daardie kerk kry, verloor hulle status in die Ned Geref Kerk (predikante van die lidkerke van die Ned Geref Kerkfamilie en kerke waarmee die Ned Geref Kerk 'n bedienings/sekonderingsooreenkoms het, uitgesluit).

Motivering:

AKSE ondervind probleme met die bepaling soos dit tans bewoord is. Dit word duidelik uit die volgende voorbeeld:

Ds X word deur 'n SKSE beroep en uitgestuur vir sendingwerk in Japan. Dit word mettertyd duidelik dat ds X sy werk beter sal kan doen as hy deur die Gereformeerde Kerk van Japan beroep word. Hy word dan beroep en bevestig en verloor gevolglik sy status in die Ned Geref Kerk.

Na 15 jaar wil ds X graag terugkeer na die RSA. Hy kan egter slegs beroep word nadat sy status in die Ned Geref Kerk herstel is. Dié lang pad kan alleen geloop word nadat hy bedank het as leraar van die Gereformeerde Kerk in Japan. Dit bring mee dat hy en sy gesin vir 'n lang tyd sonder inkomste moet klaarkom.

Dit is 'n onhoudbare situasie wat deur die voorgestelde wysiging reggestel kan word.

Algemene Sinodale Kommissie vir Sending en Evangelisasie

**B.7.45 Reglement vir die AKDB**

1. Die Algemene Sinode wysig 6.4: "bestuur die bates en laste wat aan hom toevertrou is, doeltreffend en strategies";

2. Die Algemene Sinode skrap punt 6.5.

Motivering:

Die kantoor bestaan reeds.

3. Die Algemene Sinode skrap by punt 9 die woorde "na advies deur die AKDB".

Motivering:

Waarom die advies van die AKDB ingewin moet word, is nie duidelik nie, en dit is die enigste reglement waar so 'n vereiste gestel word. Wanneer die Algemene Sinode konstitueer, is daar in elk geval nie 'n AKDB nie. Hoogstens kan van 'n tydelike kommissie vir Diens van Barmhartigheid gepraat word.

4. Die Algemene Sinode vervang in punt 10 die woorde: "enige bates wat mag oorbly nadat verpligtinge nagekom is en skulde betaal is," met "enige bates en laste wat mag oorbly nadat alle verpligtinge nagekom is,".

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.46 Reglement vir die Algemene Kommissie vir die Agenda**

Die Algemene Sinode skrap hierdie Reglement.

Motivering:

Wat hier staan, staan net so in die Reglement van Orde.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.47 Reglement Verlof van predikante en sinodale amptenare**

Die Algemene Sinode besluit om die reglement vir die verlof van predikante en sinodale amptenare (Art 11.2.2) te wysig deur die woord "opgeloopte" te skrap sodat die sin lees: 'n maksimum van 30 dae vakansieverlof by diensbeëindiging in kontant uitbetaalbaar is.

Motivering:

Daar bestaan baie verwarring oor die interpretasie van die begrippe opgehoopte (Art 1.2.1) en opgeloopte (Art 1.2.2) in die Verlofreglement. Dit gee aanleiding tot baie navrae. Die Sinodale Regskommissie (Namibië) het die artikel so geïnterpreteer dat die term "opgehoopte" op ou verlof uit vorige siklusse slaan, terwyl die term "opgeloopte" die totale aantal dae vakansieverlof aandui wat uitbetaalbaar is wanneer diens beëindig word. Teen hierdie agtergrond oordeel die Moderatuur van die NGKN dat dit die verstaan van die betrokke artikel sal vergemaklik indien die verwarrende term "opgeloopte" geskrap word.

Moderatuur, Sinode van Namibië

**B.7.48 Reglement oordrag van lidmaatskap en erkenning van ander kerke**

1. Die Sinode van Suid-Transvaal versoek die Algemene Sinode om sy besluit waarvolgens die AGS nou onder Bep 4.1.3 van die Reglement vir oordrag van lidmaatskap en erkenning van ander kerke sorteer, te herroep.

2. Die sinode versoek die Algemene Sinode dat die AGS weer gevoeg word by Bep 4.2.1 van die Reglement vir die oordrag van lidmaatskap en erkenning van ander kerke.

3. Die sinode versoek die Algemene Sinode om die besluit oor die erkenning van kerke wat in hoofsaak Protestantse beginsels huldig (Bep 4.1.3 van die Reglement), deeglik te hersien. Die huidige besluit is vaag en hou nie rekening met die ingrypende aard van dwalinge en die hoeveelheid afwykende beskouings wat voorkom by diegene wat onder die oorkoepelende term "hoofsaaklik Protestants" sou kon sorteer nie.

4. Die sinode versoek die Algemene Sinode om weer te kyk na die formulering van Bep 4.2 en 4.2.2 van die Reglement vir die oordrag van lidmaatskap en erkenning van ander kerke. Dit kan tans beteken dat die groep wat onder Bep 4.2.2 genoem word nie Christelike kerke is nie, maar wel Christelike groepe. Dit was sekerlik nie die bedoeling van die Algemene Sinode nie (kyk par 3.1.9.7.6 van die verslag).

Motivering:

Dit is belangrik om daarop te let dat ons kerk se standpunt oor erkende en nie-erkende kerke nie geformuleer is met die doel om enige uitspraak oor mense se saligheid of Christenskap te maak nie. Dit gaan hier ook nie om 'n meerwaardige veroordeling van ander kerke en groepe nie. Ons teologiese besluite of 'n sekere groep 'n kerk of 'n sekte is, gaan in elk geval geen verskil maak aan hulle status voor God nie. Die doel van hierdie klassifikasie is om as praktiese riglyn te dien vir kerkrade en lidmate. Dit gaan hier eerder om praktiese vrae soos erkenning van lidmaatskapsbewyse en verlening van kerklike voorregte sonder lidmaatskap soos byvoorbeeld die gebruik van sakramente. As ons sê dat ons nie 'n bepaalde groep se lidmaatskapsbewys kan aanvaar sonder behoorlike kategese en openbare belydenis van geloof nie, of dat ons nie kan toestemming gee vir die gebruik van die sakramente nie, dan plaas ons nie noodwendig daardie groep se Christenskap onder verdenking nie. Ons oordeel maar net dat persone uit daardie groep nog nie genoegsame kennis van die gereformeerde leer opgedoen het sodat hy/sy met 'n skoon gewete ons lidmaatskapbelofte kan onderskryf nie. Ons oordeel ook dat so 'n persoon nog nie die Drie Formuliere van Enigheid so ken dat hy/sy dit met hart en siel kan bely nie.

Die sinode spreek sy kommer uit oor die wyse waarop die Algemene Sinode van 1990 die besluite rakende die AGS geneem het. Die Sinode van Suid-Transvaal oordeel dat:

* Die Algemene Sinode nie sulke belangrike besluite behoort te neem sonder dat die afgevaardigdes vooraf deeglik ingelig is deur middel van studieverslae nie. Die beginsel is tog dat afgevaardigdes die geleentheid kry om hulleself deeglik voor te berei en om tersaaklike inligting persoonlik te kan evalueer voordat daar van hulle verwag word om oor 'n saak te stem.

* Die Algemene Sinode in hulle besluit nie rekening gehou het met die volle implikasies van hierdie besluit nie en dat die afgevaardigdes ook nie behoorlik ingelig was oor die implikasies van so 'n besluit nie.

* Die sinode oordeel dat as 'n tussentydse maatreël, die gesprekvoering wat volgens Bep 4.2.3 van die Reglement vereis word, in die geval van die AGS gesprekke oor die hele spektrum van die leer van die Ned Geref Kerk beteken.

Sinode van Suid-Transvaal

**B.7.49 Reglement oordrag van lidmaatskap en erkenning van ander kerke**

Die Sinode van Natal versoek die Algemene Regskommissie om die AGS in te deel onder punt 4.2.1 van die Reglement vir die oordrag van lidmaatskap en erkenning van ander kerke. (KO 1990)

Sinode van Natal

**B.7.50 Reglement Eenwording van Gemeentes**

Die Algemene Sinode besluit om die Reglement vir die eenwording van gemeentes uit te brei met die volgende byvoeging:

Die Reglement vir die eenwording van gemeentes (Kerkorde bl 69-70) moet vanaf 2.7 gewysig word deur die volgende byvoeging:

2.7 Indien daartoe ooreengekom word dat kerkraadslede van die gemeente wat ontbind, ook as kerkraadslede van die inlywende gemeente moet dien, moet dit op die volgende wyse geskied:

2.7.1 Die name van al hierdie kerkraadslede word as deel van die ooreenkoms tussen die twee kerkrade vir approbasie voorgelê.

2.7.2 Indien die ontbinding en inlywing goedgekeur word, en daar geen beswaar teen die genoemde persone ingebring is nie, word hulle na inlywing as kerkraadslede van die inlywende gemeente bevestig, sonder dat daar 'n verdere verkiesing plaasvind.

2.8 Indien die leraar(s) van 'n gemeente wat ontbind, ook leraar(s) word van die inlywende gemeente, moet dit op die volgende wyse geskied:

2.8.1 Die kerkrade van die twee betrokke gemeentes moet voor ontbinding en inlywing so 'n besluit in oorleg met die betrokke leraar(s) neem. Hierdie besluit sal die krag dra van 'n beroep, en daarom moet die naam of name as deel van die ooreenkoms vir approbasie voorgelê word.

2.8.2 Aan die leraar(s) word 'n skriftelike ooreenkoms aangebied waarin voorsiening gemaak word vir aanspreeklikheid vir die lewensonderhoud en toelaes van die leraar(s) deur die inlywende gemeente. Indien verkies, kan dit in die formaat van 'n beroepsbrief gedoen word.

2.8.3 Indien daar geen wettige beswaar teen die leraar(s) ingebring word nie en die eenwording van die gemeentes ook goedgekeur word, word so 'n leraar(s) na inlywing van die ontbinde gemeente opnuut bevestig sonder dat daar weer 'n beroep uitgebring word.

2.9 Die persoon of persone wat deur die kerkraad van die gemeente wat ontbind benoem word om uitvoering te gee aan die besluite van die kerkraad vir die oordrag van onroerende eiendomme en beskikking oor ander goed van die gemeente wat ontbind, behou, indien nodig, hulle bevoegdheid om na die datum van ontbinding in oorleg met die ringskommissie aan die gemelde besluit uitvoering te gee.

2.10 Indien dit vir die persoon of persone of enigeen van hulle wat benoem is, soos in paragraaf 2.9 vermeld, na datum van ontbinding onmoontlik of onprakties is om op te tree ten einde aan die gemelde besluite uitvoering te gee, tree die ringskommissie op in die plek van sodanige persoon of persone ten einde aan die besluite uitvoering te gee.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.7.51 Reglement Reëling van Goedere en Fondse**

1. Die Algemene Sinode skrap die woord "Mema" in punt 1.3.3

2. Die Algemene Sinode skrap die woorde "en met raadpleging van die Algemene Sinodale Kommissie", in punt 1.4.

Motivering:

As die Algemene Sinode 'n opdrag gee, word dit uitgevoer sonder die raadpleging van 'n ander kommissie.

3. Die Algemene Sinode skrap die woorde "met die goedkeuring van die sinodale kommissie" in punt 2.4

Motivering:

Dit is ondenkbaar dat die sinodale kommissie 'n besluit van die sinode moet goedkeur.

4. Die Algemene Sinode skrap die woorde "en in die reses met goedkeuring na die Ringskommissie" in punt 3.3, die tweede paragraaf.

Motivering:

As die ring opdrag gee, het die ringskommissie geen funksie nie.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.52 Reglement Vrouediens**

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om die nuwe reglement (riglyne) van die Algemene Komitee vir die Vrouediens so te verwoord dat slegs een verteenwoordiger per sinode in die komitee dien.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.7.53 Reglement Vrouediens**

Die Algemene Sinode besluit om geen voorskriftelikheid ten opsigte van die funksionering van die Vrouediens in sinodes, ringe en gemeentes te bepaal nie.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.7.54 Reglement Vrouediens**

Die Sinode van Suid-Transvaal versoek die Algemene Sinode om die Reglement vir die Vrouediens te herroep en laat dit aan die onderskeie sinodes oor om self te besluit oor die strukturering van die dienswerk van vroue.

Sinode van Suid-Transvaal

**B.7.55 Tugreglement**

Die Algemene Sinode besluit om die Tugreglement te skrap. Artikel 60 word soos volg gewysig: "Die aangeklaagde moet duidelik weet wat die klag teen hom is en moet volle geleentheid gebied word om deur 'n onbevooroordeelde kerklike vergadering aangehoor te word."

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.56 Tugreglement**

Die Natalse Sinode vereenselwig hom met die kommentaar van AKLAS oor die teologiese begronding van die kerklike tug en evaluering van Hoofstuk 5 van Die Kerkorde en die "Reglement vir kerklike opsig en tug en beslegting van kerklike geskille" (Agenda Algemene Sinode 1990 bl 375-378) en oordeel in die lig daarvan dat, hoewel die huidige tugreglement 'n verbetering op die vorige is, die grondliggende besware teen die gebruik van 'n tugreglement steeds geldig is.

Die sinode is van oordeel dat die gebruik van die tugreglement 'n juridiese karakter aan die tug gee terwyl die tug primêr 'n pastorale handeling is.

Sinode van Natal

**B.7.57 Reglement vir beslegtiging van kerklike geskille**

Die Algemene Sinode skrap Reglement 24. Punt 5.1 van hierdie Reglement word Artikel 23.3 van die Kerkorde. (Punt 5.2 van hierdie reglement verval)

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.58 Woordverklarings**

Die Sinode gee aan die Algemene Regskommissie opdrag om 'n lys woordverklarings by die Kerkorde aan die volgende Algemene Sinode voor te lê vir opname in die Kerkordeboek.

Motivering:

Dit sal die gebruik en interpretasie van die Kerkorde en Reglemente baie vergemaklik.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.59 Die term "met volmag"**

Die Algemene Sinode besluit om nie die term "met volmag" te gebruik wanneer opdragte aan sy kommissies gegee word nie.

Die Algemene Sinode gee opdrag aan sy kommissies.

Motivering:

"Met volmag" is vreemd aan die Gereformeerde Kerkreg. Daar kan 'n opdrag gegee word en dan is die kommissie verplig om daaraan uitvoering te gee, en verslag te doen. As 'n volmag gegee word, kan net verslag gedoen word dat die volmag uitgevoer is - die inhoud van wat die volmag behels, hoef nie eers genoem te word nie.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.60 Voltydse, deeltydse en tydelike bediening**

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om aan die Algemene Regskommissie opdrag tot studie te gee in verband met die begrippe: "voltydse, deeltydse en tydelike aard" van leraars se bediening.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.7.61 Sekundi Algemene Regskommissie**

Die Algemene Sinode besluit om die Reglement vir die Algemene Regskommissie te wysig sodat daar by die samestelling van die kommissie nie slegs voorsiening gemaak word vir die aktuarii van die sinodes nie, maar ook vir die benoeming van een sekunduslid per sinode.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.7.62 Ordelike geldigheid van besluit van Algemene Sinode oor Apostoliese Geloofsending (AGS)**

Die Sinode van Wes-Transvaal versoek die Algemene Regskommissie om ondersoek in te stel of hierdie besluit ooreenkomstig Art 3.11 en 6 van die Reglement van Orde van die Algemene Sinode geneem is (vgl Handelinge van die Algemene Sinode, 1990, bl 541).

Motivering:

Die saak wat ter tafel was, was "Gesprekke met die Apostoliese Geloofsending" en nie die moontlike erkenning van die AGS nie.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.7.63 Reisattestaat**

Die Algemene Sinode besluit om 'n reisattestaat vir binnelandse gebruik goed te keur.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.7.64 Leraars se verblyf buite gemeentegrense**

Die Sinode van Suid-Transvaal versoek die Algemene Sinode om sy besluit van 1974 insake leraars se verblyf buite gemeentegrense te wysig.

Die beginselstandpunt, naamlik "kerkregtelik behoort elke predikant binne die grense van sy gemeente te woon", word behou.

Die ring kan egter in uitsonderlike gevalle toestemming gee dat 'n leraar van die gemeente buite die gemeentegrense mag woon, of dat 'n deeltydse pastorale hulp (byvoorbeeld emeriti en proponente) buite die grense van die gemeente mag woon, maar dat hy en sy gesin vir die periode van pastorale arbeid lidmaatsregte mag geniet in die gemeente waar gearbei word.

Motivering:

Die huidige formulering wek die indruk dat die uitsonderinge op 'n kasuïstiese beginsel gegrond is, naamlik 'n reël vir 'n bepaalde geval. Enige ander uitsondering, hoe verdienstelik en dringend dit ook mag wees, word nie in aanmerking geneem nie, omdat daar nie 'n reël vir elke uitsondering neergelê is nie. In die huidige formulering word twee uitsonderings gemaak naamlik dat 'n kerkraad bewys moet lewer dat hy nie redelike huisvesting vir sy leraar binne gemeentegrense kan bekom nie; die tweede uitsondering raak militêre gemeentes waar die pastorieperseel tot militêre gebied (buite gemeentegrense) geproklameer is.

Volgens die bepalinge is alle ander verdienstelike gevalle uitgesluit, soos byvoorbeeld dat 'n emeritus of proponent wat vir 'n redelike tydperk as pastor werk in 'n ander gemeente as die een waar hy woon of persone wat om gesondheidsredes in 'n ander woonbuurt (byvoorbeeld verder van die fabrieke, klam of winderige plekke) beter aanpas as binne die gemeentegrense. Die ring moet dus self oor elke geval in die konteks van die eie situasie, die meriete van die aansoek kan oorweeg.

Sinode van Suid-Transvaal

**B.7.65 Dubbele lidmaatskap van die kerk**

Die Sinode van Suid-Transvaal versoek die Algemene Sinode dat 'n studie gemaak word van die kwessie van "dubbele" lidmaatskap van die kerk, te wete doop- en belydende lidmaatskap.

Sinode van Suid-Transvaal

**B.7.66 Herstel van status**

Die Algemene Sinode besluit om 'n groter diskresie aan sinodes toe te staan ten opsigte van die aanhoor "ter vergadering" van persone wat aansoek doen om herstel van status (vgl Reglement vir die reëling van die status van predikante en proponente, 9.2.6).

Sinode van Wes-Kaapland

**B.7.67 Een kerkverband: kerkordelike reëlings**

Die Algemene Sinode besluit

1. om dit aan die Algemene Regskommissie (ARK) op te dra om aandag te gee aan die nodige kerkordelike reëlings vir die uitvoering van die besluit van die Algemene Sinode 1990 oor die ideaal van een kerkverband vir die NG Kerkfamilie;

2. dat die ARK aan die Algemene Sinodale Kommissie (ASK) rapporteer;

3. dat die ASK opdrag met volmag kry om na aanleiding van die voorgestelde reëlings te handel.

Moderamen van Wes-Kaapland

**B.7.68 Wysiginge aan die Kerkorde en Reglement van die Algemene Sinode ten opsigte van doeltreffende strategiese bestuur van bates en laste**

**1. KO Artikel 26**

Die Algemene Sinode besluit om die woorde "en die doeltreffende strategiese bestuur van die gemeente se bates en laste" ná die woord "gemeente" in KO Artikel 26 in te voeg.

**2. KO Artikel 31**

Die Algemene Sinode besluit om 'n punt 7 by KO Artikel 31 te voeg wat lui: "die doeltreffende strategiese bestuur van die ring se bates en laste."

**3. KO Artikel 35**

Die Algemene Sinode besluit om KO Artikel 35.5 te vervang met: "die doeltreffende strategiese bestuur van die sinode se bates en laste."

**4. KO Artikel 43.2.1**

Die Algemene Sinode besluit om Artikel 43.2.1 van die Kerkorde te vervang met: "die doeltreffende strategiese bestuur van die Algemene Sinode se bates en laste."

**5. KO Artikel 36 en 37**

Die Algemene Sinode skrap KO Artikels 36 en 37.

**6. KO Artikel 47**

Die Algemene Sinode skrap KO Artikel 47.

**7. KO Artikel 57**

Die Algemene Sinode vervang die opskrif 4.10 STOFLIKE AANGELEENTHEDE en KO Artikel 57 met: 4.10 DOELTREFFENDE STRATEGIESE BESTUUR VAN BATES EN LASTE

KO Artikel 57

57.1 Elke gemeente, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in rings-, sinodale en algemene sinodale verband, is regspersone en die betrokke kerkvergadering of sy gemagtigde(s) is die funksionarisse van die regspersoon.

57.2 Die gemeente, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in rings-, sinodale en algemene sinodale verband is die eienaar van alle bates en laste wat deur die betrokke kerkvergadering verkry en bestuur word. Vaste eiendom word soos volg geregistreer:

* In die geval van gemeentelike eiendomme: Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente ......

* In die geval van ringseiendomme: Die Nederduitse Gereformeerde Ring van .....

* In die geval van sinodale eiendomme: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk van /in .....

* In die geval van algemene sinodale eiendomme: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

57.3 Kerkvergaderinge doen gereeld verslag oor die doeltreffende strategiese bestuur van bates en laste.

**8. Reglement vir die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (Reglement 7)**

Die Algemene Sinode wysig punt 6.4 van die Reglement vir die Diens van Barmhartigheid om te lui: "bestuur die bates en laste wat aan hom toevertrou is doeltreffend en strategies".

Die Algemene Sinode skrap punt 6.5 van die Reglement vir die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid.

Die Algemene Sinode skrap die woorde "na advies deur die AKDB" in punt 9 van die Reglement vir die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid.

Die Algemene Sinode vervang in punt 10 van die Reglement vir die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid die woorde: "enige bates wat mag oorbly nadat verpligtinge nagekom is en skulde betaal is," met "enige bates en laste wat mag oorbly nadat alle verpligtinge nagekom is,".

**9. Reglement vir die Algemene Kommissie vir Fondse (Reglement 12)**

1. Die Algemene Sinode vervang punte 3.1 - 3.6 van die Reglement vir die Algemene Kommissie vir Fondse met:

"3.1 is verantwoordelik om, met verslag aan die Algemene Sinode, alle bates en laste van die Algemene Sinode en sy kommissies doeltreffend strategies te bestuur of te laat bestuur.

3.2 adviseer sinodes oor die doeltreffende strategiese bestuur van bates en laste.

3.3 se Dagbestuur tree op as kerkkantoorkommissie van die Algemene Sinode (sien Reglement vir die Algemene Kerkkantoorkommissie)"

2. Die Algemene Sinode skrap punt 4.3 van die Reglement vir die Algemene Kommissie vir Fondse.

**10. Reglement vir die Algemene Kerkkantoorkommissie (Nuut)**

Die Algemene Sinode keur die volgende reglement vir die Algemene Kerkkantoorkommissie goed:

1. NAAM

Algemene Kerkkantoorkommissie

2. SAMESTELLING

Die Dagbestuur van die Algemene Kommissie vir Fondse funksioneer as Algemene Kerkkantoorkommissie.

3. OPDRAG

3.1 Die Algemene Kerkkantoorkommissie in vergadering is in eksterne regshandelinge 'n gevolmagtigde en het, met verantwoording aan die Algemene Sinode via die Algemene Kommissie vir Fondse, die besondere bevoegdheid om:

3.1.1 met betrekking tot die doeltreffende strategiese bestuur van die betrokke bates en laste, in oorleg met die Algemene Regskommissie, as eiser en verweerder op te tree;

3.1.2 fondse te leen, uit te leen of te belê soos wat dit vir die kommissie voordelig mag voorkom, teen die lewering van die nodige sekuriteite;

3.1.3 die betrokke bates en laste in transport te neem, te verhuur, te huur of te vervreem.

3.2 Indien sake behandel word wat 'n kommissie van die Algemene Sinode raak, het daardie kommissie die reg om sy saak deur verteenwoordigers voor die Algemene Sinodale Kerkkantoorkommissie te stel en hierdie verteenwoordigers kan hulle kommissies raadpleeg voordat die Algemene Kerkkantoorkommissie oor die saak beslis.

3.3 Waar bates of laste aan die Ned Geref Kerk geskenk of nagelaat word ten behoewe van 'n werksaamheid of inrigting binne die gebied van 'n sinode, word dit aan dié betrokke sinode opgedra om dit vir die werksaamheid of inrigting aan te wend.

3.4 Die Algemene Kerkkantoorkommissie doen by elke vergadering van die Algemene Kommissie vir Fondse verslag van sy werksaamhede.

4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

Die Algemene Kerkkantoorkommissie konstitueer na die konstitueringsvergadering van die Algemene Kommissie vir Fondse en vergader wanneer nodig.

**11. Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse (Reglement 21)**

1. Die Algemene Sinode verskuif punt 1.3 van die Reglement vir die Reëling van eiendomme, goedere en fondse na die rubriek Funksionele beleidsbesluite in die Kerkordeboek.

2. Die Algemene Sinode verwys die uitsonderings in punt 1.3.1 tot 1.3.5 van die Reglement vir die Reëling van eiendomme, goedere en fondse na die Algemene Kommissie vir Fondse vir ondersoek en verslag rondom doeltreffende strategiese bestuur.

3. Die Algemene Sinode skrap die Reglement vir die Reëling van eiendomme, goedere en fondse.

**12. Prosedure ter vulling van vakatures (Punt 2 onder besluite oor die Funksionering van die Algemene Sinode, Kerkordeboek p 87).**

Die Algemene Sinode voeg aan die einde van 2.3 van die Prosedure ter vulling van vakatures die volgende sin by: "Hierdie vertoë word vooraf aan die Algemene Kommissie vir Fondse voorgelê om die finansiële implikasies te beoordeel en die Algemene Sinodale Kommissie daaroor te adviseer."

MOTIVERING:

Dit is belangrik dat hierdie hele beskrywingspunt as 'n eenheid beoordeel en hanteer word omdat die oogmerk is om alles wat die Kerkorde en Reglemente van die Algemene Sinode oor bates en laste sê, eenvormig en sistematies op datum te bring. Om die eenheid nie te versteur nie, word motiverings nie ná indiwiduele voorstelle geplaas nie, maar as 'n eenheid aan die einde.

Die beskrywingspunt beoog ook om die bestuur van die kerk se bates en laste duidelik te omskryf in terme van bestuursbeginsels. Onderliggend aan die voorgestelde wysigings is die begrippe:

* Doeltreffend: om, met 'n bepaalde doel voor oë, handelinge deeglik en ekonomies uit te voer.

* Strategies: om alle ter sake veranderinge en veranderlikes tydig by die neem van besluite in ag te neem.

* Bestuur: om handelinge te beplan, te organiseer, oor betrokke menslike hulpbronne bevel te voer; te koördineer en te beheer.

Doeltreffende strategiese bestuur is dus:

om met 'n bepaalde doel voor oë, handelinge deeglik en ekonomies te beplan, te organiseer, daaroor bevel te voer, te koördineer en te beheer deur alle ter sake veranderinge en veranderlike tydig by die neem van besluite in ag te neem.

Ten opsigte van 1 - 4 (KO Artikels 26, 31, 35 en 43)

In die betrokke artikels word die taak van elke kerkvergadering uitgespel. Slegs die taak met betrekking tot stoflike aangeleenthede word tans in 'n aparte artikel (57) behandel.

Ten opsigte van 5 (KO Artikels 36 en 37)

Hierdie artikels is met die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 opgestel om besware teen die organisatoriese eenwording van die Ned Geref Kerk te besweer.

* Die vrees dat die Algemene Sinode oor sinodes se eiendomme beheer kan verkry (waarteen KO Artikel 36 gemik was) is tans nie meer aktueel nie. Die regspersoonlikheid van die verskillende kerkverbande word tans duidelik bepaal.

* Dit is vreemd aan die Gereformeerde Kerkreg dat 'n kerkorde 'n uittredingsklousule (KO Artikel 37) bevat. Uittrede is 'n onregmatige daad en daarvoor behoort nie voorsiening gemaak te word nie.

Ten opsigte van 6 (KO Artikel 47)

Hierdie artikel handel oor 'n praktiese aangeleentheid wat nie in 'n kerkorde nie, maar in 'n reglement of by wyse

van 'n sinodale besluit gereël kan word. Dit word ook gedek deur die voorgestelde 3.1 in die Reglement vir die Algemene Kommissie vir Fondse.

Ten opsigte van 7 (KO Artikel 57)

Die eerste gedeelte van die bestaande artikel word verskuif na die artikels oor die taak van elke kerkvergadering en 1 en 2 kom uit die huidige Reglement vir die reëling van goedere, eiendomme en fondse.

Die woorde "aan die ... ring, sinode en Algemene Sinode" pas nie. Slegs die kerkraad gee verslag en die ring ontvang verslag van/aan 'n ander kerkvergadering.

Ten opsigte van 8 (Reglement vir die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid)

Die voorgestelde wysigings is duideliker en in ooreenstemming met die Algemene Sinode se beleid ten opsigte van kommissies.

Ten opsigte van 9 (Reglement vir die Algemene Kommissie vir Fondse)

Die opdrag van die kommissie word korter en duideliker gestel. Die huidige 4.3 is onder die verkeerde opskrif.

Ten opsigte van 10 (Reglement vir die Algemene Kerkkantoorkommissie)

Tans word die Kerkkantoorkommissie se taak omskryf in 4.3 van die Reglement vir die Algemene Kommissie vir Fondse en in die Reglement vir die reëling van goedere, eiendomme en fondse. Die kommissie behoort sy eie reglement te hê.

Ten opsigte van 11 (Reglement vir die reëling van goedere, eiendomme en fondse)

Punte 2 - 4 van hierdie Reglement is slegs riglyne wat sinodes kan gebruik om self die hantering van bates en laste te reël en is in 1982 opgestel. Die sinodes het reeds hieraan aandag gegee.

Die inhoud van punte 1.1 - 1.8 word in die voorgestelde wysiginge van artikels van die Kerkorde en reglemente ondervang.

1.9 kan moontlik in die Reglement vir die Algemene Kerkkantoorkommissie opgeneem word of as funksionele beleidsbesluit in die Kerkordeboek opgeneem word.

1.10 behoort te verval as KO Artikel 37 geskrap word.

Ten opsigte van 12 (Prosedure ter vulling van vakatures)

Tans word hierdie aspek slegs in die Reglement vir die Algemene Kommissie vir Fondse gedek. Dit pas hier beter.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

## B.11 FONDSE

### B.11.1 Boeketoelae vir predikante

1. Die Algemene Sinode raai kerkrade aan om aan hulle leraars 'n jaarlikse boeketoelae toe te ken deurdat hulle boekerekeninge tot en met 'n sekere maksi- mum-bedrag betaal word.

2. Hierdie bedrag word jaarliks deur die AKF aanbeveel.

Motivering:

Predikante kan nie hulle werk behoorlik doen as hulle nie voortdurend aan die lees en studeer bly nie. Die pryse van boeke en tydskrifte het egter so gestyg dat geen predikant met sy huidige salaris voldoende leesstof kan bekostig nie.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

### B.11.2 Aftrede met volle pensioen voordele op ouderdom 60

Die Algemene Sinode doen 'n beroep op sinodes wat pensioenfondse besit (Transvaal, Oranje-Vrystaat en Wes-Kaapland) om:

1. Ernstig aandag daaraan te gee om dit vir leraars moontlik te maak om op 60-jarige ouderdom af te tree.

2. Die pensioenvoordele op 60 jaar dieselfde te maak asof dit op 65 jarige ouderdom is.

3. Die koste hieraan verbonde uit die reserwes van die pensioenfonds te verhaal.

Motivering:

Ons is bewus daarvan dat hierdie voorstel vir die pensioenfondse baie geld gaan kos. Die feit is egter dat dit 'n eenmalige uitgawe gaan wees. Die verdere feit is dat proponente wat tans nie werk het nie, beroep sal kan word. Dit sal ook die voordeel hê dat jong, vars en entoesiastiese jongmense aktief tot die bediening sal toetree en die hele kerk die vrugte daarvan sal pluk.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

### B.11.3 Laer vergoedingspakket

Die Sinode van Natal versoek die Algemene Sinode om in die lig van die besondere omstandighede wat tans heers, die moontlikheid te ondersoek dat aan kerkrade van gemeentes wat finansieel nie by die sinodale skale kan kom nie, die reg te gee om by hulle ringe aansoek kan doen vir verlof om teen 'n laer vergoedingspakket as die voorgeskrewe een te beroep.

In so 'n geval moet die ring jaarliks weer die verlof hernu en toesien dat die werkkrag so gou as moontlik, maar nie later as drie jaar nie, op die sinodale skaal geplaas word.

Sinode van Natal

### B.11.4 Vervoerkostes Leraar

Die Algemene Sinode neem kennis van die ongevraagde

finansiële las wat gemeentes moet dra wanneer leraars binne drie jaar na bevestiging weer uit die gemeente vertrek. Die sinode besluit dat die beroepende gemeente in geval waar 'n leraar minder as drie jaar in 'n gemeente gewerk het, 'n pro rata-deel van die vervoerkoste na daardie gemeente moet betaal. Die koste word oor drie jaar verdeel, en die pro rata-gedeelte so vasgestel.

Motivering:

Dit is onbillik dat 'n gemeente die vestigingskoste van 'n leraar ten volle moet dra, en dan nie die voordeel van sodanige koste ontvang nie. Toe die driejaar-bepaling afgeskaf is, het die Algemene Sinode begrip hiervoor getoon, maar besluit om nie 'n reëling te tref nie soos van toepassing was op die tyd voor die instel van die driejaar-bepaling, maar om dit aan die diskressie van die betrokke beroepende kerkraad oor te laat. 'n Vaste reëling soos deur die beskrywingpunt voorgestel, sou enige onsekerheid uit die weg ruim.

Sinode van Midde-Afrika

#### B.11.5 Verdeling van begroting

Die Algemene Sinode versoek die Algemene Fondsekommissie om die moontlikheid te ondersoek dat die begroting van die Algemene Sinode tussen sinodes verdeel word op grond van finansiële gegewens in plaas van lidmaattal.

Motivering:

1. Met die stigting van die Algemene Sinode in 1962 is besluit dat die koste van die Algemene Sinode pro rata deur die verskillende sinodes gedra word en wel volgens die getal belydende lidmate. (Handelinge 1962 bl 214)

2. Intussen het dit by al die sinodes die gebruik geword dat sinodale begrotings tussen gemeentes verdeel word op grond van die finansiële vermoë van gemeentes in plaas van lidmaattal.

3. Die ondersoek deur die Algemene Fondsekommissie impliseer dat sinodes se begrotings en/of finansiële state op 'n vergelykende basis hanteer sal moet word.

4. Verdeling van finansiële verpligtinge op grond van finansiële vermoë lyk na 'n meer regverdige metode as verdeling op grond van die getal lidmate.

Moderamen van Wes-Kaapland

## B.15 GEMEENTEBEDIENING EN EREDIENS

#### B.15.1 Verpligte voortgesette teologiese opleiding

Die Algemene Sinode herroep sy besluite oor Verpligte Voortgesette Teologiese Opleiding wat lui:

1. "Die Algemene Sinode beklemtoon die noodsaaklikheid van voortgesette indienstoerusting van predikante. Die Sinode oordeel dat sodanige toerusting as verpligtend vir alle predikante, op koste van kerkrade, in werking gestel moet word en dra dit aan die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evange- lisasie op om dit in oorleg met die kuratoria van die teologiese inrigtings op vaste grondslag te organiseer" (1978 22.1 p 650, 916)

2. "Dat dit op grond van die besluit van die Algemene Sinode van 1978 'Die Algemene Sinode beklemtoon die noodsaaklikheid van voortgesette indienstoerusting van predikante. Die Sinode oordeel dat sodanige toerusting as verpligtend vir alle predikante, op koste van kerkrade, in werking gestel moet word en dra dit aan die Algemene Kommissie vir Ampsbediening en Evange- lisasie op om dit in oorleg met die kuratoria van die teologiese inrigtings op vaste grondslag te organiseer, na implementering van die 6 jaar-opleiding, verpligtend sal wees vir alle predikante wat hierdie opleiding ondergaan het om op koste van hulle kerkrade nie later as 5 jaar na legitimasie nie, 'n kursus in voortgesette opleiding te volg, sowel as ander kursusse wat op aanbeveling van die Kuratoria deur die Algemene Sinode voorgeskryf mag word." (1982 14.2 bl 1390)

3. "Die Sinode besluit: Dat voortgesette onderrig verpligtend vir alle predikante behoort te wees;" (1986 p 732)

Motivering:

Die bestaande besluite van die Algemene Sinode is om die volgende redes onuitvoerbaar:

1. Niemand aanvaar verantwoordelikheid vir die geweldige koste aan die saak verbonde nie.

2. Die woord "verpligtend" soos dit in die besluite gebruik word, is volgens besluit van die Algemene Sinode self "nie wetlik afdwingbaar nie, maar beskou die saak van groot belang en lê baie sterk morele verpligting op predikante om hieraan gehoor te gee." (1982 bl 1390)

3. Die moontlikhede wat daar is om die verpligting wat hierdie besluit meebring, bindend te maak deur dit in die KO Art 9 of in die beroepsbrief op te neem, is skynbaar nie vir die kerk aanvaarbaar nie.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

#### B.15.2 Verpligte voortgesette teologiese opleiding

Die Algemene Sinode stel dit as ideaal dat alle diensdoenende predikante van tyd tot tyd verdere teologiese en bestuursopleiding behoort te ontvang.

Die onderskeie teologiese fakulteite word versoek om alles binne hulle vermoë te doen ter bereiking van hierdie ideaal.

Die sinodes (SKG's) word versoek om in oorleg met die teologiese fakulteite weë en middele te vind om predikante en kerkrade te motiveer vir die verwerkliking van die ideaal.

Die Sinode oordeel dat ringe toesig moet hou oor die bywoning van voortgesette opleidingskursusse deur predikante.

Die Sinode versoek sinodes om die nodige besluite te neem waarvolgens ringe hierdie funksie kan vervul. (Byvoorbeeld deur in die verslag oor kerkvisitasie of in die verslag oor gemeentebediening daaroor navraag te doen.)

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.15.3 Evaluering van leraars se werk**

Die Algemene Sinode besluit om dit aan die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening op te dra om 'n eenvoudige en doeltreffende metode te vind waardeur gemeentelike predikante se werksprestasies jaarliks geëvalueer kan word.

Motivering:

Daar bestaan tans geen stelsel vir evaluasie nie.

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.15.4 Riglyne vir beskikbaarstelling van lidmate**

Die Algemene Sinode versoek die tydelike kommissie vir Gemeentebediening om riglyne te verskaf hoe lidmate hulself beskikbaar kan stel vir die ampte van ouderling en diaken.

Motivering:

Dit is vir die kerk nodig om kennis te neem van lidmate wat beskikbaar is om in die besondere ampte te dien. (Vgl. 1 Tim 3:1 "Dit is 'n waar woord: as iemand graag ouderling wil wees, begeer hy 'n voortreflike werk.")

Sinodale Kommissie van Wes-Transvaal

**B.15.5 Tuisbediening van nagmaal**

1. Dit is die verantwoordelikheid van die plaaslike kerkraad om toe te sien dat die nagmaal ordelik en in ooreenstemming met die Skrif geskied.

2. Soos dit die verantwoordelikheid van die kerkraad is om binne die erediens oor die nagmaal toesig te hou, moet die kerkraad ook toesig hou oor die bediening van die nagmaal aan die lidmate wat nooit meer die erediens kan bywoon nie en langs hierdie weg uitdrukking gee aan die verbondsbeloftes van God en die liefdesgemeenskap van die gelowiges.

As riglyn vir die tuisbediening van die nagmaal kan die volgende dien:

* Die kerkraad besluit oor die verdienstelikheid van die aansoek vir die tuisbediening van die nagmaal, asook op watter wyse die ampte by dié geleentheid verteenwoordig sal word.

* Die bediening sal geskied alleenlik aan lidmate wat menslik gesproke nooit weer die erediens sal kan bywoon nie.

* Alle aansoeke moet deur die kerkkantoor hanteer word.

* Amptelike Woordverkondiging moet saam met die bediening geskied.

* Een of meer kerkraadslede, verkieslik die wyksouderling en -diaken, moet teenwoordig wees.

Sinode van Oos-Kaapland

**B.15.6 Die verkryging, keuring, toetsing en gebruik van nuwe liedere**

1. Die kerk verwelkom nuwe liedere en roep lidmate op om hulle gawes te gebruik om goeie eietydse liedere te skep.

2. Die finale goedkeuring en ingebruikstelling van ou, hersiene en nuwe liedere kan alleen geskied deur die Algemene Kommissie vir die Erediens (AKE). Die amptelike Psalm- en Gesangbundel word deur die Algemene Sinode goedgekeur.

3. Dit is toenemend belangrik dat daar breër inspraak en deelname sal kom by die totstandkoming en keuring van liedere vir die kerk. Daarom besluit die Sinode:

3.1 Ten opsigte van lidmate: Enige lidmaat kan liedere vir oorweging deur die AKE instuur.

3.2 Ten opsigte van kerkrade:

3.2.1 Kerkrade is verantwoordelik om aan die hand van kriteria van die Algemene Sinode liedere voorlopig te beoordeel, te keur en ten opsigte van singbaarheid te toets.

3.2.2 Indien die kerkraad oordeel dat 'n lied meriete het en dit blyk lewensvatbaar te wees, word dit onverwyld na die AKE gestuur.

3.2.3 Hierdie voorlopige keuring beteken nie dat kerkrade sulke liedere permanent gebruik of as eiendomlike duld nie.

3.3 Ten opsigte van die AKE:

3.3.1 Die AKE keur deurlopend nuwe liedere en stel die wat goedgekeur is aan die kerk bekend.

3.3.2 Die AKE voed die kerklike publiek op in die toepassing van die goedgekeurde kriteria vir die beoordeling van liedere deur 'n rubriek in Die Kerkbode en/of Die Voorligter te behartig. In dié rubriek word goeie en swak nuwe liedere aan die hand van die geldende kriteria getoets en bespreek. Nuwe liedere wat goedgekeur is, kan ook langs die weg aan die kerk bekend gestel word.

4. Die ideaal bly dat daar net een amptelike bundel van die kerk sal wees. Die bundel word van tyd tot tyd hersien. Liedere wat nie inslag gevind het nie, word uitgelaat en nuwes wat intussen goedgekeur en aanvaar is, word ingesluit.

5. Die onderskeiding tussen godsdienstige liedere wat geskik is vir die erediens en ander slegs vir buite die erediens, kan nie gehandhaaf word nie.

6. Die Ned Geref Kerk skakel steeds met die susterkerke ten opsigte van ons gemeenskaplike liedereskat.

Moderamen van Noord-Transvaal

**B.15.7 Algemene Kommissie vir die Erediens as selfstandige kommissie**

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om sy besluit van 1990 in sake die Eredienskommissie as subkommissie in die Algemene Kommissie vir Gemeentebediening te herroep, en die Eredienskommissie weer as selfstandige kommissie in algemene sinodale verband te laat funksioneer.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.15.8 Drie Formuliere vir Eenheid in nuwe Psalm- en Gesangbundel**

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om met die uitgewer te onderhandel ten einde die Drie Formuliere vir Eenheid (en moontlik ook So Glo Ons en sommige liturgiese formuliere) in 'n nuwe uitgawe van die Psalm- en Gesangbundel op te neem.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.15.9 Belydenisskrifte**

Die Sinode van Noord-Transvaal versoek die Algemene Sinode om

1. te verseker dat die teks van die belydenisskrifte deeglik geredigeer word voordat dit moontlik in die nuwe Psalm- en Gesangeboek opgeneem word;

2. die teks van die belydenisskrifte te redigeer voordat dit weer in enige vorm gedruk word.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.15.10 Slegs een liedereboek**

Die Sinode van Noord-Kaapland versoek die Algemene Sinode om te besluit dat slegs een liedereboek in die kerk gebruik word.

Motivering

1. Om 'n klomp boeke aan te koop, kos vir lidmate baie geld.

2. Verwarring word geskep as een boek in die erediens en 'n ander nie in die erediens gebruik mag word nie.

3. 'n Losse gees ontstaan in die kerk deur die gebruik van so baie liedereboeke. Gemeentes gebruik selfs al hulle eie saamgestelde liedereboekies.

Sinode van Noord-Kaapland

**B.15.11 Formulier vir bevestiging van ouderlinge en diakens**

Die Algemene Sinode word versoek om die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens uit te brei om voorsiening te maak vir ampsdraers wat afgesonder is vir 'n spesifieke diensterrein in die kerk.

Die Sinode versoek die Algemene Sinode om die ter sake Kerkorde-Artikels (16 en 17) dienooreenkomstig aan te pas.

Die Sinode voeg 'n Bepaling 16.4 by die Kerkorde en Bepalinge wat lui:

"Ouderlinge mag ook verkies word met spesifieke opdragte soos om leiding te gee met betrekking tot sekere take/bedieninge vir die gemeente."

Die Sinode voeg 'n Bepaling 17.1 by wat lui:

"Diakens mag ook verkies word met spesifieke opdragte soos deur die kerkraad besluit." Die gedeelte oor die kwartaallikse verslag, word Bepaling 17.2.

Motivering:

In sommige gemeentes is daar 'n gebruik om ouderlinge en/of diakens te beroep met 'n spesifieke opdrag, byvoorbeeld jeugwerk of om leiding te neem by kommissies. Sommige gemeentes vorm hulle kommissies nie uit die reeds bestaande kerkraad nie, maar uit ander lidmate en laat dan die voorsitters op hulle kerkraad dien. Die huidige formulier en Bepalinge van die Kerkorde laat nie genoeg ruimte om erkenning te gee aan sodanige persone nie.

Sinode van Noord-Kaapland

**B.15.12 Die opneem van Belydenisskrifte in ons Psalm- en Gesangebundel**

Die Sinode in Suid-Transvaal is van mening dat die Belydenisskrifte van ons kerk grootliks in onbruik kan raak as gevolg van die feit dat lidmate dit nie altyd byderhand het nie. Talle gesinne het geen kopie van die Belydenisskrifte in hulle besit nie. Om hierdie rede versoek die sinode dat ernstige oorweging daaraan geskenk word om dit weer agterin die nuwe Psalm- en Gesangebundel op te neem wanneer dit uiteindelik verskyn.

Sinode van Suid-Transvaal

**B.15.13 Tentmakerbediening**

1. Die Algemene Sinode herbevestig die bestaansreg van 'n tentmakerbediening naas die voltydse bediening.

2. Die Algemene Sinode gee weer aandag aan die wrywingsvlakke waar die twee stelsels naas mekaar in die kerk funksioneer.

3. Die Algemene Sinode besluit dat 'n tentmaker vir 'n bepaalde tydperk na 'n gemeente beroep kan word. Na ontvangs van demissie by diensbeëindiging verander die status van die betrokkene van leraarstatus na proponentstatus.

4. Die Algemene Sinode besluit dat die onnodige groot rol van die ring by die beroep van 'n tentmaker hersien moet word.

5. Die Algemene Sinode besluit om die woorde "volle ring" (par 3.2) in die laaste sin met "ringskommissie" te vervang en daarby te voeg: "Indien die inhoud van die kontrak egter verander moet word, moet die volle ring dit goedkeur."

6. Die Algemene Sinode besluit om die beroepsbrief vir tentmakerbedienaars soos volg te wysig:

Vervang die tweede paragraaf "Die kerkraad ..." met die volgende woorde: "Die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde gemeente .......... het die genoeë om u in kennis te stel dat u tot tentmakerbedienaar van hierdie gemeente beroep is, sodat u hier alles kan kom doen waartoe u en die kerkraad kontraktueel ooreen mag kom. Die voorlopige kontrak soos deur die ring van ............ goedgekeur is op sy vergadering van .........., word hierby aangeheg."

Behou die volgende paragraaf, naamlik "Die kerkraad belowe ...."

Skrap die res tot voor "Ander reëlings".

7. Die Algemene Sinode besluit om by punt 4.4 van die voorskrifte vir die tentmakerbediening die volgende wysiging aan te bring: Skrap vanaf "Die gemeentelike " en vervang met "gemeentewerk"; voeg in voor "aandeel" die woord "sinvolle".

8. Die Algemene Sinode besluit om, in die lig van meningsverskil wat daar bestaan ten opsigte van die toestaan van status aan persone wat slegs beskikbaar is vir tentmakerbediening, 'n prinsipiële begronding te gee van die beleid wat gevolg moet word by die toestaan van status aan persone wat slegs vir die tentmakerbediening beskikbaar is.

9. Die Algemene Sinode spreek hom uit oor ander oorwegings as finansies by die skepping van 'n tentmakerpos.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.15.14 Andrew Murray-bediening**

Die Sinodale Kommissie van die Ned Geref Kerk in die OVS besluit om by die Algemene Sinode aan te beveel om ondersoek te doen na die kategoriale bediening van andertalige gemeentes, ten einde te bepaal of hierdie gemeentes aan die oorspronklike missie voldoen.

Sinodale Kommissie van die OVS

**B.15.15 Die kerklied**

In die lig van steeds toenemende reaksie van lidmate uit ons gemeentes oor die onvermoë van 'n groot deel van ons liedereskat om uitdrukking te gee aan die eksistensiële belewing van lidmate se lewende verhouding met die Here, besluit die Algemene Sinode:

1. dat diegene wat deur die Algemene Sinode aangewys is om die liedereskat op 'n voortgaande basis te hersien, hierdie proses dringend sal verhaas;

2. dat die kommissie wat deur die Algemene Sinode aangewys is om hierdie taak te verrig, meer verteenwoordigend sal wees van die kerk in die breë en ook gewone lidmate en jeuglidmate, wat nie noodwendig musici is nie, sal insluit;

3. dat die beginsels waarvolgens die teologiese inhoud en musikale geskiktheid van die kerklied getoets word, aan ringe en kerkrade beskikbaar gestel sal word en dat die sinode aan ringe en kerkrade goedkeuring verleen om, aan die hand van hierdie riglyne, liedere op 'n deurlopende basis te toets vir gebruik in gemeentes en aan die AKE deur te stuur vir aanbevelings by die Algemene Sinode;

4. dat, met die oog op die voortdurende vernuwing in die kerklied en die kostebesparing wat dit kan meebring, bundels in die vorm van knipleggers en ook in die vorm van transparante uitgegee sal word.

Motivering:

1. Volgens die Kommissie vir Radioprediking is die teikengroep waarop die prediking gerig moet wees, ongeveer die veertienjariges. Wanneer ons egter met die kerklied na die lidmaat toe kom, geskied dit in die vorm van 'n baie hoë musikale standaard wat meestal net deur geskoolde musici waardeer word.

Die standaard van sommige van die liedere is te hoog vir die gemiddelde lidmaat en bied nie 'n medium waardeur die lidmaat sy verhouding met die Here ten volle kan uitleef nie. Ook die taalmedium van sommige van die liedere is van so 'n aard dat dit vreemd is aan die taal waarmee die lidmaat sy aanbidding en diens aan God daagliks verwoord.

2. Ons erken die verantwoordelikheid van leraars en ouderlinge van plaaslike gemeentes om toesig te hou oor die prediking van die Woord van God, maar ons bevraagteken die huidige praktyk dat dieselfde persone nie in staat geag word om te bepaal watter lied die Woord die meeste laat spreek of dit weerspreek nie.

3. Volgens die kerkregeringstelsel is dit 'n Skriftuurlike beginsel om gemeente, ring en sinode langs mekaar te plaas ten opsigte van gesag. Hierdie gereformeerde beginsel word misken wanneer die sinode volhard om 'n lied te bly voorskryf terwyl gemeentes landswyd daarteen roep.

4. Die trae pas waarteen hierdie saak die afgelope twee dekades hanteer is, het daartoe aanleiding gegee dat baie gemeentes, vanweë die dringende behoeftes aan 'n wyer verskeidenheid en ook meer resente geestelike liedere, hulle eie liedereskat daargestel het. Tensy daar met groter dringendheid aandag gegee word aan die behoefte van die gemeentes in verband met ons liedereskat, sal hierdie tendens al meer na vore kom.

5. Een van die redes waarom van ons lidmate en jongmense die eredienste van charismatiese kerke bywoon en selfs daar lidmate word, kan toegeskryf word aan die feit dat hulle die sang, en veral die lofprysing en aanbidding, in ons kerk as onbevredigend ervaar.

6. Die kerklied is iets dinamies en sal voortdurend vernuwing ondergaan. Om bundels gedurig te hernu, bring groot kostes vir ons lidmate mee en skep ook by baie lidmate 'n negatiewe gevoel teenoor die kerk. Daarom sou dit wenslik wees om ons liederebundels in so 'n vorm uit te gee dat dit net altyd aangevul kan word. 'n Goeie kniplegger behoort in hierdie behoefte te voorsien.

Gemeentes gaan ook al meer daartoe oor om liedere by wyse van transparante te laat sing. Daarom behoort 'n nuwe bundel ten minste op transparant beskikbaar te wees vir die gemeentes wat van hierdie medium gebruik wil maak.

Sinodale Kommissie van Oos-Kaapland

**B.15.16 Tentmakerbediening**

Die Algemene Sinode besluit om besluite 5.10.3.2; 5.10.3.2.1; 5.10.3.2.2 en 5.10.3.2.3 geneem deur die Algemene Sinode 1990 te herroep.

Sinode van Natal

**B.15.17 Term: Tentmaker**

Die Algemene Sinode word versoek om die term "tentmaker" te vervang met "deeltydse bediening".

Moderamen van Noord-Transvaal

**B.15.18 Beroep na dieselfde vakature**

Die Algemene Sinode besluit om sy besluit van 1966 (ACTA bl 73 en 506) te herroep:

"Geen leraar wat 'n beroep bedank het, mag weer tydens dieselfde vakature na die gemeente beroep word nie."

Motivering:

1. Daar is geen Skriftuurlike grond vir so 'n besluit nie.

2. Die besluit tas die beroepbaarheid van 'n leraar wesentlik aan.

Sinode van Noord-Transvaal

**B.15.19 Beroeping van leraars**

Die Sinodale Kommissie van die Ned Geref Kerk in die OVS versoek die Algemene Sinode om indringend aandag te gee aan die uiteindelike wyse/maatstawwe waarop aansoeke deur sommige vakante gemeentes beoordeel word, en om kerkrade van leiding te voorsien.

Motivering:

Sommige kerkrade verwag dat selfs leraarsvroue hulle moet aanmeld vir 'n onderhoud. Ander kwalifikasies (soos kitaarbegeleiding, ensovoorts) wat niks met die geroepenheid van 'n leraar te doen het, word ook soms vereis.

Sinodale Kommissie van die OVS

**B.15.20 Vorm oordrag van lidmaatskap**

Die Sinode van Suid-Transvaal versoek die Algemene Sinode om riglyne op te stel vir die oordrag van lidmaatskap en die vorms daarvoor ten einde verwarring tussen sinodes uit te skakel.

Sinode van Suid-Transvaal

**B.15.21 Beroepstelsel: omruiling van standplase**

Die Algemene Sinode besluit dat:

1. Leraars wat weens buitengewone omstandighede daartoe verplig word of wat 'n omruiling van standplaas begeer, kan in oorleg met die betrokke kerkrade reëlings tref vir die omruiling van hulle standplase.

2. Sodanige reëlings moet in 'n geskrewe ooreenkoms deur die betrokke kerkrade goedgekeur word waarna dit vir goedkeuring aan die ring/ringskommissie voorgelê word.

3. Hierdie ooreenkoms tot omruiling moet eers deur die betrokke ringskommissies goedgekeur word voordat uitvoering daaraan gegee mag word.

4. Kennisgewing hiervan word in die amptelike blad van die kerk gegee.

5. Die bepalings ten opsigte van die bevestiging van 'n leraar in 'n gemeente is ook hier van toepassing.

Motivering

1. Behoefte

Dit het onder die aandag van die Dagbestuur van die AJK gekom dat gemeentes wat 'n vakature adverteer, buitengewoon baie aansoeke ontvang. Gemeentes in Kaapstad en Pretoria se omgewing het meer as honderd aansoeke ontvang. Die grootste meerderheid van hierdie aansoeke is van leraars in 'n gemeentebediening. Dit lewer bewys van 'n dringende behoefte aan 'n nuwe werksuitdaging wat daar in baie leraars se harte leef. Die huidige ooraanbod van predikante het die beroepstelsel byna laat stagneer. Dit sou kortsigtig van die kerk wees om niks aan hierdie knelpunt te doen nie. Die praktyk het bewys dat 'n omruiling van leraars en gemeentes baie stimulerend en heilsaam is.

2. Vorige besluit

Die Algemene Regskommissie het al in 1970 die behoefte aan 'n meganisme om standplase te kan omruil, geïdentifiseer en die Algemene Sinode bedien met 'n motivering en beskrywingspunt.

2.1 Motivering van Algemene Regskommissie

Die feit dat die beroepstelsel nie voorsiening maak en geleentheid verskaf vir gevalle waar leraars weens siekte of ander buitegewone oorsake verlang of verplig word om na 'n gemeente te gaan waar hulle hulle werk kan voortsit nie, is 'n probleem wat groot ontbering en spanning veroorsaak en waardeur die werk van die Here soms groot skade ly. Voorsiening vir omruiling van 'n standplaas moet gemaak word. Die reëling moet prakties

wees en maklik werk. 'n Oplossing vir die probleem kan gevind word sonder om die beginsels van die beroepstelsel te skend of aan die stelsel te verander. (Handelinge van die Algemene Sinode 1970 bladsy 75)

2.2 Afwatering

Die beskrywingpunt van die Regskommissie is deur 'n amendement, vanuit die vloer, gewysig dat slegs vir gevalle van ernstige siekte voorsiening gemaak moet word. Dit het die nuttigheid van die beskrywingspunt baie beperk. In 1978 is hierdie besluit van die Sinode herroep.

3. Die huidige omstandighede noodsaak so 'n aanpassing in die beroepstelsel.

Die Algemene Jeugkommissie

**B.15.22 Onsensitiewe hantering van aansoeke vir predikantsposte**

Die Algemene Sinode neem met kommer kennis van gerugte van onsensitiewe hantering van aansoeke van predikante om vakante leraarsposte.

Die Sinode versoek kerkrade om aansoeke in die grootste vertroue te behandel.

Die Sinode versoek kerkrade om aansoeke biddend te oorweeg.

Die Sinode versoek die Algemene Sinodale Kommissie om aan die sinodes 'n skrywe te rig om bogenoemde drie punte onder hulle aandag te bring.

Sinode van Natal

**B.15.23 Oordrag van lidmaatskap slegs by wyse van attestaat**

Die Sinode van Natal versoek die Algemene Sinode dat oordrag van lidmaatskap binne die Ned Geref Kerk slegs by wyse van attestaat sal geskied en dat lidmate wel op grond van 'n attestaat by 'n nuwe gemeente waarheen hulle verhuis binne 'n bepaalde tyd aansoek om lidmaatskap moet doen.

Die Sinode word versoek om die riglyne wat reeds in 1990 in die verslag van AKAE opgeneem was, aan sinodes deur te gee oor hierdie saak.

Sinode van Natal

**B.15.24 Bediening van die nagmaal**

(Bepaling 70.3; Algemene Sinode 1982, bl 1293, punt 3.5.2.1 en Handelinge bl 258, punt 3.5.2.1).

Die Algemene Sinode besluit dat bogenoemde bepaling gewysig word om bedienaars van die Woord toe te laat om in uitsonderlike gevalle nagmaal te bedien buite die normale erediens.

Motivering:

Die ruimte moet daarvoor geskep word dat die bediening van die nagmaal in uitsonderlike gevalle op die volgende voorwaardes sal kan geskied:

1. Die kerkraad 'n aansoek op meriete mag evalueer en toestemming mag verleen vir die bediening.

2. Die nagmaalsformulier moet voorgehou en verduidelik word.

3. Die Woord moet verkondig word.

4. Minstens die wyksouderling en -diaken moet as ampsdraers die geleentheid bywoon, en, waar moontlik, ook ander gemeentelede sodat die gemeenskapskarakter van die nagmaal nie verlore gaan nie.

Sinodale Kommissie van Oos-Transvaal

**B.15.25 Formuliere vir verstandelik gestremdes**

**B.15.25.1 Formulier vir die bediening van die nagmaal aan verstandelik gestremdes**

Die instelling van die nagmaal

Gemeente van die Here Jesus Christus, ons lees in die Bybel dat die nagmaal deur die Here Jesus ingestel (begin) is. Hy het by die eerste nagmaal die brood en die wyn aan sy dissipels gegee.

Wat is die nagmaal? Die nagmaal is die bewys dat Jesus en die Vader ons baie liefhet. Kom ons dink vandag weer aan sy liefde.

1. Ons moet onthou dat Jesus as die Seun van die Vader vir ons aan die kruis gely en gesterf het. Hy het uit die dood opgestaan en Hy lewe.

2. As ons die brood eet en die wyn drink, sê die Here Jesus vir ons dat Hy ons liefhet en dat ons kinders van die Vader is. Ons weet dit omdat Jesus so gesê het.

3. As ons die brood en die wyn saam met mekaar eet en drink, sê ons dat Hy ons liefhet en dat ons kinders van die Vader is. Ons weet dit omdat Jesus so gesê het.

4. Deur die brood en wyn sê die Gees vir ons dat ons eendag saam met Jesus in die hemel sal wees. Ons verlang na die dag waarop Hy weer sal kom om alles mooi te maak. Deur die nagmaal help Jesus ons om aan te hou glo totdat Hy kom.

5. In die nagmaal sê ons vir die Here dankie vir alles wat Hy vir ons gedoen het en nog sal doen. Hoe sê ons dankie? Ons moet die Here liefhê - meer as alle ander dinge en mense. Ons moet Hom gehoorsaam wees.

Wat moet ons doen?

As ons die nagmaal wil gebruik, moet ons seker wees dat ons die Here baie liefhet. Daarna moet ons seker maak dat ons vir mekaar lief is, net soos Jesus ons liefhet. Partykeer het ons mekaar nie lief nie en ook nie vir Jesus nie. Daarom moet ons vir die Here sê dat ons jammer is. Dan sal Hy ons sondes wegneem.

Kom ons staan en sê nou saam wat ons glo: (Die liturg kan een van die volgende alternatiewe gebruik na gelang van hulle begripsvermoë).

A (Verkieslik)

Ek glo in God, die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
En ek glo in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges.
Ek glo aan die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.

B

Ek glo in God, die Vader wat alles gemaak het.
Ek glo ook in Jesus, sy enigste Seun, gebore uit die maagd Maria.
Hy is ons Here.
Jesus Christus is gekruisig en het gesterf.
Tog het Hy na drie dae opgestaan uit die dood en opgevaar na die hemel.
Daar regeer Hy saam met God, die almagtige Vader.
Eendag sal Hy weer kom. Dan sal almal wat nog lewe en dié wat al dood is, geoordeel word.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan die Christelike kerk, waar alle Christene vir mekaar omgee.
Ek glo dat sondes vergewe word;
dat daar 'n opstanding is en
dat daar 'n ewige lewe is.

C

Ek glo dat die Bybel die Woord van God is.
Ek glo dat God, die Vader, alles gemaak het.
Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.
Ek glo dat Jesus my liefhet.
Ek glo dat die Heilige Gees in my woon.
Ek het die Here Jesus lief en ek glo dat ek sy kind is.

Gebed:

(Die volgende gebed kan ook met 'n vrye gebed vervang word, met of sonder die Ons Vader).

Heilige God, ons hemelse Vader, baie dankie dat U vir Jesus Christus na ons gestuur het sodat Hy vir ons sondes kon sterwe. Ons weet en is bly dat die Here Jesus Christus nou hier by ons is. Laat hierdie wyn en brood ons geloof in U sterker maak. Hoor ons wanneer ons nou bid:

Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Instellingswoorde:

Die brood wat ons breek, vertel vir ons dat ons deel het aan die liggaam van Jesus wat vir ons gekruisig is. Neem en eet daarvan. Dink daaraan en glo dat Hy al ons sondes weggeneem het.

Die wyn wat ons skink, vertel vir ons dat die bloed van Jesus vir ons gevloei het. Neem en drink daarvan. Dink daaraan en glo dat Hy ons van al ons sondes skoon gewas het.

Lofverheffing:

(Na die bediening sê die bedienaar):

Laat ons nou die Here prys en dank vir alles wat Hy vir ons aan sy tafel gegee het: (Die volgende Skrifgedeeltes kan gelees word: Ps 103:1-5 en 8-13; Ps 138:1-3, 8; Rom 8:33-39 en Op 1: 5b-6)

Dankgebed

Wonderlike God en hemelse Vader, ons wil U baie dankie sê en U loof. U het uit liefde u Seun, Jesus Christus, vir ons gegee om gekruisig te word en ons sondes op Hom te neem. Daarmee het U vir ons die ewige lewe gegee. Ons wil vir U dankie sê dat ons dit alles kan glo. Baie dankie dat hierdie nagmaal ons weer sterker laat glo het. Help ons om deur u Heilige Gees elke dag vir U te lewe. AMEN.

('n Vrye dankgebed kan voor of na bogenoemde formuliergebed volg, waarin veral voorbidding gedoen word).

**B.15.25.2 Formulier vir die bediening van die doop aan die verstandelik gestremde volwassene by die belydenis van geloof:**

Geliefdes in die Here Jesus Christus, voordat julle gedoop word, is dit belangrik dat julle die volgende moet weet en moet verstaan:

Deur die doop beloof die Vader dat Hy altyd ons hemelse Vader sal wees en ons altyd sal liefhê.

God het die doop en die nagmaal vir ons gegee sodat ons hierdie belofte van Hom kan onthou. Die Here Jesus sê vir ons in die Bybel (Matt 28:19) dat ons in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees gedoop moet word.

Die Vader sê vir ons dat ons sy kinders is. Jesus Christus sê vir ons dat Hy deur sy dood ons sondes weggeneem het en dat ons eendag saam met Hom in die hemel sal wees.

Die Heilige Gees sê vir ons dat Hy in ons woon en ons as God se kinders laat leef.

Sodat almal kan hoor dat jy in Jesus Christus glo en in die gemeente vir Jesus wil werk, moet jy eerlik op die volgende vrae antwoord:

* (Jy/jou kan verander word na "julle" indien meer as een gedoop word.)

1. Weet jy dat jy 'n sondaar is?

2. Glo jy dat Jesus Christus vir jou 'n kind van die hemelse Vader gemaak het en dat Hy al jou sondes vergewe het?

3. Belowe jy dat jy Jesus altyd sal liefhê en sal doen wat Hy in die Bybel vra?

4. Belowe jy om te luister as die kerkraad, die gemeente en die dominee jou wil help om reg te lewe?

Antwoord (hardop): Ja

Gebed: Opsioneel.

Bediening van die doop:

Die liturg wat die doop bedien sê: " ... (volle name en van), ek doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."

Bemoediging

Voor die Here en die mense het jy nou erken dat jy 'n kind van God is en vir Hom wil leef. Hou so aan en onthou dat die Here ons altyd sal help om dit te doen. Gemeente, sien om na hierdie lidmaat/lidmate, ontvang hom/haar/hulle as broer(s)/en/suster(s) in Christus. Moedig hom/haar/hulle aan tot liefde en goeie werke en bid vir hom/haar/hulle.

Dankgebed:

Barmhartige God en Vader, ons dank U vir u belofte dat U altyd vir ons 'n God sal wees en dat ons u kinders sal wees. Ons dank U dat ons ook deel van u kerk mag wees. Ons bid dat U hierdie broer(s)/suster(s) deur u Woord en Gees so sal regeer dat hulle/hy/sy U altyd met dankbaarheid en met vreugde sal dien, dat hulle/hy/sy hard sal baklei teen die duiwel en sy magte en sal wen, sodat hulle/hy/sy eendag vrymoedig voor u troon sal kan staan. Hemelse Vader, ons bring aan U die lof, dank, aanbidding, eer en heerlikheid tot in alle ewigheid - in die Naam van ons Here Jesus Christus. AMEN

**B.15.25.3 Alternatiewe formulier vir die openbare belydenis van geloof en bediening van die doop aan verstandelik gestremde volwassenes waar dit gelyktydig plaasvind.**

Die wese en doel van die belydenis:

Geliefdes in die Here Jesus, om jou geloof te bely, beteken om vir die gemeente te sê wat jy in jou hart glo. Jy aanvaar dat die Vader vir jou lief is. Hy het ons sy kinders gemaak, omdat Jesus vir ons gesterf het.

Die Gees sê deur die doop vir jou dat die Vader al hierdie dinge vir jou gedoen het, omdat Jesus vir jou gesterf het. Die Vader beloof ook om altyd jou hemelse Vader te wees en vir jou lief te hê.

Jy/Julle wat reeds as kind(ers) gedoop is word gevra om te sê dat dit wat God beloof het, in jou/julle lewens waar is. Jy/Julle wat nog nie gedoop is nie, maar saamstem dat God jou/julle gered het, moet ook gedoop word.

Sodat almal kan hoor dat jy/julle in Jesus Christus glo, vir Hom lief is en in die gemeente vir Jesus wil werk, moet jy/julle eerlik op die volgende vrae antwoord:

* (Jy/jou verander na julle indien meer as een betrokke is.)

1. Weet jy dat jy nog sonde doen?

2. Glo jy dat Jesus Christus vir jou 'n kind van God gemaak het en al jou sondes vergewe het?

3. Belowe jy dat jy Jesus altyd sal liefhê en sal doen wat Hy in die Bybel vra?

4. Belowe jy om te luister as die kerkraad, die gemeente en die dominee jou wil help om reg te lewe?

Antwoord (hardop): Ja

Verklaring

Omdat die Vader belowe het dat Hy altyd vir ons 'n hemelse Vader sal wees en ons sy kinders is en jy/julle dit glo, verklaar ek dat jy/julle nou belydende lidmate is van die Nederduitse Gereformeerde gemeente ...

Bemoediging

Voor God en die gemeente het jy nou erken dat jy 'n kind van God is en vir Hom wil lewe. Hou so aan en onthou dat die Here ons altyd sal help om dit te doen. Gemeente, wees lief vir hierdie lidmate, sorg vir hulle en ontvang hulle as broer(s) en suster(s) in Christus. Moedig hulle aan tot liefde, om mooi dinge te doen en bid vir hulle.

(Die doop word nou bedien.)

" ... (volle name en van), ek doop jou in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees."

(Wanneer dopelinge hulle by die ander gevoeg het, word almal seën toegewens. Die gemeente kan hulle toesing.)

Dankgebed

Die leraar kan 'n dankgebed doen of die gemeente kan die Ons Vader hardop bid.

**B.15.25.4 Formulier vir die openbare belydenis van geloof deur die verstandelik gestremde.**

Geliefdes in die Here Jesus Christus:

Waarom is die belydenis van geloof nodig?

By die belydenis van jou/julle geloof sê jy/julle voor God en die gemeente dat jy/julle die Here se beloftes wat hy by jou/julle doop gemaak het, aanvaar.

Wat doen ons by die belydenis van geloof?

By die doop het die Here gesê dat Hy ons baie liefhet. Wanneer jy nou jou geloof bely, sê jy dat jy die Here liewer het as alles en almal. Jy belowe ook dat jy Hom altyd die liefste sal hê. Dit beteken dat jy gereeld sal bid, gereeld kerk toe gaan, saam met ander gelowiges vir die Here dankie sal sê vir alles en sal doen wat die Bybel leer.

Die daad van die belydenis

Julle het vir die kerkraad gewys dat julle die Here liefhet.

Daarom het die kerkraad gesê dat julle julle geloof kan bely.

(Die leraar sê:) Kom sê nou hardop agter my aan:
(Die liturg kan een van die volgende alternatiewe gebruik.)

A

Ek glo dat die Bybel die Woord van God is
Ek glo dat God, die Vader alles gemaak het.
Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.
Ek glo dat die Vader my liefhet.
Ek glo dat die Here Jesus vir my sondes aan die kruis gesterf het.
Ek glo dat die Here Jesus opgestaan het uit die graf en opgevaar het na die hemel.
Ek glo dat Hy eendag weer sal kom om my te kom haal.
El glo dat die Heilige Gees gekom het om in my te woon.
Ek het die Here Jesus lief.

B

Ek glo dat die Bybel die Woord van God is.
Ek glo dat God, die Vader, alles gemaak het.
Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.
Ek glo dat Jesus my liefhet.
Ek glo dat die Heilige Gees in my woon.
Ek het die Here Jesus lief en ek glo dat ek sy kind is.

Verklaring

Omdat God dit beloof het en jy dit so pas bely het, word verklaar dat jy nou 'n belydende lidmaat is van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente .......

Bemoediging

Voor God en die gemeente het jy/julle nou erken dat jy/julle 'n kind van God is en vir hom wil leef. Hou so aan en onthou dat die Here ons altyd sal help om dit te doen. Gemeente, wees lief vir hierdie lidmaat/mate, sorg vir hom/haar/hulle en ontvang hom/haar/hulle as broer(s)/suster(s) in Christus. Moedig hom/haar/hulle aan tot liefde, om goeie dinge te doen en bid vir hom/haar/hulle.

Dankgebed

Barmhartige God en Vader, dankie dat U beloof het om altyd ons hemelse Vader te wees. Dankie dat ons u kinders kan wees. Ons is bly dat ons deel van u kerk kan wees. Ons bid dat U hierdie broer(s) en suster(s) altyd so deur u Woord en Gees sal regeer dat hy/sy/hulle U uit dankbaarheid en met vreugde sal dien.

Ons bid ook dat hy/sy/hulle hard sal baklei teen die duiwel en hom sal oorwin, sodat hy/sy/hulle ook eendag met blydskap voor u troon kan staan. Hemelse Vader, ons bring aan U die lof, dank, aanbidding, eer en heerlikheid tot in alle ewigheid - in die Naam van ons Here Jesus Christus. AMEN

(Die liturg kan ook voorgaan en die Ons Vader hardop laat bid.)

"Ons Vader wat in die hemel is,
laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.
Gee ons vandag ons daaglikse brood en
vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;
en laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. AMEN"

Sinode van die OVS

**B.15.26 Heroorweging van Jeugsangbundel**

Die Algemene Sinode heroorweeg sy besluit dat die Jeugsangbundel nie n die erediens gebruik kan word nie.

Sinode van Wes-Kaapland

**B.15.27 Nagmaalbediening**

Die Algemene Sinode besluit dat nagmaal, behalwe by hoë uitsondering, in 'n erediens deur 'n bedienaar van die Woord bedien word. Uitsonderlike gevalle moet op die volgende voorwaardes geskied:

- dat vir sodanige bediening by die kerkraad aansoek gedoen moet word en daarom ook met die kerkraad se goedkeuring moet geskied;

- dat die kerkraad hom deeglik moet vergewis van die meriete van elke geval sodat misbruik uitgeskakel sal word;

- dat Woordverkondiging essensieel is;

- dat die ware betekenis van die nagmaal verduidelik word sodat alle misverstand en bygeloof uitgeskakel kan word;

- dat minstens nog een ampsdraer, verkieslik die wyksouderling, ook die geleentheid bywoon en, waar moontlik, ook medegelowiges sodat die gemeenskaps-karakter van die nagmaal bewaar kan bly.

Sinode van Wes-Kaapland